UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE KAAPSE SLAWE IN KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF 1652 - 1838

deur

EUNICE MARIETHA BAUERMEESTER

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

2002

Leier: Prof. O.J.O. Ferreira

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUD

ILLUSTRASIES 1

AFKORTINGS 10

VRYETAAL SLEUTELTERME 11

VOORWOORD 14

HOOFSTUK I - DIE KOMS VAN SLAWE NA DIE KAAP 23

Historiese agtergrond 23
1. Die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu 23
2. Nederlandse handelsbetrokkenheid in Oos-Indië 25
3. Stigting van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop 28
4. Die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem 29

Wyses waarop slawe na die Kaap gekom het 34
1. Kompanjiegeborgde slawe-ekspedisies 34
2. Verstekelinge op skepe 35
3. Geskenke aan die kommandeursgesin deur besoekers en vriende 35
4. Buit van vreemde slaweskepe 36
5. Stranding van skepe 36
6. Verkoop van slawe op retoervlote van Oos-Indië na Nederland 37
7. Buitelandse slawehandelaars 38

Herkoms van die Kaapse slawe 40
1. Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande 40
2. Indiese subkontinent en Ceylon (Sri Lanka) 46
3. Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande 48
4. Suid-China, Suidoos-Asië, Filippyne en Japan 51
5. Kaapsgebore slawe 53

HOOFSTUK II - 'N NUWE LEWE AS ONVRY VREEMDELINGE: AANKOMS EN VESTIGING 57

Die eerste slawe aan die Kaap 57

Prosedures na aankoms by die Kaap 62

Naamgewing 64

Die plaaslike slawemark 70

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vestiging binne streke 83
1. Die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt 85
2. Die landelike akkerboustreke van die Suidwes-Kaap 94
3. Die afgeleë veeboerstreke van die binneland 105

HOOFSTUK III - FISIESE LEWENSWYSE EN -VORME: BEHANDELING EN LEWENSONDERHOUD 114

Algemene behandeling 114

Fisiese versorging 126
1. Huisvesting 126
2. Voedsel 139
3. Kleding 147
4. Medies 156

HOOFSTUK IV - GEESTELIKE LEWENSWYSE EN -VORME: BEHOEFTEVOORSIENING EN MANIFESTASIES 166

Onderwys en opleiding 166

Godsdiens 178

Sosiale en kulturele lewensvorme 204
1. Verhoudings, verbintenisse en huwelike 204
2. Die slawekind: geboorte, doop en status 217
3. Vryetydsbesteding: tydverdrywe, ontspanningsaktiwiteite en vermake 227
4. Feesdae en -gebruike 236
5. Dood en begrafnis 244

Huishoudelike en amptelike dissipline 249

Vrystelling en vrygesteldes 268

HOOFSTUK V - SLAWEARBEID, BOUSTEEN IN DIE KAAPSE KULTUUR 285

Afhanklikheid van slawearbeid 285

Stereotipering ten opsigte van arbeid 286

Arbeidsfere en -sektore 288
1. Slawearbeid in stedelike gebied 288
a. Kompanjie- of regeringslawe 288
b. Privaatslawe 304
2. Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap 379
3. Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase 408

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VI - BYDRAE VAN DIE KAAPSE SLAWE TOT ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR, 1652 - 1838 .. 430

Die akkulturasieproses 430

Medegrondleggers van die Afrikaanse taal 436

Skeppers van 'n Kaapse kooktradisie 472

Musiekmakers en -skeppers 519

Medebouers aan 'n inheemse Kaapse boukuns 542

Medeskeppers van 'n eiesoortige Kaapse meubelboukuns 583

Rolspelers in die totstandkoming van unieke kulturele gebruike binne die Kaapse Moslemgemeenskap 589

HOOFSTUK VII - NAWOORD: KAAPSE SLAWERNY, 'N BELANGRIKE HOOFSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR-GESKIEDENIS 595

BRONNE 602

OPSOMMING 624

SUMMARY 626

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ILLUSTRASIES

Fig. 1	Kaart van Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande as herkomsgebiede ..	39
Fig. 2	Kaart van die Oosterse herkomsgebiede van Kaapse slawe	45
Fig. 3	'n Kaapsgebore slawemeisie, volgens lady Anne Barnard	52
Fig. 4	'n Kaapsgebore slaaf, volgens lady Anne Barnard	52
Fig. 5	Anna de Koningh	58
Fig. 6	*Le Jardin,* woning van Francois Duminy	63
Fig. 7	Kwitansie van onder meer 'n slavin en haar twee kinders wat in 1776 op 'n openbare veiling aangekoop is	69
Fig. 8	'n Kaapse slaweveiling in 1824	79
Fig. 9	Registrasie-dokument van 'n slawe-oordrag	81
Fig. 10	Plan van Kaapstad in 1767	84
Fig. 11	Gravure (1830) van 'n plan van Kaapstad in 1827	86
Fig. 12	Kaart van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek	93
Fig. 13	Constantia in 1710, volgens E.V. Stade	96
Fig. 14	Constantia in 1741, volgens J.W. Heydt	96
Fig. 15 a	Vergelegen in 1707, volgens J.V. Thiel	98
Fig. 15 b	Uitleg van Vergelegen, soos deur D. Fairbridge uiteengesit	98
Fig. 16	Elsenburg, volgens J.C. Poortermans	99
Fig. 17	Meerlust-plaasopstal, volgens J.C. Friderici in 1798	101
Fig. 18	'n Kaapse koring, wyn en veeplaas, volgens R.J. Gordon	103
Fig. 19	Kweekvallei, volgens R.J. Gordon	108
Fig. 20	Tydelike *legplaats* van veldkornet Gerrit Snyman in die Roggeveld-Karoo, volgens William Burchell	111
Fig. 21	Plan van die Kompanjieslawelosie	129

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 22	Die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad	131
Fig. 23	Plan van die Koopmans De Wet-huis, Kaapstad	133
Fig. 24	Suidelike aansig van die Meerlust-plaasopstal in 1798, volgens J.C. Friderici	135
Fig. 25	Die slawekwartiere op Vergelegen in 1707, volgens J.V. Thiel	135
Fig. 26	Die Libertas-slawekwartiere	137
Fig. 27	'n Livreislaaf met gepoeierde pruik	151
Fig. 28	'n Kaalvoet slaaf, volgens Charles Bisset	153
Fig. 29	Kaptein Hendrik Peter Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen met sy gesin en slawe	153
Fig. 30	'n Brief van die slaaf Oepas in die Boeginese taal	161
Fig. 31	Uittreksel uit die dagregister van Jan van Riebeeck, 17 April 1658	167
Fig. 32	Graf van Sjeg Joesoef te Zandvliet, Faure	190
Fig. 33	*M'arifatul Islámi wal Imái* deur Tuan Guru	192
Fig. 34	Die Auwal-moskee in Dorpstraat, Kaapstad	195
Fig. 35	Die Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat, Kaapstad	197
Fig. 36	Slawekerkie op die plaas De Nieuwe Plantatie, Paarl	202
Fig. 37	Die Meerlust-duiwehuis	230
Fig. 38	Slawedans, volgens sir Charles D'Oyly	234
Fig. 39	Sondaguitstappie met 'n gehuurde wa, volgens D'Oyly	235
Fig. 40	Vertaalde fragment van die *Ruwayats* deur Achmat Davids	240
Fig. 41	Die Tana Baru-begraafplaas aan die bo-punt van Langmarkstraat, Kaapstad	245
Fig. 42	Groentemarkplein, Kaapstad, volgens Johannes Rach	252
Fig. 43	'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf	255
Fig. 44	Dokumentêre bewys van 'n vryslavin wat haar man vrygekoop het	273

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 45 Plan van die Kompanjiestuin, Kaapstad, volgens Peter Kolbe 292

Fig. 46 Mentor, die Tafelberg-gids, volgens lady Anne Barnard 296

Fig. 47 Die Kaapse laksman, volgens lady Anne Barnard 298

Fig. 48 Die onderkok in die Kaapse huishouding van lady Anne Barnard 302

Fig. 49 Die Roggebaaise vismark aan die mond van die Varsrivier, volgens sir Charles D'Oyly 306

Fig. 50 Groentemarkplein, volgens D'Oyly 306

Fig. 51 Waterhaler, volgens D'Oyly 307

Fig. 52 Kaalvoet waterdraers, volgens D'Oyly 307

Fig. 53 Slawe wat 'n swaar watervaatjie dra 308

Fig. 54 Waterhalers by die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht 308

Fig. 55 Die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat, volgens J.F. Cromfield 309

Fig. 56 Plesierige bodes, volgens sir Charles D'Oyly 311

Fig. 57 Brandhouthalers, volgens H.C. de Meillon 314

Fig. 58 Slaaf met 'n wavrag brandhout vanaf die platteland, volgens D'Oyly 314

Fig. 59 Wasgoedslavin, volgens D'Oyly 314

Fig. 60 Wasgoedslavinne by Platteklip, hoër op teen die voet van Tafelberg, volgens D'Oyly 316

Fig. 61 Die "klipslaan"-wasmetode, volgens H.C. de Meillon 316

Fig. 62 Wasgoedslavinne besig met die gewelddadige Kaapse wasmetode, volgens D'Oyly 317

Fig. 63 Wasgoedslavinne, volgens J.C. Poortermans 317

Fig. 64 'n Kaapse koets met agt perde, volgens lady Anne Barnard 319

Fig. 65 Slawebediendes saam met 'n Kaapse gesin op 'n uitstappie in die Heerengracht, volgens D'Oyly 321

Fig. 66 Sedanstoeldraers op Groentemarkplein, volgens Rach 321

Fig. 67 Sambreeldraerslaaf van juffrou Van Kerwel, 1740, waarskynlik volgens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	J. Leeuwenberg	323
Fig. 68	Naaldwerkslavin, volgens lady Anne Barnard	327
Fig. 69	Soogslavin, volgens lady Anne Barnard	331
Fig. 70	Slawekinderbediende, volgens D'Oyly	331
Fig. 71	Slawekinderbediende op 'n uitstappie met die telge van haar meester, volgens De Meillon	331
Fig. 72	Slawetoesig tydens kindervermaak op 'n bok, volgens D'Oyly	333
Fig. 73	'n Uitstappie te perd met die kinders van die eienaar, volgens D'Oyly	333
Fig. 74	Slawelyfbediende wat haar meesteres na die kerk volg, volgens De Meillon	339
Fig. 75	Slavin wat haar meester met 'n drankie bedien	340
Fig. 76	Panorama van Kaapstad in 1777, volgens Johannes Schumacher	343
Fig. 77	Beeswagterslaaf, volgens D'Oyly	345
Fig. 78	Beeswagterslaaf, volgens De Meillon	345
Fig. 79	Slawe besig om volgens die Kaapse klei-en-water metode te bou, volgens lady Anne Barnard	356
Fig. 80	Twee Kaapse vrugteverkopers, volgens De Meillon	365
Fig. 81	'n Straatventer met juk en mandjies op Stalplein, volgens De Meillon	365
Fig. 82	Rustende vrugte-en-groenteverkopers in die buitewyke van Kaapstad	366
Fig. 83	Straatventer in Strandstraat, Kaapstad, volgens W.J. Burchell	366
Fig. 84	Sir Charles D'Oyly besig om met 'n vrugteverkoper te kibbel	366
Fig. 85	Kaalvoet melkverkoper, volgens D'Oyly	368
Fig. 86	Melkverkoper, volgens De Meillon	368
Fig. 87	Kaapse visventers, volgens De Meillon	369
Fig. 88	Maleiervisventers, volgens D'Oyly	369
Fig. 89	John Klipvis, die Maleiervisventer, volgens J.C. Poortermans	370

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 90 Verkoper van banketgebak, volgens De Meillon 370

Fig. 91 Gebakverkoper met sy handkarretjie, volgens De Meillon 371

Fig. 92 Watersmous, volgens D'Oyly 371

Fig. 93 Dranksmous met 'n wa vol Kaapse mout, volgens D'Oyly 372

Fig. 94 Maleierslaaf wat mandjies verkoop, volgens D'Oyly 372

Fig. 95 'n Materiaalsmous, volgens De Meillon 374

Fig. 96 Kaapse slawe besig om te ploeg, volgens Kolbe 381

Fig. 97 Ploeëry aan die Kaap 381

Fig. 98 Slawe besig om graan te dors 384

Fig. 99 Wadrywer- en touleierslaaf in beheer van 'n Kaapse ossewa, volgens D'Oyly 386

Fig. 100 Ossewa met sestien osse, touleier en wadrywer met sy lang sweep, volgens De Meillon 386

Fig. 101 'n Kaapse wynwa met touleier- en wadrywerslaaf, volgens De Meillon 393

Fig. 102 Uitspantyd vir 'n swaargelaaide Stellenbosse wynwa met Maleier-wadrywers en 'n touleierslaaf, volgens Christopher Webb Smith 393

Fig. 103 Kaapse wynwa met Maleierwadrywer, volgens D'Oyly 393

Fig. 104 Plaasslaaf besig om kerse te maak, volgens lady Anne Barnard 398

Fig. 105 Dekoratiewe smee-ysterwerk deur 'n slaaf aan die voordeur van Groote Schuur 401

Fig. 106 Veertienman slaweorkes te Bergvliet 403

Fig. 107 Hendrik Cloete met 'n livreislaaf 405

Fig. 108 Die gewese slavin, Katie Jacobs en twee van haar agter-kleinkinders 412

Fig. 109 Kalkoene op pad na die Kaapse mark, volgens lady Anne Barnard 414

Fig. 110 'n Kaapse bergpas, volgens Samuel Daniel 422

Fig. 111 Kronendal, volgens William Webb Smith 452

Fig. 112 Lanzerac 452

Fig. 113 Stellenberg 453

Fig. 114 Coornhoop 453

Fig. 115 Sonquasdrift 453

Fig. 116 Oosterse speserye wat in die Kaapse kookkuns neerslag gevind het 474

Fig. 117 Koemkwat- en groenmango-atjar 477

Fig. 118 Rooirissie- en dhuniablatjang 479

Fig. 119 Kaapse blatjang 481

Fig. 120 Kaapse sambals 483

Fig. 121 Bobotie 486

Fig. 122 Sosaties op die rooster 488

Fig. 123 Kaaps-Maleise kabobs 490

Fig. 124 Pienangkerrie 490

Fig. 125 Denningvleis 492

Fig. 126 Kaaps-Maleise penslawer 494

Fig. 127 Tradisionele Kaapse bredies 497

Fig. 128 Smoorsnoek 500

Fig. 129 Piekelvis 501

Fig. 130 Geelrys-met-rosyne 505

Fig. 131 Soet saffraanrys 506

Fig. 132 Skaapvleisbreyani 506

Fig. 133 Groenvye- en waatlemoenkonserf 509

Fig. 134 Mebos 511

Fig. 135 Melktert 513

Fig. 136 Sagopoeding 513

Fig. 137 Kolwadjib 517

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 138 Wortel-en-ertjiebredie 517

Fig. 139 Die Kaaps-Maleise lied *Ik heb daar's dikmaals in dit lange groene straatje* 523

Fig. 140 Herdenking van *Vrystellingsdag,* volgens Heinrich Egersdörfer 527

Fig. 141 'n Kaaps-Maleise orkessie, volgens Egersdörfer 527

Fig. 142 'n Outentieke weergawe van die lirieke van *Daar zou er een magertje vroeg opstaan,* soos opgeteken deur M.A. Gassiep 529

Fig. 143 Die agtiende-eeuse melodie van *Daar zou er een magertje vroeg opstaan,* volgens Florimond van Duyse 531

Fig. 144 Die Kaaps-Maleise lirieke van *Twee warige koning kinderen* 531

Fig. 145 Die Kaaps-Maleise minnatlied, *Hoe hard is dit op deze aarde* 532

Fig. 146 *Al is ons prinsje nog zo klein* 532

Fig. 147 'n Kaapse Maleier met 'n *ghomma* 534

Fig. 148 Tegniek waarop die *ghomma* geslaan word 534

Fig. 149 Tipiese ritmiese patrone van die lewendige ghommaliedjie 534

Fig. 150 Die Kaaps-Maleise ghommaliedjie, *Daar was katte in die kamer* 535

Fig. 151 Die ghommalied, *Jan Vilje* 535

Fig. 152 *Eendag kom ek daar verby* 536

Fig. 153 Die algemeen-Afrikaanse lirieke van *Siembamba* 538

Fig. 154 Kaaps-Maleise weergawe van *Siembamba* 538

Fig. 155 Die Kaaps-Maleise ghommalied, *Hier en daar 'n doringblaar* 539

Fig. 156 Kaaps-Maleise moppie, *Onder de groene bomen* 539

Fig. 157 Trapgewels van Noordhoek 546

Fig. 158 Stellenberg 546

Fig. 159 Kaapse brandweermasjien, 1737 550

Fig. 160 Mevrou Barker se winkel, Kaapstad 552

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 161 Variasies van die Kaapse Barok-geïnspireerde gewel 552

Fig. 162 Georgiaanse dubbelverdiepinghuis in Kaapstad, volgens De Meillon 553

Fig. 163 Die Heerengracht, Kaapstad 553

Fig. 164 Koopmans De Wet-huis, Kaapstad 554

Fig. 165 Aanvanklike woonhuise op Spier en Krommerivier 554

Fig. 166 Plan van die Goede Rust-langhuis 557

Fig. 167 Plan van Saxenburg 557

Fig. 168 Planne van La Provence en Nederburg 559

Fig. 169 Planne van die slawewoning op De Nieuwe Plantatie, Paarl 559

Fig. 170 Werfuitleg van Boschendal 560

Fig. 171 Werfuitleg van Rhône 560

Fig. 172 Werfuitleg van Groot Constantia 562

Fig. 173 Werfuitleg van De Nieuwe Plantatie, Paarl 562

Fig. 174 Werfuitleg van Libertas 563

Fig. 175 Slaweklok op Vergenoegd naby Faure 563

Fig. 176 Argitektoniese dimensies van die slaweklok op Meerlust 564

Fig. 177 Voorgewel van Hazendal 571

Fig. 178 Ornamentele pleisterwerk aan die gewel by Onverwacht in die Wamakersvallei (Wellington) 571

Fig. 179 Voorgewel van Bien Donne 573

Fig. 180 Detail van ornamentele pleisterwerk aan die voorgewel van Bien Donne 573

Fig. 181 Agtergewel van Bien Donne 574

Fig. 182 Detail van die agtergewel van Bien Donne 574

Fig. 183 Oude Nektar 575

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig. 184 Swierige pleisterwerk aan die soldertrap van die Meerlust-wynkelder 576

Fig. 185 Swaar lyswerk van die Vergenoegd-plaasingang 576

Fig. 186 Ornamentele pleisterwerk bokant 'n werkswinkelingang by Meerlust 578

Fig. 187 Gewels van Onder Vredenburg, Hazendal, Zevenrivieren en Idasvallei 579

Fig. 188 Fasade van die Burgerwachthuis in die agtiende eeu 581

Fig. 189 Huis in Waalstraat 71, Bo-Kaap – huidiglik die Bo-Kaap Museum 582

Fig. 190 Agtiende-eeuse Tulbagh-stoel 585

Fig. 191 Bal-en-kloupoot van 'n Kaapse armoire 585

Fig. 192 Agtiende-eeuse kabrioolpoottafel 586

Fig. 193 'n Kaapse armoire 586

Fig. 194 Houtsneewerk aan die kroonlys van 'n Kaapse armoire 587

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

AFKORTINGS

A.	Accessions
BO.	Archives of the First British Occupation 1795 - 1803
BR.	Argief van die Bataafse Republiek
C.	Archief van Raad van Politie
CJ.	Archief van Raad van Justitie
CO.	Archives of the Public Record Office, London/Colonial Office : Cape of Good Hope
G.	Gemeentelike stukke, Nederduitse Gereformeerde Kerk Argiefbewaarplek, Kaapstad
GNG	Glasnegatief in fotoversameling, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad
INIL	Indeks van Illustrasies, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad
K.A.B.	Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad
M.	Morrison-fotoversameling, Kaapse Argiefbewaarplek
MOOC.	Argief van die Weeskamer
SO.	Archives of the Slave Office
1/STB	Landdros en Heemrade van Stellenbosch
VC.	Archives of Verbatim Copies
1/WOC	Worcester-argief

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VRYETAAL SLEUTELTERME

aia — Vroulike kinderbediende.

amok-hardloop — Waansinnige en gewelddadige wraaktog van 'n verontregte slaaf.

baster-hottentot — Vry persoon van gemengde afkoms – die produk van 'n gebonde slawevader en vry Khoikhoimoeder of die produk van 'n Blanke-Khoikhoiverbintenis.

binnemoeders — Slawevrouens wat as opsigters oor Kompanjie-slavinne in die slawelosie aangestel is.

fiskaal — Kompanjiesamptenaar, tweede in bevel naas die kommandeur, en in beheer van die slawe se welsyn, ook die openbare vervolger en hoof van die polisie.

gulden (f) — Nederlandse rekenmunt, verdeel in 100 sente; ook 1 gulden = 16 stuiwers volgens die sogenaamde Indiese waarde. In Nederland was die gulden 20 stuiwers werd.

halfslag — Persoon van half-Europese afkoms, met ander woorde een van die ouers is 'n Europeër.

heelslag — Persoon van nie-Europese afkoms; 'n volbloed persoon.

Heeren XVII — Die sewentien direkteure van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), 'n sewentiende-eeuse Nederlandse handelsmaatskappy.

kaffer — 'n Kompanjieslaaf van Oosterse afkoms, wat as die assistent van die fiskaal, gemoeid was met wetstoepassing, met ander woorde 'n polisieslaaf.

knecht — Werknemer van die Kompanjie wat aan die Kaapse burgers uitverhuur is om, veral as opsigter of voorman, diens te verrig.

koeliegeld — Geld wat 'n slaaf in Kaapstad op 'n voltydse onafhanklike basis deur kleinhandelsverkope of die lewering van 'n diens verdien het en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	waarvan 'n voorafvasgestelde deel op 'n gereelde basis aan die eienaar oorbetaal moes word.
kreolisering	Proses waardeur 'n aanvanklik uitheemse groep of kultuur in 'n nuwe geografiese gebied "verinheems" of "verplaaslik" om as 'n nuwe dominante kultuur in aangepaste vorm na vore te tree. Ook die proses waardeur 'n slawegemeenskap deur geboorte "verplaaslik".
kwartslag	Persoon van kwart-Europese afkoms, ook *kasties* genoem. Veral op Batavia van toepassing, waar die ouers 'n Europese vader en Oosterse moeder impliseer.
legger	'n Vat wyn met 'n inhoudsmaat van 692 liter.
Maleier	Oorspronklik 'n slaaf afkomstig van die Indonesiese Argipel wat ook 'n Moslem *kan* wees.
mandoor	Manlike slaaf wat as opsigter oor ander slawe aangestel is.
mesties	Halfbloed persoon, van gemengde afkoms.
morg	Landmaat met die ekwivalent van 2,25 akker.
mulat	'n Plaaslik gebore slaaf met Oosterse en Europese bloed.
mud	Inhoudsmaat vir koring en ander graangewasse met die ekwivalent van 54 kilogram (een sak of agt emmers).
officier jongen	Manlike offisierslaaf in die losie.
onderbaas	Voormanslaaf wat oor ander slawe aangestel is.
ondermeesteres	Slavin in beheer van jonger slavinne in die losie.
plakkaat	'n Edik.
prysslawe/prysnegers	Onwettige slawe wat, ná die afskaffing van die slawehandel in 1808, deur die koninklike vloot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

	van slawevaarders ter see buitgemaak, na die Kaap gebring en as verowerde "pryse" aan die Britse Kroon verbeurd verklaar is. Hulle is vir veertien jaar as vakleerlinge aan verskeie eienaars toegewys, waartydens hulle vir vryburgerskap voorberei is.
reaal	Spaanse muntstuk wat 'n besonder gewilde betaalmiddel in die vroeëre Portugese en Nederlandse koloniale slawehandel was.
riksdaalder (Rds.)	Nederlandse geldeenheid ter waarde van 2,5 guldens; 'n rekenmunt waarvolgens 1 Rds. = 48 stuiwers in die Indiese sowel as Nederlandse waarde was. In 1795 was 'n riksdaalder vier sjielings werd, waarna dit as "riksdollar" bekend gestaan het.
toponiem	Deel van naam wat plek van herkoms aandui – veral gewild by slawenaamgewing aan die Kaap.
vryburger	Persoon wat van Kompanjiesdiens vrygestel is en burgerregte geniet.
vryswarte	'n Vrygestelde slaaf. Ook 'n Oosterse setlaar, banneling of bandiet aan die vroeë Kaap.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VOORWOORD

In sy omvattende en indringende studie oor die sosiale geskiedenis van die slawegemeenskap aan die Kaap het Robert Shell onder meer tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> The slave period, 1652 to 1838, was the true gestation period of South African culture ... This [common reciprocal] legacy [of Cape slavery] was the as yet unexamined creole culture of South Africa, with its new cuisine, its new architecture, its new music, its melodious, forthright, and poetic language, Afrikaans, first expressed in Arabic script of the slaves' religion and written literature.[1]

Dié uitspraak het my tot nadenke gestem en 'n persoonlike verruimimg van visie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis teweeggebring. Veral die frase "the as yet unexamined creole culture of South Africa" is as 'n uitdaging aan kultuurhistorici vertolk. 'n Gesprek met wyle Achmat Davids, Bo-Kaapse kenner van die taal, kultuur en godsdiens van die Kaapse Moslemgemeenskap, het die vermoede bevestig dat die slawe en hulle nageslag inderdaad 'n rol in die eiesoortige aard en atmosfeer van die Kaapse kultuur gespeel het, wat as sodanig 'n belangrike element van die breër Suid-Afrikaanse kultuur verteenwoordig. Geïnspireer deur die oortuiging dat 'n kultuurhistoriese ondersoek na die rol en impak van die slawe op die Kaapse kultuur 'n prioriteit is, is hierdie studie aangepak.

Die belangrikheid en relevansie van die onderwerp is veral daarin geleë dat die bydrae van die slawe tot die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur weens kontensieuse redes in die verlede onderskat en selfs bewustelik misken is. Vooroordeel, wantroue en onverdraagsaamheid binne 'n politieke en sosiale bestel wat sterk rasgeoriënteerd was en die verskeidenheid kultuurgroepe van mekaar geïsoleer het, het die mate waarin sekere Suid-Afrikaners die wortels van hulle kultuur objektief, eerlik en onbevange kon naspoor, gekniehalter. As kultuurhistorikus het ek besef dat dit nodig is om die dinamika van kultuur, wat die noodwendige kultuuroordrag en -verandering tussen uiteenlopende kulture binne dieselfde geografiese en sosiale milieu veronderstel, in die unieke Kaapse en Suid-Afrikaanse opset te erken en die kulturele gemeenskaplikhede wat daaruit voortgespruit het, te identifiseer en te ontgin. Die relevansie van 'n kultuurhistoriese studie oor die Kaapse slawe is juis daarin geleë dat beide die vroeë Kaapse samelewing, waarvan die slawe 'n integrale deel was, sowel as die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing deur kulturele heterogeniteit gekenmerk word. In beide gevalle is die dinamika van kultuur waardeur kulturele gemeenskaplikhede tot stand kom, ter sprake. Die doelstelling van die studie is dus om deur objektiewe kultuurhistoriese navorsing 'n redelik volledige beeld van die slawe se lewenswyse aan die vroeë Kaap te gee en die gemeenskaplike kulturele wortels, of soos Shell dit tereg gestel het: "the as yet unexamined creole culture of South Africa", wat die nalatenskap van hulle teenwoordigheid aan die Kaap was, na te speur en te ontgin.

As deel van die navorsingsbeplanning is 'n aanvanklike verkenning van die beskikbare en toepaslike inligtingsbronne gedoen, waarna die afbakening van die navorsingsonderwerp en die

---

[1] R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 415.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

keuse van 'n gepaste titel gevolg het. Na deeglike oorweging is finaal op die titel *Die Kaapse slawe in kultuurhistoriese perspektief, 1652 - 1838* besluit. Terwyl die afbakening van die onderwerp duidelik in die titel gesuggereer word, is dit wel nodig om die sleutelwoorde en die betrokke datums te verklaar. In dié opsig verwys die term "Kaapse slawe" na alle slawe wat hulle binne die drie identifiseerbare kultuurstreke bevind het, naamlik Kaapstad, die Wes-Kaapse akkerboustreek en die binnelandse veeboerstreke van die Kaapkolonie soos dit tot 1838 daar uitgesien het. Die term "slawe" behels dus nie net die Maleier- of sogenaamde "Moslemslawe" nie en die studie is nie op die Kaapse Moslemgemeenskap *per se* afgestem nie. Die Kaapse Moslemgemeenskap kom wel ter sprake in soverre dit sy wortels in die Kaapse slawegemeenskap van die sewentiende tot negentiende eeu het en bepaalde unieke kulturele elemente uit die slawetyd daarin opgeneem is. Die term "slawe" sluit ook grootliks die vryswartes uit. Waar relevant, word daar wel na die vryswartes verwys in soverre hulle vrygestelde slawe was wat die hoogste doel, naamlik vryheid, bereik het en daarna as vrygestelde slawe veral deur die voortsetting van bepaalde nerings en arbeid 'n kulturele bydrae gemaak of prominent in die Kaapse gemeenskap gefigureer het. Die titel dui voorts daarop dat dit 'n *kultuurhistoriese studie* is en nie 'n sosiaal-maatskaplike, suiwer sosiale, sosiologiese, historiese, antropologiese, ekonomiese of politieke navorsingstuk nie. Alhoewel sekere van bogenoemde wel aangesny word, onderskei kultuurgeskiedenis hom van die bogenoemde dissiplines daarin dat dit die geheel, wat uit die besondere saamgestel is, bestudeer. Dit is gerig op die diepere en die algemene, eerder as die besondere en probeer dus om deur die opsporing, beskrywing en verklaring van die kenmerke uit 'n bepaalde kultuurperiode, 'n totale beeld van die mens – in hierdie geval die slawe – se lewe binne 'n bepaalde kultuurtydperk te verkry.[2] Kultuur is voorts 'n eenheid van gees en materie, van stoflike en onstoflike faktore en is as sodanig die lewenstyl van 'n bepaalde samelewing.[3] In sy wese veronderstel kultuurgeskiedenis dus die determinering van lewensvorme en skeppingsvorme en dit is waaroor dié studie gaan. Ofskoon dit wel geskiedkundige, sosiaal-maatskaplike en selfs ekonomiese raakpunte het, bly dit in wese 'n kultuurhistoriese studie waarin veral die sosio-kulturele determinant 'n belangrike rol speel. Die studie het dit nie ten doel om sosiaal-maatskaplike vraagstukke ten opsigte van Kaapse slawerny te ontleed of moreel te beoordeel nie, maar wil bloot 'n objektiewe kultuurhistoriese beeld van die slawe vanaf die vestiging van die Kaapse nedersetting in 1652 tot met hulle finale vrystelling op 1 Januarie 1838 gee en hulle bydrae tot aspekte van die inheemse Suid-Afrikaanse kultuur ontgin.

Die bepaalde kultuurperiode waarbinne die Kaapse slawe bestudeer word, strek dus van 1652 tot 1838. Hierdie tydspan maak 'n koherente kultuurhistoriese oorsig van die Kaapse slawe moontlik. Waarom is die jaartal 1652 as aanvangsdatum geneem? Alhoewel die eerste slaaf eers in 1653 by die Kaap voet aan wal gesit het, is die aanvanklike nedersettingsdatum 1652 meer toepaslik as aanvangsdatum vir Kaapse slawerny, aangesien die Nederlandse koloniseerders reeds met hulle landing aan die Kaap slaafgeoriënteerd was. Sedert 1609 het die Nederlanders slawegemeenskappe in hulle Oosterse kolonies ondersteun en in stand gehou en met hulle aankoms by die Kaap outomaties 'n regstelsel ingevoer wat in 'n groot mate op slawebesit in die Nederlandse kolonies gebaseer was.[4]

---

[2] J. Romein, In de Hof der Historie, pp. 118 - 199, soos aangehaal *in* J.C. Pretorius, Inwinning van inligting: primêre geskrewe en pikturale bronne vir die kultuurhistorikus *in* J.A. van Schalkwyk en J.C. Pretorius (reds.), *Navorsing in die Kultuurhistoriese Museum* I (4), 1987, p. 89.

[3] P.J. Bouman, *Cultuurgeschiedenis van de twintigste eeuw*, p. 12.

[4] R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. xxx.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die nastrewing van die navorsingsdoelstelling was dit nodig om die onderwerp hoofstuksgewys te ontgin en wel volgens die mees logiese opsie tematies-chronologies binne die raamwerk van die slawe se koms na die Kaap, hulle vestiging, fisiese en geestelike behoeftes, lewenswyse en -vorme, arbeid en hulle bydrae tot aspekte van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur aan te pak. Gevolglik handel Hoofstuk I oor die koms van die slawe na die Kaap waarin onder meer die historiese agtergrond, die wyses waarop slawe na die Kaap gekom het en hulle herkoms bespreek word. Hoofstuk II handel oor die vestiging van die slawe aan die Kaap en is afgestem op die eerste slawe aan die Kaap, die prosedures na aankoms, naamgewing, die plaaslike slawemark en hulle vestiging en rol binne die sosio-kulturele milieu van elk van die drie kultuurstreke. Hoofstuk III handel oor die fisiese lewensbehoeftes van die Kaapse slawe, terwyl Hoofstuk IV die geestelike behoeftes en manifestasies van die slawe wat onderwys en opleiding, godsdiens, sosiale en kulturele lewensvorme, huishoudelike en amptelike dissipline sowel as vrystelling behels, ondersoek. In Hoofstuk V word slawearbeid as bousteen in die Kaapse kultuur nagevors en gepoog om die mate waarin slawe deur arbeid hulle stempel op die Kaapse lewenswyse en kultuur afgedruk het, te bepaal. Hoofstuk VI ondersoek die bydrae van die slawe tot aspekte van die tipies inheemse Suid-Afrikaanse kultuur, soos die Afrikaanse taal, die Kaapse kookkunstradisie, musiek, die inheemse Kaapse boukuns en meubelbou om uiteindelik die rol van die slawe in die sosio-kulturele dinamika van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur te bevestig. Die laaste deel van dié hoofstuk handel oor die Kaapse Moslemgemeenskap wat by uitstek die produk van akkulturasie aan die Kaap is en wat as sodanig 'n eiesoortige identiteit verkry het wat dit van ander Moslemgemeenskappe wêreldwyd onderskei. Soos in die studie weerspieël word, is daar gepoog om alle aspekte wat op een of ander wyse 'n bydrae tot 'n breë kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe mag lewer, te ondersoek. Alhoewel dit wat ander dissiplines betref belangrik blyk te wees, is dit nie nodig geag om vir die doeleindes van hierdie studie 'n in diepte bespreking van die impak van die slawe op die Kaapse ekonomie of 'n gedetailleerde weergawe van die historiese aspekte rondom die proses van slawe-emansipasie in die negentiende eeu te gee nie. Daarbenewens sluit die onderwerp ook 'n volledige bespreking van die vryswartes *per se* uit. Dié aspekte kom wel ter sprake in soverre dit bydra tot 'n breër kultuurhistoriese perspektief ten opsigte van die Kaapse slawe.

Die navorsing oor die onderwerp is begin met 'n studie van die reeds gepubliseerde bronne oor Kaapse slawerny. Enkele van hierdie bronne was uiters waardevol en relevant vir dié bepaalde studie-onderwerp. Hier volg 'n bondige evaluering van die belangrikste en mees relevante bronne wat in die studie aangewend is.

Willem Blommaert se "Het invoeren van het slavernij aan de Kaap", *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis I,* 1938, is 'n deeglike navorsingstuk oor die invoer van die eerste indiwiduele slawe, sowel as die aankoms van die eerste twee slawebesendings per skip aan die Kaap. Alhoewel die werk hoofsaaklik op reeds gepubliseerde bronne gebaseer is en slegs die eerste tien jaar van die Kaapse slawehandel reflekteer, bly dit 'n betroubaare kroniek wat histories akkuraat en korrek is. Isobel E. Edwards se werk *Towards emancipation: a study in South African slavery* (Cardiff, 1942) is van besondere belang in soverre dit 'n algemene oorsig oor slawerny, sowel as 'n uitstekende bronnelys oor die onderwerp verskaf. Inligting uit primêre bronne sowel as sekondêre bronne is knap verwerk om 'n gemaklik leesbare verhaal van Kaapse slawerny daar te stel. Alhoewel Victor de Kock se *Those in bondage* (Londen, 1950) onkrities en anekdoties in benadering is en streng wetenskaplike werkswyse soms ingeboet word deur die bronne van relevante aanhalings en feite plek-plek na te laat, bly dit een van die mees indringende verslae oor en populêre beskrywings van Kaapse slawerny in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sewentiende en agtiende eeu wat op 'n wye reeks argivale bronne gebaseer is. Weens die oorsigtelike, beskrywende en algemene aard daarvan is dit veral van kultuurhistoriese waarde, aangesien die sosio-kulturele aspek van Kaapse slawerny belig word en die gees van dié bepaalde kultuurperiode in die boek weerspieël word. Anna J. Böeseken se *Slaves and Free Blacks at the Cape, 1658 - 1700* (Kaapstad, 1977) lewer aan die hand van veral die *Transporten en Scheepenkennis* in die aktekantoor in Kaapstad 'n insiggewende beeld op die herkoms van slawe, sowel as van slaweverkooptransaksies aan die Kaap van 1658 tot 1700. Daarbenewens is daar aan die hand van argivale bronne, soos die Dagregisters, die Resolusies van die Politieke Raad en dokumente van die Raad van Justisie gepoog om 'n redelik volledige verslag van die slawe se lewe na hulle by die Kaap voet aan wal gesit het, te gee. Alhoewel dit nie 'n vergelykende studie is nie en slegs op die sewentiende eeu van toepassing is, bly dit nuttige inligting vir kultuurhistoriese navorsing. Die foute wat in die addendum van Kaapse slaweverkooptransaksies voorkom, is in 1984 deur Leon Hattingh in 'n artikel in die tydskrif *Kronos* 9 reggestel.[5]

James C. Armstrong se "Die slawe, 1652 - 1795" in Elphick en H. Giliomee (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652 - 1820* (Kaapstad, 1986) is bepaald van die hoogtepunte in die werke oor Kaapse slawerny in die Kompanjiestyd. Dit getuig van noukeurige en omvattende argivale navorsing en lewer ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae tot 'n goeie begrip van slawerny oor 'n breë spektrum. Alhoewel byna alle fasette van Kaapse slawerny binne 'n logiese raamwerk aangeraak word en 'n redelik gekristalliseerde kultuurhistoriese beeld van Kaapse slawerny daardeur verkry word, is dit weens die omvangryke aard van die onderwerp en die eise van publikasie bondig. Richard Elphick en Robert C.-H. Shell se "Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795" *in* R. Elphick en H. Giliomee (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652 - 1820* (Kaapstad, 1986) is 'n indringende studie waarin slawevrystellings in die Kompanjiestyd sistematies aan die hand van vrystellingsrekords nagevors, ontleed en verklaar word, terwyl die drie "kultuurstreke" waarbinne die slawe saam met ander groepe 'n sosio-kulturele en ekonomiese rol gespeel het, ook duidelik geïdentifiseer word. Robert Ross se *Cape of Torments: slavery and resistance in South Africa* (Londen, 1983) is 'n belangrike studie oor slaweverset aan die Kaap wat oorwegend op die kriminele rekords gebaseer is. Daarbenewens word die redes vir die afwesigheid van 'n sterk slawekultuur aan die Kaap logies uiteengesit. Alhoewel die werk na subjektiwiteit neig, bly dit 'n treffende weerspieëling van die atmosfeer rondom die Kaapse slawegemeenskap.

Nigel Worden se *Slavery in Dutch South Africa* (Cambridge, 1985) is 'n deeglike sintese oor slawerny in die Kompanjiestyd met die klem op die Stellenbosch-distrik. Hierdie werk is 'n verdienstelike poging om Kaapse slawerny veral ten opsigte van arbeid en ekonomie in die akkerboustreek in vergelykbare konteks te plaas. Die redelik volledige beeld wat van die arbeid deur die akkerbouslawe gegee word, is van besondere nut vir kultuurhistoriese navorsing oor die onderwerp. Dit dek slegs die periode tot 1795.

Alhoewel John E. Mayson se "Fortunate slaves and artful masters: labour relations in the rural Cape colony during the era of emancipation, ca. 1825 to 1838" in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier* (Pietermaritzburg, 1994) 'n beperkte onderwerp en tydspan het, is dit 'n deeglik nagevorste studie waarin daar 'n verband tussen die goeie behandeling en toegifte soos grondbesit aan Oos-Kaapse slawe en die

[5] J.L. Hattingh, A.J. Böeseken se addendum van Kaapse slaweverkooptransaksies: foute en regstellings, *Kronos* 9, 1984.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mag en beheer van eienaars oor hulle slawe getrek word. Dit werp in die proses ook lig op die lewe en omstandighede van 'n deel van die binnelandse slawe. Robert C.-H. Shell se "Tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape 1652 - 1834" in *Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier* is 'n volledige statistiese oorsig van die oorsese slawehandel aan die Kaap van 1658 - 1808 en 'n gedetailleerde weergawe van die unieke poliglot Kaapse samelewing van 1652 tot 1834 en hoe dít, sowel as die huishoudelike aard van slawerny 'n rol in die kreolisering van veral die taal en die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Alhoewel die klem in dié opsig meer op die sosiale aspek van taalakkulturasie binne 'n poliglotte samelewing val en die proses van taalkreolisering op sigself nie bespreek word nie, is dié sosio-kulturele ondersoek nogtans kultuurhistories relevant.

R.C.-H. Shell se *Children of bondage* (Johannesburg, 1994) is 'n sosiale geskiedenis van die slawegemeenskap aan die Kaap van 1652 tot 1838. Hierdie monumentale, omvangryke, ontledende en wetenskaplik deeglik nagevorste werk is 'n koherente oorsig van Kaapse slawerny van die begin van die nedersetting tot die amptelike en finale vrystelling van alle slawe op 1 Januarie 1838 waarin die dinamika en verandering van sosiale patrone binne die Kaapse slawegemeenskap ontleed en verklaar word. Kultuurhistoriese aspekte, soos wedersydse kultuurbeïnvloeding in 'n multi-kulturele samelewing en veral tussen kolonis en slaaf binne die intieme sfeer van die Kaapse huishouding, word aangeroer en veral klem op die verband tussen slawe in die huishouding, die Afrikaanse taal en die inheemse kooktradisie geplaas. Weens die omvang van die onderwerp was 'n indringende bespreking van die bepaalde aspekte waarskynlik nie moontlik nie. Alhoewel dit meer bepaald op die sosiale impak van Kaapse slawerny afgestem is en die kultuurhistoriese as 'n toevallige gevolg benader word, lewer hierdie werk 'n besondere bydrae om die visie van beide sosioloë en kultuurhistorici te verbreed en dien dit as grondslag en motivering vir laasgenoemde om die kultuurhistoriese braakland van Kaapse slawerny te ontgin. Die deeglike en omvattende bibliografie aan die einde van die boek is besonder nuttig vir enige navorsing oor die Kaapse slawe. Hierdie boek is ongetwyfeld 'n belangrike baken in die historiografie oor Kaapse slawerny.

Die gepubliseerde en ongepubliseerde werke van Achmat Davids is betroubare en nuttige bronne vir die bestudering van die Kaapse slawe sowel as die taal, godsdiens en kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap, terwyl dit ook 'n relevante en insiggewende perspektief op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gee. Alhoewel die boek *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980) die ontstaangeskiedenis van Islam en die vroegste moskees aan die Kaap behels, bied dit daarbenewens 'n insiggewende kultuurhistoriese beeld van die vroeë Kaapse Moslemgemeenskap wat oorwegend uit slawe en vryswartes saamgestel was en in wie se lewe die moskee so 'n belangrike sosio-kulturele en religieuse rol gespeel het. Die taalkundige bydraes van Davids, soos "The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community" in H. en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle* (Pretoria, 1987) en "Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans" in P. Harteveld (red.), *Lexikos 2* (Stellenbosch, 1992) fokus op die rol van Afrikaans in die religieuse en politieke geskiedenis van die Kaapse Moslemgemeenskap en die dialek Kaapse Moslemafrikaans wat hieruit voortgevloei het. In "Afrikaans – die produk van akkulturasie" in G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt* (Halfweghuis, 1994) word die kreolisering ten opsigte van Afrikaans as 'n akkulturasieproduk objektief en sinvol beredeneer. Navorsing in verband met bogenoemde temas is onder meer in wetenskaplike tydskrifte soos *Kronos, Newsletter Boorhaanol Islam Recreational Movement* en die *Suid-Afrikaanse Tydsksrif vir Taalkunde* gepubliseer. Ongepubliseerde werke sluit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorts Davids se M.A.-verhandeling *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915* (Universiteit van Natal, 1991) sowel as die lesings en voordragte oor die kultuur van die Kaapse Moslems vir IDASA, Voice of the Cape Radio en die Iqrah Komitee van die Suid-Afrikaanse Moslem Studentevereniging in.

Bepaalde doktorale proefskrifte verskaf op 'n direkte en indirekte wyse waardevolle kultuurhistoriese inligting oor die Kaapse slawe. In die proefskrif van D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company 1652 - 1795* (Universiteit van Maryland, 1987) word as vertrekpunt die historiese, politieke en ekonomiese agtergrond en aanloop tot die vestiging van slawerny aan die Kaap sinvol en chronologies uiteengesit. Daarbenewens belig die studie op 'n wetenskaplik verantwoordbare en sinvolle wyse oor 'n breë spektrum aspekte van die verskeie slawegroepe se bestaan binne die onderskeie kultuurmilieus. Die proefskrif van S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950* (Universiteit van Pretoria, 1992) is primêr 'n indringende ondersoek na die Kaapse moskee as tipe, maar bied ook bykomend – in noukeurige en gedetaileerde tabelvorm – waardevolle inligting en afleidings oor die oorspronge en getalle van die Kaapse slawe, wat as nuttige grondslag en agtergrond vir enige vorm van navorsing oor Kaapse slawerny kan dien. Insiggewend is voorts die ondersoek van die religieuse instellings van beide Europeërs en Oosterlinge aan die Kaap, die bepaling van die afkoms van al die eerste Kaapse Moslems, die beligting van die vestiging van Islam aan die Kaap en sinvolle uiteensetting van die rol wat dié godsdiens in die vervulling van die geestelike behoeftes van onder meer die sosiaal-, kultureel- en godsdiensverstoke Kaapse slaaf gespeel het.

Terwyl voorafgaande bronne hoofsaaklik die historiese, sosiale, ekonomiese, maatskaplike en religieuse aspekte van Kaapse slawerny behels, is daar gepoog om in dié studie 'n kultuurhistoriese perspektief daar te stel, om die geheel wat uit die besonderhede saamgestel is te vind, die kenmerkende uit dié bepaalde kultuurtydperk op te spoor en 'n onderlinge verband tussen bepaalde fasette soos die daaglikse lewe, arbeid en kultuur te trek. Daar is gepoog om 'n antwoord te vind op die vraag wat die kultuurhistorikus moet beantwoord, naamlik: Hoe het die mens binne 'n bepaalde tydperk gelewe en wat was die impak daarvan op die kultuur? Onderdele soos geskiedenis, godsdiens, onderwys, sosiale patrone, regspleging en wetstoepassing, ekonomie, arbeid, ensovoorts, is bestudeer, nie ter wille van hulle self nie maar om die onderlinge verband en die breër kultuurhistoriese beeld van die Kaapse slawe daar te stel.

Aangesien kultuurgeskiedenis in 'n groot mate 'n gedrenktheid in die verlede as bestaansvoorwaarde het, is met groot vrug van primêre bronne, soos egodokumente, pikturale en verbale bronne, sowel as amptelike gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente, soos argiefstukke, gebruik gemaak.

Vir getuienis oor die mens in die verlede, veral wat sy lewenswyse en skeppinge betref, is egodokumente 'n essensiële en onvervangbare bron en dus van onskatbare waarde tydens kultuurhistoriese navorsing. As ooggetuieverslae is dit van die boeiendste historiese leesstof wat bestaan. Skrywers van egodokumente is besonder geslaagd in die tipering van die tydsgees en kulturele klimaat van 'n bepaalde tydperk. Vir die kultuurhistorikus is dit wat die outeur van homself in die egodokument kwytraak ondergeskik aan die agtergrond en historiese konteks wat hy deur sy pen soms toevallig laat deurskemer. Aangesien daar op een uitsondering na geen egodokumente deur slawe self opgespoor kon word nie, is daar vir die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

doeleindes van die studie in 'n groot mate op die reis- en verblyfbeskrywings van ander persone binne die Kaapse slawetyd staatgemaak. Reisbeskrywings het besondere kultuurhistoriese waarde, aangesien reisigers geneig is om die dinge wat vir hulle interessant is, veral met betrekking tot die lewenswyse, kleredrag, eetgewoontes en geaardheid van die inwoners, op te teken. Vir die kultuurhistorikus wie se uitgangspunt die mens se lewe in sy verskeidenheid is, is reis- en verblyfbeskrywings van besondere waarde, aangesien terloopse verwysings na gewoontes en gebruike juis die gegewens is waarna die kultuurhistorikus op soek is. Waardevolle inligting oor die Kaapse slawe is inderdaad na 'n tydrowende, veeleisende dog lonende soektog opgespoor en krities geëvalueer. Weens die kwessie van objektiwiteit wat by reisbeskrywings ter sprake is, moes die juistheid van die feite en bewerings getoets word. Nadat die getuienis in reisbeskrywings van reisigers en besoekers van uiteenlopende herkoms en belangstelling uit ongeveer dieselfde tyd met mekaar vergelyk is, is bevind dat ten spyte van groot verskille in die nasionaliteit en maatskaplike stand van die onderskeie skrywers, daar nogtans merkwaardige ooreenkomste bestaan (John Barrow, lady Anne Barnard, Robert Semple, Robert Percival en Cornelius de Jong). Daarbenewens moes die onderskeie skrywers se bekwaamheid, kundigheid, taalvaardigheid, gebalanseerdheid, sedelike peil, mate van vooroordeel (Barrow), liggelowigheid (Peter Kolbe), ydelheid en sin vir die dramatiese (Francois le Vaillant) onderskei en ge-evalueer word. Daar moes voorts vasgestel word of die reisindrukke kort na die reis of eers later opgeteken is, of die werk deur die uitgewer of die outeur self uitgegee is, terwyl die tydperk waarbinne die reisbeskrywing opgestel is ook in ag geneem is, aangesien sienings noodwendig daardeur beïnvloed word. In dié verband het meer as een besoeker en reisiger aan die Kaap hulle in die agtiende en negentiende eeu teen slawerny uitgespreek (De Jong, Anders Sparrman, Semple, William Burchell en John Campbell). Vir die doel van hierdie studie, was reisbeskrywings ongetwyfeld van groot nut.

Naas die egodokumente, het pikturale bronne, in die vorm van Africana-prente van skilderye, tekeninge en grafiese reproduksies, geografiese kaarte, sowel as dorps- en huisplanne, 'n onmisbare rol gespeel in die rekonstruksie van die slawe se daaglikse lewe aan die Kaap, terwyl dit ook die impak wat die slawe op die Kaapse kultuur gehad het, weerspieël. Uit hierdie tydgenootlike visuele uitbeeldings, wat dikwels 'n doeltreffender, noukeuriger en meer realistiese uitbeelding as 'n beskrywing is, is waardevolle kultuurhistoriese data afgelei met betrekking tot die slawe se voorkoms, kleredrag, sosiale bedrywighede, arbeidsaktiwiteite sowel as die milieu waarbinne hulle hulle bevind het. Aangesien kultuurhistoriese besonderhede dikwels deur die amateurkunstenaar die getrouste weergegee word, gaan dit nie soseer oor die estetiese waarde van die voorstellings nie, maar oor die getroue weergawe van dieselfde historiese werklikheid as waaroor die geskrewe bron, byvoorbeeld die reis- of verblyfbeskrywing verslag doen en die kultuurhistoriese impak wat die kunswerk het. In baie gevalle soos by Francois Valentyn, Peter Kolbe, Abraham Bogaert, William Burchell en lady Anne Barnard is dit deel van die reisbeskrywing en dien as pikturale bevestiging en stawing van geskrewe waarnemings wat inderdaad die waarde van die egodokumente verhoog. Sonder sekere professionele en amateurkunstenaars, soos lady Anne Barnard, H.C. de Meillon, sir Charles D'Oyly, William Webb Smith en J.C. Poortermans, wat hulle waarnemings so realisties weergegee en as sodanig 'n belangrike stukkie kultuurgeskiedenis oor die Kaapse slawetyd met die pen en kwas geskryf het, is 'n volledige kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe nie moontlik nie. Pikturale bronne is nie minder betroubaar as geskrewe bronne nie en neem in dié studie as primêre bronne dieselfde belangrike plek as reisbeskrywings in. Geografiese kaarte en planne is as pikturale bronne gebruik om die geografiese milieu waarbinne die lewe van die stedelike sowel as die plaasslaaf afgespeel het, te belig, terwyl

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

foto's die impak van die slaaf op bepaalde aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, soos die bou- en meubelboukuns, bevestig.

Gepubliseerde en ongepubliseerde amptelike dokumente bied 'n nuttige historiese raamwerk van die slawetyd en is daarom ook as navorsingsmateriaal ontgin. In dié opsig het gepubliseerde argivale bronne soos *Resolusies van die Politieke Raad,* die *Memoriën en Instructiën,* die *Kaapse Plakkaatboeke,* die *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboeke,* inkomende en uitgaande briewe, joernale, dagregisters, die *Requesten* en rekords van die Kaapkolonie deurgaans nuttig te pas gekom. Ongepubliseerde argivale bronne wat in die navorsing aangewend is, is onder meer dokumentasie van die Slawekantoor (1816 - 1825), waaronder die *Slaweregister* (SO), wat van groot waarde was, veral ten opsigte van die navorsing oor slawearbeid, die kriminele rekords van die Raad van Justisie (CJ), dokumentasie van die Politieke Raad (C), soos die Statute van Indië, Verbatim kopieë (VC), argivale materiaal van die Weeskamer (MOOC), soos boedelinventarisse en *vendurollen,* sowel as dokumentasie van die Landdros en Heemrade van Stellenbosch (1/STB). Waar relevant, is die ongepubliseerde amptelike dokumentasie nuttig aangewend, terwyl dit ook 'n rol as historiese verwysingsraamwerk gespeel het.

In die ontginning van die slaaf se bydrae tot bepaalde aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, soos die taal, musiek, eetkultuur, bou- en meubelboukuns, het sekondêre verbale bronne in die vorm van persoonlike mededelings en volksliedere 'n belangrike rol gespeel.

Elke navorsingsprojek het sy eie probleme. Afgesien van bepaalde logistieke probleme, wat nie hier ter sprake is nie, moes die outeur deur 'n eerlike en objektiewe benadering die vertroue wen van bepaalde persone wat oor broodnodige en relevante kennis van die onderwerp beskik het. Na 'n aanvanklike gesloer het dit uiteindelik vrugte afgewerp. Die kwessie van die betroubaarheid van egodokumente het vereis dat die bronne binne 'n bepaalde tyd teenoor mekaar getoets moes word wat tydrowend en veeleisend, maar tog die die moeite werd was. Tydens die navorsingsbeplanning is veral met 'n sinvolle sistematiese indeling van bepaalde temas in die studie geworstel. Daar moes bepaal word of die fisiese en geestelike lewensbehoeftes, -wyse en -vorme sowel as die arbeid van die slawe, volgens plek (streek) of onderwerp chronologies georden moes word en hoe die hoofstukindeling daar moes uitsien. Uiteindelik is die mees logiese en praktiese weg gevolg deur hierdie temas volgens die onderwerp streeksgewys te ontgin. Hierdeur sou 'n relatief geordende, volledige en afgeronde kultuurhistoriese beeld moontlik wees. Alhoewel oorvleueling en herhaling soms voorkom, was dit tog vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt die mees logiese opsie waarbinne Hoofstukke III, IV en V beslag gekry het.

Dit is hier nodig om die gebruik van bepaalde terme te verklaar. Uit respek vir die siening dat die woord "Hottentot(te)" in die verlede as etniese benaming in vernederende en verkleinerende konteks en selfs kwetsend as skeldnaam gebruik is en as sodanig aanstoot gee, is daar van die meer aanvaarbare en histories sowel as polities korrekte term "Khoikhoi" gebruik gemaak. Daarbenewens word die term "Maleierslawe" gebruik, aangesien dit as generiese term vir slawe afkomstig van die Indonesiese Argipel binne historiese verband algemeen erken word. Die term "Moslemslawe" is binne historiese verband minder algemeen bekend en word in dié studie slegs gebruik wanneer daar pertinent van slawe wat die Moslemgeloof aan die Kaap beoefen het, sprake is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hiermee wil die outeur dank betuig aan alle persone wat – op welke wyse ookal – positief by die projek betrokke was. Die volgende persone en instansies verdien vermelding:

Professor Cobus Ferreira, studieleier van die projek, vir sy vertroue in my sowel as die onderwerp, vir sy sensitiewe, weldeurdagte en toegewyde leiding, ondersteuning en hulp, asook vir die bekwame wyse waarop hy as touleier hierdie wa langs onbekende weë en deur soms moeilike driwwe veilig na sy bestemming gelei het;

Wyle Achmat Davids, Bo-Kaapse skrywer en kenner van die taal en kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap, wat my visie en entoesiasme vir die saak gedeel het en bereid was om, ten spyte van 'n druk program en swak gesondheid, sy grondige kennis met my te deel, waardevolle bronne en inligting beskikbaar te stel en aanbevelings te maak. Sy ondersteuning word opreg waardeer en eer aan sy nagedagtenis gebring;

Die personeel van die Kaapse Argiefbewaarplek, in besonder Shirvelda George; die personeel van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad, veral Karel Schoeman, Melanie Geustyn, André le Roux en Wessel de Kock; Sue Ogterop van die Biblioteek vir Afrika-studies van die Universiteit van Kaapstad; Maryke Jooste van die Parlementsbiblioteek, Kaapstad, wie se deurlopende, onbaatsugtige, en bekwame hulp die navorsing vergemaklik en bespoedig het; Alet Olwage van die Hermanus Biblioteek wat behulpsaam was met die opspoor en verkryging van bronne;

Kelita Visser vir 'n knap koerier- en ondersteuningsdiens ten tye van die studie;

Elize Scheun vir haar onvermoeide ywer en die knap, akkurate en bekwame wyse waarop sy die manuskrip getik het;

My geduldige en verdraagsame gesin vir hulle begrip, opofferings en meelewing met die projek. Spesiale dank aan my eggenoot Kobus vir sy lojale en positiewe bemoeienis met die studie, sy motivering, morele onderskraging, direkte hulp sowel as sy deurlopende ondersteuning op vele terreine wat in 'n groot mate deurslaggewend in die voltooiing van die studie was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK I

DIE KOMS VAN SLAWE NA DIE KAAP

Historiese agtergrond

1. Die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu

Die eerste bepalende faktor in die koms van slawe na die Kaap was die algemene siening van slawerny van die sestiende tot negentiende eeu. Slawerny is so oud soos die menslike beskawing self. Die antieke volke, soos die hoogbeskaafde Grieke en Romeine, het groot getalle slawe aangehou, terwyl die lyfeienskap in die Middeleeuse Wes-Europa slegs 'n gewysigde vorm van slawerny was. In die sewentiende eeu was slawerny by alle Christen volkere in volle swang. Dit was 'n lewenswyse, 'n ideologie, 'n ordening van die ekonomiese lewe en 'n integrale deel van die mens se kulturele opset.[1] Slawerny het 'n noodsaaklikheid geword en regverdiging vir die weersinwekkende praktyk is veral in die Christelike leerstellings gesoek. Ondersteuners van slawerny het onder meer aangevoer dat wette wat op slawebesit betrekking gehad het reeds in die Ou Testament deur Moses uitgevaardig is, terwyl slawerny nêrens in die Nuwe Testament pertinent verbied is nie. Daarbenewens is riglyne met betrekking tot beide slawe en eienaars deur die apostels van Christus neergelê. Hiervolgens is die regverdiging van sodanige verhouding by implikasie afgelei.[2] In die sewentiende en agtiende eeu het die Gereformeerde Kerk van Nederland, wat as "publieke kerk" 'n besondere status beklee het, voor die werklikhede van die tyd gekapituleer en slawerny sowel as 'n duidelike slawerny-teologie aanvaar. Kerklikes soos die predikant Godfried Udemans (1581? - 1649) van Zeeland het in 1638 sy boek *'t Geestelyck roer van coopmans schip* gepubliseer waarin hy slawerny as vanselfsprekende instelling beskou, aandag op die verantwoordelikhede van Christen slawe-eienaars vestig en onder meer die standpunt huldig dat slawerny regverdigbaar is op voorwaarde dat alle slawe na 'n aantal getroue diensjare vrygestel moes word.[3] Die standpunt van Otto Keye in 1659 ten opsigte van slawerny kan as verteenwoordigend van die meerderheid van sy tydgenote beskou word: "Voor eerst dat het gebruyk der Slaven in't Oude Testament was toegelaten. Ten tweeden, dat het in't Nieuwe Testament niet verboden is. Ten derden, dat het in de Keyserlicke wetten is gepermitteerd."[4] Selfs 'n eks-slaaf, Jacobus Elisa Joannes Capiteijn wat van Wes-Afrika afkomstig was, het in sy Latynse proefskrif waarmee hy in 1742 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden behaal het, aangevoer dat slawerny nie strydig met die Christelike leer is nie.[5]

---

1 J.L. Hattingh, 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu, *Kronos* 1 , 1979, p. 36.

2 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 14; E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677*, pp. 91 en 100; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 58.

3 C.R. Boxer, *The Dutch in Brazil, 1624 - 1654*, p. 83.

4 O. Keye, Het waere onderscheyt tussen koude en warme landen, soos aangehaal *in* W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid- Afrikaanse geskiedenis,* 1938 1, p. 2.

5 J.E.J. Capiteijn, *De slaverny, alts niet strydig tegen de Christelike vryheid*; E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677,* p. 91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir beide die Rooms-Katolieke en Protestantse gelowe is slawerny geensins as strydig met die Christelike leer van broederlike liefde beoordeel nie en is dit selfs as redding vir heidense inboorlinge voorgehou in soverre hulle as slawe die seëninge van die Christendom deelagtig kon word. Vir diegene wat in stamoorloë gevang is, het slawerny ook ontvlugting van die dood gebied: "To abolish a status which in all ages God has so sanctioned ... would be extreme cruelty to the African savages, a portion of whom it saves from massacre and introduces to a much better life." [6]

Aan die Kaap is bogenoemde sienings ook deur die Kapenaars gehuldig. Samuel Eusebius Hudson (1764 - 1828),[7] Engelse immigrant en persoonlike assistent van Andrew Barnard, skrywer, kunstenaar, doeanebeampte en self 'n slawebesitter aan die Kaap, het in 1796 na sy aanvanklike veroordeling van slawerny, sy gewete as slawebesitter met die volgende dagboekinskrywing probeer sus:

> Reconcile myself to the idea of purchasing a slave, a traffic my whole soul condemned, but when we can rescue a poor wretch from a cruel servitude with determination to render him those comforts to make slavery bearable it becomes an act of charity and which humanity need not blush at. [8]

M.D. Teenstra (1795 - 1864),[9] die Groningse boer wat in 1825 om gesondheidsredes sy reis na Oos-Indië moes onderbreek en 'n paar maande aan die Kaap vertoef het, het die reaksie van die Kapenaars op die betoog vir slawevryheid weergegee: "De slavenhandel is door God gewettigd; lees slechts de geschiedenis der Joden en der Kanaänieten. Waartoe wildet gij eene voor dit volk ongelukkige vrijheid bewerken ? Gij zoudt hier armoede en gebrek invoeren, de slave dan vrije menschen zijnde ..." [10] Daarbenewens was die slawe gewoond aan hulle posisie en was hulle vreedsaam en sorgloos in soverre hulle nie deur "verkeerde inblasingen van vrijheid worden opgeroeid ". [11]

Afgesien van Teenstra, wat sterk standpunt teen slawerny ingeneem en 'n toegeskroeide gewete die skuld vir die geredelike aanvaarding van slawerny aan die Kaap gegee het, het verskeie van sy voorgangers ook hulle misnoeë in dié verband te kenne gegee. Die Nederlandse skeepskaptein Cornelius de Jong (1762 - 1838)[12], wat die Kaap teen die einde van die agtiende eeu besoek het, was van mening dat "niets wreeder kan zijn, dan slaven te hebben".[13] Anders Sparrman (1748 - 1820)[14], Sweedse geneesheer en natuurkundige wat van 1772 tot 1776 'n besoeker en reisiger aan die Kaap was, het slawerny as 'n "geweld-

---

6 J. Boswell, *The life of Samuel Johnson,* soos aangehaal *in* V. de Kock, *Those in bondage*, p. 16.

7 D. W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II,* p. 329.

8 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 70.

9 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 820.

10 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop, naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden,* pp. 311 - 312.

11 *Ibid.*, p. 312.

12 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV,* pp. 121 - 122.

13 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 145.

14 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 796.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadige" woede teen die natuurlike regte van die mensdom" bestempel.[15] William John Burchell (1781 - 1863)[16], wat tydens sy besoek aan die Kaap van 1810 tot 1815 binnelandse reise onderneem het, het sy siening ten opsigte van slawerny as volg verwoord: "Nothing that the most able and ingenious advocates for slavery have advanced, can stand against that powerful objection, that it is a practice morally wrong, and directly contrary to the best and clearest feelings of human nature." [17] John Campbell (1766 - 1840),[18] direkteur van die *London Missionary Society* wat in 1821 twee binnelandse reise aan die Kaap onderneem het, het slawerny as "a condition which shocks human nature" [19] bestempel, terwyl eerwaarde William Wright (fl. 1830)[20] die onbenydenswaardige posisie van die slaaf betreur het: "... still in hopeless bondage, deprived of the natural rights which he had derived from our common parent; ... a chattel – a thing liable to be bought and sold; without civil existence (as he legally was at the Cape)." [21] Die Amerikaans-gebore Robert Semple (1777 - 1816)[22], sakeman, reisiger en skrywer wat van 1798 tot 1803 aan die Kaap gewoon het, het verklaar dat "domestic slavery has at all times and in all nations been productive of much evil".[23]

Alhoewel slawerny deur sommige reisigers en besoekers veroordeel is, was dit nie 'n algemene verskynsel nie. Selfs gesaghebbende skrywers op die gebied van die staats- en natuurreg, soos Hugo de Groot (1583 - 1645) en Ulricus Huber (1636 - 1694) het, alhoewel hulle die menslike behandeling van slawe bepleit het, slawerny as 'n volkome gewettigde maatskaplike instelling beskou.[24]

Weens die algemene siening en aanvaarding van slawerny in die sewentiende eeu was daar gevolglik geen morele struikelblok wat die invoer van slawe na die Kaap verhoed het nie. Nederland het sonder enige gewetensbesware aan die uiters winsgewende wêreldwye slawehandel in dié tyd deelgeneem. Slawehandel en -invoere na die Kaap uit die totale omtrek van die Indiese Oseaan-kom is verder vergemaklik deur die feit dat dit een van die oudste slawehandelsgebiede in die wêreld was wat tot 1580 v.C.[25] terugdateer. Slawerny was dus lank reeds voor die Nederlandse betrokkenheid in die Ooste in volle swang en 'n algemeen aanvaarde praktyk.

2. Nederlandse handelsbetrokkenheid in Oos-Indië

Die koms van slawe na die Kaap staan in direkte verband met die seevaart- en handelsgeskiedenis van Nederland sedert die sestiende eeu en kan as 'n direkte uitvloeisel van die sterk kolonisasie- en handelsmag van Nederland in dié tyd beskou word. Die

15 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 205.

16 D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, pp. 106 - 107.

17 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

18 C.J. Beyers en D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 130.

19 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

20 *A South African bibliography to the year 1925, IV*, p. 833.

21 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 2.

22 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 745.

23 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 36.

24 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 2.

25 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. xxxxiv.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

handelsbetrokkenheid van Nederland in Oos-Indië was 'n tweede belangrike beweegrede vir die vestiging van slawerny aan die Kaap.

Een van die belangrikste bewegingsmomente in die opbloei van die Nederlandse seevaarthandel tydens die tweede helfte van die sestiende eeu was die verowering van Portugal in 1580 deur Philips II van Spanje (1527 - 1598).[26] Portugal, wat die grootste handelaar met die Ooste was, se koloniale ryk is hierdeur verswak en sy kolonies was daarna aan ander opkomende seevaartmoondhede blootgestel. Die "generaal arrest" in 1585 waartydens Hollandse skepe in die hawens van Spanje en Portugal gekonfiskeer is en die besetting van die florerende Antwerpen, die daaropvolgende sluiting van die Lissabonse hawe vir alle Nederlandse skepe in 1594 en die opskorting van alle handel tussen Portugal en Nederland het voorts as sterk motivering vir die Nederlanders gedien om die waardevolle handelsware self in die Ooste te bekom, soos die Nederlandse skeepskaptein, Cornelius de Jong, later in 1792 opgemerk het: "En daar wij ons thans van alle Indische waren verstoken zagen, bleef als het eenvoudigste middel over, ze uit de Indiën zelve te gaan halen ..." [27]

As uitvloeisel van vermelde verwikkelinge het die skeepsbou 'n opbloei beleef en is 'n meer doeltreffende handelsvaartuig in 1594/95 deur die Nederlanders ontwikkel. Hierdie handelskip, wat relatief goedkoop vervaardig kon word en 'n swaar vrag met aansienlik minder fisiese inspanning kon vervoer, was inderdaad sterk mededinging vir konkurrente vaartuie.[28] Met sy byna plat boom, groot bergruimte en maklike hanteerbaarheid het die fluitskip, wat in die hawestad Hoorn aan die Suidersee gebou is, 'n deurslaggewende rol in die welslae van die Nederlandse skeepvaart en handel van die sewentiende eeu gespeel. Mettertyd sou die nog meer effektiewe Oos-indiëvaarder uit die beste eienskappe van die fluit (vragskip) en pinas (verdedigingskip) ontwikkel; 'n sterk, ruim skip wat sy man op militêre verdedigingsgebied kon staan. Bydraende faktore tot die opbloei van die Nederlandse seevaarthandel was onder meer die onstaan van die "rederij"-stelsel wat 'n koöperatiewe vereniging van handelsbelange was,[29] die emigrasie van Protestantse koopmanne met hulle kundigheid en kapitaal na die noordelike provinsies van Nederland met Amsterdam as hawestad, die handelsbehoeftes van Suid-Europa weens swak oeste van 1586 tot 1590 in dié gebiede sowel as die ontwikkeling van verbeterde skeepsvaartversekering wat met die stigting van die Kamer van Versekering in 1598 te Amsterdam tot stand gekom het.[30] Terwyl bogenoemde faktore die weg vir Nederlandse uitbreiding na die Ooste gebaan het, is die grondslag vir daadwerklike handel in 1594 met die stigting van die Kompanjie van Verre Lande deur nege Noord-Nederlandse koopmanne, gelê.[31]

Die eerste georganiseerde Nederlandse handelsvloot wat op 2 April 1595 vanaf Texel

---

26 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Hope under the Dutch East India Company, 1652 - 1795,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 1; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 42.

27 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* p. 102.

28 G.C.E. Crone, *Onze schepen in de Gouden Eeuw,* pp. 86 - 93; A. Hyma, *A history of the Dutch in the Far East,* p. 58.

29 C.W. Boxer, *The Dutch seaborne empire, 1600 - 1800,* pp. 19 - 22.

30 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 2.

31 G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande,* p. 153; F.S. Gaastra, *De geschiedenis van de VOC,* p. 20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na Oos-Indië vertrek het, het onder bevel van Cornelis de Houtman (1565 - 1599) gestaan.[32] "Deze verdienstelijke man", [33] wat tydens sy verblyf in Portugal 'n omvattende kennis van die Oos-Indiese handel opgedoen het, was die aangewese persoon om die vloot van vier skepe met 'n bemanning van 240 aan te voer wat weer in 1597 na Nederland sou terugkeer. Onder die dinamiese leierskap van Johan van Oldenbarneveldt (1547 - 1619) en deur die aktiewe bemoeienis van Prins Maurits van Nassau (1567 - 1625) het die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) op 20 Maart 1602 tot stand gekom.[34] Daaropvolgend is die handelsmonopolie oos van die Kaap die Goeie Hoop tot aan die Straat van Magellaan deur die State-Generaal aan die VOC toegeken [35] en sou die Nederlandse invloed en kultuur hiermee, danksy 'n sterk vloot, na die verre bekende wêreld uitgedra word. Onder bestuur van die Heeren XVII (sewentien direkteure) het die VOC onmiskenbaar die belangrikste kolonisasie-agent van Nederland geword. Die mag om na goeddunke oorlog te verklaar, troepe in stand te hou, vestings te verdedig en ooreenkomste aan te gaan, is deur die State-Generaal aan die VOC gedelegeer.[36] Onder bestuur van die Heeren XVII is die basis vir die Verre Oosterse deel van die Nederlandse koloniale ryk gedurende die eerste dekade van Oosterse uitbreiding gelê. Handelsooreenkomste is onder meer met Borneo, China, die Maleise Argipel, Japan, die Koromandelkus van Indië, Ternate, Amboina en Java gesluit.[37]

Onder die bekwame en meedoënlose leierskap van persone soos Jan Pieterzoon Coen (1587 - 1629), wat in 1619 die amp as goeweneur-generaal van Nederlands-Oos-Indië aanvaar het, het die invloed en konsolidasie van die VOC in die Verre Ooste dramaties toegeneem.[38] In sy pogings om Engeland en Portugal as die belangrikste mededingers uit die gebied te verdryf, is die stad Djakarta op die eiland Java op 30 Mei 1619 deur Nederland van Brits Oos-Indië verower. Die stad is na Batavia herdoop en as hoofstad van die Nederlandse koloniale ryk in die Verre Ooste gevestig.[39] Tydens sy tweede termyn (1627 - 1629) as goewerneur-generaal het Coen die VOC se mag in Java verstewig en sou Batavia vir die daaropvolgende driehonderd jaar die belangrikste Nederlandse invloedskern in die Ooste sowel as aan die Kaap wees, "t hooft en middelpunt van die Nederlandse Oost-Indise Compagnie" volgens Nicolaus de Graaff. [40]

Wat slawerny in Nederlands-Oos-Indië betref, het die VOC aktief tot die lewendige Oosterse slawemark toegetree, betreklik vinnig by bestaande gebruike aangepas en die voorbeeld van die inheemse Asiatiese slawebesittende gemeenskap in die aanwending en behandeling van slawe gevolg om spoedig 'n reputasie as "beruchte slavenhandelaar" op te bou. [41] 'n Reeks

---

32 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 42 - 43; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago,* pp. 92 - 93.

33 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* p. 102.

34 G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 153; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 43 - 45; A.J. Böeseken, *Avontuur in die vreemde,* p. 12.

35 G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 153.

36 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 45.

37 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil. -proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 4.

38 G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 167; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago,* pp. 105 - 128.

39 G. Claassen, *Historiese blik op die Lae Lande*, p. 167.

40 N. de Graaff, *Reisen van Nicolaus de Graaff gedaan naar alle gewesten des werelds, beginnende 1639 tot 1687 incluis* (red. J.C.M. Warnsinck), p. 182.

41 H.E. Niemeijer, *Calvinisme en koloniale staatscultuur; Batavia, 1619 - 1725,* p. 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bykomende plakkate wat mettertyd uitgevaardig is, sowel as die *Statute van Indië* (Julie 1642) het wel 'n groter mate van gereglementeerdheid ten opsigte van die status, regte en verpligtinge, oortredings en strawwe, godsdiensonderrig, behuising en die algemene behandeling van slawe meegebring.[42] Slawe is met gemak in die Kompanjie se ekonomiese struktuur opgeneem en het toenemend 'n belangrike rol in die VOC-bedrywighede in Oos-Indië gespeel. Hulle is veral as arbeiders in die neutplantasies van Amboina, die goudmyne by Salida op Sumatra en die fortkonstruksie op Ceylon aangewend.[43] Hulle is ook gebruik vir die onderhoud van regeringsgeboue en -tuine, die aanlê van paaie en die beoefening van ambagte in die werkswinkels en skeepsbouwerwe, terwyl hulle as hawe-werkers, draers in pakhuise, skoonmakers en as kantoor- en huisbediendes van Kompanjiesamptenare, vryburgers en ryk Chinese diens verrig het.

Slawerny aan die Kaap is ten nouste met die handelsgeskiedenis van sewentiende-eeuse Nederland verweef. Die stigting van 'n verversingspos vir Nederlandse handelskepe aan die Kaap die Goeie Hoop het die lotgevalle van 'n aansienlike getal slawe wat om hulle arbeid na die Kaap gebring sou word, bepaal. Slawearbeid sou uiteindelik ook 'n belangrike rol in die voortbestaan van die verversingspos en nedersetting, sowel as die ontstaan van 'n nuwe nasie aan die suidpunt van Afrika speel. Deur hulle teenwoordigheid en lewenswyse sou die slawe – veral dié van Oosterse herkoms – hulle stempel op die Kaapse samelewing en kultuur afdruk.

3. Stigting van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop

Op 'n terugvaart van die Ooste het die *Nieuwe Haarlem,* ook bekend as die *Haarlem,* wat swaar met Oosterse ware gelaai was, op 25 Maart 1647 te Bloubergstrand in Tafelbaai gestrand. 'n Besluit is geneem ingevolge waarvan die grootste deel van die waardevolle vrag onder leiding van onderkoopman Leendert Janszen (? - 1658) en sestig seemanne aan land gebring en geberg sou word totdat die retoervloot van 1648 die ware en seelui na Nederland sou terugneem.[44]

'n Jaar na hulle aankoms op 16 Julie 1648 in Nederland, het Leendert Janzen en Matthijs Proot (1600 - 1664) 'n "remonstrantie" aan die direkteure van die Amsterdamse Kamer van die VOC oorhandig. Die rol wat die Kaap as verversingspos vir VOC-skepe kon speel, was daarin uiteengesit. Volgens hulle sou dit tot "voordeel ende proffijt" van die Kompanjie wees om "een Fort ende Thuijn aen de Cabo de Bona Esperance" op te rig.[45] Op grond van genoemde "remonstrantie" het die Heeren XVII op 18 Maart 1651 besluit om "eene rendevous en sterckte" aan die Kaap op te rig.[46]

---

42 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna K.A.B.): C. 2328 - C. 2332: Placaaten en Statuten van India, 1642-07-01; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I,* pp. 572 - 576.

43 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 81.

44 G.D. Scholtz, *Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I, 1652 - 1806,* p. 39.

45 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 3 - 16; F.A. van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648 - 1961,* p. 1.

46 E.C. Godée Molsbergen, *De stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618 - 1677,* p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 25 Maart 1651 is 'n dokument met instruksies oor die stigting van 'n Kaapse verversingspos deur die Kamer van Amsterdam aan die drie skeepsbevelvoerders van die voornemende ekspedisie na die Kaap oorhandig. Die doel van die verversingspos is duidelik in die inleidende paragraaf van dié dokument uitgespel en het basies die voorsiening van vars voedsel, water en ander voorrade sowel as die lewering van mediese dienste aan siek seelui behels.[47] Nadat Matthijs Proot die aanbod as kommandeur aan die Kaap van die hand gewys het, is die aanbod op 2 Mei 1651 deur koopman Jan van Riebeeck (1618 - 1677) aanvaar. Onder sy leiding het die *Drommedaris, Reiger* en *Goede Hoop* op Sondag 24 Desember 1651 van Texel, Nederland vertrek om op 6 April 1652 in Tafelbaai anker te gooi.[48] Dit was die begin van die eerste permanente Europese vesting aan die Kaap wat uiteindelik tot 'n nuwe nasie sou lei waarin onder andere die slawe en hulle nakomelinge 'n belangrike rol sou speel.

4. Die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem

Om aan die doel as verversingspos en hersteloord vir verbygaande VOC-skepe te beantwoord, moes 'n infrastruktuur so spoedig moontlik aan die Kaap tot stand gebring word. In die opdrag van die Heeren XVII vir die vestiging van 'n verversingspos, blyk dit duidelik dat die sewentien direkteure nie die grootskaalse gebruik van slawearbeid aan die Kaap voorsien het nie.

Vir die vestiging van die verversingspos aan die Kaap was arbeid onder meer nodig vir die konstruksie van die eerste fort, die oprigting van pakhuise, skure, wonings, 'n hospitaal, die grootskaalse bou van paaie, damme en 'n hawehoof, die grawe van gragte, vir die vis-, walvis- en robbevangs, die bewerking van robvelle en kook van traan, die baksteenwerke en steengroewe, die soutwerke en kalkbrandery, kap en vervoer van timmer- en brandhout, die sny van riet, die aanlê van groentetuine, vrugteboorde en koringlande, sowel as vir die veeteelt. Boonop moes die nedersetting teen vyandige aanvalle verdedig en bystand tydens ontdekkingsreise na die binneland verleen word.

As gevolg van 'n toenemende werkslading met onvoldoende, onervare, onwillige en ondoeltreffende Kompanjiesarbeiders, wat veral weens die ongunstige klimaatstoestande sowel as onbekende bodemgesteldheid in gebreke gebly het om die nodige voedselvoorrade vir plaaslike sowel as skeepsgebruik te produseer, het daar spoedig 'n donker wolk oor die voortbestaan van die Kaap as verversingspos gehang. Daarbenewens het die moontlikheid van vryburgers, wat die voortbestaan van 'n vry landbounedersetting en die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Kaap moes waarborg, ook arbeid vereis.[49]

Die garnisoen van honderd tot honderd-en-twintig man was te klein vir die omvang en aard van die arbeid wat die verversingspos vereis het. Daarbenewens was die werksvermoëns van die Kompanjiesarbeiders sterk onder verdenking en is sommige as ruwe kêrels, rusiemakers, dronkaards, "vuile snappers" en dobbelaars, "leege gasten en geveijnsde siecken" wat totaal onverskillig teenoor hulle werk gestaan het, beskryf.[50] Van Riebeeck het ferm teen dié lui en

47 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 28.

48 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 12.

49 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 6.

50 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 1, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onbetroubare amptenare opgetree en in 1653 besluit dat hulle te onbekwaam en onbetroubaar was en na Nederland teruggestuur behoort te word.[51] Daar moet in gedagte gehou word dat die aanpassing by ongewoon veeleisende fisiese arbeid en die vreemde Mediterreense klimaatsomstandighede wel tot vele ongesteldhede by die Kompanjiesarbeiders gelei het.[52] In die nastrewing van sy ideaal om die Kaap as verversingspos te laat slaag, het Van Riebeeck die werksvolk bo hulle vermoëns aangedryf en was hulle, weens die aanhoudende arbeid en gebrekkige lewensmiddele, uitermate afgemat. 'n Nypende tekort aan trekdiere, soos perde, muile, donkies en osse, het arbeid aansienlik bemoeilik.[53] Die monopolistiese beheer van die VOC ten opsigte van privaatinkomste van sy werknemers uit landbou, handel of industrie het ook ongemotiveerdheid en laksheid in die hand gewerk wat tot 'n afname in produktiwiteit aanleiding gegee het. Daarbenewens het die voorsiening in die voedsel-, kleding- en verblyfbehoeftes van die Kompanjiesarbeiders 'n groot finansiële las op die skouers van die Kompanjie geplaas.[54]

Verskeie faktore het uiteindelik tot die keuse van slawe as oplossing vir die arbeidsprobleem aanleiding gegee. Die gebrek aan 'n alternatiewe werkbare arbeidsbron geld as eerste belangrike faktor in dié verband. Die gebruik van matrose en soldate van verbyvarende VOC-skepe as tydelike arbeid, was nie geslaagd nie, aangesien min oor die nodige vaardighede beskik het en hulle meesal siek en die herstelperiode tyd- en geldrowend was.[55] Aangesien die dienstermyn van die meeste persone op die terugvaart na Nederland reeds verstreke was, het werksmotivering by diegene ontbreek. Daarbenewens was skippers van skepe wat by die Kaap aangedoen het, dikwels nie geneë dat hulle bemannings na uitputtende seereise veeleisende arbeid op land moes verrig nie.[56] In 1658 het selfs goewerneur-generaal Joan Maetsuyker in 'n brief sy ontevredenheid te kenne gegee oor die "bloedige arbeijt die het volcq der passerende schepen moet doen" en gemaan dat die Kompanjiespos aan die Kaap nie gestig is om gesonde mense siek te maak nie.[57] Hoewel dit aanvanklik as vanselfsprekend aanvaar is dat die inheemse bevolking in die arbeidsbehoeftes van die verversingspos sou voorsien, het die plaaslike Khoikhoi 'n beskeie rol in die ontginning van die bodem sowel as die ekonomiese ontwikkeling tydens die vestiging van die nedersetting gespeel. Die aanwending van die inheemse bevolking as arbeiders sou onsuksesvol wees juis vanweë die feit dat dit strydig met VOC-beleid was, wat die verslawing van inheemse volkere verbied [58] en die vryheid van inboorlinge in die Nederlandse kolonies gerespekteer het. Daarbenewens was die VOC van mening dat die verslawing van die plaaslike bevolking tot drostery en opstande aanleiding sou gee. Ingevoerde slawe daarenteen sou weens 'n gebrek aan die nodige ondersteuningstrukture, nie tot sodanige ondermynende aktiwiteite in staat

---

51 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 14.

52 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 125 - 126.

53 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Cape of Good Hope*, p. 256.

54 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 93 en 271; *Ibid. II*, pp. 77, 147, 157 en 159.

55 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 93 en 271; *Ibid. I*, p. 48; *Ibid. II*, p. 158.

56 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 25.

57 A.J. Böeseken, *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, 1657 - 1700*, p. 60.

58 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wees nie. Die behoefte aan goeie handelsbetrekkinge het die owerhede in Nederland boonop genoodsaak om 'n oorbeskermende beleid ten opsigte van die inheemse bevolking te handhaaf.[59] Die eerste wet wat formeel as *plakkaat* [60] aan die Kaap uitgevaardig is, het op die sensitiewe hantering van die plaaslike Khoikhoi betrekking gehad. Hiervolgens is 'n ernstige beroep op selfbeheersing gedoen en moes die Khoikhoi, selfs onder die uiterste mate van provokasie, met rus gelaat word. Molestering van enige aard sou tot lyfstraf ten aanskoue van die betrokke Khoikhoi lei.[61]

Die oënskynlike teensinnigheid en onvermoë van die Khoikhoi om strawwe fisiese arbeid te verrig, sou hulle ook ongeskik maak om in die arbeidsbehoeftes van die verversingspos en nedersetting te voorsien. Weens 'n gebrek aan kennis van die aard en lewenswyse van die Khoikhoi, wat hoofsaaklik rondtrekkende veeboere was, is hulle arbeidsvermoë veral deur die Europeërs aan die Kaap negatief beleef.[62] In 'n neerhalende verslag skryf Wagenaer onder meer: " ... en overdach ziet men evenwel noch eenige van die luijaerts voor onse borgeren ijets helpen schueren off wasschen, waterhalen, branthout hacken ... Andere uijt die luijen hoop (die noch veel erger en tot geenen arbeijt altoos te crijgen) leven op den bedelsack off soecken de kost met stelen en roven ..." [63] Die verskil in behoeftestrukture tussen die Khoikhoi en die Europeërs sou veral tot konflik op arbeidsgebied lei. Die onwilligheid van die Khoikhoi om by die akkerboupogings van die nuwe nedersetters betrokke te raak, was heelwaarskynlik eerder aan hulle sterk vryheidsbewussyn as luiheid te wyte.[64] In sy pogings om die Khoikhoi as loonarbeiders van die Kompanjie aan te wend, het Jan van Riebeeck vroeg reeds besef dat dit 'n futiele oefening was. Sy eerste ervaring met die Khoikhoi as potensiële werkslui was op 26 Mei 1653 toe hy hulle, eers nadat hulle "lustich met eeten ende drinkcken ende een tabacjen" [65] getrakteer is, kon oorhaal om 'n paar balke timmerhout uit die bos agter Tafelberg na die Fort aan te dra. Toe hy dié proefneming die volgende dag wou herhaal, "was geen deegh mede te doen, wijsende dat door 't dragen van gister, al te seer vermoeyt waren".[66] Uiteindelik het hy tot die onvleiende gevolgtrekking gekom dat hulle 'n "botte, plompe ende luye stinckende natie" [67] is. Weens die latere demografiese verval van

---

59 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 18.

60 'n *Plakkaat* was 'n edik of regulasie wat deur die regeringsliggaam uitgevaardig is en dieselfde status as 'n wet gehad het.

61 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 352; A.J. Böeseken, *Avontuur in die vreemde*, p. 36.

62 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 28; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 100; O.F. Mentzel, *A geographical and topograpghical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126; E. Strangman, *Early French callers at the Cape*, p. 109; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop, naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden*, p. 149.

63 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1657 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, pp. 71 - 72.

64 F. Leguat, *A new voyage to the East Indies*, p. 228.

65 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 141.

66 *Loc. cit.*

67 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die inheemse herdersvolkere sou baie van hulle tot plaasarbeid gedwing word.[68]

'n Ander arbeidsalternatief was die immigrasie van Europese mans wat as kontrakarbeiders op die vryburgerplase sou werk. Grootskaalse emigrasie was egter strydig met Kompanjiesbeleid, terwyl die uitgawes aan gehuurde arbeid 'n negatiewe uitwerking op die reeds sukkelende boerderygemeenskap sou hê.[69]

As handelsorganisasie wat 'n streng besparingsbeleid gehandhaaf het, het die VOC druk op Van Riebeeck uitgeoefen om die Kaap so spoedig moontlik tot 'n ekonomiese onafhanklike eenheid te ontwikkel. As gevolg van genoemde arbeidsproblematiek was die Kaap spoedig in 'n voortbestaanskrisis gedompel. Retoervlote wat broodnodige rysvoorrade uit Indië na die Kaap moes bring, het dikwels verbygevaar. Die krisis is vererger deur die wisselvallige veehandel met die Khoikhoi, die diefstal van die kosbare klein veestapel in 1653 deur die Strandlopers, die Suidooster wat die ryp koringlande verwoes en sprinkaanplae wat die tuine verniel het.[70] Op dié wyse sou die Kaap nie aan sy doel as verversingspos kon beantwoord nie. Deeglik bewus van die voordele wat slawearbeid vir die Kaap kon inhou, het Van Riebeeck hom vir die invoer van slawe begin beywer. Slawe sou koste-effektiewe arbeid beteken; 'n groter stabieler en beheerbare arbeidsmag teen geringer uitgawes. Dit sou die oplossing vir die arbeidsprobleem bied, die sleutel tot ekonomiese onafhanklikheid wees en as sodanig die voortbestaan van die Kaapse nedersetting waarborg. Die instelling van slawerny aan die Kaap kon boonop binne die reeds bestaande wetgewende strukture van die Bataafse regering geskied.[71]

Vir die volgende vyf jaar sou Van Riebeeck vasberade en onverstoord herhaalde aansoeke vir slawe rig, wat tot 1656 keer op keer geïgnoreer of geweier is. Reeds op 25 Mei 1652 het Van Riebeeck toestemming van die Raad van Indië versoek om slawe van Batavia in te voer wat "het vuylste ende swaerste werck in plaetse van de Nederlanders" aan die Kaap kon doen.[72] Alhoewel hierdie versoek onsuksesvol was, was dit die begin van 'n lang oorredingstryd met die besparingsbewuste owerhede wat uiteindelik op 12 Oktober 1656 vrugte afgewerp het met 'n brief van die Heeren XVII waarin Jan van Riebeeck versoek is om die vestiging van vryburgers te bespoedig en wat hom van hulle besluit om twee skepe vir slawehandel met Angola en Madagaskar na die Kaap te stuur, in kennis gestel het.[73] Die vestiging van 'n vry landbounedersetting wat met voldoende arbeid stelselmatig die hele landboubedryf uit die hande van die Kompanjie moes neem en kolonisasie in die hand sou werk, het ná oortuiging deur Van Riebeeck hoë prioriteit by die Heeren XVII geniet.

Met die versekering van slawe vir die Kaap, is die eerste vrybriewe op 20 Februarie 1657

---

68 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 56.

69 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 8.

70 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 9.

71 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 8 - 9.

72 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 45; W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 19.

73 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters received, 1695 - 1708, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 285.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur Van Riebeeck aan 'n aantal gewillige Kompanjieswerknemers uitgereik,[74] terwyl grond die volgende dag langs die Liesbeekrivier – toe die Amstel genoem – aan die vryburgers toegeken is.[75] Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die nedersetting sou voortaan van die mate waarin die arbeidsbehoeftes van dié vry landbougemeenskap aangespreek word, afhang. Slegs slawearbeid sou dit kon waarborg. Op 13 Julie 1657 het die eerste van die twee beloofde slaweskepe, naamlik die *Maria,* in die Kaap aangekom, terwyl *De Hasselt* 'n maand later sy opwagting gemaak het.[76] In die agtiende eeu sou die voortsetting van slawerny aan die Kaap by twee geleenthede in die weegskaal wees, maar telkens sou die voordele van slawearbeid swaarder as dié van ingevoerde blankearbeid weeg.

Tydens 'n vergadering van die Politieke Raad op 10 Februarie 1717, waartydens die agt raadslede onder meer 'n vraag van die Heeren XVII oor die ekonomiese haalbaarheid van slawearbeid teenoor ingevoerde blankearbeid moes beantwoord, was slegs Dominique Marius Pasques de Chavonnes (? - 1718), kaptein van die garnisoen, ten gunste van die afskaffing van slawerny en die invoer van blanke arbeid, terwyl die meerderheid raadslede van mening was dat slawearbeid meer nuttig, produktief, gerieflik en goedkoper as dié van Europese boereknegte sou wees.[77] Aan die Kaap was hierdie knegte Europeërs wat meesal ongetroud en soms tydelik in die land was. As matrose of soldate in diens van die Kompanjie is hulle as betaalde arbeiders aan die burgers uitgehuur. Die knegte is in baie gevalle as onderwysers op die plase aangewend, maar meesal is hulle as opsigters oor slawe aangestel.[78] Volgens Le Roux was die knegstelsel nie 'n groot ekonomiese of sosiale sukses nie, aangesien die kneg hom as tydelike huurling in 'n wêreld tussen baas en klaas bevind het, waar hy deur baas gewantrou en deur klaas gevrees en gehaat is.[79] Die stamvader van die meeste Suid-Afrikaanse Ferreiras, Ignácio Ferreira (1695 - 1772), was byvoorbeeld aanvanklik 'n soldaat in diens van die VOC, maar het hom later opeenvolgend as kneg in diens van Nicolaas Goekelins, Anna de Koningh, Pieter Jurgen van der Heyden en die landbouer Jan Pienaar bevind, terwyl die later vermoënde Martin Melck aanvanklik ook as soldaat in diens van die VOC en daarna as kneg van Jacob Cloete werksaam was.[80]

In 'n memorandum oor sy besoek aan die Kaap in 1743, het baron G.W. van Imhoff (1705 - 1750) die nadele van slawearbeid duidelik uitgespel en die gebrek aan blanke arbeid betreur. Sy betoog het op dowe ore geval en hiermee was die lot van talle toekomstige slawe aan die

---

74 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 24.

75 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 74 en 90.

76 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 24.

77 M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape*, pp. 26, 98, 101 en 112; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 58.

78 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 30.

79 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33.

80 O.J.O. Ferreira, Ignácio Ferreira (1695 - 1772), Portugese stamvader van 'n Afrikaner-familie, *Historia* 38(2), 1993, pp. 60 en 69; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 68; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 140.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

suidpunt van Afrika finaal verseël.[81]

Wyses waarop slawe na die Kaap gekom het

1. Kompanjiegeborgde slawe-ekspedisies

Soos reeds vermeld, het Jan van Riebeeck van 25 Mei 1652 tot 22 April 1654 'n lang en vrugtelose stryd met die Heeren XVII vir die invoer van slawe gevoer. Die dringende arbeids- en voedseltekort het hom genoop om sonder goedkeuring van die bewindhebbers en op eie insiatief die galjote *De Rode Vos* en *De Tulp* na Madagaskar te stuur om rys en slawe aan te koop.[82] Dié pogings was onsuksesvol en op 'n tweede vaart terug van Madagaskar het *De Tulp* op 2 Desember 1655 langs die noordkus van Madagaskar vergaan.[83] Na die positiewe besluit van die Heeren XVII om beter slaweskepe na die Kaap te stuur, het die kleiner jag, *Maria,* op 13 Julie 1657 by die Kaap aangekom, terwyl die groter jag, *Hasselt,* 'n maand later gevolg het. Op 10 September 1657 het beide dié skepe sowel as die *Robbejacht* op 'n slawevaart na Guinee vertrek. Slegs die *Hasselt* kon op 6 Mei 1658, 228 slawe wat te Popo aan die Guinese kus verhandel is, na die Kaap terugbring.[84] Hierna is die amptelike slaweïnvoere van die Kaap tydelik opgeskort, aangesien die behoefte aan slawe voorlopig bevredig was. Na die amptelike hervatting van die slawehandel in 1660, was Boinabaai op Madagaskar 'n belangrike bron van slawe vir die Kaap. Tydens die belangrikste handelstransaksie met Boina in 1676 is 224 slawe daar aangekoop en deur die *Voorhout* na die Kaap gebring.[85]

'n Eeu later is slawe-ekspedisies gereeld van die Kaap na hawens van Madagaskar, soos Massailly by Boina, St. Augustine, Tulear, Maningaar, Morondava, Foulpointe en Ft. Dauphin, onderneem.[86] Handelstoestande was wisselend en die teenwoordigheid of afwesigheid van mededingende Franse, Portugese, Engelse en Arabiese slawevaarders het 'n belangrike rol in die sukses van die slawevaarte gespeel. Slawe is vir reale (die gewilde Spaanse muntstuk in die sewentiende-eeuse slawehandel), vuurwapens en brandewyn geruil. Van 1724 tot 1732 is die handel met Madagaskar onderbreek terwyl die Kompanjie 'n buitepos by Delagoabaai gehad het. Delagoabaai het egter min slawe opgelewer en die handel met Madagaskar is weer in 1740 hervat.[87]

Pogings van die Kompanjie om slawe van die Oos-Afrikaanse kus noord van Delagoabaai

---

81 M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape,* p. 62; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 58.

82 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 265.

83 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 22.

84 *Ibid.*, pp. 24 - 25; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 144.

85 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 301.

86 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 83.

87 *Ibid.*, p. 84.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te bekom, het slegs van 1776 tot 1786 plaasgevind en was redelik suksesvol.[88] Mosambiek, Zanzibar en die eiland Ibo het 'n belangrike rol in dié verband gespeel. Na 1786 is geen slawe-ekspedisies deur die Kompanjie uitgestuur nie. Die laaste Kompanjieslawe-ekspedisie met die *Meermin* onder bevel van kaptein Duminy het op 28 Februarie 1786 met 295 Mosambiekse slawe na die Kaap teruggekeer.[89]

Slawe wat deur Kompanjiegeborgde slawe-ekspedisies na die Kaap gekom het, is hoofsaaklik in diens van die Kompanjie aangewend vir onder meer die landbou en die oprigting van vestings,[90] terwyl die vryburgers nie op hierdie bron van arbeidsvoorsiening kon reken nie. 'n Paar slawe is wel privaat deur Kompanjiesamptenare aangekoop. Hierdie private handel het sonder die medewete van die Kompanjie of die Raad van Indië plaasgevind.[91]

2. Verstekelinge op skepe

Abraham, die eerste slaaf aan die Kaap, het as verstekeling aan boord van die *Malacca* sy weg na die Kaap gevind.[92] As verkoopte slaaf van sy eienaar in Batavia, was hy sedert sy aankoms op 2 Maart 1653 tot en met sy vertrek na Batavia in April 1656 in diens van die Kompanjie.[93]

'n Tweede verstekeling van wie daar sprake is, was Espagniola, 'n "swarte franse slaaf of fugitijf" wat die Kaap aan boord van die *La Maréchale* bereik en as opsigter op Robbeneiland slawediens vir die Kompanjie verrig het.[94]

3. Geskenke aan die kommandeursgesin deur besoekers en vriende

Die gebruik om soms slawe as blyk van waardering aan te bied, het veral by die Franse admiraal De la Roche St. André byval gevind. Met sy eerste besoek aan die Kaap in Maart 1656, het hy 'n manslaaf aan Van Riebeeck geskenk, terwyl hy 'n jaar later twee slawekinders van Abessinië aan Maria van Riebeeck geskenk het. Tydens dié geleentheid het hy ook 'n vyfjarige slawemeisietjie namens die koning van Antongil aan die kommandeursvrou oorhandig [95] en in 1723 is drie slaweseuns deur bemiddeling van seerowers as geskenk aan die Kaapse owerhede oorhandig.[96]

---

88 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 84.

89 *Ibid.*, pp. 84 en 117.

90 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 91.

91 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 84.

92 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 7; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 74.

93 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 259.

94 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7.

95 *Ibid.*, p. 6.

96 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 335.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Buit van vreemde slaweskepe

Die eerste noemenswaardige groep slawe wat op 28 Maart 1658 by die Kaap voet aan wal gesit het nadat die skip weens 'n opkomende suidooster 'n daglank by die mond van Tafelbaai moes lê, was 174 Angolese slawe wat deur die *Amersfoort* van 'n Portugese slawevaarder aan die Brasiliaanse kus buitgemaak is.[97] In Maart 1673 is die Engelse slawevaarder, die *Johanna Catharina,* deur Conrad von Breitenbach by St. Helena buitgemaak.[98] Van die 184 slawe wat uiteindelik op 12 Maart 1673 by die Kaap aangeland het, was die meeste siek en ondervoed. Beide William Burchell [99] (1781 - 1863), reisiger, kunstenaar en skrywer, wat hom van 1810 tot 1815 aan die Kaap bevind het, en John Campbell [100] (1766 - 1840), direkteur van die *London Missionary Society,* wat in ongeveer dieselfde tyd twee binnelandse reise in Suid-Afrika onderneem het, het in die vroeë negentiende eeu verwys na gebuite slaweskepe waarvan die slawe van Mosambiek en Madagaskar afkomstig is en aan die Kaap as wettige prysslawe of prysnegers hulle lewe moes voortsit. Meer as tweeduisend van dié onwettige slawe was afkomstig van 27 Franse en Portugese slawevaarders wat, ná die afskaffing van die slawehandel in 1808, gedurende die Napoleontiese oorloë tussen 1806 en 1816 deur die koninklike vloot in die waters rondom die Kaap buitgemaak of onderskep is en waarvan die slawevragte aan boord as verowerde "pryse" aan die Kroon verbeurd verklaar is.[101] Hierdie "slawe" is deur die Kaapse owerheid aan verskeie gevestigde slawe-eienaars as vakleerlinge vir 'n tydperk van veertien jaar toegewys met die ooreenkoms dat die eienaars hulle goed sou behandel, opleiding sou verskaf en in lees en die Christelike geloof sou onderrig.[102] In praktyk het die vakleerlingskap op gedwonge arbeid neergekom en sou hulle posisie nie veel van die van die slawe verskil het nie. Die status en behandeling van prysslawe het wel van dié van gewone slawe verskil insoverre prysslawe in 'n proses was waardeur hulle vir vry burgerskap voorberei is.[103] Volgens die berekening van Le Roux het die prysslawe nooit meer as 4,1% tot 5,9% van die slawegetalle aan die Kaap uitgemaak nie.[104]

5. Stranding van skepe

Hoewel die aantal slawe wat as gevolg van skipbreuk by die Kaap aangeland het beperk is, verdien die geval van Mieje, die Malabarse slaaf, tog vermelding.[105] In 1713 het hy as slaaf op die skip *Bennebroek* van Ceylon vertrek. As deel van 'n vloot van vyf, het die noodlot

---

97 W. Blommaert, Het invoeren van slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 25; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist,* p. 2; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 268 - 269; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 139.

98 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 118.

99 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 33.

100 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 21.

101 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* pp. 108 - 109.

102 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 21.

103 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 159.

104 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992. p. 42.

105 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 371.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toegeslaan toe die skip waarop hy hom bevind het, na die verlies van twee maste ten tyde van 'n storm, 'n halfmyl van die land langs die Kaapse Ooskus op die rotse geloop het. Sewe-en-dertig drenkelinge het die land bereik, maar na drie maande was hy die enigste oorlewende. Na 'n swerftog van nege maande is hy deur 'n boer, Martin Hendriksz, by die mond van die Breërivier gevind en op 20 Maart 1714 na die Kasteel in Kaapstad gebring.[106]

6. Verkoop van slawe op retoervlote van Oos-Indië na Nederland

Volgens die Nederlandse reg was 'n slaaf op sy vryheid geregtig sodra hy in Nederland voet aan wal gesit het:

> Wat de personen aangaat, zyn by ons alle menschen van geboorte vrye luyden, en is de slavernye by ons t 'eenmaal onbekent, en in ongebruik: sodanig, dat tot voorstant van de aangeboren vryheid, de Slaven en Lijf-eygenen, die van andere Wijken hier gebragt werden, so haast als sy de Grensen van onse Landen gemaken, metter daad, in weerwil van hare Heren en Meesters, voor vrye luyden verklaart werden ... [107]

Op 15 September 1636 is 'n wet ook in Batavia uitgevaardig ingevolge waarvan amptenare verbied is om met hulle vertrek van Batavia, slawe na Europa saam te neem.[108] Persoonlike slawe kon wel as bediendes aan boord die seereis tot by die Kaap meemaak om daar verkoop of weer vandaar na Oos-Indië teruggestuur te word. In sommige gevalle is slawe uit Indië en Oos-Indië ook in private transaksies deur terugkerende Oos-Indiese Kompanjiesamptenare aan die Kaap verkoop.[109] Na 1680 het die oortog van slawe uit Batavia na die Kaap in so 'n mate toegeneem dat eienaars deur die Raad van Indië verplig was om eers verlof in dié verband te verkry. Teen 1713 moes die passaat vir elke slaaf wat van die Oos-Indiese eilande uitgevoer sou word, vooruit betaal word. Ongeoorloofde vervoer van slawe is in 'n plakkaat van 1716 verbied.[110] Ongeag wetgewing het die gebruik op kleiner skaal voortgeduur. Tussen 1740 en 1790 het die aantal skepe wat met privaatslawe aan boord uit Batavia vertrek het, tussen 128 en 141 per dekade gewissel. Volgens Armstrong het 20 slawe per jaar op dié wyse van eienaar verwissel.[111] In 1767 is 'n verbod op die invoer van Oosterse slawe na die Kaap geplaas weens hulle gevaarlike en onvoorspelbare aard, maar ook as 'n maatreël om privaathandel te beperk. Alhoewel die aantal slawe wat op dié wyse na die Kaap gekom het beperk was, is hulle bydrae tot die ekonomie en die kultuur van die Kaap uiters waardevol, aangesien hulle meesal ervare huisbediendes en geskoolde ambagslui was. Van die eerste slawe wat by wyse van 'n retoervloot vir 'n nuwe lewe aan die Kaap bestem was, was Domingo en Angela van Bengale wat albei in 1655 deur Pieter Kemp aan Jan van Riebeeck verkoop is.[112]

---

106 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 371; M. Turner, *Shipwrecks and salvage in South Africa, 1505 to the present,* pp. 51 - 52.

107 S. van Leeuwen, *Het Rooms-Hollands-Regt,* pp. 27 - 28.

108 J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1642, I,* p. 409.

109 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 125; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist,* p. 2.

110 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 85.

111 *Ibid.,* p. 86.

112 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. Buitelandse slawehandelaars

Weens die voortdurende arbeidstekort aan die Kaap was buitelandse of vreemde slawevaarders onmisbaar in die voorsiening van slawe aan die Kaapse amptenare en burgers. Voor 1780 het die verkryging van slawe deur die aankoop en handel met verbyvarende slawehandelaars hoofsaaklik op die burgers en Kompanjiesamptenare betrekking gehad. Hiervoor was die toestemming van die Kompanjie nodig.

Voor 1750 het Engelse slawevaarders die belangrikste rol in die verkope van slawe aan die Kaap gespeel. Hiervan was William Deeron, die kaptein van die *John and Mary,* waarskynlik die bekendste. Tydens sy eerste besoek aan die Kaap in 1684 het hy die meerderheid van die slawe aan boord teen ongeveer 10 riksdaalders elk aan die vryburgers verkoop. Met sy tweede besoek in April 1686 het hy 34 slawe teen 'n totale bedrag van 1 950 riksdaalders verkoop, terwyl hy tydens sy laaste besoek in 1690, 23 oorwegend jong slaweseuns van Madagaskar teen 1 397 riksdaalders van die hand gesit het.[113] Ander bekende Engelse slawehandelaars wat die Kaapse slawemark aantreklik gevind het, was Steven Bradley, kaptein van die *Francis,* en Richard Clover van die Engelse slawevaarder, *Amity.*[114]

Tydens die laaste dekade van die sewentiende eeu het die Deense slawevaarders meer slawe as die Engelse na die Kaap gebring. In 1688 het vier Deense skepe wat deur die Nederlanders die *Gulden Leeuw,* die *Goede Hoop,* die *Vliegende Wolf,* en die *Antoinette* genoem is, in Tafelbaai anker gegooi om 'n aantal Oosterse slawe te verkoop. In 1696 het Christiaan van Alst, die Deense skeepskaptein van die *Christianus Quintus,* aan die Kaap slawe van die hand gesit.[115] Jan Pieters Vleugel, kaptein van die *Prince Frederick,* het tydens twee besoeke aan die Kaap in 1697 en 1699 onderskeidelik twaalf en agt slawe verkoop. In dié tyd het Kornelis Krijnsz Rood ook nege slawe verkoop wat hom 560 riksdaalders in die sak gebring het, terwyl Andries Frorop agt slawe vir 412 riksdaalders van die hand gesit het.[116] In die sewentigerjare van die agtiende eeu was private slaweverkope aan die Kaap hoofsaaklik deur Nederlandse en Franse slawevaarders op pad terug van Oos-Indië gedoen.[117] Na 1780, met die Vierde Anglo-Nederlandse Oorlog (1780 - 1784) en die daarmee gepaardgaande ondergang van die VOC-handelsvloot, het die Franse slawehandelaars 'n toenemend belangrike rol in die Kaapse slawemark gespeel. Die VOC het 'n militêre alliansie met die Franse gesluit en 'n groot garnisoen Franse troepe het hulle aan die Kaap bevind. Die Franse militêre teenwoordigheid met die gepaardgaande koopkrag het 'n verhoogde belegging in slawe tot gevolg gehad en die kompetisie in die slawemark by die Kaapse hawe verhoog.[118] Gegoede plattelandse boere en die stedelike patrisiërs het gekompeteer vir die Oos-Afrikaanse slawe wat hulle nou vir die eerste maal wettiglik direk van die Franse slawehandelaars kon aankoop.[119] Na die Franse Rewolusie (1789 - 1795) is Franse handelsbande met die Kaap hernu. Tydens die Bataafse tyd het kommissaris J.A. De Mist in

[113] A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 70 - 71; J.L. Hattingh, 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu, *Kronos* 1, 1979.

[114] A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 70 - 71.

[115] *Ibid.,* p. 71.


[116] *Ibid.,* p. 72.

[117] C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

[118] R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 14.

[119] *Loc.cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 1: Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande as herkomsgebiede van Kaapse slawe. Oorgeneem en aangepas uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1802 inderdaad opgemerk dat groot getalle Mosambiekse en Madagaskarse slawe deur die Franse slawehandelaars na die Kaap gebring is.[120]

Alhoewel Portugese slawevaarders tydens die Kompanjiesbewind periodiek slawe aan die Kaap verkoop het, het Portugese slaweskepe eers na 1780 die Kaap op 'n gereelde basis besoek. Na die Eerste Britse Besetting in 1795, het die Britse owerhede alle Franse kontak met die Kaap verbreek wat die geleentheid aan Portugese slawevaarders gebied het om 'n uiters suksesvolle handel in slawe van die Ooskus van Afrika na die Kaap te bedryf.[121] Van 1792 tot 1803 was Mosambiek die grootste voorsiener van slawe aan die Kaap.

Die meeste slawe is tydens die tydperk 1784 - 1808 na die Kaap ingevoer. Net soos die slawe op verskeie wyses na die Kaap gekom het, het hulle ook verskeie lande van herkoms verteenwoordig.

Herkoms van die Kaapse slawe

Volgens Robert Shell, kenner en navorser op die gebied van slawerny, was die Kaapse slawebevolking, wat herkoms en kultuur betref, die mees heterogene en uiteenlopende van alle aangetekende slawegemeenskappe ter wêreld.[122] Verskeie faktore het 'n rol in die heterogene samestelling van die Kaapse slawebevolking gespeel, soos onder meer die voortdurend veranderde oseaniese slawehandel, die opbloei en ondergang van handels-maatskappye, sowel as die verskuiwende kommersiële alliansies tussen stedelike handelaars en verbyvarende skeepsvaartpersoneel.[123] Die herkoms van slawe het ook in direkte verband tot die beskikbare slawemarkte in Afrika en die nabygeleë eilande, sowel as die Nederlandse kolonies en kontakgebiede in die Ooste gestaan. Kennis van die herkoms van die Kaapse slawe dra by tot die begrip en waardering vir die rol van die slaaf as kultuurdraer en -skepper binne die eiesoortige Suid-Afrikaanse kultuurmilieu. Die teenwoordigheid van verskillende slawenasionaliteite aan die Kaap het beslis deur akkulturasie 'n rol op sosiale, kulturele, linguistiese en religieuse gebied ter plaatse gespeel.[124]

Die vier algemene herkomsgebiede van Kaapse slawe was Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande; die Indiese subkontinent en Ceylon; die Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande sowel as Suid-China en Suidoos-Asië. Die Kaap self het ook tot 'n sekere mate in sy eie slawebehoeftes voorsien deur slawe wat plaaslik in slawerny gebore is.

1. Afrika, Madagaskar en nabygeleë eilande (Fig. 1)

Die eerste noemenswaardige slawegroepe wat by die Kaap voet aan wal gesit het, was Wes-Afrikaanse slawe wat op 'n klandistiene wyse deur die VOC na die Kaap gebring is. Die Wes-Indiese Kompanjie het jaloers oor hulle handelsmonopolie in Wes-Afrika gewaak en alle

---

120 J.A. de Mist, *Memorandum containing recommendations for the form and administration of government at the Cape of Good Hope, 1802,* p. 252.

121 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 15; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 43; C. Beyers, *Die Kaapse patriotte,* pp. 333 - 335.

122 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 11.

123 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 40.

124 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versoeke om handel deur die VOC in dié gebied geweier.[125] Tydens 'n geheime ekspedisie in 1650 na Dahomey is 'n paar slawe na die Kaap gebring. Op 28 Maart 1658 het die *Amersfoort* 174 van 'n aanvanklike 500 Angolese slawe, wat van 'n Portugese slawevaarder op pad na Brasilië buitegemaak is, na die Kaap gebring. Op 6 Mei 1658 is die *Amersfoort* deur die *Hasselt* opgevolg toe dit 228 "bijsonder fraey, cloeck ende lustich" Guinese slawe na die Kaap gebring het.[126] Slegs enkele slawe van Wes-Afrika is daarna van dié gebiede na die Kaap gebring, waarvan die meerderheid heimlik deur VOC-skepe op reis na Oos-Indië by die Kaap Verdiese Eilande opgelaai is. Sao Thomé het ook enkele slawe opgelewer. Alhoewel die Guinese slawe, veral dié van Soedannese oorsprong uit Bo-Guinee, hoog aangeslaan is vir hulle liggaamskrag, werkvermoë en intelligensie, was hulle vatbaar vir siekte weens ontberings tydens onder meer skeepvaarte en koue klimaatsomstandighede, terwyl hulle ook 'n reputasie van stugheid en onbeheerbaarheid gehad het. Meer gewild tydens Kompanjiesbeheer egter was die makliker bekombare en goedkoper Angolese slawe.[127] Hulle het die voorkeur van kommandeurs Van Riebeeck, Wagenaer sowel as Borghorst geniet. Volgens hulle was die Angolese slawe meer aanpasbaar, gewilliger, flukser en harder werkers as die ander Afrikaslawe en het daarbenewens oor 'n sterk gestel beskik wat spoedig kon akklimatiseer.[128] Die fiskaal, Cornelis de Kretser, wat van 1666 - 1670 sekunde aan die Kaap was, het in 1670 die mening gehuldig dat beide die Angolese sowel as die Guinese slawe bekwamer en intelligenter as dié van Madagaskar en die Ooste was. Hy het daarom aanbeveel dat 'n honderd tot honderd-en-vyftig van die Wes-Afrikaslawe vir verkoop aan die vryburgers ingevoer moet word.[129] Op 23 September 1661 het Jan van Riebeeck die dood van 'n Guinese tuinier betreur en die uitstaande kwaliteite van die Guinese slawe as tuiniers in sy dagboek verwoord.[130]

Alhoewel Angolese sowel as Guinese slawe regdeur die tydperk van slawerny aan die Kaap teenwoordig was, was hulle getalle bra laag. Volgens die bekende historikus, Anna Böeseken, het daar min van die aanvanklike besendings Wes-Afrikaslawe oorgebly, aangesien hulle sterftesyfer weens die slegte reistoestande hoog was, baie na Batavia gestuur is en 'n aansienlike aantal weggeloop het.

Wat die ooskus van Afrika betref, is slawe na 1770 in toenemende mate van Mosambiek ingevoer. Na die Eerste Britse Besetting in 1795 het die ooskus van Afrika die belangrikste bron van slawe vir die Kaap geword. Met die tydelike inbeweeg van die Portugese slawehandelaars in die plek van die Franse, het Mosambiek die grootste slaweverskaffer tydens die laat-agtiende en vroeg-negentiende eeu geword. Mosambiekse slawe-invoere is verder verhoog deur die vryehandelstatute van 1792, die gelisensieerde slawehandel tydens die Eerste Britse Besetting, sowel as die latere hervatting van die Franse seevaarthandel.[131]

---

125 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 13.

126 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 25.

127 C.R. Boxer, *Salvador de Sá and the struggle for Brazil and Angola, 1602 - 1886,* p. 233; C.R. Boxer, *The Dutch in Brazil, 1624 - 1654,* pp. 106 en 138.

128 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 28; H.C.V. Leibbrandt (ed.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 38.

129 K.A.B.: C. 6, Nrs 3 en 4, pp. 326 - 346: Resolusies van die Politieke Raad, 1670-03-04.

130 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden bij den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 400.

131 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na 1795 was daar dus 'n drastiese Afrikanisering van die Kaapse slawegroep. Van die 1 039 slawe wat tydens die Bataafse bewind na die Kaap gekom het, was 790 van Mosambiek afkomstig.[132] Mosambiekse slawe het hoofsaaklik van Rio de la Goa (Lourenço Marques) en Sofala, 'n hawe 485 seemyl noord van Rio de la Goa (Delagoabaai), gekom. Die Mosambiekse slawe het aanvanklik nie altyd positiewe reaksie aan die Kaap ontlok nie. O.F. Mentzel (1970 - 1801),[133] wat tydens sy verblyf van 1733 tot 1741 aan die Kaap as Kompanjiesamptenaar en onderwyser 'n ingeligte beeld van die lewenswyse aan die Kaap gegee het, het hierdie slawe as "a foul, evil-smelling race, with villainous slits in their faces" beskryf.[134] Volgens hom moes hulle die vuilste en mees onaangename werk verrig. Goeweneur Hendrik Swellengrebel (1700 - 1760) het hulle ook as moorddadig en diefagtig bestempel.[135] In 1822 het William Bird (1758 -1836),[136] dinamiese handelaar en staatsamptenaar aan die Kaap, onder meer na dié Mosambiekse slawe as "the least valuable" van die slawe verwys,[137] terwyl die onbekende Britse skeepsoffisier en skrywer van *Gleanings in Africa* [138] tydens die vroeë negentiende eeu dié slawe onvleiend as "... distinguished ... by a jet black, and thick lips ... [with] a dull, inanimate appearance strongly stamped upon him, indicating, as it were, an inferiority of intellect" beskryf het.[139]

Afgesien van bogenoemde menings is daar talle verwysings na hulle goeie geaardheid en werksvermoë. Tydens sy besoek aan die Kaap van 1781 tot 1784 het die avonturier en skrywer Francois le Vaillant (1753 - 1824) na die Mosambiekse slawe as "the best labourers and the most affectionate to their masters" [140] verwys. Die Amerikaansgebore Robert Semple (1777 - 1816) reisiger, sakeman en skrywer, wat van 1798 tot 1803 aan die Kaap was, het hulle as "capable of fatigue" met 'n "inoffensive and humbled countenance" beskryf.[141] Volgens William Burchell (1781 - 1863) was hulle "faithful, patient and good servants" en uitgeknip vir enige soort werk, veral die fisies veeleisende take.[142] Die huishouding van Samuel Hudson (1764 - 1828), tot 1798 agent en persoonlike assistent van staatsekretaris Andrew Barnard, het oorwegend uit Mosambiekse slawe bestaan wat hy as kalm, vredeliewend en geduldig bestempel het. Daarbenewens het hy hulle vermoë om harde fisiese arbeid te verrig en hulle bekwaamheid as landbouarbeiders bevestig. Sy vertroue in dié slawe het hy onomwonde verklaar: "Was I permitted to make choice of slaves for a continuance in the Colony I would certainly make choice of Mozambiques for fidelity and mild disposition." [143] Sy positiewe betoog vir die keuse van Mosambiekse slawe sluit hy egter met 'n

---

132 W. Freund, *Society and government in Dutch South Africa: the Cape and the Batavians, 1803 - 1806,* p. 249.

133 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I,* p. 554.

134 O.F. Mentzel , *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 125.

135 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 89.

136 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I,* p. 79.

137 W. W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 73.

138 *Gleanings in Africa,* London, 1805.

139 *Ibid.*, p. 58.

140 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* pp. 100 - 101.

141 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 47.

142 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 33.

143 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskuwing af: "They require sharp looking after as they are generally very indolent and dirty, the worst faults belonging to a Mozambique." [144]

Die Mosambiekse slaaf was dus 'n goedgeaarde slaaf: lojaal, vredeliewend, geduldig en verdraagsaam. Daarbenewens was hulle veelsydige arbeiders wat veral, weens hulle krag en uithouvermoë, harde fisiese arbeid en sleurwerk kon verrig.[145] Hulle was knap akkerbouers wat veral gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu hulle merk in die verband aan die Kaap gemaak het. Volgens Bird was die Mosambiekse slawe sowel as dié afkomstig van Madagaskar "the hardiest labourers of the field".[146] Dié slavinne is veral as wasvroue aangewend.

Min slawe was van Kenia aan die ooskus van Afrika afkomstig. In 'n lys van slawetransaksies wat tydens die bewind van Simon van der Stel plaasgevind het, maak Böeseken slegs van twee slawe van Mombasa in Kenia melding. Hulle was Scipio, wat op 30 Augustus 1689 aan Abraham Harvey verkoop is, en Thomé, wat op 17 Augustus 1691 die eiendom van Matthijs Michielsz geword het.[147]

Malgassiese slawe het tydens die grootste deel van die VOC-bewind 'n aansienlike getal van die Kaapse slawebevolking verteenwoordig. 'n Paar van die vroeë Malgassiese slawe aan die Kaap was van die Baai van Antongil aan die noordkus afkomstig, terwyl meer suksesvolle slawe-ekspedisies na die Baai van St. Augustine in die suidweste 'n groter aantal slawe uit dié gebied tot gevolg gehad het.[148] Ankerplekke vir slaweskepe het onder meer Fort Dauphin aan die suidooskus, die Baai van Magelage aan die weskus, die Baai van Maningaar, Marantange en Morondava ingesluit.[149]

Die eerste Malgassiese slaaf wat by die Kaap voet aan wal gesit het, was ene Anthony. Sy aankomsdatum by die Kaap is onbekend, maar 'n aantekening in die dagregister van Jan van Riebeeck op 12 Maart 1655 dui daarop dat hy reeds 'n paar dae tevore weggeloop het.[150] Volgens latere berigte is hy deur die Kaapmans vermoor. Die sterftesyfer onder die Malgassiese slawe was ten tye van die seereis en by hulle aankoms aan die Kaap buitengewoon hoog. Daarbenewens was die oorlewendes so swak dat 'n lang hersteltyd nodig was alvorens hulle vir arbeid geskik was.[151] Nadat die Bataafse owerheid in 1767 'n verbod op die invoer van Oosterse manlike slawe aan boord van Nederlandse skepe na die Kaap geplaas het, het die getal Malgassiese slawe aan die Kaap gestyg.[152] In 1802 het kommissaris De Mist aangedui dat 'n groot aantal Malgassiese sowel as Mosambiekse slawe aan boord van Franse slawevaarders na die Kaap gebring is.[153]

---

144 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

145 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 287.

146 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

147 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 154 en 159.

148 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 87.

149 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 139.

150 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 294 - 295.

151 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 87.

152 *Ibid.,* p. 99.

153 J.A. de Mist, *Memorandum containing recommendations for the form and administration of government at the Cape of Good Hope, 1802*, p. 252.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die kritiek op Malgassiese slawe betref, was dit aanvanklik negatief soos blyk uit 'n brief van 1645 deur C. van der Lijn aan die Heeren XVII waarin hy die Malgassiese slawe as "seer vuyle, luyaerdige menschen" beskryf het.[154] In 'n brief van 1655 aan die Bataafse owerhede het Jan van Riebeeck spesifiek slawe van Bengale en Arakan aangevra, aangesien hy deur kommissaris Rijckloff van Goens (1619 - 1682) teen die slawe van Madagaskar gewaarsku is.[155] Van Goens het hulle as onbetroubaar, skelm en geneig tot weglopery bestempel. In een van sy laaste briewe vanaf die Kaap het Zacharias Wagenaer dié slawe as lui en lamlendig beskryf. Volgens hom was hulle onaanpasbaar en het die koue, nat Kaapse winters tot siekte en 'n hoë sterftesyfer onder dié groep slawe gelei.[156] Sedert 1670 het hulle reputasie egter verbeter nadat hulle hulleself as vlytige en bedrewe akkerbouers bewys het. In sy instruksies aan Jan Bax (1637 - 1678) het kommissaris Nicolaes Verburg (1620 - 1676) in Maart 1676 gereelde slawevaarte na Madagaskar aanbeveel, aangesien die Malgassiese slawe die beste in die arbeidsbehoeftes van die Kompanjie sou voorsien.[157] In 1677 het slawe van Madagaskar die Kompanjieslanderye in Hottentots-Holland aangevoor en volgens latere slawelyste van die Kompanjie het hierdie slawe in die Kompanjiestuin sowel as in die landerye op die buiteposte gewerk.[158] In 1685 het kommissaris-generaal Rijckloff van Goens jr. (1642 - 1687) die bekwaamheid van die Malgassiese slawe as landbouers in die volgende verklaring bevestig: "... en wij bevinden dagelijcx dat uijt de Madagascarse slaven seer goede lantbouwers metter tijt voortcomen." [159]

Soos die Mosambiekse slawe, was die Malgassiese slawe dus goed geaard, arbeidsame, intelligente lojale werkers wat met hulle sterk, robuuste, growwe bou, fisiese krag en uithouvermoë veeleisende fisiese arbeid kon verrig, alhoewel hulle soms 'n geneigdheid tot luiheid en slordigheid geopenbaar het.[160]

Die militêre alliansie wat die VOC tydens die Anglo-Nederlandse Oorlog (1780 - 1784) met die Franse gehad het, sowel as die aggressiewe vestiging van 'n suikerplantasie-kompleks in die Maskareense Eilande het slawehandel in die suidoos Atlantiese Oseaan bevorder. Gevolglik is Maskareense slawe ook deur Franse slawevaarders aan die Kaap verkoop.[161] Tydens die laaste twee dekades van die agtiende eeu het die klein eiland Zanzibar aan die ooskus van Afrika as aanlêhawe vir slaweskepe na die Kaap gedien.

Die slawe afkomstig van Afrika, Madagaskar en die nabygeleë eilande het inderdaad aan die

154 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 63.

155 K.A.B.: C. 493, p. 435: Letters despatched, 1652 - 1700, 1655-07-05, soos aangehaal *in* A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 6.

156 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer: 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, p. 348.


157 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 123.

158 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 89.

159 K.A.B.: VC. 36, p. 439: Reports of Commissioners: 1657 - 1764.

160 R.J. Barendse, Slaving on the Madagascar coast, 1640 - 1700, *in* S. Evers en M. Spindler (reds.), *Cultures of Madagascar: ebb and flow of influences,* p. 6; V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), p. 60; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 33; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 287; A. Hulshof (red.), H.A. Van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 238.

161 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 45.



Figuur 2: Die Oosterse herkomsgebiede van Kaapse slawe.
Oorgeneem en aangepas uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), pp. 56 - 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereistes van harde, veeleisende en volgehoue fisiese arbeid wat aan die Kaap nodig was, voldoen. Beide kommissarisse H.A. van Rheede [162] (1636 - 1691) en Sibrand Abbema [163] (1637- 1684) was in die sewentiende eeu deur hulle fisieke krag, deursettingsvermoë, flyt en opleibaarheid beïndruk. Hulle goeie geaardheid en gebrek aan wraaksug het hulle 'n goeie keuse as slawe gemaak. Alhoewel die Malgassiese slawe een vir een of in klein groepies aan boord van Engelse en Deense slawevaarders by die Kaap voet aan wal gesit het, was die Oosterse slawe nogtans teen die einde van die sewentiende eeu in die meerderheid.[164] Tot die middel van die agtiende eeu was slawehandel met die ooskus van Afrika onvoorspelbaar en gevaarlik. Dit het daartoe bygedra dat slawe van die VOC-gebiede in die Ooste teen 1731 alle ander slawe aan die Kaap getalsgewys oortref het. Hierdie tendens is tot in 1780 met die ineenstorting van die VOC-seevaarthandel voortgesit.[165]

Weens die uitgebreide invloedsfeer van Nederland as sterk koloniale moondheid in die Ooste, verteenwoordig die Indiese subkontinent en Ceylon, die Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande sowel as Suid-China by implikasie belangrike herkomsgebiede van Kaapse slawe **(Fig. 2)**.

2. Indiese subkontinent en Ceylon (Sri Lanka)

Die eerste groep Indiese slawe het op 23 Maart 1677 vanaf Tuticorin aan die Koromandelkus by die Kaap voet aan wal gesit.[166] Hulle getalle het toegeneem, want volgens Böeseken het 657 slawe gedurende die sewentiende eeu die Indiese element aan die Kaap verteenwoordig. Dit het 67% van die totale aangetekende slawebevolking aan die Kaap behels.[167] Gedurende die eerste dekades van die agtiende eeu was die getalle Indiërslawe, veral vanaf Bengale en Malabar, relatief hoog. Daarna het dit drasties afgeneem. Deense Kompanjieskepe het op 'n deurlopende basis slawe vanaf Tranquebar in Indië na die Kaap gebring. Uit die navorsing van Le Roux blyk dit dat meer as 54% Oosterse slawe vanaf Indië en Ceylon afkomstig was.[168] Die suidoos- sowel as suidwes-kus van Indië het 'n groot rol in slawevoorsiening aan die Kaap gespeel. Die ooskus van Indië het byna 15% van Oosterse slawe aan die Kaap voorsien.[169] Plekke van herkoms langs die Koromandelkus (ooskus) het onder meer Masulipatnam, Palicatte, Pondicherry, Tranquebar, Negapatnam, Tuticorin en Madras ingesluit. Wat die Malabarkus (weskus) betref was Goa, Kalikoet en Cochin van belang. Malabar was veral vir die Nederlandse slawehandelaars 'n belangrike slawebron. Net meer as 14% Oosterse slawe het van dié kus gekom.[170] In die noordweste het Cambay, Surat

---

162 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap,1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 238.

163 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 144.

164 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 74 - 75.

165 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 13.

166 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 180 - 181.

167 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 74 - 75.

168 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

169 *Loc. cit.*

170 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en Bombaai plekke van slaweherkoms verteenwoordig, terwyl Bengale in Noordoos-Indië 'n belangrike bron van Kaapse slawe was. Bengalese is veral tydens die eerste helfte van die agtiende eeu deur Britse slawevaarders na die Kaap gebring. Bengale het net meer as 20% Oosterse slawe vir die Kaap opgelewer.[171] Dit was veral Arakan aan die kus van die noordoostelike Baai van Bengale wat 'n bron van goedkoop arbeid was. Na 1645 het die slawevoorraad van Arakan egter afgeneem. Talle besoekers aan die Kaap het die goeie karaktereienskappe en werkskwaliteite van die Indiërslawe aan die Kaap besing. Teen die einde van die agtiende eeu het kaptein Robert Percival (1765 - 1826), wat aan die Eerste Britse Besetting deelgeneem het, die volgende positiewe beskrywing van die slawe van Bengale en Malabar gegee:

> Faithful, mild and submissive in their dispositions; never requiring ill-treatment or blows to stimulate them in their duty ... both the males and females are employed as cooks, butlers and household servants; and as their mild, peaceable and gentle dispositions is so well-known no fears are entertained of their committing any sanguinary outrage.[172]

Hy het hulle voorts as "humble, submissive, willing to do whatever lies in their power, fearful of offending and grateful for favours ..." besing.[173]

Robert Semple, 'n tydgenoot van Percival, het die skadelose inboorlinge van die Malabarkus op die Indiese subkontinent as die beste van die huishoudelike slawe bestempel, aangesien hulle meer intelligent, produktief en ook flukser as die Mosambiekse slawe was. Wat geaardheid betref, was dié slawe volgens hom meer gehoorsaam en innemend as die Maleierslawe, terwyl hulle ook 'n lewenslustige tog stabiele en gelykmatige geaardheid gehad het. Hulle was voorts maklik opleibaar, het goeie maniere gehad en het nie 'n neiging tot geweldadige opstand geopenbaar nie.[174] Die Malabarse slavin was volgens hom saggeaard en minsaam, terwyl geen geweld nodig was om haar tot ywer aan te spoor nie. 'n Dreigement het haar met groot angs vervul, terwyl sy die belange van haar eienaar en sy familie met toewyding gedien het.[175] Die slawe van die Koromandelkus, Bengale en Surat was baie gewild en in groot aanvraag by die Kaapse huishoudings, aangesien hulle hulleself as knap naaldwerksters onderskei het."[T]hey take a pride in fine needlework, knitting and crocheting and are very fond of hand-made lace",[176] aldus Mentzel.

Op die eiland Ceylon (Sri Lanka), wat suidwes van Indië geleë is, het onder meer Colombo, Galle, Jafanapatnam en Trincomali plekke van herkoms verteenwoordig. In die vroeë agtiende eeu tydens sy reise in die Ooste het Abraham Bogaert (1663 - 1727),[177] skeepsdokter in diens van die VOC, melding gemaak van die behendigheid van die Ceylonse inwoners en hulle beskryf as "overkunstig in allerlei handwerken ...,[178] 'n arbeidskwaliteit

171 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

172 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 386 - 297.

173 *Ibid.*, p. 297.

174 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 49 - 50.

175 *Ibid.*, pp. 52 - 53.

176 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 125 - 126.

177 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III,* p. 79.

178 A. Bogaert, *Historische reizen door d 'oostersche deelen van Asia II,* p. 336.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat aan die Kaap nuttig te pas sou kom. Wat religie betref, het ongeveer die helfte van die inwoners van die Malabarkus tot die Moslemgeloof behoort, terwyl die slawe van Ceylon hoofsaaklik uit 'n Boeddistiese religieuse milieu afkomstig was.[179] Hierdie slawe kon ook die Maleise taal praat. Slawe van Ceylon het 4.43% van Oosterse slawe aan die Kaap verteenwoordig.[180]

3. Indonesiese Argipel en nabygeleë eilande

Gedurende die sewentiende eeu en vir die daaropvolgende driehonderd jaar was Oos-Indië deel van die Nederlandse koloniale ryk in die Ooste. Die Nederlandse beheer in die Indonesiese Argipel sou dit 'n ideale slawehandelsbasis vir die verkryging van slawe vir die Kaap maak.[181] Die eerste groot groep Oosterse slawe het in 1673 vanaf die eilande Roti en Timor, wat oos van Java geleë is, gekom.[182] Volgens Böeseken was daar teen die einde van die sewentiende eeu ongeveer 160 Oos-Indiese slawe aan die Kaap.[183] Volgens Le Roux was 19% Oosterse slawe uit die suide van Celebes afkomstig, 13% vanaf Java en Batavia en die res vanaf Bali tot by Ternate in die Molukke. In totaal het 43% Oosterse slawe van die Indonesiese Argipel gekom.[184] Die Groot Sunda-eilandkompleks sluit die vier groot eilande Java, Sumatra, Celebes en die grootste deel van Borneo in. Op die eiland Java was Batavia die hoofstad, sowel as die invloedskern van Nederlands Oos-Indië en die Kaap. Slawe wat vir die Kaap bestem was, het onder meer van Cheribon, Tegal, Semarang, Rembang en Soerabaya gekom. Plekke van herkoms op die eiland Sumatra het Menangakaboe, Padang, Djambi, Soekadana en Medan ingesluit, terwyl sommige slawe van Celebes van Sappeng, Menado en Makassar afkomstig was. J.S. Stavorinus (1739 - 1788)[185] het opgemerk dat Makassar juis ten opsigte van die verskaffing van rys en slawe vir die Kompanjie van belang was.[186]

Eilande van herkoms in die Klein Sunda-kompleks is Madura, Bali, Sumbawa, Solor, Alor, Timor, Roti, Seram, Sateier, Boeton, Rama en Nias. Nog bronne van slaweherkoms was die eilande Ambon en Banda, terwyl slawe ook van Tidore en Ternate op die Molukke en van Endeh en Mangerai op die eiland Flores afkomstig was. Op Malakka (Maleisiese skiereiland) was Patani 'n belangrike slaweafsetgebied. Die relatief kleiner eilandjies, soos Bali, Nias en Timor, het gesamentlik soveel slawe as die groter Sumatra, Celebes ensovoorts aan die Kaap gelewer. Op die eiland Bali was Boeddisme/Hindoeisme die sterkste godsdiens en nie die Islam nie. Die Balinese slawe was die Maleise taal magtig wat moontlik 'n rol in hulle bekering tot Islam aan die Kaap kon gespeel het.[187]

---

179 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 89.

180 S.W. le Roux, *Vormgewende inlvoede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 112.

181 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 89.

182 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 109.

183 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 75.

184 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 109.

185 *A South African bibliography to the year 1925, IV*, p. 385.

186 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I* , pp. 273 - 274.

187 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 48.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van die sestiende tot negentiende eeu is daar telkens in dagboeke, reisbeskrywings en amptelike dokumente na die Oos-Indiese slawe as "Maleiers" verwys. In wese was dit 'n generiese term vir slawe afkomstig van die Indonesiese Argipel wat die Moslemgeloof aldaar beoefen het.[188] Die term "Maleier" staan oorwegend in verband met die *lingua franca*, Maleis, wat deur die wye verskeidenheid inwoners van die omvangryke Indonesiese of Suidelike Maleise Argipel gepraat is. Die vereenvoudigde vorm van Maleis was die algemene handelstaal van Madagaskar tot by die Indonesiese en Oosterse kusstreke tot sover as die afgeleë eilande van Mikronesië en Melanesië,[189] terwyl dit aanvanklik ook die algemene kommunikasietaal was van die verskillende Oosterse slawe wat na die Kaap gebring is.[190] Die term "Javaan" [191] is veral vroeër vir dié slawe gebruik, terwyl die term "Maleier" in toenemende mate aan die Kaap gebruik is.[192] Die term Maleier is ook met ras, geloof en klas verwar of gelyk gestel, terwyl daar soms na alle vryswartes as "Maleiers" verwys is.[193] Vandag verwerp die plaaslike Moslems die term "Kaapse Maleier," aangesien dit 'n rassekonnotasie het en verkies hulle die term "Kaapse Moslem".[194] In die sewentiende en agtiende eeu is na 'n sekere groep Oos-Indiese slawe as "Boegies" verwys.[195] Hierdie knap handvaardige, maar ook sogenaamde gevaarlike Boeginese slawe was van die suidwestelike deel van die eiland Celebes, wat na 1700 'n belangrike bron van Kaapse slawe geword het, afkomstig. Die Boeginese wat tot die Moslemgeloof behoort het, was, afgesien van handwerkers in hulle land van herkoms, ook skeepvaarders en handelaars wat onder meer handel in speserye, seekomkommer, klapperolie, skilpad, perlemoen en bowenal slawe gedryf het.[196]

'n Duidelike beeld van die voorkoms, aard en werkskwaliteite van dié Oosterse slawe word in die dagboeke en reisbeskrywings van reisigers en besoekers aan die Kaap gegee. Wat voorkoms betref, was hierdie slawe aantreklik met blink, swart hare en 'n gelerige of koper gelaatskleur.[197] Volgens die besoekers en reisigers was hulle intelligent [198] en het hulleself as

---

188 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 166.

189 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 84; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago,* p. 174.

190 A. Davids, *The early Muslims at the Cape,* p. 1.

191 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 150.

192 A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 1.

193 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van die moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 107.

194 *Loc. cit.*

195 A. Davids, *The early Muslims at the Cape,* p. 2; S.A. Rochlin, A forgotten name for the Cape Malays, *Bantu Studies* 8, 1934 , pp. 95 - 97; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 46 en 51; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), pp. 258 - 259; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84, and 85, I,* p. 103; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 109 - 110.

196 A. Davids, *The early Muslims at the Cape*, p. 2; J. van Goor, *De Nederlandse koloniën,* pp. 77 - 78.

197 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 47.

198 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32 ; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 101; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73; *Gleanings in Africa,* p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

flukse en produktiewe arbeiders,[199] talentvolle en veelsydige ambagslui,[200] sowel as goeie, eerlike, getroue en betroubare bediendes [201] onderskei. In dieselfde asem is van hulle haatdraendheid, bloeddorstige en wrede wraaksug, gewelddadigheid, onverskrokkenheid en wispelturigheid melding gemaak.[202] Terwyl sy in 1798 die meerderheid Kaapse slawe as apaties en tevrede met hulle lot ervaar het, het lady Anne Barnard die Maleierslawe uitgesonder, aangesien "their sense of resentment leads to revenge in all its extent".[203] Onreg wat teen 'n Maleierslaaf gepleeg is, is soms met die wreedste en gewelddadigste moorde op hulle skuldige meesters, meesteresse of medeslawe gewreek.[204] In dié opsig het die skrikwekkende, geweldadige "amok-hardloop", wat ook in Batavia 'n algemene verskynsel was, die Kapenaars met groot afgryse en vrees vervul.[205] 'n Verontregte slaaf sou in 'n staat van beserktheid en moorddadige raserny die Kaapse strate met 'n vreesaanjaende "amok-amok"-geskreeu afstorm en almal wat sy pad kruis voor die voet met korthefmesse of krisse kap, steek en sny. Vir die gebelgde Maleierslaaf was amok-hardloop 'n eerbare manier om selfmoord te pleeg, die enigste opsie om van sy onbenydenswaardige lot en wanhoop te ontsnap en die mees heroïese poging om hom op die mensdom te wreek. Bepaalde groepe van die Oos-Indiese slawe is veral as sondebokke in bogenoemde verband uitgesonder. Op 7 November 1657 het J. Maetsuyker (1606 - 1678) [206] in 'n brief aan die VOC na die slawe van die eiland Roti as "van boos en moordadech naturel" [207] verwys. Tydens 'n tragiese insident in 1750 was 'n amok-hardloper vir die dood van agtien Kaapstadse inwoners verantwoordelik.[208] Beide Semple en Percival het breedvoerige beskrywings van "amok-hardloop" deur Maleiers aan die Kaap gegee.[209] Die Boeginese slawe wat van Makassar op die eiland Celebes afkomstig was, was veral vir hulle gewelddadigheid, bloeddorstigheid, wreedheid, wraaklustigheid en rebelsheid berug. In die *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699* het kommissaris Hendrik Adriaan van Rheede (1636 - 1691) alreeds

199 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

200 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 48.

201 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

202 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good*, pp. 47 - 48; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 290; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49; *Gleanings in Africa*, p. 59; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

203 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 424.

204 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in they years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 196; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 17; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 101; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 297.

205 B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago*, p. 175; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 67; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49; Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 300.

206 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 575.

207 W. Ph. Coolhaas (red.), Generale Missiven, *Rijks Geschiedkundige Publicatiën III, 1655 - 1674, J. Maetsuyker aan die Heeren XVII*, p. 270.

208 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 195 - 196.

209 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 48; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met sy besoek in 1685 aan die Kaap aan goewerneur Simon van der Stel (1639 - 1712) opdrag gegee dat die slawe van Java en Makassar, wat hy as "hardtneckkighe natien" beskryf het, apart van die ander slawe gehou moet word "om haar het quaatdoen te beletten".[210] Volgens Peter Kolbe (1675 - 1727), wat van 1705 tot 1713 in Kaapstad woonagtig was, was die slawe van Makassar en Java "zeer bedrieglyk".[211] In 1798 tydens sy reise in die Ooste, het Stavorinus dié negatiewe karaktertrek van die Boeginese slawe belig: "Bijzonder maaken de slaven die van het Eiland Celebes, of Makassar kom, en wel voornamelijk de Bokaneezen, [Boeginese] zich aan gruwelijke moorden schuldig; ook behooren de meeste Amok spuwers tot die natie." [212] Beide Mentzel en Sparrman het van die wraaksug van die Boeginese melding gemaak en bygevoeg dat, alhoewel daar 'n verbod op invoere van dié slawe na die Kaap was, dit nogtans klandestien plaasgevind het.[213] Hierdie verbod, wat in 1757 in Batavia ingestel is, was vanaf 1767 ook aan die Kaap geldig.[214] Juis vanweë die vrees en verskrikking van 'n Boeginese komplot, is die doodsvonnis oor die vyftigjarige September, leier en dokter van die Boeginese in Kaapstad, voltrek.[215]

Die Oos-Indiese slawe het ook bepaalde gewoontes gehad wat vir die Kapenaars aanstootlik was, soos die kou van 'n mengsel van stukkies areka-neut, betelneutblare en skulpkalk waarna die rooi-getinte kousels ewe ongeërg uitgespoeg is.[216] Hierdie gewoonte, wat sy oorsprong in Indonesië het en ook in Batavia aan die orde van die dag was, het die tande rooibruin gevlek en die lippe 'n swart kleur gegee. Lady Anne Barnard het dié kousel as 'n soort bitter wortel beskryf, "which [the Malay] cast eat as a stomatic".[217] Daarbenewens het hierdie slawe ook hulle hare met klapperolie gesmeer wat met verloop van tyd 'n onaangename reuk tot gevolg gehad het. Afgesien van bepaalde negatiewe karaktereienskappe en eienaardige gewoontes, was die Oos-Indiese slawe kleurryke persone wie se koms na die Kaap 'n belangrike rol in die akkulturasieproses aan die Kaap gespeel het, veral met betrekking tot algemene lewenswyse, godsdiens, taal, musiek, die eetkultuur, ambagskultuur, die visserskultuur sowel as die kleinhandelskultuur. Alhoewel daar weens die heterogeniteit en geografiese verspreiding van die slawebevolking aan die Kaap min sprake van 'n tipiese slawekultuur was, sou die Islam veral onder die Oos-Indiese en Indiese slawe 'n rol in die vestiging van 'n eie slawekultuur in veral die stedelike gebied speel.

4. Suid-China, Suidoos-Asië, Filippyne en Japan

Aan die begin van die nedersetting aan die Kaap was Jan van Riebeeck reeds onder die indruk van die hardwerkende Chinese. Enkeles van hulle het die Kaap as bandiete bereik en

---

210 A.J. Böeseken (red.), Memorien en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 217.

211 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 150.

212 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I,* p. 236.

213 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 150; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), pp. 258 - 259.

214 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 220; P. van Dam, *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie III* (red. F.W. Stapel e.a.), p. 203.

215 R. Ross, *Cape of Torments,* pp. 19 - 20.

216 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 131; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian archipelago,* p. 170.

217 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 276.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 3: 'n Kaapse slawemeisie, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard (1750 - 1825), eerste dame aan die Kaap gedurende die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803), wat ook 'n talentvolle amateurkunstenares en intelligente en simpatieke waarnemer van die Kaapse inwoners en milieu was. *Halfslag* Kaapsgebore slavinne was die mees bevoorregte slawegroep in die Kaapse huishoudings.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere,1793 - 1803* (Kaapstad, 1978), p. 148.



Figuur 4: 'n Kaapsgebore slaaf. Hy was deel van 'n slawegroep wat weens aard, aanleg en arbeidskwaliteite, besonder waardevol en in groot aanvraag by voornemende eienaars was wat astronomiese bedrae sou betaal om van hulle te bekom.

Uit: A.M.L. Robinson (red.) *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere,1793 - 1803* (Kaapstad, 1978), p. 148.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nes die slawe onbetaalde arbeid in diens van die Kompanjie verrig. In die *Transporten en Scheepenkennis, 1686 - 1687* word op 13 Mei 1686 van ses Chinese slawe van Macau melding gemaak.[218] Wat Suidoos-Asië betref, kon slegs een transaksie, waarby die slavin Lijsbeth van Tonkin betrokke was, in die *Transporten en Scheepenkennis, 1652 - 1700* opgespoor word.[219] Die slawe afkomstig van die Filippyne was in die minderheid en moeilik opspoorbaar. Armstrong konstateer dat Kaapse slawe ook vandaar afkomstig was.[220] Die Filippyne was inderdaad binne die invloedsfeer van die VOC geleë. Alhoewel die eilandjie Decima wat deel van Japan was, volgens Stavorinus as een van die voordeligste handelstakke van die VOC in die Ooste gereken is,[221] is die aantal Japannese slawe wat na Kaap gekom het gering en inligting oor hulle aard onbekend. Volgens Armstrong was daar wel Japanese slawe aan die Kaap,[222] terwyl A.J. Böeseken van Anthoni de Later van Japan melding maak wat op 14 April 1670 'n versoek aan Salomon Swerus gerig het om namens hom ongeveer sestig gulden van die Heeren XVII te Amsterdam op te eis.[223]

5. Kaapsgebore slawe

Die term "van de Caap/Kaap" het gewoonlik die noemnaam van hierdie slawegroep, wat aan die Kaap gebore is en van wie een of beide ouers slawe was, vergesel. Die voorkoms, **(Fig. 3 & 4)** aard en kwaliteite van dié slawe is in 'n groot mate deur die verbintenisse waaruit hulle gebore is, bepaal. So was daar verbintenisse tussen slawe onderling, gemengde verbintenisse tussen slavinne en Europeërmans, slavinne en die plaaslike Khoikhoimans, slawemans en Europeërvroue sowel as slawemans en die plaaslike Khoikhoivroue. Aan die Kaap is huwelike waarby slawe betrokke was nie deur die reg erken nie, aangesien dit onversoenbaar met slawerny was.[224] Alle kinders wat uit 'n slavin gebore is, was self ook slawe en die eiendom van die slavin se eienaar, hetsy die Kompanjie of 'n privaateienaar.[225] Die kinders van slawemans was dus vry indien die moeder nie ook 'n slavin was nie.

Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel na die Kaapsgebore slawe uit verbintenisse waarby blanke Europeërmans betrokke was, verwys: "Three or four generations of this admixture ... have produced a half-caste population – a mestizzo class – but a light shade darker than some Europeans." [226] Samuel Hudson het opgemerk dat "[t]he mixture of

---

218 Aktekantoor, Kaapstad: Transporten en Scheepenkennis, 1686 - 1687, XV, 1686-05-13.

219 Aktekantoor, Kaapstad: Transporten en Scheepenkennis, 1691 - 1692, XVII, p. 78, 1692-06-17.

220 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 85.

221 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, p. 278.

222 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 88.

223 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 128.

224 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95; H.M. Wright, *The burden of the present; liberal-radical controversy over South African history*, pp. 15 - 16; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa, I*, pp. 33 - 34; J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 5; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 74 - 75.

225 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 39; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

226 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 125.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Europeans with the slave girls of the Colony has produced a race perfectly white ... " [227]

Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat hierdie Kaapsgebore slawe die gewildste slawe aan die Kaap was en dat hulle weens hulle positiewe fisiese-, karakter- en werkskwaliteite die voorkeur van hulle meesters en meesteresse geniet het. Volgens Francois le Vaillant (1753 - 1824), Franse reisiger-avonturier wat die Kaap van 1780 tot 1784 besoek het, was hierdie "kreoolse" Kaapsgebore slawe "the most esteemed",[228] terwyl William Bird hulle as die "most valuable class of slaves" beskryf het,[229] en Percival hulle gewildheid en waarde klinkklaar opgesom het: "The slaves of colour, called in general Mulattoes, are the offspring of the whites with slave women. These are esteemed the first and best class, and a far greater value is set on them than any others." [230] Terwyl Samuel Hudson self voorkeur aan Mosambiekse slawe in sy huishouding gegee het, moes hy erken dat hierdie slawe "a race ... in high esteem" is.[231] Sterk onder die indruk van die aantreklike voorkoms en aard van die halfslag Kaapsgebore slawe, het Bird die mans as werksaam en energiek, skerpsinnig en met 'n goeie fisiese voorkoms beskryf, terwyl hy die vrouens as aan die kleinerige kant met 'n neiging tot vol borste, goeie liggaamsverhoudinge, ivoorwit tande, gitswart hare en oë en as deftig met 'n liefde vir mooi klere beskryf. [232]

Die Kaapsgebore slawe van Europese afkoms het bevoorregte arbeids- sowel as vertrouensposisies in die huishoudings van hulle meesters en meesteresse beklee. Die mans was die huisknegte, deurknegte, tafelbediendes, livreiknegte sowel as lyfbediendes van tydelike besoekers aan huis van hulle meesters, terwyl die slavinne die kamerbediendes en vertrouelinge van hulle meesteresse was.[233] As gunsteling slawe het hulle in so 'n mate voorkeurbehandeling geniet [234] dat daar selfs van bedorwenheid en ongesonde familiariteit sprake was.[235] Vir die eienaars was dit 'n saak van eer om dié slawe nie te verkoop nie en hulle in die huishouding waarbinne hulle gebore is, te hou.[236] As sodanig het min van dié huisgebore slawe die Kaapse slawemark bereik.

'n Ander groepering van Kaapsgebore slawe was die "baster-hottentotte" wat uit verhoudings tussen slaaf en Khoikhoi gebore is. Daar was 'n geneigdheid onder die Kaapsgebore slawe van Europese afkoms om op die "baster-hottentotte" neer te sien.[237] Op grond van die vrystatus van hulle Khoikhoimoeders, was die kinders van inheemse moeders en slawevaders ook vry. Volgens die inboekstelsel wat in 1775 te Stellenbosch aanvaar is, was hierdie "baster-hottentot"-kinders voortaan verplig om tot op vyf-en-twintigjarige

---

227 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E.Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 51.

228 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 en 85, I*, pp. 101 - 102.

229 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

230 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 286.

231 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves" *Kronos* 9, 1984, p. 51.

232 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

233 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 51; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 286; W.W. Bird, *State of Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

234 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

235 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15; *Gleanings in Africa*, p. 64.

236 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15.

237 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ouderdom in diens van die boer op wie se plaas hulle gebore is, te arbei.[238] Volgens Le Vaillant was hierdie "baster-hottentotte" 'n superieure groep met 'n innemende geaardheid en 'n getrouheid wat nooit hulle meesters in die steek gelaat het nie,[239] terwyl Mentzel hulle arbeidsvermoëns hoog aangeslaan het.[240] Beide Anders Sparrman (1748 - 1820), die Sweedse geneesheer wat die Kaap van 1772 tot 1776 besoek het en Hinrich Lichtenstein (1780 - 1857), [241] Duitse medikus en natuurkundige wat hom van 1802 - 1806 in diens van die Kompanjie bevind het, was beïndruk met hulle wadryfvermoëns.[242] Daar word ook melding gemaak dat hulle as veewagters [243] en slawetoesighouers op plase in diens was.[244]

Soos reeds vermeld, was die plaaslik "huisgebore" slawe van gemengde afkoms – die "kreoolse mulatte" – die gewildste, terwyl die ingevoerde slawe as die buitestaanders beskou en behandel is. Eersgenoemde was die elite van die slawebevolking wat beter gemanierd en vir beter opvoeding en opleiding beskore was.[245] Buiten vir hulle positiewe fisiese, karakter- en arbeidseienskappe, was hulle gewildheid ook toe te skryf aan die feit dat hulle nie soos die ingevoerde slawe sosiaal en kultureel ontwrigtes was wat 'n wrok gekoester het nie. A.M. Hugo het tereg opgemerk dat "he was born a slave among slaves".[246] Daarbenewens was hulle lewensverwagting hoër en hulle eerste taal meesal die taal van hulle meesters,[247] terwyl hulle die minste tot kriminaliteit, drostery en opstand geneig was. Dit was veral die kontak tussen die vroulike gekreoliseerde huisslaaf en haar meesteres wat 'n belangrike moment in die ontwikkelingsfase van die Afrikaanse taal sou aandui; 'n tydperk waarin veral die Kaaps-Hollandse kombuis sy rol in dié taalontwikkeling sou speel en aanleiding tot die verwysing na Afrikaans as "kombuistaal" sou gee.

Die Kaapsgebore slaaf was deel van die mees heterogene slawebevolking ter wêreld. Kontak tussen hierdie rykgeskakeerde kultuurmengelmoes van slawe sowel as eienaars wat onder andere Nederlanders, Duitsers, Skandinawiërs en Engelse ingesluit het, sou 'n akkulturasie-proses bewerkstellig waardeur 'n unieke Kaapse kultuur tot stand gekom het. Dit sou 'n belangrike element van die groter Suid-Afrikaanse kultuuropset verteenwoordig. Die geografiese sowel as kulturele heterogeniteit van die Kaapse slawebevolking sou verder tot stereotipering volgens herkoms en ras in die Suid-Afrikaanse samelewing aanleiding gee. Herkoms en afkoms het die waarde en arbeid van 'n slaaf bepaal en by implikasie ook 'n belangrike rol in sy lewenswyse en -kwaliteit gespeel. Tot vandag verteenwoodig

---

238 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 142; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 58; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony VIII,* pp. 385 - 387.

239 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, II*, pp. 138 - 139.

240 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 126.

241 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 533.

242 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

243 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 159.

244 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776 , I (*red. V.S. Forbes), p. 103.

245 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

246 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 13.

247 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1934, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stereotipering ten opsigte van herkoms en ras 'n element in die volksaard van 'n bepaalde deel van die Suid-Afrikaanse bevolking.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK II

'N NUWE LEWE AS ONVRY VREEMDELINGE: AANKOMS EN VESTIGING

Die aanpassing by 'n nuwe lewenswyse van slawerny in 'n vreemde wêrelddeel met 'n eiesoortige klimaat, onbekende meesters en 'n nuwe sosiale en kulturele milieu, sou vir menige slaaf wat by die Kaap voet aan wal gesit het, 'n ontwrigtende en traumatiese ervaring wees. Uit hierdie onbenydenswaardige lotgevalle sou egter wel iets goeds gebore word. Deur die vestiging en lewenswyse van 'n kultureel en geografies heterogene slawebevolking aan die Kaap is hulle stempel onmiskenbaar op die Kaapse samelewing afgedruk. Die slawe sou spoedig belangrike rolspelers in die vorming van 'n unieke sinkretiese Suid-Afrikaanse kultuur word.

Die eerste slawe aan die Kaap

Voor die koms van die eerste betekenisvolle besendings Angolese en Guinese slawe in 1658 was daar aan die begin van Junie 1657 slegs 'n handjievol slawe aan die Kaap. Met sy besoek in 1657 aan die Kaap het kommissaris Rijkloff van Goens (1619 - 1682) bevind dat hierdie paar slawe òf verstekelinge op skepe was òf deur skeepskapteins op pad terug na Europa aan die Kaap verkoop is.[1]

Die eerste slaaf wat op 2 Maart 1653 by die Kaap voet aan wal gesit het, was die Oosterling, Abraham van Batavia, 'n verstekeling aan boord van die *Malacca* wat van sy eienaar in Batavia, Cornelis Lichthart, gevlug het.[2] Tot met sy vertrek terug na Batavia in April 1656, kon hy weens siekte nie 'n groot bydrae aan die Kaap lewer nie. Volgens kommandeur Jan van Riebeeck (1618 - 1677) was hy weens swak gesondheid selfs nie eens in staat om die helfte van sy voedsel te verdien nie.[3]

In 1654 het 'n naamlose egpaar met hulle kinders vanaf Mauritius by die Kaap aangekom met die versoek dat hulle, as deel van die nalatenskap van opperkoopman Joost van der Woutbeeck, na Batavia aangestuur moes word.[4] In dieselfde jaar is die Malgassiese slavin, Eva, en haar seuntjie, Jan Bruyn, deur Jan van Riebeeck van die besoekende sekunde, Frederick Verburgh (1627? - 1656), aangekoop.[5] Tydens dié geleentheid het Anthony van Madagaskar

---

1 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1558 - 1700,* p. 7.

2 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 5; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 7; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 259.

3 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of Archives of the Cape of Good,* pp. 259 - 260.

4 *Ibid. I,* p. 341.

5 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna K.A.B.): C. 2391, Nr. 87: Attestatiën, 1652-09-04 - 1660-02-16, 1659-09-18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5: 'n Anonieme portret van Anna de Koningh, dogter van die merkwaardige vryslavin Angela van Bengale, en eggenote van die Sweedse kaptein en bekende senior Kaapse amptenaar Oloff Bergh. Die egpaar het altesaam tien kinders gehad en was gesiene lede in die Kaapse gemeenskap. As gegoede weduwee was Anna tot met haar dood in 1733 self vir tien jaar die eienares van die befaamde plaas Groot Constantia en by implikasie ook die besitter van talle slawe en werkgewer van knegte. Afgesien van die slawe op haar talle ander eiendomme, word daar met haar afsterwe in die boedelinventaris melding gemaak van 24 slawe by haar huis aan die Heerengracht in Kaapstad.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook by die Kaap voet aan wal gesit. Eva is deur Van Riebeeck as huisbediende aan sersant Van Harwaerden van die garnisoen beskikbaar gestel.

Later sou Eva deur kommissaris Van Goens beopdrag word "om 't fort te vegen".[6] Weens haar luiheid en weerspannigheid is sy deur Van Riebeeck na Robbeneiland gestuur om onder toesig van Jan Woutersz saam met twee blanke gevangenes en die slaaf Espaniola by die steenbouery te werk.[7] Nadat sy ook hier probleme veroorsaak het, is sy in Mei 1658 saam met 'n paar Angolese slawe per skip na Batavia gestuur.[8] Anthony het later weggeloop en is volgens Van Riebeeck vermoedelik deur die Kaapmans vermoor, "te meer omdat gemelte slave altijt met de Hottentoos doende was met vechten ende slaen".[9] Die slawe Claes Cat en Josep uit Batavia is in 1655 as verstekelinge op besoekende skepe gevind en van Sint Helena na die Kaap teruggestuur vir terugbesorging aan hulle eienaars.[10]

Uit die monsterrol van 31 Mei 1657 blyk dit dat die kommandeursvrou, Maria van Riebeeck, in besit van drie "eygen Bataviase slavinne" was.[11] Een van hulle was die merkwaardige Angela of "Ansiela" van Bengale wat saam met haar man, Domingo, en hulle drie kinders in November 1655 deur Pieter Kemp, bevelvoerder van die *Amersfoort*, aan Van Riebeeck verkoop is.[12] Op 19 April 1662 is Angela deur Van Riebeeck aan Abraham Gabbema (1634 - 1668) verkoop. Na haar vrystelling deur Gabbema in April 1666, het sy in antwoord op haar versoek, op 25 Februarie 1667 'n erf aan die suidekant van Heerestraat, (tans Kasteelstraat) Tafelvallei,[13] ontvang. Dit was die heel eerste toekenning van grond aan 'n persoon wat nie van blanke herkoms was nie. As vryslavin het Angela self in 1668 van die dienste van 'n gehuurde slaaf, te wete Scipio Africanus van Malabar, gebruik gemaak, terwyl sy in 1698 die slaaf Pieter van Malabar vir 50 riksdaalders aangekoop en in 1700 Arend van Bengale vir 70 riksdaalders van Oloff Bergh bekom het. Volgens kerkregisters het sy as lidmaat van die Kaapse Kerk gereeld saam met die gemeente nagmaal gebruik en as peetouer doopplegtighede bygewoon. Haar huwelik met Domingo is heelwaarskynlik ontbind, want op 15 Desember 1669 was sy die eerste vrygestelde slavin wat met 'n vryburger, Arnoldus Willemsz van Wesel, later beter bekend as Arnoldus Willemsz Basson, in die huwelik getree het.[14] Sodoende het sy een van die stammoeders van die Afrikaanse volk geword. Vyf kinders is uit die huwelik gebore. Haar dogters Elsje en Maria sou later onderskeidelik met Reinier van de Sande en Christiaan Maasdorp trou, terwyl Anna de Koningh **(Fig. 5)**, 'n dogter uit 'n vorige verbintenis, met die bekende Kaapse burger en amptenaar Oloff Bergh in die huwelik getree het. Na die dood van

6 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7.

7 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 323.

8 A.J. Böeseken, *Slaves And Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 8.

9 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 6; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 294 - 295; *Ibid. II,* p. 305.

10 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 211 en 213.

11 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 6.

12 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 9.

13 *Ibid.*, p. 79.

14 Argiefbewaarplek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Kaapstad: 1/1 Kerkenboek van de Caap de Goede Hoop 1665 - 1700, pp. 4 - 5, soos aangehaal *in* A.J. Böeseken, *Slaves And Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar man in 1689, het Angela sy boedel met groot oorleg bestuur en in 1702 voleienaarskap van die stukkie grond in Heerestraat verkry, terwyl sy ook eienares van die plasie Hondswijk te Drakenstein geword het. Met haar afsterwe in 1720 was haar boedel ongeveer 2 570 gulden sterk. Alhoewel hierdie vryswart vrou met gemak in die blanke gemeenskap aangepas het, was sy steeds lojaal teenoor haar slawevriende en is telkens as peetouer van hulle kinders benoem.[15] Tydens haar besoek aan die Kaap in 1710, het die kleindogter van Jan van Riebeeck juis in 'n brief aan haar ouers van haar ontmoeting met "Ansiela" en haar dogter "Swarte Maria" melding gemaak.[16]

Die tweede slavin van Oosterse afkoms in die Van Riebeeck-huishouding was heelwaarskynlik Maria van Bengale wat in 1653 na die Kaap gekom het. Sy is op versoek van Van Riebeeck deur Jacob Reijniers in Batavia vir die Van Riebeecks aangekoop. Die soldaat Willem Cornelis en Maria is deur Van Riebeeck saam in die bed betrap waarna Cornelis voor die Raad van Justisie moes verskyn en sy werk as konstabel verloor het.[17] Die historikus, Anna Böeseken, is van mening dat Maria van Bengale heelwaarskynlik die Van Riebeeck-gesin op 7 Mei 1662, met hulle vertrek na Batavia aan boord van die *Mars,* vergesel het.[18]

Die identiteit van die derde "Bataviase slavin" in die Van Riebeeck-huishouding is moeilik te bepaal, maar dit kon moontlik een van die slavinne wat in 1656 of die begin van 1657 aangekoop is, gewees het.[19]

Domingo van Bengale wat aanvanklik saam met sy vrou Angela en kinders deur Van Riebeeck aangekoop is, was in 'n stadium ook by goewerneur Simon van der Stel in diens, aangesien hy en twee ander slawe op 25 September 1686 deur Van der Stel aan Matthijs Greeff verkoop is.[20] Domingo is in 1686 gedoop en het op 1 Augustus 1689 sy vryheid teen 100 riksdaalders van Matthijs Greeff gekoop. Volgens die kerkregisters is hy twee jaar later as vryswarte met ene Maria van Bengale getroud.[21] In 1692 het hy 'n erf noord-oos van Oliphantstraat (tans Houtstraat) bekom en die daaropvolgende jaar het hy Jan van Braganza as "knecht" in diens geneem.[22] Domingo was een van die beswaardes wat die protesbrief teen goewerneur Willem Adriaan van der Stel (1639 - 1712) onderteken het.[23]

Die eggenote van die sieketrooster Pieter van der Stel was ook die besitter van "een eygen Bataviase slavin." [24] Sy was Maria van Bengale. Op 6 Julie 1658 is sy deur haar voornemende eggenoot, die vryburger Jan Sacharias van Amsterdam, vrygekoop. Dié huwelik is goedgekeur

---

15 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 80.

16 D.B. Bosman (red.), *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana,* pp. 88 en 104.

17 K.A.B.: C. 2391: Attestatiën, 1660-08-25.

18 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 23.

19 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7.

20 Transporten en Scheepenkennis, 1686 - 1687, XV, soos aangehaal *in* A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1685 - 1700,* p. 147.

21 Argiefbewaarplek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Kaapstad: 1/1 Kerkenboek van de Caap de Goede Hoop, 1665 - 1700, pp. 30 en 87.

22 K.A.B.: CJ. 2870: Contracten tuschen vrijburghers en derzelver knechts, 1672 - 1694, 1693-04-22.

23 K.A.B.: CJ. 310: Crimineele Processtukken, 1706, 1706-03-13.

24 Algemene Rijksarchief, Den Haag: K.A. 3969, pp. 387 - 388: Caepse Monsterrolle, 1657, 1657-05-13, soos aangehaal *in* W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op grond van die feit dat "Maria de Nederlantse tale volcomentlijck niet alleen verstaet maar ook duijdelijck spreeckt, en al tamelijk kenisse Christi na die gereformeerde religie is hebbende," aldus Jan van Riebeeck.[25] Die huwelik is op Sondag 21 Julie 1658 voltrek en op 8 April 1660 is hulle eersgebore dogter Maria in die Fort gedoop.[26] Uit die dagverhaal van Jan van Riebeeck blyk dit dat Maria en die Khoivrou, Eva (Krotoa) met mekaar oorhoops was,[27] terwyl daar uit die dagregister en briewe van kommandeur Zacharias Wagenaer (1614 - 1668) afgelei kan word dat Maria van Bengale aan watersug gely het.[28]

Catharina Anthonis van Zelagon, Bengale, het slegs twee jaar aan die Kaap deurgebring. Sy is in 1656 deur Caspaer van den Boogaerde, bevelvoerder van 'n VOC-retoervloot, na die Kaap gebring.[29] Sy het Van Boogaerde versoek om haar vry te stel met die oog op haar voorgenome huwelik met die soldaat Jan Wouterz van Middelburg. Hy het haar haar vryheid sonder enige vergoeding geskenk. Haar man, wat as opsigter oor die Kompanjiesbedrywighede op Robbeneiland nie bevredigende diens gelewer het nie, en van onverantwoordelikheid en nalatigheid, "geduyrigh in stercken dranck als [hij] se maer crijgen can, soo [wel] van 't rantsoen als voor gelt" en verwaarlosing van die sinjaalvuur beskuldig is, is deur Van Riebeeck onbevoeg verklaar en in Maart 1658 met "vrouw en kindt" op die *Schelvis* via Mauritius na Batavia weggestuur.[30]

Die vrou van die opperchirugyn Jan Velteman was ook in besit van "een eijgen slaeffe".[31] Om sy dankbaarheid vir goeie behandeling te betuig, het die Franse admiraal De la Roche in Maart 1657 tydens sy besoek aan die Kaap twee "Arabise meijsjes" van Abessinië aan Maria van Riebeeck geskenk. Hulle was die jeugdige Cornelia en Lysbeth, onderskeidelik twaalf en tien jaar oud.[32] Daarbenewens het hy ook die vyfjarige Eva as geskenk namens die koning van Antongil aan die kommandeursvrou oorhandig.[33] In 'n instruksie aan Jan Woutersz het Jan van Riebeeck van Espaniola, die "swarte franse slaef ofte fugitijf ", melding gemaak.[34] Hy was 'n verstekeling op 'n Franse skip wat by die Kaap aangedoen het. Teen die einde van 1657 het Van Riebeeck die slaaf Mijndert van Antongil van onderkoopman Hendrik Cop aangekoop.[35]

Tussen hierdie beperkte groepie slawe van geografies heterogene herkoms was daar nie juis sprake van onderlinge akkulturasie en die konsolidasie van 'n slawegroep met 'n eie kultuur

25 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 157.

26 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 78.

27 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 137.

28 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* p. 99.

29 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 74.

30 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 152 en 265 - 266.

31 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 7.

32 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd,* p. 93.

33 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1938 I, p. 6.

34 *Ibid.,* p. 7; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 323.

35 A.J. Böeseken, *Jan van Riebeeck en sy gesin,* p. 193.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Beperkte getalle en die diversiteit van kultuur het hulle gedwing om die kultuur van hulle meesters aan te neem. Deur die gebrek aan horisontale akkulturasie het vertikale akkulturasie plaasgevind en is veral die Oosterse slavinne, deur huwelike met Europeërmans, spoedig sosiaal en kultureel in die Europees georiënteerde Kaapse samelewing van die sewentiende eeu opgeneem.

Na 1657 het slawegetalle aan die Kaap vinnig begin toeneem. Vir VOC-retoervlote met Oosterse slawe aan boord, sowel as vir buitelandse slawehandelaars, het die Kaap in toenemende mate 'n aantreklike en winsgewende slawe-afsetgebied geword. Die eerste noemenswaardige groep slawe het aan boord van 'n VOC-skip, die *Amersfoort*, in Maart 1658 by die Kaap voet aan wal gesit. Hierna sou talle persone van diverse afkoms as slawe, sonder keuse of regte, 'n nuwe lewe aan die Kaap begin.

Prosedures na aankoms by die Kaap

Behalwe vir slawe wat op indiwiduele basis per retoervloot by die Kaap voet aan wal gesit het, was die slawe op slaweskepe tydens die seereis aan groot ontberings blootgestel. Die ruimte was beperk, voedselvoorrade het hoofsaaklik uit rys en water bestaan, terwyl hulle snags ook die koue moes trotseer.[36] Hierdie toestande het tot hoë sterftesyfers gelei en by aankoms was die oorblywende slawe meesal siek en verswak [37] en as sulks vatbaar vir dodelike siektes wat die sterftesyfer nog verder verhoog het.[38]

Die vroeëre slawegroepe is na hulle aankoms in Tafelbaai getel, geïnspekteer [39] en van voedsel en klere voorsien, terwyl hulle in sommige gevalle ook 'n ruimskootse voorraad arak ontvang het.[40] Siek slawe is onmiddellik in die Kompanjieshospitaal opgeneem [41] en die slawe is so gou as moontlik aan hulle toekomstige meesters toegedeel. Die eerste groot Angolese en Guinese slawegroepe, wat onderskeidelik aan boord van die *Amersfoort* en die *Hasselt* by die Kaap voet aan wal gesit het, is as volg deur die Kaapse owerhede verdeel: sestig is aan die Kompanjie toegewys, 172 "van die jongste en kloekste slaven" is in opdrag van die Heeren XVII na Batavia verskeep, terwyl 79 slawe op krediet aan die Kompanjiesamptenare en die 51 nuwe vryburgers verkoop is.[42] Die Guinese slawe en slavinne is teen 100 gulden elk en die Angolese slawe teen 50, 62½ en 75 gulden elk verkoop.[43] Slawe wat aan die Kompanjie toegewys is, is 'n herstelperiode van ongeveer 'n maand in hulle nuwe tuiste, die Kompanjieslawelosie, gegun waarna hulle in die onderskeie take opgelei is om in die dringende arbeidsbehoftes van die

---

36 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd,* p. 95.

37 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 48.

38 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 97.

39 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 35.


40 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* p. 111; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 98 en 302.

41 K.A.B.: VC. 7: Dagverhaal, 1676, 1676-11-30; C. 1879: Dagregister, 1673, 1673-03-12; C. 1909: Dagregister, 1697, 1697-02-27 en 1697-03-15; C. 1893: Dagregister, 1686, 1686-12-13.

42 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 82.

43 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 6: *Le Jardin,* die Kaapstadse woning van Francois Duminy, skeepskaptein en Kaapse slawehandelaar. Die slawekwartiere waarin nuutaangekome ingevoerde slawe gehuisves is, is regs voor in die afbeelding.

Uit: J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke* (Kaapstad, 1938), teenoor p. 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kompanjie te voorsien.[44]

Die historikus Robert Shell konstateer dat ongeveer die helfte van alle ingevoerde slawe direk na aankoms in die slawekwartiere van die stedelike slawespekulante opgeneem is.[45] In **Figuur 6** is 'n uitbeelding van die huis en slawekwartiere met smal venstertjies van die bekende Kaapse slawehandelaar, kaptein Francois Duminy. In die tweede helfte van die agtiende eeu was dié voormalige Franse skeepskaptein in dieselfde hoedanigheid in diens van die Kompanjie.[46] In 'n sekere sin het hierdie slawespekulante 'n diens aan die slawebesittende Kaapse gemeenskap gelewer deur na die welsyn van die slawe tydens die eerste kwesbare maande aan die Kaap om te sien, hulle vir veilings voor te berei om vir die nuwe lewe aan die Kaap te slyp.[47] In die vroeë negentiende eeu het die Kaapse slawebesitter, Samuel Hudson, juis melding gemaak van 'n voedsame sop bestaande uit groente, terwyl rys, "Calumba" ('n ligte tonikum afkomstig van 'n Mosambiekse plantwortel) en vleis ook aan die nuwe slawe gegee is "to bring them into flesh and a tolerable appearance before the Public Sale commences".[48] Hulle velle is met olie ingevryf, terwyl hulle ook liggaamlike oefensessies moes deurloop om van die styfheid en krampe weens die lang seereis ontslae te raak en om hulle liggame in goeie vorm te kry.[49] Hierdie "voorbereide" slawe is teen 'n goeie wins verkoop, terwyl hulle ook as enkelinge, sonder enige familie, van die hand gesit is.[50] In die eerste amptelike slawetransaksie tussen die Kompanjie en die nuwe vryburgers het Van Riebeeck ook dié slawe teen 'n aansienlike wins verkoop.[51] Hierdie Guinese slawe was die tweede slawegroep wat op 6 Mei 1658 aan boord van die *Hasselt* by die Kaap voet aan wal gesit het.[52] Ander ingevoerde slawe is direk na aankoms en die kooptransaksie na die stedelike huishouding of plaas van hulle nuwe meesters gebring. 'n Algemene gebruik was om alle nuutaangekome slawe te ontsmet deur hulle met seep en sterk asynwater te was en slawe met jeukpes onder die sorg van die familiedokter te plaas. Nuwe slawe op die wingerdplase is binne seisoen toegelaat om vir goeie gesondheid soveel druiwe as wat hulle verkies het, te eet.[53]

Naamgewing

Die eerste stap op pad na 'n nuwe lewenswyse as slaaf was 'n naamsverandering. Hierdie direkte ingreep in die persoonlike identiteit van die slaaf was 'n onvermydelike implikasie van die ontmenslikingsproses van slawerny waaroor hy geen beheer gehad het nie. Vanaf sy gevangeneming tot en met sy vestiging en verblyf as slaaf sou hy in een of ander stadium een of meer male, sonder enige persoonlike inspraak, 'n naamsverandering ondergaan.

Wat slawename betref, kom oorspronklike inboorlingname of die foneties aangepaste weergawe daarvan slegs in enkele gevalle in dokumentasie voor. 'n Voorbeeld hiervan blyk uit

---

44 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 24; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 35.

45 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 107.

46 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 1 - 2 en 13.

47 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 107.

48 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 48.

49 *Loc. cit.*

50 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 107.

51 W. Blommaert, Het invoeren van de slavernij aan de Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1938 I, p. 28.

52 *Ibid.*, p. 25.

53 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *Origineel Dagregister* op 18 Desember 1677. Dit behels die name van slawe en slavinne wat na die buitepos Hottentots-Holland gestuur is. Die slawemans was Catumba, Serora, Majomba, Sambo, Lemare Tambona, Eva Mangiva, Alewela, Nahinga, Gine Have Kita en Grate, terwyl die slavinne die volgende name gehad het: Sao Marara, Sampouria, Walle Kelle, Ibote, Revotes Kehangh, Soa Balla, Volt Alempoa, Kalle Hova, Ewaha, Soutrara en Callebe.[54] Ander inheemse name wat in die dokumentasie opduik, is onder meer Kinse Pernela, Sarsiomila, Mahalombo, Mafalle Isse Cici, Sambo Nangombe, Carra Sova, Ereffa, Sambo, Barkatti, Mohua Etobe, Hallantava, Ekoota Raeij Hoolbee, Matetee, Tsioenongene, Theange, Effahita, Lelava, Hitsana Tancoba en Thamba.[55]

Die feit dat die meerderheid slawe aan die Kaap Christelike of Westerse name gehad het, dui daarop dat slawe òf by gevangeneming reeds oor hierdie name beskik het, òf dat hulle in een of ander stadium nuwe name gekry het. In die eerste geval blyk dit wel dat die Portugese invloed en slawehandel wat die Nederlandse in die Ooste voorafgegaan het, sowel as die algemene gebruik van Maleis-Portugees in die Oosterse handelsgebiede, 'n rol by sommige Portugese slawename, soos Antonio, Diego, Domingo, Emelia, Fatima, Florinda, Flora, Gracia, Gustinho, Lorenço, Manuel, Paolo, Pedro, Rodrigo en Rosa kon gespeel het. Die slawe het heelwaarskynlik hierdie name bekom voor hulle in Nederlandse hande gekom het.[56] Die historikus Leon Hattingh is van mening dat die meerderheid slawe voor gevangeneming oor hulle eie tradisionele inboorlingname beskik het en eers sedert hulle gevangeneming van naam verander het.[57] Volgens Böeseken het die slawe reeds voor hulle die eerste keer aan die Kaap verkoop is, Europese name van die skeepskapteins, slawehandelaars of hulle vorige Europeër- eienaars in die Ooste ontvang.[58] In sommige gevalle het van die slawe tydens inskeping sekere beskrywende name van die Kompanjiestolk ontvang, soos byvoorbeeld "Kintza" wat in Malgassies "hardkoppig" beteken.[59] Op grond van sy navorsing is Hattingh oortuig dat dit nie soseer die verkoper is wat 'n belangrike rol by naamgewing van slawe gespeel het nie, maar wel die koper wat met die opstel van die koopakte sy keuse vir 'n naam laat aanteken het. As rede vir sy standpunt voer hy aan dat talle gevalle voorkom waar name tydens die oordrag van die een na die ander eienaar verander is. So het Jan van Balie wat op 30 Maart 1706 deur die vryburger Willem Widerholt van die skipper van *De Herout* gekoop is, eers Galantik geheet. In 1706 het Theunis Dircksz van Schalkwijk 'n slaaf van Thomas Watkins, stuurman van die Engelse skip *Somerset,* aangekoop. Met die oordrag is die slaaf se naam van "Pompken" na Jan Pompoen, gebore te Bengale, verander.[60]

Die ontbreking van die amptelike name van slawe in sommige koopaktes dui daarop dat hulle heelwaarskynlik in 'n later stadium in die onderskeie werksituasies nuwe name gekry het. In 'n koopakte waarvolgens W.A. van der Stel sewe Kaap Verdiese slawe van die kaptein van die Deense skip *Noordze Leeuw* aangekoop het, word die name van die betrokke slawe nie vermeld nie. Nuwe name is gevolglik eers later in die koopakte ingeskryf. Die koopakte was as sodanig die identiteitsdokument van elke slaaf. In die meeste gevalle het dit die naam, herkoms,

54 K.A.B.: C. 1881: Origineel Dagregister II, 1677-12-18.

55 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 147, 149, 155, 171, 176 en 191.

56 J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, pp. 5 - 6.

57 *Ibid.*, p. 5.

58 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 73.

59 J.C. Armstrong, *Malagasy slave names in the seventeenth century*, p. 7.

60 J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, pp. 6 - 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geslag, ouderdom, die vorige, sowel as die nuwe eienaar se name en die verkoopprys van die slaaf verstrek.[61]

Wat die naamgewing van slawe deur die Kaapse owerhede, amptenare en burgers betref, is die eeue-oue Nederlandse gebruik van regionale toponieme wat aan 'n naam gekoppel is, gevolg.[62] Elke slaaf het dus 'n voornaam en 'n toponimiese identifikasie ontvang, byvoorbeeld *Jan van Bengale*. "Van Bengale" het dus die plek van die gebruiklike van ingeneem. Wat die Nederlanders self betref, was hulle vanne 'n samestelling van 'n patroniem (vadersnaam) en 'n dorpstoponiem wat deur die voorsetsel "van" voorafgegaan is. Toponimiese naamgewing het veral die VOC in staat gestel om sy duisende rondtrekkende werknemers te identifiseer, sy multi-kulturele en veeltalige onderdane te regeer en om die wydverspreide buitelandse kolonies effektief te administreer.[63] 'n Dokument van Desember 1693 waarin die name van Europeër Kompanjiespersoneel, sowel as Kompanjieslawe saam voorkom, dien as goeie voorbeeld hoe slawe in die Kompanjie se naamgewingstelsel ingesluit is.[64] In die geval van die Europeërs is die naam en van, sowel as 'n toponimiese agtervoegsel by naamgewing betrokke, byvoorbeeld *Andries Rodever van Oostenburg*. In die geval van slawe word die meesal Europese of Westerse voornaam slegs deur 'n toponimiese "van" gevolg, byvoorbeeld *Valentijn van Madagaskar* en *Ziena van Ceylon.*

Indien 'n slaaf 'n opvallende fisiese eienskap of gebrek gehad het, het die toponiem meesal ontbreek en is 'n "fisiese" beskrywing in die plek daarvan gegee, byvoorbeeld *Minte de Stomme, Kleijne Klaas* en *Hannibal, Siek en Melaats.*[65] Beskrywende- en byname het ook 'n rol by die identifisering van slawe met dieselfde name gespeel. Op die Klapmuts buitepos was daar twee Malgassiese slavinne wat albei Lamara geheet het. Om verwarring te voorkom, het die een as *Lamara van Madagaskar* en die ander as *Lamara Swartkop* bekend gestaan.[66] In 1698 het Simon van der Stel die drie nuwe slawe afkomstig van die Kaap Verdiese eilande op sy landgoed onderskeidelik onder die beskrywende name van *Weggesonken, Behouden* en *Dikbeen* laat aanteken.[67] Verdere voorbeelde van beskrywende en selfs spottende byname was Bygeval, Bluksam, Geduld, Lang Onderweg, Schanderbek, Slegt, Slim, Indebet, Fortuin, Poesienella, Roodbol, Jan Mager, Clapperdop, Thoornhaas, Apekint, Jan Credit, Piet Snap, Pieter Pompstok, Tomas Keuken, Claes Kelder, Mary Pekenijn, Jan Meeuws, Jacky Joy, Pieter Rob, Pouwels Das, Peekelhaaring, Dol en Rokje, Baatje, Roos en Winterbooter.[68] In die *Slaweregister*, wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, figureer onder

---

61 J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 6.

62 R.C.-H. Shell, *Those in bondage*, p. 229.

63 *Ibid.*, p. 230.

64 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC. 4030, folios 65 - 73: Opnemingh van Compagnies Groot en kleen vee ... , 1693-12-31, soos aangehaal *in* R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 231.

65 R.C.-H. Shell, *Those in bondage,* p. 231.

66 *Ibid.*, p. 232.

67 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 184.

68 *Ibid.*, p. 74; J.L. Hattingh, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word, 1658 - 1670 I, *Kronos* 14, 1988, pp. 46 en 53 - 54; J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meer die volgende beskrywende slawename: Fortuin, Onverwacht, Presentie, Fluks, Vigilant, Snel en Welkom.[69]

Slawename wat redelik algemeen in die *Slaweregister* voorkom, is onder meer Anthony, Aaron, Alexander, Abraham, Alant, Azor, Alida, Adonis, Adolf, Aaltje, Betje, Baatjoe, Coridon, Cupido, Candassa, Carolus, Castor, Claas, Camonie, Caatje, Damon, Dapat, Diemiso, David, Domingo, Dort, Delft, Delie, Florus, Flora, Fakier, Felix, Isak, Galant, Jan, Joumal, Joumat, Hannibal, Jannetje, Jeck, Jason, Kaatje, Lafleur, Lakey, Louis, Malatie, Marie, Minerva, Masoe, Manbara, Manissa, Mentor, Ontong, Philander, Primo, Phillis, Philida, Regina, Rosina, Rosie, Rachbat, Sara, Sakermat, Salalie, Sara, Salea, Saronie, Samia, Saptoe, Spasie, Spadille, Schipio, Slammat, Sephier, Soucour, Truy en Thomas.[70] Hattingh het in sy navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat die gewildste slawename onder meer Jan, Anthony, Titus, Claes, Piet(er), Jacob, Cupido, Coridon, Aaron, Marie/Maria/Marij, Abraham, Schipio, Hannibal, Alexander, David, Thomas, Susanna, Sara en Isak was.[71]

'n Belangrike bron vir Kaapse slawename was die Griekse en Romeinse mitologie en geskiedenis, soos Semple teen die einde van die agtiende eeu tereg opgemerk het: "It may be here observed, that the whole heathen mythology is ransacked to find them [the slaves] names, which are in general bestowed in a manner not the most honourable to those deities at whose altars one half of the human race formerly bowed down." [72] Die volgende name is hier ter sprake: Alexander, Apollos, Jupiter, Juno, Mercurius, Neptunis, Hector, Hercules, Lucretia, Minerva, Nero, Brutus, Caesar, Cicero, Darius, Diana, Cupido, Hannibal, Plato, Titus, Scipio, Diogenes, Leander, Julies/Julius, Pompejus.[73]

Terwyl gewilde name uit die kerkgeskiedenis onder meer Augustinus of Augustyn was, was slawename uit die Bybel onder meer A(a)ron, Abel, Abigael, Abraham, Adam, Anna, Asenat, Balthazar, Daniël, David, Eva, Esau, Farao, Gideon, Goliat, Isak, Ismael, Jacob, Jefta, Joël, Jonathan, Josef, Lea, Lukas, Markus, Martha, Maria, Moses, Paulus, Rachel, Rebecca, Simon, Simson, Salomo, Tamar, Titus en Thomas. Semple het na die ongeërgdheid waarmee Bybelname aan slawe toegeken is, sowel as na die ontoepaslikheid daarvan verwys, aangesien Simson daagliks gestuur is om water te gaan haal en Salomo moes swoeg en sweet om vuurmaakhout teen Tafelberg bymekaar te maak![74]

Die Westerse kalender is ook by slawenaamgewing betrek. Januarie, Februarie, April, Augustus, September, Oktober, November en Desember was veral gewilde name. In 'n geval van arbitrêre naamgewing het W.A. van der Stel in 1699 vier twintigjarige slawemans van die Nederlandse seeman, Marius Roeland aangekoop wat onderskeidelik die name Januarie,

---

69 K.A.B.: SO. 6/12, p. 41: Register of Slaves, 1817-01-10; SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1816-05-18; SO. 6/13, p. 18: Register of Slaves, 1816-05-21; SO. 6/30, p. 141: Register of Slaves, 1816-12-04; SO. 6/30, p. 59; Register of Slaves, 1816-06-13.

70 K.A.B.: SO. 6/1 - SO. 6/151, 1816 - 1837.

71 J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 7.

72 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 34 - 35.

73 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 74; K.A.B.: SO. 6/1 - SO. 6/150: Register of Slaves, 1816 - 1837.

74 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 34 - 35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Februarie, Maart en Mei gehad het.[75] Wat die dae van die week betref, was Vrydag en Saterdag as name gebruik, terwyl Domingo wat van Spaans/Portugese oorsprong is en "Sondag" beteken, 'n taamlik algemene slawenaam aan die Kaap was. Sparrman het opgemerk dat talle eienaars aan die Kaap hulle slawe na die maande van die jaar, sowel as na weeksdae vernoem het.[76]

Selfs die groot verskeidenheid eksotiese en ander tekstiele wat vroeg reeds tydens Kompanjiesbeheer belangrike handels- en gebruiksgoedere in die Ooste en aan die Kaap was, [77] het as bron vir Kaapse slawename, soos Armosijn en Boelang gedien. Inventarisse en amptelike korrespondensie wemel van tekstielname. Wat die eksotiese tekstielstof armosy (ook armosyn genoem) betref, het Van Riebeeck reeds in 1655 onder andere "40 à 50 armosijn schoen- ende cousebant lint van allerhande edoch meest statige coleuren, ende oock wat swart" uit die Ooste aangevra.[78] In 'n lys van 1676 kom "1 piece of coarse armosyn" en " ½ piece fine armosyn" [79] voor en in 1692 het die Kompanjie "dubbele armosijnen" teen 18 gulden stuk verkoop.[80] Hierdie dun soepel soort sy waarvan meesal voerings gemaak is, is aan die Kaap, op enkele uitsonderings na, hoofsaaklik vir vaandels, sowel as bed- en venstergordyne gebruik.[81] Dié tekstiel het sy naam te danke aan die eertydse beroemde handelstad Ormoes wat op 'n eiland by die mond van die Persiese golf geleë was.[82] Die slavin Armosijn van die Kaap (Klein Armosijn) en haar naam- en tydgenoot, Groot Armosijn [83] het hulle name aan die betrokke tekstiel te danke. Die slaaf Boelang van Padang [84] se naam is ontleen van boelang materiaal wat telkens in die Kompanjiesrekords opduik en veral by slawekleredrag ter sprake kom.[85] Dit kan op 'n meesal effe indigo-blou materiaalsoort dui, maar was oor die algemeen die aanvaarde terminologie vir kopdoeke.[86]

Weens die feit dat slawekinders die status van hulle moeders aangeneem het, is slawekinders

---

75 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 189.

76 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 99.

77 K. Glamann, *Dutch-Asiatic trade, 1620 - 1740,* pp. 20 - 22 en 132 - 151; J.R. Bruijn, F.S. Gaastra en I. Schöffer, *Dutch-Asiatic shipping in the 17th and 18th centuries I,* p. 189; N. de Graaff , *Reisen van Nicolaus de Graaff gedaan naar alle gewesten des werelds, beginnende 1639 tot 1687 incluis,* p. 188; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 442.

78 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 153.

79 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 277.

80 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 257.

81 A.J. Böeseken (red.), Uit die Raad van Justisie, 1652 - 1672, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente III,* pp. 207 - 208; Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC: de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), pp. 99.

82 J. Nieuhof, *Joan Nieuhof's zee en lant-reize, door verscheide gewesten van Oostindien,* pp. 86 - 87.


83 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 179; *Ibid. III,* p. 128; M. Cairns, Armosyn Claasz of the Cape and her family, 1661 - 1783, *Familia* XVI 4, 1979, p. 84.

84 A.J. Böeseken (red.), *Slaves and Free Blacks at the Cape 1685 - 1700,* p. 188.

85 P. van Dam, *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie III* (red. F.W. Stapel e.a.), p. 203.

86 *Ibid.II: I,* p. 185.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 7: 'n Kwitansie van goedere wat in 1776 op 'n openbare veiling aan die Kaap aangekoop is waarin die slavin Sophia van die Kaap en haar twee kinders saam met onder meer perde en lepels deel van die kooptransaksie uitmaak.

Uit: V. de Kock, *Those in bondage* (London, 1950), teenoor p. 80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat aan die Kaap gebore is, in baie gevalle onder die naam van die moeder geïdentifiseer, byvoorbeeld *Adriana van Maria van Madagaskar*.[87] Vir identifikasiedoeleindes en om verwarring te voorkom, is die naam van 'n kind soms verder in die vroulike voorgeslag teruggevoer, soos met die naam Maria van Adriana van Maria Blom van Madagaskar in die doopregister van 1756 die geval is.[88] Daar is ook na hierdie Kaapsgeborenes as "van de Kaap" verwys, byvoorbeeld *Elizabeth van de Kaap*.

Die plaaslike slawemark

Sedert VOC-beheer is die lewe aan die Kaap in 'n groot mate deur handel oorheers. "The whole ethos of the colony, as far as its government and many of its inhabitants were concerned, was dominated by die desire to make profit and record losses", aldus die historikus Nigel Worden.[89] In die negentiende eeu huldig Mentzel reeds uit eerstehandse ervaring hierdie mening: "No matter how acquired, the fact remains that every man in the town, be he a free burgher, or official, pasgänger, or free worker, yea, even a common soldier, is at the same time a huckster and trader."[90] Hierdie handelsingesteldheid het by implikasie tot die kommersialisering van slawe aanleiding gegee. Uit die inventarrisse, eiendomswaardasies, testamente en vendusierekords van die Kaapse handelsgemeenskap blyk dit duidelik dat slawe as eiendom saam met meubels, kombuisgerei, vee, implemente en timmerhout **(Fig. 7)** gereken is – goedere wat na die meester se goeddunke volgens behoefte tot eie voordeel benut is. Net soos materiële goedere, kon slawe vir 'n jaar op toetsbruik aangekoop of uitgehuur en weer teruggebring word indien die verhuurder dit nodig sou vind.[91] Die welvarendheid van 'n burger kon afgelei word van die aantal slawe in sy besit.[92] Die konsep van slaaf as eiendom met 'n prysetiket was onteenseglik 'n bepalende faktor in die Kaapse gemeenskap, ongeag hoe positief die verhouding en behandeling van die eienaar teenoor die slaaf was.

Aangesien alle slawe by Kaapstad voet aan wal gesit het, het die inwoners van Kaapstad makliker toegang tot die aankoop van slawe gehad, hetsy van die Kompanjie of in privaat-transaksies met VOC-skepe en buitelandse slawehandelaars. Die Kompanjie het deurgaans die grootste finansiële voordeel uit winste wat deur slawehandel verkry is, sowel as uit slawetransaksies deur slawehandelaars in Tafelbaai getrek.[93]

Die toeganklikheid van die Kaapstadse inwoners tot die aankoop van slawe het aan hulle veral die geleentheid tot slawespekulasie gebied. Stedelike burgers het slawe-aankope namens die meer afgeleë boere behartig. Dit was veral gedurende die agtiende eeu dat talle Kaapstadse burgers en amptenare as tussengangers in die verskaffing van ingevoerde slawe aan die plattelandse gebiede opgetree het. 'n Bekende Kaapse slawespekulant in die vroeë agtiende eeu was die chirurgyn Johannes Theophilus Rochlits wat oor 'n tydperk van drie jaar ongeveer 25 slawe verhandel het.[94] 'n Algemene gebruik was onder meer om slawe teen 'n billike prys aan

---

87 J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, p. 9.

88 *Ibid.*, p. 10.

89 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 102.

90 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 75.

91 K.A.B.: CJ. 3113, nr. 7: Gemengde Notariële Stukke; oordragte, 1778-02-13; K.A.B.: 1/STB 3/1: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 1776-04-04.

92 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 397.

93 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 80.

94 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te koop, hulle van die mark terug te hou en te wag vir 'n verhoogde aanvraag en die slawe dan teen 'n aansienlike wins te verkoop.[95] Hierdie manipulasie van die slawemark het tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) tot klagtes deur die Kaapse boere gelei wat sommige inwoners daarvan beskuldig het dat hulle, met die oog op winsbejag, meer slawe aangehou het as wat hulle regtig nodig gehad het.[96] Die handel in slawe was egter nie net tot die inwoners van Kaapstad beperk nie. Vanaf 1690 het dominee Pierre Simond van Drakenstein aktief aan die plaaslike slawehandel deelgeneem.[97]

Pryse wat deur burgers en amptenare vir slawe betaal is wat van die Kompanjie of onderling van mekaar aangekoop is, was aansienlik hoër as wat die slawehandelaars of die Kompanjie aanvanklik betaal het. In 1657 is 'n gemiddeld van 53 tot 54 gulden elk vir slawe wat deur die *Hasselt* in Popo verkry is betaal,[98] terwyl die slawe wat in 1698 deur die *Soldaat* van Madagaskar na die Kaap gebring is, teen 83 gulden elk verhandel is.[99] Met die besoeke van die Franse slawevaarders *L'Union* en *La Caroline* onderskeidelik in 1782 en 1783, was die gemiddelde prys per slaaf van die *L'Union* 141,69 riksdaalders (354,22 gulden) en is 'n gemiddeld van 300 gulden deur die Kaapse amptenare vir slawe van die *La Caroline* betaal.[100] Die slawe wat teen 53 tot 54 gulden van die *Amersfoort* aangekoop is, is deur Van Riebeeck vir 100 gulden elk aan die burgers verkoop.[101]

Verskeie faktore het die prys van slawe aan die Kaap beïnvloed. 'n Belangrike eksterne faktor was die beskikbaarheid van slawe op die internasionale slawemarkte. In dié opsig het oorlogstoestande, droogte, hongersnood, slaweroetes en die kompetisie tussen die onderskeie slawehandelaars onder meer 'n rol gespeel. Tydens droogtes en oorlogtoestande was slawe meer geredelik beskikbaar en dus goedkoper.[102]

Aan die Kaap het sekere gebeure ook 'n invloed op slawepryse gehad. Vraag en aanbod het deurlopend 'n belangrike rol gespeel. Die gemiddelde markprys van slawe het tot 1740 geleidelik gestyg. Die verhoogde slawepryse tussen 1715 tot 1721 is deur die pokke-epidemie van 1713, wat 'n hoë slawesterftesyfer tot gevolg gehad het, teweeg gebring.[103] Die skerp styging in pryse van 1740 tot 1748 was die gevolg van die slawetekort, sowel as 'n toenemende behoefte aan landbou-arbeiders. Ná 1750 het die pryse gedaal en daarna weer geleidelik begin toeneem tot 1780, waarna daar tot die einde van die agtiende eeu en met die beëindiging van VOC-beheer 'n drastiese toename in slawepryse was. Volgens sir John Barrow

---

95 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 46 - 48.

96 K.A.B.: BO. 90, p. 18: Documents referring to the importation of slaves, December 1796 - February 1803, s.a.

97 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 157, 166, 167, 172 en 181 - 183; J.L. Hattingh, 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu, *Kronos* 1, 1979, tabel 2.

98 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis* of *the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 35.

99 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 45.

100 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 161.

101 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis* of *the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 82.

102 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 63.

103 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daartoe behorende 1705 - 1714, I,* pp. 216 - 218.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1764 - 1848), privaatsekretaris van goewerneur George Macartney (1737 - 1806) en van 1799 tot 1803 ouditeur-generaal aan die Kaap,[104] is Kaapse slawe teen 1797 vir tussen 100 tot 400 pond verhandel.[105] 'n Lys van vergelykbare slawepryse wat met die beëindiging van VOC-beheer deur goewerneur Macartney aan die Britse oorlogsekretaris Henry Dundas (1742 - 1811) gestuur is, bevestig die toename in slawepryse. Die gemiddelde prys van slavinne is as 200 riksdaalders (500 gulden) en dié van mansslawe as 250 riksdaalders (625 gulden) aangegee.[106] Hierdie tendens het tot in die negentiende eeu voortgeduur. In 1826 het J.T. Bigge (1780 - 1843), 'n lid van die Kommissie van Ondersoek na Slawepryse, met die oog op kompensasie onder die Afskaffingswet, bevestig dat slawepryse sedert 1808 met honderd persent gestyg het.[107] Dit kan aan die inkorting en uiteindelike beëindiging van slawe-invoere na die Kaap in 1793 toegeskryf word.[108] In 1808 is die oseaniese slawehandel deur die Britse Parlement afgeskaf. Die daling in aanbod, sowel as die toename in aanvraag het 'n inflasionêre impak op slawepryse gehad. Daarbenewens het die Kaap kort voor die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) ekonomiese probleme ondervind. In dié tyd het slawepryse meer as verdriedubbel.[109]

By 'n gebrek aan fondse is slawe selfs vir brandhout, 'n skaars en duur kommoditeit aan die Kaap, verruil. Arent van Makassar is op dié wyse in 1689 deur Henning Hüsing vir honderd wavragte brandhout verhandel,[110] terwyl die 25-jarige Valentijn van Madagaskar in 1689 deur Thomas Dirkcx van Schalkwijk vir tagtig wavragte brandhout aan Joost Strijdom, 'n marktuinier in Tafelvallei, verkoop is.[111] Soms is lewende hawe, landbouprodukte, implemente en vervoermiddele as ruilmiddele vir slawe aangebied. In 1686 het Gerrit Cloete, 'n boer van Stellenbosch, 38 aanteel skaapooie in ruil vir die negentienjarige Adam van Madagaskar aangebied [112] en is Toonhaas van Madagaskar vir 90 riksdaalders en 'n halfaam wyn van die hand gesit.[113] In 1671 het Wynant Leenderts van Besuijenhout vier trekosse en "eene bijnae afgereden wagen" as vergoeding vir die slaaf Isaack aangebied,[114] terwyl die welgestelde Johannes Phijffer in 1710 vier leggers wyn vir sy 24-jarige slaaf Pedro van Cochin van die wynboer Class Westhuijsen ontvang het.[115] Hierdie wyse van betaling het mettertyd nie meer aan die Kaap plaasgevind nie. In die sewentiende eeu is slawe ook vir ander slawe geruil. Op 24 Oktober 1695 is die geskoolde Arent van Madagaskar vir twee ongeskoolde slawe van Malabar verruil,[116] terwyl goewerneur Willem Adriaan van der Stel op 25 November 1701 die kinderslavinnetjies Anna en Marritje, beide van die Kaap, vir 'n vyftienjarige slaaf verruil het.[117]

---

104 D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 34.

105 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

106 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony II*, p. 237.

107 *Ibid. XXIX*, p. 427.

108 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 163.

109 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 75; E.A. Walker, *History of South Africa*, p. 106; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 108.

110 A.J. Böeseken, *Slaves And Free Blacks at the Cape 1658 - 1820*, p. 75.

111 Aktekantoor, Kaapstad: Transporten en Scheepenkennis, pp. 240 - 241, 1689-12-05.

112 Aktekantoor, Kaapstad: Transporten en Scheepenkennis, n.p., 1686-09-07.

113 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 147.

114 J.L. Hattingh, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word, 1658 - 1670, *Kronos* 15, 1989, p. 16.

115 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 108.

116 Aktekantoor, Kaapstad: Transporten en Scheepenkennis, pp. 1 - 2, 1695-10-24.

117 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dié ruiltransaksies was in die sewentiende eeu 'n algemene gebruik, terwyl dit in die agtiende eeu 'n rariteit was en in die negentiende eeu glad nie meer plaasgevind het nie.[118]

Verskeie faktore het 'n rol in die wisseling van slawepryse op 'n bepaalde tydstip gespeel. Prysdifferensiasie was veral op die stereotipering van oorsprong gebaseer. Reeds met die aankoms van die eerste slawegroepe aan die Kaap is besluit dat die Guinese slawe vir 100 gulden elk aan die vrybrugers verkoop sou word, terwyl die Angolese slawe vir 75, 62½ en 50 gulden van die hand gesit is. 'n Duidelike hiërargie van slawepryse het aan die Kaap bestaan ten opsigte waarvan die Kaapsgeborenes die hoogste posisie beklee het, met die Oosterse slawe daarna en die Malgassiese slawe in die laagste posisie.[119]

Volgens Hendrik Cloete was 'n goed opgeleide slaaf, wat bedrewe in sy werk was, heelwaarskynlik 'n Kaapsgeborene.[120] Hulle gewildheid kan toegeskryf word aan die feit dat hulle reeds aan die Kaapse lewe gewoond was en nie, soos die ingevoerde slaaf aanpassingsprobleme ten opsigte van klimaat en sosiale omgewing ervaar het nie. Die taal van hulle meesters was nie vir hulle onbekend nie, hulle was natuurlike toesighouers en minder tot kriminaliteit en weglopery geneig.[121] Vir hierdie voordele moes die Kaapse slawe-eienaars hulle hande diep in hulle sakke steek en bereid wees om buitensporige pryse te betaal. Volgens Francois le Vaillant (1753 - 1824) was hierdie slawe "the most esteemed; ... sold at double what is given for the rest; and when they are acquainted with a trade, their prices becomes exorbitant. A cook for example, costs from eight to twelve hundred rix-dollars ..." [122] Die Kaapsgebore slawe se monitêre waarde in die tweede helfte van die agtiende eeu is voorts uit 'n aanhaling van Anders Sparrman af te lei:

> a slave born in the country (especially a bastard) who can drive a waggon safe and well, and who can be trusted to inspect the other slaves, or is looked upon as a clever and faithful servant, bears the price of five hundred rix-dollars. One that is newly bought from Madagascar ... costs from a hundred to a hundred and fifty rix-dollars.[123]

Alhoewel Kaapsgebore slawe voorkeur geniet het, het geakklimatiseerde, wel aangepaste ingevoerde slawe op hulle beurt hoër pryse as nuwe aankomelinge behaal.[124] Reeds vroeg in die bestaan van die nedersetting was beide Jan van Riebeeck en Zacharias Wagenaer deur die arbeidskwaliteite van die Oosterse slawe beïndruk. Volgens Wagenaer was hulle egter duur.[125] Die hoë pryse van Oosterse slawe is oorwegend toe te skryf aan die spesiale vaardighede as ambagslui waaroor hulle beskik het. Hulle was gewaardeerde bediendes wat soms vir

---

118 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 108.

119 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 20.

120 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 108; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 75 en 93.

121 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 25.

122 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* pp. 101 - 102.

123 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103.

124 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 108.

125 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

astronomiese bedrae van tot vyfduisend riksdaalders verkoop is.[126] Die negatiewe karaktertrek van wraaksug onder 'n bepaalde groep van die Maleierslawe sou 'n demper op hulle algemene gewildheid plaas. Met dit in gedagte het Barrow hulle teen die einde van die agtiende eeu as die mees energieke, werksame en gewillige, maar ook as die gevaarlikste van die Kaapse slawe beskryf.[127] Volgens Burchell was die variasie in pryse van Maleierslawe die gevolg van die indiwiduele beoordeling van 'n bepaalde slaaf se karakter, sowel as sy kwalifikasies. Hierdie prys, wat soms so hoog as vyfduisend riksdaalders kon wees, was volgens sy waarneming in die eerste helfte van die negentiende eeu steeds aan die toeneem.[128] Talle Oosterse slawe wat deur hulle meesters op retoervaarte aan die Kaap verkoop is, het goeie pryse behaal, aangesien hulle reeds die Nederlandse taal magtig was en oor goeie opleiding beskik het.

Spesiale vaardighede was nie net tot die Oosterse slawe beperk nie. Enige slaaf wat opleiding in een of ander ambag of nering ontvang het en dit kon beoefen, was sterk in aanvraag. Bekwame wingerdsnoeiers, kuipers, wabouers en sodanige ambagslui is in baie gevalle vir twee tot drie maal die gemiddelde slaweprys verkoop. Volgens Hendrik Cloete kon 'n onopgeleide, maar sterk en goed geboude slaaf in 1787 vir 150 tot 180 riksdaalders verkoop word, terwyl 'n bedrewe landbouslaaf van 330 tot 450 riksdaalders kon kos. 'n Jeugdige en knap wadrywer kon 'n koper tot 600 riksdaalders uit die sak jaag.[129] Die buitgewoon hoë pryse van sekere slawe is waarskynlik 'n aanduiding van die een of ander vaardigheid waaroor die slaaf beskik het, soos die veertigjarige Arent van Malabar wat in 1694 vir 300 gulden (100 riksdaalders) en Cupido van Amboina wat teen 100 riksdaalders aan Pierre Rousseau verkoop is. Dit was uitsonderlik hoë pryse as in gedagte gehou word dat die gemiddelde prys vir 'n dertigjarige slaaf in dié tyd ongeveer 80 riksdaalders en selfs minder was. Die hoogste prys wat tot 1700 vir 'n slaaf betaal is, was 500 gulden wat op 17 Maart 1692 deur Jan Stevensz Botma vir Arent van Makassar betaal is.[130] In 1773 is 'n opgeleide wingerdsnoeier vir tot 1 000 riksdaalders verkoop,[131] terwyl lady Anne Barnard in 1797 getuie was van 'n slawekoetsier wat vir 800 "dollar" (riksdaalders) aangekoop is.[132]

Ouderdom het 'n belangrike rol met betrekking tot slaweprys gespeel. Jong volwassenes was deurgaans in groter aanvraag as kinders en bejaardes en het hoër pryse as kinders behaal. In 1682 het Simon van der Stel slegs 10 riksdaalders vir 'n kinderslavinnetjie betaal wat volgens Anna Böeseken van die laagste pryse is wat ooit aan die Kaap vir 'n slaaf betaal is. Slawe tussen die ouderdomme van 16 en 25 jaar was veral gewild. Voor 1686 was die verkope van slawe ouer as 25 jaar beperk, terwyl die verkope van beide mans- en vroueslawe ouer as 25 jaar na 1686 toegeneem het. In 1695 was slaweprys besonder hoog toe die meeste slawe in die ouderdomskategorie van 16 tot 25 jaar vir 80 tot 90 riksdaalders en selfs meer verkoop is.[133] Op 21 Februarie 1783 is die jeugdige Februarie van Bengale ten spyte van 'n breuk wat hy

---

126 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, pp. 12 en 29.

127 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

128 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

129 H. Swellengrebel, *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 - 1792* (red. G.J. Schutte), pp. 235 - 236.

130 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 76.

131 K.A.B.: A. 457: Cloete family papers, soos aangehaal *in* N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 75.

132 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 189.

133 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 55, 75 - 76.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehad het, vir 'n aansienlike 640 riksdaalders verkoop, wat 'n aanduiding van die groot vraag na jong slawe in die tyd is.[134]

Die fisiese toestand en gesondheid het ook 'n invloed op die prys van 'n slaaf uitgeoefen. Slawe wat oud, afgeleef en blind, doof of stom was, het nie veel waarde vir die voornemende slawekoper gehad nie en het van die laagste pryse behaal. In die vroeë negentiende eeu het Hinrich Lichtenstein tydens een van sy binnelandse reise melding gemaak van 'n Sneeubergse boer wat slegs slawe op sy plaas gehad het wat hy, weens hulle ouderdom en gestremdhede, baie goedkoop in die Kaap aangekoop het: "Besides this grey-haired slave and the deaf and the dumb one, there was a third (who was also deaf), and had but one eye, with a fourth, ... who did not understand a word of Dutch." [135] Die gebrekkige produktiwiteit en hoë mediese kostes wat siek slawe ingehou het, het voornemende kopers ongetwyfeld afgeskrik.[136] Dit is dus onwaarskynlik dat boere van die arbeidsintensiewe akkerbouplase van dié slawe sou aankoop.

Afhangend van bepaalde arbeidsbehoeftes, is manlike slawe bo slavinne verkies,[137] alhoewel veilingsregisters en vendusierolle daarop dui dat slavinne op vrugbare ouderdom soms duurder as slawemans en ander slavinne was. Volgens Sparrman was die pryse van vrugbare slavinne in die sewentigerjare van die agtiende eeu drie maal meer as dié van hulle onvrugbare susters.[138] Dit het verband gehou met die kostelose aanwas van slawe binne die huishouding in welke geval die kind die eiendom van die betrokke slavin se eienaar was: "The acquisition of a male slave is a life interest; that of a female is considered to be a perpetual heritage", [139] aldus William Bird. Op die vendusie na Joachim von Dessin (1704 - 1761) se dood in 1761 is die vrugbare slavin Hagar en haar kind vir 533 riksdaalders verkoop, terwyl die byna bejaarde Flora vir slegs 161 riksdaalders verkoop is. Daarbenewens is die jeugdige Hester en haar kind vir 500 riksdaalders verkoop, terwyl die twintigjarige Alida vir 410 riksdaalders en die vyftienjarige Johanna vir 386 riksdaalders van die hand gesit is.[140]

Die redes vir slaweverkope het onder meer die winsmotief van die eienaar, bankrotskap van 'n slawebesitter, die afsterf van 'n eienaar,[141] die skuldigbevinding van 'n eienaar aan 'n oortreding,[142] sowel as die onbeheerbaarheid en weerspannigheid van 'n slaaf, ingesluit.[143]

Wat laasgenoemde twee redes vir slaweverkope betref, het die plaaslike slawemark dus ook 'n dissiplinêre funksie vervul. Verkope van weerspannige slawe was 'n effektiewe psigologiese

---

134 K.A.B.: MOOC. 10/14, nr. 21: Vendurollen, 1691 - 1800, 1783-02-21.

135 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* pp. 9 - 10.

136 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 73.

137 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 108; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 194.

138 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 102.

139 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 348.

140 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18 de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 66 - 67; K.A.B.: MOOC. 10/8, nr. 43: Vendurollen, 1691 - 1800; MOOC. 8/10, nr. 76: Inventarissen, 1685 - 1800, September 1761.

141 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 42.

142 K.A.B.: CJ. 2915: Vendurollen 1697 - 1720, 1697-03-02; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 49.

143 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 108; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beheer- en afpersmiddel in die hand van slawe-eienaars om slawe in toom te hou en hulle gesag te laat geld, aangesien dreigemente van verkope aan wrede eienaars en sommige verafgeleë boere inderdaad 'n afskrikmiddel vir slawe was.[144] Hierdie gegewe blyk duidelik uit die waarnemings van sekere besoekers en reisigers. In die dertigerjare van die agtiende eeu het Otto Mentzel die volgende tersaaklike kommentaar gelewer: "When any farmer had a disobedient slave, the mere threat to sell or give him to Michael Otto [the tyrant of Vergelegen] unless he improved, was often more effective than other punishments would have been since every slave was afraid of this man." [145] Voorts was hy van mening dat "the most sensible course to take up with a slave whom correction does not improve is to send him to the auction and dispose of him at any price".[146] Tydens die verhoor van 'n moordsaak waarby 13 slawe van die Bokkeveld betrokke was, het die slawe-eienaar B.P. van der Merwe getuig dat hy sy slaaf Cupido verkoop het, aangesien "hij mij kwelde".[147] Die Sweedse geneesheer en botanis Carl Peter Thunberg (1743 - 1828), wat die Kaap tussen 1772 en 1775 besoek het, het opgemerk dat eienaars verkies het om hulle onbeheerbare slawe aan plaaslike amptenare af te staan.[148] Lady Anne Barnard (1750 - 1825), vrou van staatsekretaris Andrew Barnard en eerste dame aan die Kaap vir lord Macartney, het in haar briewe aan Henry Dundas onder meer melding gemaak van 'n slawe-eienaar wat 'n weerspannige slaaf uit die hand verkoop het.[149] In die agtiende eeu het die prominente Kaapstadse burger en boekversamelaar, Joachim von Dessin, uitdruklik in sy testament bepaal dat die slawe Joris en Marie, wat hom soveel hoofbrekens besorg het, in sy boedel verkoop moes word "omme de mij daartoe dringende reeden", [150] terwyl sy geliefde slawe Leander, Fortuin en Liesie hulle vryheid moes verkry. Na sy dood is al sy slawe buiten drie wel op sy boedelveiling verkoop. Die ou slaaf Joris, sy bywyf Marie en hulle seun is vir slegs 100 riksdaalders van die hand gesit, terwyl Chito van Cochin en die brutale Isak ook teen 'n lae prys verkoop is. Hagar, die naaldwerkster, en haar kind Isak het 'n redelike 533 riksdaalders behaal, terwyl die taamlik bejaarde Flora slegs 161 riksdaalders vir die boedel kon inbring. Die jeugdige en geskoolde slavinne Hester, Alida en Johanna is teen 500, 400 en 386 riksdaalders onderskeidelik verkoop, terwyl Leander, Fortuin en Liesie hulle welverdiende vryheid verkry het.[151]

Weens die lae pryse van weerspannige slawe, is hulle veral deur die minder gegoede boere in die landelike distrikte aangekoop. In die negentiende eeu het die Britse owerheid aan die Kaap juis van dié tendens kennis geneem: "We are certainly aware that a practice prevails at the Cape of purchasing slaves of bad, perhaps of infamous, character for a low price in Cape Town and removing them to the remote parts of the country." [152] Die aantal slawe wat van Kaapstad na die plattelandse gebiede verskuif het, het van 183 in 1816 tot 697 in 1824 toegeneem.[153] Slawe het 'n intense vrees gekoester om aan eienaars in die afgeleë gebiede verkoop te word. In 1814

---

144 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 95.

145 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 50.

146 *Ibid. II,* p. 130.

147 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede,* p. 325.

148 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 206 - 207 en 269.

149 Lady Anne Barnard, *The letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 93.

150 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 66.

151 *Ibid.*

152 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXIII,* p. 109.

153 *Ibid. XXVII*, p. 422; *Ibid. XXXIII*, pp. 11 - 12; *Ibid. XXXV*, p. 374; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, pp. 164 - 165.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het 'n slavin in reaksie op 'n dreigement dat haar drie kinders aan binnelandse boere verkoop sou word, hulle uit wanhoop in die see gaan verdrink en is self net betyds van verdrinking gered.[154]

Sedert die tweede helfte van die sewentiende eeu is eienaars wat hulle slawe mishandel of gedood het, gestraf deur al hulle oorblywende slawe op 'n veiling te verkoop.[155] So is die vier oorblywende slawe van Gottlieb Opperman op dié wyse verkoop nadat hy aan moord op een van sy slawe skuldig bevind is.[156] Op 24 Desember 1686 het die Politieke Raad 'n besluit geneem ingevolge waarvan die slaaf Isak van Ceylon wat aan die meulenaar Tobias Marquard behoort het, "ten Castele an den meestbiedende in gereden gelde opentlijk te doen verkopen" om hom van "syns meesters wraak en belgsugt en gedreigde harde bejegeningen te bevrijden".[157]

Goeie slawe, en veral huishoudelike Kaapsgebore slawe, is selde privaat of op openbare veiling verkoop. Slawe wat binne die eienaar se huishouding gebore is, sowel as kinderversorgers en voedsters of soogvroue was van die waardevolste slawe en het byna nooit die Kaapse slawemark bereik nie en, indien wel, het hulle buitengewoon hoë pryse in opspraakwekkende veilingsdramas behaal.[158] Indien 'n veiling wel vanweë bankrotskap moes plaasvind, is die betrokke slawe toegelaat om 'n keuse ten opsigte van 'n nuwe eienaar uit te oefen. By die afsterf van 'n eienaar is die slawe gewoonlik tussen die kinders en naasbestaandes verdeel of deur genoemde persone op die boedelveiling aangekoop.[159] In sommige gevalle het die testament van die gestorwe eienaar bepaal dat alle slawe na sy kinders moes gaan en dat sodanige slawe nooit buite die familie verkoop mag word nie.[160]

Die mees algemene wyse waarop slawe aan die Kaap verkoop is, was per openbare veiling of vendusie, wat 'n uiters gewilde gebruik aan die Kaap was. "Not a day passes without several of these [auctions] being held both before and after dinner. The people of the Cape ... have a remarkable propensity for public vendues",[161] aldus John Barrow. Burchell het opgemerk dat verskeie veilings op 'n daaglikse basis plaasgevind het en "in this manner estates also, and property of every description are sold".[162] Die anonieme skeepsoffisier en skrywer van *Gleanings in Africa* was van mening dat dit een van die belangrikste tydverdrywe van die Kapenaars, veral die vroue, was.[163] In die VOC-tydperk het die Kompanjie veral van dié metode gebruik gemaak om nuut gearriveerde slawegroepe van die hand te sit,[164] terwyl slawe in

---

154 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XIV,* p. 484.

155 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 98.

156 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC. 4045 - VOC. 4360, VOC. 4117, fol. 810 - 811: Gewone- en secrete stukken, uit de Kaap de Goede Hoop, Mauritius (Perzië en Suratte) in Nederland aangekomen, 1700 - 1794, 1731-07-12, soos aangehaal *in* R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 99.

157 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 146.

158 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 326.

159 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 78.

160 K.A.B.: MOOC. 8/11, nr. 30: Inventarissen 1685 - 1800, 1762-04-20.

161 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 387.

162 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 79.

163 *Gleanings in Africa,* p. 61.

164 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 163.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

privaatbesit op boedelveilings,[165] bankrotveilings [166] en algemene vrywillige vendusies verkoop is.

Kompanjie-slaweveilings is deur kennisgewings wat teen die Kasteelhekke en op die hoeke van die hoofdeurgange aangebring is, geadverteer. Indien die Kompanjie 'n groot wins op die verkope van opgekoopte buitelandse slawe wou maak, is veral moeite gedoen om die inwoners in die meer afgeleë gebiede oor nuwe slawevragte en daaropvolgende veilings in te lig. In 1785 is 'n kennisgewing aan die landdroste van Stellenbosch en Swellendam gestuur om die aankoms van 'n slawevrag wat verkoop gaan word, te adverteer.[167]

'n Datum vir 'n veiling is in oorleg met die vendusiemeester vasgestel.[168] Die vendusie of veiling is dan weke voor die vasgestelde datum deur kennisgewings by openbare bymekaarkomplekke geadverteer. Die aard van verkope, die datum, voorwaardes en dies meer is in die advertensie uiteengesit.[169] Selfs die klerke en afslaers van die vendusiemeester het opdrag ontvang om die vendusie op voorafgaande veilings waarby hulle betrokke was, te adverteer.[170]

Op die veilingsdag het die afslaersassistent tussen agt- en nege-uur die oggend die veiling luidkeels met 'n ghong by die kruispaaie van die dorp aangekondig. Alle veilings het stiptelik om nege-uur begin.[171] Talle slaweveilings het onder die Slaweboom op Kerkplein in Kaapstad plaasgevind. Vandag word die presiese plek waar die groot ou denneboom gestaan het deur 'n plaket op 'n verkeerseiland aangedui. Vendusies was vir alle betrokkenes, buiten die slawe wat opgeveil moes word, gesellige okkasies. Dit blyk onder meer uit die waarneming van Kolbe: "... terwyl by de genen, die aan de Kaap voorvallen de kopers enkelyk met een glas wyn en een pyp tabak onthaalt worden, ten einde de Kopers door den wyn aangemoedigt, wat rykelyker in 't bieden syn zouden." [172] In 1827 het George Thompson (1796 - 1889),[173] wat van 1818 tot 1859 as handelaar aan die Kaap woonagtig was, hierdie aspek van die plaaslike veilings belig: "... a public sale of any importance, usually collects a number of the inhabitants together, as much with the view of meeting company as making a bargain." [174] Vendusies was dus gewilde bymekaarkomplekke vir sosiale verkeer en op die platteland is vendusiegangers op gratis maaltye en verversings, soos bier, wyn, tabak, koffie, tee en koek getrakteer, terwyl gratis oornagverblyf ook verskaf is.[175] In die eerste fragment van die dagboekie van Johanna Duminy

---

165 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 231; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 43.

166 K.A.B.: CJ. 3074: Gemengde Notariële stukke (slawe-oordragte) 1715 - 1719, 1718-12-31.

167 K.A.B.: 1/STB 10/5: Inkomende briewe van Goewerneur en Politieke Raad, 1686 - 1795, 1785-10-12 en 1785-11-18.

168 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson's Auctions - their good and evil tendency I, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 39 (4), Junie 1985, p. 147.

169 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 93.

170 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson's Auctions - their good and evil tendency I, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 39 (4), Junie 1985, p. 147.

171 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 42.

172 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 297.

173 D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 765.

174 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa* (red. V.S. Forbes), p. 87.

175 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 297; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke with life of the author 1818 - 1823, I*, p. 332.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 8: 'n Kaapse slaweveiling in 1824, soos uitgebeeld in die *New Monthly Magazine.* Die trauma en ontwrigting van slawe wat op openbare vendusie verkoop is, het meer as een besoeker aan die hart gegryp wat dit redelik volledig in dagboeke en reisbeskrywings aangeteken het.

Uit: N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 1797 tref ons 'n interessante en vermaaklike beskrywing van 'n besoek aan 'n plattelandse vendusie aan.[176] By hulle aankoms het Johanna Duminy opgemerk dat "... er was rykelik menschee de tavels wiert gedek ... wij gong aaten".[177]

Humoristies vermeld sy ook van die twee boere wat hulle groot pret verskaf het "om het aan (te sie)n sij slonge malkaar dugtigt af en de glaasie wijn gong vris op sij dronken of het waater was ..." [178] Na afloop van die vendusie was daar gewoonlik 'n dans waarvan die musiek deur 'n ingevoerde Kaapstadse orkes verskaf is,[179] soos dit inderdaad ook die geval was met die vendusie wat Johanna Duminy bygewoon het: "... soo als doe caars was opgestooken kwam de viioole in de galderij en sij gong vris op aan dansen ..." [180] Teen dié tafereel van gesellige sosiale verkeer het die drama van die slawe, wat saam met die diere en huisraad opgeveil moes word, **(Fig. 8)** hom afgespeel. Die angs vir 'n nuwe lewe onder 'n onbekende, moontlik ongenaakbare meester en die pyn van skeiding en afskeid van familie en vriende het van 'n vendusie 'n uiters onaangename, ontwrigtende en traumatiese gebeurtenis vir die betrokke slawe gemaak. Emosionele pyn en angs was meesal deel van 'n slaweveiling. Tydens sy kort verblyf in 1797 aan die Kaap het James Williams, 'n militêre geneesheer, in 'n brief aan sy suster die beproewing van sodanige slawe beskryf: "... led forth like so many Horses and Cows and made to throw out their arms and legs etc. to show they were perfect after which they were consigned tot the best Bidder." [181]

In die negentiende eeu het onder meer Semple,[182] Bird [183] en Teenstra, insiggewende beskrywings van slaweveilings aan die Kaap gegee. Dit was veral Teenstra wat deur die onbenydenswaardige lot van die slawe op slaweveilings aangegryp is, soos blyk uit sy waarnemings en ervarings van 'n boedelvendusie waartydens negentien mans- en vroueslawe, sowel as slawekinders te koop aangebied is.[184] Tydens dié vendusie is 'n dertienjarige wees slaweseun aan 'n boer van die afgeleë Oosgrens verkoop. Sy reaksie toe die bod toegeslaan is en op die vooruitsig van 'n gedwonge skeiding van sy bejaarde grootmoeder, sowel as sy daaropvolgende behandeling, het Teenstra as volg beskryf:

> De knaap dit vernemende, sprong op den gegevenen hamer- of toeslag (die hem als een donderslag moet hebben getroffen) van de tafel af - zijne droefheid ging in woede en razernij over; maar hy word gepakt, gebonden en op den wagen gesmeten, en alzoo tegen wil en dank door zijn nieuwen eigenaar vervoerd.[185]

Sy emosionele betrokkenheid by die traumatiese afskeid tussen die slaweseun en sy ouma blyk uit die volgende: "... daar zijne weemoedige uitdrukkingen, nu en dan door het gevoel van zijn

---

176 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 82 - 87.

177 *Ibid.*, pp. 82 - 83.

178 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* p. 83.

179 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 84.

180 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 84 - 85.

181 K.A.B.: A. 1790: Letter of James Williams, 1797-01-05.


182 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 43 - 45.

183 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* pp. 346 - 349.

184 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 347 - 349.

185 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



L[a] H F[o] 46
to
L[a] R F[o] 12

№ 1184

OFFICE FOR THE ENREGISTERMENT OF SLAVES,
Cape of Good Hope, Cape Town, 30th October 1818

THESE are to certify, that Mr. Matthias Hoffman
having sold to Mr. Philips Ranst
residing at Cape Town
as it appears
by a Document dated the Thirtieth Day of October 1818 and
deposited in this Office, his Male Slave, named
Adonis now old about Sixteen Years and this Colonial born
in this Colony. being a Basket Boy.

said Slave has accordingly been transcribed and duly registered as the property of said Mr.
Philips Ranst.

G. I. Rogers
Registrar

Figuur: 9: Registrasie-dokument van 'n slawe-oordrag (transport) wat deur die Registrateur van Slawe in 1818 onderteken is.

Mendelssohn-versameling, Parlementsbiblioteek, Kaapstad. No. 39859.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rampzalig lot afgebroken, tot op den bodem van mijn hart doordrongen." [186] Hierop het Teenstra vervolg met 'n sterk pleidooi teen die onmenslikheid van slawerny en die dubbele standaarde en huigelary van die Christendom veroordeel.[187] Die outeur van *Gleanings in Africa* het in 1805 ook die ongenaakbaarheid ten opsigte van ouderdom, diensjare en familie-verbintenisse van slawe op vendusies vermeld en opgemerk dat die blootstelling van bejaarde slaweouers aan openbare veilings, 'n algemene verskynsel was.[188]

Etlike dae voor 'n veiling is slawe vir besigtiging aan die publiek vertoon. Alhoewel te koopte slawe met 'n genommerde kaart wat om die nek vasgebind is op 'n tafel moes staan om beter besigtig te word, is hulle nie, soos die Negerslawe in die suide van die Verenigde State van Amerika, deur voornemende kopers fisies gehanteer en geïnspekteer nie. Hulle was wel voor die bieëry 'n aanvang geneem het, aan intensiewe ondervraging met betrekking tot bekwaamhede en gebreke blootgestel, terwyl hulle in sommige gevalle hulle tande moes wys, tonge moes uitsteek, arms moes strek en so hoog as moontlik moes spring om voornemende kopers van hulle goeie fisiese toestand te oortuig.[189]

Die vereffening van die aangekoopte slawe het op verskeie wyses geskied. Indien die koper aan die afslaer bekend was, was hy op krediet geregtig.[190] Sodanige koper kon sy aankope direk na die veiling verwyder en die rekening eers ses weke later ontvang. Onbekende kopers moes twee waarborge verskaf en die volle aankoopsom in drie paaiemente betaal. Die waarborge is na die eerste betaling teruggegee.[191] Na die pokke-epidemie in 1713 kon eienaars slawe slegs teen kontant op veilings aankoop,[192] aangesien latere probleme en dispute rondom wegloperslawe, sowel as swak gesondheid van 'n aangekoopte slaaf, meesal daardeur uitgeskakel is.[193] Daarenteen kon grondeiendom wat op veilings aangekoop is per paaiemente afbetaal word.[194]

Elke koper het 'n "vendubrief" van die afslaer ontvang.[195] Die oordrag van 'n slaaf aan 'n nuwe eienaar is deur 'n wettige "transport" of akte vergesel. 'n Afskrif van dié dokument moes aan die sekretaris van die Politieke Raad en tydens Britse Bewind by die Slaweregistrasiekantoor **(Fig. 9)** besorg word.[196] Op die platteland moes die verkoop van 'n slaaf by die landdros van die bepaalde distrik geregistreer word. 'n Minimale belasting van twaalf stuiwers is op elke "transport" gehef.[197] Teen die middel van die agtiende eeu was die oordragkoste twee-en-'n-half persent van die aankoopprys.[198]

---

186 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 349.

187 *Ibid.,* pp. 349 - 350.

188 *Gleanings in Africa,* p. 60.

189 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 348; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke with life of the author 1818 - 1823, I,* pp. 333 - 334; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

190 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 43.

191 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 94.

192 R.C-H. Shell, *Children of bondage*, p. 108.

193 K.A.B.: MOOC. 10/3/2: Vendurollen 1691 - 1800, 1726-04-29.

194 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 109.

195 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 85.

196 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 186.

197 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 108.

198 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Slawe is ook tydens transaksies verpand. So is Anthony van Malabar in 1731 deur Johannes Craa vir 410 Kaapse gulden aan die Kerkraad verpand.[199] Hierdie praktyk het veral gedurende die agtiende eeu aan die Kaap toegeneem. In 1806 het die slawebesittende Samuel Hudson opgemerk dat slawebesitting vir veral bejaarde eienaars finansiële sekuriteit beteken het: "for the aged, 'tis their Bank." [200]

Slawe het ook ten tye van repatriasieverkope en kadastrale oordragte van eienaar verwissel. In repatriasieverkope het eienaars voor hulle vertrek terug na hulle vaderland, hulle slawe as 'n eenheid saam met die grondeiendom verkoop.[201] Tydens kadastrale oordragte het slawe 'n integrale deel van die totale oordrag van eiendom uitgemaak en het na die transaksie op die eiendom aangebly.[202] In baie gevalle is die slawe nie eens geïdentifiseer nie, maar slegs as "slawe en toerusting" vermeld. Voorts het slawe in donasieverkope gefigureer, wat hoofsaaklik vrystellingsoordragte en geskenkoordragte behels het. Tydens vrystellingsoordragte is die slaaf gewoonlik deur 'n familielid gekoop en dan vrygestel. In so 'n geval is die vereiste vrystellingsgeld nie aan die armefonds van die Kerk betaal nie en was die amptelike vrystellingsversoek en "vrijbrief" afwesig.[203] In geskenkoordragte is slawe gewoonlik binne dieselfde familie as geskenke deur een persoon aan 'n ander gegee. Gewoonlik het hierdie oordrag gepaard gegaan met 'n versoek deur die skenker dat die slaaf ter gelegener tyd deur die ontvanger vrygestel moes word.[204]

Nadat 'n slaaf dus een of ander tyd sonder keuse 'n draai op die Kaapse slawemark gemaak het, hetsy by sy aankoms aan die Kaap of tydens sy gevestigde verblyf, is hy binne 'n bepaalde milieu gevestig wat 'n belangrike rol in sy lewenswyse en -vorme, sowel as sy arbeid sou speel.

Vestiging binne streke

Die milieu waarbinne die slaaf hom moes vestig, was die dekor waarteen sy lewensverhaal hom sou afspeel; die gebied waarbinne sy menslike lotgevalle voltrek sou word. Dit sou 'n bepalende rol in sy daaglikse bestaan speel. Die geografiese, ekonomiese en sosiale milieu het op beide meester en slaaf 'n invloed uitgeoefen. Die aard van die eienaars, sowel as hulle nerings en gepaardgaande arbeidsbehoeftes binne 'n bepaalde streek het die vestiging en lewenswyse van slawe bepaal. Teen die einde van die agtiende eeu was duidelike streeksverskille aan die Kaap waarneembaar. Lewensomstandighede het aansienlik van streek tot streek verskil en 'n unieke akkulturasieproses tussen Europese, Oosterse en Afrikakulture binne die ekonomiese en sosiale strukture van 'n streek het 'n bepaalde streekshomogeniteit in die hand gewerk. Dit het tot die opkoms van sinkretiese kultuurpatrone in die Kaapse kultuur aanleiding gegee.[205] Van die sewentiende tot negentiende eeu het die vestiging van slawe aan die Kaap binne drie identifiseerbare streke plaasgevind, naamlik die stedelike gebied met Kaapstad as die middelpunt, die oorwegend akkerboustreek van die Suidwes-Kaap, wat

---

199 K.A.B.: CJ. 3081: Gemengde Notariële Stukke (slawe-oordragte), 1731-12-04.

200 R.C.-H . Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 68.

201 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 115.


202 *Ibid.,* pp. 115 - 116.

203 *Ibid.,* p. 118.

204 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 121.

205 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 167 en 172.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 10: 'n Plan van Kaapstad in 1767.
Oorgeneem en aangepas van 'n kaart in die Kaapse Argiefbewaarplek, M 3/18. Oorspronklike in die Algemeen Rijsarchief VEL 838.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklik deur die sandvlaktes van Kaapstad geskei is, en die afgeleë veeboerstreke ten noorde en ooste van die Kaap-Stellenbosch-Drakenstein-gebied.[206]

1. Die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt

Hoe het die milieu daar uitgesien waarbinne die Kaapstadse slaaf homself bevind het? Sedert 1652 het Kaapstad oor byna twee eeue heen van 'n beskeie verversingstasie en handelspos tot 'n gerekende hawedorp en handelsentrum gegroei. In 1659 was daar slegs 'n paar van baksteen geboude woonhuise met kelders, twee graanstore, 'n hospitaal, werkskwartiere vir die ambagslui, 'n graanmeule, twee verdedigingskanse wat in die landerye geleë was, woonhuise vir die tuinier, slawe en 'n vryburgerfamilie, 'n paar perde- sowel as skaapstalle,[207] terwyl die inwonertal oor die driehonderd getel het, waarvan 89 slawe was.

In 1698 het die nedersetting tot 'n klein dorpie met ongeveer driehonderd witgepleisterde huise langs die netjiese reguit strate gegroei.[208] In 1706 was Abraham Bogaert (1663 - 1727),[209] skeepsdokter en skrywer, veral deur die snelle groei van die volksplanting beïndruk: "Wonderlyk is 't in getal van huizen toegenomen ... Alle zyn ze van klipsteenen gebouwt ... Cierelyk doen zy zich in 't oog van verre op door de krytwitte kalk, waar mee zy van buiten gepleistert zyn". [210] In 1714 was daar vier breë strate wat onder meer die Heerengracht [211] en die Keizersgracht [212] ingesluit het. Volgens Francois Valentyn(1666 - 1727),[213] predikant en skrywer wat die Kaap vier keer onderweg en terug van die Ooste besoek het, was daar in dié tyd selfs huise hoër op teen Tafelberg en het die openbare geboue onder meer die onvoltooide Kasteel met sy vyf bastions en geboue wat as huisvesting vir die goewerneur, besoekende hoë skeepslui en die sekunde moes dien, die byna oktagonale kerk, die nuutgeboude hospitaal, sowel as die slawelosie, behels.[214] Langs die boomryke strate was ongeveer 254 oorwegend enkelverdieping rietdakhuise, met Kaapse stene gebou, netjies gepleister en afgewit. 'n Kaart van Kaapstad uit 1767 **(Fig. 10)** toon die uitbreiding van die dorp in 'n noordwestelike rigting teen die hange van Leeukop en Seinheuwel en na die suidweste al langs die Kompanjiestuine aan. Aan die bokant van Breëstraat was die marktuin Schotsekloof, sowel as twee stukke grond, later as Waalendorp bekend. Die ontwikkeling van hierdie gebied, uiteindelik as die Bo-Kaap bekend, het in 1760 'n aanvang geneem toe Jan de Waal, koster van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, die grond tussen Dorp- en Waalstraat van Alexander Coel aangekoop het en in 1761 die tweede stuk grond van die Burgerraad ontvang het. Tussen 1763 en 1768 het De Waal 'n aantal "huurhuisjes" op dié grond laat oprig.[215]

---

206 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 235 - 236.

207 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 76 - 77.

208 F. Leguat, *The voyages of Francois Leguat of Bresse to Rodriguez, Mauritius, Java and the Cape of Good Hope II*, p. 275; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 191 en 217.

209 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 79.

210 A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I*, pp. 99 - 100.

211 Tans Adderleystraat.

212 Tans Darlingstraat.

213 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 816.

214 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 14 - 20.

215 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklik deur die sandvlaktes van Kaapstad geskei is, en die afgeleë veeboerstreke ten noorde en ooste van die Kaap-Stellenbosch-Drakenstein-gebied.[206]

1. Die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt

Hoe het die milieu daar uitgesien waarbinne die Kaapstadse slaaf homself bevind het? Sedert 1652 het Kaapstad oor byna twee eeue heen van 'n beskeie verversingstasie en handelspos tot 'n gerekende hawedorp en handelsentrum gegroei. In 1659 was daar slegs 'n paar van baksteen geboude woonhuise met kelders, twee graanstore, 'n hospitaal, werkskwartiere vir die ambagslui, 'n graanmeule, twee verdedigingskanse wat in die landerye geleë was, woonhuise vir die tuinier, slawe en 'n vryburgerfamilie, 'n paar perde- sowel as skaapstalle,[207] terwyl die inwonertal oor die driehonderd getel het, waarvan 89 slawe was.

In 1698 het die nedersetting tot 'n klein dorpie met ongeveer driehonderd witgepleisterde huise langs die netjiese reguit strate gegroei.[208] In 1706 was Abraham Bogaert (1663 - 1727),[209] skeepsdokter en skrywer, veral deur die snelle groei van die volksplanting beïndruk: "Wonderlyk is 't in getal van huizen toegenomen ... Alle zyn ze van klipsteenen gebouwt ... Cierelyk doen zy zich in 't oog van verre op door de krytwitte kalk, waar mee zy van buiten gepleistert zyn". [210] In 1714 was daar vier breë strate wat onder meer die Heerengracht [211] en die Keizersgracht [212] ingesluit het. Volgens Francois Valentyn(1666 - 1727),[213] predikant en skrywer wat die Kaap vier keer onderweg en terug van die Ooste besoek het, was daar in dié tyd selfs huise hoër op teen Tafelberg en het die openbare geboue onder meer die onvoltooide Kasteel met sy vyf bastions en geboue wat as huisvesting vir die goewerneur, besoekende hoë skeepslui en die sekunde moes dien, die byna oktagonale kerk, die nuutgeboude hospitaal, sowel as die slawelosie, behels.[214] Langs die boomryke strate was ongeveer 254 oorwegend enkelverdieping rietdakhuise, met Kaapse stene gebou, netjies gepleister en afgewit. 'n Kaart van Kaapstad uit 1767 **(Fig. 10)** toon die uitbreiding van die dorp in 'n noordwestelike rigting teen die hange van Leeukop en Seinheuwel en na die suidweste al langs die Kompanjiestuine aan. Aan die bokant van Breëstraat was die marktuin Schotsekloof, sowel as twee stukke grond, later as Waalendorp bekend. Die ontwikkeling van hierdie gebied, uiteindelik as die Bo-Kaap bekend, het in 1760 'n aanvang geneem toe Jan de Waal, koster van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, die grond tussen Dorp- en Waalstraat van Alexander Coel aangekoop het en in 1761 die tweede stuk grond van die Burgerraad ontvang het. Tussen 1763 en 1768 het De Waal 'n aantal "huurhuisjes" op dié grond laat oprig.[215]

---

206 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 235 - 236.

207 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 76 - 77.

208 F. Leguat, *The voyages of Francois Leguat of Bresse to Rodriguez, Mauritius, Java and the Cape of Good Hope II*, p. 275; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 191 en 217.

209 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 79.

210 A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I*, pp. 99 - 100.

211 Tans Adderleystraat.


212 Tans Darlingstraat.

213 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 816.

214 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 14 - 20.

215 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 11: 'n Gravure van 'n plan van Kaapstad in 1830 deur G. Greig van die oorspronklike plan van 1827 deur George Thompson, soos dit in sy *Travels and adventures in Southern Africa* verskyn het.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town,* teenoor p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1775 is verskeie nuwe strate aangelê, die nuwe Burgerwachthuis gebou, die Parade met behulp van slawe gelykgemaak en eikebome daaromheen geplant. In 1776 is die Lutherse Kerk voltooi, in 1781 die Martin Melckhuis en in 1787 die Kosterhuis.[216] Teen die middel van die agtiende eeu was daar ongeveer 1 200 huise in die dorp waarvan die meeste aan die vryburgers behoort het. Die res was die eiendom van Kompanjiesamptenare wat dit deur persoonlike aankope of by wyse van huwelike bekom het.[217]

Na 1790 het verdere uitbreiding bokant Buitengracht teen die hange van Leeukop plaasgevind. Die Bo-Kaap het vinniger as die platter Onder-Kaap ontwikkel, aangesien dit binne stapafstand van die inwoners se werksplekke was. Bowendien was 'n groot stuk grond om die Kasteel buite perke vir ontwikkeling, aangesien dit vrye koeëlafstand vir die kanonne moes verseker. Wat die verdere ontwikkeling van die Bo-Kaap betref, is verskeie strate wat Buitengracht sou kruis, aangelê onder meer Waal-, Kortmark-, Langmark-, Hout- en Kasteelstraat, terwyl Chiappini- en Roosstraat parallel met Buitengracht aangelê is.[218] Die eerste inwoners van die rye plakdak "huurhuisjes" was oorwegend Indonesiese vryslawe en bannelinge wat as knap ambagslui en vakmanne hulle brood in die nabygeleë dorpsgebied moes verdien.

Volgens Cornelius de Jong, wat die Kaap tussen 1792 en 1795 besoek het, is daar in dié tyd baie huise vir die toenemende getal inwoners aan die Kaap gebou en was "[h]et bouwen ... hier niet slechts eene liefhebberij, het is eene drift, eene dolheid, een besmettelijke razernij, die meest alle inwoners heeft Aangestoken".[219] Wat die inwonertal in 1795 betref, het die 7 049 slawe in Kaapstad die 4 972 blankes getalsgewys oortref.[220] Teen 1797 was daar reeds 1 140 woonhuise in Kaapstad,[221] terwyl die inwonertal op 15 500 geskat is. Volgens die historikus, Nigel Worden, kan die snelle groei van die burgerbevolking in Kaapstad gedurende die agtiende eeu aan vroeë huweliksouderdomme, verhoogde vrugbaarheid, laer sterftesyfer, sowel as 'n toenemende aantal persone wat burgerstatus verkry het, toegeskryf word.[222] Teen die einde van die agtiende eeu was Kaapstad die sentrum van die VOC-administrasie en -garnisoen, sowel as die enigste hawe in die Kaapkolonie, gunstig geleë op die seeweg na die Ooste. Bowendien was dit 'n belangrike mark en handelsentrum vir beide die plaaslike inwoners en boere, sowel as die besoekende seelui op pad na en van die Ooste. In die eerste helfte van die negentiende eeu het beide Burchell [223] en Bird [224] 'n idilliese prentjie van die Kaapstadse milieu waarbinne die slaaf hom bevind het, geskilder. Wat hieruit afgelei kan word, is dat dit 'n pragtige netjiese stad was wat vanaf die see oor die vallei tot teen die berge aan beide kante gestrek het, dat dit uit meer as twintig strate bestaan het wat wyd genoeg vir twee waens langsmekaar was, dat die ruim, gemaklike huise afgewit was en plat dakke gehad het met 'n stoep voor en 'n tuintjie agter.[225] Tussen Kaapstad en die berge was die private marktuine waaruit die Kapenaars oorvloedig van vrugte en groente voorsien is. Teen 1827 is nog strate in die Bo-Kaap aangelê **(Fig. 11)**, wat onder meer Helliger- en Bergstraat ingesluit het, terwyl

216 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 5.

217 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 75.

218 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 5.

219 C. de Jong, *Reizen naar die Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 139.

220 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 193.

221 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 15.

222 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 10.

223 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 70 en 74.

224 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 146 - 147.

225 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Leeuwen- en Pepperstraat ook verleng is om die Buitengracht te kruis. Beide Schotsekloof en Stadzicht het toe nog as marktuine gefunksioneer en is eers in 1885 as woongebied ontwikkel.[226] Kaapstad het ook drie pleine gehad, naamlik Kerkplein, Groentemarkplein en Hottentot- of Boereplein.

Uit bogenoemde kan die geografiese milieu waarbinne die stedelike Kaapstadse slaaf hom bevind het, afgelei word. Wat die sosiale en kulturele milieu betref, was die stedelike slawe aan die vermenging van veral die Europese en Asiatiese kulture blootgestel. "A foreign (Asian) and a parent culture (European) were transferred with cultural simplification to an unfamiliar landscape at the Cape", aldus Vos.[227] Deurlopende Asiatiese beïnvloeding is te verklaar aan die feit dat die Kaap vir die eerste tagtig jaar van sy bestaan onder die gesag van die Goewerneur-Generaal en Raad van Indië gestaan het en as onderdeel van die VOC se uitgebreide Oosterse handelsryk, direkte verbinding met die "hoofstad" en middelpunt Batavia gehad het. Voorts was beide Batavia en vanaf 1663 ook Ceylon, redelik vinnig en maklik oor die Indiese Oseaan bereikbaar [228] en kontak met die Ooste verhoudingsgewys meer intensief as met die afgeleë Nederland. Kultuuroordrag van die verskeie Indiese en Indonesiese kulture op die Europeërs in Kaapstad het veral deur middel van kontak met geskoolde Oosterse ambagslui, die huisslawe en die vryswartes (vry slawe) plaasgevind. Dit is verder versterk deur Kompanjiesamptenare wat reeds in Batavia deur dié kultuur beïnvloed is en ook met die koloniale kultuur van die VOC in die Ooste kontak gemaak het. Elemente van die Oosterse kultuur het veral in die Kaapse koskultuur, musiek en die Kaaps-Hollandse argitektuur neerslag gevind.[229] Die stedelike kultuur met beide Oosterse en Europese elemente is deur 'n verskeidenheid groepe, soos Kompanjiesamptenare, slawebesittende en nie-slawebesittende burgers, Chinese handelaars, Oos-Indiese bannelinge, ongeskoolde en geskoolde Oosterse en Afrikaslawe en ambagslui, sowel as vryswartes, gedeel. Die naasbestaan van al dié groepe binne 'n eiesoortige sosiale struktuur het 'n vervaging tussen 'n monopolistiese blanke heersersklas en 'n nie-blanke werkersklas tot gevolg gehad. Die onderskeid was in 'n groter mate merkbaar tussen 'n bepekte aantal gesiene hoëlui, soos Kompanjies- en skeepsamptenare, koopmanne, slawebesittende burgers enersyds en tydelike, sowel as inwonende matrose, soldate, vryswartes, Chinese en slawe andersyds.[230] Nouer kontak tussen die slawe en 'n heterogene meestersklas, 'n groter mate van sosiale vloeibaarheid binne die stedelike milieu, sowel as bekering tot die Islam het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van 'n eiesoortige slawekultuur teen die einde van die agtiende eeu, wat veral deur elemente van die Asiatiese kulture en die Islam gekenmerk is. Hierdie slawekultuur was nie so dinamies soos dié wat die Afro-Amerikaanse slawegemeenskappe van die Nuwe Wêreld gekenmerk het nie.[231]

Binne die groter sosiale beweeglikheid van Kaapstad het die stedelike slaaf in privaatbesit ook makliker toegang tot vryheid gehad. Die moontlikheid van 'n eie verdienste waarmee vryheid uiteindelik gekoop kon word, het 'n positiewe invloed op die moraal en aspirasies van talle stedelike slawe gehad. 'n Groter mate van sosiale vloeibaarheid en kontak het ook bloedvermenging in die hand gewerk. In dié verband het groot slawegetalle, besoekende en

---

226 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 7.

227 H.N. Vos, *An historical and archaelogical perspective of colonial Stellenbosch, 1680 - 1860,* M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1993, p. 12.

228 P. van Dam, *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie II* (red. F.W. Stapel e.a.), p. 252.

229 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 167.

230 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 22.

231 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inwonende matrose, die garnisoen en 'n tekort aan Europese vroue aan die Kaap, 'n rol gespeel. 'n Belangrike faktor in die definiëring van die Kaapstadse sosiale en ekonomiese milieu was die sterk kommersiële, merkantiele aard van die Kaapse lewenswyse, wat veral sedert die eerste helfte van die agtiende eeu posgevat het. Die feit dat die sewentiende-eeuse Nederlanders oorwegend 'n handelsnasie was wat groot waarde aan geld, eiendom en wins geheg het, het waarskynlik 'n rol in dié verband gespeel. Vir die koopmansgemeenskap van die Verenigde Nederlande was geld en goedere wesenlike elemente in hulle daaglikse bestaan. Hierdie ingesteldheid is deur die Nederlanders na die Kaap oorgedra en sou sterk in die Kaapse samelewing manifesteer. Daarbenewens was Kaapstad, weens sy gunstige ligging op die seeweg van die VOC-retoervlote en buitelandse slawehandelaars, die ideale mark en handelsentrum vir plaaslike, sowel as buitelandse indiwidue. Die Kaapstadse handel het veral voordeel getrek uit die toegeeflikheid van die Kompanjie ten opsigte van die invoere van handelsware deur die Kaapse amptenare. Hierdie toegeeflikheid het nie ten opsigte van die Oosterse amptenare gegeld nie en uit vrees vir die konfiskasie van ongeoorloofde vrag, was amptenare verplig om gereeld ware aan die Kaap van die hand te sit. Die Kaapse amptenare was die vernaamste aankopers van sodanige ware, terwyl hulle vroue die herverkope hanteer het.[232] Die besit van 'n eie huis het 'n ideale geleentheid vir die verkoop van handelsware gebied. "The married servant of the Company is seldom content with his pay and emoluments and always tries to add a little to this income by private trading", aldus Mentzel oor die Kompanjiesamptenaar as privaathandelaar.[233] Op dié wyse het baie amptenare kapitaliste of "nachtwerkers" [234] geword, soos dit met die prominente slawebesittende VOC-amptenaar en boekversamelaar, Joachim von Dessin, in die agtiende eeu die geval was.[235] Wat die burgers betref, was hierdie handelsaktiwiteite nie-amptelik en meesal in die geheim deur hoofsaaklik die vroue bedryf. Die rede vir die klandistiene aard van dié handeldrywery is in die agtiende eeu deur Mentzel uitgespel: "All public trading is a strict monopoly of the Company. Private trade is therefore largely surreptitious, a variety of goods being kept in private house ..." [236]

By implikasie het die aard en lewenswyse van die slawebesittende Kaapstadse burger en amptenaar 'n invloed op dié van sy slawe gehad. Slawe sou aktief by die handelsbelange van hulle meesters betrokke wees. Die reeds vermelde handelsgeoriënteerde aard van die Kaapstadse burgers is deur besoekers, reisigers en skrywers opgeteken. Mentzel was van mening "that every man in town, be he a free burgher, or official, pasgänger, or free worker, yea, even a common soldier, is at the same time a huckster and a trader ... [237] Trade, therefore, may be considered a very important branch of the activities of the Cape inhabitants".[238] Teen die einde van die agtiende eeu is hierdie tendens deur John Stavorinus, John Barrow, sowel as Cornelius de Jong bevestig. Volgens Stavorinus het "[d]e meeste huisgezinnen aan de Kaap bestaan van den Koophandel die zij met de Schepelingen drijven, of met het houden van logement voor de scheeps officieren", [239] terwyl Barrow van mening was dat "[i]n fact, the

---

232 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 78.

233 *Ibid. II*, p. 75.

234 *Ibid. II*, p. 85.

235 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 55.

236 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 79.

237 *Ibid. II*, p. 75.

238 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 80.

239 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

minds of every class ... were wholly bent on trade ... money-matters and merchandize engross their whole conversation".[240] De Jong het opgemerk dat "[a]lle, die koeijen hebben, verkoopen melk, die tuinen hebben, groentens; geen huis is er bijna ... of men vindt 'er iets te koop".[241] In die sewentigerjare van die agtiende eeu het die besigheidsin van die Kaapstadse inwoners ook die Sweed, Thunberg, opgeval wat van mening was dat alle Kaapstadse inwoners 'n besigheid bedryf het.[242] Beide Robert Percival en Robert Semple het ten tye van die Eerste Britse Besetting hierdie tendens bevestig. Terwyl Percival opgemerk het dat elke persoon aan die Kaap op een of ander wyse 'n handelaar was,[243] was Semple oortuig dat handel byna alle fasette van hulle lewe oorheers het. Idees en gesprekke was handelsgeoriënteerd, terwyl goeie vriende wins uit onderlinge verkope gemaak het. Die waarde van 'n goeie huisvrou is volgens haar kennis van die pryse van 'n verskeidenheid handelsartikels bepaal.[244] In haar waarnemings van die Kapenaars het lady Anne Barnard in 1797 tot die gevolgtrekking gekom dat die vrye tyd van die Kaapse mans in beslag geneem is deur verkope, aankope van besoekende skepe, seremonies en begrafnisse, "the two first they live by".[245]

Tydens die gevangehouding van die keiserlike Russiese sloep *Diana* van 1808 tot 1809 in die Simonsbaaise hawe, was die skeepsoffisier V.M. Golovnin verstom deur die ongekende alles oorheersende handelsdrif van die Kaapstadse burgers: "They consider that to make money is the main aim of their lives and therefore the majority of the townspeople are in business ... It is possible that in the whole world there is no place where the tendency to commercial speculation and the desire for profit makes itself so evident as here." [246] 'n Negatiewe uitvloeisel hiervan was dat die inwoners van Kaapstad hulle aan finansiële uitbuiting van besoekende skeepslui skuldig gemaak het, wat aan die Kaap 'n slegte naam besorg en die inwoners as "schmousen" en skelms gebrandmerk het.[247]

Die handelsingesteldheid het ook die Kapenaars se benadering en siening van slawe beïnvloed. Afgesien van 'n paternalistiese verhouding tussen meester en slaaf, is die nut van enige slaaf op 'n ekonomiese waardepaling gebaseer waarbinne sentiment meesal nie 'n primêre rol gespeel het nie. Slawe was nes vee, implemente, meubels en huisitems verhandelbare goedere en die verkope daarvan op blote wins en voordeel ingestel. So was die slaaf in baie opsigte die slagoffer van dié handelsbeheptheid, soos die outeur van *Gleanings in Africa* in 1805 tereg opgemerk het: "Here there is an ever-shifting scene of all kinds of property, and the poor slave is destined to experience a similar transfer ..." [248] Sekere Kaapse slawebesitters het slawe as die vernaamste vorm van rykdom beskou.[249] Selfs vryswartes was ook in besit van slawe.[250] Vir

---

240 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 48.

241 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 156.

242 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36.

243 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 256.

244 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 33.

245 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 226.

246 V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), pp. 57 - 58.

247 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 75.

248 *Gleanings in Africa,* p. 60.

249 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 344.

250 K.A.B.: SO. 6/30, p. 63: Register of Slaves, 1824-10-19; SO. 6/30, p. 78: Register of Slaves, 1816-06-27; SO. 6/30, p. 79: Register of Slaves, 1816-06-27; SO. 6/12, p. 15: Register of Slaves, 1816-06-20; SO. 6/12, p. 6: Register of Slaves, 1816-06-21; SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle was slawe die enigste vorm van eiendom wat hulle sonder veel komplikasies kon besit. Slawe was dus oor die algemeen waardevolle kommoditeite en slawebesit 'n weerspieëling van die eienaar se welvarendheid. Verlies van 'n slaaf deur weglopery of dood was 'n gevoelige finansiële slag vir die eienaar. Bewus van die waarde wat hy en sy medeslawe vir hulle eienaar gehad het, het 'n ouer gebelgde slaaf, wat hom in dubbele mate op sy onregverdige meester wou wreek, 'n onskuldige medeslaaf doodgesteek, "[because] he knew his Master loved his money better than his life, that by stabbing a Slave worth 1,000 dollars, and being hanged for it, he should be doubly revenged of him", aldus lady Anne Barnard.[251]

Buiten vir hulle sterk besigheidsin, is die lewenswyse van die Kaapstadse inwoners ook deur 'n matelose gemaksug gekenmerk. Dit het vanselfsprekend 'n invloed op die arbeid en lewenswyse van die slawe in hulle besit uitgeoefen. Slawe is in elke denkbare arbeidsfeer aangewend ingevolge waarvan hulle 'n onmisbare element in die Kaapstadse ekonomie en samelewing geword het. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat alle werk deur slawe gedoen is, [252] terwyl mevrou Kindersley deur haar waarnemings in 1765 oortuig is dat die Kapenaars nie juis arbeidsaam was nie en alle arbeid aan die slawe oorgelaat is.[253] In 1792 het De Jong insiggewende kommentaar op die gemaksug van die Kapenaars gelewer:

> In het karakter van de inwooners heb ik u reeds doen opmerken hunne trek tot gemak, die gedeeltelijk uit trotscheid, om zich niet met den slaaf gelijk te stellen, en nog meer uit eene natuurlijke neiging voortvloeid. Over het geheel ken ik geen menschen, die sterker eten, sterker drinken en meer slapen ... Maar geene ambachtslieden werken. De slaven doen alles.[254]

Die kritiese Barrow was van mening dat die inwoners van Kaapstad "an idle dissolute race of men" is wat slegs 'n bestaan uit die arbeid van hulle slawe kon maak,[255] terwyl Percival die Kapenaars se lewe onvleiend as "a most lamentable picture of laziness and indolent stupidity" beskryf het.[256] In 1813 het John Campbell beweer dat die Kapenaars, juis vanweë die feit dat hulle baie slawebediendes gehad het, oor die algemeen baie slaap en bra min doen.[257] Die outeur van *Gleanings in Africa* het hierdie "inactivity and indolence" ook aan die gemaklike wyse waarop hulle deur hulle slawe onderhou is, toegeskryf.[258] In 1825 het Teenstra hierdie gegewe bevestig deur op te merk dat, "door de veelheid der slaven, waarvan men zich hier tot in het geringste bedienen laat, leven de Kapenaars lui en lekker, en oefenen een onbepaald gezag op hunne zwarte onderdanen uit".[259]

---

251 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 300.

252 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90.

253 Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies*, p. 65.

254 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 147 - 148.

255 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 387.

256 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 255.

257 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 321.

258 *Gleanings in Africa*, p. 66.

259 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 372.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit voorgaande getuienis van 'n verskeidenheid waarnemers is dit voor-die-hand-liggend dat slawe 'n onmisbare rol in die bereiking en handhawing van die handelsgeoriënteerde en gemaksugtige lewenswyse van die welvarende Kaapstadse inwoners gespeel het. Die outeur van *Gleanings in Africa* het tereg opgemerk dat die slawe in wese die families in wie se diens hulle hulle bevind het, onderhou het en dat die goud in die sakke van hulle eienaars, die gedistilleerde produk van slawesweet was.[260]

Om die impak van die slawe op die Kaapstadse samelewing beter te verstaan, is dit nodig om 'n oorsig oor die slawegetalle in Kaapstad, sowel as in die huishoudings te gee. In 1662 was slegs drie slawe in vryburgerbesit,[261] maar teen die begin van die agtiende eeu het die slawe van dorpsburgers die Kompanjieslawe in getalle begin oortref. Teen die middel van die agtiende eeu was ongeveer 'n derde van alle slawe wat in Kaapstad gevestig was, in diens van die VOC. Gedurende die sewentiende eeu was die aantal slawe in besit van Kaapstadse burgers gering. Teen 1760 het hierdie slawe reeds 'n kwart van die totale slawebevolking van die Kaapkolonie uitgemaak [262] totdat hulle met die beëindiging van Kompanjiesbeheer in 1795, reeds 97% van die totale slawebevolking van 17 313 aan die Kaap verteenwoordig het.[263]

Die aantal slawe per Kaapstadse huishouding is deur die status en welvarendheid van die eienaars bepaal. Uit navorsing van Nigel Worden blyk dit dat daar in 1752 'n gemiddeld van vier volwasse slawe per Kaapse huishouding was. Tot 1770 het die meerderheid Kaapstadse huishoudings minder as vyf volwasse slawe gehad, terwyl 'n kwart van dié burgers slegs een slaaf gehad het. Daarbenewens het Worden bevind dat die gemiddelde aantal slawe per huishouding in Kaapstad minder as op die platteland was.[264] Uit die waarnemings van besoekers en reisigers aan die Kaap blyk dit dat daar veral teen die tweede helfte van die agtiende eeu heelwat meer slawe in die meer gegoede Kaapstadse huishoudings was. Dit het ten nouste met status en gerief verband gehou. In sy sinisme teenoor die weelde en spandabelheid van sekere Kapenaars, het De Jong in die laat-agtiende eeu opgemerk dat daar weinig huise aan die Kaap was "waar men ten minste geen tien of twaalf slaven zal vinden",[265] terwyl Barrow in dieselfde tyd van nog meer slawe per huishouding bewus was: "... yet it is not unusual to find from twenty to thirty [slaves] in one house." [266] Volgens Robert Percival het die slawe in die Kaapstadse huishoudings tussen tien tot vyftien en selfs twintig gewissel.[267] In 1806 het Hudson opgemerk dat selfs die stedelike huishouding van 'n jonggetroude Kaapse paartjie tien, twaalf en soms twintig slawe gehad het.[268] Die gegoede Kaapstadse burger Joachim von Dessin het teen die middel van die agtiende eeu agt volwasse en vyf kinderslawe in sy

---

260 *Gleanings in Africa,* p. 66.

261 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 23.

262 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 37.

263 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 202.

264 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 37 - 38.


265 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 143.

266 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p . 46.

267 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 283.

268 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 12: Kaart van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek waarbinne 'n groot aantal plaasslawe hulle bevind het.

Uit: R. Ross, *Cape of Torments* (London, 1983), p. 126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huishouding gehad.[269]

Beide Kompanjieslawe en slawe in privaatbesit het 'n belangrike rol in Kaapstad as die administratiewe setel en handelsentrum van die Kolonie gespeel. Alhoewel arbeid oorwegend die lewering van dienste behels het, was 'n aansienlike aantal geskoolde slaweambagslui in Kaapstad gevestig. Die Kaapstadse slaaf het hom binne 'n meer vloeibare, multi-kulturele sosiale opset met 'n sterk handelsgeoriënteerde karakter bevind. In die meer beperkte milieu van die eienaar se huishouding het die arbeid van die privaatslaaf rondom die huishoudelike en besigheidsbelange van sy meester gewentel en het die woonplek, temperament, beroep en welvarendheid van die eienaars 'n belangrike invloed op die lewenskwaliteit en lewenswyse van die slawe uitgeoefen. Alhoewel geen aspek van slawerny goed te praat is nie, is dit uit die dagboeke en reisbeskrywings af te lei dat die slawe in Kaapstad oor die algemeen 'n beter lewe as hulle broers en susters op die plase gevoer het. Tydens die Eerste Britse Besetting het Percival onder meer opgemerk dat "the domestic slaves of Cape Town live equally happy as our own [British] servants, and only retain the name of slaves ... but I must say of the people of Cape Town , that they treat them well in comparison to the farmers and planters of the country parts ..." [270]

2. Die landelike akkerboustreke van die Suidwes-Kaap

Die vestiging van die vryburgers langs die Liesbeekrivier was die eerste stap in die oorgang van die Kaap van 'n verversingstasie na 'n kolonie. Mettertyd sou die uitbreiding van veral die akkerbou in die Suidwes-Kaap tot 'n groeiende boerderygemeenskap aanleiding gee wat by implikasie tot 'n toename in slawegetalle sou lei. Teen die agtiende eeu sou die meerderheid slawe in die Kaapkolonie in die meer gegoede akkerboustreke met sy arbeidsintensiewe ekonomie gevestig wees **(Fig. 12)**. In die dertigerjare van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat die uitbreiding van die Kaapkolonie toenemend meer slawe vereis het en dat elke boer heelwat meer slawe as lede van sy huishouding benodig het om by die verbouing van gewasse en ontwikkeling van die plaas betrokke te wees.[271] Teen 1773 was twee derdes van die slawe in die Kolonie op plase gevestig. Hiervan was 4 298 slawe in besit van die wingerd- en graanboere van die Suidwes-Kaap, terwyl slegs 1 850 slawe in besit van die veeboere in die afgeleë binneland was.[272] Die geografiese milieu van die landelike akkerbougebied waarbinne die betrokke slawe hulle bevind het, het oorwegend die onmiddellike hinterland van Kaapstad sowel as die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte, wat deur die sogenaamde Kaapse sandvlaktes van Kaapstad geskei is, ingesluit. Die graanboere het hulle hoofsaaklik in die omgewings van Zwartland (Malmesbury), Blouberg, Koeberg, Vier-en-Twintig-Rivieren, Roodezand (Tulbagh), Tygerberg [273] en langs die Breërivier bevind, terwyl die meer welgestelde wingerdboere oorwegend by Constantia, Stellenbosch en al langs die Bergrivier tussen Franschhoek en die Paarl gevestig was.[274] In die vroeë negentiende eeu het veral

---

269 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 60 - 67.

270 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 292 - 293.

271 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 126.

272 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 25.

273 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 29.

274 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III,* (red. V.S. Forbes), pp. 165 - 167; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* pp. 117 - 118.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wamakersvallei (Wellington) sekere reisigers as 'n besonder vrugbare gebied, waar veral wyn en vrugte verbou is, opgeval. [275]

Alhoewel nie alle akkerbouboere ryk was nie, het talle slawe hulle nogtans in diens van 'n hele paar welgestelde meesters bevind. Teen 1690 het 'n paar akkerbouboere hulle rykdom aan die "pachtstelsel", die vrugbare grond en goedkoop slawearbeid te danke gehad. Teen die einde van die agtiende eeu was die huise van die wingerdboere reeds mooier as dié van die dorpsburgers. Die "pachtstelsel" het basies die verkoop van die voorsieningsreg van basiese kommoditeite, soos vleis en wyn, aan die hoogste bieër behels. Die suksesvolle bieër moes vir 'n bepaalde tyd en teen 'n vasgestelde prys as leweransier van die Kompanjie optree. Die pagters het boonop die alleenreg in die handel van die betrokke kommoditeite geniet. Aangevuur deur dié sterk finansiële dryfveer, het die paghouers hulle produksie opgestoot en in die proses ook die aantal slawe in hulle besit vermeerder.[276] In 1825 het sommige vooruitstrewende boere vyftig, tagtig tot honderd en selfs meer slawe en slavinne in besit gehad.[277]

Buiten die voordele van die pagstelsel, sou die vrugbare grond van die akkerboustreek ook 'n rol in die toenemende welvarendheid van die boere in die streek speel. In die vroeg-agtiende eeu het Abraham Bogaert 'n liriese beskrywing van die Kaapse gewasse gegee,[278] terwyl William Bird Stellenbosch in 1822 as letterlik een groot vrugteboord en wingerd beskryf het. Volgens hom was daar min plekke in die wêreld waar die vrugte in Januarie en Februarie só oorvloedig en van soortgelyke goeie kwaliteit was.[279] Die vrugbare aarde sou die tempo waarteen die akkerboere ryk geword het, aansienlik versnel. Volgens J.G. de Grevenbroek (1644 - 1725) het 'n sekere boer, wat in 1672 so arm soos 'n kerkmuis aan die Kaap gekom het, so vinnig opgang gemaak dat hy in 1695 reeds in besit van drie plase, agtduisend stuks vee en dertig slawe was.[280] Hinrich Lichtenstein verwys in dié verband ook na J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht wat 108 slawe in sy diens gehad het wat meer was as wat enige ander indiwidu tot op daardie stadium aan die Kaap besit het.[281] Volgens dominee François Valentyn was byna alle welgestelde boere by hulle aankoms aan die Kaap "naak en arm" en was een van die groot suksesverhale dié van die vleispagter Henning Hüsing wat volgens Valentyn van "een verken- of schaapenhoeder" gevorder het tot die eienaar van verskeie plase, waaronder die pragtige Meerlust en etlike mooi huise, sowel as kapitaal van 100 000 riksdaalders.[282] Teen 1701 het Hüsing reeds 72 slawe, talle vee en omvangryke wingerde gehad.[283] Die rede vir sy fenomenale rykdom is heelwaarskynlik daaraan toe te skryf dat hy en 'n vennoot die kontrak vir vleislewering aan die Kompanjie en later ook aan die vryburgers verkry het en dat hy vanaf 1685 tot 1707 die enigste slagter aan die Kaap was. Mentzel vermeld in die 1730's die bestaan

---

275 H. Lichtenstein, *Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 119.

276 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 104.

277 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 397.

278 A. Bogaert, Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia, *in* R. Raven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702*, p. 481.

279 W.W. Bird, *State of Cape of Good Hope in 1822,* p. 174.


280 I. Schapera en B. Farrington, *The early Cape Hottentots: Described in the writings of Olfert Dapper (1688), Willem Ten Rhyne (1686), and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*, p. 279.

281 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.


282 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 186.

283 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing* in *wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 13: Constantia, volgens 'n potlood-en-waterverf tekening deur E.V. Stade in 1710, tans in besit van die Nederlandsche Topografische Dienst te Delft.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 31.



Figuur 14: Constantia in 1741, volgens 'n kopergravure deur Johann Wolfgang Heydt.
Uit: Raven-Hart (red.), *Scenes of the Cape of Good Hope in 1741 as drawn by Johann Wolfgang Heydt* (Kaapstad, 1967), p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van welgestelde boere aan die Kaap,[284] terwyl Teenstra in die eerste helfte van die negentiende eeu die materiële welvaart van die Kaapse boere bevestig: "... door de bestendige rijzing der landelijke produkten, en dien ten gevolge de meerdere waarde hunner plaatsen, zijn de Kaapsche landlieden schatrijk Geworden." [285]

Dit was veral tydens die tweede helfte van die sewentiende eeu dat indrukwekkende plase langs die heuwels aan die voet van Duiwelspiek, die Bosberge en die Steenberge van die Kaapse Skiereiland ontstaan het. Oorkant die sandvlaktes op die hoërliggende gebiede langs die walle van die Kuils-, Eerste- en Bergriviere, sowel as in an die Kuils-, Eerste- en Bergriviere, sowel as in die valleie aan die voet van die Hottentots-Holland-, Herder-, Jonkershoek- en die Drakensteinberge is pragtige plase aangelê,[286] danksy die arbeid van groot getalle slawe. Hierdie onbetaalde arbeiders sou die ruggraat van die arbeidsintensiewe landbou-ekonomie van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek vorm. Hulle aandeel in die opbou van hierdie plase deur die bewerking van die grond, die produksie van gewasse, die maak en onderhoud van implemente en die bou van opstalle was 'n belangrike bydraende faktor tot die welvaart van hulle meesters. Plase wat veral die aandag van besoekers en reisigers getrek het, was onder meer Constantia, Vergelegen, Elsenburg en Meerlust. In dié opsig kan Constantia **(Fig. 13 & 14)** as een van die grootste en mooiste wynplase van die akkerboustreek uitgesonder word.

Na deeglike grondtoetse deur Simon van der Stel, is 762 hektaar uitgesoekte grond in 1685 deur kommissaris H.A. van Rheede aan hom toegeken.[287] Van der Stel het die plaas na sy vrou, Constantia [288] vernoem en in 1692 'n herehuis laat bou. Met behulp van slawearbeid is wingerde aangelê, terwyl oor die 8 000 vrugte- en eikebome aangeplant is. In sy privaat hoedanigheid het Van der Stel op groot skaal slawe aangekoop en, soos blyk uit die *Transporten en Scheepenkennisse,* was daar van 1679 tot 1700 ongeveer vyftig aktes waarin Simon van der Stel òf die koper òf die verkoper van slawe was.[289] In 1709 was hy in besit van 42 slawe, 14 slavinne en vier slawekinders.[290] Dat hy wel 'n goeie slawe-eienaar was, spreek uit die afwesigheid van hofsake, sowel as die aantal vrystellings waarvoor hy in sy testament voorsiening gemaak het.[291] Constantia-wyne sou vir drie eeue lank wêreldbekend wees en deur talle reisigers en besoekers besing word.[292] Sonder slawearbeid sou die totstandkoming en onderhoud van die plaas nie moontlik gewees het nie. Nog 'n plaas wat vermelding verdien, is

---

284 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 98.

285 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 262.

286 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 232 - 233.

287 A.J. Böeseken, Simon van der Stel en sy kinders, pp. 206 - 223; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 33; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* pp. 50 - 51.


288 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 418.

289 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 55.

290 M.P.S. van der Merwe, *Die alledaagse lewe op Groot Constantia tussen die jare 1685 - 1885,* M.Litt et Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1987, pp. 38 - 43.


291 *Ibid.*, pp. 59 - 60.

292 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* pp. 192 en 196; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* pp. 124 - 125; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 111; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 171; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* pp. 62 - 63; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies,* p. 64; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 181; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 421 - 422.



Figuur 15 a: Vergelegen, soos afgebeeld deur J.V. Thiel in die klagstaat van die vryburgers teen Willem Adriaan van der Stel in 1707. Ongetwyfeld 'n spogplaas, danksy die arbeid van onder meer privaat- en Kompanjieslawe. 'n Heenkome vir ontevrede gedroste slawe onder die eienaarskap van Van der Stel, maar ook skrikwoord onder die latere plaaseienaar en sadistiese slawebesitter van Duitse afkoms, Michael Otto. Let op die slawewoning regs, voor.


Uit: E.C. Godée Molsbergen en J. Visscher (samestellers), *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 37.



Figuur 15 b: Uitleg van Vergelegen, soos deur Dorothea Fairbridge uiteengesit.

Uit: D. Fairbridge, *Historic houses of South Africa* (London/Cape Town, 1922), p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 16: Die plaas Elsenburg van Martin Melck aan die Eersterivier, soos afgebeeld deur die Nederlandse litograaf, J.C. Poortermans. Die ambagslui op Elsenburg was oorwegend duur Oosterse slawe wat Melck 'n aansienlike bedrag uit die sak gejaag het.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of litographic drawings, containing views, characters, plants, etc., of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), n. p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoop op Constantia. Nadat Simon Pieter de Meyer in 1716 die oorblywende 38 hektaar van Klein Constantia aan Jan Jurgen Coetzee verkoop het, sou hierdie deel van Klein Constantia voortaan as Hoop op Constantia bekend staan. Coetzee se weduwee het in 1718 met Johannes Colijn in die huwelik getree en in haar testament die plaas aan haar man, Colijn, bemaak. Saam met sy tweede vrou, Johanna Appel, en by hande van talle slawe is Hoop op Constantia oor 'n tydperk van vyftig jaar tot 'n spogplaas opgebou.[293] In 1776 het die plaas in die hande van hulle seun Johannes Nicholaas Colijn oorgegaan. Uit sy memoriaal wat hy in 1789 saam met dié van Hendrik Cloete aan die Heeren XVII voorgelê het en waarin hulle teen die gedwonge verlaagde prys van wynverkope aan die Kompanjie beswaar maak, kan afgelei word dat daar 52 bekwame slawe in sy diens was.[294] In 'n volledige uiteensetting van die koste verbonde aan wynproduksie, blyk dit dat die onderhoud van sy slawe hom jaarliks 'n aansienlike bedrag uit die sak gejaag het.[295] Die spog, maar omstrede plaas Vergelegen **(Fig. 15 a** of **15 b)** in die Hottentots-Holland-omgewing is in 1700 deur die besoekende kommissaris Wouter Valkenier (1659 - 1710) aan goewerneur Willem Adriaan van der Stel toegeken. Met behulp van sy eie tweehonderd slawe, sowel as ongeveer honderd manlike en vroulike Kompanjieslawe,[296] militêre personeel en herstellende matrose is Vergelegen tot 'n spogplaas opgebou wat in die vroeë agtiende eeu deur Mentzel met 'n klein Europese prinsdom vergelyk is.[297] Die plaas, wat veral gespog het met 'n pragwoning,[298] 'n parshuis, skaap- en perdestalle, 'n slawewoning, 'n graanskuur, werkswinkels,[299] 'n koetshuis en 'n koringmeule, het spoedig 'n doring in die vlees van die vryburgerboere geword weens die ongeoorloofde aanwending van Kompanjies-personeel, sowel as die selfverryking en -bevoordeling van die goewerneur en sy amptenaarsvriende, soos Bogaert opgemerk het: "... die den naam van Vergelegen draagt, en den voortplantelingen byster in 't oog Steekt." [300] Onder W.A. van der Stel was Vergelegen origens 'n ideale heenkome aan slawe wat nie met die behandeling van hulle meesters tevrede was nie.[301] Na die ontslag en vertrek van W.A. van der Stel in 1708, is Vergelegen verdeel en as vier afsonderlike plase verkoop. Die deel wat die naam Vergelegen behou het, is deur Barend Gildenhausen gekoop. Na sy dood het dit in besit van sy weduwee se nuwe man, die Duitser Michael Otto, gekom. Tydens sy eienaarskap sou Vergelegen 'n skrikwoord onder slawe wees, weens sy ongenaakbare behandeling en brutale mishandeling van slawe.[302]

Die plaas Elsenburg **(Fig. 16)** is in 1698 aan Samuel Elsevier, die sekunde van W.A. van der Stel, toegeken. In 1754 het dit die eiendom van die merkwaardige Martin Melck geword wat aanvanklik 'n kneg in diens van Jacob Cloete was en in 1750 'n vryburger geword het. Hierna het hy twee plase gekoop en met die welgestelde weduwee Giebeler, wat in besit van 'n deel van Elsenburg was, getrou. In 1754 het hy die ander deel van Elsenburg gekoop. Teen 1776 het Melck 200 slawe, 1 300 stuks bees en 200 000 wingerdstokke besit. Melck het ook die

---

293 J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 51.

294 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I: Hendrik Cloete memoriaal, 1789, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 320 - 326.

295 *Loc. cit.*

296 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III,* p. 496.

297 O.F. Mentzel, A *geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 46.

298 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 472.


299 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732: The defense of W.A. van der Stel, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 196 - 197.

300 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I,* p. 102.

301 *Ibid. III,* p. 501.

302 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 55.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 17: Die Meerlust-plaasopstal, volgens 'n akwarel in 1798 deur Johann Christian Friderici, kartograaf en landmeter aan die Kaap in die tweede helfte van die agtiende eeu, met die slawekwartiere (die gebou met die skoorstene links, agter) en die slaweklok duidelik sigbaar.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), pp. 6 - 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

monopolie in die wyn- en drankhandel gehad.[303] Ten spyte van die feit dat hy nie kon lees of skryf nie, was hy teen die middel van die agtiende eeu die rykste boer aan die Kaap. Die ambagslui op Martin Melck se plaas was hoofsaaklik Oosterse slawe wat hom 'n aansienlike bedrag gekos het.[304] Een van die slawe was 'n bedrewe ystersmid wat Melck 1 500 riksdaalders of 36 000 gulden uit die sak gejaag het.[305] Hierdie slaaf was heelwaarskynlik ook vir die pragtige smee-ystertraliewerk van die huis se voordeur verantwoordelik. Dit sou later na die voordeur van Groote Schuur verskuif word.[306]

Daar is reeds van Henning Hüsing en sy plaas Meerlust melding gemaak. Meerlust verdien vermelding in die beskrywing van spogplase, wat danksy innoverende eienaars en goedkoop slawearbeid, tot stand gekom het. Hierdie plaas, wat aan die Eersterivier in die Stellenbosse omgewing geleë is, is in 1702 aan die vleispagter Henning Hüsing toegeken. Hy het Meerlust spoedig met behulp van slawe tot 'n spogplaas opgebou wat in die vroeë agtiende eeu reeds 100 000 wingerdstokke gehad het.[307] Tydens 'n besoek van Hinrich Lichtenstein in 1804 aan die plaas was dit reeds in besit van Philip Meyburg. Uit die waarnemings van Lichtenstein kan afgelei word dat Meerlust 'n toonbeeld van 'n geslaagde akkerbouplaas en 'n effektiewe selfversorgende eenheid was en dat beide die akkerbou- en ambagslawe op dié plaas 'n belangrike rol in die verband gespeel het.[308] Daarbenewens het Meyburg sy ambagslawe uitgehuur om op die omliggende plase as messelaars, smede, wabouers, meubelmakers en kleremakers te werk.[309] Die teenwoordigheid van slawe wat op Meerlust geswoeg en gesweet het is af te lei uit 'n akwarel wat Johan Christian Friderici in 1798 van die Meerlust-plaasopstal gemaak het en waarop die slaweklok en slawekwartier duidelik sigbaar is **(Fig. 17)**. In die binneplasies van die duiwehok het die slawe vir ontspanning hulle hanegevegte gehou.[310]

Die plaas Libertas van Adam Tas, 'n neef van Henning Hüsing, is van belang, aangesien die dagboek van Adam Tas 'n interessante beeld gee van die sosiale lewe van die plattelandse Stellenbosse gemeenskappie, sowel as die daaglikse boerdery-aktiwiteite waarby die plaasslawe op 'n gemengde akkerbouplaas in die vroeë agtiende eeu betrokke was.[311] Bowenal is dit die beskrywing van 'n gegoede lewenswyse wat afhanklik was en moontlik gemaak is deur die besit van slawe. Deur sy huwelik met die weduwee Grimpe, het Tas in 1703 die eienaar van 'n stuk grond naby Stellenbosch geword waarop hy beide graan en wingerd verbou het. Volgens sy dagboek was daar in 1705 veertien mansslawe, een slavin en twee jong slavinnetjies in sy diens. Hy was daarbenewens in besit van 6 perde, 48 osse, 25 kalwers, 40 varke en 800 stuks skaap. Saam met die gehuurde werksvolk sou die veertien mansslawe verantwoordelik wees vir

---

303 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* pp. 68 - 69.

304 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I,* pp. 52 - 53.

305 *Ibid.,* p. 62.

306 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 69.

307 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 186.


308 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 138.

309 *Loc. cit.*

310 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 72; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* p. 99.

311 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 1 - 403.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 18: 'n Tipies gediversifiseerde Kaapse koring, wyn en veeplaas, volgens 'n skildery deur kaptein Robert Jacob Gordon (1743 - 1795), bevelvoerder van die Kaapse garnisoen. Oorspronklike kunswerk in die Gordon-atlas, Rijksprentenkabinet, Amsterdam.

Uit: E.C. Gordée Molsbergen, *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II* ('s-Gravenhage, 1916), p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die versorging van die 25 000 wingerdstokke, die maak van wyn, sowel as die saai en oes van koring, rog en gars.[312]

Die meeste plase was, wat produksie betref, gediversifiseerd **(Fig. 18)**. Die primêre funksie van die Kaap as voedselverskaffer aan VOC-skepe het 'n belangrike rol in die vestiging van gediversifiseerde boerdery aan die Kaap gespeel.[313] Op die meeste plase sou slawe ingespan word om die gemengde akkerbou met oorwegend koring en wingerd te laat slaag, terwyl hulle ook gemoeid was met die produksie van groente, vrugte, vleis en suiwel vir huishoudelike gebruik, sowel as 'n addisionele inkomste vir hulle meesters.[314]

Teen die middel van die agtiende eeu was koring die belangrikste akkerbougewas.[315] Volgens Mentzel was die kwaliteit van koring wat in dié tyd aan die Kaap verbou is, "unequalled anywhere in the world".[316] Rondom 1800 was die wingerdboere meer welvarend as die graanboere, maar die afskaffing van die oseaniese slawehandel deur die Britse Parlement in 1808, wat slawepryse die hoogte laat inskiet het, die depresiasie van die plaaslike geldeenheid, die toename in belasting en die fluktuasie in wynaanvraag op die Europese mark, het 'n demper op die algemene welvaart en finansiële voorspoed van dié boere geplaas.[317]

In die akkerboustreke van die Suidwes-Kaap sou plaasslawe oorwegend in diens van redelik beskaafde, vermoënde en selfs skatryk boere wees. Hierdie boere het, net soos die stedelinge van Kaapstad, heel gerieflik en tot 'n mate gemaksugtig geleef, soos Robert Percival gedurende die Eerste Britse Besetting opgemerk het: "A farmer seldom labours himself, but leaves all to his slaves." [318] As gevolg van bepaalde faktore is die Europese kultuur van hulle boeremeesters vinniger deur die slawe in die akkerboustreke opgeneem as wat in Kaapstad die geval was.[319] Ten eerste was die arbeidsintensiewe Suidwes-Kaapse akkerboustreke geïsoleer van nuwe mense en idees en was daar, weens die beperkte aantal slawevrystellings in dié gebied, nie 'n groot groep vryswartes wat weg van hulle meesters hulle eie lewenswyse kon handhaaf nie. Ten tweede was daar geen enkele homogene etniese of kultuurgroep onder die akkerbouslawe binne 'n bepaalde geografiese plek gevestig nie. Slawe met 'n groot diversiteit wat afkoms, taal en kultuur betref, was eweredig onder die wydliggende boererygemeenskap van die akkerboustreke versprei. Dit het die vorming van 'n gemeenskaplike slawekultuur uitgesluit. Ten derde was veral die huisslawe daagliks in noue kontak met die lewenswyse van hulle meesters en meesteresse van Europese afkoms en was beide partye, as gevolg van die isolasiefaktor, meer op mekaar aangewese as wat die geval in Kaapstad was.

In die akkerboustreke was daar 'n betreklike balans in die numeriese verhouding tussen die geslagte van die blanke boerderygemeenskap wat tot die vorming van stabiele Europees-georiënteerde gesinsstrukture aanleiding gegee het en die neiging tot bloedvermenging beperk

---

312 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 244 - 245.

313 *Ibid.,* pp. 240.

314 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 239; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25.

315 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 239.

316 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 111.

317 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), pp. 91 - 92.

318 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

319 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 168, 172 - 173.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het.[320] Slawe is spoedig in die Europese kultuur opgeneem, maar nie in die kerk- en vryburgergemeenskap nie. Die plaasslaaf wat hom binne die akkerboustreke van die Suidwes-Kaap bevind het, het hard gewerk. Van vroeg tot laat moes hy deur vermoeienis en harde fisiese arbeid spook om in al die eise wat die akkerbouplaas van sy meester op arbeidsgebied aan hom gestel het, te voldoen.[321] Daarbenewens het plaasslawe 'n meer geïsoleerde lewe as die dorpsslawe gevoer. Juis omdat die meesters nie so direk onder die oog van die Kaapstadse owerhede was nie, het gevalle van slawemishandeling wel voorgekom, soos die geval van Michael Otto van Vergelegen.[322] John Barrow, 'n uitgesproke kritikus van slawerny wat nie juis goeie woorde vir die koloniste gehad het nie, was oortuig dat die akkerbouslawe hulle beslis in 'n onvriendeliker milieu as die dorpslawe bevind het: "The field slaves belonging to the farmers are not, however, nearly so well treated as those of the town … they are ill-clothed, work extremely hard and are frequently punished with the greatest severity." [323] Plaasslawe moes hulle plek ken en die verhouding tussen meester en slaaf is deur 'n sterk paternalisme gekenmerk. Die baas-klaas-situasie was ferm gevestig. Enige slaaf wat gewaag het om die sisteem uit te daag, het die slegste daarvan afgekom.

Goedkoop slawearbeid in die arbeidsintensiewe akkerbou-ekonomie van die Suidwes-Kaap sou talle boere in staat stel om vinnig ryk te word. Slawesweet sou die welvarendheid van die meesters in die hand werk. Afgesien van hulle bydrae op landbougebied, is die pragtige Kaaps-Hollandse plaasopstalle die werk van slawehande, 'n konkrete bewys van bekwame slaweambagslui wat die idees en opdragte van hulle meesters met iets van hulle eie uiters knap tot uitvoering gebring het. Alhoewel hulle lewensomstandighede in baie gevalle nie na wense was nie en hulle weens isolasie en die daarmee gepaardgaande gebrek aan sosiale kontak hulle slawebroers in die stad beny het, was hulle nogtans beter daaraan toe as die plaasslawe in die afgeleë binneland.

3. Die afgeleë veeboerstreke van die binneland

Dié streek waarbinne slawe hulle bevind het, het die plase ten noorde en ooste van die Kaap-Stellenbosch-Drakenstein gebiede behels. 'n Belangrike faktor in die migrasie na die binneland was die dramatiese groei in veeboerdery tydens die agtiende eeu. Met die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreke deur bees- en skaapboere, het die veeboergetalle in die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte aansienlik gegroei en het die nuwe distrikte Swellendam en Graaff-Reinet tydens die VOC-bewind uitsluitlik veeboerstreke verteenwoordig.[324] Die toename in veeboerdery is in die hand gewerk deur die beperkte geografiese en ekonomiese potensiaal van die akkerbou, sowel as die beskikbaarheid van grond in die vorm van leningsplase.[325] Die migrasie na die binneland is versnel deur die toenemende ontevredenheid met die beperkende handelsbeleid van die VOC, die toegelate veehandel met die inboorlinge, die dringende behoefte aan weiding vir die groeiende veekuddes, sowel as die wete dat voedselvoorrade in krisistye deur die jag van wild

---

320 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 173.

321 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

322 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 59 - 60.

323 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 109.

324 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 27.

325 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 67; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangevul kon word.[326] Met die toename in afstand vanaf Kaapstad het die bevolkingsdigtheid van beide boere en slawe afgeneem.[327] Alhoewel in kleiner getalle, het heelparty slawe hulleself spoedig saam met hulle meesters in die binneland bevind. Die veeboer het 'n minder ekstenstiewe arbeidsmag benodig en weens die armoede van sommige boere in die afgeleë gebiede is daar hoofsaaklik van die Khoikhoi, wat bekwame veewagters is, gebruik gemaak. Deur die inboekstelsel het die eienaars ook arbeid van en beheer oor die "baster-hottentotte", wat die kinders van slawemans en vry Khoikhoivroue was,[328] verkry.

Die lotgevalle van die binnelandse plaasslaaf sou in direkte verband tot die boerebestaan in die onderskeie gebiede wees. Die lewenswyse, -kwaliteit en arbeid van beide boer en slaaf is hoofsaaklik bepaal deur die mate van isolasie waaraan hulle blootgestel was (die afstand van Kaapstad en kontak met markte), die klimaatsomstandighede en die vrugbaarheid van die grond en geskikte weiding wat die tipe boerdery bepaal het, sowel as die leenpagstelsel wat vir talle trekboere 'n semi-nomadiese of nomadiese lewenswyse ingehou het.

Die Khoikhoi het oor 'n deeglike kennis van die land, sy bodemgesteldheid en klimaat beskik en mettertyd sou die binnelandse boere en slawe 'n sekere deel van die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi aanvaar. Khoikhoi-invloed is voorts in die hand gewerk deur hulle teenwoordigheid as veewagters, boodskappers, plaasarbeiders en huisbediendes op die binnelandse plase. Hierdie faktore, sowel as die beperkte kontak met Kaapstad en Europese invloed, het daartoe gelei dat in die binneland 'n saamgestelde kultuur, waarin die Khoikhoi-invloed sterker as die Asiatiese slawekultuur was, ontwikkel het. Die binnelandse veeboer en sy slawe het sekere aspekte van die Khoikhoikultuur oorgeneem, soos die afbrand van die veld om dit te verbeter, die bêre van melk in velsakke, die droog van repe wildsvleis aan takke en oor bossies (biltong), die dra van velskoene, die gebruik van waterwerende rietmatjies as skerms voor vensters en deure, sowel as die bewoning van onder meer matjieshuise deur sommige nomadiese trekboere. Daar is egter sekere aanpassings ten opsigte van die Khoikhoiveeboerdery gemaak, soos die beheer van skaapteelt, die grootskaalse slag vir eie gebruik, sowel as die toepassing van intensiewer weipraktyke.[329]

Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat die boere in die afgeleë noordoostelike streke min slawe besit het, [330] terwyl Hendrik Swellengrebel (1734 - 1803)[331] tydens sy binnelandse reis in 1776 byna geen slawe in die Sneeuberg- en Kamdebo-omgewing opgemerk het nie. Hy het wel waargeneem dat Khoikhoi-arbeiders met beeste vergoed is.[332] Die geleidelike demografiese verval van die herdersvolke het baie Khoikhoi tot plaasarbeid gedwing. Die semi-nomadiese veeboer van die grensgebiede het eerder van Khoikhoi as slawe gebruik gemaak. Die ekstensiewe aard van die boerdery, sowel as die gebrek aan kapitaal om

---

326 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 20; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* pp. 13 en 67.

327 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 169.

328 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 81.

329 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 169 - 170.

330 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 84.

331 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III,* p. 798.

332 V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa,* p. 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe te bekostig, het eerder die gebruik van Khoikhoi as slawe in die hand gewerk.[333] Tydens die laaste dekades van die agtiende eeu het Khoikhoiplaasarbeiders in die distrik Graaff-Reinet byna alle plaaswerk behartig. In 1798 het Barrow tydens sy binnelandse reise tot die gevolgtrekking gekom dat "[f]ew of the distant boors have more than one slave, and many none; but in Graaf Reynet, to thirteen to each family".[334] Groot getalle slawe per familie was die uitsondering, in welke geval die eienaars baie gegoede boere was. In 1795 het ongeveer twaalf persent van die totale Kaapse bevolking hulle in die veeboerdistrikte Swellendam en Graaff-Reinet bevind.[335] Slawe sou dus weens hulle beperkte getalle en 'n gevolglike gebrek aan onderlinge kontak, 'n minder beduidende rol op ekonomiese en kulturele gebied in die afgeleë binneland speel. Dat hulle dienste as knap ambagslui, musikante,[336] algemene toesighouers, voormanne en veewagters wel aangewend is, kan egter nie misken word nie.

'n Tendens wat hom uit die bestudering van die binnelandse reisbeskrywings voordoen, is die sporadiese teenwoordigheid van enkele bejaarde plaasslawe. Soos reeds vermeld, is weerspannige, sowel as bejaarde slawe wat nie meer van nut op die fisies veeleisende akkerbouplase was nie, teen 'n laer prys aan die binnelandse boere verkoop. Op die veeboerplase is die bejaarde slawe dan vir fisies minder veeleisende take, soos die oppas van vee en algemene toesighouding, aangewend.[337] In sy reisbeskrywing het Lichtenstein melding gemaak van enkele hoogs bejaarde slawe wat hulle op die binnelandse plase bevind het. Op die plaas van Milde naby die Bergrivier in die noordwestelike binneland was 'n 120-jarige Javaanse slaaf, terwyl hy in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren op die plaas Gelukwaard van Leiste 'n Maleierslaaf van 107 jaar teëgekom het. Op die plaas van Du Preez in die Overberg was 'n blinde Maleierslaaf wat oor die 100 jaar oud was en desnieteenstaande vir dertig jaar getrou deur sy meester onderhou is. In die Nardouw-omgewing, naby die Doornrivier, het sy reisgeselskap met 'n bejaarde slaaf kontak gemaak wat tydelik daar gevestig was om na 'n kleinerige beestrop van sy meester om te sien.[338]

Binnelandse slawe het hulle in diens van drie tipes boere bevind, naamlik die redelik welvarende gevestigde boere, die semi-nomadiese trekboere en die nomadiese trekboere. Die redelik welvarende, gevestigde boere het 'n aanvaarbare beskawingspeil gehandhaaf en weens hulle materiële welvaart was hulle in staat om die duurder slaweambagslui van Oosterse afkoms vir hulle werkswinkels aan te koop. Hierdie materialisties georiënteerde meesters het ook beter na hulle slawe as deel van hulle eiendom omgesien.

Die plaas Rietvallei van Jacob Laubscher, "een van die rykste koloniste in die land",[339] dien as voorbeeld van 'n welvarende plaasopset. Die plaas was in die noordwestelike binneland, 'n kwartier van die Bergrivier ten ooste van Saldanhabaai, geleë.[340] Alhoewel nog binne die Kaapse distrik, was dit vêr vanaf Kaapstad en daarom 'n effektiewe selfversorgend eenheid,

---

333 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 56; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 82.

334 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 404.

335 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 231.

336 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 33, 34 en 58.


337 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 28.

338 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 61, 74 - 75, 99 en 206.

339 *Ibid.*, p. 57.

340 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803,* p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 19: Die plaas Kweekvallei van veldkornet Samuel de Beer, soos afgebeeld deur kaptein Gordon. Op die voorgrond, links, is die strooi- en matjieshutte van die Khoikhoi- en slawearbeiders op die plaas. Uit die afbeelding is af te lei dat slawe wat hulle op dié plaas aan die voet van die Swartberge bevind het, onder meer by die aanlê, natlei en versorging van wingerde, landerye, tuine en vee betrokke sou gewees het. Oorspronklike skildery in die Gordon-atlas, Rijksprentenkabinet, Amsterdam.

Uit: P. Cullinan, *Robert Jacob Gordon 1743 - 1795. The man and his travels at the Cape* (Kaapstad, 1922), pp. 150 - 151.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos dit met baie binnelandse plase die geval was.[341] Buiten vir tagtig perde, 690 beeste, 2 470 skaap en 'n groot aantal pluimvee, was daar 105 persone wat uit meesters, bediendes, Khoikhoi en slawe bestaan het.[342] 'n Wye verskeidenheid ambagte en nerings is op die plaas deur die talle slawevakmanne in die werkswinkels wat rondom die woning geleë was, beoefen.[343]

Al vier die Van Reenen broers, Jacob, Sebastiaan, John en Daniel was welvarend en het 'n belangrike bydra tot die landbou in die Kaapkolonie gelewer. Dit is ook nie vergesog om te vermoed dat slawe 'n aandeel in die opbou van die plase Ganzekraal van Jacob van Reenen, Klavervallei van Sebastiaan van Reenen, Groote Toorn van John van Reenen en die plaas van Daniel van Reenen gehad het nie. [344] Die welvarende Pieter Dupré van 'n beesplaas naby die Krombekrivier in die distrik Swellendam [345] het, volgens Lichtenstein, onder meer ook 'n aantal ambagslawe besit wat deur die teenwoordigheid van "werkswinkels vir die slawe" gesuggereer word.[346] In die Langkloof kon Stephanus Ferreira van die plaas Klipheuwel as 'n welvarende boer uitgesonder word. In 1805 was daar 34 slawe in sy diens. Hierdie slawe was waarskynlik betrokke by die versorging van die 10 ryperde, 80 osse, 396 beeste en 806 skape, sowel as die 10 000 wingerdstokke op die plaas.[347] Die Duminys van die plaas Bokrivier in die Overberg is 'n voorbeeld van 'n gemiddeld welgestelde slawebesittende Kaapse boerefamilie teen die einde van die agtiende eeu.[348] Francois Duminy was ook in besit van die veeplaas Blouklip aan die Kykoedierivier, [349] sowel as Blouberg "in 't Caapbse district bezuyden de blaauwe berg aan de zogenaamde Compagnies dam".[350] In die dagboeke van Johanna Duminy is daar van enkele huishoudelike slawe sprake, te wete "villip, moosis en aron", terwyl daar ook na slavinne verwys word.[351]

Benewens die groot aantal vrugteboorde, koringlande en die talryke skaap-, bok-, bees- en perdetroppe op die plaas Rhenosterfontein van Barend Burger in die Sneeuberg-omgewing, was daar 'n pragtige woonhuis met netjiese buitegeboue wat onder meer woonkwartiere vir sy slawe en Khoikhoi-arbeiders, sowel as skure, pakhuise en werkswinkels ingesluit het. Burger en sy familie was vriendelik en goedgeaard en die slawe het tydens die besoek van Lichtenstein in die vroeë negentiende eeu 'n gesonde lewensblyheid geopenbaar.[352] Veldkornet Samuel de Beer van die welgeleë plaas Kweekvallei **(Fig. 19)** aan die Swartberge was nog 'n welgestelde gevestigde binnelandse boer.[353] Kweekvallei is bevoordeel deur 'n sterk fontein wat die aanlê van landerye, wingerde en tuine met behulp van onder meer Khoikhoi en slawe moontlik gemaak het.

---

341 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

342 *Loc. cit.*

343 *Ibid. I*, p. 58.

344 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 29 - 30, 114 en 202; A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, pp. 23 - 24.

345 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 204.

346 *Ibid. I*, p. 205.

347 J.T. Ferreira, *Ferreira - Lys no. 5*, pp. 7 - 8; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 203.

348 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 42.

349 *Ibid.*, p. 45.

350 *Loc. cit.*

351 *Ibid.*, p. 39.

352 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, pp. 22 - 23.

353 *Ibid. II*, p. 84; E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II*, p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sommige welgestelde boere, soos Leiste van Gelukwaard, het veeposte in die Roggeveld en Bokkeveld gehad waar surplus beeste onder toesig van slawe en Khoikhoi laat wei is. Op beide oewers van die Bergrivier is veeposte deur Lichtenstein aangetref. Daar was geen groot plaasopstalle nie, slegs klein huisies en hutte. Tydens droogtes en die uitbreek van veesiektes is die beeste na die veeposte gebring waar ouer slawe en Khoikhoi as veehoeders opgetree het.[354] Die slawe het hier 'n lewe van isolasie gelei met slegs hulle Khoikhoikamerade as geselskap.

Weens die beskikbaarheid van vrugbare grond sowel as water, is slawe heelwaarskynlik op die plase van die welvarende boere vir 'n wye verskeidenheid take aangewend, aangesien daar 'n groter produksieverskeidenheid was. Die voorspoed op die plaas en gevolglike materiële welvaart van die boer het ook op die lewe van die slaaf 'n invloed gehad, aangesien die boer beter in staat was om na die behoeftes van sy slawe om te sien. Op die groter selfvoorsienende plase waar meer arbeiders in diens was, was die slawe ook minder geïsoleerd en was daar 'n groter mate van sosiale kontak met medeslawe en die Khoikhoiplaasarbeiders. Onder die welvarende gevestigde binnelandse boere was 'n sekere mate van beskaafdheid wat ook in die behandeling van hulle slawe gemanifesteer het.[355] In die eerste helfte van die negentiende eeu was die welgestelde boere hoofsaaklik tot die Sneeuberg-, Tarka- en Bruintjieshoogte gebiede beperk en was hulle, volgens Thompson, in 1823 "probably the most prosperous and independent class of farmers ... in the Colony". [356]

Die tweede groep binnelandse boere in wie se diens slawe hulle bevind het, was die semi-nomadiese trekboere. Hulle het gewoonlik 'n permanente plaas besit, maar is weens klimaatsomstandighede, 'n behoefte aan weiding, sowel as aanvalle en veerowery van die Boesmans, genoodsaak om 'n semi-nomadiese bestaan tussen een of twee "legplaatse" en die basisplaas te voer. Hierdie boere het oor groot veetroppe beskik, maar genoemde omstandighede, sowel as die groot mate van isolasie, het hulle verhoed om 'n gevestigde, beskaafde bestaan te voer. Ten spyte van hulle groot beestroppe, het dié boere 'n miserabele bestaan sonder geriewe gevoer [357] wat ook deur die slawe in hulle besit gedeel is. Dit was veral die slawe van die Rogge- en Bokkeveld wat aan dié lewenswyse van hul eienaars blootgestel was. Jaarliks is minstens twee seisoenale trekke met familie, slawe en Khoikhoi-arbeiders en vee onderneem. In die winter is die plase in die koue berggebiede verlaat om met die groot veetroppe na die "legplaatse" in die laerliggende Karoo te trek waar die winterreëns genoegsame en voedsame weiding verseker het.[358] Met die aanbreek van die lente is die terugtrek aangepak en die "legplaats" in die Karoo agtergelaat, aangesien dié gebied in die somer weens die versengende hitte en 'n gebrek aan water en weiveld, onbewoonbaar is.

Gerrit Vischer van die plaas Driefonteinen in die sentrale Roggeveld het, soos die ander boere van dié omgewing, 'n semi-nomadiese bestaan tussen sy vaste plaas in die Roggeveld, sy "legplaats" in die Karoo en die somerweiding op die oewers van die Rietrivier gevoer. Slawe en Khoikhoi-arbeiders moes tydens dié trekke die vee aanjaag.[359] Weens omstandighede was

---

354 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 67 en 71.

355 *Ibid. II,* pp. 22 - 23; A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803,* p. 26; G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 14.

356 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 97.

357 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 110.

358 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 153.

359 *Ibid. I,* pp. 129 - 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 20: Die tydelike *legplaats* van veldkornet Gerrit Snyman in die Roggeveld-Karoo, soos afgebeeld deur William Burchell (1781 - 1863) tydens sy binnelandse reise van 1811 tot 1815 in Suidelike Afrika. Op die voorgrond is 'n gewapende skaapwagter wat homself en die skape teen aanvalle van wilde diere en rowers moes beskerm.

Uit: W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (London, 1822), p. 238.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wonings in die sentrale Roggeveld baie beskeie en eenvoudig.[360] Gerrit Vischer se huis was klein en die ingang laag. Die sitvertrek het as kombuis gedien, terwyl dit ook die kamer vir die slawe en die eienaar en sy familie was.[361] Op dié wyse was daar tog 'n mate van noue kontak tussen meester en slaaf. Om die woonhuis was kleiner geboutjies wat as woonkwartiere van die ander slawe en Khoikhoi, werkswinkels en stoorkamers benut is. Die trekosse, slagbeeste, koeie en kalwers, wolskape, vetstertskape, ooie, sowel as lammers, het elk afsonderlike krale gehad, terwyl dié onderskeie veetroppe bedags deur die Khoikhoi en slaweveewagters opgepas is.[362] Ten spyte van bogenoemde beskeie leefwyse was die voorkoms en gedrag van Vischer en sy familie, volgens Lichtenstein, heel aanvaarbaar. Terwyl die plaas Driefonteinen van Gerrit Vischer as voorbeeld van die vaste tuiste van 'n semi-nomadiese boer en sy arbeiders voorgehou word, het William Burchell tydens sy binnelandse reise 'n insiggewende beskrywing en illustrasie van die tydelike "legplaats" van veldkornet Gerrit Snyman in die Karoo **(Fig. 20)** gegee.[363]

Soos reeds vermeld, het die harde semi-nomadiese bestaan tot gevolg gehad dat boere, ten spyte van hulle relatiewe welvaart in veekudddes, oor die algemeen nie 'n hoogs beskaafde lewenswyses kon handhaaf nie. Die klimaat, omgewing en isolasie, die stryd teen droogtes, wilde diere en vyandige wilddiewe het 'n bepalende invloed op die aard en lewenswyse van die boere gehad. Sosiale interaksie was beperk tot hulle eie gesinne, terwyl die slawe en Khoikhoi al ander menslike kontak was. Aangesien hulle weens die omstandighede genoodsaak is om die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi te aanvaar, was hulle op die basiese behoeftes ingestel en het hulle, volgens Stavorinus, 'n groter ooreenkoms met die Khoikhoi as met hulle Europese landgenote getoon. Sommige reisende besoekers en invloedryke amptenare, soos sekunde Jan W. Cloppenburg, het hulle in 1768 as "ongemanierd en onchristelik" beskryf.[364] De Jong het tot die gevolgtrekking gekom dat, hoe verder mense van die hoofsentrum af gewoon het, "hoe ruwer en onbeschaafder zij zijn." [365] Daarbenewens het sy waarnemings hom oortuig dat sommige persone van die afgeleë grensgebiede weinig van die Khoikhoi verskil het.[366] Volgens Mentzel was die opvoeding van die boere in die verafgeleë wildernis sleg, hulle denkwyse nie te edel nie en hulle optrede en gedrag onmanierlik.[367] Van die veeboere was voorts tot gemaksugtigheid geneig en het as sodanig baie swaar op die arbeid van slawe, Khoikhoi en inboekelinge gesteun. John Campbell het in 1816 tydens sy binnelandse reise opgemerk dat die meerderheid van die binnelandse boere weens die aard van veeboerdery en die feit dat hulle nie akkerbou beoefen het nie, byna niks te doen gehad het nie. Dié luiheid het tot selfsugtigheid en stompsinnigheid gelei wat duidelik in hulle gelaatsuitdrukkings op te merk was.[368] Campbell het pertinent van die boere in die Bethelsdorp-omgewing melding gemaak wat met nie minder as twintig of dertig Khoikhoi, wat om hulle rondhardloop, tevrede was nie.[369]

---

360 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 130.

361 *Loc. cit.*

362 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 132.

363 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* pp. 237 - 248.

364 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 169 - 170.

365 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 99.

366 *Loc. cit.*

367 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 120.

368 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 118 - 119.

369 *Ibid.* , pp. 85 - 86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Percival het die gemaksugtige binnelandse boer die oggende omgerook en na middagete gaan slaap, terwyl hy in sy onwilligheid om self te werk, oor sy slawe en gehuurde Khoikhoi geheers het.[370]

'n Derde groep boere in wie se diens binnelandse slawe hulle kon bevind het, was die nomadiese trekboere. 'n Aantal van dié boere het hulle in die afgeleë binneland bevind waar hulle sonder vaste woonplek 'n swerwersbestaan met hulle veekuddes gevoer het. Sommige boere het uit vrye wil dié lewenswyse verkies, terwyl ander deur die plundering en afbrand van hulle wonings en weiveld deur vyandige inboorlinge tot sodanige swerwersbestaan genoodsaak was.[371] Uit die beskrywings van beide Lichtenstein [372] en Burchell, [373] wat met nomadiese gesinne in die Karoo kontak gemaak het, is af te lei dat die woning van sodanige gesinne gewoonlik die tentwa of koepelvormige strooi- of matjieshutte, soos dié van die Khoikhoi, was. Hulle stapelvoedsel was die vleis en melk van hulle eie veekuddes, aangesien hulle lewenswyse die verbouing van koring en groente uitgesluit het. Lichtenstein het die nomadiese trekboere as die armste in die kolonie uitgesonder, en hulle as "... very far from respectable ... almost sunk to the situation of savages", beskryf.[374] Weens beperkte finansiële vermoëns en arbeidsbehoeftes, sou die besit van slawe deur die nomadiese trekboer eerder die uitsondering as die reël wees. Die Khoikhoi sou 'n meer waarskynlike opsie wees. Enige slaaf wat hom wel in diens van die nomadiese trekboer bevind het, het 'n onbenydenswaardige, ontberingsvolle en geïsoleerde bestaan, sonder die geriewe en fasiliteite van enige ander slaaf in die Kolonie, gevoer. Uit die voorafgaande bespreking van die drie tipes binnelandse boere blyk dit dat die lewensomstandighede van elk van die groepe ten opsigte van lewenskwaliteit en beskaafheid verskil het en dat beide die slawe en koloniste in die veeboerstreke 'n kultuur wat uit Europese, sowel as Khoikhoi-invloede saamgestel is, gedeel het. Hierdie kultuur sou vir die herdersekonomie van die binneland geskik wees. Alhoewel in 'n mindere mate as die Khoikhoi, sou slawe deur hulle arbeid, veral as geskoolde ambagslui, 'n rol in die ekonomie van die binnelandse plase speel. Op kulturele gebied sou hulle eerder 'n deelnemende as bepalende rol in die oorwegend Europees-Khoikhoikultuur speel.

Hiermee is gepoog om 'n beeld van die milieu waarbinne die Kaapse slaaf hom bevind het, te gee. Binne die onderskeie streekmilieus sou die lotgevalle van die slawe voltrek word, sou 'n bepaalde lewenswyse en sekere lewensvorme met betrekking tot die Kaapse slawe beslag kry.

---

370 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 205.

371 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 83.

372 *Loc. cit.*

373 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 273 - 274.

374 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK III

FISIESE LEWENSWYSE EN -VORME : BEHANDELING EN LEWENSONDERHOUD

In sy wydste sin is kultuur die "breë panorama van menslike handeling".[1] Hierdie breë panorama behels onder meer die dade, denke en stryd, die daaglikse lewenswyse en -vorme van 'n bepaalde kultuureenheid of kultuurgroep binne 'n bepaalde periode. In dié hoofstuk word die fisiese aspekte en behoeftes van die Kaapse slaaf in sy daaglikse bestaan, sowel as die wyse waarop en die mate waarin dié behoeftes deur die slawe-eienaars aangespreek is, ondersoek.

Algemene behandeling

Uit die getuienis in dagboeke en reisbeskrywings is dit duidelik dat die Kaapse slawe, in vergelyking met slawegemeenskappe in ander wêrelddele, relatief goeie behandeling ontvang het. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat hy van slawe bewus was wat in geval van emansipasie en die kans op terugkeer na hulle vaderland, nie van die geleentheid gebruik sou maak nie, "because they had never had nor could have such a good time as with their masters".[2] In die 1780's het Francois le Vaillant onomwonde verklaar dat "... there is no country in the world where slaves are treated with so much humanity as at the Cape",[3] terwyl lady Anne Barnard in 1797 van mening was dat "slaves are but rarely ill used at the Cape".[4] Volgens kommissaris De Mist was die behandeling van die Kaapse slawe veel beter as dié van die Afrikaslawe in Amerika en bygevoeg dat die Kaapse slawe meesal as permanente bediendes van die familie beskou is.[5] Volgens die outeur van *Gleanings in Africa* "[i]t has been asserted by many, that the condition, and manner of treatment of the slaves at the Cape is better and preferable to that which they experience in other European settlements".[6] Terwyl die predikant William Wright in 1831 na die "comparative mildness of slavery" aan die Kaap verwys het,[7] het ene Vide Cowper Rose (1794 - 1859), tydens sy vierjarige verblyf in die vroeë negentiende eeu aan die Kaap, tot die gevolgtrekking gekom dat selfs slawerny aan die Kaap 'n glimlag gehad het.[8]

Die wette wat die slawe aan die Kaap moes beskerm, was ook beter as elders in die wêreld.[9] Daarbenewens was eienaars in Kaapstad onder die oog van die gereg, wat die mishandeling van slawe in 'n groot mate beperk het. Alhoewel die slegte behandeling van slawe eerder die

---

1 C.A. van Peursen, *Cultuur in stroomversnelling, strategie van de cultuur,* p. 10.

2 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 110.

3 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 100.

4 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 215 - 216.

5 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 217.

6 *Gleanings in Africa,* p. 57.

7 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 2.

8 V.C. Rose, *Four years in Southern Africa*, pp. 2 - 3.

9 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 217.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitsondering as die reël was, kan dit nie net onder die tafel ingevee word nie, aangesien dit 'n wesenlike bedreiging vir orde en veiligheid ingehou het. So vroeg as Augustus 1658 is Jan van Riebeeck met dié probleem gekonfronteer en in 1685 was fiskaal Albert Jansz van Breugel van mening dat heelwat slawe-eienaars van eenvoudige herkoms was en nie geweet het hoe om hulle slawe te beheer nie, "waerdoor de slaven ... niet alleen tot wanhoop, maer tot afkeer en haet tegen onse natie wierden gebragt, waervan niets goets in een nieuw te stigtene colonie kan werden verwagt".[10] Gevalle van onderdrukking en geweld was egter in die minderheid en het hoofsaaklik betrekking gehad op buitengewoon ongenaakbare onbeskaafde slawebesitters en onbeheerbare, weerspannige slawe.[11] Sekere besoekers se waarnemings in dié verband dien as bewys dat enkele uitsonderings van swak behandeling deur indiwidue tog geïsoleerde gevalle was en dat die meerderheid slawe goeie behandeling ontvang het. Die standpunt van Semple is veral relevant: "In general the slaves at the Cape are not ill treated ... If now and then an instance be found to the contrary, that effects not the general character. A man may use his slave ill; but the slaves at the Cape are well treated." [12] 'n Soortgelyke mening is ook deur Percival gehuldig.[13] Met sy aankoms aan die Kaap was Samuel Hudson sterk bevooroordeeld teenoor slawerny. Na tien jaar aan die Kaap, waartydens hyself 'n slawebesitter geword het, moes hy tog erken dat slawerny aan die Kaap nie so totaal onmenslik en wreed was nie en het hy uit ervaring tot die volgende objektiewe gevolgtrekking gekom wat met dié van ander besoekers en waarnemers gestrook het:

> To say every African is treated with humanity and tenderness would be wrong, but at the same time speaking generally of the Slaves at the Cape of Good Hope I know it from experience that they are better fed, clothed and have a more comfortable Bed to rest their weary limbs on than half the peasantry of our trusted land of freedom [Britain] ...[14]

Wat duidelik af te lei is, is dat daar 'n merkbare onderskeid in die behandeling van die onderskeie "slawegroepe" was.[15] Die Kaapstadse slaaf in privaatbesit was beslis in 'n meer benydenswaardige en bevoorregte posisie as byvoorbeeld die Kompanjie- en plaasslawe. Mentzel het dié tendens in die eerste helfte van die agtiende eeu reeds opgemerk toe hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die Kompanjieslawe, wat ongetwyfeld die meeste skobbejakke ingesluit het, baie slegter as die meerderheid slawe in privaatbesit behandel is. Volgens hom was laasgenoemde in elk geval meer ontvanklik vir goeie behandeling.[16]

Daarbenewens word die onderskeid in die behandeling van stedelike en plaasslawe weereens deur die waarnemings van besoekers bevestig. John Barrow het teen die einde van die agtiende eeu die lot van die plaasslawe teenoor dié van die stedelike slaaf in privaatbesit opgeweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat laasgenoemde beslis beter daaraan toe was en dat die plaasslawe nie naastenby dieselfde goeie behandeling as die welgeklede en welgevoede stedelike slaaf ontvang het nie.[17] In dieselfde verband het Robert Percival opgemerk dat die

---

10 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 97.

11 *Ibid.*, p. 221.

12 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

13 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 283 - 284.

14 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudon's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 45 - 46.

15 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

16 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

17 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inwoners van Kaapstad hulle slawe oor die algemeen beter as die boere in die landelike dele behandel het.[18] In 1806 het die militêre geneesheer, luitenant-kolonel Robert Wilson (1777 - 1849) tydens sy besoek aan die Kaap sy mening oor die behandeling van die Kaapstadse slawe gelug: "Here, [Cape Town] and here alone perhaps in the world, are the slaves treated with a mildness that would merit the admiration of a Howard." [19] Tydens die sendeling John Campbell se verblyf as loseerder in 'n Kaapse huishouding in 1812, het die wyse waarop die slawe in dié huishouding as eie kinders behandel is, hom van die algemene goeie behandeling van Kaapstadse slawe in privaatbesit oortuig. Volgens hom sou die meeste slawe spyt wees indien hulle die betrokke huishouding sou moes verlaat.[20]

Binne dié groep was dit veral die huishoudelike slaaf wat voorkeurbehandeling geniet het. Terwyl Barrow oortuig was dat huishoudelike slawe nêrens ter wêreld dieselfde goeie behandeling as aan die Kaap ontvang het nie,[21] het Percival opgemerk dat die lewenskwaliteit van die Kaapstadse huisslawe goed met dié van Britse bediendes vergelyk het en dat eersgenoemde slegs in naam slawe is, maar vir die res 'n redelik gelukkige bestaan gevoer het.[22] In 1831 was William Wright van mening dat die uiterlike voorkoms van die Kaapstadse huisslawe genoegsame bewys is dat hulle oor die algemeen 'n heel aanvaarbare lewenstandaard met die basiese geriewe geniet het.[23]

Binne die privaathuishouding was daar 'n voorkeurorde van bevoorregting en goeie behandeling wat met herkoms, afkoms en aard van die betrokke slawe in die huishouding verband gehou het. Hiervolgens het die Kaapsgebore slavin van gemengde afkoms voorkeur geniet, soos Percival dit opgesom het: "These [the slaves of colour] are better dressed and more gently treated by far than the other slaves and seldom put to laborious work. The Dutch ladies take a pride in having them nice and well dressed ..." [24] Kort op hulle hakke het die Bengalese en Malabarslawe gevolg, terwyl die Malgassiese, Guinese, Neger, Boeginese en die sogenaamde "Kaffer"-slawe onder die stereotipering van "untracktable, and treacherous, requiring harsh and severe usage and chastisement to make them work" gebuk moes gaan.[25] Die slavinne binne die Kaapse huishoudings is oor die algemeen as deel van die huishouding beskou en as sodanig behandel. Groot moeite is gedoen om hulle binne die grense van die huishouding te hou en daar is jaloers oor hulle gewaak.[26] Alhoewel slavinne die beste behandeling in die amptenaar- en burgerhuishouding ontvang het, het gevalle van seksuele uitbuiting wel voorgekom.[27] Desnieteenstaande het slavinne 'n beter vooruitsig op vryheid as die slawemans gehad. Proporsioneel was daar inderdaad meer vrystellings van slavinne as van slawemans.[28]

Die reeds vermelde Kaapsgebore slavinne wat uit verbintenisse tussen slawe en Europeërs gebore is, was 'n gewaardeerde slawegroep wat die vertrouelinge van die gesin was. As die

---

18 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 292.

19 K.A.B.: VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

20 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 20.

21 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 108.

22 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

23 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 2.

24 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 288.

25 *Loc. cit.*

26 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 222.

27 *Ibid.*, p. 328.

28 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gunsteling slawe is hulle met besondere toegeneentheid en vriendelikheid behandel wat beslis van die algemene behandeling van die meeste slawe verskil het.[29] Die slavinne wat as soogvroue en kinderoppassers binne die Kaapse huishouding aangewend is, het weens die aard en waarde van hulle werk die beste behandeling ontvang. Hulle relatief bevoorregte posisie het onder meer goeie voedsel, talle geskenke en die vooruitsig op vryheid as beloning vir die grootmaak van 'n hele paar kinders ingesluit. Dit was veral die slavin wat as voedster vir die moeder moes instaan wat die heel beste en voedsaamste kos en drank ontvang het.[30] Hierdie soogvroue en kinderoppassers is van die veilingstafel weggehou en byna nooit verkoop nie, aangesien hulle so waardevol vir die huishoudings was.[31]

Nog 'n bevoorregte slawegroep binne die Kaapse huishouding was dié wat binne die huishouding gebore is en opgegroei het. Hulle het voorkeur bo die "ingevoerde" slawe geniet, aangesien hulle nie so onbekend, vreemd, ontwrig en wrokkig as laasgenoemde was nie. Weens die feit dat hulle vanaf geboorte aan die eienaar se huishouding blootgestel was en nie nodig gehad het om 'n wrok weens ontwrigting deur gedwonge ballingskap te koester nie,[32] was hulle meer aangenaam, lojaal en beskaafd en was die taal van die meester ook hulle taal. Volgens luitenant-kolonel Robert Wilson was dit vir die Kaapse slawe-eienaars 'n kwessie van eer om nie 'n huisgebore slaaf te verkoop nie.[33] Slawekinders in die huishouding is volgens getuienis ook aan goeie behandeling blootgestel en min onderskeid tussen eie kinders en slawekinders getref. Die jong slafies is met dieselfde deernis en vriendelikheid deur die eienaars geliefkoos en behandel asof hulle die kinders van familielede kon gewees het. Hulle is by elke vorm van vermaak in die huishouding betrek en het elke tedere gebaar deur die volwassenes met die wit kinders gedeel.[34] Burchell het die noue band tussen die slawekinders en die kinders van die eienaar, wat later as volwassenes in 'n sterk bondgenootskap ontwikkel het, as 'n bewys vir die gematigdheid van Kaapse slawerny aangevoer. Volgens hom was dit 'n aanduiding van die feit dat talle koloniste by verre nie wrede en ongevoelige slawe-eienaars was nie.[35]

Die geskoolde mansslawe van Kaapstad wat hulle in privaatbesit bevind het, was beslis wat onafhanklikheid betref, die beste daaraan toe. Hulle is toegelaat om teen betaling van 'n vasgestelde maandelikse of weeklikse bedrag aan hulle eienaar, onafhanklik te woon en hulle ambag vry en na eie goeddunke en tot hulle persoonlike finansiële voordeel in die stad te beoefen. Met hulle meester se toestemming was hulle dus in staat om die nodige "vrijcoopspenninge" te spaar wat hulle vryheid sou waarborg. Ongeskoolde slawe is soms toegelaat om op semi-onafhanklike basis geld te verdien, soos met die straatverkopers en venters die geval was. 'n Minimum bedrag, die sogenaamde "koeliegeld", moes daagliks aan die eienaar besorg word, terwyl die res van die verdiende geld hulle eie was.[36] Slawe wat timmer- of brandhout vir hulle meesters moes versamel, is ook soms toegelaat om 'n deel

---

29 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudon's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

30 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

31 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 326.

32 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 13.

33 K.A.B.: VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

34 *Loc. cit.*

35 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 34.

36 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 98 en 111; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves," *Kronos* 9, 1984, p. 60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan vir 'n eie inkomste te verkoop.[37]

Sekere verdienstelike Kaapstadse slawe in privaatbesit is toegelaat om op klein lappies grond, wat deur die eienaars aan hulle beskikbaar gestel is, vrugte en groente te verbou en die opbrengs vir 'n inkomste te verkoop.[38] Saad sowel as bemesting, is deur die eienaar verskaf.[39] In sommige gevalle was die meester persoonlik behulpsaam met die afset van die produkte, terwyl hy in ander gevalle sy wa vir die vervoer van produkte na die mark beskikbaar gestel het.[40] Volgens die Beskermer van Slawe het die slawe in 1830 'n gemiddeld van £5 tot £15 elk uit die verbouing van aartappels, pampoene, spanspekke, boontjies, ertjies en Indiese koring verdien.[41]

Uit bogenoemde blyk dit op die oog af dat slawe aan die Kaap oor die algemeen nie aan die onbenydenswaardige wreedhede en ongenaakbaarheid, wat slawerny in ander wêrelddele gekenmerk het, blootgestel was nie. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat slawerny 'n misdryf teen die mensdom is en dat die verhouding tussen meester en slaaf deur sterk paternalisme gekenmerk is. Solank die slaaf sy plek geken en hom goed, kinderlik en onderdanig gedra het, was hy redelik seker van die goeie gesindheid van sy meester. Die slawebesittende Samuel Hudson het die paternalistiese verhouding wat daar tussen meester en slaaf aan die Kaap bestaan het, raak opgesom: "When you find your slaves attentive and obedient you grant them indulgences ... to alleviate the idea of slavery, particularly in allowing them a wife [more probably a concubine]." [42] Volgens hom het hy sy slawe soos sy kinders behandel waarvoor hulle hom met dankbaarheid en toegeneentheid beloon het.[43] Hieruit is dit duidelik dat die kettings van slawerny in 'n groot mate psigologies van aard was. In die verband verwys Robert Shell na die stelling van Emmanuel Kant: "Paternalism is the cruelest tyranny." [44]

In Kaapstad was die Kompanjieslawe 'n slawegroep waarvan die behandeling beslis van die van die Kaapstadse slaaf in privaatbesit verskil het. Soos reeds vermeld, het hierdie slawe, net soos die Kompanjie se "kettingslawe" in Batavia wat "soos rotte" gesterf het, [45] die slegste behandeling ontvang.[46] Hulle was blootgestel aan die ysterhand van die besparingsbewuste Kompanjie en was die onontbeerlike goedkoop arbeid wat die voortbestaan van die Kaapse nedersetting moes help verseker. As arbeiders is hulle ongenaakbaar behandel, soos Mentzel wel opgemerk het: "... a tight hold must always be kept on the reins; the taskmaster's lash is

---

37 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 90; Lady Anne Barnard, *The letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 38.

38 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 76; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167; F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life, 1838 - 1840, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), Desember 1966, p. 42.

39 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 324.

40 *Loc. cit.*; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 167.

41 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* pp. 76 - 77; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167.

42 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 67 - 68.

43 *Ibid.,* p. 47.

44 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 212.

45 F. de Haan, *Oud Batavia,* p. 273.

46 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 129.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the main stimulus for getting any work out of them." [47] Hulle welsyn was slegs belangrik in soverre siekte en dood tot arbeids- en ekonomiese verlies vir die Kompanjie sou lei. Daar is veral onder die beheer van Jan van Riebeeck bitter min op die onderhoud van slawe spandeer. Regdeur Kompanjiesbeheer het slaweonderhoud 'n beperkte deel van die totale Kompanjiesuitgawes aan die Kaap uitgemaak.[48] Belonings in die vorm van geld en ander lewensmiddele was beperk, alhoewel dit nie uitgesluit was nie. Knap baksteenmakers is met 'n klein bedraggie geld beloon, terwyl die tolke op slawe-ekspedisies spesiale belonings ontvang het. Afgesien van die weeklikse tabakrantsoen, is daar op Nuwejaarsdag 'n ekstra porsie tabak aan die slawe uitgedeel. Nuwejaarsdag 1674 was 'n dag van groot vreugde, aangesien die Kompanjieslawe toe elk 'n klein bedraggie geld, klere, sowel as 'n bietjie half bedorwe tabak, as aansporing ontvang het.[49] In 1676 het goewerneur Isbrand Goske (1626 - 1689) in sy aanbevelings aan sy opvolger Jan Bax (1637 - 1678) aangedui dat slawe toegelaat is om in hulle vrye tyd grond, wat aan hulle beskikbaar gestel is, tot hulle eie voordeel te bewerk.[50] 'n Rede vir die verskil in behandeling tussen die Kompanjieslawe en die slawe in privaatbesit is moontlik geleë in die feit dat daar 'n groter moontlikheid bestaan het dat indiwidue binne die gesiglose hierargies-geordende staats- en handelsinstelling van die VOC, hulle morele verantwoordelikhede ten opsigte van die slawe gerieflikheidshalwe onderling op mekaar kon afskuif. 'n Persoonlike morele gewete en verantwoordelikheid kon makliker binne 'n omvattende onpersoonlike gesiglose staatsopset ontduik word.

Daar is reeds van die behandeling van plaasslawe melding gemaak en wel dat hulle nie dieselfde voorregte as die dorpslawe geniet het nie. Hulle werksure was lank en veeleisend,[51] terwyl hulle ook meer verwaarloos is. Die woorde van Barrow het die onbenydenswaardige situasie van die plaasslaaf raak opgesom: "The field slaves belonging to the farmers are not however, nearly so well treated as those of the town ... they are ill-clothed, work extremely hard and are frequently punished with the greatest severity." [52] Die plaasslawe van beide die akkerboustreek en die afgeleë binneland was geïsoleerd en aan 'n beter kans op mishandeling blootgestel. Aangesien beide slaaf en eienaar hulle nie direk onder die oog van die gereg bevind het nie en die toesig en gesag van die owerheid in die afgeleë gebiede beperk en nie juis doeltreffend was nie, het sommige boere uit vrees dat hulle beheer oor hulle slawe sou verloor, sowel as weens 'n gebrek aan selfbeheersing, die reg in eie hande geneem en hulleself in sekere gevalle aan ernstige en wrede mishandeling van slawe skuldig gemaak.[53] Die ergste gevalle van mishandeling het in die Bokkeveld en Roggeveld voorgekom. Die groot vrees wat slawe gekoester het om in die afgeleë binneland verkoop te word, [54] was dus nie ongegrond nie. In sommige uitsonderlike gevalle was die strawwe wat boere aan hulle slawe uitgedeel het uiters onmenslik en wreed. Soos reeds vermeld, het sommige boere weens omstandighede 'n laer

---

47 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 129.

48 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 96; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 267.

49 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 176 - 177.

50 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 133.


51 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 292.

52 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 109.

53 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 109; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 111; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 156.

54 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 43: 'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf. Die aantal pype wat tydens die duur van die lyfstraf gerook is, was die maat waarvolgens die erns van 'n oortreding en dienooreenkomstige lyfstraf vir 'n slaaf deur die eienaar bepaal is.

Uit: R.C.-H. Shell, *Children of bondage* (Johannesburg, 1994), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vlak van beskawing in die binneland gehandhaaf wat soms in die mishandeling van slawe gemanifesteer het. In 1792 het 'n binnelandse slaaf 'n klag gelê nadat hy en van sy mede slawe nakend saam met 'n paar perde voor 'n wa ingespan is, terwyl die wadrywer hulle oor hulle naakte liggame met die sweep geslaan het.[55] Tydens 'n ander insident is 'n slaaf ses ure aaneen deur sy meester, dié se familielede, sowel as ander slawe en Khoikhoi geslaan.

Dit was gebruiklik vir die lyfstraftoedieners en toeskouers om dié slaansessies met kort rusperiodes, waartydens wyn gedrink en 'n pyp gerook is, af te wissel.[56] In sommige gevalle was die erns van die oortreding en die drag slae van die skuldige slaaf aan die aantal rooksessies van die meester af te lei **(Fig. 43)**. Hoe ernstiger die oortreding hoe meer pype is deur die eienaar gerook en hoe langer het die lyfstraf geduur.[57] Lyfstraf is gewoonlik met 'n sweep van renostervel toegedien. In die meeste mishandelingsgevalle was die straf nie in verhouding tot die oortreding nie. As straf vir die steel van wyn en brandewyn is die 53-jarige Andries van Ceylon in 1724 deur sy eienaar Barend Buys eers aan 'n balk opgehys, aan 'n leer vasgemaak en toe deur slawe met 'n rottang en sambok laat slaan.[58] Michael Otto en Gottlieb Opperman kan as uiters gewetenlose en ongenaakbare slawe-eienaars uitgesonder word en was as sodanig in die Kaapkolonie berug.[59] Die wrede en brutale Michael Otto het sy slawe uitermate sleg behandel. Só het hy onder meer slawe wat 'n oortreding begaan het nakend aan 'n boom of paal in die son vasgemaak en hulle liggame met heuning besmeer om vir ure aaneen deur insekte, waaronder blindevlieë, geteister te word.[60] Deur brutale straf het Otto 'n slaaf, wat 'n vakleerling in wamakery was en wat hy vir 'n 1 000 gulden gekoop het, verloor.[61] In 1731 het Gottlieb Opperman een van sy slawe vermoor.[62] In 1803 het die slavin Spatie 'n klag teen haar meester J.D. Cilliers gelê, aangesien hy haar vanaf soggens 11 uur tot saans met 'n ketting aan haar nek vasgemaak gehou het.[63] Die eienaar is met slegs vyf pond beboet.

In Junie 1767 het 'n uiters wrede mishandelingsinsident op die plaas van Hendrik Greef afgespeel. Nadat die slaaf Jacob weggeloop het, is hy teruggebring, deur Greef met 'n sweep geslaan, gestuur om te gaan dors en daarna aangerand en wreed deur Greef en die slaaf Achilles om die beurt in die koringskuur met 'n sambok geslaan tot sy rug rou en bebloed was. Na middagete is die verrinneweerde Jacob gestuur om saam met 'n ander slaaf te gaan ploeg, terwyl bloed langs sy kop en rug afgeloop het. Hy het inmekaargesak, waarna hy deur Greef en sy vrou geskop en weer met die sambok toegetakel is. Hy is daarna na die huis gesleep en buite die kombuis in 'n balie met koue reënwater gegooi waarna hy in die huis gebring en aan 'n leer vasgeketting is waar hy die nag gesterf het.[64]

Nog 'n berugte sadistiese slawe-eienaar was Johannes Kuuhn van die Roggeveld wat herhaaldelik sy slawe mishandel en gemartel het. Volgens 'n verslag van sekere Roggeveldse burgers in 1770 is daar van 'n skaapwagterslaaf verwag om vir etlike jare met 'n ketting om sy

---

55 K.A.B.: CJ. 2537, nr. 36: Requesten, 1792.

56 K.A.B.: CJ. 780: Sententien, 1697-04-13.

57 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 145.

58 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* p. 74.

59 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 209.

60 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 49 - 50.

61 *Ibid.*, p. 50.

62 R.C.-H. Shell, *Those in bondage*, p. 209.

63 *Ibid.,* p. 210.

64 K.A.B.: 1/ STB 3/11: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, Junie 1767.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lyf wat ook aan sy voete vas was, skape op te pas. Ook die slawe van sy moeder het hy nie ontsien nie. 'n "Hark" wat van skerpgemaakte beeshorings gemaak is, is stadig oor die rug, boude en bene van 'n gedrosde slaaf getrek, terwyl dit diep in die slaaf se vleis ingesny het.[65]

In 1812 is daar tydens die Swarte Ommegang elf klagtes van wrede en slegte behandeling van Khoikhoi en slawe teen Kwaade Martha Ferreira van die plaas Elandsfontein in die Onder-Langkloof gelê. Volgens die klagtes, wat hoofsaaklik deur die twee sendelinge J.T. van der Kemp (1747 - 1811) en J. Read (1977 - 1852) by die "Commissie van Rechtspleging" ingedien is, het Kwaade Martha onder meer haar Mosambiekse slavin Manissa daagliks wreed met 'n sambok gekasty, sodat sy tydens een van die slaansessies haar een oog verloor het. Sy het haar slavin Steyn herhaaldelik op die grond neergelê en gewelddadig met sambokke, besemstokke, jukskeie en "swaardere stukken" geslaan. Volgens die klag het dié wrede behandeling tot die slavin se dood aanleiding gegee. Die Mosambiekse slavin Mina het weens die ongenaakbare en wrede strafmetodes van Kwaade Martha heeltemal haar sig verloor en stinkende septiese wonde opgedoen. Kort nadat Mina deur Kwaade Martha met 'n stuk hout agter die nek geslaan is, is die slavin oorlede. Weens onbevredigende getuienis, is Kwaade Martha op alle klagtes wat met die mishandeling van slawe verband gehou het, vrygespreek.[66]

'n Algemene verskynsel ten opsigte van slawestrawwe was dat ernstige geweld en mishandeling van slawe, meesal nie deur die eienaars nie, maar wel deur die toesighouers of "knechte", wat nie regtig die eienaar se persoonlike en finansiële belange op die hart gedra het nie, toegepas is. Vir die eienaar was 'n slaaf 'n waardevolle besitting. Die verlies aan 'n slaaf was 'n gevoelige ekonomiese terugslag vir die slawebesitter wat ernstige gevolge vir sy materiële en ekonomiese belange ingehou het.[67] In sommige gevalle was die opsigters familielede van die eienaar, maar meesal moes "knechte" as toesighouers die slawe in afwesigheid van die eienaar beheer.[68] Van dié groep was die "leenknegte" meesal Kompanjiespersoneel wat voorheen soldate en matrose was en vir 'n bepaalde tyd onder kontrak aan vryburgers uitgehuur is, terwyl die "vryknegte" mede-vryburgers en vryburgerseuns of selfs vryswartes was.[69] Konflik tussen slawe en knegte het veral op die platteland meer gereeld as tussen eienaars en hulle slawe voorgekom. Die kneg was in die onbenydenswaardige posisie waar hy op 'n dag tot dag basis met gedelegeerde gesag die algemene orde op die plaas moes handhaaf en die slawe op hulle plek moes hou. Dit was sy plig om hulle aan die werk te kry en te hou en toe te sien dat die werk reg gedoen is. Die verskil in benadering oor wat as redelike verwagtinge beskou kan word, het tot ernstige en geweldadige botsings tussen knegte en slawe gelei.[70] Aangesien die toesighouer ondergeskik aan die eienaar was, was sommige slawe geneig om die kneg se optrede te bevraagteken en sy gesag in twyfel te trek en uit te daag. Daarbenewens was die knegte dikwels moeilike en weerbarstige persoonlikhede wat nie juis gesonde respek afgedwing het nie. Talle voorbeelde van slawesterftes en permanente beserings wat deur knegte veroorsaak is, kom in die amptelike regsdokumente voor. In Oktober 1791 het die slaaf Januarie van Mosambiek met sy lewe geboet toe hy die kneg Casper Knippe se gesag met die volgende woorde uitgedaag het:

---

65 K.A.B.: 1/ STB 3/11: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, Mei 1770.

66 O.J.O. Ferreira, Kwaade Martha van die Swarte Ommegang, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, pp. 232 - 236.

67 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 53.

68 N. Worden, Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century, *Kronos* 5, 1982, p. 48.

69 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 30.

70 *Ibid.*, p. 31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Breng mij bij Baas, want dat ist mijn Baas, sijn volmagt laat die doen wat hij wil." [71] Weens die onbehoorlike en gewelddadige optrede van die knegte teenoor die slawe, is hulle deur laasgenoemde gevrees [72] en gehaat en gevolglik by meer as een geleentheid self die slagoffers van slawegeweld.[73] In 1743 het die slawe van Jan Vlotman na voltooiing van hulle werk op die landerye na die kombuis in hulle slawekwartiere teruggekeer. Ontevrede met hulle werk, het die kneg Jan Frederik Heus die vertrek binnegestorm en die slawe wild en wakker met 'n kierie geslaan en hulle beveel om na hulle werk terug te keer. Die slaaf Aaron het hom verset teen dié behandeling en weer na die kombuis teruggekeer om na 'n ander siek slaaf om te sien, waarop die kneg hom weer met die kierie toegetakel het. Hierop het Aaron 'n byl gegryp en die kneg twee maal erntig in die gesig verwond.[74] Hiervoor moes Aaron met 'n galgdood boet.

In die losie, maar veral op die groter plase, is senior slawemans as mandoors oor slawe aangestel. Hulle was uitsonderlik betroubare indiwidue wat bepaalde voorregte bo hulle medeslawe geniet het.[75] Die slawemandoor op Martin Melck se plaas was onder meer bevoorreg deur by slavinne te slaap.[76] Net soos die geval by knegte, het slawe soms geweier om die gesag van die mandoors te aanvaar en het dié spanning in uiterste gevalle tot moord gelei. In 1768 het die slawemandoor op Melck se plaas juis aan die hand van 'n medeslaaf Frans van Madagaskar, aan sy einde gekom.[77] In 1801 het die slaaf Mozes die slawemandoor Roelof met 'n mes in die koringland gesteek, nadat Roelof hom met 'n rottang geslaan en gedwing het om sy werk voort te sit.[78]

Alhoewel ernstige gevalle van mishandeling wel op die plase, veral in die binneland, voorgekom het, is daar nogtans bewyse van relatief goeie behandeling, toegeneentheid en menslikheid van eienaars teenoor slawe. Alhoewel paternalisties van aard, verwys Adam Tas telkens na sy slawe as "ons volk", "ons goeie volk", of "onse knaapen" [79] wat tog op 'n positiewe assosiasie met sy slawe dui. Slawe wat goed behandel is, was oor die algemeen lojaal teenoor hulle meesters. "I cannot remember ever hearing of a slave deserting a master who treated his servants fairly", [80] aldus Mentzel. In sy reisbeskrywing het Lichtenstein telkens melding gemaak van beskaafde binnelandse boere wat hulle slawe baie goed behandel het. Die bejaarde Javaanse slaaf van ene Milde was vol lof vir die goeie behandeling wat hy van sy meester ontvang het, terwyl sy medeslawe rondborstig met hom saamgestem het. Tydens 'n besoek aan die weduwee Van Wyk op 'n plaas wat tagtig ure noord van Kaapstad geleë is, het die beskaafdheid, onderlinge toegeneentheid en die goeie gesindheid teenoor die slawe Lichtenstein en sy geselskap opgeval. In die Overberg het hy opgemerk dat 'n blinde Maleierslaaf wat in diens van ene Dupré was, vir die afgelope dertig jaar getrou deur sy

---

71 K.A.B.: 1/STB 3/12: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 10 Oktober 1791.

72 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33.

73 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 89.

74 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC. 4158, saak nr. 12: Saak van Aaron van Mallebar, 1743-05-02, soos aangehaal *in* R. Ross, *Cape of Torments*, pp. 31 en 132.

75 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 29.

76 R. Ross, Oppresion, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope. *Historical Reflections/Reflections Historiques* 6, 1979, pp. 429 - 430.

77 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 89.

78 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 29.

79 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 23, 24, 25, 37 en 105.

80 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eienaar versorg is.[81] As lid van Lichtenstein se geselskap was Augusta de Mist veral beïndruk deur die goeie behandeling wat die slawe van Jacob Laubscher van hulle eienaar ontvang het.[82]

In 1726 het die Stellenbosse boer Hendricksz van Reenen in 'n uitsonderlike geval sy hele boedel aan sy ingevoerde slaaf Carel van Bengale nagelaat.[83] Verdienstelike plaasslawe is oor die algemeen beloon deur klein lappies grond vir verbouing aan hulle beskikbaar te stel. Die opbrengs kon hulle dan tot hulle eie finansiële voordeel verkoop.[84] Die meesters was behulpsaam met die beskikbaarstelling van saad, bemesting, vervoer en soms ook die verkope van die produkte.[85] Op 'n plaas in die Wagemakersvallei het elke slaaf 'n stukkie grond ontvang wat hulle besitlik oor gewaak het.[86] In 1835 is aan 25 vakleerlingslawe op die plaas van Isaac van der Merwe elk 'n stukkie grond beskikbaar gestel waarop hulle produkte kon verbou. Hulle is selfs toegelaat om Van der Merwe se wa te gebruik om die opbrengs op Worcester te gaan verkoop. Volgens een van die slawe het sy tuintjie 'n jaarlikse inkomste van 40 riksdaalders gegenereer waarmee hy sy eie klere kon koop, terwyl 'n ander slaaf met sy inkomste van 20 riksdaalders vir gare, seep en klere voorsiening kon maak.[87] Met dié verdienstes kon hierdie slawe in 'n groot mate na hulle eie behoeftes omsien. Soos in genoemde gevalle, is die geld wat uit die opbrengs verkry is gewoonlik sinvol aangewend, soos die koop van mooi klere of die spaar van "vrijcoopspenninge". Sommige slawe het dit op drank spandeer wat tot dronkenskap en wanordelikheid gelei en hulle die argwaan en straf van die eienaar of die fiskaal op die hals gehaal het.[88]

Op veral die binnelandse plase is sekere bevoorregte plaasslawe goedgunstiglik toegelaat om skape, bokke, perde en selfs beeste op hulle meester se grond te laat wei. In 1827 het die latere Voortrekkerleier Piet Retief 249 riksdaalders aan die veebesittende slavin Maria geskuld vir 141 skape en dertig bokke wat hy van haar gekoop het.[89] 'n Ander plaasslaaf het selfs soveel as 300 skape en bokke op sy eienaar se plaas laat wei.[90] Die slaaf Jeptha is ook toegelaat om op die Graaff-Reinetse veeplaas van sy meester vee te besit. Oor 'n tydperk van tien jaar het hy 'n relatief groot veekudde opgebou wat uit 51 bokke, 31 skape, tien beeste en vier perde bestaan het. In 1833 het November, die slaaf van Cobus van Heerden van Graaff-Reinet, 254 skape en bokke, sowel as nege beeste besit. Adam, die slaaf van 'n Uitenhaagse boer, het oor 'n tydperk uit die inkomste van sy groentetuin vir hom beeste aangeskaf. Met dié waardevolle touwys osse se opbrengs het Adam sy vryheid van sy meester gekoop.[91] In sommige gevalle het slawe wat roerende eiendom besit het wel hulle familie of

---

81 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 61, 91 en 206.

82 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803,* p. 26.

83 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 223.

84 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 324; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130; *Ibid. III,* p. 110.

85 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 324.

86 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 92.

87 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 77.

88 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130; *Ibid. III,* p. 110.

89 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* pp. 81 - 82.

90 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 167.

91 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* pp. 70 en 81.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eggenote in plaas van hulleself vrygekoop. In 1831 het die slaaf Samson van die Somerset-distrik 'n koei en 23 skape en bokke aan Anna Erasmus gegee in ruil vir die vrystelling van sy Khoikhoivrou van haar dienskontrak.[92] Sommige slawe wat beeste besit het, het beespagooreenkomste met minder gegoede medeslawe aangegaan. Beeste is aan die arm medeslaaf gegee om op te pas in ruil vir 'n persentasie van die opbrengs, soos Maria, die Graaff-Reinetse slaaf, wat twee koeie en twee verse aan die slavin Roset gegee het om op te pas in ruil vir die helfte van die opbrengs.[93]

As 'n gebaar van goedgunstigheid en toegeeflikheid is verdienstelike plaasslawe soms toegelaat om 'n bywyf aan te hou, wat hulle volgens Kolbe "van 't uitlopen en 't speel en zuip-gezelschap" weggehou het.[94] Die slaaf Galant van die Bokkeveld is selfs toegelaat om "twee byzitten, in plaas van eene" aan te hou.[95] Daar is reeds verwys na slawemandoors wat ter bevoorregting by slavinne kon slaap.

Toegewings en voorregte aan plaasslawe was dus nie ongewoon nie, alhoewel die motiewe nie altyd uit suiwer morele oorweging en eerlike medemenslikheid gespruit het nie. Selfsug en die eiebelang van die toegeeflike meester het in baie gevalle 'n belangrike rol gespeel. Aangesien die arbeid van die slaaf 'n belangrike bron van rykdom vir die familie waaraan hy behoort het was, is dit byna vanselfsprekend dat daar goed na die fisiese welsyn van die slaaf omgesien sou word.[96] Kolbe, Hudson, Teenstra, Golovnin, Burchell, sowel as Campbell het die tendens bevestig.[97] As besitting is die slaaf se waarde in terme van monetêre wins en verlies uitgedruk. In baie gevalle was die belonings en toegewings aan plaasslawe om veestapels op te bou en landbouprodukte te verkoop, omkoopgeskenke om hulle op die plase weg van Kaapstad of die inboorlinge langs die grens te hou.[98] Kolbe het vroeg reeds opgemerk dat 'n wegloperslaaf wat nie teruggevind kan word nie, die meester " 't geheele kapitaal, dat hy besteed heeft, om dezelven te kopen" kon kos.[99] Die verlies aan 'n slaaf deur weglopery of die dood was 'n ernstige verlies aan eiendom.[100] Goeie behandeling van 'n slaaf was dus oor die algemeen deur eiebelang geïnspireer, "which bids them [the slave owners] to take every care of so valuable a part of their property", aldus Burchell.[101] Hy was egter van mening dat die beoordeling van die motiewe van die meesters nie by die welsyn van slawe ter sake is nie, solank die slawe wel voordeel daaruit kon trek.[102]

Wat die motiewe ook al blyk te wees, is dit uit navorsing duidelik dat die Kaapse slawe

---

92 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 81.

93 *Ibid.*, p. 82.

94 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

95 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 334.

96 *Gleanings in Africa*, pp. 66 - 67.

97 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 325; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 53; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 312 en 398; V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), pp. 60 - 61; W.J. Burchell, *Travels into the interior of Southern Africa I*, p. 32; J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

98 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 75 - 76.

99 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 325.

100 J. Campbell, *Travels in Southern Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

101 W.J. Burchell, *Travels into the interior of Southern Africa I*, p. 32.

102 *Ibid. I*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in vergelyking met ander slawegroepe elders in die wêreld oor die algemeen goeie behandeling van hulle meesters ontvang het. Lady Anne Barnard maak juis melding van die Kaapse slawe wat beter behandeling as dié in Wes-Indië ontvang het.[103] Sir Joseph Banks was oortuig dat die beter optrede van die Maleierslawe teenoor hulle eienaars aan die Kaap as dié in Batavia verband gehou het met die beter behandeling van sodanige slawe deur hulle Kaapse meesters. Volgens hom was die Kaapse Maleierslawe kalmer, eerliker, flukser en minder sleg as wat dit in Batavia die geval was.[104] Uit sy navorsing het Victor de Kock tot die gevolgtrekking geraak dat, afgesien van 'n gebrek aan vryheid en dat slawe nie met geld vir hulle dienste vergoed is nie, dit 'n onbetwisbare feit is dat die meeste Europeërs aan die Kaap die raad van Seneca gevolg het deur hulle slawe as "onderdanige vriende" te behandel.[105]

Fisiese versorging

Die kwaliteit van die daaglikse lewe van die Kaapse slaaf is voorts deur die mate waarin die eienaars in die slawe se basiese lewensbehoeftes voorsien het, bepaal. Soos reeds vermeld, het die basiese versorging van die onderskeie slawegroepe verskil.[106] In dié verband het die aard en gesindheid, sowel as die ekonomiese en materiële welstand van die meester 'n rol gespeel. 'n Ondersoek na die fisiese behoeftes van die onderskeie slawegroepe en die mate waarin slawe-eienaars daarin voorsien het, lewer vervolgens 'n insiggewende beeld op 'n bepaalde faset van die daaglikse bestaan van die Kaapse slawe.

1. Huisvesting

Huisvesting was 'n belangrike prioriteit in die versorging van slawe. Die eerste slawegroep wat ter sprake kom, is die Kompanjieslawe. Hulle versorging is bepaal deur die beskikbaarheid van fondse, sowel as die erns en gewilligheid van die betrokke goewerneurs om hulle morele verantwoordelikheid teenoor die slawe na te kom. In die beginjare van die nedersetting het 'n paar slawe in die huis van die hooftuinier gebly,[107] terwyl die ander slawe binne die Fort, en wel in "packhuizen aen de noch onbemetselde sijgordijnen seer nootsaeckelijk om beneden slaven ende op de solders het coren te bergen ..." [108] Op 30 Julie 1657 is begin om die slawewoning te bou [109] wat later as *Coornhoop* bekend sou staan [110] en deel van die buite-geboue van die Fort uitgemaak het. Op 29 Mei 1658 is 98 Kompanjieslawe hierin gehuisves.[111]

Na alle waarskynlikheid was daar dus twee slawelosies in die omgewing van die Fort geleë, terwyl daar ook 'n slawehuis aan die onderkant van die Kompanjiestuin was.[112] Na 'n verwoestende brand dié gebou in 1667 in puin gelê het, is die slawe tydelik in die Fort

103 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 215 - 216.

104 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 222.

105 *Ibid.*, p. 70.

106 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 292 - 293; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

107 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 166.

108 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-17.

109 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-30.

110 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-17.

111 K.A.B.: C. 1872: Origineel Dagregister, 1658-05-29.

112 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 376.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehuisves.[113] Op 23 Desember 1669 is aangeteken dat "... 't slavenhuys, dat al vry kleen en insgelycx vergaan is, mede naar eijs gerepareert is" [114] en is die slawe uit die Fort na die herboude slawelosie onderkant die Kompanjiestuin verskuif.[115] Hier was die slawe nader aan die Kompanjie se werksplase en tuin. Mettertyd was hierdie losie wat gedreig het om in te stort nie meer veilig, bewoonbaar of herstelbaar nie en is daar gevolglik met die bou van 'n nuwe slawelosie naby die ou losie begin. Op 28 Julie 1679 was die bouwerk reeds so ver gevorder dat 'n gedeelte van die slawe wat in die Kasteel gehuisves is, na die nuwe onvoltooide slawelosie oorgeplaas is.[116] Voor die finale voltooiing het 'n brand op 19 Augustus 1679 in Wagenaer se ou slawehuis uitgebreek waartydens " ... de slaven en de slavinne nauwliks haar blootte liggaam kon red".[117] Hulle kon gelukkig hulle intrek in die nuwe gebou neem.

Daar word telkens in dagboeke en reisbeskrywings na dié slawelosie verwys. In 1711 het Abraham Bogaert opgemerk dat 500 slawe wat in die Kompanjiestuin en by ander plekke werksaam was, in die losie gehuisves is.[118] In 1714 het dominee Francois Valentyn die slawelosie as 'n redelike groot platdak enkelverdieping gebou wat ongeveer dertig "voeten" (ongeveer nege meter) hoog, 77 "treden" (72 meter) lank en 46 "treden" (42 meter) breed is en waarin ongeveer 600 Kompanjieslawe gehuisves is, beskryf.[119] Die mees insiggewende beskrywing met betrekking tot die voorkoms en uitleg van die slawelosie is deur Peter Kolbe aan die begin van die agtiende eeu gegee:

> De Loots der slaven, waar van gesegt is, dat ze tegen over de Kerk staat, is een wydluftig gevaarte, langwerpig, zoo dat ze tweemaal zoo lang als breed is, in vele woningen of kamertjes verdeelt; dezelve heeft twee ingangen, te weten een van de straat, tegen over de Kerk, en een door de grote poort in den tuin; rontom zyn inwendige gebouwen, van buiten tamelyk hoog ...; van binnen echter zeer laag, zoo dat men met de hand schier aan 't dak kan komen. In't midden van deze gebouwen is een grote vierkante plaats, waar op de slaven vuur maken, om hun eeten te koken, hoewel sy dezelve ook tot andere zaken gebruiken ...[120]

Die "andere zaken" wat onder meer in die binneplein plaasgevind het, was die lees van die naamrol, die doen van afkondigings, die uitdeel van werksinstruksies soggens, sowel as die geseling van oortreders in teenwoordigheid van al die ander slawe. In 'n stadium is selfs varke in die binnehof aangehou.[121] Buiten vir die wooneenhede van die hoof- en ondertuiniers, was daar in die slawelosie onder meer aparte skoollokale vir die slawemeisies en -seuns, 'n voedselvoorradestoor waarin onder meer droë, gesoute vis geberg is, sowel as 'n gevangenis vir weerspannige slawe.[122]

---

113 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 3.

114 K.A.B.: VC. 5: Dagregister, 1669-12-23.

115 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 3.

116 K.A.B.: C. 1883: Origineel Dagregister, 1679-07-28.

117 K.A.B.: C. 1883: Origineel Dagregister, 1679-08-19.

118 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I,* p. 101.

119 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 100.

120 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 247.

121 *Ibid. II,* pp. 247 - 248; *Ibid. I,* p. 397.

122 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* pp. 247 - 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mans- en vroueslawe, kinders, sowel as bandiete is in die losie gehuisves, terwyl siek matrose ook van tyd tot tyd hier versorg is.[123] Hierdie deurmekaarwonery het tot talle probleme aanleiding gegee. In 1685, kort nadat die nuwe slawelosie opgerig is, het kommissaris Hendrik Adriaan van Rheede die Kaap besoek. Behalwe dat hy die losie as 'n "... swaer en hegte gebouw, seer bequaam tot woningh en bewaringh der slaven", beskryf het,[124] was hy ontnugter deur die haglike toestande waarin die inwoners geleef het. Die slaapkwartiere van die kinders was vuil, die siekes verwaarloos, terwyl getroudes, ongetroudes en jong seuns sowel as dogters dieselfde slaapvertrekke gedeel het, wat sedelike verval tot gevolg gehad het. Die jong kinders en bejaardes het nie kerk bygewoon nie, die kinders het nie skool toe gegaan nie, terwyl die kinders van Europese vaders nie gedoop was nie. Die slaapvertrekke en -geriewe was in 'n slegte toestand en volgens hom was die beddegoed vuil en verslete, terwyl die slawe sonder beddens was en op die vloer geslaap het. Weens die ondigte dak is reën in die winter deur sterk wind in slaapvertrekke ingewaai, wat voortdurend nat beddegoed tot gevolg gehad het.[125] Talle aanbevelings ten opsigte van die slawe is deur kommissaris Van Rheede aan goewerneur Simon van der Stel gemaak wat na Van Rheede se vertrek wel aandag aan sommige van die probleme gegee het.[126]

In 1710 het kommissaris Van Hoon egter opgemerk dat die losie "van binnen seer slordig en slegt uijt siet".[127] 'n Amptelike verslag van 1716 vermeld dat "de meeste part van de beddings zijn t'eenemal ontramponneert, zulx bij reegen de lijfeigenen niet droog kunnen leggen", terwyl al die deure en vensters "met hun cosijnen meest vergaan" het. [128] In kritiek op die losie voeg 'n daaropvolgende verslag van 1717 by dat die dak oral lek en die ou en vervalle gebou te klein vir die slawe geword het.[129] Die Politieke Raad het die voorafgaande jaar reeds 'n aantal reëls en regulasies neergelê in 'n poging om die vele klagtes oor die slawelosie aan te spreek.[130] Alhoewel 'n latere poging wel aangewend is om beddens in die vorm van planke wat aan die mure vasgespyker is aan die slawe te verskaf, het hulle nooit van dié beddens gebruik gemaak nie en die vloerslapery voortgesit. Heelwaarskynlik was die tradisionele Europese idee van 'n bed ongewoon vir die slawe wat oorwegend van Afrika en die Ooste afkomstig was. Weens die deurmekaarwonery van "getroude slawe" en kinders is die plankbeddens wel met "een stuk katoen of eenige andere linnen lap" behang "om van niemand gezien te word."[131] Alhoewel daar later wel aparte afdelings vir mans- en vroueslawe onderskeidelik en vir slawe wat vrywillig met mekaar "getroud" was ingerig is, het die slawe nogtans deurmekaar gewoon. In nog 'n poging om privaatheid te bewerkstellig, het sommige slawe seilskerms al langs die vierkant binne die slawelosie opgeslaan met seil wat hulle van matrose wat die losie besoek het, bekom het.[132] Toestande het weinig verander en die lewe in die slawelosie was

---

123 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 95.

124 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 29.

125 *Ibid.*, p. 184.

126 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 48.

127 A.J. Böeseken, Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1944, p. 64.

128 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 47.


129 *Ibid.V,* p. 161.

130 *Ibid.V,* p. 114.

131 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* pp. 395 - 396.

132 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 116.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 21: Plan van Kompanjieslawelosie in 1798 met links, die hospitaal en twee aparte vertrekke vir "geestesversteurdes" en regs, 'n lang vertrek vir slawe sowel as kleiner kamers vir die opsigters. Let op die groot waterput in die middel van die binnehof.

Uit: J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa* (Cape Town, 1972), p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

allesbehalwe rooskleurig. Vir die grootste deel van sy bestaan was dit oorbevolk. Voorts was die leefwyse van die inwonende slawe volgens Kolbe "zeer morzig en beestachtig".[133] Onderlinge onsedelikheid, sowel as onsedelikheid tussen matrose, soldate en Kompanjie-slavinne het aan die losie 'n hardnekkige reputasie as bordeel besorg,[134] terwyl daar weens swak ventilasie 'n onuitstaanbare stank binne die gebou was.[135]

Nadat 'n ondersoek in 1717 bevind het dat die losie in sy vervalle toestand nie meer as slaweverblyf geskik is nie, is 'n aanbeveling, dat die bestaande gebou 'n tweede verdieping moet bykry en verder met 'n enkelverdiepingstruktuur vergroot moet word, deur die Politieke Raad aanvaar en is voorts besluit dat die slawelosie herbou moes word.[136] Die plan vir die "vernuwing en vergroting" van die losie is eers teen 1732 gedeeltelik in werking gestel. Dit sou 'n paar jaar van restourasie en herstel in beslag neem voor dit teen die laaste helfte van die agtiende eeu voltooi was.[137] In 1752 is die slawelosie van nog 'n verdieping en 'n platdak voorsien.[138] Teen die einde van die agtiende eeu het Robert Semple die slawelosie, wat tussen die Kompanjiestuin en die Nederduits Gereformeerde Kerk geleë was, as 'n groot langwerpige gebou van tagtig treë (ongeveer 72 meter) in lengte en twintig treë (ongeveer 18 meter) in breedte met 'n binnehof, beskryf.[139] **Figuur 21** toon 'n grondplan van die slawelosie in 1798 aan. Volgens 'n verslag in 1793 deur Höhne, die losiesuperintendent, was daar 592 inwoners in die losie waarvan 74 gevangenes en 36 bejaardes en gestremdes was wat nie harde arbeid kon verrig nie. Hulle moes die losie skoonmaak en na die klein kindertjies van werkende slawemoeders omsien. Die slawelosie het 'n welkome heenkome aan blinde en lam bejaarde slawe gebied. In ruil vir die goeie sorg wat hulle as kinders van die bejaarde slawe ontvang het, het dankbare jong medeslawe met deernis na hulle omgesien.[140] Verstandelik gestremde persone is soms in klein kamertjies binne die slawelosie gehuisves, terwyl bandiete op die solder gebly het.[141]

Buiten die losiedirekteur, die dokter, onderwysers en opsigters het die losiepersoneel ook die oppermandoor ingesluit, wat in 'n aparte gebou langs die slawelosie gewoon het.[142] Dit was sy plig om saans om agtuur al die slawe te tel, hulle toe te sluit en die sleutel persoonlik aan die fiskaal te besorg. Die volgende oggend moes hy weer die sleutel daar gaan haal om die losie oop te sluit. Daarbenewens moes hy saans toesien dat alle ligte, buiten dié in die kombuis, na agtuur gedoof is.[143] Die "buite-" en "binnemoeders" moes na die opvoeding van die jong slavinne omsien en hulle in hand- en naaldwerk onderrig, "voornamelijk … 't naijen van linnen en wolle klederen". Dié slavinne is toegelaat om sakgeld te verdien deur naaldwerk vir die burgers te doen, terwyl hulle hulle dienste gratis aan lede van die Politieke Raad en dié se vrouens beskikbaar moes stel. Dié vergunning is toegestaan op voorwaarde dat die

---

133 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 267.

134 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 10.

135 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 116 - 117.

136 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 161 - 163.

137 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, pp. 12 - 16.

138 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 36; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 10.

139 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 18.


140 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 38.

141 *Ibid.*, p. 37; O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 17.

142 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 95.

143 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 36, 232 en 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 22: Die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, aanvanklik die Kompanjieslawelosie aan die Kaap. Op Erfenisdag 1998 het dit, tydens 'n plegtigheid, die naam "Slawehuis" ontvang.
Uit: O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou* (Kaapstad, 1958), teenoor p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verdiende geld "tot hun kleding en verdere behoevtigheden wijselijk anwenden" sou wees.[144]

Met die aanvang van die Bataafse Bewind in 1803 was die owerhede vasbeslote om beter na die behoeftes van losieslawe om te sien. Die losie was nie meer so oorbevolk nie, aangesien dit slegs deur 405 inwoners, waarvan 365 slawe was, bewoon is. Tydens die Tweede Britse Besetting (1806 - 1815) het Bird 'n beter prentjie van die slawelosie geskets:

> The buildings are airy and well adapted for the purpose ... There is a school for the children ... and they make fair proficiency according to their age. Everything appears to be conducted in the manner best suited for comfort and conveniency, and for the improvement of the children.[145]

Vier jaar na die Tweede Britse Besetting is die meerderheid losieslawe op aanbeveling van die Graaf van Caledon verkoop en die res elders gehuisves. In 1810 het die slawelosie die Hooggeregshofgebou geword, terwyl dit in 1966 in die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum **(Fig. 22)** omskep is.[146] Op Erfenisdag 1998 het dit tydens 'n plegtigheid die naam "Slawehuis" ontvang.[147] Volgens Mentzel is daar gedurende die agtiende eeu ook slawe by die stalle, hospitaal, tuin en die buiteposte gehuisves,[148] terwyl Kolbe spesifiek melding gemaak het van die slawe wat by die stalle woonagtig was.[149]

Wat die huisvesting van die stedelike slawe in privaatbesit betref, is dit van belang om kennis te neem van die sewentiende eeuse aandklokreël aan die Kaap wat bepaal het dat eienaars saans moes toesien dat hulle slawe na die lui van die aandklok "binne 't huijs" of andersins in besit van 'n "licentiebrief" moes wees.[150] Met die oog op veiligheid en goedkoop polisiëring het die Kaapse owerhede dus verkies dat stedelike slawe onder dieselfde dak as hulle meesters gehuisves word.[151]

In 'n plakkaat wat in 1755 tydens die pokke-epidemie uitgevaardig is, word daar melding gemaak van die meeste huise wat geen "apartementen" vir die huisvesting van slawe gehad het nie en hulle daarom in die huise self of in die soms beskikbare bekrompe slawevertrekke onderdak gegee is,[152] terwyl Teenstra in sy beskrywing van die Kaapstadse huise die slawevertrekke as deel van die huis beskryf het.[153] Mentzel het ook opgemerk dat dit 'n algemene gebruik aan die Kaap was om slavinne snags in die kombuis te laat slaap.[154] Samuel Hudson het in 1799 verwys na die kombuise wat snags deur slawe geokkupeer was, "and of

---

144 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 171.

145 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 79.

146 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* pp. 10 - 11.

147 N. Arends, Ou Hoërhof feestelik hernoem, *Die Burger,* 1998-09-25, p. 4.

148 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 124.

149 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 249.

150 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 64, 215 en 299.


151 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 253.

152 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 10

153 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 281.

154 O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 23: Plan van die Koopmans De Wet-huis, Kaapstad. Let op die kombuis op die verste punt van die grondvloervleuel waar bevoorregte huisslawe – veral slavinne – gebruiklik snags geslaap het, terwyl ander slawe in die slawekwartiere, apart van die woonhuis, gehuisves is.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

course is not approachable by the master of the family".[155] In die sewentiende eeu is ook slawemans soms in die woonkwartiere van welaf stedelinge gehuisves.[156] Terwyl Cornelis Brust van Alkman op 6 Junie 1692 in die Kaapstadse woning van Henning Hüsing ingebreek het, is hy deur 'n "swarte jongen" van Hüsing wat in die huis was, betrap en aan die owerhede oorhandig.[157]

Teen die einde van die agtiende eeu was dit die heersende tendens dat huishoudelike slavinne en enkele betroubare slawemans van gemengde afkoms binne die woning van die eienaar gehuisves is, terwyl ingevoerde slawemans, minder betroubare slawe en slawe wat nie direk by die huishouding betrokke was nie in aparte afgesperde wooneenhede op die persele van hulle meesters gewoon het.[158] In 'n huis waar lady Anne Barnard in 1797 tuisgegaan het, het 'n deur gelei na "the back yard where there is a Kitchen, rooms for Slaves and other Offices", terwyl 'n ander deur uit dieselfde vertrek toegang tot die slaapkamers verleen het, "which all go off one Square apartment, where the female slaves sleep in the best manner they can contrive it ... " [159] Volgens die waarneming van Semple in 1804, was slawe oor die algemeen onder dieselfde dak as hulle meesters woonagtig,[160] terwyl hy elders ook opgemerk het dat slawe *soms* in die woning van die eienaar gehuisves is, "but more generally in small apartments connected with, or but slightly seperated from the main building".[161] Die Koopmans de Wet-huis **(Fig. 23)** is 'n tipiese voorbeeld van sodanige opset. Ander voorbeelde van Kaapstadse huise wat aparte slawekwartiere gehad het, was dié van fiskaal Joan Blesius (1656 - 1711) in Hofstraat waarin 39 slawe gehuisves is, [162] sowel as *Le Jardin* **(Fig. 6)**, die woning van Francois Duminy.[163]

Die voorreg om in die huis te slaap was veral die kamermeisie van die meesteres beskore. Gewoonlik was sy 'n Maleier- of meesal Kaapsgebore slavin van gemengde afkoms wat snags in die onmiddellike omgewing van haar meesteres se slaapkamerdeur geslaap het.[164] Wat slaaptoerusting betref, het die slawe in die huishouding van die welaf Joachim von Dessin elk onder meer 'n bulsak, kussing, wolkombers en 'n robvel ontvang.[165] Die robvel is om die houtraam van hulle "kadels" gespan.[166]

Wat die akkerboustreke betref, was die gegoede boere in staat om aan hulle slawe goeie huisvesting te verskaf, soos blyk uit die talle slawekwartiere wat deel van die tipies Kaaps-Hollandse opstal op die plase was. Op die plaas Onrust by Tygerberg was daar in

---

155 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256

156 *Ibid.*, p. 253.

157 Algemene Rijksarchief Den Haag: VOC. 4030, folio 338: Confessie: Cornelis Brust van Alkman, 1692-07-08, soos aangehaal *in* R.C-H. Shell, *Children of bondage*, p. 253.

158 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 117.

159 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of Lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 158 - 159.

160 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

161 *Ibid.*, p. 34.

162 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 256.


163 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* p. 72.

164 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 142; H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* pp. 114 - 115.

165 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 63.


166 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 24: 'n Afbeelding van die suidelike aansig van die Meerlust-plaasopstal in 1798, volgens die kunstenaar Friderici. Die slawekwartiere, regs in die illustrasie, is met die letter *e* aangedui.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 75.



Figuur 25: Die slawekwartiere op Vergelegen in die tyd van W.A. van der Stel, soos voorgestel deur J.V. Thiel.

Uit: E.C. Godée-Molsbergen en J. Visscher, *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1709, naas die koringhuis en wynkelder, ook 'n slawehuisie,[167] terwyl lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1802) van die teenwoordigheid van slawekwartiere op die akkerbouplase melding gemaak het.[168] Sommige van dié plase was selfversorgende eenhede waar 'n groot getal landbouslawe, maar veral die kosbare ambagslawe, gehuisves moes word. In 1768 het Stavorinus juis melding gemaak van die groot getal Oosterse slawe wat as ambagslui op die plaas Elsenburg van Martin Melck in diens was en bygevoeg dat die ongeveer 200 slawe wel van woonkwartiere voorsien was. Elke slaaf het sy aparte slaapvertrek gehad, terwyl "getroude slawe" apart gehuisves is.[169] Uit die inventaris van Melck se boedel kan afgelei word dat daar onder meer 'n kombuis in die slawekwartiere was.[170]

Tydens sy reise aan die Kaap in die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein die plaas Meerlust van Philip Meyburg as 'n selfversorgende eenheid uitgesonder en opgemerk dat daar op dié plaas talle landbouslawe, sowel as 'n verskeidenheid bekwame ambagslui werksaam was.[171] 'n Akwarel wat Johann Christiaan Friderici in 1798 van die Meerlust plaasopstal gemaak het **(Fig. 24)**, gee 'n aanduiding van hoe die slawekwartiere daar uitgesien het. Dit was 'n langwerpige gebou, apart van die woonhuis. Die feit dat die gebou drie skoorstene gehad het, dui daarop dat dit ook die werkswinkels van die ystersmede, wielmakers en wamakers kon gewees het.[172] Robert Shell is van mening dat die aparte langhuis slawekwartiere op die plase oor die algemeen uit die aparte kombuis van die plaashuis ontstaan het. Soms was dit die eerste fase woonhuis van die meester, wat mettertyd die aparte kombuis en nog later die slawekwartiere van die slawemans geword het. In dié verband is die haard in die aparte gebou waarskynlik as kombuishaard, stoof én smedery gebruik. Dit verklaar die verskynsel waarom losstaande slawekwartiere meesal 'n skoorsteen gehad het.[173]

Op die plaas Vergelegen het Willem Adriaan van der Stel onder meer "in zynen byzondere dienst wel hondert stuks van de beste slaven en slavinnen der Maatschappye", [174] sowel as 'n aansienlike getal privaatslawe gehad wat gehuisves moes word. Die slawekwartiere van Vergelegen is tussen 1699 en 1706 gebou om 100 slawe te huisves.[175] Dit was 122 voet (40 meter) lank en 38 voet (13 meter) breed. Uit 'n skets wat J.V. Thiel in 1707 gemaak het **(Fig. 25)**, blyk dit dat die slawekwartiere op Vergelegen 'n lang grasdak gebou met twee wolwe-ent gewels, twee skoorstene, 'n groot ingang aan die een kant met 'n halfsirkel-soldervenster bokant dié ingang was. Net soos by Meerlust, impliseer die groot sy-ingang, soos vir 'n waenhuis, sowel as die twee skoorstene, dat dié gebou die werkswinkels gehuisves het en ook as die woonkwartiere vir die wamakers, ystersmede, wielmakers en ander ambagslui gedien het.[176] Bogaert, Valentyn, sowel as Stavorinus, het voorts van die slawekwartiere op

---

167 C.S. Woodward, *The interior of the Cape house, 1670 - 1714*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1982, p. 24.

168 W.H. Wilkens (red.), *South Africa a century ago (1797 - 1801)*, pp. 118 - 119.

169 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, pp. 52 - 53.

170 K.A.B.: MOOC. 7/1/25, nr. 39: Testamente, algemene series, 1689 - 1800, 1776-06-24.

171 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 138.

172 J. Walton, *Old Cape farmsteads*, pp. 75, 92 en 94.


173 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 257.

174 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 495.

175 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 254.

176 J. Walton, *Old Cape farmsteads*, p. 94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 26: Die Libertas-slawekwartiere, deur 'n pluimveehok begrens, volgens 'n afbeelding deur James Walton.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vergelegen melding gemaak.[177]

Tydens sy besoek in 1825 aan Constantia, terwyl Hendrik Cloete die eienaar van die plaas was, het Teenstra opgemerk dat 'n groot netjiese stal en slawewonings aan die regterkant van die laning geleë was.[178] Hierdie slawekwartiere is heelwaarskynlik deur Cloete laat bou, aangesien dominee Valentyn in sy breedvoerige beskrywings van Constantia tydens sy besoeke in 1705 en 1741 geensins iets oor slawekwartiere gerep het nie. In 'n gravure van Constantia deur Johann Heydt in 1741 toe dit in besit van die Duitser Wieser was, ontbreek die slawekwartiere ook.[179] In 1799 is daar egter ten minste 25 slawe in die "jongenhuijs" op Groot Constantia gehuisves.[180] Voor die aanbou van die slawekwartiere het die huishoudelike slawe heelwaarskynlik in die kelderarea onder die huis gewoon.[181] Tydens sy besoek aan Bergvliet, wat voorheen deel van Constantia was, het Teenstra opgemerk dat die slawekwartiere ook deel van die "groot en fraai geheel" uitgemaak het.[182] Op De Nieuwe Plantatie is die slawe in 'n langwerpige gebou gehuisves wat onder meer ook die bakhuis en waenhuis ingesluit het.[183]

In die geval van Libertas was die slawekwartiere 'n langwerpige gebou met 'n pluimveehok aan die een punt **(Fig. 26)**. Mettertyd sou 'n patroon ontwikkel waarvolgens slavinne in die kombuis of solder van die plaashuis gehuisves word, terwyl die slawemans in aparte woonkwartiere naby die stalle, varkhokke, duiwe- en pluimveehokke gehuisves is om ook snags as bewakers van die vee van nut te wees.[184] Hierdie slawekwartiere was normaalweg lang, lae geboue wat in eenhede of indiwiduele kamers verdeel is, soos by Boschendal en Rhône. Soms is die slawekwartiere, soos dié by Spier, met gewels of gemodelleerde borswerings versier.[185] Uit inventarisse kan afgelei word dat die meublement van hierdie slawewonings uit banke van houtplanke, sowel as oortollige ou plaasmeubels bestaan het.[186]

Op die kleiner plase van die minder gegoede akkerbouboere is die slavinne en hulle kinders in die kombuis gehuisves, terwyl die landery- en ander plaasslawe in die skuur, buitegeboue of soortgelyke ruimtes waarin implemente, meubels, graan en diverse items gestoor is, en soms selfs in die tuin, moes slaap. Die veewagterslawe het by tye onder die blote hemel by die skape in die kraal geslaap.[187]

Slawehuisvesting op die binnelandse plase was beslis meer beskeie as dié van die akkerbou-

---

177 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 473; G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa*, p. 45; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 69.

178 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 418.

179 R. Raven-Hart (red.), *Scenes of the Cape of Good Hope in 1741 as drawn by Johann Wolffgang Heydt*, p. 11.

180 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256.

181 Y. Brink, *Places of discourse and dialogue; a study in the material culture of the Cape during the rule of the Dutch East India Company, 1652 - 1795*, Universiteit van Kaapstad, 1992, p. 116.

182 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 424 - 425.

183 *De Nieuwe Plantatie*-restourasieplanne goedgunstiglik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel.

184 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 257.

185 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 37.

186 K.A.B.: MOOC. 8/3, nr. 30: Inventarissen, 1685 - 1800, 1725-09-19; MOOC. 8/6, nr. 26: Inventarissen, 1685 - 1800, September, 1739.

187 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 92.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

streek. In dié verband het die kapstylhuis 'n belangrike rol gespeel. Nadat 'n plakkaat in 1715 in Kaapstad uitgevaardig is wat die verdere bou van huise met mure laer as 15 voet (ongeveer 5 meter) verbied het, het dit in Kaapstad in onbruik verval.[188] Op die afgeleë binnelandse plase is die kapstylhuis of pondok egter heel nutttig as slawehuisvesting aangewend.[189] In 'n tekening wat kolonel Robert Jacob Gordon in 1778 van die plaas Kweekvallei gemaak het, is soortgelyke huisvesting vir die plaasarbeiders in die voorgrond sigbaar [190] **(Fig. 19)**. Die kapstylhuis is deur 'n afskorting in twee vertrekke verdeel, terwyl kos buite agter 'n kookskerm of soms selfs in 'n ander kapstylhuis gaargemaak is.[191] In sy beskrywing van die primitiewe woning van 'n afgeleë boereplaas het Semple bygevoeg dat al dié plase van buitegeboue vir die slawe voorsien was.[192] Op beide die plase van Gerrit Vischer in die Roggeveld en Barend Burger in die Sneeubergomgewing het Lichtenstein in die vroeë negentiende eeu opgemerk dat slawehuisvesting deel van die buitegeboue op die plase uitgemaak het.[193] Die slawehuisvesting op die kleiner afgeleë plase is met die mat-en-strooihutte van die Khoikhoi vergelyk.[194] Op een van die grensplase in die Somerset-distrik het die slaaf Adonis en slavin Mina 'n strooihut gedeel, terwyl Catherina Nel in 1795 by die owerhede gekla het dat haar ryk buurman, Hendrik Eksteen, slegs 'n "pondok" vir sy slawe – en dit nog te na aan haar eiendom – gebou het.[195]

Tydens sy binnelandse reis in 1776 het Hendrik Swellengrebel (1734 - 1803) waargeneem dat die meeste huise in die Kamdebo slegs 'n enkele vertrek sonder afsonderlike kamers was en dat die beddens deur die slaapmat van 'n Khoikhoi of slaaf geskei is.[196] Dit is later tydens die Eerste Britse Besetting deur Semple bevestig dat slawe en Khoikhoi in baie gevalle saans in die voorportaal van die meester se huis geslaap het.[197] Ook in die Roggeveld het die eienaar en sy slawe soms 'n enkele woning gedeel.[198] In sommige gevalle het die veewagters saam met die vee in die kraal geslaap.[199] 'n Skaapvel het onder meer as beddegoed vir die slawe gedien.[200]

2. Voedsel

Wat die verskaffing van voedsel aan die Kompanjieslawe betref, moet in gedagte gehou word dat daar veral tydens die eerste 25 jaar van die VOC-bestuur 'n voortdurende voedseltekort aan die Kaap was. Alhoewel alle inwoners van die nedersetting daardeur geraak is, het die

188 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, item 35.

189 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 254.

190 E.C. Godée Molsbergen, *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II*, p. 66; P.E. Raper en M. Boucher, *Robert Jacob Gordon; Cape travels 1777 to 1786, I*, p. 65.

191 J. Walton, The South African "kapstijlhuis" and some European counterparts, *Restorica* 10, Desember 1981, pp. 2 - 8.

192 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 193 - 194.

193 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132 en *II*, p. 22.

194 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 207.

195 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, IV, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 1537.

196 V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa*, p. 68.

197 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194.

198 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 130.

199 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 166.

200 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 90; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 117.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe die meeste daaronder gely. In 1684 is 'n ernstige rystekort aangevul deur harde brood in die slawe se dieet in te sluit.[201] Alhoewel dit teen die einde van die sewentiende eeu effens beter gegaan het, het tekorte van sekere voedselsoorte van tyd tot tyd voorgekom, soos die ongewone graantekort in 1720,[202] die viermaandlange rystekort aan die begin van 1727, die varsvleistekort van 1723 [203] en 'n tweede graantekort in 1727.

Die algemene voedseltekorte tydens die Kompanjiesbeheer het tot gevolg gehad dat slawe telkens oor die kwantiteit en kwaliteit van hulle rantsoene gekla het. Nadat hulle in 1670 gekla het dat die rys, wat hulle hoofstapelvoedsel was, deur kalander hol gevreet is, is dit van 40 tot 50 pond (ongeveer 23 kilogram) elk per maand vermeerder.[204] In 1672 is die voedselvoorrade in opdrag van die besoekende kommissaris, Arnout van Overbeeck, vermeerder.[205] Na die inhandiging van 'n versoekskrif deur luitenant K.J. Slotsboo (1668? - 1726) namens die slawe, is 'n vermeerdering van voedselrantsoene weereens op 11 Maart 1710 toegestaan. Hiervolgens moes die slawe elk 'n vermeerdering van agt pond (ongeveer 4 kilogram) meel en 40 pond (ongeveer 18 kilogram) rys per maand ontvang, terwyl 'n half pond (ongeveer 230 gram) vars vleis daagliks per slaaf en 'n half aam (ongeveer 73 liter) gesoute vis weekliks per 50 slawe verskaf moes word. [206]

Vir die grootste deel van die Kompanjiestyd aan die Kaap het die slawe, sowel as die soldate dieselfde rantsoene van rys en brood ontvang. Tot die middel van die agtiende eeu was rys die stapelvoedsel van die slawe. Na 1687 is brood wel soms as plaasvervanger vir of aanvulling tot die rysdieet verskaf.[207] Die Kompansjieslawe was in die eerste helfte van die agtiende eeu op ses pond (ongeveer 2,7 kilogram) brood per week of veertig pond (ongeveer 18 kilogram) rys per maand geregtig.[208] Teen die einde van die agtiende eeu toe daar genoeg koring aan die Kaap geproduseer is om in die plaaslike behoeftes te voorsien, het die slawe meer brood as rys geëet.[209] Volgens die verslag van die losiedirekteur Höhne in 1806 het elke slaaf 15 pond (ongeveer 7 kilogram) rys, bone of ertjies per maand, sowel as een brood en een pond (ongeveer 500 gram) vleis per dag ontvang.[210] Weens noue kontak met en invloed van die Ooste sou rys egter altyd deel van die plaaslike slawedieet uitmaak.

Tydens die swaarkryjare aan die begin van die nedersetting is die stapelvoedsel rys, ook met

---

201 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 117.

202 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 418.

203 G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 299; *Ibid. VII,* pp. 313 en 342.

204 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 35.

205 *Ibid. II,* p. 77; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 418.

206 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 157 - 158.

207 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 38.

208 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 168; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1679 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 275 en *VII,* p. 342.

209 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony I,* p. 216.

210 Public Record Office, Londen: CO. I, p. 357: Letters received from Slave Lodge 1806; Höhne to Colonial Secretary, 1806-03-12, soos aangehaal *in* O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

robvleis, vis en voëls aangevul.[211] Veral wanneer die rys skaars was, is robvleis vanaf onder meer Dasseneiland verkry.[212] Op 30 Mei 1658 het die Politieke Raad 'n besluit geneem ingevolge waarvan die jag *Maria* voor haar vertrek na Indië "... eers een tochjen te laat doen na de Baj Saldanha: omme aldaer soo veel vaten vol robbe-vleijs ende vogels in te souten ende vis [harders] te vlecken ..." [213] Sedert hulle aankoms was robvleis die belangrikse vleiskos van die slawe en is in gerookte, gesoute of gedroogde vorm aan hulle verskaf.[214]

Vis wat 'n voorkeurvoedsel by slawe was, sou in toenemende mate 'n belangrike rol in die dieet van die Kompanjieslawe speel. In dokumente is telkens verwysings na vis as slawevoedsel, soos "10 vaten voll vis in zout geleijt ... voor onse slaven",[215] vis van Valsbaai wat gevang is "voor's Compagnies lijffeigenen, ... ingesouten in vaetwerk" [216] en "fine salted breams, harders, and other fish, for the slaves and convicts".[217] In die vroeë agtiende eeu was Kompanjiematrose te Vishoek gestasioneer om vis te vang en so die voedselvoorrade van die Kompanjieslawe aan te vul.[218] Die graterige "hottentotsvis" [219] wat relatief goedkoop, geredelik beskikbaar en in nette langs die Kaapse kus gevang is, is in gepekelde, gesoute of gedroogde vorm aan die slawe verskaf.[220] Simon van der Stel was 'n kranige visterman waaruit die Kompanjieslawe per geleentheid voordeel getrek het toe hy op 11 Oktober 1690, na 'n suksesvolle visvanguitstappie in geselskap van sy vriende in die Tafelbaai-omgewing, die hele groot vangs netso aan die slawelosie geskenk het.[221]

Die vleis van vee en wild is tot die vroeë agtiende eeu slegs in uitsonderlike omstandighede as aanvulling of tydelike vervanging van vis aan die slawe verskaf. Mettertyd sou daar egter 'n merkbare verandering in die voedsel van Kompanjieslawe intree met vleis wat goedkoper geword het en geleidelik die oorwegend visdieet van die beginjare sou vervang. Tydens tekorte moes die slawe egter met swakker kwaliteit vleis tevrede wees.[222] In die geval van vee het die slawe die kop, pote, binnegoed en ander afval van die karkas ontvang. Ingevolge 'n resolusie van die Politieke Raad op 28 Julie 1687 moes afval voortaan as byvoedsel aan die Kompanjieslawe verskaf word. Die voorskrifte in dié verband is as volg in 'n resolusie uiteengesit:

---

211 H.C.V. Leibbrandt (red.) Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 39.

212 K.A.B.: C. 1872: Dagregister, 1658-05-28.

213 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 149.

214 *Loc. cit.*; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 379 - 380, 302 - 303, 371 en 378.

215 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, p. 271.

216 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 35.

217 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 76.

218 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 96.

219 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 89.

220 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 22; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 142; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 44 - 45, 54 en 63 - 64; *Ibid. II*, pp. 302 - 303 en 379; *Ibid. III*, p. 401.

221 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 38.

222 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 424.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> So is eenstemming verstaan boven hun gewoonlijk ranzoen haar tot voedsel te doen verstrekken de hoofden, voeten, ingewand en verdere afval van 's Comps. hier ter stede geslagte vee, sullen de binne en buijte moeders ten dien einde goede sorge dragen dat de voors. afval an de slaven tot potagie gekookt, wel en ordentlijk uijtgedeeld werde.[223]

Met die uiteensetting van die voorwaardes vir die vleispag in 1705, het die Politieke Raad onder meer bepaal dat die koppe, harslag en afval van beeste en skape teen vasgestelde pryse deur die slagters aan die Kompanjie gelewer moes word en dat afgekeurde vleis vir die Kompanjieslawe verbeurd verklaar sal word.[224] Daarbenewens is afgeleefde, sowel as onbruikbare osse geslag om in die vleisbehoeftes van die Kompanjieslawe te voorsien,[225] terwyl hulle by tye ook met die swak vleis van siek en dooie vee tevrede moes wees.[226] Wildsvleis is as aanvullende voedsel in vars, gedroogde of gesoute vorm verskaf. Drie soldate wat in 1673 hulle vryburgerskap verkry het, moes as voltydse wildjagters in die vleisbehoeftes van die slawe voorsien. Die gebruik van wildsvleis as voedsel vir die Kompanjieslawe is met die vestiging van die Stellenbosse-, Drakensteinse- en Franschhoekse boerderygemeenskappe tydens die laaste twee dekades van die sewentiende eeu beëindig.[227] Behalwe robvleis, is ook voëls, veral pikkewyne as plaasvervanger vir vee- en varkvleis tydens die vroeë nedersettingsjare aan die Kompanjieslawe gegee.[228] Later sou voëlvleis veral as bykomende "toespijs" aan slawe verskaf word.[229] Ander "toespijs" of toegifte het onder meer ertjies, boontjies, wyn, asyn, sout en peper, lewertraanolie en kruie ingesluit,[230] terwyl pampoene op 'n gereelde basis in die vroeë agtiende eeu aan slawe uitgedeel is.[231] Op 3 Maart 1688 was daar in 'n resolusie sprake van "goed toespijs en potagie" vir slawe wat waarskynlik groente kon gewees het, terwyl 'n bykomende "veerthien dubbelde stuijvers soldatenkostgeld" per maand ook genoem is.[232]

Die wyse waarop slawe hulle voedsel berei het, sou 'n probleem vir die owerhede blyk te wees. Nadat dit aan die lig gekom het dat die Kompanjieslawe na 'n dag se werk "door haar jonckeijt, luijheijt en onwetenheit haar eijgen cost niet cunnen vervaerdigen, oocq van 't werck comende, weijnigh of geen lust hebben haar rijs te koocken ... de rijs alsdan door hare eijgen luijigheijt gansch raeuw en ongecoockt op schaffen, en daardoor in sieckte te vervallen", is 'n besluit op 30 Desember 1677 geneem ingevolge waarvan 'n "back of schaffmeester" vir die voorbereiding van voedsel vir elke agt losieslawe aangestel is. Daarbenewens moes die slawe voortaan twee maal per week groente uit die Kompanjiestuin ontvang.[233] Uit onkunde vir die Oosterse voedselgebruik waarvolgens rys "los" gekook is, het

---

223 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 167.

224 *Ibid. III*, p. 430.

225 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 202

226 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 167.

227 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 424.

228 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 323 - 324.

229 *Ibid.*, p. 39.

230 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony I*, p. 216.

231 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 153.

232 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 188.

233 *Ibid.*, p. 220.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kolbe ongeveer dertig jaar later die Kompanjieslawe se sogenaamde traagheid om hulle voedsel te kook as volg verwoord:

> Want of schoon de Illustre Compagnie, vleesch, gezoute visch, reist, of brood, peper en andere levensmiddelen rykelyk aan haar laat uitdelen en geven, zoo zyn zy echter, ten ware zy met slagen genoodzaakt wierden, te traag, te lui en te achteloos, om alle deze dingen te koken, en tot een voedzame spys klaar te maken, om dat sy eerder zouden hongerlyden ... Ik zeg derhalven nogeens, dat zy meest raauwe spys, als haringen met een weinig koude ryst, in water gekookt, in plaas van brood, eeten.[234]

Alhoewel die Kompanjieslawe soms deur die kwaliteit en kwantiteit van hulle voedsel benadeel is,[235] het van die voedselsoorte hulle tog welgeval. Dit was veral die Oosterse slawe wat, net soos in hulle vaderland die geval was, ook aan die Kaap 'n voorliefde vir vis en rys geopenbaar het. Tydens sy Oosterse reise het Stavorinus tereg opgemerk dat die Bengalese se stapelvoedsel rys is, "en in plaats van brood gebruikt word",[236] terwyl die Javane se "voornaamste voedsel ... gekookte rijst met een weinig visch en een dronk water" is.[237] Selfs in die *Resolusies van die Politieke Raad* word melding gemaak van die slawe wat "alle met rijst sijn opgevoet" en wat "de rijset [rijst] beter te lijve crijgen met water en soutte visch &a".[238]

Wat die voedsel van stedelike slawe in privaatbesit betref, is daar etlike aanhalings van besoekers en reisigers wat daarop dui dat hierdie slawe, veral die huisslawe, nie gebrek gely het nie.[239] Oor die algemeen het die voedsel van die huisslawe hoofsaaklik uit dit wat van die tafels van hulle meesters oorgebly het en met 'n groter porsie rys gemeng is, bestaan.[240] Volgens Semple was die tafels van die middelklas Kapenaars "wel covered, and their feasts are mere exhibitions of fish, flesh, and fowl, heaped together with the utmost profusion", [241] terwyl Cornelius de Jong skaapvleis, aartappels en rys as die vernaamste voedsel van die slawe in privaatbesit uitgesonder het, "daarbij het overschot van de tafels, want bijna geen stuk vleesch of andere schotel verschijnt twee malen, maar word in die keuken gegeven en is voor de slaven".[242] Die Kapenaars het lekker rojaal geëet en hulle slawe het voordeel uit die oorvloed van hulle tafels getrek. In die loop van 1754 het Joachim von Dessin 91 riksdaalders aan vars vleis en groente "tot dagelijkse consumptie voor mij en mijn volk" spandeer.[243] Vars vleis, en

---

234 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

235 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

236 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 25.

237 *Ibid. I*, p. 203.

238 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 4.

239 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 43; *Ibid. II*, p. 108; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 152; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

240 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 34 en 38.

241 *Ibid.*, p. 31.

242 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 144.

243 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 54.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wel skaapvleis, was voedsel wat die Kompanjieslawe moes ontbeer, terwyl dit vrylik vir die stedelike privaatslaaf beskikbaar was.

Aangesien die meerderheid Kaapse slawe 'n voorliefde vir vis gehad het,[244] kan aanvaar word dat die slawe in privaatbesit deur visvangs in hulle vrye tyd, sowel as by die vismark, vis bekom het wat hulle self voorberei en geëet het. Gedroogde snoek was veral gewild onder die Kaapse slawe.[245] Slawevissers in diens van hulle meesters sou geen probleem ondervind het om vir hulleself 'n vissie of twee in die visryke Kaapse waters te vang nie. Stedelike houthalerslawe, wat heeldag hout moes versamel en eers saans huis toe gekom het, het as rantsoen brood met skaapvet en soms 'n porsie droë vis ontvang.[246] Volgens De Jong was dit 'n algemene gebruik "bij mindere lieden" om skaapvet in plaas van botter te gebruik.[247] Soms moes dorpslawe wat bedags uitgewerk het, net met 'n pond brood tevrede wees.[248] Slavinne wat as soogvrouens uitgekies is, het die beste en heilsaamste voedsel ontvang.[249]

Wat die voedsel van die akkerbouslawe betref, blyk dit dat hulle veral wat kwaliteit betref, nie so goed soos die meerderheid dorpslawe in privaatbesit daaraan toe was nie. Die plaasslawe is veral uit die opbrengs van die land en uit die veekudde gevoed. Op die graanplase was brood, veral rogbrood, waarvan die kwaliteit sterk by besoekers onder verdenking was, die stapelvoedsel van die slawe. 'n Opname wat in 1797/98 gedoen is, het aangetoon dat alle graanboere 'n gemiddeld van twee muddens koring vir brood per slaaf per jaar in voorraad gehou het.[250] Alhoewel 'n onbekende skeepsoffisier in die vroeë negentiende eeu van mening was dat goeie brood in elke huis aan die Kaap te vinde was,[251] het N.L. de la Caille (1713 - 1762) reeds teen die middel van die agtiende eeu opgemerk dat die brood wat deur die boer, sowel as sy slawe geëet is, van 'n swak gehalte was. Volgens hom is die graan sleg gemaal, terwyl die deeg nie na wense voorberei en gebak is nie. Die gevolg was 'n swak kwaliteit brood wat hy as "dark heavy and greasy" beskryf het.[252] Barrow en Percival het die brood wat die akkerbouslawe ontvang het onderskeidelik as "black sandy bread" [253] en "black bread, half sand" beskryf.[254]

Op die wynplase is brood met die vrug van die wingerdstok aangevul. In 1750 het die slawe op 'n Stellenbosse wynplaas daagliks twee "maaltye" van wyn in die oggend, sowel as wyn en rys in die middag ontvang.[255] In sy beskrywing van die daaglikse roetine op 'n wynplaas het Mentzel in die eerste helfte van die agtiende eeu opgemerk dat die plaasslawe in die winter soggens voor werk elk 'n sopie brandewyn saam met 'n snytjie brood ontvang het.[256] Tydens

---

244 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 45.

245 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 159.

246 *Gleanings in Africa*, p. 59.

247 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 121.

248 S. Plummer, A foot-soldier at the Cape 1801, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 1(2), Desember 1946, p. 38.

249 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

250 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 92.

251 *Gleanings in Africa,* p. 270.

252 N.L. de la Caille, *Travels in Dutch South Africa,* p. 92.

253 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 44.

254 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 292.

255 K.A.B.: I/ STB 10: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien 1702 - 1804, Mei 1750.

256 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oestyd is die wyn met druiwe vervang wat met 'n gebotterde sny brood aan hulle verskaf is.[257] Alhoewel die slawe tydens die wingerdoes toegelaat is om onbeperk van die druiwe te eet, het hulle 'n groter belangstelling in die "dopbier" wat van druiwedoppe en water gemaak is, gehad.[258] Volgens Mentzel was hierdie "intoxicating liquor-like wine" veral onder die slawe en Khoikhoi gewild.[259] Wyn- of dranksopies as motivering en beloning aan slawe, was 'n algemene gebruik op die wingerdplase wat mettertyd ook op alle gemengde akkerbouplase in die Wes-Kaapse akkerboustreek ingeburger geraak het.[260] Welmenende akkerbouboere het hulle slawe veral aan die einde van die saaiseisoen, tydens die koringoes, na die druiwe-oes of vir werk op Sondae met wyn beloon, "which has an immediate refreshing effect on their tired limbs", aldus Mentzel.[261]

Die dieet van die akkerbouslaaf is voorts aangevul met vleis wat hoofsaaklik uit afval [262] en die vleis van wild wat op die plase geskiet is,[263] bestaan het. Op die plase van sommige vooruitstrewende boere, soos Hendrik Cloete en Johannes Colijn, was die vleis geredelik beskikbaar. Cloete het weekliks 'n os vir sy sestig slawe laat slag wat ook met brood en vis aangevul is.[264] In sy memoriaal word juis melding gemaak van 35 osse wat vir die slawe, sowel as vir huishoudelike gebruik geslag is.[265] Johannes Colijn het jaarliks 865 riksdaalders aan botter, vet en bees-, sowel as skaapvleis vir sy slawe spandeer.[266] Volgens Mentzel het die ontbyt van beide die meester en sy arbeiders in die somer op die wynplaas uit warm vleisdisse bestaan.[267] Benewens vee-afval en wildsvleis het die plaasslawe hulle vleishonger ook aan skilpadvleis, wat as 'n lekkerny beskou is, gestil.[268]

Die voedselrantsoene van die akkerbouslawe is verder met veral gesoute gedroogde vis aangevul, "as this is a sort of food that the slaves love exceedingly", aldus Lichtenstein.[269] Dit was veral gedroogde "hottentotsvis" en snoek wat aanvullend tot die dieet van die akkerbouslawe gegee is.[270] Wavragte van dié gesoute vis is deur boere vir hulle slawe van die Saldanhabaai-vissers aangekoop.[271] Groot hoeveelhede harders wat gedurende die maande Oktober en November in die see naby Kaapstad gevang en gesout is, is ook deur die boere vir hulle slawe aangekoop.[272] Om in die voedselbehoeftes van die slawe op sy akkerbouplaas Vergelegen te voldoen, het Simon van der Stel afgedankte Kompanjiesmatrose wat eers hulle

257 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 108.

258 *Ibid.,* pp. 178 - 179 en 183.

259 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 59.

260 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 165; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 91.

261 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 110.

262 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 44; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 292.

263 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 71.

264 H. Swellengrebel, *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 - 1792* (red. G.J. Schutte), p. 235.

265 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 108.

266 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 71.

267 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope,* p. 108.

268 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 92.

269 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 45.

270 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 300.

271 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 45.

272 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienskontrak met die Kompanjie moes voltooi, sowel as die kwartiermeester opdrag gegee om met Kompanjiesnette en -sloepe op 'n daaglikse basis by Vishoek, wat hy uitsluitlik vir sy eie privaat visvangbehoeftes gereserveer het, te gaan visvang.[273]

Naas brood, wyn, vleis, vis en seisoenale vrugte en groente het die akkerbouslawe ook gebraaide wateruintjies geëet, terwyl die blomknoppies gebruik is om 'n dis soortgelyk aan dié van spinasie te maak.[274] Afgesien van die landbouprodukte waarmee die akkerbouslawe se dieet aangevul is, het hulle basiese rantsoene selde die bedrag van tien riksdaalders per slaaf per jaar oorskry.[275]

Wat die voedsel van plaasslawe in die afgeleë binneland betref, is dit in 'n groot mate deur die aard van die produkte wat verbou en mee geboer is, bepaal. Weens die groot afstande van die markte is koring slegs op beperkte skaal vir huishoudelike gebruik verbou. In die noordelike gebiede, soos die Hantam en die Onder Bokkeveld, is veral min koring verbou en het vleis hoofsaaklik die plek van brood in die slaaf se dieet ingeneem. "The consumption of corn is small in these northern parts: meat is the general food: the slaves in particular scarcely ever taste bread", aldus Lichtenstein tydens sy vroeë negentiende eeuse binnelandse reis.[276] Weens die groot skaaptroppe in dié streek was vleis meer geredelik beskikbaar en goedkoper as brood. Drie tot vier skape is daagliks vir 'n huishouding van twintig persone, wat onder meer slawe ingesluit het, geslag.[277] Dit het beteken dat elke veewagter weekliks die ekwivalent van een skaap se vleis ontvang het. Alhoewel daar oor die algemeen nie 'n tekort was nie, was veral die vleis van ouer skaapooie vir die slawe bestem.[278] Soms het veewagters hulleself wederregtelik aan die skape van hulle meesters gehelp. Tydens sy binnelandse reis het Sparrman en sy geselskap op 'n veewagter afgekom wat homself heerlik op gebraaide skaapvleis van een van sy meester se skape onthaal het. Sparrman is deur 'n medereisiger meegedeel dat dit 'n algemene gebruik van die skaapwagterslawe was om hulle op dié wyse op hulle ongenaakbare meesters te wreek.[279]

Indien 'n os geslag is, is die binnegoed vir die slawe gaargemaak. Terwyl die boere 'n heerlike sultgereg van die ospote berei het, is dieselfde gereg afkomstig van 'n lamsiek os aan die slawe gegee.[280] Op baie binnelandse plase het pluimvee voorgekom, maar dit was veral in die Koue Bokkeveld waar pluimvee volop en 'n belangrike voedselbron vir die koloniste was.[281] Daar kan aanvaar word dat slawe in dié gebied meer pluimvee sou geëet het. In gebiede waar wild nog beskikbaar was en die veetroppe van die meester kleiner, het slawe wildsvleis ontvang, "to save the consumption of their flocks", aldus George Thompson.[282] Biltong is ook deur die plaasslawe geëet. Op die plaas van ene Wilders in die Onder Bokkeveld naby Moedverlorenvallei het Lichtenstein kennis gemaak met veewagters wat op "dried and salted

---

273 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 96; A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia III,* p. 501.

274 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* pp. 51 - 52.

275 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 71.

276 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 113.

277 *Loc. cit.*

278 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, I,* p. 56.

279 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 92.

280 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 202.

281 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 160.

282 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

flesh" geleef het.[283]

Tydens sy reis het Sparrman onder meer melding gemaak van 'n beeswagter wat 'n kleinerige skilpad gebraai het. Die vleis wat byna nes die van hoender smaak, was 'n gesogte lekkerny. Op die binnelandse beesplase van veral die Swellendam-distrik en die Sneeubergomgewing waar botter op groot skaal gemaak is, was karringmelk in oorvloed beskikbaar.[284] Hierdie heilsame drank wat ook aan siekes voorgeskryf is,[285] is mildelik deur meesters en slawe gedrink. Slawe in die Swellendam-distrik het soms groente, soos wortels, rape en pampoene wat in karringmelk gaargemaak is, geëet.[286]

Die dieet van binnelandse plaasslawe is, net soos dié van die akkerbouslawe, voorts met gesoute, gedroogde vis van onder meer Saldanhabaai aangevul.[287] In die Mosselbaai-omgewing het mossels ook deel van die slawe se dieet uitgemaak.[288] Op die binnelandse plase waar vrugte verbou en droë vrugte gemaak is,[289] sou slawe na alle waarskynlikheid van dié produkte as aanvulling tot hulle dieet ontvang het. Tydens die moordverhoor op 15 Maart 1825 van 13 Bokkeveldse slawe, het fiskaal M. Denyssen aangevoer dat die slaaf Galant nie oor die voorsiening in sy voeselbehoeftes kon kla nie, aangesien dit "– het uitdeelen van wijn in den oogstijd, – meerder brood , dan hij of de andere slaven konden verteren, tweemaal daags soep met erwten of meel en eenig vleesch –" behels het.[290]

Uit voorafgaande bespreking van die voedsel van die onderskeie slawegroepe blyk dit dat veral vis, rys en die afval van vee gemeenskaplike elemente in die slawe se dieet aan die Kaap was. Hierdie drie voedselsoorte het inderdaad 'n belangrike invloed op die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse koskultuur uitgeoefen. Vandag neem geregte, soos onder meer bokkoms, smoorsnoek, snoeksambal, breyani, haksel en kerrie-afval wat hulle wortels in die slawekos van die vroeë Kaap gehad het, 'n onvervreembare plek in die Suid-Afrikaanse tradisionele koskultuur in. In dié verband het veral die Oosterse slawe 'n belangrike rol in die vestiging van 'n eie Kaapse kooktradisie gespeel.

3. Kleding

Wat kleding betref, was daar 'n opmerklike verskil tussen die onderskeie slawegroepe aan die Kaap. Wat die Kompanjieslawe betref, was die kleding van slawe veral in die gure Kaapse winters, wat 'n hoë siekte- en sterftesyfer tot gevolg gehad het, 'n belangrike prioriteit aangesien siek en afgestorwe slawe 'n verlies aan arbeid en eiendom vir die besparingsbewuste Kompanjie beteken het. Die kleding van slawe het die Kompanjie egter veral hoofbrekens besorg. Dit was duur [291] en geen plaaslik vervaardigde materiale was beskikbaar vir die maak

283 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 100 - 101.

284 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 92 en 233.

285 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 206.

286 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 207.

287 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 45 en 65.

288 *Ibid.*, p. 222.

289 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 68, 69, 72, 85, 91, 114, 119, 140, 160, 170 en 182; *Ibid. II*, p. 203.

290 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 334.

291 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 144.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van slaweklere nie, soos Mentzel tydens die eerste helfte van die agtiende eeu tereg opgemerk het: "... up to the present no spinning or weaving is done." [292] Los geweefde wolstowwe vir wintersklere, Oos-Indiese katoen,[293] Negerlap of Bengaalse fotas, Japanse gestreepte wolstof, St. Thomas-materiaal,[294] growwe "pijlaken" vir broeke, Kersey, 'n linne en wolmengsel,[295] growwe sis en rou linne [296] moes ten duurste na die Kaap ingevoer word om in die kleredragbehoeftes van slawe te voorsien.

Aanvanklik het die Kompanjieslawe elk jaarliks 'n nuwe stel klere gekry. Die kleredrag vir slawemans is deur die kleremakers van die garnisoen gemaak en het 'n nousluitende doeblet of wambuis en broek van growwe wit wolstof met swart strepe wat binne met katoen gevoer is, behels. Op die doeblet was twaalf koper knope. Die slavinne het ingevoerde growwe katoenoorrokke uit Batavia gedra, terwyl hulle ook lap vir 'n kopdoek ontvang het. In 'n stadium het 'n Franse vlugteling hoede van Kaapse wol vir die Kompanjieslawe gemaak, terwyl ander entrepeneurs lang sokkies en handskoene vir die slawe gebrei het. Hierdie wankelende industrieë het in die vroeë agtiende eeu tot niet gegaan.[297]

Alhoewel slawekleredrag 'n aansienlike bedrag van die Kompanjiesbegroting vir slawe-onderhoud behels het, was dit ontoereikend.[298] Op aanbeveling van kommissaris Aernout van Overbeeck het die Politieke Raad in 1672 besluit dat die Kompanjieslawe voortaan twee stelle klere per jaar sou ontvang.[299] Dit het egter nie gerealiseer nie en op 15 Maart 1680 is op aanbeveling van Simon van der Stel weereens 'n besluit geneem ingevolge waarvan slawe voortaan,

> ... in dit ongestadige Caapse climaat ten minste tweemael 's jaers van klederen behoorde te werden, versien, alsoo dickmaels nat geworden sijnde, genootsaackt zijnde haer kleederen aen 't lijff te laaten droogen, waer door dan veeltijts in groote sieckte comen te vervallen en veel coomen te sneuvelen en waar bij d' Compe. dan merckelijcke schaade comt te lyden en groote ondienst geschiet; ten welcke opsichte is goet gevonden en verstaen 'Comps. slaven voortaen tweemaal 's jaars kleederen te geven.[300]

Ten spyte van voorafgaande besluit het kommissaris Van Rheede tydens sy besoek in 1685 vasgestel dat die slawe steeds slegs een keer per jaar klere ontvang het, terwyl die toestand waarin dié klere was hom ontstel het. Die slavinne was in vodde en die kinders in

---

292 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 159.

293 *Ibid. III*, pp. 156 en 159.

294 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 40 en 61.

295 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 80.

296 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 39 - 40.

297 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 169; *Ibid. II*, p. 124.

298 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 61; *Ibid.*, p. 319; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 49; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 77.

299 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 77.

300 *Ibid.*, p. 324.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mansonderhemde van die soldate en matrose geklee.[301] Sy aanbevelings aan Simon van der Stel ten opsigte van slaweklere het onder meer die verskaffing van somer-, sowel as winterdrag vir die slawe behels. Die somerdrag van die mans sou uit 'n baadjie van eenvoudige gingang of soortgelyke materiaal en 'n broek bestaan, terwyl hulle in die winter 'n pybaadjie met seildoekvoering en twee seildoekbroeke sou ontvang. Die toekenning van die vrouens se somersdrag sou twee "cleetjens" en twee "baaijtens" behels en die wintersdrag twee "cleedjes", twee "baijtjes" en 'n ongevoerde "rock" van pylaken.[302] Die probleem met slawekleredrag sou egter telkens opduik. In 1716 het die Politieke Raad opgemerk dat die slawe, ten spyte van die verskaffing van twee stelle klere per jaar, steeds in flenterklere rondgeloop het.[303] Die blaam is op die slordigheid en tydsaamheid van die soldate wat verplig was om as kleremakers diens te verrig, geplaas. Die swak gemaakte klere het ook ongemaklik gedra. As oplossing vir die probleem sou slaweklere voortaan uit Nederland ingevoer word. Dié ingevoerde duffelse baadjies en pybroeke sou sterker en goedkoper wees en ook betyds afgelewer kon word.[304] In April 1723 is besluit om slawekleredrag na slegs een uitrusting per jaar in te kort, aangesien die Kompanjieslawe hulle klere "ten eersten verquanzelen, en liever verzuipen, dan dat zy ordentlyk zouden gekleed gaan",[305] aldus Kolbe. In die dertigerjare van die agtiende eeu het Mentzel Kolbe se waarneming bevestig:

> The other male slaves wear a coarse close-fitting woollen doublet and trousers – I mean that they receive such an outfit from the Company once a year, but the majority of them are so depraved and besotted that they sell this rig-out almost as soon as they get it, and go about all the year round in the filthiest rags imaginable.[306]

Soos reeds vermeld, is die klere gewoonlik vir sterk drank of geld verruil. Dit was veral die verkoop van klere vir sterk drank wat die owerheid genoop het om streng op te tree. Nadat opgemerk is dat soldate, matrose, vryburgers en ander bediendes in die nuwe hemde wat as Kompanjieslawekleredrag moes dien, rondloop, is dié probleem deur wetgewing aangespreek. Die eerste plakkaat in dié verband is op 16 Desember 1677 uitgevaardig en het onder meer melding gemaak van die slawe wat hulle hemde vir 'n handvol rys of tabak verruil het. Hierdie misbruik het tot groot verliese vir die Kompanjie aanleiding gegee en swaar strawwe is vir die kopers van sodanige produkte in die plakkaat voorgehou.[307] Enige persoon wat sterk drank aan slawe sou verkoop, was onder meer met 150 riksdaalders strafbaar.[308] 'n Plakkaat van 5 Julie 1700 het 'n totale verbod op die aankope van items van slawe geplaas, terwyl dié verbod in 'n resolusie van 23 April 1709 herhaal en alle inwoners weereens belet is "omme ... van geen Comps. lijfeigenen eenig goed aan deselve tot goede maanden uijtgereikt, of te koopen,

---

301 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184.

302 *Ibid.*, pp. 194 - 195.

303 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 66; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 430.

304 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 66; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 41.

305 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

306 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II*, p. 124.

307 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 217 - 218; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 148 - 149.

308 K.A.B.: C. 1888: Origineel Dagregister, Januarie 1685.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of op eenige wijse van haar te verhandelen".[309] Die aanvanklike plakkaat is op 24 September 1715 nogmaals uitgevaardig.[310] Voornemende oortreders is weereens met besonder swaar strawwe gedreig. Hierdie swartmarkbedryf in goedere en klere waarby slawe betrokke was, sou tot die einde van die VOC-regering aan die Kaap voortduur.[311] Die probleem kan heelwaarskynlik aan die hand van die feit verklaar word dat sommige slawe wat daaraan gewoond was om in hulle vaderland naak te loop, klere vreemd en hinderlik gevind het [312] en dat drank tydelike ontvlugting van 'n ellendige bestaan gebied het. Van die meer ambisieuse Kompanjieslawe het wel op Sondae 'n inkomstetjie verdien waarmee hulle beter klere gekoop het. Die beter klere van sommige slawe was te danke aan die geld wat hulle "vrouens" deur prostitusie van soldate en matrose verdien het.[313] Tydens die Britse bewind het daar 'n aanpassing in die slawekleredrag gekom. Die kortbroeke is met langbroeke vervang, terwyl elke slaaf ook van 'n hoed voorsien is.[314] Daarbenewens het die slavinne meer linne vir klere ontvang.[315]

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat kleredrag van Kompanjieslawe 'n netelige kwessie was. Die blaam vir die slegte kleding van die Kompanjieslawe kan nie net op die Kompanjie geplaas word nie. Vir baie Kompanjieslawe was klere nie juis 'n prioriteit nie en ondergeskik aan ander behoeftes soos drank, tabak en voedsel en is klere verruil of verkoop vir geld om in dié behoeftes te voorsien. Onvoldoende klere in 'n gure klimaat het tot siektes en sterftes en gevolglike verliese vir die Kompanjie gelei. Die ernstige pogings wat die owerhede aangewend het om deur wetgewing die probleem aan te spreek, kon egter geen blywende oplossing teweeg bring nie. Daarom het die Kompanjieslawe se klere meesal meer gehawend as die van die dorpslawe in privaatbesit daar uitgesien.

Die kleredrag van die dorpslawe in privaatbesit was gewoonlik 'n weerspieëling van die welvaart en status van die eienaar. Die kleredrag van slavinne in besit van sommige Kapenaars het goed vergelyk met dié van die vooraanstaande modebewuste Kaapstadse dames, aangesien "hier de nieuwste mode zeer sterk gezocht (wordt), zoodat de slavinne van sommige Kapenaars even prachtig gekleed gaan, als de eerste dames der stad", aldus Teenstra.[316]

Sommige Kaapstadse slavinne was in die "afgedragen ... kleederen ... van kostbare stoffen" geklee.[317] Die halfslag huisslavinne in die Kaapstadse privaathuishoudings was van die bes geklede slawe, aangesien die eienaresse trots was op veral die welgeklede persoonlike slavinne wat hulle op kuier- en kerkbesoeke vergesel het [318] en hulle status en welwaart grootliks daardeur weerspieël is. In die vroeë negentiende eeu het die mooi kleredrag van die bevoorregte Kaapsgebore slavinne, wat uit verbintenisse tussen slavinne en Europeërmans gebore is, Samuel Hudson opgeval: "These Cape born Slaves are the confidential Servants of

---

309 K.A.B.: C. 2273: Origineel Placcaatboek, 5 Julie 1700; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 372 - 373; *Ibid. IV,* pp. 97 - 98.

310 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 460.

311 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 432.

312 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 396.

313 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II,* p. 124.

314 K.A.B.: BR. 33: Bijlagen tot Resolutiën, 1803-03-09.


315 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 28.

316 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 370.

317 *Loc. cit.*

318 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 228.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 27: 'n Livreislaaf van juffrou Van Kerwel met gepoeierde pruik.
Uit: D.H. Strutt, *Fashion in South Africa 1652 - 1900* (Kaapstad, 1975), p. 82.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the family and many of them dress equally gay with their Mistresses ..." [319] Hy gee dan ook die rede vir die mooi kleredrag: "They are generally in pay of some resident who furnishes them with their finery which creates no enquiry from their Superiors how they procure these things." [320]

Sommige Kaapstadse slawe was soms heel deftig in 'n netjiese kort blou baadjie van lakenstof, 'n ligte onderbaadjie en 'n los blou broek uitgevat. As hoofbedekking het sodanige slaaf òf 'n growwe hoed òf 'n tulband gedra. Om sy nek was 'n losserig-gebinde blou of rooi halsdoek wat by die oop kraag uitgesteek het. Sekere windmaker slawe het selfs oorringe, 'n rooi skaaf om die nek en volstruisvere in die hoed gedra. "He is lifted above the ground, and has totally forgotten that he is a slave", aldus Semple. [321] Hudson se beskrywing van 'n privaatslaaf se kleredrag stem in 'n groot mate ooreen met dié van Semple, behalwe dat hy bykomend melding maak van die jong slafies se kleredrag wat uit growwe Indiese geruite katoen of geel Nanking-katoen bestaan het.[322] Volgens 'n beskrywing wat Thunberg in die agtiende eeu van die hoofbedekking en die haarmodes van die mans- en vroueslawe van Oosterse afkoms gegee het, het die mans 'n gedraaide doek soos 'n tulband gedra, terwyl die vroue hulle hare opgevleg en met 'n groot haarnaald of "tusok konde"op die kop vasgesteek het. [323] Geamuseer deur die hoofbedekkings van die Oosterse slawe aan die Kaap, het Teenstra dit in die eerste helfte van die negentiende eeu as volg beskryf: "zij dragen geen 'doek om den hals maar over het hoofd, waarop zij een spits toeloopen van den stroo gemaakten hoed dragen, (toerang of toedang) het welk een zeer vreemd gezigt voor de nieuws aangekomenen oplevert." [324] Slawebediendes van die hoër amptenary het gepoeierde pruike gedra **(Fig. 27)**. Weens die pronkerige en oordadige kleredrag wat plek-plek onder slawe kop uitgesteek het, is slavinne ingevolge 'n plakkaat van 12 November 1765 verbied om gekleurde syrokke, krinolines, fyn kant, versierings op hoede, gekrulde hare of selfs oorringe te dra.[325] Uitsonderings is wel ten opsigte van huweliks- en kerkdae gemaak.

'n Aanduiding van slawekleredrag in 'n gegoede, 18de eeuse Kaapstadse burgerhuishouding is in die *Dagboek en Memoriaal* van Joachim van Dessin te vinde. Met sy opname in die Von Dessin-huishouding is die slaaf Isak met "1 blaauw Cursaij rok, 1d° broek, 1 leere broek, twee blaauwe hembden, 2 neusdoeken" toegerus. Die slavin, Hagar, het dieselfde ontvang, maar haar bloese was wit en sy het daarbenewens ook "... een chitse rok en d° jak" ontvang. Jason het dieselfde as Isak ontvang en is bykomend met "1 p^r hembsknoopen, 2 kammen, 1 nieuwe hoed", sowel as 'n ekstra sakdoek en 'n robvel toegerus. Die slaaf December het "1 roode baaije overslag baatje" ontvang. Hieruit is af te lei dat die agt slawemans "roode cursaij baatjies" met 'n "overslag" in 'n ander kleur gedra het, terwyl party ook in 'n "blaauw Cursaij sluitjas" met koper knope geklee was. Die slavinne was voorts uitgerus met wit hemde, "gestreepte baaie rokke" en "blaauw gebloemde jakke".[326] In die eerste helfte van die negentiende eeu het Teenstra 'n volledige beskrywing van die kleredrag van 'n privaatslaaf in 'n minder gegoede huishouding gegee. Volgens hom was dit "zeer eenvoudig ... eene

---

319 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

320 *Loc. cit.*

321 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 38 - 39.

322 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

323 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

324 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 110.

325 K.A.B.: C. 2284: Origineel Placcaatboek, 1765-11-12.

326 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 63 - 64.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 28: Kaalvoete – 'n aanduiding van slawestatus aan die Kaap, volgens 'n waterverftekening deur die amateurkunstenaar Charles Bisset (1816 - 1900?).

Uit: R.F. Kennedy (samesteller), *Catalogue of pictures in the Africana Museum I* (Johannesburg, 1966), p. 187.



Figuur 29: Kaptein Hendrik Peter Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen met sy gesin en slawelyfbediendes in livreidrag, maar sonder skoene, volgens 'n olieverfskildery van ongeveer 1760 in die Stellenbosch Museum.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lange broek en een kort baantjie dekt verder hun ligchaam, de eerste veelal bruin van kleur en van schaapsleder vervaardigd ..." [327] **Figuur 27** en **29** gee 'n aanduiding van hoe sommige stedelike slawe in diens van die hoë Kaapse amptenary geklee was.

'n Interessante verskynsel ten opsigte van slawekleredrag aan die Kaap, was die afwesigheid van skoene **(Fig. 28 en 29)**. Volgens Mentzel was die huisslawe skoon en netjies aangetrek, maar is nie toegelaat om skoene te dra nie, aangesien "[t]he bare foot is the mark of the slave. Hence, at the Cape, unlike in ancient Rome the shoe, not the cap is the mark of freedom".[328] In die negentiende eeu het Teenstra hierdie waarneming bevestig: "sij [de slaven] hebben geen van allen kousen of schoenen aan, maar loopen barre voets, waardoor hunne tenen ver van elkander verwijderd staan, op welke zich leelijke, gescheurde en bebloede nagels bevinden." [329] Thunberg,[330] George Forster [331] sowel as Hudson [332] het dieselfde waarneming aangeteken, terwyl Semple tydens die Eerste Britse Besetting weereens hierdie gegewe bevestig: " ... but he [the slave] is in general without either shoes or Stockings." [333]

Wat die kleredrag van die akkerbouslawe betref, was hulle beslis slegter daaraan toe as die stedelike slawe. "The field slaves belonging to the farmers are not, however, nearly so well treated as those of the town ... [334] Those ... who live in the town are in general well fed, well clothed ...", [335] aldus Barrow. Daar was egter tog gevalle waar meer vermoënde boere beter klere aan hulle slawe verskaf het. In 'n memoriaal van uitgawes wat in 1789 deur Johannes Colijn, eienaar van Hoop op Constantia, aan die Heeren XVII as protes teen gedwonge goedkoop wynverkope voorgelê is, het hy van sy uitgawes aan slawekleredrag melding gemaak. Materiale wat aangekoop is om in sy slawe se kleredragbehoeftes te voorsien, was onder meer nege stukke kursaailap, twintig stukke bafta-materiaal en twingtig stukke "boelang". Ou klere moes op 'n gereelde basis vervang word en die maakloon van die slaweklere was volgens hom 'n bykomende uitgawe wat nie in die lys van uitgawes vervat is nie.[336] In 1782 het J. van Reenen toestemming versoek om skoene en hoede vir sy slawe in te voer.[337] In sommige gevalle is plaasslawe van tweedehandse klere voorsien wat hulle minder gegoede eienaars tydens besoeke aan Kaapstad bekom het.[338]

Alhoewel eienaars op binnelandse plase moreel en wetlik verplig was om hulle slawe van klere te voorsien, het sommige slawe wat stukkies grond kon bewerk, die opbrengs verkoop en van dié geld vir hulle klere en ander lewensmiddele gekoop. Dit was inderdaad die geval met van die vakleerlingslawe op die plaas van Isaac van der Merwe in die Worcester-distrik. Volgens een van die vakleerlinge het sy tuintjie jaarliks 'n bedrag van 40 riksdaalders ingebring

---

327 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 110.

328 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 112.

329 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 110.

330 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 26 en 35.

331 G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I,* p. 73.

332 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

333 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 38.

334 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 109.

335 *Ibid. I,* pp. 43 - 44.

336 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 320 - 326.

337 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 49.

338 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 92.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarmee hy sy eie klere kon koop, terwyl 'n ander vakleerlingslaaf seep, gare en klere van die 20 riksdaalders wat hy jaarliks uit sy opbrengs verdien het, gekoop het.[339]

Tydens die Eerste Britse Besetting was die plaasslawe bra swak geklee.[340] Vel, sowel as leer het 'n belangrike rol in die kleredrag van slawe op die afgeleë plase gespeel. Genoeg leer is gelooi en gebrei om in die kleredragbehoeftes van die boeregesin, sowel as die slawe te voorsien.[341] Skaapsleer is as kleding gebruik,[342] terwyl skaapvel as beddegoed vir die slawe gedien het.[343] Die velskoene van beide meester en slaaf was van beesleer gemaak.[344] Volgens Percival het die boere en hulle slawe hulle klere en skoene self gemaak, "which they do in a very unskilful and bungling manner".[345] Op 15 Maart 1825 het die Bokkeveldse slaaf Abel, tydens sy verhoor as medepligtige aan opstand en moord, aangevoer dat sy eienaar, B.P. van der Merwe, hom nie na behore versorg het nie, want "mijn baas heeft mij altijd slecht van kleederen voorzien".[346] In die meer gegoede huishoudings het die slawe ietwat beter geklee gegaan, soos blyk uit die kasboekie van Johanna Duminy van die Overbergse plaas, Bokrivier. Hierdie kasboekie toon dat daar oor 'n tydperk van vier jaar deurlopend vir slawekleredrag voorsiening gemaak is, terwyl dit ook 'n aanduiding gee van die soorte lap wat vir slawekleredrag gebruik is:

- Jan. 1791: 4 stukke blouwe bafte voor de slaaven tot hemden: Rds.14.
- Jan. 1791: estraa uyfgaf voorde kinderen en voursisse en linnen voor de mijden, Rds. 40.
- Jan. 1792: Uytgaf voor de slaaven tot kleeren, Rds. 80.
- Maart 1793 : een stuk semoues tot rokken voor de mijden, Rds. 15.
- Julie 1793 : voor rode baij voor vilip en moosis, Rds. 11.
- Julie 1793 : een stuk pij tot kleeren voor de slaaven, Rds. 25.
- Aug. 1793 : cnoopen tot slaaven kleeren, Rds. 12.
- Des. 1793 : voursissen voor de mijden tot kleeren, Rds. 14.
- Maart 1793 : baaij tot rokken voor de slaaven kinderen, Rds. 3.
- Maart 1794 : baaij tot luijers voor de mijden, Rds. 1.
- Nov. 1794 : 2 stukken blauwe bafta voor de slaven, Rds. 10.
- Jan. 1795 : aan M. hennin voor vourin [voering] vellen voor de slaaven, Rds. 30. [347]

Uit voorgaande bespreking van slawekleredrag is af te lei dat daar 'n merkbare onderskeid tussen die verskillende slawegroepe was met die stedelike slawe wat die beste daaraan toe was en die Kompanjieslawe, die plaasslawe van die akkerbougebied, sowel as die afgeleë binneland wat, met sekere uitsonderings baie beskeie en selfs skamel geklee was. Dit blyk ook dat die

---

339 K.A.B.: SO. 6/132: Register of Slaves, Worcester, 1835 - 36; K.A.B.: 1/ WOC. 19/26: Criminal Record Book, special magistrate, Worcester, 1835 - 36.

340 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

341 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806,* pp. 91 en 154.

342 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 117; *Ibid . II,* p. 294; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* pp. 243 - 244.

343 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, III*, p. 90.

344 *Ibid. III,* p. 202.

345 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 216.

346 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 323.

347 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 335 - 336, 339 - 342, 348 en 350.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

welvaart en ego van die privaateienaar, veral in stedelike gebied, 'n positiewe rol in die kleding van slawe gespeel het.

4. Medies

Die gesondheid van slawe was 'n belangrike prioriteit by beide die Kompanjie en privaat-eienaars, aangesien ongesteldheid en die sterfte van slawe tot produksie- en finansiële verlies kon lei. Om mediese koste en arbeidsverlies te beperk, het die besparingsbewuste Kompanjie bepaalde voorkomingsmaatreëls ten opsigte van die gesondheid van sy slawe getref. Nadat by geleentheid bevind is dat houthalerslawe selfs in die winter deur die Soutrivier moes swem om hout in te samel en as sodanig aan verdrinking en siekte blootgestel was, is besluit dat brandhout voortaan elders ingesamel moes word.[348]

Siek Kompanjieslawe is aanvanklik in die Kompanjieshospitaal verpleeg waar geen onderskeid tussen siek slawe en ander pasiënte getref is nie.[349] Tydens sy inspeksie van die slawelosie in 1685 het kommissaris Van Rheede bevind dat siek slawe binne die losie nie na behore versorg is nie en dat "met geen meerder gemak lagen als beesten". [350] In dieselfde jaar het die Kaapse owerhede 'n versoek aan die kommissie wat toestande in die slawelosie moes ondersoek, gerig om "... in achting [te neem] of geen bequaam en commodieus appartement voor de siecken en kranken int Voorss: huijs souden connen werden geordonneert".[351] 'n Geskikte plek vir die versorging van siekes is toe wel aan die oostekant van die losie deur die opper-chirurgyn geïdentifiseer. 'n Dwarsmuur sou die toekomstige slawehospitaal van die res van die losie skei.[352]

Vaste prosedures in die versorging van siek slawe moes gevolg word. 'n Verslag oor elke siek slaaf is daagliks aan kaptein Cruse gestuur om "... alle onagtsaamheijd ende versuijm die omtrent de Voors: kranken conde ofte mogton werden begaan ..." uit te skakel.[353] Daar is ook besluit om melaatse slawe uit die losie na 'n huisie langs die pakhuis op die strand te verskuif.[354] Die inwonende slawegeneesheer was 'n Kompanjieamptenaar wat alle verantwoordelikheid met betrekking tot siek slawe moes dra.[355] In 1805 is bevind dat die pligsversuim van die geneesheer van slawe, Thiele, wat aan drank verslaaf was, tot die agteruitgang van die losiehospitaal gelei het. Volgens die losieopsigter en -direkteur Höhne, het Thiele se verslawing tot die "... onnauwkeurige waarneemen van den geneeskundigen dienst by de zieken in de Loge" gelei .[356] 'n Bekwame "gesondheidsoffisier" het vir agtien maande lank in die plek van Thiele waargeneem, waarna hy wat Thiele was op voorwaarde van rehabilitasie weer as geneesheer van slawe in die losiehospitaal aangestel is. Dit het nie

348 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 220 en 324; G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 195.

349 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 202.

350 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 184.

351 K.A.B.: C. 1888: Origineel Dagregister, 1685-06-11.

352 *Loc. cit.*

353 *Ibid.*, p. 122.

354 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 36.

355 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

356 K.A.B.: BR. 12: Copij Resolutiën, 1805; Uittreksel uit memorandum van G. Beelaerts van Blokland aan die Politieke Raad, 1805-07-31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veel beter gegaan nie, want in 1806 tydens die Tweede Britse Besetting, het die nuutaangestelde dr. Dunlop, wat by Thiele oorgeneem het, aan die owerhede berig dat "... the state of the sick appears in the extreme wretched, the bedding is totally gone to mere rubbish, and the post allotted for the hospital extremely dirty".[357] Dunlop was 'n bekwame geneesheer wat ook na die welsyn van slawe wat by die onderskeie Kompanjieswerkplase woonagtig was, moes omsien. As sulks het hy die verhoging van sy salaris tot 77 riksdaalders wat deur luitenant-generaal Grey, bevelvoerder van die militêre magte, aan hom toegestaan is, verdien.[358] Soos afgelei kan word, was die geneesheer in beheer van die slawehospitaal gewoonlik 'n militêre amptenaar. Op 1 Julie 1813 is Dunlop deur W.H. Lys as geneesheer van slawe opgevolg,[359] terwyl R. Spencer in 1817 waargeneem het. Dr. Lys is in 1819 heraangestel en het die pos tot 1827 behou.[360] In 1826 het die waarnemende goewerneur, generaal-majoor Richard Bourke, aanbeveel dat die slawelosie voortaan as 'n welsynshospitaal vir siek en bejaarde slawe aangewend word.[361] In 1828 het die losie inderdaad die *Hospital for Infirm Government Slaves and Government Apprentices* geword.[362] In 1826 was die salaris van die geneesheer vir die *Hospital for Infirm Slaves* 40 pond per jaar, terwyl die salaris van die direkteur 130 pond per jaar was. In dié tyd het die voedsel van die slawe onder meer brood, vleis en rys ingesluit.[363]

Alhoewel die slawehospitaal onder die Britse bewind goeie vooruitgang gemaak het,[364] is daar tydens die Kompanjiesbeheer tog pogings aangewend om die lot van siek Kompanjieslawe te verbeter. In 1687 sowel as in 1715 is verpleegpersoneel vermeerder.[365] 'n Opdrag is ook uitgereik dat siek slawe genoeg voedsel moes kry. In 1709 is opdrag gegee dat 'n kooksel van 30 pond skaapvleis, sowel as rys daagliks vir die 70 slawe wat weens 'n aansteeklike siekte ongesteld was, voorberei moes word.[366]

Die omstandighede in die slawelosie was bevorderlik vir die uitbreek en vinnige verspreiding van aansteeklike siektes.[367] In 1713 is die besmette klere van die kinders van kommissaris Joan van Steelandt en matrose wat tydens die seereis, pokke aan boord van 'n Indiese skip opgedoen het, deur slavinne in die losie gewas.[368] Die slavinne het die siekte eerste opgedoen, waarna dit met rasse skrede onder die ander losieslawe versprei het. Dié pokke-epidemie het die lewens van gemiddeld sewe Kompanjieslawe per dag geëis.[369] Op 26 April 1713 is aangeteken dat "... de siekte neemt God beetert gantsch nog niet af ..." en dat 70

---

357 K.A.B.: CO. 1, letter no. 132: Letters received from Slave Lodge, 1806-09-28.

358 K.A.B.: CO. 45, letter no. 78: Letters received from Orphan Chamber; Höhne aan Reijneck, 1813-07-03.

359 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XIX*, p. 57; P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898: a medical and social study*, p. 236.

360 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 236.

361 *Ibid.*, p. 236.

362 *Loc. cit.*

363 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 236.

364 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 37.

365 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 174 en 485.

366 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 98; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 188.

367 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 397.

368 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 218.

369 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, pp. 24 - 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kompanjieslawe reeds daaraan dood is.[370] Die epidemie het tot sover as Hottentots-Holland, Drakenstein en Stellenbosch versprei en tot groot verlies en droefheid in die nedersetting gelei. Nadat ongeveer 200 Kompanjieslawe in die epidemie omgekom het, het dit teen Junie 1713 begin afneem.[371]

Die barbiers wat soms ook die amp van arts of chirurgyn moes beklee, het tydens die pokke-epidemie op vrywillige basis en sonder salaris na die welsyn van die siek slawe in die losie omgesien. Hulle het hulleself volgens Kolbe "dapper gequeten, en haar plicht getrouw waargenomen, wel wetende, dat en haar ampt, en de Christelyke liefde beide van hen eischten, hunnen elendigen en doodlydenden evennaasten in alle billyke zaken by te staan, en de behulpzame hand te bieden".[372] Hierdie barbiers was met raad en daad behulpsaam en het die siek slawe onder meer onverwyld uit die losie na die blanke hospitaal gebring, waar hulle voedsame kos en die bes moontlike mediese sorg kon ontvang.[373]

Aan die begin van die winter van 1755 het die tweede groot pokke-epidemie, wat deur 'n Ceylonse retoervloot na die Kaap oorgedra is, uitgebreek.[374] Die Kaapse owerhede was egter beter op dié krisis voorbereid. Nadat 180 Kompanjieslawe in die losie op 7 Julie 1755 reeds siek was aan die pokke, het die owerhede die geneeshere opdrag gegee om onverwyld na die omstandighede waarbinne siek slawe hulleself in die losie bevind het, om te sien en vas te stel wat gedoen kan word om die epidemie te bestry en hoe die siek slawe behandel moes word.[375] Hieropvolgend is met sorg na die betrokke slawe omgesien. Hulle is in gerieflike, goed geventileerde vertrekke gehuisves, deur slawe wat reeds pokke gehad het verpleeg,[376] terwyl hulle klere deeglik ontsmet en gereeld gewas is.[377] Weens al dié voorsorgmaatreëls was die verlies van Kompanjieslawe minder as tydens die pokke-epidemie van 1713. Die derde pokke-epidemie van 1767 is nog meer effektief bestry, sodat slegs 251 van die totale aantal slawe aan die Kaap daaraan gesterf het.[378] In 1812 is 'n pokke-epidemie weereens deur 'n Portugese slawevaarder met 'n vol vrag na die Kaap oorgedra. Dié epidemie was net tot slawe en een of twee Europese kinders beperk. Van die gevalle wat op 21 Maart 1812 bekend was, is slegs sewe in Kaapstad verpleeg, terwyl die ander gevalle na Paardeneiland verskuif is. Die epidemie was nie baie ernstig nie en geen sterftes is aangemeld nie.[379]

Wat die geneeskundige versorging van dorpslawe in privaatbesit betref, is daar aanduidings dat eienaars uit morele, maar oorwegend uit monitêre oorwegings, goed na hulle slawe omgesien het. 'n Siek slaaf in die huishouding het groot konsternasie veroorsaak en dringende en ernstige pogings is aangewend om sy spoedige herstel te bewerkstellig. Volgens Teenstra het die Kapenaars erken dat hulle hulle slawe goed versorg, "omdat onze private belangen er mede gepaard gaan".[380] Daarom het die eienaars in geval van 'n siek slaaf "de uiterste

---

370 K.A.B.: VC. 20: Dagregister, 1713-04-26.

371 K.A.B.: VC. 20: Dagregister, 1713-08-26.

372 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 397.

373 *Loc. cit.*

374 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 55.

375 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 140; P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 56.

376 K.A.B.: VC. 27: Dagregister, 1755-07-07.

377 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 140.

378 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 25.

379 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 114.

380 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 312.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pogingen doen aanwenden, om hem te doen herstellen",[381] terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* die impak van 'n siek slaaf op die huishouding as volg verwoord het: "When a fit of sickness seizes the slave, the whole house become alarmed." [382] Thunberg het tewens opgemerk dat slawe in privaatbesit beter behandeling as blanke werknemers van die Kompanjie ontvang het: "The owner not only takes care that they are clothed and fed, but likewise, when they are sick, that they are well nursed and have proper medical Attendance." [383]

Die afsterf van 'n slaaf was 'n groot verlies vir die eienaar,[384] terwyl slawe wat afgeleef, lam, gestremd of blind geword het, 'n swaar las vir die betrokke eienaars was. Dit is dus te verstane dat slawe-eienaars die mediese versorging van hulle slawe ernstig opgeneem het. In die lig hiervan is dieselfde geneesheer wat na die eienaar en sy familie se welsyn moes omsien, ook na die siek slaaf uitgeroep.[385] Tydens die pokke-epidemie van 1755 het Joachim von Dessin sy siek slawe deur Jan de Timmerman laat behandel. Toe sy "slavekind Johanna" op 20 Julie 1755 die eerste simptome van pokke begin toon, het hy haar onverwyld na Jan de Timmerman gestuur "volgens de met hem bevoorens genoomende afspraak toegesonden ten eijnde aldaar behoorlijk gade geslagen en soo wanneer de pokjes haar mogten bijkoomen, behoorlijk gecureert te werden".[386] Vir haar siekverblyf by die geneesheer het Von Dessin 'n katel met gedraaide pote, 'n bulsak, 'n wit kombers en 'n paar kussings saamgestuur. Die slavin Alida is veiligheidshalwe alreeds op 2 Julie daarheen gestuur. Op 25 Julie het Von Dessin ook sy slawekinders Hester, Willem en Pieter na Jan de Timmerman gestuur, aangesien hulle ook kort voor lank deur die pokke aangetas sou word.[387] Sy slawejongetjie, Pieter, het dit egter nie oorleef nie, terwyl Alida, Hester, Johanna "van de pokjes, God dank zijn genesen en herstelt".[388]

Om die pokke-epidemie hok te slaan, is een of meer huise gereserveer waarin die siek slawe van privaateienaars deur 'n aangestelde chirurgyn behandel is. Eienaars moes 16 stuivers per dag vir die behandeling van elke slaaf betaal, terwyl enige persoon wat in gebreke gebly het om 'n pokke-geval by die chirurgyn van die behandelingshuise te rapporteer, met 200 riksdaalders beboet is. Slawe wat aan die pokke gesterf het, moes binne 24 uur in die klere waarin hulle dood is, begrawe word.[389] Danksy die streng maatreëls wat in 1812 ingestel is om die verspreiding van die pokke-epidemie, wat deur die reeds vermelde Portugese slawevaarder na die Kaap oorgedra is, hok te slaan, was die siekte slegs tot slawe beperk en was daar geen ongevalle nie. Maatreëls het onder meer behels dat 'n vlag bokant die voordeur van die geïnfekteerde huis gehang moes word, elke pokkegeval by die fiskaal of die openbare aanklaer aangemeld word, terwyl kontak tussen siekes en gesondes streng verbied is. Kontakgevalle moes wit bande om die arms dra. Slegs diegene wat reeds pokke gehad en dus immuun was, kon op straat verskyn. Huis-tot-huis inentings is gedoen. Elke pokke-pasiënt moes deur 'n dokter behandel word, huise moes goed geventileer wees, pasiënte moes hulle van vleis en

---

381 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 398.

382 *Gleanings in Africa*, p. 66.

383 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 152.

384 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90

385 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 312.

386 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 62.

387 *Loc. cit.*

388 *Ibid.*, p. 63.

389 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898,* pp. 55 - 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drank weerhou, die klere van siekes verbrand en geïnfekteerde huise berook word deur potte teer wat vir vier dae aaneen gekook is. Vuil linne is deur slawe onder toesig van die Burgersenaat gewas en wasvroue is belet om enige wasgoed van geïnfekteerde huise in te neem. Aangesien veral die Kaapse Moslems die voorsorgmaatreëls van inenting, kwarantyn, beroking en hospitalisasie weens hulle geloofsoortuiginge verontagsaam het, [390] is alle Maleierwonings onder kwarantyn geplaas.[391]

Slavinne wat moes kraam, kon in sommige gevalle wel op die mediese sorg van die familiedokter staatmaak. So het die sorgsame Von Dessin op 4 Maart 1756 sy slavin Hagar na Jan de Timmerman gestuur "om aldaar te kraamen, hebbende aan deselve haar goed doen meede geeven 't welk strekt tot memorie".[392] Hagar se dogtertjie is op 16 Maart 1756 gebore en Von Dessin het self die naam *Martha* vir die slawebaba gekies. Daarbenewens het hy ook vir die volgende bababenodigdhede voorsiening gemaak: "... 9 ellen wit linnen tot luijers, 2½ ellen roode baaij, 1 parthij lappen linnen tot klijngoed." [393] Vir Hagar se bevalling moes Von Dessin 24 riksdaalders opdok.

In Kaapstad was daar bekwame mediese praktisyns wat die Islamgeneeskunde onder die Moslemgemeenskap beoefen het. Slawe wat hulle tot die Islam bekeer het, het vryelik toegang tot die dienste gehad. Twee bekende persone wat beide die gekombineerde ampte van priester en geneesheer beklee het, was Tuan Schaapie en Abdul Malik van Batavia.[394] I.D. du Plessis (1900 - 1981) het Tuan Schaapie as 'n nederige, liefdevolle en wyse Tuan (leermeester) wat die Moslemgemeenskap van waardevolle raad bedien het, beskryf.[395] Tuan Schaapie was vir die Kaapse Moslemgemeenskap 'n priester, dokter en bewerker van wondere, terwyl hy in alle omstandighede hulle godspraak was.[396] In *Gleanings in Africa* beskryf die anonieme Engelse offisier hoe Tuan Schaapie 'n siek jong vrou op 'n unieke wyse genees het:

> With the greatest composure he took a small box from his sack, and striking into its contents a few sparks from the steel, it immediately caught fire, and emitted a somewhat fragrant vapour, with which he bedewed the forehead and temples of the fair supplicant. It had an instantaneous effect, for she took her leave with a look of gratitude and apparent relief from her pain.[397]

Tuan Schaapie was dus ewe bekwaam om beide die liggaam en die gees te genees.[398] Aangesien die Kapenaars 'n sterk geloof in die genesende kwaliteite van die mineraalbaddens gehad het, is sommige siek slawe na die baddens te Caledon gestuur in die hoop dat die "wonderwaters" hulle herstel sou bewerkstellig.[399]

---

390 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

391 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898,* p. 114.

392 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 63.

393 *Ibid.*, p. 63.

394 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 57.

395 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 22.


396 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos 9,* 1984, p. 57.

397 *Gleanings in Africa,* p. 247.

398 *Loc. cit.*

399 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 120; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 136.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 30: 'n Brief in die Boeginese taal van die siek slaaf Oepas aan die Kaapse slawegeneesheer September. Hieruit is af te lei dat September, veral as "dokter" en raadgewer, 'n besondere status onder die Boeginese slawe in Kaapstad geniet het.

Kaapse Argiefbewaarplek, CJ. 373.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die mediese versorging van die akkerbouslawe betref, is dit redelik ernstig deur sommige eienaars opgeneem. Akkerbou het arbeidsintensiewe boerdery behels en aangesien siek slawe 'n negatiewe impak op die produksie van die akkerbouplaas gehad het, is daar binne die redelike vermoë van die eienaar na die mediese versorging van slawe omgesien. Alhoewel ruimskootse voorsiening van mediese sorg nie die reël was nie, het die meer gegoede eienaars van die akkerbouplase naby Kaapstad tog gereeld van die dienste van chirurgyns of ander mediese praktisyns vir hulle gesinne, sowel as vir hulle slawe gebruik gemaak. In die 1780's het Johannes Colijn ongeveer 60 riksdaalders aan 'n chirurgyn vir die mediese behandeling van sy siek slawe betaal.[400] Dr. Schabort van Drakenstein het heelwaarskynlik sy eie hospitaaltjie gehad, aangesien hy in 1733 opgemerk het dat hy in sy eie plek na 'n siek slaaf omgesien het.[401]

Sommige slawe in die akkerbougebied was self onderleg in die kruiegeneeskuns. Dit was veral die Javane met hulle grondige kruiekennis wat hulleself as uitstekende kruiegenesers onderskei het.[402] Mediese advies is dus ook by medeslawe gesoek. Die slaaf September blyk 'n heel gewilde geneser te gewees het wat talle medeslawe wat van Celebes in Oos-Indië afkomstig was, sowel as blankes, van mediese advies bedien en ook mediese dienste aan hulle gelewer het. In 1760 het die Stellenbosse veewagterslaaf Oepas, na 'n siekbed van twee maande, die mediese dienste van September per brief in die Boeginese taal **(Fig. 30)** versoek.[403] In sommige gevalle het September van uiters onkonvensionele behandelingsmetodes gebruik gemaak. By geleentheid het hy die wond van 'n slaaf se beseerde hand eers skoongelek alvorens hy dit met skoon water gewas het.[404] Slawerate het onder meer die gebruik van peper of aalwyn vir maagongesteldheid behels.[405] Ander medisinale preperate wat deur die slawe vir selfheling gebruik is, was "geslaande" peper, "borri-borri" ('n geel salf van klapperolie, sandelhout en krokuswortel), sowel as koerkoemawortel.[406] 'n Sekere Boeginese slawegenees-heer het by geleentheid 'n slavin wat aan ernstige simptome van "geitjiesbyt" gely het, genees.[407] Hierdie slaaf is met sy genesingsgeheime na sy graf, alhoewel soms opgemerk is dat hy gehalveerde lemoene en suurlemoene as behandeling op 'n wond geplaas het. Soms is wonde ook met olyfblare behandel.[408] Die geheim van die genesingskrag van aalwyn is lank deur veral die Afrikaslawe jaloers bewaar tot die slaaf Goeree dit aan 'n blanke kolonis van die De Witt-familie bekend gemaak het.[409] In sommige gevalle het selfs koloniste by slawe mediese raad gaan soek, soos die blanke persoon wat in 1742 deur die reeds vermelde slaaf September behandel is.[410]

Wat die mediese versorging van die binnelandse plaasslawe betef, het sommige eienaars in die

400 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 322.

401 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 134.

402 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, p. 205.

403 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132; J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14 (432), 1930-07-18, p. 41.

404 K.A.B.: CJ. 373: Crimineele Processtukken, 1760.

405 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 413.

406 D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 455 en 475.

407 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 251.

408 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 134.

409 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 248 - 249.

410 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binneland wel die liggaamlike welsyn van hulle slawe op die hart gedra. Ene Leiste van die plaas Gelukwaard het die beswaar geopper dat die produksie van rys en indigo skadelik vir die gesondheid van sy slawe was.[411] Soms is siek slawe deur reisigers wat geneeshere was, behandel. So het die Sweedse geneesheer Sparrman tydens sy binnelandse reise in die 1770's, die slawe van Jacob Kok van die plaas Seekoeirivier naby Swellendam, sowel as dié van sy buurman, van mediese behandeling bedien.[412]

Weens die isolasiefaktor, sowel as die gebrek aan mediese praktisyns, was plaasslawe in die afgeleë binneland op hulleself en die boererate van hulle meesters aangewese. Die hoofbestanddele van dié boererate is van dierkundige en plantaardige oorsprong, terwyl huishougoed, soos koffie, tee en seep, boderyprodukte, soos teer en die sogenaamde Hollandse medisynes ook 'n rol gespeel het.[413] Die slawe het, net soos hulle broers in die stad en op die akkerbouplaas, reeds kennis gedra dat 'n paar druppels aalwynsap in 'n vloeistof soos wyn, 'n omgekrapte maag vinnig onder beheer kon bring.[414] Die boegoeplant het veral 'n belangrike plek as kruiegeneesmiddel ingeneem. As aftreksel in brandewyn was dit 'n staatmaker vir maagongesteldhede en as smeermiddel is dit vir rumatiek, verstuitings en kneusplekke gebruik. Boegoe-asyn was 'n ontsmettingsmiddel vir wonde , terwyl dit ook vir die genesing van blaaskwale ingespan is. In die sanderige dele van die land waar die hotnotsvy voorgekom het, is die medisinale kwaliteite daarvan deeglik ontgin. Sap van die blare is ingeneem vir die verligting van buikloop sowel as om urine af te dryf, terwyl dit ook as gorrelmiddel vir 'n ontsteekte keel gebruik is.[415] De Jong maak melding van die hotnotsvy-blare wat "met verwonderlijk voordeel gebezigd [worden] bij kwetzuren en open wonden".[416] Aan die Dawidsworteltjie is buitengewone geneeskrag deur beide inboorlinge en volksplanters toegedig, en juis omdat dit besonder helend op galaandoenings en ongesteldhede weens vergiftiging ingewerk het.[417] Die aftreksel van dié plant is as braakmiddel, purgeermiddel en urienafdryfmiddel gebruik.[418] Veneriese siektes was redelik algemeen onder slawe. In die negentiende eeu het Kwaade Martha Ferreira van die Langkloof haar Mosambiekse slavin Mina wat "vuilsiekte" gehad het getrekte klimop laat drink, waarna sy dan ook genees is.[419] In die westelike dele van die binneland is 'n aftreksel van jong renosterbosblaartjies in wyn of brandewyn vir die verligting van koliek en spysverterings-probleme gedrink. Suikerbosstroop is vir hoes en lugpyponsteking ingeneem, terwyl ingesmeerde bokvet die aangewese raat vir borskwale was. 'n Aftreksel van bokmis moes masels laat uitslaan, terwyl 'n pasiënt met inflammasie of infeksie dadelik in die warm vel van 'n pasgeslagde skaap toegedraai is.[420] 'n Katvel, verkieslik swart, is op 'n pynende maag

---

411 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806,* p. 74.

412 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 318.

413 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* p. 121.

414 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 252; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 413.

415 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 132; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 88.

416 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 197.

417 *Ibid. II,* p. 15.

418 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 132.

419 O.J.O. Ferreira, Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, p. 236.

420 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* pp. 88 - 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geplaas, liddorings is met slangvel bedek en moedersmelk vir die seer oë van 'n baba gebruik.[421] Kruidjie-roer-my-nie is as gorrelmiddel vir mond- en keelaandoenings ingespan, terwyl alle dele van die kapokbos *(Eriocephalus)* as urienafdryfmiddel vir watersug aangewend is.[422] Wilde knoffel is vir longkwale, bitterwortel en wilde kardamom vir koliek, [423] dagga en rou vet vir oogseer, dagga-ekstrak vir geelsug en rooibeet vir bloedarmoede gebruik. Brandewyn en wyn is oor 'n breë spektrum as medikamente ingespan. Dit was veral gebruiklik om een of ander krui of geneesmiddel op brandewyn te laat trek en te gebruik, soos met onder meer kamfer-, boegoe- en koekmakrankabrandewyn die geval was.[424] Heuningtee is voorts as versterkmiddel ingeneem.

Plaasslawe was veral aan slangbyt blootgestel. Dié probleem is op verskeie interessante maniere aangespreek. Volgens De Jong was die mees algemene gebruik om 'n groot boerboontjie of goewerneursboon oop te sny en die plat kant op die bytplek te plaas, wat dan die gif moes uittrek.[425] In sommige gevalle is die bytplek met asyn gewas. Gedroogde waterskilpadbloed, waarvan 'n paar knypies inwendig geneem en 'n bietjie op die bytplek geplaas is, is ook gebruik.[426] As wonderkuur teen slangbyt is die slangsteen oor die algemeen hoog aangeslaan. Tydens sy reise is so 'n slangsteen op Tulbagh aan Thunberg getoon. Volgens hom is dit hoofsaaklik vanaf Malabar uit die Ooste ingevoer en aan die Kaap teen 10 tot 12 riksdaalders verkoop.[427] Die steen was rond, konveks aan die een kant met 'n swarterige kleur en 'n ligte asgrys kol in die middel. Nadat die bytplek eers met 'n skeermeslemmetjie oopgesny is, is die porieuse slangsteen op die wond geplaas waar dit vasgesuig en later, sodra dit van die gif versadig was, afgeval het. Die steen is daarna in melk geplaas om dit van die gif te suiwer.[428] Volgens die siniese Barrow was die wonderbaarlike slangsteen niks anders as "a piece of bone of some animal made into an oval shape and burnt round the edges as so to leave a whitish spot in the middle".[429]

Uit die dagboeke en reisbeskrywings is af te lei dat daar by die helende mineraalbaddens van Zwarteberg (Caledon),[430] wat ook as Hottentots-Hollandbad bekend was, sowel as by Brandvlei naby Goudini [431] aparte en uiters primitiewe geriewe vir siek slawe en Khoikhoi was. Die koloniste het 'n vaste geloof in die genesingskrag van dié gesondheidsbronne gehad [432] en

---

421 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* p. 124.

422 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 161.

423 *Loc. cit.*

424 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* pp. 125 - 126.

425 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 197.

426 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 43 en 227.

427 *Ibid.,* p. 64.

428 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 64.

429 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 140 - 141.

430 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 98; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 178; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 185; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 51; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 150.

431 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 125.

432 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 178.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binnelandse boere het ook hulle kroniese siek slawe en Khoikhoi-arbeiders, met die hoop op genesing, daarheen gestuur. In haar dagboekie het Johanna Duminy tydens 'n besoek aan die Hottentots-Hollandbad melding gemaak van Mevrou du Toit wat haar siek slavin na die bad gebring het. Nadat die slavin gedros het, het Mevrou du Toit na drie dae maar huiswaarts gekeer, aangesien "sij die gedurige tijt aan de bat was geweest om die mijt".[433] Johanna Duminy het self een van haar siek slavinne, met die hoop op genesing, na die bad gestuur en in November 1793 in haar kasboekie die bedrag van 7 riksdaalders "aan ian van de bat voor een mijt daar is geweest" aangeteken.[434] Tydens Burchell se besoek aan die mineraalbronne te Brandvlei, was daar juis 'n slaaf en Khoikhoiman wat om gesondheidsredes deur hulle eienaars na die helende waters gestuur is.[435] By geleentheid moes Sparrman ook na 'n jong Malgassiese slaaf, wat weens 'n driejaarlange verswering aan sy been na die bad gestuur is, omsien.

Behandeling by die mineraalbaddens het behels dat die gebruiker van die bad vir agt tot tien minute in die water wat tot by sy ken gekom het, moes sit. Sodra die pasiënt se polsslag verhoog en duiseligheid begin intree het, is hy uitgehelp en toegemaak om vir 'n kwartier te sweet en indien hy/sy dit sou verkies, koue water te drink. Daarna is hy vinnig in die bad gewas, gevryf en afgedroog. By geleentheid het die verkeerde gebruik van die bad tot die dood van 'n slaaf aanleiding gegee.[436]

In die binneland het redelike en beskaafde eienaars in die kraambehoeftes van hulle slavinne voorsien deur te sorg dat betroubare vroedvroue na hulle omsien. By drie geleenthede is daar inskrywings in die kasboekie van Johanna Duminy waarvolgens sy Hanna, die bakervrou, 4 tot 6 riksdaalers betaal het vir kraamdienste wat aan haar slavinne gelewer is.[437]

Uit voorgaande ondersoek na die fisiese behoeftes en -versorging van die Kaapse slawe kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, alhoewel slawerny in wese 'n misdaad teen die mensdom was en eties, sowel as moreel moeilik regverdigbaar is, dit aan die Kaap tog wel met "klein genadetjies" geseën was. In vergelyking met ander slawegemeenskappe wêreldwyd is die Kaapse slawe relatief goed behandel en versorg. Mishandeling was eerder die uitsondering as die reël. Die behandeling en versorging van slawe het weens bepaalde faktore, soos onder meer isolasie en vermoëndheid van die eienaar, binne die drie identifiseerbare kultuurstreke verskil, terwyl daar ook duidelik differensiasie ten opsigte van die behandeling van die verskillende slawegroepe binne die onderskeie streke was. 'n Hemelsbreë verskil het byvoorbeeld bestaan in die behandeling en versorging van die manlike Kompanjieslawe van Mosambiekse afkoms wat as algemene arbeiders ingespan is of die plaasslawe in die afgeleë binneland enersyds en die Kaapsgebore, selfs huisgebore halfslag slavinne, wat in die Kaapstadse privaathuishoudings as soogvrouens, kinderbediendes en lyfbediendes diens verrig het, andersyds. In baie gevalle is die goeie versorging van slawe deur die eiebelang van die eienaar geïnspireer. As deel van sy bates wat saam met die vee en meubels gereken is, het 'n swak of siek slaaf 'n verlies aan produksie beteken, terwyl die dood van 'n slaaf deur die handelsgeoriënteerde Kaapse slawe-eienaar as 'n gevoelige finansiële slag gereken is. Alhoewel die motiewe nie altyd so suiwer was nie, het die Kaapse slawe wel in 'n bepaalde opsig voordeel getrek uit die feit dat eienaars deur materiële oorwegings genoop was om na die fisiese behoeftes van hulle "lewende bates" om te sien.

---

433 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* p. 106.

434 *Ibid.,* p. 342.

435 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 125.

436 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898,* p. 89.

437 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 340, 343 en 354.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK IV

GEESTELIKE LEWENSWYSE EN -VORME : BEHOEFTEVOORSIENING EN MANIFESTASIES

Om 'n vollediger beeld van die slawe se lewenswyse aan die Kaap te kry, is 'n determinering van hulle geestelike lewensvorme nodig. Die vorm, struktuur en funksie van dié aspek van die Kaapse slaaf word duidelik weerspieël in die reaksie van die Kompanjie, sowel as privaat-eienaars in die stad, akkerbougebied en die afgeleë binneland op die geestelike behoeftes van hulle slawe, die mate waarin dit geakkommodeer is, die hantering daarvan en die gevolge wat daaruit voortgespruit het. As die relatief goeie fisiese versorging van die Kaapse slawe oorwegend deur die eiebelang, hebsug en die angs vir ekonomiese verlies van die eienaars geïnspireer is, sou slawe-eienaars dit nog moeiliker vind om binne die konsep van slawerny die slaaf as meer as 'n blote liggaam met 'n prysetiket, wat om materiële voordeel, net soos ander lewende hawe, fisies onderhou en versorg moes word, te beskou. Die geestelike behoeftes van slawe het eienaars met hulle morele gewete gekonfronteer en veral op ekonomiese gebied eise gestel wat 'n groot uitdaging aan eienaars was. Geestelike lewensvorme behels voorts die sosiale, religieuse en kulturele manifestasies rondom verhoudings, verbintenisse, huwelike, geboortes, vryetydsbesteding en feesdae, sowel as die vorm, struktuur en funksies met betrekking tot huishoudelike en amptelike dissipline, sowel as vrystelling van slawe.

Onderwys en Opleiding

Wat formele skoolopleiding betref, het die Kompanjie van al die slawebesittende groepe aan die Kaap, die grootste mate van morele verantwoordelikheid teenoor die slawe in sy diens sowel as slawekinders wat in die losie gebore is, aan die dag gelê.[1] Voor 1658 is kinders Sondae na die kerkdiens deur Willem Wijlant onderrig.[2] Die eerste formele slaweskool is op 17 April 1658 deur die Kompanjie ingestel.[3] Dit was 'n direkte gevolg van die eerste groep slawe wat op 28 Maart 1658 by die Kaap aangeland het en waarvan die meerderheid jong seuns en dogters tussen die ouderdomme van sewe en agt jaar was.[4] In 1661 is melding gemaak van die sieketrooster Pieter van der Stael wat "des Compagnie's slaven ende de Hottentoos in de Nederlantsche tale ende Christelijcke leere is onderwijsende".[5] Die taak het hom te beurt geval aangesien hy "seer goet ende prompt in't lesen van recht Hollants Nederduyts" was en oor 'n grondige kennis van die teologie beskik het.[6] Sy aanstelling was 'n

---

1 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 347.

2 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 92.


3 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 100; P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795: 'n kultuurhistoriese studie*, p. 3.

4 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company, 1652 - 1795*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 482.

5 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 344.

6 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 95; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 31: 'n Uittreksel uit die dagregister van Jan van Riebeeck van 17 April 1658 waarin hy onder meer melding maak van "een croesjen brandewijn en 2 duym taback" wat as beloning en aansporing aan die einde van 'n skooldag aan die volwasse leerlinge van die eerste skooltjie aan die Kaap gegee is.

Uit: V. de Kock, *Those in bondage* (London, 1950), teenoor p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weerspieëling van die noue band tussen kerk en skool en 'n aanduiding van die belangrike rol wat die skool in die kerstening van slawe en die plaaslike bevolking moes speel. Die leerplan wat op die Christelike leer geskoei was en hoofsaaklik die Christelike gebede en Heidelbergse kategismus ingesluit het, was oorwegend daarop gerig om slawe vir kerklidmaatskap voor te berei [7] en om die Nederlandse taal aan die slawekinders te leer.

Die heel eerste skooltjie is in die oggende deur onder meer jong en volwasse slawe, Khoikhoi en blanke kinders bygewoon. Aan die einde van die skooldag is die volwasse slawe met "een croesjen brandewijn ende 2 duym taback" beloon [8] **(Fig. 31)**. 'n Bywoningsregister waarin die name van al die leerlinge aangeteken was, is daagliks bygehou. Hierdie eerste skooltjie is deur Van Riebeeck met groot erns benader. Met die oog op die vestiging van 'n goeie skoolprogram en deeglike dissipline, het hy onderneem om self tydens die eerste paar dae van die skooltjie se bestaan teenwoordig te wees.[9] Op 22 Desember 1687 het 'n resolusie van die Politieke Raad bepaal dat geen burgerslawe tot die losieskool toegelaat mag word nie.[10] Later in die agtiende eeu is die burgers wel toegelaat om hulle slawekinders na die Kompanjieskool te stuur.[11]

Met sy vertrek na Oos-Indië in 1663, is Pieter van der Stael deur Ernestus Back as sieketrooster en onderwyser opgevolg, "om dese Caepse schoolkinderen, soo Duytse [Nederlandse] als swarte, alle dagen neerstigh te leeren leesen en cathegiseren".[12] Dié skooltjie het toe uit twaalf blanke kinders, 'n "Hottentoosje" en vier slawekinders genaamd Armasie, Crisme, Zou en Basol bestaan, terwyl die Politieke Raad van wense was dat al die gedoopte kinders van Kompanjieslavinne, veral die van Europeërvaders, voortaan hier onderrig sou ontvang.[13] Back is deur die owerhede toegelaat om onderwysfooie teen 'n halwe reaal van die Europeërouers te verhaal, terwyl slawe- en Khoikhoikinders op gratis onderwys geregtig was.[14] Ernestus Back is deur Daniel Engelgraaff as onderwyser opgevolg. Na 'n goeie dienstyd is hy op 13 September 1666 aan die Kaap oorlede.[15] Sy opvolger, Alexander Carpius, wat in 1671 as sieketrooster en om " 't onderwijsen van 's Compagnies slaeven-kinderen" na die Kaap gekom het, het hom ewe goed van sy taak gekwyt.[16] Na die aankoms van die groot besending Malgassiese slawe in 1676, het die Politieke Raad op aanbeveling van die Kerkraad

---

7 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 171.

8 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 95; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 277.

9 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 100; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 277.

10 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 189; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 179.

11 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Argiefstukken lopende over het jaar 1779,* pp. 93 - 94.

12 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* pp. 108 - 109.

13 *Loc. cit.*

14 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 83.

15 *Ibid.*, p. 189; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 101 - 102.

16 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 77 - 78.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besluit om aandag te gee aan die aanstelling van 'n skoolmeester om die slawekinders "in leesen en schrijven, en in de fondamenten van de Christelijke religie" te onderrig.[17] Dié aparte skool vir "swart" kinders sou veral die slawekinders akkommodeer. Die skoolgeld is as volg bepaal: kinders wat die alfabet geleer het, moes ses dubbeltjies betaal, die wat in spel en lees onderrig is, tien dubbeltjies, terwyl die wat rekenkunde geneem het, sestien dubbeltjies per maand moes betaal.[18] Dié leerlinge wat deur die kerkfonds onderhou is en dié wat dit nie kon bekostig nie, is "uit liefde vir God" gratis onderrig.[19]

Met die besoek van kommissaris-generaal Van Rheede in 1685 het slaweopvoeding aan die Kaap 'n hupstoot gekry. In sy instruksies het hy pertinent opdrag gegee dat 'n deel van die kinderkwartiere in die slawelosie uitsluitlik as skool vir kinders jonger as twaalf jaar ingerig moes word.[20] Die mulat Jan Pasqual van Batavia is as onderwyser vir die seuns aangestel, terwyl die vry slavin Magriet van die Kaap as matres die jong dogters onder twaalf moes onderrig.[21] Volgens Van Rheede moes die leerplan van die skool wat van soggens agtuur tot smiddags vieruur sou duur, die Christelike gebede, psalmgesange, kategismus, die beginsels van die Christelike godsdiens, sowel as onderrig in goeie Christelike sedes en maniere in die Nederlandse taal insluit.[22] Woensdae en Saterdae sou hulle vrae oor die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip moes beantwoord. Die kinders bo twaalf wat saam met hulle ouers werk toe gegaan het, is toegelaat om twee maal per week die middagklasse by te woon. Alle kinders moes Sondae twee keer die kerk onder toesig van die skoolmeester besoek en na afloop van die erediens vrae uit die kategismus beantwoord.[23] 'n Stel skoolreëls wat deur Van Rheede opgestel is, is aan die skoolmeester oorhandig.[24] Van Rheede het dit beklemtoon dat hierdie skool slegs vir Kompanjieslawekinders sou wees, terwyl die huis van dominee Johannes Overnij as skool vir die vryburger- en ander blanke kinders sou dien.[25] Die taak om twee keer per week die slaweskool te inspekteer, is ook aan dominee Overnij opgedra.[26] Die erns waarmee die Kompanjie die skolastiese opvoeding van die Kompanjieslawekinders benader het, is voorts af te lei uit die voorsiening wat telkens vir 'n skoollokaal gemaak is tydens die vele male dat die slawelosie verskuif, opgeknap of vergroot is.[27]

---

17 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 160; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II,* p. 265.

18 G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 149.

19 *Loc. cit.*

20 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 205.

21 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 102.

22 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 205.

23 *Ibid.*, p. 189; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 47.

24 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* pp. 204 - 205; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 103.

25 G.M. Theal (red.), *Belangrijke Historische Documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders*, p. 42.

26 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* pp. 205 - 206.

27 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 161 - 162; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 488.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel goeie skoolmeesters 'n noodsaaklikheid vir die losieskool was, blyk dit dat nie almal wat dié belangrike taak moes verrig van edel imbors was nie. Op 15 September 1687, twee jaar na sy aanstelling as skoolmeester, is Jan Pasqual ontslaan, in die Kasteel gevange gehou en uiteindelik as bandiet na Mauritius verban nadat bevind is dat hy "met verscheide meisjes of dogtertjes" in die slaweskool "te meermalen vuijle onkuijsheden en vleeslijke lusten gepleegd ... hebben".[28] Hy is opgevolg deur die halfslag Kompanjieslaaf Claas Cornelisz van die Kaap wat 'n man van "goeden wandel en vereijschte bekwaamheid" was en wat voortaan vir sy dienste 'n maandelikse vergoeding van drie reale, sowel as gratis kos en klere sou ontvang.[29] In 1706 het dominee Le Boucq 'n klag ingedien en aanbeveel dat die swart skoolmeester Daniel Rodrigo van Batavia, wat 'n gemerkte bandiet was, van sy pos as skoolmeester onthef moes word.[30] In 1779 is 'n onderbetaalde skoolmeester daaraan skuldig bevind dat hy sy leerlinge verwaarloos het deur bykomende werk te verrig om sy gesin te onderhou. Die probleem is dadelik deur die Politieke Raad aangespreek deur sy salaris van twee reale na drie riksdaalders per maand te verhoog, terwyl hy ook 'n dubbelrantsoen brood en vleis sou ontvang.[31]

Sedert Van Rheede se besoek en daaropvolgende instruksies, was die onderwysers van die slaweskool gewoonlik "gekwalifiseerde" slawe wat dopelinge van die Kaapse Kerk was, in die beginsels en praktyke van die Gereformeerde geloof opgelei en in die Nederlandse taal onderleg was. Hulle het gewoonlik 'n klein beloning of "tractement" van die Kompanjie ontvang wat hulle kon spaar om uiteindelik hulle vryheid te koop.[32] In sy studie oor onderwys in die Kompanjiestyd maak P.S. du Toit redelik breedvoerig van die slaweonderwysers in die losie melding.[33] Na vier jaar diens as "meesteres in 's Comp.[s] Slave Logie" het Presenna "van de Caab" in 1724 om haar vryheid aansoek gedoen.[34] Op 20 Maart 1764 het Anna van Jacoba haar vryheid verkry op voorwaarde dat sy, tot 'n ander bekwame "matres" in haar plek gevind kon word, "den dienste als schoolmeesteresse in Komps. Slaven Logie" sou waarneem.[35] In November 1731 het Jan van Manda na herhaalde versoeke sy vryheid verkry en daarna as bevryde slaaf voortgegaan om die slaweseuns te onderrig.[36] Na betaling van die gebruiklike 100 guldens "vrykoopspenninge" is die slaaf Hans Jacob Jurgen, ook bekend as Hans Jacob van Mariabeen, op 2 Junie 1774 na vyftien jaar diens as skoolmeester in die slawelosie vrygestel.[37] In 1751 het die slaaf Christoffel Stents van die Kaap, ook bekend as Christoffel van Simosia, na die betaling van 100 gulden, sy vryheid verkry. Na negentien jaar diens as

28 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (Hierna K.A.B.): CJ. 2: Oorspronklike Regsrolle en Notule (Crimineel en Civiel), 1687-07-11; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 170; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 48.

29 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 170 - 171.

30 C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I*, p. 69.

31 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1779,* pp. 91 - 92 en 94.

32 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 105.

33 P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795*, pp. 180 - 181.

34 *Ibid.*, p. 180.

35 K.A.B.: C. 142: Resolutiën, 1764-03-20.

36 K.A.B.: C. 88: Resolutiën, 1731-11-08.

37 K.A.B.: C. 122: Resolutiën, 1744-06-02.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skoolmeester het hy as vrygestelde egter voortgegaan om die slaweseuns in die losie te onderrig.[38] In die *Resolusies van die Politieke Raad* word onder meer van die slavinne Armozijn van die Kaap en Manda wat "matresse" in die losieskool was, melding gemaak.[39]

Reeds in 1687 het Simon van der Stel 'n toespraak gelewer waarin hy die belangrikheid van onderwys aan die Kaap beklemtoon het en die rol van skole in die ontwikkeling van goeie deugde onder die vry-, sowel as slawekinders as 'n belangrike prioriteit voorgehou het. As motivering vir die skoliere het hy aanbeveel dat 'n jaarlikse kompetisie tydens die Kerstyd gehou word waartydens die vry- sowel as slawekinders se lees-, skryf- en rekenvermoë, sowel as hulle kennis van die Gereformeerde geloofsartikels getoets kon word. Alhoewel die slawekinders nie vir die pryse in aanmerking sou kom nie, "sullen sij hoofd voor hoofd met een soete koek beschonken werden", om hulle "in hun ijver tot het leeren aan te prikkelen".[40]

Met verloop van jare het die leerlinge in die slawelosieskool toegeneem. In 'n verslag aan Joachim van Plettenberg (1739 - 1793) van 1779 het 'n Kaapstadse skoolinspekteur melding gemaak van die losieskool wat deur 44 Kompanjieslawekinders en 40 (43%) vryburger-slawekinders bygewoon word.[41] In 1822 tydens die Britse bewind het William Bird as volg oor die slaweskool in die losie berig: "There is a school for the children where they are instructed in reading, writing &c. and they make fair proficiency according to their age."[42] In dié tyd is die losie-onderwyser deur die Britse militêre owerhede betaal.

Behalwe 'n bepaling in 1685 deur Van Rheede dat volwasse slawe op twee middae van die week in "de religie en het Christengelooff" onderrig moes word, was die opleiding van volwasse Kompanjieslawe hoofsaaklik op die in-diens-opleiding van aspirant vakmanne en ambagslui gerig wat uiteindelik in die arbeidsbehoeftes van die Kompanjie kon voorsien. Ingevolge 'n resolusie van 28 Desember 1676 is besluit om "twee of meer en van de gaanste swarte jongetjies" as leerjonge saam met elke smid, timmerman, messelaar of ander bekwame vakman te plaas sodat hulle uiteindelik as knap ambagslui in diens van die Kompanjie aangewend kon word.[43] In 1685 het kommissaris H.A. van Rheede met die oog op die toevoeging van ambagslui tot die Kompanjie se arbeidsmag, 'n soortgelyke voorstel aan Simon van der Stel gemaak. Om sekere vaardighede en bekwaamhede te bemeester, moes slawe onder toesig van bestaande Kompanjiesambagslui, soos wadrywers, messelaars, skrynwerkers en ander vakmanne, werk. Sodra hulle die betrokke vaardigheid onder die knie gehad het, moes die slawe dit op hulle eie doen. Hiermee sou die werklas van diegene in die Kasteel aansienlik verlig word.[44] Op 19 April 1708 is dieselfde konsep ten opsigte van

---

38 K.A.B.: C. 129: Resolutiën, 1751-04-27.

39 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 203.

40 *Ibid. III,* p. 179.

41 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1779,* pp. 90 - 95.

42 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 79.

43 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 164; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687,* p. 149.

44 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 216.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in-diens-opleiding van slawe deur kommissaris Cornelis Joan Simons geopper.[45]

Die Kaapse slawe-eienaars het weggeskram van die formele skolastiese onderrig van hulle slawe, klein sowel as groot, aangesien skoolopvoeding aan die Kaap hoofsaaklik as voorbereiding vir die aanneming van 'n slaaf in die Kaapse Kerk gedien het. 'n Wet wat in 1770 uitgevaardig is, het voorts bepaal dat gedoopte slawe op hulle vryheid geregtig was en nie verkoop mag word nie.[46] Dit sou by implikasie 'n verlies aan verhandelbare eiendom vir die eienaar beteken. In 1806 het Hudson die reaksie van veral die Kapenaars van Nederlandse afkoms op die skolastiese opvoeding van slawe opgesom:

> Ask a Dutchman if he ever thinks of giving a Slave any education to make them more useful in his concerns. Education! Do you suppose me Mad? learn a Slave to read and write? what? Put it in his power to do me every injury make known all my secrets and give him power to cheat me with greater security? No. No ...[47]

Afgesien van bogenoemde negatiewe houding jeens skolastiese opvoeding, het veertig slawe van dorpsburgers in 1779 die Kompanjieskool in die losie bygewoon. Alhoewel daar aanvanklik deur kommissaris Van Rheede bepaal is dat geen slawekinders die ander skole vir burger- en amptenaarskinders in Kaapstad mag bywoon nie, het die bywoningsyfers in 1778 - 1779 aangetoon dat 82 slawekinders (11,8%) in privaatbesit wel dié agt skole bygewoon het.[48] In 1812 het John Campbell ook melding gemaak van slawekinders in privaathuishoudings wat skool toe gestuur is.[49] In 1822 het William Bird van 'n aantal "vryskole" melding gemaak waar slawe volgens ene dr. Bell se leerplan in lees en skryf onderrig ontvang het.[50] Alhoewel Bird beweer het dat die skole deur ongeveer 400 slawe bygewoon is, het 'n opname in 1823 aangedui dat 1 162 slaweleerlinge in hierdie skole in Kaapstad onderrig is.[51] Daarbenewens het 'n paar Christenindiwidue hulle ook met slaweopvoeding bemoei, van wie die weduwee Smith 'n bekende was.[52] In 1823 het die sendeling John Campbell die volgende beskrywing van sy besoek aan hierdie skooltjie gegee:

> On the 17th I visited, in the morning, Mrs. Smith's free school for slaves, which meets two or three times a week, and contains about one hundred and fifty people, black and brown, from six to thirty years of age. Mrs. Smith sat on an elevation in the centre of the meeting-house, and concludes the service by a solemn prayer. Several ladies, and three or four males, assisted in the instruction of the scholars.[53]

---

45 C.J. Simons, *Instructiën gedateerd 19 April 1708 door Commissaris Cornelis Joan Simons,* p. 28.

46 K.A.B.: C. 2322, nrs. 8, 9 en 10: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

47 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

48 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 105 - 106.

49 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 20.

50 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 78.

51 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 171.

52 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 23; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 78.

53 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 23 - 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1822 het William Bird die onbaatsugtige toewyding van weduwee Smith aan Christelike slaweonderwys geloof.[54]

Na die afskaffing van die oseaniese slawehandel in 1808 deur die Britse Parlement, is slawe van gebuite slaweskepe (ook prysslawe genoem) vir veertien jaar as vakleerlinge aan Kapenaars toegewys op voorwaarde dat hulle goed behandel sou word en ook in lees en die beginsels van die Christelike godsdiens onderrig moes word. John Campbell het besoek aan 'n skool gebring waar twintig van dié slawe, wat tussen agtien en twintig jaar oud was, onderrig ontvang het. Dié skool het die volle ondersteuning van kommissaris Shiels geniet.[55]

Die Proklamasie van 1823 het Christenslawebesitters beveel om slawekinders in hulle huishoudings na die vry regeringskole te stuur.[56] Daar was egter geen straf vir oortreders aan die opdrag gekoppel nie. Eienaars het hulle gevolglik nie aan die bepaling gesteur nie en volgens William Wright het relatief min slawe die vryskole in Kaapstad en omstreke bygewoon.[57]

Met die oog op die kerstening van slawe en inboorlinge deur middel van onderwys, het die *South African Missionary Society (SAMS)* in 1823 die *Cape Town Auxiliary* gestig. In een van die skole in Dorpstraat is dag-, aand- en Sondagskoolklasse vir kleuters, jeugdiges en volwassenes ingestel. Leerlinge is in die Nederlandse sowel as Engelse taal, lees, skryf, rekenkunde, aardrykskunde, geskiedenis en teken onderrig. Die meisies het ook opleiding in naaldwerk ontvang. Beide skole van die *Cape Town Auxiliary* in Dorp- en Barrakstraat moes sterk met die Islam vir nuwe bekeerlinge onder die Kaapstadse slawe kompeteer.[58] Die teësinnigheid van Christenslawebesitters om hulle slawe aan skoolonderrig bloot te stel, het aan die Moslemgemeenskap die geleentheid gebied om in die behoefte van slaweonderwys te voorsien. Net soos die staatskole, het dié godsdiensskole toegang aan almal verleen.[59] In 1793 is die eerste Islamitiese godsdienskool of *madrasah* vir vryswart- en slawekinders te Dorpstraat deur imam Abdullah ibn Kadi Abdus Salaam, of beter bekend as Tuan Guru, gestig.[60] Hy was ook die leermeester van die skool waarvan die hoofteksboek en verwysingsgeskrif die 600-bladsy lange *M'arifatul Islámi wal Imái* [61] (Manifestasies van Islam en Geloof) was wat hy in 1781 tydens sy gevangenskap op Robbeneiland geskryf het en waarin hy die *Ash'arite*-filosofie van die *Sunnisme* binne die Islamteologie beredeneer en uitlê.[62] Leerlinge van die Dorpstraat *madrasah* is in die lees en beginsels van die Koran

---

54 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 78.

55 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

56 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 359.

57 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 5

58 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

59 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 94.

60 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 78; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 44 - 45.

61 Abdullah Kadi Abdus Salaam, *M'arifatul Islámi wal Imái*, Ongepubliseerde handgeskrewe Arabiese manuskrip, Kaapstad, 1781.

62 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderrig, terwyl hulle ook ingelei is in die Shafeeleerstelling binne die Islam, waarvan Tuan Guru met sy Indonesiese herkoms, 'n aanhanger was.[63] Die Islamitiese godsdienstige rituele, die lees en skryf van die Maleise, sowel as Arabiese taal en rekenkunde was voorts deel van die kurrikulum.[64] Die Dorpstraat *madrasah* sou hiermee 'n belangrike inisiatief in die geletterdheid van Kaapse slawe neem. Uit die volgende aanhaling blyk dit dat hierdie skooltjie in 1807 die aandag van die Graaf van Caledon getrek het:

> The Earl of Caledon, who preceded Sir John Cradock as Governor had been convinced that, if the slaves were left in a state of ignorance, they would fall prey to the zeal of the Mohammedan priest, who at the time were conducting a school in Cape Town that was attended by 375 slave children. They were taught the precepts of the Quran, and to read and write Arabic.[65]

Die snelle groei van die Dorpstraat *madrasah* het in 1798 tot die totstandkoming van die eerste moskee in Kaapstad gelei.[66] Volgens die Colebrooke en Bigge Kommissie, het die Dorpstraat *madrasah* in 'n opgawe van 1825 – sewentien jaar na die eerste leermeester, Tuan Guru, se dood – 491 ingeskrewe vryswart- en slaweskoliere gehad met imam Achmat van Bengalen as leermeester.[67] Die aanvanklike onderrigmedium van die Dorpstraat *madrasah* was die Maleise taal, maar sedert 1815 is Kaaps-Hollands as medium gebruik.[68] Dié skool was ook die bakermat van die geskrewe taal van die Kaapse Moslemgemeenskap, naamlik Arabies-Afrikaans. In wese was hierdie taal Kaaps-Hollands, (die sogenaamde "Kitchen Dutch") wat in die Arabiese skrif geskryf is.[69] Dié taal is tot in die dertigerjare van die twintigste eeu algemeen deur die Kaapse Moslemgemeenskap gebesig. Die vroegste geskrewe Afrikaanse tekste is aantekeningboeke van vroeë Moslemstudente, sowel as rituele handleidings. In 1856 is die eerste Arabies-Afrikaanse werk gedruk. Dit was die *Al Qawal Al Matim*, wat die eerste Afrikaanse boek in Romeinse skrif, naamlik *Zamespraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* deur W.H. Meurant, met ses jaar voorafgegaan het.[70] In 1873 is die *Bayannuddin,* wat deur Abubakar Effendi geskryf is, gedruk.[71]

Teen 1823 was daar nog 'n moskee en groot *madrasah* in Langstraat, sowel as verskeie kleiner Islamitiese godsdiensskole in die Kaapstadse slawe- en vryswartgemeenskap.[72] Teen

---

63 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 96.

64 *Ibid.*, p. 102; A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, pp. 87 - 88.

65 M. Horrel, *The education of the Coloured community in South-Africa, 1652 - 1970*, p. 10.

66 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 93.

67 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 210.

68 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 89.

69 A. Davids, *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 - 1915,* M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1992, p. 38.

70 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45; *Cape Times*, 1952-02-01, p. 9.

71 A. Davids, *The early Muslims at the Cape, 1652 - 1800,* p. 11.

72 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1832 het minstens 12 godsdiensskole vanuit die huise van imams gefunksioneer.[73] In 1838 het selfs 'n Christenleraar, eerwaarde James Willis Sanders, sy bewondering en waardering vir die toewyding van die imams ten opsigte van slaweopvoeding uitgespreek.[74] Volgens die getuienis van die Moslempriester Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie het Moslemkinders ook die skole vir kinders van Europese afkoms bygewoon.[75]

Alhoewel die Kaapse burgers geneig was om die skoolonderrig van slawekinders in hulle huishouding te verwaarloos,[76] is die opleiding van slawekinders in die een of ander ambag of nering nie agterweë gelaat nie. Opgeleide ambagslawe was waardevol, aangesien hulle op sigself in verkoopstransaksies hoë pryse behaal het en hulle dienste tot die beste finansiële voordeel van hulle meesters aangewend kon word, soos Thunberg tereg opgemerk het: "... slaves ... learn various trades, by which they bring their masters considerable profit, especially such as are taylors, carpenters, bricklayers, or cooks." [77] Ambagslawe het in die behoeftes van die huishouding, soos klere, skoene, pruike, meubels, wonings en so meer voorsien, terwyl hulle dienste ook tot voordeel van die eienaar uitverhuur is. Ambagslawe is toegelaat om op 'n semi-onafhanklike basis en teen betaling van 'n vasgestelde bedrag per week of per maand aan die eienaar, hulle eie "koelij geld" te verdien.[78] "Some of these, indeed, are artificers, and are hired out at certain rates for the day, week of month", aldus Barrow.[79] Soms het die geskoolde ambagslawe wat aan verskeie persone uitverhuur is, 'n vaste inkomste vir hulle meester ingebring, terwyl dit in sommige gevalle die enigste bron van inkomste vir die eienaar was.[80] Dit was 'n algemene gebruik aan die Kaap om by die geboorte van 'n kind 'n slaaf of slawe aan hom te skenk wat aanvanklik eers as oppasser vir die jong kind opgetree en later, deur die beoefening van 'n ambag, vir sy jong meester geld verdien het. Op dié wyse het 'n groot aantal Kaapse kinders 'n aansienlike maandelikse inkomste ontvang waaruit hulle hulle vermake en oordadige genietinge kon finansier.[81] Hudson verwys juis ook na 'n welvarende Kapenaar waarvan die grondslag vir sy rykdom op dié wyse gelê is.[82] Opgeleide ambagslawe was dus onteenseglik 'n ekonomies waardevolle besitting. "From principles of economy, every individual Dutchman employed his slave at some trade; and besides obtained money hy hiring him out, or selling the produce of his labour", aldus Percival.[83] Intelligente Kaapsgebore slaweseuns en -dogters wat uit verbintenisse tussen slawe en Europeërs gebore is, was veral

---

73 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 90.

74 *Ibid.*, p. 91.

75 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 208.

76 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172.

77 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

78 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

79 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

80 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34

81 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 67.

82 *Loc. cit.*

83 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 247 - 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskore om in 'n ambag opgelei te word. Hierdie halfslag slawekinders was op 'n jeugdige ouderdom reeds bruikbaar en vir opleiding in een of ander ambag bestem.[84]

Wat die opleiding van ambagslawe betref, is kontrakte soms aangegaan ingevolge waarvan een Europeër onderneem het om die slaaf van 'n ander Europeër in 'n bepaalde ambag of vak op te lei. So het 'n Kompanjiesoldaat, ene J.B. Rudolph, onderneem om 'n slaaf van Daniel van Ryneveld teen 'n vasgestelde bedrag binne 'n tydperk van vyf jaar in kleremakery op te lei.[85] Dié ooreenkomste was egter nie net tot Europeërs beperk nie. In 1755 het die vryswartvrou Maria van die Kaap 'n ooreenkoms met Daniel Scheg aangegaan ingevolge waarvan hy haar seun vir agt jaar in kleremakery sou oplei.[86] Sommige slawe is onder meer ook as pruikemakers opgelei.[87] In die *Slaweregister* van die negentiende eeu is talle voorbeelde van jong slawe wat as vakleerlinge opleiding ontvang het.[88]

Wat die onderwys van slawe op die akkerbouplase betref, was die situasie nie so rooskleurig nie. Toegang tot onderwys was beperk weens die afstande van die naaste dorpe en bowendien het boere die skolastiese onderrig van hulle slawe as onnodig beskou.[89] In enkele gevalle is slawekinders in die huishouding saam met die burgerkinders deur die gehuurde kneg-onderwyser op die plase onderrig. In sy navorsing oor privaatskoolmeesters aan die Kaap kon J. Hoge slegs twee gevalle opspoor waar slawe deur 'n meester onderrig is. Volgens hom was die kontrak wat die oud-heemraad van Drakenstein, Pierre Rousseau, met Gerrit Daveman gesluit het die enigste kontrak waarin bepaal is dat die gehuurde skoolmeester ook die slawe van die eienaar moet onderrig.[90] In die boedelinventaris van Martin Melck, wat in lewe die eienaar van ongeveer tweehonderd slawe op sy akkerbouplaas Elsenburg was, word daar van 'n klaskamer, skoolbanke en ander skooltoerusting melding gemaak.[91] Hoge het dus 'n heel logiese afleiding gemaak dat slawe en hulle kinders deur 'n skoolmeester in die klaskamer onderrig ontvang het.[92] Hierdie skoolmeesters, wat aanvanklik as soldate en matrose in diens van die Kompanjie was, is deur die Kompanjie as onderwysers aan die boere verhuur.[93] As sodanig was hulle kwalifikasies en bekwaamhede meesal onder verdenking, [94]

---

84 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130.

85 K.A.B.: CJ. 2905, nr. 67: Contracten, 1772-12-23.

86 K.A.B.: CJ. 3037, nr. 33: Notariële Documenten, 1755-02-11.

87 K.A.B.: CJ. 2896, nr. 51: Contracten, 1760-02-02.

88 K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24; SO. 6/12. p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14; SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21; SO. 6/13, p. 67: Register of Slaves, 1816-07-23; SO. 6/13, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-21.

89 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 22 - 23.

90 J. Hoge, Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch,* 15 Junie 1937, p. 26.

91 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I,* p. 53.

92 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 349.

93 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 165.

94 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 98; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 280.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alhoewel hulle in sommige gevalle tog wel op ander gebiede 'n belangrike rol op die plase vervul het.[95]

Wat die dorpskole in die akkerboustreek betref, het die *London Missionary Society* in 'n mate in die behoefte van Christelike slaweonderwys voorsien. In November 1812 het die direkteur van die *London Missionary Society*, John Campbell, tydens sy reise 'n besoek aan sendeling Bakker op Stellenbosch gebring. Bakker het slawe op Sondae, sowel as deur die week onderrig.[96] Campbell het ook besoek aan sendeling Messer op die Stellenbosse plaas van ene Roos gebring, waar Messer die voorafgaande dertien maande die slawe van Roos, sowel as dié van naburige plase onderrig het.[97] Die eerste amptelike slaweskooltjie te Stellenbosch is in 1824 gestig.[98] In 1813 het Campbell melding gemaak van 'n gebou vir slaweonderwys wat in die Paarl deur die Christene aldaar opgerig is.[99] Die leerplanne het waarskynlik lees, die memorisering van Bybeltekste, dele van die Heidelbergse kategismus en gesange behels.[100] Teen 1824 het beide slaweskole in Stellenbosch, sowel as Graaff-Reinet net meer as sewentig slawekinders bedien.[101] In die ander landelike dorpies van die akkerboustreek, waar slawekinders dieselfde skool as die blanke kinders bygewoon het, was hulle bywoningsyfer heelwat laer en minder gereeld as wat op Stellenbosch die geval was. Bowendien het slawekinders ook die blanke skool op Stellenbosch bygewoon.

Isolasie het 'n belangrike rol in die gebrek aan skoolonderrig in die afgeleë binneland gespeel.[102] Op die afgeleë boereplaas was onderwysgeleenthede vir die slawekinders maar skraal, alhoewel "a number of schoolmasters ... are dispersed every where through the country", aldus Burchell.[103] Slawekinders kon maar net hoop op die eienaar se vergunning om saam met sy kinders deur die inwonende "meester" onderrig te word. Soos reeds vermeld, was hierdie meesters gewoonlik oud-soldate of matrose wat in diens van die Regering was [104] en vir tydperke van ses tot twaalf maande aan die boere uitgehuur is.[105] Die kwaliteit van die skoolonderrig was nie na wense nie, aangesien dié meesters nie opgeleide onderwysers was nie en ook ander take op die plaas moes verrig, soos om te help ploeg, terwyl hulle ook behulpsaam was met in die hantering van die boere se transaksies en as voorsanger tydens Sondaggesange moes optree.[106] Op die afgeleë veeplase is dié meesters in die vorm van vee beloon wat aan sommiges die geleentheid gebied het om self 'n veestapeltjie op te bou en

---

95 *Gleanings in Africa,* p. 276.

96 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 24.

97 *Ibid.*, pp. 26 en 38.

98 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* pp. 171 - 172.

99 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 325.

100 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* pp. 171 - 172.

101 *Ibid.*, p. 171.

102 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 82.

103 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 199.

104 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 205.

105 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 199.

106 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 82; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 206.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfstandige boere te word.[107] Onderwys *per se* was dus oor die algemeen nie die belangrikste prioriteit in die afgeleë binneland nie.[108]

Daar is wel gevalle waar die meer gegoede en beskaafde binnelandse boere hulle positief met die skoolonderrig van hulle slawe bemoei het. Hiervan is Johanna Duminy van die plaas Bokrivier in die Overberg 'n goeie voorbeeld. In haar kasboekie verskyn drie inskrywings waar slaweskoolgeld ter sprake is:

- Jan. 1790: school gelt voor de slaaven kinderen, Rds. 2.
- Jan. 1791: schoolgelt voor de slavenkinderen voor een jaar, Rds.10.
- Des.1793: dit schoolgelt slave kinderen.[109]

Daarbenewens het mevrou Duminy een van haar slawe as skoenmaker laat oplei:

- Nov. 1794: aan de schoenmaker gegeven een jongen om te leren en daar gegeven, Rds. 25.[110]

Uit die bestudering van slaweonderwys aan die Kaap is dit duidelik dat daar 'n noue verband tussen onderwys en godsdiens bestaan het. In beide gevalle van die twee hoofgodsdienste aan die Kaap, naamlik die Christendom en Islam, was onderwys nie bloot sekulêr nie, maar het dit 'n oorwegend religieuse grondslag gehad en het die onderskeie godsdienstige leërstellings die kern van die skoolkurrikula gevorm. Van al die slawebesittende groepe het die Kompanjie sy verantwoordelikheid ten opsigte van slaweonderwys relatief die beste nagekom, terwyl die burgers oor die algemeen skepties teenoor die skolastiese onderrig van hulle slawe gestaan het omdat onderwys gewoonlik tot die doop en opname in die Kaapse Kerk en gevolglike beperkings op die verkoop van gedoopte slawe gelei het. Die opleiding in ambagte het, weens eiebelang en materiële oorwegings van die eienaars, wel aandag geniet.

Godsdiens

Tydens Kompanjiesbeheer is die leerstellings en gesag van die Gereformeerde Kerk, wat die "publieke kerk" van Nederland was, deur die VOC in sy buitelandse gebiede gehandhaaf. Aan die Kaap sou dié kerk veral ten doel hê "om de waere Gereformeerde godsdienst op de saghtste doch echter krachtigste wijze in haere waarheid voor te stellen", aldus die Kaapse Kerkraad in 'n brief aan die Klassis Amsterdam in 1734.[111] Volgens I.D. Macrone is daar aan die Kaap statutêr teen mense op grond van hulle geloof gediskrimineer.[112] Mentzel het in die eerste helfte van die agtiende eeu opgemerk dat "... the Reformed faith is the supreme, in fact, the only religion that has a public church ... The Dutch Republic and the Dutch East India

---

107 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 199.

108 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 206.

109 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 333, 335 en 342.

110 *Ibid.* , p. 348.

111 C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I,* p. 175.

112 I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa: historical, experimental and psychological studies,* pp. 7, 40 - 46, 76 - 78 en 134 - 135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Company are anxious to maintain the supremacy of the Reformed faith at the Cape ..." [113] Bekering tot die Gereformeerde Christelike geloof het positiewe gevolge ten opsigte van regstatus en sosiale posisie meegebring, terwyl 'n afwyking van die Gereformeerde Calvinistiese geloof met vooroordeel bejeën is. Sommige gelowe is glad nie aan die Kaap geduld nie, soos in geval van die Rooms-Katolieke geloof wat tot 1804 geen openbare godsdiensbeoefening toegelaat is nie, terwyl sodanige kinders in die Kaapse Kerk gedoop moes word.[114] Alhoewel 'n totale verbod op kerkdienste en enige vorm van geloofsbeoefening van die Rooms-Katolieke geplaas is,[115] is daar aanduidings dat 'n beperkte aantal Kapenaars, waaronder ook slawe, wel tot die Rooms-Katolieke geloof behoort het.[116] Met sy besoek aan die Kaap in die 1780's, het die Franse Jesuïete wetenskaplike en sendeling, vader Guy Tachard (1651 - 1712), melding gemaak van die aantal Rooms-Katolieke Kapenaars, vry mense van diverse herkoms sowel as slawe, wat hom dag en nag in die geheim besoek het.[117] Van die Kaapse slawe wat van die Portugese gebiede afkomstig was, het reeds by hulle aankoms tot die Rooms-Katolieke geloof behoort.[118]

'n Mate van verdraagsaamheid is wel ten opsigte van ander gelowe aan die dag gelê. Aanvanklik is die Lutherane in Kaapstad nie toegelaat om hulle eie predikant te hê nie.[119] Voor 1780 is hulle wel toegelaat om kerkdienste te hou en sakramente in privaathuise te bedien, maar die lui van klokke om die gemeente byeen te bring, is egter verbied.[120] In 1780 is die Lutherse Kerk in Strandstraat in gebruik geneem en kon die Lutherane hulle geloof ongestoord beoefen. Die Anglikane is selfs toegelaat om kerkdienste in die Groote Kerk te hou.[121] Alhoewel die *Statute van Indië* pertinent die beoefening van die Islamgeloof verbied het,[122] is 'n beperkte mate van geloofsvryheid wel aan die Kaapse Moslems toegestaan. Hierdie vergunning het die voorwaarde behels dat dit nie-amptelik in die privaatheid van hulle huise beoefen moes word en nie in konflik met Kompanjiesbeleid en -praktyk moes wees nie.[123] Moslemimams is voorts verbied om slawe te besny.[124] Strawwe wat onder meer die konfiskasie van die slaaf en 'n boete van 500 riksdaalders behels het, is aan eienaars opgelê

---

113 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 130.

114 *Loc. cit.*

115 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 100.

116 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 108.

117 R. Raven- Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702: The first fifty years of Dutch colonization as seen by callers II*, p. 279.

118 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126.

119 *Ibid. I*, p. 130.

120 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 107.

121 *Loc. cit.*; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 24.

122 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 132.

123 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 24.

124 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 134; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131, 132 en 147; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 172; K.A.B. : C. 2322, nr. 1: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat hulle slawe toegelaat het om die Moslemgeloof aan te neem.[125] Voor die Moslems toegelaat is om 'n moskee te bou, het hulle opelug godsdienstige byeenkomste in die steengroef aan die voet van Seinheuwel in Chiappinistraat, sowel as in privaathuise gehou.[126] In 1804 het 'n ordonnansie deur kommissaris J.A. de Mist godsdiensvryheid aan alle gelowe wat 'n Almagtige Wese aanbid het, verleen.[127] In 1806 is die eerste moskee te Dorpstraat in Kaapstad gebou.[128]

Wat die kerstening van slawe tot die Christendom betref, is dit van belang om die rol wat die Kaapse Kerk, sowel as die Bataafse en Kaapse owerhede gespeel het, te bepaal. Volgens die gesaghebbende *Sinode van Dordt* (1618 - 1619), wat die basiese leerstellinge en prosedures van die Kaapse Kerk neergelê het, moes slawe in Gereformeerde huishoudings gedoop en as Christenlidmate in die kerk en gemeenskap opgeneem word. Onderworpe aan bepaalde voorwaardes was Christenslawe voorts op hulle vryheid geregtig, terwyl hulle ook nie deur Christeneienaars verkoop mag word nie.[129] Voor 1770 was daar egter geen wet of regulasie aan die Kaap wat aan dié Dordtse beginsels uitvoering kon gee nie.[130] Die kwessie rondom die doop van slawe sou 'n voortslepende probleem blyk te wees, juis vanweë die inherente konflik tussen morele Christelike oortuigings en ekonomiese realiteite van slawe-eienaars, die erns waarmee die doop as ware simbool van redding onder "bekeerde" slawe begryp is, sowel as die kwessie van kennis en onderrig in die Christelike leer van te doopte en gedoopte slawe. Tydens Kompanjiesbewind het daar telkens verwarring rondom die beleid en praktyk van slawedoop ontstaan.

Die eerste riglyn oor die doop van slawe is in 1664 deur die Raad van Indië as antwoord op 'n versoek oor die duidelikheid met betrekking tot die doop van slawekinders van ongelowige ouers in 'n brief aan die Kaapse owerhede neergelê:

> dat alsulcke kinderen op 't Christengelove, van degeene, daer se bij inwonen, 't sij het hun lijffheeren zijn, ofte niet, wel mogen werden gedoopt, mits dat deselve haer verbinden, sodanich kindt, off kinderen in de Christelijcke religie op te trecken, sijnde dit ten principalen gefundeert, op het exempel van den patriarch Abraham, op wiens gelove, alle die van sijnen huisje waren, besneden wierden ...[131]

---

125 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 4; K.A.B. : C. 2322, nr. 1: Statuten van India S - T, 1770-04-10.

126 S.A. Rochlin, The first mosque at the Cape, *South African Journal of Science* 33, March 1937, p. 1101; A. Davids, *The early Muslims at the Cape, 1652 - 1800,* p. 11; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 7; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Soutern Africa II,* p. 146; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 73; G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I,* pp. 60 - 61.

127 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 87.

128 A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800,* p. 14.

129 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1890,* p. 128.

130 *Ibid.,* p. 129.

131 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 340.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens 'n resolusie van die Politieke Raad op 22 Maart 1666 moes eerwaarde Joan van Arckel toesien dat alle kinders van beide Christene sowel as slawe gedoop word en onderrig in die Christelike godsdiens ontvang, [132] nadat die besoekende predikant Philippus Baldaeus 'n opskudding veroorsaak deur te weier om die kind van 'n slawemoeder en Nederlandse vader te doop en die slawekind "met goeden voorbedacht versmadelijckerwijs van hem affgewesen" het.[133] In dieselfde resolusie het die Politieke Raad besluit dat die "ou orde" herstel is en predikant De Voocht versoek om die weggewysde slawekind, sowel as "alle ander, die daerom soude mogen comen versoecken" die daaropvolgende Sondag te doop.[134] 'n Besluit wat op 7 Mei 1666 deur die Kerk geneem is, was bepalend in die houding van die Kaapse Kerk jeens doopbediening aan plaaslike slawekinders. Hiervolgens is goedgevind dat,

> slavenkinderen waarvan de vader of de moeder mocht Christen zijn, tot den Heiligen Doop zullen mogen worden toegelaten, mits hun heer en meester of iemand in hunne plaats compareerde, maar zoo wanneer de anders beide nog vreemd zijn aan het Christelijk geloof, zullen zij niet tot het Sacrament des Heiligen Doops geadmitteerd worden, of de ouders zullen eerst in het Christen geloof onderwezen worden, opdat zoo de ouders met die kinders door den Heiligen Doop in de Kerk Christi mogen ingeleifd worden.[135]

Die besluit het voorts bepaal dat die Politieke Raad "of één uyt haer" as getuie tydens die doop van Kompanjieslawekinders teenwoordig moet wees. In 1677 het die Kaapse Kerkraad 'n wysigingsvoorstel ingedien waarin versoek is dat daar van die Bataafse gebruik om slawekinders wie se ouers heidene is te doop, afgewyk word. Daar is voorgestel dat slaweouers voor hulle kinders se doop in die Christelike geloof onderrig moes word om sodoende saam met hulle kinders gedoop te word. Hierdie voorstel is deur die Politieke Raad van die hand gewys en daar is versoek dat die Bataafse gebruike ooreenkomstig die Resolusie van 22 Maart 1666 nagevolg word.[136] Op 20 Junie 1680 is die beginsel in 'n brief van die Heeren XVII aan Simon van der Stel bevestig en moes hy hom, wat die doop van slawekinders betref, deur die gebruike van Batavia laat lei.[137]

Volgens kommissaris Van Rheede het die besluit van die Kerkraad in Batavia, wat bepaal het dat die kinders van ongelowige slawe wel gedoop mag word indien die eienaars sou onderneem om hulle vry te stel en in die Christelike geloof te onderrig, tot 'n drastiese afname in die doop van slawe aan die Kaap gelei. Beide die Kompanjie en privaateienaars was huiwerig om hulle aan so 'n belofte te verbind.[138] In sy instruksies aan die Kaapse owerhede

---

132 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 340.

133 *Ibid. I,* pp. 340 - 341.

134 *Ibid. I,* p. 341.

135 J.I. Marais, *Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika*, p. 17.

136 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 160; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687,* p. 148.

137 D. Moodie (red.), *The Record: Or a series of official papers relative to the condition and treatment of the native tribes of South Africa I*, p. 376.

138 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 209.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het Van Rheede aanbeveel dat die Kompanjie voogdyskap van die slawekinders moet aanvaar om as sulks verantwoordelik vir hulle doop en opvoeding in die Christelike Gereformeerde geloof te wees.[139] Daarbenewens moes slawemans sowel as -vroue van die Kompanjie, afhangend van hulle ouderdom en diensjare en onderworpe aan bepaalde voorwaardes, vrygestel word. Die drie voorwaardes het 'n kennis van die Nederlandse taal, belydenis van die Gereformeerde Christelike geloof en die betaling van 'n honderd gulden behels.[140] Volgens Van Rheede was slawekinders van Europeërvaders op voorkeurbehandeling ten opsigte van vryheid geregtig en het daarom bepaal dat sodanige kinders gedoop en op 'n vroeër ouderdom as ander Kompanjieslawekinders hulle vryheid moes verkry.[141] Hierdie regulasies was eerder gemoeid met die afkoms van 'n slaaf en die geloofsoortuiging van sy vader en nie soseer met sy sieleheil en persoonlike geloofsoortuiging nie.[142]

In 1707 het eerwaarde E.F. le Boucq van die kerk te Drakenstein in 'n brief aan die Amsterdamse Klassis skerp kritiek uitgespreek op die Kaapse owerhede wat toegelaat het dat gedoopte slawe sowel as hulle gedoopte kinders, selfs nadat hulle reeds kerklidmate geword het, steeds verkoop en soos slawe behandel is.[143] Hy het ook versoek dat die doop nie net aan slawekinders met Europese vaders bedien moet word nie, maar dat alle slawe – ongeag afkoms – vir die doop in aanmerking moet kom. Hy het egter beswaar gemaak dat volwasse slawe te maklik gedoop is en dat die doop misbruik word deur kinders van nie-Christene voor die voet te doop.[144] In reaksie hierop het die Politieke Raad op 12 Julie 1707 besluit dat 'n getuie voortaan tydens die doop van slawekinders teenwoordig moes wees om die status van die slaaf te bevestig en om verantwoordelikheid vir die Christelike opvoeding van die betrokke slaaf te aanvaar.[145]

In reaksie op klagtes van Mauritz Pasques de Chavonnes het die Politieke Raad op 17 Junie 1721 besluit dat slawe nie meer op Sondae gedoop sou word nie, dat slegs Christenslawe se kinders vir die doop in aanmerking sou kom, dat slawe nie as getuies tydens die doop van slawekinders aanvaar sou word nie en dat slawekinders voortaan meer beskeie sonder allerlei versierings tydens hulle doopplegtigheid geklee moes wees.[146]

In Oktober 1721 het die predikante van Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein in 'n gesamentlike voorstel aan die Politieke Raad die oorspronklike Bataafse instruksies van 1664 oor slawedoop bevraagteken. Hulle het aangevoer dat die Skrif met betrekking tot die

---

139 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 209.

140 *Ibid.*, p. 211.

141 G.M. Theal (red.), *Belangrijke historische documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders*, p. 28.

142 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 129.

143 *Ibid.*, p. 128; I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa: historical, experimental and psychological studies,* pp. 77 - 78 ; A. Morees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* p. 38; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I,* pp. 63 - 65.

144 *Loc. cit.*

145 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 12 - 13.

146 *Ibid.*, p. 116; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 111.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besnydenis van Abraham se hele huis verkeerd geïnterpreteer is. Volgens hulle het die doop van slawe alvorens hulle in die beginsels van die Gereformeerde geloof onderrig is, nie 'n waarborg vir ware en opregte Christenskap van slawekinders met "heidense" ouers verskaf nie. In reaksie op gemelde wysigingsvoorstel ten opsigte van slawedoop, erken die Politieke Raad dat die Bataafse opdrag van 25 Januarie 1664 nie in oorstemming met die Bybel is nie en onderneem om die saak vir uitsluitsel aan die Bataafse owerhede voor te lê, alvorens enige verandering in dié verband aangekondig sou word.[147]

Weens die feit dat geen wet of regulasie voor 1770 bestaan het wat die Dordtse beginsels aan die Kaap kon afdwing nie, is die Christelik Gereformeerde leerstellings ten opsigte van slawedoop voor dié datum gerieflikheidshalwe deur die meeste Kapenaars geïgnoreer. Op 10 April 1770 egter sou die Dordtse leerstellings vir die eerste maal amptelik 'n rol in wetgewing deur die Bataafse owerhede oor die doop van slawe aan die Kaap speel.[148] Volgens die *Dordtse Sinode* van 1618, wat die basiese leerstellings en prosedures van die Kaapse Kerk bepaal het, was 'n Christenslaaf op sy vryheid geregtig en mag 'n gedoopte slaaf nie deur sy Christenmeester verkoop word nie.[149] Met die afkondiging van die statuut op 10 April 1770 deur die Raad van Indië, is daar uiteindelik wetlike status aan die Dordtse beginsels van slawedoop en -vryheid verleen. Hierdie wet het Christene verplig om voortaan hulle slawe in die Christelike leer te onderrig en te laat doop, terwyl die verkoop van Christenslawe pertinent belet is. By die afsterwe of vertrek van die betrokke eienaar moes die Christenslawe vrygestel, weggegee of bemaak word en wel met die uitdruklike voorwaarde dat hulle nie deur hulle nuwe eienaars verkoop sou word nie. Ingevolge hierdie statuut is slawe ook toegelaat om na hulle doop in die Kaapse Kerk hulle vryheid te koop.[150] Geen eienaar was egter onder verpligting om sy Christenslawe direk na hulle doop vry te stel nie en kon vergoeding vir hulle vrystelling eis. Hierdie wet, wat sy oorprong in die Gereformeerde leerstellings van die *Sinode van Dordt* gehad het en die kerstening van slawe tot die Gereformeerde Christelike geloof ten doel gestel het, het tot groot omstredenheid gelei en die vertolking daarvan deur die eienaars sou verrykende negatiewe gevolge vir die verspreiding van die Christendom onder die Kaapse slawe hê. Dit sou eerder een van die belangrikste bewegingsmomente in die verspreiding van die Islam aan die Kaap wees.

Wat die Kompanjieslawe betref, blyk dit – soos reeds bespreek – dat die Kompanjie betreklik vroeg die die gebruiklike rojale doopbediening van die Gereformeerde Kerk in Nederland, wat

---

147 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 137 - 138.

148 *Ibid. VI,* pp. 130 - 131; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* pp. 131 - 132; K.A.B.: C. 2322, nrs. 8, 9, en 10: Statuten van India, S - T, 1770-04-10.

149 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 128.

150 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 130 - 131; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* pp. 131 - 132; K.A.B.; C. 2322, nrs. 8, 9 en 10: Statuten van India, S - T, 1770-04-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook in Batavia aan die orde van die dag was, aan die Kaap gehandhaaf het.[151] Kinders in die slawelosie is by geboorte almal gedoop, [152] terwyl Kolbe in die vroeë agtiende eeu opgemerk het dat die Kompanjie "hare slaven en slavinnen, van vreemde plaatzen hier gebragt, zeer gaarn door den H. Doop der Christelyke Religie inlyft … en bevolen heeft 'de kinderen, welke hier geboren worden, alle zonder onderscheid te dopen, en naderhand in haar school 't Christendom uit den grond als mede lezen en schrijven te leren".[153] In 1773 het Thunberg bevestig dat, alhoewel die Kaapse slawe nie oor die algemeen in die Christelike geloof onderrig of hulle kinders gedoop is nie, die Kompanjie wel toegesien het dat die slawekinders wat in die losie gebore is, gedoop en 'n sekere mate van onderrig in die Christelike geloof ontvang het. Volgens hom was was dit waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die meeste slawekinders Europese vaders gehad het.[154] Uit voorafgaande is dit duidelik dat die Kompanjie hom wel tot 'n mate by die bepalings ten opsigte van slawedoop neergelê het. Die Kompanjie het veral 'n morele verantwoordelikheid teenoor die doop van slawekinders met Europese vaders aanvaar. Kompanjieslawe is gewoonlik as 'n groep op spesiale Sondae in die jaar laat doop.[155] Uit die navorsing van Elphick en Shell blyk dit dat die koers waarteen Kompanjieslawe gedoop is tydens die agtiende eeu relatief hoog gebly het,[156] terwyl die doopsyfers van slawe in privaatbesit baie laag was en gedurende dié tyd 'n afname getoon het.

Die goedkeuring van 'n wysigingsvoorstel van die Kerk in 1781 deur die Politieke Raad wat die doop van bejaarde slawe sou verbied, het 'n vraagteken oor die erns en morele verantwoordelikheid van die Kompanjie teenoor die geestelike versorging van al sy slawe – selfs die onproduktiewe bejaardes – geplaas. In hierdie gesamentlike wysigingsvoorstel deur beide die Gereformeerde en Lutherse Kerkrade, wou die Kerk die versorgingslas van armoedige gedoopte bejaarde slawe van sy skouers afskuif.[157]

Alhoewel die Kompanjie meer slawe – veral kinders – as privaateienaars gedoop het, is die morele plig ten opsigte van die vryheid van gedoopte Christenslawe, soos in die Christelike leerstellings vervat, nie nagekom nie. In die agtiende eeu was daar proporsioneel meer vrystellings van slawe in privaatbesit as van Kompanjieslawe.[158] In dié opsig het privaat-eienaars 'n sterker morele gewete as die Kompanjie geopenbaar en was die huiwering van eienaars om hulle slawe te doop volgens Kolbe daaraan toe te skryf "dat hen als Christenen

---

151 G.J. Schutte, Tussen Amsterdam en Batavia; de Kaapse samenleving en de Calvinistische kerk onder de Compagnie, *Kronos* 25, 1998/99, pp. 8 en 15; A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1663, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II,* p. 95; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 340; *Ibid. II,* pp. 159 - 160; *Ibid. VI,* pp. 137 - 138.

152 A.W. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse vestigingskolonie, 1680 1730,* D.Phil.-proefskrif, Vrije Universiteit Amsterdam, 1999, pp. 186 - 199; J.N. Gerstner, *The thousand generation covenant: Dutch Reformed covenant theology and group identity in colonial South Africa, 1652 - 1814,* pp. 204 - 212.

153 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 322.

154 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 169.

155 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 351.

156 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 129 - 130.

157 *Loc. cit.*

158 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bedenkelyk voorkomt, om andere Christenen tot slaven te hebben".[159] Die doop van Kompanjieslawe het egter nie tot 'n algemene aktiewe betrokkenheid van bekeerde slawe by die Kaapse Kerk gelei nie. Hiervan getuig die beperkte aantal slawe wat op die nagmaalrolle van die Kaapse Kerk verskyn.[160]

Wat die stedelike slawe betref, is daar – buiten die Kompanjieslawe – hoofsaaklik slawe van Kompanjiepersoneel en 'n Christelike patrisieër minderheid in Kaapstad gedoop.[161] Tydens die Eerste Britse Besetting is die doop van losieslawe in die Kaapse Kerk laat vaar, aangesien die Anglikaanse Kerk nie die opvoeding van alle gedoopte slawe vereis het nie.[162]

Uit dagboeke en reisbeskrywings blyk dit dat daar veral gedurende die agtiende eeu 'n algemene traagheid onder privaateienaars was om hulle slawe tot die Christendom te kersten. Slegs slawe wat vir vrystelling bestem was, is gedoop.[163] Tydens sy besoek van Oktober tot November 1772 het George Forster (1754 - 1794) die Kompanjie, sowel as die burgers se laksheid ten opsigte van die religieuse versorging van hulle slawe bevestig: "The government, and the inhabitants do not give themselves the trouble to attend to a circumstance of so little consequence in their eyes, as the religion of their slaves, who in general seem to have none at all." [164] Selfs tydens die Eerste Britse Besetting het dié tendens kaptein Robert Percival ook opgeval:

> A small portion of the people of colour and free blacks are converted to Christianity, ... The Dutch government have been very remiss in not urging the clergy more to the duty of instruction both the natives and slaves in Christianity. Even the people of colour, partly the offspring of Christians, have been often denied baptism ...[165]

In 1831 het William Wright opgemerk dat, alhoewel hy van geen insident bewus is waar slawe pertinent verbied is om enige openbare Christelike aanbidding by te woon nie, "I have seldom seen a wish expressed or an encouragement held out to them to do so. They at best seem to be perfectly indifferent on the subject".[166] Die rede vir die gebrek aan wilskrag en entoesiasme onder eienaars om hulle slawe tot die Christendom te lei, is deur Percival raak opgesom: "... but, as I have been told, their chief motive was the fear of their being lost to them as slaves, on their becoming Christians." [167] Die kern van hierdie probleem was dus geleë in die konflik tussen die Christelik Gereformeerde leerstelling van die vryheid van Christene en die direkte ekonomiese bedreiging wat die beperkende maatreëls van die gemelde statuut vir

---

159 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 321.

160 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 134.

161 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 354.

162 *Ibid.*, pp. 202 en 343.

163 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 130 - 131.

164 G. Forster, *A voyage round the world, in His Brittanic Majesty's Sloop I*, p. 60.

165 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 274 - 275.

166 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

167 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 275.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe-eienaars ingehou het.[168] Gedoopte slawe wat hulle vryheid kon opeis, het by implikasie 'n potensiële verlies aan eiendom beteken, terwyl die verbod op die verkoop van gedoopte slawe die bemarkbaarheid van slawe beperk het.[169] Die gevolg was dat slawe-eienaars na die afkondiging van hierdie wet alle vorme van onderrig in die Christelike leer aan hulle slawe verwaarloos het, soos tereg deur besoekers opgemerk is.[170]

Dominee M.C. Vos van Tulbagh het op 9 Maart 1812 in 'n brief aan die owerhede hierdie wet, wat die verkoop van gedoopte slawe belet het, as die grootste struikelblok in die kerstening van slawe deur Christeneienaars bestempel.[171] In reaksie op dominee Vos se versoek om die wet te herroep, het sir John Cradock in dieselfde jaar 'n versoek aan lord Bathurst gerig waarin hy die herroeping van die wet bepleit het:

> My Lord, I have to submit to your Lordship that I felt it my duty to repeal a Resolution of the Council of Batavia, passed the 10th April, 1770, which by prohibiting the transfer or disposal of slaves who had been converted to Christianity, completely stopped the progress of the Christian religion among that class of persons, for it was not to be supposed that the Dutch inhabitants or others would encourage any exertion on this subject, whereby they were to suffer in their property. Until this repeal took place, every opposition would certainly be given to the conversion of any slave, or even his appearance at any church.[172]

Bewus van die negatiewe impak wat dit op die kerstening van slawe tot die Christelike geloof gehad het, het Cradock in 1812 hierdie omstrede wet wat die verkoop van Christenslawe belet het, opgehef aangesien 'n wet wat aanvanklik die bevordering van die Christelike geloof en ware godsdiens moes bewerkstellig, uiteindelik die teenoorgestelde uitwerking gehad het.[173] Die afskaffing van dié omstrede wet in 1812 het nie die probleem opgelos nie, aangesien konsepwetgewing in 1817 en wetgewing in 1823 wat slawevryheid aan Christenskap gekoppel het, die eienaars se idee dat Christenskap van slawe tot hulle vryheid sou lei, versterk het.[174]

Die verspreiding van die Christelike geloof onder die stedelike slaaf het dus teen die einde van die agtiende eeu en die eerste helfte van die negentiende eeu 'n ernstige krisis beleef. Soos reeds vermeld, was die banke van die Christenslawe in die Groote Kerk in Kaapstad teen 1800 leeg.[175] In 1831 het William Wright die situasie van slawegodsdiens aan die Kaap raak opgesom:

---

168 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 358.

169 *Ibid.,* p. 359.

170 G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I,* p. 60.

171 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* p. 133.

172 *Ibid.,* p. 130.

173 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* p. 133; G.W. Eybers (red.), *Select constitutional documents, illustrating South African history 1795 - 1910,* p. 18; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 168.

174 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 359.

175 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 168; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 131.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> The natural consequence of this neglect is that vast numbers of the slaves profess no religion whatever: the vast majority of those who do are followers of the doctrine of Mohammed: few, very few make any profession of Christianity, or attend at any place of religious worship; still fewer have become catechumens; and the number of the baptised is extremely small.[176]

Hiervolgens het die meerderheid slawe tot die Islam behoort. Dit was inderdaad die geval. Die reeds vermelde wet van 1770 wat die verkoop van gedoopte Christenslawe verbied het, het ironies genoeg een van die belangrikse bewegingsmomente in die verspreiding van Islam tussen 1770 en 1842 aan die Kaap geword. Deur toewyding en identifisering met die slawe het die begeesterde imams 'n groot aantal godsdiensbehoeftige slawe, wat van die Christendom uitgesluit was, vir die Islam gewen.[177] Daarbenewens het hierdie tendens Christeneienaars gepas aangesien bekering tot die Islam, slawe van die Christendom (en gevolglike onbemarkbaarheid en moontlike vryheid) weggehou het.[178] Binne Islam het die eienaar-slaaf verhouding bly voortbestaan. Die eise van vryheid van bekeerde slawe is nie deur die Islam aan slawe-eienaars gestel nie. Die imams het slawe laat glo dat, alhoewel hulle fisies gebonde was, hulle siele nogtans vry was.[179] Al het hulle hulleself tot die Islam bekeer, het Moslemslawe dus bemarkbaar gebly,[180] wat nie die geval met bekeerde Christenslawe was nie. Daarbenewens was Moslemslawe sober en meer betroubaar in hulle eienaars se huise en op die wynproduserende plase, veral in die wynkelders en as drywers van die wynwaens.[181] Dit het die slawe-eienaars, veral tydens die oplewing in wynproduksie in die twintigerjare van die negentiende eeu, goed te pas gekom. Selfs vir Moslemeienaars was dit makliker en meer ekonomies om Moslemslawe aan te hou. Artikel 10 van die Statuut van 1770 het bepaal dat slawe wat aan heidende en "More" (Moslems) behoort het en tot die Christendom bekeer is, teen 'n "billike" prys aan Christene verkoop moes word.[182] Vir die Moslemeienaars wat nie sonder goedkeuring grond kon besit nie, was die besit van Moslemslawe hulle vernaamste rykdom en beslis 'n beter ekonomiese keuse.[183] Hulle het dus rede gehad om hulle slawe te oorreed om die Islam te aanvaar. Volgens die getuienis van die imam Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie was geen Moslemeienaar in 1835 in besit van enige Christenslawe nie.[184]

---

176 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

177 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 132.

178 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 362.

179 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV,* p. 369.

180 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 90; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist,* p. 3.

181 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 361 - 362; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 35; J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 82; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke, with life of the author 1818 - 1823, I,* p. 336.

182 K.A.B.: SO. 17/1, art. 11: Notes collected from the colonial placcaats etc. since 1652 upon the subject of slavery and Indian statutes 1652 - 1818, 1770.

183 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 91.

184 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book,* p. 208.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien Islam 'n belangrike rol in die lewe van 'n groot aantal Kaapse slawe gespeel het, is 'n agtergrondskennis van die vestiging, verspreiding en konsolidasie van Islam aan die Kaap noodsaaklik. Volgens Achmat Davids, kenner van die godsdiens en kultuur van die Kaapse Moslems, het agt elemente 'n rol in dié verband gespeel, naamlik die koms van die Mardykers na die Kaap, hoogaangeskrewe politieke bannelinge uit die Ooste, invloedryke politieke gevangenes en vryswartes, die slawe, die traagheid van Christeneienaars om hulle slawe te kersten, godsdiensvryheid wat in 1804 toegestaan is, die rol van die Javaanse Artillerieë tydens die Slag van Bloubergstrand in 1806, sowel as die totstandkoming van die eerste moskee in Kaapstad.[185]

Wat die Mardykers betref, is Davids van mening dat hulle die eerste Moslems was wat in 1658 na die Kaap gekom het.[186] Hulle moes behulpsaam wees met die verdediging van die jong nedersetting en ook vry arbeid verrig. Die naam *mardyker* staan in verband met die woord *maredhika* [187] of *mêrdéka* [188] wat van die Sanskrit *Mahardhika* afgelei is en "vry" of "vryheid" beteken.[189] Die Mardykers was dus vry persone afkomstig van Amboina in die Suid-Molukke eilande wat as onderdane en arbeiders van die VOC nie in hulle geboorteland woonagtig was nie.[190] Alhoewel hulle nie slawe was nie, het hulle in sommige gevalle dwangarbeid vir die VOC verrig waarvoor hulle wel betaling ontvang het. Hierdie Mardykers was Moslems en weens die bedreiging wat die Islam vir die uitbreiding van die Nederlandse koloniale ryk in die Ooste ingehou het, is hulle godsdiens sterk deur die Bataafse owerhede aan bande gelê. In 1642 is 'n plakkaat deur goewerneur-generaal Anthonio van Diemen in Batavia uitgevaardig om die Mardykers se godsdiensaktiwiteite in Ceylon te beheer.[191] Net voor hulle koms na die Kaap is dieselfde plakkaat op 23 Augustus 1657 deur goewerneur Johan Maetsuycker (1606 - 1678) heruitgevaardig [192] en was as sulks ook op die Kaap van toepassing. Hiervolgens is hulle verbied om hulle godsdiens in die openbaar te beoefen of om dit onder Christene of heidene te bevorder. 'n Oortreding van hierdie bepaling was met die dood strafbaar. Hulle is wel toegelaat om die Christelike geloof aan te neem. Alhoewel die Mardykers nooit slawe was nie, is hulle in dieselfde asem as slawe genoem en is die term "vrije swarten" ook in die Ooste vir die Mardykers gebruik.[193]

Die tweede element in die vestiging en verspreiding van Islam aan die Kaap was die koms van hoogaangeskrewe welaf en invloedryke politieke bannelinge wat in die Ooste vurige voorvegters vir die Islam was. Die eerste drie politieke bannelinge het in 1667 aan boord van

---

185 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 35 - 92; A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800*, pp. 3 - 14.

186 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 3 - 4.

187 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 3 - 4.

188 W. Ph. Coolhaas (red.), Generale Missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII, I, *Rijks Geschiedkundige Publicatiën, Grote reeks serie* 104, p. 122.

189 R.J. Wilkinson, *A Malay - English dictionary*, p. 768.

190 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 4.

191 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 35.

192 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 17.

193 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *Polsbroek* vanaf Batavia in die Kaap gearriveer.[194] Die bekendste *orang cayen* of politieke bannelinge aan die Kaap was ongetwyfeld Sjech Yussuf of Sjeg Joesoef van Makassar. Sy oorspronklike naam was Abidin Tadia Tjoessoep wat in 1626 as die neef van Koning Bisei van Goa, in Makassar gebore is.[195] As leier van die Bantamese verset teen die Nederlanders [196] in Java is hy na oorgawe, op grond van 'n belofte van vryheid, in 1684 deur die Nederlanders gevange geneem en in die Kasteel te Batavia en later in die Kasteel te Colombo in Ceylon gevange gehou. Uit vrees vir ontsnapping en sy invloed op die Moslemgemeenskap in die Ooste is hy in 1694 na die Kaap verban. Met sy aankoms aan boord van die *Voetboeg* is hy deur goewerneur Simon van der Stel verwelkom.[197] Alhoewel hy as 'n edelman met respek behandel is, is hy en sy geselskap van 49 persone, in ooreenstemming met die owerhede se isolasiebeleid vir invloedryke politieke bannelinge, 25 kilometer vanaf Kaapstad, naby die mond van die Eersterivier aan die Valsbaaise kus op die plaas Zandvliet van dominee Peter Kalden, geïnterneer.[198] Hy en sy geselskap het hier in 'n paar kliphuise gewoon [199] en is deur die Kaapse owerhede onderhou. Alhoewel hy hier van die slawe in Kaapstad geïsoleer was, het Sjeg Joesoef se verblyfplek spoedig 'n hawe vir voortvlugtende slawe geword.[200] Die eerste Islamitiese gebedebyeenkomste is heelwaarskynlik te Zandvliet gehou.[201] Sjeg Joesoef is goed deur die Kaapse owerhede behandel,[202] terwyl hy en Simon sowel as Adriaan van der Stel goed bevriend geraak het.[203] Die leeftyd van hierdie geïsoleerde Moslemgemeenskappie was van korte duur, want na die dood van Sjeg Joesoef op 23 Mei 1699 het byna die hele gemeenskappie in 1703 aan boord van *De Liefde* en *De Spiegel* na Indonesië teruggekeer.[204] Slegs twee volgelinge (imams) en sy dogter het aan die Kaap agtergebly. Alhoewel Sjeg Joesoef weens sy isolasie van die Kaapstadse slawe nie 'n daadwerklike rol in die verspreiding van Islam aan die Kaap kon speel nie, het hy respek by volgeling, vriend en vyand afgedwing. Na sy dood in Mei 1699 het plaaslike amptenare opgemerk dat die toename in Kaapse Moslems verband gehou het met Sjeg Joesoef se teenwoordigheid aan die Kaap.[205] Alhoewel sommige outeurs na Sjeg Joesoef as die stigter van die Islam aan die Kaap verwys, blyk dit weens sy isolasie aan die Kaap nie die geval te wees nie.[206] In dié opsig het sy nadoodse

---

194 K.M. Jeffreys, The Malay tombs of the Holy Circle 3. The tombs of Constantia, *The Cape Naturalist* 1 (3), 1936, p. 89.

195 *Ibid.*, p. 37; I.D. du Plessis. *The Cape Malays,* p. 3; E.M. Mahida, *History of Muslims in South Africa; a chronology,* p. 3.

196 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 132.

197 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 38.

198 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 4.

199 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 55.

200 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 39.

201 *Loc. cit.*; A. Davids, The history of the Karamats, Number 4, *Newsletter Boorhaanol Recreational Movement,* 23(4), Oktober 1989, p. 7.

202 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 11.


203 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 4.

204 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 39.

205 R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838,* B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20.

206 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 55; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist,* p 11; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 32: Die graf van Sjeg Joesoef te Zandvliet, Faure. As 'n belangrike simbool van Islam aan die Kaap, het sy graf die Mekka van die Suide geword wat jaarliks deur duisende Moslempelgrims besoek word. Die kramat is in 1927 deur Hadji Sulaiman Shah Mohammed opgerig.

Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 39.

Insetsel: N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city* (Claremont, 1998), p. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

invloed in 'n groter mate, as sy persoonlike leierskap, 'n belangrike simboliese rol in Islam aan die Kaap gespeel.[207]

Nog 'n *orang cayen* wat 'n belangrike rol gespeel het, was die Rajah van Tambora wat in 1697, weens sy opstand teen die VOC en die moord op die koningin van Dombo, na die Kaap verban is.[208] Hy is aanvanklik in die Kasteel se stalle gehuisves, [209] maar is later – danksy die bemiddeling van Sjeg Joesoef – te Vergelegen gehuisves, waar hy as *gafis* die eerste Koran aan die Kaap uit sy kop geskryf en as geskenk aan goewerneur W.A. van der Stel oorhandig het. Na alle waarskynlikheid het hierdie Koran Vergelegen nooit verlaat nie.[210] Sy vrou Sitina was voorts belas met toesig oor die Van der Stel-huishouding. In sy reisbeskrywing het dominee Francois Valentyn tot sy verwondering opgemerk dat hy die Raja van Tambora by Vergelegen aangetref het.[211] Al was die Rajah van Tambora 'n vroom man, was sy invloed op die vestiging en verspreiding van die Islam aan die Kaap beperk weens die uiters geslaagde isolasiebeleid van die owerhede. Die kinders uit sy huwelik met Sjeg Joesoef se dogter, Sitina Sara Marouff, het almal Christene geword.[212] Na die vertrek van Van der Stel, is die Raja in die Kompanjiestuin Rustenburg of in die stalle vir bannelinge van Makassar gehuisves. Hy is in 1719 oorlede. Die beleid om invloedryke politieke bannelinge as veiligheidsmaatreël te isoleer, het hulle verhinder om 'n deurslaggewende rol in die verspreiding van Islam aan die Kaap te speel. Hulle bly egter belangrike inspirerende en simboliese figure in die Kaapse Moslem-gemeenskap. Die graf van Sjeg Joesoef **(Fig. 32)** het die Mekka van die Suide geword wat jaarliks deur duisende pelgrims besoek word.[213]

'n Derde belangrike element in die vestiging en verspreiding van Islam aan die Kaap was die prisoniers of gevangenes wat tot goedkoop dwangarbeid aan die Kaap gevonnis is. Na die verstryking van hulle vonnisse het die meerderheid in die Kaap aangebly en so die kern van die vryswart gemeenskap gevorm wat 'n belangrike rol in die konsolidasie van Islam aan die Kaap gespeel het.[214] Die mees prominente figure wat die tydperk van die konsolidasie van Islam aan die Kaap ingelei het, was Said Aloewie van Mocca of beter bekend as Tuan Sa'id en die reeds vermelde imam Abdullah Kadi Abdus Salaam wat in die volksmond as Tuan Guru (Meneer Leraar) bekend is.[215] Tuan Sa'id het in Januarie 1744 as veroordeelde

---

207 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 118.

208 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 39 - 40; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters received, 1695 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 131.

209 J. Hoge, The family of the Rajah of Tambora at the Cape, *Africana Notes and News* 9, 1951, p. 27.

210 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.

211 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 150 - 152.


212 J. Hoge, The family of the Rajah of Tambora at the Cape, *Africana Notes and News* 9, 1951, pp. 28 - 29.

213 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 5; S.A. Rochlin, The first mosque at the Cape, *South African Journal of Science* 33, 1937, p. 1100.

214 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 42.

215 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 134; R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838*, B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 33: *M'arifatul Islámi wal Imái* (Manifestasies van Islam en geloof), die handgeskrewe manuskrip oor Islamitiese wette wat Tuan Guru of imam Abdullah Kadi Abdus Salaam tydens sy gevangenskap op Robbeneiland in 1781 voltooi het. Hierdie geskrif het die belangrikste verwysingsbron vir die Kaapse Moslems gedurende die negentiende eeu geword.

Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Mohamedaanse Priester" by die Kaap voet aan wal gesit.[216] Alhoewel hy tot lewenslange gevangenisstraf in kettings gevonnis is, het hy slegs elf jaar van sy vonnis op Robbeneiland uitgedien, waarna hy 'n polisieman in Kaapstad geword het. Dié werk het hom in staat gestel om saans die toegesluite en bewaakte slawekwartiere met die Koran onder sy arm binne te gaan en die leer van Islam aan die losieslawe te verkondig.[217] Na alle waarskynlikheid was Tuan Sa'id die eerste imam aan die Kaap.[218]

Die reeds vermelde Tuan Guru was onteenseglik een van die belangrikste rolspelers in die konsolidasie van Islam aan die Kaap. Hy was 'n prins van Tidore in die Ternate eilande en is in 1780 as staatsgevangene na die Kaap gebring. Hy is op Robbeneiland gevange gehou tot hy in 1793 vrygelaat is.[219] Tydens sy gevangenskap het hy in 1781 sy handgeskrewe werk *M'arifatul Isámi wal Imái* (Manifestasies van Islam en geloof) **(Fig. 33)** voltooi. Dit was 'n manuskrip oor Islamitiese wette, gebruike en mistieke ritueel. Sy teologiese fisosofie was die raamwerk waarbinne slawe en vryswartes as 'n kultureel-religieuse eenheid kon funksioneer. Dit het ook aan slawe 'n mate van sosiale beweeglikheid en beskerming van ongenaakbare vryswart eienaars verleen.[220] Die noodsaaklike eerste Korans is self deur Tuan Guru uit die hoof neergeskryf [221] en onder die Kaapse Moslems gesirkuleer. Sy manuskrip het die belangrikste verwysingsbron vir Kaapse Moslems gedurende die negentiende eeu geword, terwyl Tuan Guru as Kadi (*qadi*) of hoofimam onteensetglik die belangrikste verkondiger en rigtinggewer van Islam aan die Kaap in die laat-agtiende eeu was.[222] Hy was ook die stigter van die eerste Moslemskool *(madrasah)* in 1793 in Dorpstraat.[223] Voorts is hy bekend vir sy beywering om 'n perseel vir die bou van 'n moskee te bekom. Volgens Abdulbarik [*sic*] het Tuan Guru die huis van Achmat van Bengale as eerste Moslemaanbiddingsplek ingerig.[224] Daarbenewens het hy gepoog om 'n verslapping in die ongenaakbare houding van die Kaapse owerhede jeens Islam te bewerkstelling.[225] Nadat sy versoek vir 'n moskee in 1790 deur die owerhede geweier is, het hy onwrikbare leierskap aan die dag gelê deur openbare godsdiensbyeenkomste vir die Kaapse Moslemgemeenskap in die ou steengroef in Chiappinistraat te lei.[226] Met sy dood in 1807 op 95 jarige leeftyd was hy die *kadi/ "keijda"/ qadi* of hoofimam van die Kaapse Moslemgemeenskap [227] en het hy reeds 'n groot en

---

216 A. Davids, *The mosques of the Bo-Kaap*, p. 44.

217 I.D. du Plessis en C.A. Lückhoff, *The Malay quarter and its people*, p. 34; R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838*, B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 20.

218 A. Davids, The history of the Karamats, Number 4, *Newsletter Boorhaanol Recreational Movement*, 24 (3), Oktober 1989, pp. 10 - 11.

219 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 44.

220 A. Davids, Muslim-Christian relations in the nineteenth century Cape Town, *Kronos* 9, 1992, pp. 87 - 88.

221 S.M. Zwemer, Islam at the Cape, *The Muslim World* 15(4), 1925, p. 328.

222 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

223 *Loc. cit.*; A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 19, 1992, p. 87.

224 *South African Commercial Advertiser*, 1836-02-27, p. 3.

225 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

226 *Ibid.*, p. 45; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 146.

227 K.A.B.: MOOC. 7/1/15, nr. 66, p. 1: Testament van Imam Abdullah, 1807-05-02.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blywende invloed op die Kaapse Moslems uitgeoefen.[228] As Shafee Moslem het sy plaaslik geskrewe werke die teoretiese basis van die geloof van die meerderheid Kaapse Moslems geword.[229]

Wat die slawe se bydrae tot die vestiging van Islam aan die Kaap betref, is Davids van mening dat húlle veral krediet daarvoor moet kry.[230] In dié opsig het hoofsaaklik die Indiese slawe afkomstig van Bengale, die Malabarkus en die Indiese vasteland, waar Islam sedert die dertiende eeu 'n lang en gevestigde tradisie gehad het, die belangrikste rol gespeel. In die sewentiende eeu het die 657 slawe van Indiese afkoms 50% van die totale Kaapse slawebevolking uitgemaak.[231] Die Indonesiese slawe het nie die lang tradisie van Islam gehad nie. Islam het eers sedert die sestiende eeu in Indonesië posgevat en was dus met die koms van die Nederlanders 'n relatief jong geloof aldaar. In die agtiende eeu het die Indonesiese slawe afkomstig van Celebes, veral die Boeginese, ook 'n belangrike rol in die vestiging van Islam aan die Kaap gespeel. In die opsig het die slawe-imam Jan van Boegies, wat gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu na die Kaap gekom het, 'n prominente plek ingeneem. Tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het hy 'n belangrike rol as imam van die Palmboom-moskee in Langstraat gespeel. Frans van Bengalen was saam met Jan van Boegies betrokke by die vestiging van hierdie Moslemaanbiddingsplek.[232]

Achmat van Bengalen was een van die mees invloedryke rolspelers in die konsolidasie van Islam aan die Kaap gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu. Hy is in Chinsura in Bengale gebore en het in 1783 na die Kaap gekom.[233] As kadi *(qadi)* of hoofimam van die plaaslike Moslemgemeenskap, sowel as imam van die Auwal-moskee sedert 1822 was hy een van die mees charismatiese Kaapse Moslemleiers wat hom dit veral ten doel gestel het om die plaaslike Moslems te onderrig. Tydens die tydperk van die konsolidasie van Islam aan die Kaap het hy 'n reuse bydrae tot die ontwikkeling van die eiesoortige kultuur van die Kaapse Moslemgemeenskap gelewer. Hy het ook een van sy twee eiendomme te Dorpstraat vir die inrigting van die eerste moskee in Kaapstad, naamlik die Auwal-moskee, beskikbaar gestel. As opvolger van Tuan Guru en imam van die Auwal-moskee, het Achmat van Bengalen streng reëls vir die slawebesittende vryswart Moslems neergelê ingevolge waarvan geen Moslemslaaf deur sy Moslemeienaar verkoop mag word nie, soos die eienaar se familie behandel moes word en toegelaat moes word om 'n inkomste te verdien sodat hy sy vryheid kon koop. Hy het ook 'n onmiskenbare invloed op die ontwikkeling van Arabies-Afrikaans uitgeoefen.[234]

Soos reeds vermeld, het die wet van 10 April 1770 wat die verkoop van gedoopte Christenslawe pertinent verbied het, daartoe gelei dat eienaars onwillig was om hulle slawe tot die Christendom te kersten en het so direk in die hande van Islam gespeel. As sulks was dit een van die belangrikste bewegingsmomente in die snelle verspreiding van Islam aan die Kaap

---

228 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45.

229 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 19, 1992, p. 88.

230 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.


231 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 75.

232 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 40 - 41 en 116.

233 *Ibid.*, p. 105.

234 *Ibid.*, pp. 95 - 96, 100, 105 - 106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 34: Die Auwal-moskee in Dorpstraat – die eerste ingerigte aanbiddingsplek van die Kaapse Moslems.

Uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sedert 1770.[235] Die vrees dat hulle hulle slawe sou verloor indien dié Christene word, die moeilike bemarkbaarheid van Christenslawe, sowel as die soberheid van die Moslemslawe [236] het tot gevolg gehad dat eienaars die verspreiding van die Christendom onder die slawe ondermyn het en nie 'n oog geknip het indien hulle slawe hulle tot die Islam bekeer het nie. Teen 1800 was die banke in die Groote Kerk in Adderleystraat wat vir slawe gereserveer is, leeg.[237]

Die verkryging van geloofsvryheid in 25 Julie 1804 was 'n verdere stap in die konsolidasie van Islam aan die Kaap.[238] Bevry van die uiters beperkende Statute van Indië wat hulle godsdiensbeoefening streng aan bande gelê het, kon die Kaapse Moslems nou, sonder om die wet te oortree, hulle godsdiens op 'n vryer wyse beoefen. Hulle moes egter nog steeds toestemming van die owerhede verkry vir die oprigting van aanbiddingsplekke en die hou van openbare byeenkomste.[239]

In 1804 het generaal J.W. Janssens die "vry Maleiers" as soldate in die twee "Javaansche Artilleries," onder leiding van onderskeidelik Frans van Bengalen en die Fransman J. Madlener, opgeneem. Hiermee het Janssens die toestemming vir 'n moskee, wat reeds in 1797 deur Craig aan die Kaapse Moslems toegestaan is, bevestig.[240] Beïndruk deur die besondere dapperheid en oorlogsvoering van die twee "Javaansche Artilleries" aan die kant van die Nederlanders tydens die Slag van Bloubergstrand in 1806, het die Britse bevelvoerder generaal Baird, as 'n waarderende gebaar teenoor die Moslems, Janssens se belofte van 'n perseel vir die bou van 'n moskee bevestig.[241] Die finale stap in die konsolidasie van Islam aan die Kaap was die oprigting van die eerste volwaardige moskee in Kaapstad in 1807.[242] Soos reeds vermeld, is die huis van Achmat van Bengalen sedert 1798 as moskee ingerig.[243] Hiervolgens is die Auwal-moskee in Dorpstraat **(Fig. 34)** die oudste bestaande moskee en ingerigte plek van Moslemaanbidding in Suid-Afrika,[244] danksy die deursettingsvermoë en toewyding van Tuan Guru. Gedurende die tydperk van 1804 tot 1850 het die Auwal-moskee die belangrikste religieuse instelling en anker van die Kaapse Moslemgemeenskap geword. Dit was die sentrum van gemeenskapsaktiwiteite wat die sosiale en godsdienstige lewe van die vroeë Kaapse Moslems gereguleer en gestabiliseer het. Reeds vanaf sy ontstaan was die Auwal-moskee 'n Shafee-moskee waar die Shafee-lerings, wat in lyn met die doktrine van die Moslems van Indonesiese oorsprong was, by die plaaslike Moslemgemeenskap ingeskerp is. Negentig

---

235 R.C.-H. Shell, *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838,* B.A. Honneurs-skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1974, p. 43.

236 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 361 - 362; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 4.

237 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168.

238 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 59.

239 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 11.

240 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 47.

241 G.M. Theal, *History of South Africa since 1795, I*, p. 410.

242 A. Davids, *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800,* p. 14.

243 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 93; *South African Commercial Advertiser,* 1836-02-27, p. 3.

244 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 190; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap.* p. 93; F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 38.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 35: Die Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat, ook bekend as die Jan van Boegies-moskee wat die tweede oudste Moslemaanbiddingsplek in Kaapstad is. In wese is dit 'n huis waarvan die boonste verdieping as gebederuimte of *Langar* ingerig is, terwyl die onderste gedeelte as woning van die imam gedien het.

Uit: F. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims* (Kaapstad, 1978), p. 53.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persent van hedendaagse Kaapse Moslems behoort tot die Shafee-groepering.[245] Aangesien die oorspronklike eienaar van die grond waarop die Auwal-moskee staan self 'n vrygestelde slavin was, kon die Moslemslawe meer geredelik met dié moskee identifiseer. Sy was Saartjie van die Kaap wat met Achmat van Bengale getroud was.[246] Vanuit die Auwal-moskee, sowel as die Moslemskool op dieselfde perseel, is die Islam deur toegewyde en aktiewe imams versprei.[247]

Die tweede moskee in Kaapstad was die reeds vermelde Palmboom- of Dadelboom-moskee in Langstraat **(Fig. 35)** wat ook as die Jan van Boegies-moskee bekend is.[248] Na 'n dispuut oor imamskap wat na die dood van Tuan Guru in 1807 onstaan het, het Frans van Bengale en Jan van Boegies van die Auwal-moskee weggebreek en die eiendom uit die boedel van J.P. Roux bekom.[249] Hierop het hulle die Palmboom- of Dadelboom-moskee ingerig. Abdolgamiet was hier die eerste imam met Jan van Boegies as sy assistent.[250] Alhoewel Frans van Bengale en Jan van Boegies aanvanklik gelyke aandele in die eiendom gehad het, het Jan in 1811 die alleeneienaar van die eiendom geword.[251]

Die eerste aangetekende Moslemgodsdiensbyeenkoms is in ongeveer 1770 deur George Forster beskryf,[252] terwyl John Campbell op 11 Februarie 1814 'n redelik volledige beskrywing van 'n Islamitiese godsdiensbyeenkoms in die Auwal-moskee gegee het.[253] Volgens die getuienis van imam Muding voor die Colebrooke en Bigge Kommissie in 1835 is Islamitiese godsdiensbyeenkomste op Vrydae vanaf 11 tot 2 uur in die moskees gehou.[254] Dit het hoofsaaklik die lees van die Koran en die opsê van gebede behels. Alle Moslemslawe wat toestemming van hulle eienaars kon kry, het dié byeenkomste bygewoon. Die slawe wat op 'n semi-onafhanklike basis hulle eie inkomste verdien het ("koeliegeldsoekers"), het groter vryheid gehad om dié byeenkomste by te woon.[255] Soos die geval vandag nog is, is geen skoene binne die moskee gedra nie. Tydens die vas van Ramadan het vroue op 'n spesiale plek in die galery van die moskee gesit, terwyl hulle tydens die viering van die profeet Mohammed se verjaarsdag met die *rampie-sny* seremonie die bederuimte van die moskee kon betree.[256]

---

245 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 94 en 96.

246 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* pp. 5, 62 en 63.

247 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 59.

248 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 195; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 114.

249 *Ibid.*, p. 195.

250 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 116.

251 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 195.

252 G. Forster, *A voyage around the world in His Brittanic Majesty's Sloop I,* p. 10.

253 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 327 - 328.

254 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book*, p. 207.

255 *Ibid.*, p. 210.

256 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na 1800 het die Islam aan die Kaap van krag tot krag gegaan. Met vyf aanbiddingsplekke, 'n eie begraafplaas, 'n aktiewe Moslemskool, vryheid van aanbidding, sowel as die ongeneentheid van eienaars om hulle slawe tot die Christendom te kersten, was Islam die sterkste geloof onder die slawe.Teen 1842 het dit reeds 6 435 aanhangers gehad wat 'n derde van die Kaapstadse bevolking uitgemaak het.[257] Daarenteen het die Christelike geloof, wat die kerstening van slawe betref, teëspoed gehad. Christelike sendingwerk in die stedelike gebied het jammerlik misluk en kon eers laat in die negentiende eeu enige sukses behaal.[258] Selfs na die stigting van die *Cape Town Auxiliary* en ten spyte van toegewyde ywer kon die *South African Missionary Society* nie met die Islam ten opsigte van die kerstening van Kaapstadse slawe kompeteer nie.

Wat het Islam die Kaapse slaaf gebied? Dit het aan die godsdiensverstoke slaaf van Christeneienaars 'n sosio-religieuse heenkome gebied waar hy sonder enige vorm van diskriminasie aktief met 'n groep kon identifiseer en binne 'n geordende gemeenskap met 'n erkende geloof kon funksioneer.[259] Binne die Islam was die wettiging van troubeloftes moontlik.[260] Huwelike ooreenkomstig Islamitiese wette is deur imams tussen slawe voltrek, terwyl Christenslawe tot 1823 nie toegelaat is om amptelike huwelike te sluit nie.[261] Alhoewel Moslemhuwelike geen wettige erkenning aan die Kaap geniet het nie, het slawehuwelike binne die Moslemgemeenskap wel sosiale erkenning geniet. Dit was nie die geval met "slawehuwelike" in die Christelike gemeenskap nie.[262] Die imams het voorts daarin geslaag om slawe te oortuig dat, alhoewel hulle liggame gebonde was, hulle siele vry was.[263] Vir dié deel van die Kaapse bevolking wat voorheen geen kennis van die Christelike godsdiens gehad het nie, was die Christelike leerstellings meer kompleks en abstrak as die meer eenvoudige en toeganklike Islam.[264] Die teologiese filosofie van Tuan Guru het daarbenewens 'n raamwerk daargestel waarbinne Moslemslawe en hulle Moslem vryswart eienaars in harmonie met mekaar kon leef sonder om mekaar se posisies te bedreig.[265] Binne die Islam het die slawe groter sosiale beweeglikheid gehad en was hulle beskerm teen die moontlike slegte behandeling van vryswart eienaars. As voortsetting van Tuan Guru se werk het Achmat van Bengale bykomende reëls neergelê wat die verkoop en koop van Moslemslawe deur lede van

---

257 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 59.

258 R.C.-H. Shell, Rites and rebellion: Islamic conversion at the Cape, 1808 to 1915, *Studies in the history of Cape Town* 5, 1984, pp. 1 - 46.

259 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 98.

260 *Loc. cit.*

261 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 171; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 14; J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 361.

262 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, pp. 89 en 104.

263 G. M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV*, p. 369.

264 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 101.

265 A. Davids, Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town, (1825 - 1925), *Kronos* 19, 1992, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Moslemgemeenskap verbied het.[266] Moslemleraars aan die Kaap het dus doeltreffend daarin geslaag om die kloof tussen slaaf en vryman te oorbrug.[267] Wat die begrafnisse van Moslemslawe betref, is daar geen onderskeid deur die Islam gemaak nie. Ongeag sosiale status is die laaste rituele- en begrafnisseremonie en eerbetoon met groot waardigheid en respek bedien.[268] Daarenteen het Christene die mees elementêre gebruike by slawebegrafnisse afgeskeep[269] en hulle aparte begraafplase verwaarloos.[270] Die respek waarmee die afgestorwenes gehanteer is, sowel as die laaste rituele het aan Islam 'n groot voorsprong bo die Christendom aan die Kaap verskaf.[271]

Op Moslemfeesdae is alle Moslems, ongeag status of posisie, by die feesvieringe verwelkom.[272] Sekere unieke sosiale tradisies binne die Kaapse Moslemgemeenskap, soos *rampie-sny* of die "Fees van die Lemoenblare" op die Profeet se verjaarsdag, *merang* – 'n religieuse seremonie wat deur feesvieringe opgevolg word – en die *khalifa,* 'n spirituele swaardspel, het die geleentheid aan slawe gebied om aan "religieuse"-aktiwiteite deel te hê en as sodanig tydelik van die juk van hulle eienaars en slawerny bevry te wees.[273] Alhoewel die *khalifa* of *ratiep* sowel as *rampie-sny* van Suidoos-Asiese oorsprong is en strenggesproke nie deel uitmaak van die Islam nie, is dit wel aan die Kaap ingevoer om heidenslawe iets bekends te gee om met hulle lande van herkoms en hulle verlede te kon identifiseer [274] en hulle so tot die Islam aan te trek.

Slawe in besit van Moslemeienaars het in sommige gevalle 'n beter kans op vryheid as ander slawe gehad. Volgens Thomas Lightfoot was een van die redes wat bekering tot Islam onder die slawe aangehelp het 'n fonds wat deur Moslems op die been gebring is om soveel moontlik "Maleiers" vry te koop.[275] Tussen 1715 en 1791 het die vryswartes, wat in 1770 maar ongeveer 'n half persent van die totale vrybevolking uitgemaak het, 153 slawe teenoor die 458 van die ander slawebesitters vrygestel.[276] Alhoewel dit moeilik is om te bepaal of godsdiens die groot oorweging vir die vrystellings was, is Le Roux van mening dat vryswartes relatief

---

266 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 95 - 96.

267 M. Whisson, *The fairest Cape, an account of the Coloured people of Simonstown,* p. 8.

268 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 90; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

269 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 159.

270 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa,* p. 81.

271 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

272 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 90.

273 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95.

274 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63 - 64.

275 T. Lightfoot, The Cape Malays, *in* A.G.S. Gibson, *Sketches of church work and life in the Diocese of Cape Town,* p. 33.

276 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veel meer slawe vrygestel het, as wat die geval by ander slawebesitters was.[277] In 1827 het die Slawebeskermer opgemerk dat slawe wat die geloof van hulle Moslemeienaars aangeneem het, wel toegelaat is om hulle vryheid teen kosprys te koop.[278]

Vanaf Kaapstad het die Islam na die plattelandse gebiede versprei totdat daar teen 1820 reeds 58 slawe in dié gebiede tot die Islam bekeer is.[279] 'n Moslemgemeenskap het eers in 1850 in die Paarl ontstaan, terwyl beide die Paarl en Worcester eers in 1880 moskees gehad het.[280]

Wat die kerstening van plattelandse sowel as binnelandse slawe tot die Christendom betref, was die oes, net soos in die stad, maar skraal. Die omstrede wet van 1770, wat die verkoop van gedoopte slawe belet het, het ook in dié gebiede onteenseglik 'n demper op die kerstening van slawe geplaas. Die doop van slawe is selfs met vyandigheid bejeën, aangesien dit die eiendomsreg van slawe-eienaars in gedrang gebring het deurdat die verhandelbaarheid van slawe beperk is en die vryheid waarop gedoopte slawe geregtig was, 'n potensiële verlies aan eiendom ingehou het. In die akkerbougebied met sy arbeidsintensiewe ekonomie het die kerstening van slawe tot die Christendom des te meer 'n ernstige ekonomiese bedreiging vir die boere ingehou. In die 1750's het De la Caille tereg opgemerk dat boere in dié gebiede nooit met hulle slawe oor godsdiens gepraat het nie.[281] Isolasie en groot afstande na die naaste kerke het ook 'n rol in die problematiek rondom die kerstening van plaasslawe tot die Christendom gespeel. Volgens Kolbe het die gebrek aan kerkgang onder die plaasslawe verband gehou met die feit dat meeste ver van die kerk af gewoon het en eerder hulle lappies grond op Sondae wou bewerk.[282]

Slawe is in sommige gevalle by die huisgodsdiens van die boer en sy gesin betrek en het soms tydens sekere werksaktiwiteite psalms gesing. Tydens die sewentigjare van die agtiende eeu het Sparrman melding gemaak van die slavinne op 'n Tygerbergse plaas wat psalms gesing het terwyl hulle met naaldwerk besig was. Dis egter waar dit gebly het, want "their master ... had prevailed with them to adopt this godly custom; but ... he had not permitted them to be initiated into the community of Christians by baptism; since by that means, according to the laws of the land, they would have obtained their freedom, and he would have lost them from his service".[283] Lichtenstein het tydens sy binnelandse reise in die vroeë negentiende eeu opgemerk dat veldkornet Samuel de Beer van die plaas Queekvallei aan die voet van die Swartberge, baie vroom was. Soggens vroeg het al sy kinders, slawe en Khoikhoi vir oggendgodsdiens byeengekom waartydens psalms gesing, 'n lang gebed gedoen en 'n hoofstuk uit die Bybel gelees is.[284] In 1825 het Teenstra melding gemaak van 'n slavin wat tydens 'n moordsaak in die Bokkeveld teen dertien slawe getuig het dat haar oorlede eienaar gereeld sy plaaswerkers by huisgodsdiens betrek het: "Ja, dingsdags en woensdags liet hij het

277 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 91.

278 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXII*, p. 66.

279 *Ibid. XXXV*, p. 367.

280 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 70.

281 N.L. de La Caille, *Travels at the Cape, 1751 - 1753*, p. 35.

282 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 326.

283 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 90.

284 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 36: Die slawekerkie op die plaas De Nieuwe Plantatie, Paarl. Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad, GNG 4995.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volk psalmen singen en sprak tegen hen." [285] 'n Kleremaker van Italiaanse herkoms, J. Dalree, het voorts getuig dat ds. Vos, sowel as die oorledene huisgodsdiens gehou het waarby die werksvolk betrek is.[286] Die gebruik om slawe by huisgodsdiens te betrek, was 'n rare verskynsel wat meer algemeen op die verafgeleë plase in die Graaff-Reinet distrik as in die omstreke van Kaapstad voorgekom het.[287] Alhoewel slawe selektief aan bepaalde elemente van die Christelike godsdiens en veral die Calvinisme blootgestel is, is die doop en lidmaatskap van die Kaapse Kerk bewustelik van hulle weggehou.

In teenstelling met die stedelike gebied het sendingaksies in die akkerboustreek sowel as in die binneland in 'n sekere mate tot die verspreiding van die Christendom onder slawe gelei. As 'n direkte gevolg van 'n brief deur die *London Missionary Society* sowel as die bemoeienis van dr. J. van der Kemp van dié sendinggenootskap, is die *South African Missionary Society* in 1799 met ds. M.C. Vos van Tulbagh as leier gestig.[288] Dominee Vos, wat self 'n slawebesitter was, het hom vuriglik beywer vir die afskaffing van die omstrede wet van 1770 wat die verkoop van gedoopte slawe belet het en as sodanig negatief op die kerstening van slawe ingewerk het. Na die stigting van die *South African Missionary Society*, is sendingwerk na die binneland uitgebrei. Terwyl die *London Missionary Society* hoofsaaklik met die kerstening van die inheemse bevolking gemoeid was, het die *South African Missionary Society* hoofsaaklik die bekering van slawe ten doel gehad.[289] Laasgenoemde was veral in die akkerbougebiede van die Suidwes-Kaap werksaam. Ten spyte van daadwerklike pogings deur die sendelinge om slawe tot die Christendom te bekeer, was die vordering pynlik stadig. Van 1810 tot 1842 is slegs 86 slawe gedoop.[290] In sommige gevalle was alles nie tevergeefs nie. Kort na 1812 het dominee Vos melding gemaak van 'n aantal gedoopte slawe wat saam met die gemeente in die kerk te Caledon nagmaal gebruik het.[291]

Wat sendingwerk deur die *London Missionary Society* betref, het John Campbell tydens sy reise in 1812 en 1813 by 'n paar sendelinge en hulle kuddes aangedoen. In Stellenbosch het hy 'n kerkdiens vir slawe aan huis van sendeling Bakker bygewoon. Die diens is deur 180 slawe bygewoon en die preek is deur sendeling Kicherer behartig. Hy het ook besoek gebring aan die plaas van ene Roos naby Stellenbosch waar Messer die inwonende sendeling was. Messer het die slawe van Roos, sowel as die van die naburige plase onderrig. In die Paarl is slawe deur sendeling Read bearbei terwyl hulle ook 'n gebou vir godsdiensonderrig en kerkdienste gehad het. Op die plaas De Nieuwe Plantatie is 'n slawekerkie opgerig **(Fig. 36)**. Daarbenewens het Campbell melding gemaak van godsdiensbyeenkomste in Graaff-Reinet wat deur slawe bygewoon is.[292]

---

285 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 328.

286 *Loc. cit.*

287 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 4.

288 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 358.

289 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 168.

290 *Ibid.*, p. 31; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV,* p. 364.

291 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 169.

292 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 25, 38, 124 en 325.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Samevattend is dit duidelik dat twee godsdiensstrominge, naamlik die Christendom en die Islam, 'n rol in die religie van slawe aan die Kaap gespeel het. Weens die problematiek rondom slawedoop en vryheid kon die Christendom nie daarin slaag om slawe effektief te kersten nie, terwyl die Islam beter toegerus was om die godsdiensbehoeftes van beide slawe en slawebesitters te akkommodeer sonder om 'n bedreiging vir die een of die ander te skep. Verskeie faktore het voorts 'n belangrike rol in die snelle verspreiding van Islam aan die Kaap tussen 1770 en 1842 gespeel wat tot gevolg gehad het dat die Moslemslawe die Christenslawe by verre in getalle oortref het wat tot 'n tipiese Kaapse Moslemkultuur, veral in die stedelike gebied, aanleiding gegee het. Die Moslemgemeenskap het naas die Christengemeenskap ontwikkel. Heel tereg, volgens Le Roux, is die tweeklasstelsel wat op ekonomiese en sosiale begrippe gebaseer was, uiteindelik deur godsdienstige begrippe bevestig. Die Christelike/Europese klas het selektief bepaalde inwoners van die Kolonie uitgeskakel, terwyl die Moslem-/slaweklas juis toegangklik vir hierdie miskende inwoners was. Die geleentheid om 'n vrye keuse ten opsigte van lidmaatskap van 'n geordende gemeenskap met 'n erkende geloof uit te oefen, is met entoesiasme deur 'n groot gedeelte van die Kaapse slawebevolking, wat byna geen vrye keuses gehad het nie, [293] aangegryp. Die idee dat almal nie binne die Christendom welkom was nie en dat "Slams Kerk is de zwarte man's Kerk", is gedurende die agtiende eeu gevestig.[294]

Sosiale en kulturele lewensvorme

Die sosiale en kulturele lewensvorme van die Kaapse slaaf behels hoofsaaklik sy lewe van die wieg, of eerder die liefde, na die graf en is afgestem op die algemene sosiale gebruike, gewoontes en ander lewensfasette van die Kaapse slawe.

1. Verhoudings, verbintenisse en huwelike

Weens die basiese onversoenbaarheid van die huwelik met slawerny waarbinne die slaaf geen burgerlike regte gehad het nie, is slawe voor 1823 nie toegelaat om onderlinge wettige huwelike aan te gaan nie.[295] Volgens die Romeinse reg wat ook aan die Kaap van toepassing was, het slawe geen regstatus gehad nie en kon hulle gevolglik geen kontrakte (ook huwelikskontrakte) sluit nie.[296] Dit het daartoe aanleiding gegee dat slawe in privaatbesit hulle eie vorm van nie-amptelike "huweliksverbintenisse" gevorm het. Volgens Campbell was daar baie slawe "who consider themselves by their own mutual consent, husband and wife".[297] Die permanensie van die "slawehuwelike" is egter deur die ongevoeligheid van meesters vir die emosionele ontwrigting, sowel as die gebrek aan respek vir dié "huweliksverbintenisse" met die verkoop of skeiding van slawe tydens veilings, in die wiele gery.[298] Alhoewel mans- en

---

293 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, pp. 91- 92 en 101.

294 *Handbook of Cape Town and suburbs*, p. 71; T. Lightfoot, The Cape Malays, *in* A.G.S. Gibson, *Sketches of church work and life in the Diocese of Cape Town*, p. 30, soos aangehaal *in* S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 101.

295 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 14.

296 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* p. 150.

297 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* p. 21.

298 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 95 .

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vroueslawe van verskillende eienaars wel met die toestemming van hulle meesters saamgewoon het, was die kinders uit dié verbintenisse altyd die eiendom van die eienaar van die slavin. Hierdie saamwoonverhoudings was in 'n groot mate aan verbrokkeling blootgestel.[299] Die status en posisie van die kind wat uit sodanige "huwelike" gebore is, het bygedra tot die destabilisasie van Kaapse slawegesinne. Die genoemde gebrek aan erkenning en respek vir "slawehuwelike" en -gesinne deur eienaars het onstabiliteit, onbestendigheid en immoraliteit binne dié "huwelike" in die hand gewerk, soos deur Robert Semple teen die einde van Kompanjiesbeheer opgemerk en duidelik as volg verwoord is:

> The [slave] husband visits his wife as he can find opportunities and leaves her when he pleases to take another, without ceremony and without reproach. And what else can be expected, when he knows that he himself is the property of one man, his wife perhaps of another and his children liable to be given to a third and fourth.[300]

In 1822 het William Bird weereens die afwesigheid van amptelike formele huweliks-verbintenisse tussen slawe en die gevolglike gebrek aan moraliteit binne dié informele verbintenisse tussen slawe bevestig en onder meer waargeneem dat "both sexes follow the natural impulse of their passions with ardour". [301] In 1830 het M.D. Teenstra opgemerk dat, alhoewel slawe nie mag trou nie, hulle nogtans in oorvloed vermenigvuldig het.[302] Teenstra was net gedeeltelik reg, aangesien Ordinansie 19 van 1823 wel die reg aan slawe verleen het om amptelike huwelike met mekaar te sluit.[303] Dit was onderhewig aan bepaalde voorwaardes, soos dat die partye Christene moes wees en die eienaar sy toestemming tot die huwelik moes verleen. Verder mag slawe nie voor vrystelling 'n amptelike huwelik met 'n vry persoon sluit nie, terwyl huwelike wat deur sendelinge voltrek is nie as 'n wettige huwelik erken is nie. Hierdie vereistes het die sluiting van amptelike huwelike vir slawe gekompliseer. Soms het eienaars botweg hulle toestemming tot sodanige slawehuwelike geweier, soos in die geval van die 25-jarige Isaac wie se eienaar, Hendrik Frans Hiltzeroth, in 1829 nie sy toestemming wou verleen dat Isaac met die vryswart vrou, Louisa Bril, trou nie.[304] In die sewentigerjare van die agtiende eeu het Anders Sparrman melding gemaak van 'n slawepaartjie wie se eienaar toestemming tot hulle huwelik geweier het, waarop die slaaf in 'n vlaag van wanhoop en passie eers sy geliefde met 'n mes doodgesteek en daarna sy eie lewe geneem het.[305] Volgens Kolbe is verdienstelike slawemans wel toegelaat om "in een ongehuwelykten staat" met 'n slavin te woon "dog niet voor dat zyn meester daar in toestemt".[306] As 'n spesiale beloning of toegif is slawemans dus toegelaat om een of meer "byzitte" te hê,[307] soos die geval was met

---

299 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

300 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 39.

301 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 74.

302 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 346.

303 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 320; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 14.

304 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 320 - 321.

305 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776 , II* (red. V.S. Forbes), p. 259.

306 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

307 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 67 - 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die reeds vermelde slawemandoor op Martin Melck se plaas [308] en die slaaf Galant van die Bokkeveld.[309] Ordinansie 19 van 1823 het voorts bepaal dat slawegesinne waarvan al die lede aan dieselfde eienaar behoort het, nie deur verkope opgebreek mag word nie.[310] Weens al dié kompliserende voorwaardes rondom formele amptelike slawehuwelike, is die vorige *status quo* van informele slawehuwelike deur beide slaaf en meester verkies en gehandhaaf. Dié los, informele stelsel was vir beide partye 'n beter werkbare opsie. Onderlinge slawehuwelike is voorts deur die algemene publiek as absurd beskou, aangesien dit 'n te "eerbare instelling vir persone van sodanige lae stand" was.[311] Formele huwelike tussen slawe was dus nie 'n algemene verskynsel aan die Kaap nie. Teen 1831 is daar uit 'n totaal van 35 000 slawe slegs drie wettige huwelike tussen slawe voltrek.[312]

Wat die Kompanjieslawe betref, was daar reeds sedert die begin van die nedersetting sprake van vaste verbintenisse of informele huwelike onder mekaar.[313] Dit blyk dat sommige slawe as pare by die Kaap aangekom het. Met die aankoms van die Angolese slawe in 1658 verwys Van Riebeeck pertinent na "Angoolse Compagniesslaven en -slavinnen ... , so wel gepaerde als ongepaerde".[314] Op 19 September 1658 verwys hy na 'n slavin wat saam met 'n ander slaaf, wat as haar man beskou is, moes gaan hout kap.[315] Om onsedelikheid in die slawelosie hok te slaan, is Kompanjieslawe binne die losie tydens die vroeë jare van die nedersetting aangemoedig om informele huweliksverbintenisse met mekaar te sluit. Sodanige "huwelike" is sterk deur beide kommissarisse Isbrand Goske in 1671 [316] en Hendrik Adriaan van Rheede in 1685 [317] aanbeveel. Hierdie informele huwelike, wat basies op 'n formele verklaring van trou neergekom het, is egter nie deur die reg of die kerk erken nie. As sodanig is dit nie in die huweliksregisters aangeteken nie en is dit ook nie bekend wie die seremonie waargeneem het nie.[318] Na Van Rheede se besoek sou die losie in drie dele afgeskort word waarvan een deel die "getroude" Kompanjieslawe sou huisves.[319] In 'n verslag van 1717 waarin onder meer voorstelle vir die herbouing van die losie ingedien is, is daar pertinent voorsiening vir 'n

---

308 R. Ross, Oppression, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope, *Historical Reflections VI, 1979*, pp. 429 - 430.

309 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 334.

310 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 19.

311 *Ibid.,* p. 15.

312 *Loc. cit.*

313 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* pp. 150 - 151.

314 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 277.

315 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 456.

316 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 100 - 101.

317 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184; K.A.B. : C. 2355, Instruksies van kommissaris H.A. van Reede, 1686-07-16.

318 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 201.

319 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 207 - 208.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afsonderlike woonruimte vir "de beste ordentelijkste gepaarde slaven" gemaak.[320] Volgens die genealoog Hans Heese is daar in die Rijcksarchief te Den Haag 'n lys van die tydperk 1790 tot 1791 waarin gegewens oor slawepare van die Kompanjie wat as "getroud" beskou is, verstrek word. Hiervolgens blyk dit dat uit 'n totaal van 849 slawe, 215 persone as families in die slawelosie in Kaapstad en Nuweland saamgewoon het. Hierdie 215 persone het uit 65 families bestaan waarvan 39 'n man as gesinshoof gehad het. Net meer as die helfte van die gesinne het dus 'n twee-ouer samestelling gehad.[321]

Om 'n amptelike Christelike huwelik te kon sluit, moes beide Kompanjieslawe, [322] sowel as slawe in privaatbesit gedoop en vrygestel wees. Die Ordinansie van 1823 het aan privaatslawe die reg op 'n wettige onderlinge huwelik verleen, op voorwaarde dat beide Christene moes wees en die toestemming van hulle eienaar moes hê. Alhoewel Christenskap die doop en gevolglike vryheid geïmpliseer het, wil dit voorkom asof vryheid nie deel van die huwelikspakket vir onderlinge slawehuwelike was nie. Die aanname is af te lei uit die verdere voorwaardes wat die ordinansie aan eienaars van gedoopte slawe gestel het, naamlik dat wettig getroude slawepare, sowel as hulle wettige kinders nie apart verkoop mag word nie op voorwaarde dat hulle almal die eiendom van dieselfde eienaar moes wees.[323] Sedert 1823 was dit dus vir slawe moontlik om in 'n voortgesette staat van slawerny amptelike getroud te wees.

In die meer verdraagsame vroeë jare van die Kaapkolonie, toe die skeidslyne van ras en kleur vloeibaar was, moes slavinne wat wettige Christenhuwelike met Europeërmans wou sluit, eers gedoop en dan vrygestel wees. "Baptism was the *sine qua non* for Christian marriage", aldus Robert Shell.[324] Ontnugter deur die groot aantal "mulat" kinders van Europese afkoms in die slawelosie, het Van Rheede in 1685 reeds aanbeveel dat huwelike tussen die slavinne van Europese afkoms en Europeërmans, veral van Nederlandse afkoms, aangemoedig moes word sodat hierdie slavinne op dié wyse uit slawerny bevry kon word.[325] Van die voornemende bruidegom is verwag om die Kompanjie te vergoed vir sy bruid se onderhoud en opvoeding. Die Kompanjie was op hierdie kompensasie geregtig, aangesien die slavin immers die amptelike eiendom van die Kompanjie was.[326] Gemengde huwelike was nie net tot "mulat" slavinne beperk nie. Tydens die sewentiende eeu het die Europeërmans aan die Kaap voorkeer aan die Bengalese slavinne as heelslag huweliksmaats gegee, aangesien hulle kultureel op 'n hoër vlak as die plaaslike inboorlinge was [327] en oor buitengewoon aantreklike fisiese eienskappe beskik het.

---

320 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 -1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 162.

321 H.F. Heese, Slawegesinne in die Wes-Kaap, 1665 - 1795, *Kronos* 4, 1981, p. 45.

322 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 101, 108 en 208.

323 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* pp. 18 - 19.

324 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 288.

325 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 206 - 207.

326 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 288.

327 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 138 - 139; J.A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner 1657 - 1867,* p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste gemengde huwelik aan die Kaap is op 21 Mei 1656 tussen "d 'eerbare jonge dochter" Catharina Anthonis, 'n vrygestelde slavin van Bengaalse afkoms, en Jan Woutersz, 'n Kompanjiesoldaat, gesluit.[328] Ander gemengde huwelike waarby vrygestelde Bengalese slavinne betrokke was, is onder meer dié van 'n "seeckere Bengaelse dochter genaemt Domingo Elvingh" met Anthonie Muller op 29 September 1656,[329] Maria van Bengale met Jan Sacharias op 21 Julie 1658 [330] en die merkwaardige Angela of Ansiela van Bengale met die vryburger Arnoldus Willemsz Basson op 15 Desember 1669.[331] Anna de Koningh, dogter uit 'n verhouding van Angela van Bengale met ene De Koningh, is later met die bekende Kaapse amptenaar van Sweedse afkoms, Oloff Bergh, getroud en sou as sy weduwee vir tien jaar na sy dood in eie reg die eienares van die woonhuis op Groot Constantia wees.[332] Kaapsgebore slavinne van gemengde Oosterse en Europese afkoms het spoedig hulle Oosterse eweknieë in gewildheid as huweliksmaats oortref. Volgens die getuienis van Kapenaars, besoekers en reisigers was hulle baie aantreklik [333] en was hulle taal as Kaapsgeborenes ook die taal van hulle blanke huweliksmaats. 'n Soortgelyke huwelik was die tussen die vrygestelde slavin Johanna Renatte van die Kaap en Johan Paul Lappe.[334] Alhoewel Van Rheede in sy instruksies die huwelike van Europeërmans met die "dogters van Nederlandse vaders en slawemoeders" aanbeveel het, het hy pertinent huwelike tussen Europeërvroue en vrygestelde slawemans verbied.[335] Met verloop van die agtiende eeu het die gebruik van blanke burgermans om met vryswart vroue te trou, afgeneem wat in ooreenstemming met die Bataafse neiging was waar amptelike beleid nie meer geneë met mestiese huishoudings was nie. Die afname dui ook op 'n groter beskikbaarheid van vroue uit die nuwe geslag burgerdogters.[336]

Weens die verbod op onderlinge amptelike Christenslawehuwelike tot 1823, het Moslemimams reeds in die 1820's slawe volgens die Islamwette in die eg verbind.[337] Hierdie Moslemhuwelike was onwettig.[338] Die imams was ook bereid om mansslawe wat weens die verkoop deur hulle meesters van hulle vrouens geskei is, in die huwelik met 'n ander vrou te verbind. Dieselfde toegeeflikheid was nie slavinne in dieselfde posisie beskore nie. Wat die gebruike rondom die Moslemslawehuwelik betref, is die huweliksbevestiging voorafgegaan

328 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 78: A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 68 en 74.

329 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 81.

330 *Ibid.*, pp. 160 - 161.

331 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 80; D.B. Bosman (red.), *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana*, pp. 88 en 104.

332 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 81; C. Jansen en S. Simon, *50 Cape Dutch houses*, p. 14.

333 R. Wilson, *Description of the Cape*, pp. 30 - 31; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 286; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

334 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 694.

335 G.M. Theal (red.), *Belangrijke historische documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders*, p. 41.

336 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 69.

337 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 320 en 361; R.C.-H. Shell, Rites and rebellion: Islamic conversion at the Cape, 1808 - 1915, *Studies in the history of Cape Town* 5, 1984, p. 28.

338 S.A. Rochlin, Early Arabic printing at the Cape of Good Hope, *Bulletin of the School of Oriental Studies* 7(1), 1933, p. 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur 'n besoek van die voornemende bruidegom aan die vader van sy voornemende bruid om toestemming vir die huwelik met sy dogter te versoek. Na veertig dae is 'n besoek aan die imam gebring wat twee getuies aangestel het om ondersoek na die voornemende egliede te doen. Na 'n positiewe verslag deur die twee getuies is voortgegaan met die voorbereidings vir die huwelik. Die troudatum is hierna bepaal. Uitnodigings is aan vriende gerig.[339] Die huwelikseremonie het by die moskee plaasgevind waar die bruid deur haar vader of 'n ouer manlike lid van die familie verteenwoordig is. Die seremonie in die moskee waartydens die bruidegom openlik sy voorneme van 'n huwelik verklaar het, is nie deur vroue bygewoon nie. Na die seremonie sou 'n beskeie onthaal waarskynlik plaasgevind waartydens die bruid en bruidegom aan aparte tafels gesit het. Teen die aand is die bruid deur uitgesoekte ouer vroue of deur haar skoonouers na die bruidskamer gebring waar haar man vir haar gewag het.[340] Daar moet aanvaar word dat slawehuwelike beslis minder swierig as hedendaagse Moslemhuwelike was. Die bruidsuitrusting, trourok en "onthaal", indien enige, sou meer beskeie gewees het.

Verbintenisse oor die kleurgrense heen waarby slawe betrokke was, was soos reeds vermeld, nie 'n rare verskynsel aan die Kaap nie. In die VOC-handelsryk het geen formele kleurdiskriminasie bestaan nie; aan die Kaap veral was die grense tussen groepe vaag en vloeibaar. Die Kaapse gemeenskap is vroeg reeds deur veelrassigheid en kulturele heterogeniteit gekenmerk. Semple het opgemerk dat die verskeidenheid rasse nie juis gepoog het om hulself suiwer te hou nie: "In this place they are quickly mingled together." [341] Die kleurmengelmoes wat die gevolg hiervan was, het hy met verwondering as volg beskryf: "The most complete variety of features and slaves of color, that is perhaps to be with in any part of the globe. Yellow, jet black, white and copper-colored are kneaded together into a mass ... the eye is continually amused by a strange and unceasing variety." [342] Die moontlikheid van gemengde verbintenisse binne dié opset was dus nie vergesog nie. Daarbenewens was daar, net soos in Batavia die geval was, 'n oorwig Europeërmans en 'n tekort aan Europeërvroue,[343] "[een] groot gebrek aan vrouws-perzonen, waar mede deze Colonie zich wettiglyk konde paren, en kinderen telen", aldus Kolbe.[344] Aantreklike Oosterse sowel as Kaapsgebore slavinne [345] was voorts geredelik beskikbaar, veral binne die huishoudings waar die slavinne werksaam was. Verder het die slavinne 'n voorkeur vir blanke mans gehad weens die korttermyn finansiële en materiële voordele wat dit vir hulle ingehou het, sowel as moontlike emansipasie en 'n huwelik indien 'n kind uit die verbintenis gebore sou word. Indien 'n huwelik uitgesluit sou wees, was dié kind – danksy sy Europese afkoms – op 'n vroeër leeftyd as ander slawekinders op vryheid geregtig.[346] Verder het 'n Bataafse wet van 1772 bepaal dat 'n slavin wat 'n kind by haar eienaar gehad het, na sy dood nie verkoop mag word nie en

---

339 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 9 - 10.

340 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, pp. 65 - 66.

341 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 8.

342 *Loc. cit.*

343 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707,* p. 17.

344 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 62.

345 *Gleanings in Africa,* p. 64.

346 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Medeedelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 210.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liewer vrygestel moes word.[347] Weens bogenoemde faktore is talle kinders van gemengde afkoms uit verbintenisse tussen slavinne en blanke mans gebore. In 1717 het Johann Daniël Buttner (1690 - 1730), arts en reisiger wat vanaf 1712 tot met sy dood in 1830 aan die Kaap woonagtig was, dié tendens waargeneem: "From the intercourse with European men of many nationalities the slave girls bear numerous children, some white, some yellowish." [348] In die eerste helfte van die agtiende eeu het Otto Mentzel hierdie gegewe bevestig: "Three or four generations of this admixture (for the daughters follow their mothers footsteps) have produced a half-caste population - a mestizzo class - but a light shade darker than some Europeans." [349]

In 1773 het die meeste slawekinders in besit van die Kompanjie Europese vaders gehad, terwyl hulle voorkoms ook opvallend met dié van hulle vaders ooreengekom het.[350] Thunberg het opgemerk dat daar in sy tyd aan die Kaap 'n hele paar families was wat van slavinne afgestam het, 'n eerste generasie "proceeding from an European who is married to a dark slave, that has been made free ..." [351] Die gekleurde slawe, wat die nasate van wit mans en veral Oosterse slavinne was, het oor die algemeen as "mulatte" bekend gestaan en is as die eersteklas slawe wat die waardevolste was, gereken.[352] Dit is juis hulle positiewe fisiese, karakter- en werkskwaliteite wat van dié "gekleurde" slawe die voorkeurslawe aan die Kaap gemaak het. In dagboeke en reisbeskrywings word die lof van hierdie "mestiese", "mulatte", "Afrikanders", "kreoolse" of Kaapsgebore slawe besing.[353] Verskeie vorme van gemengde verhoudings en verbintenisse tussen slawe en blankes het voorgekom. Hierdie verbintenisse het meesal vir òf die eienaar òf die slavin òf vir beide voordele ingehou. In baie gevalle is slavinne binne die huishoudings toegelaat om saamwoonverhoudings met blanke Europeërmans te hê. Mentzel het die redes vir die kondonering van hierdie verhoudings deur die eienaars raak opgesom:

> Female slaves sometimes live with Europeans as husband and wife with the permission of their master who benefit in two ways: the cost of upkeep of the slave is reduced through the presents she receives from the man, and her children are the property of her master ... These slave children are found useful at a very tender age and cost little to bring up. They are likewise better-mannered and better educated than imported slaves.[354]

Kinders van die slavinne het aan die eienaar behoort en dié verhoudings het 'n natuurlike aanwas van goeie kwaliteit slawe binne die huishouding van die eienaar tot gevolg gehad.[355] Die groot voordeel wat eienaars op die wyse uit dié seksuele verhoudings tussen slavinne in hulle huishoudings en Europeërmans getrek het, het tot gevolg gehad dat sodanige

---

347 K.A.B.: C. 914: Bijlagen by Inkomende Brieven, 1772-01-17.

348 J.D. Buttner, *Accounts of the Cape, brief description of Natal, journal extracts on the East Indies* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Hart), p. 66.

349 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 125.

350 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 169.

351 *Ibid.*, p. 33.

352 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 285.

353 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780 - 1785, I*, pp. 101 - 102; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

354 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

355 *Gleanings in Africa*, p. 64.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudings uit eiebelang gekondoneer is.[356] In sommige gevalle is slavinne deur hulle meesteresse toegelaat en selfs aangemoedig om as bywywe of courtesane van Europeërmans, soos enkellopende militêre personeel op te tree.[357] Soos blyk uit dagboeke en reisbeskrywings, was die aanhou van slavinne as maitresses deur blanke mans geensins vreemd nie. Teen die einde van die agtiende eeu het lady Anne Barnard tot die gevolgtrekking gekom dat "[v]irtue in a female slave was considered to be a most *unproductive* quality and as such it is discouraged by the Mistress, who boasts of the number of Children her Slaves have and encourages the addresses of those by whom they may be half cast".[358] In die vroeë negentiende eeu het Hudson waargeneem dat "[t]hey [the Cape born slaves] are generally in the pay of some resident who furnishes them with their finery which creates no enquiry from their Superiors how they procure these things. It being understood the Slave is handsome and they are greater part of them Courtezan and in pay".[359] Die outeur van *Gleanings in Africa* het opgemerk dat die aantreklike slavinne veral op Sondae op straat uitgeken kon word, "parading the streets in all the tawdry finery of a modern courtezan".[360] In 1822 het Bird die kondonering van dié verhoudings bevestig en die gevolgtrekking gemaak dat die mooi kleredrag van sekere slavinne die gevolg van hulle verbintenis met 'n vry persoon was.[361]

Soms is slavinne in die huishouding deur hulle eienaresse aangemoedig of selfs gedwing om met die oog op uiteindelike ekonomiese voordele, kortstondige seksuele verhoudings met gaste of besoekers aan te knoop. Hierdie seksuele uitbuiting van slavinne tot die persoonlike voordeel en gewin van hulle eienaar is deur Percival beskryf: "Dutch ladies have no reluctance to their slave girls having connection with their guests, in hopes of profiting by it, by their being got with child." [362] Volgens hom het sy vriend 'n nag saam met 'n aantreklike slawemeisie deurgebring nadat sy deur haar eienares by sy kamer ingestoot en die deur agter haar toegesluit is.[363]

Uit bogenoemde waarnemings is dit duidelik dat die kondonering van gemengde verhoudings tussen hulle slavinne en blanke Europeërmans uitsluitlik verband gehou het met die eiebelang en ekonomiese voordeel van die eienaar. Vir die eienaar was die verantwoordelikhede ten opsigte van die onderhoud van die slavin minder, veral in gevalle waar die slavin by die Europeërman ingewoon het, terwyl die waardevolle halfslag kinders wat uit dié verbintenis gebore is, aan die eienaar behoort het en nie veel gekos het om groot te maak nie.

Nog 'n vorm van gemengde verhoudings was dié tussen inwonende blanke mans en slavinne binne dieselfde huishouding. Dit het onder meer die buite-egtelike verhouding van 'n slavin met haar getroude eienaar behels. In 1806 het Hudson melding gemaak van 'n Stellenbosse boer wie se buite-egtelike verhouding met een van die slavinne in sy huishouding, sy vrou tot

356 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope in the years 1780 - 1785, I*, p. 102.

357 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 295.

358 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard, 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 189.

359 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

360 *Gleanings in Africa*, p. 64.

361 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 75.

362 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 291 - 292.

363 *Ibid.*, p. 292.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waansinnige jaloesie en uiteindelik tot moord op die betrokke slavin gedryf het. Die toorn en wraak van die gefrustreerde, verontregte vrou op die betrokke slavin het alle grense van menslikheid oorskrei:

> Frustrated by her denyal [*sic.*], she [the wife] vented her fury on the poor wretch [slave] who patiently bore the cruel treatment of the devil in human shape, not content with beating her maid unmercifully, she called in a strong boy who was employed about the house and made him hold the maid whilst she crammed hot bread down the throat of the unfortunate slave 'till she had choked her ...[364]

In die tweede helfte van die agtiende eeu het 'n sekere enkellopende Kaapstadse hoedemaker by twee van sy slavinne onderskeidelik 'n kind gehad.[365]

In die landelike en plattelandse gebiede het gemengde buite-egtelike verhoudings of kortstondige losse verbintenisse wydverspreid voorgekom. In 1776 het Diederick Bleumer, terwyl sy vrou nie op die plaas was nie, sy slavinne en 'n Baster-Khoikhoivrou gedwing om seksuele omgang met hom te hê. Hy is deur ander burgers op heterdaad met een van die slavinne in die bed betrap, aangekla en met 100 riksdaalders beboet.[366] In 1790 is die Stellenbosse burger Andries Grundeling deur 'n plaaseienaar agter 'n heining betrap, terwyl hy vir 'n slavin gewag het wat hy deur 'n ander slaaf laat roep het,[367] terwyl die weduwee Anna Dorothea Otto op 'n aand in 1788 die getroude burger David Malan Davidsz onder die bed in die slavinne-kwartiere op haar plaas betrap het. Davidsz het met een van die slavinne ontvlug en kon nie weer opgespoor word nie.[368]

Die kommentaar van Mentzel werp veral lig op die gemengde verhoudings tussen slavinne in die huishouding en jong skoolverlater seuns wat moes wag tot hulle op 21-jarige ouderdom in diens van die Kompanjie kon tree. Hierdie verhoudings is oor die algemeen gekondoneer en nie in 'n ernstige lig beskou nie. Die slavin was egter die lydende party en is streng oor haar wellustigheid berispe. Sy is voorts belet om die identiteit van die vader van haar ongebore kind openbaar te maak. Soms is sy selfs omgekoop om die skuld op 'n ander onskuldige man te pak, terwyl die skuldige skotvry daarvan afgekom het. "It does not hurt the boy's prospects; his escapade is a source of amusement, and he is dubbed a young fellow who has shown the stuff he is made of", aldus Mentzel. [369] Deur buite-egtelike seksuele verhoudings met slavinne binne die huishouding het eienaars en jong seuns self die taak van slawe-aanwas en verbetering van slawekwaliteit tot voordeel van die eienaar op hulle geneem. Shell konstateer tereg: "This sexual and reproductive exploitation of slave women resulted in a preferred group of mulatto slaves." [370] Die kinders wat uit die verhouding tussen 'n slavin en 'n jong seun in die

---

364 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 54 - 55.

365 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 269.

366 K.A.B.: 1/STB 3/11: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 1776-09-26.

367 K.A.B.: 1/STB 3/12: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 1790-07-01.

368 K.A.B.: C. 183: Resolusies van die Politieke Raad, 1789-10-19; 1/STB 3/12: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 1788-08-18 en 19.

369 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 109 - 110.

370 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 297.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huishouding gebore is, het meesal slawe gebly.[371] In die sewentiende en agtiende eeu het sommige vaders wel hulle slawenageslag vrygestel, maar met die afname in beskikbaarheid van slawe in die negentiende eeu wat veral deur die afskaffing van die oseaniese slawehandel in die hand gewerk is, het vrystellings al hoe minder plaasgevind.[372]

Verhoudings het ook tussen blanke meisies sowel as getroude blanke vroue met slawemans voorgekom. Een van die redes vir bogenoemde vermenging was die oorwig slawemans en die gevolglike beperkte toegang tot slavinne wat meesal verhoudings met plaaslike Europeërmans verkies het.[373] Die Kaapsgebore mulat of "Afrikander"-slavinne het hulleself hoër as ander "slawerasse" geag, veral dié wat nie Europese bloed in hulle are gehad het nie.[374] Vir hulle was dit 'n groot skande om 'n verhouding met 'n negroïede slaaf te hê of om aan 'n baba met 'n heelslag vader geboorte te skenk.[375] Ook die Javaanse slavinne wat volgens Stavorinus "aanvalliger van gelaat" as hulle manlike eweknieë was, "houden veel van een blank man." [376] Verhoudings tussen slawemans en blanke vroue was dus nie ongewoon nie. So het dit in 1681 aan die lig gekom dat Cupido van Bengale ongeveer 'n jaar lank met die blanke vrou, Anna Elizabeth Rooleeuw, "diverse en ontallycke malen vleeselyck conversatie gehadt heeft".[377]

Een van die mees opspraakwekkende buite-egtelike seksuele verhoudings tussen 'n Europeërvrou en 'n mansslaaf was dié in 1714 tussen die 24-jarige Maria Mouton van Middelburg, Zeeland en haar slaaf, Titus van Bengale. Hierdie verhouding het tot die moord op haar man deur haarself, Titus en die slaaf Fortuyn gelei.[378] Vir hierdie misdaad het al drie betrokkenes die doodstraf ontvang. In 1716 was die Kerkraad van Drakenstein genoop om die vrou van ene Bruël na "gedurige gerughten" oor "haren seer boos leven met haren slaaf" aan te spreek.[379] In die agtiende eeu het die blanke eienares van 'n wynwinkel in Soutrivier die geboorte van haar swart kind toegeskryf aan die feit dat sy gedurende haar swangerskap onverhoeds 'n swart slaaf teëgekom het.[380]

Seksuele insidente en verhoudings het ook tussen die jong dogters en die slawemans, sowel as vryslawe in diens van die meesteres plaasgevind. In 1694 is die vryslaaf Jantje van Batavia van verkragting van die dertienjarige Adriana van Jaarsveld, 'n weeskind wat by die voormalige Stellenbosse landdros, Johannes Mulder ingewoon het, aangekla. Met die galg as vooruitsig, het Jantje as verdediging aangevoer dat Adriana reeds swanger was toe seksuele verkeer

---

371 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 119.

372 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 297.

373 *Ibid.*, p. 288.

374 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 102.

375 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74.

376 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, p. 202.

377 J. Hoge, Miscegenation in South Africa in the seventeenth and eighteenth centuries, *in* M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 115. n 50; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 118.

378 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 317; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 118; H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, pp. 39 40, 142, 198 en 265.

379 C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I*, p. 431.

380 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tussen hulle plaasgevind het. Sy finale vonnis is tot met die baba se geboorte uitgestel. Toe 'n blanke baba sy opwagting maak, is Jantje se aanvanklike galgvonnis versag tot lyfstraf, brandmerking en om lewenslank in kettings geslaan te word.[381] Sparrman maak ook in die tweede helfte van die agtiende eeu melding van 'n Paarlse boer wie se een dogter deur "een of ander ongeluk" met die kind van 'n slaaf swanger geraak het. Die arme slaaf is lewenslank na Robbeneiland verban, terwyl die dogter self die vrou van haar vader se plaasvoorman geword het.[382] Dit was 'n redelik algemene gebruik om in geval waar die dogter by een van haar vader se slawe swanger geraak het, 'n ander man met geld om te koop om met haar te trou, terwyl die slaaf so ver as moontlik weggestuur is.[383]

Liefdesverhoudings en daaropvolgende huwelike tussen blanke vroue en slawe- of vryswart mans was 'n minder algemene verskynsel. In sy navorsing het Heese ses verwysings na sodanige huwelike opgespoor.[384] Die feit dat Simon van der Stel self as kasties of kwartslag 'n Indiese grootmoeder, bekend as Monica da Costa (Monica van die Kus) gehad het,[385] het waarskynlik daartoe bygedra dat sodanige huwelike rondom die eeuwisseling sosiaal meer aanvaarbaar was. In 1690 is die volslag Christoffel Seneyament, seun van Anthonie van Bengale en Catharina van Palicatte of Bengale, met die jong Franse meisie Margaretha Theresia van Savoye getroud. Terwyl hulle dogters almal met blanke mans in die huwelik getree het, is hulle seun se familienaam mettertyd tot Snyman vervorm om hom die stamvader van dié familie te maak.[386] Die halfslag Michiel Bok is in 1719 met 'n dogter van die vryburger Pieter van der Poel getroud. In 1767 is Abraham de Haan, seun van Ibrahim Adahan (Abraham de Haan) en die volslag Helena Valentyn, met 'n meisie van suiwer Nederlandse afkoms getroud,[387] terwyl David Hoon in 1794 met die blanke meisie Maria Roos in die huwelik getree het.[388]

Wat die losbandige seksuele verbintenisse tussen slavinne en blanke Europeërmans betref, het die slawelosie in Kaapstad die reputasie as grootste semi-amptelike, algemeen erkende bordeel in die stad gehad. Dit is hier waar Kompanjieslavinne, soldate, matrose en selfs burgers hulle onbeskaamd aan promiskue gedrag skuldig gemaak het. In 1671 het kommissaris Isbrand Goske bevind dat nege van die twaalf kinders in die slawelosie Europese vaders gehad het,[389] terwyl kommissaris Van Rheede in 1685 ontdek het dat 44 van die 92 slawekinders onder die

---

381 J.L. Hattingh, *Die eerste vryswartes van Stellenbosch, 1679 - 1720,* pp. 57 - 59; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 92.

382 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 94.

383 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 50 - 51.

384 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 141.

385 K. Schoeman, *Armosyn van die Kaap; voorspel tot vestiging, 1415 - 1651,* pp. 177 - 178; A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders,* p. 183.

386 C.C. de Villiers, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (red. C. Pama), pp. 907 - 910; H.F. Heese, *Groep sonder grense,* p. 6; J.L. Hattingh, Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes, *Kronos* 6, 1983, pp. 12 - 13.

387 H.F. Heese, *Groep sonder grense,* p. 14; J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse genealogieë II* (red. R.T.J. Lombard), p. 244; *Ibid. III,* p. 14.

388 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 318.

389 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* pp. 100 - 101.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ouderdom van twaalf jaar in die slawelosie Nederlandse vaders gehad het.[390] In 1692 was daar 78 halfslag slawekinders in die losie. Beide kommissarisse Goske en Van Rheede het instruksies uitgevaardig wat informele onderlinge slawehuwelike in die losie aangemoedig het en as sodanig die onbetaamlike en skaamtelose verkeer tussen slavinne en die blanke bevolking moes beëindig.[391] Plakkate is in 1678,[392] 1681,[393] 1685, 1715 en 1718 [394] uitgevaardig om promiskuïteit tussen Europeërs en slavinne hok te slaan, Europeërmans uit die slawelosie te hou en alle vorme van sosiale verkeer tussen Europeërmans en slavinne te beëindig. Ten spyte van al dié wetgewing het die ongeoorloofde praktyke voortgeduur. Weens die konsentrasie van slavinne in die slawelosie was dit veral 'n aantreklike opsie vir seksueel behoeftige mans. Die laaste drie plakkate was pertinent daarop gerig om Europeërs voortaan dag en nag uit die slawelosie te hou en 'n algehele verbod op die saamwonery met slavinne te plaas. Die slawelosie het egter regdeur die agtiende eeu sy reputasie as bordeel behou, soos blyk uit die waarneming van Mentzel in die eerste helfte van die agtiende eeu:

> Female slaves are always ready to offer their bodies for a trifle; and towards evening, one can see a string of soldiers entering their lodge where they misspend their time until the clock strikes 9 ... The Company does nothing to prevent this promiscuous intercourse, since for one thing, it tends to multiply the slave population and it does away with the necessity of importing fresh slaves.[395]

Uit die aanhaling blyk dit dus dat die Kompanjie – ten spyte van wetgewing – in die agtiende eeu hierdie vorm van prostitusie deur sy slavinne nie-amptelik gekondoneer het, aangesien die natuurlike aanwas van sy slawe daardeur in die hand gewerk is. Die betrokkenheid van Kompanjiesamptenare by losieslavinne is verklaarbaar in die lig van die feit dat daar, soos reeds vermeld, 'n tekort aan Europeërvroue aan die Kaap was. In 1664 het slegs ses Kompanjiesamptenare hulle vroue by hulle gehad.[396] 'n Ander bydraende faktor tot die losie se reputasie as bordeel was die groot aantal ongetroude Kompanjiesoldate en -matrose van verbyvarende skepe wat jaarliks met genoeg geld in hulle sakke tien dae tot drie weke landverlof in Kaapstad gehad het.[397] Na bewering het die jong Nederlandse soldaat Willem Janse in 1723, toe sy skip die Kaap nader, as volg teenoor 'n mede-reisiger opgemerk: "maat, wij hebben nu een goede windt, zoo zullen wij haast aan de Kaap komen. Daar kunt gij eens

---

390 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184.

391 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* pp. 100 - 101; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184, 207, 210 en 213; I.D. MacCrone, *Race attitudes in South Africa,* pp. 76 - 78; G.M. Theal, *History of South Africa (1692 - 1795) III,* p. 273.

392 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 152; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 270.

393 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 179; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 28.

394 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 299; *Ibid. II,* pp. 41 en 73.

395 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 125.

396 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 137.

397 *Loc. cit.*; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 286.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bij de zwarte hoeren gaan." [398] In baie gevalle het die losieslavinne se eie "huweliksmaats" hulle geforseer om met die plaaslike en besoekende Europeërmans prostitusie te bedryf vir die finansiële gewin en ander voordele wat hulle daaruit kon trek. In 1686 het Ambrose Cowley (fl. 1683), 'n Engelse besoeker aan die Kaap, beweer dat manlike losieslawe maklik oorgehaal kon word om hulle "vrouens" vir prostitusie aan te bied.[399] Volgens Mentzel het die losieslawe beslis voordeel uit hulle vrouens se prostitusie getrek, aangesien hulle "money or goods from their reputed wifes who have their own way of earning at the expense of soldiers or sailors" verkry het.[400] Hierdie slavinne was maklik aan hulle "mooi vere" uit te ken.

Losieslavinne het ook uit eie vrye wil die Europeërmans seksueel uitgelok en dan onbeskaamd op die vooruitbetaling van hulle dienste aangedring: "Kammene Kas, Kammene Kuntu" (As jy geen geld het nie, het ek ook geen -).[401] Losieslavinne het 'n voorkeur vir plaaslike Europeërmans gehad, aangesien dit beslis 'n beter proposisie was as die matrose wat slegs tydelik in Kaapstad was. Vir losieslavinne het 'n seksuele verbintenis met 'n plaaslike Europeërman die vooruitsig van 'n kind met Europeërbloed, die kans op vrystelling en 'n moontlike huwelik gebied. Sodanige verhouding kon die vrypas na vryheid wees.[402] In sommige gevalle het slavinne nie omgegee om prostitusie met matrose te bedryf nie, solank hulle net 'n kind met Europeërbloed kon hê. Met sy besoek in 1711 aan die Kaap het Charles Lockyer (fl. 1706) die volgende hieroor te sê gehad: "There is a little notice taken of the sailors who lodges in their rooms, and as for the women themselves, they are so fond of white children, that they would willingly have no other, when the breed is highly improv'd, many of them being as white as Europeans." [403] In sy reisverslag het Daniel Beeckman in 1714 onder meer geskryf dat, "[y]ou may see the Dutch soldiers frequently go in and out to the Slave-women (which is conniv'd at by the Government) and are very acceptable to them, who are Negroes, and are very proud when their children prove whiter than themselves". [404] Buttner het in die 1720's opgemerk dat die slawekinders met gemengde bloed in die losie die gevolg van gewillige seksuele verkeer met "mans van baie nasies" was.[405]

Die laaste vorm van gemengde verbintenisse wat voorgekom het, was dié tussen slawe en die plaaslike inboorlingbevolking (Khoikhoi). Tydens die aanvangsjare was dié verhoudings beperk, maar met die toenemende verbrokkeling van die Khoikhoi se stamgebondenheid en hulle teenwoordigheid in die blanke gemeenskap het dit veral na 1670 op plase begin posvat waar beide groepe saam gewerk en gewoon en aan dieselfde mate van onderdrukking blootgestel was. Dieselfde lotgevalle het beide groepe nader aan mekaar gebring en weens die tekort aan slavinne in die landelike gebiede, was die mansslawe toenemend op die vry Khoikhoivroue aangewese. Mansslawe is ook deur die blanke knegte voorgespring in verhoudings met slavinne. Kinders wat uit die verhoudings gebore is, het as

398 A.W. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse vestigingskolonie, 1680 - 1730,* D.Phil.-proefskrif, Vrije Universiteit Amsterdam, 1999, p. 212.

399 R. Haven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702, II,* p. 310.

400 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 124 - 125.

401 *Ibid. III,* p. 99.

402 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 286.

403 C. Lockyer, *An account of the trade in India,* p. 297.

404 D. Beeckman, *A voyage to Borneo in 1714,* p. 114.

405 J.D. Buttner, *Accounts of the Cape* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Hart), p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"baster-hottentotte" bekend gestaan en was weens die vrystatus van hulle moeders ook vry. Volgens De la Caille, Le Vaillant en Mentzel het bloedvermenging deur genoemde verbintenisse tydens die hele agtiende eeu voorgekom. Bloedvermenging tussen slawe en Khoikhoi het egter minder as dié tussen Europeërs en Khoikhoi voorgekom.

Uit voorafgaande bespreking van die verbintenisse en huwelike van Kaapse slawe kan die gevolgtrekking gemaak word dat die verbod op onderlinge slawehuwelike tot 1823 aanleiding gegee het tot die sluit van informele huweliksverbintenisse tussen slawe onderling en dat gemengde verbintenisse in 'n verskeidenheid vorme 'n algemene verskynsel aan die Kaap was. Alhoewel stabiele verbintenisse tussen slawe onderling in die vroeër jare deur die owerhede, veral onder Kompanjieslawe, aangemoedig is om promiskuïteit en sedelike verval in die slawelosie hok te slaan, is dit nie deur die reg en kerk erken nie. Hierdie gebrek aan huwelikstatus het onstabiliteit en immoraliteit in die hand gewerk. Slegs binne die Islam kon slawe onderling huwelike sluit wat, alhoewel dit regtens misken is, wel deur die Moslemgemeenskap erkenning geniet het. Daarbenewens was die slawe deel van 'n heterogene bevolkingsamestelling aan die Kaap wat uiteraard tot verhoudings oor die kleurgrens heen aanleiding sou gee. Die Kompanjieslawelosie met sy groot aantal seksueel gewillige en behulpsame slavinne was 'n heenkome vir talle seksueel behoeftige soldate, matrose, amptenare en burgermans. Weens 'n tekort aan blanke setlaarvroue in die sewentiende eeu het Europeërmans hulle veral tot Bengalese en later Kaapsgebore slavinne gewend. Hierdie gemengde verbintenisse met blanke Europeërmans het vir beide Kompanjieslavinne en privaatslavinne sekere voordele, soos geskenke, onderhoud, versorging, 'n beter toekoms vir haar halfslag kind, sowel as 'n moontlike huwelik en vryheid ingehou. Verder het dit die eienaar gepas, aangesien liefdesverhoudings van sy slavinne met Europeërmans ongetwyfeld ekonomiese voordele ingehou het – 'n natuurlike aanwas van goeie kwaliteit slawe in die huishouding. Daarbenewens het noue kontak in die huishoudings tot buite-egtelike en seksueel ontoelaatbare verhoudings tussen slawe en blanke lede van die huishouding gelei. 'n Tekort aan slavinne op die plase het veral vanaf 1670 tot liefdesverhoudings tussen slawemans en plaaslike inboorlingvroue aanleiding gegee.

Uit die verbintenisse en verhoudings waarby slawe betrokke was, is kinders gebore wat as Kaapsgeborenes 'n ander faset van slawerny sou blootlê.

2. Die slawekind: geboorte, doop en status

Die geboorte van 'n slawebaba is met groot entoesiasme onder mede slawe gevier. Die nuwe aankomeling is mooi aangetrek en 'n nousluitende kappie om sy koppie gebind. Dankbaar vir die toevoeging tot sy huishoudelike bates, het die eienaar toegelaat dat sy slawe die nag in feesviering deurbring – "hence, great rejoicing, feasts, and dancing among the slaves, and a night spent in merriment", aldus Semple.[406] Sommige eienaars het hulle positief met die geboorte van 'n nuwe slawebaba bemoei. Op 16 Maart 1756 het Hagar, die slavin van Joachim von Dessin, die lewe aan 'n babadogtertjie geskenk. Von Dessin het self die naam "Martha" vir die nuwe aankomeling gekies en ook die volgende bababenodigdhede voorsien: "... 8 ellen wit linnen tot luijers, 2½ ellen roode baaij, 1 parthij lappen linnen tot klijngoed." [407] In Maart 1794 het Johanna Duminy 'n uitgawe ten opsigte van "baaij tot luijers voor de

406 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 40.

407 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 63.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mijden" aangeteken.[408]

Na die geboorte was die doop ter sprake, alhoewel slawekinders in privaathuishoudings nie altyd dadelik gedoop is nie. Hulle kon tot op sewejarige ouderdom vir die kinderdoop in aanmerking kom.[409] Weens die feit dat slawe nie wettige huwelike kon sluit nie, is kinders gebore uit verbintenisse waarby 'n slaaf of slavin betrokke was, as buite-egtelik beskou.[410] Slawekinders in privaatbesit is dus volgens die prosedures wat op alle buite-egtelike kinders van toepassing was, gedoop. Ouers, ongeag ras of kleur, wat hulle buite-egtelike kinders wou laat doop, moes persoonlik voor die Kerkraad van die Kaapse Kerk verskyn en 'n formele versoek om doopbediening tydens die maandelikse kerkraadsvergadering voor die Kerkraad lê. Tydens die verskyning voor die Kerkraad moes minstens dié ouer oor wie die Kerkraad gesag gehad het, in sy persoonlike hoedanigheid teenwoordig wees. In die geval van 'n slavin was die eienaar meesal vir die versoek om doopbediening van haar kind verantwoordelik. In sommige gevalle is die slawemoeder of die vader (indien bekend) – en veral 'n blanke vader – tot verantwoording geroep. K.J. Pedro kon in sy navorsing geen geval tussen 1802 en 1812 opspoor waar die slawemoeder deur die eienaar toegelaat is om self doopbediening vir haar kind te versoek nie.[411] In die negentiende eeu is versoeke om doopbediening aan kinders met ouers wat lidmate van ander kerke was, na die betrokke kerke verwys. Selfs in gevalle waar die beweerde vader lid van 'n ander kerk was, is die versoek deur die Kerkraad na sy kerk verwys.[412]

Indien 'n eienaar die doop van 'n slawekind, sonder enige belofte of onderneming van vrystelling versoek het, kon die Kerkraad nie die verpligte "ordinaire kerkenrecht" van 50 riksdaalders as borggeld vir vrygestelde slawe opeis nie. Die eienaar was genoodsaak om volle verantwoordelikheid vir die opvoeding en versorging van die gedoopte slawekind te aanvaar. By erkenning en aanvaarding van dié verpligtinge is die versoek om doopbediening voorwaardelik aan die slawekind toegestaan. Finale goedkeuring was onderworpe aan die ondertekening van die doopakte deur die doopgetuies. Hierdie doopgetuies moes onbesproke lidmate van die kerk wees. Vreemdelinge, tydelike besoekers, sowel as Rooms-Katolieke is nie deur die Kerkraad van die Kaapse Kerk as doopgetuies aanvaar nie. Volgens die doopakte, wat as 'n spesifieke voorwaarde vir die doopsakrament gestel is, moes die doopgetuies onderneem om, indien die ouers in gebreke sou bly, die opvoeding en versorging van die kind op hulle te neem en veral te sorg dat die kind tot en met sy mondigwording nie die Diakonie ten laste val nie. Benewens die versoek om toestemming vir die doop van slawekinders in hulle huishoudings, moes eienaars dikwels ook die rol van doopgetuie vervul. Die slawekind is dus nie net op versoek van die eienaar nie, maar ook op grond van dié se Christelike status gedoop. Die frekwensie van doopbediening aan slawekinders in privaatbesit het dus afgehang van die bereidwilligheid van die eienaar om die rol van doopgetuie en surrogaat-ouer, sowel as

---

408 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* p. 344.

409 K.J. Pedro, Die doopbediening aan slawe en vryswartes in die Kaapse Kerk, 1802 - 1812, *Kronos* 9, 1984, p. 29.

410 H.P. Cruse, *Die opheffing van die Kleurlingbevolking,* p. 207.

411 K.J. Pedro, Die doopbediening aan slawe en vryswartes in die Kaapse Kerk, 1802 - 1812, *Kronos* 9, 1984, pp. 22, 23 en 27.

412 *Ibid.,* p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alle vereistes hieraan verbonde, te vervul.[413] Die onus het ook op die eienaar gerus om een van die twee doopgetuies aan te wys, terwyl hyself gewoonlik een van die twee verlangde doopgetuies was. Soos alle ander doopgetuies, was die eienaar deel van die doopseremonie van die slawekind, waartydens hy sy belofte van versorging, opvoeding en onderrig aan die slawekind ten aanhoor van die gemeente afgelê het. Slawe-eienaars het mettertyd 'n teësinnigheid ten opsigte van die doop van volwasse sowel as kinderslawe in hulle huishouding ontwikkel, soos Kolbe aan die begin van die agtiende eeu opgemerk het: "Ik verwonder my echter over deze steegheid der inwoners van de Kaap de Goede Hoop, waar door zy zoo wel de grote en gekofte, als naderhand van deze in hare huizen gewonne en gebore slaven kinderen, van den H. Doop afhouden ..." [414]

Die doop van slawekinders in privaatbesit was hoofsaaklik tot welgestelde indiwidue beperk.[415] Die meeste slawebabas in privaatbesit is gedurende die sewentiende eeu gedoop. Na 1800 het hierdie getalle in verhouding tot die totale slawebevolking weglaatbaar klein geword.[416] In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat die doop slegs tot slawekinders wat vir vrystelling bestem is, beperk was, terwyl Europeërvaders van slawekinders hulle soms van die wettige eienaars aangekoop en vrygestel het.[417] Dit was dus veral slawekinders afkomstig van vry Europeërvaders wat deur hulle vaders vrygestel is. Slawekinders is dikwels as geskenk ten tye van hulle doop vrygestel. Tydens haar doop op 30 Desember 1708, is die slawedogtertjie van die slawe September van Bengale en Magdalena van Batavia deur hulle eienaar, Jan Brommert, vrygestel.[418]

Uit die klagtes van goewerneur M. de Chavonnes wat hy in 1721 voor die Politieke Raad geopper het, blyk dit dat slawekinders ongeag of hulle ouers Christene is of nie, of dat hulle uit losbandige verhoudings gebore is, saam met die blanke Europeërkinders gedoop is. Mede slawe het ook as doopgetuies van die slawekind opgetree. Slawe- en vryswartmoeders het hulle kinders vir die doopplegtigheid in mooi klere uitgedos en was as sodanig "met meerder sieraad" opgeskik as die "van onser natie". In reaksie op De Chavonnes se klagtes het die Politieke Raad besluit dat slawekinders voortaan ten tye van hulle doop sonder "opskiksels" stemmig geklee moes wees. 'n Slaaf sou ook nie meer as die vader of getuie vir sy kinders ten tye van hulle doop mag optree nie.[419] Uit die doopregister van die Kaapse Kerk te Stellenbosch blyk dit dat die plattelandse burgers, net soos dié van Tafelvallei, meer geneë was om slawekinders in hulle huishoudings te laat doop. Rondom 1700 het sommige van die vooraanstaande burgery aan die Kaap sowel as Stellenbosch op dieselfde dag wat hulle hulle eie kinders laat doop het, ook 'n slaaf of slawekind in hulle besit ten doop gebring.[420] Op 3

---

413 K.J. Pedro, Die doopbediening aan slawe en vryswartes in die Kaapse Kerk, 1802 - 1812, *Kronos* 9, 1984, pp. 25 - 26.

414 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 322.

415 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 345.

416 *Loc. cit.*

417 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 131.

418 J.L. Hattingh, Beleid en praktyk: Die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720, *Kronos* 5, 1982, p. 31.

419 K.A.B.: C. 56: Resolutiën, 1721-06-17.

420 J.L. Hattingh, Beleid en praktyk: Die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720, *Kronos* 5, 1982, pp. 29 en 30

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Augustus 1704 het Pieter van der Bijl sy eie seun, sowel as 'n slaweseun laat doop. Hy herhaal hierdie wyse van doen op 20 Junie 1706, sowel as op 10 Junie 1708.[421]

Die Kaapse doopregisters toon 'n duidelike onderskeid in die doop van slawekinders in privaatbesit en Kompanjieslawekinders. Die Kompanjie het die burgers by verre in die doop van slawe oortref. Tussen 1652 en 1795 is 2 543 slawekinders gedoop, waarvan 1 715 Kompanjieslawekinders was.[422] As deel van die Kompanjieshuishouding is alle slawekinders wat hier te lande gebore is, in die sewentiende en agtiende eeu voor die voet gedoop, terwyl hulle ook in die Kompanjieskool in die Christelike godsdiens sowel as in lees en skryf onderrig is.[423] In 1707 het dominee Le Boucq die owerheid versoek om aandag aan die doop van alle slawekinders te skenk, aangesien Van Rheede slegs instruksies ten opsigte van die doop van slawekinders met blanke vaders gegee het. Die antwoord hierop was dat die doop nie verwaarloos moes word nie en aan soveel slawe moontlik bedien moes word.[424] Gevolglik het die losie die hoogste per capita gedoopte slawekinders in die Kolonie gehad. Teen die middel van die agtiende eeu is slegs Kompanjieslawekinders nog op 'n gereelde basis gedoop.[425] Na die beëindiging van Kompanjiesbeheer in 1795 is Kompanjieslawekinders nie meer gedoop nie.

Alle losieslawebabas is binne sewe dae na hulle geboorte gedoop. As simboliese hoof van die Kompanjieshuishouding was die mees senior Kompanjiesamptenaar tydens die doop van Kompanjieslawekinders teenwoordig.[426] Slawekinders waarvan die ouers nie Christene was nie, is ook gedoop, soos in die geval van die Moslemslavin Fatima.[427] Soos reeds vermeld, is alle Kompanjieskinders, ongeag hulle ouers se herkoms en status, aanvanklik voor die voet gedoop. Na 1685, met die besoek van kommissaris Van Rheede, het afkoms egter 'n groot rol in alle besluite ten opsigte van die doop van slawekinders in die losie gespeel. Volgens sy instruksies moes alle slawebabas in die losie gedoop en hulle afkoms aangeteken word.[428] In die vroeë agtiende eeu het Kolbe die prosedures ten opsigte van die doop van Kompanjieslawekinders beskryf:

> Teen dien einde moeten de moeders van de gemelde kinderen zich altyd by den prediker van de plaats aangewen, en 't ongedoopte kind met zich op den arm brengen, of zoo als doorgaans geschied, door eene andere slavin laten dragen, wanneer de Prediker vraagt, waar de moeder van 't gemelde kind van daan is, en hoe 't zelve zal genaamt worden; midsgaders wie de vader van 't kind is;

---

421 J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap, 1700 - 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 29; J.L. Hattingh, Beleid en praktyk: die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720, *Kronos* 5, 1982, p. 30.

422 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 343.

423 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 321.

424 K.A.B.: VC. 18, p. 228: Dagverhaal, 1707-07-17; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 12 - 13.

425 G.M. Theal, *History of South Africa IV,* p. 99.

426 C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I,* pp. 256 - 257.

427 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC. 4030, p. 367: Brieven en papier van Cabo de Bonne Esperance overgecomen, 1693-01-01, soos aangehaal *in* R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 343.

428 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1914, pp. 213 - 214.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> zoo 't nu zwart of geel van kouleur is ... zoo is 't een vast teken, dat het een Europeaansche vader moet hebben gehad; wie echter dezelve is, kan de prediker niet anders vernemen, dan dat de moeder of de slavin, die 't kind op den arm heeft, tot antwoord geeft: 'Ik en weet het hiet, vader al lang weg, vader al lang na Holland toe'...[429]

In dié geval moes 'n "Gequalificeert" persoon uit die Raad namens die "Voortreffelyke Maatschappy" as vader vir die kind instaan.[430] Volgens Kolbe is daar jaarliks op dié wyse talle Kompanjieslawekinders gedoop en het daar byna geen Sondag omgegaan wat daar nie twee, drie of meer slawekinders gedoop is nie.[431]

Tussen 1655 en 1691 is slawedopelinge sowel as vrydopelinge saam in die doopregisters gelys. Na 1692 is elke slawedopeling volgens ouderdom en afkoms in die doopregister as volbloed (heelslag) of mulat (halfslag) geklassifiseer. In 1695 is 'n nuwe doopregister onder drie aparte opskrifte geopen, naamlik: *men der Christen Kinderen, Slaven Kinders der Ed. Comp. wer over de Ed. Comp. als getuige staat* en *Slaven kinders der Vrijborgers of Comp. Dienaren.* Hierdie stelsel is tot 1731 gevolg.[432] Afkoms, herkoms en die status van die eienaar sou voortaan 'n rol in die doop van slawe speel. Gedoopte Kompanjieslawekinders is byna nooit vrygestel nie, terwyl hulle ook nie verkoop of vervreem is nie.

Wat die geboorte en "doop" van Moslemslawekinders betref, het die vader – net soos vandag – die baba dadelik na geboorte opgetel en met sy gesiggie na Mekka gerig, 'n gebed in sy oortjie opgesê.[433] Dit was 'n aanduiding dat die baba 'n volgeling van Islam is. Sewe dae na die geboorte moes die baba na die moskee gebring word om deur die imam sy naam te ontvang.[434] 'n Skaap is as offer aan Allah geslag om Sy beskerming vir die baba te vra. Tydens die "doopseremonie" is die baba in 'n *medoura* (serp) toegedraai. 'n Donker merkie in die vorm van 'n hoendervoet is op die baba se voorkop getrek om die bose oog weg te hou. Die seremonie was eenvoudig en is deur die familie, vriende en die imam bygewoon. Tydens die seremonie is 'n lokkie van die baba se hare afgeknip, wat die afskeer van die babas se hare in vroeër tye simboliseer. Iets soets, soos dadel, suiker of heuning, is op die baba se lippe geplaas, terwyl daar gebid is. Dit was 'n simbool van die soete lewe wat hy sou hê. Na die seremonie is die doopmaal gehou.[435] Aangesien Moslemhuwelike nie aan die Kaap erken is nie, is die kinders gebore uit dié huwelike as buite-egtelik beskou en as sodanig nie as geskik vir administratiewe of dergelike poste in die owerheidsektor geag nie.[436]

---

429 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* pp. 322 - 323.

430 *Ibid. II,* p. 323.

431 *Loc. cit.*

432 J.L. Hattingh, Beleid en praktyk; die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720. *Kronos* 5, 1982, p. 29; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 345.

433 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 27.

434 Government Publication, Colebrooke and Bigge Commission Report 1835, I, *Imperial Blue Book,* p. 208.

435 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, pp. 27 - 28; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 95.

436 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. xxxiii; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 147.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die regstatus en posisie van die slawekind betref, het die Romeins-Hollandse reg wat aan die Kaap toegepas is, bepaal dat die slawekind die status van sy moeder aanneem.[437] Die kinders van slavinne was dus slawe en as sodanig die eiendom van die slavin se eienaar. Kinders gebore uit kortstondige verbintenisse, liefdesverhoudings en informele sowel as formele wettige huwelike tussen slawe onderling en slawe met die Europeër- sowel as inboorlingbevolking, se regstatus is dus in elk van die verbintenisse, ongeag die herkoms, afkoms of status van die vader deur die status van die moeder, hetsy slavin of vry, bepaal. Kinders van slawemoeders en Europeërmans was dus, weens die slawestatus van hulle moeders, self slawe en as sodanig die eiendom van die moeder se eienaar.[438] Die slawestatus van die kinders van slawemoeders en blanke vaders is voorts deur onder andere Thunberg,[439] Percival,[440] Hudson,[441] Campbell [442] en Burchell [443] bevestig. Hieruit blyk dit dat die *status quo* deurgaans gehandhaaf is en dat nòg die Bataafse Bewind nòg die Tweede Britse Besetting enige verandering in dié verband teweeg gebring het.[444] Die afkoms van die vader sou wel in 'n mate 'n rol in die lotgevalle van slawekinders wat aan die Kaap gebore is, speel. Volgens Theal het ongeveer 75% van alle slawekinders wat gedurende die eerste twintig jaar van die nedersetting gebore is, Europeërvaders gehad.[445]

Die losieslawekinders het hulle beslis nie binne die ideale omgewing bevind nie. Vir die grootste gedeelte van Kompanjiesbeheer was die toestande in die losie nie na wense nie. Die losie was oorbevolk, die gebou – veral tydens die besoek van Van Rheede in 1685 – in 'n vervalle toestand, lewensomstandighede haglik, almal het deurmekaar gewoon en geslaap, terwyl promiskuïteit en seksuele losbandigheid onderling en met vry persone buite die losie aan die orde van die dag was.[446] Om die opkomende geslag slawe beter op te voed en sedelik bewus te maak, het Van Rheede opdrag gegee dat 'n slaweskool uitsluitlik vir kinders onder 12 jaar in die losie ingerig moes word.[447] Onder Van Rheede se invloed is moeders in die slawelosie deur die owerheid gelas om toe te sien dat hulle kinders leer om "handwerk", soos "t naijen van linnen en wolle klederen", te doen.[448] Van Rheede het ook opdrag gegee dat drie aparte woonkwartiere vir die "getroude" slawe, die jong en ongetroude slavinne, sowel as vir

---

437 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, p. 146.

438 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

439 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

440 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291.

441 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 68.

442 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

443 W. J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 33 - 34.

444 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 297

445 G. M. Theal, *History and etnography of Africa south of the Zambezi II*, p. 184.

446 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 184 - 213; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 10; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 116; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 395.

447 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 205.

448 K.A.B.: C. 19: Resolutiën, 1674 - 1795, 1687-09-15; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 171.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die jong en ongetroude slawemans, onderskeidelik ingerig moes word.[449] Hieruit is af te lei dat jong slawekindertjies van "getroude" slawe by hulle ouers gewoon en geslaap het. In 'n beskrywing van die monstering van Kompanjieslawe in 1686 word genoem dat hulle saam met hulle "wijven en kinderen" opgeskryf is.[450] Dat daar wel 'n mate van gesinslewe in die slawelosie bestaan het, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat Kompanjieslawe nie soos privaatslawe verkoop is nie. Tussen 1790 en 1701 was daar 65 slawefamilies in die slawelosie in Kaapstad en Nuweland woonagtig. Nege-en-dertig van die families het 'n man as gesinshoof gehad, wat beteken dat net meer as die helfte van dié gesinne albei ouers gehad [451] en as sodanig relatiewe stabiliteit geniet het. Talle losieslawekinders het egter in 'n enkelouer gesinsverband grootgeword aangesien hulle vry Europeërvaders gehad het.[452]

In sy pogings om toestande in die losie aan te spreek sou kommissaris Adriaan van Rheede 'n belangrike rol in die verbetering van die lotgevalle van die losieslawekinders speel. Met sy besoek aan die losie het hy van die klein kindertjies aangetref waar hulle op die vuil nat beddegoed "... als hoenders in een kot" gesit het omdat hulle te klein was om hulle moeders in die koue, nat weer te volg.[453] Alhoewel hulle van blanke vaders afkomstig was, is hulle as slawe gebore en aan dieselfde administrasie, tug en dissipline as ander losieslawe onderwerp. Van Rheede het opdrag gegee dat dié slawe nie dieselfde werk as ander losieslawekinders mag verrig nie. Verder was hulle op 'n vroeër ouderdom as ander heelslag losieslawe op hulle vryheid geregtig. Seuns kon hulle vryheid op 25-jarige ouderdom verkry, terwyl jong meisies reeds op 21-jarige ouderdom vrygestel moes word. Indien die jong meisies deur 'n voornemende huweliksmaat vrygekoop sou word, kon hulle hulle vryheid selfs vroeër verkry.[454] Hierdie voorkeurbehandeling het tot afguns en nydigheid onder die ander minderbevoorregte heelslag slawe sonder Europese bloed gelei. In 'n poging om die versorging van kinders in die slawelosie te verbeter, het losiedirekteur Höhne in 1793 by die Politieke Raad aanbeveel dat die jong slawekinders bedags deur die bejaarde slawe in die losie opgepas word.[455]

Die omstandighede van slawekinders van slavinne in privaatbesit het aansienlik van dié van die Kompanjieslawekinders in die losie verskil. Al wat op beide groepe van toepassing was, is dat hulle weens die status van hulle moeders in slawerny gebore is, ongeag die herkoms van hulle vaders. Soms het die slawemoeder en haar kind by die vader van die kind gewoon, terwyl hy ook vir die onderhoud van die kind verantwoordelik was. Hierdie kinders het hulle dus na-ure in 'n gesinsverhouding van slawemoeder en blanke vader bevind, terwyl hulle hulleself bedags

---

449 K.A.B.: C. 2355: Instructiën voor Commandeur Simon van der Stel door H. A. van Rheede 1685, 1685-07-16.

450 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 224.

451 H.F. Heese, Slawegesinne in die Wes-Kaap, 1665 - 1795, *Kronos* 4, 1981, p. 45.

452 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* pp. 100 - 101; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 53; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 169.

453 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 184.

454 *Ibid.,* p. 210.

455 K.A.B.: C. 1027: Bijlagen by Inkomende Brieven, 1793-06-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam met hulle moeder in die huishouding van die eienaar bevind het. In baie gevalle sou die eienaar huisvesting aan beide die slavin en haar kind verskaf. Terwyl hierdie jong slafies aanvanklik eers net met die kinders van die eienaar gespeel het, sou hulle egter vroeg reeds in die huishouding bruikbaar wees en later vanuit die eienaar se huishouding skool toe gestuur word.[456] Voor 1823 was slawekinders gebore uit informele huweliksverbintenisse tussen slawe in privaatbesit blootgestel aan die onstabiliteit en onbestendigheid van hierdie opset. Die slawekind was die eiendom van sy moeder se eienaar wat meesal nie die "huwelikstatus" van sy slaweouers erken of gerespekteer het nie en die gesin na sy goeddunke, deur aparte verkoop van die onderskeie gesinslede, kon opbreek. Waar beide ouers aan verskillende eienaars behoort het, was die situasie nog slegter en die kind blootgestel aan die onstabiliteit en immoraliteit van die losse gesinsopset.[457] Uit sy navorsing in dié verband het Nigel Worden tot die gevolgtrekking gekom dat die slawegesinslewe ernstig deur die konflik tussen die natuurlike vaderskap van die slaaf en die eienaarskap en beheer van die eienaar oor die slawekind gestrem is.[458] Sommige eienaars het wel 'n ooreenkoms aangegaan om, in die geval van kinders wat uit toegelate "huweliksverbintenisse" tussen slawe in hulle huishoudings gebore is, 'n bydrae tot die onderhoud en opvoeding van dié kinders te lewer, soos Kolbe in die vroeë agtiende eeu opgemerk het: "... met dezen maakt hy [de meester] een beding, om hen 't nodige te verschaffen, en de gewonnene kinderen als een vader te helpen opbrengen ..."[459]

Kinders gebore uit verhoudings tussen slavinne en eienaars of jong seuns binne dieselfde huishouding was, net soos hulle moeders, die slawe van die eienaar. Alhoewel huisgebore slawe as 'n reël nie verkoop is nie, kon sodanige slaaf, indien die vader-eienaar sou sterf voor hy sy slawekind vrygestel het, deur die erfgename of eksekuteurs van die boedel aan 'n ander eienaar verkoop word of as hy gelukkig was, kon hy sy lewe as slaaf by die agtergeblewe familie deurbring.[460] Vrystelling van dié gewilde en waardevolle Kaapsgebore "mulat" slawekinders was oor die algemeen nie 'n baie gewilde opsie onder die eienaars nie. In 1806 het Hudson melding gemaak van 'n welgestelde heer wat die slawekinders wat hy by sy byna wit slavin gehad het, blatant tot sy eie ekonomiese voordeel uitgebuit het.[461] Vrystelling van dié slawekinders was dus, weens hulle bruikbaarheid, eerder die uitsondering as die reël. Met die afname in die beskikbaarheid van slawe gedurende die negentiende eeu, het vrystellings nog minder plaasgevind en was 'n groot aantal gekleurde slawe met Europese gelaatstrekke in die Kaapstadse strate op te merk.[462] Selfs die kinders gebore uit verhoudings tussen slavinne en jong seuns in die huishouding kon nie uit die kettings van slawerny breek nie, soos Mentzel in die eerste helfte van die agtiende eeu verwytend oor die lot van dié slawekinders berig het: "Their own flesh and blood, begotten of slave woman, then bear the chain of slavery in their

---

456 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130.

457 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 39.

458 N.A. Worden, Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the 18th century, *Kronos* 5, 1982, p. 59.

459 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

460 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291.

461 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 68.

462 *Ibid.*, pp. 51 - 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

parents' house, and sometimes even in their own house, if the father takes over the child as a slave on the death of his parents." [463]

Kinders van slavinne en blanke eienaars se lot is ook soms verder deur hulle fisiese voorkoms bepaal, soos die Kaapstadse hoedemaker wat by twee van sy slavinne kinders gehad het. Thunberg het 'n beskrywing van die uiteenlopende lotgevalle van dié slawekinders gegee: "For the children he had by one of them, he in quality of their father, demanded baptism, and accordingly these were baptised, and consequently free; while the other girl's children remained unbaptized and slaves." [464]

Kinders gebore uit verbintenisse tussen slawemans en Khoikhoivroue was bekend as "baster-hottentotte" en was op grond van die vrystatus van hulle moeders ook vry. Dit het probleme op burgerplase veroorsaak en vanaf 1721 het plaaseienaars die onbetaalde arbeid van hierdie kinders as vergoeding vir hulle onderhoud begin opeis.[465] In 1775 is 'n voorstel te Stellenbosch aanvaar ingevolge waarvan die inboekstelsel Baster-Khoikhoikinders sou verplig om tot op 25-jarige ouderdom in diens van die boer op wie se plaas hulle gebore is, te wees.[466] Hierdie inboekelinge het in ruil vir hulle arbeid kos en klere, maar geen lone ontvang nie en is basies nes die slawe behandel.[467] Dit was veral die Baster-Khoikhoikinders wat 'n aanwins op die plase was, soos Mentzel opgemerk het: "Bastard-hottentots – the offspring of male slaves and hottentot women – sometimes make good labourers, but pure bred hottentots, never." [468] Hulle het weens hulle oorgeërfde herdersinstinkte 'n spesiale slag met plaasdiere gehad en het hulle jonk reeds as knap veewagters en bedrewe wadrywers onderskei.[469] Volgens Le Vaillant was hulle goedgeaard "[with] a fidelity that never betrays". [470]

Wat die behandeling en aanwending van slawekinders in die privaathuishoudings van die eienaar betref, is dit duidelik dat hulle dieselfde goeie behandeling as ander lede van die gesin of familie ontvang het. In die vroeë negentiende eeu het luitenant-kolonel Robert Wilson opgemerk dat "the little children are even caressed by their proprietors with as much kindness as if they were the offspring of relations ... They are associated in every amusement, they share every act of tenderness with white children".[471] Die huisgebore slawekind was 'n integrale deel van die huishouding en het as sulks 'n bevoorregte posisie bo ander slawe in die

---

463 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 119.

464 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 269.

465 K.A.B.: C. 1286, nr. 73: Requesten, 1721-09-09.

466 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 142; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 58.

467 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, pp. 18 - 19.

468 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 126.

469 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 159; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 17.

470 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780 - 1785, II,* pp. 137 - 138.

471 K.A.B.: VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eienaar se huishouding geniet.[472] Vir die Kaapse slawe-eienaar was dit 'n kwessie van eer om dié slawe binne sy huishouding te hou.[473] Hulle was die speelmaats van die blanke kinders in die huishouding [474] en het dieselfde behandeling as hulle ontvang. In 1812 het Campbell waargeneem dat " [the slave children] are put to school, and play about the room where the family sit at their meals with as much freedom, and receive as much attention as if they were their own Children". [475] Intelligente slawekinders in die huishouding is baie jonk reeds geïdentifiseer en vir opleiding en onderrig uitgesonder.[476] "These slave children are found useful at a very tender age ...", aldus Mentzel, [477] en was op 'n vroeër ouderom as Europeërkinders in die huishouding bruikbaar.[478] Hudson het opgemerk dat kinders van slaweouers so vroeg as moontlik binne die huishouding bruikbaar gemaak is "and early are put to some kind of business so that by the time they are twelve or fourteen they become an inexaustible fund of wealth to the proprietors".[479] Uit die *Slaweregister* blyk dit dat slawekinders so jonk as sewejaar as huisbediendes, naaldwerksters, breisters en kleremakers in die Kaapse huishoudings aangewend is. In 1816 het die sewejarige Hessie sowel as die negejarige Philia, beide van Mosambiek, as breislafies in die huishouding van Cornelis Brink diens gedoen,[480] terwyl beide die sewejarige Janie van die Kaap en die negejarige Dollie, albei van die Kaap, as kleremakers in diens van Johannes Blesser gelys is.[481] In die huishouding van George Anderson is daar op 7 Mei 1816 sewe baie jong huisslafies of -bediendes tussen die ouerdomme van 7 en 14 jaar in die *Slaweregister* aangeteken.[482] Volgens lady Anne Barnard is, benewens volwasse slawe, ook slawekinders as sambreeldraers aangewend.[483]

Slawekinders sou ook 'n rol in die voortdurende bouaktiwiteite aan die Kaap speel. Slawemeisies sowel as -seuns vanaf vyftien- of sestienjarige ouderdom het tydens die steenmaakproses gehelp om die klaar gevormde stene aan te dra en in netjiese lae te pak.[484] Op die plase is slawekinders vanaf tien- of twaalfjarige ouderdom reeds vir plaasarbeid aangewend. Tydens oestyd het hulle veral handig te pas gekom, wanneer dit hulle taak was om die maaiers te volg en die afgesnyde graan in hope te pak en vir binding in gerwe voor te

---

472 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, pp. 13 - 15: M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede*, p. 117.

473 K.A.B. : VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

474 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 34.

475 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 21 - 22.

476 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; A. Janse van Rensburg, *Die toestand van die slawe aan die Kaap,* M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1935, pp. 39 - 40 en 41.

477 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130.

478 *Ibid. I,* p. 64.

479 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 68.

480 K.A.B.: SO. 6/13, p. 54: Register of Slaves, 1816-05-28.

481 K.A.B.: SO. 6/13, p. 8: Register of Slaves, 1816-05-16.

482 K.A.B.: SO. 6/12, p. 1: Register of Slaves, 1816-05-17.

483 D. Fairbridge, *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797 - 1802*, pp. 23 - 24.

484 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

berei.[485] Op wingerdplase moes die slawekinders en die jong blanke seuns die voëls en honde daglank met swepe uit die wingerd verwilder.[486]

Uit voorafgaande bespreking van die slawekind blyk dit dat hy aan die Kaap – net soos sy moeder – reeds by geboorte 'n slaaf en die besitting van sy moeder se eienaar was. As sodanig was die huisgebore slawekind meesal deel van die eienaar se huishouding en die slawegesin ondergeskik daaraan. Die vader kon nie veel van 'n rol speel nie, behalwe – indien hy blank was – om die kind te onderhou en hom vry te koop. Slawegesinne het wel voorgekom, soos dikwels onder Kompanjieslawe die geval was, maar onder slawe in privaatbesit was die slawegesin ondergeskik aan die eienaar. Alhoewel hulle slawe was en meesal die normale gesinsopset van vader en moeder moes ontbeer, is slawekinders, veral dié wat in die huishouding van die eienaar gebore is, goed behandel. As klein kindertjies is hulle reeds nuttig in bepaalde huishoudelike take aangewend om in hulle vroeë tienderjare hulle skoene as werkende slawe binne die huishouding vol te staan. Die omstandighede van slawekinders in die losie blyk minder rooskleurig te gewees het, alhoewel dié afkomstig van blanke vaders wel die vooruitsig op 'n vroeër vrystelling as ander losiekinders gehad het. Losieslawekinders is voor die voet gedoop, terwyl privaateienaars minder geneë was om dit te doen aangesien dit later tot die aantasting van hulle eiendomsreg kon lei. Alhoewel gebonde, blyk dit dat veral die huisgebore slawekinders met blanke bloed 'n bevoorregte groepie was. Dit was hulle wat vir opleiding bestem is en wat later as volwassenes die geliefkoosde slawe en vertroueling van hulle meesters en meesteresse was en as sodanig die gepaardgaande voorregte en voordele kon geniet.

3. Vryetydsbesteding: tydverdrywe, ontspanningsaktiwiteite en vermake

In 'n lewe van arbeid en sleur sonder loon was daar wel vryetyd wat die slaaf na sy eie goeddunke kon deurbring.[487] Danksy Christelik-georiënteerde regulasies wat in ooreenstemming met die Bybelse gebod arbeid op 'n Sondag verbied het, was hierdie dag ook vir slawe 'n amptelike rusdag.[488] In 1831 het William Wright opgemerk:

> It has been the usage of the colony to allow the slave the privilege of the Lord's day. This very proper custom, originating, I suppose, in the piety of the inhabitants, or founded on common law, was confirmed by the Proclamation of 1823, which forbade a master, under a penalty, to compel a slave to labour on that day.[489]

Hudson het in die vroeë negentiende eeu waargeneem dat dit 'n algemene gebruik onder slawe was om Sondae beurtelings as vakansiedag te benut.[490] Daarbenewens was Nuwejaarsdag,

---

485 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 90.

486 *Ibid. III,* p. 178.

487 F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life 1838 - 40, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21 (2), Desember 1966, p. 42.

488 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* pp. 113 - 114.

489 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 9.

490 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sowel as oesfeesdag erkende vakansiedae.[491] Die slawe is toegelaat om hierdie vrye dae, sowel as die af-ure van die gewone werksdag na die afhandeling van hulle take [492] volgens hulle eie goeddunke deur te bring, solank dit nie in stryd met die algemene goeie orde en tot nadeel van die eienaar was nie. Alhoewel Nuwejaarsdag sowel as Sondae vakansiedae was, moes die plaasslawe tydens die koringoes hulle Sondag-afdag ontbeer, "for when the grain starts ripening, there is hardly sufficient time for the reaping even with the use of all hands", aldus Mentzel.[493] Ordinansie 19 van die Proklamasie van 1823 het slawe-eienaars wel verbied om hulle slawe te dwing om op Sondae te werk, maar slawe kon hulle dienste tydens druk tye, soos oestyd en parstyd, teen tariewe wat deur die Slawebeskermer vasgestel is, aan hulle eienaars verhuur.[494] Die viering van Nuwejaar is ook vir plaasslawe tot na die parstyd uitgestel. Dorpslawe is toegelaat om die dag met vriende deur te bring. Tydens dié kuieruitstappies het hulle dan hul beste klere aangehad.[495] Die vryetydsbesteding van slawe was hoofsaaklik op die verdiening van inkomste gerig om in hulle behoeftes te voorsien, sowel as om vrykoopgeld bymekaar te maak.[496] Dit het hoofsaaklik dobbel, smous, verhuring van dienste, vang van vis, bymekaarmaak van hout, sowel as die bewerking van lappies grond behels.[497] Soos reeds vermeld, het sommige verdienstelike slawe stukkies grond van hulle eienaars ontvang wat hulle in hulle vrye tyd – veral op Sondae – tot hulle persoonlike voordeel kon bewerk.[498] Hulle is voorts toegelaat om in hulle vrye tyd, met die toestemming van hulle eienaars, die opbrengs sowel as ander ware op die mark te gaan verkoop.[499] Weens die moeilike aard van die werk, sowel as die koste daaraan verbonde, het die Kompanjie toestemming verleen dat slawe vir 'n verdienste timmerhout aan die Valsbaai-kant van die berg kon bymekaarmaak en verkoop. Hiervoor het hulle 4 skillings of selfs minder ontvang. Vir dié voorreg moes hulle hulle eienaars 1 skilling per dag betaal.[500]

Weens 'n behoefte aan geld het talle slawe hulle tot dobbelary gewend. Alhoewel dobbelary aan die Kaap deur die wet verbied en swaar strawwe in dié verband opgelê is,[501] het Robert

---

491 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*, p. 31; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes) p. 15; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 27.

492 F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life 1838 - 40, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), Desember 1966, p. 42.

493 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape Of Good Hope III,* p. 15.

494 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, pp. 9 - 10.

495 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 31.

496 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 9.

497 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 9.

498 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 324 en 326; F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life 1838 - 40, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), Desember 1966, p. 42; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130; P.B. Borcherds, *An auto-biographical memoir,* p. 182.

499 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 324; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 9.

500 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 90; A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1729, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* p. 133.

501 K.A.B.: C. 2322, nr. 46: Statuten van India S - T; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 277; *Ibid. I,* p. 331; *Ibid. II,* p. 41; *Ibid. III,* p. 2; *Ibid. IV,* p. 244.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Percival tydens die Eerste Britse Besetting opgemerk dat kaartspele en hanegevegte met oorgawe onder die Kaapstadse slawe beoefen is. Volgens hom het al die slawe 'n buitengewone passie vir dobbel, maar veral vir kaartspele en hanegevegte gehad waarin hulle besonder bedrewe en ervare was. Slawe met veghane onder die arms was 'n algemene gesig in die Kaapstadse strate.[502] Hanegevegte is een van die oudste sportsoorte wat tot 2000 jaar terug dateer.[503] Dit was veral die slawe van Bali en Maleierslawe afkomstig van Java wat 'n besondere voorliefde vir dié sportsoort gehad het. Tydens sy besoek aan Oos-Indië het Stavorinus met die Javane se buitengewone liefde vir hanegevegte en hulle gevegshane kennis gemaak en opgemerk dat "schoon zij zeer arm zijn, zullen zij eerder alles verkopen wat zij hebben, dan hunne vecht- of bakkleihaanen, zoo als zij die noemen".[504] Die Indonesiërs het hulle hane bo enige vergoeding geplaas en geen geld kon hulle van 'n waardevolle goedgeteelde en geoefende haan skei nie.[505] Hierdie liefde vir hanegevegte en verknogtheid aan hulle gevegshane is deur die Maleiers aan die Kaap voortgesit.[506] Weens die afwesigheid van gewettigde dobbelplekke vir slawe, was die steengroef aan die voet van Leeukop 'n gewilde bymekaarkomplek vir hanegevegte. Semple het sy ervaring van die geesdrif en entoesiasme waarmee die toeskouers so 'n hanegeveg in die steengroef ondersteun het, as volg neergepen: "Loud shoutings, a mighty bustle and the crowd fluctuating to and fro, like an immense wave of sea ... All the upper side and borders of the quarry were full of slave spectators who testified by their eager gestures and the clapping of their hands how deeply they were interested in what was going forward".[507] Volgens Hudson het amptenare van die fiskaal 'n fooitjie van elke Maleier wat 'n haan op dié bevoorregte plek laat veg het, geëis.[508] Hierdie koorsagtige liefde vir dié sport het daartoe gelei dat dit nie net tot die steengroef beperk was nie, maar oral onwettig in die strate van Kaapstad plaasgevind het.[509] In die agtiende eeu het kaptein Francois Duminy 'n klag by die Politieke Raad gelê oor slawe wat op Sondae en ander vakansiedae agter sy huis vir hanegevegte vergader het en dan, in 'n poging om die geregsdienaars te ontduik, oor die muur binne-in sy tuin gespring het.[510] Tydens hierdie onwettige hanegevegte moes verspieders op die uitkyk vir aankomende geregsdienaars wees, sodat deelnemers en toeskouers hulle betyds uit die voete kon maak om so die dreigende lyfstraf van die polisieslawe of "kaffers" vry te spring.[511] In 1805 het die anonieme outeur van *Gleanings in Africa* 'n beskrywing van sy ervaring midde 'n hanegeveg tydens een van sy uitstappies in Kaapstad gegee:

> ... I rambled insensibly till I at last found myself in die middle of a crowd of Malay slaves, who having formed a circle, were enjoying the pleasures of a cock-fight, and, ... had bets depending on the match. The keen expression of

---

502 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 294.

503 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 86.

504 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I,* p. 204.

505 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 294 - 295.

506 *Ibid.,* p. 294.

507 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 86 - 87.


508 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 61.

509 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 294.

510 K.A.B.: C. 1006: Bijlagen by Inkomende Brieven, 1792-09-18.

511 *Gleanings in Africa,* pp. 245 - 246.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 37: Die Meerlust-duiwehuis waar plaasslawe in hulle vrye tyd gereeld hanegevegte binne die ommuurde binneplasie gehou het.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 103.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> their countenances and the warm interest of the spectators, excited my curiosity … The conflict was obstinate, and the strength and spirit of the poor animals were totally exhausted. They are commonly armed with artificial spurs, and are seldom separated till one of them receives the mortal blow …[512]

Volgens Richard Renshaw het die slawe hulle hane se pote met besonder gevaarlike spore, wat eerder die vorm van messe as die gebruiklike penne aangeneem het, bewapen "which proves destructive to one of the feathered combatants, sometimes at the first fly".[513] Hanegevegte was selfs onder die plaasslawe van Oosterse afkoms 'n gewilde tydverdryf. Binne die ommuurde duiwe- en hoenderhok op die plaas Meerlust **(Fig. 37)** is talle hanegevegte deur die plaasslawe gehou.[514]

Dobbel was nie net tot hanegevegte beperk nie. Kaartspele was 'n algemene vorm van tydverdryf, soos Percival pertinent opgemerk het: "In every bye street, or retire corner of the squares and areas, even in the sands of the outlets or environs of Cape Town, are seen groups of slaves playing at cards, and enjoying themselves."[515] Soms is slawe selfs deur hulle eienaars toegelaat om op 'n dag-tot-dag basis te dobbel. Vir hierdie toegewing moes hulle hulle eienaars daagliks 'n bedrag van 6 stuiwers betaal, terwyl hulle die res van hulle wengeld in die sak kon steek.[516] Uit die aard van hulle werk het houthalerslawe meer geleentheid gehad om in groepies langs die pad te sit en dobbel, terwyl hulle "op die Ravekinje speelen en een gejoel maaken".[517] Dobbelary het in baie gevalle ook met ander negatiewe tydverdrywe gepaard gegaan, soos blyk uit die wetgewing in 1696 waarin daar melding gemaak word van die slawe van die vryburgers wat "soo [wel] in't openbaar als in 't geheijm, langs steegen en straaten, in schuijlhoeken en winkels, alsook ten platte lande haar bijeenkomsten en vergaderingen te maken, … om te dobbelen en speelen, dronken drinken, en andere vuijle excessen te pleegen …[518] Vir die Kaapstadse werkersklasse was die taphuis die middelpunt van hulle sosiale lewe. Binne die ontspanne en gemoedelike atmosfeer van die taphuis was die formele wetlike onderskeid tussen vryman en slaaf opgehef.[519] Beide slawe en slavinne het dus gereeld vir ontspanning die taphuise besoek waar hulle veral in die geselskap van Kompanjiesoldate, matrose, vryswartes en armer burgers lustig gedrink en gedobbel het. Dié geraas het menige Kaapstadse burger by meer as een geleentheid uit die slaap gehou. Tydens 'n gesamentlike nagtelike soektog in 1771 het 'n aantal burgers hulle uithuisige slawe die oggend een-uur in 'n Rondebosse taverne opgespoor waar hulle al drinkende besig was om by kerslig te dobbel.[520] Rokende slawe en laerklas Europeërs wat die Kaapse taphuise besoek het, het 'n brandgevaar ingehou aangesien dronk persone met brandende lonte in die strate geloop en dit teen die

---

512 *Gleanings in Africa,* p. 244.

513 R. Renshaw, *Voyage to the Cape of Good Hope, Indian Ocean and up the Red Sea with travels into Egypt*, p. 15.

514 J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* p. 99; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 88.

515 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 294.

516 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 86.

517 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 53.

518 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 297.

519 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 79.

520 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 90.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deurkosyne geslaan het. Daarbenewens is brandende kole van een taphuis na 'n ander gedra, terwyl daar binne die drinkplekke voortdurend met aangesteekte pype rondbeweeg is.[521] Alhoewel pogings deur die owerhede aangewend is om slawe uit die taphuise te hou, is slegs die verbod op drankbediening aan slawe na 9-uur saans gerespekteer.[522] Wat die plaasslawe betref, is pogings in 1706 en 1766 aangewend om slawe deur wetgewing te verbied om snags, tydens vakansiedae en veral Sondae die plase te verlaat, aangesien slawebyeenkomste op afgesonderde plekke deur rumoerigheid, wanorde en "ongebondene toomeloosheden" gekenmerk is, veral in die Stellenbosch-omgewing waar slawe op Sondae die rus met "vegten, slaan en smijten" verstoor het en selfs nie geskroom het om die "Eerw. Predicant aldaar te mollesteeren en te ontrusten".[523] Hierdie pogings was onsuksesvol, want in 1786 en 1788 het die Stellenbosse boere steeds probleme ondervind om hulle slawe van die drinkplekke in Stellenbosch weg te hou.[524]

Die Kaapse slawe se geneigdheid tot oormatige drankgebruik is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat wyn en Kaapse brandewyn geredelik beskikbaar en relatief goedkoop was, [525] terwyl alkohol boonop tydelike verligting van die pyn en frustrasie van 'n ellendige, onderdrukkende, uitsiglose slawebestaan gebring het. Dit is dus te verstane waarom slawe enige geleentheid sou aangryp om dié genot- en verdowingsmiddel te bekom en dit dan met volle oorgawe te gebruik. "En wanneer zy [de slaven] al wyn hebben, drinken zy denzelven niet matig, maar gieten hem zoo menigvuldig in den maag, dat zy door dronkenschap niet weten, wie of waar zy zyn", aldus Kolbe.[526] Wetgewing om drankgebruik deur slawe en die gepaardgaande euwels hok te slaan, het misluk. Die verkoop van klere vir drankgeld kon nie uitgeroei word nie en geldbesit het meesal met drankmisbruik gepaard gegaan.[527]

Dobbelary het tot sosiale euwels en selfs die ondergang van sommige slawe gelei. Slawe sou selfs die klere aan hulle liggame verwed en in uiterste gevalle tot selfs hulle vrou en kinders op die spel plaas.[528] Slawe sou hulle meesters besteel om hulle dobbeldrif te bevredig en in sommige gevalle, indien hulle alles verloor het, selfmoord pleeg.[529] Amok-hardloop was in sekere gevalle 'n uitvloeisel van desperate dobbelslagoffers wat, nadat hulle opium gerook het, in 'n bedwelmde en benewelde staat die strate ingevaar en almal wat hulle pad gekruis het, ernstig met messe of krisse beseer of gedood het.[530]

---

521 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 53.

522 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 79.

523 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 64; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 446.

524 K.A.B.: C. 172: Resolutiën, 1786-08-09; K.A.B.: C. 180: Resolutiën, 1788-11-21.

525 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* pp. 146 147.

526 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 396.

527 *Ibid. II,* pp. 323 - 324.

528 *Gleanings in Africa*, p. 245; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 61.

529 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* p. 265; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 294.

530 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die rook van tabak as ontspanningsaktiwiteit was 'n algemene gebruik onder die Kaapse slawe. Reeds in die tweede helfte van die sewentiende eeu is daar aanduidings dat die Kompanjie tabak as geskenk of toegif aan die slawe in sy diens gegee het.[531] Teen die begin van die agtiende eeu was dit 'n algemene gebruik van privaateienaars om tabak as rantsoen op 'n gereelde basis aan slawe te verskaf. "The quantity of tobacco consumed here is enormous, for it is the custom to give each slave – male or female – a span of tobacco weekly", aldus Mentzel.[532] Elders maak hy ook melding dat 'n Kaapse boer jaarliks ongeveer vyftig tot honderd pond tabak moes aankoop, "for the use of his slaves – male and female – and for the Hottentot labourers." Elke slaaf of Hottentot moes weekliks sy tabakrantsoen ontvang " to get any work out of them [as] [t]his forms their most cherished comfort".[533] Hy is voorts van mening dat "[s]ensible slaves want nothing but food, clothing and tobacco".[534] Hiervolgens het slawe tabak op dieselfde vlak as broodnodige lewensmiddele, soos kos en klere beskou. In die tavernes waar die slawe onbesorg gedrink, gedobbel en gedans het, is soms ook dagga gerook. Laasgenoemde is deur die Khoikhoi aan die slawe beskikbaar gestel.[535] Nog 'n genotsgewoonte van veral die Oosterse slawe was die kou van betel in die vorm van 'n *sirih*-pruimpie.[536] Op wintersaande het plaasslawe hulleself met pyprook en storievertellery rondom 'n vuur vermaak, terwyl somersaande met sang en 'n ramkie en selfs 'n danspassie of twee deurgebring is.[537]

Vir talle slawe was dans 'n gewilde vorm van vermaak. Terwyl die openbare en private danspartye vir die hoërlui aan die gang was, het die laerklasse hulleself met hulle eie sogenaamde "reënboog danspartye" vermaak. Hierdie danse is deur persone van enige ras, klas en kleur bygewoon.[538] Die vroue op dié danse was meesal eersteklas slawe- en vryswartmeisies. Hierdie danspartye was inderdaad stylvolle geleenthede. "Everything during the ball is conducted with due decorum", aldus William Bird.[539] Robert Semple was veral beïndruk deur dié smaakvolle danspartye en het die volgende insiggewende beskrywing daarvan gegee:

> It is in these dances that the slaves show themselves off to best advantage. The women display much taste and even elegance in their dress, nor are their dances wild, irregular, or unaccompanied with proper music. They are faithful imitators of what they see daily performed among the white inhabitants, and

---

531 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 176; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 159.

532 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II*, p. 54.

533 *Ibid. I*, pp. 84 - 85.

534 *Ibid. III,* p. 109.

535 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 86; *Ibid. III,* p. 159; J. Barrow, *An account of travels in Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 18.

536 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 131; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. Ahistory of the East Indian archipelago,* p. 170; G.E. Rumphius, *The Ambonese curiosity cabinet* (red. E.M. Beekman), pp. 461 - 462 n16.

537 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 109.

538 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 166.

539 *Ibid.,* p. 165.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 38: 'n Lewendige slawedans, soos uitgebeeld deur die bedrewe amateurkoloris en tekenaar, sir Charles Bart D'Oyly, wat die Kaap van April 1832 tot Mei 1833 besoek het. Oorspronklike tekening in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/71.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 39: 'n Sondag-uitstappie van slawe met 'n gehuurde wa en perde, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/46.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> display an easiness of motion, and a justness of ear which never fail to surprise and please an European unapprized of this circumstance.[540]

Bird het bevestig dat die slawe- en vryswartmeisies die sosiale mannerismes en danspassies van hulle meesteresse tydens dié danspartye nagemaak het.[541] Beide Renshaw en Hudson het van slawedanse wat op Sondae plaasgevind het, melding gemaak.[542] Afgesien van die meer smaakvolle reënboogdanse was daar ook die minder formele en lewendiger danse **(Fig. 38)** waarby die laer slaweklasse en Khoikhoi betrokke was. Buiten die paar danse wat saans in Kaapstad plaasgevind het, het die groot dansgebeurtenis waarheen dié deel van die bevolking hulle op Sondae gehaas het, in die buitewyke van Kaapstad plaasgevind. "[T]he Sunday dance is accompanied by native music of every description. The slave boys from Madagascar and Mozambique bring the stringed instruments of their respective tribes and nation …", aldus Bird.[543] Soms het slawe 'n wa gehuur om die Sondagnamiddag in een van die danshuise op die platteland deur te bring.[544] Plaasslawe het soortgelyke uitstappies na die naaste dorpies met die eienaar se wa onderneem **(Fig. 39)**. Stranduitstappies per gehuurde wa was voorts 'n gewilde ontspanningsaktiwiteit op Sondae.[545]

'n Meer omstrede, maar tog winsgewende tydverdryf onder slawe was prostitusie. In dié opsig was dit veral die losieslavinne wat, soos reeds vermeld, hulle vrye tyd met veral soldate en matrose op promiskue wyse deurgebring het.[546]

4. Feesdae en -gebruike

Onder 'n Westers en Christelik georiënteerde bewind is dit voor-die-hand-liggend dat slegs feesdae wat met dié religieus-politieke stelsel verband hou, as amptelike feesdae aan die Kaap uitgesonder is. Min slawe is in die sosiale struktuur van die Christelike kerk opgeneem. Verstoke van die sosio-kulturele element van die Christelike kerk, het hierdie feesdae bra min religieuse of kulturele waarde vir die meeste slawe gehad. Hulle was nie intiem by die viering betrokke nie en ook nie 'n integrale deel daarvan nie. Vir die Kaapse slaaf was die amptelike Kaapse feesdae hoogstens dae waarop hy die werksjuk tydelik kon afhaal en die dag na eie goeddunke deurbring. Die belangrikste amptelike feesdae aan die Kaap was Paasfees, Kersfees en Nuwejaar. Geen verwysings na feestelike rituele of vieringe op Paasfees of Kersfees waarby slawe betrokke was, kon opgespoor word nie. Teenstra het in 1825 terloops opgemerk dat "goeden vrijdag hier als een der eersten Heiligen feestdagen van het jaar" gevier word, [547] maar dat Paasfees teen Maandagmiddag om twaalf uur reeds afgeloop was.[548] Op 1 Januarie

---

540 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 40.

541 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 166.

542 R. Renshaw, *Voyage to the Cape of Good Hope, Indian Ocean and up the Red Sea with travels into Egypt*, p. 33; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

543 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 166.

544 R.C-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

545 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 96.

546 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 124 - 125; D. Beeckman, *A voyage to Borneo in 1714,* p. 114.

547 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 132 - 133.

548 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1811 het Burchell opgemerk dat die Kaapse Nuwejaar "is generally kept by the Dutch as the greatest holiday of the year ...,[549] terwyl die slawe in hulle beste klere uitgevat, die dag saam met hulle vriende deurgebring het.[550] Die Kompanjieslawe het gewoonlik op Nuwejaarsdag elk 'n geskenk in die vorm van geld, klere en 'n bykomende porsie tabak ontvang.[551] Op Nuwejaarsdag 1674 is in die Dagregister aangeteken dat "... to encourage its slaves, each was presented with a present of money, as well as a piece of spoilt tobacco, which generosity made these poor menials very cheerful and happy".[552] Twee jaar later het die Politieke Raad besluit om die Kompanjieslawe op Nuwejaar "na ouder gewoonte een partheij swarte bedorve toebak [te geven] nevens zodanigen zomma penningen als voormaals gebruijckelijk of voor desen uitgereijkt is".[553] Vir plaasslawe is Nuwejaar weens werksdruk uitgestel tot na die afhandeling van die parstyd. "The new year, ... could now be celebrated, with much drunkeness", aldus Ross.[554] Die oesfees was 'n sekulêre fees wat deur meeste van die boere en hulle slawe op die akkerbouplase gedurende 'n weeksdag, na die voltooiing van die oes, gevier is. Tydens dié fees is arbeiders en slawe onder meer op wyn getrakteer.[555] Tydens die feestelikheid is daar soms op vioolmusiek, wat deur 'n slaaf of Baster-Khoikhoi verskaf is, gedans.[556]

Soos reeds vermeld, het talle slawe aan die Kaap hulle tot die Islam bekeer. Die Kaapse slaaf het hom binne die sosio-religieuse opset van die Kaapse Moslemgemeenskap welkom gevoel waar hy gelykwaardig met almal aktief by die viering van die feesdae en gebruike van die Moslemgemeenskap betrokke kon wees. Hierdie feesdae het 'n sterk religieuse inslag en word, met enkele wysigings, vandag nog op dieselfde wyse gevier.

Vir die Moslems is die vas tydens die maand *Ramadan* of *poewasa* een van die vyf pilare van hulle geloof.[557] Hierdie maand van vasting herdenk die maand waarin die openbaring van die Koran aan die profeet Mohammed in aanvang geneem het en behels basies die streng onthouding van alle voedsel en drank vanaf sonsopkoms tot sonsondergang. Alle Moslems, vanaf vyftienjarige ouderdom, behalwe die siekes, oues, reisigers, swanger vrouens, vrouens met babas en kinders voor puberteit, is verplig om aan die vas deel te neem. Oues van dae en siekes kon, in plaas van die vas, 'n boetedoening van rys, brood of mielies of die geldelike ekwivalent daarvan elke dag aan die armes gee.[558] Die begin van die vas word aangedui deur die nuwe maan aan die begin van die negende maand van die Moslemkalender. Die daaglikse vas begin 'n halfuur voor die eerste oproep tot gebed (Soeboeh) en duur tot sonsondergang,

---

549 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 31.

550 *Ibid. I*, p. 31.

551 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 96.

552 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 176 - 177.

553 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 159.

554 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 27.

555 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 15.

556 *Loc. cit.*

557 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 6; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 41.

558 B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarna toegewyde Moslems vir die eerste maal kos en water mag inneem.[559] Tydens *poewasa* is daar elke aand gebedebyeenkomste in die moskee. Bepaalde datums tydens die maand van *Ramadan* is belangrik. Hiervan is die 27ste, die Heilige Nag, waartydens vergifnis van sonde aan die gelowiges geskenk word, die belangrikste. In voorbereiding en afwagting vir die dag word die huise skoongemaak, mooi dekens oor die beddens gegooi en baie kerse opgesteek.[560] Met die koms van die nuwe maan eindig die vas van *Ramadan* en begin die opsionele vas van *Soenat* wat ses dae duur.[561] Op die dag van die beëindiging van *Ramadan* neem ook die *Fees van Eid-ul-Fitr* of *Labarangfees* in aanvang.[562] Dit begin gewoonlik ná die oggendgebed op die eerste dag van die maand *Shawal*, die tiende maand van die Moslemkalender en duur drie dae.[563] Na die mans die reinigingsritueel of *Wudú* [564] uitgevoer het, gaan hulle in hulle nuutse klere en met geskenke vir die imams en die armes, na die moskee om die voordrag van hoofstukke van die Koran deur die imams te hoor. 'n Donasie van rys en koring, wat *fitra* genoem word, gaan aan die seremonie van *Labarang*. Bokke word by die moskees geslag en groot potte rys vir die armes gekook. Kinders in hulle nuwe klere besoek hulle bure waar hulle ook geskenke ontvang. Kaapse Moslems verwys soms na dié fees as "Ons Kersfees".[565] Die *Mir'raj* word gevier om die Profeet Mohammed se reis in een nag vanaf Mekka na die Paradys en terug te herdenk.[566] *Roa*, wat op die vyftiende dag van die agste maand *Sha'ban* gevier word, is 'n reinigingsfees.[567]

Labarang Hadji of "Fees van die Offerhande" wat sewentig dae ná die van *Ramadan* plaasvind en gewoonlik drie dae duur, herdenk God of Allah se opdrag aan Abraham om Ismael te offer en hou ook verband met die pelgrims na Mekka.[568] Hierdie fees wat ook as *Eid-ul-Korban* (Dag van Offer) [569] bekend is, gaan gepaard met die slag van 'n jaaroue bok wat sonder enige gebrek, nie maer, dragtig of – in geval van 'n ram – hitsig mag wees nie. 'n Mantel van gekleurde sy word, nadat die dier gewas is, om hom gehang, terwyl wit linnebande soos 'n tulband *(koefija)* om die horings gevleg word. Die dier word dan na die offerplek gelei, op 'n tafel getel, gerusstellend gestreel terwyl 'n formulier deur die imam voorgedra word. Almal teenwoordig volg met 'n sanggebed vir die dode. Met sy kop weggedraai van die mes, word die dier se keel met een skoon sny afgesny. Dit word gelaat om wit te bloei, waarna die karkas opgesny en die vleis geïnspekteer om daarna aan die armes uitgedeel te word. [570]

---

559 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 9.

560 *Loc cit.*

561 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 5.

562 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 42.

563 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 9 - 10; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 5.

564 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 167.

565 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 16.

566 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 9 - 10.

567 *Loc. cit.*

568 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 8 - 9; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

569 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 17.

570 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 8 - 9; B. Rood, *Maleierkookkuns,* pp. 6 - 7; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens *Tamat* word jong kinders se kennis van die Koran teen die einde van hulle primêre Islamitiese opvoeding getoets. Die seuns, geklee in Oosterse tulbande, hout sandale en fyn sy-togas, loop in prosessie van hulle skool na die moskee waar talle Moslems op hulle aankoms wag.[571] Die kinders gaan sit voor in die moskee met hulle gesigte na die imams, terwyl hulle *leijonkers* reg agter hulle sit. Daarna word elke kind indiwidueel getoets deur die voorgeskrewe hoofstukke uit die Koran uit die kop voor te dra. Dit is 'n moeilike toets voor 'n groot gehoor. Daar word van hulle verwag om elke woord, elke frase en elke sin in die suiwerste vorm van Arabies voor te dra en spesiale aandag aan punktuasie en stemmodulasie te gee. Die toets duur gewoonlik drie uur, waarna die fees by die moskee volg waartydens tee en koek sowel as tradisionele geregte, soos breyani met rys en frikkadelle met geelrys-en-rosyne genuttig word.[572]

Bepaalde feesgebruike is eiesoortig aan die Kaapse Moslemgemeenskap en is via die slawe in dié kultuur opgeneem. Die sosio-politieke milieu waarbinne die Kaapse slawe hulle bevind het, het vereis dat geleenthede geskep moes word waartydens slawe byeen kon kom vir die deelname aan "religieuse" aktiwiteite.[573] Daarbenewens het slawe afkomstig van nie-Moslemkulture uit Indië, Indonesië en Afrika 'n behoefte gehad aan die identifisering met 'n kultuur wat basies bekende elemente uit hulle lande van herkoms gehad het.[574] Weens dié behoefte en in 'n poging om heidense slawe tot die Islam te bekeer, is innoverende aktiwiteite waarmee dié slawe kon identifiseer, rondom die *thikr* of *djiekers* (basiese sanggebede tot lof van Allah) van die Islam geskep.[575] Deur akkulturasie tussen die slawe en sosiale assimilasie is sekere elemente wat strenggesproke nie Islamities is nie, dus in die Kaapse Moslemkultuur opgeneem.[576] Daarvan is die tipiese en unieke Kaapse Moslemfeeste en gebruike, soos *rampie-sny*, *merang* en *ratiep* of *khalifa* sprekende voorbeelde.[577]

Rampie-sny of die "Fees van die Lemoenblare" op die herdenkingsdag van die profeet Mohammed se verjaarsdag *(Maulūd-an-nabī)* is 'n baie unieke Kaapse Moslemfeesdag.[578] *Rampie-sny* is in die ware sin van die woord nie deel van die Islamgeloof nie, maar het as 'n kultuurtradisie behoue gebly. Die woord "rampie" hou onder meer verband met "Rampa" wat die naam is van die drie helde, veral Ramachadra, in die Hindoemitologie, terwyl die Maleise woord *rampai* ook "mengsel" beteken.[579] Hindoeslawe aan die Kaap het dus heelwaarskynlik deur die assosiasie van *rampie* met die Profeet se verjaarsdag tot die Islam aangetrokke gevoel. Weens die godsdienstige en kulturele behoeftes van slawe is bepaalde elemente van die

---

571 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 10; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 25; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 35.

572 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 10; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 7.

573 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

574 *Loc. cit.*; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95.

575 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

576 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

577 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 33 - 34, 94 - 95.

578 *Ibid.*, pp. 24 - 25, 34 en 94.

579 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die naam van Allah, die Jammerlike, die Genadige

A S H R A K A L

Al Qie-Yaam - Die Opstaan

Oe Nabee, Bewaarskap is op U
Oe Bestiering, Bewaarskap is of U
Oe geliefste, Bewaarskap is op U
Die siegens van Allah is op U

Die volle maan het geskyn op ons.
(en) Die ligte van die maan en die son
en die sterre was beskerm.
Net soos U sein mooi-geit het ons nog
nooit gesien nie.
Oe gesig van plesierigheit.

U is een son, U is een volle man,
U is lig bo lig,
U is die ieliekser,
U is die lamp van die bors.

Oe my geliefste, Oe Moegammad,
Oe bruidegom van die ooste en die weste,
Oe gienage wat gehelp is, Oe gienage wat
hoog gemaak is,
Oe Imaam van die twee Qiblahs.

Wie gesien het U se gesig word plesierig,
Oe gienage wat hoog is van ouers.
U se dam wat is die helder water wat koud is,
sal wees onse plek wat ons sal na toe kom vir
water die opstaan dag.

Ons het nie gesien diè wat kamele verlang na
iemand nie,
in die aand trewels nie, as net vir U
En die wolk het waarlik 'n skaade-wie gemaak,
en die klomp het gebatja salawaat op U.

En die ou kameel het gekom na jou, huil-huil,
en hy was eerbedig vir U.
en het gesoek bewaarskap, Oe my geliefste,
by U, die bangerige takbok.

Toe hulle vas maak die siekedoewe
En geroep het die ander vir die trewel
(na Madiena om te siejaarat die Nabee),
Toe het ek gesè: "hou stil vir my Oe gienage wat
aanweis die pad".

Figuur 40: 'n Vertaalde fragment in Moslemafrikaans van die epiese musikale gedig, die *Ruwayats,* geskryf deur Jaffar ibn Hasan al Barzanji. Dit word tradisioneel tydens *rampie-sny* voorgelees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hindoekultuur dus deur akkulturasie in die Kaapse Moslemkultuur opgeneem.[580] *Rampie-sny* is 'n kleurvolle fees wat basies die sny van lemoenblare op die profeet Mohammed se verjaarsdag behels en het waarskynlik sy oorsprong in die geloof dat die pasgebore Mohammed met blare en nie met doeke bedek was nie.[581] Dit is 'n fees waarby mans sowel as vroue betrokke is en die enigste geleentheid waartydens vroue onbeperkte toegang tot die bederuimte van die moskee het.[582] Op die twaalfde dag van *Rabi-ul-aúwal* kom vroue en hulle dogters vanaf twee-uur tot sonsondergang in hulle kleurvolste drag in die bederuimte van die moskee bymekaar. Terwyl hulle op matte sit, word lemoenblare op seremoniële wyse met spesiale beenhefmesse – soms met silwer lemme – op hout kapborde, wat met houtsneewerk versier is, opgesny. Tussen die werkery deur ontspan die vroue met koppies baie soet melkerige speserytee en kleurryke soet eetgoed. Elke deelnemer bring haar eie welriekende olie wat alles saam in een bak gegooi word. Al die fyngekerfde blare word op 'n groot houtraam gegooi, waarna die welriekende roosolie deur die imam se vrou daaroor gesprinkel en deurgewerk word. Nadat die opgesnyde lemoenblare goed met die olie gemeng is, word dit met 'n doek toegemaak en gestoom. Na die stoomproses word die doek verwyder en die blare in kleiner hopies verdeel om in klein kleurvolle reuksakkies of *rampies* opgemaak te word.[583]

Tydens die maak van die *rampies* word daar op gedempte toon gepraat, die *thikrs* of *djiekers* gesamentlik opgesê en wierook gebrand. Die *Ruwayats*, 'n epiese "musikale" gedig wat die heroïese dade van die Profeet besing, word indiwidueel uit 'n boek voorgelees. Dié gedig is deur Jaffar ibn Hasan al Barzanji geskryf. Achmat Davids, historikus en taalkenner van die Bo-Kaap, was tot en met sy dood in besit van 'n kopie van dié gedig wat in 1830 deur 'n slaaf oorgeskryf is.[584] Davids het gedeeltes van die gedig in Afrikaans vertaal **(Fig. 40)**. Met sonsondergang, as die *rampie*-makery verby is, begin die feestelikhede met die mans wat eers na die moskee gaan om te bid en na lesings oor die lewe van die Profeet te luister. Hier kry elke man 'n *rampie* of reuksakkie wat hy in sy baadjie se binnesak bêre. Daarna word koek en tee of soetvleise, sowel as kerrie-buriyani, rys, roti, gesmoorde en gebraaide hoender, frikkadelle met geelrys, rosyne en kaneel, kapokaartappels en slaai by die moskee [585] bedien. Die *rampies* met geurige lemoenblare word as geskenke aan mekaar oorhandig, terwyl elke persoon ook 'n *barakat* (voedselgeskenk) van koek en beskuitjies ontvang om huis toe te neem. Die *barakat* is direk van slawe-oorsprong.

Alhoewel die Profeet se verjaarsdag of *Maulūd-an-nabī* of Moulood eintlik op die twaalfde dag van die maand *Rabi-ul-aúwal* is, kan dit enige tyd gevier word.[586] In dié opsig stem die volgende beskrywing, wat Thunberg op 28 Junie 1772 van die viering van die Javanese

---

580 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

581 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

582 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

583 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 8; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, pp. 24 - 25; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

584 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

585 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

586 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 8; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 50.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nuwejaar aan die Kaap gegee het, ooreen met die wyse waarop die Kaapse Moslems tot vandag nog die Profeet se verjaarsdag vier:[587]

> On the 28th of June (1772), the Javanese here celebrated their new year. For this purpose they had decorated an apartment in a house with carpets, that covered the ceiling, walls, and floor. At some distance from the farthest wall an altar was raised, from the middle of which a pillar rose up to the ceiling, covered with narrow slips of gilt paper and silk alternately; from above, downwards, ran a kind of lace, between the projecting edges. At the base of this pillar were placed bottles with nosegays stuck in them. Before the altar lay a cushion, and on this a large book. The women, who were all standing or sitting near the door, were neatly dressed, and the men wore nightgowns of silk or cotton. Frank-incence was burned. The men sat cross-legged on the floor, dispersed all over the room. Several yellow wax-candles were lighted up. Many of the assembly had fans ... Two priests were distinguished by a small conical cap from the rest, who wore handkerchiefs tied about their heads in the form of a turban. About eight in the evening the service commenced, when they began to sing, loud and soft alternately, sometimes the priest alone, at other times the whole congregation. After this a priest read out of a great book that lay on the cushion before him. ... and imagined it to be the Alcoran they were reading, the Javanese being mostly Mohametans. Between the singing and reading, coffee was served up in cups, and the principal. man of the congregation at intervals accompanied their singing on the violin. I understood afterwards that this was a Prince from Java ...[588]

Die *rampies* word vandag steeds, soos deur Thunberg beskryf, uitgestal: "... an altar was raised, from the middle of which a pillar rose up to the ceiling, covered with narrow slips of gift paper and silk alternately." [589] Selfs die ruikertjies wat saam met die *rampies* uitgedeel word, word tot vandag aan die voet van die pilaar of stapel *rampies* uitgestal.[590] Die sing-praat van die *djiekers*, die lees van die *Ruwayats*, die aanvang van die gebedediens om agt-uur die aand, sowel as die gebruik om warm drinkgoed, soos tee te bedien, vorm steeds deel van die *rampie-sny* seremonie en dui daarop dat hierdie kenmerkende viering van die Profeet se verjaarsdag deur die Kaapse Moslems, reeds in die tyd toe Thunberg die Kaap besoek het (1772 - 1775), sy beslag aan die Kaap gehad het en as sodanig stewig in die Kaapse slawegeskiedenis geanker is.[591] Die eiesoortigheid van hierdie plaaslike gebruik word verder bevestig deur die feit dat *rampie-sny* in dié tyd beslis nie deel was van die vierings van die *Maulūd-an-nabī* in die Indonesiese Argipel of ander Moslemlande nie.[592]

---

587 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

588 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 47 - 48.

589 *Ibid.*, p. 47.

590 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

591 *Loc. cit.*

592 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; J. Crawford, *History of the Indian Archipelago,* pp. 261 - 262.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> and has been perhaps most frequently and most powerfully developed by strong religious feelings and devotional excitement.[601]

Binne die opset van slawerny het dit aan hulle 'n persoonlike eiewaarde verleen.[602] Mayson het tereg opgemerk dat talle Kaapse slawe deur *ratiep* tot die Islam bekeer is.[603]

Wat die familiefeeste betref, het die huweliksfees 'n belangrike plek in die Kaapse Moslemgemeenskap ingeneem. Soos reeds vermeld, is slawe tot 1823 nie toegelaat om wettig te trou nie.[604] Die Islam het egter in die behoefte voorsien en talle slawe het Moslemhuwelike gesluit wat, alhoewel dit nie deur die owerhede erken is nie, wel binne die Kaapse Moslemgemeenskap erkenning geniet het. Gebruike rondom die hedendaagse Moslemhuwelik sou heelwaarskynlik in 'n meer beskeie vorm ook op die Moslemslawehuwelik van toepassing wees.

Op haar huweliksdag dra die Moslembruid as hoofversiering 'n *medoura* en 'n sluier, terwyl sy haar bruilofgaste in haar eerste trourok ontvang. Sy gaan nie na die moskee nie, maar word deur haar vader verteenwoordig.[605] Tydens die huweliksfees vertrek sy om haar tweede trourok aan te trek waarna sy weer by die fees aansluit. Die gebruik om 'n derde of selfs 'n vierde trourok tydens die fees te dra, sou heelwaarskynlik nie deur die minder gegoede Kaapse Moslemslawe ten uitvoer gebring kon word nie. Die bruid en bruidegom woon afsonderlike onthale by. Die bruidegom en sy strooijonker bring slegs in die bruid se afwesigheid besoek aan haar onthaal om weer kort voor haar verskyning na sy eie onthaal terug te keer. Tydens die huweliksonthaal word veral tradisionele Hollandse liedere gesing.[606] Teen die aand word die bruid deur haar skoonouers of ouer vroue wat reeds die pelgrimstog na Mekka voltooi het, na haar nuwe tuiste gebring.[607]

Die *doopmaal* is reeds onder die afdeling oor die slawekind bespreek.

Uit voorafgaande is af te lei dat formele feesdae waarby slawe betrokke kon wees, oorwegend tot die Islam beperk was. Binne die Islam is almal, ongeag herkoms en status, gelykwaardig en het die slawe dieselfde toegang tot deelname aan die feesvieringe as enige ander Moslem gehad. Terwyl hulle deur aktiewe deelname aan feesvieringe tydelik van die slawejuk kon ontsnap, sou slegs die dood vir meeste slawe die finale opheffing van slawerny wees.

5. Dood en begrafnis

---

601 J.C. Colquhoun, *An history of magic I,* p. 299.

602 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

603 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town,* p. 20.

604 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 83.

605 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 16; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 7.

606 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 41.

607 *Ibid.*, p. 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Merang, 'n gebedesamekoms wat op die derde, sewende, veertigste en honderste dag na 'n begrafnis gehou en deur feesvieringe opgevolg word,[593] is aangepas om binne die Kaapse slawemilieu 'n toepasliker rol te speel. Die religieuse aspekte van die seremonie stem wel ooreen met die godsdienstige gebruike rondom die viering van *Gadat* deurdat dit voorlesings uit die Koran, resitasies tot lof van Allah, smekinge en gebede behels.[594] Wat die feesvieringe betref, verskil dit egter in die sin dat voedsel in plaas van koek bedien word. Voor die fees word 'n bydrae van een sjieling van elke gemeentelid gevra wat as die "tallie" bekend is.[595] Hiermee word vis en rys gekoop wat tydens die fees aan alle feesgangers bedien word. Die groot fees met sy *barakat*, wat die neem van voedsel na diegene wat nie die fees kan bywoon nie behels, is volgens Davids 'n direkte gevolg van die teenwoordigheid van slawe in die vroeë Kaapse Moslemgemeenskap.[596] Dit het aan slawe 'n geldige verskoning gebied om aan 'n godsdienstige aktiwiteit binne 'n gemeenskap deel te neem en so tydelik van hulle gebondenheid te ontsnap. As deel van die feesvieringe het hulle 'n gevoel van verbondenheid ervaar.[597] Die *barakat* het die Kaapse slawe 'n sosiale en maatskaplike verantwoordelikheid teenoor mekaar geleer. Daarbenewens het die *barakat* tydelik in die voedselbehoeftes van die Kaapse Moslemslawe voorsien.[598] Vandag bestaan die *barakat* wat in 'n servet, papier, selofaan of foelie toegedraai is, uit 'n versameling aantreklike en smaaklike koekies en soetighede.

Khalifa of *ratiep*, wat van Hindoe oorsprong is en strenggesproke nie deel uitmaak van die Islamitiese godsdiensgebruike nie, het weens die teenwoordigheid van slawe aan die Kaap 'n noue assosiasie met die Kaapse Moslemgeloof gevorm.[599] *Khalifa* of *ratiep* behels basies die slaan van die liggaam met skerp swaarde en die deurboring van die vlees met skerp penne sonder bloeding, terwyl daar op die ritme van dromme geestelike dreunsange in Arabies uitgevoer word. In wese is *ratiep* 'n sintese tussen Islamitiese geestelike voordrag en animistiese rituele gebruike wat deur die Kaapse Moslems aangewend is om nie-Moslemslawe tot die Islam aan te trek.[600] Alhoewel dit tans besig is om uit te sterf, was dit in die slawetyd gewild. *Ratiep* het aan slawe 'n persoonlike mag oor hulle eie liggame gegee. Oor die gebrek aan pyn wat tydens die *khalifa* ervaar word, het J.C. Colquhoun die volgende mening gehuldig:

> especially in individuals under very violent excitement - appears to overpower the external senses, and the reasoning faculty and as it were create a new world for itself. This constitutional affection ... may be induced by various means,

---

593 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 19; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 8.

594 A. Davids, *The mosques of Bo-kaap,* p. 95.

595 *Loc. cit.*

596 *Ibid.*, pp. 33 en 95.

597 *Loc. cit.;* A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

598 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 33 en 95; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 34.

599 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 33; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 25.

600 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> and has been perhaps most frequently and most powerfully developed by strong religious feelings and devotional excitement.[601]

Binne die opset van slawerny het dit aan hulle 'n persoonlike eiewaarde verleen.[602] Mayson het tereg opgemerk dat talle Kaapse slawe deur *ratiep* tot die Islam bekeer is.[603]

Wat die familiefeeste betref, het die huweliksfees 'n belangrike plek in die Kaapse Moslemgemeenskap ingeneem. Soos reeds vermeld, is slawe tot 1823 nie toegelaat om wettig te trou nie.[604] Die Islam het egter in die behoefte voorsien en talle slawe het Moslemhuwelike gesluit wat, alhoewel dit nie deur die owerhede erken is nie, wel binne die Kaapse Moslemgemeenskap erkenning geniet het. Gebruike rondom die hedendaagse Moslemhuwelik sou heelwaarskynlik in 'n meer beskeie vorm ook op die Moslemslawehuwelik van toepassing wees.

Op haar huweliksdag dra die Moslembruid as hoofversiering 'n *medoura* en 'n sluier, terwyl sy haar bruilofgaste in haar eerste trourok ontvang. Sy gaan nie na die moskee nie, maar word deur haar vader verteenwoordig.[605] Tydens die huweliksfees vertrek sy om haar tweede trourok aan te trek waarna sy weer by die fees aansluit. Die gebruik om 'n derde of selfs 'n vierde trourok tydens die fees te dra, sou heelwaarskynlik nie deur die minder gegoede Kaapse Moslemslawe ten uitvoer gebring kon word nie. Die bruid en bruidegom woon afsonderlike onthale by. Die bruidegom en sy strooijonker bring slegs in die bruid se afwesigheid besoek aan haar onthaal om weer kort voor haar verskyning na sy eie onthaal terug te keer. Tydens die huweliksonthaal word veral tradisionele Hollandse liedere gesing.[606] Teen die aand word die bruid deur haar skoonouers of ouer vroue wat reeds die pelgrimstog na Mekka voltooi het, na haar nuwe tuiste gebring.[607]

Die *doopmaal* is reeds onder die afdeling oor die slawekind bespreek.

Uit voorafgaande is af te lei dat formele feesdae waarby slawe betrokke kon wees, oorwegend tot die Islam beperk was. Binne die Islam is almal, ongeag herkoms en status, gelykwaardig en het die slawe dieselfde toegang tot deelname aan die feesvieringe as enige ander Moslem gehad. Terwyl hulle deur aktiewe deelname aan feesvieringe tydelik van die slawejuk kon ontsnap, sou slegs die dood vir meeste slawe die finale opheffing van slawerny wees.

5. Dood en begrafnis

---

601 J.C. Colquhoun, *An history of magic I,* p. 299.

602 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 63.

603 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town,* p. 20.


604 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 83.

605 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 16; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 7.

606 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 41.

607 *Ibid.*, p. 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 41: Die Tana Baru-begraafplaas aan die bo-punt van Langmarkstraat met die graf van imam Abdullah Kadi Abdus Salaam (Tuan Guru) in die voorgrond.
Uit: A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap* (Athlone, 1980), p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die dood van 'n slaaf is die sirkel van sy persoonlike lewe voltooi en word die laaste aspek in die sosiale en kulturele gebruike rondom sy sterfte en teraardebestelling ingelui. Sy laaste rusplek was òf die Moslembegraafplaas aan die voet van Leeukop òf die algemene slawebegraafplaas "tusschen de Stad en die Vesting na die kant van den Tafelberg", aldus Kolbe.[608]

Grond vir gebruik as begraafplaas deur die Kaapse Moslems is op 2 Oktober 1805 "aan de afhang van den Leeuwenbil" deur generaal Janssens aan Frans van Bengale toegestaan [609] **(Fig. 41)**. In 1806 het Hudson opgemerk dat Frans van Bengale, wat ook "Old Frank" genoem is, 'n stuk grond vir dié doel van die regering ontvang het. Met die hulp van sy werkslui, het hy in sy vrye tyd 'n muur om die begraafplaas gebou om die beeste uit te hou.[610] In 1825 het Teenstra weereens melding van die ommuurde "Javaansch kerkhof", wat teen die hang aan die voet van Leeukop geleë was, gemaak en opgemerk dat daar 'n verskeidenheid wit grafstene en groen grafte was.[611] In die vroeë agtiende eeu het Kolbe van nog 'n begraafplaas vir die ander slawe melding gemaak en opgemerk dat die "geringer Bedienden der gemelde roemruchtige Maatschappy ... nevens de overledene slaven der gemelde Maatschappij en boeren begraven worden ..." [612] Uit die Resolusies van die Politieke Raad is af te lei dat die slawe "rondom" die begraafplaas vir die "geringer bedienden", soos soldate en matrose begrawe is, [613] terwyl Mentzel in die 1730's noem dat dié aparte slawebegraafplaas "in the same locality" as die gemelde begraafplaas was.[614] Anders as by die Moslembegraafplaas, was dit nie omhein nie wat tot gevolg gehad het dat vee oor die grafte geloop het en aan " 't gras, dat daar weelderig groeit, zonder eenige hindernis" gewei het.[615] In 1844 het die verwaarloosde toestand van dié begraafplaas Backhouse opgeval.[616]

Wat die prosedures met betrekking tot die dood van 'n slaaf betref, moes sodanige sterfte so spoedig moontlik by die fiskaal aangemeld word waarna twee persone uitgestuur is om 'n nadoodse inspeksie op die liggaam van die betrokke slaaf te doen.[617] Geen slaaf mag sonder 'n permit, wat deur die fiskaal of Landdros uitgereik is, begrawe word nie.[618]

Die gebruike rondom die dood en begrafnis van Moslemslawe het aansienlik van dié van ander Kaapse slawe verskil en het daarom die oog van sekere inwoners, besoekers en reisigers, soos

---

608 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

609 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 90.

610 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 59.

611 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 121.

612 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

613 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 81 - 83.

614 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 128.

615 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 233.

616 J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, p. 81.

617 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 55.

618 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Semple,[619] Hudson [620] en die onbekende skeepsoffisier en outeur van *Gleanings in Africa* [621] gevang. Almal is dit eens dat Maleierbegrafnisse stemmige ritueelbelaaide geleenthede was. "The burial of a Malay is conducted with respect and decorum", aldus die outeur van *Gleanings in Africa.*[622] Hudson het bevestig dat "[t]he Malays bury their dead in a decent manner". [623]

Net soos dit vandag in die Kaapse Moslemgemeenskap die geval is, was daar aan die vroeë Kaap bepaalde gebruike rondom die afsterwe van 'n Moslemslaaf. Pas nadat hy gesterf het, is sy oë toegedruk en die onderkaak met 'n serp opgebind. Daarna is sy lyk na een van sy vriende se huis gebring [624] en op 'n rottang bank of *katil* geplaas, met sy gesig in die rigting van Mekka. Onder die bank is 'n groot bad geplaas.[625] Die liggaam is met skoon linne bedek en die bed en kamer met blomme en geurige kruie bestrooi "and the place perfumed with sweet scented Waters", aldus Hudson.[626] Familie en vriende kon nou die lyk besoek. Daarna het die verpligte seremoniële wasritueel [627] of *Abdas* gevolg, waartydens die liggaam gewas en onophoudelik met warm water gemasseer is tot die ledemate so sag en soepel soos die van 'n lewende persoon is.[628] Die liggaam is daarna met seep gewas en die naels skoongemaak. Tydens dié seremonie is water drie maal oor die gesig, bene, arms en kop gegooi. Hierna is dit afgedroog. Tydens die volgende seremonie, die *Ghusl*, is water drie maal langs die regterkant en drie maal langs die linkerkant van die liggaam gegooi. Daarna is die liggaam met kamferwater behandel en versigtig afgedroog, waarna dit met aromatiese olies, bensoïenhars en roosblare geparfumeer is. Watte is in alle liggaamsholtes gedruk en nog 'n aanwending van bensoïenhars en kamferolies aan die liggaam het gevolg, waarna dit in drie lyksklede toegedraai is. Die liggaam is weer met die gesig in die rigting van Mekka op die *katil* teruggeplaas. In teenwoordigheid van familie, vriende en roubeklaers het die imam nou die vier gepaste godsdiensrituele of *Takbierahs* gelei. Dit het 'n voordrag uit die Koran, 'n gebed vir vrede en seën, 'n gebed vir die ontslapene en 'n gebed aan Allah om die ontslapene te ontvang, behels. Met 'n saluut, waartydens die kop na regs en links gedraai is, is die ritueel beëindig.[629] Hierna is die toegedraaide lyk op 'n draagbaar geplaas en 'n bedekking van bamboesraamwerk of *koerbatang* daaroor geplaas. Twee of drie skoon helderkleurige dekens of klede is dan daaroor gegooi.[630] Volgens Hudson is die bamboesbedekkings heel vernuftig gemaak: "A neat cover for the body is made of split Bamboo and tied together with white

---

619 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 41 - 42.

620 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 55 - 56.

621 *Gleanings in Africa,* p. 248.

622 *Loc. cit.*

623 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 55.

624 *Ibid.,* p. 56.

625 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

626 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 56.

627 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

628 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 18.

629 *Loc. cit.*

630 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 56; I.D. Plessis, *The Cape Malays,* p. 18; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cotton Yarn in Diamonds some of which are very ingeniously Constructed." [631] Voor die begrafnis is hierdie raamwerk by die voordeur van die huis geplaas. Met die draagbaar op die skouers van 'n paar mans en die roubeklaers agterna, het die optog na die graf begin. Geen vroue het aan die optog deelgeneem of was by die begrafnis teenwoordig nie.[632] By die graf is die liggaam deur twee mans en 'n imam op die regtersy in 'n opening in een van die wande wat na Mekka wys, geplaas. Dekens of klede is oor die graf gehou en liggies gewaai, terwyl die teraardebestellingsrituele in die graf plaasgevind het. [633] Die liggaam is vir oulaas deur die imam met vloeistof uit 'n erdewerk- of koperketel besprinkel en die buitenste lyksklede losgemaak waarna 'n gebed gedoen is. Planke is skuins in die deel van die graf geplaas waar die liggaam is en die opening noukeurig met klei toegesmeer, sodat geen grond daar kon kom nie.[634] Daarna is die graf toegegooi. Terwyl die imam in 'n sittende houding in die rigting van die oorledene se kop kyk, het hy 'n gebed gedoen wat deur die roubeklaers herhaal is. Daarna het hy 'n paar gepaste gedeeltes uit die Koran herhaal wat die oorledene se gees ingelig het oor wat hy tydens sy ontmoeting met die twee engele moet sê.[635] Al die begrafnisgangers het vir die duur van die begrafnisseremonie op hulle hurke gesit.[636] Na die begrafnis het die begrafnisfees of *gajaat* gevolg, waartydens die tradisionele begrafnismaal bedien is. Dit is egter nie in die huis waar die persoon gesterf het, voorberei nie.

Semple het waargeneem dat die naasbestaandes en roubeklaers op die derde, sewende, tiende, veertigste en honderste dag weer by die graf byeengekom het om welriekende water en blomme oor die graf te strooi: "They bid the earth lie lightly on the breast of their former companion, and for the last time mingle their tears together over him." [637] Daarna het hulle na die oorledende se huis of die huis van 'n vriend teruggekeer waar verskeie gebede gedoen is. Dit is gevolg deur 'n fees. Hierdie seremonies en vieringe wat meesal op die sewende, veertigste en honderdste dag na die begrafnis plaasgevind het, staan as *merang* bekend.[638]

Wat die dood en begrafnis van die ander nie-Moslemslawe betref, is die gebrek aan seremonie duidelik deur die outeur van *Gleanings in Africa* beskryf: "The Mozambique and Madagascar slaves conduct these matters with indifference, and an entire neglect of all decency and form: they throw the corpse on a bier, and very unconcernedly commit it to the grave." [639] Daarbenewens was daar 'n onderlinge verskil in die wyse waarop die slawe die hartseer en verlies van 'n gestorwe geliefde hanteer het. Semple het dié verskil as volg ervaar: "The Malay expresses his grief by sitting beside his dead friend in profound silence, and with downcast and pensive look; but the natives of Malabar and Mozambique break into sudden and violent floods of sorrow, which they often seem to begin and end in concert." [640] Volgens Hudson het die emosiebelaaide reaksie van een van sy Mosambiekse slawe op die dood van sy weekoue

631 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 56.

632 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

633 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 56.

634 *Loc. cit.*; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

635 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 18.

636 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 56.

637 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 42.

638 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 95.

639 *Gleanings in Africa*, p. 248.

640 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baba, geen grense geken nie: "He left the House and hid himself among the rocks, beating his breast and making the most piteous Lamentation for the loss of his child." [641] Hudson het self die klein netjiese kissie wat hy met heide en veldblomme versier het, voorsien.[642]

Uit voorafgaande beskrywing van die dood en begrafnis van slawe aan die Kaap, blyk dit dat afgestorwe Moslemslawe beslis beter daaraan toe was. Die sterfte, die voorbereiding en uitlê van die liggaam, sowel as die begrafnis, is met groot respek en seremonie hanteer, terwyl die hantering van pyn en verlies waardig was. Selfs ná die begrafnis is die afgestorwe Moslemslaaf op feesdae in herinnering gebring. Daarenteen was die ander slawe geweldig emosioneel tydens die afsterwe van 'n geliefde, die begrafnis uiters onseremonieël en die rou van korte duur.[643] Selfs die Moslembegraafplaas aan die voet van Leeukop was, danksy die Moslems se eie betrokkenheid, ommuur en beter versorg as die verwaarloosde algemene begraafplaas vir die ander slawe.

Huishoudelike en amptelike dissipline

Alle vorme van gedwonge arbeid berus op geweld.[644] As sodanig was geweldadige dissipline 'n integrale deel van die Kaapse gemeenskap wat op almal van toepassing was. Dit het slawe, matrose, soldate, burgers, sowel as die inheemse bevolking ingesluit.[645] Weens hulle getalle-oorwig sou slawe 'n belangrike fokuspunt ten opsigte van dissipline wees.

Vroeg reeds tydens Kompanjiesbeheer is wette uitgevaardig om slawe teen ongenaakbare lyfstraf en enige vorm van barbaarse dissipline te beskerm. So is daar kort na die aankoms van die eerste slawegroepe, deur Van Riebeeck op 19 Junie 1658 aangeteken dat die vryburgers, tydens 'n rondgaan van die fiskaal en sersant, gemaan is om hulle slawe goed te behandel en hulle te weerhou om dié mense "met gedurich slaen, stoten ende schelden stuggerich te maeck", terwyl hierdie "gedurighe ende menichmael gedane vermaningen en waerschouwingen" op 6 Augustus 1658 in 'n plakkaat saamgevat is. Eienaars is hierin weereens verbied om hulle slawe te mishandel, "als binden ende slaende deselve seer onbarmhertighlijk met roede en andere geesels ... sommige van gespouwen rottangen, ende ander' van touwe met cnopen aen de eijnde gemaeckt" en hulle slegs "domestiquelijck" te kasty.[646] Terwyl dit die prerogatief van die owerheid was om ernstige kriminele oortredings te straf, was die eienaar dus self vir die straf van "huishoudelike oortredings" verantwoordelik – soos hy as gesinshoof sy gesin sou tugtig.[647] Genadelose strawwe na eie goeddunke en giere van eienaars is dus pertinent deur regulasies verbied en "domestiquelijck" straf het basies bloot 'n ligte dissiplinering met 'n rottang behels. Slawe-eienaars was slegs geregtig op paternalistiese dissipline om "huishoudelike oortredings", soos dronkenskap, nalatigheid,

---

641 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 59.

642 *Loc. cit.*

643 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 42.

644 R.C.-H. Shell, *Those in bondage*, p. 206.

645 *Ibid.,* p. 207.

646 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* pp. 36 - 37.

647 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937,* p. 173; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 153.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongehoorsaamheid, disrespek, parmantigheid, minder ernstige drostery [648] en huishoudelike diefstal met matige lyfstraf met 'n kleinerige rottang te straf. [649] Volgens wetlike bepalings het hierdie lyfstraf 39 houe behels wat gewoonlik met 'n sambok toegedien is.[650] In die 1770's het Thunberg juis opgemerk dat eienaars die reg gehad het om hulle slawe met 'n sambok te dissiplineer, maar dat hulle geen mag oor die lewe van 'n slaaf gehad het nie, aangesien dit aan die owerhede behoort het.[651] Vir groter kriminele oortredings moes die polisie dus ingeroep word waarna die owerhede verder self die straf hanteer het.[652]

Uit voorafgaande is dit duidelik dat wrede strawwe deur eienaars nie vir die owerhede aanvaarbaar was nie. Die wet het dit verbied en ernstige strawwe is aan voornemende oortreders voorgehou.[653] Slawe kon 'n eienaar wat sy mag in dié verband misbruik het by die fiskaal verkla,[654] alhoewel dié klagtes nie altyd ernstig opgeneem is nie.[655]

Die eienaar kon 'n keuse uitoefen deur die slaaf self te straf of om hom aan die fiskaal te oorhandig, waar minder genaakbare lyfstraf deur die geregsdienaars, beter bekend as die *kaffers*, toegedien is. Die *kaffers* wat as assistente van die "geweldiger" (polisie-offisier) gefunksioneer het, was onder beheer van die fiskaal en het in direkte opdrag van hom opgetree. Aangesien lyfstraf maklik as mishandeling vertolk kon word of inderdaad tot mishandeling en gevolglike boete kon lei, het Kaapstadse slawe-eienaars hulle meesal tot die fiskaal gewend om hulle slawe te straf. Reeds in 1685 het van Rheede vasgestel dat dit 'n gebruik onder slawe-eienaars was om die *kaffers* na hulle huise te ontbied om die slawe vas te bind "ende strengelijck met rottinghroeden [te] geselen".[656] In die 1780's het Le Vaillant onder meer opgemerk: "[a] master seldom punishes his slaves himself; he generally commits them into the hands of the fiscal, who orders such correction as they have merited to be bestowed on Them." [657] Dit was veral vroulike slawebesitters wat hulle slawe vir straf aan die

---

648 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 154; N. Worden, Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the 18th century, *Kronos* 5, 1982, p. 50.

649 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* pp. 147 - 149; *Ibid. XXXIII,* p. 35; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 259.

650 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 27.

651 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 34.

652 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 293; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

653 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 208; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* pp. 103 - 104; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 2.

654 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110; K.A.B.: C. 2322, nr. 16: Statuten van India, S - T.

655 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 116; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 103.

656 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 97; A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 217.

657 F. le Vaillant, *Travels in to the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 103.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fiskaal oorhandig het,[658] alhoewel dié opsie ook deur manlike slawe-eienaars uitgeoefen is. In die agtiende eeu het die gegoede Kaapstadse slawebesitter, Joachim von Dessin, hom telkens op "den geweldiger Jacob Doeksteen" beroep om toe te sien dat sy slawe vir hulle oortredings gestraf word. Op 8 Junie 1756 het hy dié amptelike straftoediener 5,30 riksdaalders betaal vir die "afstraffen, 't sluiten en ontsluiten" van sy slaaf Isak van Malabar, wat hy sedert 6 Mei vir 'n maand in die "gijsselkamer ... over sijn dronkensuijpen en gepleegde brutalitijten" laat opsluit het.[659] Op 16 November van dieselfde jaar het hy Isak weereens vir 28 dae in die tronk laat opsluit "over dronkenschap en brutalitijten" waarna hy ook "ten strengsten gegeeselt" moes word. Sy slaaf Kietjil het op 5 Oktober dieselfde weg van straf bewandel.[660] Dit was 'n algemene gebruik om die sogenaamde *kaffers* onder beheer van die fiskaal 'n redelike bedrag te betaal om 'n deeglike werk te doen en 'n goeie afranseling te verseker.[661] In 1813 is die aantal houe wat 'n slaaf vir huishoudelike oortredings van dié geregsdienaars op versoek van die eienaar mag ontvang, tot 39 beperk, [662] terwyl dit in 1823 tot 25 houe verminder is.[663] In 1825 het 'n wet bepaal dat slavinne wat huishoudelike oortredings begaan het slegs op die kop en skouers getugtig mag word en geensins erger straf as 'n burgerkind op skool mag verduur nie.[664]

Slawe wat nie positief op hulle meesters se strawwe gereageer het nie of 'n ernstige oortreding begaan het,[665] is sonder uitsondering of verwyl aan die fiskaal of landdros oorhandig om gevonnis en gestraf te word. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe van 'n hardnekkige slaaf melding gemaak "die door goede en zachte middelen gantsch niet te regeren, nog van zyn ontaardheid af te brengen was".[666] As laaste uitweg het sy eienaar hom aan die geregsdienaars van die fiskaal oorhandig wat hom kaal uitgetrek en met 'n stok deur sy saamgebinde hande en voete vir 'n onbepaalde tyd op sy een sy laat lê het. Daarna is hy met 'n "van gespletene Spaansche stokjes zamen gebondende roeden" gegesel tot die bloed "tappelings daaruit liep".[667] Mentzel het die toediening van lyfstraf deur die *kaffers* aan slawe-oortreders voorts as volg beskryf: "They are tied naked to the stocks and two 'kaffirs' armed with rods (consisting of a bundle of split bamboo-canes), scourge them unmercifully until the blood runs down their backs. Salt water is then rubbed into the wounds." [668] In die 1820's was Teenstra die ooggetuie van 'n slavin, wat in opdrag van haar eienaar, onder die genadelose lyfstraf van die *kaffers* moes deurloop. Volgens hom het die *kaffers* haar " 'n pak gegee" wat "39 slagen met een bosje van 5 á 6 dunne rottangs of ook met een touw" behels het.[669] In 'n afbeelding

---

658 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 109.

659 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 61.

660 *Loc. cit.*

661 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 174.

662 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* p. 148.

663 *Ibid. XV*, p. 341.

664 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXVI,* pp. 474 - 475.

665 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 293.


666 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 323 - 324.

667 *Ibid.*, p. 324.

668 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 132.

669 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 309.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 42: Groentemarkplein in Kaapstad (1764), volgens 'n waterverftekening deur die Deensgebore kunstenaar Johannes Rach (1720 - 1783), tydens sy verblyf van twee weke aan die Kaap. Van die waardevolle kultuurhistoriese data wat uit dié illustrasie af te lei is, hou onder meer verband met die arbeidsaktiwiteite en lotgevalle van die Kaapstadse slawe in die tweede helfte van die agtiende eeu. Op die voorgrond links, word 'n slaaf oppad terug van lyfstraf deur 'n sogenaamde "kaffer" of polisieslaaf oor die plein begelei, terwyl groenteverkopers, 'n waterdraerslaaf en sedanstoeldraers in livreidrag sonder skoene ook deel van die toneel uitmaak. Dit is die enigste Africana-kunswerk waarop 'n Kaapse sedanstoel met -draers uitgebeeld word. Die oorspronklike kunswerk met onderskrif *Gezigt van het Stadhuijs aan de Cabo de Goede Hoop naar het leven geteekend door Johannes Rach a. 1764,* is in die Van Stolk-atlas, Rotterdam.

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.
Fotoversameling M. 166.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Groentemarkplein in 1764 deur Johannes Rach word 'n slaaf deur 'n polisie-amptenaar van die fiskaal oppad terug van sy lyfstraf oor die plein gelei **(Fig. 42)**.

Gevangenisstraf was 'n integrale deel van die Kaapse strawwe en was vir menige slaaf wat met sy eienaar of die gereg gebots het, 'n onaangename ervaring. Soos blyk uit die *Briefboek en Memoriaal* van Von Dessin, was die tronk die plek waar slawe "afgestraft" en opgesluit is.[670] Teenstra het 'n beskrywing van die tronk en die onbenydenswaardige lot van die gevangenes gegee:

> ... de tronk, of de gevangen- en strafplaats der slaven, aan de noordzijde in de Strandstraat gelegen; ... Verbeeld u, dat men eerst door eenige hokken komt, alwaar deze ongelukkige wezens, sommige geketend en bijna moedernaakt, opgesloten zijn, en, doordien men er velen in één hok vindt, waar de vuile slaven en Hottentotten, dié in hun hoofdhaar een zeker mengsel van vet, olie enz. smeren, een' ondragelijken stank verwekken, terwijl zij als redelooze schepselen op den grond ter nederliggen.[671]

'n Ander opsie wat eienaars ten opsigte van weerspannige slawe kon uitoefen, was om hulle vir ses of agt opeenvolgende dae na die trapmeule te stuur.[672] Hier moes hulle die meule van soggens sewe-uur tot die middag twaalfuur met slegs beperkte rustyd tussen-in trap. Die namiddagskof was van een-uur tot sonsondergang. Volgens Teenstra was hulle hierna so uitgeput dat hulle "geen woord spreken konden, terwyl hunne naakt borst en buik als een smids blaasbalg op- en nedergingen".[673] Nog 'n vorm van straf vir weerspannige en onbeheerbare slawe wat nie positief op die lyfstraf van hulle meesters gereageer het nie, was om van die betrokke slaaf teen enige prys op 'n vendusie ontslae te raak.[674] Alhoewel Kaapstadse slawe in privaatbesit soms ongenaakbare strawwe moes verduur, het die afwesigheid van slaweopsigters, sowel as die direkte wakende oog van die owerhede 'n rol gespeel in die beperktheid van misbruike ten opsigte van huishoudelike strawwe aan slawe. Daarbenewens is slawe deur hulle vrees vir ongenaakbare lyfstraf deur die *kaffers* en vir die tronk in beheer gehou [675] en was die neiging tot groot oortredings wat fel lyfstraf vereis het, beperk. [676]

Wat die dissipline van die Kompanjieslawe betref, het Mentzel in die agtiende eeu opgemerk dat, "a tight hold must always be kept on the reins".[677] Deel van hierdie stywe leisels was die gevangenis in die slawelosie,"waar in die genen, die by nacht onrust verwekken, of geene

---

670 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 61.

671 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 307.

672 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 2.

673 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 310.

674 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 49.

675 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 110.

676 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 293.

677 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II*, p. 129.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

orders willen gehoorzamen, opgesloten en bewaart worden", aldus Kolbe.[678] Hulle is hier opgesluit gehou tot 'n vonnis oor hulle weerspannigheid gefel is. Slawe wat tot lyfstraf gevonnis is, is aan die geselpaal in die binnehof van die slawelosie vasgebind en ten aanskoue van alle losieslawe gegesel.[679] Voorts moes die alomteenwoordige mandoors toesien dat orde in die losie gehandhaaf word. Volgens 'n reglementjie vir die losie uit 1716 was hulle veral saans, nadat die deure gesluit is, in beheer van die gebou. Dit het onder meer die nagtelike bewaking van die kombuis behels, terwyl hulle moes toesien dat geen vuur of lig snags in die losie gemaak word nie – behalwe in die kombuis. Hulle is beopdrag om "alle desordres en ongeregeltheden in den logie voorvallende zooveel mogelijk te beletten" [680] en om soggens alle onreëlmatighede, soos die opsteek van 'n lamp, aan die owerhede te rapporteer.[681]

Wat die huishoudelike dissipline van plaasslawe in die akkerboustreek en afgeleë binneland betref, is patriargale beheer met 'n groter klem op geweld toegepas.[682] Aangesien beide eienaar en slaaf nie direk onder die wakende oog van die Kaapse owerhede was nie, was lyfstraf, wat soms aan mishandeling gegrens het, vir talle boere die mees effektiewe middel om hulle slawe te straf en beheer oor hulle te behou.[683] Tydens sy nagverblyf op 'n plaas in die Paarl-omgewing is Sparrman vroeg die oggend deur die angswekkende gille en uitroepe van twee slawe gewek wat onder die sambok van hulle meester deurgeloop het.[684] Met die moordverhoor van dertien Bokkeveldse slawe het 'n slavin van die vermoorde W.N. van der Merwe, op 'n vraag oor die behandeling van sy "volk", geantwoord dat, "[a]ls zij het verdienen kregen zij slagen".[685] Dit was nie net manlike eienaars wat lyfstraf uitgedeel het nie. Tydens 'n binnelandse reis het John Campbell op 4 Oktober 1813 by die plaas van ene mevrou Van der Westhuizen aangedoen wat in die teenwoordigheid van haar slawe opgemerk het dat, indien hulle hulle sleg gedra het, sy hulle self "forty stripes save one" gegee het.[686] Volgens getuienis wat tydens die Swarte Ommegang (1812 - 1813) teen Kwaade Martha Ferreira ingebring is, het sy onder meer haar slavin Manissa daagliks met 'n sambok geslaan. In haar getuienis het Martha ontken dat sy Manissa "gekasty" het, maar wel erken dat sy haar eenkeer met 'n rottang vyf houe op die rug toegedien het.[687]

Plaasslawe is in sommige gevalle vir die geringste oortreding ongenadige lyfstraf toegedien, terwyl hulle oor die algemeen aan buitengewoon swaar strawwe blootgestel was.[688] Beide Barrow en Percival het waargeneem dat die lyfstraf van plaasslawe nie volgens die aantal houe

---

678 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 248.

679 *Loc. cit.*

680 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 115 - 116.

681 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 65.

682 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 206.

683 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 156 - 157; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109.

684 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 99.


685 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 328.

686 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 305.

687 O.J.O. Ferreira, Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, p. 234.

688 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 43: 'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf. Die aantal pype wat tydens die duur van die lyfstraf gerook is, was die maat waarvolgens die erns van 'n oortreding en dienooreenkomstige lyfstraf vir 'n slaaf deur die eienaar bepaal is.

Uit: R.C.-H. Shell, *Children of bondage* (Johannesburg, 1994), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat die slaaf verdien het bepaal is nie, maar deur die tyd wat dit geneem het om 'n pyp te rook **(Fig. 43)**. Vir 'n kleinerige oortreding het die slaaf "een pyp ontvang" wat beteken het dat hy vir die duur van 'n pyprooksessie lyfstraf toegedien is.[689] Vir ernstiger oortredings "he (the master) has smoked so many pipes of tobacco as he may judge the magnitude of the crime deserves",[690] aldus Barrow.

Die huishoudelike dissipline van Kaapse slawe kan samevattend as redelik matig en beheersd in stedelike gebied, maar minder genaakbaar op die platteland en binneland, beskryf word. In Kaapstad was beide eienaar en slaaf onder die wakende oog van die owerhede wat vergrype in 'n groot mate beperk het. Vrees vir die ongenaakbare lyfstraf van die *kaffers*, sowel as vir die tronk het Kaapstadse slawe tot groter ordelikheid en gehoorsaamheid genoop. Op die plase was beide slawe en eienaars weg van die direkte toesig van die owerhede en beide het die situasie uitgebuit. 'n Vrees om beheer oor hulle slawe te verloor, het plaaseienaars na geweldadige lyfstraf as beheermaatreël laat gryp.

Wat die amptelike of openbare dissipline van Kaapse slawe betref, is dit duidelik dat slawewetgewing en -wetstoepassing byna alle fasette van die lewe van die Kaapse slaaf geraak het. In die Kaapse regstelsel was beide die Politieke Raad sowel as die Raad van Justisie vir die handhawing van wet en orde verantwoordelik. Met die gesag wat deur die state-generaal aan die Heeren XVII toegeken is, het dié owerheid binne die raamwerk van die Nederlandse Algemene Reg en die Koloniale Wette wat hulle ontstaan in die Romeins-Hollandse Reg het, gefunksioneer.[691] Slawerny aan die Kaap was onderhewig aan wette wat in die *Statute van Indië* van 1642 vervat was, sowel as die gepaardgaande wysigings wat opnuut in die *Nuwe Statute* van 1766 gekodifiseer is.[692] 'n Handgeskrewe manuskrip van die *Statute van Indië* onder die opskrif *Slaven en Lijfeigenen* is in die Kaapse Argiefbewaarplek te Kaapstad.[693] Hierdie wette het nie soseer die slawe beskerm nie, maar was in wese op die beskerming van die slawe-eienaars ingestel. 'n Tweede belangrike vorm van wetgewing was die talle resolusies en plakkate wat op 'n gereelde basis deur die Politieke Raad aan die Kaap uitgevaardig is. Tydens die ampstermyn van goewerneur Rijk Tulbagh (1699 - 1771), is hierdie plakkate byeengebring en as die *Slawewette* heruitgevaardig.[694] In sommige gevalle het die Kaapse owerhede hulle ook op die Bybel en die Artikelbrief of die Twaalf Artikels van die Kaapse Kerk beroep.[695] In opdrag van sir John Cradock het fiskaal Denyssen in 1813 'n *Verklaring van die Wette van die Kaapkolonie in verband met slawerny* opgestel.[696] Hierin is dit duidelik uitgespel dat slawerny aan die Kaap deur die wette van die Koloniale Regering (plakkate), die Statute van Indië sowel as die Romeinse Reg gereguleer is. Slawewetgewing het hoofsaaklik

---

689 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 292 - 293.

690 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 145.

691 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 293; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 114.

692 J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I,* pp. 572 - 576; *Ibid. IX,* pp. 572 - 592.

693 K.A.B.: C. 2322: Statuten van India, S - T.

694 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 108 - 109; *Ibid.*, p. 105; S. D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* pp. 1 - 6.

695 J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek, 1602 - 1811, I,* pp. 309 - 369.

696 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX,* pp. 146 - 161.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die volgende kategorieë behels: die status van die slaaf, sy regte en beskerming, verbod op sekere optredes, sowel as die verkoop en vrystelling van 'n slaaf.[697]

Wat die regstatus van die Kaapse slaaf betref, is hy wel as mens erken, maar met dié belangrike verskil dat hy nie vry was nie. Sonder keuse was hy lewenslank die eiendom van sy meester wat hom as 'n besitting na eie goeddunke kon behandel, maar wat wel die slaaf se morele en etiese regte moes erken.[698] In praktyk het dit egter nie altyd gerealiseer nie. Slawe het byna geen burgerlike regte gehad nie. Hulle mag nie getrou het nie, is beheer oor hulle kinders en eiendom ontsê, terwyl hulle ook wetlik verbied is om 'n regsbindende testament op te stel.[699] Enkele regte wat hulle wel gehad het, was onder meer fisiese beskerming teen mishandeling deur die eienaar, ongeprovokeerde aanvalle en diefstal van besittings.[700] Wat geloofsoortuiging betref, het die slaaf slegs 'n mate van erkenning geniet indien hy tot die Christelike geloof behoort het. Die Proklamasie van 1823 het beoog om die basiese regte van slawe te erken en vanaf dié datum kon gedoopte slawe, met die toestemming van hulle meesters, wettige huwelike met mekaar sluit.[701] Hierdie proklamasie het ook die opbreek van slawegesinne deur die aparte verkoop van huweliksmaats en kinders belet.[702] Alhoewel eienaars hulle slawe wel volgens voorskrifte vir sekere "huishoudelike oortredings" kon straf, was dit die prerogatief van die hof om ernstiger kriminele oortredings te straf of slawe op te sluit.[703]

Die optrede van die slaaf in die openbaar, weg van die direkte toesig van sy meester, is streng deur die wet beheer. Hierdie wetlike beperkinge, wat veral op die openbare orde en dissipline in Kaapstad gerig was, het op 'n dag-tot-dag basis 'n direkte invloed op die lewe van die Kaapse slaaf uitgeoefen. Slaweboodskappers, stuurjonge en houthalers was verplig om 'n ondertekende en gedateerde pasbrief van hulle meesters met hulle saam te dra.[704] Slawe of Hottentotte wat hulleself 'n afstand van hulle tuiste af sonder 'n pasbrief, wat deur die die betrokke eienaar of 'n ander verantwoordelike persoon onderteken is, bevind het, was – net soos wegloper en voortvlugtende slawe – aan inhegtenisname blootgestel.[705] Veewagterslawe moes 'n loodpenning met hulle meester se naam daarop dra.[706] Slawe was sedert die vroeë jare reeds onderhewig aan die aandklokreël. In 1660 het 'n plakkaat eienaars gewaarsku om

---

697 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 294.

698 *Ibid.*, p. 573.

699 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 120.

700 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

701 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 14.

702 *Ibid.*, pp. 14 en 18.

703 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

704 *Ibid.*, p. 299.

705 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

706 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die volgende kategorieë behels: die status van die slaaf, sy regte en beskerming, verbod op sekere optredes, sowel as die verkoop en vrystelling van 'n slaaf.[697]

Wat die regstatus van die Kaapse slaaf betref, is hy wel as mens erken, maar met dié belangrike verskil dat hy nie vry was nie. Sonder keuse was hy lewenslank die eiendom van sy meester wat hom as 'n besitting na eie goeddunke kon behandel, maar wat wel die slaaf se morele en etiese regte moes erken.[698] In praktyk het dit egter nie altyd gerealiseer nie. Slawe het byna geen burgerlike regte gehad nie. Hulle mag nie getrou het nie, is beheer oor hulle kinders en eiendom ontsê, terwyl hulle ook wetlik verbied is om 'n regsbindende testament op te stel.[699] Enkele regte wat hulle wel gehad het, was onder meer fisiese beskerming teen mishandeling deur die eienaar, ongeprovokeerde aanvalle en diefstal van besittings.[700] Wat geloofsoortuiging betref, het die slaaf slegs 'n mate van erkenning geniet indien hy tot die Christelike geloof behoort het. Die Proklamasie van 1823 het beoog om die basiese regte van slawe te erken en vanaf dié datum kon gedoopte slawe, met die toestemming van hulle meesters, wettige huwelike met mekaar sluit.[701] Hierdie proklamasie het ook die opbreek van slawegesinne deur die aparte verkoop van huweliksmaats en kinders belet.[702] Alhoewel eienaars hulle slawe wel volgens voorskrifte vir sekere "huishoudelike oortredings" kon straf, was dit die prerogatief van die hof om ernstiger kriminele oortredings te straf of slawe op te sluit.[703]

Die optrede van die slaaf in die openbaar, weg van die direkte toesig van sy meester, is streng deur die wet beheer. Hierdie wetlike beperkinge, wat veral op die openbare orde en dissipline in Kaapstad gerig was, het op 'n dag-tot-dag basis 'n direkte invloed op die lewe van die Kaapse slaaf uitgeoefen. Slaweboodskappers, stuurjonge en houthalers was verplig om 'n ondertekende en gedateerde pasbrief van hulle meesters met hulle saam te dra.[704] Slawe of Hottentotte wat hulleself 'n afstand van hulle tuiste af sonder 'n pasbrief, wat deur die die betrokke eienaar of 'n ander verantwoordelike persoon onderteken is, bevind het, was – net soos wegloper en voortvlugtende slawe – aan inhegtenisname blootgestel.[705] Veewagterslawe moes 'n loodpenning met hulle meester se naam daarop dra.[706] Slawe was sedert die vroeë jare reeds onderhewig aan die aandklokreël. In 1660 het 'n plakkaat eienaars gewaarsku om

---

697 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 294.

698 *Ibid.*, p. 573.

699 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 120.

700 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

701 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 14.

702 *Ibid.*, pp. 14 en 18.

703 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 296.

704 *Ibid.*, p. 299.

705 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

706 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"sijn lijfeigenen 's nags binnen huijs te houden", [707] terwyl 'n plakkaat die daaropvolgende jaar na die burgerwag verwys wat moes toesien dat slawe hulle nie saans op straat bevind nie.[708] 'n Aandklokreël van 1686 het slawe, sowel as Kompanjieswerkers belet om na nege-uur of die lui van die klok, op straat te wees.[709] In 1697 is die aandklok tien-uur gelui [710] en in 1715 weer nege-uur.[711] 'n Aandklokreël in 1783 het slawe verbied om saans na tien-uur in die strate van Kaapstad en plattelandse dorpe, soos Stellenbosch en Drakenstein, rond te loop. Slawe in besit van 'n pasbrief was die uitsondering, op voorwaarde dat hulle 'n brandende fakkel of lantern moes dra.[712] Daarbenewens is slawe belet om snags te fluit, te sing of enige geraas te maak. Die bepaling wou verhoed dat mense deur dié geluide uit hulle huise gelok word waarop die slawe onwettige goedere aan hulle kon verkoop.[713] Die pasbrief, aandklokreël en die dra van 'n lantern was dus belangrike elemente in die nagtelike beheer van slawe.[714]

Weens die brandgevaar wat die rietdakhuise en sterk winde in Kaapstad ingehou het, het 'n plakkaat van 15 Februarie 1715 slawe sowel as ander persone belet om in die strate te rook, terwyl die leegmaak van pype met brandende tabak ten strengste verbied is.[715] Slawe met pasbriewe wat verplig was om fakkels of lanterns te dra, moes uiters versigtig wees. Uit vrees vir diefstal, drostery, "doodslagen en moorderij" is slawe in 1696 verbied om in groepe van drie of meer "jongens" van verskillende eienaars te vergader,[716] terwyl daar reeds in 1686 en 1687 'n uitdruklike verbod op die dra van vuurwapens deur slawe geplaas is.[717] Selfs in die 1770's het Thunberg opgemerk dat slawe belet is "of having in his possession, any kind of fire arms". Op die wyse is die slawe wat die Europëers in getalle oortref het, onbewapend gehou.[718] In 1773 was daar 8 468 burgers teenoor 8 902 slawe, waarvan 2 123 van laasgenoemde stedelike slawe was.[719]

Selfs die gedrag van slawe op straat is deeglik deur die wet gereguleer. Vry persone op straat moes met groot respek deur die slawe behandel word. Slawe is ten strengste verbied om, veral na ses-uur tydens druk verkeer, enige ongerief vir vry persone op straat te veroorsaak. Enige slaaf wat doelbewus of deur nalatigheid in 'n Europeër sou vasloop, sou op die plek van

---

707 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 50.

708 *Ibid. I,* p. 64.

709 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 139.

710 *Ibid. III,* p. 312.

711 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 463; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 62.

712 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 139; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 299; *Ibid. V,* pp. 1254 - 1255.

713 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 4.

714 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 299.

715 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 49.

716 *Ibid. I,* pp. 297 - 298; *Ibid. II,* p. 52.

717 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 143; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* pp. 219 - 220, 230, 246 en 247.

718 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 35.

719 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 11 en 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oortreding aan 'n boom of paal vasgebind word en lyfstraf op sy agterstewe ontvang.[720] Slawe is nie toegelaat om swepe naby verbygangers te klap nie,[721] terwyl hulle ook verbied is om op perde in die strate te ry. Die diere moes stadig aan 'n toom en leiband deur die strate gelei word.[722] In 1753 is slawe vir 'n tydperk deur die Politieke Raad verbied om die Kompanjiestuin binne te gaan. Slegs slawe wat in opdrag die meester se kinders vir 'n uitstappie moes neem, is op die hoofwandelpaaie van die tuin toegelaat. Slawe wat hulle meesters en meesteresse vergesel het, is wel tot die tuin toegelaat, maar deur wetgewing gewaarsku dat skade aan bome tot straf in die openbaar sou lei.[723]

Wat sanitasie betref, is slawe verbied om strate en kanale as openbare toilette te gebruik. Die lediging van nagvuilemmers deur die slawe blyk 'n ongemaklike probleem te gewees het wat by meer as een geleentheid te berde gebring is. In 'n plakkaat van 1714 word genoem "dat de slaven van dese en geene ingezetenen sig veeltijts niet en ontsien omme des avonts of andersints de balijs uit de sekreeten in de gragten, ja selfs hier en daar op de straten en wegen uit te gieten, waardoor een vuijle en stinkkende lugt werd veroorsaakt", [724] terwyl 'n ander plakkaat melding maak van die nagvuilbalies wat "op de straaten of voor andere lieden deuren of in de borgwallen quamen uijt te storten" word.[725] Hulle is ten strengste verbied om die nagvuilemmers in die Kaapstadse kanale te ledig en beveel om nagvuilbalies "nergens anders dan aan het strand in zee … uijt te gieten".[726] Die bepaling moes in 1738 egter weer herhaal word.[727] Daarbenewens moes eienaars toesien dat dooie huis- of plaasdiere deeglik deur hulle slawe begrawe word.[728]

Dobbelary sowel as die verkope van arak, wyn en ander sterk drank ter enige tyd of plek was ten strengste verbied. Ernstige strawwe is aan voornemende oortreders, wat beide slawe en kopers ingesluit het, voorgehou.[729]

Wat die regspleging en wetstoepassing aan die Kaap betref, is alle kriminele sake in die sewentiende en agtiende eeu deur die Raad van Justisie hanteer, terwyl die Landdrost en Heemraden [730] op die platteland vir regspleging verantwoordelik was. Plattelandse slawe wat hulle aan ernstige oortredings skuldig gemaak het, is deur die polisie-amptenare van die landdros gekasty.[731] As bekleër van die belangrikste en magtigste pos in die Kaapse regstelsel was die onafhanklike fiskaal beide staatsaanklaer en hoofwetstoepasser. As hoof van die

720 K.A.B.: C. 2322, nrs. 37 en 40, Statuten van India, S - T.

721 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 3.

722 K.A.B.: C. 2322, nr. 43, Statuten van India, S - T; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 3.

723 V. de Kock, *Those in bondage,* pp. 97 - 98.

724 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 125.

725 *Ibid. I,* p. 163.

726 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 163.

727 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 366.

728 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* pp. 163 en 203 - 204.

729 *Ibid. I,* pp. 265 - 267; *Ibid. III,* pp. 2 en 4.

730 C.G. Botha, *The Public Archives of South Africa, 1652 - 1910,* pp. 12 - 15, 45 - 46; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 111 en 115.

731 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

polisie was hy direk met die toepassing van slawewette gemoeid, wat onder meer die toestemming tot lyfstraf vir slawe wat hulle aan minder ernstige huishoudelike oortredings skuldig gemaak het, ingesluit het.[732] Uit die aard van sy werk was die fiskaal uiters ongewild onder alle Kapenaars en is veral deur die slawe met 'n passie gevrees en gehaat. In die uitvoering van sy taak as wetstoepasser is hy bygestaan deur 'n onder-fiskaal, 'n klerk, twee balju's, agt konstabels en negentien "swartes" en "Maleiers" wat as *kaffers* bekend was.[733] As assistente van die vonnisvoltrekker was hierdie ongewilde *kaffers* belas met die fisiese toepassing van strawwe op beide slawe en Europeërs.[734]

In sy navorsing wat onder meer die vergelyking van vonnisse behels het, het Armstrong tot die gevolgtrekking gekom dat slawe swaarder strawwe as blankes aan die Kaap moes verduur.[735] Die doel van die swaar strawwe hier ter plaatse was om oortreders deur pyn en lyding vir hulle kriminaliteit te laat boet en om as afskrikmiddel vir voornemende oortreders te dien. Tydens Kompanjiesbeheer was skuldbetekenis nodig alvorens die doodstraf opgelê kon word.[736] In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat "during the trial torture is used as a regular form of procedure to extract a confession ... Torture seems to be reserved for slaves only ... " [737] Foltering om skuldbekentenis af te dwing, is in die 1790's deur Barrow bevestig.[738] In die geval van slawe is skuldbekentenis deur middel van martelings, soos swaar gewigte aan die groottone, duimskroewe, lyfstraf en selfs die martelrak, afgedwing.[739] Hierdie folterings het veral betrekking gehad op ernstige oortredings, soos manslag, brandstigting en verkragting wat by implikasie 'n bedreiding vir lewe of lewensverlies ingehou het. Oortredings, soos moord, brandstigting, roof en huisbraak was met die dood strafbaar.[740]

Uit die beskrywings van besoekers en reisigers kan 'n redelike duidelike beeld van die prosedures rondom die voltrekking van die doodstraf gevorm word. Volgens Mentzel is doodsvonnisse gewoonlik tussen nege en tien uur op 'n Saterdagoggend voltrek. Die veroordeelde het slegs 'n kort tydjie gehad om homself op sy einde voor te berei en vrede met God te maak, aangesien die vonnis eers die vorige oggend aan hom bekend gemaak is. Gedurende die daglange wagtyd is hy deur 'n korporaal en vier ander mans bewaak, terwyl hy

732 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 422; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 141; *Ibid. II,* p. 132.

733 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 423.

734 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 124 en 132; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 169.

735 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110.

736 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 173; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 117.

737 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 133.

738 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 44.

739 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 133; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope*, pp. 168, 206 en 318; C. G. Botha, *The collected works of C. Graham Botha II,* p. 131.

740 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 132 - 133.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook deur die predikant of sieketrooster besoek is. [741] In die 1770's het Thunberg opgemerk dat veroordeeldes, nadat hulle by die strafplek in die dorp gefolter is, die aand na die galg buite die dorp gebring is, "where they are either hanged, and that generally in an iron harness in which the skeleton may be preserved for a long time, or else drawn and quatered".[742] In die dagboeke en reisbeskrywings is voorts verwysings na die openbare teregstellingsplekke in Kaapstad.[743] Volgens Thunberg was daar in die tweede helfte van die agtiende eeu twee teregstellingsplekke in die stad. Die een vir blankes was tussen die stad en die Kasteel naby die ingang van die hawe op 'n kleinerige hoogte onderkant die "stert" van Leeukop geleë, terwyl die teregstellingsplek vir slawe en Hottentotte aan die oorkant van die Kasteel naby die mond van Soutrivier geleë was.[744]

Die aard van die oortreding het die metode of vorm van doodstraf bepaal. "A murderer is broken on the wheel, the same punishment is meted out for the crime of arson", aldus Mentzel.[745] Dit was veral slawe wat aan moord skuldig bevind is wat aan 'n verskeidenheid grusame vorme van die doodstraf blootgestel is. 'n Slaaf wat op die wiel gebreek of geradbraak is, is oor 'n dubbele houtkruis oopgespalk en vasgemaak. Sy ledemate is dan met 'n swaar ysterstaaf afgeslaan waarna sy gebroke liggaam verder deur kettings aan 'n wiel uiteengerek en so gelaat is tot die dood 'n dag later ingetree het. As versagting is die genadeslag soms na die foltering op die houtkruis toegedien. Ter doodveroordeelde slavinne is gewoonlik aan die voet van die galg verwurg en soms ook "geblaker", wat die skroei van die gesig met brandende strooi behels het.[746] Hierdie gebruik het waarskynlik verband gehou met vroeëre Europese strawwe van verbranding as reinigingsritueel vir oortredings, soos kettery, heksery en sodomie.[747] Wrede moorde is met grusame deurboring – ook bekend as paalstraf of empalering – gestraf. Met dié teregstellingsmetode is 'n skerp spit by die anus ingedryf om by die nek uit te kom waarna die veroordeelde in 'n sittende posisie opgestel is tot die dood na 'n tydperk – selfs dae ingetree het.[748] "The spike in this case is thrust up along the backbone and the vertebrae of the neck, between the skin and the cuticle, in such a manner, that the delinquent is brought into a sitting posture. In this horrid situation, however, they are said to be capable of upporting life for several Days," [749] aldus Sparrman.

---

741 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 133.

742 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

743 *Gleanings in Africa,* p. 65; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 49 en 86; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 128; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 107.

744 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

745 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 133.

746 *Loc. cit.*

747 T. van der Meer, *Sodoms zaad in Nederland; het ontstaan van homoseksualiteit in de vroegmoderne tijd,* p. 207.

748 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 260 - 261.

749 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 257.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wreedste vorme van straf is aan slawe wat hulle meesters vermoor het, opgelê.[750] In die geval van die moord op Jacob van der Hoeven van Vissershok deur twee van sy slawe, is die regterhand van "die den eersten slag had gegeven" afgekap, terwyl albei slawe lewend geradbraak en hulle gebroke liggame so gelaat is tot die dood ingetree en hulle lyke deur die roofvoëls en elemente verteer is.[751] In die 1800's het Samuel Hudson melding gemaak van die afgryslike straf van 'n slaaf wat sy meester vermoor het. Die veroordeelde se kop is afgekap waarna hy onderstebo aan sy hakskene opgehang en die afgekapte kop tussen sy bene geplaas is. Nadat sy liggaam 'n dag lank so tentoongestel is, is dit na die galg te Soutrivier geneem om as voedsel vir die kraaie en ander roofvoëls te dien.[752] Volgens Thunberg is 'n sekere slaaf wat aan moord skuldig bevind is aan die houtkruis vasgemaak, sy ledemate op agt verskillende plekke met 'n skerp brandyster gebrand, sy liggaam op die wiel vermink en sy kop daarna afgekap en op 'n houtpaal tentoongestel.[753] In 1825 het drie van die slawe wat aan moord op blankes in die Bokkeveld skuldig bevind is op 'n grusame wyse met hulle lewe geboet. Galant, Abel en Thys is te Worcester gehang waarna hulle koppe afgekap en op pale op die mees sigbare plekke in die Bokkeveld tentoongestel is.[754] Wrede voorbedagte moorde het soortgelyke strawwe tot gevolg gehad. Die maag van Alyna van Boegies is, met dieselfde mes waarmee hy 'n afgryslike moord gepleeg het, op die teregstellingsplek oopgesny, sy ingewande uitgehaal en in die see gegooi.[755] Die moord op medeslawe is ook met die dood gestraf, alhoewel die prosedure relatief minder wreed en die genadeslag vinniger toegedien is.[756]

Baba- en kindermoord is swaar gestraf. Die slavin Susanna van Bengale wat haar pasgebore halfslag kind verwurg het, is op 13 Desember 1669 in 'n sak gesit en in die Tafelbaaise see gegooi.[757] Selfs 'n poging tot moord is met die dood gestraf. 'n Slaaf van Monado se regterhand is afgekap en op sy kop geplaas waarna hy in dié posisie gehang is.[758] Selfmoord is met groot afkeur bejeen. Die liggaam van die slagoffer is gewoonlik vanaf die plek van selfmoord deur 'n trekdier na die openbare teregstellingsplek gesleep waar dit onderstebo aan die bene opgehang is.[759] Soms is selfmoordslagoffers se lyke in 'n ystervarkgat gestop. In 'n sekere sin was amok-hardloop 'n vorm van selfmoord wat ook vir ander onskuldige persone lewensgevaar ingehou het en as sodanig swaar gestraf is. In die 1760's was mevrou Kindersley

750 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 35; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* pp. 2 - 6; R. Ross, The rule of law at the Cape of Good Hope in the eighteenth century, *Journal of Imperial and Commonwealth History IX*, pp. 5 - 16.

751 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope,* p. 92; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 432.

752 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 67.

753 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

754 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 339 - 340.

755 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 184.

756 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 346.

757 A.J. Böeseken, Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970, p. 17.

758 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope,* p. 279.

759 *Ibid.,* pp. 68 en 77; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope,* p. 35; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 183 - 184.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met afgryse vervul oor die wrede doodstraf van 'n amok-hardloperslaaf wat sy as "the most cruel that could be invented by the art of man: a lingering death upon the rack, with the application of burning instruments in a manner too shocking to repeat" beskryf het.[760] Volgens Hudson is die liggaam van 'n slaaf wat amok gehardloop en toe deur soldate doodgeskiet is, in stukke gesny en op pale in die buitewyke van Kaapstad opgehang.[761]

Naas moord is verkragting ook met die dood gestraf. In 1713 is 'n slaaf wat 'n blanke verkrag het aan 'n kruis vasgebind, sy vleis uit vier verskillende plekke op sy liggaam met rooiwarm brandtange geknyp, sy liggaam op die wiel gebreek en so gelaat tot die dood ingetree het. Daarna is sy kop afgekap en op die plek van oortreding op 'n paal tentoongestel, terwyl sy liggaam na die openbare teregstellingsplek gebring is.[762] In 1705 is 'n slaaf wat 'n slawemeise verkrag het die doodvonnis opgelê.[763] In sommige gevalle het seksuele verkeer met minderjariges tot verbanning uit die Kolonie gelei.[764] Dade van bestialiteit en sodomie – die sogenaamde "stomme zonde" – [765] is onverwyld, sonder verhoor, gevangenskap of seremonie met verdrinking gestraf, aangesien hierdie oortreders onwaardig was om voor 'n regter of predikant te verskyn.[766] Sodra dit donker was, is oortreders onopsigtelik met 'n boot die see ingeneem en met gewigte wat aan hulle vasgebind is, deur die laksman oorboord gegooi.[767] Hierdie waterdood is ook 'n oorblyfsel van 'n vroeëre simboliese reinigingsritueel.[768]

Geweld tussen slawe onderling was ook strafbaar. Op 14 Mei 1686 het die Politieke Raad 'n besluit geneem ingevolge waarvan 'n slaaf wat 'n swanger mede-Kompanjieslavin aangerand het, ten aanskoue van die ander Kompanjieslawe "strengelijk an een paal door caffers" gegesel moes word.[769]

Aangesien die woonhuise in Kaapstad aanvanklik meesal strooidakke gehad en die sterk winde vure vinnig laat versprei het, het die inwoners voortdurend in vrees vir brande geleef. Verskeie plakkate is telkens uitgevaardig waarin swaar strawwe aan nalatige en moedswillige brandstigters voorgehou is.[770] Oorspronklik was die straf vir brandstigterslawe lewendige

760 Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies,* p. 67.

761 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kroṇos* 9, 1984, p. 61.

762 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope,* p. 256.

763 *Ibid.,* p. 78.

764 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 317.

765 D. Moodie (red.), *The Record, or a series of official papers relative to the condition and treatment of the native tribes of South Africa I,* p. 384; H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* pp. 70 - 71.

766 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 155; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* p. 310.

767 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives ot the Cape of Good Hope,* pp. 299, 310 en 334; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 183.

768 T. van der Meer, *Sodoms zaad in Nederland; het ontstaan van homoseksualiteit in de vroegmoderne tijd,* p. 207.

769 A.J. Böeseken, Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 129.

770 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 358.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbranding.[771] As straf omdat hy in 1717 die parshuis van sy eienaar, Pieter van der Westhuizen, in die Tygerberg-omgewing aan die brand gesteek het, is Aaron van Bengale aan 'n paal vasgemaak, geblaker, half verwurg en daarna lewendig verbrand.[772] In 1724 is 'n slaaf vir brandstigting sowel as 'n moordpoging tot die afkap van sy regterhand, verwurging en "verbranding op 'n stadige vuur" gevonnis.[773] Die verbranding van 'n veroordeelde brandstigterslaaf is redelik volledig deur Kolbe in sy reisbeskrywing weergegee. Weens die feit dat hy 'n volle kwartier in die vlamme bly leef het, het Kolbe laat besef dat "zyn lichaam niet verbrand maar gebraden is".[774]

As waarskuwing aan ander voornemende brandstigters, is die verbrande oorblyfsels van 'n veroordeelde slavin, wat regop met 'n ysterboei om haar nek aan 'n paal vasgeketting op 'n brandstapel verbrand is, in 'n pot geplaas en op 'n paal by die openbare teregstellingsplek tentoongestel.[775] Radbraking sou mettertyd die mees algemene straf vir brandstigting word. Slawe wat in 1736 'n brand in Kaapstad gestig het, is almal die doodstraf opgelê. Vyf is deurboor of geëmpaleer, vier geradbraak, vier gehang en die twee slavinne stadig verwurg, terwyl die laksman se assistent 'n bondel brandende riete voor hulle gesigte gewaai het.[776] In 1768 was Stavorinus 'n ooggetuie van die wrede straf wat 'n veroordeelde brandstigterslaaf moes verduur. Hy het die slaaf "levendig zien rabraaken, nadat men hem eerst op agt plaatsen met gloeiende tangen het vleesch uit zijn lijf gekneepen had … " [777] Ses slawe wat in 1803 'n brand in Stellenbosch gestig het waarin 24 huise in puin gelê is, het op 'n wrede wyse met hulle lewens vir die misdaad geboet. 'n Paar is lewendig verbrand, terwyl die ander met 'n byl onthoof is.[778] 'n Bejaarde Malgassiese slaaf wat in die eerste helfte van die agtiende eeu die veld aan die brand gesteek het om twee wolwe te verdryf, is tot lyfstraf vir sy "nalatige" optrede gevonnis.[779]

Die wegloop van slawe was 'n probleem wat die Kaapse owerhede reeds vroeg mee te kampe gehad het en dit sou met verloop van tyd die mees algemene misdaad word waaraan slawe hulle skuldig gemaak het.[780] Op 28 Augustus 1658 is daar reeds in 'n resolusie melding gemaak van die Guinese, sowel as Angolese slawe wat " tot het weghlopen even seer

---

771 H.F. Heese, *Groep sonder grense,* p. 22 n32.

772 K.A.B.: CJ. 784: Sententien, 1717; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* p. 272.

773 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* p. 296.

774 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 439.

775 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 180.

776 O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, pp. 100 - 102; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 180.

777 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* p. 141.

778 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 128.

779 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 163.

780 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genatureert ende genegen sijn".[781] Weens die veiligheidsrisiko is wegloperslawe swaar gestraf. Naas felle lyfstraf, brandmerking en verminking het kettingboeie en tronkstraf van drie tot vyf jaar gewoonlik gevolg.[782] Op 26 Maart 1676 is Tomas van Makassar wat aan Jan Pietersz Broertje behoort het, vir sy "schelmachtigh weghlopen" gevonnis "om gegeeselt, gebrandtmerckt, en ad vitam met een kettingh aan't been aan d' E. Compagnies gemeene wercken te arbeijden".[783] Jacob van Ceylon, 'n slaaf van die voormalige sekunde Samuel Elsevier, wat in 1709 saam met 39 ander gedros het, is as straf op albei wange gebrandmerk en sy neus en ore afgesny.[784] 'n Resolusie van 1711 het bepaal dat verloopte Kompanjieslawe vir die eerste oortreding gegesel en op die een wang gebrandmerk, vir die tweede oortreding gegesel en op die ander wang gebrandmerk, en vir die derde oortreding "boven de geesseling, neus en ooren te doen afsnijden".[785] Soms is duime selfs afgekap en tonge uitgeskeur. Sedert 1715 is slawe wat gedros het twee-twee in kettings geslaan en moes hulle, hulle werk so in die gekettingde staat verrig.[786] Weens die toename in verminke slawe en die afgryse en skok wat dit by Europeërs – veral swanger vroue wat sodanige slawe raakgeloop het – tot gevolg gehad het, is sigbare verminking sedert 1727 opgeskort. Slawe sou voortaan slegs op die rug gebrandmerk word.[787] In 1715 het die Landdrost en Heemraden van Stellenbosch toestemming versoek om die hakskeensenings van gedroste slawe af te sny.[788]

Slawe wat huisbraak gepleeg het, is gewoonlik gehang.[789] In 1795 het De Jong die wrede straf wat 'n groep boosdoenerslawe weens diefstal en huisbraak in Kaapstad ontvang het, beskryf:

> ... twee dezer misdadigers [wierden] op een kruis, dat maar weinig boven den grond verheven was, geledenbraakt en moesten toen dus blijven liggen, tot dat vijf anderen opgehangen en de overigen gegeeseld en gebrandmerkt waren, waarna men hun de hoofden afhieuw, en die op palen achter de lijken stelden.[790]

Om verstaanbare redes was diefstal 'n misdryf wat redelik algemeen deur slawe gepleeg is. In 1676 is twee slawe wat kool uit 'n vryburger se tuin gesteel het, "geskroei" of geblaker, gebrandmerk, albei ore afgesny en beide in ysterboeie geslaan alvorens hulle na hulle meesters

---

781 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 165 - 166.

782 *Ibid. III,* p. 140; *Ibid. II,* p. 132.

783 *Ibid. II,* p. 140.

784 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* p. 211.

785 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 227.

786 *Ibid. IV,* p. 452.

787 K.A.B.: C. 76: Resolutiën, 1727-03-04.

788 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 109.

789 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* pp. 194 - 195, 262, 273 en 276.

790 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* p. 107.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teruggestuur is.[791] In 'n ander geval is kooldiewe gegesel, terwyl 'n paar koolkoppe om hulle nekke vasgebind was.[792] In 'n bisarre geval is 'n Oosterse slaaf wat in 1698 'n paar silwerknope van 'n vierjare burgerseuntjie gesteel het, ter dood veroordeel en sy lyk vir die roofvoëls gegooi.[793] 'n Paar slawe wat in 1710 varke gesteel het, is op hulle rûe gegesel, 'n stuk van hulle neuse afgekap, op die regterwang gebrandmerk, terwyl hulle vir twee maande in kettingboeie moes werk.[794] In 1728 is 'n paar slawe wat beeste gesteel het, gehang.[795] In 1722 het die Politieke Raad die gevalle van strandroof deur slawe as 'n "ingecankerent quaad" beskryf en wetgewing ingestel wat dit verbied het.[796] Amptenare, burgers en slawe wat hulle aan die roof van ware op gestrande skepe skuldig gemaak het, sou gehang word. Die doodstraf moes op die plek van die misdaad voltrek word met 'n galg wat spesiaal vir dié omstandighede gemaak is.[797]

Soms is eienaars sowel as nie-eienaars vir die aanranding en mishandeling van slawe gestraf. 'n Matroos van die *Moercappel* is tot geseling gevonnis nadat hy 'n Kompanjieslaaf met 'n mes aangerand het. Dieselfde vonnis het die Kompanjieslagter te beurt geval toe hy in 1693 die Kompanjieslavin, Anna van die Kaap, gewelddadig geslaan en mishandel het.[798] Gottfried Meyhuysen van Drakenstein is in 1697 gevonnis tot verblinding, verbeuring van al sy besittings en lewenslange verbanning na Robbeneiland omdat hy sy slaaf, Bastiaan van die Kanarakus, wreed geslaan en ook deur sy familie en ander slawe verder laat slaan het. Nadat Jan Schepping van Drakenstein sy slaaf Jan se rugvel met 'n roskam afgestroop het, is hy met 25 riksdaalders beboet, terwyl die slaaf deur die Kompanjie gekonfiskeer is.[799]

Alhoewel slawe 'n klag teen 'n eienaar wat sy dissipline te ver gevoer het kon gaan lê, is die klagtes in baie gevalle nie ernstig opgeneem nie. Die apatie jeens slaweklagtes is heelwaarskynlik toe te skryf aan die talle gevalle waar kwaadwillige wrokkige slawe vals klagtes teen hulle meesters gelê het.[800] Die slaaf is na sy meester teruggestuur om nogmaals aan beweerde magsmisbruik blootgestel te wees.[801] Eienaars het op velerlei wyses die wette wat die regte van slawe beskerm het, omseil.[802] Nadat 'n tweede slaaf van Christoffel

---

791 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* p. 259.

792 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 184.

793 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

794 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope,* p. 237.

795 D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 352.

796 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 90.

797 *Ibid. II*, pp. 142 - 143.

798 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110.

799 *Ibid.*, p. 111.

800 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 189; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke with life of the author 1818 - 1823, I,* p. 332.

801 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 103; K.A.B.: CJ. 784: Sententien, 1718-12-01.

802 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 113.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Groenewald in 1711 weens lyfstraf omgekom het, is hy steeds deur die owerhede onskuldig bevind.[803] Slawe wat Jan Steenkamp in 1725 weens die dood van die slaaf Domingo by die fiskaal aangekla het, is gestraf, terwyl Steenkamp vrygespreek is. Nadat 'n tweede slaaf weens lyfstraf beswyk het, is Steenkamp slegs 'n ligte vonnis opgelê.[804] Uit vrees vir die swaar strawwe wat hulle opgelê kon word weens vals aanklagte teen hulle meesters,[805] was talle slawe huiwerig om dissiplinêre misbruike van hulle meesters te rapporteer.

Die swaar strawwe wat aan slawe opgelê is, moet binne die konteks van slawerny aan die Kaap gesien word. Tydens Kompanjiesbeheer was die Kaapse bevolking oorwegend uit slawe, gevangenes, politieke bannelinge, Khoikhoi-arbeiders, sowel as Kompanjieswerkers saamgestel wat in 'n groot mate tot die gevaarlike en onstabiele situasie aan die Kaap bygedra het. Slawe het die Europeërs in getalle oortref en weens die "geïnstituasionliseerde barbarisme van die slaweregime" [806] waarbinne hulle vasgevang was, was die gebrek aan morele verantwoordelikheid teenoor die gevestigde sosiale orde verstaanbaar. Die historikus Ross het in die verband geargumenteer: "It is against reason to suppose that a brutal society would not turn many of its members into brutes ..." en volgens hom was alle slawegemeenskappe in ekstreme mate brutaal.[807] As sodanig was oortredings, sowel as strawwe gewelddadig. Net soos in die geval van ander slawegemeenskappe, het die aard van strawwe vir slawe aan die Kaap in direkte verband tot die mate waarin hulle oortredings die sosiale orde van die Kaapse gemeenskap bedreig het, gestaan.[808] Om veiligheid en orde aan die Kaap te verseker, is dit logies dat slawe meesal swaarder en meer gereeld as die minderheid blankes en vryswartes gestraf is. As slawe is hulle wel deur die letter van die wet beskerm, maar in praktyk was dit nie altyd die geval nie. Hulle posisie as slawe en onvry wesens het hulle menswaardigheid aangetas en as sodanig aan onmenslike en genadelose strawwe blootgestel. Die Eerste Britse Besetting in 1795 sou egter 'n progressiewe verbetering in die lot van die Kaapse slawe teweeg bring, ook wat wetgewing en strawwe betref, totdat slawerny in 1834 amptelik (maar nie finaal) afgeskaf is. In 1796 is die gebruik van onmenslike metodes van die doodstraf afgeskaf, met slegs die galg wat oorgebly het.[809] Tydens die Eerste Britse Besetting het Percival opgemerk dat die foltering van slawe om getuienis en skulderkenning af te dwing, laat vaar is en die wrede vorme van doodstraf afgeskaf is,[810] terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* in 1805 bevestig het dat "those horrid cruelties have been now laid aside" [811] en Samuel Hudson in 1806 opgemerk het dat "the English ... have very humanly abolished the Torture

---

803 K.A.B.: C. 2421: Attestatiën, 1711-02-09.

804 K.A.B.: CJ. 329: Crimineele Processtukken, 1725; K.A.B.: CJ. 333: Crimineele Processtukken, 1729: K.A.B.: C. 83: Resolutiën, 1729-06-23.

805 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 2; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek I*, p. 573.

806 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 3.

807 *Ibid.*, pp. 1 en 3.

808 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 116 - 117.

809 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 525.

810 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 297.

811 *Gleanings in Africa*, p. 65

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and have removed the Gallows with its Wheels and its Racks that met the Eye of every stranger at Landing" .[812]

In 1813 is lyfstraf vir slavinne belet, die lyfstraf vir slawemans tot 39 houe beperk en die invryf van sout in geselwonde verbied. In 1816 is 'n Beskermer van Slawe aangestel om noukeurig van elke slaaf rekord te hou.[813] Die omvattende Ordinansie 19 van die Proklamasie van 1823 het onder meer die lyfstaf van mansslawe tot 25 houe beperk,[814] lyfstraf vir slawe ouer as sestig jaar verbied en voorsiening vir die beskerming van slawe teen mishandeling deur eienaars gemaak.[815] In 1830 is slawe-eienaars deur die wet verplig om 'n "Strafboek" aan te hou wat aan die inspeksie deur die Beskermer van Slawe onderhewig was.[816]

Samevattend dui die voorafgaande daarop dat, alhoewel openbare wetgewing en wetstoepassing ten opsigte van slawe tydens Kompanjiesbeheer weens die onstabiele veiligheidsituasie uiters streng en ongenaakbaar was, daar beslis – danksy nuwe wetgewing – 'n algemene verbetering in huishoudelike en openbare dissipline van die Kaapse slawe vanaf die Eerste Britse Besetting plaasgevind het.

Vrystelling en vrygesteldes

Kaapse slawe het twee opsies ten opsigte van hulle vryheid gehad, naamlik deur weg te loop of om amptelik vrygestel te word. Wat vrystelling van indiwiduele slawe betref, het die *Statute van Indië*, [817] sowel as die regulasies wat deur kommissarisse R. van Goens [818] en H.A. Van Rheede[819] neergelê is, as basiese riglyne gedien en deurgaans 'n rol in die vrystelling van beide Kompanjie- en privaatslawe gespeel. As voorwaarde vir vryheid het Van Goens in 1682 bepaal dat voornemende vryslawe die Nederlandse taal moes kon praat, 'n goeie begrip van moraliteit moes hê, die Christelike geloof moes bely en deur die kommissarisse geïnspekteer moes wees.[820] Tydens sy besoek in 1685 het kommissaris van Rheede die voorreg van vryheid vir getroue en hardwerkende Kompanjieslawe voorgehou.[821] Aangegryp deur die lot van die halfslag slawekinders van slawemoeders en Europeërvaders wat nie vir die sondes van hulle ouers verantwoordelik gehou kan word nie, het hy 'n duidelike onderskeid in die

---

812 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 50.

813 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 525 en 575.

814 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 27.

815 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* pp. 1 - 107; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

816 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

817 K.A.B.: C. 2322: Statuten van India, S - T.

818 A.J. Böeseken (red.), Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 158.

819 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap* 62, 1941, pp. 210 - 217.

820 A.J. Böeseken (red.), Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 158.

821 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrystellingsregulasies van heelslag slawe en slawe van gemengde afkoms met Europeërvaders getref. Hy het onder meer bepaal dat manlike sowel as vroulike heelslag Kompanjieslawe na dertig jaar diens, en Kaapsgebore Kompanjieslawe op veertigjarige ouderdom hulle vryheid kon verkry.[822] Weens die lae lewensverwagting van die meerderheid Kompanjieslawe, was die kans op vryheid na dertig diensjare vir ingevoerde heelslag slawe uiters beperk. Volgens Shell het slegs drie ingevoerde losieslawe hulle vryheid op dié wyse bekom.[823] Van Rheede het voorts bepaal dat voornemende vryslawe die Nederlandse taal magtig moes wees, die Christelike geloof moes bely, vir hulleself moes kan sorg sowel as 'n bedrag van 100 gulden as vergoeding vir versorging en opvoeding tydens hulle slaweskap aan die Kompanjie moes betaal.[824] Slawe met Europeërvaders is bevoordeel, aangesien hulle reeds op 25-jarige ouderdom hulle vryheid kon verkry, terwyl slawemeisies van soortgelyke afkoms op 22 jaar vry sou wees. Hierdie bevoorregte slawe sou ook aan die vereistes van taal, godsdiens, goeie gedrag en die betaling van 100 gulde aan die Kompanjie moes voldoen alvorens hulle vrygestel sou word. Jonger slawemeisies van gemengde afkoms kon hulle vryheid verkry indien 'n voornemende blanke huweliksmaat 150 gulden aan die Kompanjie sou betaal.[825]

Uit voorafgaande blyk dit dat die basiese voorwaardes vir die vryheid van Kompanjieslawe soos deur Van Rheede neergelê, op ouderdom, rasseafkoms of somatiese faktore, geslag en getroue diens gebaseer was.[826] Hiervolgens het die ingevoerde slawe van veral Afrika en Madagaskar die geringste kans op vryheid gehad, tweede generasie slawe 'n effe beter kans, terwyl halfslag of "mulat" slawe, weens die somatiese en kulturele voordeel, die beste kans gehad het. Daarbenewens het vroue en kinders 'n beter kans op vryheid gehad, terwyl meisies 'n nog beter kans as seuns gehad het. Manlike Kompanjieslawe het oor die algemeen 'n skrale moontlikheid van vryheid gehad. Halfslag slavinne het die beste kans gestaan indien hulle vaders vaderskap erken het. Shell het tot die gevolgtrekking gekom dat slegs 108 ingevoerde, Kaapsgebore sowel as halfslag Kompanjieslawe vrygestel is.[827] Van dié halfslag slawe was onder meer drie Kompanjieslavinne, te wete Maria Schalck, Armosijn van die Kaap en Jannetjie Bort in die huishouding van Simon van der Stel wat deur hom op 8 Mei 1686 vrygestel is " ten ansien harer trouwe diensten … en dies mee[r], dewijl alle drie *van Duijtse vaders gegenereerd* en 't Heilige Sacrament des Doops ontfangen hebben, [828] terwyl Dirk van die Kaap "van Duitsche vader geteeld" op 30 Desember 1686 vrygestel is om hom "te laten

---

822 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

823 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375.

824 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217; A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 217.

825 A.J. Böeseken (red.), Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 206 - 207; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 210.

826 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375.

827 *Ibid.*, pp. 376 - 377.

828 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 127 - 128.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genieten de voor-regten door syn geboorte en deses Commendements statuten hem Toekomende". [829]

Tydens die Kompanjiesbewind is die vereistes vir die vrystelling vir alle Kaapse slawe telkens opgeskerp. In 1708 het kommissaris Joan Simons ooreenkomstig 'n bepaling in die Statute van Batavia opdrag gegee dat privaateienaars voortaan hulle slawe slegs sou kon vrystel indien hulle 'n waarborg kon aanbied wat verseker het dat vrygestelde slawe vir die daaropvolgende tien jaar nie as armlastiges deur die Diakonie van die Kaapse Kerk onderhou hoef te word nie.[830] Dié borge moes hulle bereid verklaar om die vrygesteldes vir minstens ses jaar na vrystelling ten tye van siekte en nooddrif te onderhou. Alle vrystellingsbriewe sou voortaan ook die name van een of meer borge moes bevat.[831] In 1722 het die Politieke Raad vereis dat 'n eienaar reeds voor sy dood toestemming vir 'n testamentêre vrystelling van die goewerneur en Politieke Raad moes verkry, terwyl die vereiste waarborgsom ook betaal moes word en die name van twee borge alle aansoeke om vrystelling moes vergesel.[832] Die hersiene *Statute van Indië* van 1770 het spesifieke regulasies met betrekking tot die moontlike vrystelling van slawe waarvan een ouer van Europese afkoms was, uitgevaardig.[833] Sedert 1767 moes 20 riksdaalders deur 'n eienaar in die armsorgfonds van die Kaapse Kerk gestort word alvorens 'n slaaf vrygestel sou word.[834] In 1777 is die bedrag na 50 riksdaalders verhoog en sou geen vrybrief uitgevaardig word alvorens 'n kwitansie van die Diakonie nie aan die sekeretaris van die Politieke Raad getoon is nie.[835] In 1783 het die Politieke Raad die waarborgtyd vir vrygestelde slawe van tien na twintig jaar verleng [836] om "ten eynde diergelyke meenigvuldige vrygeevingen van slaven zo veel moogelyk tegen te gaan en voor het vervolg bezwaarlyker te maken".[837]

Alhoewel wetgewing die voorwaardes vir die slaaf se toegang tot vryheid omskryf het, het die proses van vrystelling by die eienaar begin. Aan die Kaap was vryheid nie 'n reg wat die slaaf by voorbaat besit het nie, maar 'n voorreg en guns wat binne die huishouding deur die eienaar aan die slaaf verleen is.[838] Dit het beide die Kompanjie, sowel as private slawe-eienaars behels.

---

829 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 152.

830 I.E. Edwards, *Towards emancipation: a study in South African slavery*, p. 29; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behorende II*, p. 235.

831 J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 27.

832 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 208 - 209; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek II,* p. 94; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 64; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 346 - 347; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 95.

833 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 379.

834 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 146.

835 *Loc. cit.*; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden* pp. 346; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II,* p. 313.

836 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1783,* p. 207; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 200.

837 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 346 - 347.

838 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 394.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vryheid deur die eienaar is onder meer bewerkstellig deur testamentêre bepalings,[839] persoonlike welwillendheid en humanitêre oorwegings, soos getroue diens,[840] die dood of vertrek van die eienaar, armoede of bankrotskap van die eienaar,[841] 'n voorgenome huwelik met die eienaar,[842] sowel as 'n vrystellingsvoorwaarde deur die eienaar in 'n verkoops-ooreenkoms.[843]

Testamentêre bepalings was vir een vyfde van alle slawevrystellings verantwoordelik.[844] Die testament van J.C. Visser het in 1696 bepaal dat Maria van Bengale en haar drie klein kinders hulle vryheid moes bekom en dat sy toegelaat moes word om haar besittings, kis en klere van die eiendom te verwyder.[845] In die middel van die agtiende eeu is drie slawe wat aan Joachim von Dessin behoort het testamentêr vrygestel, aangesien hulle volgens hom "seedert eenen geruijmen tijd herwaards aan mij met uitterste vleijd en opregtheid beweesene en bevondene getrouwe diensten" gelewer het. Die legaat van 100 riksdaalders wat elk ontvang het moes dien "omme hunselven daarmeede behoorlijk te kunnen stabileeren ..." [846] Sommige testamente het sekere voorwaardes en beperkinge op die vrygestelde slaaf geplaas. Die testament van Johanna Arendse het onder meer bepaal dat haar vrygestelde slawe haar dogter lewenslank moes dien, terwyl Christiaan Bok bepaal het dat een van sy drie slawe na sy dood eers vier jaar vir 'n ander burger moes werk voor sy vrystelling in werking sou tree.[847] In die testament van Simon van der Stel, wat kort voor sy dood in 1712 opgestel is, is aan veertien van sy slawe hulle vryheid verleen.[848] Hy het onder meer bepaal dat sy slavin Anna Elizabeth van Boeton met sy afsterwe vrygestel sou word op voorwaarde dat sy met die reeds vrygestelde Octavio van Makassar trou.[849] Aan Philip van die Kaap het hy die slaaf Lucas van Madagaskar bemaak, terwyl Philip en 'n paar van die ander elk tien koeie en verse sowel as twintig skape ontvang het.[850] Christina Strand het in 1713 bepaal dat beide haar slawe, Titus van Batavia en Dorothea van Ambon, met haar afsterwe vrygestel moes word. Dorothea se

839 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 153; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 79; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 199, 203 en 204; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 394 en 397; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 390.

840 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 127 - 128 en 753; *Ibid. IV,* p. 203.

841 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 154.

842 *Ibid.,* p. 150; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 199.

843 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 457.

844 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 397.

845 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 172.

846 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 61.

847 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 13 en 757.

848 A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders,* p. 220.

849 K.A.B.: CJ. 3025, fol. 21: Transportenboek, 1710-12-06.

850 A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders,* p. 220.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrystelling sou voorts slegs kon realiseer indien sy haar aan die gesag van Titus sou onderwerp "als aan malkanderen beloften van trouw gedaan hebben".[851] Die vrystelling van slawe as blyk van persoonlike welwillendheid deur eienaars was nie ongewoon nie. In 1691 is die 34-jarige Jacob van Malabar, wat sy eienaar vir veertien jaar getrou gedien het, vrygestel.[852]

Slawe kon ook hulle vryheid verkry deur vrygekoop te word. Hulle kon deur familielede, soos ouers of kinders, deur vry- of blanke voornemende huweliksmaats of deur hulleself vrygekoop word.[853] By die vrykoop van kinders deur ouers was dit veral Europeërvaders wat hulle halfslag kinders by slavinne van dié se meesters gekoop het,[854] terwyl 'n hele aantal vryswart-vroue hulle slawekinders se vryheid gekoop het.[855] So het die vryswart vrou Griscella van die Kaap drie van haar kinders wat slawe in die losie was, vrygekoop.[856] In die agtiende eeu het die vryslavin Sieta van Ternaten haar seun Jan van de Kaap vir 201 riksdaalders van sy eienaar, Joachim von Dessin vrygekoop,[857] terwyl 'n vryswartmoeder haar dogter in 1827 vir *f* 15 van die handelaar Hamilton Ross vrygekoop het. Ook mansslawe het hulle kinders vrygekoop. In 1687 het die vryswart Francois van Macao 'n versoek aan die Politieke Raad gerig vir die vrystelling van sy driejarige seun by die Kompanjieslavin, Cingala van Madagaskar.[858] In 1699 het Jacob van Makassar sy seun, Jacob van die Kaap, vir 100 riksdaalders van die Kompanjie vrygekoop.[859] Wat die vrykoop van ouers deur kinders betref, het Mentzel onder meer melding gemaak van 'n slavin wat haar vader teen 24 riksdaalders vrygekoop het.[860]

Jong slawemeisies en volwasse slavinne van die Kompanjie of privaateienaars kon hulle vryheid verkry deurdat hulle voornemende huweliksmaats 'n bepaalde bedrag aan die Kompanjie of eienaar betaal het.[861] Maria van Bengale is in 1658 deur haar voornemende

---

851 J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 34.

852 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 158.

853 D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 393; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 384 en 392; H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 464, 484 en 616; *Ibid. I,* p. 394; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 199.

854 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II,* p. 131.

855 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 446, 484 en 605; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 203.

856 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 210.

857 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 61.


858 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 154.

859 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 190.

860 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 131; *Ibid. III,* pp. 163 - 164.

861 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 78.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 44: Dokumentêre bewys van die vryslavin Francina van die Kaap wat in 1831 haar man David, 'n slaaf van Jacob van Reenen, vrygekoop het.
Parlementsbiblioteek, Kaapstad.
Mendelssohn-versameling no. 15702.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eggenoot, die vryburger Jan Sacharias van Amsterdam, vrygekoop,[862] terwyl Arnoldus Willemsz Basson in 1669 sy voornemende bruid, die slavin Angela van Bengale, vrygekoop het.[863] Dit was veral enkellopende Duitse mans wat slavinne, met die oog op 'n huwelik, vrygestel het. Hierdie tipe vrystelling staan as *manumissio censo* bekend, aangesien die slaaf na sy vrystelling as 'n volwaardige en vry burger van die land geregistreer is.[864] Vryswartes het ook hulle toenmalige en toekomstige huweliksmaats vrygekoop [865] **(Fig. 44)**.

Met voldoende geld of besittings kon 'n slaaf sy eie vryheid koop.[866] Volgens die *Requesten* en *Resolusies van die Politieke Raad* was dit veral Kompanjieslavinne wat versoeke om hulleself vry te koop aan die owerhede gerig het.[867] Kompanjieslawe wat dit kon bekostig, moes die normale vrykoopsbedrag van 100 gulden betaal,[868] terwyl slawe wat nie aan die neergelegde vereistes vir vryheid voldoen het nie, toegelaat is om 'n ander slaaf in ruil vir hulle vryheid aan te bied.[869] Eers na 'n deeglike ondersoek deur die Kompanjiedokter is die substituutslaaf aanvaar. In 1764 het Anna van die Kaap, wat 'n matrone in die losie was, die jeugdige Cupido van Bengale in ruil vir haar vryheid aangebied, terwyl die slaweseun, Malda van Timor, in 1742 as plaasvervanger vir die veertienjarige Kompanjieslavinnetjie, Cecilia, se vryheid aangebied is.[870] Wat slawe in privaatbesit betref, het die vrykoopsbedrag verband gehou met die waarde wat hulle meesters aan hulle geheg het. Volgens Teenstra was die deugsaamheid van 'n slaaf op sigself 'n struikelblok in die bereiking van vryheid, aangesien "hoe meer deugden een paard bezit, des te duurder is deszelfs prijs". Weens hulle hoë monetêre waarde het goeie slawe dit dus baie moeilik gevind om hulleself vry te werk. Inderdaad 'n "ijsselijke tegenstrijdigheid van braafheid en vrijheid".[871] Dit was veral die "koeliegeldsoekers", soos ambagslawe wat toegelaat is om op 'n semi-onafhanklike basis geld te verdien, wat uiteindelik in staat was om hulle vryheid te koop.[872] In dié opsig was dit veral die Maleierslawe wat deur toegewyde en harde arbeid genoeg geld gespaar het om hulle

---

862 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 157.

863 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 80 en 124.

864 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 372 en 392.

865 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 616, 464 en 484; *Ibid. I*, p. 394.

866 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199.

867 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 397; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 323.

868 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 89.

869 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375; E.C. Godée Molsbergen, *Hottentotten, slaven en blanken in Compagniestyd in Zuid-Afrika*, pp. 108 - 109; H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 7 en 263; *Ibid. II*, p. 607.

870 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 11; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 153.

871 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 346.

872 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vryheid te kon koop,[873] terwyl die slawe afkomstig van Indië ook met ywer vir hulle vryheid geaspireer het. In 1680 het Maria van Bengale haar vryheid teen 40 riksdaalders gekoop.[874] Jan van Ternate is in 1685 teen betaling van 60 riksdaalders deur Barbara Geens vrygestel,[875] terwyl Jan van Malabar in 1688 127 riksdaalders in die boedel van sy oorlede meesteres inbetaal het, nadat hy tydens 'n veiling op homself gebie en toe vrygekoop het. In 1689 het Domingo van Bengale vir 100 riksdaalders sy vryheid van Matthijs Greeff gekoop, terwyl Lovij van Makassar in 1692, 150 riksdaalders vir sy eie vryheid, sowel as dié van sy vrou en vier kinders betaal het. Cecilia van Timor het 80 "vrykoopspenninge" aan Hendrik Harts vir haar vryheid betaal.[876]

Nog 'n wyse waarop slawe hulle vryheid kon verdien, was deur die blootlegging van 'n misdaad [877] of deur buitengewoon heroïese optrede.[878] Gewoonlik was dit verpligte vrystellings. In 1760 is 'n slaaf wat vir die inhegtenisneming van 'n bende kwaaddoenerslawe verantwoordelik was deur die Politieke Raad met sy vryheid beloon.[879] In die vroeë negentiende eeu het Percival melding gemaak van 'n bejaarde Malabarslaaf wat 'n Maleierslaaf met 'n byl doodgekap het nadat die Maleierslaaf sy meester en meesteres met 'n byl gedood het. Vir sy optrede is die Malabarslaaf deur die owerhede met sy vryheid, sowel as 100 dollar (riksdaalders) beloon.[880] In 1807 is 'n versoek gerig vir die vrystelling van 'n slaaf wat sy eie lewe in gevaar gestel om dié van sy meester te red.[881]

Met die bestudering van slawevrystellings aan die Kaap tree bepaalde tendense en patrone na vore. In sy deeglik nagevorsde studie oor die onderwerp het Shell drie periodes in die demografiese geskiedenis van slawevrystellings aan die Kaap onderskei. Die eerste periode strek vanaf 1658 tot 1685 en is gekenmerk deur die vrystelling van bywywe en voornemende huweliksmaats en hulle kinders deur oorwegend vry enkellopende eerste-generasie manlike koloniste van veral Duitse afkoms.[882] Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan die tekort aan hubare Europeërvroue in die tyd.[883] Die tweede periode van 1686 tot 1808 is gekenmerk deur die vrystelling van soogvroue en hulle kinders. Weens hulle noue verbintenis met die familie waarbinne hulle hulle bevind het, was hulle kanse beter om vrygestel te word. Die tydperk van 1809 tot 1834 is gekenmerk deur die drastiese afname in die vrystelling van veral vrugbare

---

873 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

874 G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape of Good Hope from 1651 - 1687,* p. 186; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 323.

875 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 143.

876 *Ibid.*, p. 85.

877 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 246; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek IV,* p. 28; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 19; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 271.

878 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1782, II,* pp. 58 - 59; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 19.

879 K.A.B.: C. 138: Resolutiën, 1760-06-10 en 1760-08-19.

880 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 290 - 291.

881 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 211.

882 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 384, 388 en 392.

883 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 458; R.C.-H Shell, *Children of bondage,* p. 386.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slavinne en hulle kinders, terwyl die vrystelling van ouer slawe en slavinne voortgesit is. Met die beëindiging van die oorsese slawehandel in 1808 is Kaapse slawe-eienaars afgesny van die voorsiening van ingevoerde slawe en kon die vrystelling van vrugbare slavinne, wat die belangrikste bron van Kaapse slawe geword het, nie bekostig word nie.[884] Aangesien minder volwasse slavinne sowel as slawemans na 1808 vrygestel is, het die bejaarde slawe nou 'n groter deel van die totale aantal vrygestelde slawe uitgemaak, al het die aantal vrystellings van ouer slawe dieselfde gebly.

'n Tendens wat duidelik uit Kaapse slawevrystellings blyk, is dat meer slawe in die stedelike as plattelandse gebied vrygestel is. Hierin het die meerderheid vryswartes wat hulle na 1706 om ekonomiese redes in Kaapstad gevestig het, 'n belangrike rol gespeel. Alhoewel die vryswartes 'n minderheidsgroep was, was hulle vir 18% van die totale aantal vrygestelde slawe aan die Kaap verantwoordelik. Daarteenoor het die Kompanjiesamptenare 30% vrygestel, die Kompanjie 6,5% van alle losieslawe en die burgers wat teen 1795, 93% van alle Kaapse slawe besit het, 33,8%.[885] Nog 'n tendens wat na vore tree, is dat welgestelde koloniste die meeste slawe vrygestel het. Die korrelasie tussen rykdom en ouderdom dui aan dat die gemiddelde ouderdom van slawevrystellers aan die Kaap 55 jaar was.[886]

Wat die vrystellingspatrone van die onderskeie slawegroepe behels, blyk dit dat Kaapsgebore "mulat" slawe, en meer bepaald die slavinne in stedelike gebied, regdeur die tydperk van slawerny aan die Kaap die beste kans op vrystelling gehad het, aangesien hulle somaties, biologies en kultureel die naaste aan hulle eienaars was. Sommige was selfs die direkte afstammeling van die eienaar. Hierdie huisgebore slawe wat die eienaar se taal kon praat, was beslis goeie kandidate vir vrystelling.[887] Daarna het die heelslag Kaapsgeborenes en Asiatiese slawe gevolg, terwyl die slawe van Madagaskar en Afrika laaste op die lys was. Die lae vrystellingskoers van Malgassiese slawe is waarskynlik toe te skryf aan die arbeidsintensiewe landbou-ekonomie van die Kaapse akkerbougebied, alhoewel somatiese faktore nie buite rekening gelaat kan word nie.[888]

'n Verdere tendens wat afgelei word, is dat eienaars wat hulle slawe vrygestel het oorwegend eerste generasie vryswartes en koloniste was. Dit blyk voorts dat beide slawe en slavinne 'n beter kans op vryheid tydens die aktiewe slawehandel tot 1808 gehad het.[889]

In vergelyking met al die ander Nederlandse kolonies het die Kaap die laagste vrystellingsyfer van slawe gehad.[890] Die gemiddelde vrystellingskoers tydens Kompanjiesbewind was so laag

---

884 R.C.-H Shell, *Children of bondage,* pp. 384, 385 en 387.

885 *Ibid.,* pp. 388 - 389; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 150.

886 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 389 - 390.

887 *Ibid.,* p. 392; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

888 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 150 en 155.

889 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 387 - 392.

890 *Ibid.,* p. 383.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as 0,165 persent van die totale Kaapse slawebevolking.[891] Tussen 1715 en 1791 het net oor 'n duisend vrystellings in die kolonie plaasgevind.[892] In die 1770's het Thunberg opgemerk: "Slaves are very seldom enfranchised." [893] Dit is een van die redes waarom die vryswart bevolking aan die Kaap bra klein was in vergelyking met dié van Spaans- en Portugees-Amerika.[894]

Met die *vrijbrief* in sy hand was die Kaapse slaaf wettig vry,[895] maar ook in dié opsig was vryheid 'n relatiewe begrip. Alhoewel wettig was sommige vrystellings voorwaardelik en is slawe soms deur sekere bepalings in die vrykoopakte gebind. As sodanig kon talle slawe nie onmiddellik volkome vryheid geniet nie. Met die vrystelling van Angela van Bengale in 1666, het haar eienaar Abraham Gabbema bepaal dat sy na sy vertrek eers ses maande vir haar toesighouer Thomas Christoffel Muller moes werk, alvorens sy volkome vry sou wees.[896] Talle vrygestelde slawe is in vrykoopaktes verplig om hulle eienaar en dié se familie na hulle vryheid steeds te gehoorsaam en te eerbiedig.[897] In 1687 het Henning Hüsing die slaaf, Isak van Tenate, vrygestel op voorwaarde dat hy Hüsing nog vir 'n verdere vier jaar en agt maande getrou moes dien.[898] Pieter van die Kaap is in 1694 deur die weduwee Christina Does vrygestel op voorwaarde dat hy vir ses jaar by haar seun, Abraham Diemer, en skoonseun, Joan Blesius, in diens moes bly waarna hy 150 gespeende ooie sou ontvang.[899] Met die vrystelling van sy slaaf, Isak van Madagaskar, in 1710 het Jacobus van der Heyden bepaal dat dié slaaf hom nog getrou teen 'n loon van ses gulde per maand sou dien. Eers wanneer die maandelikse loon tot £200 aangegroei het, kon hy die volle som ontvang en daarna sy vryheid na sy eie goeddunke geniet.[900] Die weduwee Alders het selfs bepaal dat die slavin Lena eers volkome vry sal wees na tien jaar diens aan haar en haar kinders, terwyl Casper Schalker in 1761 daarop aangedring het dat sy slaaf, Thomas van Boegies, slegs vrygestel kon word indien hy na sy vrystelling in diens van Schalker sou bly tot dié te sterwe kom.[901]

Wat die amptelike afskaffing van slawerny aan die Kaap betref, is die laaste fase van slawerny met die Britse bewindsoorname in 1795 ingelui. In 1787 is die *Anti-Slave Trade Committee* in Brittanje gestig met die doel om alle slawehandel afgeskaf te kry. In 1808 is alle oorsese slawehandel deur die Britse Parlement verbied. In 1823 is die *Anti-Slavery Society* in Brittanje

---

891 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 146.

892 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 64.

893 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 52.

894 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 146.

895 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 753.

896 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 79.

897 J.L. Hattingh, *Vryswartes van Stellenbosch 1679 - 1720,* p. 41.

898 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 150 en 161.

899 *Ibid.,* p. 165.

900 J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 33.

901 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 1090.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestig om die algehele afskaffing van slawerny in die Britse Ryk te bewerkstellig.[902] Danksy dié doelgerigte en aktiewe veldtog van die filantrope is die Emansiepasiewet in 1833 deur die Britse Parlement aangeneem. Hiervolgens was alle slawe aan die Kaap vanaf 1 Desember 1834 wettig vry. Alhoewel dié wet slawerny wettig opgehef het, is dit onder die dekmantel van "vakleerlingskap" met vier jaar tot 1 Desember 1838 verleng.[903] Hierdie vakleerlingskap het basies op 'n inboekstelsel neergekom [904] en het weinig verandering in die daaglikse lewe van die meerderheid "bevryde" slawe gebring. Dit was daarop gemik om slawe in dié oorgangstyd op arbeidsgebied voor te berei vir 'n latere produktiewe lewe in volwaardige vryheid, terwyl dit ook die aanpassingsfase vir die loonarbeiderstelsel was. Die doelgerigte veldtog teen slawerny in Brittanje het opeenvolgende hervomringswette aan die Kaap tot gevolg gehad wat die regte van slawe in 'n toemende mate beskerm het en na veertig jaar van Britse bewind tot die emansipasie van alle Kaapse slawe (ongeveer 36 000) gelei het.[905] Die afskaffing van slawerny het in 'n groot mate tot die verarming van burgers in Kaapstad en die akkerboustreke aanleiding gegee,[906] wat talle genoodsaak het om na die binneland uit te wyk.[907] Daarbenewens was die "ergerlike" hervormingswette ten opsigte van slawe sowel as die owerheid se kompensasievoorstelle, die gevolge en die lomp implementering daarvan een van die belangrikste beweegredes vir die Groot Trek.[908]

Vir die slawe het vrystelling 'n nuwe lewe van relatiewe vryheid beteken. Slawe wat voor die amptelike vrystelling van alle slawe in 1834 indiwidueel vrygestel is, het as "vryswartes" *(vrijzwarten)* bekend gestaan. Die term "vryswarte" het spontaan aan die Kaap ontwikkel en het letterlik "vrijgelaten swart" beteken.[909] Die vryswartes of "mardijkers" in Oos-Indië het van die Kaapse vryswartes verskil in die sin dat hulle wel vir hulle arbeid in 'n vreemde land beloon is. Benewens vrygestelde slawe en hulle nakomeling was die Kaapse vryswart gemeenskap ook uit 'n klein groepie Oosterse setlaars, invloedryke Oosterse politieke bannelinge en 'n aansienlike groep Oosterse bandiete saamgestel.[910]

Na hulle vrystelling het die meeste vryswartes hulle in Kaapstad gevestig waar hulle oorwegend ambagslui was en die Moslemgeloof bely het. Die aantal eerste-generasie vryswartes in Kaapstad was beperk. Teen die einde van die sewentiende eeu was daar slegs veertig, maar gedurende die agtiende eeu het 'n toename in vryswartes plaasgevind wat hulle

---

902 C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 143.

903 E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 67; N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 107.

904 C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,* p. 143.

905 C. Saunders, Between slavery and freedom, *Kronos* 9, 1984, p. 37; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

906 F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life, 1838 - 40, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), 1966, pp. 41 - 42.

907 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 20, 32 en 46.

908 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 526 - 527.

909 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 77.

910 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 157 - 159.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getalle teen 1773 op ongeveer 350 te staan gebring het.[911] Volgens Elphick en Shell het die vryswartes in die agtiende eeu vyftien tot twintig persent van die vrybevolking verteenwoordig.[912] Uit die navorsing van Hattingh blyk dit dat sewentien vryswartes in die tydperk 1652 tot 1710 grondbesitters in Tafelvallei was.[913] Alhoewel 'n paar vryswartes in die sewentiende eeu grond in die Stellenbosch-omgewing ontvang het,[914] was die getalle vryswartes wat hulle as boere op die platteland bevind het, beperk. Teen 1688 was daar slegs ses vryswartgesinne in die Stellenbosch-distrik wat vee besit of oeste op die lande gehad het. Slegs twee of drie vryswartboere, soos Anthony van Angola en Jan van Ceylon, was voorspoedig met die boerdery en teen 1690 was byna almal terug in die Kaapse distrik.[915]

Die posisie waarbinne vryswartes hulle in die agtiende en negentiende eeu bevind het, is deur matige diskriminasie en segregasie gekenmerk.[916] Aan die Kaap is die Romeinse voorbeeld gevolg deur 'n onderskeid tussen vrygebore en vrygestelde burgers te tref. Die gebrek aan aansoek om burgerskap deur vryswartes in die *Requesten* van 1715 tot 1795, dui daarop dat vryswartes tydens Kompanjiesbeheer nie burgerskap gehad het nie.[917] Vrygestelde mansslawe het hulle vryheid met 'n groot agterstand begin weens faktore, soos vooroordeel, armoede, die gebrek aan toegang tot krediet en die probleem om 'n winsgewende werk in die Kaapse ekonomie te vind. Vryswartes is selfs deur die Burgerraad verbied om braaibrood en koek op straat te verkoop. Alhoewel hulle wel toegelaat is om grond te koop en verkoop, het vryswartboere, weens die gebrek aan kapitaal, 'n sukkelbestaan gevoer en was die see byna die enigste bron van inkomste.[918] Waar vryswartes tydens die VOC-beheer wel die reg op grondbesit gehad het, kon hulle tydens die Britse bewind slegs met spesiale toestemming van die goewerneur grond koop.[919] Daarbenewens was die gemiddelde waarde van eiendomme in Kaapstad wat aan vryswartes behoort het, laer as dié van die ander burgers.[920] Alhoewel hulle bekwame vakmanne en kleinhandelaars was, kon hulle egter nie aansienlike rykdom en dieselfde status as Europeërs aan die Kaap bereik nie.[921]

Vryswartes was wel vry om vee en slawe te besit, kon van die regstelsel gebruik maak, was geregtig op toegang tot kerkdienste en sakramente van die doop en nagmaal, 'n kerklike

---

911 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

912 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 160.

913 J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei. Deel 1: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, p. 47.

914 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 161.

915 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 145 - 146; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 162.

916 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 156.

917 *Ibid.*, p. 157; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

918 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 393.

919 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXVIII,* pp. 36 - 40; *Ibid. XXXV,* p. 138.

920 K.A.B.: MOOC. 8/1 - MOOC. 8/22: Inventarissen, 1685 - 1800.

921 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huweliksbevestiging, kon na hulle geboorteland terugkeer indien hulle dit kon bekostig en was ook geregtig op die dra van vuurwapens.[922] Op grond van die feit dat vryswartes "al die regte en voorregte van burgers geniet het", het 'n proklamasie van 1752 vryslawe verplig om belasting te betaal.[923] Vryswartes is ook in 'n burgerlike brandbestryderskorps georganiseer.[924]

Vryswartes is nie in alle opsigte as gelykes van die Europeërs beskou nie. In 1722 is hulle van die burgermag uitgesluit en saam met die vry Chinese van Kaapstad in 'n afsonderlike kompanjie onder bevel van vryswart offisiere georganiseer.[925] Hulle pligte het van dié van manlike vryburgers verskil deurdat hulle nie wapens gedra het nie, vure moes blus en die plundering van skeepswrakke moes verhoed – 'n ironiese situasie, want brandstigting en plundery is oortredings wat oor die algemeen met slawe geassosieer is.[926] In 1806 het hierdie verdedigingsmag, wat toe uit twee artillerie-kompanjies bestaan het, en as die Javaanse Artillerieë bekend was, die Kolonie met volle oorgawe teen die Britse invalsmag verdedig.[927] Wat die straf van sekere oortredings betref, is vryswartes soms oor dieselfde kam as slawe geskeer. In 1738 het drie vryswartes en drie slawe dieselfde vonnis vir die verbreking van die aandklokreël ontvang. Talle plakkate van die 1770's het swaarder strawwe aan vryswart-oortreders as aan burgers voorgehou. In 1771 het 'n plakkaat wat die koop van klerasie van Kompanjieslawe belet het, dieselfde straf vir slawe en vryswartes voorgehou.[928] In 1765 is daar beperkings op die kleredrag van vryswartvroue geplaas wat hulle verbied het om kleurvolle syklere, hoepelrokke, duursame kant, getooide kappies, gekrulde hare of oorbelle in die openbaar te verskyn.[929] Daarbenewens was vryswartes voortaan slegs op beperkte armsorg van die Kaapse Kerk geregtig.[930] Die meeste vryswartes het bystand en steun van die Kaapse Moslemgemeenskap ontvang van wie baie self slawebesitters en -vrystellers was.[931] Aangesien Moslemhuwelike nie deur die owerheid erken is nie, is kinders van vryswartes uit dié huwelike as buite-egtelike beskou en as sodanig nie geskik vir administratiewe of dergelike poste nie.[932] Huwelike tussen vryburgers en vryswartvroue is wel toegelaat, waardeur vryswart-huweliksmaats makliker in die vryburgergemeenskap opgeneem is.[933] Sodanige huwelike is hoofsaaklik gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap voltrek. Sedert die 1790's is die reg op vrye beweging aangetas deurdat vryswartes verplig is om voortaan 'n pas te dra indien

---

922 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 156 - 157.

923 K.A.B.: 1/STB 10/3: Brief van Goewerneur Tulbagh aan die Landdrost en Heemraden van Stellenbosch, 1752-06-06; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 239.

924 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 156.

925 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 90 - 94.

926 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 70.

927 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 47.

928 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 80.

929 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147; S. D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* p. 62.

930 M.M. Marais, Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1943, pp. 62 - 64.

931 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 393.

932 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147.

933 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 78, 80 en 81.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle Kaapstad sou verlaat.[934] In 1828 is die beperking ten opsigte van vrye beweging, verpligte brandweerdienste en die lastige nagtelike ondervragings deur die polisie beëindig.[935] Talle Suid-Afrikaners is vandag die nageslag van vryswartes wat aanvanklik as slawe na die suidpunt van Afrika gebring is. Sommige het in slawerny gesterf, terwyl ander selfs binne 'n enkele geslag vrygestel is.[936] Soos blyk uit voorafgaande, was die vryheid van vrygestelde slawe 'n relatiewe begrip. Alhoewel hulle wettig vry was na vrystelling, het bepalings in die vrykoopaktes, sowel as algemene diskriminasie 'n ander vorm van gebondenheid behels. Vrygestelde slawe was nie as volwaardige inwoners of burgers gereken nie, maar as *libertus* of *liberta*, met ander woorde vrygestelde persone. Daarenteen is die vrygestelde huweliksmaats van Europeërmans na vrystelling as volwaardige burgers geregistreer [937] en in die vryburger-gemeenskap opgeneem, soos die geval met Maria van Bengale en Angela van Bengale [938] was.

Vir vryswartes was die besit van slawe 'n waardevolle belegging.[939] In 1735 het 132 vryswartes 139 slawe besit waarvan minstens 69 volwasse slawemans was.[940] Slawe wat na hulle vrystelling grond sowel as slawe of knegte besit het, was onder meer Angela van Bengale, Domingo van Bengale, Louis van Bengale,[941] Coridon van Ceylon,[942] Claas Gerritz van Bengale,[943] Antony van Angola en Manuel van Angola.[944] Die merkwaardige Angela of Ansiela van Bengale het kort na haar vryheid op 13 April 1666 'n stukkie grond in Heerestraat (tans Kasteelstraat) bekom waarop sy 'n klein huisie gebou en groente aangeplant het wat sy op 'n winsgewende basis aan besoekende skepe te verkoop het. Vanaf 29 Maart 1668 het sy die slaaf Scipio Africanus van Malabar van Robert Carus gehuur. In 1698 en 1700 het sy onderskeidelik die slawe Pieter van Malabar en Arend van Bengale aangekoop. Na die dood van haar vryburgerman Arnolduls Willemsz Basson in 1689, het sy sy boedel van 6 495 gulden uiters bekwaam bestuur. In 1702 het sy vol-eienaarskap van die stukkie grond in Heerestraat verkry, terwyl sy ook die plasie *Hondswijk* bekom het. Met haar afsterwe in 1720 was haar boedel ongeveer 14 808:3 gulden sterk [945] en was sy onder meer in besit van altesaam ses slawe, twee slavinne en twee slawekinders.

As eerste vryslaaf het Evert van Guinee [946] op 1 Julie 1669 'n stuk tuingrond van meer as 'n morg in die Tafelvallei ontvang. In 1674 het hy 200 gulden teen 6 persent rente van die

934 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV,* pp. 146 - 147.

935 *Ibid. XXVII,* pp. 392 - 393; *Ibid. XXXV,* pp. 138 - 140, 146, 189 en 191.

936 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 60.

937 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 372 and 374.

938 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 78 - 80 en 124.

939 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 5 - 6.

940 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 165.

941 A.J. Böeseken , *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 79, 80, 85 en 90.

942 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 61.

943 K.A.B. : MOOC. 8/1, nr. 28: Inventarissen, 1685 - 1800, 1697-11-05.

944 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* pp. 88 - 89

945 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 80 en 81.

946 *Ibid.,* p. 93; J.L. Hatting, Grondbesit in die Tafelvallei, Deel I: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, pp. 39 - 40, 42 en 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diakonie geleen waarvoor hy sy nuwe huis, byhuise, bewerkte tuin en al sy roerende en onroerende goedere verpand het.[947] In 1677 het hy die jong slafie, Claes van Bengale, vir 32 riksdaalders verkoop en die daaropvolgende jaar nog 'n stuk tuingrond teen 250 gulden aangeskaf. Sy voorspoed was egter van korte duur, want in 1679 was hy een van die armste burgers wat 'n koringrantsoen van die owerheid ontvang het. As uitkoms het hy hom in die nuwe landboukolonie langs die Eersterivier te Stellenbosch, wat vir vryswartes beskikbaar geraak het, gevestig. Die plaas is egter in 1685, drie jaar voor sy dood, aan Andries Oelofse verkoop.

In 1689 het Domingo van Bengale sy vryheid teen 100 riksdaalders van sy eienaar Matthijs Greef gekoop. As vryswarte is hy in 1693 toegelaat om 300 gulden van die Kaapse Kerk te leen wat hy in 1694 teen ses persent rente terugbetaal het.[948] Hy het 'n erf noordoos van Oliphantstraat besit, terwyl hy ook die blanke kneg, Jan van Braganza, in sy diens gehad het.[949] In 1706 was Domingo van Bengale mede-ondertekenaar van die klagskrif teen Willem Adriaan van der Stel.[950]

Nadat Louis (Lovijs) van Bengale se eienaar, die sekunde Hendrik Lacus, in 'n bedrogsaak betrokke was, het kommissaris Isbrand Goske in 1670 aan Louis toestemming verleen om sy eie vryheid te koop.[951] Weens geldgebrek is hy eers deur die Kompanjie oorgeneem en kon hy homself eers in Maart 1672 vrykoop. In 1670 het hy die eienaar van 'n morg tuingrond in Tafelvallei geword. Daarbenewens is 'n groot woonerf op 1 September 1676 in Bergstraat aan hom toegeken,[952] terwyl die plaas Leef Op Hoop in die Jan de Jonkershoek-omgewing in 1692 op sy naam oorgedra is.[953] In die *Resolusies van die Politieke Raad* word op 14 Junie 1678 melding gemaak van 'n slavin van die timmerman Adriaen van Brackel wat in hegtenis geneem is "over gepleegde dieverijen en gesustendeerde huijs-braak" by die huis van "den borger Louwijs van Bengale", terwyl sy eie slaaf, Anthony van die Kus, in 1681 gedros het.[954] In 1687 het sy kneg, Willem Teerling, met Louis se vrou, Lijsbeth, weggeloop. In dieselfde jaar koop hy die slaaf, Matthijs van Java, vir 'n redelik billike 35 riksdaalders aan om hom egter twee jaar later, met die afskaling van sy boerdery, vir 30 riksdaaldels te verkoop. Alhoewel Louis en sy derde vrou, Rebecca van Makassar, in Stellenbosch gewoon het, was hulle teen die einde van die sewentiende eeu volwaardige eienaars van 'n erf in Kaapstad.[955] As besitter van grond en eiendom was Louis egter nie juis voorspoedig nie. Na onsuksesvolle boerdery is

---

947 J.L. Hatting, Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word, 1658 - 1670 II, *Kronos* 15, 1985, p. 21.

948 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 85.

949 *Ibid.*, p. 88.

950 K.A.B.: CJ. 310: Crimineele Processtukken 1706, 1706-03-13.

951 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 89; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 82.

952 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 89; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 90; J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei. Deel I: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, p. 41.

953 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 90.

954 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 253; K.A.B.: CJ. 2: Oorspronklike regsrolle en notule, 1681-02-03.

955 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Leef Op Hoop in 1690 aan die vryswarte Anthonie van Angola verkoop, in 1705 moes hy sy huis en besittings in Kaapstad weens uitstaande skuld verkoop en in 1711 is ook sy stukkie grond in Tafelvallei van die hand gesit. Met sy dood was die boedel van Louis van Bengale ongeveer 997 riksdaalders sterk.[956]

Coridon van Ceylon het as vryslaaf in 1795 die eienaar van 'n stuk grond geword waarop die Auwal-moskee in Dorpstraat vandag staan.[957] Tydens 'n Moslemseremonie is Coridon met Tryn van die Kaap in die huwelik bevestig. Coridon is in 1797 oorlede en kragtens sy testament is die eiendom in Dorpstraat aan sy weduwee, Tryn, bemaak. In 1809 het sy dit teen 300 gulden aan hulle dogter Saartjie oorgedra.[958] Tryn het haar bates knap bestuur en sosiale sowel as ekonomiese vooruitgang gemaak. Tydens haar verblyf op haar eiendom in Dorpstraat het Tryn vier slawe besit en 'n Khoikhoiman in diens gehad. Daarbenewens het sy huisvesting aan vier slawemans, 'n slavin van ene Van Oudtshoorn sowel as haar dogter se familie akkommodasie verskaf. Tryn se dogter, Saartjie, wat met Achmat van Bengale getroud was, is van belang aangesien sy haar geërfde eiendom in Dorpstraat vir die inrigting van 'n moskee beskikbaar gestel het. As sodanig het sy 'n belangrike rol in die geskiedenis van een van die oudste moskees in Kaapstad sowel as Suid-Afrika gespeel en so haar bydrae tot die konsolidasie van Islam aan die Kaap gelewer.[959]

Die vrygestelde Claas Gerritsz van Bengale het met sy familie op sy eiendom in Zeestraat gewoon. Volgens 'n inventaris van 5 November 1697 is die twee slawe in sy besit teen 79 riksdaalders elk verkoop en het sy boedel ongeveer 400 gulden beloop.[960]

In 1692 het beide die twee vrygestelde slawe Anthony van Angola en Manuel van Angola gesamentlik die eienaars van 'n plaas van 57 morge geword. Hulle was ook in besit van 'n slaaf Sijmen Ham wat hulle van Oloff Bergh teen 85 riksdaalders, gekoop het [961] en 'n slaaf wat hulle van die burger Jan Holsmit aangeskaf het. In 1690 het Sijmen homself tydens 'n amptelike bewapende soekgeselskap na gedroste slawe, noodlottig met 'n snaphaan gewond.[962] In 1694 was die kneg, Hans Jes van Sleeswijck, 'n arbeider op die plaas van Anthony en Manuel, terwyl die blanke knegte Willem Teerling, Hendrik Mulder en Magnus Andrijszen op een of ander tyd by hom in diens was. Aanvanklik het dit na die dood van Manuel in 1685 goedgegaan, maar teen die einde van die tagtigerjare het terugslae en skuld Anthony begin teister. Terwyl hy in 1694 nog in besit van twintig beeste, 180 skape, twee waens, 'n ploeg en eg was, was hy met sy dood in 1696 besitter van slegs agt beeste, 'n katel met bulsak en kussing, twee kiste, 'n paar stoele en 'n teetafel. Sy plaas is vir 600 gulden verkoop en die roerende goedere was 362 gulden werd. Met sy dood is die slavin, Susanna, wat ten laaste by hom in diens was, en haar twee kinders vrygestel.[963]

---

956 K.A.B.: CJ. 2914: Vendurollen, 1688 - 1795, 1705-01-19.

957 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* p. 61.

958 *Ibid.,* p. 63.

959 F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims,* pp. 38, 39, 61en 63.

960 K.A.B.: MOOC. 8/1, nr. 28: Inventarissen, 1685 - 1800, 1697-11-05.

961 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* pp. 88 - 89.

962 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 239.

963 K.A.B.: MOOC. 8/1, nr. 16: Inventarissen, 1685 - 1800, 1696-09-26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meerderheid vryswartes het 'n lewe as vissers gemaak, soos met Joost van die Kaap, die Chinees Sabinko, Jacob van Boegies en Jonker van Makassar, die geval was,[964] terwyl ander as betaalde knegte in diens van blankes was. As voorbeeld kan Darius van Cochin wat vir Guilliaume Heems [965] gewerk het en Jacob van Tuticorin wat in diens van Theunis Gijsbertsz was,[966] genoem word. Volgens William Bird was veral die vryswart Maleiers bekwame kleinhandelaars,[967] terwyl Mason dit bevestig het en 'n redelik volledige weergawe van hulle nerings aangeteken het:

> The Malays earn their living as shopkeepers, masons, carpenters, wagoners, tailors, cobblers, coolies, seamen, domestic servants, and other callings ... They are preëminently the fishermen of the Cape. The woman are milliners, cooks, nursemaids, housemaids, and washerwomen. Some Malays have realized considerable property in houses, wagons, and horses; and by establishing vegetable, fruit and smallware shops, have accumulated a few hundred, and, in rare instances, several thousand pounds.[968]

Die *Kaapsche almanak en naamboek* gee 'n insiggewende en redelik volledige weergawe van beroepe en nerings van Kaapstadse vryswartes.[969] Hiervolgens was hulle ambagslui, soos messelaars, timmerlui, kabinetmakers, verwers, skoenmakers, kleremakers, hoedemakers, pruikemakers, horlosiemakers, kersmakers, silwersmede, kuipers, stoelsitplekmakers, mandjiemakers, haarkappers, barbiers, kokke, bakkers, vissers, koetsiers, staljongens, wasvroue, smouse, handelaars in groente, vrugte, eiers, eetware, vis en lewende hawe en vuurmaakhout. Sommige het ook eetplekke, sowel as bier- of wynhuise besit of daarin gewerk. Alhoewel die Kaapse vryswartes weens diskriminasie en segregasie [970] nie dieselfde rykdom en status as Europeërs aan die Kaap kon bereik nie, was hulle nogtans bekwame vakmanne, kleinhandelaars, vissers en arbeiders wat, ten spyte van die feit dat hulle 'n minderheidsgroep was, 'n belangrike bydrae tot die Kaapse kultuur gelewer het. Arbeid sou 'n bepaalde kulturele identiteit aan die Kaapse slawe, vryswartes en hulle nageslag verleen.

---

964 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 165.

965 K.A.B.: CJ. 2870: Contracten, 1692 - 1790, 1693-12-02.

966 K.A.B.: CJ. 2871: Contracten, 1692 - 1790, 1694-04-01.

967 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

968 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town,* pp. 15 - 16.

969 J. Suasso de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek 1834*, pp. 1 - 40.

970 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 156.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK V

SLAWEARBEID, 'N BOUSTEEN IN DIE KAAPSE KULTUUR

Volgens De Bruyne kan kultuur gedefinieer word as die omvorming en onderwerping van die natuur, danksy die arbeid van die geestelik-bepaalde wese (die mens) met die oog op die skep van goedere wat in hulleself waardevol is en as sodanig deur die gemeenskap aanvaar word.[1] Hiervolgens is alle sinvolle arbeid dus kultuur "van sowel dié van die landbouer as die geleerde, die messelaar as die kunstenaar", aldus professor De Vos.[2] Kultuurskepping impliseer aktiwiteit en kraginspanning deur 'n enkeling of 'n groep enkelinge [3] waarvan die resultaat deur die gemeenskap aanvaar en gekonsumeer word.

As sodanig het die Kaapse slawe inderdaad deur 'n kombinasie van talent en gedwonge fisiese arbeid of kraginspanning nuttige stoflike en nie-stoflike kultuur geskep wat deur die breë gemeenskap aanvaar en 'n onmiskenbare deel van die Kaapse kultuur geword het. As huisbediendes, kokke, kleinhandelaars of straatverkopers, vissers, ambagslui en dies meer het hulle 'n belangrike en onmiskenbare bydrae tot die Kaapse ekonomie en kultuur gelewer. Kultuurprodukte wat uit die arbeid van slawe voortgevloei het, het 'n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword.

Afhanklikheid van slawearbeid

Die rol wat slawe van die sewentiende tot die negentiende eeu aan die Kaap op arbeidsgebied gespeel het, is onteenseglik enorm. Van die sewentiende eeu toe hulle ingevoer is om volgens Jan van Riebeeck "het vuijlste ende swaerste werck in plaetse van de Nederlanders" [4] te doen en as oplossing vir die arbeidsprobleem aan die Kaap te dien tot met hulle amptelike vrystelling in 1834 het die rol van die Kaapse slawe progressief toegeneem. Die Kaapse ekonomie het in 'n groot mate op slawearbeid berus en vir die meeste Kapenaars was slawearbeid dié belangrikste faktor in hulle huishoudelike, boerdery- en besigheidsbelange. Besoekers en reisigers het telkens na die prominente rol wat slawe op arbeidsgebied aan die Kaap gespeel het, verwys.[5] Teen die einde van die agtiende eeu het Cornelis De Jong opgemerk dat "[w]einige blanken zullen een hand aan den landbouw slaan of den arm in het pakhuis gebruiken; 't is slavenwerk!".[6] Geen ambagslui het self gewerk nie, want "[d]e slaven doen alles; bakkers-slaven bakken; kleermakers slaven naaijen; schilders-slaven verwen; die der

---

1 E. de Bruyne, *Wat is cultuur?* p. 15.

2 H. de Vos, Inleiding tot de wijsbegeerte, soos aangehaal *in* P.G. Nel, *Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis,* p. 3.

3 E. de Bruyne, *Wat is cultuur ?* p. 14.

4 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 45.

5 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 247 en 255; J. Campbell, *Travels in South Africa undertaken at the request of the Missionary Society,* pp. 85 - 86 en 321 - 322; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies,* p. 60.

6 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 134.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

timmerlieden timmeren ..." [7] John Barrow het onomwonde verklaar dat die Kapenaars hulle lewensbestaan hoofsaaklik uit die arbeid van hulle slawe maak,[8] terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* opgemerk het dat slawearbeid grootliks die onderhoud van die eienaar en sy gesin verseker het. Daarbenewens was hy van mening dat "[f]rom the sweat of their brow, gold is distilled into the pockets of their master". [9] In die vroeë negentiende eeu verklaar Hinrich Lichtenstein: "... nothing is done but by the hands of slaves",[10] terwyl Teenstra in 1852 hierdie tendens bevestig: "Alles wordt hier door slaven verrigt, terwyl men hun alles toevertrouwt ...[11] Hier ziet men bij boer en burger ter bediening eene menigte slaven." [12] In 'n brief aan sy ouers het die jong Britse immigrant Crout in 1826 onder meer opgemerk dat daar van geen blanke persoon in Kaapstad verwag is om harde arbeid te verrig nie, "for it is done by slaves".[13] Aan die Kaap was slawearbeid dus 'n onvermydelike noodsaaklikheid [14] en het as sodanig 'n invloed op die Kaapse lewe en kultuur uitgeoefen.

Stereotipering ten opsigte van arbeid

Deeglik bewus van die geografiese en kulturele heterogeniteit van die Kaapse slawe, het die nedersetters, amptenare, burgers en besoekers bepaalde persepsies van die onderskeie slawegroepe gevorm wat veral met bepaalde aanlegte vir sekere tipes arbeid verband gehou het. Die gevolg was dat stereotipering volgens somatiese faktore van geografiese herkoms en afkoms mettertyd 'n algemene wyse was om die Kaapse slawe, veral wat aard en arbeid betref, te klassifiseer.[15] Stereotipering ten opsigte van geografiese oorsprong en die dienooreenkomstige assosiasie met bepaalde tipes arbeid en die gevolglike arbeidstoekenning het veral tydens die agtiende eeu sterk na vore getree om kort voor die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 'n hoogtepunt te bereik.[16] Teen die einde van die agtiende eeu het Robert Percival 'n duidelike en omvattende arbeidsverdeling ten opsigte van die geografiese herkoms of oorsprong van Kaapse slawe gegee,[17] terwyl Hudson op die hoogtepunt van stereotipering volgens geografiese herkoms in 1806 met die volgende insiggewende arbeidsklassifikasie van Kaapse slawe vorendag gekom het:

The [Mosambique] slaves are therefore more useful in the colony for hard

---

7 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

8 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 386.

9 *Gleanings in Africa*, p. 66.

10 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 50.

11 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede*, p. 200.

12 *Ibid.*, p. 395.

13 U. Long, *Index to authors of unofficial, privately-owned manuscripts relating to the history of South Africa, 1812 - 1920,* pp. 88 - 91.

14 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126.

15 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 19 - 22; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

16 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 21.

17 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 291.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> labour and all agricultural concerns. Some of them are very ingenious and make excellent workmen. They are capable of conveying heavy burthens ... Each slave is put to a particular employment: The Mosambiques carry water, fetch wood, serve as masons, labourers, coolies and indeed, are generally set to the common drudgery of outdoor work though many of them are extremely serviceable. I have seen good carpenters, mason, markers at billiard tables, cooks, stable boys, in short, every kind of tradesmen form this race ... The Malays certainly are much superior in all kinds of works where a ready imagination and genius is required ... [For] this readyness in all kinds of business they are preferred by the Dutch inhabitants of all others ... The *Bouganese* ... are employed by the butchers and for the most disagreeable offices of slavery.[18]

Sedert die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 het daar 'n verandering in die klassifikasie van Kaapse slawe ingetree. Hierna het stereotipering op grond van afkoms en ras plaasgevind. Rassebewustheid wat met verloop van die agtiende eeu aan die Kaap begin kop uitsteek het, het teen 1820 'n hoogtepunt bereik.[19] Dit blyk duidelik uit 'n beskrywing wat William Bird in 1822 van die onderskeie slawegroepe gegee het:

> Slaves at the Cape may be devided into three classes: the Negro, the Malay, and the Africander. The Negro who is the least valuable, was brought from Madagascar and Mosambique. These slaves are chiefly hewers and carriers of wood, and drawers of water, coolies, or public porters for hire, and also employed by the boers, and others, as the hardiest labourers of the field. The females are washing-women, and engaged in other employments requiring strength of limb and body.[20]

Beide die terme "Negro" en "Africander" dui op 'n rassekonnotasie. Wat die term "Africander" betref, het die kreolisering van Kaapse slawe teen die 1780's versnel tot die meerderheid slawe teen die 1820's kreools (verinheems) was en in die opsig as onder meer "Afrikanders" geklassifiseer is.[21] Die term "kreool" was sinoniem met "mulat".[22] Die terminologie "Afrikageborene" of "Van de Kaap" het veral vanaf dié tyd 'n prominente plek in die klassifikasie van die Kaapse slawe ingeneem. Bird het die sogenaamde "Afrikagebore" slaaf, wat die produk van 'n Europeërman en 'n slavin was, as die waardevolste van die slawe beskryf. Volgens hom het hulle voorkeur by die Kapenaars geniet en is gewoonlik in die huislike sfeer sowel as vir vertroulike take in die huis, winkels en goederestore aangewend.[23] In die 1780's het Francois Le Vaillant opgemerk dat die akkerbouboere die arbeid van Negerslawe bo dié van die Khoikhoi verkies het, aangesien hulle flukser, lojaler en meer

---

18 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 46 - 50.

19 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 23.

20 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

21 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape,1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 25; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 160.

22 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 25.

23 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betroubaar as die Khoikhoi was wat by vermoede van werk, weggeloop en hulle eienaars op die mees ongeleë tye in die steek gelaat het.[24]

Die stereotipering van Kaapse slawe volgens geografiese oorsprong is dus vervang deur 'n vereenvoudigde klassifikasiestelsel wat op afkoms en ras gebaseer was om by 'n oorwegend Kaapsgebore slawebevolking aan te pas.[25] Teen die negentiende eeu was dit 'n natuurlike gebruik om slawe van Afrika en Madagaskar in die landbou en veral as akkerbouers aan te wend, terwyl die slawe van Indonesië die ambagslui, die Indiese slawe oorwegend die dienslweraars en die Kaapsgebore en mulat slawe as huisbediendes en handwerklui aangewend is.[26]

Arbeidsfere en -sektore

Terwyl die geografiese herkoms en ras die toekenning van arbeid aan die onderskeie slawe beïnvloed het, het die nerings en gepaardgaande arbeidsbehoeftes van die slawebesitter binne 'n bepaalde streek die arbeidsfeer en -sektor waarbinne die slaaf hom bevind het, bepaal. Soos reeds vermeld, was daar teen die einde van die agtiende eeu streeksverskille in die Kaapkolonie waarneembaar en kon drie kultuurstreke duidelik onderskei word, naamlik die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt, die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en die oorwegend veeboer-streke van die afgeleë binneland.[27] Die slaaf het hom dus binne 'n bepaalde streek bevind waar hy òf die eiendom van die Kompanjie òf van 'n privaateienaar, wat burgers sowel as amptenare ingesluit het, was. Privaateienaars het hulle in bepaalde arbeidsektore bevind wat 'n belangrike rol in die toekenning van arbeid aan slawe binne 'n bepaalde streek gespeel het. Streek, eienaar sowel as geografiese en kulturele oorsprong of afkoms van die slaaf was dus bepalende faktore in die klassifikasie en aard van slawearbeid aan die Kaap.

1. Slawearbeid in stedelike gebied

Regering-, sowel as privaatslawe het 'n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe, sowel as handelsentrum gespeel. Arbeid het oorwegend die lewering van dienste behels, alhoewel 'n aansienlike aantal geskoolde slaweambasglui in Kaapstad woonagtig was.[28]

a. Kompanjie- of regeringslawe

Teen die middel van die agtiende eeu was 'n derde van die werkende Kaapstadse slawe in diens van die Kompanjie. Die meerderheid Kompanjieslawe het in Kaapstad gewerk, terwyl sommige by die Kompanjiesbuiteposte gestasioneer en ander aan burgers uitgehuur is.[29] In Kaapstad het die Kompanjieslawe 'n onmisbare rol in die effektiewe funksionering van die

24 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 100.

25 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 24.

26 *Ibid.*, p. 22; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

27 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 167 en 172.

28 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 36.

29 *Ibid.*, pp. 9, 39 en 83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VOC gespeel. Die meerderheid was as **algemene arbeiders** betrokke by 'n wye verskeidenheid take, soos die bou van paaie, damme en geboue, die ontbossing van veld vir die aanplant van bome en die aanlê van landerye,[30] die kap, saag en vervoer van timmer- en brandhout,[31] die kap van bouklip in die steengroewe,[32] maak van stene en teëls,[33] insameling van skulpe [34] en brand van skulpkalk; die skraap, bymekaarmaak en vervoer van sout na die Kompanjiestore [35] en die vang van springkane by Rondebosch en Rustenburg.[36] Ander was myners, grafgrawers, kruiers, riool- en vullisverwyderaars, dok- en hawewerkers, wadrywers, werkers in die store, pakhuise en skure, die graanmeulens, melkerye, stalle, waterwerke, wynkelders, bakkerye, die slagtery en kombuise.[37] In 1693 was die halfslag slaaf Andries in die slagtery werksaam, terwyl die hospitaalkombuis hoofsaaklik deur heelslag slawe, soos Asiam Chinees, Pedro Mauoa, Ninman van Balie en Meheitzou van Madagaskar, beman is. Sevelen van Madagskar het die losiekombuis bestuur.[38] Een of twee slawe is aan die koster van die Kaapse Kerk toegewys om die kerkklok op Sondae en Christelike vakansiedae te lui.[39] 'n Paar slawe was assistente van die wameester,[40] terwyl ander in die kasteel, kasernes, fortifikasies, die drukkery, by die provoos, die pompmaker, die sipier en dokter diens verrig het.[41] Slawe was ook behulpsaam met die aflaai van skeepsvrag,[42] terwyl hulle met die aankoms van vaartuie die ernstig siekes "ten dele op hunnen rug en ten dele op lichte planken" na die hospitaal moes dra.[43] Daarbenewens het Kompanjieslawe hulle plek as **hospitaalwerkers** volgestaan.[44] In 1692 word 'n halfslag slaaf en drie bandiete as hospitaalwerkers aangedui, terwyl elf regeringslawe

---

30 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 39.

31 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 82 en 83; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 193; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

32 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

33 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

34 G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 152.

35 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 308.

36 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57.

37 *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 249 en 296; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 117; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 2 - 6: Lyst van de Gouvernements Slaven en derselver Posten ... , 1802-12-30.

38 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 187

39 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 123.

40 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 249.

41 K.A.B.: SO. 7/34, pp. 2 - 5: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

42 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 376.

43 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 262.

44 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in 1802 in die hospitaal werksaam was.[45] Hulle het beide die siek Europeërs, sowel as die slawe verpleeg. Ses tot tien slaweverpleërs het mekaar dag en nag afgelos en hulle werk het die aandra van medisyne, die bediening van tee, koffie, water en maaltye, die toemaak en versorging van pasiënte in die nag, hulp aan invalides, die rapportering van verswakkende en sterwende pasiënte aan die dokter, die verskuiwing van gestorwe pasiënte uit die sale en die grawe van grafte behels. Daarbenewens moes hulle kook en bak, die hospitaal se vloer was en skrop sowel as die beddegoed was.[46] Alhoewel daar aanvanklik drie slawemans en drie slavinne as verpleërs aangestel is, is die aanwending van slavinne as verpleegsters van manspasiënte in 1716 ingevolge 'n resolusie van die Politieke Raad gestaak nadat sekere ongerymdhede tussen verpleegsters en manspasiënte aan die lig gekom het.[47] Sestien slawemans sou voortaan die rol as verpleërs vervul.[48] In 1693 was die heelslag slaaf Isaa in die apteek werksaam, terwyl Jan van die Kaap as apteekwerker gemoeid was met die uitdeel van medisyne.[49] Daarbenewens het van die Kompanjieslavinne op 'n maandelikse basis medisinale kruie vir die hospitaalapteek gepluk.[50] In 1795 was 'n slawevroedvrou in diens van die Kompanjie.[51]

Daar is veral op ambagsgebied 'n sterk beroep op slawearbeid gemaak. Reeds op 28 Desember 1676 is 'n opleidingsprogram vir **slaweambagslui** deur die Politieke Raad geloods wat in 'n resolusie verwoord is:

> Wert nog wijders in Rade g'arresteert om d' E.Comp. met ter tijt volgens de goede intentie van onse Heeren Majores in 't vaderlant wat van 't hier zijnde guarnisoen t' ontlasten bij yeder baas, 't sij smith, timmerman, metselaer &a, ten den eijnde toe te voegen twee of meer en van de gaanste swarte jongetjies die om soodanige ambagten te leeren 't bequamst bevonden worden om d' E.Comp. bij tijt en wijlen in de hand te coomen.[52]

In Maart 1681 het Rijklof van Goens 'n soortgelyke voorstel aan Simon van der Stel gemaak. Hiervolgens moes geskoolde slaweambagslui die hoogbetaalde garnisoensambagslui vervang, aangesien dit meer ekonomies vir die Kompanjie sou wees. In sy lang lys instruksies aan Simon van der Stel, het H.A. van Rheede in 1685 onder meer aanbeveel dat die 58 halfslag slawekinders wat Europeërvaders gehad het as ambagslui opgelei en op 25-jarige ouderdom vrygestel moes word. As vry persone sou die mulatte deur voortgesette arbeid aan die Kompanjie in die dringende behoefte aan ambagslui en ander opgeleide werkers voorsien.[53]

---

45 K.A.B.: SO. 7/34, p. 2: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten … , 1802-12-30.

46 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* pp. 227 - 228; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 111 - 114.

47 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 88.

48 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57.

49 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 187.

50 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 194.

51 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3.

52 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 164.

53 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I,* pp. 147 - 156 en 189.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel nie in detail uitvoering aan bogenoemde voorstelle en instruksies gegee is nie, het Kompanjieslawe wel as vakleerlinge diens in die werkswinkels verrig, waar hulle as smede, pompmakers, wabouers, kuipers, skrynwerkers, meubelbouers, saal- en tuiemakers, mesmakers, pottebakkers, kleremakers, skoenmakers en boekbinders opgelei is.[54] Daar was selfs sprake van 'n Kompanjieslaaf wat 'n kersmaker was.[55] Onder leiding van bekwame meestervakmanne het slawe die ambagte van klipkappers en -bewerkers, messelaars, pleisteraars, verwers en dakdekkers geleer.[56] Die aanvanklike fort, waarvan die bouery kort na Van Riebeeck se aankoms in Tafelbaai in 1652 'n aanvang geneem het, is nie soseer deur slawearbeid opgerig nie, aangesien die eerste aansienlike groep slawe eers in 1658 by die Kaap voet aan wal gesit het. Met die oprigting van die Kasteel met sy vyf bastions, waarvan die bouery in 1666 begin is, het slawearbeid wel 'n belangrike rol gespeel.[57] Kompanjieslawe is op 'n deurlopende basis vir bouwerk aangewend om die versterkings aan die Kaap op te knap en te vergroot.[58]

Die arbeid van Kompanjieslawe is intensief aangewend om in een van die doelstellings van die nedersetting, naamlik die verskaffing van vars vrugte, groente en ander voedselvoorrade aan besoekende Kompanjieskepe, te voldoen. Vir dié doeleindes is talle slawe in die land- of tuinbousektor aangewend. Sommige was **pluimveeversorgers**, terwyl ander as **tuiniers** en **tuinopsigters** in die Kompanjie se tuine te Kaapstad, Rondebosch en Nuweland diens gedoen het.[59] Hierdie tuine het die aandag van sekere besoekers getrek wat redelik volledige beskrywings daarvan gegee het.[60] In 1685 het Van Rheede in sy joernaal die Kompanjiestuin te Rondebosch as " 's Compagnie's boomgaert [vrugteboord]" beskryf wat deur 'n baastuinier, sewe slawe en twaalf slavinne bewerk is,[61] terwyl Mentzel in die agtiende eeu beide die tuine te Rondebosch en Nuweland as "kombuistuine" bestempel het, " ... well stocked with

---

54 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 85; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 5 - 7: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

55 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3.

56 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3; A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

57 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid- Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, pp. 237 - 238.


58 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 196.

59 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 1 - 3: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

60 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 239 - 243; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 120 - 121; S. Plummer, A foot-soldier at the Cape in 1801, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 1(2), 1946, p. 38; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 130 - 131; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 133.

61 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 103.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 45: Plan van die vermaarde Kompanjiestuin aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu, volgens 'n gravure uit Peter Kolbe se reisbeskrywing. Let op die formele uitleg, met 'n klein wingerd (s), rye bome (o,p,q,t) en groente-akkers wat deur 'n buitekanaal omring en by wyse van akwadukte natgelei is.

Uit: P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II* (Amsterdam, 1727), p. 243.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fruit trees" en geskik vir "the supply of the hospital and passing ships ..." [62] Volgens Kolbe was die tuin te Nuweland,

> tot niet anders gebruikt, dan tot een moes-tuin, om de schepen met kool, knollen, zalaat en vele andere diergelyke keukenkruiden te verzien, als zynde ten dien einde aangelegt, om dat de gene, die aan de Kaap zelf legt, tot 't beschikken van zoo veel kruiden, als de schepen van noden hebben veel te klein is.[63]

Beide tuine te Nuweland en Rondebosch het in die agtiende eeu min of meer dertig morge (67 akker) beslaan wat onderskeidelik deur ongeveer dertig slawe en slavinne, wat onder bevel van 'n "ervaren tuinman" en onder die toesig van sekere mandoors gestaan het, bewerk is. Hulle werk het onder meer spit, skoffel en die uitroei van onkruid behels.[64]

Dit was die Kompanjiestuin in die stad **(Fig. 45)** wat veral die aandag van besoekers getrek [65] en op die hoogtepunt daarvan deur Kolbe met verwondering as "den zeer beroemden groten schonen Tuin der Compagnie" [66] sowel as "de vermaardste en fraaiste" [67] besing is. Alhoewel die tuin aanvanklik aangelê is om in die basiese doelstellings van die verversingspos te voldoen deur vars groente aan verbyvarende skepe te voorsien, het dit danksy die leiding van knap Europese hooftuiniers en die deurlopende arbeid van talle slawe, mettertyd tot 'n formele siertuin in die sewentiende eeuse styl ontwikkel. Minder as 'n maand na die eerste besending slawe by die Kaap voet aan wal gesit het, was 24 Angolese slawe, wat uit twaalf mans en twaalf vroue bestaan het, in die tuin werksaam.[68] Tydens Van Rheede se besoek in 1685 het 54 slawe en slavinne onder leiding van 'n Nederlandse tuinier in die tuin gewerk.[69] Uit 'n brief wat Simon van der Stel in 1688 aan die Heeren XVII geskryf het, blyk dit dat daar in dié tyd agtien slawemans en agtien slavinne in dié tuin van ongeveer twintig morge (45 akker) gewerk het.[70] Tydens sy besoek in 1689 het J. Ovington (1654 - 1731) melding gemaak van die goedversorgde Kompanjiestuin waarin 33 slawe werksaam was.[71] Volgens dominee Francois

---

62 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 120 - 121.

63 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 239 - 240.

64 *Ibid. II*, pp. 240 en 243.

65 *Ibid.*, p. 243; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 118; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 299 - 302; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 27 en 34; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, pp. 52 - 54; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 48; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 19; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 116; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, pp. 131 - 132; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 98 - 130.

66 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 50.

67 *Ibid. II*, p. 243.

68 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 12.

69 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 183.

70 K.A.B.: C. 1381, p. 71: Uitgaande brieven, 1688-01-27 tot 1688-04-26.

71 J. Ovington, *Ovington's description of the Cape*, pp. 108 - 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Valentyn (1666 - 1727), wat die Kaap vier maal teen die einde van die sewentiende en die begin van die agtiende eeu besoek het, het 'n groot aantal slawe onder leiding van die hooftuinier, Jan de Hartog, in die Kompanjiestuin gearbei.[72] Kommissaris Simons het in 1708 vasgestel dat 72 slawe nodig is om die tuin te bewerk en in stand te hou.[73] Teen 1781 was daar reeds 75 slawe onder die hooftuinier en sy drie assistente werksaam.[74] Buiten vir die skoonhou van die tuin sowel as die aanplant, versorging, snoei en oes van gewasse, moes die slawetuiniers ook as verspieders en bewakers optree om groente- of vrugtediewe onverwyld aan die owerhede te rapporteer.[75] In 1770 het Stavorinus opgemerk dat talle opsigters en slawe moes toesien dat niemand vrugte pluk of enige van die gewasse beskadig nie, terwyl swaar strawwe vir sodanige oortredings voorgehou is.[76] Die slawe wat die Rondebosse tuin moes bewaak en snags in strooihutte skuil gehou het, was selfs van 'n kwaai hond voorsien om vrugtediewe die skrik op die lyf te jaag.[77] Die slawetuiniers in diens van die Kompanjie het ongetwyfeld 'n rol gespeel in die suksesvolle voorsiening van vars vrugte en groente aan besoekende skepe, sowel as die plaaslike Kompanjie.

Sedert 1658 is slawe as **vissers** deur die Kompanjie ingespan.[78]

In 1795 het 'n opgawe aangetoon dat sewentien slawe "in't Gouvernement" werksaam was. Hiervolgens het hulle heelwaarskynlik as **klerke** diens verrig.[79] Sekere slawe het as **onderwysers** en **matresse** in diens van die Kompanjie opgetree. In 1699 het Claas Cornelisz van die Kaap vir Jan Pasqual as onderwyser in die slawelosie vervang,[80] terwyl Daniël Rodrigo in 1707, na 'n klag deur die strydlustige ds. Le Boucq, deur die Politieke Raad van sy amp as skoolmeester onthef is.[81] Ander slaweonderwysers in die losieskool was Jan van Manda, Hans Jacob van Mariabeen en Christoffel Stents van die Kaap, wat ook as Christoffel van Simosia bekend was.[82] Wat die "matresse" of onderwyseresse betref, was Magriet van die Kaap waarskynlik die eerste halfslag vrou wat as onderwyseres in die slawelosie aangestel is.[83] Die

---

72 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 108 - 110.

73 C.G. Botha, *Collectanea*, p. 35.

74 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 150.

75 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 106; W. Dampier, *A new voyage round the world*, pp. 123 - 124.

76 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 133.

77 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 241.

78 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 24.

79 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3.

80 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 111; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 170.

81 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 10.

82 P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795*, pp. 180 - 181.

83 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 102.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Resolusies van die Politieke Raad maak ook melding van die slavinne Presenna van die Kaap, Anna van Jacoba, Armozijn (Klein Armozijn) en Manda wat "matresse" in die losieskool was.[84] Volgens 'n resolusie van 1727 het Anna van Dapoer van die Kaap vir tien jaar agtereenvolgend diens "als onder meesteres in 's Compagnies slave logie tot genoegen heeft waargenomen",[85] terwyl Christijn van die Kaap in 1728 as "matresse" genoem word.[86]

Kompanjieslawe is as **tolke** op slawevaarte en ondekkingsreise aangewend.[87] Vanaf 1672 is Malgassiese slawe in dié hoedanigheid op Kompanjieslawetogte na Madagaskar gebruik.[88] Mackadan Sijmon, 'n Arabiese tolk vir die Malgassiese taal, was uiters waardevol op hierdie ekspedisies en het as sodanig spesiale voorregte geniet.[89] Strenggesproke was hy egter nie 'n slaaf nie. Ander veeltalige slawe wat veral tydens die Malgassiese slawehandel 'n belangrike rol as tolke gespeel het, was Aje van Clumpong, wat elf tale magtig was, Moegadua van Makassar, wat agt tale, en Jongman van Bali, wat vyf tale kon praat.[90]

Slawe het voorts as **kruiers**, **gidse**, **reisassistente** en **oppassers van trekdiere** vir ontdekkingsreisigers en reisende amptenare diens gedoen.[91] Tydens sy ontdekkingsreise in 1685 na die Koperberg in Namakwaland, is Simon van der Stel deur onder meer 'n Oosterse balling, Dain Mangale, en sy dienaar sowel as drie slawe vergesel.[92] Tydens die reise wat onderkoopman Willem van Putten en kommissaris Govert Cnoll elk onderskeidelik in 1709 en 1710 na die Hottentots-Holland warmbad onderneem het, is die waens met die oorsteek van die Hottentots-Hollandberge afgelaai en die bagasie deur slawe en Hottentotte teen die steil, moeilik begaanbare bergpas uitgedra.[93] Met die aanvang van haar binnelandse reis op 5 Mei 1798, teken lady Anne Barnard die volgende oor die slawe in die reisgeselskap aan:

> " ... on the front seat of which sat the illustrious *Gasper* on his box ... Charles my little black boy ... appointed *Inspector of the baggage* to be ready to hollow out when any thing dropped ... By him was Hector ... a stupid old

---

84 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 203.

85 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 362.

86 *Ibid. VII*, p. 440.

87 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 198.

88 J.C. Armstrong, *Madagascar and the slave trade in the seventeenth century*, p. 232.

89 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 178 - 179.


90 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 29 - 30.

91 J.D. Buttner, *Johan Daniel Buttner's account of the Cape, Brief description of Natal, journal extracts on East Indies* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Heart), p. 68; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 49; Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 107.

92 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 90 - 93.

93 C.G. Botha, *Collectanea I*, pp. 60 - 78.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 46: Mentor, die gids wat lady Anne Barnard en haar geselskap tydens 'n bergklimuitstappie vergesel het, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard self. Sy het hom as "a most intellectual Slave, who knew the safest paths to ascend by" beskryf.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 46.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Slave belonging to the Coachman ... whose business it was to work thro' all questionable places, see if fords were passable ... run before to observe if the drag was necessary, and to put to rights the harness on any of the refractory leaders. Behind our waggon followed Pawell, and another Charles, a Slave of Mr. Barnards who rode his horse, and led Anne Elizabeth's stud ...[94]

In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein melding gemaak van vier slawe wat deel van hulle amptelike reis saam met kommissaris De Mist na die binneland was, "... for the service of particular members of the society, or to attend upon the horses".[95] Sommige Kompanjieslawe het as boodskappers, kruiers, assistente en **bediendes** vir besoekers opgetree. Met Kolbe se besoek aan die Kaap tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het W.A. van der Stel twee slawe as bediendes aan hom toegewys.[96] Soms is Kompanjieslawe as bediendes en gidse op daguitstappies van amptenare en besoekers saamgeneem, soos die aantal bediendes en slawe wat lady Anne Barnard en haar geselskap op 'n bergklimuitstappie teen Tafelberg vergesel het. Tydens dié klimtog het slawe onder meer die mandjies met die koue vleis en drank gedra,[97] terwyl Mentor **(Fig. 46)** as gids van die bergklimgeselskap opgetree het. Tydens 'n ekskursie na die kruin van Tafelberg is Burchell en sy geselskap ook deur 'n paar slawe vergesel.[98]

Kompanjieslawe het soms as **soldate** 'n militêre funksie vervul in die verdediging van die nedersetting teen die Khoikhoi.[99] Tydens brande is beide Kompanjie- sowel as burgerslawe opgekommandeer om as **brandbestryders** op te tree.[100]

Die sogenaamde *kaffers* of **polisieslawe** was 'n omstrede groep Kompanjieslawe wat oorwegend van Oosterse afkoms was.[101] Beide die amp en naam het in Batavia bestaan en is netso aan die Kaap oorgeneem.[102] In Batavia was die *kaffers* egter slawe uit Afrika. As die uitvoerende arm van die fiskaal, was hulle as assistente van die "geweldiger" (polisie-offisier) die wetstoepassers en vonnisvoltrekkers op beide Europeërs en slawe wat hulle uiters ongewild by albei groepe gemaak het. Hulle is veral deur die slawe gevrees en gehaat. Die

---

94 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 299.

95 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, pp. 10 - 12.

96 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 50.

97 Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 46.

98 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*, pp. 39 - 40 en 48.

99 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 120; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 60; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 194.

100 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 90 - 93; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 116 en 133 - 134; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

101 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 190; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 108; *Ibid. II*, p. 124; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, pp. 4 - 5; K.A.B.: SO. 7/34, p. 8: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

102 J. la Bree, *De rechterlijke organisatie en rechtsbedeling in Batavia in de XVIIe eeuw*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 47: Die Kaapse laksman, volgens 'n skets deur lady Anne Barnard. Alhoewel hy deel was van die ongewilde en omstrede sogenaamde "kaffers" of polisieslawe, het dié aantreklike laksman, volgens lady Anne Barnard, respek afgedwing deurdat hy die veroordeeldes "in a far *Superior Style*" as sy voorganger gehang het.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wapens wat hulle gedra het, het uit 'n swaard met 'n ysterhandvatsel en 'n "palang" of swaar knuppel bestaan, terwyl hulle grys uniform 'n baadjie met blou lapelle, sowel as 'n onderbaadjie en broek behels het.[103] Terwyl ander slawe streng aan die aandklokreël onderworpe was en belet is om enige wapens te dra, was dit die *kaffer*-slawe se taak om die Kaapse strate dag en nag gewapend te patrolleer, die aandklokreël af te dwing, orde te handhaaf [104] en oortreders te straf.[105] Slawe wat die openbare wette op straat oortree het of onwettig hout in die Tafelvallei gekap het,[106] kon lyfstraf wat soms met toue deur die *kaffers* toegedien is, te wagte wees.[107] Daarbenewens moes hulle die smokkelhandel hok slaan [108] en die besigheidspersele van tappers en brouers gereeld inspekteer om wanpraktyke, soos die verwatering van drank, te bekamp.[109] Hulle was die amptelike arresteerders van kriminele en die toedieners van lyfstraf,[110] terwyl hulle ook toesighouers oor die veroordeelde slawe by die trapmeule was. In sy beskrywing van die trapmeule het Teenstra in 1825 die *kaffers* onvleiend as "policiedienaar[s] ... , over het algemeen zeer slordig gekleed, groote zuipers en ongevoelige schepsels" beskryf.[111] Die *kaffers* was dus oor die algemeen nie van onbesproke karakter nie en het die wet meesal op 'n growwe wyse, sonder aansiens des persoons, op alle inwoners en besoekers afgedwing wat ongetwyfeld tot hulle ongewildheid bygedra het.[112] As assistente van die vonnisvoltrekker was die *kaffers* gemoeid met die toepassing van die ongenaakbare strawwe wat deur die Kaapse howe opgelê is. Talle vonnisse is afgesluit met die bewoording "om aan die vonnisvoltrekker oorhandig te word en deur die *kaffers* geslaan te word".[113] Grusame voltrekkings van die doodstraf is deur die *kaffers* uitgevoer wat onder meer radbraking, kruisiging, verminking, verwurging, verbranding en die hang van veroordeeldes behels het.[114] Teen die einde van die agtiende eeu het lady Anne Barnard egter die Kaapse laksman **(Fig. 47)**, wat ook die "eggenote" van die onderkok in die Barnard-huishouding was, as aantreklik met "one of the best, most spirited and sweetest countenances I have seen amongst the Slaves" beskryf.[115] Voorts het hy respek afgedwing "as he never distressed the criminals who were to be executed by any blunder, but hanged them up

---

103 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124.

104 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

105 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 7; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek IV*, p. 249; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 216; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 316 - 317.

106 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 104 - 105.

107 *Ibid. III*, p. 64.

108 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 109.

109 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 104 - 105.

110 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

111 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 309.

112 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 191.

113 *Loc. cit.*

114 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 169 - 185.

115 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in a far *Superior Style* as I was told to his predecessor".[116] In 1802 het twee regeringslawe die taak as "scherpregters" aan die Kaap gehad.[117] Daarbenewens was hulle verantwoordelik vir die grusame en bisarre tentoonstelling van die lyke van veroordeeldes wat as waarskuwing aan voornemende oortreders moes dien.[118] Soos reeds elders vermeld, was die *kaffers* verantwoordelik vir die toediening van lyfstraf aan slawe in privaatbesit wat deur hulle eienaars weens huishoudelike oortredings na die fiskaal gestuur is.[119] Vir hulle werk is dié slawe met kleinerige toegifte beloon.[120]

Die *kaffers* het hulle gedurende die agtiende eeu telkens self aan wetsoortredings skuldig gemaak.[121] Nadat 'n *kaffer* van Oosterse herkoms in 1786 amok-gehardloop en verskeie mense gedood het,[122] het die Politieke Raad kort daarna besluit om die Asiërs se dienste as *kaffers* op te skort en ander meer geskikte slawe of swartes vir dié werk aan te wend.[123] Dié resolusie is nooit ernstig opgeneem nie, want teen 1795 was die meeste *kaffers* steeds van Asiatiese herkoms.[124]

Sekere Kompanjieslawe is as ***onderbaasen*** aangestel wat plaaslike jurisdiksie oor die Kompanjie se arbeidsmag gehad het.[125] Dit was 'n algemene gebruik om mulat slawe as *onderbaasen* of toesighouers aan te wend. In 1693 is daar melding gemaak van "Jacob Cornelisz, mulat" wat in beheer van vier slawemans en ses slavinne by die Kompanjiesbuitepos te Rondebosch was.[126]

Die ***mandoors*** was mulatte of kreoolse slawe wat in die slawelosie gebore en opgegroei het.[127] Die term *mandoor* is afgelei van die Portugese *mandador* wat voorman, opsigter of drywer beteken.[128] 'n Resolusie van 8 April 1710 maak melding van Johannes Kemp wat in 1693 deur

---

116 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

117 K.A.B.: SO. 7/34, p. 8: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

118 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 193.

119 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 174; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

120 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124.

121 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 329.

122 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, pp. 4 - 5.

123 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requests (Memorials) I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 20 en 22.

124 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 5.

125 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 180.

126 *Loc. cit.*

127 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 180.

128 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behorende II*, p. 243.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Simon van der Stel as *mandoor* in die slawelosie aangestel is,[129] terwyl hy in 1705 as *mandoor* van die slawemesselaars genoem word.[130] In 1710 was daar volgens Slotsboo se verslag nege *mandoors* in die slawelosie,[131] terwyl ses regeringslawe in 1802 diens as *mandoors* verrig het.[132] 'n Streng militêre roetine is ten opsigte van die losieslawe gehandhaaf. Soggens om ses-uur moes elke *mandoor* met sy groep slawe waaroor hy aangestel is, in die vierkant van die losie vergader.[133] 'n Opname in 1714 het aangetoon dat daar net sewe *mandoors* onder die losieslawe was en dat elk 'n gemiddeld van 66 slawe onder sy toesig gehad het.[134] Na die oggendbyeenkoms het die slawe die losie verlaat om onder toesig en beheer van die *mandoors* hulle dagtaak te verrig. Saans om ses-uur het hulle na die losie teruggekeer waar die *mandoors* die naamrol van hulle onderskeie slawekompanjies afgelees het. Die *mandoors* was verantwoordelik vir die handhawing van orde en dissipline in die losie.[135] Snags moes hulle die kombuis bewaak en enige onreëlmatigheid soggens aan die losie-owerhede rapporteer.[136] Die slawelosie is op 'n daaglikse basis deur die *mandoors* geïnspekteer.[137] Daarbenewens was hulle verantwoordelik vir die uitdeel van klererantsoene aan die Kompanjieslawe. Veeltalige *mandoors* het as spioene in die sekuriteitstronk van die Kompanjie of die donkergat opgetree. In 1705 is 'n *mandoor* wat Chinees kon verstaan in 'n sel saam met 'n bende Chinese boosdoeners geplaas, waarop die bende skuldig bevind en tereggestel is op grond van inligting wat deur die betrokke *mandoor* aan die owerhede verskaf is. Die *mandoors* het spesiale voorregte, soos aparte slaapkwartiere, 'n dubbele kleretoelaag sowel as kleiner persoonlike items, geniet.[138]

Naas die *mandoors* was die ***officier jongens*** volgende in die losiehierargie. Hulle was in beheer van alle slawemans. Tussen 1718 en 1821 was daar een *officier jonge* vir elke vyf tot agt slawemans. Buiten die klererantsoene het hulle alle rantsoene van alle losieslawe hanteer.[139] Nes die *mandoors* het hulle 'n groter kleretoelaag as die ander losieslawe ontvang.[140]

Terwyl die losieslavinne bedags onder toesig van 'n *mandoor* buite die losie gewerk het, was hulle binne die losie onder toesig van die **losiematrone**.[141] Twee matrones wat by name in dokumentasie voorkom, is Christina Magdalena Smith en Johanna Sophia Maria Fatima van

---

129 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 164.

130 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 181.

131 Kaapse Argiefbewaarplek: C. 2419, pp. 14 - 15: Huishouding van E. Comp, 1710.

132 K.A.B.: SO. 7/34, p. 7: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten … , 1802-12-30.

133 K.A.B.: C. 2419: Attestatiën: Weggens d' huijshouding van d.E. Comp. Slawe Logie, 1710-02-13.

134 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 182.

135 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 202.

136 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 65.

137 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 182.


138 *Ibid.*, pp. 181 - 182, 183 en 184.

139 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 183 - 184; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

140 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 184.

141 *Ibid.*, p. 198.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 48: Die onderkok of "La Belle Cuisiniere" in die huishouding van lady Anne Barnard, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard self.
Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 51.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Kaap.[142] Onder die losiematrone was die ***ondermeesteres***, wat gewoonlik 'n mulat slavin was.[143]

Die vroulike ***officiere*** het elk 'n gemiddeld van 79 werksmeisies onder hulle toesig gehad en het net soos hulle manlike eweknieë meer klere as die ander slavinne ontvang.[144] Die ***binnen-moeders*** is onder meer die taak opgelê om die jong slavinnetjies in naaldwerk te onderrig.[145] Deur naaldwerk vir die vryburgers te doen, kon die losieslavinne sakgeld verdien. Hulle moes hulle dienste gratis aan die lede van die Politieke Raad en dié se vrouens beskikbaar stel.[146] *Binnenmoeders* het ook na die jong slawekinders in die bewaarskool en hospitaal omgesien.[147] Die *binnen-* sowel as ***buijtenmoeders*** was gemoeid met die maak van sop en het algemene hulp in die hospitaal verleen.[148] By geleentheid het die Kompanjie die *binnenmoeders* oor toestande in die losie geraadpleeg.[149] Alhoewel dit op 'n sekere mate van gesag dui, het hulle nie dieselfde bevoorregting ten opsigte van rantsoene geniet as die ander slawe in gesagsposisies nie.[150]

'n Paar begunstigde slavinne, sowel as slawemans het as **huisbediendes**, **kokke** en **lyfknegte** diens in die huise van die goewerneur en ander belangrike amtpenare, soos die predikante van die Kaapse Kerk, verrig.[151] Tydens die Eerste Britse Besetting is drie tot vier losieslavinne aan die huishouding van lady Anne Barnard toegeken, waaronder die "eggenote" van die laksman wat as onderkok diens gedoen het en na wie sy as "La Belle Cuisiniere" verwys het **(Fig. 48)**.[152] In 1802 is 'n manlike Kompanjieslaaf aan die huishouding van staatsekretaris Andrew Barnard (1762 - 1807) toegeken.[153] Uit 'n skildery wat in 1760 van kaptein Hendrik Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen, en sy twee kinders gemaak is **(Fig. 29)**, blyk dit dat elke lid van die gesin 'n lyfbediende gehad het. Sommige Kompanjieslavinne is as **soogvrouens** of ***minnemoers*** aan amptenare verhuur, soos die gevalle van die fiskaal Diderik Johan Schook wat in 1755 versoek het om Mina van Batavia as voedster vir sy baba na Nederland saam te neem en van die slavin Catryn wat as soogvrou in diens van kaptein Hendrik van der Graaf van

---

142 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requests (Memorials) I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 247.

143 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 362.

144 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 199.

145 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 49.

146 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 171.

147 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 199 - 200.

148 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700,* p. 49.

149 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 89.

150 K.A.B.: C. 2431, folio 376: Attestatiën, 1719-08-01; C. 2433, folio 253: Attestatiën, 1720-10-06 of 16.

151 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 96; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 136.

152 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

153 K.A.B.: SO. 7/34, p. 1: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten … , 1802-12-30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Artillerie was. In 1789 het Van der Graaf in die vrystellingsreëlings van beide Catryn en haar moeder Hanna die deugde van Catryn as soogvrou van sy babaseuntjie besing. In ruil vir Catryn se vryheid het Van der Graaf 'n gesonde slaaf aan die Kompanjie aangebied.[154]

Kompanjieslawe het tydens onthale en "scheydsmale" as **musikante** opgetree.[155] Tydens sy kort besoek aan die Kaap in 1676 het Abraham van Riebeeck melding gemaak van die tafelmusiek tydens die onthaal wat deur goewerneur Joan Bax aangebied is. Die musiek is verskaf deur 'n swart hofmeester wat die "teorbéharp" en 'n jong slaaf wat die luit bespeel het. Volgens Van Riebeeck het die swart hofmeester hom uiters goed van sy taak gekwyt "voornamelijk in de loopjes ende in de praeludia, die hij meesterlijk speelde; dog hij speelde nooyt uyt noten, maer al van buyten".[156] 'n Week later tydens sy afskeidsmaal is Van Riebeeck weereens onthaal op die "musykgelyt van de harpe en tiorba" wat deur die slawemusikante verskaf is.[157] In die agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat die tafel- en dansmusiek tydens huweliksonthale deur "de Muzikanten van den Heer Gouverneur" of deur huishoudelike slawemusikante verskaf is.[158]

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van Kompanjieslawe in Kaapstad blyk dit dat hulle as arbeidsmag van die Kompanjie 'n groot verskeidenheid take verrig het en as sodanig 'n belangrike rol in die voorsiening in die arbeidsbehoeftes van die Kompanjie gespeel het. Tydens die sewentiende en agtiende eeu het hulle 'n belangrike bydrae tot die suksesvolle funksionering van Kaapstad as verversingspos, administratiewe setel en handelsentrum gelewer. Danksy die arbeid van die Kompanjieslawe is die voortbestaanskrisis van die nedersetting in die beginjare afgeweer en sou hulle onteenseglik 'n betroubare en belangrike bron van goedkoop arbeid vir die besparingsbewuste Kompanjie wees.

b. Privaatslawe

Teen die middel van die agtiende eeu was daar ongeveer 1 203 slawe in privaatbesit in Kaapstad teenoor die 506 Kompanjieslawe.[159] Kaapstadse privaatslawe het aan vryburgers, vryswartes, sowel as aan Kompanjiesamptenare behoort [160] en het hulle hoofsaaklik binne drie arbeidsektore, naamlik die huishoudelike, produksie- en besigheidsektor bevind. Alhoewel daar na die 1820's wel 'n groter mate van arbeidsverdeling was,[161] is die arbeid van privaatslawe in die stedelike gebied, veral in die kleiner huishoudings, deur oorvleueling van take gekenmerk. 'n Enkele slaaf moes in sommige gevalle 'n wye verskeidenheid take verrig wat in 'n sekere sin

---

154 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 308.

155 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 92.

156 J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 48; J. Bouws, *Solank daar musiek is ...* , p. 11; J. Bouws, Slawemusiek in vergange se dae, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10; R. Raven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702: The first fifty years of Dutch colonization as seen by callers I*, p. 194; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 92.

157 J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 52; J. Bouws, Slawemusiek in vergange se dae, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10.

158 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 306.

159 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 157, n. 83.

160 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 140.

161 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die veelsydigheid van die Kaapstadse slaaf beklemtoon. In die 1850's het die gegoede Kaapstadse burger en bibliofiel, Joachim von Dessin, so 'n veelsydige slaaf aangekoop. Jason van Madagaskar was 'n bekwame kok wat "kooken kan, als meede ook alderhanden gebacken van taartens, banketten, marsepijnen, en ander zuijkerwerk weet te maaken, ook kan denselven op de fluijt, hobooij en waldhoorn speelen ...". [162] Inderdaad 'n goeie kopie!

Tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) het kaptein Robert Percival opgemerk dat die slaaf wat sy eienaar aan tafel bedien het, ewe knap met die naald, els, byl, skaaf, troffel en kwas was.[163] Lichtenstein was in die eerste dekade van die negentiende eeu veral deur die veelsydigheid van die privaatslawe beïndruk: "At a nod the cook exchanges his saucepan for a flute, the groom quits his curry-comb and takes his violin, and the gardener throwing aside his spade sits down to the violoncello." [164]

In die huishoudelike sfeer van veral die groter huishoudings was daar 'n neiging tot arbeidsverdeling,[165] terwyl 'n slaaf in die kleiner huishoudings oor die algemeen 'n verskeidenheid take moes verrig.[166] In die *Slaweregister* is talle aanduidings van slawe wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu vir meer as een taak in die huishouding verantwoordelik was. In 1817 het drie van die slavinne in die huishouding van Henry Alexander elk twee take gehad. Rachel van die Kaap was beide huisbediende en naaldwerkster, terwyl Jacoba van die Kaap huis- sowel as kinderbediende was en Eva van die Kaap die take van naaldwerkster en kinderoppasser moes verrig.[167] In die huishouding van Johanna Brink het Regina van die Kaap die kook- sowel as naaldwerk behartig.[168] Africa van die Guinese kus het as koetsier sowel as kok in die huishouding van Hendrik Blanckenberg diens verrig.[169]

Die lewering van huishoudelike dienste was een van belangrikste funksies van stedelike slawe.[170] Volgens De Jong was daar in die 1790's tien tot twaalf slawe in die gemiddelde Kaapse huishouding,[171] terwyl Percival tydens die Eerste Britse Besetting opgemerk het dat byna alle gegoede huishoudings tien tot vyftien en selfs twintig slawe gehad het en dat daar in die minder gegoede huishoudings ses tot twaalf slawe in diens was.[172] In 1806 het Hudson waargeneem dat selfs die stedelike huishouding van 'n pasgetroude paartjie tien, twaalf en twintig slawe gehad het.[173] In 1825 het ook Teenstra na die talrykheid en onmisbaarheid van

---

162 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 60.

163 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

164 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34.

165 K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35: Register of Slaves, Cape Town and district, 1816 - 1838.

166 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 209.

167 K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

168 K.A.B.: SO. 6/13, p. 26: Register of Slaves, 1816-05-29.

169 K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.


170 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

171 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 143.

172 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 283.

173 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 49: Die Roggebaaise vismark aan die mond van die Varsrivier, waar slawestuurjongens die vis vir die Kaapse huishoudings moes gaan haal, volgens 'n pen-en-inktekening in 1833 deur die amateurkunstenaar, sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 3131.


Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 116.




Figuur 50: Groentemarkplein – handelsentrum en algemene bymekaarkomplek van Kaapse slawe wat gekoop, verkoop en sosiaal verkeer het en vanwaar vars vrugte en groente deur die stuurjongens vir die huishoudings gehaal is, volgens 'n pen-en-inktekening deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 2999.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 51: 'n Waterhalerslaaf, volgens 'n tekening deur D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/101.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 119.



Figuur 52: Kaalvoet waterdraers, volgens 'n tekening deur D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/6.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 53: Die klassieke wyse waarop 'n swaar waterhouer deur twee Kaapse slawe gedra is, volgens 'n waterverftekening deur Henry Clifford de Meillon in die eerste helfte van die negentiende eeu in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.


Uit: Anna H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 72.



Figuur 54: Die geroesmoes van waterhalers by die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht, volgens 'n tekening in 1833 deur sir Charles D'Oyly in die Fehr-versameling, Kaapstad.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 55: Die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat, op die hoek van die Zorgvliet-tuin, volgens 'n waterverftekening in 1824 deur die kunstenaar J.F. Cromfield.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe in die Kaapse huishouding verwys.[174] De Jong het 'n omvattende, alhoewel nie volledige weergawe van die arbeidsverdeling tussen slawe van 'n redelik gegoede Kaapse huishouding gegee:

> Een of twee jongens moeten dagelijks hout halen en besteden daar den gantschen dag toe. Als de vrouw van het huis uitgaat moeten 'er twee jongens tot de draagstoel zijn. De slaaf, die kok is, heeft in de kombuis een handlanger bij zich. Een doet dagelijks het vuilste werk, alzoo men geen doorloopende gemakkenheeft; en twee zijn huisslaven. Vele Kaapsche vrouwen niet gaarne zonder meid in haar kamer slapende, zoo wordt 'er daar alleen eene voor gehouden, die, beter gekleed dan de anderen, te gelijk de post van kamenier waarneemt, en het Psalm-Boek achterna draagt, als men naar de kerk gaat. Zijn 'er kinderen, zoo heeft ieder of somtijds twee dochtes te zamen eene meid. Voor een klein kind is 'er een alleen noodig. Nu ontbreekt 'er nog eene, die wast, die bedden opmaakt, eene naaister, eene brijdster, waarmede 'er altoos drie en vier worden bezig gehouden, en nu heb ik nog niets voor de stal.[175]

Voorafgaande beskrywing dien as raamwerk vir 'n meer volledige bespreking van die onderskeie take van huishoudelike slawe in Kaapstad. As aanvulling dien Hudson se beskrywing in 1806 van die slawe en hulle onderskeie take in die huishouding van 'n pasgetroude Kaapse paartjie.[176]

Wat huishoudelike arbeid betref, word tussen buitenshuise en binneshuise take onderskei. Van die buitenshuise take wat deur die **slawestuurjongens** verrig is, was die haal van pluimvee, vis, groente, water en vuurmaakhout. Pluimvee moes by die nabygeleë plase gehaal word,[177] terwyl vis by die vismark[178] **(Fig. 49)**, vrugte en groente by Groentemarkplein **(Fig. 50)** en water vir huishoudelike gebruik deur een of twee slawe [179] **(Fig. 51, 52 & 53)** by die fontein op die Parade,[180] die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht[181] **(Fig. 54)** die pomp op Groentemarkplein[182] **(Fig. 42)** en die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat [183] **(Fig. 55)**, gehaal is. Behalwe vir water by die "daartoe gemaakte fontijnen, op het plein binnen 't Casteel, [en] de waterbakken aan 't hooft" is dit ook, volgens 'n plakkaat van 1708, deur slawe "uijt de loopende rivieren" [184] geskep. Slawe van huishoudings aan die bo-punt van Kaapstad moes

---

174 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 372, 373 en 395.

175 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* pp. 143 - 144.

176 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

177 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 101.

178 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159; C. Pama, *Regency Cape Town,* p. 52.

179 G.M. Theal, *History of South Africa V*, p. 246.

180 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 128; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 118 en 133.

181 C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 25.

182 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 118.

183 A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana*, p. 91.

184 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II,* p. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 56: Plesierige stuurjongens of bodes, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/74.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeveer 'n half myl (800 meter) loop en 'n hele aantal ure bestee om water by die Parade – wat tussen die dorp en die Kasteel geleë is – te tap en in emmers aan 'n juk oor hulle skouers na die huishoudings aan te dra.[185] As belangrikste watervoorsieningsbron aan die dorp se inwoners, [186] was daar 'n voortdurende toeloop van **waterhalers** wat heeldag om 'n waterbeurt by die pomp gestry, gestoei en baklei het.[187] Volgens die fiskaal het die ongeveer duisend slawe, wat die pomp op 'n deurlopende basis besoek het, die aanstelling van twee polisiemanne om vrede en orde te handhaaf, genoodsaak.[188] Slawestuurjonge en **kruiers** het ook as draers van ware en boodskappe opgetree **(Fig. 56)**. In 1819 is Abraham van die Kaap in 1819 as 'n kruier van Abdol Rachmat in die *Slaweregister* aangeteken,[189] terwyl Anthony van die Kaap in 1825 as kruier van Abdol Ganie van Ambon gelys is.[190]

Die kap en bymekaarmaak van brandmateriaal deur die **brandgoedhalers** was 'n minder aangename taak wat uitsluitlik op die skouers van een, twee of selfs drie sterk slawemans van oorwegend Mosambiekse herkoms in die huishouding gerus [191] en hulle 'n hele dag lank besig gehou het.[192] Die eerste slawe wat lady Anne Barnard met haar aankoms by die Kaap opgeval het, was die houthalers wat die aand oor 'n afstand van 8 tot 10 myl (ongeveer 13 tot 16 kilometer) met bondels hout aan weerskante van 'n paal oor hulle skouers, na die huishoudings van hulle meesters teruggekeer het. In haar joernaal het sy 'n simpatieke en insiggewende prentjie van die voorkoms en daaglikse lot van 'n Kaapse houthalerslaaf geskets:

> " ... the poor fellow sets off each morning before day break, without shoes or Stockings, and but a very scanty proportion in general of other covering, each has a handkerchief tied around his head, chiefly of a crimson check pattern, the only bit of clothing that a slave is rarely seen without, he carries with him his provisions for the day which he eats when he gets to the farthest point of his Journey. Sleeps a few hours during the heat then searches about for wood to load his pole ... to which at each end he ties his bundle of faggots, and heavy would the double load be, were it not that one of the bundles is his own he sells it therefore for his private use, ...[193]

Van die slawe wat in die negentiende eeu sekere Kaapstadse huishoudings van hout moes

---

185 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 392; B.F. von Bouchenroeder, *Beknopt berigt nopens de volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop*, p. 157.

186 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

187 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 392.

188 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 54.

189 K.A.B.: SO. 6/12, p. 65: Register of Slaves, 1819-11-10.

190 K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1825-05-04.

191 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1792, I*, pp. 141 en 143; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 20; G.M. Theal, *History of South Africa V*, p. 246.

192 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1792, I*, pp. 41 en 43; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 70.

193 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 157.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsien, was onder meer Thomas van Mosambiek,[194] April van Mosambiek[195] en Demiso van Mosambiek.[196] Weens 'n toenemende tekort aan die natuurlike houtvoorraad, was brandhout inderdaad 'n skaars en waardevolle kommoditeit in Kaapstad en die bymekaarmaak daarvan 'n tydrowende en veeleisende taak.[197] Dit het tot gevolg gehad dat slawe soms oor afstande van drie tot vier ure [198] of vyf tot twaalf myl (agt tot twintig kilometer)[199] vanaf Kaapstad brandhout moes bymekaar maak. Dit het onder meer die uitgrawe van kreupelhoutwortels *(Leucospermum conocarpodendron)* in die sanderige Olifantsvallei tussen die Tygerberg en Valsbaai behels.[200] Andersins is hout te voet teen die rotsagtige hange en in die klowe agter Tafelberg in die Houtbaai-omgewing [201] en aan die voet van die berge rondom Kaapstad versamel. Die kaal voete van die houthalers is erg deur die laaggroeiende, doringagtige *ziekte-troost* bossie verniel.[202] Brandmateriaal wat bymekaar gemaak is, het volgens Thunberg onder meer "... stems and roots of the Protea grandiflora, conocarpa, speciosa, hirta mellifera and argentia, a few species of Erica and some sorts of Brunia" behels.[203] Voorts is die Kaapse brandgoed deur Valentyn as "eenig slegt kreupelbosch ... stronken en knoesten" beskryf.[204] Silwerboomhout is ook vir branddoeleindes aangewend.[205] Tydens hierdie moeisame houtsoekogte het slawe hulleself in die winter soms om 'n vuurtjie warm gemaak, 'n pypie gerook en gesels,[206] terwyl hulle hulle daaglikse voedselrantsoen van brood met skaapstertvet en 'n porsie gedroogde vis geëet het.[207] Groepies houthalers het soms in die Kaapstadse strate gedobbel, musiek gemaak en gelawaai.[208]

Benewens brandhout, is ook timmerhout deur die slawe teen die berghange versamel.

---

194 K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21.

195 K.A.B.: SO. 6/12, p. 45: Register of Slaves, 1817-02-06.

196 K.A.B.: SO. 6/13, p. 55: Register of Slaves, 1816-07-01.

197 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 141; *Ibid. II,* p. 67; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 295 - 296; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 54; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 122.

198 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797,I,* p. 141.

199 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287; *Gleanings in Africa,* p. 59.

200 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 91; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 122 - 123.

201 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 87; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 48; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 20; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 122.

202 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 123 - 124.

203 *Ibid.*, p. 160.

204 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende II,* p. 216.


205 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 19; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* p. 67.

206 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 39.

207 *Gleanings in Africa*, p. 59.

208 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 53.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 57: Brandhouthalers, volgens 'n waterverftekening van H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 92.



Figuur 58: 'n Wavrag brandgoed na 'n uitputtende dag in die platteland, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/9.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 95.



Figuur 59: 'n Wasgoedslavin, heelwaarskynlik van Mosambiekse afkoms, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/22.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 123.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wegloperslawe het dié taak vergemaklik deur, in ruil vir brood, vleis en vis, timmerhout vir die slawe te kap en dit in bondels teen die berg te laat afrol waar die slawe dit makliker kon bereik en in drabare bondels aan die twee punte van 'n vyfvoet (byna twee meter) lange bamboespaal kon bind. Met die paal – soos 'n juk oor hulle skouers gebalanseer – het die houthalers na 'n dag se harde werk die laaste tog na die stad op 'n drafstap afgelê.[209] Talle houthalers, wat veral Maleierslawe en slawe van Afrika en Madagaskar ingesluit het,[210] was saans met swaar vragte brand- of timmerhout **(Fig. 57)** of wavragte vol brandgoed **(Fig. 58)** [211] op die grootpad na Kaapstad op te merk.[212] Na hulle vrystelling het sommige slawe houthandelaars geword. In 1835 is Adam van die Kaap, Jonas van Ceylon en Rabia van die Kaap as houthandelaars in die *Kaapsche almanak en naamboek* gelys.[213]

'n Belangrike taak wat deur een van die slawemans in die Kaapstadse huishouding behartig is, was die verwydering van nagvuil, "alzoo men geen doorlopende gemakken heeft", aldus De Jong.[214] Wetgewing wat slawe verplig het om nagvuilbalies "nergens anders dan aan het strand in zee ... uijt te gieten" is ingevoer nadat hulle dit geriefliker gevind het om nagvuil sommer in die kanale te stort.[215] Hulle taak het ook die verwydering van alle huishoudelike afval behels.[216]

Wasgoedslawe was onontbeerlik in die Kaapse huishouding. Die fisiese krag en uithouvermoë van die Mosambiekse slavinne hulle veral as wasvrouens **(Fig. 59)** geskik gemaak.[217] Etlike Mosambiekse slavinne wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu in besit van Kaapstadse burgers, amtpenare en vryswartes was, is as wasgoedslawe in die *Slaweregister* aangeteken. Van hulle was onder meer Lea van Mosambiek,[218] Hanna van Mosambiek,[219] Rachbat van Mosambiek,[220] Roosje van Mosambiek,[221] Lea van Mosambiek,[222] Johanna van

---

209 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 90.

210 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 289; I.E. Edwards, *Towards emancipation*, p. 16.

211 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 123; Lady A. Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 38; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 70; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 288; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 20.

212 *Gleanings in Africa*, p. 59; Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 157.

213 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 46 en 59.

214 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

215 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 163.

216 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 9.

217 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 53.

218 K.A.B.: SO. 6/30, p. 30: Register of Slaves, 1816-05-29.


219 K.A.B.: SO. 6/12, p. 10: Register of Slaves, 1816-05-31.

220 K.A.B.: SO. 6/12, p. 15: Register of Slaves, 1816-06-20.

221 K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1816-09-09.

222 K.A.B.: SO. 6/12, p. 37: Register of Slaves, 1816-11-14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 60: Wasgoedslavinne besig met hulle taak aan die bo-punt van 'n vlak rotsagtige stroompie by Platteklip, hoër op aan die voet van Tafelberg, volgens 'n pen-en-inktekening in 1832 deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 3015.


Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 40.



Figuur 61: Die "klipslaan"-wasmetode, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 84.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 62: Wasgoedslavinne besig met die "moorddadige wasschen" van wasgoed, soos die Kaapse wasmetode deur M.D. Teenstra beskryf is, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. A 74/2539/8.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 94.



Figuur 63: Wasgoedslavinne al geselsend en wassend in 'n vlak stroompie volgens 'n litografiese tekening deur J.C. Poortermans.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of litographic drawings, containing views, characters, plants, etc., of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), plaat 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mosambiek, [223] Cathryn van Mosambiek, [224] Sara van Mosambiek, [225] Philida van Mosambiek [226] en Regina van Mosambiek.[227] Alhoewel die meerderheid wasgoedslawe van Mosambiekse afkoms was, is ander slawe ook vir die werk aangewend.[228] Soms het slawemans die wasgoed in die huishouding hanteer, soos die geval van Jason van Mosambiek, wat in diens van Jan Frederik Beck was, [229] en Alves van Batavia, wat die wasgoedslaaf in die huishouding van weduwee Margaretha de Bruin was.[230]

Wasgoed is gereeld deur die slawe aan die bo-punt van 'n vlak rotsagtige stroompie hoër op aan die voet van Tafelberg by Platteklip gewas **(Fig. 60)**.[231] Mentzel het dié deel van die stroom as "the regular wash house for the soiled linen of the town" beskryf. [232] Die pad wat na hierdie natuurlike wasplek by Platteklip gelei het, staan vandag as die Ou Slawewandelpad bekend. Op mooiweersdae was daar ongeveer 'n honderd slawe besig om die wasgoed van die Kaapstadse huishoudings by dié natuurlike "washuis" te was. Die wyse waarop wasgoed gewas is, is deur besoekers vreemd en ongewoon gevind, aangesien dit aansienlik van die Europese wasmetode verskil het.[233] In die agtiende eeu het die susters Lammens na die bergstrome verwys waar al die linne gewas word en "tegen steene trappen so lang met Spaanse seep word geslagen tot [het] schoon is, en komt thuijs soo wit als sneeuw, maar of het heel is, laat ik den leser oordeelen".[234] Met verwondering het Teenstra dié "moorddadig wasschen" deur die slawe beskryf: " ... in plaats van tusschen de vuisten, schuurt men de kleedingstukken op eene groote klip ... en niet zelden tusschen twee rotsteenen; ook slaat men met zijne volle kracht op de kleederen, dezelve bij het eene einde nemende, op die klippen, dat de knoopen in de lucht vliegen." [235] J.C. de Meillon, Charles D'Oyly en J.C. Poortermans het afbeeldings **(Fig. 61, 62 & 63)** van dié wasmetode deur die slawe gemaak. Die wasgoed is eers in die vloeiende stroompie met 'n klip daarop geplaas om deeglik nat te word. Hierna is elke kledingstuk teen 'n rots of die plat klip skoongeslaan, terwyl dit gereeld in die water gedoop is. Die kledingstukke is dan met seep ingevryf en elke artikel op die gras oopgesprei om in die son te bleik, terwyl dit deurentyd klam gehou is. Na 'n paar uur is die wasgoed weereens in die stroom gedompel en teen die rotse geslaan om die seep te verwyder. Daarna is dit uitgespoel en op die gras oopgesprei om droog te word. Die meerderheid wasgoed was van Oos-Indiese katoen en het na dié wasproses spierwit daaruitgesien. Die hemde en onderklere is nie gestryk

---

223 K.A.B.: SO. 6/12, p. 1: Register of Slaves, 1817-06-25.

224 K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

225 K.A.B.: SO. 6/12, p. 45: Register of Slaves, 1817-02-26.

226 K.A.B.: SO. 6/12, p. 52: Register of Slaves, 1817-03-29.

227 K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1819-03-30.

228 K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1816-05-10.

229 K.A.B.: SO. 6/13, p. 53: Register of Slaves, 1827-03-19.

230 K.A.B.: SO. 6/13, p. 55: Register of Slaves, 1816-07-01.

231 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 141; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 53; R.C.-H. Shell, *De Meillon's people of colour,* p. 13.


232 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 141.

233 *Loc. cit.*

234 Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 98.

235 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 370.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 64: 'n Kaapse koets met agt perde wat oorwegend deur slawekoetsiers hanteer is, afgebeeld deur lady Anne Barnard.

Uit: D. Fairbridge (red.), *Lady Anne Barnard of the Cape of Good Hope 1797 - 1802* (Oxford, 1924), teenoor p. 36.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Fyn linnegoed en vroueklere, soos haarversierings, serpe, polsbande en -strikke, is wel met 'n kole-yster gestryk.[236]

Na hulle vrystelling het verskeie vryslawe hulle dienste as wasgoedbediendes teen betaling aan die Kaapstadse inwoners beskikbaar gestel. In 1820 was daar 101 vryswart vroue in Kaapstad wat as wasvroue 'n lewe gemaak het.[237] In 1835 is onder meer Ambroosa van die Kaap, Adriaan van die Kaap, Assima van die Kaap, Clara van die Kaap, Debora van Madagaskar, Francina van die Kaap, Hanna van die Kaap, Hendrina van die Kaap, Hester van die Kaap, Jenoon, Lena van die Kaap, Maria van Jambang, Maria Clarenda, Martha van die Kaap, Porsia, Rabodos van Malagas, Rakiba, Rasmi van die Kaap, Salasa van die Kaap, Sanna van die Kaap, en Sila by name as wasbediendes in die *Kaapsche almanak en naamboek* aangeteken.[238]

Vervoer in Kaapstad het hoofsaaklik deur middel van 'n koets of perdewa **(Fig. 64)** geskied wat die dienste van 'n **koetsier** en **stalkneg** [239] onontbeerlik gemaak het. Die stalkneg moes die voeding en versorging van die perde behartig en na die rytuie en toebehore omsien. Uit die *Slaweregister* blyk dit dat talle Kaapse huishoudings 'n koetsier of stalkneg of albei gehad het. Van hulle was onder meer die sewentigjarige Michiel van Malabar, wat in diens van Johannes Aspeling was,[240] Leendert van Madagaskar,[241] April van Mosambiek,[242] Januarie van Malabar [243] en November van Batavia, wat in diens van Andries Willem Beck was.[244] Die Maleierslawe was veral as koetsiers gewild,[245] alhoewel dit uit die *Slaweregister* blyk dat Kaapsgebore slawe, veral in die eerste helfte van die negentiende eeu tydens die kreolisering van Kaapse slawe, as koetsiers benut is. In 1816 was beide die Kaapsgebore slawe Moses en Africa as koetsiers in diens van David Anosi,[246] terwyl Adam van die Kaap die eiendom van Dirk Aspeling was[247] en Mozes van die Kaap as koetsier in die huishouding van Jan Baumgart diens gedoen het.[248] Sekere eienaars het Mosambiekse slawe as koetsiers verkies, soos Damon en Carolus van Mosambiek, wat beide aan Jan Bam behoort het.[249] Tydens die binnelandse reis

---

236 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 141.

237 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

238 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835,* pp. 27, 28, 34, 36, 44, 46, 50, 53, 63 en 64.

239 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 142.

240 K.A.B.: SO. 6/12, p. 20: Register of Slaves, 1818-03-25.

241 K.A.B.: SO. 6/12, p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14.

242 K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.

243 K.A.B.: SO. 6/13, p. 18: Register of Slaves, 1816-05-21.

244 K.A.B.: SO. 6/13, p. 40: Register of Slaves, 1816-05-10.

245 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

246 K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

247 K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1816-10-18.

248 K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.


249 K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 65: Slawebediendes vergesel 'n Kaapse gesin op 'n uitstappie in die Heerengracht, volgens 'n pen-en-inktekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/15.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 48.



Figuur 66: 'n Sedanstoel word deur twee kaalvoet slawe in livreidrag oor Groentemarkplein gedra. Detail uit *Gezigt van het Stadhuijs aan Cabo de Goede Hoop* deur Johannes Rach, 1764.

Uit: E.C. Godée Molsbergen en J. Visscher (samestellers), *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van lady Anne Barnard het die geleende slaaf Gaspar as koetsier opgetree.[250]

Die bedrewenheid van hierdie koetsiers in die koetsrykuns en hantering van 'n sweep was alom bekend en het sekere besoekers genoop om dit in hulle dagboeke en reisbeskrywings aan te teken. In die laat-agtiende eeu het De Jong hom met verwondering hieroor uitgelaat: "De koetziers die slaven zijn hebben zeer veel kunde en slag van rijden ... De koetziers zijn op het slaan van deze zweepen zoodanig afgericht, dat zij een vogeltje mede van den grond ligten en een gulden, die op een afstand gelegd, zelden missen zullen ." [251] In die negentiende eeu het Burchell die bedrewenheid van die Kaapse slawekoetsiers bevestig: "In dexterity these coachmen [Malays] excel all our boasted and most accomplished "whips", even to the first rate; for it is a common sight in Cape Town, to see a Malay standing in a long *paardewagen,* driving six horses at full trot, and turning the corners of the streets with the greatest facility." [252] Alhoewel daar geen twyfel oor die bekwaamheid van die slawekoetsiers bestaan het nie, het De Jong die groot aantal ongelukke in die Kaapse strate aan die "liefhebberij voor rijden en selfs voor dol rijden", die eienaars se agterlosigheid om die wa en tuie deeglik te laat nasien sowel as die somtydse besopenheid van die koetsiers toegeskryf.[253]

Na hulle vrystelling het sommige vryslawe hulle dienste as koetsiers en stalknegte aan die inwoners van Kaapstad verhuur. 'n Lys van beroepe in Kaapstad van 1820 dui die getal vryswart koetsiers as 25 aan.[254] In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is onder meer Abdol Roel, Carolus van die Kaap, Flip sowel as Salie van die Kaap as koetsiers aangedui, terwyl Afrika van die Kaap, Friday, George en Thom van Malagas as stalknegte gelys is.[255] Die **wadrywers** se taak het onder meer die vervoer van vrag, soos brandhout van een punt na 'n ander, behels.

Wat huishoudelike slawe betref, het hulle 'n belangrike rol tydens straatuitstappies **(Fig. 65)**, kuiertogte en kerkgang gespeel. Tydens dié okkasies in Kaapstad is gegoede meesteresse in sedan- of draagstoele deur twee **sedanstoeldraers** vervoer [256] **(Fig. 66)**. Die sedan- of draagstoel was 'n toegeboude stoel met 'n deur en glasvenster [257] wat aan die binnekant met fluweel of damask uitgevoer en aan die buitekant soms ryklik beskilder was.[258] De Jong het

---

250 Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 107.

251 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 92.

252 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 32.

253 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 93.

254 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

255 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835,* pp. 27, 34, 39, 40, 63 en 65.

256 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 143; R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

257 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

258 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 67: Juffrou van Kerwel, dogter van goewerneur Van Kerwel en haar sambreeldraerslaaf (regs op die voorgrond) by die toneel van die gestrande Nederlandse skip *De Visch* wat in 1740 by Kampsbaai op die rotse geloop het, volgens 'n olieverfskildery toegeskryf aan Jürgen Leeuwenberg. Oorspronklike skildery tans in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), teenoor p. 135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgemerk dat die Kaapse draagstoele "niet zonder zwier gemaakt" is.[259] Later is van die meer elegante Londense draagstoele gebruik gemaak, "whose neatness and elegance have cut up the splendid antiquity of these other cumbrous conveniences", aldus Hudson.[260] Slawe het die sedanstoel met die hand aan pale wat in metaalpasstukke langs die stoel ingesteek is, gedra.

Die sedanstoeldraers was gewoonlik in livreidrag geklee, terwyl die versierde bande oor hulle bors wat aan die sedanstoel vas was, as ondersteuning tydens die draery gedien het.[261] In 1806 het Hudson die uitrusting van die sedanstoeldraers beskryf: "They [the two slaves for her sedan] must attend her in their gala Dresses with their strips of Red Brazil Skin stitched with White Leather rozes and all the exterior finery of a London Market team (except the Bells)."[262] In die agtiende eeu het 'n hele paar gegoede Kaapstadse burgers sedanstoele besit, wat weens gereelde gebruik gerieflikheidshalwe in die voorkamer gehuisves is. Een van die bekendste draagstoelsbesitters was die gegoede en bekende Kaapse bibliofiel, Joachim von Dessin,[263] terwyl die boedelinventaris van die gegoede Anna de Koningh tussen die aansienlike aantal en wye verskeidenheid items ook 'n draagstoel aangee.[264]

Tydens aandkuiertjies is die gevolg deur 'n **voetstoofdraer** en een of twee **lanterndraers** aangevul.[265] Aandkuiertjies en -gesellighede was 'n algemene verskynsel aan die Kaap en die slawe wat die sedanstoel en lanterns moes dra het saans om nege uur, sodra die kanon by die Kasteel afgevuur is, by die voordeur of in die portaal vergader [266] om hulle meesters en meesteresse veilig deur die donker Kaapse strate na hulle huise te vervoer en te begelei. Straatuitstappies wat saans onderneem is, was 'n algemene ontspanningsaktiwiteit van die Kaapstadse inwoners. Dit was meer 'n straat- as huiskuiery, waartydens vriende gegroet en daar gelag, gesels en grappies gemaak is. Na alle waarskynlikheid was slawe, veral die lantern- en sedanstoeldraers, deel van die gevolg tydens die sawendse "street-walking".[267]

Kerkbesoeke en kuiertogte in die dag is soms deur slawe wat as **sambreeldraers** opgetree het, meegemaak. Vir dié doel het Von Dessin "4 sommereelen met 1 voet" in sy voorhuis aangehou.[268] Uit 'n illustrasie van die stranding van *De Visch* **(Fig. 67)** blyk dit dat juffrou Van Kerwel en haar sambreeldraer deel was van die groep mense wat die toneel besoek het. Tydens die Eerste Britse Besetting het lady Anne Barnard melding gemaak van die gesette Kaapse vroue en hulle dogters wat op pad na die kerk deur slawe wat sambrele van groen sy gedra

259 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 130.

260 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

261 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

262 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 56.

263 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum 8,* 1988, pp. 31 en 32.

264 K.A.B.: MOOC. 10/4/126 & 127: Boedelinventaris van Anna de Koningh, 1733.

265 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum 8,* 1988, pp. 29 - 30.

266 P.B. Borcherds, *An auto-biographical memoir*, pp. 206 en 234.

267 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 35.

268 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, vergesel is. Volgens haar was dit nie net tot die vroue beperk nie, want " ... each corpulent Dutchman had his poor mortal behind him, some of them almost children, hoisting the umbrella over his head and ready to fly at his orders".[269] Die Prag en Praalwette wat in 1755 deur goewerneur Rijk Tulbagh (1699 - 1771) uitgevaardig is, het onder meer die gebruik van sambrele gereguleer. Hiervolgens is geen amptenaar onder die rang van onderkoopman wat nog nie op enige regerende liggaam gedien het nie, sowel as sy vrou, toegelaat om die Kasteel met 'n sambreel te besoek nie.[270] Vanaf 1743 het Von Dessin die rang van onderkoopman beklee en sou dus heeltemal binne die reg opgetree het deur met 'n sambreeldraerslaaf in die Kaapstadse strate te verskyn.[271]

Slawe in private huishoudings het ook as **assistente** en **bediendes** tydens daguitstappies en ontspanningstogte in die natuur opgetree. Dit was veral tydens visvanguitstappies na die "Waterplaats" [272] (die seefront aan die voet van Leeukop) en pieknieks of natuurwandelings in die omgewing van Tafelberg,[273] wat slawe as gidse, sambreeldraers, algemene assistente en kokke saamgeneem is. Vis, mossels en seeslakke wat gevang is, is op die uitspanplek as piekniekmaal deur die slawe voorberei.[274] Tydens bergklimuitstappies, veral deur Platteklip Kloof tot op Tafelberg, het slawe as gidse, kosmandjiedraers en as hulp aan dames en vermoeide klimmers opgetree.[275] Tydens die bergklimtog van Mentzel en sy geselskap teen Tafelberg, het drie slawe vinnig vooruit geklim en 'n rojale piekniekete van koue ham, skaap- en beesvleis, brood en broodrolletjies, botter, melk en Oos-Indiese arak vir die vermoeide klimmers uitgepak.[276] Besoekers wat plant- en insekeksemplare in die veld rondom Kaapstad versamel het, het van slawe gebruik gemaak om die nodige houers en boeke saam te dra, soos dit die geval met die botanikus Thunberg [277] en Burchell [278] was.

Wat die binneshuise slawe betref, het die **kok** 'n belangrike plek in die Kaapse huishouding ingeneem.[279] Alhoewel daar aanduidings is dat beide slawemans en slavinne van Indiese herkoms as kokke in die Kaapse huishoudings aangewend is,[280] het die Maleierslawe volgens waarnemers ook hulle plek in die Kaapse kombuis volgestaan. In 1811 het Burchell opgemerk

---

269 D. Fairbridge, *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1791 - 1802*, pp. 23 - 24.

270 C.F.J. Muller, *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 76.

271 E. Grobbelaar, Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761, *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988, p. 31.

272 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein: journaal van verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van Het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 64 - 65; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 113.

273 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

274 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 113.

275 *Ibid. I*, p. 92; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 39 - 41 en 48.

276 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 89.

277 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 271.

278 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 17.

279 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, p. 57; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 289; J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 94.

280 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 en 289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat die Maleierslavinne onder meer ook hierdie amp in die Kaapse huishoudings beklee het.[281] In die *Slaweregister* is talle kokke in diens van Kaapstadse inwoners aangeteken. Van hulle was onder meer Cupido van Malabar, wat die eiendom van Abraham Schickerling was,[282] Hannibal van Ceylon, wat as kok in die huishouding van Ernst Schrader diens gedoen het,[283] terwyl Jason van Ceylon, 'n kok in diens van Johannes Blanckenberg was.[284] Alexander van Bengale het die amp in die huishouding van Gerrit Beelaerts van Blokland beklee,[285] Jephta van Batavia was die kok van Philippus Albertus [286] en Didor van Malabar het die kombuis van Fransiscus Becker beman.[287] Uit die *Slaweregister* blyk dit voorts dat die slawe van Mosambiekse herkoms ook as kokke in die huishoudings diens gedoen het.[288] In 1806 het Hudson dié gegewe bevestig.[289] Die Malgassiese slaaf Jason, wat Joachim von Dessin op 30 April 1756 aangekoop het, het homself as beide kok en bakker van "alderhanden gebacken van taarten, banketten, marsepijnen, en ander zuijkerwerk" onderskei.[290]

Benewens die kok, is 'n slaaf in sommige gevalle uitsluitlik as **bakker** in die huishouding aangewend. Slawebakkers sou onder meer gemoeid wees met die voorbereiding van suurdeeg, die "oorsuur", "deurknie", "opmaak" en bak van brood. Nadat die regte hitte van die oond bepaal is deur 'n hand tot dertien tellings in die oond te kan hou, is die kole uitgekrap en die brood met langsteeloondskoppe in die bakoond langs die vuurherd ingestoot. Na 'n uur se bak, is dit met 'n ysteroondhak uitgehaal. Terte en kolwyntjies is gebak deur gloeiende kole oor die deksels van panne, wat op hulle eie pote in die vuurherd gestaan het, te krap.[291] In 1816 was die slaaf April van Senegal 'n banketbakker in die huishouding van Valentinus Schonnberg,[292] terwyl Mandi van Mosambiek die bakker van Egbert Andries Buyskes was.[293] Op 19 Maart 1825 is beide Mosambiekse slawe Francois en Sephier as bakkers van William Hunt in die *Slaweregister* aangeteken.[294] Sommige vrygestelde slawe het as kokke en bakkers 'n bestaan in Kaapstad gemaak. In 1820 dui 'n lys van beroepe in Kaapstad drie vryswartes as bakkers aan.[295] In *The South African directory and almanac for 1834* is beide Avon van China en Francis as kokke aangedui.[296] In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is Johan

---

281 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

282 K.A.B.: SO. 6/30, p. 19: Register of Slaves, 1817-08-27.

283 K.A.B.: SO. 6/30, p. 43: Register of Slaves, 1816-06-05.

284 K.A.B.: SO. 6/13, p. 34: Register of Slaves, 1816-05-05.

285 K.A.B.: SO. 6/13, p. 37: Register of Slaves, 1816-06-08.

286 K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1819-07-15.

287 K.A.B.: SO. 6/13, p. 66: Register of Slaves, 1816-07-22.

288 K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35, 1816 - 1838.

289 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

290 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 59.

291 R. Coetzee, *Spys en drank,* pp. 57 - 62.

292 K.A.B.: SO. 6/35, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.


293 K.A.B.: SO. 6/13, p. 27: Register of Slaves, 1816-05-29.

294 K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1825-03-19.

295 N. Worden, E van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

296 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 208 en 219.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 68: 'n Naaldwerkslavin van Malgassiese afkoms, volgens 'n tekening deur lady Anne Barnard.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 51.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fruncis, Pieter van Johanna, Joosie, sowel as Ramie van die Kaap as kokke gelys, terwyl Pamela Salomonse as banketbakster aangedui word.[297]

Die invloed wat veral die Oosterse slawekokke op die Kaapse kookkuns sowel as op die Afrikaanse taal uitgeoefen het, word in *Hoofstuk VI: Bydrae van die Kaapse slawe tot aspekte van die Suid-Afrikaanse kultuur, 1652 - 1838,* bespreek.

Slawenaaldwerksters (Fig. 68) was 'n onmisbare deel van die Kaapse huishouding. Drie of vier slavinne is gewoonlik met naai- en breiwerk besig gehou.[298] Soms het vier tot ses slawe op houtbankies aan die onderpunt van die lang breë "gaanderij" gesit en naaldwerk doen.[299] Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat slavinne van Bengale en Malabar, sowel as Maleier- en Kaapsgebore halfslag slawe hulle vrye tyd na die afhandeling van hulle dagtaak met naald- en breiwerk in die meester se huis verwyl het.[300]

Oor die groot aanvraag na knap naaldwerkslavinne van Bengale, die Koromandelkus, Surat en Makassar het Mentzel opgemerk dat "[t]he ladies of the Cape value their services because they take a pride in fine needlework, knitting and crocheting, and are very fond of hand-made lace. I have known some ladies who always employed two or three woman in that work only".[301] Mentzel het self by meer as een geleentheid patrone vir naald- en borduurwerk teen betaling ontwerp om deur die slavinne gemaak of borduur te word.[302] Dacca in Oos-Bengale was veral bekend vir pragtige borduurwerk. In die 1760's het mevrou Kindersley tydens haar besoek aan die Ooste opgemerk dat die pragtige naald- en borduurwerk deur Bengaalse mans van Dacca gemaak is: "They will copy from any pattern you give them with the greatest exactness, but never invent a pattern of their own."[303] Indiese slawe het dus 'n groter aanleg in die praktiese uitvoer van naald- en borduurwerk as in die ontwerp daarvan gehad. Aan die Kaap was oorwegend slavinne die naaldwerksters. Alhoewel Mentzel die Indiese en Oos-Indiese slavinne in die eerste helfte van die agtiende eeu as knap naaldwerksters uitgesonder het, blyk dit uit die *Slaweregister*, wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, dat die kreolisering van slawe die Kaapsgebore slavin as knap naaldwerksters na vore laat tree het. Na alle waarskynlikheid het sy Indiese of Oos-Indiese bloed in haar are gehad. As voorbeeld was beide die Kaapsgebore slavinne Rachel en Eva in 1817 naaldwerksters in die huishouding van Henry Alexander,[304] terwyl Annet van die Kaap as naaldwerkster van Marthinus Smuts in die *Slaweregister* aangeteken is.[305]

---

297 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 39, 46, 56 en 59.

298 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 144.

299 *Ibid. I*, p. 117.

300 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 52 - 53; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

301 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 125 - 126.

302 *Loc. cit.*

303 Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 240; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art*, pp. 137 - 140

304 K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

305 K.A.B.: SO. 6/30, p. 190: Register of Slaves, 1817-03-18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die huishouding van Von Dessin is van sy slawe met brei- en hekelwerk besig gehou. Op 2 Maart 1754 het hy die twee Kaapsgebore slavinne "Alida en Hester ieder een pr onderkoussen laaten opsetten" wat op 1 April voltooi was,[306] terwyl beide slavinne op 1 Augustus elk aan 'n mus begin brei het wat teen die einde van Augustus voltooi was. Selfs die slawemans Kietjil van die Kaap en Leander van die Koromandelkus moes hekelwerk doen. Die sewejarige Johanna het by twee geleenthede "ondercoussen" gebrei.[307] Uit die *Slaweregister* blyk dit dat 'n algemene gebruik in Kaapse huishoudings was om, benewens volwasse slawe, ook jong slavinnetjies vir brei- en naaldwerk aan te wend. Op 21 Desember 1816 was die veertienjarige Spasie van die Kaap as breimeisie in diens van die weduwee Catharina Adriaanssen,[308] terwyl die negejarige Philia van Mosambiek in dieselfde jaar 'n breislavinnetjie in die huishouding van Cornelis Brink was.[309]

Slawe het ook as **kleremakers** of **snyers** 'n belangrike rol in die Kaapse huishouding gespeel. Tydens die begin van Eerste Britse Besetting het Percival opgemerk dat die uitrustings van die meeste families deur hulle slawe gemaak is. Die slawe was instaat om enige tipe kledingstuk, wat onder meer ook damesrokke ingesluit het, te maak.[310] De Jong het dié gegewe bevestig: "De slaven doen alles; … kleermakers slaven naaijen." [311] In die huishouding van Von Dessin het die slavinne Lisie en Hagar sy "fijne hembden" sowel as die growwe blou "salpoeris"-hemde van die slawe in die huishouding gemaak.[312] Soos die geval met Von Dessin se slawe, is naaiwerk meesal deur slavinne gedoen. In die *Slaweregister* is talle slavinne as naaisters of "sempstresses" in diens van Kaapstadse inwoners gelys. In 1816 was die 33-jarige Lara van die Kaap, sowel as die jeugdige Amelia en Rachel as naaisters in diens van Jan Baumgart,[313] terwyl beide die sestienjarige Kaapsgebore slavinnetjies Flora en Thima naaiwerk in die huishouding van Hendrik Blanckenberg behartig het.[314] In 'n beskrywing van die Maleierslawe het Burchell in 1811 opgemerk dat die Maleierslavinne onder meer die mantelmakers in die Kaapse huishoudings was.[315] Terwyl naaiwerk oor die algemeen deur slavinne gedoen is, het slawemans die pos van kleremakers of snyers (tailors) in die huishoudings beklee. Kleremakers of snyers was geskoolde ambagslui wat in die meer gespesialiseerde behoeftes van veral manskleding voorsien het en wie se taak onder meer die neem van mates, die ontwerp en die uitsny van die patroon, sowel as die professionele aanmekaarheg en afronding van die kledingstuk, volgens bepaalde voorskrifte en vereistes, behels het. In 1816 was Pedro van Bengale sowel as die twee Kaapsgebore slawe Jephta en

---

306 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 66.

307 *Loc. cit.*

308 K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21.

309 K.A.B.: SO. 6/12, p. 54: Register of Slaves,1816-05-28.

310 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

311 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

312 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 48 en 65 - 66.

313 K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

314 K.A.B.: SO. 6/13, p. 30: Register of Slaves, 1816-05-31.

315 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gideon snyers in diens van Johannes Serrurier.[316] In 1827 was Salomon van die Kaap 'n snyer in die huishouding van William Hunt,[317] terwyl die slaaf Adam van die Kaap in 1831 'n snyer in dieselfde huishouding was.[318] Jeugdige kleremakerslafies of vakleerlinge wat in die eerste helfte van die negentiende eeu in besit van sekere Kaapstadse inwoners was, is onder meer die twaalfjarige Daantjie van die Kaap sowel as die veertienjarige Frederik, wat aan Catharina Bianchi behoort het,[319] en die veertienjarige Benjamin van die Kaap, wat saam met die volwasse Present van Madagaskar in diens van die weduwee Catharina Brand was.[320] Op 16 Mei 1816 is beide die negejarige Dollie en die sewejarige Janie as Kaapsgebore kleremakerslafies van Johannes Blesser in die *Slaweregister* gelys.[321]

Na vrystelling was sommige vryslawe as naaisters, kleremakers of snyers en borduursters in Kaapstad werksaam. In 'n lys van Kaapstadse beroepe in 1820 word 76 vryswartes as naaisters, veertien as kleremakers, 21 as snyers en drie as borduursters aangedui.[322] In die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1835 is 26 manskleremakers of snyers, 11 naaisters en twee damesrokmakers gelys.[323]

As huishoudelike **skoenmakers** het slawe in die skoeiselbehoeftes van die eienaars en hulle gesinne voorsien deur self leer te looi en skoene te maak.[324] In 1832 was Nephtun van Mosambiek 'n **leerlooier** in diens van William Hunt.[325] 'n Paar van die slawe wat tydens die eerste helfte van die negentiende eeu in Kaapstadse huishoudings as skoenmakers werksaam was, is onder meer die twee Kaapsgebore slawe Solomon en Pharao, wat aan Johannes Serrurier behoort het,[326] die twee … Bataafse slawe Mentor en Patientie, wat in diens van Hendrik Blanckenberg was,[327] September van Batavia, wat skoene in die huishouding van die weduwee Johannes Brink gemaak het,[328] en Azor van Mosambiek, wat 'n skoenmaker van Rudolph Sigfried Alleman was.[329] Daarbenewens was sekere vryswartes in besit van skoenmakerslawe. In 1819 was Amilie van die Kaap in besit van Apollos van Bengale,[330] terwyl Abdul Gani van Ambon in 1821 die skoenmaker Lafleur van Malabar besit het.[331] Op 3

---

316 K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

317 K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1827-12-29.

318 K.A.B.: SO. 6/12, p. 247: Register of Slaves, 1831-09-15.

319 K.A.B.: SO. 6/13, p. 3: Register of Slaves, 1816-05-10.

320 K.A.B.: SO. 6/13, p. 18: Register of Slaves, 1816-05-02.

321 K.A.B.: SO. 6/13, p. 8: Register of Slaves, 1816-05-16.

322 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* pp. 94 - 95.

323 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 26, 27, 34, 36 - 37, 39, 40, 44 - 45, 46, 50, 53, 56, 59 en 63 - 65.

324 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

325 K.A.B.: SO. 6/21, p. 247: Register of Slaves, 1832-07-20.

326 K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

327 K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.

328 K.A.B.: SO. 6/13, p. 26: Register of Slaves, 1816-05-29.

329 K.A.B.: SO. 6/12, p. 26: Register of Slaves, 1816-07-23.

330 K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1819-09-18.

331 K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1821-01-22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 69: 'n Kaapse soogslavin, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard. Uit die aard van hulle werk het soogslavinne deurgaans van die beste versorging en behandeling in die Kaapse huishoudings ontvang.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 173.



Figuur 70: 'n Slawekinderbediende, getrou op haar pos om in die behoeftes van die jong blanke kind te voorsien. Weens die noue kontak het sy 'n belangrike invloed op onder meer die taal van die jong kind uitgeoefen. Detail uit *'A Cape character' relaxing on his stoep* deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. D 388.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 56.



Figuur 71: Op 'n uitstappie met die kinders van haar meester, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by Henry Clifford de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Augustus 1832 is die slaaf Abraham van die Kaap as skoenmaker van Abdol Rachmat aangeteken.[332]

Die teenwoordigheid van slavinne as **soogsters** en **kinderbediendes** in die Kaapse huishoudings blyk duidelik uit die waarnemings van besoekers, reisigers en kunstenaars **(Fig. 69, 70 & 71)**, die *Requesten* waarin slawevrystellings versoek word, sowel as die *Slaweregister* wat in die negentiende eeu opgestel is. Net soos in Batavia die geval was, is die Kaapse kinders reeds as babas in 'n mindere of meerdere mate aan die sorg van slavinne oorgelaat. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat "deze gantsche [kinder]sorg van den beginne af aan de slavinnen … eene zodanige Aja" [333] oorgelaat is, terwyl De Jong in die 1790's berig het dat die setlaarbaba pas na geboorte meesal aan die sorg van 'n slavin, wat onder meer ook die rol van soogster moes vervul, toevertrou is.[334] Alhoewel beide Mentzel en Thunberg die gebruik van soogslavinne bevestig het, het hulle beklemtoon dat dit eerder die uitsondering as die reël was. Mentzel het Kolbe se stelling as oordrewe uitgemaak [335] en volgens sy eie waarneming 'n meer gebalanseerde gevolgtrekking gemaak: "Babies are wrapped in swaddling clothes and are invariably breast-fed by their mothers, or by a wet nurse (a slave-woman), if for some reason the mother cannot do so." [336] In die 1770's het Thunberg bevestig dat die Kaapse moeders selde hulle babas deur slavinne laat soog het, maar die taak meesal op hulleself geneem het.[337]

Soos reeds vermeld, dien die *Requesten* as bewys van die teenwoordigheid van slavinne as soogvroue en kinderversorgers in die Kapenaars se huishoudings. Dit was onder meer eienaars wat die vryheid van die slavin, wat hom en sy gesin as soogvrou en kinderoppasser op pad terug na die vaderland sou vergesel, versoek het. 'n Voorbeeld hiervan was die burger Frederick Wilhelm Storch wat in 1778 'n versoek gerig het om die slavin Melatie van Makassar as versorger van sy babaseun, Otto, saam met hom en sy gesin na Nederland terug te neem.[338] In die *Slaweregister* van die negentiende eeu is 'n aansienlike aantal soogsters of kinderversorgers in diens van Kaapstadse huishoudings as "nurserymaids" gelys. Van hulle was onder meer die 36-jarige Lea van Batavia, wat in 1816 as kinderbediende in diens van Stephanus Brink was,[339] terwyl Mamie van die Kaap, wat ook 36 jaar oud was dieselfde diens in die huishouding van Cornelis Brink verrig het.[340] In 1817 was die twee jeugdige Kaapsgebore slavinne Jacoba en Eva albei as kinderbediendes in diens van Henry

---

332 K.A.B.: SO. 6/12, p. 65: Register of Slaves, 1832-08-03.

333 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 317; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East-Indian archipelago,* p. 169

334 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* p. 133.

335 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 108 en 110.

336 *Ibid.*, p. 122.

337 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1775 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

338 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten (Memorials) I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* p. 1112.


339 K.A.B.: SO. 6/13, p.73: Register of Slaves, 1816-08-01.

340 K.A.B.: SO. 6/13, p. 54: Register of Slaves, 1816-05-28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 72: Slawetoesig tydens kindervermaak op 'n bok, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/45.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 19.



Figuur 73: 'n Slaaf neem die kinders van sy eienaar op 'n stranduitstappie te perd, volgens 'n tekening van sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/10.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alexander.[341] In 1819 was die 43-jarige Zyda van die Kaap 'n kinderversorger in die huishouding van David Anosi.[342] Daarbenewens word die teenwoordigheid van bejaarde kinderoppassers en -versorgers of *aja's* in die Kaapse huishoudings in die *Slaweregister* bevestig. In 1816 was die sewentigjarige Mariana van Mauritius die kinderbediende in die huishouding van Hendrik Vos,[343] terwyl 'n 64-jarige Leonara van Bengale in 1820 dieselfde taak in die huishouding van Andries Smitsdorff gehad het.[344] Aaltjie van die Kaap is op 27 Maart 1833 as die 64-jarige kinderversorger in diens van George Stegman gelys.[345]

Wat die herkoms van die kinderbediendes betref, het Semple tydens die Eerste Britse Besetting in sy beskrywing van die Mosambiekse slawe opgemerk dat hulle onder meer as kinderbediendes in die Kaapse huishoudings aangewend is,[346] terwyl Burchell 'n paar jaar later die Maleierslavinne onder meer as kinderbediendes uitgesonder het.[347] Uit die *Slaweregister* vir Kaapstad en distrik wat die tydperk 1816 tot 1838 dek, blyk dit dat oorwegend Kaapsgebore slavinne vir dié taak uitgesonder is.[348]

Terwyl die jong slawekinders in die huishouding die speelmaats van die blanke kleuters was, is die ouer telge deur die jeugdige slaweseuns en meer volwasse slawemans rondgekarwei, vermaak en bedien.[349] Golovnin het melding gemaak van die jong Europeërseuntjies van vier of vyf jaar wat op spesiaal afgerigte bokke in die kuns van perdry ingelyf is.[350] 'n Illustrasie van sir Charles D'Oyly (1781 - 1845) in 1832 **(Fig. 72)**, toon aan dat slawe by dié aktiwiteit betrokke was. Slawe het ook as oppassers en perdebegeleiers tydens perdryuitstappies met die eienaar se kinders opgetree **(Fig. 73)**.

Soms was die slavin wat die kinderbediende was die algehele versorger van die kind.[351] Tydens die geboorte het sy hulp verleen,[352] die baba gesoog en versorg en hom op sy doopdag na die kerk gedra.[353] Sy was in wese die versorger, oppasser, opvoeder, vertroueling en selfs die tweede moeder van die jong kind. Weens die noue kontak tussen die kind en sy versorgerslavin, was dit onvermydelik dat sy 'n belangrike invloed op hom sou uitoefen. Le

---

341 K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

342 K.A.B.: SO. 6/12, p. 25: Register of Slaves, 1819-08-25.

343 K.A.B.: SO. 6/33, p. 43: Register of Slaves, 1816-09-05.

344 K.A.B.: SO. 6/30, p. 141: Register of Slaves, 1820-08-25.

345 K.A.B.: SO. 6/30, p. 36: Register of Slaves, 1833-03-27.

346 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 53.

347 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

348 K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35, 1816 - 1838.

349 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 98.

350 V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay: the story of the detention of the Imperial Russian Sloop Diana from April 1808 to May 1809* (red. O.H. Spohr), p. 59.

351 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 30.

352 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 306 - 307.

353 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 311; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vaillant was van mening dat die familiariteit wat tussen die soogvrou en die setlaarkind ontstaan het, bepaald 'n invloed op sy maniere en opvoeding gehad het.[354] In die 1790's het Barrow die mening gehuldig dat die noue kontak onvermydelik tot gevolg sou hê dat die kind regdeur sy lewe met groter liefde en toegeneëntheid na sy versorgerslavin as na sy natuurlike ouers sou opsien.[355]

Die gebruik van slavinne as soogsters en kinderbediendes het volgens waarnemers ongetwyfeld 'n negatiewe invloed op die burgerkinders gehad. Die smaak en sedes van die slavinne is, volgens De Jong, aan die kinders oorgedra. Daarbenewens is hulle deur die slavinne bederf en het hulle sin in alles gekry sodat 'n meerderwaardigheidsgevoel, "een hoogmoed en heerschzucht … , die niet te beteugelen zijn" teenoor hulle oppassterslavinne ontwikkel het.[356] Percival het krities opgemerk dat een van die eerste lesse wat die jong kind ontvang het, die dominering en belediging van die slawe is wat aan hulle nukke en giere onderworpe was.[357] Aangesien alles van kleins af deur die onderdanige slavin vir die kind gedoen is, het 'n mate van ongehoorsaamheid, heersug, gemaksug en werkskuheid reeds op 'n vroeë ouderdom by sommige kinders posgevat. Volgens Barrow moes die kinderbediende heeltyd na die pype van die kind dans, haar na sy giere en nukke skik en sy sin in alles gee. Die rondkarweiery van die klein meester sou haar spoedig laat besef waarvoor sy arms en bene ontvang het.[358] Semple was egter van mening dat die invloed van die slavin ten spyte van die noue kontak tussen haar en die eienaar se kind – veral in sy meer volwasse jare – gering was.[359]

Uit die aard van haar werk was daar 'n spesiale band tussen die soogslavin en die familie in wie se diens sy was. Sy het 'n bevoorregte posisie ten opsigte van ander slawe in die huishouding beklee en het spesiale behandeling ontvang wat onder meer goeie en voedsame voedsel en drank, sowel as geskenke ingesluit het. Daarbenewens het sy as beloning vir die grootmaak van verskeie kinders in die eienaar se huishouding, die vooruitsig op vrystelling gehad.[360] Weens hulle intieme betrokkenheid by die familie en om sentimentele redes is soogvroue en kinderoppassers van die veilingstafel weggehou. Hulle was die waardevolste slawe in die huishouding en is selde indien ooit verkoop. Indien hulle wel in uitsonderlike gevalle die veilingstafel gehaal het, het hulle besonder hoë pryse in ongewone veilingsdramas behaal.[361] Volgens getuienis van die vryslavin Katie Jacobs het sy as pleegmoeder van haar sieklike eienares se eersgebore babaseun baie goeie behandeling ontvang en is sy as deel van die familie gereken.[362]

---

354 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* pp. 306 - 307.

355 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

356 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 133.

357 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 280.

358 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47.

359 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 30.

360 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

361 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 325 - 326.

362 *Ibid.*, pp. 311 - 312.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 het plaaslike vrugbare slavinne die enigste natuurlike en wettige bron van nuwe slawe vir die Kaap geword. Aangesien lakterende vroue gewoonlik onvrugbaar is, is daar na 1805 opmerklik minder van soogslavinne gebruik gemaak, aangesien die eienaars nie kon beskostig dat die slavinne as "slaweproduseerders" hulle vrugbaarheid deur laktasie verbeur nie. Daarbenewens moes hulle na geboorte hulle eie babas voed en versorg. Alhoewel inwonende soogvroue na 1808 drasties afgeneem het, het die verskynsel nie heeltemal verdwyn nie, aangesien hulle voortaan gehuur is.[363] In 1820 het drie ongeskoolde vryswart vroue hulle dienste as soogvroue in Kaapstad uitverhuur.[364]

Die soogvroue, kinderoppassers en -bediendes het onteenseglik 'n integrale en onontbeerlike rol in die lewe van die jong kind in die Kaapse huishouding gespeel. As soogsters en versorgers het die slavinne onuitwisbare indrukke op die kind in sy mees ontvanklike jare gemaak, terwyl sterk bande van toegeneëntheid en liefde tussen die *aja* en die kind oor klas- en kleurgrense heen gesmee is.[365] Daarbenewens het hierdie kinderbediendes onwetend as die vertroude en geliefde "opvoeders" van die jong kind in die Kaapse huishouding opgetree.[366] Hugo konstateer dat die kinderbediendes in die uitvoering van hulle taak en deur hulle noue kontak met die jong blanke kind, 'n invloed op die taal uitgeoefen het: "And the language they learnt from the lips of those slaves – was it not the *lingua vernacula*, the Cape Dutch of the slaves, die Cape vernacular? Truly, our forbears may be said to have imbibed the vernacular language together with the vernacular milk, ..." [367] Hierdie stelling verskaf inderdaad stof tot nadenke ten opsigte van die belangrike rol wat die slawesoogvroue en -kinderoppasters in die Kaapse huishouding gespeel het en die invloed wat hulle op die Afrikaanse taal gehad het. So prominent was die plek van dié slavinne in die Kaapse gemeenskap dat twee terme, naamlik *minnemoer* of *mina* (lief-ma) en *aiya* ('n bejaarde kinderversorgster) in die koloniale kreoolse taal aan die Kaap neerslag gevind het.[368] Of dit nou positief of negatief is – die rol van die slawekinderbediende in die Kaapse huishouding mag nie onderskat word nie en haar invloed op menige blanke kind, binne die huishouding en op die breër Kaapse gemeenskap, is nie te misken nie.

Weens hulle liefde vir musiek en dans [369] het sekere gegoede en vername Kaapstadse inwoners 'n aantal slawe in diens gehad wat tydens feesgeleenthede die tafel- en dansmusiek in die huishouding verskaf het.[370] In die vroeë negentiende eeu het Augusta de Mist melding gemaak

---

363 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 305 en 310; G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXX*, p. 405.

364 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

365 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 311 - 312.

366 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 18.

367 *Loc. cit.*

368 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 312.

369 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 110; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 99 en 130; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 31; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 48; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 372.

370 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 51; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van verskeie Kaapse families wat in besit van **slawemusikante** was,[371] terwyl Lichtenstein in dieselfde tyd haar waarneming bevestig het.[372] Die musikaliteit van die Maleierslawe is deur Semple [373] en lady Duff-Gordon [374] bevestig. Alhoewel hulle 'n gewilde keuse as musikante in die huishouding was, is ander slawe egter ook as musikante aangewend. Op 20 Augustus 1817 is Lendor van Ceylon pertinent as musikant in die *Slaweregister* gelys,[375] terwyl Joachim von Dessin op 30 April 1756 die aankoop van die veelsydige Jason van Madagaskar in sy *Memoriaal* aangeteken het. Benewens sy bedrewenheid as kok en banketbakker "kan denselven [ook] op de fluijt, hobooij en waldhoorn speelen, waarvan ik 't eerste deesen avond ook gehoort hebbe".[376] Dat Jason nie die enigste slawemusikant in die Von Dessin-huishouding was nie, blyk uit die aantal musiekinstrumente wat in die "opcaamer" gebêre is. Dit het twee trompette, twee horings, twee viole, 'n basviool en 'n hobo ingesluit, [377] wat na sy dood tydens 'n boedelvendusie op 26 tot 28 Oktober 1761 by sy sterfhuis verkoop is.[378]

Pieter van Breda, eienaar van die Kaapstadse marktuin Oranjezicht, het 'n slawehuisorkes van dertig fluit- en vioolspelers in uniform gehad. Voor 'n musiekkonsert in die groot tent wat in sy tuin opgeslaan is, is 'n vlag gehys om alle Kaapse musiekliefhebbers na Oranjezicht te nooi.[379] Die orkesgalery met sy lae klipmure was net 'n entjie van die huis af.[380] Dié slaweorkes het na die afskaffing van slawerny nog voortbestaan en was in 1839 die trekpleister na 'n geselligheid wat deur Michiel van Breda in die Vrymesselaarslosie op Heilige Johannes-dag gehou is.[381]

Slawemusikante het veral voor, tydens en na die huweliksonthaal van 'n Kaapse egpaar 'n belangrike rol gespeel. Hulle moes alreeds die aand van die eerste "afroeping" by die huis van die bruid musiek verskaf waar daar tot laat in die nag feesgevier is "met eeten en drinken, danzen en springen, en allerhande vermakelykheden".[382] Die Donderdag-aand voor die troue moes die slawemusikante op hulle pos wees om musiek te maak op 'n feestigheid waartydens die meeste bruilofsgaste teenwoordig was. "The musicians play up, and the bridal pair lead the

---

371 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

372 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34.

373 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape Good Hope*, pp. 47 - 48.

374 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 80,

375 K.A.B.: SO. 6/33, p. 50: Register of Slaves, 1817-08-20.

376 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 60.

377 *Ibid.*, p. 58; J. Bouws, Slawemusiek in vergange se dae, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10.

378 K.A.B.: MOOC. 10/8, nr. 43: Vendurollen, 1761-10-26/27; MOOC. 8/10, nr. 76: Inventarissen, September, 1761.

379 J.H. Verduyn den Boer, *Schetsen uit het Kaapse leven van de 18e en 19e eeuw I*, p. 6; J. Bouws, *Solank daar musiek is ...* , p. 13.

380 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 95.

381 C. Pama, *Regency Cape Town,* p. 29.

382 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dance in a stately minuet", aldus Mentzel.[383] Tydens die huweliksonthaal het slawemusikante van òf die goewerneur òf die bruidegom òf wat van ander persone gehuur is, die tafel- en dansmusiek verskaf.[384] Die musikante moes tot twaalfuur middernag of selfs eenuur vroegoggend die dansmusiek verskaf en soms die volgende dag weer op hulle pos wees wanneer die fees voortgesit is.[385]

In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat talle vryslawe in Kaapstad hulle brood verdien het deur ander slawe in musiek te onderrig.[386] In 1834 is drie vryswart musikante in *The South African directory and almanac* gelys. Hiervolgens was Jefta 'n musikant, Sampson 'n vioolspeler en Kippey 'n "musikant en verskaffer van kwadril-musiek".[387]

Die volgende groep slawe wat 'n belangrike rol in die huishouding gespeel het, was **huisknegte** en **-bediendes** wat vir die algemene sindelikheid en netheid van die huis verantwoordelik was. Hulle taak het onder meer ook die opmaak van beddens,[388] die opvryf van meubels en die poets van vloere behels.[389] Dit was veral die Maleierslavinne wat vir die orde en netheid van die huis verantwoordelik was. Hulle kon van enige artikel in die huis verslag doen, het die linnegoed en klere netjies in die kaste gepak, terwyl sleutels ook aan hulle toevertrou is.[390] Die slavinne van Malabar is vir die ligter huishoudelike take aangewend, wat onder meer die skoonmaak en rangskik van meubels behels het.[391] 'n Voorbeeld van slawe wat as huisbediendes in die *Slaweregister* gelys is, is Februarie van Batavia en November van Mosambiek wat op 27 Mei 1816 huisbediendes in die huishouding van David Byl was.[392] Selfs na vrystelling het voormalige slawe hulle dienste as huisbediendes aan die Kaapstadse inwoners uitverhuur. 'n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 dui twintig vryswartes as huisbediendes aan.[393]

Sekere slawe het die poste van **lyf-** en **kamerbediendes** sowel as **persoonlike knegte** en **diensmeisies** beklee. Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat veral die halfslag Kaapsgebore slavinne met Europese vaders hiervoor uitgesonder is. 'n Voorbeeld uit die *Slaweregister* is Lea van die Kaap wat op 15 Mei 1816 as diensmeisie in die huishouding van Jan Baumgart aangeteken is.[394] Hierdie slawe het 'n bevoorregte plek in die huishouding

---

383 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 119.

384 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305.

385 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 121.

386 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34.

387 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 225, 227 en 242.

388 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

389 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

390 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape Good Hope*, p. 52.

391 *Ibid.*, pp. 52 - 53.

392 K.A.B.: SO. 6/31, p. 24: Register of Slaves, 1816-05-27.

393 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

394 K.A.B.: SO. 6/13, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 74: 'n Slavin volg haar meesteres na die kerk, terwyl sy dié se gesangeboek dra, volgens 'n waterverftekening van H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by Henry Clifford de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 75: Deel van die gemaklike lewe aan die Kaap – 'n slavin wat haar duidelik vergenoegde meester met 'n drankie bedien, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. D 388.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehad en was onder meer beter as die ander slawe in die huishouding geklee.[395] Die persoonlike diens- of kamermeisie het in die onmiddellike omgewing van haar meesteres se kamer geslaap, terwyl sy met kerkgang op Sondae die meesteres se psalmboek [396] **(Fig. 74)** en tydens kuieruitstappies dié se naaldwerksak gedra het. Aan tafel het sy as persoonlike bediende van haar eienares opgetree.[397] As vertroueling van die familie het sy haar ore gespits vir die sake van die bure en so vertroulike en tersaaklike inligting oor hulle doen en late, sowel as oor interessante gebeure, heimlik aan haar meesteres oorgedra.[398] Uit die aard van haar werk is die kamermeisie eerder as 'n metgesel as 'n slavin beskou en dienooreenkomstig behandel.[399] Sy het selde indien ooit moeisame werk verrig.

Terwyl lyfknegte deurgaans gereed was om die meester te bedien, sy drankie te skink,[400] sy lang pyp aan te steek en vas te hou en die kwispedoor gereed te hou,[401] het van die slavinne ook hand bygesit met die bediening van verversings en drankies aan die meester **(Fig. 75)**. Tydens die besoeke en kuiertjies van vriende was huisslawe die bediendes wat die deur vir gaste oopgemaak, voetstofies aangedra en die mansgaste met gestopte pype en lewendige kole in koletessies bedien het.[402] Die koletessie is met kole vanuit die haard of doofpot, 'n koperpot waarin die smeulende kole gereed gehou is, aangevul. Later die aand sou hulle van die gasheer opdrag ontvang "om de speeltafel, kaarten, kaarsen enz. klaar te zetten" [403] vir 'n gesellige speletjiesaand met sy mansvriende waartydens daar klawerjas en *l'ombre lanterloo,* skaak, *triktak* en *ganzenbord* gespeel is.[404] Soms is die meester deur sy biljartmerker by die biljarttafel bygestaan.[405] Op 16 November 1816 is Bastiaan van die Kaap as 'n biljartmerker in die *Slaweregister* [406] gelys, terwyl Anthony van Mosambiek op 25 Mei 1816 as die biljartmerkerslaaf van Pieter Streun aangeteken is.[407]

As **tafelbediendes** en **kelners** het die slawe 'n belangrike rol tydens daaglikse etes sowel as funksies vervul. Tydens partytjies, huweliksonthale en danse het huisslawe as bediendes en

---

395 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143.

396 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 143; I.E. Edwards, *Towards emancipation,* p. 16.

397 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 286.

398 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52; R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

399 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 74: V. de Kock, *Those in bondage,* p. 55.

400 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 254; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 93 - 94.

401 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 374.

402 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 105 - 106; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 265.

403 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 371.

404 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 82; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 105.

405 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

406 K.A.B.: SO. 6/35, p. 13: Register of Slaves, 1816-11-16.

407 K.A.B.: SO. 6/30, p. 24: Register of Slaves, 1816-05-25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kelners eetgerei, kos en drank aan gaste bedien.[408] Dit was veral tydens huweliksonthale en die huweliksdans wat slawebediendes met eetgoed en vloeibare verversings, soos tee, koffie, sjokoladedrank, amandelmelk, wyn en bier, versigtig tussen die gaste rondbeweeg het, terwyl hulle ook pype en tabak op skinkborde aan manlike gaste bedien het.[409] As deel van hulle pligte as bediendes tydens feesvieringe, het 'n slavin kort voor 'n huweliksonthaal gewoonlik die bruid en bruidegom wat oppad terug was van die seremonie, 'n entjie van die huis af met twee borde strooisel tegemoet geloop "which is gayly strewn as on the way to Church", aldus Mentzel.[410]

Tydens maaltye was huisslawe immer teenwoordig om die maaltydgangers tot diens te wees. Voor die familie en gaste aangesit het, is 'n waskom en handdoek vir die was van hande deur 'n slavin binnegebring. Na die ete is dié prosedure herhaal.[411] Die toneel tydens 'n Kaapse maaltyd en die betrokkenheid van 'n verskeidenheid slawe as tafelbediendes is deur De Jong beskryf:

> … de tafels, die met een aantal schotels, aangenaam en kostbaar klaargemaakt; opgevuld en omring zijn van slaven, van welken sommigen met een groene tak, of wel met een waaijer van paauwen-vederen, de vliegen van de spijzen houden, en anderen de aanzittende gaste bedienen. Op een afstand staan weder anderen, die de schotels verruilen of dranken aanreiken, die men niet op tafel vindt.[412]

Weens die veelheid en lastigheid van die vlieë [413] was die gemelde **vlieëwaaiers** onontbeerlik aan die Kaapse tafel "om dezelve [vliegen] met een' daartoe vervaardigden waaijer af te weren," aldus Teenstra.[414] Volgens die susters Lammens is die vlieë deur 'n slaaf "met een waeijer aan een lange stok" van die borde en skottels weggewaai.[415] Benewens die vlieëwaaiers, was sommige slawe die aangesetenes behulpsaam, terwyl ander as kelners opgetree het deur kos en drank wat nie op die tafel was nie, aan die maaltydgangers te bedien.[416] Soms was tot 25 tafelbediendes tydens 'n enkele maaltyd teenwoordig.[417] Op 26 Augustus 1832 is Spadille van Mosambiek pertinent as kelner in die *Slaweregister* gelys.[418]

---

408 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 120 - 121.

409 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 306 - 307; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 121

410 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 120 - 121.

411 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 56; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 105.

412 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 117 - 118.

413 *Ibid.*, pp. 123 - 124; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 137.

414 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 126.

415 Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 97.

416 J. Idenberg, *The Cape of Good Hope*, p. 17.

417 Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC; de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 97.

418 K.A.B.: SO. 6/30, p. 130: Register of Slaves, 1832-08-26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 76: 'n Panorama van Kaapstad in 1777, volgens 'n waterverfskildery deur die amateurkunstenaar van Duitse afkoms, Johannes Schumacher, wat van 1770 tot ongeveer 1789 as soldaat aan die Kaap was. Die marktuine teen die hange van Tafelberg en in die Tafelvallei, waar talle slawe met die intensiewe produksie van groente en vrugte vir die Kaapstadse mark besig was, is duidelik sigbaar.

Uit: A. Hallema (samesteller), *The Cape in 1776 - 1777. Aquarelles by Johannes Schumacher from the Swellengrebel-collection at Breda* (Den Haag, 1951), plaat 51.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hiermee is gepoog om 'n redelik volledige oorsig oor die werksverdeling van huishoudelike slawe in Kaapstad te gee. Wat nog genoem kan word, is dat sommige huishoudelike slawe 'n positiewe indruk op besoekers gemaak het. In die 1740's het Mentzel opgemerk dat sommige huishoudelike slawe in Kaapstad hulleself as 'n superieure klas bewys het wat goedgemanierd, fluks, toegewyd en lojaal aan hulle meesters was. Vir hulle lojaliteit is dié slawe met vriendelikheid en gereelde geskenke van hulle meesters beloon.[419] Volgens hom was die Kaapsgebore huisslawe met Europese vaders beter gemanierd en opgevoed as die ingevoerde slawe.[420] Alhoewel die Indiese en Maleierslawe as huisslawe aangewend is, was die Kaapsgebore slawe in dié opsig die gewildste. "Of this race, both male and female, are the slave preferred by die inhabitants ... these slaves are engaged in the domestic and most confidential services of the house", aldus Bird in 1822.[421] Die rede waarom die gewildheid van die Kaapsgebore huisslaaf dié van die uiters bekwame Maleierslaaf oortref het, is moontlik te verklaar aan die vooroordeel van die Kapenaars teenoor die Maleier se wraaklustigheid [422] en sy bemoeienis met die sogenaamde "toordery".[423] Daarbenewens was die Kaapsgebore halfslag slaaf nie ontwrig en onderhewig aan die aanpassing in 'n vreemde land nie, terwyl daar ook nie 'n taalprobleem tussen eienaar en slaaf was nie.

Naas die huishoudelike sfeer het privaatslawe in Kaapstad hulle in die produksie- en vervaardigingsektor bevind. Die eerste groep produksieslawe was die **tuiniers,** wat in die netjiese marktuine binne en aan die buitewyke van Kaapstad werksaam was.[424] 'n Groot deel van die Kaapstadse slawearbeid is in beslag geneem deur die intensiewe produksie van groente en vrugte in die welgeleë en netjies uitgelegde marktuine in die Flaggemann's Kloof in Tafelvallei [425] en teen die hange van Tafelberg **(Fig. 76)**. Die vrugbare grond, voldoende water wat in leivore na die tuine herlei is, sowel as die volop sonskyn was ideaal vir die verbouing van groente en vrugte.[426] Hierdie tuine, wat tussen 'n half en twee akker groot was, was hoogs produktief en winsgewend,[427] danksy die deurlopende en konstante arbeid van slawe reg deur die jaar.[428] In 1822 het Bird opgemerk dat die winsgewende opbrengs uit die vermaarde marktuin Leeuwenhof, Johannes Zorn instaat gestel het om soos 'n heer te kon leef.[429] In 1816 is twee Bataafse slawe, naamlik Cato en Snap sowel as Februarie van Mosambiek as tuiniers van Johannes Zorn in die *Slaweregister* aangeteken.[430] Daarbenewens het hy ook vyftien

---

419 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 130.

420 *Loc. cit.*

421 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

422 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 289 en 297; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 48 - 49; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 to 1798, I*, p. 46; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

423 F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen,* pp. 161 - 162; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 59 - 60.

424 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 27.

425 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 87 - 88.

426 *Ibid.*, p. 88.


427 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 166 - 167; *Gleanings in Africa*, p. 31.

428 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 167.

429 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.


430 K.A.B.: SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 77: Beeswagterslaaf besig met sy dagtaak op die gronde van mnr. De Smidt, volgens 'n pen-en-inktekening in 1832 deur sir Charles D'Oyly.

Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 29.



Figuur 78: 'n Beeswagterslaaf in die buitewyke van Kaapstad, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawearbeiders in diens gehad. In totaal het 33 slawemans en ses slavinne die marktuin, wat onder meer met 35 000 wingerdstokke beplant was, bewerk en versorg, sowel as die opbrengs bemark.[431] Die inwoners van Kaapstad sowel as die besoekende skeepslui is oorvloedig van 'n wye verskeidenheid vrugte en groente voorsien [432] wat deur slawetuiniers in hierdie marktuine verbou en deur slaweventers op Groentemarkplein,[433] in die hawe [434] of aan gereelde kliënte of toevallige kopers op straat verkoop is.[435] Met die oplewing in skeepsverkeer was daar na 1770 'n dramatiese toename in die aantal marktuine in Kaapstad [436] en 'n gevolglike toename in slawetuiniers. Op 14 Junie 1816 het Michiel Smuts van die marktuin Bellefleur nie minder nie as elf slawetuiners in sy besit gehad.[437] 'n Paar van die Kaapstadse marktuine wat in die *Kaapsche almanak en naamboek* van 1833 voorkom en waarin slawetuiniers na alle waarskynlikheid werksaam was, is onder meer Welgeleden, De Hoop, Zorgvliet, Reezicht, Hope Mill, Rode Hek, Speculatie, Leeuwenrust, Nooitgedacht, Wildhof, Waterhof, Welgemeend, Weltevreden, Vredehoek, Leeuwenvoet, Welgedaan, Rusthof, Uitkyk, Zorgens Lust, Kuilenburg, Tuinwyk, Zorgwyk, Rustenzorg, Molenvliet, Stadzicht, Schoonderzicht en Schoonekloof.[438] Bird verwys ook na die merkwaardige marktuin Oranjezicht wat in 1822 aan M. van Breda behoort het.[439] Die marktuine Schotschekloof en Tamboerskloof is ook hier van belang. Uit die dagboeke en reisbeskrywings, sowel as uit die *Slaweregister* blyk dit dat veral Mosambiekse en Maleierslawe in die negentiende eeu as tuiniers aangewend is.[440] Uit die Africana-prente is af te lei dat sommige marktuineienaars ook koeie aangehou het wat deur slawe opgepas is **(Fig. 77 & 78)**.

Benewens die marktuine was slawe ook tuiniers in die gewone kombuis- en huistuine van die Kaapstadse inwoners. Catharina van Mosambiek was 'n vroulike tuinier wat aan George Stegman behoort het,[441] terwyl beide die Mosambiekse slawe Kalima en Joan as tuiniers van Reinier Beck in die *Slaweregister* gelys is.[442] In 1817 was Dirk Aspeling in besit van die slawetuinier Jacob van Batavia.[443]

---

431 J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 22.

432 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 383 - 384; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 146.

433 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159.

434 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 108.

435 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 88; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.

436 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 168.

437 K.A.B.: SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14.

438 C. Pama, *Regency Cape Town*, pp. 122 - 123.

439 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 157 - 158.

440 K.A.B.: SO. 6/33, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-14; SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14; SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.

441 K.A.B.: SO. 6/30, p. 36: Register of Slaves, 1832-02-24.

442 K.A.B.: SO. 6/13, p. 15: Register of Slaves, 1816-05-21.

443 K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede groep slawe in die Kaapstadse produksiesektor was die **vissers**.[444] Volgens Barrow was baie van die gekleurde persone in Kaapstad vissermanne.[445] Visvangs was 'n belangrike en winsgewende aktiwiteit in die visryke waters van Tafelbaai, Valsbaai, Vishoek en die Soutrivier.[446] Privaatvissery aan die Kaap is op 'n koöperatiewe wyse bedryf waarvolgens twee persone elk 'n boot voorsien het en een persoon vir die verskaffing van die net verantwoordelik was. Verskeie ander persone het die tien slawe wat die twee bote moes beman, voorsien. Die vis wat gevang is, is in dertien dele verdeel waarvan een vir elke booteienaar, een vir elk van die tien slawe en die dertiende deel aan die persoon wat die net verskaf het, gegaan het.[447] Die visserskuite wat deur die slawe beman is, was oop sonder dekke en van roeiers en seile voorsien.[448] Alhoewel skuite in die oggend uitgestuur is,[449] het netvangste ook snags plaasgevind.[450] Vir dié netvangste het die slawe treknette gebruik wat in vlakkerige water om 'n skool visse neergelaat is. Die nette vol vis is dan aan land getrek. Groot hoeveelhede vis is per keer op dié wyse gevang.[451] Spannette is snags in die riviere, soos die Soutrivier, gespan.[452] Bootvragte snoek is in Julie en Augustus deur slawevissers met 'n lyn en hoek gevang,[453] terwyl ander vissoorte, soos roman, rooistompneus en hotnotsvis, ook op dié wyse aan land gebring is.[454]

Soos Mentzel waargeneem het, is die visserskuite oorwegend deur slawe van verskeie eienaars beman.[455] As bevestiging van dié tendens geld die insident van vier visserskuite wat in 1728, weens visvangs in verbode waters, gearresteer is. Die bemanning het slegs uit slawe bestaan, terwyl net vier van die sestien slawe aan die betrokke booteienaars behoort het. Daarbenewens het nie een van die vier booteienaars meer as twee van hulle eie slawe op hulle onderskeie bote gehad nie.[456] Dit blyk dus dat die verhuring van slawe as vissers aan die booteienaars 'n algemene gebruik aan die Kaap was. In die *Slaweregister* is sekere slawe in besit van privaat-

444 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 10.

445 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II*, p. 340.

446 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I*, p. 106; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 95; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz, gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, pp. 136 - 137; F. de Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 32; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 32.

447 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

448 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

449 C.F.J. Muller, Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1942 I, pp. 42 - 44; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 160.

450 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

451 *Ibid.*, p. 89.

452 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

453 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 160.

454 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 56.

455 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 - 89.

456 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eienaars as "vissermanne" of "bootsmanne" aangeteken.[457] 'n Interessante tendens is dat veral die Indonesiese en Kaapsgebore slawe as "vissermanne" gelys is, terwyl die ander slawe oorwegend as "bootsmanne" in die *Slaweregister* verskyn. Op 30 Mei 1816 is ses Mosambiekse slawe van Pieter Staak as bootsmanne aangeteken[458], terwyl Maars van Papoa, Jefta van die Kaap, Saptoe van Batavia en Ontong van Boegis op 27 Junie 1816 as visserslawe van die vryswarte Salis van Makassar opgeteken is.[459] In die tydperk 25 Julie 1816 tot 30 Mei 1831 is die vier Mosambiekse slawe Louis, Domingo, Louwina en David as bootsmanne van Christiaan Alexander gelys, terwyl Fortuin van Malabar en Caesar van Madagaskar as vissers in sy besit aangeteken is.[460] Op 24 Junie 1816 was Lodenryk Alexander in besit van drie Mosambiekse bootsmanne, terwyl die slaaf October van Batavia as visserman gelys is.[461]

Dat veral die Maleierslawe hulleself as knap en bedrewe vissers aan die Kaap onderskei het, is uit die waarnemings van Le Vaillant [462] en Percival [463] af te lei. Dit is na die afskaffing van slawerny deur George French Angas (1822 - 1886),[464] Johan Mayson [465] en E. Aspeling [466] bevestig. Die Maleierslawe se natuurlike bedrewendheid as vissers is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat visvangs 'n erfnis uit hulle land van herkoms is. Tydens sy Oosterse reise in 1711 het Bogaert opgemerk dat die Malabare, benewens landbouers en ambagslui, ook vissers is.[467] Davids konstateer dat 'n groot aantal Indonesiese slawe aan die Kaap in hulle vaderland van die *Orang Luyt* of *"manne van die see"* was wat tydens visvangste op bote as slawe gevange geneem is.[468]

Na hulle vrystelling het 'n hele paar vryslawe as vissers en bootsmanne 'n lewe in Kaapstad gemaak. "Vissery was 'n gewilde beroep onder die vryswartes en met verloop van tyd het die vissery in Tafelbaai in die hande van nie-blankes, veral Oosterlinge oorgegaan", skryf De Wet.[469] Dat visgereedskap in die inventarisse van sommige vryswartes opduik, is onder meer 'n aanduiding van hulle bemoeienis met vissery. So byvoorbeeld was Claas Gerritz van Bengale in 1697 in besit van onder meer tien visvate, twee traanpotte en agt groot ysterpotte.[470] In 1706 was twaalf vryswartes deel van die 23 Tafelbaaise vissers wat 'n

---

457 K.A.B.: SO. 6/12, p. 27: Register of Slaves, 1818-03-25; 1826-02-01, 1827-07-18, 1831-05-30; SO. 6/13, p. 43: Register of Slaves, 1816-05-13; SO. 6/15, p. 125: Register of Slaves, 1825-02-09.

458 K.A.B.: SO. 6/30, p. 41: Register of Slaves, 1816-05-30.

459 K.A.B.: SO. 6/30, p. 79: Register of Slaves, 1816-06-27;

460 K.A.B.: SO. 6/12, p. 27: Register of Slaves, 1816-06-27; 1818-03-25; 1826-02-01;1827-07-18; 1831-05-30.

461 K.A.B.: SO. 6/12, p. 19: Register of Slaves, 1816-06-24.

462 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 103.

463 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

464 G.F. Angas, *The Kafirs illustrated in a series of drawings,* p. 9.

465 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 15.

466 E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist*, pp. 4 en 6.

467 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia II*, p. 370.

468 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40.

469 C.G. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707,* p. 208.

470 A. Malan, *Chattels and colonists? "Freeblack" women and their households,* Konsepartikel, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verklaring ten gunste van W.A. van der Stel onderteken het.[471] In 'n opname van beroepe van Kaapstadse inwoners in 1820 was 65 vryswartes vissers, terwyl slegs twee as bootsmanne aangegee word.[472] In die *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835* is die volgende vryswartes as vissers of bootsmanne gelys: Abdol Kader, Abdol Wachier, Baidien, Ceyloen van de Kaap, Cupido van Ceylon, Dollie van die Kaap, Fredrik Saul, Jedien van die Kaap, Joseph Zacharias van die Kaap, Laley van die Kaap, Mammat van die Kaap, Pedro van Java, Ramelan van die Kaap, Samsoedien, Thom en Willem Willemse.[473]

Danksy die visserslawe het sekere woorde wat met vissersaktiwiteite te make het via die slawetale Maleis-Portugees en Maleis in die Afrikaanse taal neerslag gevind. Dié aspek word in *Hoofstuk VI* bespreek. Die kulturele nalatenskap van die Kaapse visserslawe is dus in die Afrikaanse taal sowel as in die eiesoortige leefwyse van die vissersgemeenskappe aan die Kaapse kus op te merk.

Die derde groep slawe in die Kaapstadse produksiesektor was die **industrieslawe**. Hulle was onder meer die **kalk- en steenmakers**, die **bakkers**, **slagters**, **brouers**, **seepkokers** en **kersmakers** in diens van hulle stedelike eienaars.

In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat bouaktiwiteite voortdurend in en om Kaapstad aan die gang was.[474] Teen die einde van die agtiende eeu het ook De Jong van die boudrif van die Kaapstadse inwoners melding gemaak wat hy as "ene drift, een dolheid, eene besmettelijke razernij" beskryf het.[475] Weens dié boudrif van die Kapenaars was die brand van stene en kalk winsgewende bedrywe [476] en kon daar danksy slawearbeid, in die groot aanvraag na kalk en stene voorsien word. As **kalkmakers** het slawe hulle plek volgestaan. Seeskulpe is op die strand deur hulle versamel en in hope gepak om droog te word.[477] Volgens De Jong is 'n kuil van 'n half voet (ongeveer 15 cm) diep gegrawe en 'n brandstapel van vier voet (ongeveer 1,2 meter) hoog binne-in die gat gepak. 'n Piramide van skulpe is op die hout gepak "in wier midden een strowis of biezen geplaats worden, die men aansteekt".[478] Nadat die skulpe op dié groot vuur gebrand is,[479] is die skulp-as met water gewas en geblus wat dan as kalk gebruik kon word.[480] In 1816 is Joseph van Madras as

---

471 C.G. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707,* p. 208.

472 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

473 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 26 - 27, 32, 34 - 35, 36, 39, 46, 50, 53, 56, 59, 63, 65 en 69.

474 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 90.

475 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 139.

476 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 90.

477 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 195; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 91 en 140; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36.

478 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 195.

479 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 65.

480 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* pp. 195 - 196.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kalkmaker van David Anosi in die *Slaweregister* aangeteken.[481]

Slawe was ook intensief as **steenmakers** by dié bedryf betrokke en was grootliks vir alle arbeid tydens die steenvervaardigingsproses verantwoordelik.[482] Die kleigrond is uitgespit, deeglik natgegooi en deur die hoewe van 'n span perde tot 'n fyn poeier getrap. Die pulpklei is deur slawehande geknie en in ruwe stene gevorm, waarna dit in steenvorms tot ordentlike boustene gevorm en afgerond is.[483] Slaweseuns en -meisies van vyftien of sestien jaar het die stene aangedra en in eweredige lae gepak om in die son te droog. Dié sondroog-stene is in die steenoond, met sy ses openinge wat elk ongeveer vier meter uitmekaar was, gepak. Elk van die ses tonnels van die oond kon 20 000 stene neem wat op 'n totaal van 120 000 stene per keer neergekom het. Tydens 'n spesiale seremonie is die oond aangesteek.[484] Danksy slawearbeid kon die meester op 'n goeie opbrengs vir sy stene reken. Slawesteenmakers in diens van Kaapstadse inwoners in die negentiende eeu was onder meer Esau,[485] Alexander [486] sowel as Diemieso.[487]

In Kaapstad het die slawebesitters wat bak- en slagsake bedryf het 'n goeie bestaan gemaak,[488] danksy die slawe in hulle diens. De Jong het juis opgemerk dat "de slaven doen alles; **bakkers-slaven** bakken … " [489] Slawe het hiervolgens 'n aandeel in die hoogstaande Kaapstadse gebak gehad. In diens van die bakkers sou hulle onder meer drie soorte brood bak, naamlik broodrolletjies van die beste meel, witbrood en volgraanbrood, terwyl dié in diens van banketbakkers vir soetgebak, soos onder meer koeke en pasteie, verantwoordelik sou wees.[490] Plakkate met betrekking tot die bakkersbedryf maak melding van onder meer "wittebrood, soetekoek, koekies, krakelingen, mitsgaders bisschuijt of tweebak".[491] Op 27 Mei 1816 het vyf bakkerslawe hulle in diens van Johannes Bam bevind. Hulle was Maart en Samson van Mosambiek en die drie Malgassiese slawe Gedult, Anthony en Caesar.[492] Van 1825 tot 1829 was Francois, Sephier, April, Isaac en Adonis, almal van Mosambiek, die bakkerslawe van die Kaapstadse bakker William Hunt.[493] In 'n lys van beroepe in Kaapstad is drie vryswartes in 1820 as bakkers aangedui.[494]

---

481 K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

482 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 180; *Ibid. II,* pp. 90 - 91.

483 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 90.

484 *Ibid. I,* p. 65; *Ibid. II,* pp. 90 - 91.

485 K.A.B.: SO. 6/30, p. 103: Register of Slaves, 1820-01-05.

486 K.A.B.: SO. 6/13, p. 95: Register of Slaves, 1818-12-17.

487 K.A.B.: SO. 6/18, p. 59: Register of Slaves, 1820-01-05.

488 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 83.

489 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 148.

490 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 84.

491 K.M. Jeffreys (red.) *Kaapse Plakkaatboek II,* pp. 132 - 133.

492 K.A.B.: SO. 6/13, p. 52: Register of Slaves, 1816-05-27.

493 K.A.B.: SO. 6/21, p. 277: Register of Slaves, 1825-03-19, 1827-04-09, 1829-06-15.

494 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die **slagters** betref, was dit, volgens Hudson, veral die Boeginese slawe wat in die bedryf aangewend is.[495] In 1817 is die slaaf Dappat van Boegies inderdaad as slagter in diens van Godfried Alt in die *Slaweregister* aangeteken.[496] Ander slawe is egter ook as slagters gebruik. Op 6 Junie 1816 was Jan van Boerbon sowel as August van die Kaap as varkslagters in diens van Johannes Albert.[497] Na hulle vrystellings het sommige vryslawe in Kaapstad 'n nering as slagter of slagterswerker gevolg. In 1820 is twee vryswartes as slagters in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.[498] In 1833 het Sosang sy brood as slagter in Kaapstad verdien,[499] terwyl Abraham, David en Sajieb, al drie van die Kaap, in 1834 as slagters in *The South African directory and almanac* gelys is.[500] In 1835 is Omporba van Mosambiek as slagarbeider in die *Kaapse almanak en naamboek* aangedui.[501]

Wat die **brou-industrie** betref, is die Brandenberger Brouery van Tobias Marquart oorwegend deur slawe bedryf.[502]

Kaapstadse slawe was ook **seepkokers**. Op 21 Mei 1816 is Maart van Mosambiek as seepkoker van Reinier Beck in die *Slaweregister* aangeteken.[503] Seepkokers se werk het onder meer die vyf dae lange kook van 'n mengsel van skaapvet en gannabos-as, wat as loog gebruik is, behels.[504] Die proses word meer volledig onder die arbeid van die binnelandse slawe bespreek.

Mentzel het melding gemaak van die winsgewende kersmaakbedryf wat deur Oosterse vryswartes gemonopoliseer is.[505] Slawe is as **kersmakers** ingespan. Op 25 Junie 1816 is Bora van Makassar as kersmaker van Abdul Jappar in die *Slaweregister* gelys.[506] In dieselfde jaar was die prominente Kaapse Moslem, Jan van Boegies, in besit van die kersmaker Willem van die Kaap.[507] Op 4 Desember 1816 is die slaaf, Snel van Boegies, as kersmaker van Andries Smitsdorff aangeteken.[508] Afvalvet is teen 'n nominale bedrag by die Kaapse slagters gekoop en deur die slawe in sierlike kerse verwerk wat in groot aanvraag was.[509] Alhoewel die

---

495 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 51.

496 K.A.B.: SO. 6/12, p. 43: Register of Slaves, 1817-11-28.

497 K.A.B.: SO. 6/12, p. 10: Register of Slaves, 1816-06-06.

498 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

499 C. Pama, *Regency Cape Town,* p. 118.

500 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834,* pp. 207 en 216.

501 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, p. 55.

502 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 257.

503 K.A.B.: SO. 6/13, p. 15: Register of Slaves, 1816-05-21.

504 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 301.

505 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 91 - 92.

506 K.A.B.: SO. 6/12, p. 18: Register of Slaves, 1816-06-25.

507 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal for Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

508 K.A.B.: SO. 6/30, p. 141: Register of Slaves, 1816-12-04.

509 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 166.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tuisgemaakte plaaskers sy doel gedien het, kon dit wat voorkoms betref, nie met die Oosterlinge se handewerk kersvashou nie, want "[t]hough made of mutton-fat they are as white and as well-shape as wax-candles", aldus Mentzel.[510] Na vrystelling het sommige vry-slawe in Kaapstad uit kersmakery 'n bestaan gemaak. 'n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 toon aan dat twaalf vryswartes kersmakers was, terwyl twee pertinent as vetkersmakers aangedui word.[511] In 1833 was Fortuin van Batavia, Januarie van die Kaap, Leentjie van de Kaap, Pieter van Bengale, sowel as Soliman van Arabië kersmakers in Kaapstad,[512] terwyl Achilles van Bengalen, Baatjoe van Batavia, Samodien van die Kaap en Slamat van Arabië in 1835 by name in die *Kaapsche almanak en naamboek* as kersmakers gelys is.[513]

In die Kaapstadse produksie en vervaardigingsektor het **slaweambagslui** en **-vakmanne** 'n belangrike rol gespeel. Die meeste geskoolde slawe aan die Kaap was in Kaapstad en die omringende dorpies gekonsentreer.[514] Daarbenewens was die meerderheid geskoolde ambagslui in Kaapstad slawe.[515] Uit die menings van die owerhede en amptenare, sowel as van besoekers en reisigers, blyk dit inderdaad dat die Kapenaars se negatiewe ingesteldheid teenoor handewerk die opkoms van bekwame slaweambagslui tot gevolg gehad het. Reeds so vroeg as Desember 1658 het die Raad van Indië Jan van Riebeeck gewaarsku dat die invoer van slawe na die Kaap moontlik tot gevolg sou hê dat die setlaars "wanneer sij het gerijff van de slaven hebben alsdan luij werden ende de handen niet meer tot wercken willen uitsteecken".[516] Volgens die waarneming van baron Gustaaf Willem van Imhoff (1705 - 1750) in 1743, blyk dit dat die profetiese waarskuwing van die Raad van Indië inderdaad in vervulling gegaan het: " ... nu men Slaven geïntroducceert heeft worden de gemeene Europeërs Heeren en willen eerst selfs welgedient zijn eer zij denken een ander te dienen ... "[517]

Die assosiasie van handearbeid met slawe en die meerderwaardigheid van die Kapenaars teenoor fisiese arbeid is telkens deur besoekers en reisigers bevestig. Volgens De Jong het geen blanke ambagslui gewerk nie en is alle werk deur die slawe gedoen, want "bakkers-slaven bakken; kleermakers slaven naaijen; schilders-slaven verwen; die der timmerlieden timmeren ... "[518] Barrow het die Kapenaars se negatiewe ingesteldheid jeens handewerk en die ambagte skerp gekritiseer en opgemerk dat selfs die laerklas koloniste nie daarmee geneë was dat hulle kinders as bediendes werk of 'n vakleerlingskap vir een of ander ambag deurloop nie, aangesien dit onaanvaarbaar was "om die werk van slawe te doen."[519]

---

510 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 92.

511 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 94 - 95.

512 C. Pama, *Regency Cape Town*, pp. 103, 107, 110, 114 en 118.

513 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835*, pp. 27, 31, 63 en 64.

514 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 87.

515 *Ibid.*, p. 83; B. Hindness en P.Q. Hirst, *Pre-capitalist modes of production*, pp. 165 - 167.

516 K.A.B.: C. 279: Inkomende brieven, Desember 1658.

517 M.P. de Chavonnes en G.W. van Imhoff, *The reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff on the Cape*, p. 62.

518 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 147 - 148.

519 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie houding jeens en stigmatisering van handewerk het tot gevolg gehad dat slegs slawe as bekwame ambagslui opgelei is en dat daar teen die tweede helfte van die agtiende eeu 'n gebrek aan aktiewe blanke ambagslui aan die Kaap was. "De Inwooners worden dus wel vermeerderd, maar geen handwerkslieden, konstenaars, of nuttige leden der samenleeving worden er aangekweekt",[520] aldus Stavorinus in die 1770's. Tydens die Eerste Britse Besetting was Percival van mening dat die Nederlanders hulle meer geredelik in die ambagte sou bekwaam indien hulle nie so swaar op die vakmanskap van hulle slawe gesteun het nie. Volgens hom was daar relatief min vakmanne en ambagslui in hulle geledere, "because such services were performed by their servants." [521] In die vroeë negentiende eeu was Lichtenstein daarvan oortuig dat die afskaffing van slawerny die blanke Kapenaars sou verplig om hulleself as ambagslui te bekwaam.[522]

Daar was dus betreklik vroeg 'n situasie aan die Kaap waar arbeidsverdeling rasgebaseerd was.[523] Die Kapenaars se geesteshouding teenoor handearbeid het die opbou van 'n sterk blanke werkersklas in die wiele gery en die opkoms van bekwame slaweambagslui in die hand gewerk. Teen die einde van die agtiende eeu het die Kaapse slawe die ambagsektor oorheers en as kleremakers, skoenmakers, meubelbouers, wamakers, grofsmede, messelaars, pleisteraars, tuie- en saalmakers hulle stempel duidelik op die Kaapstadse vervaardigingsektor afgedruk.[524]

Alhoewel die Kapenaars nie juis 'n belangstelling getoon het om hulle kinders of hulleself as ambagslui te bekwaam nie, was dit wel hulle erns om die mees belowende jong slafies in hulle besit so vroeg as moontlik in die een of ander ambag te laat oplei.[525] Soos reeds in die studie onder *Onderwys en opleiding* vermeld, het dit aansienlike finansiële en huishoudelike voordele vir die eienaar ingehou. Benewens die feit dat ambagslawe in die huishoudelike behoeftes voorsien het, was die verhuring van die slawe sowel as die verkoop van hulle handewerk winsgewend.[526] In die 1790's het Barrow tereg opgemerk: "Some of these [slaves] are artificers; and are hired out at certain rates of the day, week or month.[527] Sommige ambagslawe is teen aansienlike bedrae verhuur. Dit was veral die uitgehuurde kleremakers, skrynwerkers, messelaars en kokke wat aansienlike "slavengeld" vir hulle meesters ingebring het [528] en die verhuring van slawe 'n besonder winsgewende bedryf vir die Kaapse

---

520 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, II*, p. 312.

521 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

522 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 230 - 231.

523 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I*, p. 113.

524 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

525 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26; SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24; SO. 6/12, p. 38: Register of Slaves, 1816-11-14; K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21; SO. 6/13, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-21; SO. 6/13, p. 33: Register of Slaves, 1816-06-05.

526 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 247 - 248.

527 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 46.

528 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe-eienaars gemaak het.[529] In die eerste helfte van die agtiende eeu het huurgeld van 'n enkele slaaf ongeveer vier tot vyf riksdaalders per maand beloop. Daarbenewens moes die huurder die slaaf van kos en tabak voorsien, alhoewel hy nie vir die verskaffing van sy klere verantwoordelik was nie.[530] Teen die 1820's kon 'n gewone arbeiderslaaf teen 18 tot 25 riksdaalders per maand en 'n geskoolde slaaf teen dubbel dié bedrag uitverhuur word. Vroulike huisbediendes is teen 12 tot 14 riksdaalders en kinders teen 10 riksdaalders uitverhuur.[531] Deur die winsgewende verhuring van 'n ambagslaaf kon sy hoë aankoopsom spoedig verhaal word. Soms was die verhuring van slawe 'n voldoende of selfs enigste bron van inkomste vir eienaars.[532]

'n Interessante verskynsel aan die Kaap was die opleiding van pasaangekome Engelse en Ierse vakleerlinge deur slaweambagslui, wat op 'n semi-onafhanklike basis vir hulle eienaars geld verdien het.[533] Vir die besoekende Britse koninklike kommissaris was dit so 'n ongewone verskynsel dat hulle met verskeie Kaapse slaweambagslui in 1825 onderhoude gevoer het. Een van hulle was Carel, die stedelike slaaf van ene De Klerk, wat Paddy Farel in saalmakery en die stoffeerberoep opgelei het.[534] Die skoenmakerslaaf Jacob van Heydenrick, het sy Ierse vakleerling, Mohoney, weens dronkenskap ontslaan.[535]

Soms is stedelike ambagslawe aan boere en ander werkgewers op 'n tydelike basis uitverhuur, in welke geval die betrokke slaaf 'n klein persentasie van die huurgeld ontvang het. Teen 1824 was daar ongeveer tweeduisend slawe wat, teen betaling van 'n vasgestelde weeklikse of maandelikse bedrag aan die eienaar, selfstandig 'n ambag kon beoefen.[536]

Uit die boedelinventarisse van sommige Kaapstadse inwoners gedurende die agtiende eeu blyk dit dat die meeste slaweambagslui in Kaapstad van Asië afkomstig was. In die boedelinventaris van die welgestelde Kaapse slagter Jan Elser in 1799 was alle slawe wat een of ander ambag of nering beoefen het van Indiese, Indonesiese of Kaapse herkoms.[537] Daarbenewens bevestig die dagboeke en reisbeskrywings van besoekers ook dat veral die Maleier- of Indonesiese slawe hulleself as knap ambagslui aan die Kaap onderskei het. Uit dié groep het veral die verwers, musikante en vernuftige handwerkslui van die Kaap gekom.[538] Dié slawe was ewe bedrewe in akker- en tuinbou as in meganiese handvaardighede.[539] Daarbenewens het die intelligente Maleierslaaf oor die vermoë beskik om 'n ambag vinnig aan te leer.[540] Dit is dus nie vreemd dat Burchell tydens sy verblyf van 1810 tot 1815 opgemerk het dat veral die Maleierslawe as

---

529 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 271.

530 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 89 - 90.

531 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

532 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

533 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 144.

534 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXI*, pp. 448 - 449.

535 *Ibid. XXI*, pp. 450 - 451; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 96.

536 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 11.

537 K.A.B.: MOOC. 7/1/44, p. 61: Testamenten, 1799-03-27.

538 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48.

539 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 291.

540 *Gleanings in Africa*, p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ambagslui opgelei is: "The males are taught to be carpenters, cabinet makers, masons, shoemakers, tailors, cooks ... or handicraftsmen, while the females fill the station of mantua-maker, cook ... " [541]

Benewens die Indonesiese slawe het die slawe afkomstig van Indië hulleself ook as vernuftige en bedrewe ambagslui en vakmanne aan die Kaap bewys.[542] Heelwaarskynlik het die kaste stelsel in Indië, wat op 'n sosiale arbeidsverdeling en -spesialisering gebaseer is, 'n rol in hulle bedrewenheid ten opsigte van spesifieke ambagte gespeel. Tydens sy Oosterse reise het Stavorinus berig dat elke kaste sy eie handewerk beoefen wat van een geslag na die ander oorgelewer word en dat die ambagslui hulle by een handwerksoort bepaal, sodat "een Goudsmit geen silver verwerken zal, ook geen zilversmit eenig goud".[543] Dié spesialisasie het uiteraard bedrewe vakmanne tot gevolg gehad.

Die slawe van Afrika en Madagaskar is veral in messelwerk en houtwerk, sowel as alle ander ambagte wat 'n groot mate van fisiese inspanning vereis het, aangewend.[544] In sy positiewe beskrywing van die Mosambiekse slawe het Hudson melding gemaak van goeie timmerlui en messelaars wat hy onder dié slawe opgemerk het.[545] 'n Kaapsgebore slaaf wat in een of ander ambag opgelei is, was veral 'n waardevolle besitting vir sy meester.[546]

Die eerste groep slaweambagslui wat 'n belangrike rol in Kaapstad gespeel het, was die **messelaars** en **pleisteraars**. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat die aantal persone wat huise laat bou, steeds toeneem,[547] terwyl bouaktiwiteite voortdurend in en om Kaapstad aan die gang was.[548] Teen die einde van die agtiende eeu was dié boudrif steeds in volle swang.[549]

Slawe was intensief betrokke by die bou van die groot aantal pragtige witgekalkte steenhuise van een of meer verdiepings met oorwegend plat dakke en stoepe aan die voorkant.[550] Dit was die messelaar se taak om die boukalk of ander bindmateriaal wat vir die bouery gebruik is, deeglik te meng en die mure daarna volgens die voorskrifte met stene op te messel.[551] Tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat stene toe alreeds vir honderd jaar in gebruik was. Volgens hom is klei of leem voorheen in plaas van kalk gebruik, alhoewel

---

541 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

542 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 286 - 287.

543 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in den jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, pp. 20 - 21.

544 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287.

545 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 49.

546 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 101 - 102.

547 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 65.


548 *Ibid. II*, p. 90.

549 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 139.

550 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 25; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 70 - 71.

551 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 62.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 79: Kaapse slawe besig om volgens die klei-en-water metode te bou, soos uitgebeeld deur lady Anne Barnard.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 163.

'n laaste pleisterlaag van skulpkalk aan die binne- en buitekant aangewend is, "[n]owadays there is enough shell-lime to permit all houses being treated with cement and sand".[552] 'n Illustrasie deur lady Anne Barnard (1750 - 1825) tydens haar verblyf aan die Kaap van 1797 tot 1802, toon hoe daar deur slawe met klei en water gebou is **(Fig. 79)**.[553] Volgens haar is die baksteenmure met nat klei gepleister, "trodden into a paste by the feet of Slaves", waarna dit met skulpkalk gewas is.[554]

Slawebouers moes streng hou by die vereistes wat in 1717 deur die Politieke Raad vir die konstruksie van plakdakke neergelê is. Hiervolgens is hardgebakte stene op die latte, wat aan die geel- of kiaathoutbalke vasgespyker is, gelê. Daarna is 'n mengsel van vier dele fyngestampte kalkskulpe uit gruis van die kalkoond, twee dele gewone boubalk en twee dele verpoeierde bakstene met klapperolie tot 'n deeg berei en een-en-'n-half duim (4 cm) dik met ligte houthamers versigtig op die stene vasgeslaan. Die tweede laag is van tien dele gesifte kalk, drie dele fyn gesifte gruis of verpoeierde gebakte stene en een deel Bengaalse suikersediment of molasse berei en een duim (2,5 cm) dik op die eerste laag vasgestamp. As afronding is 'n vloeistofmengsel van kalk, olie en suikerstroop oor die tweede laag aangewend.[555] Hierdie konstruksie moes 'n water- en winddigte sowel as vuurvaste dak verseker.

Die Oosterse slawe, wat onder meer Indiër- sowel as Maleierslawe ingesluit het, was veral verantwoordelik vir die ornamentele pleisterwerk van sommige van die Kaapse barokgewels. Die reliëfpleisterwerk aan die Kaap het versieringsmotiewe en ligte krullysversierings in die gewels sowel as die stoep behels wat die Kaaps-Hollandse huis van sy Europese prototipe onderskei het.[556] In sy beskrywing van die vroeg-negentiende-eeuse huise in Kaapstad het Burchell onder meer van stukkadoorwerk melding gemaak, terwyl die voorkant van die huise, volgens hom, met kroonlyste, talle argitektoniese versierings en heel dikwels met figure in hoë en vlak reliëf versier was.[557]

Alhoewel teenwoordig, was die invloed van die Oosterse slaaf op die groter Kaapstadse huis meer beperk. By die bou van kleiner huise is die slawepleisteraars groter vryheid toegelaat. Van die huisies in die Bo-Kaap openbaar inderdaad stylvermenging in die pleisterwerk waarin die hand van die Oosterse slaaf duidelik te bespeur is. Die voorkant van 'n huis in Nuwe Kerkstraat 64 was met reliëfwerk van twee vreemde obeliske of suile weerskante van die voordeur versier, terwyl daar aan die bo-kant van elke obelisk 'n griffoen voorgekom het. In Java is die gebruik van griffoene as viersieringsmotiewe redelik algemeen.[558] Die invloed van die slawe op die Kaapse argitektuur en boukuns word in *Hoofstuk VI* meer volledig bespreek.

---

552 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 62.

553 Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 163.

554 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 193.

555 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, pp. 17 - 18.

556 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.) *Handbook on race relations in South Africa,* p. 647.

557 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 71.

558 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.) *Handbook on race relations in South Africa,* p. 648.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die *Slaweregister*, wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, is 'n hele aantal slawe as messelaars aangedui. Van hulle was onder meer Masoe alias Baatje van Ternate, wat deur die vryswarte Pieter Andriese van die Kaap besit is,[559] Fortuin van Makassar, wat aan Andries Brink behoort het,[560] Baatjoe van Batavia sowel as Sarmatan van Mosambiek, wat albei die eiendom van Johannes Blesser was,[561] en Dapat van Batavia, wat aan Johannes van Breda behoort het.[562] Op 11 Junie 1816 is drie slawe as messelaars in besit van Andries Brink gelys. Hulle was Jonas van die Kaap, Lindor van die Kaap, sowel as April van Mosambiek.[563] In dieselfde jaar was die Maleierdokter, Abdol Malik, in besit van die slawemesselaar, Marcus van Batavia.[564] Op 5 Mei 1829 is die slaaf, Bacchus van Malakka, as messelaar van die weduwee, Leonara Colyn, gelys.[565] Al vyf messelaars wat op 14 Junie 1816 as die slawe van Abraham de Villiers in die *Slaweregister* aangeteken is, was van Batavia afkomstig.[566]

Na hulle vrystelling was sommige vryslawe as messelaars in Kaapstad werksaam. 'n Lys van Kaapstadse beroepe in 1820 toon aan dat twintig vryswartes in dié tyd as messelaars 'n bestaan in Kaapstad probeer maak het.[567] In 1835 is 28 vryswart messelaars by name amptelik in die *Kaapsche almanak en naamboek* gelys. Hulle was onder meer Abdol van die Kaap, Asso van China, Adje van die Kaap, Abraham, Asan van China, Bancal van Mosambiek, Bartie, Boharie, Cassien van Boegies, Damon, Domingo, Galant van die Kaap, Idas van die Kaap, Jaapie, Jaapie van die Kaap, Jardien, Job, Joewa, John van China, Junta van die Kaap, Majieb van Malagas, Marthinus van die Kaap, Mastachees van die Kaap, Robyn, Salie van die Kaap, Sam van China en Slamoedien van die Kaap.[568]

Die volgende groep ambagslawe wat 'n belangrike plek in die Kaapse boubedryf ingeneem het, was die **dakdekkers**. Dakke is gewoonlik deur die slawe met inheemse gras of riet *Restiotectorum* gedek.[569] Volgens Mentzel het die dekriet soos rogstrooi gelyk, "but are filled with sap and are not hollow as the other".[570] Die dek van 'n rietdak het spesiale vaardighede vereis en die dekker moes sy storie ken om dié taak suksesvol te voltooi. Die dekriet is met geteerde tou of draad aan die latte vasgemaak. Voor die punte van die riet vasgemaak is, is dit met 'n spesiale hout apparaat op 'n bepaalde wyse uitgetrek sodat slegs een halm 'n ander gedeeltelik oorvleuel het. Dit het aan die dak 'n egalige oppervlak verleen. Die taak is afgerond deur die houtraamwerk van die dakhelling en die ente met 'n laag kalk te bedek en af

---

559 K.A.B.: SO. 6/12, p. 11: Register of Slaves, 1816-06-07.

560 K.A.B.: SO. 6/13, p. 2: Register of Slaves, 1817-12-20.

561 K.A.B.: SO. 6/13, p. 8: Register of Slaves, 1816-05-16.

562 K.A.B.: SO. 6/13, p. 11: Register of Slaves, 1816-05-18.

563 K.A.B.: SO. 6/13, p. 41: Register of Slaves, 1816-06-11.

564 K.A.B.: SO. 6/12, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-21.

565 K.A.B.: SO. 6/15, p. 125: Register of Slaves, 1829-05-05.

566 K.A.B.: SO. 6/33, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-14.

567 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

568 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835,* pp. 26 - 28, 34, 36 - 37, 40, 44 - 45, 53, 59, 63 en 64.

569 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 25.

570 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te wit.[571] 'n Voorbeeld van 'n dakdekker was Moses van die Kaap, wat op 1 Julie 1816 as slaaf van George Anosi in die *Slaweregister* gelys is.[572] Slegs een vryswarte is in 1820 in 'n lys van Kaapstadse beroepe as dakdekker aangegee.[573] Soos deur De Jong opgemerk, is die verfwerk deur slawe gedoen.[574] Op 19 Mei 1816 is nie minder nie as vyf slawe van Andries Willem Beck as **verwers** in die *Slaweregister* aangeteken. Ismael, Adonis, Baatjoe, Joermat en Basta was al vyf van Batavia afkomstig.[575] In dieselfde jaar was die prominente Kaapse Moslem, Jan van Boegies, in besit van die verwer Carolus van Batavia.[576] Op 21 Augustus 1827 was Floris van Mosambiek as verwer in diens van die vryswarte Abdol Wasie.[577]

'n Hele paar slawe was na hulle vrystelling as verwers in Kaapstad werksaam. Tien vryswartes is in 1820 in 'n lys van Kaapstadse beroepe as verwers aangegee.[578] In *The South African directory and almanac for 1834* is Abdolsaayer, Alexander, Carolus van die Kaap, David van die Kaap, Damon van Bengale, Isaac van die Kaap, sowel as Soekoer van die Kaap as verwers aangedui,[579] terwyl Christiaan van die Kaap, Darie van die Kaap, Mamoodien van Batavia, Sayar, sowel as Carolus en Soekoer, beide van die Kaap, in 1835 in die *Kaapsche almanak en naamboek* as verwers gelys is.[580]

Soos die verwers, het die slawe hulle plek as **timmerlui** in die ambagsektor volgestaan. "De slaven doen alles; ... die der timmerlieden timmeren", aldus De Jong.[581] In die snel ontwikkelende Kaapstad was die dienste van timmerlui onontbeerlik. Slawe kon as timmerlui op drie wyses 'n bydrae tot die oprigting van 'n nuwe gebou lewer. Hulle kon die hele gebou van hout oprig, die binnemure uit hout saamstel of die dakbalke op die mure plaas.[582] Daarbenewens het timmermans ook herstelwerk aan die Saldanhavaarders se bote gedoen.[583] Werkopdragte deur die owerheid, soos die herstel van brûe, die bou van voetbrûe, sowel as die maak van waterwiele, is aan die vry timmermanne opgedra [584] wie se slawe grootliks die werk verrig het. 'n Groot aantal slawe is as timmerlui in besit van Kaapse inwoners in die

571 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134.

572 K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

573 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

574 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

575 K.A.B.: SO. 6/13, p. 40: Register of Slaves, 1816-05-10.

576 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

577 K.A.B.: SO. 6/12, p. 68: Register of Slaves, 1827-08-21.

578 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

579 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207, 214, 216, 224 en 243.

580 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835,* pp. 34, 36, 53 en 63 - 64.

581 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 148.

582 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 64; E. Buys, *Nieuw en volkomen woordenboek van konsten en wetenschappen X*, p. 186.

583 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 346.

584 K.A.B.: VC. 9, p. 905: Dagboek, 26-03-1683; K.A.B.: 1/STB. 1/1, pp. 12 en 66: Notule van Landdros en Heemrade, 27-01-1693 en 11-02-1694.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Slaweregister gelys. Voorbeelde hiervan is onder meer die drie slawe Lucas van die Kaap, Coridon van Batavia en Onverwagt van Batavia, wat op 18 Mei 1816 as timmerlui van Johannes van Breda aangeteken is,[585] terwyl Damon van Bengale, Joemat van Bengale, sowel as Patientie van Mosambiek op 19 Julie 1816 as timmerlui van Daniel Jacobus Blanckenberg gelys is.[586] Op 10 Januarie 1817 was Dirk Jacobus Aspeling in besit van die twee Bataafse timmermanne, Alexander en Samaay.[587]

Dit was veral die Indiese en Kaapsgebore slawe met Oosterse bloed in hulle are, wat hulleself as knap **skrynwerkers** en **meubelmakers** of **kabinetmakers** aan die Kaap onderskei het. Na alle waarskynlikheid was Indonesiese slawe en bannelinge die eerste meubelmakers aan die Kaap.[588] Die werk van die meubelmakerslaaf sou onder meer die bestudering van die ontwerp, die kies van die hout, die uitsaag daarvan in die vereiste lengtes, die skaaf en afwerk van die hout, die maak van al die voeë en tappe, die heg van alle dele en die dekoratiewe afwerking van die meubelstuk behels. Alhoewel die Hollandse en Europese meubels as modelle gedien het, het dit onder die hande van die slaweambagslui 'n unieke Hollands-Koloniale of Kaaps-Hollandse karakter verkry.[589] 'n Voorbeeld van 'n slaaf wat pertinent as kabinetmaker in die *Slaweregister* aangeteken is, was Johathan van die Kaap wat aan Johannes Serrurier behoort het.[590]

Na hulle vrystelling was sommige slawe as timmerlui, skrynwerkers en meubelbouers in Kaapstad werksaam. In die *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834* sowel as *The South African directory and almanac for 1834* is die volgende vryswartes as skrynwerkers en meubelbouers aangeteken: Ontong van Boegies, Ajan van China, Bargia van die Kaap, Carolus van die Kaap, Moos van die Kaap, Oesman, Ontong van Batavia en Tarieff van die Kaap.[591]

Afgesien van die huishoudelike **skoenmakers** wat reeds bespreek is, was daar ook die slawe wat by die skoenmakerbedryf van hulle meesters betrokke was. Op 5 Junie 1816 was vyf slawe as skoenmakers in diens van die Kaapstadse skoenmaker George Becker.[592] Hulle was Solomon van die Kaap, Fortuin van Ternate, Natas van Napai, Achilles van die Kaap en Abraham van die Kaap wat 'n skoenmakervakleerling was.[593] Sodanige vakleerling moes eers 'n paar jaar sy ambag onder 'n meestervakman leer. In dié tyd, wat hy as 'n "schoenlapper" bekend gestaan het, was sy werk beperk tot die herstel van skoene. Tydens sy vakleerlingskap moes die slaaf sy meesterstuk voltooi wat gewoonlik die maak van een of meer pare skoene behels het. Nadat die meestervakman sy meesterstuk goedgekeur het, het die slaaf sy

---

585 K.A.B.: SO. 6/13, pp. 10 - 11: Register of Slaves,1816-05-18.

586 K.A.B.: SO. 6/13, p. 65: Register of Slaves, 1816-07-19.

587 K.A.B.: SO. 6/12, p. 35: Register of Slaves, 1817-01-10.

588 L.E. van Onselen, *Cape antique furniture*, p. 7.

589 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 647.

590 K.A.B.: SO. 6/30, p. 14: Register of Slaves, 1816-05-18.

591 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835,* pp. 3, 5, 26 en 36; G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 208, 212, 214, 233 - 234 en 244.

592 C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 98.

593 K.A.B.: SO. 6/13, p. 33: Register of Slaves, 1816-06-05.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vakleerlingskap geslaag. Hierna was hy 'n opgeleide of geskoolde skoenmakervakman wat self skoene uit verskillende soorte leer kon vervaardig.[594]

Na hulle vrystelling was sommige slawe as skoenmakers in Kaapstad werksaam. 'n Lys van Kaapstadse beroepe van 1820 toon twaalf vryswartes as skoenmakers aan.[595] Op enkele uitsonderings na was byna alle vryslawe wat in 1834 as skoenmakers in die *Kaapsche almanak en naamboek* sowel as in *The South African directory and almanac for 1834* gelys is, Kaapsgeborenes. Van hulle was onder meer Abraham, Absolom, Adam, Adjie, Gaban, Isaak, Jachie, Jakiem, Jamie, Jan, Jeptha, Kafla, Tamien en Tarriek. Ander vryswart skoenmakers was Abdol Jaliel, Abdol Soekoer, Abdoljalien, Jan Caffela, Japie Jacobse, Manuel, Faro, Sammat Danielsen en Jan Ysman.[596]

Verwant aan skoenmakery was die looierybedryf [597] waar slawe as **leerlooiers** 'n rol gespeel het. Op 25 Februarie 1822 was die Kaapstadse leerlooier en hoedemaker Johan Stegman in besit van vyf leerlooierslawe.[598] Hulle was die vier Mosambiekse slawe Februarie, Jack, April en January, sowel as Plato van Malabar.[599] Agt slawe is op 23 Augustus 1816 as leerlooiers van Johan Stadler in die *Slaweregister* gelys. Hulle was Primo, Fortuin, Alant, September, October, November, David en Lakey, almal van Mosambiek.[600] Leerlooiers moes diervelle tot bruikbare leer bewerk. Afgeslagte diervelle is gesout om bederwing te voorkom en daarna vir dertig uur in lopende water gelaat om te suiwer en uit te vars. Hierna is dit beurtelings in 'n kalkput gegooi en gedroog, die hare afgeskrap en die vel in lopende water gewas. Die looiproses het tussen twaalf en agtien maande geduur.[601]

Buiten vir die huishoudelike **kleremakers** en **snyers** wat reeds bespreek is, het slawe ook in die kleremakersbedryf van hulle meesters diens verrig. Sommige slawe was by die hoedemakersbedryf van hulle meesters betrokke, soos die geval van Maart van Bengale, Castor van Mosambiek en Caesar van Mosambiek, wat **hoedemakers** in diens van Johan Stegman was.[602] Sommige slawe wat **pruikemakers** was, het na hulle vrystellings hulle beroep voortgesit, soos die geval met Dawid van die Kaap en ene Lodewyk was.[603] In 1820 is ses vryswartes as pruikmakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.[604]

In die *Slaweregister* is sekere slawe as **saalmakers** aangeteken, soos Matjong van Boegies,

---

594 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 68.

595 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 94.

596 J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834*, pp. 2 - 3, 7, 13, 17 - 18, 25, 34, 36 en 40; G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 206 - 207, 216, 218, 224 - 225, 227, 233, 242 en 244.

597 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 69.

598 C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 117.

599 K.A.B.: SO. 6/30, p. 124: Register of Slaves, 1822-02-25.

600 K.A.B.: SO. 6/30, p. 110: Register of Slaves, 1816-08-23.

601 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 69.

602 K.A.B.: SO. 6/30, p. 124: Register of Slaves, 1822-02-25.

603 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 216 en 230.

604 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 95.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat die eiendom van Abdol Ganie van Ambon was,[605] en Ernst van die Kaap, wat aan Jan Serrurier behoort het.[606] Volgens 'n lys van Kaapstadse beroepe het slegs twee vryswartes in 1820 'n lewe as saalmakers in die stad gemaak,[607] terwyl die vry Adonis, Carel en Jeptha, almal van die Kaap, sowel as Arend in 1834 as saalmakers in Kaapstad gewerk het.[608]

Met die vestiging van die wynbou aan die Kaap het daar 'n dringende behoefte ontstaan aan die dienste van **kuipers** vir die vervaardiging van vate.[609] Sommige eienaars het daarom hulle slawe as kuipers laat oplei. Dit het beteken dat die slaaf eers sy vakleerlingskap onder 'n meestervakman moes deurloop en 'n meesterstuk, soos 'n vat, maak. Kuipers het hoofsaaklik wyn-, bier- en verpakkingsvate, sowel as wasbalies gemaak. Dit het die vernuftige inmekaarvoeging van veral eikehoutduie, sodat geen vloeistowwe daaruit kon lek nie, behels.[610] Sekere slawe is pertinent as kuipers in die *Slaweregister* gelys. Op 4 September 1816 was Salie sowel as Apollos, beide van die Kaap, die kuipers van Bartholomeus Schultz,[611] terwyl Phillis en Adolf, beide van Mosambiek, as kuipers van Gabriel Vos aangedui is.[612] Op 21 Junie 1819 was Christiaan Philip Zinn in besit van Salie van die Kaap, terwyl die wynhandelaar M.C. Vos die slaaf Moses van Mosambiek as kuiper in sy diens gehad het.[613] Slawe wat na hulle vrystelling hulle dienste as kuipers in Kaapstad verkoop het, was onder meer Martinus, Masoer en Savan, aldrie van die Kaap, sowel as Salomon van Batavia.[614] Volgens 'n lys van beroepe was daar in 1820 vyf vryswart kuipers in Kaapstad werksaam.[615]

Aan die Kaap is slawe as **silwer-** en **kopersmede** opgelei. Die silwersmede se werk het die maak van gebruiks- en ornamentele artikels, soos skottels, borde, bekers, kanne, ketels, lepels, soos murg-, bredie- en soplepels, soutlepeltjies, teekislepeltjies, druiweskêre, koletessies, brandewynverwarmers, vurke sowel as beeldjies van mense en diere, kandelare, knope, gespes en haarnaalde, behels.[616] Op 10 Julie 1816 is die slaaf Delft van Malabar as silwersmid van die weduwee Helena Schmith in die *Slaweregister* gelys,[617] terwyl Fortuin van Mosambiek 'n silwersmid van Altman Aalders was.[618] Na sy vrystelling was Afrika van die Kaap as silwersmid in Kaapstad werksaam.[619] 'n Slaaf wat as kopersmid opgelei is, moes vir 'n paar jaar sy vakleerlingskap onder 'n meestervakman deurloop, waarna hy 'n meesterstuk moes

605 K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1819-06-08.

606 K.A.B.: SO. 6/30, p. 23: Register of Slaves, 1823-08-26.

607 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

608 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834,* pp. 207, 214, 225 en 208.

609 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 73.

610 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 73.

611 K.A.B.: SO. 6/30, p. 117: Register of Slaves, 1816-09-04.

612 K.A.B.: SO. 6/33, p. 66: Register of Slaves, 1817-01-08.

613 K.A.B.: SO. 6/33, p. 127: Register of Slaves, 1830-02-05.

614 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 233 en 242; J.S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1834,* pp. 25 en 34.

615 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

616 D. Heller, *Further researches in Cape silver*, pp. 152 - 153.

617 K.A.B.: SO. 6/30, p. 86: Register of Slaves, 1816-07-10.

618 K.A.B.: SO. 6/12, p. 28: Register of Slaves, 1816-09-09.

619 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 207.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak. Nadat die meestervakman die slaaf se meesterstuk goedgekeur het, was hy 'n volwaardige kopersmid wat hom veral met die bewerking van geel- en rooikoper en die maak van kopervate en kombuisgereedskap, soos koperketels, -panne, -potte, -suikertrommeltjies, -skuimspane, -teegoedbalies, -koffiekanne, -kraantjiekanne, -kastrolle, -konfore, -bekers, sowel as -blakers, -kandelare, -slotplate, -deurhandvatsels, -strykysters, -kwispedore, -stookketels, -wynmaatkanne en -wynfilters, besig gehou het.[620] In 1816 was beide die weduwee Susanna Smit sowel as Johan Zinn elk in besit van 'n kopersmidslaaf,[621] terwyl die minderjare Erick en Anna Aspeling op 31 Maart 1817 in besit van die kopersmid Apollos van Batavia was.[622] Op 18 Augustus 1827 is die slaaf Allie van Boegies as kopersmid van Petrus Hammes in die *Slaweregister* aangeteken.[623] Kaapse slawe was ook **tinslaers** en **-gieters**. Hulle werk het hoofsaaklik die maak van tin eet- en drinkgerei behels. Op 9 Julie 1816 was Barend Berning in besit van die tinslaer Samarang van die Guinese kus.[624]

Slawe het hulle plek as **ystersmede** in die Kaapse samelewing volgestaan. Op 12 Julie 1816 was Barend Berning in besit van die ystersmid Lafleur van Mosambiek,[625] terwyl die slaaf Moses van die Kaap op 17 Mei 1816 as ystersmid van Christiaan Bosse aangeteken is.[626] Op 1 Augustus 1816 was Frederik Voges die eienaar van die ystersmede July van Batavia en August van Mosambiek,[627] terwyl Philander van Batavia op 9 September 1816 as ystersmid van Wilhelm Schuchard in die *Slaweregister* aangedui is.[628] Ystersmede het hulle hoofsaaklik met die bou van waens sowel as die maak van gereedskap, implemente en dekoratiewe smeeysterwerk besig gehou. 'n Ystermidslaaf waarvoor Martin Melck 1500 riksdaalders betaal het [629] se handewerk is deur lady Duff-Gordon in die traliewerk van Groote Schuur se voordeur opgemerk.[630] Van die agt volwasse slawe van Johan Carel Smith, was ses grof- of ystersmede wat almal van Mosambiek afkomstig was.[631] Dit bevestig die tendens dat Mosambiekse slawe in die meer veeleisende ambagte aangewend is: "They commonly work ... at all those kinds of handicraft which require much exertion", aldus Percival.[632] Op 27 Mei 1816 is die slawe Lakey van Mosambiek sowel as Africa van Madagaskar as wamakers van L.J. Smith in die *Slaweregister* gelys,[633] terwyl Hector van Mosambiek op 22 April 1834 die

---

620 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 74; M. le Roux, *Die Kaapse kopersmid*, pp. 23, 26, 31, 79, 81, 88 - 90, 93 - 94, 96, 101 - 103, 104 - 110, 112 - 113, 118 - 119, 123 - 124 en 127 - 146.

621 K.A.B.: SO. 6/30, p. 123: Register of Slaves, 1816-09-20; SO. 6/35, p. 11: Register of Slaves, 1816-10-05.

622 K.A.B.: SO. 6/12, p. 53: Register of Slaves, 1817-03-31.

623 K.A.B.: SO. 6/21, p. 271: Register of Slaves, 1827-08-18.

624 K.A.B.: SO. 6/13, p. 59: Register of Slaves, 1816-07-09.

625 K.A.B.: SO. 6/13, p. 59: Register of Slaves, 1816-07-12.

626 K.A.B.: SO. 6/13, p. 63: Register of Slaves, 1816-05-17.

627 K.A.B.: SO. 6/33, p. 35: Register of Slaves, 1816-08-01.

628 K.A.B.: SO. 6/30, p. 118: Register of Slaves, 1816-09-09.

629 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 53.

630 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17.

631 K.A.B.: SO. 6/30, p. 13: Register of Slaves, 1816-05-17.

632 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 288.

633 K.A.B.: SO. 6/30, p. 32: Register of Slaves, 1816-05-27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wamaker van Pieter de Villiers was.[634] Indonesiese slawe wat as wamakers in die *Slaweregister* aangeteken is, is onder meer David van Boegies en November van Batavia.[635] Slawe wat na hulle vrystelling hulle brood as ystersmede of wabouers in Kaapstad verdien het, was onder meer Fortuin van die Kaap en Engla van Japan.[636] In 1820 is een vryswart persoon as smid en twee as wamakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangeteken.[637]

Kaapse slawe was ook **ruitwerkers** of **glaseniers** wat by die maak, sny en insit van glasruite betrokke was. Op 29 Mei 1816 was Johan Stemmet in besit van twee ruitwerkers, naamlik Cupido van Madagaskar en Januarie van Mandar, [638] terwyl Cupido van Madagaskar op 25 Julie 1823 as glasenier van die vryswarte Samuel van die Kaap in die *Slaweregister* gelys is.[639]

In die *Slaweregister* is 'n paar slawe as **pottebakkers** aangeteken. Van hulle was onder meer August van Siam, wat aan Goenraad Eysen behoort het, en Damon van Ceylon, wat 'n pottebakker van Hendrik Vos was.[640] Pottebakkery was 'n moeilike ambag om aan te leer en die slawevakleerling het 'n lang tyd nodig gehad voor hy die tegniek om die klei te beheer en te vorm, baasgeraak het.[641]

Slawe wat as **mandjiemakers** in die *Slaweregister* gelys is, is onder meer Ontong van Makassar, wat op 22 Junie 1816 as eiendom van Lambertus Colyn aangeteken is.[642] Die vryswarte Jan van Boegies was self in besit van die 61-jarige mandjievlegter, Slammat van Boegies.[643] Slawe wat na hulle vrystelling as mandjiemakers in Kaapstad werksaam was, is onder meer Adam van die Kaap en Abdol Batie.[644] In 1820 is vyftien vryswart persone as mandjiemakers in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.[645]

Op 9 Desember 1828 is die slaaf Charles van Mosambiek as **seilmaker** van Thomas Hunter in die *Slaweregister* aangeteken.[646] Op 13 Maart 1829 is die slaaf November van die Kaap in die *Slaweregister* as **horlosiemaker** van Jacob Fredrik Stober aangedui,[647] terwyl dieselfde slaaf in 1834 nog steeds in dieselfde hoedanigheid by Stober in diens was.[648]

---

634 K.A.B.: SO. 6/33, p. 155: Register of Slaves, 1834-04-22.

635 K.A.B.: SO. 6/33, p. 75: Register of Slaves, 187-02-17; SO. 6/30, p. 31: Register of Slaves, 1816-05-27.

636 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 217 - 218.

637 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

638 K.A.B.: SO. 6/30, p. 37: Register of Slaves, 1816-05-29.

639 K.A.B.: SO. 6/30, p. 103: Register of Slaves, 1823-07-25.

640 K.A.B.: SO. 6/18, p. 28: Register of Slaves, 1816-08-10; SO. 6/33, p. 103: Register of Slaves, 1823-10-18.

641 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 75.

642 K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.

643 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 5.

644 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834,* p. 207; J. S. de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek voor her jaar 1834,* p. 2.

645 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 94.

646 K.A.B.: SO. 6/21, p. 287: Register of Slaves, 1828-12-09.

647 K.A.B.: SO. 6/30, p. 39: Register of Slaves, 1829-03-13.


648 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 234.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 80: Twee Kaapstadse vrugteverkopers met hulle vrag in mandjies aan weerskante van 'n juk oor hulle skouers gebalanseer, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon.


Uit: A.H. Smith (red.) *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 69.




Figuur 81: 'n Straatventer met sy juk en mandjies op Stalplein, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 82: Twee rustende vrugte- en groenteventers in die buitewyke van Kaapstad, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 41.



Figuur 83: 'n Straatventer in Strandstraat, Kaapstad, volgens 'n gravure deur William J. Burchell (1781 - 1869).
Uit: W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (London, 1822), p. 70.



Figuur 84: Sir Charles D'Oyly besig om op die stoep van sy woonplek Gore Lodge, met 'n vrugteverkoper oor die prys van sy produkte te kibbel, volgens 'n pen-en-inktekening deur D'Oyly self in 1832.
Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naas die vervaardigingsektor, was die Kaapstadse slawe in die handelsektor betrokke. Aangesien die koophandel een van die belangrikste bestaansbronne van die Kaap se inwoners was,[649] en byna alle inwoners die een of ander vorm van handel bedryf het,[650] was die slawe in hulle besit by implikasie baie nou by hulle besigheids- en handelsbelange betrokke. As **handelaars**, **venters** en **smouse** het slawe inderdaad 'n belangrike rol in die verkope en inkomstegenerering uit die ware en produkte vir hulle meesters gespeel. Teen die einde van die agtiende eeu het Barrow krities opgemerk dat die Kaapse amptenary "left no sort of indignity in retailing the produce of their gardens; not indeed avowedly, but through the medium of their slaves".[651] Die res van die inwoners het hy volgens hulle onderskeie handelsaktiwiteite geklassifiseer. Die eerste groep was 'n middelklas wat plase elders gehad het en wat die opbrengs daarvan deur hulle slawe in die stad van die hand gesit het. Die tweede groep was 'n groepie onbeduidende handelaars wat hulleself as koopmanne beskou het. Die laaste groep was die handelaars wat hulle verskeidenheid professies deur middel van hulle slawe beoefen het.[652] Hiervolgens was slawe 'n integrale deel van die Kaapse handelsektor.

Soos reeds in die studie vermeld, het die eienaars van die marktuine aan die buitewyke van Kaapstad 'n aansienlike inkomste uit dié tuine verdien. Die produkte van die marktuine is deur slawe en smouse met mandjies aan gereelde kliënte of toevallige kopers in die stad gelewer.[653] In 1816 is twee slawe in die *Slaweregister* as die **straatverkopers** van die bekende Kaapstadse marktuinier, Johannes Zorn van die winsgewende marktuin Leeuwenhof, aangeteken,[654] terwyl M.J. Smuts van die marktuin Bellefleur ook in dieselfde jaar in besit van twee straatverkopers was.[655] Teen 1822 het die aantal straatverkopers van die Kaapstadse marktuine aansienlik toegeneem. Groente en vrugte uit dié tuine is twee maal daagliks deur tot ses slawe per marktuin in twee mandjies aan 'n juk oor hulle skouers, te voet na die Kaapstadse strate **(Fig. 80 & 81)** of Groentemarkplein gebring. In sommige seisoene het dit 'n opbrengs van twintig tot dertig riksdaalders per slaaf per dag opgelewer.[656] Om oneerlikheid deur die slaweventers te beperk, is die prys van druiwe per gewig vasgestel, terwyl die ander vrugte of groente in bossies of hopies van twee stuiwers elk opgemaak is.[657] Straatventers was 'n algemene gesig in Kaasptad, soos blyk uit die talle Africana-prente waarin hulle uitgebeeld is **(Fig. 82, 83 & 84)**, sowel as die waarnemings van besoekers en reisigers. Tydens sy Kaapstadse verblyf in 1825 het Teenstra onder meer van die besige straatventers, soos "visch- en fruitverkoopers, alsmede … andere negotie doende menschen die hunne waren al schreeuwende uitventen" melding

---

649 J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* p. 141; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 153.

650 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 48; *Ibid. II,* p. 340; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 33; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 75 en 80.

651 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 48.

652 *Ibid. II,* p. 340.

653 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 88.

654 K.A.B.: SO. 6/35, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-17.

655 K.A.B.: SO. 6/30, p. 61: Register of Slaves, 1816-06-14.

656 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 157.

657 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 88.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 85: 'n Kaalvoet slaaf wat melk verkoop, volgens 'n afbeelding deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/7.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 100.




Figuur 86: 'n Melkverkoper, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 87: Kaapse visventers – 'n algemene gesig in die Kaapstadse strate, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 101.



Figuur 88: Twee Maleiervisventers, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/3.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 93.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 89: John Klipvis, die Maleiervisventer, soos afgebeeld in 'n litografiese tekening deur J.C. Poortermans.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of lithographic drawings, containing views, characters, plants, etc. Of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), n.p.




Figuur 90: 'n Verkoper van banketgebak met 'n doekbedekte skinkbord vol lekkernye wat hy op sy kop dra, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 91: 'n Gebakverkoper met sy handkarretjie, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon in 'n waterverftekening in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 88.




Figuur 92: 'n Watersmous, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/81.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 93: 'n Dranksmous met 'n wa vol Kaapse mout, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/65.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 109.



Figuur 94: 'n Maleierslaaf om mandjies om in die Kaapstadse strate te verkoop, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/50.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemaak.[658] Die druiweverkopers het hom veral beïndruk, want "ik heb niemand fraaijer hooren roepen of liever zingen, dan de verkoopers van druiven." [659] Groentemarkplein, wat ongeveer in die middel van Kaapstad is, was die algemene verkoopsentrum waar slaweverkopers in groot getalle saamgekom het om allerlei ware en produkte, soos 'n groot verskeidenheid vrugte en groente, volstruiseiers, vere en ander produkte eie aan Afrika, te verkoop **(Fig. 50)**.[660]

Benewens vrugte en groente, het straatverkopers ook melk **(Fig. 85 & 86)** en eiers, afkomstig van die inwoners se plasies net buite Kaapstad, van die hand gesit. Visvangste wat aan die booteienaars behoort het, is daagliks by die vismark [661] **(Fig. 49)** of deur visventers in die Kaapstadse strate van die hand gesit **(Fig. 87, 88 & 89)**. Allerlei gebak [662] **(Fig. 90 & 91)**, water **(Fig. 92)**, drank **(Fig. 93)** en mandjies **(Fig. 94)** is ten bate van hulle meesters deur die slawe verkoop. Uit 'n resolusie van 1706 blyk dit dat 'n aantal bakkers ontevrede was met onregverdige mededinging, aangesien sommige bakkers tot drie of vier slawe gestuur het om "over al langs de Caab brood" te verkoop. 'n Besluit is deur die Politieke Raad geneem ingevolge waarvan geen enkele bakker voortaan meer as een slaaf vir die doel sou mag aanwend nie.[663] Brandhoutverkopers moes soms self die gewilde brandhoutstompe in die Olifantsvallei tussen Tygerberg en Valsbaai gaan uitgrawe om dit dan teen 18 tot 20 "skillinge" per vrag aan die Kaapstadse inwoners te verkoop.[664]

Skuite wat snags as visserskuite aangewend is, is bedags deur slaweventers en -smouse beman om vis, vrugte, groente, drank en 'n verskeidenheid ander voedselsoorte onder die seelui en passasiers van besoekende skepe in die Tafelbaaise hawe te smous.[665] Hierdie gebruik het besoekers opgeval. In die 1770's het Thunberg sy eerstehandse ervaring beskryf: "We were hardly come to an anchor, before a crowd of black slaves and Chinese came in their small boats to sell and barter, for clothes and other goods, fresh meat, vegetables and fruit, of all which our crew were eager to procure." [666] Tydens die Eerste Britse Besetting het kaptein Robert Percival bevestig dat, onmiddellik na 'n skip in die Tafelbaaise hawe anker gegooi het, dit deur bote omring was wat swaar met vis, groente en vrugte gelaai was wat deur slawe vir hulle eienaars verkoop moes word.[667] Met sy aankoms in Tafelbaai in 1825 was Teenstra verras deur die verskeidenheid slaweventers met hulle ewe groot verskeidenheid produkte op bote wat hulle nuutaangekome skip in die Tafelbaaise hawe verwelkom het. Hy het dié kleurvolle prentjie met verwondering beskryf: "In dezen tusschentijd kwamen verscheidene sloepen met Afrikanen, die eene geel, de andere pikzwart van kleur zijnde, op ons

---

658 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 126.

659 *Loc. cit.*

660 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 21.

661 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 157 en 159 - 160.

662 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 60 - 61.

663 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* pp. 438 - 439.

664 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 91.

665 *Ibid.*, p. 88.

666 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 22.

667 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 95: 'n Kaapse slavin besig om materiaal vir haar meesteres te smous, soos afgebeeld deur H.C. de Meillon in 'n waterverfsketsie in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 73.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanroeijen, hebben bij zich eene menigte manden met levende visch en kreeften ... Anderen hadden manden met druiven, of watermeloenen, appelen, peren, vijgen enz." [668]

Nog 'n vorm van straatverkope was die slavinne wat as klere- en materiaalsmouse vir hulle eienaresse opgetree het. Soms van 'n manlike slaaf vergesel, wat die swaar mandjies met materiaal en klere moes dra, is die ware in Kaapstad en omstreke te voet van huis tot huis te koop aangebied **(Fig. 95)**. Met haar terugkeer saans het die eienares eers 'n rekonsiliasie van die dag se verkope gedoen en die volgende dag se ware wat verkoop moes word, aan die slavin oorhandig. Indien geen verkope dié dag gedoen is nie, kon die slavin heelwaarskynlik straf van haar meesteres te wagte wees.[669]

In 'n sekere sin het die slaweventers en -smouse in die Kaapstadse strate en die Tafelbaaise hawe die funksie van 'n mark vervul.[670] In die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, is 'n groot aantal slawe as straatverkopers in diens van Kaapstadse inwoners aangeteken. Van hulle was onder meer Apollos van Boegies, wat aan die vryswarte Arjie van die Kaap behoort het,[671] Francois van Mosambiek, wat aan Hendrik Blanckenberg behoort het,[672] Marzes van Malabar, wat die eiendom van Pieter Auret was,[673] terwyl die drie Mosambiekse slawe Jupiter, Isaac en Fluks sowel as Apollos van Bengale op 18 Mei 1816 as straatverkopers van Johannes van Breda gelys is.[674] Valentinus Schonnberg was in besit van die twee straatverkopers Caesar van Macoa en Mey van Java,[675] terwyl die enigste slaaf in besit van Saptoe van Batavia die straatverkoper Mey van Bengale was.[676] Na hulle vrystelling het sommige vryslawe voortgegaan om as straathandelaars 'n lewe in Kaapstad te maak. Volgens 'n lys van Kaapstadse beroepe was 31 vryswartes in 1820 voedselsmouse in Kaapstad.[677] In 1834 is die vryslawe Christiaan van Madagaskar, Mohammed van Bengale, sowel as Frans, Fytjie, Janiema, Jongs, Lena, Rabia, Salia, en Sosong, almal van die Kaap, as vrugteverkopers in *The South African directory and almanac* aangeteken, terwyl Jack van die Kaap as 'n handelaar in wild en Jonas van Ceylon as 'n handelaar in vuurmaakhout aangedui is.[678]

Sommige slawe, wat ambagslui sowel as straatverkopers ingesluit het, is deur hulle meesters toegelaat om op 'n semi-onafhanklike basis geld te verdien. Al voorwaarde was dat die slaaf daagliks, weekliks of maandeliks 'n vasgestelde minimum-bedrag aan sy eienaar moes

---

668 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 108.

669 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 148 - 149.

670 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 11.

671 K.A.B.: SO. 6/12, p. 22: Register of Slaves, 1816-06-29.

672 K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.

673 K.A.B.: SO. 6/12, p. 52: Register of Slaves,1822-05-21.

674 K.A.B.: SO. 6/13, pp. 10 - 11: Register of Slaves, 1816-05-18.

675 K.A.B.: SO. 6/30, p. 7: Register of Slaves, 1816-05-15.

676 K.A.B.: SO. 6/30, p. 78: Register of Slaves, 1816-06-27.

677 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

678 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834,* pp. 214, 219, 225, 230, 238 en 242 - 243.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorhandig. Dié geld het as "koelijgeld" bekend gestaan.[679] Die res van die geld kon die slaaf vir homself hou en na sy eie goeddunke spaar of spandeer. Die gehuurde slaaf van Jan Hendrik Boumeester is op soortgelyke wyse toegelaat om "te gaan Coelij soeken", op voorwaarde dat hy 'n maandelikse bedrag van ses riksdaalders aan Boumeester moes betaal.[680] In 1830 het die slaaf Gerrit van ene Meneer Haupt daagliks twee riksdaalders verdien, waarvan hy ses skillings per dag "koelijgeld" aan sy eienaar moes betaal.[681] Slawe wat in gebreke gebly het om die vereiste "koelijgeld" aan hulle eienaars te oorhandig, het hulleself aan dissiplinêre optrede blootgestel. Nadat hy in in 1737 sonder "koelijgeld" na sy meesteres, die weduwee Melt van der Spuy teruggekeer het, is die slaaf Januarie van Tutocorijn lyfstraf deur haar toegedien en weereens uitgestuur om die geld te gaan verdien.[682] In die *Slaweregister* is onder andere Lindor van Mosambiek [683] en September van Batavia [684] as koelieslawe aangeteken.

Weens hulle betroubaarheid is Kaapsgebore slawe dikwels as verkoopslui in die winkels van hulle eienaars aangewend,[685] terwyl sommige ook pakhuiswerkers was.[686]

In die vervoersake van hulle meesters was slawe as **drywers** van perdewaens en as **koetsiers** verantwoordelik vir die veilige en flinke vervoer van vrag en passasiers.[687] Volgens Burchell was die Maleierslawe in Kaapstad knap perdewadrywers of koetsiers, want "in dexterity the coachmen excel all our boasted and most accomplished "whips", even of the first rate; for it is a common sight in Cape Town, to see a Malay standing in a long *paardewagen*, driving six horses at full trot, and turning the corners of the streets with the greatest facility".[688]

Die behoefte aan huisvesting vir besoekende skeepslui en -passasiers sowel as vir die plaaslike ongetroude amptenary, het van die losieshuisbedryf 'n uiters winsgewende handelsaak in

---

679 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 123; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 386; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 98; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 11.

680 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 57 - 58.

681 A. Bank, *The decline of urban slavery at the Cape, 1806 to 1834*, p. 40.

682 N. Worden. E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, pp. 62 - 63.

683 K.A.B.: SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24.

684 K.A.B.: SO. 6/13, p. 38: Register of Slaves, 1816-05-10.

685 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 74.

686 K.A.B.: SO. 6/30, p. 114: Register of Slaves, 1821-05-20.

687 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 91.

688 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapstad gemaak.[689] Heelparty Kaapstadse inwoners, veral die respektabele weduwees, het 'n goeie inkomste uit hulle losieshuise verdien.[690] Behalwe vir die goewerneur, het byna alle amptenare en privaatburgers tydens die Eerste Britse Besetting losieshuise bedryf om in die behoeftes van skeepspassasiers wat by die Kaap aangedoen het, te voorsien.[691] Die sukses van hierdie losieshuise was in 'n groot mate aan die **losieshuisbediendes** te danke. Besoekers soos kaptein Robert Percival het groot waardering vir die vriendelike en bekwame losieshuisslawe gehad. Volgens hom was hulle betroubaar, besonder eerlik en beleefd teenoor die losieshuisgaste, terwyl hulle die gaste met blymoedigheid en gewilligheid tot diens was. Daarbenewens was hulle besonder knap en bedrewe in alle huishoudelike take. Vir hom en sy geselskap het hulle waardevolle diens gelewer, "particularly washing, making of clothes, and shoe and bootmending.[692] Mentzel het hierdie losieshuiswerkers voorts as "clean and neatly attired" beskryf.[693] Dit was veral die gewilde Kaapsgebore halfslag slawemans wat as losieshuisbediendes aangewend is.[694]

Soms is slawe as **bediendes** aan besoekers verhuur. In 1825 is die "sprakeloze" en bygelowige "Mohamedaanse" slaaf Arend as bediende en oppasser deur Martin Teenstra, wat sy reis na Batavia weens siekte moes onderbreek, gehuur.[695] By die Caledonse mineraalbad moes Arend die immobiele en mankolieke Teenstra onder meer op 'n moeilike paadjie "langs hoogten en laagten, door struiken en waterplassen" na die hoërliggende voetbad dra. Arend het Teenstra ook na die Coetzee-egpaar gedra en hom tydens 'n uitstappie deur 'n vol rivier op sy rug geabba. Daarbenewens het Arend daagliks Teenstra se kos en drank by die Coetzee-egpaar gaan haal.[696] Terwyl Burchell nog getwyfel het oor die hoë huurgeld van 36 riksdaalders wat hy vir 'n Maleierlyfbediende tydens sy Kaapstadse verblyf sou moes opdok, het 'n ander huurder hom voorgespring, aangesien "this was considered a reasonable sum".[697]

Die dienste van **slawebarbiers** of **-baardskeerders** is ook deur die eienaars aan die Kaapstadse inwoners uitverhuur. Teenstra het 'n kleurvolle beskrywing van sy eerstehandse ervaring onder die hande van sodanige "kleinen swarten slaaf" gegee wat hy onder meer as 'n "hakkenden stoppelmaaijer" beskryf het.[698] Op 1 Julie 1816 is die negentienjarige slaaf Joumal

---

689 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 88 en 112; W. Dampier, *A new voyage round the world*, p. 123; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, pp. 65 - 66; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 204 - 206; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 153 - 154; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 141; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, II*, p. 313.

690 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 174.

691 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 256.

692 *Ibid.*, pp. 268 - 269 en 271.

693 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 112.

694 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 285.

695 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 133.

696 *Ibid.*, pp. 171, 179 en 209.

697 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 33.

698 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 126 - 128.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Kaap as barbier van David Anosi in die *Slaweregister* gelys.[699] Na sy vrystelling was die vryslaaf Patientie van Tambogar as barbier in Kaapstad werksaam.[700]

In die herberge, eethuise, tavernes, tapperye en drankwinkels van hulle eienaars het slawe ook hulle plek as **verkoopslui**, **kelners** en **musikante** volgestaan.[701] Na hulle vrystelling was sommige vryslawe self kleinhandelaars wat hulle eie besighede besit het. In 1820 is 32 vryswartes as kleinhandelaars en twee as tabakhandelaars in 'n lys van Kaapstadse beroepe aangedui.[702] In *The South African directory and almanac for 1834* is 26 vryslawe as kleinhandelaars in Kaapstad gelys, terwyl vier vryslavinne, naamlik Andriana, Delia en Syda, almal van die Kaap, sowel as Martha van Batavia, eethuise besit het. David sowel as Leentje van die Kaap het elk 'n biertappery besit.[703]

Die Kaapstadse slawe in privaatbesit is op 'n gereelde basis aan die Kompanjie uitverhuur, aangesien die Kompanjie, weens die voortdurende arbeidstekort, in 'n groot mate op die gehuurde arbeid van privaatslawe aangewese was, veral wat betref arbeid in die steengroewe en hospitaal sowel as die uitvoering van openbare projekte. In 1717 is ses privaatslawe 'n jaar lank teen 1½ gulde elk per dag gehuur om met die bou van die kerk te Drakenstein behulpsaam te wees.[704] Teen 1744 het die Kompanjie 'n gemiddeld van 5 riksdaalders per maand vir die huur van 'n slaaf in privaatbesit betaal. By geleentheid het die gegoede Martin Melck twintig slawe aan die Kompanjie verhuur vir die konstruksie van 'n nuwe pad, waarvoor hy maandeliks 8 riksdaalders per slaaf ontvang het, terwyl die ander burgers slegs 7 riksdaalders vir hulle verhuurde slawe ontvang het.[705]

Slawe in privaatbesit is ook soms deur die owerhede opgekommandeer om bepaalde pligte in openbare belang, sonder vergoeding aan hulle meesters, uit te voer. In geval van brand moes alle slawe, van die Kompanjie sowel as van privaateienaars, bystand tydens die blus van die brand verleen, deur onder meer die waterpype te dra, houers met water aan te dra en die brandweerenjin te werk.[706] In die 1740's was burgerslawe betrokke by die bou van die vervalle breekwaterhoof in die hawe.[707] Kort na aanvaarding van sy amp as goewerneur, het Swellengrebel in 1762 die gelykmaak van die Parade geloods, "an undertaking that earned him much respect and gratitude", aldus Mentzel.[708] Die projek het die Kompanjie geen geld gekos nie, aangesien hy opdrag gegee het dat 'n sekere aantal burgers elk die dienste van een slaaf vir een dag gratis beskikbaar moes stel. Die burgers het saamgewerk, "and in a short time the

---

699 K.A.B.: SO. 6/12, p. 24: Register of Slaves, 1816-07-01.

700 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, p. 236.

701 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu,* pp. 58 en 123; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 85; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 47.

702 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 95.

703 G. Greig, *The South African directory and almanac for 1834*, pp. 207, 212, 214, 216 - 217, 219, 224 - 225, 227, 230, 233 - 234 en 242 - 244.

704 G.C. de Wet, Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 173.

705 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 60.

706 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

707 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 62.

708 O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* pp. 128 - 129.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uneven field which had been full of holes became a beautifully level square ..." [709] In 1774 is privaatslawe opgeroep vir die bou van 'n nuwe pad na Rondebosch en in die 1780's was hulle betrokke by die bou van fortifikasies.[710]

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van die stedelike Kompanjie- en privaatslaaf is dit duidelik dat beide dié groepe 'n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe sowel as handelsentrum gespeel het. Die arbeid van slawe in Kaapstad het oorwegend die lewering van dienste behels, terwyl 'n aansienlike aantal geskoolde ambagslui hulle in Kaapstad bevind het. Privaatslawe het veral in die huishoudelike, vervaardigings- of industriële en in die handel- of besigheidsektor van hulle meesters 'n onmisbare en prominente rol gespeel.

2. Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap

Alhoewel die Suidwes-Kaapse landbou ekstensief met betrekking tot die aanwending van grond was – vyf tot tweehonderd morge (ongeveer 4,6 tot 182 hektaar) per plaas – was die arbeidsbehoeftes op elke plaas, ongegag grootte of produksie, intensief.[711] Om in die intensiewe arbeidsbehoeftes van die akkerbouplase te voorsien, is groot getalle slawe aangehou. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat landbou aan die Kaap meer arbeid as in Europa vereis het en dat 'n groter aantal slawe en Khoikhoi nodig was om die arbeid op die plase te verrig.[712] Hy het voorts melding gemaak van "the numerous servants and slaves" wat Philip Meyburg in diens gehad het om sy akkerbouplaas Meerlust te bewerk.[713] Die welgestelde J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht het 108 slawe in diens gehad; "a greater number than was ever possessed by any other individual", aldus Lichtenstein.[714] Uit die navorsing van die historikus A.L. Müller blyk dit dat die meeste akkerbouboere in die tydperk 1795 tot 1834 tussen vyftien en dertig slawe besit het, terwyl sommige wingerdboere meer as tagtig slawe in hulle besit gehad het.[715] Weens die gediversifiseerdheid van die Kaapse akkerbouplaas met sy gemengde landbouproduksie, [716] **(Fig. 18)** was die tipes arbeid wat deur die slawe op die plase verrig is gevarieerd met min spesialisasie, terwyl dit 'n vasgestelde seisoenale patroon gevolg het.[717] Tydens die piekperiodes van die graan- en wingerdproduksiesiklus sou arbeid intensief wees. Tydens die rustiger tye is slawe met huishoudelike take sowel as die vervaardiging, oprigting of herstel van geboue, meubels, waens en plaasimplemente besig gehou.[718] Die meeste slawe op die akkerbouplaas was dus op spesifieke tye in die landbousiklus met dieselfde soort arbeid besig.

---

709 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

710 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city,* p. 62.

711 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 168.

712 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

713 *Ibid.*, p. 84.

714 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.

715 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

716 N. Penn, Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists, *in* W.J. James en M. Simons, *The angry devide*, pp. 1 - 4.

717 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 108 - 109.

718 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uneven field which had been full of holes became a beautifully level square ..." [709] In 1774 is privaatslawe opgeroep vir die bou van 'n nuwe pad na Rondebosch en in die 1780's was hulle betrokke by die bou van fortifikasies.[710]

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van die stedelike Kompanjie- en privaatslaaf is dit duidelik dat beide dié groepe 'n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe sowel as handelsentrum gespeel het. Die arbeid van slawe in Kaapstad het oorwegend die lewering van dienste behels, terwyl 'n aansienlike aantal geskoolde ambagslui hulle in Kaapstad bevind het. Privaatslawe het veral in die huishoudelike, vervaardigings- of industriële en in die handel- of besigheidsektor van hulle meesters 'n onmisbare en prominente rol gespeel.

2. Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap

Alhoewel die Suidwes-Kaapse landbou ekstensief met betrekking tot die aanwending van grond was – vyf tot tweehonderd morge (ongeveer 4,6 tot 182 hektaar) per plaas – was die arbeidsbehoeftes op elke plaas, ongegag grootte of produksie, intensief.[711] Om in die intensiewe arbeidsbehoeftes van die akkerbouplase te voorsien, is groot getalle slawe aangehou. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat landbou aan die Kaap meer arbeid as in Europa vereis het en dat 'n groter aantal slawe en Khoikhoi nodig was om die arbeid op die plase te verrig.[712] Hy het voorts melding gemaak van "the numerous servants and slaves" wat Philip Meyburg in diens gehad het om sy akkerbouplaas Meerlust te bewerk.[713] Die welgestelde J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht het 108 slawe in diens gehad; "a greater number than was ever possessed by any other individual", aldus Lichtenstein.[714] Uit die navorsing van die historikus A.L. Müller blyk dit dat die meeste akkerbouboere in die tydperk 1795 tot 1834 tussen vyftien en dertig slawe besit het, terwyl sommige wingerdboere meer as tagtig slawe in hulle besit gehad het.[715] Weens die gediversifiseerdheid van die Kaapse akkerbouplaas met sy gemengde landbouproduksie, [716] **(Fig. 18)** was die tipes arbeid wat deur die slawe op die plase verrig is gevarieerd met min spesialisasie, terwyl dit 'n vasgestelde seisoenale patroon gevolg het.[717] Tydens die piekperiodes van die graan- en wingerdproduksiesiklus sou arbeid intensief wees. Tydens die rustiger tye is slawe met huishoudelike take sowel as die vervaardiging, oprigting of herstel van geboue, meubels, waens en plaasimplemente besig gehou.[718] Die meeste slawe op die akkerbouplaas was dus op spesifieke tye in die landbousiklus met dieselfde soort arbeid besig.

---

709 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

710 N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 62.

711 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 168.

712 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

713 *Ibid.*, p. 84.

714 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.

715 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

716 N. Penn, Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists, *in* W.J. James en M. Simons, *The angry devide*, pp. 1 - 4.

717 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 108 - 109.

718 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Slawearbeid is primêr in alle prosesse van die graan-, wingerd- en wynproduksie aangewend, terwyl hulle ook by die sekondêre produksie van vrugte-, groente- en suiwelproduksie vir huishoudelike gebruik en verkope op kleiner skaal betrokke was. Op plase waar groot- en kleinvee aangehou is, het ouer slawe as veewagters en -versorgers opgetree. Mettertyd sou die landbouslawe die steunpilare van die Suidwes-Kaapse landbouproduksie word en as sodanig 'n belangrike rol in die ekonomie van die akkerboustreek speel. Die intensiewe seisoenale arbeidsbehoeftes van die graan- en wingerdbou het tydens piektye groot druk op die arbeidsvermoëns van die slawe uitgeoefen, wat soms 'n negatiewe effek op die verhouding tussen meester en slaaf gehad het.[719]

Teen die middel van die agtiende eeu was graanproduksie die belangrikse en omvangrykste akkerbou-aktiwiteit in die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en het alle graanboere slawe besit.[720] Die Tygerberg-omgewing was bekend as die belangrikste koringproduksiegebied in die akkerboustreek [721] en het, volgens Le Vaillant, as "die graanskuur van die Kolonie" bekend gestaan.[722] Die hoofgraansoort wat by hande van slawe verbou is, was koring, alhoewel ook gars, rog en hawer as dierevoer geproduseer is.[723] Volgens Thunberg, Sparrman, Barrow en Burchell is gars hoofsaaklik as perdevoer gebruik.[724]

Koring was die eerste stapelvoedsel wat aan die Kaap verbou is en die Siciliaanse koring, waarvan daar in die *Dagboek van Adam Tas 1705 - 1706* melding gemaak word,[725] het volgens die Kaapse owerhede in 1713 'n groter opbrengs as die ander koringsoorte gelewer, was beter teen droogte bestand en het 'n langer rypwordingstyd vereis.[726] Op 8 September 1785 het 'n anonieme besoeker aan die Kaap in die *Berliner Monatschrift* van 1784 opgemerk dat die Kaapse koring van hoogstaande gehalte was, "of a quality unequalled anywhere in the world".[727] Vir die slawe was die dors van hierdie tipe baardkoring lastig, aangesien dit moeiliker was om die graan uit die are te kry en die strooi daarbenewens ongewoon hard was.[728]

Graanproduksie het veral tydens die ploeg- en saaityd sowel as die oes- en dorstyd intensiewe

---

719 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

720 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 250.

721 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 162; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 29.

722 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 99.

723 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 286.

724 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 45; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 162; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 285; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80.

725 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 42.

726 B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.

727 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 111.

728 B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *in Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 96: Kaapse slawe besig om te ploeg. Drie slawe was nodig om 'n ploeg met 'n span osse te hanteer. Dit was veral slawe van Afrika en Madagaskar wat as plaasarbeiders aangewend is. Links op die voorgrond is 'n tipies Kaapse ploeg, soos dit deur Kolbe, Mentzel en Teenstra beskryf is. Kopergravure deur Peter Kolbe, soos oorspronklik afgedruk in *Caput Bonae Spei hodiernum: das ist vollständige Beschreibung des Afrikanischen Vorbürges der Guten Hoffnung ...* , Nuremberg, 1719.

Uit: R.F. Kennedy (samesteller), *Catalogue of prints in the Africana Museum and in books in the strange collection of Africana in the Johannesburg Public Library up to 1870, I* (Johannesburg, 1975),



Figuur 97: Ploeëry aan die Kaap, volgens 'n gravure in 1805 deur die onbekende outeur van *Gleanings in Africa.*

Uit: *Gleanings in Africa* (Londen, 1805), p. 279.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en gekonsentreerde arbeid vereis.[729] Na die oes van die koring en rog aan die einde van November is die lande gebrand. In April is die lande wat die voorafgaande jaar braak laat lê is, bemes. Weens die teenwoordigheid van vee op die plaas, was daar gewoonlik mis vir die doel beskikbaar [730] en Teenstra het aangedui dat ongeveer veertig wavragte mis nodig was om een morg grond te bemes.[731] Met die eerste reëns teen die einde van Mei het die ploegtyd aangebreek,[732] alhoewel Kolbe van mening was dat die beste ploegtyd in Junie en Julie was.[733] Volgens hom het die ploeëry "niet alleen veel ossen, maar ook veel menschen vereischt".[734] In die koue en nat toestande het 'n slaaf voor die ploeg geloop om die koringsaad oor die bemeste lande uit te strooi,[735] waarna "het koren en de mest gezamentlijk met de stoppelen van de vorige vrucht, na veeltijds het land vooraf ten halve gebrand te hebben, ondergploegd [is]", aldus Teenstra.[736] Hiervolgens is die saad nie ingeëg nie, maar ingeploeg. Drie persone was nodig om die ploegwerk te behartig **(Fig. 96 & 97)**. 'n Jong slafie of Khoikhoiseun was gewoonlik die **touleier** van 'n span van ses tot twaalf osse wat die groot swaar ploeg moes trek.[737] Volgens Kolbe moes hy "de voorgespanne ossen ment of hen den weg wyst, terwyl hy een touw, aan de horens vastgemaak, in de hand heeft, en den voorsten voorgaat, waar voor hy ook met den naam van Leyder of Aanvoerder vereert word".[738] Soms is ouer slawe as touleiers tydens die ploeëry aangewend.[739] Kolbe, Mentzel en Teenstra het 'n volledige beskrywing van die Kaapse ploeg gegee [740] en daaruit is af te lei dat dit twee nie-ewegroot wiele gehad het en ongeveer drie maal groter, sterker en swaarder as die ploeë in Duitsland was.[741] Kolbe het die effektiwiteit van die groter ploeë bevraagteken [742] terwyl Van Ryneveld van mening was dat die ingevoerde ploeë nie sterk genoeg vir die plaaslike hobbelrige, harde kleigrond was nie.[743] 'n Sterk slaaf of die boer self was die **ploeghanteerder,** terwyl die derde slaaf as **drywer** langs die osse gestap het "om met een zweep de ossen voort de dryven", aldus Kolbe.[744] Die meeste boere het terselfder tyd drie ploeë in die lande gehad,[745] wat beteken het

729 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20.

730 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 162.

731 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 382.

732 *Loc. cit.*; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

733 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 134.

734 *Ibid. I,* p. 133.

735 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

736 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 382.

737 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

738 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 133 .

739 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

740 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* pp. 132 - 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 161 - 162; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 400.

741 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

742 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 133.

743 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

744 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128; *Ibid. III*, p. 162.

745 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 162.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat nege slawe per keer by die ploeëry betrokke was. Volgens die ingeligte mening van Van Ryneveld in 1797, het 'n groot koringboer wat 'n jaarlikse koringoes van 800 muddens koring en 400 muddens gars beoog het, die arbeid van ongeveer dertig slawe benodig. Om die saai- en ploegwerk deeglik af te handel, was ses tot agt ploeë nodig wat elk deur tien tot twaalf osse getrek en deur drie slawe onderskeidelik beman is.[746]

Nadat die koring deur die algemene **plaasarbeiders** gesaai is, het die opeenvolgende saai van ander graan- en peulgewasse aangebreek. Gars is in Maart sowel as Augustus gesaai. Na die ertjies is wit bone teen die einde van September in die grond gesit en deur slawe met bemesting en al in "eenen vetten vochtigen grond" omgeploeg.[747]

Tydens die ongemaklike warm somermaande tot die oestyd van die koring in Desember aanbreek, was die slawe met die beheer van onkruid en plae in die graanlande besig. In sy dagboek het Adam Tas melding gemaak van die "volk" wat in die koringland moes "wieden".[748] In Nederlands word "wieden" as "onkruid uitplukken" verklaar. Dit was 'n algemene gebruik om koringlande, veral na reëns, te wei. Die slawe moes die koringlande dan stelselmatig deurstap om alle onkruid, soos gousblomme, koringblomme, wildehawer en ramenas, uit te spit of uit te trek. Hierdeur is die verspreiding van onkruidsaad beperk en die suiwerheid van die graansaad in 'n mate behou.[749] Die onkruide "drabok" en "spurie" *(Spergula arvensis)* was veral 'n groot kopseer vir die graanboere. Dit het intensiewe arbeid van die slawe vereis om die hardnekkige "drabok" uit die koringlande te verwyder sowel as om die saad van die graankorrels te skei.[750] Die slawe was ook deurentyd besig om kweek uit te spit, terwyl die jong slawekinders die voëls – veral geelvinke – uit die graanlande moes verwilder.[751] Wildsbokke wat die graanlande verniel het, is met geweerskote verjaag.[752]

Oestyd het gewoonlik teen die middel van Desember in die bloedige en ongemaklike Kaapse somer aangebreek. Alle slawe op die plaas, insluitende die slavinne [753] sowel as gehuurde slawe van die dorpsburgers en die wynboere,[754] gehuurde arm koloniste en Khoikhoi is vir hierdie veeleisende taak ingespan.[755] Die oes moes vinnig plaasvind voor die ryp koringkorrels afgegooi of die ryp koringlande deur die dreigende suidooster platgewaai kon word.[756] "Even the idea of Sabbath observance [was] given up", aldus Mentzel.[757] Die oes van die koring het voordag begin. Die slawe het die koring gebukkend met sekels gesny, terwyl slawekinders van

---

746 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 24.

747 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 382 - 383.

748 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 104 en 106.

749 B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.

750 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 160.

751 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

752 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 167.

753 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

754 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

755 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 165 - 166; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 25.

756 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 21 en 24.

757 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 98: Die aktiwiteite waarby slawe tydens die dors van graan op die Kaapse plase betrokke was, volgens 'n gravure deur die onbekende Engelse skeepsoffisier in *Gleanings in Africa,* 1805. Op die voorgrond word die koringerwe op die dorsvloer deur galoppende perde uitgetrap, terwyl die gerwe deurlopend met gaffels omgekeer word. Links in die agtergrond word die koring gewan deur dit teen die wind op te gooi waardeur die swaarder graankorrels van die ligter kaf geskei word.

Uit: *Gleanings in Africa* (London, 1805), p. 271.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tien jaar en ouer die maaiers gevolg en die afgesnyde graan in hopies gepak en vir binding in gerwe voorberei het.[758] Mentzel het die wyse waarop die gerwe deur die slawe gebind is, beskryf:

> The binder uses no other straw-binders for the sheaves than those from the same field and grain. He takes a bare twenty to twenty-four stalks in each hand, makes a half-knot below the ears at the top, and ties this band round a small heap of stalks, giving the straw a few twists below and inserting the end beneath the bound.[759]

Uit die *Slaweregister* blyk dit telkens dat jong slafies as algemene arbeiders aangewend is.[760] Om sewe-uur is ontbyt geneem, waarna die oeswerk in alle erns hervat is. Om tienuur is die werk gestaak, aangesien te veel koringkorrels weens die hitte uit die are sou val. Geen oeswerk is tussen tienuur die oggend en vieruur die middag gedoen nie. Die maaiers en gerfbinders het om twaalfuur middagete genuttig en tot vieruur gerus. Daarna is die maaiwerk voortgesit tot dit donker was.[761] Na aandete is die osse voor die waens gespan sodat die gerwe na die opstal aangery en miedgepak kon word.[762] Hierdie taak moes in die nag verrig word, aangesien die effens klam koringare verhoed het dat die korrels uitval. In baie droë weer is 'n seil op die wa oopgesprei alvorens die gerwe opgelaai is sodat die koringkorrels wat uitval, herwin kon word.[763] 'n Lae kleimuur het plaasdiere van die koringmiedens weggehou. Nadat die koringmied gepak is, is droë strooi as beskerming in geval van reën bo-oor die mied gepak.[764]

Na die koringoes moes 'n hele aantal slawe hulle gewig by die veeleisende dorsproses ingooi. 'n Gravure van die onbekende skeepsoffisier en outeur van *Gleanings in Africa* **(Fig. 98)** gee 'n aanduiding van die aktiwiteite waarby slawe tydens die dorsproses in die vroeë negentiende eeu betrokke was.[765] Teen dagbreek is die koringgerwe van die miedens afgehaal en sorgvuldig in drie lae op die ronde ommuurde dorsvloer, wat van 'n klei- en beesmismengsel of miershoopgrond gemaak en met 'n lae muur omring was, gepak,[766] waarna dit met 'n enkele tussenpose vir twee tot drie ure deur vier tot agt galoppende perde uitgetrap is.[767] 'n Enkele slaaf met 'n sweep in sy hand het in die middel van die dorsvloer gestaan en die pas en koers

---

758 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 165; *Ibid. II*, p. 90.

759 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 165.

760 K.A.B.: SO. 6/84, p. 12: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20; K.A.B.: SO. 6/94, p. 3: Register of Slaves, 1816-05-15; SO. 6/94, p. 22: Register of Slaves, 1821-02-01.

761 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 166.

762 *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 139.

763 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 166.


764 *Ibid. III*, p. 167; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 139.

765 *Gleanings in Africa*, p. 270.


766 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 168 - 169; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony, with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 69.

767 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 169 - 170; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 140.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 99: 'n Wadrywer en touleier in beheer van 'n Kaapse wa en veertien osse, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/34.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 104.



Figuur 100: 'n Ossewa met sestien osse, 'n touleier en wadrywer met sy besonder lang sweep wat hy heel bedrewe kon klap om die osse te beheer, volgens 'n waterverfsketsie deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 116.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die perde beheer, terwyl ander slawe die gerwe met gaffels omgekeer het.[768] Die dorsproses het groot bedrewenheid van die slawe vereis, aangesien die verkeerde plasing van die gerwe op die dorsvloer sowel as 'n gebrek aan beheer oor die perde, die koring kon bederf.[769] Terwyl die perde na twee ure uit die dorsvloer gelei is om te rus, het slawe met houtgaffels die hooi deeglik opgelig en omgekeer sodat die uitgetrapte korrels kon deurval en die ongetrapte koringare beter aan die hoewe van die perde blootgestel kon word. Hierna het die perde vir nog 'n uur tot middagete die koringare uitgetrap. In geval waar die boer ongeknakte of ongebreekte koringhalms vir die dek van dakke nodig gehad het, is die gerwe met die hand hanteer en die koringare op lang tydelike opslaantafels wat op die dorsvloer staangemaak is, deur die werkers uitgeslaan.[770]

Sodra genoeg koring vir twee wavragte gedors, gewan, afgemeet en gesak is, is dit so spoedig moontlik die daaropvolgende nag deur vier wadrywerslawe op kort smal waens [771] na Kaapstad geneem waar dit by die Kompanjie of die bakker afgelewer is.[772] Andersins is dit na die naaste koringmeul vervoer. Adam Tas het sy koring vir huishoudelike gebruik sowel as sy afsetkoring by die Stellenbosse koringmeul laat maal. Nadat hy op 24 Julie 1705 'n vrag koring na die meule gestuur het, was dit teen die aand reeds "in meel veranderd", [773] en op 12 Desember het hy weereens "coorn in meel" laat verander.[774] In die agtiende eeu is die koring wat op Vergelegen verbou is op die plaas self gemaal, aangesien die plaas oor sy eie koringmeul beskik het wat deur meulenaars beman was.[775] Die **wadrywers** was onmisbaar op die akkerbouplaas, want hierdie slawe was verantwoordelik vir die veilige en flinke vervoer van landbouprodukte en goedere na die Kaapse mark **(Fig. 99 & 100)**. Volgens Percival was die wadrywers oorwegend van gemengde afkoms en is "bastaards" genoem. Hulle was uiters behendig in die hantering van die wa en osse oor die moeilike Kaapse paaie met hulle steil en nou bergpasse, talle driwwe en riviere.[776] Lichtenstein het dié waarneming bevestig.[777] Hulle kennis van en bedrewendheid in die hantering van die trekdiere het in 'n groot mate tot hulle sukses as wadrywers bygedra.[778] Daarbenewens was hulle knap, handig, bruikbaar en intelligent, terwyl 'n groot aantal in die huise van hulle eienaars opgegroei het.[779] In die

---

768 *Gleanings in Africa*, pp. 271 - 272; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 399.

769 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 169; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

770 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 170 - 171.

771 N.L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 1753*, p. 31.

772 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 166 en 171.

773 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 88.

774 *Ibid.*, p. 116.

775 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, pp. 473 en 495.

776 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 333; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 86.

777 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

778 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 17 - 18.

779 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Slaweregister is talle voorbeelde van akkerbouboere wat in besit van wadrywerslawe was.[780] Een van die ses wadrywerslawe van Pieter Cloete was die sestienjarige Fortuin van die Kaap.[781] Jong slafies en Khoikhoiseuns het meesal as touleiers opgetree. Op 27 Augustus 1817 is die vyftienjarige Marquis van die Kaap sowel as die twaalfjarige Adriaan van die Kaap as touleierslafies van Johan Veyll in die *Slaweregister* aangeteken.[782]

Wat die oes van ander graangewasse betref, was slawe in Oktober by die oes van gars en hawer betrokke. Aan die begin van Desember het hulle die rog, wat baie goed in die skraal sanderige grond van die Stellenbosch-omgewing geaard het, geoes.[783]

Slawe was onder meer deel van 'n vorm van buurthulp waartydens arbeiders in die akkerboustreek in spanne verdeel en op 'n rotasiebasis van plaas na plaas gestuur is om gedurende piektye in die graanproduksieproses van diens te wees.[784] Op dié wyse was boere mekaar met die ploeg, saai en dors van koring behulpsaam, "executed on the land of each of them in turn", aldus Mentzel.[785] Na die oestyd is die oesfees op 'n werksdag gehou waartydens die boer en sy familie saam met sy slawe en die Khoikhoi in feestelike stemming verenig was. Dit was 'n dag van wyn, musiek en dans.[786]

Naas graanverbouing was wingerdboerdery, met die oog op die produksie van wyn, 'n lonende landboubedryf in die Suidwes-Kaapse akkerboustreek. In 1783 het 'n Kaapse besoeker tereg in die *Berliner Monatschrift* opgemerk: "Viticulture is another profitable occupation."[787] Danksy die geskiktheid van die grond sowel as slawearbeid is die grondslag vir die suksesvolle wingerdverbouing reeds vroeg gelê en het die Kaapse wyne, veral dié van Constantia, internasionale erkenning geniet.[788] Alle arbeid in wingerd- en wynproduksie was arbeidsintensief en weereens sou slawearbeid 'n deurslaggewende rol speel. In die eerste helfte van die negentiende eeu het George Thompson tereg melding gemaak van "... slave labour, by which

---

780 K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1822-10-23; SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20; 1816-05-02; SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22; SO. 6/33, pp. 71 - 73: Register of Slaves, 1817-08-27.

781 K.A.B.: SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

782 K.A.B.: SO. 6/33, p. 71: Register of Slaves, 1817-08-27.

783 B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 17.

784 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 110, 116, 122 en 124.

785 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 54.

786 *Ibid. III*, p. 15.

787 *Ibid., II*, p. 111.

788 *Loc. cit.*; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 380, 421 - 422; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 192; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* p. 124; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies* , p. 64; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* pp. 89 - 90; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 74; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 155; M. Masson, *Lady Anne Barnard,* p. 205.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the vine is exclusively cultivated ..." [789] In 1789 het Johannes Colijn in 'n memoriaal aan die Politieke Raad aangedui dat hy 52 slawe nodig gehad het om jaarliks 80 leggers wyn op sy Constantia-landgoed te produseer.[790] Hierdie groot aantal slawe vir een van die grootste wynboere wat superieure kwaliteit wyn gemaak het, was die uitsondering op die reël. Teen die einde van die agtiende eeu het een van die mees gerespekteerde wynboere aan die Kaap slegs vyftien slawe aangehou om jaarliks 100 leggers wyn op sy plaas te verbou.[791] Op 22 Junie 1816 is negentien slawe van Pieter Lourens Cloete wat by die produksie van wingerd en wyn betrokke kon gewees het, in die *Slaweregister* gelys, waarvan drie spesifiek as wynkelderwerkers aangedui is.[792] In dieselfde tyd was Hendrik Cloete van Groot Constantia in besit van onder meer 13 slawe wat by wingerdverbouing en wynproduksie betrokke kon gewees het. Drie van hulle is pertinent as "vintagers" of druiweplukkers in die *Slaweregister* gelys.[793]

Met die buitengewone oplewing in wynproduksie teen 1820, het daar 'n verskuiwing van stedelike slawe na die wingerdverbouingstreke plaasgevind, terwyl slawearbeid in dié tyd tot sy uiterste ontgin is. In dié tyd was talle wynboere desperaat weens die arbeidstekort op die arbeidsintensiewe wingerdbouplase.[794] Op plase waar graan sowel as wingerd verbou is, het die seisoenale sikliese arbeidsbehoeftes mekaar chronologies opgevolg en is die slawe op die gemengde akkerbouplase dwarsdeur die jaar tot optimale voordeel van die boer aangewend.[795] Van die aanlê van 'n nuwe wingerd tot by die vervoer van die vate wyn na Kaapstad, was slawe intensief by alle fases van die wingerdbou en wynproduksie op die akkerbouplaas betrokke.

Die wintermaand Julie was volgens Teenstra die beste tyd om met die voorbereiding vir die aanplant van 'n nuwe wingerd te begin. Eerstens is die grond deur slawe "drie voeten diep omgespit, en zoo voor als onder het bewerken, van alle steenen en onkruiden gezuiverd",[796] en bemes. Vars afgesnyde wingerdlote is in bosse van 'n honderd elk gebind en in die grond begrawe. Sodra hierdie ingelegde stokke teen die einde van September uitgeloop en wortel geskiet het, is dit tydens reënweer in rye van suidoos na noordwes in die voorbereide landerye geplant.[797] Die rye was vier tot vyf voet (ongeveer 1,2 tot 1,5 meter) uitmekaar om gemaklike beweging tussen die rye tydens snoei- en oestyd moontlik te maak.[798]

Die snoei van gevestigde wingerd het ook tussen Julie en September plaasgevind. Bedrewe **snoeislawe** het die wingerd tot ongeveer agtien duim (ongeveer 46 cm) van die grond af teruggesnoei,[799] terwyl die wingerdlanderye elke tweede jaar gedurende die tyd bemes

789 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 92.

790 K.A.B.: C. 184, p. 229: Memoriaal van Johannes Colijn aan die Politieke Raad, 1789-11-27.

791 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 396 - 397.

792 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 25: Register of Slaves, 1816-06-22.

793 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

794 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 168 - 169.

795 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 22.

796 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 380.

797 *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 147.

798 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 175 - 176.

799 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is.[800] Voor die snoeiproses is die wingerde eers met 'n mengsel van gekookte wyn en kruie teen plantluise en ander plae, soos swamsiektes, behandel.[801] Gedurende Oktober en November is onkruid in die wingerde uitgetrek en -geskoffel, terwyl die wingerde gestut en opgelei is.[802] Op die plaas Libertas van Adam Tas het twee spanne slawe gelyktydig in die wingerde gewerk. Terwyl die een span die wingerd gesnoei het, was die ander met spitwerk tussen die wingerde besig.[803] Teen 6 Augustus was die snoeiwerk afgehandel, "met wijngaardsnijden isser op dato een einde gemaakt en met spitten nog al voortgevaaren", aldus Tas.[804]

Van Augustus tot Desember was dit 'n rustiger tyd op die wynplaas, alhoewel die onkruidverwydering in die wingerd die slawe goed besig gehou het. In dié tyd is die wynvate skoongemaak deur die aanpaksels teen die vaatwande met 'n mengsel van perskeblare en kookwater te verwyder.[805] Dit was 'n uiters onaangename taak en op sommige plase waar die kwaliteit van wyn 'n belangrike prioriteit was, moes slawe selfs in die vate rondkruip om die aanpaksels teen die vaatwande af te skuur. Na dié taak is die wynvate met swawel berook. Dié proses is deur Mentzel beskryf:

> A piece of cotton cloth is slightly moistened and drawn through liquefied sulpher. Of this, a strip of about two inches in length and three-quarters of an inch in width is cut off and attached to a bent wire as to a hook. The sulpher is then ignited and the wire lowered to the centre of the barrel while the barrel is closed tightly with the bung and a wet cloth.[806]

Tydens die aktiewe groeityd van Desember tot Februarie moes slawe bedag wees op rondloperbeeste in die wingerde sowel as voëls by die rypwordende druiwetrosse. Jong seuns en slawekinders moes daglank swepe in die wingerde klap om die voëls weg te hou.[807] Vreemd genoeg het honde ook 'n liefde vir die ryp druiwe geopenbaar en veral snags, wanneer die sweepklappers nie daar was nie, skade aan die trosse berokken.[808] Behalwe vir ruspes en springkane, was die skadelike suigwurm ook 'n plaag om mee rekening te hou. "De zoogenaamde Zuiger is zekerlyk wel de ergste vyand van alle, die den wynstok beschadigen", aldus Kolbe.[809] Soggens vroeg, nog voor die suigwurms hulle verwoestende gevreet kon begin, moes die slawe die wurms een vir een van die wingerdplante verwyder en in 'n houer gooi om dit later tuis te vernietig of te verbrand.[810] Die volgende hoogtepunt van die

---

800 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 380.

801 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

802 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 381.

803 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 62.

804 *Ibid.*, p. 100.

805 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 106 en 184 - 185.

806 *Ibid. III*, p. 184.

807 *Ibid. III*, p. 178.

808 *Loc. cit.*

809 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 148.

810 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 177; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 148 - 149.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

landboujaar was die pluk en pars van die druiwe wat dan ook die besigste tyd op die wingerdplaas was. Van die einde van Februarie is die totale arbeidsmag op die plaas vir 'n maand lank by die druiwe-oes betrek.[811] In dié tyd was die arbeid van die slawe onontbeerlik.[812] Die **druiweplukkers** het elk 'n mandjie wat van Spaanse riet gemaak is by hulle gehad wat, sodra dit vol druiwe was, deur 'n ander slaaf na die parshuis gedra is.[813] In die *Slaweregister* word pertinent van drie druiweplukkers melding gemaak wat op 20 Junie 1816 in besit van Hendrik Cloete van Groot Constantia was.[814] Dit is logies dat hulle nie die enigste slawe was wat tydens die oestyd as plukkers opgetree het nie, maar het heelwaarskynlik die oesspanne aangevoer.

Sommige wynboere het verkies dat die druiwekorrels voor die pars van die stingels verwyder word, terwyl ander die druiwetrosse netso gepars het. Volgens Mentzel was die heerlike smaak van die beroemde Constantia-wyne te danke aan die feit dat die druiwekorrels voor die parsproses van die stingels verwyder is en geen stingelsap dus met die druiwesap kon meng nie.[815] Die geplukte druiwe is in 'n parsbalie geplaas. Dit was 'n balie, met ronde openinge van 'n halfduim (1,27 cm) dik in die boom en sye, wat op 'n stut in 'n tweede groter balie met slegs 'n sponninggat, waardeur die uitgetrapte mos in 'n emmer of balie kon vloei, gestaan het.[816]

Die parsproses het in die parshuis, wat terselfdertyd ook die kelder was, plaasgevind.[817] Gewoonlik het drie of vier **parsslawe**, met skoon voete wat in water digby die parsbalie gewas is, in die balie vol druiwe geklim en die druiwe met hulle voete getrap, terwyl hulle aan 'n tou wat van die dak af gehang het, vasgehou het.[818] In 1798 het lady Anne Barnard op uitnodiging van Hendrik Cloete, 'n besoek aan Groot Constantia gebring en die parsproses wat sy daar waargeneem het, beskryf:

> Mynheer Cloete took us into the wine press hall, where the whole of our party made wry faces at the idea of drinking wine that had been pressed from the grapes by three pair of black feet; but the certainty that the fermentation would carry off every polluted particle settled that objection with me ... Of these presses there were four, with three slaves each.[819]

Sy was gefassineer deur die drie halfnaakte bronsfigure in elke parsbalie wat die druiwe op maat van die musiek van een of ander musiekinstrument uitgetrap het. Tydens die eerste fase het die slawe die druiwe sagkens op 'n stadige maat uitgetrap, "the wine running out from a

811 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 182 - 183; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 22.

812 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 130.

813 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

814 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

815 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 34 en 183.

816 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

817 *Ibid. III*, p. 183.

818 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 130; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

819 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 267; M. Masson, *Lady Anne Barnard*, p. 205; D. Fairbridge, *South Africa a century ago*, pp. 156 - 157.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hole at the bottom of a barrel, pure and clear".[820] Tydens die tweede fase is dieselfde druiwe teen 'n vinniger en sterker pas uitgetrap, terwyl die pulp en doppe tydens die derde fase deur 'n sif gedruk is. Volgens lady Anne Barnard is die drie tipes vloeistof uiteindelik gemeng, aangesien Cloete van mening was dat versnyding die kwaliteit van die wyn verhoog het.[821] Min hooggeplaastes wat die beroemde Constantia wyn plaaslik sowel as in die buiteland gedrink het, het besef dat dié wyn, danksy slawevoete, hulle wynglase bereik het. Die huishouding van Napoleon op St. Helena het onder meer dertig bottels Constantia-wyn per maand verbruik.[822] In 1783 het 'n besoeker aan die Kaap onder meer daarvan melding gemaak dat sekere Europese monarge, soos die Koning van Pruise onder die kliënte van Cloete van Constantia getel het, terwyl daar ook in 'n gedig van Baudelaire na dié wyn verwys word.[823]

Tydens die maak van rooiwyn is die mengsel ná die parsproses met doppe en al gelaat om vir vier of vyf dae te gis, waarna die mengsel weer gepars is. Nadat die sap uit die mengsel gedruk is, is leë wynvate met muskaatneute ("muskate noten") berook waarna die wyn in die vate gegooi is.[824] Na 'n paar dae is die wyn weer deur die slawe versigtig na ander neutberookte vate oorgegooi, terwyl die afsaksel in die eerste vate agtergebly het. Die proses is 'n hele paar keer herhaal, en met die laaste oorgooi na ander vate is 'n neut finaal oor die wyn gebrand, terwyl die dampe aanhoudend oor die wyn geblaas is. Daarna is die wynvate dig toegekurk en die wyn vir 'n paar weke stil laat lê, waarna dit verkoop of vir persoonlike gebruik in kleiner vate oorgegooi is.[825]

Tydens die vervaardiging van witwyn is die druiwesap dadelik nadat dit uitgetrap is, deur die slawe in 'n swawelberookte vat gegooi waarvan die spon of prop nie opgesit is nie, aangesien fermentasie die vat kon laat ontplof. Om die gistende druiwesap te suiwer, is dit oor 'n tydperk van etlike dae, soms tot vier maal per dag, van die een swawelberookte vat na 'n ander oorgegooi. Nadat die wyn deeglik "afgetrek" is en gestabiliseer het, is dit vir 'n paar weke ongestoord gelaat. Daarna moes dit finaal "berei" of gesuiwer word. Die wyn is deur die slawe na nuwe vate oorgegooi. 'n Halwe Berlynse kwart fyngekapte vislym, wat vooraf deeglik in wyn of water geweek is,[826] is in 'n vol wynvat gegooi en met 'n houtspaan deurgeroer, waarna die mengsel vir 'n ruk doodstil gelaat is. Die onsuiwerhede in die wyn het dan saam met die vislym na die bodem van die vat gesak om die wyn skoon en helder te laat.[827] Indien daar na dié suiweringsproses nog onsuiwerhede in die wyn was, is skoongewaste warm fyn sand of fyn

---

820 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 267.

821 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 36; D. Fairbridge, *South Africa a century ago,* pp. 156 - 157.

822 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 36.

823 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 111 - 112; M. Masson, *Lady Anne Barnard,* p. 205.


824 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* pp. 181 - 182; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 150.

825 *Ibid. II,* p. 182; *Ibid. I,* p. 151.


826 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 186.

827 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 151.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 101: 'n Wynwa met touleier en wadrywer op pad na die Kaapse mark, volgens 'n afbeelding deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.
Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 117.



Figuur 102: Uitspantyd vir betroubare en sober Maleierwadrywers en touleier in beheer van 'n swaargelaaide Stellenbosse wynwa oppad na Kaapstad, volgens 'n waterverfskildery deur die amateurkunstenaar Christopher Webb Smith (1793 - 1871) wat die Kaap in die 1830's besoek het.
Uit: A. Gordon-Brown, *Christopher Webb Smith. An artist at the Cape of Good Hope 1837 - 1839* (Kaapstad, 1965), p. 75



Figuur 103: 'n Kaapse wynwa met 'n bedrewe Maleierwadrywerslaaf, volgens 'n tekening in 1833 deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/72.
Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskraapte kalk en wingerdstokas by die wyn gevoeg.[828]

Talle slawe was intensief by die pars sowel as fermentasie, distillerings- en suiweringsproses van wyn betrokke. Alhoewel slegs drie slawe pertinent as **kelderwerkers** van Pieter Cloete in die *Slaweregister* gelys is,[829] kan aanvaar word dat sommige van die ander sestien slawe wat as arbeiders in sy besit aangeteken is, beslis by die wynvervaardigingsproses op sy plaas betrokke was. Die drie wynkelderwerkers, Willem van die Kaap sowel as Joan en Oktober van Mosambiek, se dienste was heelwaarskynlik op 'n deurlopende basis tot die kelder beperk.

Nadat die wyn markgereed was, is dit deur die **wadrywers,** wat meesal betroubare sober Maleierslawe en "baster-hottentotte" was,[830] na Kaapstad vervoer **(Fig. 101, 102 & 103)**. Vir die taak het Hendrik Cloete in 1816 vyf slawe as wadrywers in diens gehad,[831] terwyl Pieter Cloete ses slawe vir dié doel aangewend het.[832]

Na die parstyd het die tydperk van harde werk op die akkerbouplaas eers vir 'n wyle tot stilstand gekom en is die arbeid van die slawe en alle ander werkers met 'n fees beloon.[833]

Slawe was ook betrokke by die bewerking en verwerking van die neweprodukte wat van wingerdbou verkry is, soos die maak van brandewyn, dopbier, asyn en rosyne. Brandewyn is van die afsaksels en doppe wat in die laaste pars oorgebly het, vervaardig. In sy kritiese styl het Barrow die kwaliteit van die Kaapse brandewyn as minderwaardig afgemaak. De Jong het egter ook bevestig dat "deze [brandewijn] is over het algemeen niet zoo goed … " [834] Volgens Barrow was die bestanddele swak, "the materials thrown into the still are of the grossest kind, the greatest part being the expressed husks and stalks of the grapes".[835] Daarbenewens was die slawe wat vir die vervaardigingsproses verantwoordelik was, onbevoeg en ongemotiveerd: "He falls asleep; the fire goes out; a rapid blaze succeeds to make up for loss of time; the spirit carries over with a strong empyreumantic flavour which it never loses." [836]

Nog 'n neweproduk wat van die wynbou verkry is, was die sogenaamde "dopbier", wat met die oog op verkope aan slawe en Khoikhoi, gemaak is. In die omgewing van Bottelary het Mentzel die vervaardiging van dié produk gadegeslaan. Die afsaksel, doppe en stingels van klaar geparste wyn, is alles saam in balies geplaas en water daaroor gegooi, waarna dit ongesteurd gelaat is om te fermenteer.[837] Weens die bitter stingels daarin het dié drank 'n uiters onaangename en onaanvaarbare smaak gehad. Nogtans was dit baie gewild onder die

---

828 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* p. 151; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 186.

829 K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

830 R.C.-H. Shell, *De Meillon's people of colour,* p. 12.

831 K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

832 K.A.B.: SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

833 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 27.

834 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 98.

835 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 66.

836 *Loc. cit.*

837 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 59 en 183 - 184.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe en Khoikhoi.[838] Tydens die maak van rosyne het slawe die byna oorryp druiwe in kokende potaswater gedoop en in die son uitgepak om droog te word. 'n Slaaf met 'n strooiwaaier het die wespe, hommelbye en ander insekte weggehou.[839] Asyn is van druiwe wat in die koeler berggebiede gegroei het, vervaardig. Die boere het 'n goeie afset vir asyn in Kaapstad gehad, aangesien buitengewoon groot hoeveelhede in die stad verbruik is, terwyl die besoekende skepe ook asyn, veral vir preservering, benodig het.[840]

Met die wynafsaksel wat slawe tydens die wynmaakproses uit die vate moes verwyder, is heerlike veerligte koeke en ander gebak, soos mosbolletjies, mosbrood, krakelinge en tempies, deur die slawebakkers in die Kaapse huishoudings gebak.[841]

Met die afhandeling van die jaarlikse arbeidsroetine op die wingerd- en graanplase is dit van belang om die daaglikse arbeidsroetine van landbouslawe op die akkerbouplase kortliks te bespreek. In die somer het die slawe halfvyf en in die winter sesuur soggens opgestaan. Die dag het gewoonlik twee werkskofte gehad. Die eerste skof was vanaf dagbreek tot tienuur in die oggend en vanaf twaalfuur tot vier- of vyfuur in die namiddag. Met die aanvang van die winter en die ploegtyd het slawe soggens voor werk elk 'n beker brandewyn en 'n klein snytjie brood ontvang. Teen tienuur het die slawe vir middagete teruggekeer, nadat hulle die osse uitgespan en aan die beeswagters oorhandig het. Na middagete teen ongeveer twaalfuur, het die beeswagters die osse na die huis aangejaag waar die slawe hulle voor die ploeë ingespan het. Teen twee-uur was dit teetyd. Nadat die slawe klaar geploeg het, het hulle die osse uitgespan en vir nog 'n uur of wat in die veld laat wei. Teen sesuur die aand het die veewagters met die beeste, perde, skape en varke uit die veld teruggekeer en elke veesoort in sy eie kraal gejaag. Die saalperde is snags op stal gehou. Na dié take, kon aandete teen ongeveer agtuur genuttig word, waarna die slawe met 'n pyp en tabak om die vuur ontspan en gesels het. Daarna het hulle hulle hoofde vir 'n welverdiende rus neergelê.[842]

Met die aanvang van die lente het die daaglikse roetine effens verander en het die plaasslawe sesuur soggens opgestaan. Teen agtuur het beide die boer en sy slawe ontbyt geneem wat uit vleis bestaan het. Tydens die wingerdoes het druiwe ook deel van die ontbyt uitgemaak. Teen twaalfuur is middagete genuttig, waarna tot drieuur gerus is en die tweede werkskof 'n aanvang geneem het. Om sewe-uur het die veewagters met die veetroppe uit die veld teruggekeer en die vee in hulle onderskeie krale besorg.[843] Daarna kon die slawe ontspan en hulle vir die nag se rus gereed maak. Die roetine het 'n sekere mate van stabiliteit aan die slaaf se lewe verleen. Hy het geweet wat sy daaglikse taak was en het daarom sy lot met 'n mate van tevredenheid en gelatenheid aanvaar. Daar was selfs sprake dat die slawe heel gelukkig in hulle gebondenheid was.[844]

Op die gemengde akkerbouplaas was slawe by talle ander arbeidsaktiwiteite – soos onder meer tuinbou – betrokke. Vrugte-, groente- en kruieproduksie is aktief op die akkerbouplase

838 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 183 - 184.

839 *Ibid. III*, pp. 179 en 187.

840 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 187.

841 *Ibid. III*, p. 186; R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 59 en 61.

842 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 108 - 109.

843 *Loc. cit.*

844 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beoefen. "One may be sure that after laying out his vineyard, everyone chooses his next piece of ground for gardening", aldus Mentzel.[845] As **tuiniers** was slawe dus onontbeerlik op die akkerbouplaas. Tas se slawe moes onder meer mis vir die tuine aanry en eikebome plant.[846] In sy beskrywing van Constantia het Valentyn onder meer melding van die oorvloed tuinbougewasse op dié akkerbouplaas gemaak, wat onder meer "zeltzaame boomen, keurlyke wynstokken en verdere gewasschen, planten, en heesters" sowel as die "schoonste en uitgezogste vrugten van de Kaap" ingesluit het.[847] Met sy besoek in 1825 aan Constantia het dit Teenstra opgeval dat die groot tuin, wat "rijk [is] aan verschillende soorten van fijne vruchtboomen, heesters en bloemen" netjies onderhou is.[848] 'n Hele paar slawearbeiders het waarskynlik onder 'n hooftuinier dié boorde en tuine bewerk en in stand gehou. Valentyn het in die vroeë agtiende eeu melding gemaak van die huis van "den Thuinier, of opziender".[849] In 1816 is die slaaf Gert van die Kaap pertinent as tuinier van Hendrik Cloete van Groot Constantia in die *Slaweregister* gelys.[850] Heelwaarskynlik was hy op 'n deurlopende basis die hooftuinier op Groot Constantia, met ander slawe wat hom periodiek bygestaan het. Dieselfde geld vir Sabunga van Madagaskar, wat op 10 Augustus 1818 as tuinier van die akkerbouboer Pieter Cloete aangedui is.[851] Wat Vergelegen in die tyd van W.A. van der Stel betref, het Bogaert van "een meenigte van zeldzame bomen en gewasschen" melding gemaak.[852] Sestig morge (ongeveer 55 hektaar) grond is in die eerste helfte van die agtiende eeu op Vergelegen vir die verbouing van vrugte en groente benut.[853] Daar kan dus afgelei word dat van die "wel hondert stuks van de beste slaven en slavinnen der Maatschappye" [854] sowel as van die meer as 200 slawe wat hy "voor syne eygen gelden, en tot syn particulieren dienste hadde gekoft", [855] by die aanplanting, bewerking, versorging en instandhouding van die tuine betrokke was. Op Meerlust is onder meer ook groente verbou, want op 20 Januarie 1706 het Adam Tas "eenige groenten" van dié plaas ontvang.[856]

By implikasies sou slawe by die pluk en voorbereiding van vrugte vir die mark betrokke gewees het, terwyl hulle ook vrugte sou droog. Dié aktiwiteit word onder die arbeid van die binnelandse slawe bespreek.

Soos reeds vermeld, was boerdery op die akkerbouplase gediversifiseerd en het boere in dié streek ook vee aangehou. Weens die afwesigheid van heinings, is slawe as **veewagters** en

---

845 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 190.

846 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 38, 42 en 80.

847 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 194 - 196.

848 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 418 - 419.

849 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 194.

850 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

851 K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1818-08-10.

852 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 475.

853 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 47.

854 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 496.

855 J.L. Hattingh, Die klagte van goewerneur W.A. van der Stel se slawebesit - 'n beoordeling met behulp van kwantitatiewe data, *Kronos* 7, 1983, p. 17.

856 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

-versorgers ingespan.[857] In 1817 het Johan Veyll in die Kaapse distrik oor sestien veewagterslawe beskik wat beeswagters, skaapwagters en perdeoppassers ingesluit het.[858] Dit was 'n algemene gebruik om veral ouer slawe, wat nie meer vir die fisies veeleisende werk op die lande geskik was nie, as veewagters uit te sonder.[859] 'n Lys van slawe wat in 1820 tydens openbare veiling te Stellenbosch verkoop is, dui daarop dat die gemiddelde ouderdom van die twaalf veewagters 48 jaar was, terwyl dié van ander slawemans 32 jaar was.[860] Dieselfde tendens blyk uit die *Slaweregister* wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is. Van die vyf veewagters wat in 1816 aan Hendrik Cloete behoort het, was die twee skaapwagters, Manuel van Mosambiek en Castor van Boegies, albei sestig jaar oud.[861] Van die nege veewagters wat aan Pieter Cloete behoort het, was slegs die dertigjarige Joan relatief jonk, terwyl beide die Mosambiekse slawe, Sanprender en July, sowel as Fortuin van Malabar veertig jaar oud was, Solon van Java en Serrang van Ternate 45 jaar, Compas en Samson, beide van Mosambiek, vyftig jaar en Pedro van Malabar wat sestig jaar oud was.[862] In 1816 is die vyftigjarige Job van Bengale sowel as die sestigjarige Plesier van Madagaskar as veewagters van Jacob van der Merwe van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.[863] Slaveveewagters was veral aan die gevare van roofdiere blootgestel. In die 1770's het Sparrman verneem van 'n slawebeeswagter wat op die sandvlakte tussen Kaapstad en Paarl deur 'n tier (luiperd) aangeval is. Alhoewel hy ernstig beseer is, het hy nogtans met sy lewe daarvan afgekom.[864] Behalwe as veewagters, was slawe ook by die versorging van die veekrale betrokke. In sy dagboek het Tas melding gemaak van droë strooi wat in die veekrale ingery is.[865]

Ter aanvulling van die voedselvoorrade is plaasslawe van tyd tot tyd deur hulle eienaars opdrag gegee om te gaan visvang. Op 10 Julie 1705 was ses van Adam Tas se slawe deel van 'n groep **vissers** wat met 'n treknet by die kus gaan visvang het om op 14 Julie met twintig steenbra's terug te keer.[866] Op 20 Junie 1816 is die slaaf September van Makassar as visserman van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* aangeteken,[867] wat daarop dui dat September heelwaarskynlik op 'n deurlopende basis in dié hoedanigheid in diens was.

Net soos in Kaapstad die geval was, moes slawe in die akkerbougebied as **brandgoedhalers** en **houtkappers** diens verrig. In 1820 is die slaaf Jeptha van die Kaap pertinent as houtkapper van Hugo Mostert in die *Slaweregister* gelys.[868] Die blootstelling aan die elemente en die aard

---

857 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 158.

858 K.A.B.: SO. 6/33, p. 71: Register of Slaves, 1817-01-25.

859 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 81 en 88.

860 K.A.B.: 1/STB. 22/151: Register of Slaves sold at public auctions in Stellenbosch district, 1820 - 1822.

861 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

862 K.A.B.: SO. 6/15, p. 25: Register of Slaves, 1816-06-22.

863 K.A.B.: SO. 6/94, p. 11: Register of Slaves, 1816-07-29.

864 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 193.


865 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 38 en 42.

866 *Ibid.*, p. 74.

867 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

868 K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1820-04-29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 104: 'n Plaasslaaf besig om kerse te maak, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard. Skaapstertvet, wasboombessies en gannabos-as was belangrike bestanddele by die maak van Kaapse kerse.

Uit: D. Fairbridge (red.), *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797 – 1802* (Oxford, 1924), teenoor p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die werk, het 'n nadelige invloed op die gesondheid van die houthalerslawe gehad.[869] In 1767 het 'n slaaf wat teen die hange van die Hottentots-Hollandberge gaan hout soek het, inderdaad weens blootstelling omgekom.[870]

Plaasslawe het voorts 'n verskeidenheid take verrig. Tydens die redelike kalmer tyd voor die koringoes is slawe soms ingespan om stene te maak en te bak.[871] Met sy besoek aan die plaas Bergvliet van Hendrik Eksteen in die 1790's het De Jong opgemerk dat 25 slawe besig was om moerasgrond droog te lê, terwyl dertig slawe palmiet uitgekap het. Danksy slawearbeid kon Eksteen "eene onvruchtbare en onaangename moeras, de woonplaats van slangen en kikvorsten, in een heerlyk stuk gronds hervormd, het schoonste koorn draagt ..." [872]

Die pluk van ryp wasboombessies en die maak van waskerse,[873] was nog 'n aktiwiteit waarby die akkerbouslawe, veral gedurende die maande Junie en Julie, betrokke was.[874] Die bessies wat plantaardige was opgelewer het, was afkomstig van die struik *myrica cerifera* wat volop op die effe droër moerasagtige grond naby die kus gegroei het.[875] Vir die maak van waskerse is groot hoeveelhede bessies in ysterpotte oor die vuur gekook tot die was bo-op die water gedryf het. Hierna is dit afgeskep en met uitgekookte skaapvet gemeng.[876] Tydens haar besoek in 1797 aan ds. Aling van die Paarl het lady Anne Barnard opgemerk dat die slawe van mevrou Aling besig was om die was van bessies af te kook, "of which I saw a stock of green dull candles made".[877] Nadat 'n slaaf kerspitte van ou linnelap of verslete kouse gedraai het, het hy dit herhaaldelik met die gesmelte kerswasmengsel bedek tot die kerse die verlangde dikte gehad het [878] **(Fig. 104)**.

Slawe was ook by die maak van suiker van suikerbosstroop betrokke. Sodra die suikerbos in blom was, het die slawe soggens vroeg uitgegaan om die blomme, wat nog vol dou was, af te pluk en die stroop in emmers uit te skud.[879] Hierna is dit deur 'n doek gegooi om dit te suiwer en tot 'n dik stroop gekook. Dié hardgekookte stroop, wat 'n medisinale smaak gehad het, is as ronde balletjies by tee voorgesit, as bestanddeel in die bereiding van kos en die kook van

---

869 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 44.

870 K.A.B.: CJ. 3175: Verklaring van Andreas Greeff, 1767-08-20.

871 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 106.

872 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II*, pp. 66 - 67.

873 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, pp. 179 - 180.

874 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 90.

875 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 303.

876 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 180.

877 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 249.

878 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 90.

879 *Ibid. II*, pp. 113 - 114.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konserf gebruik [880] en bowenal "als een souverein borstmiddel" benut.[881] Slawearbeid was onontbeerlik in die maak van botter. In die 1770's het Thunberg opgemerk dat botter daagliks op die Paarlse plase gekarring is.[882] Aangesien botter sowel as seep op groter skaal in die binneland vervaardig is, word dit onder die aktiwiteite van die binnelandse plaasslawe bespreek.

Soos reeds vermeld, het slawe as wadrywers 'n belangrike en onontbeerlike funksie op die akkerbouplaas vervul. **Slawekoetsiers** was onder meer betrokke by die vervoer van die eienaar en sy gesin. In sy dagboek maak Adam Tas telkens melding van die "paardenwagen" as gebruiklike vervoermiddel,[883] terwyl talle voorbeelde van slawekoetsiers in die *Slaweregister* voorkom. In 1816 is Wensa van die Kaap as koetsier van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys,[884] terwyl drie slawe in dieselfde jaar as koetsiers van Lambertus Johannes Colijn aangeteken is. Hulle was Present, Gabriel en Adam, aldrie van die Kaap.[885] Frederik, Keizer en Adriaan, aldrie van die Kaap, was as koetsiers in diens van Pieter Laurens Cloete,[886] terwyl Achilles van die Kaap en Geduld van Mosambiek die koetsiers van Daniel Malan van Stellenbosch was.[887]

Akkerbouslawe was ook **boodskapdraers**, **kruiers** en **gidse** vir reisigers.[888] Boodskappe is veral te perd oorgedra. Op Sondag 27 Desember 1705 het Tas in sy dagboek aangeteken dat die slawe van ene Appel en dominee P. Kalden, te perd oor sy plaas gery het om die nuus van die weggespoelde koring oor te dra.[889] Soms moes plaasslawe ook die rol van **jagters** vervul. In die 1790's was De Jong ooggetuie van Cloete wat met 'n hele paar honde, sy jonger broer en twee slawe gaan jag het,[890] terwyl lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting melding gemaak het van die slaaf Adonis, "the gamekeeper or rather gamekiller" wat sy op een van die akkerbouplase opgemerk het.[891]

Soos reeds in die studie vermeld, is slawekinders op 'n jeugdige ouderdom as algemene plaasarbeiders ingespan. In 1816 is die dertienjarige Joemat en veertienjarige Piet as arbeiders van Dirk Cloete in die *Slaweregister* gelys,[892] terwyl die drie vyftienjarige slawe Jonathan,

---

880 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 220.

881 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 98.

882 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 40.

883 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 50, 54, 80, 98, 100, 176 en 198.

884 K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

885 K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.

886 K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

887 K.A.B.: SO. 6/94, p. 8: Register of Slaves, 1816-07-25; SO. 6/94, p. 156: Register of Slaves, 1819-05-05.

888 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 87.


889 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 136, 176 en 198.

890 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 47.

891 Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 129.

892 K.A.B.: SO. 6/84, p. 12: Register of Slaves, 1816-09-24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) (b)

Figuur 105 a en b: Dekoratiewe smee-ysterwerk aan weerskante van Groote Schuur se voordeur wat aanvanklik deur 'n ystermidslaaf op Elsenburg vir dié plaashuis se voordeur gemaak is.

Uit: P. Brooke Simons, *Groote Schuur. Great granary to stately home* (Vlaeberg, 1996), p. 51.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Titus en Claas sowel as die dertienjarige Andries arbeiders van Hendrik Cloete was.[893] Die veertienjarige Gillion en die twee vyftienjarige slawe Jason en Abdool was arbeiders in diens van Lambertus Johannes Colijn.[894]

Alhoewel die meerderheid slaweambagslui in Kaapstad saamgetrek was, het geskoolde **ambagslui** hulleself wel op die selfonderhoude plase van sommige welgestelde akkerbouboere bevind.[895] In die 1770's het Stavorinus onder meer na die ambagslui op Elsenburg, die plaas van Martin Melck langs die Eersterivier naby Stellenbosch, verwys. Die meerderheid was Oosterse slawe wat onder meer as smede, timmerlui en wamakers in die werkwinkels diens verrig het. Melck het een van die slawe wat 'n bedrewe ystersmid en wamaker was, teen 'n aansienlike bedrag van 1 500 riksdaalders aangekoop.[896] Die handewerk van 'n ystersmidslaaf van Elsenburg kan in die dekoratiewe smee-ysterwerk van Groote Schuur se voordeur besigtig word [897] **(Fig. 105)**. Tydens sy besoek aan Meerlust in die vroeg-negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat slawe sowel as vry persone, ambagslui op dié plaas van Philip Meyburg was. Hierdie ambagslui het 'n belangrike rol in die selfvoorsienendheid van die plaas gespeel, aangesien alles wat nodig was, "whether of cloathes [*sic*], furniture, implements for husbandry, or tools of any other kind, are made upon the spot ... ".[898] Die dienste van die slawemesselaars, -smede, -wamakers, -meubelmakers, -kleremakers en ander slaweambagslui van Meerlust was ook tot beskikking van Meyburg se bure en is selfs aan hulle uitverhuur.[899]

Soos in geval van Elsenburg, waar die meeste ambagslui Oosterse slawe was, was byna al die ambagslawe op die Stellenbosse plaas van Dirk Cloete in 1816 van Oosterse herkoms. Primo van Batavia was die grofsmid, Hector en Trambland van Batavia die skrynwerkers, terwyl Jason van Batavia die messelaar, Damon van Malabar die skoenmaker en Isak sowel as Africa van die Kaap die kleremakers was.[900] Pieter Laurens Cloete het in 1816 onder andere drie skrynwerkers, twee kleremakers, twee messelaars en een skoenmaker besit.[901] Hendrik Cloete van Groot Constantia was in dieselfde tyd in besit van die skrynwerker Bacchus van Bencoolen, die twee kleremakers Caesar van Bengale en Lafleur van die Kaap, die twee messelaars September van Java en Mey van Batavia, die skoenmaker September van Malabar sowel as die kuiper Phillis van Ambon.[902] Op 22 Junie 1816 is die volgende slaweambagslui as eiendom van Lambertus Johannes Colijn in die *Slaweregister* gelys: Lendor van Madagaskar as skrynwerker, Damon van Makassar as skoenmaker, David van die Kaap as kleremaker, Joël van Mosambiek as grofsmid, Timor van Timor as messelaar en Ontong van Makassar as mandjiemaker.[903] Drie jong slawe was onderskeidelik vakleerlinge in skrynwerk, skoenmakery

---

893 K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

894 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 30 - 31: Register of Slaves, 1816-06-22.

895 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 87.

896 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, pp. 52 - 53.

897 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17.

898 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 138.

899 *Loc. cit.*


900 K.A.B.: SO. 6/84, pp. 12 - 14: Register of Slaves, 1816-09-24.

901 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

902 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20

903 K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 106: 'n Veertienman slaweorkes geklee in militêre uniforms, onder die eikebome op Bergvliet tydens die verwelkoming van lord Charles Somerset deur Eksteen op sy plaas in 1821, volgens 'n potloodtekening waarskynlik deur lady Anne Barnard.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 54.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en kuipery.[904] Op 29 Augustus 1816 was Abraham Johannes Marais in besit van drie wamakers, te wete October van Ceylon, Robo van Batavia en Mentor van Mosambiek,[905] terwyl Jan Morel in besit van vier slawemesselaars was.[906] In 1827 is Galant van Madagaskar as dakdekker van Johannes Minnaar van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.[907]

'n Sekere slawebesitter in die akkerboustreek het 'n rondtrekkende groep van sestien slawe gehad waarmee hy messelwerk deur die hele Kolonie verrig het.[908] Sommige Kaapstadse slaweambagslui, soos skrynwekers en smede, is soms aan boere in die landelike gebiede uitverhuur.[909] Die pragtige Kaaps-Hollandse plaasopstalle wat in die agtiende en negentiende eeu in die Suidwes-Kaap opgerig is, is in 'n groot mate die handewerk van slawebouers, -messelaars, -dekkers, -skrynwerkers en -verwers.

Slawearbeid op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas het voltydse toesig en streng dissipline vereis. In dié opsig het die reeds vermelde knegte en **slawemandoors** 'n belangrike rol gespeel. Op sommige van die groot akkerbouplase is senior Kaapsgebore slawemans as mandoors of "slawedrywers" aangestel. Slawemandoors was betroubare indiwidue wat spesiale voorregte geniet het,[910] soos die mandoor op Martin Melck se plaas wat toegelaat is om by slavinne te slaap.[911] Dié mandoor het onder meer gesag gevoer oor die slawe wat tydens parstyd in die wynkelders werksaam was, terwyl die meerderheid slawe met die druiwe-oes in die wingerde besig was.[912] In 1816 is Adam van die Kaap as slawetoesighouer van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys.[913]

Sekere welgestelde akkerbouboere was in besit van **slawemusici** en selfs slaweorkeste. In die *Slaweregister* is die sestigjarige Makelaar van Madagaskar in 1816 as slawemusikant van Hendrik Cloete aangeteken.[914] 'n Illustrasie wat in 1821 waarskynlik deur lady Anne Barnard gemaak is **(Fig. 106)**, dui aan dat 'n slaweorkes deel van die ontvangs van Lord Charles Somerset op die plaas Bergvliet van Hendrik Oostwald Eksteen was. In 1838 het Eksteen sy slaweorkes uitgehuur om tydens die besoek van die Prins van Oranje by Constantia op te tree.[915] Tydens sy besoek aan Klein Constantia in 1825 het Teenstra melding gemaak van die sestien slawemusikante van weduwee Colijn wat 'n "volmaakte veldmusiek" met al die instrumente wat daarvoor benodig word, net so goed "als het beste Engelsche korps in de

---

904 K.A.B.: SO. 6/15, p. 31: Register of Slaves, 1816-06-22.

905 K.A.B.: SO. 6/94, p. 22: Register of Slaves, 1816-08-29.

906 K.A.B.: SO. 6/94, p. 37: Register of Slaves, 1816-09-25

907 K.A.B.: SO. 6/94, p. 43: Register of Slaves, 1827-05-12.

908 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 164.

909 K.A.B.: 1/STB. 3/13, p. 14: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, Getuienis van Matthias Hoffman, Januarie 1794.

910 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 29; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 88.

911 R. Ross, Opression, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope, *Historical Reflections* 6, 1979, pp. 429 - 430.

912 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 88.

913 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

914 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

915 A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana,* p. 54; J. Walton, *Old Cape farmsteads,* p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 107: In alle omstandighede tot diens van die meester – 'n kaartspelende, rokende Hendrik Cloete van Groot Constantia met 'n livreislaaf wat sy langsteelpyp vashou, volgens 'n anonieme potloodtekening teen ongeveer 1788 in die Swellengrebel-versameling, Hilversum.

Uit: G.J. Schutte (red.), *Briefwisselling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 – 1792* (Kaapstad, 1982), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapstad" uitgevoer het.[916] Uit haar ete-uitnodiging aan Teenstra en sy geselskap blyk dit dat dié slaweorkes ook die tafelmusiek verskaf het.[917]

Wat duidelik afgelei kan word, is dat daar 'n duidelike onderskeid tussen die algemene arbeiders en die **huishoudelike slawe** op die akkerbouplaas bestaan het. Huishoudelike slawe was in 'n meer bevoorregte posisie as die ander plaasslawe, veral ten opsigte van die tipes arbeid wat hulle verrig het sowel as hulle groter betrokkenheid by die daaglikse lewe van die burgerfamilie.[918] Huishoudelike slawe wat hoofsaaklik vroue was, het take in en om die huis verrig, wat onder meer die maak van botter en kaas vir huishoudelike gebruik, die versorging en slag van pluimvee vir die huis sowel as die instandhouding van die huishoudelike groentetuin behels het.[919] Mentzel het waargeneem dat die slavinne meesal vir die melk van die koeie verantwoordelik was, alhoewel slawemans tydens druktye wel met die melkery uitgehelp het, "with this exception it is always the work of the female slaves".[920] Op 31 Augustus 1824 is Willem van die Kaap as melkman van Hugo Mostert van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.[921] Slawemans het ook as **huisbediendes** diens verrig, soos Damon en Carolus – beide van die Kaap – wat in die huishouding van Dirk Cloete huisbediendes was.[922] In 1816 was Jamaay en Phillip, beide van die Kaap, sowel as Fortuin van Bengale huisbediendes van Hendrik Cloete.[923] 'n Illustrasie uit 1772 dui aan dat Hendrik Cloete 'n **livreislaaf** in diens gehad het wat onder meer sy lang pyp moes vasgehou terwyl hy kaart gespeel het **(Fig. 107)**.[924] Manlike slawebediendes was in die minderheid. Volgens die *Slaweregister* was nie minder nie as twintig slavinne in 1816 algemene huisbediendes in die huishouding van Hendrik Cloete.[925] Teenoor die ses manlike slawebediendes was daar in 1816 sewentien vroulike huisbediendes in die huishouding van Pieter Cloete.[926] Jeugdige slafies het ook hulle plek as huisbediendes volgestaan, soos die geval was met die veertienjarige Carolus en vyftienjarige Styntje, beide van die Kaap, in die huishouding van Dirk Cloete.[927] In die huishouding van Hendrik Cloete was die twee vyftienjarige slavinnetjies Spasie en Alida, die veertienjarige Aploon en Sitie en die dertienjarige Hester as huisbediendes werksaam.[928] Op 22 Junie 1816 is die twaalfjarige Abraham van die Kaap as deel van die huisbediendes van Pieter Cloete in die *Slaweregister* gelys.[929] Net soos die dorpslawe, was die huisbediendes skoonmakers en algemene bediendes wat orde en netheid in die eienaar se huishouding moes verseker.

---

916 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 422 - 423.

917 *Ibid.*, p. 423.

918 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 90.

919 *Ibid.*, p. 87.

920 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 205.

921 K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1824-08-31.

922 K.A.B.: SO. 6/84, pp. 15 en 58: Register of Slaves, 1818-03-19, 1830-10-06.

923 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 17 - 18: Register of Slaves, 1816-06-20.

924 G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse Sake 1778 - 1792,* frontispies.

925 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 18 - 19: Register of Slaves, 1816-06-20.

926 K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 26 en 42: Register of Slaves, 1816-06-22.

927 K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1816-09-24.

928 K.A.B.: SO. 6/15, p. 19: Register of Slaves, 1816-05-20.

929 K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarbenewens was die slavinne ook **soogvroue** [930] en **kinderbediendes**.[931] Jeugdige slafies was die speelmaats van die blanke kinders, terwyl die ouer meer verantwoordelike slawekinders babawagters en kinderbediendes was.[932]

Min huishoudings was sonder **naaldwerkslavinne**. Tydens sy reis na die Paarl het Sparrman tydens 'n reënbui skuiling in 'n plaashuis gevind, "where I found the female slaves singing psalms, while they are at their needle-work".[933] In die *Slaweregister* is talle voorbeelde van slawenaaldwerksters wat in diens van plattelandse huishoudings was.[934] Uit die *Slaweregister* is dit duidelik dat byna geen huishouding sonder **wasvroue** kon klaarkom nie. In 1816 het Hendrik Cloete onder meer drie wasslavinne in sy huishouding gehad.[935] In die huishouding van Dirk Cloete van Stellenbosch was Calelie van Mosambiek die wasvrou,[936] terwyl Constance van die Kaap en Spasie van Mosambiek in 1816 wasslawe in die huishouding van Lambertus Johannes Colijn was.[937]

Slawekokke en **-bakkers** was 'n algemene verskynsel in die huishouding op die Kaapse akkerbouplaas. In 1816 is Lafleur van Malabar sowel as Manas van Ceylon as kokke van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys,[938] terwyl England van Mauritius en Constance van Mosambiek die kokke en Cupido van Malabar die bakker in die huishouding van Dirk Cloete was.[939] Pieter Laurens Cloete was in besit van vyf kokke, te wete Alexis van Mauritius en die Mosambiekse slawe Mammodie, Fortuin, Thomas en Manille.[940] In 1817 is Rachel van Mosambiek as kok van die Stellenbosse boer Johannes Mechau in die *Slaweregister* gelys,[941] terwyl Cornelia van die Kaap in 1819 die kok in die huishouding van Hendrik Mostert van Stellenbosch was.[942]

Tydens etes het slawe as **tafelbediendes** en **kelners** opgetree.[943] Burchell het aan die huis van die welvarende Paarlse boer, Van der Byl, waargeneem dat verskeie slawe die een na die ander skottels met warm vleisdisse en bredies, sowel as 'n verskeidenheid groentesoorte wat op verskillende wyses gaargemaak is , na die tafel aangedra het.[944]

---

930 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 122; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

931 K.A.B.: SO. 6/15, p. 18: Register of Slaves, 1816-06-20.

932 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

933 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 90.

934 K.A.B.: SO. 6/84, p. 16: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/84, p. 17: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/94, p. 37: Register of Slaves, 1816-09-25

935 K.A.B.: SO. 6/15, p. 19: Register of Slaves, 1816-06-20.

936 K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1818-03-19.

937 K.A.B.: SO. 6/15, p. 32: Register of Slaves, 1816-06-22.

938 K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

939 K.A.B.: SO. 6/84, p. 13: Register of Slaves, 1816-09-24.

940 K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

941 K.A.B.: SO. 6/94, p. 14: Register of Slaves, 1817-01-14.

942 K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1819-11-15.

943 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 258.

944 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 140 - 141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Studie van slawearbeid in die akkerboustreek lei tot die gevolgtrekking dat oorwegend landbouers, veewagters en algemene plaasarbeiders sowel as ambagslui en huishoudelike slawe 'n rol in arbiedsvoorsiening op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas en die gepaardgaande huishouding gespeel het. Volgens die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, was slawe veral op die plase van die meer gegoede akkerbouboere, soos Dirk, Hendrik en en Pieter Cloete sowel as Lambertus Colijn in al bogenoemde arbeidsektore betrokke. Weens die toenemende arbeidsbehoeftes in die akkerboustreek het daar sedert die Eerste Britse Besetting 'n verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied plaasgevind en was daar veral met die oplewing in die wynbedryf in die 1820's 'n konsentrasie van slawe in die wingerdboustreke van die Suidwes-Kaap.[945] Dié verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied het in wese die herverdeling van slawearbeid beteken.[946] Terwyl arbeid in die stad op grond van die geografiese herkoms en afkoms van slawe toegeken is, was daar op die plase nie 'n duidelike stereotipering ten opsigte van herkoms en die toekenning van sekere tipes arbeid nie,[947] alhoewel daar wel 'n neiging was om slawe van Afrika en Madagaskar in die akkerbou aan te wend.[948]

3. Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase

Gedurende die agtiende eeu het veeboerdery in 'n toenemende mate 'n meer aantreklike opsie as akkerbou geword. Dit was meer winsgewend, minder arbeidintensief, het minder aanvangskapitaal vereis en 'n laer bedryfskoste gehad, terwyl vervoerprobleme ook grootliks uitgeskakel is.[949] Groeiende veetroppe en 'n tekort aan beskikbare weiveld het tot die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreek deur boere en hulle slawe aanleiding gegee. Dit sou uitendelik tot die stigting van die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet lei wat gedurende die VOC-tydperk byna uitsluitlik veeboerstreke was.[950] Migrasie in 'n noordelike en noordwestelike rigting het ook plaasgevind.

Daar was relatief min slawe in die dun bevolkte binnelandse distrikte en gemiddeld ook minder slawe per slawebesittende huishouding as in Kaapstad en die akkerboustreek. Hulle is in getalle deur die vry nie-blanke arbeiders wat meesal Khoisan was, oortref.[951] Faktore wat tot die beperkte aantal slawe op die ekstensiewe binnelandse veeplase bygedra het, was onder meer die minder arbeidsintensiwiteit van 'n veeplaas, die beskikbaarheid van Khoikhoi- en Sanarbeiders met hulle natuurlike aanleg vir veeboerdery,[952] sowel as die feit dat die

---

945 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 143 - 144 en 168 - 169: R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12 en 27.

946 R.C.-H.Shell, *Children of bondage,* p. 144.

947 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93.

948 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 100; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 409.

949 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 37.

950 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 27 - 28.

951 J.E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* pp. 73 - 74.

952 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Studie van slawearbeid in die akkerboustreek lei tot die gevolgtrekking dat oorwegend landbouers, veewagters en algemene plaasarbeiders sowel as ambagslui en huishoudelike slawe 'n rol in arbiedsvoorsiening op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas en die gepaardgaande huishouding gespeel het. Volgens die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, was slawe veral op die plase van die meer gegoede akkerbouboere, soos Dirk, Hendrik en en Pieter Cloete sowel as Lambertus Colijn in al bogenoemde arbeidsektore betrokke. Weens die toenemende arbeidsbehoeftes in die akkerboustreek het daar sedert die Eerste Britse Besetting 'n verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied plaasgevind en was daar veral met die oplewing in die wynbedryf in die 1820's 'n konsentrasie van slawe in die wingerdboustreke van die Suidwes-Kaap.[945] Dié verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied het in wese die herverdeling van slawearbeid beteken.[946] Terwyl arbeid in die stad op grond van die geografiese herkoms en afkoms van slawe toegeken is, was daar op die plase nie 'n duidelike stereotipering ten opsigte van herkoms en die toekenning van sekere tipes arbeid nie,[947] alhoewel daar wel 'n neiging was om slawe van Afrika en Madagaskar in die akkerbou aan te wend.[948]

3. Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase

Gedurende die agtiende eeu het veeboerdery in 'n toenemende mate 'n meer aantreklike opsie as akkerbou geword. Dit was meer winsgewend, minder arbeidintensief, het minder aanvangskapitaal vereis en 'n laer bedryfskoste gehad, terwyl vervoerprobleme ook grootliks uitgeskakel is.[949] Groeiende veetroppe en 'n tekort aan beskikbare weiveld het tot die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreek deur boere en hulle slawe aanleiding gegee. Dit sou uitendelik tot die stigting van die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet lei wat gedurende die VOC-tydperk byna uitsluitlik veeboerstreke was.[950] Migrasie in 'n noordelike en noordwestelike rigting het ook plaasgevind.

Daar was relatief min slawe in die dun bevolkte binnelandse distrikte en gemiddeld ook minder slawe per slawebesittende huishouding as in Kaapstad en die akkerboustreek. Hulle is in getalle deur die vry nie-blanke arbeiders wat meesal Khoisan was, oortref.[951] Faktore wat tot die beperkte aantal slawe op die ekstensiewe binnelandse veeplase bygedra het, was onder meer die minder arbeidsintensiwiteit van 'n veeplaas, die beskikbaarheid van Khoikhoi- en Sanarbeiders met hulle natuurlike aanleg vir veeboerdery,[952] sowel as die feit dat die

---

945 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 143 - 144 en 168 - 169: R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12 en 27.

946 R.C.-H.Shell, *Children of bondage,* p. 144.

947 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93.

948 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 100; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 409.

949 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 37.

950 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 27 - 28.

951 J.E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* pp. 73 - 74.

952 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binnelandse veeboere oor die algemeen nie vermoënd genoeg was om slawe aan te koop nie.[953] In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel wel waargeneem dat ook die redelik welgestelde boere van die afgeleë noordoostelike binneland min slawe besit het: "Besides, they own very few slaves. They live among the Hottentots whom they employ to look after their cattle." [954] Tydens sy binnelandse reise in die 1790's het Barrow tot die gevolgtrekking gekom dat daar weens die hoë pryse van slawe, in die hele distrik van Graaff-Reinet nie meer as ses- of sewehonderd slawe was nie, terwyl daar ongeveer 10 000 Khoikhoi was.[955]

Tydens die ekonomiese oplewing van 1806 tot 1811 was daar 'n groot aanvraag na binnelandse plaasprodukte, soos vleis, seep en ander landbouprodukte, en het boere veral die ingevoerde slawe in hulle besit vermeerder. Op die vooraand van die amptelike emansipasie van slawe het 20 persent van die Kaapkolonie se slawe hulle in die vyf oostelike distrikte bevind.[956] Terwyl die aantal slawe in die oostelike binneland in 1798 minder as 'n duisend was, was dit teen 1834 meer as agtduisend.[957]

Alhoewel die arbeid op die binnelandse plase minder intensief was, het die boere nogtans sterk op die arbeid van hulle slawe en Khoikhoi gesteun. Volgens Barrow [958] en Percival [959] was die boere, met uitsondering van dié in die Sneeuberg en Hantam,[960] oor die algemeen maar bra gemaksugtig. Die bevooroordeelde Barrow het die boere onder meer as "unwilling to work and unable to think" [961] beskryf, terwyl Percival dit onomwonde gestel het dat 'n Kaapse boer hom selde self met werk bemoei het maar alles aan sy slawe oorgelaat het.[962] Die meer simpatieke Lichtenstein het dié verskynsel aan faktore, soos die warm klimaat, isolasie en die natuur as geredelike voorsiener toegeskryf.[963] Die binnelandse boer het gevolglik in 'n mindere of meerdere mate van slawe- en ander nie-blanke arbeid gebruik gemaak. Alhoewel die slawe oor die algemeen nie so hard soos hulle broers op die akkerbouplase gewerk het nie, was hulle nogtans by 'n wye verskeidenheid take op die binnelandse plaas betrokke. Beide slawe en Khoikhoi is as **voormanne**, **toesighouers**, **mandoors** en **veewagters** op veeposte of "legplaatse" ingespan. Tydens sy verblyf aan die Kaap was Mentzel bewus van die beesposte op beide oewers van die Bergrivier wat deur ouer slawe en Khoikhoi beman is.[964] Tydens sy reis in die oostelike binneland het Sparrman besonder positiewe kommentaar oor 'n enkele

---

953 J.E. Mayson, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 74; E.A. Eldredge, Slave raiding across the Cape frontier, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 96; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

954 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 84 - 85.

955 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 163.

956 E.A. Eldredge, Slave raiding across the Cape frontier, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa,* p. 96.

957 A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 12.

958 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* pp. 77 - 79.

959 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 204 - 205.

960 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 115.

961 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* pp. 77 - 78.

962 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

963 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 58.

964 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slaaf wat alleen in beheer op die plaas Zaffraankraal was, gelewer. Met behulp van twee Khoikhoi het hierdie bekwame en knap plaasbestuurder op eie insisiatief 'n besproeiingstelsel met afleivore, kanale en damme gebou wat in 'n dorre gebied water aan die geil koringlande en tuine verskaf het.[965] Tydens sy binnelandse reis het Lichtenstein naby die Doornrivier in die Nardouw-omgewing op 'n ou slaaf afgekom wat daar gestasioneer was om as veewagter en -versorger na die kleinerige beestrop van sy eienaar om te sien,[966] terwyl 'n vryslaaf en twee baster Khoikhoi die beestroppe van ene Wilders opgepas het. By Geelbek naby Saldanhabaai het Lichtenstein 'n bejaarde Mosambiekse slaaf aangetref wat in die afwesigheid van sy meester na dié se osse omgesien het.[967] Tydens sy binnelandse reis het John Campbell in 1813 op die Namakwalandse plaas Klipvallei van mevrou Van der Westhuizen opgemerk dat 'n intelligente Mosambiekse slaaf die plaasbestuurder was, "a kind of manager of her concerns. He was formerly a slave at Cape-town, but ran off from his master ... Like Joseph in the house of Potiphar he was in charge of all the slaves and Hottentots". [968] Die handelaar George Thompson (1796 - 1889) het tydens sy binnelandse reis in 1823 op die plaas Teefontein van veldkornet Louw slegs drie of vier slawe en Khoikhoi wat in beheer van die plaas was, aangetref.[969] In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens melding gemaak van die mandoor op hulle Overbergse plaas, Bokrivier:

> mijn mandoor maakte remschounen klaar voor onse rijs ...[970]
> duminy gong met demandoor na de hottentots om hem tesege met haarluij vee niet aan deese sij van derevier te komen ...[971]
> ik gong na decraal met de mandoor en sogt 2 span osse nyt voor blouwe berg ...[972]
> om 11 uure kwam sij nij sege daar komt de mandoor van bokrevier aan ...[973]

In die Roggeveld, Bokkeveld, Hantam en Sneeuberg-omgewing, [974] waar sommige boere van drieduisend tot seweduisend skaap gehad het [975] en die plase nie omhein was nie,[976] was daar vir elke 500 skape 'n veewagter nodig.[977] Soggens het die **skaapwagters** met 'n geweer oor die skouer die onderskeie skaaptroppe veld toe geneem **(Fig. 20)** om daglank te wei, terwyl

---

965 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 274 en 297.

966 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 99.

967 *Ibid. I*, pp. 41 en 100.

968 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 306.

969 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 14.

970 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 97.

971 *Ibid.*, p. 98.

972 *Ibid.*, p. 101.

973 *Ibid.*, p. 107.

974 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, pp. 249 en 372; *Ibid. II*, p. 372; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 103, 113, 123 en 29; *Ibid. II*, pp. 4 en 203.

975 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 6.

976 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 76.

977 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle op die aanvalle van ongediertes en roofsugtige Boesmans bedag moes wees.[978] Tydens sy binnelandse reis het Sparrman in die omgewing van Agter-Bruyntjeshoogte in die noordelike binneland opgemerk dat slawe en Hottentotte die veewagters van die groot veetroppe was.[979] Saans het hulle die skape na die takkraal op die werf teruggebring om die nag daar deur te bring.[980] Tydens lamtyd het die veewagters die lammers by die ooie besorg en toegesien dat hulle drink. In die *Slaweregister* is 'n hele aantal slawe as binnelandse skaapwagters gelys, waarvan die volgende as voorbeelde uitgesonder word: In 1816 was Willem Alexander Lotz van die Tulbagh-distrik in besit van die 75-jarige skaapwagter Spadel van Boegies,[981] terwyl Jacobus Louw van dieselfde distrik in 1817 drie skaapwagters in sy besit gehad het, te wete Fortuin van Boegies, Simson van Mosambiek en Goliat van Mosambiek.[982] In dieselfde jaar is Januarie van Java as skaapwagter van die weduwee Anna Fourie van die Swellendam-distrik in die *Slaweregister* aangeteken.[983]

Slawe en Khoikhoi-arbeiders was voorts betrokke by die kastrasie en merk van skape [984] sowel as die versorging van siek diere. Waar daar met wolskape geboer is,[985] is die skape soms wel geskeer,[986] alhoewel dié taak volgens Mentzel verwaarloos is.[987]

Beesboerdery is veral in die Swellendam-distrik en Sneeuberg-omgewing op groot skaal bedryf en boere in dié gebiede het oor groot beeskuddes beskik.[988] Net soos skaapboerdery, het beesboerdery bekwame **beeswagters** vereis. In 1817 het die weduwee Anna Fourie van die Swellendam-distrik onder meer die drie beeswagters, September van Java, November van Mosambiek en Philander van Mosambiek, besit.[989] Dit blyk uit die *Slaweregister* dat slavinne ook as beeswagters aangewend is. So is Diana van Boegies in 1816 as beeswagter van Johannes Liebenberg gelys,[990] terwyl Hester van die Kaap 'n beeswagter van Jacobus Louw in die Tulbagh-distrik was.[991] Buiten haar werk om saam met die manlike arbeiders met pik en

---

978 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132.

979 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 133.

980 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132.

981 K.A.B.: SO. 6/129, p. 8: Register of Slaves, 1816-07-31.

982 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

983 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

984 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 88.

985 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 114; *Ibid. II*, p. 6.

986 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 71.

987 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 211.

988 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 201 en 204; *Ibid. II*, pp. 4 en 6; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 372; O.F. Mentzel, *A geographiccal and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 84 - 85.

989 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

990 K.A.B.: SO. 6/129, p. 10: Register of Slaves, 1816-12-07.

991 K.A.B.: SO. 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 108: Die gewese slavin, Katie Jacobs met twee van haar agter-kleinkinders. Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad, INIL 11810.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

graaf veld te ontbos en skoon te maak sowel as haar taak as kombuisbediende, het die slavin Katie Jacobs **(Fig. 108)** ook beeste opgepas. Weens die eentonigheid van dié werk en die feit dat sy soms alleen ver van die huis af was en mansklere moes dra, het Katie nie van die werk gehou nie.[992] Tydens kalftyd het die veewagters veral hulle hande met die versorging van die koeie en kalwers vol gehad. Die melk van koeie was 'n belangrike taak, veral in die gebiede waar baie botter gemaak is. Gewoonlik was dit die werk van slavinne, behalwe wanneer te veel koeie in melk was en slawemans hand moes bysit. Die taak het onder meer die span van die koei se agterbene behels.[993] Koeie is gewoonlik in die veld gemelk en buite die kalfseisoen is hulle soms oor 'n afstand van 'n halfuur vanaf die plaasopstal gemelk.[994] Op die plaas van Cobus Dupré naby die Krombek- en Vetriviere in die Swellendam-distrik het die melkery in 'n stal plaasgevind.[995]

Van Swellendam tot by Mosselbaai en Algoabaai [996] sowel as in die Sneeuberg-omgewing is baie botter vervaardig.[997] Weens die goeie inkomste wat uit botter verkry is, was baie boere nie oorgretig om koring, wingerd en groente in die vrugbare grond te verbou nie en het sommige boere hulle totale inkomste uit botter verdien. Alhoewel die meeste botter in die Swellendam-distrik gemaak is,[998] was die lekkerste botter, volgens Barrow, van die Sneeuberg-omgewing afkomstig.[999] Die binnelandse botter was veral gesog in Kaapstad en groot hoeveelhede, wat deur die hande van slawe en Khoikhoi afgekarring is, is elke ses maande deur **slawewadrywers** daarheen vervoer, waar dit gretig deur die inwoners van Kaapstad en skepe vanaf Denemarke, Swede, Indië en Spanje opgekoop is.[1000] Beide Sparrman en Percival [1001] het die maak van botter beskryf. Percival het egter pertinent na die betrokkenheid van slawe by dié proses verwys. Die melk van twee tot driehonderd koeie is in groot balies versamel, waarna dié groot hoeveelheid melk elke drie tot vier dae in 'n ronde houer wat soos 'n okshoof lyk, deur die **bottermakers** afgekarring is. Die swaar karringstok het die krag van drie of vier sterk slawemans vereis, wat die botter met 'n pompaksie afgekarring het.[1002] Tydens sy binnelandse reis het ook Sparrman by Agter-Bruyntjeshoogte in die noordoostelike binneland opgemerk dat Khoikhoi en slawe by die maak van botter

---

992 K. Jacobs, The life of Katie Jacobs, and ex-slave, *African Peoples Organization Newsletter,* Christmas number, 1910, pp. 8 - 9.

993 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* pp. 203 en 205.

994 *Ibid.,* p. 204.

995 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 207.

996 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* pp. 250.

997 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 206.

998 *Ibid.,* p. 208; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 221 en 225.


999 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 250; *Ibid. II,* p. 301.

1000 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 6; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 208; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 233.

1001 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 233; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 206 - 207.

1002 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 206 - 207.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 109: Kalkoene oppad na die Kaapse mark, volgens 'n tekening deur lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803). Plaasslawe was heelwaarskynlik betrokke by die suskesvolle teel van pluimvee in veral die Koue Bokkeveld.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 286.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betrokke was.[1003] Op sommige plase is van 1 800 tot 3 500 pond botter per jaar afgekarring.[1004] Inderdaad 'n aansienlike hoeveelheid wat sekere plaasslawe goed by die swaar karringstok besig gehou het!

Waar met perde geboer is, was slawe as **perdeoppassers** verantwoordelik vir die algemene versorging, die uit die veld gaan haal sowel as die op en afsaal van perde. Talle boere, veral in die Roggeveld, Bokkeveld en Hantam, het met perde geboer.[1005] Dit was veral die Van Reenen-broers wat hulleself as knap perdetelers onderskei het. Op die plaas Groote Toorn van John van Reenen, wat noordwes van die Hantamberge geleë was, het meer as driehonderd van die beste Engelse sowel as Arabierperde bedags en snags sonder 'n wagter in die veld rondgeloop.[1006] Dié perde is tweeweekliks deur die slawe- en Khoikhoi-arbeiders bymekaar gemaak om getel te word. Slawe was voorts, soos reeds vermeld, by die algemene versorging van die perde betrokke.[1007] Op 17 Februarie 1817 is die twaalfjarige Jacob van die Kaap as stalkneg van Jacobus Louw van die Tulbagh-distrik in die *Slaweregister* gelys.[1008]

Alhoewel pluimvee heelwaarskynlik op die meeste plase aangetref is, sou plaasslawe veral in die Koue Bokkeveld met die versorging hiervan gemoeid wees. 'n Groot aantal goeie kwaliteit pluimvee, wat onder meer kalkoene ingesluit het **(Fig. 109)**, is in die streek geteel.[1009] In die negentiende eeu was daar op sommige Overbergse plase honderd tot tweehonderd ganse, "die om de 6 weken geropt of geplukt worden", aldus Teenstra.[1010] Slawe was heelwaarskynlik ook by dié aktiwiteit betrokke. In haar dagboekie het Johanna Duminy melding gemaak van hoenders wat sy laat slag het:

> ik hat 3 hounders late slagten ... [1011]
> ...en liet hounders slagten.[1012]
> liet ook pluymvee slagte voor de anderdag.[1013]

Die slawe moes ook "een dosijn hounders vange" vir die Duminy's se reis na die Kaap.[1014] Volgens Lichtenstein was daar op die plaas Rietvallei van Jacob Laubscher naby die Bergrivier "an immense quantity of poultry of all kinds".[1015]

1003 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 133.

1004 *Ibid. I*, p. 233.

1005 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 240; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 358 - 359.

1006 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 32, 114 en 202.

1007 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

1008 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1009 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 161.

1010 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 159.

1011 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 98.

1012 *Ibid.*, p. 91.

1013 *Ibid.*, p. 99.

1014 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 102.

1015 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die slag van pluim-, klein- en grootvee [1016] sowel as die afslag van wild [1017] was klaarblyklik 'n deurlopende aktiwiteit op die binnelandse plaas. In die Hantam is daar in die vroeg-negentiende eeu daagliks drie tot vier skape geslag.[1018] Die rook van vleis sowel as die maak van biltong het ook slawearbeid geïmpliseer.[1019] Hulle sou voorts by die verwerking en vervaardiging van die neweprodukte van veeboerdery, soos die looi van velle, die brei van rieme, die kook van seep en maak van kerse op die binnelandse plaas, betrokke gewees het.

Tydens sy binnelandse reise het Burchell na die looi van velle in die Roggeveld Karoo verwys. Skaapvelle waarvan die hare eers verwyder is, is in 'n looikuip van sebravel met 'n looivloeistof wat Karoodoringbas bevat het, geplaas.[1020] Tydens Lichtenstein se besoek aan die plaas van weduwee Van Wyk, ten noorde van die Bergvallei, het hy waargeneem hoe twee slawe rieme gebrei het. Die riememaakproses het hy redelik volledig in sy reisbeskrywing aangeteken:

> We here learned the manner in which the leather almost universally in this country, instead of cordage, is cured. The fresh flayed ox-hide is first cut with a knife into thongs, the breadth being regulated according to the strength and thickness wanted, which varies with the purpose for which it is to be used. The thongs are then soaked in ley for four and twenty hours, after which as many are joined together as are requisite to make the length wanted. The whole is then thrown over a sort of gallows, and as heavy weight, from eighty to a hundred pounds, fastened to it to stretch it down. Two slaves then, with a stick between the leather, keep drawing it backwards and forwards, and turning it constantly round and round, so that the weight may bear alternately alike upon very part of the leather.[1021]

Seep is op byna alle binnelandse plase vervaardig.[1022] Gannabosloog en skaapvet was die nodige bestanddele vir die kook van seep. Tydens die wintermaande op die "legplaatse" in die Karoo is die kinders sowel as slawe gestuur om gannabos *(Solsola aphylla)*, wat veral in die Kamdebo voorgekom het, in die veld bymekaar te maak. Van die souterig alkaliese as van die gannabos is 'n sterk loog verkry, [1023] wat saam met skaapvet gekook is om seep op te lewer. Tydens die seepmaakproses is 'n verskeidenheid vet, maar veral skaapvet, vir vier of vyf dae aaneen saam met die gannabosloog gekook, terwyl dit van tyd tot tyd geroer en nog vars loog bygeroer is. Uiteindelik het die seep van die loog geskei waarna die seep in 'n ander pot

---

1016 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 202; J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 89, 91, 99, 101 en 109.

1017 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 96.

1018 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 113.

1019 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 202; J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 96.

1020 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 243.

1021 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 90.

1022 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 301.

1023 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 154; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II,* p. 301.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesmelt is om gevorm te kon word.[1024] Tydens sy binnelandse reise in die 1770's het Thunberg opgemerk dat daar op die plaas van Matthew Zondag in die Langkloof seepgekook is,[1025] terwyl Burchell in die vroeë negentiende eeu melding gemaak het van 'n groot ysterpot vol kokende seep oor 'n vuur in die haard op die plaas Verkeerdevallei van Pieter Jacobs.[1026]

Alvorens kerse gemaak kon word, het die slawe in November die wasboombessies versamel. Die wasboom *(myrica cordifolia)* was buitengewoon volop in die Swartberg-gebied.[1027] Die was, wat as 'n growwe poeier aan die oppervlak van die bessies voorkom, is in groot ysterpotte van die bessies afgekook. Die gesmelte was wat op die water gedryf het, is gelaat om af te koel en te stol, waarna dit saam met skaapvet gekook is. Van dié mengsel is die kerse dan gemaak.[1028] Wat ander produksie-aktiwiteite betref, het Teenstra tydens sy Overbergse besoek opgemerk dat stene op die plaas van Wessel van Dijk, wat oos van die Swartberg geleë was, gebrand is. [1029]

Wat die akkerbou in die binneland betref, is redelik baie koring wel in die Swartland[1030] en Overberg verbou, terwyl dit in die res van die binneland weens faktore, soos afstande van die mark, klimaatsomstandighede en 'n gebrek aan genoegsame besproeiingswater, oorwegend slegs vir tuiskonsumpsie verbou is.[1031] Op die Overbergse plaas van Jan Marré, suidwes van Caledon, het Teenstra in 1825 opgemerk dat die koringlande met vier handploeë deur die arbeiders omgeploeg is.[1032] Uit die dagboekie van Johanna Duminy blyk dit dat koring op hulle plaas Bokrivier in die Overberg verbou is.[1033] Per geleentheid is die Duminy's deur kuiergaste met hulle koring gekomplimenteer wat onder meer opgemerk het dat hulle "in heelee ooverbergh soo vraaij koorin niet gesien het".[1034] Sy noem ook dat "onse slaave ... die heeledagt garst gesneede [hat]".[1035] Naby die Swartberg het Thunberg waargeneem hoe koring op die plaas van Badenhorst gedors is.[1036] Die arbeid betrokke by koringverbouing was min of meer dieselfde soos reeds onder die akkerbou bespreek is. Wat wel opval, is dat koring op sommige binnelandse plase deur slawe met die hand gemaal is. In die vroeë agtiende eeu het Kolbe as volg oor die gebruik van handmeulens in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren opgemerk: "... zoo bedienden zy zich van kleine hand-molens ... dezelve in een muur vast

1024 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, II,* pp. 112 - 113.

1025 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 96.

1026 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 198.

1027 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 179 - 180.

1028 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 90.

1029 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 165.

1030 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 24.

1031 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 76; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* pp. 283 - 284; G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 3; *Ibid. III,* pp. 93 en 167.

1032 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 200.

1033 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 101.

1034 *Ibid.,* p. 98.

1035 *Ibid.,* p. 91.

1036 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 110 - 111.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geschroeft, en van een zwart of slaaf behandelt, die in een dag ruim een messel of anderhalf kan malen." [1037] Dit was 'n besonder vermoeiende taak vir die slawe om koring om die beurt in dié meulens – wat basies groot koffiemeulens was – te maal.[1038] Tydens sy binnelandse reis in die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat koring in die omgewing van Rietvallei naby die Olifantsrivier – net soos dit in die grootste deel van die land die geval was – met die hand gemaal is.[1039]

Alhoewel nie so ekstensief soos in die akkerbougebied nie, is wyn wel plek-plek in die binneland verbou. Tydens 'n binnelandse reis het Augusta de Mist opgemerk dat wingerd by Roodezand verbou is: "... but it is particularly fertile for wine, which is known in Europe by the name Kaapschen Madera",[1040] terwyl Burchell tydens 'n besoek aan die plaas Buffelskraal van die weduwee Vos in die Heksriviervallei, opgemerk het dat wyn onder meer op die plaas geproduseer is.[1041] In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein van onder meer die wynpers op Leiste se plaas Gelukwaard in die noordwestelike binneland melding gemaak en die goeie kwaliteit van die wyn toegeskryf aan die feit dat Leiste hom reeds vir 'n paar jaar op die verbouing van wingerd toegelê het, terwyl die beste metodes in die verbetering daarvan aangewend is.[1042] Baie slawe was nodig om wyn suksesvol te produseer, [1043] wat inderdaad die geval met Leiste was. Wat die Langkloof betref, het Stephanus Ferreira in 1805 tienduisend wingerdstokke op sy plaas gehad waarvan sewe leggers wyn gemaak en elf leggers brandewyn gestook is.[1044] Heelwaarskynlik was van die 34 slawe in sy besit by die verbouing van die wingerd sowel as die produksie van die wyn en brandewyn betrokke.[1045] Op die plaas Klijne Revier van Salomon Ferreira in die Langkloof was daar in 1813, 11 500 wynstokke. Dit sou nie vergesog wees om af te lei dat van die 41 Khoikhoi en nege slawe in sy diens, op die een of ander wyse by die verbouing van wingerd betrokke was nie.[1046] Tydens sy besoek aan die Overbergse plaas van Marré in 1825, het Teenstra opgemerk dat daar 'n wingerd van vyftigduisend stokke was.[1047]

In die dagboeke en reisbeskrywings word telkens van vrugteverbouing op binnelandse plase melding gemaak. Burchell het onder meer opgemerk dat die Heksrivier 'n oorvloed van vrugte en groente opgelewer het, terwyl hy die Koue Bokkeveld as ideale gebied vir die produksie

---

1037 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 124.

1038 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 16 - 17.

1039 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 94.

1040 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 38.

1041 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 195.

1042 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 72.

1043 *Ibid. I*, p. 71.

1044 K.A.B.: J. 318, nr. 353: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. V*, p. 8.

1045 K.A.B.: J. 318, nr. 353: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. VI*, p. 4.

1046 K.A.B.: J. 318, nr. 352: Opgaafrol, Swellendam 1805, soos aangehaal *in* J.T. Ferreira, *Ferreira-Lys no. V*, p. 8.

1047 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 201.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van kersies uitgesonder het.[1048] In die noordwestelike streke, waar redelik baie sitrusvrugte verbou is, sou slawe by die uitdruk van lemoensap en die ontrekking van sitrusolie uit die skille betrokke gewees het. Beide dié produkte was 'n winsgewende bedryf en lemoensap is in groot maat deur slawewadrywers na die Kaapstadse mark vervoer. Alhoewel baie dele van die land ideaal vir vrugteverbouing was,[1049] was boere weens die afstande van die mark, verplig om baie van die vrugte vir huishoudelike sowel as vir die mark te droog.[1050] Tydens sy binnelandse reis het Lichtenstein opgemerk dat die slawe op die plaas van Abraham de Clerk besig was om vrugte te droog, "which was done by spreading them on reed mats raised about three or four feet from the ground".[1051] Terwyl die meeste vrugte saamgepers en heel gedroog is, is appels in dun skyfies gesny en in die son gedroog. Dit is hoofsaaklik as voedselvoorraad aan skepe verkoop. Gedroogde appelskyfies wat in water geweek is, is ook vir die bak van terte gebruik.[1052] Volgens Lichtenstein was die rosyne wat op die reeds vermelde plaas van Abraham de Clerk deur slawe gedroog is, van goeie kwaliteit.[1053] Hy het voorts melding gemaak van die geurige rosyne van Goudini sowel as die befaamde rosyne van die Langkloof. By die maak van rosyne is die hele druiwetros eers deur die slawe in 'n sterk as-oplossing gedoop, waarna dit op 'n stellasie van strooimatte uitgesprei is om te droog. Barrow het die rosyntjiemaakproses egter gekritiseer: "... little care and less labour are bestowed in the preparation [of raisins] ... in the process for converting grapes into raisins, neither the rotten nor the unripe fruit is removed; the consequence of which is, that the bad raisins soon spoil those that otherwise would have been good." [1054]

Tabak is oral in die Kaapkolonie verbou,[1055] terwyl rys sporadies verbou is, soos langs die wes-oewer van die Olifantsrivier in die noordweste [1056] op die plaas Lokenburg van Jacob Adrian Louw in die Onder-Bokkeveld en op die plaas Gelukwaard van Leiste in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren. Van Leiste se gesprek met Lichtenstein en sy geselskap is af te lei dat die produksie van rys die slawe goed besig gehou het, aangesien dit konstant nat gehou moes word en die slawe regdeur die somer die vinke uit die rysland moes verjaag. Leiste het voorts teenoor die besoekers opgemerk dat die produksie van beide indigo en rys skadelik vir die gesondheid van sy slawe was.[1057]

Slawetuiniers was voorts in die kombuis- en huistuine op die binnelandse plase werksaam. In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens na haar tuine en die arbeidsaktiwiteite van die

1048 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 80 en 195.

1049 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 71 - 72, 85, 114, 119, 158, 160, 175, 182 en 288; *Ibid. II*, pp. 22, 85 en 202 - 203.

1050 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II*, p. 355; *Ibid. I*, p. 350; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 19, 91, 114, 160, 181 en 257; *Ibid. II*, pp. 26, 41 en 44; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 198 - 199.

1051 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 41.

1052 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 299.

1053 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 44.

1054 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 297 - 298.

1055 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 103, 104 en 160.

1056 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80.

1057 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 74 en 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe in die verband verwys. Dit het onder meer die natlei van die tuine, die pluk en uithaal van groente en die plant van nuwe gewasse deur die tuinier behels. By geleentheid het sy ook haar tuine aan besoekers gewys. In haar kasboekie het sy by twee geleenthede die aankoop van vrugteboompies aangeteken.[1058] Wat voorbeelde in die *Slaweregister* betref, is Goliath van Madagaskar in 1816 as tuinier van Jan Frouenfelder van Swellendam in die *Slaweregister* gelys,[1059] terwyl Job van Mosambiek die tuinier van die weduwee Fourie was [1060] en Venus van Malabar in 1817 as tuinier van Jacobus Louw van Tulbagh aangeteken is.[1061]

'n Aktiwiteit waarby slawe in die Swellendam-distrik, veral in die omgewing van Mosselbaai [1062] en Gouritsrivier,[1063] betrokke was, is die tap en bereiding van aalwynsap. Baie aalwynplante het in dié gebied voorgekom. Tydens Thunberg se besoek aan die plaas van De Wet, "the first that prepared the gum in this country", was die slawe oral druk besig om aalwynsap te tap en te berei.[1064] Die taak is gewoonlik in dié tyd van die jaar aangepak wanneer die slawe minder dringende werk gehad het.[1065] Die ideale tyd vir dié taak was gedurende en direk na die reënseisoen op 'n windstil sonskyndag.[1066] Sparrman, Lichtenstein, Thunberg en Backhouse het die proses van aalwyntap en -bereiding beskryf,[1067] waarvan dié van Thunberg die volledigste aangeteken is:

> On this work, for the most part, either slaves or Hottentots are employed. A leaf is first cut off, and laid on the bare ground to serve for a channel, upon which several other cut leaves are afterwards placed on each side, with the large end inwards and over these again others, to the amount of a dozen, or more, so that the juice drips from them into the hollow of the first leaf. The leaves which were cut off not too close to the trunk, were not cut into smaller pieces ... In this manner several heaps of leaves are laid one after the other, as fast as they can be cut off. When the juice ceases running, the leaves are taken away, and the juice is poured into calabashes, which, here as well as in many other place, are used by the poor as bottles ... The juice is afterwards boiled down at home in English iron pots bought for that purpose, to such a consistence, that it will not run off a stick that is put into it. All impurities that

---

1058 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 79, 88, 97, 101, 334 en 354.

1059 K.A.B.: SO. 6/113, p. 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

1060 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

1061 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1062 G.M. Theal, *Belangrijke historische dokumenten III*, pp. 56 - 57; J. J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, II*, p. 303; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 118.

1063 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215; H.M. Robertson, The aloe boers of the Gouritz River district, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 34(2), Desember 1979, pp. 59 - 69.

1064 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1065 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 303.

1066 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1067 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, III* (red. V.S. Forbes), p. 249; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 207; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 215 - 216; J. Backhouse, *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa*, pp. 120 - 121.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> swim on the top of the liquor are skimmed off in the boiling. The juice thus boiled down to one half, is then poured out into wooden boxes, in which it afterwards grows hard.[1068]

Die gedroogde aalwyn is na Kaapstad vervoer vanwaar dit onder meer na Engeland uitgevoer is om veral in die Londense brouerye as bitters gebruik te word.[1069] Daarbenewens het aalwyn ook medisinale waarde gehad. Die reeds vermelde De Wet het die alleenreg op die verkope van aalwyn aan die Kompanjie gehad,[1070] wat dit vir sy eie gebruik aangewend en ook uitgevoer het.[1071]

In die suidoostelike dele, soos Swellendam, Plettenbergbaai en Outeniekwaland,[1072] waar timmerhout redelik volop was, sou slawe veral as **houtkappers** en **timmerhoutsaers** aangewend word.[1073] In haar dagboekie het Johanna Duminy melding gemaak van ene "Leenthee" wat met "haar twee jongens ... en een jonge van mijn [Johanna Duminy]" teen die bergrand agter die Duminy's se plaas daglank sparre laat kap het.[1074]

Die reg om sout te versamel is reeds in 1658 aan die Saldanhavaarders toegesê wat verplig was om dit slegs aan die Kompanjie, teen 'n vasgestelde prys, te verkoop.[1075] Met die toestemming van die regering en 'n heffing van 1 200 riksdaalders per jaar is die boere in die Groenekloof-omgewing later toegelaat om die soutpanne langs die Weskus te ontgin.[1076] Slawe het heelwaarskynlik as **soutskrapers** en **-versamelaars** 'n belangrike rol by dié soutwerke gespeel wat in die soutbehoeftes van die hele Kaapstad voorsien het.[1077]

By Saldanhabaai het sommige koloniste visserye gehad waar slawe heelwaarskynlik as **vissers** aangewend is, terwyl die slawe van Mosselbaai, tydens laagwater, oesters uit die see gehaal het.[1078] Slawe het ook as jagters opgetree. In haar dagboekie het Johanna Duminy telkens na die **jagters** op hulle plaas in die Overberg verwys, waarvan die slaaf Moses die prominentse was.[1079]

1068 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 215 - 216.

1069 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 304.

1070 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 2; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 215.

1071 H.M. Robertson, The aloe boers of the Gouritz River district, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 34(2), Desember 1979, p. 61.

1072 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 204, 229, 240 en 252; W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I*, pp. 82 en 92.

1073 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 93.

1074 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 89.

1075 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 93.


1076 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 30.

1077 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

1078 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 45 en 222.

1079 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 79, 92, 98, 103, 105, 106 en 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 110: Slegte paaie en gevaarlike bergpasse het groot eise aan wadrywers en touleiers gestel, volgens 'n afbeelding deur Samuel Daniel in die vroeë negentiende eeu.

Uit: J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I* (Londen, 1806), p. 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As **wadrywers** was veral die "baster-hottentotte" uiters bekwaam. Hulle was die produk van slawemans en Khoikhoivroue of Europese mans en Khoikhoivroue.[1080] Hierdie wadrywers moes behalwe vir vervoer op en om die plaas, die kort en smal ossewaens [1081] met plaasprodukte na die Kaapstadse of naaste markte veilig heen en terug oor die steil, smal en gevaarlike bergpasse **(Fig. 110)** en deur riviere [1082] neem. Die slegte paaie het groot eise aan die wadrywers gestel. Die gevaar waaraan beide die osse en waens op die bergpasse blootgestel was, het die uiterste aandag, konsentrasie en versigtigheid van hulle vereis.[1083] Tydens sy binnelandse reis het 'n boer sy "baster" slaaf gestuur om die wa van Sparrman en sy geselskap veilig deur 'n modderdrif by die Palmiet- en Kafferkuylrivier, te kry. Sparrman was beïndruk deur die behendigheid van die wadrywer, want"[t]his fellow had such an incomparable knack of whipping the oxen up without intermission, that they had not the least opportunity to flinch from the business".[1084] Slawe wat swaar gelaaide waens met produkte, soos seep en botter vanaf die Sneeuberg na Kaapstad moes neem, het die tog met 24 osse gewoonlik in sestig dae heen en terug voltooi.[1085] Betroubare, bekwame wadrywers was dus onontbeerlik op die afgeleë binnelandse plaas en hulle teenwoordigheid nie te betwyfel nie, soos blyk uit die *Slaweregister.* In 1816 is drie slawe as wadrywers van Daniel Lambrechts in die *Slaweregister* gelys,[1086] terwyl Job van Mosambiek en Joseph van die Kaap in 1817 as wadrywers van Jacobus Louw van Tulbagh aangedui is [1087] en Welbedacht van die Kaap in dieselfde tyd die wadrywer van die weduwee Anna Fourie in die Swellendam-distrik was.[1088]

Tydens die watogte het die **touleiers** net so 'n belangrike rol gespeel. Volgens Teenstra moes die arme touleier by meer as een geleentheid kaalvoet "deze dieren [osse] over bergen en door dalen, door rivieren en door waterplassen leiden".[1089] Hulle moes soms met 'n lang span halstarrige osse deur die driwwe en riviere worstel en dan weer die struikelende diere teen die hoë gevaarlike bergkruine uitlei.[1090] Op hierdie jong slaweseuns se skouers het 'n groot verantwoordelikheid gerus. Met 'n riem om die voorosse se horings en met die water tot by sy ken, moes die touleiertjie soms vir lewe en dood aan die leiriem bly vasklou om die voorosse doelgerig deur vol riviere te lei, sodat hulle nie in die middel van die stroom struikel en rondval en die hele wa met vrag en al omkeer nie. Nogtans het hulle hulle baie goed van hulle taak gekwyt, soos Lichtenstein tereg opgemerk het: "It is, indeed, extraordinary to see how a boy

---

1080 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I* p. 49; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

1081 N.L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 1753*, p. 31.

1082 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 146 - 147, 162 - 164, 199 - 200, 227, 256, 262 - 264; *Gleanings in Africa,* pp. 22 en 268; W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 92; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 65 - 66, 76, 79 en 99; *Ibid. II*, p. 158.

1083 W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I*, p. 86.

1084 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 103.

1085 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II,* p. 302.

1086 K.A.B.: SO. 6/129, p. 5: Register of Slaves, 1816-07-04.

1087 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1088 K.A.B.: SO. 6/115, p. 113: Register of Slaves, 1817-01-15.

1089 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 163.

1090 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

can with so much dexterity lead so long a team through heights and depths over hills and crags, with risk either to himself or to the vehicle he has under his care." [1091]

Die in- en uitspan van osse was nog 'n taak waarby binnelandse plaasslawe betrokke was. Op die Duminy's se plaas in die Overberg was die ossewa die enigste vervoermiddel en Johanna Duminy verwys telkens na die wa wat voor en na besoeke, kuiertogte en uitstappies ingespan en uitgespan moes word. Lichtenstein het 'n volledige beskrywing van hoe osse deur slawe voor die waens ingespan is, gegee.[1092]

In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel die betrokkenheid van slawe by die inbreek van 'n jong trek-os beskryf. Eerstens is die "wilde" os gevang deurdat 'n slaaf dit stilletjies van agter bekruip en 'n lustou wat aan 'n lang stok vasgemaak is, om die nek van die os gegooi het. Die teenoorgestelde punt van die tou is dan deur 'n ander slaaf gevang en die os is weggelei om langs 'n ervare os onder 'n juk ingespan te word. Die dier is dan met onophoudelike sweepslae vir drie tot vier ure geforseer om reguit saam met die res van die span te loop en te trek. Hierna was die os gewoonlik ingebreek en kon dit sonder weerstand gevang en ingespan word.[1093]

Die materiële welvaart van sommige gevestigde binnelandse boere het hulle in staat gestel om die duurder **ambagslawe** aan te koop, wat veral in hulle behoefte aan ambagslui op die ver afgeleë en geïsoleerde binnelandse plase kon voorsien. Die plaas van Jacob Laubscher, een van die rykste koloniste in die land, wat in die noordwestelike binneland sowat 'n kwartier van die Bergriver ten ooste van Saldanhabaai geleë was,[1094] is 'n goeie voorbeeld van 'n effektiewe selfvoorsienende eenheid waar ambagslawe 'n belangrike rol gespeel het. Lichtenstein was verras deur die wye verskeidenheid ambagte en nerings wat op 'n enkele plaas deur die slawe beoefen is; "all kinds of handicraft works, such I mean as are here wanted, are performed by the slaves, for there are few indeed among them who are not instructed in some mechanical occupation, and the dwelling is surrounded with workshops of all kinds".[1095] Die welvarende Leiste het op sy plaas Gelukwaard, in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren, onder meer ook werkswinkels gehad wat die teenwoordigheid van slaweambagslui impliseer. Op die plaas van die welgestelde Dupré, naby die Krombekrivier in die Swellendam-distrik, het werkswinkels vir die slawe onder meer deel van die plaasopstal uitgemaak.[1096] Met sy besoek aan die plaas Rhenosterfontein van Barend Burger in die Sneeuberge het Lichtenstein van beide die teenwoordigheid van klein netjiese geboue vir onder meer die slawe sowel as werkskamers en -winkels melding gemaak. Burger was 'n welvarende man; "[E]ven in the neighbourhood of the Cape Town, not many farms have a greater appearance of comfort and

---

1091 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 18.

1092 *Ibid. I*, pp. 16 - 17.

1093 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 200 - 201.

1094 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 25; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

1095 *Ibid. I*, p. 58.

1096 *Ibid. I*, p. 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

affluence".[1097] Hy sou dus geen probleem ondervind het om die duurder ambagslawe aan te koop nie.

In die *Slaweregister* is talle voorbeelde van ambagslawe wat hulle in die binneland bevind het. Enkeles word uitgesonder. In 1817 was Titus van die Kaap 'n **messelaar** in diens van Gerhard Deneys van Swellendam,[1098] terwyl September van Boegies in 1825 as messelaar van Willem Liebenberg van Tulbagh gelys is.[1099] In 1820 is Isaac van die Kaap as **saalmaker** van Daniel Erasmus van Swellendam aangeteken,[1100] terwyl Africa van Mosambiek in 1826 as **skoenmaker** van Stephanus Cornelis Ferreira gelys is.[1101] Evert van die Kaap het hom as **kleremaker** in diens van Jan Frouenfelder bevind.[1102] Grofsmedery en wamakery het algemeen in die binneland voorgekom en so ook die **slawegrofsmede** en **-wamakers**. Camies van Boegies is in 1817 as grofsmid van Jacobus Louw van Tulbagh in die *Slaweregister* gelys,[1103] terwyl Gervais van Boerbon as grofsmid van Willem Ebersohn aangeteken is.[1104] Op 27 November 1824 was Baatjoe van die Kaap die wamaker van Fredrik Liebenberg van Tulbagh.[1105] Wamakery is veral in die Swellendam-distrik beoefen.[1106] Tydens sy besoek aan die plaas Buffelskraal van die weduwee Vos in die Heksriviervallei het Burchell opgemerk dat wamakery deel van die arbeidsaktiwiteite op die plaas was.[1107] Die waens wat deur onder andere die slawe vir die binnelandse eise en behoeftes gebou is, het aansienlik van die wat in Kaapstad vir uitstappies en kuiertogte gebruik is, verskil. Weens die warm en droë klimaat sowel as die slegte paaie, was die binnelandse waens stewiger en met sterker en meer soliede materiaal gebou. Hierdie sterk waens was uniek aan die Kaapkolonie en het as sodanig van die Europese prototipe verskil.[1108] Tydens haar binnelandse reis in 1798 het lady Anne Barnard op die plaas van Pieter du Toit in die Hexriviervallei, waargeneem dat van die slawe besig was om strooihoede te maak wat in die Kaap verkoop kon word.[1109]

Slawemusikante was nie net tot die stedelike en akkerbougebiede beperk nie. Op die binnelandse reis van kommissaris De Mist, wat deur beide Lichtenstein en Augusta de Mist meegemaak is, het hulle albei van die slawehuisorkes op die plaas Klavervallei van Jacob van Reenen melding gemaak. Lichtenstein het sy ervaring van die slawemusiekkonsert waarmee hulle die aand op die plaas vermaak is, in sy reisbeskrywing weergegee. Die musiekkonsert is

---

1097 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 72, 204 - 205; *Ibid. II,* p. 22.

1098 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-09-23.

1099 K.A.B.: SO. 6/129, p. 53: Register of Slaves, 1825-01-03.

1100 K.A.B.: SO. 6/113, p. 20: Register of Slaves, 1820-10-17.

1101 K.A.B.: SO. 6/145, p. 16: Register of Slaves, 1826-02-27.

1102 K.A.B.: SO. 6/113, p . 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

1103 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1104 K.A.B.: SO. 6/113, p. 18: Register of Slaves, 1829-08-05.

1105 K.A.B.: SO. 6/129, p. 52: Register of Slaves, 1824-11-27.

1106 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 93.

1107 W.J. Burchell, *Travels in the interior of South Africa I*, p. 195.

1108 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 16.

1109 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 391.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgeskop met 'n koorstuk, waarna verskeie marse en danse wat op klarinette, Franse horings en fagotte uitgevoer is, gevolg het. Daarna het slawemusikante die konsert met viole, tjellos en fluite, wat hulle ewe knap bespeel het, voortgesit.[1110] Augusta de Mist was verwonderd oor die musiektalent van dié slawe, "since their only music-teacher was nature, and they understand nothing of the rules of music".[1111] Aangesien die Maleierslawe bekend was vir hulle musikaliteit en vermoë om op blote gehoor te speel,[1112] kan aanvaar word dat van dié slawe deel van die orkes uitgemaak het.

Huishoudelike plaasslawe is vir 'n verskeidenheid take in en om die huis aangewend. Uit die *Slaweregister* is af te lei dat algemene **huisbediendes** onontbeerlik was en dat veral slavinne in dié hoedanigheid aangewend is. In 1817 was al sewe die huisbediendes van die weduwee Anna Fourie van Swellendam slavinne waarvan die oudste sestig jaar en die jongste negentien jaar oud was,[1113] terwyl die vyf huisbediendes van Jacobus Louw in die Tulbagh-distrik almal Kaapsgebore slavinne was.[1114] Ignatius Stephanus Ferreira van die Uitenhage-distrik was in besit van drie huisslavinne.[1115] In 1825 was Teenstra verbaas oor die groot aantal slawebediendes wat in die Overbergse huishoudings aan te tref was: "Hier ziet men bij boer en burger ter bediening eene meenigte slaven, terwijl de eene den anderen in den weg loopt."[1116] Wat die **tafelbediendes** betref, het hy onder meer van die **vlieëwaaiers** melding gemaak wat met 'n waaier van volstruisvere die vlieë van die tafel moes verwilder.[1117] In die huishouding van Jan Marré aan die voet van die Babilonstoorn, suidwes van Caledon, het twee slavinne met volstruisverwaaiers die vlieë tydens ete verdryf, terwyl ander slavinne die gaste bedien het.[1118] In die huishouding van Johanna Duminy is die kos ook deur bediendes na die tafel gedra.[1119]

Op die binnelandse plase het slawemans gewoonlik die rol as **kok** in die huishouding vervul.[1120] Johanna Duminy het inderdaad vir Viliep [Philip] by tye as kok ingespan.[1121] In die *Slaweregister* is ook voorbeelde van slawemans wat as kokke in die binnelandse huishoudings aangewend is. In 1816 is die 53-jarige Philander van Java as kok van Jan Frouenfelder van die Swellendam-distrik gelys,[1122] terwyl die vyftigjarige Cicero van Java in 1817 die kok in die

---

1110 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 33 - 34.

1111 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

1112 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 34; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 80; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48.

1113 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-01-15.

1114 K.A.B.: SO. 6/129, p. 30: Register of Slaves, 1817-02-17.

1115 K.A.B.: SO. 6/145, p . 7: Register of Slaves, 1816-08-16.

1116 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 395.

1117 *Ibid.*, pp. 395 - 396.

1118 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 200.

1119 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1120 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, pp. 102 - 103.

1121 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1122 K.A.B.: SO. 6/113, p . 3: Register of Slaves, 1816-07-31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huishouding van Gerhardus Cornelis Deneys was.[1123] In 1825 is die 51-jarige August van Bengale as slawekok van Johannes Liebenberg van die Tulbagh-distrik aangeteken.[1124] Ouer Oosterse slawe was nogal 'n gewilde keuse as kokke. Slavinne is ook sporadies in die hoedanigheid aangewend. In 1825 het Teenstra melding gemaak van "Roos, eene slavin en kok van wiljen W.N. van der Merwe" van die Bokkeveld,[1125] terwyl vroulike kokke pertinent in die *Slaweregister* gelys is, soos in geval van Sara van die Kaap,[1126] Eva van Bengale [1127] en Spasie van Mosambiek.[1128] Soms was slawe as **bakkers** by een of ander faset van die huishoudelike bakwerk betrokke. Uit die dagboek van Johanna Duminy blyk dit dat sy die insuurwerk aan iemand anders oorgelaat het: ".... ik liet insuure om te bakken." [1129] Heelwaarskynlik het Viliep[Philip] ook die bakwerk behartig. Op 24 Mei 1821 is November van Mosambiek as bakker van Daniel Erasmus van Swellendam in die *Slaweregister* aangeteken.[1130]

Voetewas was ook slawewerk. In baie boerefamilies was dit die werk van die huisslawe om saans die voete van die boer en sy familie in orde van senioriteit te was.[1131] Nadat die ander plaasslawe saans reeds af was, is daar van die huisslaaf verwag om op haar pos te bly tot haar meesters bedwaarts gekeer het.[1132]

Die dagboekie van Johanna Duminy gee 'n aanduiding van die take waarmee die huishoudelike slawe voorts gemoeid was. Dit het onder meer die was en stryk van wasgoed, die vee van vloere en die skuur van koper en tin kombuisgerei behels. Daarbenewens het hulle 'n belangrike rol as stuurjongens gespeel. Selfs die maak van koffie en dek van die tafel is deur slawe behartig, terwyl die in- en uitpak van beddegoed sowel as die laai van die wa en die opmaak van beddens tydens 'n besoek aan hulle veeplaas, aan die slawe oorgelaat is.[1133] Huishoudelike slawe was ook verantwoordelik vir die bymekaarmaak van brandgoed. In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein melding gemaak van 'n slavin van ene Van Wyk van die Nardouw-omgewing wat deur 'n skerpioen gesteek is toe sy moes gaan hout haal.[1134]

Op die afgeleë plase het slavinne as **vroedvroue** opgetree, terwyl hulle ook die **soogvrouens** en **kinderoppassers** van die babas en kinders in die boerefamilie was.[1135] Oor die gebruik van slavinne as soogvrouens in die Overberg, het Teenstra die volgende kommentaar gelewer: "Alles wordt hier door slaven verrigt ... De fraai gekleede dochters, ofschoon reeds moeders

---

1123 K.A.B.: SO. 6/113, p. 15: Register of Slaves, 1817-03-07.

1124 K.A.B.: SO. 6/129, p. 10: Register of Slaves, 1825-08-22.

1125 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 327.

1126 K.A.B.: SO. 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

1127 K.A.B.: SO. 6/129, p. 16: Register of Slaves, 1816-12-23.

1128 K.A.B.: SO. 6/129, p. 14: Register of Slaves, 1816-12-16.

1129 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 79.

1130 K.A.B.: SO. 6/113, p. 20: Register of Slaves, 1821-05-02.

1131 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 80.

1132 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 108.

1133 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-daboeke*, pp. 75, 79, 91 - 92, 96, 101 - 102, 104 - 105, 108 en 110.

1134 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 99.

1135 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

zijnde, bemoeijen zich met niets; zelfs laten vele hare kinderen bij hare slavinnen de borst genieten om zelve geen moeite te willen hebben." [1136] In 'n latere verwysing na die gemaksug van die Overbergse jong moeders, bevestig Teenstra weereens die teenwoordigheid van slavinne as soogvrouens en kinderoppassers in die huishoudings.[1137] In sy bekommernis oor die invloed van hierdie soogvrouens en -kinderoppassers op die jong blanke kind, het hy die belangrike plek wat hulle in die lewe van die kind ingeneem het sowel as die noue band wat tussen die slavin en die kind gesmee is erken: "De kleine kinderen … beminnen veelal de minne meer, dan hare eigene, ja hare onnatuurlijke moeder, die zich liever met opschik, kleedertooi en uitgaan, dan met haar kroost vermaak." [1138] 'n Voorbeeld van 'n binnelandse slawekinderoppasser was die twaalfjarige Sabina van die Kaap wat op 17 Februarie 1817 as kinderoppasser in die huishouding van Jacobus Louw van die Tulbagh-distrik in die *Slaweregister* aangeteken is.[1139]

Samevattend kan dit gestel word dat, alhoewel die minder intensiewe arbeidslas op die binnelandse plaas deur beide slawe en Khoikhoi gedra is en binnelandse slawegetalle relatief laag was in vergelyking met die hoë konsentrasie in die Suidwes-Kaapse akkerbougebied, die binnelandse slaaf nogtans op arbeidsgebied 'n bydrae gelewer het. Hulle sou onder meer as voormanne en toesighouers diens doen, terwyl hulle ook by die melk van koeie, en plaasbedrywe soos die maak van botter, die looi van velle, die brei van rieme, die kook van seep, die maak van kerse sowel as die tap en bereiding van aalwynsap betrokke was. As landbouslawe sou hulle by die produksie en verwerking van gewasse, soos koring, groente, wingerd en vrugte, betrokke wees. Sommige binnelandse slawe was soutskrapers, vissers, jagters, wadrywers en touleiers. Op sommige selfonderhoudende binnelandse plase was slaweambagslui in diens van welvarende boere, terwyl slawemusikante nie 'n ongewone verskynsel was nie. As huishoudelike slawe was hulle die brandgoedhalers, skoonmakers, wasgoedversorgers, algemene huisbediendes, kokke, bakkers, tafelbediendes en naaldwerksters. Inderdaad 'n wye spektrum van arbeidsaktiwiteite waarby die binnelandse plaasslaaf op een of ander wyse betrokke was.

Daar is gepoog om die mate waarby die Kaapse slawe by die arbeidsektore in die onderskeie arbeidsfere of streke betrokke was, weer te gee. In Kaapstad het beide die Kompanjieslawe, sowel as slawe in privaatbesit 'n belangrike rol in die suksesvolle funksionering van Kaapstad as administratiewe setel en handelsentrum van die Kaapkolonie gespeel en was hulle arbeid hoofsaaklik op die lewering van dienste afgestem. In die Suidwes-Kaap het die landbouslawe die steunpilaar in die ontwikkeling van die belangrike landelike produksiesektor van dié streek geword. Die welvarendheid van talle akkerbouboere in die Suidwes-Kaap was in 'n groot mate aan goedkoop slawearbeid te danke. Alhoewel die boere op binnelandse plase nie bloot op slawearbeid aangewese was nie, het dit nogtans 'n rol gespeel.

Benewens die feit dat slawearbeid 'n belangrike impak op die Kaapse ekonomie gehad het, het dit ook 'n belangrike bydrae tot die Kaapse kultuur gelewer in soverre alle sinvolle arbeid kultuur is. Bepaalde beroepe en nerings van slawe het aan hulle 'n bepaalde identiteit besorg en het as sodanig 'n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword, soos dit

---

1136 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 200.

1137 *Ibid.*, p. 396.

1138 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 396.

1139 K.A.B.: SO, 6/129, p. 31: Register of Slaves, 1817-02-17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inderdaad die geval met die vissers, kleinhandelaars, ambagslui, kokke, musikante en selfs huisbediendes was. Die stoflike kultuurprodukte, wat danksy hulle arbeid tot stand gekom het, is in wese ook geestesprodukte, want "de materie, tot nu toe een dood ding, heeft uit de handen van den scheppende mensch deel gekregen aan den geest en is daardoor geadeld", aldus J. de Vries.[1140] Binne dié verband kry die reeds vermelde stelling van professor De Vos, dat alle sinvolle arbeid kultuur is, "van sowel dié van die landbouer as die geleerde, die messelaar as die kunstenaar" dus sin.[1141] Sonder die teenwoordigheid en arbeid van 'n etnies heterogene Kaapse slawebevolking, wat 'n breë spektrum van aanleg en talent verteenwoordig het, sou die Kaapse kultuur ongetwyfeld armer gewees het en anders daar uitgesien het; sou jammerlik iets van die sosiale en kulturele dinamika ontbreek het. As sodanig kan slawearbeid inderdaad as 'n bousteen in die Kaapse kultuur beskou word. Die impak wat die Kaapse slawe op sekere aspekte van die Kaapse en by implikasie op die breër Suid-Afrikaanse kultuur gehad het, word in die volgende hoofstuk ontgin.

1140 J. de Vries, Inleiding tot Nederlandsche Volkskunst, *in* A. Teenstra (red.), *Nederlandsche Volkskunst,* p. 12.

1141 H. Vos, Inleiding tot de wijsbegeerte, soos aangehaal *in* P.G. Nel, *Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis,* p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VI

BYDRAE VAN DIE KAAPSE SLAWE TOT ASPEKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR, 1652 - 1838

Volgens Elphick en Shell was die mees ooglopende kenmerke van die Kaapse kultuurgeskiedenis van die sewentiende tot negentiende eeu die uitruil van kulturele elemente tussen die verskillende groepe wat tot die ontstaan van sinkretiese kultuurpatrone aanleiding gegee het.[1] 'n Unieke akkulturasieproses sou 'n deurslaggewende rol speel in die ontstaan van dié vermengde kultuurpatrone en aan die Kaapse kultuur 'n eiesoortige karakter verleen. As sodanig is die Kaapse kultuurgeskiedenis van veral die slawetyd 'n belangrike hoofstuk in die breër Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis.

Die Akkulturasieproses

Die term akkulturasie behels basies die fenomeen wat ontstaan wanneer groepe of indiwidue uit verskillende kulture binne dieselfde geografiese milieu in voortdurende direkte kontak met mekaar is en veranderinge in die oorspronklike kultuurpatrone van die betrokke groepe daaruit voortspruit.[2] Dié assimilasie uit die kulture van heterogene groepe en die kulturele fusie wat tussen die groepe onderling plaasvind, staan bekend as akkulturasie en verleen aan 'n nasie wat uit heterogene groepe opgebou is wel 'n bepaalde gemeenskaplike identiteit. Ross het basies twee vorme van akkulturasie waarby Kaapse slawe betrokke was, geïdentifiseer, naamlik vertikale en horisontale akkulturasie. Opwaartse en afwaartse vertikale akkulturasie het tussen die dominante kultuur van die meesters waarbinne die slawe hulleself as immigrante en arbeiders bevind het en die "nuwe" kulture wat die slawe met hulle saamgebring het, plaasgevind.[3] Die sosiale verhouding tussen meester en slaaf is hoofsaaklik deur arbeid bepaal en het verskil van die meer persoonlike en intieme sosiale verhoudings tussen die slawe onderling.[4] Horisontale akkulturasie wat tussen die subkulture van die onderskeie slawegroepe plaasgevind het,[5] het onder meer ontstaan uit 'n behoefte aan beskerming en troos te midde van 'n ongenaakbare slawebestel.[6] Dit is voorts in die hand gewerk deur slawe van uiteenlopende kulture wat binne dieselfde huishouding moes funksioneer en in voortdurende noue kontak met mekaar was.

Die kultureel, linguistiese en etnies heterogene Kaapse samelewing was van die sewentiende tot negentiende eeu die ideale teelaarde vir akkulturasie. In dié poliglotte samelewing is die

---

1 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

2 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.

3 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 15.

4 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

5 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

6 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Europese kultuur deur Nederlanders, Duitsers, Franse, Engelse [7] en selfs Skandinawiërs [8] verteenwoordig en die Asiatiese kultuur deur voormalige Bataafse amptenare en veral die groot verskeidenheid slawe, bannelinge en vryswartes wat hoofsaaklik uit vier wêreldstreke, te wete die Indonesiese Argipel, Bengale, die Suid-Indiese kus en Ceylon (Sri Lanka) sowel as Madagaskar afkomstig was, terwyl die Afrikakultuur deur die inheemse Khoikhoi en San, sowel as die slawe afkomstig van die oostelike en westelike kusgebiede van Afrika, verteenwoordig is.[9]

Kulturele fusie het tussen die Europese meesters en die slawe van Asiatiese en Afrika-oorsprong plaasgevind. Die akkulturasieproses het ook aanpassing van beide groepe by nuwe lewensomstandighede geïmpliseer wat deur die geografie en klimaat, sowel as die ekonomiese en sosiale omstandighede van 'n nuwe land bepaal is. Kontak met die inheemse Khoikhoi en San sou 'n bykomende dimensie aan die akkulturasieproses verleen.

Soos reeds vermeld, is die Kaapse kultuurgeskiedenis van die sewentiende tot negentiende eeu gekenmerk deur 'n neiging tot homogeniteit binne drie bepaalde streke,[10] naamlik die stedelike gebied met Kaapstad as die middelpunt, die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en die afgeleë veeboerstreke van die noordelike en oostelike binneland.[11] As uitwendige kulturele determinante het beide die fisies-geografiese sowel as sosio-kulturele omgewing 'n bepalende rol in die ontwikkeling van unieke kultuurpatrone binne die bepaalde streke gespeel. Binne die onderskeie streke het 'n eiesoortige akkulturasieproses hom tussen die Europese, Oosterse en Afrikakulture voltrek. Volgens Elphick en Shell was die vernaamste kultuurklowe in die Kaapkolonie gedurende die laat-agtiende eeu nie meer dié tussen etniese of statusgroepe nie, maar dié tussen streke.[12]

Wat die stedelike gebied as kulturele entiteit betref, was Kaapstad 'n hawestad en herberg op die besige skeepsroete van die wêreldwye speseryhandel met die Ooste, terwyl dit ook die administratiewe- en handelsentrum van die Kaapkolonie was. Daarbenewens was die Kaapstadse hawe 'n depot vir die oorsese slawehandel, sowel as die hoofverspreidingspunt vir alle ingevoerde slawe. Binne dié stad met sy kosmopolitaanse karakter het die Europese en Asiatiese kulture gefloreer en is elemente van beide kulture deur Kompanjiesamptenare, burgers, slawe en vryswartes gedeel.[13] Kultuurbeïnvloeding was 'n wederkerige proses en vertikale sowel as horisontale akkulturasie het in dié heterogene stedelike milieu plaasgevind. Wat opwaartse vertikale akkulturasie betref, het Indonesiese en Indiese subkulture 'n merkbare invloed op die Europeërs uitgeoefen soos blyk uit Oosterse elemente, soos *atjar*, *sosaties* en *bobotie*, wat 'n belangrike rol in die vestiging van 'n Kaapse kooktradisie gedurende die

---

7 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

8 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

9 *Ibid.*, p. 13.

10 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

11 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.

12 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

13 *Ibid.*, pp. 172 - 173.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

agtiende eeu gespeel het,[14] die kreolisering van die Nederlandse taal,[15] die Kaaps-Hollandse argitektuur [16] en die musiek.[17] Akkulturasie is hoofsaaklik bewerkstellig deur formele en informele kontak met geskoolde Oosterse ambagslui, huisslawe wat onder meer kokke, soogvroue en kamerbediendes ingesluit het en vryswartes van wie sommige as grondbesitters in Tafelvallei die bure van Europeërs was.[18] Weens die sosiale vloeibaarheid en 'n gebrek aan Europese vroue vir die koloniste en amptenare in Kaapstad [19] sowel as die teenwoordigheid van 'n groot aantal soldate en matrose was die bloedvermengingskoerse hoog,[20] wat gelei het tot die ontstaan van 'n nuwe geslag Suid-Afrikaners wat as Kaapsgeborenes 'n belangrike invloed op die kreolisering van die taal sou uitoefen.[21] In dié opsig sou dit veral die slavinne wees wat die taalpatrone van hulle eie kinders sowel as dié van hulle eienaars se kinders wat hulle moes soog, versorg en oppas,[22] beïnvloed het. Kiparsky het tereg opgemerk: "... a language is created by each child on the basis of the speech data it hears." [23]

In die VOC-tydperk het gedwonge afwaartse vertikale akkulturasie in Kaapstad plaasgevind deurdat die dominante Europese kultuur in 'n sekere sin deur die voorwaardes wat die Kompanjie vir die vrystelling van slawe daargestel het, op potensiële vry slawe afgeforseer is. Om vrygestel te kon word, moes slawe die Nederlandse taal praat en in die Kaapse Kerk gedoop wees.[24] Elemente van die dominante Europese kultuur wat deur die afwaartse vertikale akkulturasieproses in die slawesubkultuur opgeneem is, blyk onder meer uit die gebruik van Arabiesafrikaans as godsdienstaal van die Kaapse Moslemslawe en vryswartes sowel as die ontstaan van Kaapse Moslemafrikaans as gemeenskapstaal aan die begin van die negentiende

---

14 R. Coetzee, *Spys en drank. Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur met 167 outentieke reseppe*, pp. 39 en 44 - 47.

15 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 11 en 27 - 31; A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 113 - 114.

16 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 167; A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.

17 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

18 J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei, *Kronos* 10, 1985, pp. 39 - 48.

19 G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 17.

20 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147; A. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78 - 80.

21 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 5 - 6 en 25 - 26; A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, pp. 15 en 18.

22 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 110.

23 P. Kiparsky, Linguistic universals, *in* A.R. Keiler (red.), *A reader in historical and comparative linguistics*, p. 342.

24 A. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 158 en 217; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 210 - 211; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 413.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eeu.[25] Die kernwoordeskat van Kaapse Moslemafrikaans is van Nederlandse oorsprong.[26] Daarbenewens is Nederlandse volksliedere, wat aan die begin van die blanke nedersetting deur die koloniste vanaf Europa na die Kaap gebring is, deur die Oosterse slawe aangeneem en die aangepaste weergawe as vermaak aan hulle meesters voorgesing.[27] Op dié wyse is van die lirieke van Nederlandse volksliedjies in die tradisionele Kaapse Maleierliedere opgeneem.[28] Elemente van die Europese kooktradisie is met sekere aanpassings ferm in die Kaaps-Maleise koskultuur gevestig.[29]

Terwyl die akkerbou- en veeboerstreke deur die afwesigheid van 'n gemeenskaplike slawekultuur gekenmerk is, blyk dit uit voorafgaande dat 'n eiesoortige onafhanklike slawekultuur en -lewenswyse wel in Kaapstad herkenbaar was. Dié stedelike sosiale en kulturele milieu waarbinne die slawekultuur ontwikkel het, het aansienlik van dié waarbinne die plattelandse slawe hulleself bevind het, verskil. Die stedelike milieu is gekenmerk deur nouer onderlinge kontak tussen slawe van verskillende meesters en groter sosiale vloeibaarheid. Daarbenewens het veral Islam die basis vir die ontwikkeling van 'n bepaalde sosio-religieuse slawegemeenskap met 'n eie kulturele identiteit, wat deur Oosterse sowel as Europese elemente gekenmerk is, verskaf.[30] Weens die teenwoordigheid van etnies en kultureel heterogene slawe het die Kaapse Moslemgemeenskap, deur 'n proses van onderlinge akkulturasie, eiesoortige tradisies ontwikkel wat dit enig in sy soort maak.[31] Hierdie herkenbare stedelike slawesubkultuur sou voorts die basis van die werkersklaskultuur in die negentiende eeuse Kaapstad vorm.

Alhoewel die meeste slawe in die Kompanjiestyd in die arbeidsintensiewe Suidwes-Kaapse akkerbougebied werksaam was, is die streek deur die afwesigheid van 'n gemeenskaplike slawekultuur gekenmerk. Dié tendens het verskil van dié in die Afro-Amerikaanse slawegemeenskappe van die Nuwe Wêreld waar 'n duidelike waarneembare gemeenskaplike slawekultuur, danksy 'n groot mate van homogeniteit onder die plantasieslawe, ontwikkel het.[32] Bepaalde faktore sou 'n deurslaggewende rol speel in die indiwidualisering van Kaapse akkerbouslawe wat die ontwikkeling van 'n eie unieke gemeenskaplike slawekultuur ernstig sou strem.

Een van die belangrikste faktore in dié verband was die etniese en kulturele heterogeniteit van die akkerbouslawe wat 'n wye verskeidenheid Afrika- en Asiatiese kulture verteenwoordig het.

---

25 A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, pp. 37 - 38, 49 - 53; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, p. 39; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 45; A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 69.

26 A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 39 en 45.

27 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

28 A. Davids, We're all part of SA's cultural cauldron, *Cape Argus*, 1997-09-24, p. 10; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3; I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 80 - 81; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 40 - 41.

29 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 69; R. Coetzee, *Spys en drank. Die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur met 167 outentieke reseppe*, p. 84.

30 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 86, 93 en 100.

31 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/ Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, pp. 1 - 5.

32 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12, 93 en 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar was geen groot groep slawe met 'n enkele kultuurerfenis nie.[33] Geen etniese groep is doelbewus binne 'n bepaalde milieu gevestig nie, en slawe was eweredig en wyd onder die burgerbevolking versprei.[34] Meer as die helfte van die Kaapse akkerbouslawe het in 1750 in groepe van vyf of minder [35] op die meerderheid kleiner akkerbouplase saamgewoon. Die beperkte grootte van die meeste plase het die opbloei van 'n slawekwartier-lewenswyse in die wiele gery en talle akkerbouslawe het in isolasie van mekaar geleef. Daar was 'n duidelike onderskeid tussen die landarbeiders en die huisslawe op die akkerbouplaas. Die huisslawe was gewoonlik in 'n meer bevoorregte posisie as die ander slawe en is gewoonlik onder dieselfde dak as hulle meester gehuisves, terwyl die ander plaasslawe in slawekwartiere moes woon.[36] Die noue kontak wat die huisslawe met hulle meesters gehad het, het onteenseglik 'n bepalende invloed op akkulturasie uitgeoefen.

Die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike slawekultuur in die akkerboustreek is voorts deur die gebrek aan stabiele slawefamilies in die wiele gery.[37] Tot die negentiende eeu is slawe nie toegelaat om te trou nie en is geen slawehuwelike deur die owerhede erken nie aangesien "die huwelik onversoenbaar met slawerny" [38] was. Die permanensie van slawefamilie-eenhede is veral deur die opbreek van slawegesinne tydens veilings en verkope beperk.[39] Lae vrugbaarheid (veral onder lakterende slawesoogvroue),[40] hoë mortaliteit, 'n gebrek aan privaatheid op die kleiner plase [41] en 'n wanbalans in die geslagsverhoudings van die Kaapse slawebevolking met vyf mans vir elke vrou, het dit vir die slawe moeilik gemaak om hulleself voor 1807 voort te plant. Dié gebrek aan generasiekontinuiteit, wat die oordrag van waardes van een geslag na 'n ander kon verseker, het negatief op die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike kultuur met 'n duidelike kulturele identiteit ingewerk. Daar was te min seuns en dogters en te veel nuwe slawe-immigrante.[42] Daarbenewens het die drupsgewyse invoer van die meeste Kaapse slawe gedurende die hele agtiende eeu en hulle hervestiging in die akkerboustreek die ontwikkeling van 'n verbonde Kaapsgebore slawegroep met 'n eie tradisie en lewenswyse teëgewerk.[43]

Die afwesigheid van kerk- en sosiale instellings waarbinne nuwe slawe na hulle aankoms opgeneem kon word, was 'n bydraende faktor tot die gebrek aan 'n gemeenskaplike slawekultuur. Voor die vestiging en konsolidasie van Islam in die laat-agtiende en negentiende

---

33 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 3, 93 en 95; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

34 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 173; R.C.-H. Shell, the tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 19.

35 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

36 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12, 86 en 90; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 168.

37 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 16; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

38 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, pp. 15 - 16.

39 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 33 - 34.

40 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 304 - 306.

41 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

42 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 16.

43 *Ibid.* p. 15; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93. R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eeu, was daar geen godsdiensinstellings onder die slawe nie.[44] Alhoewel slawe wel in die Kaapse Kerk gedoop is, is hulle nie in die sosiale strukture opgeneem nie. Daar is eers teen die vroeg-negentiende eeu met sendingwerk onder slawe begin.[45] Islam het aan die slawe 'n beter heenkome van hoop, sekuriteit, gelykheid en sosiale verbondenheid gebied.[46] Dit was onder meer die gevolg van die slawe se uitsluiting van Christelike godsdiens wat deur 'n wet van 1770, wat die verkoop van gedoopte slawe belet het, in die hand gewerk is.[47] Dié wet, waardeur die besitreg van slawe-eienaars bedreig is, het tot gevolg gehad dat eienaars doelbewus geen poging aangewend het om hulle slawe tot die Christelike geloof te kersten nie.[48] In die 1750's het N.L. de la Caille opgemerk dat "... the farmers never talk to their slaves about religion".[49]

Weens die afwesigheid van horisontale akkulturasie, waardeur die ontwikkeling van 'n eie gemeenskaplike slawekultuur geknou is, het vertikale afwaartse akkulturasie van die dominante kultuur van die Europese meesters wel plaasgevind. Die akkerbouslawe het die Europese kultuur van hulle meesters waarskynlik meer geredelik aanvaar en die akkerboustreek is as sodanig deur die assimilasie van slawe in die Europese kultuur gekenmerk.[50] Alhoewel hulle in 'n groot mate die dominante Europese kultuur geabsorbeer het, is Ross van mening dat nie alle normes en waardes deur die slawe aanvaar is nie en hulle slegs sekere aspekte, soos taal en bepaalde elemente van die algemeen kreools Kaapse kultuur, hulle eie gemaak het.[51] Weens die teenwoordigheid van huisslawe en ambagslawe en die noue kontak tussen eienaars en huisslawe, soos kokke, soogvroue en lyfbediendes, het akkulturasie ten opsigte van veral die taal, koskultuur, musiek, argitektuur en meubelbou plaasgevind. Oosterse ambagslui, veral pleisteraars, het hulle stempel op die Kaaps-Hollandse huis van die akkerboustreek afgedruk. Opwaartse vertikale akkulturasie het dus wel plaasgevind, alhoewel nie so dominant soos afwaartse vertikale akkulturasie nie. Dit wil dus voorkom asof slawe en Europeërs in die Suidwes-Kaapse akkerboustreek 'n kultuur gedeel het wat oorwegend van Europese oorsprong was.[52]

In die afgeleë veeboerstreke het faktore, soos klimaat, afstande van die mark en beskikbare weiding, akkerbou beperk en die tradisionele herdersekonomie van die Khoikhoi en verwante kulturele patrone bevorder. Dié kultuur is verder in die hand gewerk deur die afname in bevolkingsdigtheid van beide Europeërs en slawe, die afname in materiële rykdom wat die aankoop van die duurder Oosterse slawe beperk het en isolasie van Kaapstad en Europa. Binne die saamgestelde kultuur van die veeboerstreke was die invloed van die Khoikhoikultuur duidelik sigbaar, terwyl die Asiatiese kulture 'n beperkte invloed uitgeoefen het. Dié kultuur is

---

44 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 16; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 95.

45 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 86 en 97.

46 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. xxiii.

47 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony IX*, pp. 131 - 132.

48 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 358; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 274 - 275.

49 N. L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 53* (red. R. Raven-Heart), p. 35.

50 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes,1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 173.

51 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 17.

52 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 172.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veral gekenmerk deur die aanvaarding van 'n aangepaste vorm van die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi deur beide koloniste en slawe.[53]

Ongeag bogenoemde kulturele homogeniteit binne die onderskeie Kaapse streke sou Europeërs, Asiate en Afrikane, wat elk oor 'n eie kultuurerfenis beskik het, deur 'n voortgesette akkulturasieproses oor streke heen bepaalde kulturele gemeenskaplikhede deel wat hulle as 'n nasie en kultuurgroep sou saambind. Die bydrae van die slawe deur middel van akkulturasie tot sekere elemente van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur, word vervolgens ondersoek.

Medegrondleggers van die Afrikaanse taal

Die belangrikste bydrae van die Kaapse slawe tot die Suid-Afrikaanse kultuur sou op die gebied van die Afrikaanse taal wees. Aangesien dit 'n kultuurhistoriese studie is, is dit onnodig om ernstige bemoeienis met die jarelange debat en polemiek van taalkundiges rondom die teenstrydige opvattings oor die bydrae van die slawe tot die Afrikaanse taal te maak. Kultuurhistorici en filoloë se benadering ten opsigte van dié onderwerp verskil in dié sin dat kultuurhistorici groot waarde heg aan die sosiale agtergrond waarteen bepaalde kultuurverskynsels hulleself manifesteer, terwyl sekere filoloë wat die ontstaan van die Afrikaanse taal bestudeer het, geneig was om die sosiaal-historiese data te onderbeklemtoon en hulleself hoofsaaklik met die konkrete linguistiese data te bemoei. Die taalhistorikus Raidt het in 1976 sodanige standpunt as volg in haar boek *Afrikaans en sy Europese verlede* verwoord:

> Vir die taalhistorikus is konkrete voorbeelde van taalgebruik egter van primêre belang; hulle is die grondslag vir sy navorsing. Hoewel sosio-linguïstiese gegewens belangrik *kan* wees, het hulle *slegs aanvullende waarde*.[54]

Vir die kultuurhistorikus speel die sosiaal-historiese agtergrond egter 'n wesenlik belangrike rol in die beskrywing en verklaring van kultuurverskynsels en -merkers soos taal.

Onder kontemporêre taal- en kultuurkenners bestaan die persepsie dat sekere taal-geskiedskrywers in die verlede juis deur middel van 'n filologiese benadering ten opsigte van die kontroversiële ontstaansgeskiedenis van Afrikaans die kreoolse oorsprong van sy sprekers gekamofleer het om 'n Europese herkoms voor te hou en die taal 'n wit purisme te gee.[55] Hiervolgens is die oorspronge van Afrikaans in "sy Europese verlede" [56] gesoek, genetiese taalstudies gedoen wat die bydrae van gekleurdes tot die minimum beperk het [57] of die taal se

---

53 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 169 - 170.

54 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 200.

55 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan E.H. Raidt*, p. 112; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 2.

56 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 154 - 223.

57 J. Combrinck, Afrikaans – its origin and development, *in* W.L. Lanham en K.P. Prinsloo (reds.), *Language and Communication studies in South Africa*, p. 75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan is as 'n spontane ontwikkeling uit sewentiende-eeuse Nederlands verklaar.[58] In laasgenoemde word vreemde invloede wel erken, maar word dit nie as vormingsfaktor van die siel van Afrikaans gereken nie. Afrikaner-akademici het Hesseling se "Maleis-Portugese teorie",[59] waarvolgens Afrikaans as gemende taal uit die interaksie van Portugees en Maleis met Nederlands ontstaan en halfpad deur die kreoliseringsproses tot stilstand gekom het, sowel as Valkhoff [60] se standpunt dat Afrikaans prosesse van pidginisering en kreolisering in sy ontstaan deurloop het, verwerp.[61]

Terwyl sekere taalhistorici dus 'n filologiese benadering ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans gehandhaaf en die taal as akkulturasieproduk onderskat het, wil die kultuurhistorikus die ontstaan van Afrikaans in die sosiale omstandighede, die poliglotsamelewing aan die Kaap met sy kulturele, etniese en linguistiese diversiteit waarbinne ideale geleentheid vir taalkontak en akkulturasie bestaan het, soek.[62] Die interafhanklikheid tussen die onderskeie taal- en kultuurgroepe het noodwendig die vermenging van tale en kulture tot gevolg gehad. Die standpunt van Davids dat die oorsprong van Afrikaans in die kreoolse kultuur wat aan die Kaap ontstaan het te vinde is, en dat die taal as die belangrikste produk van die sewentiende en vroeg-agtiende-eeuse akkulturasieproses binne die multi-kulturele Kaapse samelewing beskou kan word,[63] is dus vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief logies en voor-die-hand-liggend.

Die akkulturasieproses waardeur die Afrikaanse taal tot stand gekom het, het 'n interessante pad geloop. Die etniese en kulturele diversiteit van die Kaapse samelewing het by implikasie taalverskeidenheid en kommunikasieprobleme tussen slawe onderling en tussen meesters en slawe tot gevolg gehad.[64] Die plaas Babijlonsche Toorn van Pieter van der Bijl in die Drakenstein-distrik is 'n goeie voorbeeld van kulturele, etniese en linguististiese diversiteit onder slawe binne 'n bepaalde opset wat potensieël tot taalverwarring aanleiding kon gee. In die 1690's het Van der Bijl indiwiduele slawe van Makassar, Bengale, Malabar, Ternate en Malakka aangekoop,[65] terwyl die inheemse Khoikhoi, wat seisoenale arbeid op sy plaas verrig het en in die tyd ook verplig was om Frans te leer praat, 'n verdere bydrae tot die taalmengelmoes gelewer het. Die taalverskeidenheid op die plaas wat onder meer Nederlands, Frans, Hindi, Khoikhoi, Maleis en Portugees ingesluit het, het tot die gepaste naamgewing deur Van der Bijl van die plaas aanleiding gegee.[66] Daarbenewens bevestig die kriminele rekords die taaldiversiteit van slawe binne die Kaapse huishoudings.[67] Tydens 'n ondervraging van al die

---

58 H.J.J.M. van der Merwe, Ontstaansteorieë oor Afrikaans, *in* H.J.J.M. van der Merwe (red.), *Studierigtings in die taalkunde*, 1964; J.J. Smith, *Theories about the origins of Afrikaans*, 1952; S.P.E. Boshoff, *Volk en taal van Suid-Afrika,* 1923; S.A. Louw, *Dialekvermenging en taalontwikkeling: proewe van Afrikaanse taalgeografie*, 1948.

59 D.C. Hesseling, *Het Afrikaans, bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandsche taal,* 1899.

60 M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa,* 1966.

61 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, 1923; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 202.

62 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 110 en 118.

63 *Loc. cit.*


64 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 27.

65 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 59.

66 *Loc. cit.*

67 J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14(425), 1930-05-23, pp. 41, 65, 67 en 69; *Ibid.*, 14(429), 1930-06-20, pp. 47 en 71; *Ibid.*, 14(430), 1930-06-27, pp. 43, 65 en 67; *Ibid.*, 14(432), 1930-07-18, pp. 41, 65, 67, 69, 71 en 73.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 30: 'n Brief in die Boeginese taal van die siek slaaf Oepas aan die slawegeneesheer September. Die brief is 'n aanduiding van geletterdheid onder veral die Boeginese slawe en dat daar wel geskrewe kommunikasie onder dié slawegroep aan die Kaap bestaan het. Uit die brief is voorts af te lei dat September van Boegies 'n besondere status onder die Boeginese slawe in Kaapstad geniet het, veral as "dokter" en raadgewer.

Uit: J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14 (432), 18 Julie 1930, p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe op die plaas Klapmuts van Daniel Pheijl in 1726 het die slawe hulle verklarings in verskillende tale voor die tolke afgelê: Hercules van Boegies en Cupido van Padang, wat beide van die Indonesiese Argipel afkomstig was, het in Maleis getuig; Scipio van Bengale het sy verklaring in Portugees afgelê, terwyl slegs Jacob van Cochin in Nederlands getuienis afgelê het.[68] Die ingevoerde slawe aan die Kaap het basies sewe hooftale en veertien dialekte uit die Maleis-Polinesiese taalfamilie en 'n verskeidenheid Portugese kreole met hulle saamgebring.[69] Uit sy navorsing het Shell tot die gevolgtrekking gekom dat die mees algemene tale wat deur die ingevoerde slawe gepraat is Boeginees, Chinees, Nederlands, Javanees, Malgassies, Maleis en Portugees was.[70] Wat die primêre bronne betref, is die veeltalige Nederlandse predikant Valentyn in 1728 aangegryp deur die verbysterende verskeidenheid "natien" en tale aan die Kaap. Volgens hom het dit Nederlanders, Engelse, Franse, Duitsers, Savoyarde, Italianers, Hongare, Maleiers, Malabare, Singalese, Makassars, Baniane, Amboinese, Bandanese, Boeginese, Chinese, Madagaskarene, Angolese, bewoners van Guinee en die Kaap Verdiese Eilande ingesluit, waarmee in Nederlands, Maleis en Portugees gekommunikeer kon word.[71] Inderdaad 'n poliglotsamelewing, 'n bonte mengelmoes wat taalverwarring in die hand kon werk! In die 1760's het 'n Oosterse waarnemer opgemerk dat dit weens die kommunikasieprobleem nie vreemd vir Kaapse slawe was om in vingertaal en "vreemde geluide" met mekaar te kommunikeer nie.[72] 'n Brief wat in die Boeginese taal geskryf is **(Fig. 30)**, dui daarop dat sommige ingevoerde slawe wel 'n mate van etniese, kulturele en groepsidentiteit binne die taal- en kultuurmengelmoes gehandhaaf het.[73] Naas Maleis was Boeginees een van die dominante Oosterse slawetale in die agtiende eeu aan die Kaap [74] en die brief is voorts 'n aanduiding van geletterdheid en geskrewe kommunikasie onder veral die Boeginese slawe.

Binne die tale-chaos en verwarring het 'n dringende behoefte aan 'n gemeenskaplike kommunikasiemedium tussen slawe onderling en tussen slawe en meesters ontstaan. Dit het tot die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike *lingua franca* of spreektaal gelei wat aanvanklik 'n Portugees kreoolse taal of Laagportugees was wat, veral tydens die Kompanjiestyd, algemeen in gebruik was,[75] terwyl 'n ontwikkelende vorm van Nederlands of gekreoliseerde Nederlands veral sedert die laat-agtiende eeu tussen slawe en meesters en slawe onderling gebesig is [76] wat uiteindelik tot die ontstaan van Afrikaans sou lei.

---

68 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC 4102: Criminele Process Stukken, soos aangehaal *in* R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 60.

69 J. Crawfurd, *History of the Indian Archipelago II*, p. 130.

70 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 27.

71 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 170 - 171.

72 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 52.

73 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 60 - 61; J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14(432), 1930-07-18, p. 41.

74 A. Davids, Words of the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 9 - 10.

75 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 28 - 29.

76 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Primêre bronne bevestig die bestaan van 'n kreoolse Portugees of Laagportugees as kommunikasiemedium aan die Kaap in 'n tydperk toe die Kaapse slawebevolking uit 'n groot aantal ingevoerde slawe bestaan het.[77] Dit is juis die deurlopende invoer van slawe van diverse landstreke en voormalige Portugese kolonies in die Indiese Oseaan-gebied, waar 'n kreoolse vorm van Portugees (Maleis-Portugees) as handels- en seemanstaal gebesig is, [78] wat die pogings van die Kaapse owerhede om die Nederlandse taal ten koste van die kreoolse Portugees te bevorder, laat misluk het.[79] Met die aankoms van die eerste groot groep Angolese slawe aan boord van die *Amersfoort* in 1658, was Jan van Riebeeck in besit van instruksies waarin die Heere XVII hom onder meer opdrag gegee het om toe te sien dat die Portugese taal nie aan die Kaap gevestig word nie:

> Met de compste van de slaven sal UW. seer sorghvuldigh sijn geen Portugeese tael hier in te voeren, maer 't selve met alle middelen voorcomen, vooral met d' officieren geen goet voorganger sijnde, alsoo hieraen veel gelegen leyd, ende sal UED. geen tael als ons moedertael tegens de slaven gebruyken, en niet gedogen dat ze anders spreecken dat by verloop van jaren gerustheydt sal connen geven.[80]

Verdere pogings om die gebruik van Nederlands ten koste van Portugees onder die slawe te bevorder deur die vlot praat van die Nederlandse taal as voorwaarde vir vryheid te stel, het misluk en die Kaap het dieselfde pad as die VOC-kolonies in Oos-Indië geloop waar Portugees oorleef het en in 'n stadium selfs met Nederlands as kommunikasiemedium meegeding het.[81] Dit was nie 'n suiwer vorm van Portugees nie, maar soos Godée-Molsbergen dit beskryf het, "niet in de zuivere vorm die in Portugal gesproken word, maar toch als zeemanstaal, Portugees vermengd met woorden uit het Maleis en andere talen". [82] Macrone konstateer dat die kreoolse Portugees wat algemeen deur die Kaapse slawe gepraat is, inderdaad Maleis-Portugees was en dat dié kommunikasietaal ook deur die koloniste met hulle slawe gebesig is.[83] Uit die waarnemings van besoekers en reisigers blyk dit dat die stelling korrek is. Kolbe, wat vanaf 1705 - 1713 aan die Kaap was, het onder meer van Portugees as kommunikasiemedium onder die slawe melding gemaak: "Ondertusschen niet tegenstaande ik hebbe gezegt, dat zy niet eenerlei taal hebben, zoo moet ik echter de Portugeesch daar van uitzonderen, om dat zy, van waar zy komen, schier allen dezelve verstaan en spreken, ten minsten in korten tyd van elkander leren." [84] Daarbenewens het hy selfs aan die Kaap "eenige woorden van de Portugeesche taal geleert, zoo dat ik eisschen konde, het geen ik van noden had, en niet hoefte beducht te zyn, dat ik van slaven zoude bedrogen worden".[85] In die 1740's het Otto Mentzel opgemerk dat die Oosterse slawe 'n algemene slawetaal of *lingua franca* van Portugese oorsprong en wat maklik aangeleer kon word, aan die Kaap ingevoer het. Die taal is, volgens hom, vir jare reeds deur Christenslawe en selfs halfslag Khoikhoi gepraat.[86] Daarbenewens het

---

77 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 29.

78 I. Bird, *The golden cheronese and the way thither*, pp. 19 - 22.

79 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 94.

80 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, p. 94.

81 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 94.

82 E.C. Godée Molsbergen, *Jan van Riebeeck en zijn tijd*, pp. 94 - 95.

83 I.D. Macrone, *Race attitudes in South Africa*, p. 75.

84 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 150.

85 *Ibid. II*, p. 71.

86 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy melding gemaak van die plaasslawe wat saans om die vuur ontspan het, terwyl hulle stories van hulle vaderland in Portugees vertel het.[87] In 1765 was die besoekende mevrou Kindersley verras deur die ongewone situasie wat aan die Kaap bestaan het waarvolgens die slawe nie Nederlands aangeleer het nie, maar dat die Nederlanders wel húlle Portugese dialek – wat 'n bedorwe of verbasterde vorm van Portugees is – aangeleer het.[88] Slawemeesters het waarskynlik dié vorm van Laagportugees gebesig in 'n poging om kommunikasie met hulle slawe te verbeter. Anders Sparrman het in die 1770's telkens melding gemaak van die gebruik van gebroke Portugees en Maleis onder die slawe en selfs die Khoikhoi.[89]

Met voortgesette slawe-invoere is taalakkulturasie deur 'n chaotiese en dinamiese proses gekenmerk.[90] Die Kaapse taalmengelmoes is in die 1770's deur Sparrman beskryf: "At mealtimes, various European dialects, together with the languages used in commerce with the Indians, viz. the Malay, and a very bad kind of Portuguese, were spoken at one time, so that the confusion was almost equal to that of the Tower of Babel." [91]

Die kreoolse Portugese taal, wat as Maleis-Portugees bekend gestaan het, is teen die einde van die agtiende en die eerste dekade van die negentiende eeu deur Maleis vervang, wat toe as gesproke en geskrewe medium in die Arabiese skrif, die godsdiens- en gemeenskapstaal van die Kaapse Moslems geword het.[92]

Soos reeds opgemerk, is daar behalwe Laagportugees, ook 'n vorm van ontwikkelende Nederlands tussen slawe en hulle meesters gepraat.[93] As ondergeskiktes was dit vir die slawe en Khoikhoi lewensnoodsaaklik om ook die taal van hulle meesters aan te leer. Met die aanleer van Nederlands het hulle radikale vereenvoudigings aan die taal aangebring. Die vermenging van leksikale items sowel as 'n ontwrigte sintaksis dui op pidginisering wat 'n noodsaaklike stap in die aanleer van 'n taal is. Alhoewel die gesproke Nederlands van die koloniste 'n minder opmerklike pidgin openbaar, is 'n pidginstadium in die taal van die slawe en Khoikhoi duidelik te bespeur en dit op sigself het weens taalkontak, tot die kreolisering van die gesproke Nederlands van die meesters gelei.[94] Raidt verskaf inderdaad voorbeelde van 'n pidgin onder hierdie groepe wat gedurende die eerste 75 jaar van die nedersetting voorgekom het. Hieruit blyk duidelik die gebruik van *ons* in plaas van die Nederlandse *wij* in subjek- of onderwerpsfunksie en die verkorte werkwoord sonder die Nederlandse meervoudsuitgange, byvoorbeeld *ons sal, ons wil, ons het*, in plaas van *wij zullen, wij willen, wij hebben* ensovoorts.[95]

---

87 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 109.

88 Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 66.

89 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffers from the year 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 73, 89 en 280.

90 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

91 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 58

92 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63; A. Davids, Words of Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 9.

93 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89.

94 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 113 - 114.

95 E. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 111 - 113.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die aanleer van die meesters se taal het die slawe en Khoikhoi hierdie Nederlands by die grammatikale beperkings van hulle eie tale aangepas. Beide die Maleis-Polinesiese en Khoisantale word deur 'n eenvoudige grammatika gekenmerk. In die opsig kom kreolisering ook ter sprake, aangesien kreolisering onder meer die akkommodasie van die vereenvoudigde woordeskat van die dominante taal (Nederlands) in die grammatikale struktuur van die moedertaal veronderstel.[96] Volgens Brown kan pidgins beskou word as meervlakkige generatiewe sisteme wat die skepping van kreole onderlê.[97] Pidginisering toon ook die aanpassing, verplasing en akkommodasie wat nodig is in die proses van akkulturasie en kodewisseling wat uit taalkontak voortspruit. Die groot verskeidenheid slawetale en dialekte sowel as Duits, Frans en Khoisan en die verskeidenheid Nederlandse dialekte wat deur die koloniste gebesig is, het die ideale poliglot-milieu geskep waarbinne taalkontak tot taalversteuring, kreolisering en die ontstaan van 'n pidgin aanleiding gegee het.[98] In 'n poging om effektief met hulle slawe en Khoikhoi te kommunikeer, het die Nederlandse meesters heelwaarskynlik die gekreoliseerde Nederlands van hulle slawe nageaap, wat weer die kreolisering van hulle eie gesproke Nederlands tot gevolg gehad het. In dié opsig is die waarneming van kommissaris-generaal H.A. van Rheede op 24 April 1685, tydens sy besoek aan die Kaap, van belang:

> Hier is een gewoonten onder al ons volck, dat lerende dese inlanders de Nederduydsche spraek, en dat deselve die op haar manieren seer krom en bij nae onver standelijck spreken, soo volgen de onse haer daer in nae, ja soo danigh, de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwendende een gebroken spraek gefondeert wert ...[99]

Shell blyk dus in die kol te wees met sy gevolgtrekking dat "[t]he emergence once of pidgin and patios languages, a Creole culture, and ultimately a lingua franca was the result of slaves' and owners' attempts to forge a medium of communication with each other".[100] Vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief huldig Davids dus tereg die mening dat Afrikaans uit die gekreoliseerde Nederlands van die vryswartes, die slawe en die laer Kaapse klasse en van die boere, slawe en Khoikhoi in die binneland aan die begin van die negentiende eeu ontstaan het.[101] As bewysbasis vir sy standpunt geld onder meer 'n dialoog in die Afrikaanse taal van 1825 deur M.D. Teenstra,[102] sowel as die kommentaar van J.G. Swaving in 1828.[103]

---

96 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112.

97 D. Brown, Speaking in tongues: apartheid and language in South Africa, *Perspectives in Education* 10(2b), 1989, p. 39.

98 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112.

99 M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 40.

100 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 12.

101 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 113.

102 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en over St. Helena naar de Nederlanden*, pp. 362 - 364.

103 J.G. Swaving, *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft*, pp. 302 - 303.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1825 het M.D. Teenstra, afkomstig van die Nederlandse provinsie Groningen, in 'n poging om die Kaapse taalgebruik "zoo als de menschen te Caledon spreken" aan sy lesers te illustreer, 'n "Zamenspraak of uittreksel van een door mij gehouden gesprek met een boer, dezelfs vrouw en hunne slaven, te Caledon, kolonie Kaap de Goede Hoop" voorgelê. Hy lig sy lesers in dat die hooftaal Nederlands wel "eenigermale verbasterd zijnde" en dat hy in die dialoog die taal in sy grootste afwykings en mees tipiese uitdrukkings en idiome, soos deur stedelinge en plattelanders gebesig, probeer weergee.[104] Aangesien hierdie dialoog kultuurhistoriese sowel as taalhistoriese waarde het, volg 'n volledige weergawe daarvan:

De Boer.	Koom af!
Ik.	Dat zal mij met mijne stramme beenen veel moeite kosten, echter zal ik een weinigje afkomen.
De Vrouw.	Voorzigtig, mijnheer! die stoep is *banja* hoog, dat zal niet braaf gaan nie.
	(In huis komende)
De Boer.	Zit.
Ik.	Hoe gaan het hier nog al in de buurt van Caledon, alles wel?
De Boer.	Zóó. (Dat is tamelijk zoo bij 't oude.)
De Vrouw.	Pamela! het die water not niet gekookt nie?
Slavin.	Nee.
De Vrouw.	Roep voor Leida, dat ze hout in de combuis breng. (Dat is roep aan Leida.)
De Boer.	(tot den slaaf November) Ga hier naast naar mijn' buurman de Rottum en zeg voor hem, dat het braaf slecht is, dat hij die vark maar zoo lopen laat.
De Vrouw.	November! Zie daar is die aap weer uit de ket - sies! ik ben bang, dat hij hier komt; kenje hem niet beter vastmaken nie?
De Boer.	Die aap is braaf slim.
De Slaaf.	Ja suer! die aap al te danig listig, rech! rech! hij niet spreek, om hij geen boodschap doen wil nie.
De Vrouw.	Het pad (de weg) zal braaf nat wezen, het heet banje geregend.
Ik.	Ja jufvrouw! maar ik zit midden in ee'digten wagen, zoodat mij dit niet hindert.
De Vrouw.	Ons het gedenkt, doe wij die wagen zagen, dat het die wagen van Marré was; ik is zoo even buiten geweest.
De Boer.	Het kuijeren is braaf koud voor u; als men het bad gebruikt, kan men niet te voorzigtig voor de koude zijn.
De Vrouw.	Wilje geen kelkje wijn hewwe nie?
De Boer.	Ja, kom vrouw! die vraag geef nie graag, breng maar op; je moet er een' boterham met biltong bijgeven.

---

[104] M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 362.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ik.	Gesondheid, mijnheer! - Jufvrouw! is dat wijn uit uwen wijngaard?
De Boer.	Ja! maar ze is nog wat te nieuw, anders is ze al te danig lekker. Pamela! kom roep voor *Nonna,* dat ij een van die oude bottels wijn geef.
DeVrouw.	Kom, mijnheer! Laat die bogt maar staan, hier is beter wijn. - Leida! geef voor mijnheer een schoon kelkje!
De Boer.	Vindt uwe wat baat bij't bad?
Ik.	Zeer weinig.
De Vrouw.	Voor die jicht is die bad anders al te danig goed.
Ik.	Nu kom, het zal ook tijd worden, om weder huiswaarts of liever badwaarts te keeren. - Mijnheer! jufvrouw! verpligt voor uwe vriendelijkheid.
Boer en Vrouw	Mijnheer! pleizierlig! [105]

As tolk van die Kaapse hooggeregshof het die Nederlander J.G. Swaving opgemerk dat die gekreoliseerde Nederlands, wat hy 'n "soort van bastaard Hollandsch" genoem het, deur die boere, slawe, Khoikhoi en allerlei ander "vrije Heidense volksstammen" gepraat is, terwyl dit ook geensins vreemd onder die beskaafde Christelike en vooraanstaande Kapenaars was nie.[106] Alhoewel dié "bastaard Hollandsch" volgens Swaving onder meer bestaan het uit 'n aantal Maleise, Portugese en ander woorde en uitdrukkings wat hulle beslag aan die Kaap gekry het, was dit nie naastenby so onverstaanbaar vir nuutaangekome Nederlanders soos die sogenaamde kreoolse Nederlands wat in Berbië, Demaray, Essequibo en Suriname gepraat is nie.[107]

Beide waarnemings van Teenstra en Swaving word gerugsteun deur vroeëre opmerkings van Otto Mentzel in die 1740's, Christiaan Persoon in 1762, Hinrich Lichtenstein in die vroeë 1800's en William Burchell van 1810 tot 1815.

As een van die noukeurigste waarnemers en beskrywers van die Kaapse sosiale geskiedenis in die agtiende eeu, het Mentzel as volg oor die "onsuiwer Nederlands" van die Kaapse boere kommentaar gelewer:

> The language of the country people is just as far from being pure Dutch, as that of the German farmers is from pure German. The men have a broad accent and the women folk use certain expressions that are sometimes really ridiculous. For instance, if one were to ask them whether they have no Bible, the reply is: "Onz heeft geen Bybel": which means "Us has no Bible". If one were then to ask them: "How many 'Onze' (ounces) in a pound?" they would blush.[108]

---

[105] M. D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 362 - 364.

[106] J.G. Swaving, *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft*, p. 302.

[107] *Ibid.*, p. 303.

[108] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit blyk dit dat die verskynsel van *ons* in subjekfunksie wat in die pidgin van die slawe en Khoikhoi voorgekom het, in die 1740's ook in die spreektaal van die Kaapse boere teenwoordig was.

In 1775 het die dertienjarige Kaapsgebore Christiaan Hendrik Persoon uit Nederland, waar hy skool gegaan het, aan sy ouers in die Kaap geskryf dat sy Amsterdamse vriende hom oor sy "Caapsch krom spreeken" terg. Dié opmerking van Persoon dui daarop dat die afwykende vorm van Nederlands nie net op die platteland voorgekom het nie, maar dat "Kaaps-Hollands" ook deur die beskaafde inwoners van Kaapstad gepraat is.[109]

In sy uitgebreide reise aan die Kaap van 1803 tot 1806 het Hinrich Lichtenstein verskeie waarnemings ten opsigte van die koloniste se taal gemaak. Tydens sy reis in die Hantam is hy en sy reisgenote deur 'n paar jong boere met interessante verhale van hulle jag- en reisavonture vermaak, "and the effect was exceedingly increased by the concise, yet expressive, African Dutch language, in which the relation was given".[110] Die bejaarde Duitse plantkundige, J.A. Auge, wat hy te Swellendam ontmoet het en wat sy moedertaal byna heeltemal verleer het, het self ook die verbasterde Nederlands van die koloniste gepraat.[111] Hy maak onder meer ook melding van veldkornet Samuel de Beer van Kweekvallei wat in die Paarl gebore en getoë is en wie se taalgebruik gekenmerk is deur 'n goeie woordkeuse "which formed a delightful contrast with the African Malay dialect, in which he was educated".[112] Daarbenewens het Lichtenstein in 'n voetnoot 'n verklaring vir die vereenvoudigde taal probeer gee. Hy was van mening dat die eerste Europeërs hulle taal doelbewus vereenvoudig het om dit vir die inboorlinge makliker te maak om aan te leer wat 'n "verarmde en bedorwe" omgangstaal onder die koloniste tot gevolg gehad het.[113] Voorts het hy lig gewerp op die taal wat deur die inheemse bevolking en slawe aan die begin van die negentiende eeu gepraat is. Volgens hom het 'n Boesmanvrou op 'n plaas in die Sneeuberg-omgewing hulle in 'n gebroke Nederlands, wat met die Khoikhoi en Maleise tale vermeng was, geantwoord.[114] Die slaaf wat hy en sy reisgeselskap by Geelbek in die Saldanhabaai-omgewing teëgekom het, het hulle in 'n mengeltaal bestaande uit Portugees, Nederlands en Maleis, aangespreek.[115] Uit die voorafgaande waarnemings van Lichtenstein ten opsigte van die taal wat deur koloniste, slawe en inboorlinge gebesig is, blyk dit dus dat 'n afwykende vorm van Nederlands – wat baie na aan Afrikaans was – reeds in die vroeë negentiende eeu gepraat is.

Die Engelse plantkundige William Burchell (1781 - 1863), wat van 1810 tot 1815 in die binneland gereis het, was van mening dat dit vir 'n navorsingsreisiger soos hy noodsaaklik was om 'n kennis van beide afwykende vorme van Nederlands, naamlik die Kaaps-Hollandse sowel as die verbasterde dialek van die Khoikhoi te hê.[116]

Uit die waarnemings van Mentzel, Persoon, Lichtenstein, Burchell, Teenstra en Swaving blyk dit dus dat gekreoliseerde Nederlands of Kaaps-Hollands reeds sedert 1740 in gebruik was,

---

109 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 150 - 151.

110 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 116.

111 *Ibid. II*, p. 170.

112 *Ibid. II*, p. 87.

113 *Ibid. I*, p. 165.

114 *Ibid. II*, p. 110.

115 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 41.

116 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar dat dit teen die begin van die negentiende eeu in volle swang deur die hele Kaapkolonie was. Dié taal was oor die algemeen verstaanbaar en vir almal in die Kolonie toeganklik.[117] Hierdie gekreoliseerde of "krom" Nederlands waaruit Afrikaans ontstaan het, is egter as 'n onbeskaafde taal van die laer klasse en 'n ongekultiveerde patois geëtiketeer.[118] Dit het tot gevolg gehad dat daar in die negentiende eeu na Afrikaans as "kombuistaal" verwys is.[119] Dié siening is bevestig deur die neiging van sekere negentiende eeuse Kaapstadse joernaliste om dié taal vir komiese effek in die monde van anderskleurige sprekers te plaas, soos die geval was met die hekelspel *De Nieuwe Ridderorde of de Temperatisten* (1832) van Charles Etienne Boniface en *Kaatje Kêkkelbek* van Andrew Geddes Bain wat vir die eerste keer in 1838 in Grahamstad opgevoer is.[120] Uit dié kombuistaal het Afrikaans ongetwyfeld sy beslag gekry.

Die kreolisering van Nederlands, wat tot die ontstaan van Afrikaans gelei het, is in 'n groot mate in die hand gewerk deur die sosiale verhoudings tussen mense van etniese, kulturele en linguïstiese heterogeniteit binne die poliglot Kaapse samelewing van die sewentiende en agtiende eeu. Noue fisiese, sosiale en werkskontak tussen slawe en meesters, koloniste en vryswartes, slawe onderling en tussen die Khoikhoi en koloniste het ideale geleenthede vir taalkontakverandering geskep. In die opsig het veral rassevermenging, die werksverhouding tussen slaaf en meester, die intimiteit van die Kaapse huishouding en transaksies sowel as buurskap tussen eiendombesittende koloniste en vrygestelde slawe 'n rol gespeel.[121]

Wat rassevermenging betref, was seksuele verhoudings en gemengde huwelike tussen slavinne en blanke koloniste nie 'n ongewone verskynsel aan die vroeë Kaap nie.[122] Faktore soos die skoonheid en die kulturele en linguistiese verwantskap of aanpasbaarheid van die Oosterse en Kaapsgebore slavinne van gemengde Oosterse en Europese afkoms,[123] sowel as die tekort aan blanke vroue aan die Kaap[124] het rassevermenging bevorder. Die slaweteenwoordigheid in die stamregisters van belangrike Afrikanerfamilies dien as bewys vir dié

---

117 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

118 A. Davids, The 'coloured' image of Afrikaans in nineteenth century Cape Town, *Kronos* 17, 1990, pp. 37 - 39.

119 *Ibid.*, p. 38; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 63.

120 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 115; M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, p. 4.

121 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 110, 113, 115 en 116.

122 J.D. Buttner, *Accounts of the Cape, brief description of Natal, journal extracts on the East Indies* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Hart) p. 66; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 109 - 110; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 169 en 269; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 285; *Gleanings in Africa*, p. 64; W.W. Bird, *The state of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 75; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 51 - 55; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 126; J.L. Hattingh, Beleid en praktyk: die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720, *Kronos* 5, pp. 34 - 42; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 295 - 297; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 87; M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portugese"*, pp. 11 - 12.

123 R. Wilson, *Description of the Cape*, pp. 30 - 31; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 73 - 74; *Gleanings in Africa*, p. 64; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 138 - 139; J.A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner*, p. 30.

124 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 62; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stelling.[125] Die eerste vier amptelike huwelike aan die Kaap was tussen vrygestelde Bengaalse slavinne en wit koloniste.[126] Daarbenewens het 75% van alle babas van slavinne wat gedurende die eerste twintig jaar van die Kaapse nedersetting gebore is, blanke vaders gehad.[127] Rassevermenging het 'n belangrike rol in die kreolisering van slawe sowel as taal gespeel.[128] Die halfslag of heelslag Kaapsgebore slaaf het die taal van die huishouding waarbinne hy gebore en opgegroei het, aangeneem. Die taal van dié slawe was nie meer Maleis-Portugees, Angolees of 'n Mosambiekse taal nie maar Kaaps-Hollands, wat ook die taal van die Europese setlaars aan die Kaap was.[129] Die slawemoeders, sowel as die huishouding waarbinne hulle kinders gebore is, het die taalpatrone van die jong slawekind beïnvloed.[130]

Die intieme en ongedwonge omgang binne die Kaapse huishouding het beslis rassevermenging en taalkontak in die hand gewerk. Slawe en eienaars was op 'n dag tot dag basis in noue kontak met mekaar, terwyl huishoudelike en betroubare slawe boonop snags onder dieselfde dak as hulle meesters gehuisves is.[131]

Binne die intieme milieu van die Kaapse huishouding was daar veral noue kontak met betrekking tot die werksverhouding tussen die huisslaaf en lede van die huisgesin en ander lede van die huishouding. In die opsig kan die rol van slavinne wat as soogvroue en kinderbediendes opgetree het, nie onderskat word nie. Die teenwoordigheid van slawesoogvroue in die stedelike sowel as plattelandse huishoudings word bevestig deur besoekers en reisigers, die *Requesten* sowel as die *Slaweregister* wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is.[132] Hierdie situasie sou ongetwyfeld 'n invloed op die taal hê. In die 1770's het Sparrman opgemerk dat die blanke kinders op die binnelandse plase die taal van die Khoikhoibediendes heel gemaklik voor die Nederlandse taal aangeleer het. In die geval van slawebediendes en slawekinderoppassers, het die kinders in die eerste plek die Maleise taal aangeleer.[133] Weens die noue kontak tussen die blanke kind en sy slawesoogvrou of -kinderbediende en die feit dat die kind in baie gevalle 'n sterker band met die slavin as met sy ouers gehad het, het sy onwillekeurig en onteenseglik 'n sterk en blywende invloed op die burgerkind, veral wat die taal betref, uitgeoefen.[134] Hugo konstateer dus tereg dat die slawe-*aja* weens van die sterk bande van toegeneentheid en liefde wat tussen haar en die kind oor klas- en kleurgrense heen gesmee is, 'n bydrae tot veranderende taalpatrone aan die Kaap

---

125 H.F. Heese, *Groep sonder grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap*, pp. 41 - 75.

126 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78 - 80.

127 A. Wannenburgh, *Forgotten frontiersmen*, p. 22.

128 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. xxxviii en 63.

129 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 15.

130 P. Kiparsky, Linguistic universals, *in* A.R. Keiler (red.), *A reader in historical and comparative linguistics*, p. 342.

131 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 117; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 40; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256; de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 142; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 253 - 254; V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa*, p. 68; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194.

132 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 317; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de jaren 1791 tot 1797, II*, p. 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II*, pp. 108, 110 en 122; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 200; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, III*, p. 1112; K.A.B.: SO. 6/1 - 6/151, Register of Slaves, 1816 - 1837.

133 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 219.

134 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sou gelewer het en in dié opsig instrumenteel in die kreolisering van Nederlands was: "And the language they learnt from the lips of those slaves – was it not the *lingua vernacular*, the Cape Dutch of the slave, the Cape vernacular? Truly, our forbear may be said to have imbibed the vernacular language together with the vernacular milk." [135]

So prominent was die plek van dié slavinne in die Kaapse huishouding dat sekere leksikale terme wat met die soogslavin of kinderbediende verband hou in die kreoolse taal aan die Kaap en uiteindelik in Afrikaans neerslag gevind het. Die Maleise woord *aja* of *aya* is onder meer deur Kolbe en Barrow gebruik. In die agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat "deze gantsche [kinder]sorg van den beginne af aan de slavinnen ... eene zodanige *"Aja"* oorgelaat is,[136] terwyl Barrow die woord as volg gebruik het: "... the *aya* is looked up through life with more affection than the natural parents ." [137] Volgens Boshoff is die woord *aia*, wat "kindermeisie" beteken uit Portugees in verskillende Oosterse tale as *aya* oorgeneem en het as *aia* in Afrikaans neerslag gevind.[138] Die Maleise woord *memme* wat "pleegmoeder" beteken, is in 1825 deur Teenstra, soos dit deur 'n jeugdige Mosambiekse slaaf gebruik is, aangehaal: "De oude vrouw was zijne grootmoeder, hebbende hem na den dood van hare dochter opgevoed, noemende hij haar nog *memme*." [139] Waarskynlik het die Kaaps-Hollandse woorde *minnemoer* of *mina*, wat "lief-ma" beteken, met die teenwoordigheid van soogvroue en kinderversorgers in die Kaapse huishoudings verband gehou.[140] Daarbenewens is die Afrikaanse woorde *nôi*, *nooi*, of *nonna* van die Maleise woord *njonjah* afkomstig.[141] Bosman is van mening dat slawewoorde, soos *paaiboelie*, *pamperlang*, *kurang/kierang*, *tjoema*, *tampas* en *tjoekie*, heelwaarskynlik via die soogslavinne, kinderoppasssers of speelmaats in Kaaps-Hollands en uiteindelik Afrikaans neerslag gevind het.[142]

Naas die soogvroue en kinderbediendes, het ook die teenwoordigheid van veral die Oosterse slawekokke [143] in die Kaapse huishoudings 'n invloed op die taal uitgeoefen wat tot gevolg gehad het dat 'n hele aantal woorde in die Afrikaanse kookkunsleksikon van Maleis-Polinesiese en Portugees-kreoolse oorsprong is.[144] Dit was veral die kos- en kookgebruike wat deur oorwegend Maleierslawe uit Oos-Indië na die Kaap gebring is, wat 'n belangrike invloed op die Kaapse kooktradisie sowel as die Kaapse taal uitgeoefen het. Uit die werksmilieu van die slawekok, naamlik die Kaapse kombuis, het die "kombuistaal" of Kaaps-Hollands en uiteindelik Afrikaans dus 'n deel van sy leksikale erfnis te danke.[145] Woorde, soos *atjar*, *blatjang*, *bredie*, *bobotie*, *borrie*, *koejawel*, *mielie*, *nartjie*, *pienangvleis*, *piering*,

---

135 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 18.

136 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 317.

137 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 105.

138 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 28; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 165.

139 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 348.

140 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 312.

141 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 164; L.C. Eksteen, Die Afrikaanse woordeskat, *in* T.J.R. Botha, J.G.H. Combrink en F.F. Odendal (reds.), *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 47; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 364.

142 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 74.

143 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 - 289.

144 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 30 - 31.

145 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

piesang, sambal, sosatie, rissie en *spanspek* [146] hou grootliks verband met die Oosterse en gekreoliseerde Kaapsgebore slawekokke se teenwoordigheid in die Kaapse kombuis. Ross het toepaslik opgemerk dat "[s]uch classic dishes as bredies, boboties and sosaties took their name, and no doubt their form from the slave who cooked them".[147]

Die herkoms van bogenoemde woorde word as volg verklaar:

atjar — Volgens Boshoff het die woord sy herkoms in die Portugese *āchār* – of die Maleise *ăchār* en verwys na 'n ingelegde mengsel van fyngesnyde groente en vrugte in 'n asyn-speserymengsel wat as toespys by vleis voorgesit word. Davids verklaar die etimologiese oorsprong uit die Sunda-woord *atjar*.

blatjang: — Die woord is uit die Maleise *b(e)lachan* afkomstig en verwys na 'n dik, suur, pikante ingemaakte kruiesous van asyn, vrugte, ensovoorts wat as toespys saam met vleis of vis geëet word.

bredie: — Die woord het sy herkoms in die Portugese *bredo* wat na 'n plantsoort *Blitum virgatum* verwys waarvan 'n groentegereg gemaak is. Binne die Kaapse opset het dit egter na 'n stowegereg van vleis en verskillende groentesoorte verwys. Raidt is van mening dat *bredie* via Maleis uit Portugees in Afrikaans neerslag gevind het.

bobotie: — Die herkoms van dié woord is in die Sunda-woord *bobotoh* en verwys na 'n maalvleisgereg wat onder meer kerrie, brood en eiers bevat.

borrie: — Die woord se etimologiese oorsprong is in die Maleise *borch* wat na 'n soort geel kruiepoeier (*curcuma*) verwys.

koejawel: — Volgens Du Toit is die woord afkomstig van die Portugese *goyaba* wat na 'n boom *Psidium guayaba* en sy vrug verwys.

mielie: — Die woord het sy oorsprong in die Portugese *milho* en verwys na die graansoort *Zea mays.*

nartjie: — Mansvelt verklaar die oorsprong van die woord uit die Arabiese *náranj* wat na die sitrusvrug *Citrus nobilis* verwys.

---

[146] E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 164 - 167; D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 74; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 20; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, p. 47.

[147] R. Ross, The occupations of slaves in 18th century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pienang(vleis): Die woord het sy etimologiese oorsprong in die Maleise *pinang* wat na 'n boomsoort *Areca catechu* verwys. *Pin'dang* verwys ook na 'n bepaalde Javaanse kerrie, terwyl pienangvleis 'n Kaapse vleiskerrie is wat met tamarynsaad en vars lemoenblare gegeur word.

piesang: Die herkoms van piesang is uit die Maleise *pisang* en verwys na die plant en vrug *Musa sapientum.*

rissie: Die woord het waarskynlik via Nederlands uit die Javaanse *maritja* in Afrikaans neerslag gevind en verwys na 'n plant met 'n peperagtige peul.

sambal: Boshoff verklaar die herkoms van sambal uit die Maleise *sāmbal* wat na 'n skerp gekruide slaai van gerasperde kwepers of uie, ensovoorts wat in asyn ingemaak is, verwys.

sosatie: Dié woord is afkomstig van die Maleise *saté* (gekruide sous) en *sésate* (vleis aan 'n pen geryg) verwys na vleisstukkies wat in kerrie, kruie en asyn ingelê, aan 'n stokkie geryg en gebraai word.

spanspek: Die etimologiese verklaring vir die woord is onseker, maar wat wel afgelei kan word, is dat dit uit een van die Maleis-Polinesiese of Portugees-kreoolse slawetale afkomstig is.[148]

Ander huishoudelike woorde wat vroeg reeds uit die slawetale in die gesproke Nederlands van die koloniale meesters opgeneem is, is onder meer *piering, tjalie, katel, baadjie* en *kabaai.* [149] Dié woorde word etimologies as volg verklaar:

piering: Dié woord is van die Maleise *piring* afkomstig en verwys na 'n koppieskotteltjie.

tjalie: Die woord is afkomstig van die Portugese *chale* en is via die Maleise *tjala* in Afrikaans opgeneem. Dit verwys na 'n sjaal of omslagdoek.

---

[148] S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans,* pp. 32, 36, 39, 40, 72, 84, 98, 100 en 106; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2,* p. 47; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 20; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek,* pp. 33, 63, 67, 73, 77, 437 en 477; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* pp. 166 - 167; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde,* p. 69; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* pp. 58 en 61.

[149] E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* pp. 123 - 127; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2,* p. 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

katel: Die woord kom van die Maleise *katil* en verwys na 'n bed.

baadjie: Die woord het sy oorsprong in die Maleise en Sunda *badju* waarin die Hindi-woord *bāzū* weer 'n rol speel. In alle gevalle verwys dit na 'n kledingstuk.

kabaai: *Kabaai* kom van die Maleise *cabaya* en verwys na 'n los-hangende jurk.[150]

Die woord *krabbetjie* is afgelei van die Maleise *kerabu* wat na 'n oorringetjie verwys.[151]

Schonken het dus 'n heel logiese en korrekte afleiding gemaak dat die meeste woorde wat uit die slawetale in Afrikaans opgeneem is, hulle oorsprong in die aanwending van slawe binne die Kaapse huishouding gehad het.[152] Die taal bevestig dus die historiese gegewe dat Oosterse slawe, veral die Maleiers, as huisbediendes, kinderbediendes en veral as kokke in die vroeë Kaapse huishouding aangewend is.[153] Die feit dat daar in die negentiende eeu na Afrikaans as "kombuistaal" verwys is, hou dus in 'n groot mate verband met die teenwoordigheid van slawekokke en huisbediendes in die Kaapse huishouding.[154]

Die vereenvoudiging en kreolisering van Nederlands is dus, soos reeds gesuggereer, gedeeltelik toe te skryf aan die interaksie en taalkontak tussen ingevoerde en Kaapsgebore of gekreoliseerde slawe en hulle meesters binne die huishoudelike milieu.[155] In 'n poging om binne die mengelmoes van tale en kulture op huishoudelike vlak 'n gemeenskaplike kommunikasiemedium te bewerkstellig, het 'n pidgin onder die slawe ontstaan wat die taal van die meesters beïnvloed het en tot die kreolisering van Nederlands gelei het.

Terwyl voorafgaande bespreking op taalkontak en akkulturasie binne die intieme huishoudelike sfeer dui, is Davids van mening dat die buurmanskap tussen koloniste en vrygestelde slawe ook taalkontakverandering in die hand gewerk het.[156] Deur doop en opname in die Kaapse Kerk is vrygestelde slawe in staat gestel om grond aan te koop en as sodanig transaksies met die vryburgers aan te gaan. Volgens Shell was daar vanaf 1678 tot 1731, 58 transaksies tussen vryburgers en slawe.[157] In sy navorsing oor vryswart grondbesitters in die Tafelvallei van 1652 tot 1710, maak Hattingh onder meer melding van Evert van Guinee, Anthony van Bengale,

---

150 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, pp. 32, 62 en 94; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, pp. 234 en 521; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, pp. 68 - 69.

151 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 12.

152 F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p. 159.

153 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 73.


154 M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, p. 4.

155 R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 29.

156 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 111 en 116.

157 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 774, soos aangehaal *in* A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 111: Kronendal in die Houtbaai-omgewing wat in 'n stadium aan die vrygestelde slavin Ansiela van Bengale behoort het, volgens 'n waterverfsketsie in 1838 deur Christopher Webb Smith, toe die plaas in besit van Daniel Cloete was.

Uit: A. Gordon-Brown, *Christopher Webb Smith. An artist at the Cape of Good Hope 1837 - 1839* (Kaapstad, 1965), p. 69.



Figuur 112: Lanzerac by Stellenbosch wat in 1692 die gesamentlike eiendom van die vryswartes Louis van Bengale, Manuel en Anthony van Angola en die voormalige Kompanjiesoldaat, Isaac Schryver geword het.

Uit: H. Fransen, *A Cape Camera. The architectural beauty of the old Cape* (Johannesburg, 1993), p. 106.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 113: Stellenberg wat in 1713 vir die prys van 1300 gulden die eiendom van die vrygestelde slavin Christina van Canarie (Kanara) geword het. Dié voormalige slavin van Simon van der Stel was die eerste vryswart vrou wat 'n aansienlike stuk grond in die suidelike voorstede van die Kaapse Skiereiland besit het.

Uit: N. Gardiner, *Beautiful gardens of South Africa* (Kaapstad, 1991), p. 137.



Figuur 114: Coornhoop, wat opeenvolgend die eiendom van die vryswartes Robert Schott van Bengale, Christian Wijnants van die Koromandelkus en Armosina Jonasz was.

Uit: H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape* (Kaapstad, 1965), p. 25.



Figuur 115: Sonquastdrift naby Malmesbury wat in 'n stadium aan die vroeë Kaap vryswart-eiendom was.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), p. 71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Louis van Bengale, Syman Mandadoor en Angela van Bengale wat marktuineienaars in Tafelvallei was en later weer in verkooptransaksies met vryburgers betrokke was. Hattingh verskaf daarbenewens volledig getabelleerde inligting van agtien transaksies waartydens vryswartes huiserwe aan vryburgers verkoop het [158] en sewentien transaksies waar vryswartes grond van vryburgers aangekoop en in 'n later stadium weer aan vryburgers verkoop het.[159] Alhoewel daar 'n neiging onder vryswartes was om naby mekaar te woon, was hulle nogtans in buurmanskap met die vryburgers wat oral in Tafelvallei woonagtig was.

Afgesien van grondbesit in Tafelvallei, was sekere vryslawe en vryswartes in 'n stadium as hereboere die eienaars van statige Kaaps-Hollandse plaaswonings.[160] So het Kronendal **(Fig. 111)** in 'n stadium aan Ansiela van Bengale behoort,[161] Lanzerac **(Fig. 112)** in Stellenbosch aan Louis van Bengale sowel as Manuel en Anthony van Angola,[162] Stellenberg **(Fig. 113)** aan Christina van Canarie (Kanara),[163] Coornhoop **(Fig. 114)** opeenvolgend aan Robert Schott van Bengale, Christian Wijnants van die Koromandelkus en sy weduwee, Armosina Jonasz,[164] Groot Constantia aan Anna de Koningh, die weduwee van Oloff Bergh,[165] terwyl Nektar, Honswijk, Kijkuijt en Sonquasdrift **(Fig. 115)** ook aan vryslawe behoort het.[166] Die plaas Nektar by Jonkershoek is aanvanklik in 1692 aan die twee vryswartes Marquard en Jan van Ceylon toegeken, toe die plaas onder die naam "Jan Lui" bekend was – duidelik 'n naam wat van die bynaam van die een minder flukse vryswart eienaar afgelei is.[167]

Volgens Davids het die grondtransaksies en buurmanskap tussen vryslawe en vryburgers verreikende implikasies vir die Kaapse taalgemeenskap gedurende die eerste honderd jaar van die nedersetting gehad.[168] Die slawetale, sowel as Frans en Duits moes by wyse van transaksies en buurmanskap 'n invloed op die kreolisering van Nederlands gehad het.

Benewens sosiale kontak tussen slawe en meesters enersyds en tussen vryslawe en vryburgers andersyds, het onderlinge kontak tussen slawe op veral arbeidsgebied, bygedra tot die kreolisering van die Nederlandse taal aan die Kaap. In die opsig het die Kaapse vissersbedryf, wat hoofsaaklik deur slawe beoefen is, 'n rol in die totstandkoming van 'n tipies Kaapse visserswoordeskat in Afrikaans gespeel. Behalwe vir bepaalde visname, is die meeste van die leksikale items en eenhede nie algemeen in Standaardafrikaans bekend nie, terwyl dit wel in die bedryfs- en omgangstaal van die Kaapse vissersgemeenskappe bestaan. Talle van die woorde

---

158 J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, pp. 42 en 45 .

159 *Ibid.*, p. 47.

160 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111.

161 *Ibid.*, p. 111; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 263.

162 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 62; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 263.

163 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 43; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 262.

164 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 111; M. Cairns, Freeblack landowners in the southern suburbs of the Cape peninsula during the eighteenth century, *Kronos* 10, 1985, pp. 28 - 29.

165 C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses*, p. 14.

166 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 263; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 62.

167 J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* p. 80.

168 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, pp. 111 - 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en begrippe is afkomstig van die Maleis-Polinesiese en Portugees-kreoolse slawetale en bevestig die historiese feit dat veral Maleierslawe 'n aktiewe rol in die Kaapse vissersbedryf gespeel het.[169] Ross sonder tereg die vissersbedryf as een van die drie aktiwiteitsvelde uit waardeur woorde via die Maleis-Portugees kreoolse taal sowel as Maleis in Afrikaans opgeneem is.[170]

Vervolgens 'n paar van die aangetekende [171] leksikale items en eenhede wat via die slawetale in die Afrikaanse visserstaal opgeneem is:

batlaat: Dit is 'n samestelling van die Maleise woord *batoe* wat "steen" of "klip" beteken en die Afrikaanse bywoord "laat." *Batlaat* beteken dus "laatklip", met ander woorde 'n klip wat laat gekry is.

batties: Die betekenis "visplek" is deur die slawevissers self gegee en is waarskynlik 'n vervorming van 'n Maleise woord.

boang batoe: Dit is 'n samestelling van die Maleise woorde *boeang* wat "weggooi" beteken en *batoe* wat "klip" beteken. *Boang batoe* beteken dus "gooi die ankerklip". *Batoe* was die benaming vir die ankerklip.

batoe tana: Die Maleis vir "die ankerklip vat grond", met *batoe* wat "klip" en *tana* wat "grond" beteken.

parra: Die woord is van Portugees-kreoolse herkoms en beteken "stilhou". Laat *parra* die skuit. Die vissers het egter die betekenis "laat dryf die skuit" daaraan gegee.

tjowa: Die woord is afgelei van die Maleise woord *tjoba* wat "probeer" beteken.

akbar: Dit is 'n Maleise woord wat "hoog verhewe" beteken en as "hooguitstaande" met betrekking tot die kusstreek gebruik word wanneer 'n deel van die kus bo 'n ander gedeelte uitstaan.

bangang: Dit is afkomstig van die Javaanse woord *bangkang* wat "koppig" of "astrant" beteken.

---

169 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82,83, 84 and 85, I*, p. 103; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288; G.F. Angas, *The Kafirs illustrated in a series of drawings*, p. 9; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 15; E.G. Aspeling, *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist,* pp. 4 en 6.

170 R. Ross, The occupations of slaves in 18th century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 8.

171 L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 90 - 101; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, pp. 21, 63, 65 en 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

djamalang: 'n Slawewoord van waarskynlik Maleise herkoms wat beteken om "in die nag vis te vang".

ikan(g): Dit is 'n Maleise woord wat "vis" beteken.

soesa: Dié woord is afgelei van die Maleise *soesah* wat "las" of "moeilikheid" beteken en word veral as volg gebruik: "Die Sedoos gee vir ons groot *soesa* want hy slaat ons skuide stukkend".

tjappa: In die vissermanstaal beteken die woord "om stadig te roei" en is moontlik afgelei van die Portugese woord *chapejar* wat "plas" beteken of van die Maleise woord *tjapa* wat beteken om "by iets of iemand aan te sluit".[172]

Davids vermeld ook die Moslemafrikaanse woord *panoepang* wat sy oorsprong in die Maleise *menupang* het en na 'n bemanningslid van 'n boot verwys, byvoorbeeld "Ek *panoepang* vir Ali" wat beteken "Ek is lid van Ali se bootbemanning." [173] 'n Paar visname is ook uit die Kaapse slawetale en Maleis-Portugese seemanstaal in die Afrikaanse visserstaal opgeneem. Hier volg 'n lys van die bekendste visname:

bamboefer: Die naam is afgelei van die Portugese *pisce bamboe* vir die vissoort *Box salpa.*

bonyt: Die naam kom van die Portugese *bonita* vir die vissoort *Auxis rochei.*

daeraad, daweraad/t, of *dawwera:* Die naam is afgelei van die Portugese *dorado* vir die vissoort *Pagrus laticeps.* Die naam is ook in Standaardafrikaans opgeneem en word verklaar as 'n ligrooskleurige steenbras – 'n bekende, smaaklike eetvis met 'n opvallende kleureprag.

damba: Die naam is van die Indiese woord *damba* afkomstig, 'n benaming vir die galjoensoort *Serranus diacanthus Damba.*

halfkoord: Die naam is afgelei van die Portugese *albacor(a)* wat die naam vir die vissoort *thynnus alalonga* is. Die naam is 'n volksetimologiese vervorming van *albakoor* wat ook in Standaardafrikaans opgeneem is en na 'n groterig soort makriel, *Seriola lalandei,* verwys.

janbruin: Die visnaam het sy herkoms in die Portugese woord *tamborino,* 'n benaming vir die vissoort *Gymnocrotaphus curvidens.* Volgens Franken is *janbruin* deur homonimiese

---

[172] S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans,* p. 92; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 63; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 91 - 95.

[173] A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p.12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

attraksie uit *tambryn* vervorm. Tambryn is weer 'n afleiding van die Maleise *tambra* of *tambarah.* Die bruin kleur van dié vis het waarskynlik ook 'n rol in sy naamgewing gespeel. Die naam is ook in Standaardafrikaans bekend en verwys na 'n soort steenbras, tambryn of basterhottentotsvis.

jandorie: Die naam is afgelei van die Maleise woorde *ikan* (vis) en *dori* of *doeri* wat na 'n stekel of puntige graat verwys, en die benaming vir die vissoort *Zeus capensis* of *Zeus faber* is. Die visnaam is in Standaardafrikaans opgeneem en verwys na 'n silwergrys eetvis.

kaalkop: Die visnaam het sy herkoms in die Maleise woord *kapap*, 'n benaming vir die vissoort *Lates calcarifer.* In Standaardafrikaans is dit die volksnaam van enige van verskeie vissoorte wat nie skubbe op die kop het nie.

katonkel: Die naam is afgelei van die Maleise *ketung,* 'n benaming vir die vissoort *Thynnus pelamys.* In Standaardafrikaans verwys *katonkel* na enige van 'n verskeidenheid meesal silweragtige stekelvisse, soos onder meer *Sarda sarda,* wat een van die bonitas is.

panga: Die visnaam het sy herkoms in die Maleise *ikan pangeran(g). Ikan* beteken "vis" terwyl *pangerang* "prins" beteken, met ander woorde "prinsvis", wat verwys na die vissoort *Pagrus laniarius.* In Standaardafrikaans verwys die naam *panga* na die vissoort *Pterogymnus laniarius* wat tepelvormige lippe en uitstaande tande het. Dit is ook in die volkstaal as *dikbekkie* bekend.

parri: Dié visnaam het sy oorsprong in die Maleise *ikan pari* wat 'n soort rog is. Die woord *pari* beteken letterlik "rog".

tjokka: Die naam kom van die Portugese woord *choco*, die benaming vir 'n soort inkvis. In Standaardafrikaans verwys *tjokka* na die inkvis *Sepia officinalis* wat tien vangarms het en as aas tydens visvangs gebruik word.[174]

Alhoewel visname soos *halfkoord* en *kaalkop* met 'n ompad uit die sewentiende-eeuse seemanstaal in Afrikaans opgeneem is, is die neerslag en voortbestaan van dié woorde in Afrikaans grootliks aan die teenwoordigheid van die Kaapse visserslawe en hulle nageslag te danke. Daarbenewens is visname, soos *daeraad, halfkoord, janbruin, jandorie, kaalkop,*

---

[174] S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans,* pp. 29, 60, 62, 69, 92 en 113; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek,* pp. 89, 182, 230, 244, 380 en 522; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, pp. 65 en 67; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 95 - 96; F.F. Odendal (red.) e.a., *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal,* pp. 37, 127, 465, 781 en 1085.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

katonkel, panga en *parri* heelwaarskynlik daagliks deur die slawevisventers in die Kaapse strate uitgeroep en so aan die publiek bekend gestel, terwyl die slawestuurjonge wat vis by die vismark vir die Kaapse huishouding moes bekom, die visname by die mark leer ken en aan die huishouding van sy meester bekendgestel het. Daarbenewens kon die visserslawe wat die visserskuite beman het, die visname aan die booteienaars of meesters bekend gestel het.

Sekere plekname wat verband hou met land en seemerke in en om die Kaapse Skiereiland het uit die Kaapse slawetale in die Afrikaanse visserstaal neerslag gevind. Die Kaapse vissers het spesifieke name aan bepaalde rotse, klippe, banke, omliggende berge en onderdele van berge en selfs duine gegee wat as bakens of merke gedien het om die "visplekke" en weibanke te bepaal. Die ligging van 'n weibank is vasgestel deur die kruispunt van twee denkbeeldige lyne wat oor vier merke, meesal deur sekere punte van berge gevorm, te trek. Gewoonlik hou die merke verband met 'n berg, 'n bergpunt of -spits, 'n rotsformasie, 'n klip of selfs 'n duin. Die benoeming van merke is dus 'n assosiasie of ooreenkoms met een of ander bekende voorwerp of persoon (gewoonlik die ontdekker).[175] Franken en Heiberg het onder meer die volgende plekname in die visserstaal gelys:

boenting: Die naam is afgelei van die slawewoord *boenting* wat "swanger" of "dragtig" beteken. In dié opsig staan die bergkoppe tussen Leeukop en Tafelberg weens hulle voorkoms onderskeidelik as die eerste, tweede, derde en vierde *boenting* bekend. In visserstaal word die woord as volg gebruik: "Ons lê op die kreefbank skuins agter die eerste *boenting*."

bonisettang: Dit is 'n alternatiewe benaming vir Tafelberg waar *settang* afgelei is van die Maleise woord *setan* wat duiwel of "satan" beteken. Dit hou waarskynlik verband met die oorgelewerde verhaal waarvolgens Tafelberg sy kleed aan 'n rookkompetisie tussen die duiwel en Van Hunks te danke het.

ghoenoematjawa: Die woord verwys na 'n berg wat in die rigting van Swartland bo Tierberg uitsteek. *Ghoenoeng* is die Maleise woord vir "berg," terwyl *matjawa* 'n vervorming van *bertjabang* is wat "gaffelvormig" beteken.

ghoenoe mera: Die woord verwys na Rooiberg. *Ghoenoeng* beteken "berg," terwyl *mera* die Maleise woord vir "rooi" is.

ghoenoemija: Die woord verwys na 'n "tafelberg". Dit is afgelei van *ghoenoeng* (berg) die Maleise woord *medja* (tafel). Terwyl Tafelberg sy Nederlandse naam behou het, is daar twee of drie ander *ghoenoemijas,* soos dié in die Drakenstein-reeks wat vanuit die see oor Helshoogte sigbaar is.

---

[175] J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 98.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ghoenoesettang/ ghoeni settang (setan):	Dit is die vissers se benaming vir Duiwelspiek. *Ghoenoesettang* is dus 'n samestelling van die Maleise *ghoenoeng* wat "berg" beteken en *setan* wat "duiwel" beteken.[176] Die letterlike betekenis is dus Satanskop.

Sekere klippe en duine is ook as merkers benoem:

batghila:	Verwys na Malklip by Clifton. Die water maal en klots gewoonlik ontstuimig om dié klip. Die naam is 'n samestelling van die Maleise *bat* wat klip beteken en *ghila* wat "gek", "mal" of "dwaas" beteken.
batpesar/ batbasaar:	Verwys na Grootklip tussen Seepunt en Robbeneiland. Die naam is dus afgelei uit die Maleise *bat* wat "klip" beteken en *besar* wat "groot" beteken.
batsampi:	'n Klip anderkant Kampsbaai waar die vissers gewoonlik gerus het. Die naam is afgelei van *bat* wat "klip" beteken en *sampai* wat "voldoende" of "genoeg" beteken.
bakat:	Die deel tussen Seepunt en Clifton. Die Maleise woord *bakat* beteken "golfgeklots" of "branding" en die woord verwys heelwaarskynlik na die golwe in dié gebied.
tanamera:	Is 'n vismerk wat gevorm word deur die kleigroewe aan die voet van *ghoenoesettang* (Duiwelspiek) by Mellish se plaas. Die naam is 'n samestelling van die Maleise *tanah* wat "grond" of "land" beteken en *mera* wat "rooi" beteken, met ander woorde Rooigrond.[177]

Te oordeel aan die name van die volgende klippe, "stene", bergkoppe en duine was die ontdekkers heelwaarskynlik Oosterse visserslawe: *Ou Daat se Kop, Damoen se Steen, Oktober se Steen, Arithdin se Steen,* met *Salie se Steen, Sop se Steen en Placido se Steen* wat al drie in Valsbaai geleë is sowel as *Ramassi se Duin* en *Sadrag se Duin.*[178]

Voorafgaande is 'n bewys dat die Afrikaanse visserstaal, hetsy in 'n geslote groepstaal of in sy standaard vorm, sekere leksikale eenhede en items uit die Kaapse slawetale oorgeneem het. Die oorname is in die hand gewerk deur horisontale akkulturasie tussen die kultureel heterogene slawe in die vissersbedryf sowel as deur vertikale opwaartste akkulturasie, waar leksikale items en eenhede deur taalkontak van die slawetale in die dominante Europese taal

---

[176] J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, pp. 98 - 100.

[177] J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21; L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 100.

[178] L.P. Heiberg, *Afrikaanse visserstaal*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957, p. 101; J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(449), 1930-11-07, p. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederlands opgeneem is. In dié opsig het die visserslawe 'n bydrae tot die kreolisering van Nederlands gelewer.

Sekere woorde uit die Maleis-Polinesiese tale wat in Afrikaans opgeneem is, hou verband met bepaalde neigings, gewoontes en gebruike van veral die Oos-Indiese slawe wat in die Kaapse samelewing nie altyd positief bejeën is nie. Die woord *amok* is in Standaardafrikaans opgeneem en is afgelei van die Maleise woord *amuk* [179] wat op 'n skielike toestand van raserny en gewelddadigheid dui.[180] Die woord *amok* het met die geneigdheid van veral die Maleierslawe om uit weerwraak in 'n beserkte staat *amok* te hardloop, te make.[181] Beide die woorde *doepa* en *paljas* is uit die slawetaal Maleis in Afrikaans opgeneem en hou verband met die Maleierslawe se bekwaamheid in en bemoeienis met die sogenaamde toordery.[182] Talle Kaapse slawe was afkomstig van nie-Moslemkulture in die Indonesiese Argipel waar hulle sosio-religieuse omgewings deurspek was met mistieke gebruike.[183] Die Maleise woord *doepa*, wat "wierook" beteken, dui in praktyk op 'n toormiddel – veral 'n liefdesdrank – wat gebruik is om iemand verlief te maak,[184] terwyl *paljas* afgelei is van die Maleise woord *peljas*, wat "toormiddel" beteken.[185] Alhoewel toorkuns wesenlik teen die Calvinistiese kerkgeloof van meeste Europeërs ingedruis het, het dit nogtans 'n belangrike plek in die volksgeloof van die kolonis ingeneem.[186] Terwyl die Maleierslawe vanweë hulle sogenaamde toordery deur die blanke koloniste met agterdog bejeën is,[187] het hulle nogtans van die dienste van die Maleiertoordokter gebruik gemaak.[188] Kontak tussen slaaf of vryswarte en die kolonis op die gebied van die volksgeloof en die pertinente stereotipering van die Maleier as toordokter het dus heelwaarskynlik 'n rol in die opname van die leksikale items *doepa* en *paljas* uit die slawetaal Maleis in Afrikaans gespeel.

Ander woorde van Maleis-Polinesiese oorsprong wat met die Kaapse slawe verband hou, is onder meer *baklei* wat sy oorsprong in die Maleise *berkelahi* het, *tamaai* wat na die Maleise

---

179 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 68.

180 M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 26.

181 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 195 - 196; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 289; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, pp. 37 - 38; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 59; Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 54.

182 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 73; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 127 - 128; F.Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, pp. 162 - 164; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

183 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

184 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 43; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 107; L.C. Eksteen, Die Afrikaanse woordeskat, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 150; F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volks-overleveringen*, p. 162.

185 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 91; M. de Villiers (red.), *Nasionale woordeboek*, p. 379; E.A. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 69.

186 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, pp. 58 - 59.

187 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 43 en 59 - 60; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

188 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, pp. 59 - 59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederlands opgeneem is. In dié opsig het die visserslawe 'n bydrae tot die kreolisering van Nederlands gelewer.

Sekere woorde uit die Maleis-Polinesiese tale wat in Afrikaans opgeneem is, hou verband met bepaalde neigings, gewoontes en gebruike van veral die Oos-Indiese slawe wat in die Kaapse samelewing nie altyd positief bejeën is nie. Die woord *amok* is in Standaardafrikaans opgeneem en is afgelei van die Maleise woord *amuk* [179] wat op 'n skielike toestand van raserny en gewelddadigheid dui.[180] Die woord *amok* het met die geneigdheid van veral die Maleierslawe om uit weerwraak in 'n beserkte staat *amok* te hardloop, te make.[181] Beide die woorde *doepa* en *paljas* is uit die slawetaal Maleis in Afrikaans opgeneem en hou verband met die Maleierslawe se bekwaamheid in en bemoeienis met die sogenaamde toordery.[182] Talle Kaapse slawe was afkomstig van nie-Moslemkulture in die Indonesiese Argipel waar hulle sosio-religieuse omgewings deurspek was met mistieke gebruike.[183] Die Maleise woord *doepa,* wat "wierook" beteken, dui in praktyk op 'n toormiddel – veral 'n liefdesdrank – wat gebruik is om iemand verlief te maak,[184] terwyl *paljas* afgelei is van die Maleise woord *peljas,* wat "toormiddel" beteken.[185] Alhoewel toorkuns wesenlik teen die Calvinistiese kerkgeloof van meeste Europeërs ingedruis het, het dit nogtans 'n belangrike plek in die volksgeloof van die kolonis ingeneem.[186] Terwyl die Maleierslawe vanweë hulle sogenaamde toordery deur die blanke koloniste met agterdog bejeën is,[187] het hulle nogtans van die dienste van die Maleiertoordokter gebruik gemaak.[188] Kontak tussen slaaf of vryswarte en die kolonis op die gebied van die volksgeloof en die pertinente stereotipering van die Maleier as toordokter het dus heelwaarskynlik 'n rol in die opname van die leksikale items *doepa* en *paljas* uit die slawetaal Maleis in Afrikaans gespeel.

Ander woorde van Maleis-Polinesiese oorsprong wat met die Kaapse slawe verband hou, is onder meer *baklei* wat sy oorsprong in die Maleise *berkelahi* het, *tamaai* wat na die Maleise

---

179 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 68.

180 M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 26.

181 V. de Kock, *Those in bondage,* pp. 195 - 196; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 288 - 289; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, pp. 37 - 38; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 59; Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 54.

182 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, p. 73; V. de Kock, *Those in bondage,* pp. 127 - 128; F.Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen,* pp. 162 - 164; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

183 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

184 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 43; M. de Villiers (red.) e.a., *Nasionale woordeboek*, p. 107; L.C. Eksteen, Die Afrikaanse woordeskat, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 150; F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volks-overleveringen,* p. 162.

185 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 91; M. de Villiers (red.), *Nasionale woordeboek*, p. 379; E.A. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 69.

186 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, pp. 58 - 59.

187 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 43 en 59 - 60; J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, p. 37.

188 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* pp. 59 - 59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

utama en Sanskrit-woord *uttama* teruggevoer kan word en *tjommel* wat sy oorsprong in die Sunda-woord *tjomel* het.[189] Die ontstaan van die algemeen bekende Afrikaanse woord *baie* is veral interessant. Alhoewel die woord sy oorsprong in die Maleise *bannyak* het,[190] sou dit by monde van die Boeginese slawe bepaalde morfologiese en ortoëpiese veranderinge ondergaan om by die Boeginese linguïstiese tradisie, waarvolgens geen woord met 'n konsonant eindig nie,[191] aan te pas. In plaas van die konsonant is 'n klinker, 'n geaspireerde klank of 'n nasale *ng* gebruik. Gedagtig daaraan dat die Boeginese woord vir baie *maiga* is, is dit nie vergesog om aan te neem dat hulle by opname van die Maleise *bannyak* die uitspraak na *banjang, baiing, banja* en *banje* verander het, soos blyk uit die gekreoliseerde Nederlands in die agtiende en negentiende eeuse tekste en dokumente.[192] Verdere ontwikkeling sou uiteindelik tot die Afrikaanse *baie* lei, terwyl dit in die Kaapse Moslemafrikaans die meer Kaaps-Afrikaanse vorm *baijang* sou behou.[193]

Uit voorafgaande bespreking waarin gepoog is om die rol van sosiale kontak en gevolglike akkulturasie in die kreolisering van die Nederlandse taal aan te dui, is dit voor-die-hand-liggend dat fisiese, sosiale en werksverhoudinge tussen slawe en meesters, slawe en koloniste, koloniste en vryswartes sowel as onderlinge kontak tussen die slawe 'n merkbare invloed op veral die Afrikaanse leksikon gehad het.

Die volgende "vreemde" leksikale items het heelwaarskynlik sedert die sewentiende eeu 'n rol in die kreolisering van Nederlands gespeel en is uiteindelik direk of indirek via Nederlands uit die Maleis-Polinesiese, Indiese en Portugees-kreoolse tale in Afrikaans opgeneem. Die neerslag en voortbestaan van dié woorde in Afrikaans is grootliks aan die teenwoordigheid van 'n groot aantal slawe, wat vanaf die sewentiende tot negentiende eeu deel van die Kaapse samelewing was, te danke: *almiskie, aia, amok, amper, akkerwanie, antimakassar, atjar, baadjie, baar, baie, baklei, balie, blatjang, bobotie, borrie, bottel, bredie, brinjal, doepa, ghekko, ghiela, ghoen, ghomma(liedjie), kapater, ghong, jonk, josie, kabe, kabaai, kajapoet(olie), kalong, kampong, kaperrang, kapok, karba, katel, katjang(boontjie), katjiepiering, kiaat, kiepersol, kierang, klapper, koejawel, kobra, koelie, kombers, kondee, koperkapel, kraal, krabbetjie, kerrie, kramat, kris, loerie, loesing, maai, makaster(kop), malgas, mandoor, mango, mielie, moesoek, nartjie, nonna/nooi/noi, ontong, oorlams, paai, padie, pagaai, palawer, pamperlang, paljas, piekel (dra), pienangvleis, piering, piesang, pondok, rampok, rissie, rottang, sambal, sambok, sambreel, soebat, spanspek, sosatie, tamaai, tjalie, tjap, tjommel* en *tronk.*[194]

---

189 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 12.

190 *Ibid.*, p. 10.

191 J. Crawfurd, *History of the Indian Archipelago II,* p. 61.

192 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 362 - 364; E.H. Raidt, Afrikaans en sy Europese verlede, p. 112.

193 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 10 en 12.

194 D.B. Bosman, *Oor die ontstaan van Afrikaans*, pp. 72 - 73; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 20; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, p. 47; L.C. Eksteen, Die Afrikaanse woordeskat, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, pp. 150 - 151; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, pp. 68 - 69; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, pp. 164 - 165; S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, pp. 28 - 115.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Benewens die leksikon, is die proses waardeur Nederlands na Kaaps-Hollands en uiteindelik tot Afrikaans gelei het ook deur fonologiese en grammatikale verandering gekenmerk. Op die gebied van die fonologie het die invloed van die slawetale interessante verskynsels in Afrikaans teweeggebring, soos die nasalesering van vokale en fonetiese assimilasie.

Volgens Raidt is die nasalering van vokale onder bepaalde voorwaardes een van die belangrikste kenmerke van die Afrikaanse klankstelsel.[195] Indien in volkswoorde die vokaal deur 'n nasaal en 'n *s, f, g, r* of *l* gevolg word, word die vokaal meesal genasaleer deur die nasale konsonant te laat wegval, soos in geval van die volgende woorde: *mens, kans, dans, brons, ons, kanfer, ongeluk, aangenaam, aanraak, onrustig* en *aanlas.*[196] In die opsig wyk Afrikaans af van die standaard uitspraak van alle Germaanse tale, selfs Frans, aangesien die vokale in Afrikaans onder heel ander voorwaardes genasaleer word.[197] Davids konstateer dus tereg dat die nasale intonasie in Afrikaans heelwaarskynlik aan die invloed van die slawetale aan die Kaap toe te skryf is.[198] Hiervolgens is nasale intonasie 'n algemene verskynsel in veral Boeginees, terwyl dit ook in 'n mindere mate in Maleis voorkom. Daarbenewens word nasale intonasie op groot skaal vir effektiewe musikale voordrag in Arabies aangewend. Die Afrikaans van die negentiende eeuse Kaapse Moslems is juis in Arabiese skrif geskryf.[199]

Fonetiese assimilasie is heelwaarskynlik aan taalkontak met slawe sowel as Khoikhoi toe te skryf. Om by die artikulasiepatroon van beide dié groepe aan te pas, is vreemde en moeilike konsonantgroepe vereenvoudig deur die weglating of verslapping van konsonante.[200] In woorde, soos *kinders, perde, sonde, middag* en *padda*, word die intervokaliese konsonante slap uitgespreek en word die uitspraak *kinners, pêre, sonne, mirrag* en *parra.*[201]

Die sinkopee van intervokoliese konsonante [d, x, b, v] is 'n algemene verskynsel in Afrikaans. Die intervokaliese *g* [x] in Nederlandse woorde, soos *hagel, regen, vogel, vroege* en *lage*, het tydens die kreoliseringsproses verander in die Afrikaanse *hael, reën, voël, vroeë* en *lae.*[202] Dit geld ook vir die intervokaliese *d*[d] waar die Nederlandse woorde *sadel, ader, ouder, schouder, broeder, paden, breder, rode, goede, blijde, koude, kruide, besteden, leiden, braden, bloeden* en *bladen* in Afrikaans *saal, aar, ouer, skouer, broer, paaie, breër, rooie, goeie, blye, koue, kruie, bestee, lei, braai, bloei* en *blaai* word.[203] In dié opsig geld ook die intervokaliese *v*[v] in Nederlandse woorde soos *haver, kever, leven, streven* wat in Afrikaans oorgaan in die *w* van *hawer, kewer, lewe* en *strewe.* Dit is ook van toepassing waar *l* of *r* voor

---

195 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 178.

196 *Loc. cit.*; R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 30.

197 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 178.

198 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 21.

199 *Loc. cit.*; A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, pp. 46 - 47.

200 M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa*, p. 26.

201 *Loc. cit.*; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 175; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslims Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, p. 40.

202 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 175; R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 32; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.), e.a. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde,* p. 60.

203 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 175; R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die *v* staan en die Nederlandse *halve* en *sterven* die Afrikaanse *halwe* en *sterwe* word. In woorde, soos *aand, oond, oor, bo* en *glo,* het die intervokaliese *v*[v] heeltemal verdwyn.[204]

Die verslapping van die intervokaliese *b*[b] het tot gevolg gehad dat die *b*[b] in bepaalde woorde in 'n *w*[v] oorgegaan het, soos die geval met *tabberd, dubbel* en *troebel* is, wat as *tawwerd, duwwel* en *troewel* uitgespreek word.[205] In 1825 het Teenstra juis in sy "samenspraak", waarin hy 'n weerspieëling van die Kaapse taalgebruik wou gee, die woord *hewwe* as volg gebruik: "Wilje geen kelke wijn *hewwe* nie? " [206] In sy "opheldering aan de voorgechrevene zamenspraak" verwys hy pertinent na die gebruik van "*Hewwe"* in plaas van "*hebbe*".[207]

Een van die opvallendste fonologiese veranderinge in Afrikaans is die apokopee van die slot-*t* [t] na 'n stemlose konsonant.[208] Hierdie verskynsel in die kreoliseringsproses van Nederlands het vroeg reeds alle woordsoorte geraak en was teen ongeveer 1700 'n algemene kenmerk van die Kaapse omgangstaal. In Nederland was die verskynsel tot die volkstaal beperk, maar aan die Kaap was dit oor die hele taalgebied versprei[209] wat heelwaarskynlik deur taalkontak met die groot aantal slawe en Khoikhoi in die hand gewerk is. In dié klankproses het die *t* na die Nederlands *ch, f, k, p* en *s* weggeval en het die Nederlandse woorde *macht, schoft, naakt, stipt, kunst, direkt, borst* oorgegaan in die Kaaps-Hollandse en Afrikaanse *mag, skof, naak, stip, kuns, direk* en *bors.*[210] In die verklaring van sy "zamenspraak" maak Teenstra as volg melding van dié verskynsel: "Men zegt hier veelal … *ach* voor *acht.* " [211]

Op die gebied van die grammatika het wesenlike veranderinge in die gekreoliseerde Nederlands plaasgevind. Een van die mees opvallende is die vervanging van die Nederlandse onderwerpsvoornaamwoord of subjekpronomen *wij* met die voorwerpsvoornaamwoord *ons*, soos "*wij* eten" wat "*ons* eet" geword het.[212] In die voorbeelde wat Raidt van "slawe-Hollands" sedert 1691 aanhaal, kom die verskynsel telkens voor, byvoorbeeld "Neen, *ons* niet weer omkomen" (1691); *"Ons* soek kost hier, ons al gedaen wegloopen, ons denk jou ook zoo "(1706); "Jongens *ons* moet allegaar naar Abraham de Clerq gaan daar goet kost soeken" (1720); "… ons sal naar buijten loopen," (1721).[213] In die "zamenspraak" van Teenstra in 1825 illustreer hy dié sintaktiese verskynsel in die Kaapse taal as volg:"*De Vrouw: Ons* het gedenkt,

---

204 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 175; R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 32.

205 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 61; E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 175.

206 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 364.

207 *Ibid.*, p. 366.

208 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 59; R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 32.

209 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* pp. 172 - 173.

210 R.H. Pheiffer, Verskille tussen Afrikaans en Nederlands, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 32; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 59.

211 M. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 365.

212 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 11; A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 118; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 105.

213 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

doe wij die wagen zagen, dat het die wagen van Marré was; ik is zoo even buiten geweest".[214] Davids konstateer dat dié verandering waarskynlik deur taalkontak met die slawe in die hand gewerk is en nie soseer deur 'n Nederlandse dialek wat deur die koloniste in die agtiende eeu gepraat is nie. Die gebruik van *ons* vir die Nederlandse subjekpronomen *wij* stem ooglopend met die Maleise grammatika ooreen wat besonder eenvoudig is en as sodanig die verandering teweeg kon gebring het. In Maleis word grammatikale woorde nie deur infleksie aangepas en verander om naamval, getal of geslag uit te druk nie. Dit is dus logies dat veral die Oosterse slawe 'n bekende grammatikale beginsel sou toepas en in dié opsig eerder *ons* in plaas van twee verskillende woorde *wij* en *onz(e)* sou gebruik.[215] .

Daar is min twyfel dat die reduplikasieverskynsel in woorde soos *saam-saam*, *kort-kort* en *twee-twee* wel as Maleise invloed verklaar kan word.[216] Alhoewel sekere herhalings van by- en werkwoorde sporadies in Nederlandse dialekte voorkom, ontbreek die reduplikasie (verdubbeling) van bywoorde, soos *saam-saam* en *kort-kort*, van sekere substantiewe soos *plek-plek* en *stuk-stuk*, van telwoorde, soos *een-een* en *twee-twee* en veral van werkwoorde as bepaling by ander werkwoorde, soos in geval van "*staan-staan* eet".[217] Dié gereduplikseerde vorme waarvoor daar geen parallelle in Nederlands bestaan nie, vind wel aanknopingspunte by Maleis waarin soms opvallend ooreenstemmende vorme voorkom, soos in geval van die Maleise *hampir-hampir* en die Afrikaanse *amper-amper*, sowel as die Maleise *lari berhenti-henti* en die Afrikaanse "loop *staan-staan*".[218] Alhoewel sekere herhalings van bywoorde en werkwoorde in Nederlandse dialekte voorkom, openbaar Maleis ook reduplikasie by telwoorde, bywoorde en werkwoorde – net soos by Afrikaans die geval is. Die Afrikaanse bywoord *saam-saam* is direk aan die Maleise *samar-samar (samar-besamar)* ontleen.[219] Die funksiewisseling wat dikwels by reduplikasie voorkom, stem ook met Maleis ooreen.[220] Raidt konstateer dus tereg dat Afrikaanse reduplikasie na 1750 in die Kaaps-Hollands van die slawe as gevolg van sekondêre taalversteuring ontstaan het en reeds teen die einde van die agtiende eeu in die Afrikaans van die hele Kaapse bevolking opgeneem is.[221]

Die gebruik van *vir* voor 'n direkte objek in Afrikaans wyk van Nederlands af en is aan die agtiende eeuse slawetale aan die Kaap toe te skryf. Die objekkonstruksie met *vir* bestaan nie in Nederlands of in die Nederlandse dialekte nie.[222] In verskeie Indo-Portugese dialekte was die verbinding van *per* (of *para, por*) met direkte en indirekte persoonsobjekte 'n algemene

---

214 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 363.

215 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 11.

216 J.J. le Roux, Die bou van die Afrikaanse Taal, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 151; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79.

217 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 194.

218 J.J. le Roux, Die bou van die Afrikaanse Taal, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 151; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79.

219 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 118.

220 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79.

221 *Loc. cit.*

222 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 195; E.H. Raidt, Die gebruik van *vir* in objekskonstruksies, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 9(1), 1969, pp. 30 - 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskynsel, veral in die lande van herkoms van die meeste Kaapse slawe. 'n Verbasende ooreenstemming manifesteer tussen die Portugees-kreools en die Afrikaanse objeksverbinding.[223] Teen die middel van die agtiende eeu, toe 'n groot aantal slawe aan die Kaap teenwoordig was, was dié verbinding weens tweedetaalversteuring 'n algemene verskynsel in die Kaaps-Hollands wat deur die slawe gebesig is.[224] Die getuienis van veral Oosterse slawe in die agtiende eeuse *Kriminele Prosesstukke* dien as bewys hiervan. Hiervolgens blyk dit dat dié konstruksie deur die gebroke Portugees van die slawe beïnvloed is.[225] Hierdie afleiding verklaar Franken aan die hand van 'n sinnetjie deur 'n Oosterse slaaf in 'n *Kriminele Prosesstuk* van 1765: "ne misti dali pro (lees *per*) mi." Franken vertaal die sin woord vir woord as volg: "moenie *vir* my slaan nie." [226] Die konstruksie *per* + persoonlike voornaamwoord was 'n algemene verskynsel in gebroke Portugees en het presies met die Afrikaanse konstruksie *vir* + persoonlike voornaamwoord ooreengestem. Die verbinding in die slawetaal het spoedig die Afrikaans van die blankes so beïnvloed dat hulle dié verbinding in die laaste kwart van die agtiende eeu oorgeneem het.[227] Ná 1800 was dit 'n algemene en wyd verbreide kenmerk van die Kapenaars se omgangstaal, soos blyk uit die "zamenspraak" van Teenstra waarmee hy 'n illustrasie van die Kaapse taalgebruik van stedelinge en plattelanders in 1825 wou gee. Dié konstruksie duik telkens in die "zamenspraak" op:

De vrouw: Roep *voor* Leida, dat ze hout in die combuis breng.
De boer: … en zeg *voor* hem, dat het braaf slecht is …
De boer: … Pamela! kom roep *voor* Nonna.
De Vrouw: Leida! geef *voor* mijnheer een schoon Kelkje! [228]

Hedendaagse Afrikaanse sinne, soos "Ek sal gou *vir* jou help", "Hy het *vir* my gevra" en "Ons het gister *vir* Piet betaal", is dus 'n uitvloeisel van gekreoliseerde Nederlands wat deur die gebroke Portugees van die slawe beïnvloed is.[229]

Die bestaan van die werkwoordkonstruksie "hy loop en sing" in Afrikaans is onbekend in Nederlands. Alhoewel aanknopingspunte wel in die Middelnederlandse tekste en sewentiende-eeuse volkstaal te vinde is, is dit in Nederlands meesal deur *te* + infinitief verdring.[230] Dit is dus nie onwaarskynlik dat vreemde invloed, soos die slawetale, wel tot 'n sekere mate 'n invloed kon uitgeoefen het nie. Davids ondersteun die standpunt van Valkhoff dat kontakpunte met Nederlands en die sewentiende-eeuse volkstaal beswaarlik kan verklaar waarom sodanige linguistisiese kenmerke so skaars in Europese tale maar so gewild in Afrikaans is en wel oor

---

223 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79; J.J. le Roux, Die bou van die Afrikaanse Taal, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 152.

224 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79.

225 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 195.

226 J.L.M. Franken, *Taalhistoriese bydraes*, p. 192.

227 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 79.

228 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* pp. 363 - 364.

229 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 196.

230 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die hele taalgebied voorkom.[231]

Dit is egter op die gebied van die grammatikale vormstelsel wat die grootste verskille tussen Afrikaans en Nederlands voorkom.[232] Holm is van mening dat "the crucial period in the formation of Afrikaans was the second half of the seventeenth century ... a major factor in the crucial early period was clearly the restructured Dutch of the Khoi and the slaves".[233] Dit is waarskynlik dat die vereenvoudigde grammatikale strukture van die slawe- en Khoikhoitale 'n rol in die ingrypende vereenvoudigingsproses van die vormstelsel van naamwoorde en werkwoorde kon gespeel het.[234] In 1977 het van der Post die invloed van Maleis op dié aspek van die Afrikaanse grammatika as volg gesuggereer: " ... unlike the Dutch of Holland, the grammar of Afrikaans has no gender and no number. This, of course, is one of the outstanding characteristics of Malay." [235] Dit is inderdaad die geval. Gedurende die kreoliseringsproses van Nederlands het al die persoonlike fleksies, soos *ik ben, jij bent, hij is, wij sijn, julle bent, zij zijn,* verval en met 'n enkele *is* vervang.[236] Kaaps-Hollands is ook gekenmerk deur die ondergang van die Nederlandse tweeklassesisteem. Nederlands onderskei twee klasse of genera van selfstandige naamwoorde, naamlik 'n klas wat met *de*-lidwoorde en 'n ander wat met *het* verbind.[237] In Kaaps-Hollands het hierdie onderskeiding weens die gebrekkige aanleer van Nederlands deur onder meer die slawe verlore gegaan. Na 1700 het hierdie onsekerheid ten opsigte van grammatikale geslag en die onderskeid tussen *de* en *het* ook die taal van die koloniste aangetas en uiteindelik, ná 'n tydperk van verwarring, teen 1750 tot die saamval in 'n enkele *die*-klas gelei.[238] Daarbenewens is nie net *het* as bepaalde lidwoord uitgeskakel nie, maar *de* is ook deur *die* vervang. Die Hollandse *het boek, het huis, het kind, de stoel, de man, de boom* is vervang met *die boek, die huis, die kind, die stoel, die man* en *die boom.*[239] In die "zamenspraak" van Teenstra wat 'n weerspieëling van die Kaapse taalgebruik omstreeks 1825 was, kom die verskynsel telkens voor:

De vrou: Pamela! het *die* water nog niet gekookt nie?
De vrouw: Roep voor Leida, dat ze hout in *die* combuis breng.
De boer ... en zeg voor hem, dat het braaf slecht is, dat hij *die* vark maar zoo loopen laat.[240]

In die onderskeidelike verbrokkeling van 'n *het*- en 'n *de*-klas, het die Nederlandse aanwysende voornaamwoorde *dit/dat* by *het*-woorde en *deze/die* by *de*-woorde in gedrang gekom. In die

---

231 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in,* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112; M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 36.

232 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 180.

233 J. Holm, *Pidgins and creoles,* p. 342.

234 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 21.

235 L. van der Post, *First catch your eland – A taste of Africa,* pp. 127 - 128.

236 M.F. Valkhoff, *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa,* p. 26; M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 35.

237 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 181; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 77.

238 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p.77; J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die 18de eeu*, p. 21.

239 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede,* p. 181.

240 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 363.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

agtiende eeu was *deze* die mees algemene aanwysende voornaamwoord, maar is geleidelik deur *die* verdring.[241] Die versterkte vorm *hierdie* en *daardie* is eers sedert 1850 in bronne aangeteken.[242]

Wat die betreklike voornaamwoord betref, is die Nederlandse *die* en *dat* deur 'n enkele *wat* verdring. Die Nederlandse "de man *die*", "het paard *dat*" is vervang deur "die man *wat*" en "die perd *wat*." [243] Uit die agtiende-eeuse tekste blyk dit dat *wat* reeds teen 1760 die enigste betreklike voornaamwoord in Kaaps-Hollands was.[244]

Uit voorafgaande blyk dit dat taalversteuring, pidginisering en kreolisering, wat uit taalkontak met onder meer die slawe voortgespruit het, 'n rol in die verandering van Nederlands na Kaaps-Hollands en uiteindelik na Afrikaans gespeel het. Die tipiese kenmerk van kreole waarvolgens die eenvoudige woordeskat van die dominante taal in die grammatikale struktuur van die moedertaal geakkommodeer word, hou verband met die kreolisering van Nederlands en die ontstaan van Afrikaans. In dié opsig is die kernwoordeskat van Afrikaans aan Nederlands ontleen, terwyl die vereenvoudigde grammatika en sintaksis sowel as die kenmerkende fonologiese basis aan die Maleis-Polinesiese- en Khoisantale waarmee Nederlands aan die Kaap kontak gemaak het, ontleen is.[245] Dit is 'n bewese feit dat radikale grammatikale vormveranderinge in die kreolisering van Nederlands plaasgevind het en dat taalkontak, waarby onder meer die Kaapse slawe betrokke was, 'n belangrike rol in dié verband gespeel het. In die aanleer van hulle meesters se taal het die slawe en Khoikhoi dié taal gepidginiseer wat weer 'n invloed op die taalgebruik van hulle meesters en die gevolglike kreolisering van Nederlands gehad het. Wat met die "gerekonstrueerde" Nederlands van die Khoikhoi en slawe gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu begin het, sou weens taalkontak – veral na 1700 – nog 'n duideliker neiging tot defleksie, vereenvoudiging en standardisering openbaar om tydens die linguistiese oorgangsfase tussen 1740 en 1775 - 80 'n aparte tog verwante vorm van Nederlands, wat as Kaaps-Hollands gedefinieër kan word, daar te stel wat uiteindelik tot die ontstaan van Afrikaans sou lei. Die kreoliseringsproses van Nederlands en ontstaan van Afrikaans is dus in wese die gevolg van akkulturasie, 'n wedersydse kultuurbeïnvloeding weens kontak tussen verskillende taal- en kultuurgroepe.

Een van die dialekte van Afrikaans, naamlik Kaapse Moslemafrikaans, is 'n sprekende voorbeeld van die eindresultaat van taalkontak en akkulturasie gedurende die Kaapse slawetyd. Hierdie variëteit van Afrikaans wat ook as Maleierafrikaans bekend staan, word deur sommige nakomelinge van die Kaapse slawe, die Kaapse Moslemgemeenskap, gepraat. Davids is van mening dat dit waarskynlik die oudste variëteit van Kaapse Afrikaans is waarvan die fonologie, leksikon en grammatika redelik staties gebly en die standardisering van Afrikaans redelik ongeskonde oorleef het sedert dié taal teen 1815 vir die eerste keer as onderrigmedium in Moslemskole en moskees as Arabiesafrikaans (Afrikaans in Arabiese fonetiese skrif) gebruik

---

241 E.H. Raidt, *Afrikaans en sy Europese verlede*, p. 181.

242 J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die 18de eeu,* p. 29; E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*, p. 78.

243 M.F. Valkhoff, *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"*, p. 35.

244 J. du P. Scholtz, *Taalhistoriese opstelle*, p. 128; J. du P. Scholtz, *Afrikaans-Hollands in die 18de eeu,* p. 40.

245 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie *in,* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is.[246] Moslemafrikaans is die produk van 'n unieke akkulturasieproses wat reeds in die slawetydperk 'n aanvang geneem het en waarin vertikale sowel as horisontale akkulturasie 'n rol gespeel het. Dié Afrikaanse dialek van die Kaapse Moslems – wat veral in die Bo-Kaap gepraat word – kan as 'n vorm van gekreoliseerde Nederlands beskryf word wat sy ontstaan veral aan langdurige kontak tussen hoofsaaklik twee verskillende taalgroepe (Nederlands en Maleis) te danke het.[247] In ooreenstemming met gekreoliseerde taal waar die vereenvoudige woordeskat of leksikon van die dominante taal in die grammatikale sisteem van die moedertaal opgeneem word, het Kaapse Moslemafrikaans sy kernwoordeskat aan Nederlands ontleen (vertikale akkulturasie). Kaaps-Hollandse en Kaaps-Afrikaanse woorde wat steeds in Kaapse Moslemafrikaans bly voortbestaan, maar effe vreemd is in Standaardafrikaans, is onder meer *danebol* (dennebol), *moddras* (modder), *uiwe* (uie), *maskie* (selfs al), *ver-effe* ('n rukkie gelede), *werksloon* (goeie dade) en *opbouwens* (sistematiese konstruksie/opbou).[248] Die leksikon van Kaapse Moslemafrikaans word verder gekenmerk deur religieuse en leksikale erfgoed uit die Maleis-Polinesiese tale, soos Maleis, Sunda, Boeginees en Javaans, wat deur die slawevoorvaders aan die Kaap gepraat is. Woorde uit die Maleis-Polinesiese tale is onder meer *barakat* (geskenkpakkie bestaande uit koek) van die Maleise *berkata, batja* (om te lees) van die Maleise *batja, djalantoes* (deurmekaar) van die Maleise *djala melang, djapandoelie* (antiek) van die Maleise *djamanduli, graa-na* (eklips van die son) van die Maleise *gerhana* uit die Sanskrit *grahana, kalie* (rivier) van die Javaanse *kali, kanalla* (asseblief) van die Maleise *karna Allah, labarang* (algemene naam vir Eid, die twee hoof godsdiensfeeste) van die Sunda-woord *lebaran, lang-ar* (gebedekamer) van die Maleise *langgar, manieng-al* (om te gesterf het) van die Maleise *mening-gal, mannie* (om te bad) van die Maleise *mandi, merang* (fees) van die Maleise *rame'an/reme-an, motjie* (vrou) van die Javanese *muntji, slamat* (gelukwensings) van die Maleise *selamat, soppang* (waardig) van die Boeginese *suppang/supan, toelies* (om te skryf) van die Maleise *tuli, top* ('n gebedehemp) van die Javanese *tup-ake* en *trama kasie* (dankie) van die Maleise *terima kasih.*[249] Die dominansie van Maleis in die oorgeërfde leksikale eenhede kan toegeskryf word aan die feit dat Maleis die oorspronklike godsdienstaal van die Kaapse Moslems was. Selfs uit die Arabies-Afrikaanse geskrifte blyk dit dat die Maleise religieuse terme bo hulle Arabiese ekwivalente verkies is.[250] Die invloed van Sanskrit op die leksikon van Kaapse Moslemafrikaans blyk uit woorde soos *agama* (geloof) van *agaama, batja* (lees/resiteer) netso van *batja, mantra* (spirituele heling) van *mantera, poewasa* (die vas/om te vas) van *puwasa* en *sadjie* (om kos te bedien) van *sajjiker.* Leengoed uit Frans en Engels waarmee kontak gemaak is, vorm ook deel van dié leksikon. Franse leengoed is onder meer *aspris* (expres), *kardoesie* (cartouche), *sa-vette* (serviette) en *tamaletjie* (tablette), terwyl Engels vir onder meer *saimde* (the same), *promis* (promise), *davarent* (different) en *ghamixte* (mixed) pa-staan. Die leksikon van die Kaapse Moslemafrikaans is verder uitgebrei deur Arabies ontleende woorde wat die gevolg van die vertaling van godsdienstige en teo-filosofiese geskrifte in die Afrikaanse moedertaal van hierdie

---

246 A. Davids, Afrikaans – die produk van akkulturasie, *in* G. Olivier en A. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*, p. 116.

247 A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, p. 49.

248 *Ibid.*, pp. 49 - 50; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.). *Lexikos 2*, pp. 39 - 41.

249 A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 47 - 50.

250 A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, p. 50; A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, p. 53; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemeenskap was. Arabiese terme, soos *salaah* (gebed), *niekah* (huwelikseremonie), *zakaah* (armesbelasting) *kiefai-jat* (begrafnis), *masjied/masiet* (moskee), *niesaab* (belasbare eiendom), *rieziek* (oorvloed), *daleel* (Koraniese substansiasie), *waajieb* (nodig), *malaa'iekat* (engele), *kietaab* (boek), *siefaah* (eienskap), *dja-iez* (aanvaarbaar), *soelg* (goedmaak) en *kiesa* (storie) is deel van die religieuse woordeskat van Kaapse Moslemafrikaans.[251]

Daarbenewens wemel dié leksikon van neologismes (nuutskeppinge), veral in die vorm van samestellings en meer komplekse leksikale items soos idiome en uitdrukkings. Hierdie verskynsels versterk die kulturele geloofwaardigheid van Kaapse Moslemafrikaans aangesien kultuur onder meer die skep van goedere wat in hulleself waardevol is en as sodanig deur die gemeenskap aanvaar word, veronderstel.[252] Dit is veral deur die skep van samestellings dat neologismes die beperkings van die Kaaps-Hollandse leksikon oorkom het. Die volgende is voorbeelde wat aantoon hoe die kombinasie van leksikale eenhede uit verskillende tale nuwe woorde in Kaapse Moslemafrikaans tot gevolg gehad het:

granaa-salaah (gebed vir die eklips): *grahana* (Sanskrit) + *salaah* (Arabies).
abdasplek (ablusieplek): *abdast* (Maleis) + *plek* (Afrikaans).
boekatyd (tyd om die vas te breek): *boeka* (Maleis) + *tyd* (Afrikaans).
denningvleis ('n vleisbredie): *denning* (Maleis) + *vleis* (Afrikaans).
koeberplaas (begraafplaas): *koeber* (Arabies) + *plaas* (Afrikaans).
korbaanvleis (offervleis): *korbaan* (Arabies) + *vleis* (Afrikaans).
labarangbox (Eid-geskenk): *labarang* (Maleis) + *box* (Engels).
ouwal-moereeds (eerste lede): *ouwal* (Arabies) + *moereeds* (Arabies).
Poewasa-aramanakie(Ramadan-kalender): *poewasa* (Sanskrit - Maleis) + *aramanakie* (Engelse "alamanac").
rizieq-giever (gewer van oorvloed): *rizieq* (Arabies) + *giever* (Hollands).
soeboegsalaah (oggendgebed): *soeboeg* (Maleis) + *salaah* (Arabies).
tuankoeber (grafgrawer): *tuan* (Maleis) + *koeber* (Arabies).
zakaatmaker (liefdadigheidsgewer): *zakaat* (Arabies) + *maker* (Afrikaans).
zie-jaaratplekke (pelgrimstogplekke): *zie-jaarat* (Arabies) + *plekke* (Afrikaans).
kierie-slaam (beste groete): *kierie* (Sunda) + *slaam* (Arabies).[253]

'n Interessante verskynsel in Kaapse Moslemafrikaans is die aanpassing van sintaktiese funksies en uitspraak van die leen- en erfgoed by die akoestiese aard van dié taal deur die toevoeging van leksikale en grammatiese morfeme. In Arabiese en Maleise sintaksis word die selfstandige naamwoord deur die byvoeglike naamwoord gevolg. Met die vorming van samestellings waar albei komponente uit dieselfde taal (Arabies of Maleis) kom, word die sintaktiese funksies van die woorde omgeruil om by die Afrikaanse sintaksis aan te pas. Die Arabiese sintaksis van *moereed-ouwal* (lede eerste) verander in Kaapse Moslemafrikaans na *ouwal-moereeds* (eerste lede). Dieselfde geld vir *asal-niesaab* (oorspronklike belasbare eiendom) en *waajieb-niesaab* (vereiste belasting). Die Maleise *kammar-mandi* (kamer-bad) word *mannie-kamer* (badkamer).[254] Die toevoeging van leksikale en grammatiese morfeme by oorgeërfde Maleis-Polinesiese leksikale eenhede om nuwe sintaktiese en grammatikale funksies in Kaapse

---

[251] A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 40, 46 - 52.

[252] E. de Bruyne, *Wat is cultuur?* p. 15.

[253] A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 51 en 55.

[254] *Ibid.*, pp. 40, 50 en 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Moslemafrikaans te verrig, blyk uit die volgende voorbeelde: Die Maleise werkwoord *slamblee* (om te slag) neem die Afrikaanse grammaktikale morfeem *-er* aan om die selfstandige naamwoord *slamblie-er* (slagter) te vorm. Die Boeginees afgeleide werkwoord *soppang* (vereer) neem die Afrikaanse morfeem *-heid* aan om die abstrakte selfstandige naamwoord *soppangheid* (waardigheid) te word. Die Maleise woord *djapandoelie* (antiek) neem die Afrikaanse grammatikale morfeem *-se* aan om die byvoeglike naamwoord *djapandoeliese* in die leksikale item *djapandoeliese tyd* te vorm. Die geslaagde opname van sekere Arabiese woorde in Kaapse Moslemafrikaans staan in direkte veband tot hulle verbindingsvermoë met Afrikaanse grammatikale morfeme. Die Arabiese selfstandige naamwoord *nabee* (profeet) neem die Afrikaanse morfeem *-skap* aan om die abstrakte selfstandige naamwoord *nabeeskap* (profeetskap) te vorm. Die Arabiese byvoeglike naamwoord *waadjieb* (nodige) neem die Afrikaanse morfeem *-heid* aan om *waadjiebgheid* (noodsaaklikheid), 'n abstrakte selfstandige naamwoord te vorm. Die byvoeging van die Afrikaanse morfeem *-ste* by die Arabiese woord *saheeh* (korrekte) word *saheehste* (die mees korrekte), wat 'n bywoord in Kaapse Moslemafrikaans is.[255]

Soos reeds vermeld, word die leksikon van Kaapse Moslemafrikaans gekenmerk deur idiome en uitdrukkings. Dit is juis deur hierdie skepping van idiome en uitdrukkings dat die bedrewe kreatiwiteit en humor van die Kaapse Moslems na vore kom. Alhoewel dié meer komplekse leksikale items soms 'n gebrek aan sofistikasie toon, speel dit 'n belangrike rol in die geslaagdheid van Kaapse Moslemafrikaans as algemene, effektiewe en direkte kommunikasie-medium.[256] Hier volg 'n paar idome en uitdrukkings soos deur Davids opgeteken:

'n Boer maak 'n plan, maar 'n Slams het 'n plan.
Hy is 'n *brêggat.* (windbol)
Jy lewe *aspris.* ('n doellose lewe)
Sy is *bus.* (bemoeisiek)
Hulle kan *heeldag busry.* (skinder)
Hoe gaan dit met *die toit*? (die vrou)
Jy *verkoop gesig (ghasegh)* of jy *verkoop gevreet (ghavriet).* (witvoetjie soek).
Moenie huisbou nie. (hou die storie kort).
'n Kwaai *kart geskiet.* ('n fantastiese storie vertel)
Waar kry jy *dai kop*? (jy's mal - dié idee sal nooit werk nie)
Kwaai lappies! (knap gedaan!)
Sy is baie *laai-laai.* (parmantig, met 'n skerp tong)
Hy kan *lekker bêt.* (hy eet goed)
Hy's 'n ou *luisgat.* (hy beteken niks/wil nie werk nie/is onbetroubaar)
Is jou brein dan *gemanieng-al*? (is jy regtig so dom? is jou brein dood?)
Hy is *on-er karte.* ('n goeie gesprekvoerder, goeie geselskap)
Moe-lie-at vir hom. (hou hom dop!)
Sy is tog te *ougat.* (oulik)
Dis nou baie *poenang-kies.* (mooi)
Hy is net *'n poep op 'n lappie.* (absoluut niks)
Waar *slaap jy as dit reënt.* (waar kom jy vandaan met die onnosel stelling)
Jy kan *nie sy slamblee vriet nie.* (nie vertrou nie)
Moenie *my vat vir 'n spaai nie.* (nie onderskat nie)

---

[255] A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 51 en 53.

[256] *Ibid.*, p. 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jy *tang a lang* teveel. (sloer te veel)
Sy *tjommel* te veel. (praat te veel)
Jy's *toe.* (weet nie wat aangaan nie).[257]

In Kaapse Moslemafrikaans kom raaisels voor wat van skerp waarnemingsvermoë sowel as humorisitiese en pittige beeldspraak getuig. I.D. du Plessis gee die volgende raak Kaaps-Maleise beskrywing van 'n swaaipomp in raaiselvorm aan:

'n Ysterjan
'n Man druk sy arm aan
Sonder kneus
En al die mense kry daarvan
As hy bloei
Deur sy neus.[258]

Die volgende is beskrywende raaisels vir 'n eier:

Een halfaampie
Twee soorte wyn.

Eers muur
Dan papier
Dan silwer
Dan goud.[259]

Die volgende twee raaisels het hulle ontstaan in die Maleiervissersgemeenskap:

Vier-en-sewentig en elf
Hoeveel is dit?
Antwoord: Twee, want dit is twee visname.

Ou Rooi stoot agteruit.
Antwoord: 'n Kreef.[260]

Fonologies openbaar Kaapse Moslemafrikaans unieke eienskappe wat van Standaardafrikaans verskil, soos die tipiese neiging om die Afrikaanse diftonge *ui* [oey] as *ei* [ei] en *oo* [o] as *oe* [u] uit te spreek asook om *ga* [xa] in plaas van *ge* [xe] vir die verlede tyd van die werkwoord te gebruik. Die verskynsel om die uitspraak van 'n dubbel *d* of *t* in die middel van die woord na 'n *r* te verander in woorde soos *middag, middel* en *bottel* wat dan in Moslemafrikaans as *marrag* [marax], *mirrel* [mərəl] en *borrel* [bɔrəl] uitgespreek word kom taamlik algemeen voor. Talle van die unieke eienskappe van die akoestiese aard van Kaapse Moslemafrikaans kan toegeskryf word aan die gebruik van die Arabiese alfabet om die klanke van die basiese

---

257 A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 57 - 58; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 21.

258 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 83.

259 *Ibid.*, p. 84.

260 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Westers-Germaanse taal wat hulle gepraat het, te transkribeer. Die onvermoë van die Arabiese ortografie om die tipies Afrikaanse klanke te verteenwoordig, het 'n wesenlike invloed op die ortoëpiese (uitspraak) gebruik van Kaapse Moslemafrikaans gehad.[261]

Die grammatikale struktuur van Kaapse Moslemafrikaans is in wese Maleis, wat beteken dat die werkwoord nie 'n meervoudsvorm aanneem nie en woordvorme nie deur geslag bepaal word nie.[262] Alhoewel Standaardafrikaans en sy variant Kaapse Moslemafrikaans in sekere opsigte, soos uitspraak en woordeskat, van mekaar verskil, is albei die gevolg van 'n akkulturasieproses deur taalkontak in 'n etnies, kultureel en linguisties heterogene Kaapse samelewing wat tot die kreolisering van Nederlands en die ontstaan van Kaaps-Hollands aanleiding gegee het en waaraan albei hulle onstaan kan toeskryf. Belcher het tereg opgemerk dat Afrikaans sy ontstaan aan taalkontak en kommunikasie oor kleurgrense heen te danke het,[263] terwyl die Afrikaanse skrywer, Jan Rabie in 1994 in 'n Engelstalige koerant dit onomwonde gestel het dat die Khoikhoi, Maleiers en slawe eintlik in die ware sin van die woord die skeppers van sy taal is, "[n]ot only with the hundreds of Hottentot or Malay words in Afrikaans, but with the way language forms were simplified and adapted to foreign mouths during three centuries of common history".[264]

Die depolitisering van die Afrikaanse taal en objektiwiteit is nodig om die breë spektrum van Afrikaanssprekendes tot die insig te bring dat gemeenskaplike taalwortels 'n onmiskenbare historiese feit en nie bloot 'n vergesogte propagandistiese idee is nie. Om die rol van die slawe in dié verband te erken is tog om eerlik, sonder vooroordeel, met die verlede om te gaan en die dinamika van taal en kultuur te erken. In wese behels dit die bewustheid dat die taal binne 'n kultureel heterogene samelewing met 'n veelvoud van identiteite, in 'n voortdurende proses van verandering en ontwikkeling is en onophoudelik nuwe taalprodukte en -verskynsels oplewer. Die indwing van Afrikaans in pretensieuse formaliteit, in taalkundige "korrektheid" en "suiwerheid" het 'n ideologiese geurtjie waarin onder meer eksklusiwiteit erken kan word. Die benadering dui op stagnasie wat nie strook met die natuurlike dinamika van taal en kultuur nie en Afrikaans sy ontwikkeling en groei tot wasdom van 'n grootse taal, wat die ideale kommunikasiemiddel onder *alle* omstandighede vir *al* sy sprekers moet wees, ontneem. Die besef dat kultuur 'n dinamiese werklikheid, 'n herskeppingsmoontlikheid is wat weens dialektiese spanning telkens aan nuwe aanpassings en ontwikkelinge blootgestel is, behoort 'n ruimer, meer volwasse perspektief ten opsigte van die Afrikaanse taal daar te stel.

Skeppers van 'n Kaapse kooktradisie

Die Kaapse kookkuns en eetkultuur is, net soos die Afrikaanse taal, die produk van 'n vrugbare akkulturasieproses in die kultureel heterogene Kaapse samelewing van die sewentiende en agtiende eeu waarin oorwegend Nederlanders, Duitsers, Franse, Engelse, Skandinawiërs en veral Oosterse slawe 'n belangrike rol gespeel het. Die kosmopolitiese karakter van veral Kaapstad het 'n merkbare invloed op die Kaapse kookkuns uitgeoefen. Deur 'n unieke akkulturasieproses het 'n subtiele vermenging van kultureel uiteenlopende

---

261 A. Davids, Some lexical aspects of Cape Muslim Afrikaans, *in* P. Harteveld (red.), *Lexikos 2*, pp. 40 - 41.

262 A. Davids, The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, p. 50; A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 21.

263 R. Belcher, Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens, *in* H. du Plessis en T. du Plessis (reds.) *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*, p. 17.

264 J. Rabie, There is no South African Culture yet, *Sunday Chronicle*, 1964-12-20, p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kooktradisies plaasgevind. Dié proses waardeur 'n eie Kaapse en Suid-Afrikaanse kooktradisie met 'n eiesoortige karakter daargestel is, is gekenmerk deur die behendige wysiging en aanpassing van sekere Europees-Westerse en Oosterse kookkunselemente by plaaslik beskikbare voedselsoorte. Die nuwe kookkuns moes ook by plaaslike behoeftes en omstandighede aanpas.

Tot die vroeë agtiende eeu is die Nederlandse kookgewoontes en -gebruike aan die Kaap gehandhaaf.[265] In 1705 het Adam Tas en sy vrou 'n Nederlandse hutspot met varkvleis van Hester ter Winkel, die eggenote van Pieter van der Bijl [266] ontvang, terwyl 'n brief van die Bataafsgebore kleindogter van Jan van Riebeeck, Johanna Maria van Riebeeck, tydens 'n Kaapse besoek in 1709, die tendens bevestig. In dié brief deel sy haar ouers in Batavia mee dat sy haar Bataafse kok vir haar volle verblyf aan die Kaap gaan behou aangesien die Kaapse kos wat op die "mofs of hoogduyts(e)" wyse voorberei word, onsmaaklik is en heeltemal van dit waaraan sy in Batavia gewoond was, verskil het.[267] Besoekers, soos Kolbe en Valentyn, het in hulle uitvoerige beskrywings van die Kaapse lewenswyse en gebruike in die vroeë agtiende eeu nie van enige Oosterse invloed op die Kaapse kookkuns melding gemaak nie. Met hulle oponthoud aan die Kaap in 1736 het die Zeelandse susters Lammens pertinent berig dat "den ommegang, kledinge en spijsen alle op sijn vaderlands".[268] Teen die middel van die agtiende eeu het daar egter 'n verandering ingetree, toe 'n merkbare Oosterse invloed op die Kaapse eetgewoontes te bespeur was. Tydens sy vroeg-negentiende-eeuse reise aan die Kaap het Lichtenstein juis opgemerk dat die Bataafse gebruike in "everything relating to the luxuries of the table " nageaap is.[269]

Behalwe vir die invoer van Oosterse voedselprodukte en die teenwoordigheid van amptenare of vryburgers wat voorheen in die Ooste woonagtig was, is een van die belangrikste redes vir die Oosterse invloed op die Kaapse kookkuns in dié tyd, die teenwoordigheid van veral Oosterse slawekokke in die Kaapse huishoudings.[270] Die bekende Afrikaanse digter, fynproewer en skrywer van kookboeke, C. Louis Leipoldt, het die sterk Oosterse beïnvloeding van die Kaapse kookkuns heel tereg aan die Oos-Indiese of Maleierkokke wat in die vroeg-agtiende eeu as slawe vanaf Java na die Kaap gebring is, toegeskryf, [271] aangesien waarnemers soos Robert Percival tydens die Britse Besetting reeds opgemerk het dat Maleier- sowel as Indiërslawe onder meer ook as kokke in die Kaapse huishoudings aangewend is.[272] Hierdie gewilde en duur Maleier-, Indiër- en Kaapsgebore slawekokke (van veral Oosterse

---

265 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* pp. 9 - 10.

266 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 59.

267 J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 94.

268 Lammens en Swellengrebel, *Op reis met de VOC: de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van Haeften), p. 95.


269 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 104.

270 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 1; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 4.

271 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* p. 17.

272 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 287 en 289.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 116: Oosterse speserye wat deur die slawekokke aan die Kaapse kookkuns bekend gestel is.

Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), teenoor p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afkoms),[273] was spoedig heel bedrewe in die beoefening van bepaalde elemente van veral die Nederlandse en Franse kookkuns, soos die bak van Hollandse botterbeskuitjies, pannekoek, koeksisters, kolwyntjies, wafels, obliedjies, terte, soos melktert, en die maak van pasteie,[274] die inlê en perservering van vrugte en die kook van die gewilde Franse *konfituur* (konfyt).[275] Terselfdetyd het hulle – met sekere aanpassings – hulle eie eksotiese, geurige en pikante Oosterse stempel op die spyskaarte van hulle meesters met geregte, soos bredie, sosaties, bobotie, kerrie en kondimente, soos atjar, blatjang en sambal, afgedruk.[276] In dié opsig het die Oosterse slaaf in die Kaapse kombuis gedurende die agtiende eeu 'n belangrike rol in die vestiging van 'n tipiese Kaapse kookkunstradisie, wat uit 'n sinkretiese mengsel van Oosterse en Westerse elemente opgebou is, gespeel.[277] Binne die Kaapse kombuis sou die noue kontak tussen die slawekok en die meesteres 'n wedersydse uitruiling van Oosterse en Europese voedselgebruike tot gevolg hê wat beide sou beïnvloed en verryk. Deur akkulturasie het beide die Kaapse sowel as die Kaaps-Maleise kookkuns onderskeidelik uniek ontwikkel, maar nogtans 'n noue verband behou.

Die eerste belangrike bydrae van die slawekokke tot die Kaapse kookkuns was hulle bekendstelling van sekere Oosterse kruie sowel as speserye **(Fig. 116)** aan die kookkuns. Ván die speserye is van die Ooste af ingevoer, terwyl sommige ook later aan die Kaap gekweek is. Oosterse speserye, soos anyssaad, bahia (stervinkel), barishap (vinkel), borrie, groen- en gedroogde gemmer, gira (komynsaad), jeera (fyn komynsaad), kardamom, kassia, karwysaad, fyn koljander (dhania), vars koljanderblare (dhunia), knoffel, kerrie, masala ('n speserymengsel van borrie, gira en rooirissie of alternatiewelik vinkel, gira, koljander en kardamomsade), mosterdsaad, naeltjies, neut, pypkaneel, wit en swart peperkorrels, rooipeper, rooirissie, saffraan, selderysaad, salpeter, sariblare en tamaryn, het hulle verskyning in die Kaapse kookkuns gemaak.[278] Die gebruik van dié speserye is met verloop van tyd by plaaslike omstandighede en die behoeftes en smake van die Kaapse tafel aangepas. So is pypkaneel, kardamompeule, groengemmer en saffraan mettertyd met plaaslike beskikbare geurmiddels en bestanddele, soos lemoenblare, blatjang, droëperskes, appelkose en rosyntjies, in die Kaapse kerriegeregte van die meesters vervang,[279] terwyl suurlemoensap of asyn by tye die plek van die geuriger tamaryn in kerriegeregte, soos bobotie, sosaties en denningvleis, ingeneem het.[280] Rooswater en lemoenbloeiselwater is deur amandel- en suurlemoengeursel vervang, terwyl suurlemoenblare weens hulle delikate geur soms die plek van lourierblare ingeneem het.[281] Met

---

273 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 287 en 289; F. le Vailant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 101 - 102.

274 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 12 en 80; B. Rood, *Maleierkookkuns*, pp. 1 en 68 - 73; R. Coetzee, *Spys en drank. Die oorsprong van die Afrikaanse kultuur met 167 outentieke reseppe*, p. 40.

275 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 40.

276 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 12; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 1.

277 R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 7.

278 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45; C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, pp. 32 - 39.

279 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 102; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45.

280 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 38; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 33; H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, pp. 13 en 214.

281 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, pp. 38 - 39; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 52.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verloop van tyd is rooirissies skrapser gebruik, soos blyk uit die Kaapse bredies en smoorvis.[282] In die Kaaps-Maleise kookkuns is pypkaneel, kardamompeule, groengemmer, saffraan, tamaryn, rooswater en 'n goeie gryp rooirissies steeds deel van tradisionele resepte.[283] Die Oosterse slawekokke het die kuns verstaan om verskillende speserye in een gereg te gebruik en so aanvaarbare en geslaagde eksotiese kombinasies van skerpheid, subtiliteit, geurigheid en matigheid in die Kaapse geregte te bewerkstellig.[284] Daarbenewens het hulle uitnemend in die eksotiese kombinasie van soet en geurige smake geslaag deur droëperskes, appelkose en rosyntjies in Kaapse kerriegeregte te gebruik wat 'n besondere karakter aan die Kaapse kookkuns gegee het.[285]

Die behendige gebruik van die Oosterse speserye deur die slawekokke het tot gevolg gehad dat daar groot waarde aan speserye in die Kaapse huishoudings geheg is. In sy "Notitie van Diverse huijshoudingsprovisien" van 1754 het Von Dessin onder meer van die volgende speserye melding gemaak: "... 38 lb swarte peeper, 7 lb witte peeper, 3 lb specerij in soort ... tamerinde ... coriander, mostaerdsaat, comeijn." [286] Van 1792 tot 1795 is daar in die kasboekie van Johanna Duminy telkens inskrywings van borrie, peper, koljander en knoffel.[287] In 1798 het lady Anne Barnard tydens haar binnelandse reis per geleentheid middagete aan't huis van 'n boerefamilie genuttig, waartydens sy opgemerk het dat die wildevoël- en omeletdisse onder meer deur "plenty of Anise and Coriander seeds" gekenmerk is.[288] Mentzel het ook van die Kaapse vroue se liefde vir skerp en pikante speserye, soos Oos-Indiese atjar en rooirissies, melding gemaak. Dié rissies is nie net as 'n bestanddeel in atjar gebruik nie, maar is ook net so heel in sterk asyn ingelê wat dan saam met gebraaide en gedroogde vis genuttig is. Soms is dit ook tot groot vermaak aan niksvermoedende besoekers aangebied wat deur die skerp en pikante smaak verras is. Die Kaapse dames kon egter – sonder om 'n oog te knip – 'n hele paar van die heel ingelegde rooirissies eet.[289]

Hierbo is van *atjar* melding gemaak. Net soos *blatjang* en *sambal,* is dit van die bykosse of "kondimente" wat, danksy die Oosterse slawekokke, in die Kaapse eetkultuur opgeneem is. Hierdie bykosse behels 'n vermenging van plaaslike beskikbare vrugte en groente met eksotiese speserye.[290] Die koeler slaaie of sambals is saam met "warm" geregte, soos kerries voorgesit, terwyl skerp atjar en blatjang gebruik is om eenvoudige of minder skerp geregte op te kikker of "byt" te gee.[291] Die naam *atjar* is afgelei van die Portugese *āchār* of die Maleise *ăchār.* Die Kaaps-Maleise atjar, soos dit ook in die Ooste gemaak is, bestaan basies uit heel of stukke groente wat in flesse gepak en met 'n atjarmengsel van visolie, borrie, rissies, kerrie en knoffel

---

282 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 102.

283 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, pp. 11, 33, 34 - 35, 39 - 40, 45, 61 - 62, 64, 67, 74 - 75, 80 en 84; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, pp. 28, 38, 46, 56 - 57.

284 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, p. 60.

285 M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, p. 61.

286 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 54.

287 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke,* pp. 336 - 338, 341 - 350, 352 - 355.


288 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 375.

289 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 121; *Ibid. III*, p. 194.

290 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 18.

291 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 36; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 117: Koemkwat- en groenmango-atjar – pikante Kaapse bykosse met 'n bepaald Oosterse karakter.

Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 62.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bedek word.[292] Die bestaan van atjar in die Kaapse huishoudings, is deur sekere besoekers en reisigers bevestig. In die 1740's het Mentzel opgemerk dat atjar onder meer van blomkool, agurkies, kleinerige bone en dies meer gemaak is en dat rooirissies altyd deel van die bestanddele was, aangesien dit skimmel teegewerk het.[293] In die middel van die agtiende eeu het Von Dessin sy slavin Alida een riksdaalder vir twee flesse atjar betaal.[294] In die vroeg-negentiende eeu het Lichtenstein as volg oor die groot verskeidenheid Kaapse atjar opgemerk:

> Under the name of Atjar is included such a variety of things dressed with vinegar, and made very hot with spices, that is scarcely possible to enumerate them all; cauliflowers, French beans, gherkins, lemons, unripe maize, and the young shoots of bamboo, may be mentioned as among the most favourite dishes of this description.[295]

In sy opmerkings oor die Kaapse kossoorte, het Teenstra in 1825 opgemerk dat "hier op het dessert vele geconfijte en zure, in azijn gelegde spijzen opgedischt [word]; welke laatste hier onder den algemeenen naam van *atjar* het beste bekend zijn".[296]

Mettertyd is die Kaapse atjar effe "mak" gemaak. Drie soorte atjar word in die Kaapse koskultuur onderskei, naamlik suur-, kerrie- en mosterdatjar. Atjars wat met verloop van tyd deel van die Kaapse kookkunstradisie gebly het, is blomkool-, gemengdegroente-, geelperske-, suurlemoen- of lemoen- en groentamatie-atjar. Terwyl groenmango-atjar **(Fig. 117)** wel soms as 'n spesiale lekkerny in die Kaapse kookkuns voorberei word,[297] is dit 'n meer algemene en gewilde bykos op die Kaaps-Maleise tafel.[298] In die agtiende eeu is mango-atjar in Java op verskillende wyses voorberei. Soms is die vrug, terwyl dit nog groen is, gepekel om dit die voorkoms en smaak van 'n Portugese olyf te gee. Andersins is dit bloot in asyn met groenrissies ingelê, terwyl groen mango ook in suiker gepreserveer is. Mettertyd is die metodes aan die Kaap aangepas deur groenmango-atjar in olie en kerrie, in plaas van pekelwater, in te lê.[299]

Hier volg 'n vertaalde weergawe van 'n resep vir tradisionele Kaaps-Maleise groenmango-atjar van ene Janap Jardien van Elsiesrivier wat in die boek *Traditional cookery of the Cape Malays* van Hilda Gerber opgeneem is:

> Ek sny die vleis van die pit van groen mango's af en laat dit vir 'n paar dae in sterk soutwater lê. Die water moet so sout soos seewater wees. Daarna verwyder ek die mangostukke uit die pekelwater en maak dit droog. Braai knoffel in olie en voeg *meti, borrie* en 'n paar rissies na smaak by. Meng kerrie (ongeveer 2 tot 3 eetlepels vir 'n 2-pint houer) met die olie en smeer die mengsel tussen mangolae. Rangskik alles netjies in 'n skoon fles. Gooi nou die

---

292 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45.

293 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 194.

294 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 60.

295 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 104.

296 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 371.

297 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45.

298 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 62.

299 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* pp. 37 - 38; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 118: Rooirissie- en dhuniablatjang – gewilde bykosse op veral die Kaaps-Maleise tafel. Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> warm olie oor. Maak seker dat die vrugte goed met olie bedek is. Elke keer as van die vrugte verwyder word, moet die fles met warm olie opgevul word om die vrugte te bedek, anders sal die vrugte sleg word.[300]

In Leipoldt se boek *Leipoldt's Cape cookery* is 'n ou resep vir 'n gemengde groente-en-vrugte-atjar opgeneem:

> For *atjar* you must take small onions, shallots, cauliflower, very young mielie (corn) cobs, green beans, half ripe apricots, very small immature cucumbers, squashes and pumpkins, not more than two inches in length, and not thicker than your little finger, ripe loquats from which you have removed the seeds, one or two half-ripe rose apples (djam boes), dried peeled peaches, a few green and red chillies, some lemon leaves, some green ginger diced, peppercorns, curry powder, moist sugar, salt and vinegar. After cleaning your vegetables and fruit, you must put them in the vinegar and boil them till they are soft; then you must make a paste with the sugar, salt and curry powder and stir it into the boiling vinegar, adding the peppercorns, chillies and lemon leaves, and let it all boil sweetly till the liquid begins to thicken. Now put in jars and tie a vinegar-wetted cloth over, and let it stand for a week or two when you can eat is as a pickle with meat.[301]

In die boek *Spys en drank,* waarin Renata Coetzee die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur nagevors het, is onder meer outentieke resepte vir blomkoolatjar en groentamatie-atjar,[302] terwyl Leipolt in *Polfyntjies vir die proe* breedvoerig uitgewy het oor die "egte, ouderwetse atjar" wat ene "Tannie" gemaak het.[303]

Wat *blatjang* betref, het die woord sy oorsprong in die Maleise *b(e)lachan* en verwys na 'n "sterk gekruide toespyse by vleis". [304] Dit is hoofsaaklik prikkelende tafelsouse wat saam met kerrie en rysgeregte bedien word.[305] In Oos-Indië is blatjang of *trasi* onder meer van gesoute, gedroogde fyngestampte krewels en garnale, wat met olie vermeng en in vorms gepers is, gemaak.[306] Aan die vroeë Kaap het die slawe 'n bepaalde blatjang met 'n vispasta en half-gefermenteerde bestanddele gemaak wat dit 'n uiters skerp en ongewone reuk gegee het. Die "makker" Kaaps-Maleise *trassie* – sonder die reuk van halfverrotte vis – bestaan basies uit 'n pulp van ansjovis, harder, rooirissie, gemmer, peper, koljander, anys, uie, knoffel, tamarynwater en asyn.[307] Behalwe vir *vistrassie,* is die tradisionele Maleise blatjang basies 'n skerp pikante rissiesous wat sy naam van die hoofbestanddeel kry, byvoorbeeld rooirissieblatjang en dhuniablatjang **(Fig. 118).** Dhuniablatjang is van Indiese oorsprong en

---

300 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 38.

301 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* p. 94.

302 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 44.

303 C.L. Leipoldt, *Polfyntjies vir die proe*, pp. 214 - 215.


304 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 36.

305 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II,* p. 102; R. Coetzee, *Spys en drank* , p. 46.

306 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 41; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 9.

307 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 93 - 94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 119: Kaapse blatjang – 'n tipiese voorbeeld van akkulturasie op kulinêre gebied waar die oorspronklike Oosterse blatjang aangepas is om die plaaslike smaak te bevredig deur onder meer van minder speserye en meer vrylik beskikbare Kaapse vrugte, soos appelkose, gebruik te maak.

Uit: R. Coetzee, *Spys en drank* (Kaapstad, 1977), teenoor p. 18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik via die Indiese slawe in die Kaaps-Maleise kookkuns opgeneem.[308] Blatjang kan òf dun òf redelik dik wees.[309]

Terwyl die pikante Maleise blatjang steeds deel is van die tradisionele Kaapse Maleier-kookkuns,[310] is die tradisioneel dunner Kaapse blatjang, **(Fig. 119)** wat van appelkose gemaak word en 'n soetsuur smaak het, 'n aanpassing vir die Kapenaars se smaak.[311] Dié blatjang is "versag" sodat die speserye ondergeskik aan die kenmerkende vrugtesmaak is.[312] Kaapse blatjang is 'n goeie voorbeeld van 'n Oosterse gereg wat deur die slawe aan die Kaap bekend gestel is en deur aanpassing by plaaslike Westerse smaak en beskikbare bestanddele, soos appelkose, 'n nuwe baadjie verkry het. 'n Outentieke resep vir tradisionele Kaapse blatjang word deur Renata Coetzee as volg aangegee:

250 g droë appelkose, fyngesny
500 g ontpitte rosyne
500 g bruinsuiker
30 g sout
3 ℓ asyn
4 groot uie, gemaal
60 g gemmer
30 g gestampte en gesifte kolander
25 ml gestampte mosterdsaad
'n handvol gestampte rooirissies

Week die rosyne en appelkose oornag in die asyn. Voeg die ander bestanddele by en kook baie stadig terwyl geroer word sodat dit nie brand nie. Kook tot die mengsel dik is en in stukke van die lepel afval. Skep in gesteriliseerde flesse en verseël.[313]

Die resep vir 'n tradisionele Kaaps-Maleise rooirissieblatjang word deur die Kaaps-Maleise koskenner en kookboekskrywer, Faldela Williams, as volg aangegee:

60 ml appelkooskonfyt
250 ml bruinasyn
100 g fyngedrukte droë rooirissies
10 ml fyngedrukte knoffel
2 ml sout

Meng die konfyt en asyn tot 'n gladde pasta. Voeg res van die bestanddele by en meng goed. Sit voor saam met visgeregte.[314]

Naas blatjang, is *sambal* 'n gewilde gekruide bykos in die Kaapse kookkuns. Die woord *sambal* is afkomstig van die Maleise *sāmbal* wat "slaai" beteken,[315] terwyl die gereg self van Javaanse oorsprong is.[316] 'n Soortgelyke gereg van gerasperde groente en rissiekruisel wat deur die Maleierslawe aan die Kaap gemaak is, was onder die Javane as *rújak* bekend.[317]

[308] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 61.

[309] R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 46; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 40.

[310] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 61; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 40; B. Rood, *Maleierkookkuns,* pp. 29 en 31.

[311] M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II,* p. 102.

[312] R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46.

[313] *Ibid.*, p. 45.


[314] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 61.

[315] S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 100.

[316] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 58.

[317] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 42.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 120: Verkoelende Kaapse sambals: komkommer, uie-en-tamatie- en groenappelsambal.
Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die vroeg-negentiende eeu het Lichtenstein Kaapse sambal as "a mixture of gherkins cut small, onions, anchovies, Cayenne pepper, and vinegar" beskryf.[318] In die Kaapse kookkuns bestaan sambal basies uit 'n enkele soort fyngekapte of gerasperde vars groente of vrugte, soos kweper, appel, wortel, uie of komkommer, wat drooggedruk, gesout, met asyn of suurlemoensap klamgemaak en met gekapte rissies, uie of ander geurige bestanddele gemeng is.[319] Terwyl Lichtenstein melding maak van ansjovis wat onder meer in sambal gebruik is, kan ander vissoorte, soos snoek sowel as vleis ook hoofbestanddele in Kaapse sambal wees.[320] 'n Belangrike reël by die voorbereiding van sambal is dat dit, vir varsheid, kort voor ete gemaak moet word.[321] Tradisioneel word elke soort sambal apart in 'n glasbakkie opgedien.[322] Soos aan die vroeë Kaap, word sambal steeds saam met geurige kerriegeregte of bredie voorgesit, terwyl dit soms ook saam met visdisse genuttig word.[323] Van die bekendste sambal wat in die Kaapse en Kaaps-Maleise kookkuns opgeneem is, is komkommer-, uie-, uie-en-tamatie- **(Fig. 120),** appel-, kweper- en snoeksambal.[324]

Hier volg 'n vertaalde weergawe van 'n tradisionele Kaaps-Maleise kwepersambal-resep van Miriam Gazant wat in *Traditional cookery of the Cape Malays* opgeneem is:

> Skil en rasper 'n kweper. Voeg 'n bietjie sout by en laat dit vir 'n rukkie staan. Druk dan al die water uit. Plaas die kweperpulp in 'n klein bakkie en voeg 'n rissie en 'n bietjie rooi asyn by.[325]

Volgens mej. Gazant kan kwepersambal saam met vis of vleis, maar veral met kerrie genuttig word: "Dan *moet* jy dit Eet." [326]

Wat die vleisgeregte betref, blyk dit dat skaapvleis weens die algemene beskikbaarheid daarvan veral sedert die agtiende eeu 'n belangrike element in die Kaapse kookkuns verteenwoordig het. Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat skaapvleis die stapelvoedsel van die Kapenaars was,[327] terwyl De Jong in die 1790's die mening gehuldig het dat die kwaliteit van die vrylik beskikbare en goedkoop Kaapse skaapvleis nêrens anders oortref kon word nie.[328] Tydens die Eerste Britse Besetting het lady Anne Barnard die Kaapse skaapvleis as "high in Character all over Europe" beskryf,[329] terwyl Percival bevestig het dat skaapvleis in oorvloed aan die Kaap beskikbaar en steeds die mees algemene Kaapse voedselsoort was. In dieselfde asem het hy ook van die vetterige kos wat deur slawekokke

---

318 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 104.

319 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 58; R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 45; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 41; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 32.

320 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, pp. 96 - 97; R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 45 - 46.

321 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 99.

322 C.L. Leipoldt, *Kos vir die kenner,* p. 155.

323 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 99; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 58; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 104.

324 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 45; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, p. 33.

325 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 42.

326 *Loc. cit.*

327 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 101.

328 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 120 - 121.

329 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 182.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorberei is, melding gemaak.[330] Onder die bedrewe hande van die slawekokke sou die vrylik beskikbare skaapvleis inderdaad 'n rol in die opbou van 'n mengsel van Oosterse en Westerse elemente in die Kaapse kookkuns speel, soos Ross tereg opgemerk het:

> Slave cooking, for one had a notable influence on Cape cuisine, helping to build up its sincretic blend of east and west, with an emphasis on the mutton which was the staple food of Cape Town on the one hand and cinnamon and ginger as the major spice on the other.[331]

Dit was veral deur kerrievleisgeregte dat die Oosterse slawe 'n unieke karakter aan die Kaapse kookkuns verleen het. Bedrewe Maleierslawekokke het aanvanklik verkies om hulle eie vars kerriemengsel te maak deur groengemmer, kardamom, mosterd, rissies, peperkorrels, naeltjies, kaneel, fenegriek, foelie, vinkel, komyn- en anyssaad, koljander, knoffel en borrie in 'n vysel te stamp en met tamarynsap tot 'n pasta te meng voor dit in die stowegereg ingeroer is. Klaarbereide kerriepoeier wat al die nodige bestanddele bevat het, is egter alreeds teen 1670 van die Ooste af ingevoer. Volgens oorlewering is dit vir die eerste maal deur 'n vryswart Oosterling, wat 'n eethuis iewers naby die Roggebaaise strandfront gehad het, gebruik. Die persoon het ook van tyd tot tyd etes vir Simon van der Stel in die Kasteel voorberei. Sedert die begin van die agtiende eeu is kerriepoeier deurgaans in die bereiding van kerriegeregte gebruik. Die kerriesous in kerriegeregte het basies uit 'n smoorsel van verskillende kruie, speserye, groente soos uie, sout en suiker in botter of vet bestaan wat met tamarynwater of asyn en klappermelk verdun is.[332]

Dagboeke en reisbeskrywings bevestig dat kerriegeregte reeds kort na die koms van die Oosterse slawe algemeen aan die Kaap was. In die 1740's het Mentzel van die "kerri-kerri" melding gemaak wat aan pasiënte in die Kompanjieshospitaal bedien is,[333] terwyl 'n kerrieskaapvleisbredie op Vrydae deel van die spyskaart was. Mentzel het die wyse waarop dié kerriegereg voorberei is, beskryf: "Fry some rice in butter or tail fat, add some gravy, burri-burri and tamarind, cut up a piece of boiled mutton, and boil the whole stew over again."[334] Daarbenewens het hy ook na die Chinese – 'n term wat hy losweg vir alle Oosterlinge gebruik het – verwys wat eethuise aan die Kaap besit het waar, behalwe tee en koffie, ook kerriegeregte bedien is.[335]

Gedurende 'n binnelandse reis tydens die Eerste Britse Besetting het lady Anne Barnard melding gemaak van kerrie en rys wat onder meer deel was van 'n omvangryke aandete wat deur mevrou Jacob van Reenen voorgesit is.[336] Tydens aandete aan't huis van die boer Weigt in die Wamakersvallei, is sy en haar geselskap onthaal op onder meer "a fowl done with currie ... well stewed and Savoury ..."[337] Tydens sy besoek aan die plaas van Pieter du Toit in die

---

330 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 261 - 262.

331 R. Ross, The occupations of slaves in 18th century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 7.

332 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 72 - 98.

333 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 111.

334 *Ibid. I,* p. 112.

335 *Ibid. II,* p. 92.

336 Lady Anne Barnard, *The letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 129.

337 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 252.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 121: Bobotie – 'n geslaagde vermenging van plaaslike bestanddele (vleis, appelkose, amandels, suurlemoenblare, melk en eier) en Oosterse speserye.

Uit: R. Coetzee, *Spys en drank* (Kaapstad, 1977), teenoor p. 33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Roodezand omgewing het Lichtenstein melding gemaak van 'n kerriesop wat gewoonlik van pluimvee, skaap- of kalfsvleis gemaak is en met rooipeper, gemmer, komkommers en tamaryn gegeur is. Volgens hom was *Kerri* regdeur Indië 'n gewilde gereg en is die naam van toepassing op enige vleisgereg wat met bogenoemde speserye berei is.[338] Tydens sy verblyf aan die Caledonse warmbad in 1824 het die kinderlose Coetzee-egpaar daagliks Teenstra se kos "dat meerendeels uit kerriesop bestond" saam met Arend, die gehuurde Maleierslaaf, gestuur.[339] Teen die einde van die agtiende eeu het Johanna Duminy onder meer die volgende inskrywing in haar dagboek gemaak: "wij gong om 9 uur een lekker kerrie eeten, en tou gong wij wat lege." [340]

Met die teenwoordigheid van Oosterse slawekokke in die Kaapse kombuise het Maleise kerriegeregte, soos bobotie, sosaties, pienangkerrie en kerriebredie, spoedig 'n belangrike plek op die Kaapse tafels ingeneem. Hierin het beide die Indiese sowel as Oos-Indiese slawe 'n belangrike rol gespeel. Indiese kerrie het beide die Maleise en tradisioneel Kaapse kerrie beïnvloed. Indiese en Maleise kerrie verskil deurdat Maleise kerrie met minder rissies en meer speserye, soos kardamom, barishap en jeera, gemaak word. Daarbenewens word tipies Maleise kerrie, net soos dit in Java gedoen is, in kokospulp of -melk gekook, terwyl die Indiese kerrie in *ghee* (uitgebraaide botter) gaargemaak word. Die verskil tussen Maleise en Kaapse kerrie is weer geleë in die gebruik van droëvrugte, konfyt en blatjang in die Kaapse kerrie-resep wat nie die geval by tradisioneel Maleise kerrie is nie.[341] Die Oosterse kerrie is verder deur die slawe vir die Kaapse tafel aangepas deur minder van saffraan, groengemmer, kardamompeule en pypkaneel – veral in bobotie – gebruik te maak en lemoenblare, droëvrugte, soos appelkose, perskes en rosyne, sowel as blatjang as geurmiddels te gebruik.[342] Om by die Westerse smaak aan te pas, is rissies ook minder rojaal gebruik.

Bobotie **(Fig. 121)** is waarskynlik die gewildste en bekendste gereg van Kaaps-Maleise oorsprong.[343] In 1967 is bobotie-met-geelrys saam met sosaties en perskepiekels as verteenwoordigende Suid-Afrikaanse geregte in die *United Nations Cookbook* opgeneem.[344] Die naam *bobotie* is van die Sunda-woord *bobotoh* afgelei.[345] Bobotie is 'n oondgereg met 'n pikante potpourri van geure,[346] waarvan die resep basies goeie fyn maalvleis, kerrie, borrie, naeltjies, uie, knoffel, witbrood, appelkose, rosyne, amandels, suiker en lourier- of suurlemoenblare bevat met 'n geklitste eier-en-melkbolaag.[347] Hildagonda Duckitt het in haar bekende kookboek *Hilda's "Where is it?" of recipes* na "bobotee" as "a delicate Indian minced curry" verwys,[348] terwyl die gereg ook Maleise invloed openbaar. Daar moet in gedagte

---

338 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 104.

339 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 179.

340 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 102.

341 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, pp. 7 en 45; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 2.

342 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 102.

343 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 33.

344 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 6.

345 E.H. Raidt, Interne ontwikkeling van Afrikaans, *in* T.J.R. Botha (red.) e.a., *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde* p. 69.

346 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 33.

347 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, pp. 12 - 13; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 52; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 48; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 34; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 47.

348 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 122: Sosaties op 'n rooster.
Uit: D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte* (Kaapstad, 1985), teenoor p. 91.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehou word dat, alhoewel die Maleise kookkuns hoofsaaklik van Indonesiese oorsprong is, dit in 'n groot mate deur die Indiese kookkuns beïnvloed is. Hier volg 'n vertaalde weergawe van 'n sewentiende-eeuse bobotie-resep wat Leipoldt in sy *Leipoldt's Cape cookery* opgeneem het:

> Om bobotie te maak, is skoon hande belangrik, aangesien die vleis soos deeg geknie moet word. Neem 'n pond elk sagte skaapvleis en varkrugstringfilet sonder vet of harde dele en stamp dit kragtig in 'n vysel saam met 'n handvol geblansjeerde amandels, 12 peperkorrels, 'n skyfie groengemmer, 'n rissie, 'n blaartjie marjolein, 'n bietjie koljandersaad, 'n klein stukkie vars knoffel of 'n halwe uieskil en gerasperde suurlemoenskil. Voeg daarby 'n halwe koppie wyn waarin een ons tamaryn geweek is. Laat staan oornag. Klits daarna 'n halwe koppie room en twee eetlepels goeie botter, nie teveel sout, in die mengsel in en knie dit goed. Druk dit in 'n ronde vorm en plaas in 'n erdepasteibak wat goed met botter gesmeer en met 'n paar komynsaadjies besprinkel is. Plaas in die oond en sodra dit warm is en uitsit, word twee koppies melk waarin drie eiergele en 'n eetlepel kerriepoeier opgeklits is, bo-oor gegooi. Bak tot die gereg goed gestol is en strooi dan 'n paar geblansjeerde amandels sowel as gerasperde neut bo-oor.[349]

Vrylik beskikbare droë appelkose en rosyne sou mettertyd ook deel van die Kaapse bobotie-resep word.[350] In die Kaaps-Maleise bobotie word geen varkvleis gebruik nie, aangesien dit volgens die voedselwette van Islam "haraam" (onheilig) is.[351] Soos van ouds, word bobotie steeds as 'n reël met rys en blatjang bedien.[352]

'n Alombekende Kaapse sowel as Suid-Afrikaanse kerriegereg is *sosaties* [353] **(Fig. 122)**. Die naam *sosatie* is afgelei van die Maleise/Javaanse woorde *saté* wat na 'n speserysous verwys en *sésate* wat vleisstukkies wat op 'n stokkie ingeryg is, behels. Alhoewel sosaties heelwaarskynlik 'n Javaanse oorsprong het,[354] blyk dit dat *kabobs,* 'n variant van sosaties, 'n oorspronklike Indiese gereg is.[355] Aanvanklik het die term *kabob* of *kubab* in Indië na lang, dun stukkies songedroogde vleis wat oor kole gerooster of in *ghee* gebraai is, verwys.[356] In die Kaapse kookkuns is *kabobs* stukkies vleis wat vooraf in wyn met speserye en asyn gemarineer en daarna afwisselend met tamaties en uie op 'n bamboesstokkie geryg is om in 'n vlak pan gebraai te word. Geen kerrie word by kabobs gebruik nie, terwyl dit met vars sambals en blatjang voortgesit word.[357] In die Kaaps-Maleise kookkuns verwys *kabobs* of *kebaabs* na maalvleisbolletjies wat met 'n hardgekookte eier gevul en in olie gebraai is – dus 'n soort

---

349 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 73 - 74.

350 R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 32 - 33.

351 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, pp. 9 en 68.

352 A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive,* p. 48; H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes,* p. 13; C.L. Leipoldt, *Kos vir die kenner*, p. 226; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 52; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 47.

353 C.L. Leipoldt, *Polfyntjies vir die proe,* p. 158.

354 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 34.

355 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* p. 71; C.L. Leipoldt, *Kos vir die kenner*, p. 224; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 56; H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes,* p. 214.

356 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 56.

357 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 71 - 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 123: Kaaps-Maleise kabobs – maalvleisbolletjies gevul met hardgekookte eiers.
Uit: C. Abrahams, *Yhe culture and cuisine of the Cape Malays* (Welgemoed, 1995), p. 38.



Figuur 124: Pienangkerrie – 'n geurige Kaapse kerrievleisgereg van Javaanse oorsprong wat deur Leipoldt as " 'n verhoogde, bekroonde keiserlike kerrie" beskryf is.
Uit: C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays* (Welgemoed, 1995), p. 34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eierfrikkadel **(Fig. 123)**.[358] Terwyl geen kerrie in die voorbereiding van Kaapse kabobs gebruik word nie, is sosaties daarenteen 'n kerriegereg: lamsvleisblokkies wat saam met gesmoorde uie en asyn in 'n kerriespesery en kruiemengsel gemarineer, op nat bamboes- of houtstokkies met stukkies vet vleis of skaapstertvet tussen-in geryg en dan in 'n pan gebraai of oor die kole gerooster word. Daar bestaan 'n verskeidenheid tradisionele sosatie-resepte.[359] 'n Kaaps-Maleise resep van ou juffrou Jacobs, wat in Gerber se *Traditional cookery of the Cape Malays* opgeneem is, verteenwoordig waarskynlik die generiese resep, soos dit reeds vanaf slawetyd van een geslag Maleierkokke na 'n ander oorgedra is. Hier volg 'n vertaalde weergawe daarvan:

> Koop een skaapboud en kap dit goed. Sny die vleis in blokkies. Was die vleisblokkies en plaas in die volgende mengsel: Snipper uie so fyn as moontlik en braai in vet tot ligbruin. Voeg *kerrie*, rissies, knoffel en tamarynsap by. Laat die vleis oornag in dié mengsel lê. Ryg die vleisblokkies die volgende dag een-vir-een op klein bamboesstokkies of hout vleispenne in. Ryg stukkies skaapvet tussen die vleisblokkies in. Braai die sosaties in 'n pan of oor die kole. Plaas die uiemengsel, nadat die sosaties gaar is, in die pan en stowe dit. Gooi dit oor die sosaties met opdiening. Brood of rys kan saam met sosaties geëet word.[360]

Wat *pienangkerrie* **(Fig. 124)** betref, het Leipoldt dié tradisionele Kaapse kerriegereg hoog aangeslaan:

> Moet nou nie ten slotte veronderstel dat "pienangvleis" net maar 'n gewone kerrie is nie. Dis 'n verhoogde, gekroonde, keiserlike kerrie. Al heet dit ook na 'n gedeelte van die aardbol wat glad nie as 'n paradys beskou kan word nie, dis 'n soort kos soos wat ons heidense voorouers hulle verbeel het dat die gode geëet het. Want daar is rede om aan te neem dat die "ambrosia" waarvan die ou digters so baie praat, ook 'n soort gemmer-rissie-borrie-pienangvleis was.[361]

Pienangkerrie het sy oorprong in Java [362] en die woord is waarskynlik afgelei van die Javaanse woord *pin'dang* wat na 'n spesifieke Javaanse kerrie van die eiland Penang verwys.[363] Dit is basies 'n vleiskerrie wat met tamaryn en vars lemoen- of lourierblare [364] en soms ook met sariblare gegeur is.[365] 'n Vertaalde weergawe van 'n tradisionele Kaaps-Maleise pienangkerrie-resep van mevrou Sarija Daniels, soos dit in *Traditional cookery of the Cape Malays* verskyn, word vervolgens aangegee:

---

358 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* pp. 55 - 56; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 37; F. Williams, *Kaapse Maleier- kookkuns,* p. 32.

359 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes,* p. 214; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive,* p. 50; C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 71; C.L. Leipoldt, *Kos vir die kenner,* pp. 224 - 225; C.L. Leipoldt, *Polfyntjies vir die proe,* pp. 158 - 161; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 109; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 34.

360 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 60.

361 C.L. Leipoldt, *Polfyntjies vir die proe,* p. 44.


362 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 45.

363 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 58; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 41.

364 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 28; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 43.

365 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 125: Denningvleis – 'n kerrielose, kruigegeurde vleisgereg van Kaaps-Maleise oorsprong.

Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Sny twee pond skaapvleis op en was dit goed. Sny 2 tot 3 groot uie in fyn skywe en verbruin dit. Voeg 'n bietjie fyngestampte knoffel, 'n paar lourierblare en 'n bondel *sariblare* by. Sariblare lyk soos lang grashalms en het die reuk van Verbena. Die bondel sariblare moet voor opdiening van die *kerrie* verwyder word, aangesien dit slegs 'n geurmiddel is. Voeg 'n halwe pakkie kerriepoeier, 'n halwe pakkie *borrie* en 2 koppies water by. Kook alles goed saam. Nadat geproe is of die smaak reg is, word die opgesnyde stukkies vleis op die kerriemengsel geskep. Kook die kerrie tot sag. Voeg sout, suiker en 'n bietjie tamarynsap by. Moenie die kerrie roer nie. Sodra dit uit die pot geskep word, moet dit nog steeds op die uie lê, soos dit aanvanklik ingesit is. Bedien kerrie altyd met rys of *roti*, en enige slaai.[366]

In die outentieke pienangkerrie-resep vir die Suid-Afrikaanse tafel wat Coetzee in *Spys en drank* aangee, is die gebruiklike tamarynsap met suurlemoensap vervang.[367]

Oosterse slawe was ook vir die opname van *sabanang-* en *denningvleis* in die Kaapse kookkuns verantwoordelik. Die Afrikaanse digter en kenner van die Kaapse Moslem-gemeenskap, I.D. du Plessis, het die volgende resep vir tradisionele *sabanangvleis* in sy boek *The Cape Malays* aangegee:

1 pond (500 gram) maalvleis	'n bietjie kerriepoeier
1 groot ui	'n klontjie botter
'n paar lourierblare	1 huisie knoffel
1 pond (500 gram) fyn aartappel	'n paar naeltjiesgeurmiddels

> Soteer uie en knoffel in botter, voeg maalvleis by en roer vir 10 minute, en verwyder van hitte. Meng vleis en fyn aartappels. Voeg geurmiddels, kerriepoeier en melk by en meng deeglik. Skep mengsel in 'n gesmeerde oondbak. Plaas naeltjies, lourierblare en klontjies botter bo-op. Bak vir 10 minute.[368]

Cas Abrahams, kenner van die Kaaps-Maleise kookkuns, is van mening dat die geurige sabanangvleis 'n aanpassing van die Engelse "cottage pie" is, waaraan die slawekokke in die Engelse huishoudings van die vroeë Kaap, 'n belangrike aandeel het. In plaas van die fyn aartappel bo-laag, is fyn aartappel met aansienlik meer speserye direk by die maalvleis gemeng om 'n nuwe gereg daar te stel.[369]

Denningvleis **(Fig. 125)** het sy oorsprong in Java waar die sogenaamde *dendingvleis* een van die gange op die spyskaart van die Bataafse rystafel was. Die Maleise woord *dendeng* verwys na waterbuffelvleisskywe wat met sout en speserye behandel, in die son gedroog en daarna in kokosneutolie gebraai is.[370] Aan die Kaap het dit ontwikkel tot 'n gereg van blokkies skaapvleis (rib of boud) wat met lourier- of foelieblare en tamaryn berei is.[371] Coetzee gee 'n outentieke

---

366 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 58.

367 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46.


368 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 28.

369 Radio-onderhoud: C. Abrahams, Punt Geselsradio, 1999-10-16.

370 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 54.

371 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 126: Penslawer – 'n geurige Kaaps-Maleise kerrie-afval. Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapse denningvleis-resep aan wat in 'n groot mate met die Kaaps-Maleise weergawe van I.D. du Plessis ooreenstem.[372]

1 kg skaaprib
'n paar naeltjies
sout en peper
1 knoffelhuisie
1 groot ui
'n paar lourierblare
tamarynsaad of suurlemoensap

Kap die vleis in klein blokkies en stowe alles, behalwe die tamarynsaad, saam. Voor dit opgedien word, voeg die sap van een tamarynsaad of bietjie suurlemoensap by.[373]

Twee tradisioneel Kaaps-Maleise denningvleis-resepte verskyn in Gerber se *Traditional cookery of the Cape Malays,* terwyl Rood in haar *Maleierkookkuns* drie variante van die resep opgeneem het.[374]

Afval was vroeg reeds deel van veral die Kompanjie- en plaasslawe se dieet.[375] Wat kerrie-afval betref, is afval – soos dit deur die Franse aan die Kaap bekend stel is – [376] deur die Maleierslawe met speserye, soos kerrie, aangepas. 'n Tipiese Kaaps-Maleise afvalgereg is *penslawer,* 'n skaap- of beespenskerrie **(Fig. 126)**. Die woord is afgelei van die Maleise *lawar-melawer* en verwys na vis of vleis wat baie dun opgesny is voor dit gespesery, gesout of gedroog is.[377] Volgens die resep van mevrou Van Harte in *Traditional cookery of the Cape Malays* word tradisionele Kaaps-Maleise *penslawer* as volg voorberei:

Kook die afval en sny in dun lang strokies. Sny 3 uie in fyn skywe en stowe dit in olie of vet. Voeg gestampte knoffel, groengemmer en 'n bietjie kerrie na smaak by. Voeg twee groenrissies en laastens 'n bietjie tamarynsap by.[378]

In die tradisionele Kaapse kerrieskaapafval is van die kop, pootjies en pens van die skaapkarkas gebruik gemaak, nadat dié dele baie deeglik onthaar, geskrap, gewas en skoongemaak is. Die skoongemaakte pens is in klein stukkies opgesny en saam met die kop en pote tot 'n smaaklike kerriegereg gestowe.[379] Volgens 'n resep van Allie Hewitt in *Cape cookery: simple yet distinctive*, is tradisioneel Kaapse *pens-en-pootjiekerrie* as volg voorberei:

Neem 'n goed skoongemaakte skaappens en -pootjies en kook dit in aparte potte. Plaas die pens sodra dit sag is in koue water en verwyder die beentjies uit die saggekookte pote. Sny pens en pootjies in klein stukkies. Meng van die aftreksel waarin die pootjies gekook is met 1 eetlepel Cartwright's kerriepoeier, 2 eetlepels asyn, 1 teelepel klam bruinsuiker, sout en peper. Verbruin 'n ui en

---

372 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 28.

373 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46.

374 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 54; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 55.

375 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke,* p. 167; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 292.

376 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II,* p. 100; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 43; C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* p. 85.

377 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays,* p. 60.

378 *Loc. cit.*

379 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> voeg by die vleis en sous. Laat dit vir een uur baie stadig prut. Vul aan met die pootjiesaftreksel indien dit te droog is.[380]

Geen varkpootjies word in die Kaaps-Maleise afvalgeregte gebruik nie, aangesien 'n vark volgens die voedselwette van Islam "haraam" (onrein) is.[381]

'n Belangrike faset van die Kaapse kookkuns is die *bredies*. In baie lande word die eetkultuur van veral die boerebevolking deur stowegeregte van vleis en groente gekenmerk. In elke land openbaar dié geregte egter 'n eiesoortige karakter waarvan die Hollandse *hutspot,* die Engelse *stew,* die Duitse *Eintopf*[382] en die Kaapse *bredie* sprekende voorbeelde is. Terwyl die basiese hoofbestanddele dieselfde is en daar geringe verskille in hoeveelheid en kookmetodes is, is die groot onderskeid geleë in die geurmiddels wat by die onderskeie vleis-en-groente stowegeregte gebruik word.[383]

Vleis-en-groente stowegeregte is deur die Franse aan die Kaap bekend gestel,[384] maar dit sou onder slawe-invloed die naam *bredie* sowel as 'n unieke, eiesoortige en nuwe Kaapse baadjie verkry. Volgens Lichtenstein is die woord *bredie*, wat na "spinasie" verwys het, deur die Malgassiese slawe na die Kaap oorgedra waar dit 'n ruimer betekenis verkry het, aangesien enige groentesoort, soos kool, spinasie of skaapsuring, wat in stukkies opgesny en met rooirissies berei is, regdeur die Kolonie as *bredie* bekend gestaan het.[385] Die woord *bredie* is inderdaad van die Portugese *bredo* afgelei wat na die plantsoort *Blitum virgatum* verwys wat 'n groentesoort vir die tafel was.[386] Die woord is dus logies uit die kreools Portugese slawetaal aan die Kaap te verklaar. In *Leipoldt's Cape cookery* is 'n poëtiese beskrywing van die Kaapse bredies deur dié bekende digter en koskenner: "These are combinations of meat with vegetables so intimately stewed that the flesh is thoroughly impregnated with the vegetable flavour while the vegetables have benefited from the meat juices … neither dominates but both combine to make a delectable whole that is a triumph of co-operative achievement".[387] Kaapse bredie was hiervolgens 'n stowegereg van skaapvleis en groente waarin die geure so uniek vermeng is dat die onderskeid tussen groente en vleis vervaag het, maar die hoofbestanddele mekaar nogtans gekomplimenteer het. Net soos dit vandag nog gedoen word, is die uie eers in die olie, vet, ghee, botter of skaapstert gesmoor, waarna die vleisstukke bygevoeg, gebruin en goed oor 'n stadige hitte in 'n vlak pot gestowe is, aangesien 'n te diep pot waterige bredie tot gevolg gehad het. Die groente is laaste bygevoeg en op die vleis gestowe. Wat die samestelling van die bredie ookal mag wees, bly uie en rissies tot vandag steeds vaste bestanddele van die Kaaps-Maleise bredie.[388] Weens die volop goeie kwaliteit en goedkoop skaapvleis aan die

---

380 A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive,* pp. 47 - 48.

381 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 9.

382 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 47.

383 *Loc. cit.*

384 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 100.

385 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 102.

386 S.P.E. Boshoff, *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 40.

387 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 75 - 76.

388 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 49; H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 14; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 36.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 127: Tradisionele Kaapse bredies: waterblommetjie-, pampoen-, groenboontjie-, tamatie- en koolbredie.

Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), pp. 58 - 59.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaap,[389] het dit tradisioneel die basis vir die meeste bredies geword.

Tipies Kaapse bredies wat telkens in die oudste resepteboeke opduik, is kool-, blomkool-, groenboontjie-, droëboontjie-, tamatie-, pampoen-, aartappel-, waterblommetjie-, kweper-, groenertjie-, spinasie-, wortel-, wateruintjie-, wildekool- en koolraapbredie [390] **(Fig. 127)**. Hiervan is waterblommetjiebredie by uitstek inheems, aangesien Suid-Afrika volgens plantkundiges die enigste natuurlike tuiste van waterblommetjies (*Aponogeton distachyos)* is.[391] Die boontjie wat 'n gesogte voedselproduk in Java was, is vandag steeds gewild onder die Kaapse Maleiers, soos blyk uit die verskeidenheid bredies wat daarvan berei word. [392] Daar bestaan 'n hele paar variasies op 'n bepaalde soort bredie, maar in wese bly die hoofbestanddele waaraan 'n bepaalde bredie sy naam te danke het, dieselfde. So is daar verskeie variasies van tradisionele tamatiebredie,[393] waarvan die Kaaps-Maleise weergawe van ene Salama Jacobs, soos dit in *Traditional cookery of the Cape Malays* verskyn, vervolgens vertaald weergegee word:

> Braai twee uie wat in skywe gesny is in vet en moenie dat dit swart word nie. Voeg 2 pond (1 kg) ontvelde, opgesnyde tamaties by. Kook vleis vooraf in 'n bietjie water. Sny die vleis daarna in stukkies op en voeg by die tamaties. Voeg 'n paar rissies en 'n bietjie rooipeper daarby. Voeg sout en suiker na smaak by.
>
> Dit is nie 'n algemene gebruik om die vleis vooraf te kook nie. Meeste vroue voeg dit rou by en berei die bredie so op die gebruiklike manier. Sommige voeg 'n paar aartappels by tamatiebredie, terwyl ander dit met naeltjies, knoffel en groengemmer geur. Almal bedien dit met rys.[394]

Dit blyk of knoffel, uie, groengemmer, naeltjies, kaneel, rissies en selfs kardamompeule oorwegend as geurmiddels in Kaaps-Maleise tamatiebredie gebruik word.[395] Gewone Kaapse tamatiebredie het, behalwe vir sout, peper, suiker en rissies, geen ander geurmiddels nie.[396] Pampoen is reeds in die agtiende en negentiende eeu in groot maat as slawekos in Kaapstad geproduseer [397] en sou as sodanig in onder meer pampoenbredie in die Kaaps-Maleise koskultuur neerslag vind. Bredie word tradisioneel met rys voorgesit.[398]

---

389 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 182; R. Raven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1703: the first fifty years of Dutch colonization as seen by callers II,* p. 403.

390 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* p. 76; H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, pp. 14 - 15; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, pp. 45 - 46; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 47 - 52; B. Rood, *Maleierkookkuns,* pp. 36 - 40.

391 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 99; K. Pienaar, *Suid-Afrikaanse "Watter blom is dit?"*, p. 40.

392 B. Rood, *Maleierkookkuns,* pp. 9, 39 - 40.

393 A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 45; C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery,* pp. 76 - 77; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 49; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 20; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 40.

394 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 50 - 51.

395 *Loc. cit.*; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 20; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*. p. 40.

396 A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 45; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 49; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 38.

397 A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods – pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir die Voice of the Cape Radio, 1997, p. 3.

398 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 19; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Behalwe vir die vleisdisse, het die Oosterse slawekokke 'n duidelike stempel op die Kaapse viskookkuns afgedruk. Uit hulle lande van herkoms het veral die Indonesiese slawe 'n sterk visserstradisie saamgebring. Talle Maleierslawe was in hulle vaderland van die sogenaamde *Orang Luyt* of "manne van die see" wat tydens visvangste op bote as slawe gevange geneem is.[399] Dié visserstradisie, hulle voorliefde vir seekos en rys [400] sowel as die visryke Kaapse waters [401] het beslis 'n rol in die vestiging van 'n unieke Kaapse viskookkunstradisie gespeel.

Vis het in die sewentiende en agtiende eeu 'n belangrike rol in die dieet van die Kompanjieslawe gespeel. Volgens Kolbe het die Kompanjie die voedselbehoeftes van sy slawe met vis aangevul, "want deze zoort van menschen eeten veel liever gezoute visch en reyst, als vlees en brood".[402] Vis, soos die graterige "hottentotsvis", wat relatief goedkoop en geredelik beskikbaar was, is in gesoute en gedroogde vorm aan die slawe verskaf.[403]

Dit was veral gedroogde snoek wat 'n gewilde lekkerny onder die Kaapse slawe was.[404] Die Portugese gebruik om vis te sout en te droog, is hoofsaaklik deur die slawe afkomstig van die voormalige Portugese kolonies in Indonesië na die Kaap oorgedra.[405] Dit het onder meer neerslag gevind in die tradisionele Kaapse bokkoms wat van harders, maasbankers en ander kleinerige vis gemaak is. Gedroogde maasbankers is onder die Kaapse Maleiers as "hakiesdraad" bekend.[406]

Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel melding gemaak van Asiatiese vryslawe wat as knap kokke klein eethuise aan die Kaap gehad het waar, benewens tee en koffie, ook seekos bedien is. Volgens hom was gebraaide of piekelvis met rys 'n gunsteling onder soldate, matrose sowel as slawe. Tydens die sterk Noordwester-storms is krappe, krewe, seespinnekoppe en garnale wat op die strand uitgespoel het, deur die Oosterlinge opgetel, gaargemaak en verkoop.[407]

Dit was egter die Oosterse slawekok in die Kaapse kombuis wat sy kennis van speserye en Oosterse kookmetodes met die Nederlandse en Franse kookkuns van sy meesters vermeng het om die unieke Kaapse viskookkuns daar te stel.[408] Die gewildste Kaapse vis, soos galjoen, geelbek, snoek, maasbanker, makriel, hottentot, elf, stompneus, steenbras, stokvis en harder, is

399 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 40; S. Ross, *Fish cook-book for South Africa*, p. 16.

400 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXV, I*, p. 203; *Ibid. II*, p. 25; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 96 en 396; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 45.

401 A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I*, p. 106; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 32; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 32.

402 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 96.

403 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 89; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 22; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 142.

404 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159.


405 S. Ross, *Fish cook-book for South Africa*, p. 16; B. Rood, *Maleierkookuns*, p. 9.

406 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 47; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 4.

407 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 92.

408 S. Ross, *Fish cook-book for South Africa*, p. 16.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 128: Smoorsnoek, 'n visgereg met sy wortels in die Kaapse slawetyd, toe snoek reeds 'n belangrike deel van die slawe se dieet was.

Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 129: Piekelvis, piekelviskerrie of ingelegde vis – een van die bekendste tradisioneel Kaapse visgeregte.

Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur dié slawekokke besonder smaaklik voorberei.[409] Daarbenewens het die Kaapse Maleiers snoek, wat 'n belangrike deel van hulle slawevoorouers se dieët was, as "ons kos" toegeëien en sedert slawetyd verskeie variasies, soos smoorsnoek **(Fig. 128)**, soutsnoek, gerookte snoek en gestamtpe snoek, ontwikkel wat 'n inherente deel van die Kaapse sowel as Kaaps-Maleise koskultuur geword het.[410]

Een van mees bekende en oudste Kaapse visgeregte is *piekelvis* **(Fig. 129)** of soos Leipoldt dit "a pickled fish curry" [411] genoem het. Daar is reeds melding gemaak van Mentzel se verwysing na gebraaide en piekelvis met rys wat so 'n gewilde gereg onder veral die soldate, matrose en slawe was,[412] terwyl hy ook opgemerk het dat die burgers toegelaat is om onder meer *"kerrie-kerrie* prepared with fish" aan die pasiënte in die Kompanjieshospitaal te verkoop.[413] In 1754 het Von Dessin een riksdaalder vir "Ingelegde Vis van steenbrassems gemaakt" betaal,[414] terwyl lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting 'n beskrywing van piekelvis gegee het soos dit deur haar Maleierslawe vir hulleself op 'n uitstappie saam met haar voorberei is:

> But they [our slaves] too had their pan, and their stew, which smelt so savoury, and so odd, that I begged leave to taste it ... It was composed of wild herbs fried up with coriander and many aromatic seeds, to which was added a little muttontail grease which is more pure than butter and plenty of the fish called snook which I thought when salted and dried, was one of the best fish at the Cape ... This made a most incomparable mess, tho' one I never desired to partake of again from its unaccountable singularity.[415]

Min het sy geweet dat die "onverklaarbaar vreemdsoortige" gereg een van die mees bekende visgeregte in die Kaapse koskultuur sou word. Daar bestaan variasies op die tradisionele piekelviskerrie, wat ook as *ingelegde visch* bekend gestaan het.[416] Hier volg 'n vertaalde weergawe van die oudste Kaapse piekelviskerrie-resep wat Leipoldt kon opspoor:

> Kies 'n redelik ferm vis, soos geelbek of geelstert; stokvis en kabeljou sal nie so lank hou nie. Maak die vis skoon en sny dit op in ewe groot stukke van ongeveer 3 vierkante duim (ongeveer 7 vierkante cm); braai in varkvet sonder om dit vooraf in meel te rol of beslag te doop; gooi 'n bietjie sout oor die vis en laat die vet dreineer terwyl die piekel voorberei word. Verbruin uieskywe en 'n gekneusde knoffelhuisie, 'n paar gestampte rissies, 12 swartpeperkorrels, 'n eetlepel klam bruinsuiker en een of twee suurlemoen- of lourierblare, roer tot dit goed gesmoor is. Voeg 'n koppievol goeie kerrie, wat met twee koppies asyn gemeng is, by en laat dit vir 'n kwartier prut. Voeg nou genoeg asyn by

---

409 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 46.

410 *Loc. cit.*; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 111; B. Rood, *Maleierkookuns,* pp. 22 - 23.

411 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 53.

412 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 92.

413 *Ibid. I*, p. 112.

414 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 52.

415 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 223; H.J. Anderson (red.), *South Africa a century ago (1797 - 1801)*, p. 152.

416 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 70; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 29; C.L. Leipoldt, *Kos vir die kenner*, p. 190.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> om 'n redelike dik piekelsous te maak. Skep van die piekelsous onderin 'n bak en plaas 'n laag gebraaide vis bo-op; skep piekelsous bo-op die vis en herhaal die lae tot die bak vol is. Meng die res van die sous met nog kerriepoeier, kook dit op met twee koppies asyn en gooi die dun sous oor die vis. Plaas in 'n koel plek vir 'n paar dae en bedien dan met dun snye brood en botter.[417]

Leipoldt het voorts aanbeveel dat die uieringe heel moet bly, aangesien dié gereg in wese uit lae kerrievis op lae gebraaide uieringe, wat met soetsuur kruiepiekel deurweek is, bestaan.[418] Dié gebruik het wel neerslag in die Kaapse en Kaaps-Maleise kookkuns gevind, soos blyk uit tradisionele piekelviskerrie-resepte.[419]

In die vroeg-negentiende eeu het Lichtenstein melding gemaak van 'n sop wat uit gebakte karkoere, uie, soutvis en rissies bestaan het.[420] *Vissop* was sedert slawetyd 'n spesialiteitsgereg onder veral die Kaapse Maleiervissers en is vandag deel van die Kaapse kookkuns. Die kop en grate is gekook om die lym en geur te verkry, waarna bykomende geurmiddels bygevoeg en die sop met gemaalde vis en rys verdik is. *Kreefsop* was net so 'n gewilde gereg.[421] Hier volg 'n outentieke weergawe van 'n Kaapse vissop-resep soos dit in *Spys en drank* verskyn:

Twee groot krewe of die kop en grate van enige groot vis
Vet of olie om ui bruin te braai
12,5 ml suurlemoensap
500 ml gaar aartappel
'n Paar lourier- of suurlemoenblare
'n Groot fyngesnyde ui en/of gekapte salotte
25 ml kerriepoeier
7 ml bruinsuiker
'n Paar wortels en tamaties

> Kook die vis vir 'n uur lank stadig in genoeg soutwater om dit te bedek en syg deur. Braai die ui bruin in vet of olie en voeg kerriepoeier, suurlemoensap, bruinsuiker, aartappels en 'n bietjie sout by. Voeg alles by die visaftreksel en snipper wortels, tamaties en blare daarby. Kook goed gaar. Dien op met 'n paar skyfies hardgekookte eier in elke bord.[422]

Gewone of kerriesnoekkopsop is tot vandag 'n gewilde tradisionele gereg onder veral die Kaapse Maleiergemeenskap.[423]

Van kreef het die vindingryke slawe onder meer kerriekreefpootjies, kreefkerrie, kreeffrikkadel en smoorkreef gemaak.[424] Kerriegeregte is ook van perlemoen, arikreukels en perdevoetjies

---

417 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 53.

418 *Loc. cit.*

419 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 70; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 29; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 25; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*. p. 22; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 23 - 24; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 24.

420 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 102.

421 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 47.

422 *Loc. cit.*

423 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 24; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 17; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 16.

424 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 114 - 115; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemaak.[425] Klipkos en seekat is met of sonder kerrie voorberei. Seekatvleisblokkies is saam met gebraaide uie, rissie, knoffel en soms kerrie gesmoor.[426]

Wat rys betref, is daar reeds na die Kaapse slawe se voorliefde vir vis met rys verwys.[427] Hierdie tradisie het die slawe uit hulle Oosterse lande van herkoms saamgebring. Tydens sy Oosterse reise het Stavorinus opgemerk dat die Bengalese se stapelvoedsel rys is, "en in plaats van brood gebruikt word",[428] terwyl die Javane se "vernaamste voedsel … gekookte rijst met een weinig visch en een dronk water is".[429] Terwyl rys in Oos-Indië 'n belangrike bestanddeel van die algemene dieet van alle klasse was, was dit tot die middel van die agtiende eeu die hoofstapelvoedsel van veral die Kompanjieslawe aan die Kaap.[430]

Volgens Leipoldt was die korrekte manier om rys voor te berei, die Indiese metode waarvolgens twee soorte gekookte rys, naamlik "droë rys" en "paprys" verkry kon word.[431] Die mees gewilde rys onder slawe was "droë rys", wat beteken dat die korrels gaar rys apart en los van mekaar is. Dié gebruik van die Oosterse slawe om hulle rys lig en "los" gaar te maak, is deur sekere Europese waarnemers en selfs die Kaapse owerhede verkeerd begryp, wat dié rys uit onkunde as "half-rou" en "ongekook" bestempel het. In die Kompanjiestyd het die owerhede onder meer opgemerk dat die losieslawe na 'n dag se werk, "weinigh of geen lust hebben haar rijs te koocken … de rijs als dan door hare eijgen luijigheijt gansch raeuw en ongekoockt op schaffen …" [432] Tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat die slawe meesal rou voedsel, soos "haringen, met een weinig koude ryst, in water gekookt, in plaats van brood, eeten".[433] Weens Bataafse invloed sowel as die teenwoordigheid van slawekokke in die Kaapse kombuis, was dié gebruik, volgens die waarneming van Lichtenstein, teen die vroeg-negentiende eeu reeds deel van die Kaapse koskultuur: "According to the Batavian customs, which are copied by the inhabitants of the Cape in every thing relating to the luxuries of the table, half cooked rice is often eaten with the *kerrie*." [434] Dit is steeds 'n redelik algemene gebruik van die tradisionele Kaapse Maleiers om rys eers in 'n vysel te stamp en daarna in 'n klein hoeveelheid water te stoom.[435]

Die bediening van rys saam met sekere Kaapse kerriegeregte, soos bobotie, sosaties, pienangvleis en kerrievis, sowel as saam met bredies het mettertyd deel van die algemene Kaapse kostradisie geword. Sedert slawetyd is rys die stapelvoedsel van die Kaapse Maleiers en "huiskos", soos die Kaapse Maleiers daarna verwys, word daagliks saam met die hoofmaaltyd bedien. Daarbenewens word rys in 'n verskeidenheid vorme gedurende fees- en gedenkdae bedien.[436] Die rystradisie van die Oosterse slawe het ook in die breër

425 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 47.

426 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 115 - 116.

427 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 96 en 396.

428 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXV, II*, p. 25.

429 *Ibid. I*, p. 203.

430 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 38.

431 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 110.

432 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid- Afrikaanse Argiefstukke,* p. 220.

433 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

434 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 104.

435 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 9.

436 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 130: Geelrys-met-rosyne. Hierdie soeterige tradisioneel Kaapse rysgereg, wat veral tydens vendusies en begrafnisse van die Kapenaars bedien is, is 'n vermenging van Oosterse speserye (borrie en kaneel), 'n tradisioneel Oosterse voedselproduk (rys) en Kaapse vrugte, soos sultanas, rosyne en korente.


Uit: D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte* (Kaapstad, 1985), p. 126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 131: Soet saffraanrys, wat steeds tydens die viering van spesiale geleenthede van die Kaapse Moslemgemeenskap voorgesit word.

Uit: C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays* (Welgemoed, 1995), p. 48.



Figuur 132: Skaapvleisbreyani – 'n geurige mengeldis van rys, skaapvleis, gaargekookte eier, lensies en 'n mengsel van aromatiese Oosterse speserye en kruie, soos barishap (vinkel), gira (komynsaad), ui, gemmerwortel en knoffel. Hierdie "koninklike" rysgereg van Indiese oorsprong, is aan die Kaap deur die Maleierkokke aangepas om uiteindelik 'n onvervreembare deel van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse koskultuur te vorm.

Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrikaanse kooktradisie neerslag gevind met tradisionele geregte, soos *breyani* en *geelrys-met-rosyne* **(Fig. 130)**. Gekookte rys het so deel van die Kaapse koskultuur geword dat 'n hoofmaaltyd sonder wit- of geelrys, in 'n bepaalde stadium in ons geskiedenis byna ondenkbaar was.[437] Daarbenewens het *geelrys-met-rosyne* tradisioneel deel uitgemaak van die maaltye wat tydens begrafnisse, huwelike en vendusies aan die Kaap bedien is, sodat dit uiteindelik as *begrafnisrys, bruilofsrys* of *vendusierys* bekend gestaan het.[438] Die geelrys-resep wat Hildagonda Duckitt in *Hilda's "Where is it?" of recipes* as 'n Maleise resep aangegee het, het sy heelwaarskynlik van die Oos-Indiese kok in die huishouding op haar ouers se plaas Groote Post gekry.[439] Hier volg 'n vertaalde en gemetriseerde weergawe daarvan:

1 pint (ongeveer 500 ml) rys
2 kwarte (ongeveer 2 liter) water
¼ lb (125 g) ligte geel suiker
1 eetlepel (12,5 ml) botter
1 teelepel (5 ml) fyn borrie
'n Paar sultanas, rosyne of korente

Was die rys deeglik; plaas dit saam met twee kwarte (ongeveer 2 liter) water en al die bestanddele op die stoof. Laat dit vir 'n halfuur kook.[440]

Die tradisionele Kaaps-Maleise geelrys-resep wat Gerber in *Traditional cookery of the Cape Malays* opgeneem het, bevat onder meer ook saffraan en 'n kaneelstokkie.[441] In die Kaapse-Maleise kookkuns word, benewens geelrys-met-rosyne,[442] ook *soet saffraanrys* **(Fig. 131)** vir spesiale geleenthede, soos *Tamat,* voorberei.[443] Die bestanddele vir soet saffraanrys behels basies rys, kaneelstokkies, kardamompeule, saffraan, suiker en botter.[444]

Die rysgereg *breyani* **(Fig. 132)** wat van Indiese oorsprong en deur die Kaapse Maleiers aangepas is, is deel van die Kaaps-Maleise [445] sowel as breër Kaapse en Suid-Afrikaanse koskultuur.[446] Hierdie geurige mengeldis bestaan uit rys met skaapvleis, vis of hoender, terwyl gaargekookte eier, lensies en 'n hele verskeidenheid kruie en speserye ook bykom. Die rys en lensies word eers lig in soutwater gekook tot dit net-net gaar is, waarna botter by die rys gevoeg word. Die lamsvleis, vis of hoender word in porsies gesny en in 'n aparte pot saam met fyngekapte ui, gemmerwortel, knoffel en 'n mengsel van aromatiese speserye, soos barishap en gira, koljander, kaneel, kardamomsade en borrie geprut tot die vleis byna gaar is. 'n Tamatie of twee word ook soms bygevoeg. Laastens word lae rys en lensies beurtelings met die gekruide vleismengsel in 'n ysterkastrol of geskikte oondbak geskep. 'n Paar hardgekookte eierskywe word tussen die lae ingevoeg. Oor die laaste ryslaag word 'n bietjie saffraan, wat in 'n koppie

---

437 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II,* p. 102.

438 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 89.

439 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 21; C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses*, pp. 14 en 94.

440 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 204.

441 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 96.

442 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 21.

443 *Ibid.*, p. 39.

444 *Loc. cit.*

445 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 68; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 42; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 53; B. Rood, *Maleierkookkuns,* pp. 48 - 51.

446 D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte*, p. 36; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, pp. 60 - 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kookwater gemeng is, gegooi. Die pot of oondbak word hierna styf toegemaak en stadig vir ten minste twee uur gaargeprut sonder dat die deksel opgelig word. Sodoende word die geurige aroma in die pot behou.[447] Volgens die Indiese metode word 'n bietjie suurmelk by breyani gevoeg.[448] In die Kaaps-Maleise tradisie word breyani gewoonlik saam met slaaie en atjars sowel as flou swart tee wat die rykheid neutraliseer, op godsdienstige feesdae en ander spesiale geleenthede voorgesit.[449] Volgens Dine van Zyl, kenner van veral tradisioneel Suid-Afrikaanse geregte, is breyani die beste van die Indiese- of Maleierrysgeregte in die Kaapse koskultuur,[450] terwyl Betsie Rood dit as die "koninklike dis" van die Indiër sowel as die Maleier beskryf.[451]

Terwyl die inmaak en verwerking van vrugte in die gewilde Franse *konfituur*, wat later aan die Kaap "konfyt" genoem is, van Franse invloed getuig,[452] het die Oosterse slawe veral in die vorm van konserf, wat hulle *konfyt* genoem het, 'n nuwe dimensie en 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse kookkuns gelewer.[453] Volgens Leipoldt het die Maleierkokke hulle daarop toegelê om konfyt te kook waarin die vorm en "oorspronklike integriteit" van die vrugte behoue gebly het. Hierdie konfyt was ook as "konserf" bekend.[454] By die bereiding van vrugtekonserf is die vrugte eers in stukke opgesny of heel gelaat en oornag in sout- of kalkwater laat lê om brosheid te bewerkstellig. Die kuns van goeie konserf is in die stadige kook van die vrugte in 'n suikerstroop tot die verheldering van elke vrug of vrugtestuk geleë. Volgens lady Anne Barnard is die ryk, heuningagtige suikerbosstroop, wat verkry is deur die kook van die soet vog van suikerbosblomme, in die maak van alle Kaapse konserf gebruik.[455] Die Oosterse slawekokke het meesterlik daarin geslaag om suksesvolle konserf wat ferm, bros, sappig, glansend en deurskynend [456] was, te maak. Leipoldt het 'n beskrywing van die konfyt of konserf wat deur dié kokke gekook is, gegee:

> ... fruit cooked gently in a thin syrup till the combination was so intimate that the syrup, as such, could no longer be distinguished and the whole had merged into a blend of fruit, fruit juice and sugar, varying in consistency but never so mushy that the fruit itself had disintegrated to an extent that destroyed its shape.[457]

Die uitsluitlik Franse gebruik om tydens huweliksonthale gemmerkonserf te bedien,[458] sou aan die vroeë Kaap, wat die produk, resep, vervaardiging en gebruik betref, verruiming ondergaan om as sodanig 'n rol in die Kaapse kulinêre kultuur te speel. Die Kaaps-Hollandse gewoonte

---

447 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 53; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 42; D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte,* pp. 36 - 38.

448 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 53; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 48.

449 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, pp. 40 - 42.

450 D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte*, p. 36.

451 B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 48.

452 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 44.

453 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 90.

454 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 138.


455 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 220.

456 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 90.

457 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 138.

458 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 133: Groenvye- en waatlemoenkonserf – tradisioneel Kaapse konfyt waarin die vorm en "oorspronklike identiteit" van die vrugte behoue gebly het.
Uit M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om konfyt of konserf as 'n soet lekkerny – sonder brood – op spesiale klein bordjies met vurkies saam met tee te bedien, leef vandag veral in die Kaaps-Maleise koskultuur, voort.[459] In die vroeë Kaap is *konfituur,* soos siter-, waatlemoen- en groenvyekonserf, veral met 'n verlowingstee en tydens verjaarsdagvieringe bedien.[460] Selfs op formele onthale, soos die "scheydsmaal" wat Joan Bax in 1676 vir Abraham van Riebeeck aangebied het, is "thee en konfituren" as nagereg voorgesit.[461] Die gebruik om konserf as deel van gewone kuiertee te bedien, het steeds in die tweede helfte van die negentiende eeu voorgekom, soos uit die waarneming van lady Duff-Gordon af te lei is. Tydens 'n besoek aan die plaas van Van der Byl moes sy by die "donkerkleurige" bediende verneem dat Van der Byl en sy vrou albei nie tuis was nie en dat mevrou Van der Byl na die bure gegaan het om "The mit confyt" te geniet.[462] Vandag word dit steeds as Kaapse Moslemtradisie tydens troues en ander feesdae as soet lekkernye voorgesit.[463] Tradisionele Kaapse konserf of stukkekonfyt sluit onder meer groenvye-, waatlemoen-, suurvye-, soetlemoen-, kweper- en koemkwatkonfyt **(Fig. 133)** in.[464] Suurvyekonfyt is by uitstek inheems,[465] terwyl agurkie- en turksvykonfyt ook mettertyd deel van die Suid-Afrikaanse koskultuur geword het. Volgens Leipoldt was groenvyekonserf, wat byna uitsluitlik op die Oosterse wyse gemaak is, die beste stukkekonfyt. Hier volg 'n vertaalde weergawe van sodanige resep:

> Neem die grootste en fermste groen vye; skraap die buitenste skilletjie met 'n stukkie glas af en plaas die geskraapte vy onmiddellik in soutwater waarby ook 'n bietjie kalkwater gegooi mag word. Laat dit vir twee dae in die water lê; haal die vye uit, droog af en kook dit stadig in 'n biejie koue water tot sag. Haal uit en plaas op 'n skoon doek om te dreineer. Maak 'n dun stroop van suiker, water en 'n teelepel rooswater; plaas vye in die stroop sodra dit kook en trek die pot weg van die hitte; laat dit oornag in die stroop week. Kook dit die volgende dag baie stadig tot die vye mooi deurskynend is en die meeste, maar nie alle stroop, geabsorbeer het. Bottel dadelik en bind toe met 'n brandewyn-deurweekte lap.[466]

Tradisioneel is geglo dat groenvye op 'n bepaalde datum, naamlik 10 Oktober, gepluk moet word. Volgens sommige tradisionele groenvyekonserf-resepte moet die onryp vye goed uitgeswel, maar nie hol wees nie met die "blommetjie" in die vy nog nie oop nie,[467] terwyl 'n

---

459 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 90.

460 R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 84 en 90.

461 J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 52.

462 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. A.M.L. Robinson), p. 36.

463 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 63; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 73.


464 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, pp. 175 - 179; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, pp. 91 - 94; C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 141; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, pp. 63 - 64; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 73; D. van Zyl, *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte*, pp. 173 en 178.

465 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 99.

466 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 141.

467 P. Veldsman, Smaragprag, *Rooi Rose* 58 (21), 1998-10-14, p. 108; R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 70.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 134: Mebos – 'n tradisioneel Kaapse suur-sout lekkergoed met 'n Oosterse agtergrond. Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 119.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kruisie ook aan die blom-ent van elke vy gesny behoort te word.[468] Daarbenewens beveel sommige resepte aan dat die vyesteeltjies aanbly,[469] terwyl die groenvye volgens 'n ander resep geprik moet word alvorens dit in die soutwater geweek word.[470] Geen geurmiddels, soos gemmer, kaneel en naeltjies, is in die vroeë Kaapse groenvyekonserf-resepte gebruik nie,[471] hoewel dit mettertyd tog deel van die tradisionele Kaapse resep geword het.[472]

Nog 'n Kaapse vrugtige lekkerny wat sy oorsprong in die Ooste het, is *mebos* **Fig. 134)**. In Japan is mebos van 'n uitsonderlike pruimsoort gemaak. Die vrug is oopgesny, die pit uitgehaal, waarna dit gesout, gedroog en in suiker gerol is.[473] Aangesien dié soort pruim nie aan die Kaap beskikbaar was nie, is van die grootste en beste appelkose gebruik gemaak. Sagte maar ferm appelkose is met skil en al vir ongeveer twee dae in soutwater laat lê, waarna dit uitgehaal, afgedroog, die pit uitgedruk en die vrugte platgedruk is. Sout is daarna oorgestrooi en die appelkose vir ongeveer twee dae in die son gedroog. Die nie te droë appelkose is daarna laag vir laag beurtelings met suiker in 'n fles gepak wat uiteindelik 'n smaaklike suur-sout lekkergoed tot gevolg gehad het.[474] Uit mebos het aan die Kaap meboskonfyt[475] ontstaan wat weer tot die bekende Afrikaanse volksliedjie aanleiding gegee het:

Tan Mina kook stroop
Van die meebos konfyt
Van die Wellington se suiker
Van die trippens die pond [476]

Wat gebak betref, is *melktert* 'n tipies tradisionele Suid-Afrikaanse gereg.[477] Behalwe vir die skilferdeeg wat hulle van die Franse Hugenote oorgeneem het, is die Nederlandse resep vir 'n basiese vlatert deur die bedrewe Oosterse slawekokke en -banketbakkers aangepas deur die vlavulsel soufflé-agtig te verwerk en speserye, soos fyn neutmuskaat of kaneel, oor te strooi[478] – inderdaad 'n goeie voorbeeld van akkulturasie in die Kaapse kookkuns! Aan die vroeë Kaap is melktert veral tydens verlowingstees en verjaarsdagvieringe voortgesit,[479] terwyl dit vandag in die Kaapse Moslemgemeenskap as tradisionele soetgebak by verlowingspartytjies en doopmaaltye bedien word.[480] Behalwe vir pypkaneel en neutmuskaat, vorm kardamomsade ook

---

468 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 175; A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 93; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 91; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 70.

469 H.J. Duckitt, *Hilda's "Where is it?" of recipes*, p. 175; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 70.

470 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 91.

471 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 141.

472 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 70; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 73; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 63.

473 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 101.

474 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 140; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 71.

475 A.G. Hewitt, *Cape cookery: simple yet distinctive*, p. 92.

476 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 71.


477 M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, pp.102 - 103; R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 84; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, p. 107.

478 P. Veldsman, Kos van Goeie Hoop, *Rooi Rose* 52 (10), 1994-05-18, p. 114; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 69.

479 R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 84 en 90.

480 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 69; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 135: Melktert – 'n klassieke voorbeeld van akkulturasie op Kaapse bodem. Die Nederlandse resep vir 'n basiese vlatert is deur die Oosterse slawekokke en banketbakkers aangepas deur speserye, soos fyn neutmuskaat of kaneel oor te strooi en plaaslike bestanddele, soos gedroogde nartjieskil, amandels en perskepitte as geurmiddels in die outentieke Kaapse melktert te gebruik. Behalwe vir pypkaneel en neutmuskaat, vorm kardamomsade en soms ook rooswater, deel van die tradisionele Kaaps-Maleise melktert-resep.

Uit: F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns* (Kaapstad, 1988), p. 96.



Figuur 136: Sagopoeding – 'n vermenging van die Europese gebakte melkpoeding met sago of tapioka, 'n oorspronklik Oosterse voedselproduk.

Uit: M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans* (Kaapstad, 1994), p. 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deel van die Kaaps-Maleise melktert-resep **(Fig. 135)**.[481] Hier volg 'n vertaalde weergawe van 'n outentieke Kaapse resep vir 'n melktertvulsel wat deur Leipoldt opgespoor is:

> Kook twee pinte (ongeveer 1 liter) melk met 'n bietjie kaneel, 'n stukkie gedroogde nartjieskil, 'n teelepel heuning, 'n halwe koppie (125 ml) klappermelk, een bitter amandel, gepel en geblansjeer en een perskepit. Klits drie eiergele met 'n bietjie suiker en roer dit in die kokende melk; haal af en gooi deur 'n sif; voeg nog 'n eier wat saam met die wit van die ander drie eiers en 'n klein glasie soetwyn geklits is by en klits alles goed saam. Gooi in uitgevoerde tertbak en bak redelik vinnig in die oond.[482]

Sagopoeding **(Fig. 136)** is ook 'n vermenging van die Europese gebakte melkpoedings met sago of tapioka, wat 'n Oosterse produk is.[483] Dit is onwaarskynlik dat die Javane of Maleiers in hulle lande van herkoms sago of tapioka met melk berei het, aangesien suiwelprodukte volgens T.S. Raffles (1781 - 1826) geensins deel van die Javaanse huishouding was nie en geen melkgereg as sodanig deur die Javane waardeer is nie. Dit is waarskynlik aan die melkskaarste in dié gebied toe te skryf.[484] Mettertyd het sagopoeding deel van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kookkuns geword,[485] terwyl dit veral in die Kaaps-Maleise koskultuur 'n gewilde tradisionele nagereg is.[486]

Hier volg 'n vertaalde weergawe van 'n tradisionele sagopoeding-resep van mevrou Lakay wat in *Traditional cookery of the Cape Malays* opgeneem is:

> Week die sago oornag. Vir 1 pond (ongeveer 500 gram) sago moet jy 2 pinte (ongeveer 1 liter) melk, sewe tot agt eiers, 'n liggies gestampte kaneelstokkie, kardamom en suiker na smaak gebruik. Klits die eiers en voeg die melk by. Gooi dit oor die sago en roer goed. Voeg in 'n gesmeerde pasteibak en plaas klontjies botter bo-op voor dit gebak word. 'n Bietjie rooswater en vanieljegeursel sal die poeding 'n heerlike smaak gee.[487]

Tempies het, danksy die Kaapse slawe van Javaanse herkoms, deur akkulturasie hulle plek in die tradisionele Kaapse kleinkoekiegebak ingeneem. In Java is *tempe* of *timpé* van onder meer gegiste sojaboontjies gemaak waarvan die deeg tot plat koekies gevorm en in 'n pan met vet gebraai of gebak is.[488] Volgens aanduidings was dit 'n gewilde toespys by rys. Aan die Kaap sou dit egter "verplaaslik" deur van beskikbare produkte gebruik te maak. In 1930 het ene mevrou Grobbelaar, Franken meegedeel dat "[d]ie tempie 'n soort scon [is] wat gemaak word van boerbolletjiedeeg [mosbolletjiedeeg] [489] (suiker, botter, meel geknee in rosyntjiesous) en

---

481 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 69; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 73.

482 C.L. Leipoldt, *Leipoldt's Cape cookery*, p. 153.

483 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 71.

484 T.S. Raffles, *The history of Java I,* p. 95.

485 M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans,* p. 88.

486 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 56; F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 67.

487 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 75.

488 J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(450), 1930-11-14, p. 23.

489 R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

korente." [490] In plaas van gegiste boontjies het groot soet rosyne, wat met suiker gegis is, die rysmiddel of "mos" vir die Kaapse tempies verskaf. Die volgende gediggie in verafrikaansde Nederlands oor tempies is uit Tulbagh afkomstig:

> Wil jij bier en tempies koopen,
> moet jij maar naar Martjie loopen
> Die van Mientjie zijn te zuur
> En daarbij beestachtig duur [491]

Alhoewel *tameletjie* van Franse oorsprong is, het die Kaapse Maleiers hierdie tradisioneel Kaapse lekkergoed [492] hulle eie gemaak. Vandag nog word die Kaaps-Maleise *pitjie-tameletjie* op die tradisionele wyse met dennepitte gemaak,[493] soos blyk uit 'n vertaalde, gemetriseerde resep van *Traditional cookery of the Cape Malays:*

> 2 koppies (500 ml) dennepitte
> 2 stukkies droë gemmer
> 2 koppies (500 ml) water
> 2 pond (ongeveer 1 kg) suiker
> 'n bietjie botter
>
> Kook suiker, botter en water tot bruin. Voeg die pitjies by. Giet die tameletjies in kardoesies. Om dit te maak, word die kante van papierreghoeke omgevou.[494]

Soms word die dennepitte met gedroogde, geweekte ertjies vervang,[495] terwyl gekapte amandels of okkerneute ook as plaasvervangers in die gewone Kaapse of Suid-Afrikaanse tameletjie-resep gebruik word.[496]

'n Interessante verskynsel in die Suid-Afrikaanse kooktradisie is dat 'n kulinêre purisme in die Kaapse Moslemgemeenskap behoue gebly het, en dat tradisioneel Kaaps-Hollandse geregte steeds 'n belangrike plek in die Kaapse Moslemkoskultuur inneem [497] en bepaalde geregte veral met bepaalde feesgeleenthede verbind word. Gerber het tereg opgemerk dat, "[t]hey [the Cape Malays] are conspicuously conservative when it comes to celebrating their religious festivals".[498] Tydens die tradisionele godsdiens- en gesinsfeeste van die Kaapse Moslem-gemeenskap is die ou Kaaps-Hollandse geregte immer teenwoordig.[499]

Tydens ***Ramadan*** word die vas, wanneer dit aand raak, gebreek met ligte versnapperinge, soos *dadels*, *koeksisters*, *pannekoekies* of *vetkoekies,* soos *pampoenkoek* en *patatkoek*, waarna *sop*

---

[490] J.L.M. Franken, Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag, *Die Huisgenoot* 15(450), 1930-11-14, p. 23.

[491] R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 61.

[492] *Ibid.,* pp. 52 - 53; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans,* p. 88; M. Jooste, Egte Suid-Afrikaanse geregte, *in* C.P. van der Merwe en C.F. Albertyn (reds.), *Die Vrou II*, p. 100.

[493] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns*, p. 68.

[494] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 89.

[495] *Ibid.*, p. 88.

[496] R. Coetzee, *Spys en drank,* p. 53; M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans,* p. 111.

[497] I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 26.

[498] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 15.

[499] *Ibid.*, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en *mutabah* voorgesit word. Na die magriebgebed word die aandete bedien wat veral op Donderdae en Sondae afvalkos, soos *penslawar*, *pootjies-en-tamaties*, of *pens-en-pootjies*, behels. Die uitsluitlik Kaaps-Maleise dik gegeurde melkdrank, *boeboer*, word op die vyftiende aand van *Ramadan* voorgesit om die middel van die vastyd te vier.[500] Boeboer herinner sterk aan die tradisioneel Suid-Afrikaanse melkkosgeregte en bestaan basies uit sago, fyn vermicelli en melk wat met kaneel, kardamom en rooswater gegeur word, terwyl suiker, sultanas en amandels ook deel van die resep uitmaak.

Lebaran, die dag net na die einde van *Ramadan*, is ook vir die Kaapse Moslems die ekwivalent van Kersfees, en word met 'n verskeidenheid tradisionele geregte, soos *breyani*, *kerrie*, *sosaties*, *bredies*, *gesmoorde hoender*, *hoenderpastei*, *vleispastei*, *kabobs*, *penslawar*, *roti* en *geelrys*, gevier.[501] Tradisioneel is *gebraaide hoender* as hoofdis tydens die middagmaal van *lebaran* voorgesit, terwyl *beetslaai* deel van die bykosse was.[502]

Tydens ***Eid-ul-korban,*** die "Fees van Offerhande", is beide *breyani* en *afvalkos* tradisioneel deel van die wye verskeidenheid geregte.[503]

Rampie-sny is 'n tipiese gebruik tydens ***Maulūd-an-nabī*** waartydens die herdenking van die profeet Mohammed se verjaarsdag gevier word. Dit behels onder meer 'n teedrinkseremonie waartydens Moslemvroue lekkernye, soos *melktert*, *appel-* en *klappertertjies*, *"karamong scraps"*, *samboeras*, *koeksisters*, *gemmerkoekies*, *mebos*, *lallimala* en 'n verskeidenheid tuisgemaakte vrugtekonserf, nuttig. Die aandete wat basies uit *breyani* bestaan, word deur die mans voorberei. Verskeie slaaie word saam met *breyani* bedien, terwyl disse, soos *frikkadel*, *gesmoorde hoender* en *kerrie*, ook deel van die feesmaal uitmaak.[504]

Tydens ***merang,*** wat gewoonlik op Sondae plaasvind, word onder meer *gesmoorde longetjies*, *tamatie-en-uie-pootjies*, *soetpatat-en-klapperpoeding*, *skaaptongetjies*, *sagopoeding*, *pens-lawar* en *emmertee* bedien.[505]

Tamat, wat die dag is waarop 'n Moslemseun sy Islamitiese opvoeding en studie van die Koran voltooi, word gevier deur die bediening van tee saam met dieselfde verskeidenheid koek wat by die doopmaal voortgesit word, waarna 'n warm ete van onder meer *snoekbreyani*, *soet saffraanrys*, *gesmoorde rys*, *plaatfrikkadelle*, *maalvleiskerrie*, *pienangkerrie*, *sabanangvleis* en *beetslaai* volg.[506]

Wat familiefeesdae betref, is die ***doopmaal*** of ***doopmal,*** wat op die sewende dag na die baba se geboorte plaasvind, 'n grootse geleentheid waartydens lekkernye, soos *vrugtekoek*, *melktert*, *klappertert*, *rosynetert*, *korentekolwyntjies*, *koeksisters* en 'n verskeidenheid kleinkoekies,

---

500 F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* pp. 74 en 95; A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods – pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir Voice of the Cape Radio, 1997, p. 2; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 46; H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 16.

501 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, pp. 16 - 17.

502 A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods - pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir Voice of the Cape Radio, 1997, p. 2.

503 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 18.

504 *Ibid.*, p. 19; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 6.

505 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 53 - 57.

506 *Ibid.*, pp. 34 - 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 137: Kolwadjib – 'n gebakte ryskoekie van Indonesiese oorsprong. Die woord is afgelei van die Javaanse soetgereg *gula-wajek* (gula beteken soet) wat van gestoomde rys gemaak en met 'n kokosneutolie-en-suikersous bedien is.

Uit: C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays* (Welgemoed, 1995), p. 28.



Figuur 138: Wortel-en-ertjiebredie, 'n tradisionele dis wat steeds tydens Moslembegrafnis-maaltye voorgesit word.

Uit: C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays* (Welgemoed, 1995), p. 78.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos *botterbeskuitjies, klapperkrapkoekies, "karamonk-scraps"* (kardamombeskuitjies), *samboeras, rillegebak, bollas* en *kolwadjib,* voorgesit word.[507] Behalwe vir *kolwadjib* **(Fig. 137)**, wat 'n ongebakte ryskoekie van Indonesiese oorsprong is, is al die ander koek-, tert- en kleinkoekie-resepte reeds deur die Maleierslawe van hulle Nederlandse meesters aan die Kaap oorgeneem en aangepas om tot vandag 'n integrale deel van die Kaaps-Maleise koskultuur te vorm. Helder kleure in onder meer die sponskoek en versiersuiker dui op Oosterse invloed.[508]

Meeste van die koek en kleinkoekies wat tydens die doopmaal voorgesit word, het ook 'n plek op die ***verlowingstafel.*** *Hertzogkoekies, sjokoladekoekies, grondboontjiebotterkoekies, broskoekies, "Johnson's Specials", piesang puri* en *koeksisters* is bykomende gunstelinge.[509]

Tradisionele voedsel wat met die ***trimmery*** – die dag voor die huwelik – geassosieer word, is *gesmoorde droë snoek* en *suikerboontjiebredie.*[510]

Wat die ***huweliksfees*** betref, word daar na die diens in die moskee 'n fees by die bruidegom se ouerhuis gegee waartydens 'n verskeidenheid vleisdisse, waarvan *lamsvleisbreyani* die belangrikste is, en verskeie gebakte melkpoedings bedien word.[511] Tradisioneel word 'n "bruidsmandjie" vir middag of aandete deur die bruidegom aan sy bruid gestuur.[512] Dit bestaan gewoonlik uit geregte, soos *gebraaide hoenders, boudvleis, breyani, kerrievleis, geelrys* en bykomende bykosse.[513] Die tweede "bruidsmandjie" bestaan uit nagereg waarvan "silver flakes"-poeding die hoofitem is. Tydens die huweliksfees word 'n verskeidenheid groot- en kleinkoekies, *gebraaide hoender, hoenderpastei,* kerriedisse, soos *bobotie, sosaties, Kaapse hoenderkerrie* en *kreefkerrie, penslawar, lamsvleisbreyani, denningvleis* en *mafrew* voorgesit.[514] Nagereg sluit onder meer *koekstruif, aartappelpoeding, sago-en-tapiokavla* en 'n verskeidenheid vrugtekonserf in.[515]

Tydens ***begrafnismaaltye*** word die tradisionele *wortel-* of *wortel-en-ertjiebredie* **(Fig. 138)**, sowel as *suikerboontjiebredie* voorgesit [516] terwyl dit vandag ook gebruiklik is om *skaapvleis-kerrie* met rys, sambals en slaai as *kifyaat* (begrafniskos) te bedien.[517] *Gesmoorde droë snoek, pootjies-en-tamaties* sowel as *kerrie-en-rys* is ook tradisionele geregte wat met die begrafnismaal geassosieer word.[518] Tydens die gebedebyeenkomste wat na die begrafnis volg, word *gedatmelk, klappertert, sponskoek, appeltertjies* en *soutpasteitjies* genuttig.[519]

---

[507] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 24; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 28 - 32; B. Rood, *Maleierkookkuns*, p. 7.

[508] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 78.

[509] C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 60 - 63.

[510] A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods – pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir Voice of the Cape Radio, 1997, p. 2.

[511] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 27.

[512] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 95.

[513] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 29.

[514] *Ibid.*, pp. 30 - 31; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 66 - 72.

[515] H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 31; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 72 - 73.

[516] C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 76 - 77.

[517] F. Williams, *Kaapse Maleier-kookkuns,* p. 95.

[518] A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods – pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir Voice of the Cape Radio, 1997, p. 2.

[519] C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 75, 78 - 79.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vroeër is *afval,* soos pootjies, pens, tong of skaapkop met *dal* of *lensiekerrie,* tydens die tradisionele ***Vrydagmiddagmaal*** na die *Juma'ah* geniet, terwyl die ***Sondagmaal*** uit *gebraaide boud, denningvleis, penslawar, sosaties, kabobs, oondfrikkadelle* of *bobotie* en *pienangkerrie* wat met òf *witrys* òf *soet geelrys* òf *gesmoorde rys* òf *rosyntjierys* en *kapokaardappels -met-neut* bedien is, bestaan het. Dié geregte is met die gepaste slaaie, sambals, blatjang of atjar voorgesit. Maandae is visgeregte, soos *visfrikkadelle, piekelaar* en *gebakte-, gesmoorde-* of *kerriesnoek,* voorgesit.[520]

Die invloed van die Westerse kookkuns op die Oosterse slawekokke in die Kaapse huishoudings en die onderlinge uitruil van Oosterse en Westerse voedselgebruike in die kultureel heterogene Kaapse samelewing van die sewentiende en agtiende eeu, blyk duidelik uit die Kaaps-Maleise kookkuns. Alhoewel hierdie kookkuns 'n eiesoortige karakter het waarin Indonesiese sowel as Indiese elemente figureer, dra dit onteenseglik die stempel van die Kaaps-Hollandse kookkuns. Gerber huldig tereg die mening dat 'n studie van die Kaaps-Maleise kooktradisie inderdaad lig werp op die eetkultuur van die vroeë Kaapse burgers in 'n tyd toe die Kaap die Westerse buitepos van die VOC se Oosterse kolonies was.[521] Indiese invloed blyk onder meer uit die sterker kerries, *breyani, roti, dhuniablatjang* en *samoesas.*[522]

Samevattend kan met oortuiging gekonstateer word dat veral die Oosterse slawe 'n belangrike bydrae tot die opbou van 'n sinkretiese potpourri van Oosterse en Westerse elemente in die Kaapse kookkuns gelewer het. Deur die behendige vermenging, vervorming en aanpassing van Oosterse en Westerse kookkunselemente by plaaslike smake, behoeftes en beskikbare voedselbestanddele het veral die Maleierkokke 'n rol gespeel in bepaalde fasette van die Kaapse kookkuns, soos onder meer die kombinasie van soetsmake en speserygeure in vleis- en visgeregte,[523] sowel as smaaklike en pikante bykosse, soos *sambal, blatjang* en *atjar,* ontwikkel wat uiteindelik 'n unieke karakter aan die Suid-Afrikaanse kookkuns verleen het. Bredies en die Kaapse viskookkuns is ook grootliks aan die slawe te danke, terwyl Oosterse elemente duidelik in bepaalde Kaapse soet lekkernye en banketgebak, soos onder meer *konserf, mebos, sagopoeding* en *melktert,* te bespeur is. Daarbenewens het die teenwoordigheid van Oosterse slawe aan die Kaap tot die ontstaan van 'n eiesoortige Kaaps-Maleise kookkunstradisie aanleiding gegee wat op sigself 'n interessante vermenging van Westerse en Oosterse elemente openbaar waarin die Kaaps-Hollandse kookkunsgebruike onmiskenbaar figureer, terwyl die Indiese invloed ook duidelik blyk.

Musiekmakers en -skeppers

Musikale Maleierslawe het die grondslag vir die latere tradisioneel Kaaps-Maleise musiek gelê en ook 'n bepaalde invloed op die tradisionele *boeremusiek* van die Afrikaner uitgeoefen.[524] Weens hulle besondere talent het die slawe heel handig te pas gekom in die bevrediging van

---

520 A. Davids, *Traditional Cape Muslim foods – pre-1950 recipes,* Ongepubliseerde navorsingstuk vir Voice of the Cape Radio, 1997, p. 2.

521 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays*, p. 12.

522 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims*, Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 4; B. Rood, *Maleierkookkuns,* p. 2.

523 M. van Wyk, *Kook Suid-Afrikaans*, p. 6.

524 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle eienaars se voorliefde vir musiek en dans,[525] en het as sodanig 'n onmisbare rol in die sosiale lewe van die Kapenaars gespeel. Sekere gegoede en vername burgers en selfs die goewerneur het 'n aantal slawemusikante in diens gehad wat tydens feesgeleenthede die tafel- en dansmusiek in die huishouding verskaf het.[526] Die natuurlike musikaliteit van veral die Maleierslawe is telkens deur besoekers en reisigers bevestig. Tydens sy kort besoek aan die Kaap in 1676 het Abraham van Riebeeck opgemerk dat die tafelmusiek op die onthaal van sy gasheer, goewerneur Joan Bax, deur slawemusikante verskaf is. 'n Jong slaaf het die luit bespeel, terwyl 'n swart hofmeester hom uiters goed van sy taak op die teorbéharp ('n soort luit) gekwyt het, "voornamelijk in de loopjes en de praeludia, die hij meesterlijk speelde, dog hij speelde nooyt uyt noten, maer al van buyten." [527] 'n Week later tydens die "scheydsmaal" is Van Riebeeck weereens op onder meer die "musykgelyt van de harp en tiorba" onthaal wat deur die slawemusikante verskaf is.[528]

In die vroeg-agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat die tafel- en dansmusiek tydens huweliksonthale deur "de Muzikanten van den Heer Gouverneur" of deur huishoudelike slawemusikante verskaf is wat die musiek "op allerhande speeltuig zeer lieflyk" gemaak het.[529] Op 30 April 1756 het die bekende Kaapstadse bibliofiel, Joachim von Dessin, die aankoop van die veelsydige Jason van Madagaskar in sy *Memoriaal* aangeteken. Benewens sy bedrewenheid as kok en banketbakker, "kan denselven [ook] op de fluijt, hobooij en waldhoorn speelen". [530] Dat Jason nie die enigste slawemusikant in die Von Dessin-huishouding was nie, blyk uit die aantal musiekinstrumente wat in die "opcaamer" gebêre is. Dit het twee trompette, twee horings, twee viole, 'n basviool en 'n hobo ingesluit [531] wat na sy dood tydens 'n boedelvendusie van 26 tot 28 Oktober 1761 by sy sterfhuis verkoop is.[532]

Tydens sy besoek aan Constantia in die agtiende eeu het Francois le Vaillant opgemerk dat die pragtige musiek waarmee hy die oggend wakker geword het, eintlik vir die eienaar bedoel was, wat vir dié daaglikse musikale gebruik, vyftien talentvolle slawemusikante in diens gehad het.[533] In 1777 is die besoekende William Hickey in effe buitengewone omstandighede deur die musikale talent van die Kaapse slawe verras. As gas van kolonel Robert Jacob Gordon het hy 'n uitstappie teen Tafelberg meegemaak. Tydens 'n ruspose met die opgaan teen die berg, is hulle plotseling op die mooiste musiek onthaal wat Hickey 'n volledige orkes laat vermoed het.

---

525 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 110; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop in de jaren 1791 tot 1797, I,* pp. 99 en 130; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 31; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 48; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 372; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* p. 34.

526 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 305; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony, with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 51.

527 J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 48.

528 *Ibid.*, p. 52.

529 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 306.

530 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 60.

531 *Ibid.*, p. 58.

532 Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna K.A.B.): MOOC 10/8, nr. 43: Vendurollen, 1761-10-26/27; K.A.B.: MOOC 8/10, nr. 76: Inventarissen, September 1761.

533 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* soos aangehaal *in* V. de Kock, *Those in bondage,* p. 93.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die musiek, waarvan die lieflike klanke weens die gunstige ligging met 'n eggo weerklink het, was egter van slegs twee fluitspelerslawe afkomstig wat deur die kolonel vooruitgestuur is.[534]

Tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) het Semple pertinent opgemerk dat die veelsydige Maleierslawe onder meer ook musikante was, want "[h]e knows well that from his class are formed the house-painters, the musicians, the ingenious workmen of the Cape." [535] Beide Augusta de Mist en Hinrich Lichtenstein het, tydens hulle binnelandse reis saam met kommissaris-generaal A.U. de Mist in die vroeg-agtiende eeu, van die slaweorkes op die plaas Klavervallei van Jacob van Reenen melding gemaak. Augusta de Mist en die res van die geselskap was verras deur die buitengewone talent van die slawe, "since their only music-teacher was nature, and they understand nothing of the rules of music". [536] Sy het voorts opgemerk dat verskeie Kaapse families in besit van slawemusikante was.[537] As medereisiger het Lichtenstein De Mist se ervaring van die slaweorkes op Van Reenen se plaas bevestig en onder meer opgemerk dat die slawemusikante die konsert met koormusiek afgeskop het, waarna hulle mars- sowel as dansmusiek op klarinette, Franse horings en fagotte gespeel het. Later die aand was hulle ook ewe bedrewe op viole, tjello's en fluite.[538] Lichtenstein het voorts melding gemaak van ander Kaapse families wat in besit van soortgelyke orkeste was en van verskeie vryslawe in die stad wat aan slawe musieklesse gegee het, terwyl nòg hulle nòg hulle leerlinge kon bladlees en uitsluitlik op gehoor gespeel het. Die musikaliteit van die slawe het baie handig in die Kaapse huishoudings te pas gekom, aangesien die veelsydige slawe op die ingewing van die oomblik hulle onderskeie take kon onderbreek om, in opdrag van hulle meesters, die fluit, viool en tjello op te neem.[539]

Tydens sy besoek aan die plaas Klein-Constantia van weduwee Colijn in 1825, is Teenstra aangenaam verras deur die musiek van 'n sestiental slawemusikante wat 'n volmaakte "veldmusiek" uitgevoer het, "met al de daartoe benodigde blaas- en andere instrumenten, als klarinetten, fluiten, trompetten, fagot, slang, bekkens en twee groote trommen, en bespeelden dit alles zoo wel, als het beste Engelsche korps in de Kaapstad durfde denken". [540] Dié slaweorkes is ontbind toe weduwee Colijn op 20 Januarie 1830 onder meer 31 slawe en 'n volledige stel musiekinstrumente van "eene bende, geheel nieuw" verkoop het.[541] Pieter van Breda van die Kaapstadse marktuin Oranjezicht het 'n slawehuisorkes van dertig fluit- en vioolspelers in uniform gehad. 'n Vlag is gewoonlik gehys as uitnodiging aan alle Kaapse musiekliefhebbers om die konsert in die groot tent in sy tuin by te woon.[542] Die orkesgalery met sy lae klipmure was net 'n kort afstand van die huis af.[543] Na die afskaffing van slawerny het die slaweorkes steeds bly voortbestaan en was in 1839 die trekpleister vir 'n geselligheid wat deur

---

534 C.J. Barnard, Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* XIII, 1950 I, p. 381.

535 R. Semple, *Walks and sketches of the Cape of Good Hope*, pp. 47 - 48.

536 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 24.

537 *Loc. cit.*

538 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 33 - 34.

539 *Ibid. I*, p. 34.

540 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 422 - 423.

541 J. Bouws, Slawemusiek in vergange se dae, *Die Suid-Afrikaanse musiekonderwyser* 90, 1976, p. 11; C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 29.

542 J.H. Verduyn den Boer, *Schetsen uit het Kaapse leven van de 18e en 19e eeuw I*, p. 6; A. Naudé, *Cape Album*, p. 71.

543 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 95.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Michiel van Breda in die Vrymesselaarslosie op St. Johannes-dag gehou is.[544] Die bestaan van slaweorkeste is voorts af te lei uit 'n penskets deur lady Anne Barnard van 'n besoek deur lord Charles Somerset aan Hendrik Oostwald Eksteen van die plaas Bergvliet in 1821, wat 'n slaweorkes van veertien man in husaar-uniforms onder die eikebome **(Fig. 106)** aantoon.[545] Daarbenewens word die bestaan van 'n slaweorkes te Hope Mill bevestig deur die orkesgalery aan die bo-punt van die eetkamer waar slawe meesal tydens maaltye vir die tafelmusiek verantwoordelik was.[546]

Na hulle vrystelling het van die Maleiers se musiektalent steeds gemanifesteer, soos lady Duff-Gordon op Nuwejaar in 1862 persoonlik ervaar het. Terwyl sy in 'n hotel na 'n konsertina-gekerm moes luister, het twee Maleiermesselaars binnegekom. Die een het 'n tamboeryn gehad, terwyl die ander een die konsertina oorgeneem het. Haar eerstehandse ervaring van die Maleiers se buitengewone musiektalent dié aand, het sy waarderend as volg beskryf:

> The handsome yellow man took the concertina which seemed so discordant, and the touch of his dainty fingers transformed it to harmony. He played dances with a precision and feeling quite unequalled, except by Strauss's band, and a variety which seemed endless.[547]

Dié musikale Maleier het hartlik begin lag toe lady Duff-Gordon hom na sy vermoë om musiek te kan lees uitvra, waarop hy geantwoord het dat musiek in die ore en nie in die oë sit nie. Volgens hom het hy die musiek onder meer by die Kaapstadse orkeste opgetel.[548] Die volgende aand het dieselfde Maleier 'n nuwe musiekprogram gespeel wat onder meer arias uit *La Traviata* ingesluit het.

Dit blyk dus dat die Maleierslawe die Europese musiek maklik aangeleer en die dansmusiek vir die Engelse kadriel, die Franse minuet, die wals en die geliefde kontradans heel behendig uitgevoer het.[549] Hierdie danse was baie gewild aan die Kaap,[550] en is selfs deur die "Kaapsche landmeisjes" gedans, soos De Jong opgemerk het: "zij danssen alle, en niet zoo als onze boerinnetjes, maar wezenlijk contradansen en menuetten." [551] Mentzel het onder meer ook waargeneem dat plaasslawe wat musiek kon maak, veral tydens die oesfees ingespan is om die dansmusiek te verskaf.[552] Musikale Maleierslawe het dus ongetwyfeld 'n belangrike rol in die verskaffing van konsert-, tafel- en dansmusiek binne die Kaapse huishouding en gemeenskap gespeel.

---

544 C. Pama, *Regency Cape Town,* p. 29.

545 A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana,* p. 54.

546 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 92.

547 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 80.

548 *Loc. cit.*


549 J. Bouws, Die musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kompanjiestyd, *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 16(3), 1962, p. 114.

550 C. G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 51.

551 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 99.

552 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 121.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 139: Die Kaaps-Maleise lied *Ik heb daar's dikmaals in dit lang groene straatje* is die produk van akkulturasie op Kaapse bodem. Die lirieke en melodie van die tradisionele Nederlandse volksliedjie het deur verhaspeling en die Oosterse sangtegniek of *karienkels* van die Kaapse slawe, 'n nuwe gedaante verkry. Die vertikale pyltjies toon die steunpunte van die oorspronklike melodie aan, terwyl die note binne die omkringde gedeeltes vermoedelik die tweede steunparty van die Maleiersanger is.

Uit: W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35 (12), Desember 1965, p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die teenwoordigheid van musikale Maleierslawe aan die Kaap sou ook die grondslag vir die tradisioneel Kaaps-Maleise musiek lê. Kaaps-Maleise sekulêre musiek is die produk van 'n akkulturasieproses wat in die slawetyd aan die Kaap 'n aanvang geneem het en in die hand gewerk is deur kontak tussen kultureel en etnies heterogene groepe binne dieselfde geografiese en sosiale milieu.[553] In dié opsig word die Kaaps-Maleise volksmusiek gekenmerk deur 'n eiesoortige en merkwaardige samevoeging van oud-Nederlandse lirieke en Oosterse sangtegniek.[554] Met die verlies aan hulle eie volkstaal en volksliedere, het veral die Oosterse slawe die Nederlandse volksliedere[555] met 'n elementêre begrip van harmonie en die gebruik van Europese instrumente, soos die fluit, hobo, horing, viool en tjello, aanvaar. Die lirieke is mettertyd aangepas, sodat die oorspronklike suiwer Nederlandse volkslied later slegs deels herkenbaar was.[556] Die Europese lirieke, harmonie en musiekinstrumente het hulle op 'n behendige wyse met hulle Oosterse herkoms versoen deur die volksang met allerlei ritmiese verskuiwings en vokale krinkeltjies te versier.[557] Nederlandse liedere wat van geslag tot geslag mondeling oorgelewer is, het deur verhaspeling[558] en Oosterse sangtegniek 'n metamorfose ondergaan. Soms het woorde 'n ander betekenis verkry, klinkers is anders uitgespreek en werkwoorde verdraai.[559] Die Kaaps-Maleise lied *Ik heb daar's dikmaals in dit lange groene straatje* **(Fig. 139)** is hiervan 'n goeie voorbeeld. In sy Nederlandse vorm lees die lirieke van dié lied soos volg:

> Ik ben er de groenelands straatjes
> Ze dikwijls ten einde gegaan
> Daar heb ik mijn zoetlief verloren
> En dat hebben mijn vrienden gedaan. [560]

Die oorgelewerde weergawe is egter as volg onder die Kaapse Maleiers bekend:

> Ik heb daar's dikmaals in dit lange groene straatjie
> al en al en gygaan
> Daar heb ik my soetste liefie verloor, verloren.
> 't Was een van my valske vrienden gydaan.[561]

Alhoewel verhaspeld en aangepas, is die teks nogtans verstaanbaar en logies en dui die verhaspeling juis op oorspronklike mondelinge oorlewering, wat die kultuurhistoriese waarde daarvan verhoog.

---

553 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

554 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 76.

555 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 21.

556 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

557 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie* III, p. 76; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 40; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 39; W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

558 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 23.

559 *Loc. cit.*

560 *Loc. cit.*

561 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 23.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die melodie betref, dien dit by die Maleiers se sang – volgens Oosterse gebruik – as toonpatroon. Dit behels 'n groot aantal variasies waarin letters en lettergrepe sowel as woorde en sinne herhaal en note en nootgroepe ingelas word, wat uiteindelik 'n nuwe melodie tot gevolg het, maar wat streng by die steunpunte van die oorspronklike melodie hou. [562] Dié *karienkels* of "tosseltjies" is die Oosterse arabeske waarmee die solosang in veral die *minnatliedere* of liefdesliedere versier word. Dit is meer as blote tooisels; dit is die lewe en siel van die lied self.[563] In **Figuur 139** dui die ↓ die steunpunte van die oorspronklike melodie aan, terwyl die omkringde note die *karienkel* of tweede steunparty van die solosanger is.[564] Volgens Davids is die *karienkels* of *karinka* van dié musiek, sterk deur die religieuse Moslemmusiek en die melodieuse resitasie van die Arabiese Koran beïnvloed, waar die note aan die einde van 'n reël of vers in wisselende intonasies uitgerek word.[565] Die fliktuerende intonasie aan die einde van 'n woord is tipies van die wyse waarop die *Athaan* of Islamitiese oproep tot gebed daagliks deur die *muezzin* uitgevoer word.[566] Hierdie oproep tot gebed is 'n goeie voorbeeld van die komplekse *māqāmat*, die Arabiese toonskaal waarop Arabiese musiek gebaseer is.[567] Van Warmelo is van mening dat Hindoe-invloed ook waarskynlik 'n rol gespeel het en dat 'n verband tussen die *karienkels* en die *gamakas* van die Indiese sangers getrek kan word. Hy beweer voorts dat die *māqām*-tegniek van die Kaapse Maleiers 'n verwaterde vorm van die Indiese *rāga* [568] is wat, deur Europese invloed in Indonesië, van sy oorspronklike vorm afgewyk het.[569]

Aangesien die Nederlandse meesters reeds bekend was met vervormings in Europese volksliedere, soos die "krulletjies en haaltjies" van die Volendamse vissers, en ook daardeur beïnvloed is, het hulle die vervormde uitvoering van die Nederlandse volksliedere deur die Oosterse slawe nie juis vreemd gevind nie.[570] Mettertyd is die Nederlandse volkslied deur sosiale kontak tussen die Oosterse slawe en hulle Nederlandse meesters enersyds, sowel as besoekende en deurvarende matrose andersyds in die volksang van die Oosterse slawe opgeneem.[571] Terwyl isolasie op die platteland en afgeleë binneland die geleenthede vir gesellige sosiale verkeer met volksliedere en volksdanse beperk het, was die situasie in Kaapstad anders.[572] Hier is die gesellige verkeer veral deur die voortdurende kontak met besoekende Nederlandse matrose bevorder.[573] Daar is reeds in die studie van die sogenaamde "reënboogdanse" melding gemaak waaraan onder meer slawe, matrose en soldate entoesiasties

---

562 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

563 *Loc. cit.*

564 *Ibid.*, p. 23.

565 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

566 A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethno-musicology,* p. 37.

567 S. Broughton, M. Ellingham, D. Muddyman en R. Trillo (reds.), *World Music. The rough guide,* pp. 170 - 171.

568 D.M. Randel (red.), *The new Harvard dictionary of music,* p. 680.

569 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

570 *Ibid.,* pp. 24 - 25; J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 76.

571 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

572 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* p. 81; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 40.

573 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 32 en 47.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meegedoen het.[574] In aanraking met die Nederlandse matrose is telkens nuwe Nederlandse volksliedere ingevoer, terwyl die oues bly voortbestaan het.[575] Daarbenewens was die noue kontak in die Kaapse huishoudings bevorderlik vir die aanleer van die Nederlandse volksliedere wat deur die meesters van die vaderland af saamgebring is.[576] Dit is juis in die Kaapse huishoudings waar veral van die toegewyde Moslemslawe, wat nie by die sekulêre slawedanse met matrose en soldate betrokke was nie, die volksliedere van hulle meesters aangeleer en dit na smaak en behoefte as vermaak vir hulle meesters en hulleself aangepas het.[577]

Met die aanleer en opname van die Nederlandse volkslied in hulle volksang, het die Maleierslawe mede-erfgename van 'n bepaalde element van die Kaaps-Hollandse kultuur-produkte geword. Die Nederlandse volkslied wat in sewentiende-eeuse Nederland nie juis 'n bloeifase beleef het nie, sou veral wat lirieke betref, aan die Kaap die grondslag vir 'n nuwe unieke uitdrukking van kulturele identiteit vorm. Dit is grootliks te danke aan veral die Oosterse slawe se natuurlike musikaliteit en intense liefde vir sang en musiek sowel as 'n dringende behoefte om vitaal daaraan gestalte te gee. Die Nederlandse volkslied het die mondstuk van die slawe se gemoedsaandoeninge geword en was die medium waardeur hulle ervarings van gebeurtenisse wat hulle na aan die hart gelê het, tot uiting kon kom.[578] In die eerste helfte van die negentiende eeu het Edward Blount tereg opgemerk dat "the numerous slaves of various nations at the Cape, are not behind-hand in their fondness for, and no less enthusiastic admirers of music. It rouses all their energies, and awakens the most lively passions ..." [579]

I.D. du Plessis, Afrikaanse digter en skrywer oor die Kaapse Maleierkultuur, het die opbloei van die aangepaste Nederlandse volkslied in Kaapstad aan die slawe en hulle nageslag toegeskryf.[580] Ou Nederlandse volksliedere wat mettertyd in hulle land van oorsprong verdwyn het sowel as straatliedere wat in Nederland slegs kortstondig bestaan het,[581] is met volharding en oorgawe deur die Kaapse Maleiers gesing.[582] Eie aan hulle lojale en konserwatiewe aard het hulle hartstogtelik en patrioties oor Napoleon, Batavia en Nederland begin sing. Dit was 'n Nederland wat slegs in hulle verbeelding bestaan het, maar waaraan hulle verknog was; 'n Nederland met 'n "kwenigin" wat hulle vereer, met 'n *Prenzij nog so klein* (Prins Willem van

---

574 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 40; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822,* p. 166; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60; R. Renshaw, *Voyage to the Cape of Good Hope, Indian Ocean and up the Red Sea with travels into Egypt,* p. 33; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 93.

575 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* p. 81.

576 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 40; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 47.

577 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

578 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 30 en 36.

579 E. Blount, *Notes on the Cape of Good Hope made during an excursion in that colony in the year 1820,* p. 106.

580 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 47.

581 W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 18; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 30 - 31.


582 W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 19; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 140: Die herdenking van *Vrystellingsdag,* toe alle Kaapse slawe op 1 Januarie 1838 finaal vrygestel is, het deel van die Nuwejaarsvieringe van die Kaapse Maleiers geword.

Uit: E. Rosenthal, *Heinrich Egersdörfer. 'n Outydse sketsboek* (Kaapstad, 1960), g.b.



Figuur 141: 'n Kaapse Maleierorkessie tydens Nuwejaarsvieringe, soos uitgebeeld deur die kunstenaar en litograaf Heinrich Egersdörfer (1853 - 1915), wat in die 1880's in diens van die *South African Illustrated News* was.

Uit: R. Rosenthal, *Heinrich Egersdörfer. 'n Outydse sketsboek* (Kaapstad, 1960), g.b.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oranje) wat hulle besing, [583] 'n Nederland met "visters" op "klompertjies", "molens" en 'n vlag.[584] Liedere oor die lewe en die liefde, verhale van trou en dood, moralisasies en effe stout liedere sou mettertyd deel van hulle tradisionele liedere-repertoire by Nuwejaarsvieringe, huwelike en pieknieks word.[585]

Sedert slawetyd was groepsang gewild onder die Kaapse Maleiers. Die gebruik om groepsgewys sosiale sang tydens 'n rondgang by vriende, familie en kennisse te beoefen, was veral kenmerkend van Oujaarsnag. Dié gesellige musikale gewoonte het waarskynlik sy oorsprong in die gebruik van die Nederlandse koloniste aan die Kaap gehad om op Nuwejaarsdag, ten beste geklee al wandelende van huis tot huis familie, vriende en kennisse 'n voorspoedige Nuwejaar toe te wens.[586] Die gebruik is waarskynlik deur die Maleierslawe nageboots wat dit op 'n unieke wyse hulle eie gemaak het.[587] Met die finale vrystelling van slawe op 1 Januarie 1838 het die Maleierslawe hulle vryheid met die sing van hulle tipies Kaaps-Maleise volksliedere in die Kaapse strate gevier.[588] Mettertyd sou dié gebruik deel van die Nuwejaarsvieringe in Kaapstad word en as 'n vaste tradisie by van hulle nageslag, die Kaapse Maleiers, ontwikkel[589] **(Fig. 140 & 141)**.

Die sekulêre musiek van die Kaapse Maleier word vir doeleindes van hierdie studie in vier kategorieë verdeel,[590] naamlik die tradisionele Nederlandse bruidsliedere of *minnatliedere* (minneliedere) wat veral tydens huweliksfeeste gesing word,[591] ou Nederlandse volksliedere,[592] Afrikaanse *moppies* wat 'n komiese inslag het [593] en die *ghomma/ghoema-* of "afkopliedere" wat tydens pieknieks gesing word.[594]

Dit is van kultuurhistoriese belang om 'n onderskeid te tref tussen die mondeling oorgelewerde Nederlandse lied wat volgens getuienis reeds aan die vroeë Kaap deur die Maleiers gesing is,[595] en die sogenaamde Nederlandse boekliedere wat teen die einde van die negentiende en begin van die twintigste eeu deur bemiddeling van die Nederlandse matroos, Frans de Jong, Rasdien Cornelius en die Nederlandse onderwyser, C.J. van Rijn, as vernuwings in boekvorm

---

583 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1977, p. 13; A. Davids, We're all part of SA's cultural cauldron, *Cape Argus,* 1997-09-24, p. 13; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3.

584 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 73; W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 18.

585 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 30 en 36.

586 *Ibid.,* pp. 37 - 38.

587 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 73.

588 A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology,* p. 36.

589 *Ibid.,* p. 36.

590 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 41.

591 *Loc. cit.*; W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 22.

592 D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology,* p. 43; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

593 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41; J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 75.

594 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 95 - 99, 128 - 148; W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 18.

595 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd ... : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, pp. 21 - 22.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DAAR ZOU ER EEN MAGERTJE VROEG OPSTAAN

Ek sou daar een magertjie al vroeg opstaan
Al om te gaan soeken waar haar soetste lief gaan.
Gaan soeken al onder diese lande
Sy kan haar soetste lief nooit meer vonde.

Maar eens kom daar een heertjie aan
Sy soetste liefie waar hief hy te gaan
Tel sy van dit groene groene bome
Of pluk sy van dit geele gouje rosies af.

Sy tel niet dit groene groene bome
En sy pluk niet van dit geele gouje rosies af.
Sy het haar soetste lief verloren
Sy kan geen taal of tyderen van hem hooren.

Haar soetste lief dwaal op seevlam's dou
Hy flankeer al met een ander jonge juffrou
Dan hoep sy dat die Here hem gelukkig syn
En laat daar soveel ander jonge here syn.

Met eens haal dit heertjie al uit sy mou
Een kettinkie van geele goud
Al word diese ketting nog so lank
Laat dit van dit hemel op dit aarde hang.

Nou sal ons trou en sy sal myn huisvrou word
Dan maak ons twee tesame een akoort.
Dan hoep ons om te liefen en te sterfen
Dan rus ons twee tesame in dit selfde graf.

Figuur 142: 'n Meer outentieke weergawe van die lirieke van *Daar zou er een magertje vroeg opstaan,* soos opgeteken deur M.A. Gassiep in sy bundel van mondeling oorgelewerde Kaaps-Maleise liedere in 1942.
Uit: W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, p. 227.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die liedererepertoire van die Kaapse Maleiers neerslag gevind het.[596] Die groter kultuurhistoriese waarde van die oorgelewerde Nederlandse lied wat òf regstreeks van die vorige geslag òf van deurvarende skepe verkry is,[597] is daarin geleë dat dit die produk van 'n natuurlike ontwikkelingsproses in groepsang oor drie eeue heen weerspieël, terwyl die boekliedere, wat onder meer seevaartsliedere en vaderlandse liedere insluit,[598] die byna kunsmatige vernuwing van die Nederlandse volkslied is, wat teen die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu, in 'n nuwe gedaante, deel van die sekulêre liedereskat van die Kaapse Maleier geword het. Die bydrae van De Jong, Cornelius en Van Rijn is wel van belang in soverre hulle nuwe lewe in die Kaaps-Maleise volksang geblaas en hulle vir die bestendiging en oorlewing van die Nederlandse lied, veral tydens die verengelsing van die Kaap, beywer het.[599] Dit kan egter nie direk tot die slawe teruggevoer word nie.

Die sogenaamde bruidsliedere of *minnatliedere* (minneliedere) is verteenwoordigend van die oorgelewerde ou Nederlandse lied wat die produk van geslagtelange groepsang is en word weens die mondeling oorgelewerde aard daarvan, deur 'n groot mate van verhaspeling gekenmerk.[600] Soos met die meeste oorgelewerde liedere die geval is, word die *minnatliedere* op 'n langsame, slepende tempo gesing,[601] terwyl daar ook 'n neiging is om die wysies eenvormig te hou.[602] Hierdie liefdesliedere, wat hoofsaaklik by huweliksfeeste gebruiklik is, word deur 'n voorsanger en koor gesing waarby die liggaam sydelings wieg.[603] Die begeleidingsinstrumente wat onder meer 'n luit,[604] banjo's, kitaar en tjello kan insluit, speel die voor- en tussenspele. Die voorsanger versier sy solopart met die reeds vermelde *karienkels,*[605] terwyl die koor die refrein en sekere reëls drie- of vierstemmig as 'n antwoord op die voorsinger of *karienkelsinger* saam met die orkes herhaal.[606] 'n Tipiese voorbeeld van 'n oorgelewerde *minnatlied* is *Daar zou er een magertje vroeg opstaan*. Alhoewel dit reeds in 1939 deur I.D. du Plessis in sy *Maleise liedereskat – 'n sangbundel vir die Kaapse kore* – opgeneem is, [607] is 'n meer outentieke weergawe **(Fig. 142)** in 1942 deur M.A. Gassiep in 'n

---

596 W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 19; W. van Warmelo, Over een onaanzienlijk boekje en De Twee Koningskinderen, *Neerlands Volksleven* 13(1), Winter 1962 - 1963, p. 80.

597 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 36.

598 W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, p. 222.

599 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 36.

600 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 22; W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, p. 222.

601 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 39; W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, pp. 23 - 24; J.P. Malan, *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III,* p. 75.

602 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 39.

603 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

604 W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 18.

605 W. van Warmelo, Erfenis uit de Hollandse tijd … : Het gezang der Kaapse Maleiers, *De Kern* 35(12), Desember 1965, p. 24.

606 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 35; D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology,* p. 43.

607 I.D. du Plessis, *Maleise liedereskat. 'n Sangbundel vir die Kaapse kore*, pp. 24 - 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 143: Die agtiende-eeuse melodie van *Daar zou er een magertje vroeg opstaan,* volgens die Florimond van die Duyse-melodie wat deur die Kaapse Maleiers gesing word.
Uit: W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, p. 223.

TWEE WARIGE KONING KINDEREN

Twee warige koning kinderen
Die hebt vir mekander so lief
Diet kan van mekander niet skeide
Die skryf vir mekander een brief.

Dit was in dit nag twaalf ure
Diet meisie leg in haar droom
Haar soetste lief leg hier verdrosken
Al in dit water stroom.

Die meisie spraak tegen haar moeder
Wat doet myn hart so seer
Kan ek vir een kleine half-uurtjie
Gaan wandel al langens dit muur.


Die moeder spraak tegen dat meisie
Alleen kan jy niet gaan
Maar neem jou kleine broertjie saam
Dan kan sy uit wandeling gaan.

Die meisie spraak tegen haar broertjie
Myn broertjie is veels te klein
Hy verjaag nog al die voegels
Diet aan dat mure syn.

Die moeder is uit na kerk gegaan
Die meisie trek haar aan
Sy wandel en sy wandel
Tot sy by dat vistertjie kwaam.


Figuur 144: Die lirieke van *Twee warige koning kinderen,* waarin die verhaspeling van woorde en sinne van die tradisionele Nederlandse weergawe, op mondelinge oorlewering dui.
Uit: W. van Warmelo, Over een onaanzienlijk boekje en De Twee Koningskinderen, *Neerlands Volksleven* 13 (1), Winter 1962 - 63, p. 81.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 145: *Hoe hard is dit op deze aarde* – 'n voorbeeld van 'n *minnatlied* wat as "Kaapse maakloon" in die volksmond neerslag gevind het.

Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 158.



Figuur 146: *Al is ons prinsje nog zoo klein* – 'n tipiese voorbeeld van Nederlandse patriotiese volkslied wat steeds in sy sewentiende-eeuse vorm deur die Kaapse Maleiers gesing word.

Uit: I.D. du Plessis, *Maleise liedereskat. 'n Sangbundel vir die Kaapse kore* (s.l., 1939), p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bundel van mondeling oorgelewerde liedere opgeneem.[608] In 'n studie van dié bepaalde lied het Van Warmelo tot die gevolgtrekking gekom dat daar genoeg bewyse bestaan wat daarop dui dat dit wel van geslag tot geslag mondelings oorgelewer is.[609] Ter stawing van sy standpunt voer hy onder meer aan dat die Kaapse Maleiers nie van die melodie van I.D. du Plessis, soos hy dit uit Jaap Kunst se *Terschellinger volksleven* opgeteken het, gebruik maak nie, maar wel van die agtiende-eeuse melodie vir viool **(Fig. 143)**, wat Florimond van Duyse van H. Roes verkry het.[610] Daarbenewens word die lang tydsverloop waarin die lied mondelings oorgelewer is, deur die duidelike verhaspeling van woorde en die tipies Oosters geïnspireerde *karienkels* bevestig. Alhoewel die Van Duyse-melodie by verskeie sanggroepe min of meer dieselfde is, is daar telkens 'n verskil in die toonpatroon.[611]

Nog 'n tradisioneel oorgelewerde Nederlandse lied is *Twee warige koning kinderen,* [612] waarin die verhaspeling van woorde en sinne, soos dit in die weergawe van Gassiep voorkom **(Fig. 144)**, op mondelinge oorlewering dui.[613] Sommige *minnatliedere* het as "Kaapse maakloon" in die volksmond hier te lande ontstaan.[614] Wat taal betref, dra die liedere 'n Nederlandse stempel, maar is weens verhaspeling byna onverstaanbaar. Desnieteenstaande word dit met 'n treffende eenvormigheid gesing.[615] *Het maantje gleed neer, 's Morgens vroeg* en *Hoe hard is dit op dese aarde* **(Fig. 145)** is enkele voorbeelde van dié liedere.[616] Daar word na sommige *minnatliedere* as "seevaartliedere" verwys, aangesien matrose 'n sentrale plek in dié bepaalde minnelied inneem,[617] soos in geval van *Kom hoor, matrosies*.[618]

Die Kaaps-Maleise liedereskat bestaan voorts uit Nederlandse volksliedere en "patriotiese liedere" [619] waarvan die sewentiende-eeuse *Al is ons prinsje nog zoo klein* **(Fig. 146)** en *Hobein de dapper man* tipiese voorbeelde is.[620] Hieruit blyk onteenseglik die Kaapse Maleier se voorliefde vir die statige Nederlandse volkslied. *Al is ons prinsje nog zoo klein* word vandag steeds deur hulle in die sewentiende-eeuse Nederlandse vorm gesing.

Alhoewel jonger as die oorgelewerde ou Nederlandse lied, is die *ghomma-* of "afkopliedjies" van kultuurhistoriese belang in soverre hulle 'n weerspieëling van die volksaard en -gees van

---

608 W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, pp. 226 - 227.

609 *Loc. cit.*

610 F. van Duyse, *Het oude Nederlandsche lied I,* p. 185, soos aangehaal *in*, W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, p. 223.

611 W. van Warmelo, Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers, *Neerlands Volksleven* 11(3), Herfs 1961, pp. 225 en 227.

612 W. van Warmelo, Over een onaanzienlijk boekje en De Twee Koningskinderen, *Neerlands Volksleven* 13(1), Winter 1962 - 1963, p. 81.

613 *Ibid.*, pp. 81 - 82.

614 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, p. 151.

615 *Loc. cit.*

616 *Ibid.*, pp. 152, 153 en 158 - 159.

617 D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology,* p. 43.

618 *Loc. cit.* ; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 156 - 157.

619 D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium of ethnomusicology,* p. 43.


620 *Loc. cit.*; A. Davids, We're all part of South Africa's cultural cauldron, *Cape Argus* 1997-09-24 p. 13; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 49 en 167.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 147: 'n Kaapse Maleier met 'n *ghomma,* 'n eenkanttrom wat van 'n kleinerige wynvaatjie gemaak en die een oop kant met 'n diervel oorgetrek is. Terwyl hy die *ghomma* onder sy linkerarm vashou, begelei die *ghommaspeler* en voorsinger die *ghommalied* of die *moppie.*

Uit: W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56 (3), November 1963, p. 18.



Figuur 148: Die tegniek waarop die *ghomma* geslaan word, soos deur Percival Kirby geïllustreer.

Uit: D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium of the ethnomusicology* (Grahamstad, 1985), p. 41.



Figuur 149: Tipiese ritmiese patrone van die lewendige en vinnige *ghommaliedere.*

Uit: D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology* (Grahamstad, 1985), p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 150: *Daar was katte in die kamer,* 'n tipies Kaaps-Maleise *ghommalied* waar die Afrikaanse woorde deur 'n paar klanknabootsende "woorde" opgevolg word as afronding van die melodie. Alhoewel die woordbetekenis maar skraal is, word die verlangde effek deur kragtige ritme en herhaling bewerkstellig.


Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 129.



Figuur 151: *Jan Viljé,* 'n *ghommaliedjie* waarin geen eufemismes in die beskrywing van sekere "growwer" of intieme sake gebruik word nie.

Uit: I.D. du Plessis, *Maleise liedereskat. 'n Sangbundel vir die Kaapse kore* (s.l., 1939), p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 152: *Eendag kom ek daar verby* – tipies Kaaps-Maleise humor, getrou aan sy realistiese en direkte aard.

Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 133.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Kaapse Maleier is.[621] Dié liedjies met hulle eenvoudige melodieë van gewoonlik twee tot vier akkoorde en soms onsamehangende lirieke, is uit 'n vindingryke gees gebore en word gekenmerk deur naïwiteit, realisme en 'n oorspronklike humorsin.[622] Die *ghommaliedjies* is veral gewild op pieknieks en vrolike geselligheide waar dit tydens 'n ringdans gesing word. Na die sing van een van die versies van 'n Nederlandse lied wat die ringdans begelei, word die *ghommalied* ingesit, waarop die piekniekgangers paarsgewys dans. Daarna word die ringdans weer hervat en die sing van die volgende versie van die Nederlandse lied ingesit. Indien die Nederlandse lied uit baie versies bestaan, word 'n hele aantal verskillende *ghommaliedjies* op die een Nederlandse lied gesing.[623] Die *ghommalied* word deur die *ghommaspeler* en voorsinger wat in die middel van die kring sit, begelei.[624] Die *ghomma* **(Fig. 147)** is 'n eenkanttrom wat van 'n kleinerige wynvaatjie gemaak en die een oop kant met 'n vel oorgetrek is.[625] **Figuur 148** dui aan hoe die *ghomma* volgens Kirby deur die *ghommaspeler* geslaan is.[626] In teenstelling met die *minnatliedere* is die tempo van die *ghommaliedjies* vinnig, (M.M. ♩ = 130) en die ritmiese patrone wat in **Figuur 149** voorgestel word, tipies van die *ghommaliedjies*.[627] By die *ghommalied* is die woorde ondergeskik aan die melodie en die ritme. Woordbetekenis is allermins van belang, terwyl rymklanke, versmaat, alliterasie en assonansie 'n wesenlike rol speel.[628] Alhoewel hulle nie in geskrewe vorm op papier beïndruk nie, word die gewenste effek in dié liedjies besonder geslaagd deur kragtige ritme, veelstemmige vertolking en herhaling verkry.[629] As geestesprodukte van talentvolle sangers wat 'n bepaalde faset van die Kaaps-Maleise volksaard en -gevoel weergegee het, het die *ghommaliedjies* dadelik by die gemeenskap aanklank gevind wat dit sonder huiwering as volksliedjies aanvaar het.[630]

Voorbeelde van tipiese *ghommaliedjies* is *Daar was katte in die kamer* **(Fig. 150)**, *Hier's ek alweer, al voor die deur*, *Spierewit gapoeier*, *Jan Viljé* **(Fig. 151)**, *More gaat tannie na die baai*, *Donna riwa rê, Eendag kom ek daar verby* **(Fig. 152)**, *Tjingalôle, Wat bring jy myn de domme* en *Hoetjiesbaai*.[631] Die neiging tot realisme en die gewoonte om geen eufemismes te gebruik of doekies om te draai in die beskrywing van bepaalde sake nie, is op te merk in *Jan Viljé, Hoetjiesbaai* en *Wat bring jy myn de domme?* Die tipiese gebrek aan samehang van sommige *ghommaliedjies* kom voor in *Môre gaat tannie na die baai, Donna riwa rê* en *Jan Viljé,* terwyl Kaaps-Maleise humor duidelik na vore kom in *Eendag kom ek daar verby.* Die ondergeskiktheid van woordbetekenis aan musikaliteit blyk uit die gebruik van mooi, klankryke woorde by die paar eenvoudige akkoorde in *Tjingalôle.* In *Daar was katte in die kamer*

---

621 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* p. 81.

622 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied,* p. 95.

623 *Loc. cit.* ; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

624 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

625 *Ibid.*, p. 46; W. van Warmelo, De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied, *Oost en West* 56(3), November 1962, p. 18.

626 D. Desai, "Cape Malay" music *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethno-musicology,* p. 41.

627 *Loc. cit.*

628 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, p. 97.

629 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. du V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 81.

630 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, p. 97.

631 I.D. du Plessis, *Maleise liedereskat. 'n Sangbundel vir die Kaapse kore,* pp. 107 en 109; I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, pp. 129, 131 - 133, 140 en 144.

SIEMBAMBA

Siembamba, Mama se kindjie
Siembamba, Mama se kindjie
Draai sy nek om, gooi hom in die sloot,
Trap op sy kop dan is hy dood

Figuur 153: Die algemeen-Afrikaanse vorm van *Siembamba.*
Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 112.



Figuur 154: Die Kaaps-Maleise weergawe van *Siembamba,* waarin daar van die woorde sowel as melodie van die Afrikaanse weergawe afgewyk word.
Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 113.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 155: Die Kaaps-Maleise *ghommalied, Hier en daar 'n doringblaar,* waarin elemente van drie Afrikaanse volksliedjies opgeneem is, te wete *So hier en daar 'n doringblaar, Volstruis is dood* en *Wie kom daar in die vaalpad aan.*

Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 109.



Figuur 156: *Onder de groene bomen,* 'n Kaaps-Maleise *moppie,* wat ook as uittelrympie gebruik word en waaruit die noue kulturele band tussen die Kaapse Maleier en sy Kaaps-Hollandse verlede, veral ten opsigte van die Nederlandse taal, duidelik blyk.

Uit: I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied* (Kaapstad, 1935), p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word die Afrikaanse woorde deur 'n paar klanknabootsende Maleise "woorde" opgevolg om die melodie af te rond.[632]

'n Groot aantal van die vele *ghommaliedjies* dui op 'n wisselwerking of wedersydse beïnvloeding tussen die Kaaps-Maleise en Afrikaanse piekniekliedjie.[633] Oor dié kulturele fusie het I.D. du Plessis insiggewend opgemerk:

> Soos in die geval van taal, het die aanvanklike stukrag van Afrikaanse kant gekom, want die Maleier het in hierdie liedjies die Europese toonstelsel aanvaar; maar daarna was die invloed wederkerig, want volgens die taalvorm en inhoud is hierdie liedjies nie juis produkte van spesifieke Maleise of Afrikaanse aard nie, maar van die Bolandse samelewing as geheel. Partykeer het 'n liedjie in Maleise, dan weer in Afrikaanse kring ontstaan om - indien gewild - deur die ander deel van die bevolking oorgeneem te word ... So groot is die ineenvloeiing, en so treffend die ooreenkoms, dat ons gedwing word om 'n gemeenskaplike samelewing, soos in die Boland bestaan het, as die bakermat van hierdie piekniekliedjies, Maleis sowel as Afrikaans, te aanvaar.[634]

Hierdie *ghommaliedjies* is dus ongetwyfeld akkulturasieprodukte wat 'n bepaalde faset van die kulturele verweefdheid van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse bevolking weerspieël. Tipiese voorbeelde van dié liedere is onder meer *Daar onder in die pampelierebos* ,[635] *Staan, poppie, staan,*[636] *Die Alibama,*[637] *Siembamba* **(Fig. 153 & 154)** en die bekende *Môre tannie*. In die Kaaps-Maleise *Hier en daar 'n doringblaar* **(Fig. 155)** is lirieke van drie Afrikaanse volksliedjies opgeneem, naamlik *So hier en daar 'n doringblaar, Volstruis is dood* en *Wie kom daar in die vaalpad aan.*[638]

In dieselfde asem as die *ghommaliedjies,* kan die Afrikaanse *moppies* genoem word.[639] Hierdie opgewekte humoristiese liedjies het gewoonlik meer logiese en samehangende lirieke as die *ghommaliedjies*.[640] Die *moppies* word hoofsaaklik deur die sangers gebruik om te spot, te tart en gek te skeer. 'n Persoonsnaam word gewoonlik aan die sing van 'n *moppie* gekoppel. *Moppies,* soos *Onder de groene bomen* **(Fig. 156),** is liedjies wat algemeen bekend is en die noue kulturele band tussen die Kaapse Maleier en sy Kaaps-Hollandse verlede en die slawetyd, soos duidelik blyk uit die lirieke, beklemtoon.[641] Daarbenewens dra die jonger *moppies*, soos

---

632 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, pp. 119 - 120, 129 - 133 en 140.

633 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 81.

634 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, pp. 123 - 124.

635 I.D. du Plessis, Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse kultuur, *in* P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 82.

636 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, p. 103.

637 *Ibid.*, p. 105; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 44 - 45.

638 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleiers tot die Afrikaanse volkslied,* pp. 107, 109 - 110 en 113.

639 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 41.

640 D. Desai, "Cape Malay" music, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology,* p. 41.

641 I.D. du Plessis, *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beestepote, Jannewarie, Feberwarie, March en *Ou Galiema,* [642] 'n tipies inheemse Kaapse karakter.

Behalwe vir die rol wat die Oosterse slawe in die ontstaan van die tipiese sekulêre Kaaps-Maleise volksmusiek gespeel het, het die musiek van die Javaanse slawe in 'n sekere sin 'n invloed op die tradisionele *boeremusiek* van die Afrikaners uitgeoefen. In 'n etnomusikologiese studie het Davids tot die insiggewende gevolgtrekking gekom dat *boeremusiek* sy oorsprong in die *krontjong* van Java het.[643] Van Selms het opgemerk dat

> [d]ie sogenaamde "Boeremusiek" deur elkeen wat op Java was terstond herken [word] as die "krontjong", wat onder Portugese invloed in die Maleissprekende wêreld 'n vaste plek langs die meer suiwer Javaanse musiekvorme verower het.[644]

Hiervolgens is daar opmerklike ooreenkomste tussen die Kaaps-Maleise musiek en *boeremusiek.* Die *krontjong* of *kroncong* het sy ontstaan in die vyftiende eeu tydens die Portugese kolonisasie van die Indonesiese Argipel gehad en is basies 'n vermenging van die populêre Portugese musiek van dié tyd en klassieke Javaanse musiek.[645] Die invoer van Europese musiekinstrumente het die basis gelê vir wat later die eerste belangrike stedelike volksangstyl in Indonesië sou word. 'n Tipiese *krontjong*-ensemble bestaan uit een of twee *krontjongs* (ukeleles), kitare, viole, 'n fluit en soms 'n tjello en perkussie wat 'n sanger – gewoonlik vroulik – begelei. Die poliritmiese patrone van die orkes saam met die sentimentele sang, het 'n eiesoortige en opwindende klank tot gevolg. Talle melodielyne van die *krontjong* openbaar dieselfde wortels as die Portugese fado-sang.[646] Portugese musiek het self op 'n unieke wyse beïnvloeding ondergaan voor dit 'n rol in Indonesiese volksmusiek sou speel. Weens die Moorse Moslembesetting van Spanje en Portugal van die agste tot veertiende eeu, is die Westerse Portugese musiek in dié tyd sterk deur die Moorse musiek beïnvloed.[647] Geïnspireer deur die geskrifte van die groot Moslemgeleerde en spirituele filosoof, Imam Ghazzali – wat die rol van musiek as geestelik verruimend, verheffend en besielend beskou het het – het sommige van die Moorse sultans musiekfeeste aan hulle howe gereël.[648] Die musiekfeeste was daarop gerig om aan Imam Ghazzali se spirituele filosofie, waarvolgens melodieuse sang in staat is om verborge kwaliteite sowel as skuld uit die hart te onttrek, neerslag te gee.[649] Die invloed van die Moorse Moslemmusiek is steeds duidelik in moderne Westerse klassieke musiek te bespeur. Die *Bolero* van die Franse komponis Maurice Ravel

---

642 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III*, p. 75.

643 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13; A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethno-musicology,* p. 36.

644 A. van Selms, Die Afrikaanse literatuur van die Slamaiers, *Suid-Afrika* 12(6), Februarie 1953, p. 12.

645 A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethno-musicology*, p. 36.

646 S. Broughton, M. Ellingham, D. Muddyman en R. Trillo (reds.), *World Music. The rough guide,* pp. 416 en 426.

647 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

648 A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethno-musicology,* p. 36.

649 Imam Gazzali, *Ihya Ulum-id-din*, soos aangehaal *in* A. Davids, Music and Islam, *in* A. Tracey (red.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology*, p. 36.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1875 - 1937) [650] met die 18-maat melodie in 'n beheersde bolero-ritme wat oor en oor in 'n lang ononderbroke sensasionele crescendo herhaal word, is tipies Moors. Die aktiwiteite op die *souk* of mark word daardeur uiters geslaagd weergegee.[651] Die Moorse Moslemmusiek het dus via die Portugese musiek 'n invloed op die Javaanse *krontjong* gehad wat op sy beurt weer die *boeremusiek* aan die Kaap beïnvloed het en waarin veral die herhalende ritmiese patrone duidelik herkenbaar is.

Uit voorafgaande blyk dit samevattend dat die teenwoordigheid van musikale Oosterse slawe, en meer bepaald die natuurlik musikale Maleierslawe, ongetwyfeld 'n invloed op die Kaapse sowel as die breër Suid-Afrikaanse musiek uitgeoefen het. As kultuurprodukte met 'n unieke karakter onderskeidelik, is beide Kaaps-Maleise sekulêre musiek sowel as *boeremusiek* die produk van akkulturasie. Wat lirieke betref, het die Kaaps-Maleise sekulêre musiek en sang sy oorsprong in Nederland, terwyl die sangtegniek van Oosterse herkoms is. *Boeremusiek*, 'n belangrike deel van die tradisionele Afrikaner se kulturele erfenis, het sy oorsprong in die *krontjong* van Java. Die dinamika van kultuur is verstommend en die feit dat kultuur 'n nimmereindigende herskeppingsproses veronderstel, word duidelik in die Kaapse en Suid-Afrikaanse musiek weerspieël. In wese is die Afrikaner en die Kaapse Maleier, veral wat musiek en volksang betref, kultureel nou verweef en sal 'n bewuste erkenning daarvan 'n groter dinamika in die breër Suid-Afrikaanse musiekkultuur teweegbring.

Medebouers aan 'n inheemse Kaapse boukuns

Uit die kultureel heterogene vroeë Kaap waarvan die slawe 'n integrale deel was, is 'n tipies kreoolse inheemse of vernakulêre boukuns deur 'n eiesoortige akkulturasieproses gebore. In dié opsig veronderstel die term "kreools" boukuns wat op 'n nuwe bodem uit die argitektuur van 'n verskeidenheid kulture geskep is.[652] Afgesien van die heterogeniteit ten opsigte van oorsprong, styl en dekoratiewe detail, openbaar die Kaapse boukuns 'n homogene karakter. In wese is dit die produk van 'n uiters geslaagde vermenging en aanpassing van relatief gesofistikeerde en gevorderde Europese boustyle en Oosterse invloede tot 'n funksionele, sinvolle en esteties aanvaarbare eenheid aan die hand van uiters bekwame, oorwegend slawevakmanne waarin veral plaaslike omstandighede en klimaat 'n belangrike rol gespeel het.[653] Die Kaapse boukuns dra dus sy eie stempel in dié sin dat 'n groot aantal uiteenlopende elemente in een herkenbare geheel saamgesnoer is.[654] Alhoewel Europa wel erkenning vir sy bydrae tot die Kaapse boukuns moet geniet, sal 'n vars interpretasie noodwendig die inagneming van alle faktore en rolspelers in die ontwikkeling van 'n inheemse Kaapse boukuns behels. In dié opsig is die invloed van die slawe veral van belang. Ter wille van perspektief op die rol wat die slawe in die Kaapse boukuns gespeel het, word die ander relevante faktore ook kortliks genoem, aangesien akkulturasie 'n proses behels waarby meer as een rolspeler betrokke is.

---

650 E. Blom (red.), *Grove's dictionary of music and musicians VII*, p. 55; D. Pickering, *Brewer's twentieth - century music*, p. 320.

651 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

652 A. Davids, *300 Years - The Cape Muslims and Cape architecture*, Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 1; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th Century*, pp. 27 - 29.

653 M.A. Cook, Some notes on the origin and dating of the Cape gables, *Africana Notes and News* 4(2), Maart 1947, p. 50; L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 14.

654 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika*, p. 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1875 - 1937) [650] met die 18-maat melodie in 'n beheersde bolero-ritme wat oor en oor in 'n lang ononderbroke sensasionele crescendo herhaal word, is tipies Moors. Die aktiwiteite op die *souk* of mark word daardeur uiters geslaagd weergegee.[651] Die Moorse Moslemmusiek het dus via die Portugese musiek 'n invloed op die Javaanse *krontjong* gehad wat op sy beurt weer die *boeremusiek* aan die Kaap beïnvloed het en waarin veral die herhalende ritmiese patrone duidelik herkenbaar is.

Uit voorafgaande blyk dit samevattend dat die teenwoordigheid van musikale Oosterse slawe, en meer bepaald die natuurlik musikale Maleierslawe, ongetwyfeld 'n invloed op die Kaapse sowel as die breër Suid-Afrikaanse musiek uitgeoefen het. As kultuurprodukte met 'n unieke karakter onderskeidelik, is beide Kaaps-Maleise sekulêre musiek sowel as *boeremusiek* die produk van akkulturasie. Wat lirieke betref, het die Kaaps-Maleise sekulêre musiek en sang sy oorsprong in Nederland, terwyl die sangtegniek van Oosterse herkoms is. *Boeremusiek*, 'n belangrike deel van die tradisionele Afrikaner se kulturele erfenis, het sy oorsprong in die *krontjong* van Java. Die dinamika van kultuur is verstommend en die feit dat kultuur 'n nimmereindigende herskeppingsproses veronderstel, word duidelik in die Kaapse en Suid-Afrikaanse musiek weerspieël. In wese is die Afrikaner en die Kaapse Maleier, veral wat musiek en volksang betref, kultureel nou verweef en sal 'n bewuste erkenning daarvan 'n groter dinamika in die breër Suid-Afrikaanse musiekkultuur teweegbring.

Medebouers aan 'n inheemse Kaapse boukuns

Uit die kultureel heterogene vroeë Kaap waarvan die slawe 'n integrale deel was, is 'n tipies kreoolse inheemse of vernakulêre boukuns deur 'n eiesoortige akkulturasieproses gebore. In dié opsig veronderstel die term "kreools" boukuns wat op 'n nuwe bodem uit die argitektuur van 'n verskeidenheid kulture geskep is.[652] Afgesien van die heterogeniteit ten opsigte van oorsprong, styl en dekoratiewe detail, openbaar die Kaapse boukuns 'n homogene karakter. In wese is dit die produk van 'n uiters geslaagde vermenging en aanpassing van relatief gesofistikeerde en gevorderde Europese boustyle en Oosterse invloede tot 'n funksionele, sinvolle en esteties aanvaarbare eenheid aan die hand van uiters bekwame, oorwegend slawevakmanne waarin veral plaaslike omstandighede en klimaat 'n belangrike rol gespeel het.[653] Die Kaapse boukuns dra dus sy eie stempel in dié sin dat 'n groot aantal uiteenlopende elemente in een herkenbare geheel saamgesnoer is.[654] Alhoewel Europa wel erkenning vir sy bydrae tot die Kaapse boukuns moet geniet, sal 'n vars interpretasie noodwendig die inagneming van alle faktore en rolspelers in die ontwikkeling van 'n inheemse Kaapse boukuns behels. In dié opsig is die invloed van die slawe veral van belang. Ter wille van perspektief op die rol wat die slawe in die Kaapse boukuns gespeel het, word die ander relevante faktore ook kortliks genoem, aangesien akkulturasie 'n proses behels waarby meer as een rolspeler betrokke is.

---

650 E. Blom (red.), *Grove's dictionary of music and musicians VII*, p. 55; D. Pickering, *Brewer's twentieth - century music*, p. 320.

651 A. Davids, Music and Islam: an ethnomusicological view, *Boorhaanol Islam* 32(1), 1997, p. 13.

652 A. Davids, *300 Years - The Cape Muslims and Cape architecture*, Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 1; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th Century*, pp. 27 - 29.

653 M.A. Cook, Some notes on the origin and dating of the Cape gables, *Africana Notes and News* 4(2), Maart 1947, p. 50; L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 14.

654 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika*, p. 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faktore wat 'n invloed op die ontwikkeling van 'n nuwe, eiesoortige boustyl aan die Kaap gehad het, is onder meer die kulturele diversiteit van die Kaapse samelewing,[655] die tekort aan bekende tradisionele boumateriaal en die beskikbaarheid van plaaslike boumateriaal, soos klip, skulp- en klipkalk, Kaapse riet en bepaalde houtsoorte,[656] die Kaapse klimaat met sy winderige nat winters wat die waterdigting van dakke bemoeilik [657] en die invoer van platdakke vertraag het, die warm droë somers en sterk suidoostewinde wat 'n immerteenwoordige brandgevaar ingehou het,[658] die sosiale spanning in die Kaapse samelewing met sy groot aantal ingevoerde, ontwrigte en wrokkige slawe wat brandstigting in die hand gewerk het,[659] die oorwegend huishoudelike aard van Kaapse slawerny wat huisplanne en werfuitleg beïnvloed het, sowel as die teenwoordigheid van uiters bekwame slaweambagslui [660] deur wie se bedrewe hande die tipies inheemse Kaapse boukuns, met inagneming van alle voorafgaande faktore, uiteindelik gestalte verkry het.

Wat die kulturele heterogeniteit van die Kaapse samelewing betref, is daar reeds na die koloniste uit Europa verwys, wat onder meer Nederlanders, Duitsers, Skandinawiërs, Franse en Engelse ingesluit het.[661] Hulle het sekere ontwikkelde Europese boustyle, naamlik die Klassisisme, Barok, Rococo, Neo-Klassisisme sowel as die Georgiaanse boustyl met hulle saamgebring wat veral in die uiterlike stylelemente, soos die Kaaps-Hollandse fasade, gewel, voordeur en die binnehof weerspieël word.[662] Aan die Kaap het die oorvleueling en vermenging van style dit moeilik gemaak om bepaalde style binne 'n bepaalde tydperk vas te pen. Europese invloed word veral in die chronologiese ontwikkeling van die Kaapse gewel weerspieël. Volgens De Bosdari en Cook het die agtiende-eeuse Kaapse gewels hulle oorsprong in Nederland.[663] In die vroeg-agtiende eeu is Renaissance-invloed te bespeur, terwyl die Barok duidelik neerslag gevind het in die holbol-gewels met hulle dekoratiewe lys- en reliëfwerk wat vanaf die middel van die agtiende eeu aan die Kaap verskyn het, soos by Elsenburg (1761),

---

655 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 172; R. Ross, *Cape of Torments,* p. 15.

656 A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 2; L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades,* pp. 22 - 25; H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape,* pp. xix - xx, xxii - xxiii; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 21; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* pp. 27 - 28.

657 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 268; L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 23; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa,* p. 14.

658 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 264 en 168; A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1977, p. 2.

659 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 246 - 248; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 134 - 135; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* p. 102; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop,* p. 439.

660 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 46; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 271, 286 - 287; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 32; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 47 - 48.

661 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 172; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 15.

662 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades,* p. 14; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 248; D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 647.

663 M.A. Cook, Some notes on the origin and dating of the Cape gables, *Africana Notes and News* 4(2), Maart 1947, p. 50; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Landskroon (1769), Libertas (1771), Vergenoegd (1773), Morgenster (1786) en Uiterwyk (1791),[664] terwyl invloed van die Neo-Klassisisme sedert die einde van die agtiende eeu in die gewels van onder meer Groot Constantia (1793), Nederburg (1800), Neethlingshof (1814) en Krommerivier (1831) sigbaar is.[665] Die laat-agtiende-eeuse gewels vertoon daarbenewens ook sterk Vlaamse invloed.[666] Alhoewel op die Europese prototipe geskoei, is 'n Oosterse element wel in die tegniese vaardigheid waarmee die stukkadoorwerk op die gewels deur onder andere Maleierpleisteraars uitgevoer is sowel as die nie-Europese versieringsmotiewe wat plek-plek opduik, te bespeur.

In wese is ook die Bo-Kaap, waar 'n groot gedeelte van die slawe se nageslag – naamlik die Kaapse Moslemgemeenskap – vandag woon, 'n konglomerasie van boustyle en die produk van 'n suksesvolle vermenging van die merkbaar uiteenlopende Kaaps-Hollandse en Britse boukuns gedurende die laat-agtiende tot vroeg twintigste eeu.[667] In die argitektoniese fusie tussen die netjies kompakte Kaaps-Hollandse dorpshuis en die elegante verhoudings van die Georgiaanse huis, is die beste elemente van beide tradisies bymekaar gebring om veral tydens die eerste helfte van die negentiende eeu 'n esteties aanvaarbare eenheid daar te stel, voor latere Britse boustyl-invloede, die Griekse en Gotiese herlewingstyle en Victoriaanse stylelemente, 'n invloed op die Bo-Kaapse argitektuur uitgeoefen het.[668]

Europese invloed sou ook via die amptelike klassisistiese Nederlands-Koloniale of "owerheidstyl" soos dit reeds in ander Nederlandse metropolitaanse eweknieë, soos Nieu-Amsterdam, Willemstad te Curação in Wes-Indië en in Batavia bestaan het, aan die Kaap neerslag vind.[669] Dié Nederlands-Koloniale boustyl is veral deur die klassieke boukuns en bouwyse in die Portugese handelsryk geïnspireer, wat weer sy oorsprong in Portugal as deel van die eertydse Romeinse ryk het.[670] Behalwe vir dié boustyl, het die Nederlanders ook met gemak die beproefde Mediterreense bouwyse van hulle Portugese voorgangers in die Ooste aan die Kaap ingevoer. Hiervolgens moes slawebouers veral die Portugese muurbouwyse aan die Kaap toepas.[671] Ruwe boustof, soos rivierklippe, gekapte klip of rousteen, is met deurgetrapte klei tussenin opeengestapel en die muur daarna met 'n laag kalkpleister teen verwering en deurdringende winterreëns bedek. Die formele klassisistiese Nederlands-Koloniale boustyl is waar te neem in die regeringsgeboue wat tot laat in die agtiende eeu deur die VOC aan die Kaap opgerig is.[672]

Naas die amptelike Nederlands-Koloniale boustyl met sy klassieke inslag, het Europese invloed ook in die boere-argitektuur of "volksboukuns" aan die Kaap neerslag gevind. Elemente van die meer primitiewe Middeleeuse Noord-Europese boereboukuns, met lae dik buitemure van sooie of gesmeerde latwerk en spits grasdakke is, aanvanklik, sonder veel verandering, deur die eerste generasie koloniste of setlaars aan die Kaap oorgeplant, soos blyk uit die eenvoudige

---

664 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* pp. 6 - 10 en 27.

665 *Ibid.,* pp. 10 - 16; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 27.

666 M.A. Cook, Some notes on the origin and dating of the Cape gables, *Africana Notes and News* 4(2), Maart 1947, p. 50.

667 A. Davids, Community participation in conservation and urban regeneration: The case of Bo-Kaap, *in* D. en E. Japha (reds.), *The Proceeding of the National Urban Conservation Symposium,* p. 87.

668 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades,* p. 17.

669 *Ibid.*, p. 15.

670 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* pp. 2 - 5.

671 *Ibid.,* pp. 30 - 31; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 6.

672 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades,* p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reghoekige eenvertrek-woning en die eenvertrek *kapstijlhuis*, [673] wat soms ook met die slawe gedeel is.

Oosterse invloed in die Kaapse boukuns was onder meer afkomstig van die groot aantal Kompanjiesamptenare wat met hulle koms na die Kaap, reeds 'n lang dienstermyn in Nederlands Oos-Indië agter die rug gehad het en as sodanig deur die sogenaamde *Indische* (Eurasiese) kultuur in die VOC se Oosterse kolonies beïnvloed is.[674] Belangrik egter was die groot aantal Oosterse slawe aan die Kaap wat van die Indiese kusgebiede, Ceylon en die Indonesiese Argipel afkomstig was.[675] Oosterse invloed het in dié opsig veral neerslag gevind in die netjiese klipbouwerk sowel as die dekoratiewe reliëf- en pleisterwerk van veral die Indiër- en Maleierslawe.[676] Bataafse invloed is voorts sigbaar in die latere wye stoepe, dik mure, hoë plafonne, ingeboude bankies op die stoepe[677] sowel as die ingevoerde Burmese kiaat wat vir buitehoutwerk gebruik is.[678] Die "portefisie" of "porte de visite", 'n houtdeur of -skerm wat die voorhuis en die agterkamer van mekaar geskei het, sowel as die galdery of gaandery is ook van Oosterse herkoms.[679] Die gebruik van "klompjes" of "Bataafse teëls" as vloer- en veral stoepteëls het waarskynlik van Nederland via Batavia na die Kaap oorgewaai. Dié uiters harde, klein steentjies het hulle weg as ballas in VOC-skepe van Nederland – die toenmalige Bataafse Republiek – na die Kaap gevind.[680]

Die afwesigheid en beskikbaarheid van boumateriaal hier te lande het ongetwyfeld 'n rol in die ontwikkeling van die plaaslike boukuns gespeel. Die aanvanklike tekort aan stene en die beskikbaarheid van Kaapse riet het die lae mure (tussen 2,4 en 3,4 meter) en grasdakke van die eerste wonings geïnspireer.[681] Die houttekort gedurende die agtiende eeu, wat invoere vanaf Nederland, Mauritius en die Ooste genoodsaak het, het tot gevolg gehad dat daar tot die einde van die agtiende eeu min of geen houtvloere aan die Kaap was nie.[682] Daarbenewens is die onopvallende, eenvoudige kiaathouttrap van die stedelike dubbelverdiepinghuis, wat gewoonlik in 'n hoek weggesteek is, ook aan die timmerhout-skaarste te wyte.[683] By implikasie sou dié tekort ook 'n invloed op die arbeid van die skrynwerkerslawe hê wat veel minder met die insit van houtvloere en die maak van houttrappe besig sou wees.

---

673 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* pp. 4 - 5 en 11; J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa,* pp. 5 - 6; J. Walton, *Old Cape farmsteads,* pp. 11 - 12; J. Walton, The South African "kapstijlhuis" and some European counterparts, *Restorica* 10, Desember 1981, pp. 2 - 8; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa,* p. 11.

674 P.D. Milone, Indische culture and its relationship to urban life, *Comparative Studies in Societies and History* 9, 1966 - 1967, pp. 407 - 426; D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 647.

675 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 13.

676 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 647.

677 *Loc. cit.*

678 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 32.

679 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 23.


680 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 24.

681 A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 2; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 20; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 4.

682 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 21.


683 *Ibid.*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 157: Trapgewels soos dié van Noordhoek was veral funksioneel tydens die blus van dakbrande, aangesien dit deur die slawe as trap gebruik is om emmers water tot bo-op die dak te dra.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), p. 20.



Figuur 158: Stellenberg as 'n klassieke voorbeeld van 'n kelderlose enkel-verdieping landelike woonhuis na 1706.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), plaat 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kaapse klimaat, met sy nat winters en noordweste winde, sowel as droë warm somers met stormsterk suidoostewinde, het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n inheemse Kaapse boukuns gespeel.[684] Dié klimaat het groot eise aan veral dakke gestel. 'n Effektiewe dak moes brandbestand, windbestand en waterdig wees.[685] In die landelike boukuns van die akkerboustreek was die grasdak met sy steil helling, alhoewel vlambaar, die beste keuse, aangesien dit waterdig en weens die gebruik van endgewels, redelik wind- en stormbestand was. 'n Vuurvaste waterdigte staandak van teëls sou nie die Kaapse stormwinde kon weerstaan nie, [686] terwyl 'n platdak oneindige waterdigtingsprobleme opgelewer het. Die boustyl moes by die eise van die klimaat en omgewing aanpas en sou in praktyk deur slawehande ten uitvoer gebring word.

Waar die voorgewel met sy solderdeur in Nederland toegang tot stoorware in die solder verleen het, is die praktiese funksie van die voorgewel aan die Kaap deur vuur, wat per abuis ontstaan of deur wraaksugtige slawe gestig is, en deur water bepaal. Hier te lande moes die gewel, behalwe sy versieringsfunksie en die feit dat dit lig in die solder moes voorsien, ook die voordeur in geval van 'n dakbrand teen vallende brandende dakmateriaal en in geval van reën teen water van die dakoorhang beskerm.[687] Die endgewel met 'n trapvoorkoms, wat sy oorsprong in Noord-Europa het en veral tussen 1775 en 1825 aan die Kaap voorgekom het[688] **(Fig. 157)**, het hier te lande tydens 'n dakbrand as trap gedien waarlangs wateremmers deur die slawe na bo gedra kon word. Daarbenewens was die *brandzolder,* wat kundig en effektief deur onder meer slawebouers in opdrag van hulle meesters aangebring is, 'n poging om brande in landelike grasdakwonings te beheer.[689] Dit het bestaan uit 'n brandbestande soldervloer van pale en riet met 'n kleilaag waarin stene vasgesit is. Dit het die brand tot die dak beperk. Brandende dakmateriaal kon op die vuurvaste brandsolder val sonder die gevaar dat dit na die onderste gedeelte van die huis sou versprei.[690] Shell is van mening dat die *brandzolder* waarskynlik die duidelikste en mees eiesoortige innovasie van Kaapse landelike vernakulêre argitektuur is, terwyl dit ook die mees beduidende afwyking van kontemporêre Europese boukundige norme was.[691]

Brandgevaar, sterk winde en beskikbare ruimte en grondoppervlak het tot gevolg gehad dat die meerderheid landelike huise, waarvan Stellenberg **(Fig. 158)** 'n goeie voorbeeld is, na 1706 slegs enkelverdiepings sonder kelders was.[692] Tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat "[t]he private dwellings of the burghers are uniformly built of brick under a thatched roof, and are all single-storied – or rather are all on the ground-floor without either basements or cellars".[693] Dit het onder meer die gebruik van duur, vlambare houttrappe onnodig gemaak.

---

684 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 248, 264 en 275; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 31.

685 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and fasçades,* p. 23.

686 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 31.

687 *Ibid.*, p. 24.

688 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* pp. 17 en 21.

689 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* pp. 21, 29 - 30.

690 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 24.

691 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 279 - 280.

692 *Ibid.*, p. 279.

693 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 134.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die landelike gebied betref, was brandstigting hier minder algemeen as in die stad. Dit is waarskynlik toe te skryf aan isolasie, die huishoudelike aard van slawerny met betroubare huisslawe wat die kwaadwillige intensies van ander slawe aan die eienaar verklap het, sowel as die feit dat samesweerders, drosters en brandstigters genadeloos deur die kommando's gejag en meesal opgespoor is.[694] Dit verklaar heelwaarskynlik die behoud en prominente plek van die tipies Kaaps-Hollandse grasdakhuis in die Kaapse landelike argitektuur.

Behalwe vir die sterk suidoostewind, is die stedelike boukuns daarenteen in 'n groot mate beïnvloed deur die sosiale spanning in die Kaapstadse samelewing met sy groot aantal ingevoerde ontwrigte en wrokkige slawe wat brandstigting in die hand gewerk het. In die verwarring en chaos van 'n stedelike brand was dit moeilik om die skuldiges te identifiseer en het hulle in baie gevalle skotvry gekom.[695] Brand het 'n bedreiging vir alles en almal ingehou en brandstigting was daarom 'n effektiewe wapen in die hande van wraaksugtige en kriminele slawe; veral in stedelike gebied met naasliggende grasdakhuise en stormsterk suidoostewinde wat die vlamme aangeblaas en die vuur soos blits versprei het.[696] Al vier die groot brande wat Stellenbosch in 1710 en 1803 [697] en Kaapstad in 1736 en 1798 getref het, is deur slawe gestig.[698] Die verwoestende brand wat Kaapstad in 1736 geteister het, is deur nie minder nie as sestien voortvlugtende slawe tydens 'n sterk suidoostewind gestig.[699]

Die vrees vir brandstigting en die behoefte om brande ten alle koste te beperk en te beheer, het 'n belangrike invloed op die Kaapse stedelike argitektuur uitgeoefen, soos Shell tereg opgemerk het: "arson and the high winds of the Cape transformed and dominated the colonial urban architecture." [700] Waar water die belangrikste element in die kanaalfront argitektuur van Nederland was, was vuur, wind en die teenwoordigheid van verontregte, wrokkige slawe die belangrikste elemente in die ontwikkeling van die nuwe Kaapse stedelike argitektuur.[701] As voorsorg teen brandstigting deur kwaadwillige slawe, het die owerhede burgers reeds in 1686 aangemoedig om hoër mure te bou en doringbosse rondom hulle huise te plant.[702] 'n Resolusie van 1 Julie 1686 het die bou van dorpshuise met lae dakoorhange verbied, aangesien dit maklik deur kwaadwillige slawe en Khoikhoi aan die brand gesteek kon word. Die inwoners van Tafelvallei is voorts aangesê om "tot securiteit harer huijse, en om deselve te praeserveren voor brandstigting ... deselve tot op twintig voeten hoog van de grond af in hegte muuren ... in't toekomende op [te] trecken.[703] Nadat die Politieke Raad in 1697 weereens moes verneem "dat de daken en affdaken met riet bedect van diversse huijssen geheel laegh op de aerde hingen" is

---

694 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 276 - 277.

695 *Ibid.*, pp. 248 en 264.

696 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 249; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 439; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 134 - 135; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* pp. 100 - 101.

697 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 128.

698 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 411.

699 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 134 - 135; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* pp. 100 - 102.

700 R.C.-H. Shell,*Children of bondage,* p. 264.

701 *Loc. cit.*

702 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* p. 214.

703 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 137.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n resolusie nogmaals in dié verband uitgevaardig.[704] Waar kanale in Nederland hoofsaaklik 'n vervoerfunksie gehad het, is dit sedert 1687 aan die Kaap vir huishoudelike gebruik sowel as die blus van brande voor die dorpshuise en geboue benut.[705]

Die invoer van die platdak as teenvoeter vir brandstigting, sou een van die belangrikste elemente in die ontwikkeling van die stedelike argitektuur aan die Kaap wees. Vuur, wind en reën inaggenome, was dit die beste opsie vir die stad, maar weens waterdigtingsprobleme en finansiële implikasies, [706] sou die platdak eers na 'n langsame proses 'n prominente plek in die tipies Kaapstadse argitektuur inneem. In 1717 het die owerhede voorgestel dat die bou van grasdakwonings laat vaar word en ook voorskrifte vir 'n waterdigte en brandvaste platdak uitgereik.[707] Hiervolgens moes die bouers hardgebakte stene op latte, wat aan die geel- of kiaathoutbalke vasgespyker is, lê waarop 'n vuurvaste mengsel van 4 dele fyngestampte skulpe, 2 dele boukalk en 2 dele verpoeierde baksteen, wat met klapperolie tot 'n deeg gebrei is, 1½ (3,8 cm) duim dik versigtig met houthamers op die stene vasgeslaan moes word. 'n Mengsel van 10 dele gesifte kalk, 3 dele fyngesifte gruis of verpoeierde baksteen en een deel Bengaalse suikersediment of molasse van een duim (2,5 cm) dik, moes op die eerste laag vasgestamp word. 'n Waterdigte vloeistofmengsel van kalk, klapperolie en suikersediment moes as afronding oor die tweede laag aangewend word.[708]

Gesiene Kompanjiesamptenare het die voortou in die ontwikkeling van die nuwe defensiewe brandbestande stedelike boustyl geneem.[709] Een van die eerste platdakhuise wat in Kaapstad gebou is, was dié van fiskaal Joan Blesius.[710] In 'n desperate poging om sy dak waterdig te maak, het die eienaar van die eerste platdak burgerhuis in 1717 dié dak met walvisolie deurdrenk.[711] Met die nuwe platdak slawelosie as voorbeeld is alle Kompanjiesgeboue vanaf 1719 met plat dakke vervang.[712] Die eerste suksesvolle platdak burgerhuis is egter eers in 1732 deur die welgestelde slawebesittende kleremaker, Hendrik Müller, in Kaapstad gebou. Alhoewel die dak van dié drieverdieping woning deeglik met Nederlandse klinkerteëls in pleister gebou is, het dit nogtans waterdigtingsprobleme opgelewer tot dit drie of vier jaar later, op aanbeveling van 'n vriend, suksesvol met verskeie lae van visolie of lewertraan wat in warm weer aangewend is, waterdig gemaak is.[713]

---

704 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 320.

705 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, pp. 22 - 23.

706 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 268.

707 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and fasçades*, p. 23; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 27.

708 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, pp. 17 - 18; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 26; G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa*, p. 25.

709 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 268.


710 P. Brooke Simons, *Cape Dutch Houses*, pp. 25 - 26.

711 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, p. 1.

712 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 411.

713 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 159: 'n Brandweermasjien wat in 1737, na die verwoestende Kaapstadse brand van 1736, deur die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie na die Kaap gestuur is. Die masjien is deur onder meer die vryslawe wat tot brandweerdiens opgeroep is, gebruik.
Kaapse Argiefbewaarplek, M. 436.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Finansiële oorwegings [714] sowel as die waterdigtingsprobleem het remmend op die spoedige implementering van die platdak ingewerk tot die eerste groot brand Kaapstad in 1736 getref het.[715] Dié brand wat deur voortvlugtende slawe gestig is en groot skade aangerig het, was die keerpunt in die ontwikkeling van die Kaapse vernakulêre stedelike argitektuur.[716] Om die risiko van brande te beperk, is die voorbeeld van Müller, volgens Mentzel, deur sommige persone nagevolg met kaptein Rudolf Siegfried Alleman, die stoormeester Swellengrebel, die apteker Henning, die assistent-fiskaal Reder en verskeie ander welgestelde burgers wat platdakhuise gebou het. Mentzel was inderdaad reg in sy voorspelling dat gras- of rietdakhuise in Kaapstad mettertyd sou verdwyn.[717]

Na die brand van 1736 is streng maatreëls deur die owerheid getref om die risiko's van brand daadwerklik te beperk. 'n Bevel is uitgevaardig ingevolge waarvan alle Kompanjiesgeboue voortaan platdakke moes hê [718] en vryslawe is opgeroep om brandweerdiens te verrig [719] **(Fig. 159)**. Ingeval van 'n nagtelike brand moes die *ratelwag* die klokke van die kerk en Kasteel lui,[720] terwyl die hoofde van huishoudings verplig was om alle brandregulasies te memoriseer.[721] Daarbenewens moes deurgange van 4 voet (ongeveer 1,3 meter) tussen huise gelaat word om brandbestryding te vergemaklik.[722]

Tydens brande was 'n platdak die ideale plek vanwaar die wateremmers en brandslang effektief deur die slawe en vryswart brandbestryders gebruik kon word om 'n brand vinnig onder beheer te bring.[723] Weens die brandgevaar het die gewildheid van die grasdak begin afneem, alhoewel dit nie onmiddellik sou verdwyn nie. In 'n afbeelding wat Rach in 1764 van Groentemarkplein **(Fig. 42)** gemaak het, het slegs die Burgerwachthuis 'n platdak, terwyl die meeste huise nog rietdakke gehad het. Uit die waarnemings van Sparrmann, Thunberg en De Jong gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu blyk dit dat die platdak geleidelik ingefaseer is.[724] Voortsetting van brandstigting deur slawe sou as katalisator in dié verband dien.

Ten spyte van ernstige strawwe wat aan brandstigterslawe opgelê is,[725] het brandstigting in

---

714 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 268.

715 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* pp. 134 - 135; O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* pp. 100 - 102.

716 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 269.

717 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 135.

718 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 269.

719 A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 3.

720 H.C. Dominicus, *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw,* p. 68.

721 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III,* pp. 42 - 50.


722 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I,* p. 135.

723 *Loc. cit.*

724 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 47; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope 1772 - 1775,* (red. V.S. Forbes), p. 25; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 117.


725 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 439; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 133; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope,* pp. 255, 272, 281 en 296; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 180; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* p. 141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 160: Mev. Barker se winkel op die hoek van Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad, volgens 'n tekening in 1832 deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 2998. Die geboue in hierdie prent is tipies van die laat-agtiende, vroeg-negentiende-eeuse brandwerende argitektuur, wat veral na die stigting van ernstige brande deur slawe in Kaapstad posgevat het en wat onder meer deur rietlose, gewellose platdakgeboue – met of sonder Barok-geïnspireerde golwende borswerings – gekenmerk is.


Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 27.



Figuur 161: Drie variasies van die Kaapse Barok-geïnspireerde borswerings – meesal die handewerk van bekwame slawepleisteraars.


Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 162: 'n Georgiaanse dubbelverdiepinghuis in Kaapstad, volgens 'n waterverftekening deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg. Die Georgiaanse boustyl, met sy kenmerkende platdak, onopgesmukte borswering, kroonlys en fasade, het ongetwyfeld aan die eise van die Kaapse brandwerende argitektuur voldoen.


Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water-colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 29.



Figuur 163: Platdakgeboue in die Heerengracht, Kaapstad, volgens 'n penskets in 1832 deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 3003.


Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 164: Die Koopmans De Wet-huis – 'n tipiese voorbeeld van die Kaapse stedelike argitektuur waarin bestaande Europese en Nederlands-Koloniale boustyle vernuftig by die eise en invloede van plaaslike omstandighede, soos stormsterk winde en slaweteenwoordigheid, vermeng en aangepas is. Let op die platdak met sy klassieke, buitengewoon breë pediment, hortjielose vensters en die lantern bokant die voordeur.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), plaat 28.



Figuur 165: Die aanvanklike woonhuise op Spier en Krommerivier – beskeie reghoekige enkelvertrekgeboue met vensters in die symure, die ingang en haard in die twee kort mure onderskeidelik en 'n kruis op die gewel bokant die ingang.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapstad voortgeduur en in 1798 het die tweede groot brand, wat weereens deur slawe gestig is, groot skade aan eiendom berokken.[726] Na lang beraadslaging het die stadsowerhede in 1804 bepaal dat geen huise in Kaapstad voortaan gras- of rietdakke mag hê nie of dat 'n ou dak deur 'n nuwe grasdak vervang mag word nie.[727] Hiermee het die uitfasering van die spitsvormige grasdak met sy gewel in alle erns begin. Gewellose platdakgeboue met of sonder 'n Barok-geïnspireerde golwende borswering [728] **(Fig. 160 & 161)** of met 'n klassieke pediment [729] van die Neo-Klassisisme **(Fig. 83)** het sy plek ingeneem. Teen 1831 was daar slegs 'n enkele grasdakgebou in die middel van Kaapstad oor. Na 1798 is geen buitehortjies wat brande vinniger laat versprei het, toegelaat nie. As veiligheidsmaatreel teen kwaadwillige slawe en Khoikhoi, moes 'n buite-lantern bokant die voordeur saans deur alle inwoners aangesteek word om die voorportaal deur die bolig van die huis sowel as die straat te verlig.[730]

Alhoewel Georgiaanse invloed reeds sedert die Eerste Britse Besetting in 1795 te bespeur is,[731] het 'n grootskaalse vermenging van dié klassieke Europese boustyl met die plaaslike stedelike vernakulêre boukuns egter eers sedert die Tweede Britse Besetting in 1806 plaasgevind.[732] Die Georgiaanse boustyl, met sy kenmerkende platdak, onopgesmukte borswering, kroonlys en fasade **(Fig. 162)**, het sonder twyfel aan die eise van die plaaslike brandwerende argitektuur voldoen. As sodanig is dit heel gemaklik in die nuwe stedelike boustyl opgeneem.

In die 1830's was die Kaapse stedelike vernakulêre boukuns reeds gevestig. In wese was dit die produk van 'n ontwikkelingsproses waarin bestaande Europese en Nederlands-Koloniale boustyle op 'n unieke wyse by die eise en invloede van plaaslike omstandighede, soos die stormsterk winde en slaweteenwoordigheid, vermeng en aangepas is. Hierdie inheemse stedelike argitektuur is in die tyd gekenmerk deur gragte of kanale en talle deurgange of stegies, sowel as platdakgeboue **(Fig. 49, 60 & 163)** en woonhuise met stoepe, gewel- en hortjielose fasades, skuifraamvensters met klein ruitjies en 'n meer indrukwekkende voordeur met 'n bolig en lantern bokant die deur [733] **(Fig. 164)**.

Die teenwoordigheid van slawe aan die Kaap, sowel as die huishoudelike aard van Kaapse slawerny het 'n merkbare invloed op huisplanne en werfuitleg uitgeoefen. Die vroeë Kaapse woonhuis was, soos reeds vermeld, 'n beskeie reghoekige gebou met die ingang aan die een kort muur, die haard en skoorsteen aan die teenoorgestelde kort muur, die vensters in die symure en 'n kruis as versieringsmotief en Christen-simbool op die dak bokant die voordeur[734] **(Fig. 165)**. Weens ekonomiese redes en beperkte leefruimte, is die enkele slawe in besit aanvanklik saam met die eienaar en sy gesin in dié eenvertrekwoning, met slegs 'n tydelike skerm as skeiding, gehuisves. Die vryswarte Louis van Bengale het in 1681 sy slawe saam met ander persone in die solder van sy huis gehuisves, terwyl 'n inwonende slaaf van Henning Hüsing die inbreker Cornelis Brust van Alkman op 6 Junie 1692 om middernag in Hüsing se

726 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 273.

727 *Ibid.,* p. 274; A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 3.

728 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 23.

729 *Ibid.*, pp. 29, 41 en 59; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 32.

730 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 32.

731 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and fasçades,* p. 14.

732 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 27.

733 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 32; R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 275 - 276.

734 J. Walton, *Old Cape farmsteads,* pp. 11 - 13; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huis verras het.[735] Die Kaapse owerhede het in elk geval om veiligheidsredes gedurende die sewentiende eeu verkies dat slawe in stedelike gebied onder dieselfde dak as hulle meesters gehuisves word. 'n Sewentiende-eeuse aandklokreël het uitdruklik bepaal dat slawe na die aandklok, "binne 't huijs" moes wees.[736]

Die toename in slawe, groterwordende gesinne en toenemende welvaart het tot gevolg gehad dat die uitbreiding van die prototipe huis sedert die begin van die agtiende eeu in aanvang geneem het. In stedelike gebied het dit tot die L- en U-huisplan en in die landelike gebied oorwegend tot die T- en H-huisplan aanleiding gegee.[737]

Waar erfbreedte dit in die stad toegelaat het, is die enkelvertrek reghoekige woonhuis vergroot deur een of meer kamers in die lengte by te voeg en die deur na die middel van die lang muur te verskuif. Weens beperkte erfbreedtes[738] was die mees algemene gebruik egter om 'n kombuis, wat teen die sygrens gelê het, reghoekig tot die een punt van die oorspronklike huis by te voeg wat die huisplan 'n nuwe L-vorm gegee het. Die agtertuin of -werf is gerieflik aan twee kante deur die aanvanklik reghoekige vertrek en die nuwe vleuel omsluit.[739] Die slawe is nou in die kombuis gehuisves. Die toenemende behoefte aan woonruimte en toenemende welvaart het tot die vergroting van die woonhuis in die U-plan gelei. Die kombuis, waarin hoofsaaklik die slavinne gehuisves is, was nou op die verste punt van een van die agterste vleuels geleë. Buiteslawekwartiere is vir die steeds toenemende getal slawe opgerig. Uit die waarneming van Mentzel blyk dit dat slawe teen die middel van die agtiende eeu, volgens geslag gehuisves is, en dat dit 'n algemene gebruik was om slavinne in die kombuis van die hoofhuis te laat oornag.[740] Terwyl die huishoudelike argitektuur aanvanklik deur geslagskeiding gekenmerk is, het dit met die toenemende kreolisering van slawe al hoe meer gebruiklik geraak om slavinne sowel as betroubare Kaapsgebore manlike huisslawe onder dieselfde dak as die meester te huisves, terwyl ingevoerde manlike slawe buite in aparte slawekwartiere gehuisves is.[741] Hierdie skeiding, wat veral teen 1800 'n algemene tendens was, is gedurende die Eerste Britse Besetting deur kaptein Robert Percival bevestig:

> ... attached to the back of every house, there are separate ranges and yards set apart for the slaves, strongly palisadoed [*sic*] and barricaded to prevent any communication with the former. Here, those slaves who are not highly in their confidence, or not bred up to household offices, are locked up every night.[742]

In dié opsig dien die grondplan van die Koopmans De Wet-huis in Kaapstad **(Fig. 23)** as tipiese voorbeeld en bevestiging van segregasie ten opsigte van slawehuisvesting in Kaapstad, wat deur veral die huishoudelike aard van Kaapse slawerny in die hand gewerk is. Die tipiese dubbelverdieping U-plan het onder meer huisvesting aan binneshuise slawe op die verste punt van die eerste verdieping in die sogenaamde stoorkamer verleen, terwyl die ingevoerde

---

735 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 251 - 253.

736 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I,* pp. 64, 215 en 299.

737 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa,* pp. 7 - 9; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, pp. 1 - 2.

738 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* p. 23.


739 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 23.

740 O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century,* p. 40.


741 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 259.

742 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 117.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 166: Plan van die Goede Rust-langhuis, Daljosafat. Terwyl slegs die kombuis op die verste punt van die voordeur gewoonlik snags as huisvesting vir die beperkte aantal slawe op die plattelandse plaas sou dien, het die hele langhuis in die volgende ontwikkelingsfase sy plek as slawehuisvesting ingeneem.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 51.



Figuur 167: Plan van Saxenburg, 'n tipiese landelike T-plan huis met die kombuis, waar die slawe gehuisves is, op die verste punt en die voorkamer en agterkamer, wat dié vertrek van die eienaar se slaapkamer skei, volgens Willem Malherbe.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

manlike slawe in die buiteslawekwartiere, wat na die agterste werf en binnehof van die hoofhuis gefront het, gehuisves is. 'n Interessante verskynsel in die U-plan huis is die *voorhuijs* waar die slavinne na werk op lang houtbankies gesit en naaldwerk doen het. Teen die einde van die agtiende eeu het De Jong toepaslik oor die funksie van die *voorhuijs* of *gaanderij* kommentaar gelewer:

> Eerst heeft men een lange breede gaanderij, aan welker achtereinde vier of zes slavinnen op kleine houten bankjes zitten te naaijen of te breijen. Deze gaanderij, waarin men meest zit, eet, ontbijt en leeft, is het gewoon vertrek.[743]

Dit is duidelik dat die Kaapse kombuis 'n prominente rol in die Kaapse stedelike sowel as landelike argitektuur gespeel het. Die ligging en isolasie van die kombuis het in noue verband gestaan met die vrees vir brand, die behoefte aan 'n afsonderlike haard waar die slawekokke en kombuisslawe kon bak en brou, sowel as die behoefte om die binneshuise slawe snags van die koloniste-familie te skei, maar hulle nogtans naby genoeg in 'n geskikte bereikbare ruimte te huisves.[744] Binneshuise slawehuisvesting sou veral in die koue nat Kaapse winters vir beide slawebediendes en meesters voordele inhou. As sodanig het die huishoudelike Kaapse argitektuur 'n deurslaggewende rol met betrekking tot die kombuis as spilpunt in huishoudelike akkulturasie tussen meester en slaaf gespeel.[745] In die kombuis het meesteres en slaaf die meeste kontak met mekaar gehad, wat sonder twyfel kulturele fusie op veral taal- en kulinêre gebied effektief in die hand gewerk het.

Die slawehandel in Kaapstad het tot gevolg gehad dat aparte slawekwartiere deel van die uitleg van die dorpserf geword het. Dit was die geval met Le Jardin, die dorpswoning van die slawehandelaar Francois Duminy **(Fig. 6)**, waar pas aangekoopte slawe in die slawekwartiere gehuisves is tot hulle tydens 'n tekort op die slawemark teen 'n goeie wins verkoop kon word.[746]

Wat huisplanne in die landelike gebied betref, is slawe aanvanklik ook op dieselfde wyse as in die stad in dieselfde enkelvertrekwoning as die eienaar en sy gesin gehuisves. Op die platteland, waar erfbreedte nie 'n beperking was nie, is die aanvanklike enkelvertrekwoning vergroot deur die toevoeging van vertrekke in die lengte om die sogenaamde "langhuis" te vorm.[747] In dié "langhuis" was die kombuis op die verste punt van die voordeur af [748] **(Fig. 166)**. Die uitleg van die langhuis was ongemaklik[749] en die landelike woning is by voorkeur in die T-plan vergroot.[750] In die T-plan is die kombuis, waar die slawe gehuisves is, na die agterkant van die huis verskuif, terwyl dit deur die *voorhuijs* of voorkamer van die eienaar se slaapkamer geskei is **(Fig. 167)**. Sedert die eerste dekades van die agtiende eeu is die H-plan huis, met sy lang lae vertrekke wat gemaklik oor die grondoppervlak strek,[751] in die landelike gebied

---

743 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 117.

744 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa,* p. 8.

745 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* pp. 255 en 261.

746 *Ibid.,* p. 271.


747 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 1.

748 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 257.

749 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 1


750 *Ibid.,* p. 2; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 19; J. Walton, *Old Cape farmsteads,* p. 30.

751 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* p. 23.



Figuur 168: Planne van La Provence en Nederburg as tipiese voorbeelde van die agtiende-eeuse H-plan plaaswoning – 'n inheemse argitektoniese ontwikkeling waarin onder meer die huisvesting van huishoudelike slavinne in die kombuis 'n rol gespeel het.


Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 33.



Figuur 169: Planne van die langwerpige slawewoning op De Nieuwe Plantatie, volgens die argitek G.T. Fagan wat in die 1970's by die restourasie van die opstal, werf en buitegeboue van die historiese plaas in die Paarl-omgewing betrokke was.


Planne goedgunstelik deur Gawie en Gwen Fagan bekikbaar gestel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 170: Werfuitleg van Boschendal, Simondium, met die "langhuis"-slawekwartiere wat die veekraal begrens, volgens Hans Fransen.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 40.



Figuur 171: Werfuitleg van Rhône, Simondium, met die "langhuis"-slawekwartiere agter die plaaswoning en in die onmiddellike omgewing van die stalle geleë, volgens Hans Fransen.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingevoer met die kombuis op die verste punt van een van die twee agterste vleuels [752] **(Fig. 168).** Beide die T- en H-plan was inheemse argitektoniese ontwikkelinge wat onbekend in die Europese moederlande was.[753]

Die plaas Constantia dien onder meer as voorbeeld van landelike slawe wat aanvanklik almal onder dieselfde dak van die groter woonhuis as die meester gewoon het. Vroeg in die agtiende eeu het Valentyn in sy uitvoerige beskrywing van Constantia geensins van aparte slawehuisvesting melding gemaak nie, terwyl slawekwartiere ook op 'n gravure deur Heydt in 1714, ontbreek[754] **(Fig. 14)**. Eers sedert 1799 is daar sprake van slawehuisvesting in die vorm van 'n sogenaamde *jongenhuijs* of *slavenhuijs,*[755] terwyl Teenstra in 1825 tydens sy besoek aan Groot Constantia onder meer melding gemaak het van "... ter regterzijde van de laan een' groot fraaijen stal en woningen voor de slaven". [756] Voor 1799 is die slawe op Groot Constantia dus heelwaarskynlik in die kelderarea onder die huis gehuisves.[757]

Die toenemende aantal slawe op die akkerbouplaas, die behoefte aan sekuriteit ten opsigte van ingevoerde slawe, sowel as toenemende welvaart het tot gevolg gehad dat die boer òf 'n nuwe woonhuis gebou en die oorspronklike "langhuis" as slawekwartiere benut het òf nuwe slawekwartiere gebou het. Die haard van die oorspronklike "langhuis" het gerieflik as kaggel, haard en ystersmedery vir die buiteslawe gedien.[758] Dit verklaar waarskynlik waarom aparte "langhuis"-slawekwartiere in baie gevalle 'n skoorsteen gehad het. Die slawekwartiere op Vergelegen, waarin meer as honderd slawe gehuisves is, het in 1707 twee skoorstene en 'n groot sy-ingang vir rygoed gehad **(Fig. 25)**, terwyl die langwerpige slawekwartiere op Meerlust in 1798 met drie skoorstene uitgebeeld is[759] **(Fig. 24)**. Dit is dus logies af te lei dat sommige aparte "langhuis"-slawekwartiere die aanvanklike woonhuis van die boer was, wat mettertyd 'n aparte kombuis en nog later die woon- en werkplek van veral die ambagslawe sowel as huisvesting vir die slaweplaasarbeiders geword het. Die teenwoordigheid van 'n kombuis in die slawekwartiere op Elsenburg word deur die inventaris van Martin Melck se boedel bevestig.[760] Op De Nieuwe Plantatie is die buiteslawe in 'n langwerpige gebou gehuisves, wat onder meer ook die bakhuis en waenhuis ingesluit het [761] **(Fig. 169)**. Hierdie "langhuis"-slawekwartiere was, soos hulle naam aandui, langwerpige, lae geboue wat in eenhede of indiwiduele kamers verdeel is, soos by onder meer Boschendal en Rhône die geval was [762] **(Fig. 170 & 171)**. Op Elsenburg het elke slaaf oor 'n eie aparte slaapvertrek beskik, terwyl die "getroude" slawe apart gehuisves is, soos Stavorinus in die tweede helfte van die agtiende eeu opgemerk het dat "elk [van de slaven] had hier zijn gemetselde slaapplaats; de

---

752 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 2; J. Walton, *Old Cape farmsteads,* p. 33.

753 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 2.

754 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 192; R. Raven-Hart (red.), *Scenes of the Cape of Good Hope as drawn by Johann Wolffgang Heydt,* p. 11.

755 T. van der Merwe, Hendrik Cloete en die argitektuur van Groot Constantia, *Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* 3(1), September 1990, p. 12.

756 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 418.

757 D.C. Bozarth, *Burgher, boer en bondsman,* D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 416.

758 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 255, 257 en 259.


759 J. Walton, *Old Cape farmsteads,* pp. 75, 92 en 94.

760 K.A.B.: MOOC. 7/1/25, nr. 39.: Testamente, algemene series, 1689 - 1800, 1776-06-24.


761 De Nieuwe Plantatie-restourasieplanne goedgunstiglik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel.

762 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa,* p. 37; J. Walton, *Old Cape farmsteads*, p. 94.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 172: Werfuitleg van Groot Constantia, met die "jongenhuijs" of jonkershuis wat op dieselfde voorplaas as die hoofhuis uitkyk, volgens G.E. Pearse.
Uit: J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa* (Pretoria, 1952), p. 38.




Figuur 173: Werfuitleg van De Nieuwe Plantatie, met onder meer die slawehuis en slawekerkie as deel van die agter-werf, volgens G.T. Fagan, 1976.
Plan goedgunstiglik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 174: Werfuitleg van Libertas, met die slawekwartiere aangrensend aan die pluimveehok en in die onmiddellike omgewing van die stalle en veekrale geleë, volgens Hans Fransen.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 19.



Figuur 175: Die slaweklok op Vergenoegd naby Faure. Die slaweklok het die daaglikse roetine op die Kaapse plaas bepaal, terwyl dit ook die slawe tot brandbestryding opgeroep het.
Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), p. 77.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 176: Die slaweklok op Meerlust wat, volgens ingeligte mening, oor die esteties mees aanvaarbare argitektoniese verhoudings van alle Kaapse slaweklokke beskik. Die sterk ooreenkoms met die Kaapse kerkklok bevestig die eienaar se Christelike oortuigings, terwyl dit terselfdertyd ook die onmiskenbare simbool van Kaapse landelike slawerny is.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), plaat 71.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehuuwden waren van de andere gescheiden ..." [763]

'n Patroon sou dus mettertyd ontstaan waarvolgens oorwegend slavinne in die kombuis of solder van die plaashuis gehuisves is, terwyl die mansslawe in aparte slawekwartiere naby die stalle, varkhokke, duiwe- en pluimveehokke onderdak gehad het om selfs snags as bewakers van die vee 'n doel te dien.[764] Die langwerpige slawekwartiere op Libertas was aangrensend aan die pluimveehok [765] **(Fig. 174)**, terwyl die slawekwartiere op Boschendal deur 'n veekraal begrens is [766] **(Fig. 170)**.

Wat die werfuitleg betref, het die aparte slawekwartiere meesal op dieselfde werf, voor- of agterplaas as die hoofhuis uitgekyk, soos met die "jongenhuijs" op Groot Constantia[767] **(Fig.172)**, die slawehuise op De Nieuwe Plantatie[768] **(Fig. 173)** en Boschendal[769] **(Fig. 170)** die geval was.

Van al die strukture op die werf van die Kaapse akkerbouplaas, was die slawekklok die mees prominente simbool van landelike slawerny. As presiese weergawe van die Kaapse kerkklok, was die besonder groot en indrukwekkende Kaapse slaweklok in sy kloktoring onder meer verteenwoordigend van die eienaar se Christelike oortuigings,[770] terwyl dit bowenal die onmiskenbare simbool van gedwonge arbeid was; die instrument waarmee die daaglikse roetine van die plaasslaaf stiptelik en rigied bepaal en beheer is. Met die gelui van die slaweklok is die daaglikse siklus van dop, werk, dop, werk en dop jaar-in en jaar-uit onveranderd voortgesit.[771] Mentzel was van mening dat dié roetine wel 'n mate van sekuriteit in die slaaf se meesal onbenydenswaardige en onstabiele bestaan geskep het.[772] Behalwe dat die slaweklok **(Fig. 175)** met sy imposante toring die daaglikse roetine op die akkerbouplaas bepaal het, was dit ook die instrument waardeur slawe opgeroep is om 'n brand te blus.[773] Wat die argitektoniese aspek betref, beskik die slaweklok op Meerlust **(Fig. 176),** volgens Fransen en Cook, heelwaarskynlik oor die mees smaakvolle en esteties aanvaarbare argitektoniese verhoudings van al die Kaapse slaweklokke.[774] Wat ander geboue en strukture op die werf betref, het 'n slawekerkie op De Nieuwe Plantatie deel van die werfuitleg uitgemaak[775] **(Fig. 36 & 173)**. Die slawebad op Groot Constantia, wat in die vallei agter die wynkelder geleë is, is volgens oorlewering deur die slawe gebruik om in te was nadat hulle druiwe getrap het. Dit verklaar waarskynlik die trap wat van die wynkelder tot teenaan die bad lei.[776]

---

763 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I,* p. 53.

764 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 257.

765 J. Walton, *Old Cape farmsteads*, p. 19.

766 *Ibid.*, p. 40.

767 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 117.

768 De Nieuwe Plantatie-restourasieplanne goedgunstiglik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel.

769 J. Walton, *Old Cape farmsteads,* p. 40; H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, p. 216.

770 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 280.

771 *Ibid.*, p. 281.

772 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 109.

773 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 280.

774 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 180.

775 *Ibid.*, p. 109.

776 T. van der Merwe, Hendrik Cloete en die argitektuur van Groot Constantia, *Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* 3(1), September 1990, pp. 17 - 18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit voorafgaande blyk dit dus dat die teenwoordigheid van slawe aan die Kaap, sowel as die huishoudelike aard van Kaapse slawerny 'n rol in die ontwikkeling van huisplanne, sowel as standplaas- en werfuitleg van beide die stedelike en landelike Kaapse argitektuur gespeel het.

Die teenwoordigheid van bedrewe geskoolde ambagslawe [777] het voorts 'n stempel op die Kaapse boukuns afgedruk. Met inagneming van alle voorafgaande faktore, sou die tipies Kaapse boukuns onder hulle bedrewe hande gestalte verkry. Daar is reeds telkens na die besonder begaafde Oosterse slaweambagslui verwys en hulle teenwoordigheid en impak in die stad, platteland en afgeleë binneland is 'n bewese en voldonge feit.[778] Alhoewel waarnemers aan die Kaap meer pertinent na die ambagskwaliteite van die Indonesiese of sogenaamde Maleierslawe verwys het, moet in gedagte gehou word dat die Indiese slawe aan die Kaap oor 'n eeue-oue erfenis van 'n ryk boukunstradisie beskik het, waarin veral kunstige ambagslui 'n belangrike rol gespeel het. Hierdie agtergrond en nalatenskap sou die slawe instaat stel om op een of ander wyse, in 'n mindere of meerdere mate, 'n rol in die Kaapse boukuns te kon speel. Daarbenewens het Indië sedert die vroegste tye deur emigrasie en kolonisasie 'n belangrike invloed op die Indonesiese kultuur uitgeoefen, [779] wat veral in die boukuns gemanifesteer het. In die opsig is dit nodig om die bydrae van die Oosterse slawe tot die Kaapse boukuns kortliks in konteks met hulle argitektoniese erfenis uit hulle lande van herkoms te plaas.

Wat Indië betref, was dié ambagslui weens 'n eeue-oue tradisie van oorwegende skulpturele tempelboukuns – waarin klip 'n belangrike rol gespeel het – ongeëwenaard in die herwinning, bewerking en manipulasie van dié boustof.[780] Die betrokkenheid van vaardige, talentvolle en kunstige ambagslui is reeds in die vroeë Boeddhistiese grottempels wat uit soliede rotswande gekap is en waarvan die indrukwekkende fasades en gange met massiewe klippilare, soos dié by Karli en Nasik [781] omring is, sigbaar, terwyl die daaropvolgende *stupas* of Boeddhistiese "heilige hoogtes", soos dié by Sanchi in Sentraal-Indië [782] wat oor relikwieë opgerig en deur mure met ryklik gekerfde poorte omring is, van meesterlike vakmanskap getuig. Uit hierdie groot voortreflike ontwerpte en ryklik versierde kliptempels of monumente, wat volgens die droë boumetode opgerig is, blyk 'n buitengewone aanleg in die bewerking en aanwending van klip. Dit was veral in die Hindoe-argitektuur – wat byna uitsluitlik tot tempels beperk was – waar die artistieke aanleg van die vakmanne die argitektoniese element oorheers het. Die Hindoe-tempels, wat volgens konserwatiewe tradisionele boumetodes opgerig is waarin pilare, dwarsbalke en lateie sonder messelklei, slegs deur blote gewig bymekaar gehou en deur opeenstapeling en herhaling gekenmerk word, weerspieël 'n besondere voorliefde vir ryklik

---

777 G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa,* p. 29.

778 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 46; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* pp. 271, 286 - 287; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 32; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 47 - 48; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I,* pp. 52 - 53; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 138.

779 A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* pp. 156 - 157.

780 P. Brown, *Indian architecture (The Islamic period),* p. 2.

781 M.S. Briggs, *Everyman's concise encyclopaedia of architecture,* p. 172.

782 *Loc. cit.*; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* pp. 47 - 54; J. Fleming, H. Honour en N. Pevsner, *The Penguin dictionary of architecture,* pp. 163 - 164; H. Honour en J. Fleming, *A world history of art,* pp. 195 - 196 en 214.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesnede figuratiewe versiering wat meesal van 'n sensuele en telkens openlik erotiese aard is.[783] Vir die Indiese vakman was die tempel 'n middel tot 'n doel, was dit die agtergrond waarteen hy die uitkerf van die komplekse Hindoe-ikonografie en natuurlike figuurkomposisies kunstig en toegewyd tot 'n hoogtepunt kon voer. Daarom wemel die tempelmure met 'n magdom beelde in die natuurlike kleur en tekstuur van die rots waaruit dit gebeitel is.

Dit was egter in die Indo-Islamitiese boukuns van die Mogol-dinastie van die sestiende en sewentiende eeu [784] wat die Indiese vakmanne 'n reuse aandeel in die daarstelling van 'n grootse monumentale boukuns van moskees, grafmonumente en paleise gehad het. Fusie van die Persiese en Mediterreense Islamitiese boukuns met die Hindoetradisie, veral deur die gebruikmaking van plaaslike Indiese argitekte, werks- en ambagslui, het tot 'n nuwe aangepaste, saamgestelde styl aanleiding gegee. In dié boustyl het die bydrae van die Islamitiese tradisie onder meer die invoer van wetenskaplike en meganiese formules, veral ten opsigte van die koepel en die boog en die bekendstelling van messelklei behels, terwyl die Indiese vakmanne hulle bydrae deur knap klipbouwerk en kunstige argitektoniese versiering gelewer het. Onder hulle hande is growwe boumateriaal, soos sandsteen, met 'n presisie en delikaatheid bewerk wat gewoonlik vir ivoor en die maak van juwele gereserveer is.[785] In die gebruik van 'n verskeidenheid gekleurde marmer en die oorlegging van bepaalde oppervlaktes met half-edelgesteentes en edelgesteentes, kon die Indiese vakman sy kunssin met oorgawe uitleef. Alhoewel die boukuns van die Mogol-dinastie sy voortreflikheid deels aan die feit dat dit 'n laat ontwikkeling was te danke het, verdien die Indiese ambagslui, wat hulle vaardighede met klip verder aangepas en verruim het, in 'n groot mate krediet vir die skep van argitektuur wat beide wetenskaplik en kunstig is en in wese 'n geslaagde kombinasie van argitektoniese monumentaliteit en miniaturistiese delikate detail openbaar. Die boustyl sou veral onder die twee groot Mogol beskermhere, Akbar (1556 - 1605) en sy kleinseun Shah Jahan (1592 - 1666) 'n hoogtepunt bereik met onder meer die graf van Akbar by Sikandara, die Taj Mahal naby Agra, die Jami Masjid te Delhi en die Pêrelmoskee te Agra.[786] Sedert die middel van die sewentiende eeu het die Mogol-argitektuur agteruitgang begin toon weens die ontwrigting wat deur oorloë veroorsaak is. Na die Britse besetting in 1775 is Westerse argitektoniese style, soos die Griekse en Gotiese herlewingstyle, ingevoer.

Wat Indonesië betref, het Indië in 'n vroeë stadium reeds 'n merkbare invloed op die Indonesiese kultuur en argitektuur uitgeoefen. In die geskiedenis van byna alle Indonesiese gebiede is 'n Indiese periode (sesde en sewende eeu) aan te tref waartydens alle kunsvorme verteenwoordigend van die Indiese kultuur was. Hierdie tendens was onder meer die gevolg van Indiese emigrante, soos die Kalingas en Andhras van Orissa en Vengi wat die grondslag van die Indiese state "oorkant die bewegende seë" gelê het.[787] Vroeë Indiese nedersettings in Wes-Java dateer tot die begin van die Christelike era terug. Duidelike bewyse van Indiese kultuur uit die Indo-Javaanse periode is in Sentraal-Java aan te tref waarvan die massiewe Boeddhistiese *stupa* van Borobudur op die Keduvlakte,[788] wat van ongeveer 775 n.C. tot 840 n.C. gebou is, een van die merkwaardigste argitektoniese strukture beliggaam wat deur

---

783 P. Brown, *Indian architecture (The Islamic period)*, pp. 1 - 3; J. Flemming, H. Honour en N. Pevsner, *The Penguin dictionary of architecture*, p. 164.

784 P. Brown, *Indian architecture (The Islamic period)*, p. 2.

785 J. Fleming, H. Honour en N. Pevsner, *The Penguin dictionary of architecture*, p. 164.

786 *Ibid.*, pp. 164 - 165; P. Brown, *Indian architecture (The Islamic period)*, p. 2; H. Honour en J. Fleming, *A world history of art*, pp. 501 en 505.

787 A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art*, p. 157.

788 *Ibid.*, p. 203; P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods)*, p. 235.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mensehande geskep is. Weens die fenomenale afmetings (oppervalk = 10 000 m², hoogte = 35 meter) sowel as die ontsaglike aantal beeldhouwerke (400) en aaneenlopende friese in laagreliëf (1400), word hierdie hoogtepunt van Javaanse skeppingstalent as een van die wêreld se grootste en mees artistieke bouwerke gereken, terwyl dit ook 'n ereplek in die wêreldwye beeldhoukuns inneem.[789] Die oprigting en versiering van dié enorme tempel of "heilige berg" wat uit nege terrasse bestaan, getuig van meesterlike vakmanskap en toewyding wat veral op die Indiese lees geskoei was. Blokke soliede vulkaniese rots is herwin, verwerk en sonder enige messelklei kunstig in mekaar gevoeg, soos met die droëboutegniek in Indië die geval was. Alhoewel die skaal van die tempel beïndruk, is die klem eerder op ingewikkelde detail geplaas. Met die herlewing van die Hindoeïsme is die grootste Hindoemonument in Java, naamlik die Prambanan of Loro Djonggrang tempelkompleks teen ongeveer 900 n.C. voltooi. Die ontwerp van die tempel, waarin die vertikale element sterk figureer, toon 'n verfyning en elegansie wat nie voorheen in die Javaanse boukuns teenwoordig was nie. Die figuratiewe uitbeeldings van die aaneenlopende fries in laagreliëf oortref dié van Borobudur, veral wat die dramatiese betref. Die friese, waarin die mitologie van die Hindoegode Vishnu, Shiva en Brahma uit klip gekerf is, dui 'n vooruitgang aan wat as die vervolmaking van die beeldende kuns deur die Javaanse kerwers en beeldhouers beskou word. Die vormgewing is sagter, die hellinggewing in die oorgange meer subtiel en die oppervlakontwerp as geheel meer delikaat.[790] Met die konstruksie van Hindoetempels in Indonesië wil dit blyk asof aanvanklik van ingevoerde Indiese ambagslui, soos klipbrekers en -dresseerders, gebruik gemaak is. Coomaraswamy is van mening dat dit waarskynlik deur werkslui van Indiese herkoms, onder leiding van Indiese *silpa-sastras,* voltooi is.[791]

Omstreeks 950 n.C. het die Goue Eeu van Javaanse boukuns ten einde geloop en is 'n oorgang tot 'n nuwe Oos-Javaanse fase of Silwer Eeu ingelui. Inspirasie deur Indië was beperk en meer elemente van die inheemse kultuur is geabsorbeer.[792] Alhoewel Indië wel aanvanklik die stof van 'n hoër kultuur verskaf het, het 'n nasionale styl mettertyd ontwikkel wat duidelik as Indonesies herkenbaar was. Die nuwe inheemse kultuur het sy eie formule uitgewerk deur vrylik aan te pas, by te las en van die ouer Indiese vorms weg te laat om dit 'n eie dinamiese, oorspronklike karakter te gee.[793]

Alhoewel besonder goeie beeldhoukuns van 'n meer blomryke aard aanvanklik in die oorgangsfase geskep is, het die strukturele boukuns agteruitgang getoon.[794] Met die aanvang van nuwe dinastieë wat te Singasari (1280 - 1292) en Majapahit (1294 - 1478) in Oos-Java gevestig is,[795] het die Indiese tradisie begin kwyn, terwyl die Indonesiese element al hoe sterker na vore getree het. Alhoewel daar met die aanvang van die Singasari-regering 'n oplewing in die Hindoe-tempelkuns was, het dit duidelik van die Indiese vorms afgewyk en 'n inheemse nasionale karakter aangeneem. Met die aanvang van die Majapahit-dinastie is die einde van die Hindoe-Javaanse argitektuur op die eiland ingelui. Alhoewel deurgaans 'n hoë standaard in die

---

789 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods),* p. 236; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian Archipelago*, pp. 23 - 24.

790 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods),* p. 237; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* p. 206; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian Archipelago*, pp. 27 - 28.

791 A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* p. 126.

792 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods),* p. 238.

793 A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* p. 157.

794 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods),* p. 238.

795 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klipmesselwerk gehandhaaf en die manipulering van klipwerk in kombinasie met die presisie van die kerfwerk verstommend was, is die geboue deur 'n geforseerde elegansie gekenmerk. In wese het daar in die argitektuur 'n verlies aan balans tussen konstruksie en argitektoniese versiering – wat toenemend oorvloedig, blomryk en weelderig geword het – bestaan. Die versieringsmotiewe, wat deur vaardige en kunstige kerwers uitgevoer is, het nogtans 'n bekoring van hulle eie gehad en toenemend 'n Indonesiese karakter aangeneem. Die groteske uitbeelding van die menslike figuur in die argitektoniese versieringskuns wat tydens die inheemse fase waarneembaar was, staan in noue verband met die *Wayang* of "Skadu Teater" wat tot die hede in Java voortbestaan.[796] Met die beëindiging van die Majapahit-dinastie in die vyftiende eeu wat met die vestiging van die Islam saamgeval het, is die grootse klassieke ideaal van die Javaanse kuns beëindig en het daar uiteindelik in Java – net soos in Ceylon – net die ryk tradisionele erfenis, soos in die volkskuns beliggaam, oorgebly.[797]

Wat Bali betref, het die eiland eers na die twaalfde eeu onder Javaanse invloed gekom en met die vestiging van Islam in die vyftiende eeu in Java, het dit die oorblyfsels van die Hindoeïsme, oorgeneem. Alhoewel die argitektuur nie dieselfde hoogtes as in Java kon bereik nie, het 'n eiesoortige mengsel van Hindoeïsme en Boeddhisme oorleef wat in die klassieke en post-klassieke Indonesiese boukuns gefigureer het. In wese is die kultuur van Bali, soos dit tot vandag daar uitsien, 'n redelik getroue weergawe van die kultuur in Oos-Java tydens die laaste eeue van Hindoe-oorheersing.[798]

Uit voorafgaande oorsig oor die ryk argitektoniese erfenis van die Indiër en Indonesiese slawe, is dit voor-die-hand-liggend dat die meerderheid Oosterse slawe, wat van die sewentiende tot negentiende eeu na die Kaap gekom het, iets van hierdie erfenis, waarin bekwame en kunstige ambagslui deurgaans 'n prominente en bepalende rol gespeel het, met hulle na die Kaap saamgebring het. Iets van hierdie ryke boukunstradisie uit hulle lande van herkoms moes op een of ander wyse aan die Kaap neerslag vind.

As steengroefwerkers, klipkappers en -messelaars sou Oosterse slawe, bannelinge en gevangenes ongetwyfeld 'n bydrae tot die Kaapse boukuns lewer. Alhoewel baksteen later algemeen in gebruik sou wees,[799] was daar wel bedenkinge oor die kwaliteit daarvan en het die vervaardigingsproses 'n groot hoeveelheid brandmateriaal, slawe, osse, waens, ensovoorts vereis.[800] Klip was egter vrylik beskikbaar en 'n logiese opsie om as boumateriaal te gebruik. Tydens sy besoek in die vroeë agtiende eeu het Bogaert opgemerk dat "[a]lle [huizen] zyn ze van klipsteenen gebouwt ..." [801] Klip vir dié doel is in die steengroef aan die voet van Leeukop en op Robbeneiland gekap. In 1668 het Simon van der Stel in 'n brief aan die Heeren XVII 'n volledige uiteensetting van die aanwending van Kompanjieslawe gegee. Behalwe vir die slawe in die Kompanjiestuine naby die Kasteel en Rustenburg, by die buiteposte Clapmuts, De Kuylen en Hottentots-Holland, was die res by 'n wye verskeidenheid van arbeid betrokke,

---

796 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods)*, pp. 238 - 239.

797 A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art*, p. 210.

798 *Loc. cit.*

799 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 25; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 71.

800 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 129 en 180; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, pp. 26 - 27.

801 A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I*, p. 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onder meer as messelaars, steenmakers en steengroefwerkers.[802] In die tweede helfte van die agtiende eeu maak Stavorinus onder meer melding van "banditen" vanaf Indië en die Kaap wat "genoodzaakt [worden] eenige uuren daags ten dienste der Compagnie te werken, voornamelijk met steenen te kappen [op Robbeneiland] en weg te voeren, die als dan met vaartuigen naar de Kaap overgevoerd, en tot het bouwen van huizen en andere werken gebezigd worden ..."[803] Slawe is in alle fasette van die boubedryf aangewend en dit sou ook wat die bewerking van en bou met klip betref, nie anders wees nie.

Dit was egter in veral die ornamentele pleisterwerk van die Kaapse boukuns wat die Oosterse slawe hulleself as uiters bekwame en kunstige handwerkers sou onderskei. Die fyn estetiese aanvoeling vir veral die beeldende kunsvorm van die Maleier, gaan sover terug as die reeds vermelde godsdienskultuur van sy Indonesiese voorgeslagte – nog voordat Hindoeïsme en Islam in Indonesië posgevat het. Uit die aanvanklike kultuur van gesnede godebeelde [804] en ryklik versierde offerpilare of totempale is die Indonesiër se kunssin gebore.[805] Beide Hindoeïsme en Islam het 'n demper op dié skeppingsdrif van die Indonesiër-kunstenaar geplaas en hom in dié verband gedissiplineer. Die Islam, wat 'n gesnede beeld van mens of dier sonder enige lewe as 'n ernstige belediging vir die enigste ware God beskou,[806] het veral die Indonesiese beeldhouers en reliëfkerwers se gevestigde idee oor beeldende kuns ernstig aangespreek en die uitbeelding van menslike en dierlike figure ontmoedig, alhoewel hulle inherente kunssin en handvaardigheid nie daardeur aan bande gelê kon word nie. Dié ikonoklastiese benadering van die Islam het die Indonesiese kunstenaar egter nie sy vermoë om te ontwerp, abstrak in reliëf te werk,[807] besonder kunstige houtsneewerk en gekerfde kalligrafie of dekoratiewe letterwerk as argitektoniese versiering te skep,[808] ontneem nie. 'n Uitlaatklep vir die kunstalent van die Indonesiese vakman is geskep deur die Portugese, wat met die kolonisasie van Indonesië, stukkadoorwerk aan die plaaslike bevolking bekend gestel het.[809] Spoedig het die Indonesiese vakman homself as meester in dié oorspronklike Mediterreense pleistervaardigheid onderskei. Hierdie vaardigheid, waardeur kalkpleister dekoratief op verhewe of plat baksteen of klipmesselwerk aangebring is, het aan die Kaap in die ornamentele reliëfpleisterwerk van onder andere die Maleierslawe, [810] in die gewel, kroonlys, fasade en stoep neerslag gevind, wat die Kaaps-Hollandse huis van sy Europese prototipe onderskei het.[811] In die landelike boukuns is dit ook in die pleisterwerk van onder meer buitetrappe en plaasingange en -hekke sigbaar. Daar moet in gedagte gehou word dat ook die Indiese slawe wat in die boubedryf aangewend is, 'n rol in die dekoratiewe

802 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

803 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II,* pp. 117 - 118.

804 P. Brown, *Indian architecture (Buddhist and Hindu periods),* pp. 235 - 236.

805 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 646; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian Archipelago*, pp. 15 - 16.

806 D. Jones, The elements of decoration: surface, pattern and light, *in* G. Michell (red.), *Architecture of the Islamic world,* p. 172; P. Brown, *Indian architecture (The Islamic period),* p. 1.

807 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa*, p. 646.


808 Persoonlike mededeling: A. Davids, Langmarkstraat 203, Bo-Kaap, Kaapstad, 1998-05-24; D. Jones, The elements of decoration: surface, pattern and light, *in* G. Michell (red.), *Architecture of the Islamic world,* pp. 168 - 169.

809 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 6.

810 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 15.

811 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 647.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 177: Die voorgewel van Hazendal is 'n tipiese voorbeeld van die Kaapse Barok-gewel wat, weens die betrokkenheid van onder meer bekwame Maleierpleisteraars, 'n interessante vermenging van Europese stylelemente en Oosterse innovasie en handvaardigheid openbaar wat aansienlik van die Europese prototipe verskil.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), p. 35.



Figuur 178: Ornamentele pleisterwerk aan die gewel van Onverwacht in die Wamakersvallei – 'n voorbeeld van die bekwame wyse waarop die vormbare Kaapse kalkpleister, wat uit 'n mengsel van spoelsand en gebrande mosselskulpe bestaan het, deur kunstige en bedrewe slawepleisteraars benut is om swenk-en-swaai siervorms in verhewe reliëf te skep.

Uit: B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1955), p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pleisterwerk aan die Kaap sou gespeel het. Ambagslui van Indiese herkoms was waarskynlik nie onbekend met die kromlynige versieringselement [812] van blom- en blaarmotiewe in die boukuns nie – 'n erfenis wat tot die reeds vermelde Islamitiese Mogol-ryk in Indië (1526 - 1707) terugdateer en wat deur 'n sterk aangetrokkenheid tot en bepaalde smaak vir naturalisme gekenmerk is. In dié tyd het 'n interessante blomontwerp as versieringsmotief ontwikkel wat 'n vermenging van Europese botaniese tekeninge, laat-Renaissance blom-en-krul- en akantusblaarversierings, sowel as plaaslike en Persiese tradisionele blomsoorte was. Hierdie ontwerp is deur bedrewe Indiese vakmanne besonder smaakvol en geslaagd in die Islamitiese argitektuur toegepas. 'n Denaturalisering van natuurlike vorms sou mettertyd voorkom waarin die plant- en blommotiewe in die sestiende eeu en selfs later, in simmetriese en repeterende ontwerpe en in geïsoleerde gestileerde blommotiewe op Indiese, Persiese en Turkse tekstiele, sowel as in argitektoniese versieringskuns voorgekom het.[813]

Dit was veral in die Kaapse Barok-gewel van die tweede helfte van die agtiende eeu, wat die Indiese en veral die Maleierslaaf sy inherente skeppingstalent en handvaardigheid tot 'n hoogtepunt kon voer.[814] Die vormbaarheid van die Kaapse kalkpleister, wat uit 'n mengsel van spoelsand en gebrande mosselskulpe bestaan het,[815] is ten beste deur die slawemesselaars benut om 'n vryheid van aanwending en skepping daar te stel wat nie op die Europese steen- en klipmesselwerk moontlik was nie.[816] Met dié vormbare boustof wat hom so geredelik tot die swenk-en-swaai ontwerp leen, kon die pleisteraar hom uitleef en ongeïnhibeerd met verskeie vorms en motiewe speel.[817] 'n Harmonie van speelse siervorms is geskep met krullysversierings wat kranig en swierig met 'n prominente uitsprong in verhewe reliëf uitgevoer is. Die grootsheid waarop die Kaapse boukuns aanspraak maak, is dus in 'n groot mate aan die vormbare kalkpleister [818] in die hande van vaardige slawepleisteraars te danke. By hande van die Oosterse slaaf het die Barok-gewel met sy silhoeët van golwende lyne, krulvorms en ornamentele motiewe 'n kunstige vermenging van Europese stylelemente en Oosterse innovasie sowel as handvaardigheid geword, waarteen die Europese prototipe bra lomp afgesteek het [819] **(Fig. 177 & 178)**. Alhoewel daar nie radikaal van die oorspronklike Europese model afgewyk is nie, het die pleisteraars die krullyswerk op 'n eiesoortige en sensitiewe wyse met die oorspronklike ontwerp vermeng.[820] Dat daar na die finale vrystelling van slawe in 1838, byna geen gewels op dié kwistige en dekoratiewe wyse gebou is nie, dien as bevestiging van die slawe se aandeel aan die hoogs dekoratiewe gewels. Dr. Cook, kenner van die Kaapse boukuns, het dié tendens beskryf en verklaar:

> After the freeing of slaves, it is clear that hardly any gables were built on the old lavish and decorative scale; charming as many of the mid-19th century gables

---

812 P. Brown, *Indian architecture (The Islamic Period),* p. 110.

813 D. Jones, The elements of decoration: surface, pattern and light, *in* G. Michell (red.), *Architecture of the Islamic world,* pp. 170 - 171; P. Brown, *Indian architecture (The Islamic Period),* pp. 95 - 125.

814 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 164; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 65.

815 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* p. 29.

816 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 26.

817 B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* p. 29.

818 *Loc. cit.*


819 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 26; B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika,* p. 29.

820 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 647.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 179: Die voorgewel van Bien Donne. Alhoewel Neo-Klassistiese elemente, soos die pilasters, siervaas en guirlandes teenwoordig is, verraai die ongewone dieremotiewe slawe-invloed.
Foto: E.M. Bauermeester, 2001-08-02.



Figuur 180: Detail van ornamentele pleisterwerk aan die voorgewel van Bien Donne – naturalistiese dieremotiewe en vorme uit die fantasiewêreld van die Oosterse slaaf, wat aansienlik van die getemperde en beheersde Europese versieringsmotiewe van dié tyd verskil.
Uit: C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms* (Kaapstad, 1971), plaat 64.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 181: Agtergewel van Bien Donne.
Foto: E.M. Bauermeester, 2001-08-02.




Figuur 182: Detail van die agtergewel van Bien Donne. Let op die Oosters-geïnspireerde halfmens-drakekop in die versiering bokant die kroonlys.
Foto: E.M. Bauermeester, 2001-08-02.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 183: Oude Nektar met sy fasade wat "'n meesterstuk in detail en algehele proporsie" is. Die gewel en versieringsmotiewe van vase en blaarslingers is tipies van die Neo-Klassisistiese styl.
Uit: H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape* (Kaapstad, 1965), teenoor p. 16; H. Fransen, *A Cape camera* (Johannesburg, 1993), p. 112.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 184: Swierige Barok-krullyswerk van die soldertrap by die Meerlust-wynkelder.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 75.



Figuur 185: Swaar, tog kunstige pleisterwerk van 'n deurgang te Vergenoegd. Nie ver van Stellenbosch geleë, was dit waarskynlik ook die handewerk van die slawebouers en -pleisteraars van Meerlust wie se dienste aan omliggende plase uitverhuur is.
Uit: H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape* (Kaapstad, 1980), p. 181.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> are, and pleasing in their proportions, it is nevertheless clear that the money and skill expended on the older gables were no longer available.[821]

Dit was nie net in die dekoratiewe Barok-gewel wat die hand van die Oosterse pleisteraar sigbaar is nie. Die ornamentele pleisterwerk van onder meer Neo-Klassisistiese gewels, soos dié van Bien Donne, is opmerklik on-Europees en verraai 'n voorliefde vir fantastiese en groteske versieringsmotiewe waarvan die naturalistiese aard daarvan duidelik van die lewelose, getemperde en beheersde Europese versieringsmotiewe van dié tyd verskil het. Die versieringsmotiewe op die voor- en agter-gewels van Bien Donne is, volgens oorlewering, die werk van 'n Maleierpleisteraar. Behalwe vir die voorletters van die eienaar en sy vrou, die formele siervaas en 'n paar guirlandes, is die meerderheid versieringsmotiewe op die Neo-Klassisistiese gewels van die hoofhuis naturalistiese dieremotiewe en wesens uit die fantasiewêreld van die Oosterse slaaf, hetsy Indies of Indonesies.[822] Die griffoene en ander ongewone groteske dieremotiewe is beslis nie deel van die tradisioneel Europese Neo-Klassisistiese versieringsmotiewe wat gewoonlik formele sterre, blomkranse en -slingers of festoene, guirlandes, blaar- en takslingers en akantusblaar- en blommotiewe ingesluit het nie. Vergelyk in dié opsig die gewels van Bien Donne **(Fig. 179, 180, 181 & 182)** met dié van Nektar **(Fig. 183)**, waarvan die versieringsmotiewe tipies Neo-Klassisisties is.

Soos reeds vermeld, kom sierlike pleisterwerk ook in die krullysversierings en lyswerk van onder meer trappe en plaasingange of -hekke in die Kaapse landelike gebied voor. Op Meerlust is die trap wat langs een van die buitegeboue na die solder lei **(Fig. 184)** met buitengewoon dramatiese en swierige krullyswerk versier, terwyl die plaasingang van Vergenoegd **(Fig. 185)** met swaar, byna oordrewe lyswerk versier is.[823]

Die teenwoordigheid van bekwame slaweambagslui, soos messelaars en pleisteraars, op veral die selfonderhoudende landelike en binnelandse plase van welgestelde boere, is deur besoekers en reisigers bevestig.[824] Van die bekendste welgestelde akkerbouboere, wat onder meer Oosterse slaweambagslui op hulle plase in diens gehad het, was Martin Melck van Elsenburg [825] en Philip Meyburg van Meerlust.[826] Die dienste van die slawevakmanne op Meerlust was tot beskikking van Meyburg se bure, terwyl hulle ook uitverhuur is, soos Lichtenstein in die vroeë negentiende eeu opgemerk het: "... his near neighbours ... often send things to him to be made, or hire some of his slaves to work at their own houses, as masons, as smiths, as waggon-wrights, as cabinetmakers, as tailors, & &" [827] Die handewerk van die

---

821 M.A. Cook, Some notes on the origin and dating of the Cape gables, *Africana Notes and News* 4(2), Maart 1947, p. 50.

822 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, pp. 15 en 83 - 84; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art*, pp. 44 - 45.

823 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, p. 180.

824 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 57, 72, 204 - 205; *Ibid. II*, pp. 22 en 138; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia, naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, pp. 52 - 53.

825 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia, naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, pp. 52 - 53; Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17.

826 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 138.

827 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 186: Ornamentele pleisterwerk deur slawepleisteraars bokant 'n werkswinkel-ingang op die plaas Meerlust. Die voëlmotiewe getuig van Oosterse invloed.

Uit: H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape* (Kaapstad, 1980), p. 181.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




(a)



(b)



(c)



(d)

Figuur 187: Die gewels van (a) Onder Vredenburg, (b) Hazendal, (c) Zevenrivieren en (d) Idasvallei – weens opvallende ooreenkomste waarskynlik die handewerk van dieselfde ambagsman of -lui, vanaf 1789 tot 1791.

Uit: H. Fransen, *A Cape camera* (Johannesburg, 1993), p. 118; H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape* (Kaapstad, 1965), pp. 69, 83 en 122; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms* (Kaapstad, 1971), p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawepleisteraars van Meerlust is steeds sigbaar in die ornamentele pleisterwerk bo die ingange van die werkswinkels [828] **(Fig. 186)**.

Die gebruik van boere, soos Meyburg, om sy slawemesselaars en -pleisteraars aan die eienaars van naburige plase te verhuur, verklaar waarskynlik waarom byna identiese gewels op verskillende plase binne dieselfde omgewing voorkom sonder dat 'n argitek dieselfde ontwerp aan twee of meer verskillende kliënte kon voorsien het.[829] Die gewels van Onder Vredenburg, Hazendal, Idasvallei en Zevenrivieren **(Fig. 187)**, wat al vier vanaf 1789 tot 1791 in die Stellenbosch-omgewing gebou is, stem opvallend ooreen en is na alle waarskynlikheid die werk van 'n enkele anonieme ambagsman of dieselfde groep ambagslui.[830] Beide gewels van Idasvallei het aan die bo-punt 'n versieringsmotief wat bepaald van Oosterse invloed getuig.[831]

Die somtydse afwesigheid van geskoolde argitekte in die landelike boukuns is, volgens De Bosdari, onder meer sigbaar in die ontbreking van lood- of riglyne tydens die bouproses, sowel as in die ongelyke vloeroppervlaktes van die meerderheid landelike plaaswonings.[832] Daarbenewens was die mees kenmerkende eienskap van die vroeë landelike grasdakwonings hulle eenvoud en opmerklike gebrek aan simmetrie. Woodward verwys onder meer na die "intelligently recreated primitiveness" van die Schreuder-huis te Stellenbosch,[833] terwyl die huis op die plaas Stettyn, volgens Brink, gekenmerk is deur 'n gebrek aan formaliteit, subtiele asimmetrie en die minimale aard van vensteropeninge".[834] Uit hierdie langwerpige informele grasdakhuise het die meer indrukwekkende simmetriese Kaaps-Hollandse huis gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu ontwikkel. Die natuurlike aanleg en kreatiwiteit van veral die Maleierslawe het hulle in staat gestel om sonder 'n plan te bou en om vrylik, sonder formaliteit, skeppend en funksioneel tydens die bouproses te werk te gaan.[835] As meesterbouers en innoverende ambagslui het die Maleierslawe 'n goeie idee van funksionele en esteties redelik aanvaarbare elemente in die boukuns gehad.[836] As sodanig kan talle agtiende-eeuse Kaaps-Hollandse wonings as die handewerk van besonder kunstige en bedrewe slawemesselaars, -pleisteraars en ander vakmanne beskou word.[837] Volgens oorlewering was 'n slaaf van die plaas Welbedacht in die distrik Wellington 'n buitengewoon knap bouer, wat deur sy eienaar as beide argitek en bouer, aan ander boere uitverhuur is. Die bouwerk op ten minste drie plase is aan dié slaweargitek en -bouer toegeskryf.[838]

---

828 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* pp. 180 - 181.

829 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 15.

830 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 10; H. Fransen en M.A. Cook, *The old houses of the Cape,* p. 122; P. Brooke Simons, *Cape Dutch houses and other old favourites,* pp. 84 en 118.

831 P. Brooke Simons, *Cape Dutch houses and other old favourites,* p. 118.

832 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 15.

833 C.S. Woodward, *The interior of the Cape house, 1670 - 1714,* M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1982, p. 48.

834 Y. Brink, *Places of discourse and dialogue; a study in the material culture of the Cape during the rule of the Dutch East India Company, 1652 - 1795,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1992, p. 94.


835 Persoonlike mededeling: A. Davids, Langmarkstraat 203, Bo-Kaap, Kaapstad, 1989-09-18.

836 A. Davids, *300 Years – The Cape Muslims and Cape architecture,* Ongepubliseerde navorsingstuk, 1997, p. 6.

837 J. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* p. 97.

838 R.C.-H. Shell, *Children of bondage,* p. 263.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 188: Die fasade van die Burgerwachthuis in die agtiende eeu waarvan sommige versieringsmotiewe, weens die groteske en on-Europese aard daarvan, aan Maleierpleisteraars toegeskryf word.

Uit: B.E. Bierman, *Boukuns in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1955), p. 33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 189: Die huis in Waalstraat 71, Bo-Kaap, is die enigste oorblywende voorbeeld van 'n huis voor 1770 met 'n golwende borswering wat die stedelike ekwivalent van die plattelandse hol-bol gewel was. Onder die hande van die slawepleisteraars het hierdie Barok-geïnspireerde borswering 'n eiesoortige karakter verkry. Foto deur Arthur Elliot.

Uit: G. E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South-Africa* (London, 1957), p. 13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die Kaapstadse stedelike boukuns het die slawepleisteraar ook sy stempel afgedruk. Alhoewel die invloed van hierdie ambagslui op die groter Kaapstadse huis meer beperk was, was dit wel teenwoordig. Die volgende beskrywing van die vroeg-negentiende-eeuse huise in Kaapstad deur Burchell, suggereer die betrokkenheid van bedrewe pleisteraars: "The houses are built of brick, and faced with a stucco of lime: they are decorated in front with cornices and many architectural ornaments, and frequently with figures in high and low Relief." [839] Volgens De Bosdari openbaar die ornamentele pleisterwerk van die Burgerwachthuis **(Fig. 188)** nie-Europese versieringsmotiewe, wat weens die groteske aard daarvan, waarskynlik aan Maleierpleisteraars toegeskryf kan word.[840]

By die bou van die kleiner Kaapstadse huise, soos dié van die Bo-Kaap, wat vanaf 1763 opgerig is,[841] is die slawepleisteraars groter vryheid toegelaat. Die pleisterwerk van die Bo-Kaapse huisies openbaar inderdaad stylvermenging waarin die hand van die Oosterse slaaf te bespeur is. Die fasade van die huis in Nuwe Kerkstraat 64 was met reliëfwerk van twee vreemde obeliske of suile weerskante van die deur en 'n griffoen of grypvoël bo-kant elke obelisk versier. In die Indiese en Javaanse boukuns was die gebruik van griffoene as versieringsmotiewe redelik algemeen.[842] Die golwende Barok-borswering van sommige Kaapstadse huise het onder die hande van die slawepleisteraars 'n eiesoortige karakter verkry, soos blyk uit die enigste oorblywende voorbeeld in Waalstraat 71 wat tans as die Bo-Kaap Museum in gebruik is **(Fig. 189)**.[843]

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat slawe – veral Oosterse slawe met 'n ryk argitektoniese erfenis – 'n belangrike bydrae tot die kreolisering van die Kaapse stedelike en landelike boukuns gelewer het. In Kaapstad het slaweteenwoordigheid 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n tipiese branddefensiewe, stedelike boukuns gespeel, wat veral gekenmerk is deur oorwegend enkel- of tweeverdieping platdakhuise met hortjielose onopgesmukte fasades. Die talle Kaapstadse stegies en kanale was kenmerkend van die argitektuur wat sy ontstaan grootliks aan die reaksie op die brandgevaar te danke gehad het. In die landelike boukuns sou onder andere die Oosterse slaweambagslui 'n rol in die messelwerk, veral die ornamentele pleisterwerk van die Kaapse gewel en ander strukture, soos trappe en plaasingange, speel. Daarbenewens het die huishoudelike aard van slawerny huisplanne in die stedelike sowel as landelike gebied beïnvloed, waarin veral die kombuis, waar die slavinne en betroubare Kaapsgebore mansslawe snags onderdak gehad het, en die buite slawekwartiere, waar ingevoerde mansslawe gehuisves is, 'n belangrike rol gespeel het. Die ligging en uitleg van die aparte slawekwartiere, sowel as die slaweklok het die werfuitleg en -voorkoms van die Kaapse landelike plaasopset merkbaar beïnvloed. In dié opsig het die slawe dus ongetwyfeld hulle stempel op 'n tipies kreoolse, inheemse Kaapse boukuns afgedruk.

Medeskeppers van 'n eiesoortige Kaapse meubelboukuns

---

839 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 71.

840 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 15.

841 L. en S. Townsend, *Bokaap faces and façades,* p. 3.

842 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 648; D. Jones, The elements of decoration: surface, pattern and light, *in* G. Michell (red.), *Architecture of the Islamic world,* p. 158; A.K. Coomaraswamy, *History of Indian and Indonesian art,* p. 44.

843 H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape,* p. 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel die Kaapse slawe in diens van hulle meesters nie juis veel indiwidualiteit in die skep van handwerkprodukte toegelaat is nie, het hulle nogtans met betrekking tot bepaalde aspekte van die inheemse Kaapse meubelboukuns hulle stempel afgedruk. Ten spyte van die feit dat daar knap meubelmakers onder die koloniste was,[844] is alle vakwerk mettertyd deur oorwegend slaweambagslui gedoen.[845] Teen die laat-agtiende eeu het De Jong die tendens as volg verwoord: "Maar geene ambachtslieden werken. De slaven doen alles; ... die der timmerlieden timmeren ..." [846] Van Onselen is van mening dat die Indonesiese slawe en bannelinge waarskynlik die eerste meubelmakers aan die Kaap was.[847] Soos reeds vermeld, het die Maleierslaaf homself inderdaad as 'n bedrewe en knap vakman onderskei.[848] Burchell het pertinent na die Maleierslaaf as onder meer meubelmaker verwys.[849] Dit sluit egter nie ander slawe, soos onder andere dié van Indië, as meubelbouers uit nie. Die Malabarkus van Indië het meubels opgelewer wat van knap houtsneewerk deur die inheemse ambagslui getuig.[850]

Alhoewel die Nederlandse en ander Europese meubels as basiese modelle vir Kaapse meubelontwerp gedien het, het meubels, soos tafels, stoele, rusbanke, hemelbeddens, porselein- en glaswarekabinette, muurkaste, klerekaste, linnekaste en -kiste en armoires, van inheemse geelhout, stinkhout en kamferhout sowel as van ingevoerde kiaat en ebbehout van Indië en Madagaskar,[851] onder die hande van veral die Indiese, Indonesiese of Maleierslawe en vryswartes 'n inheemse Kaaps-Hollandse of Nederlands-Koloniale karakter verkry. Dié meubels het aansienlik en betekenisvol van hulle Nederlandse eweknieë verskil en is – net soos die Bataafse meubels – veral deur vryer, golwende en geboë bo-oorgelegde lyne, wat nie by die stilistiese Nederlandse model voorgekom het nie, gekenmerk.[852]

Die Kaapse meubelbou waarby die Oosterse slawe betrokke was, word gekenmerk deur 'n "verwarring" tussen 'n betreklik vrye benadering, enersyds en streng bepaling by die heersende Europese stylreëls, andersyds. Daar moet in gedagte gehou word dat van die oorwegend Oosterse meubelbouslawe verwag is om meubels volgens style te skep wat nie deel van hulle kulturele erfenis uitgemaak het nie en as sodanig vir hulle nuut en vreemd was. Meubelstukke wat onder streng toesig van die meesters gemaak is, is in Westerse terme deur buitengewone knap vakmanskap en 'n merkwaardige en vernuftige vaardigheid in die aanwending en gebruik

---

844 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 45.

845 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 47; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, II,* p. 312; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 247; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I,* pp. 230 - 231.

846 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* pp. 147 - 148.

847 L.E. van Onselen, *Cape antique furniture,* p. 7.

848 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* pp. 47 - 48; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 291; *Gleanings in Africa,* p. 58.


849 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 32.

850 M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape,* p. 19.


851 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* p. 45.

852 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 647.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 190: Agtiende-eeuse Tulbagh-stoel van stinkhout met rottang sitplek en ruglening.
Uit: M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape* (Kaapstad, 1987), p. 97.



Figuur 191: Bal-en-kloupoot van 'n tipiese Kaapse armoire wat op Oosterse beïnvloeding dui.
Uit: M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape* (Kaapstad, 1987), p. 46.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Figuur 192: Agtiende-eeuse kabrioolpoottafel van inheemse geel- en stinkhout.
Uit: M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape* (Kaapstad, 1987), p. 141.



Figuur 193: 'n Kaapse armoire met ornate houtsneewerk. Fehrversameling.
Uit: M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape* (Kaapstad, 1987), p. 34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 194: Houtsneewerk aan die kroonlys van 'n Kaapse armoire. Let op die prominente akantusblaarmotief in die middel, bo, met blomfestoene simmetries tussen die twee intermediêre kurwes van die kasgewel. Die styl en versieringsmotiewe herinner sterk aan dié van die Nederlands-Koloniale meubels wat in die Ooste deur plaaslike vakmanne uitgevoer is en waarvan die tradisie aan die Kaap deur Oosterse slawevakmanne voortgesit is.

Uit: M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape* (Kaapstad, 1987), p. 41.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die hout en daarmeegepaardgaande materiaal gekenmerk.[853] Meubels wat met 'n betreklik vrye hand sonder toesig van die meester gemaak is, was – wat Europese standaarde betref – ruwer en lomper en het 'n vermenging van heersende Europese meubelstyle, sowel as van idees uit die Oosterse kabinetmakerslaaf se Javaanse verlede geopenbaar.[854] Vanuit 'n Europese perspektief het De Jong die plaaslik vervaardigde meubels as "slechter lomper en nog hooger in prijs" as dié wat van Europa af ingevoer is,[855] beskryf, terwyl James Alexander in 1836 opgemerk het dat die Maleiers redelik goeie meubelmakers was, maar dat hulle nie dieselfde smaakvolle en elegante kabinetwerk as hulle Engelse eweknieë kon doen nie.[856] Daar moet egter in gedagte gehou word dat Europese waarnemers die Kaapse meubels, wat in 'n groot mate die werk van Oosterse ambagslui was, volgens Europese style en -standaarde van die tyd beoordeel het.

Van die meubels wat deur die Indiese en Indonesiese slawe en vryswartes gemaak is, openbaar – alhoewel indirek – Oosterse invloed.[857] Dit is veral sigbaar in die bekwame gebruik van rottang en bamboes in sommige antieke Kaapse meubelstukke **(Fig. 190)**, terwyl die bal-en-klou pote, wat 'n simbool is van 'n draakpoot wat 'n pêrel vasklou **(Fig. 191)**, en die boog- of kabrioolpote van sommige Kaapse meubels **(Fig. 192)** van Oosterse oorsprong getuig [858] en waarskynlik met die toestemming van hulle *Indisch*-beïnvloede amptenaarsmeesters deur die Indonesiese en Indiese meubelmakers aan die Kaap toegepas is. Oosterse invloed en handvaardigheid is ook in die inleg- en lakwerk, wat gedurende die agtiende eeu oral in die Europese meubelbou 'n aanvaarde gebruik was, op te merk.[859] Daarbenewens was die knap houtsneewerk van die Oosterse meubelbouslawe en vryswartes ongetwyfeld 'n aanwins vir die Kaapse meubelbou.[860] As die mees eiesoortige Kaapse meubelstuk wat aansienlik van die Europese prototipe verskil en waarvan geen maker se identiteit met sekerheid vasgestel kan word nie,[861] blyk die armoire veral in die soms sierlike en oordrewe houtsneewerk van blaar- en blommotiewe aan die kroonlys wat opwaarts oor die bo-punt van die kasgewel strek **(Fig. 193)**, waarskynlik die werk van Oosterse vakmanne te wees. Alhoewel dit van die Nederlands-Koloniale armoire verskil, herinner die houtsneewerk – wat styl en versierings-motiewe betref – wel aan die Nederlands-Koloniale meubels van Goa aan die Indiese Malabarkus, die Molukke en Batavia met hulle sierlike, byna oordrewe oorwegend blaar- en blommotiewe wat deur plaaslike vakmanne uitgevoer is.[862] Die Kaapse armoire het aan die Oosterse slawevakman die geleentheid gebied om aan die Kaap die oorgeërfde houtsneetradisie

---

853 D. Lewis, Cape Malay art and crafts, *in* E. Hellmann en L. Abrahams (reds.), *Handbook on race relations in South Africa,* p. 648.

854 *Loc. cit.*

855 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* pp. 139 - 140.

856 J. Alexander, *Expedition of discovery into the interior of Africa,* p. 286, soos aangehaal *in* A.F. Hattersley, *An illustratred social history of South Africa,* p. 97.

857 L.E. van Onselen, *Cape antique furniture,* p. 7.

858 *Loc. cit.*

859 L.E. van Onselen, *Cape antique furniture,* p. 7; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa,* p. 53.

860 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* pp. 44 - 45.

861 M. Baraitser en A. Obholzer, *Town furniture of the Cape*, pp. 27 en 29.

862 *Ibid.*, pp. 19, 23, 25 en 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit sy vaderland, vrylik en met oorgawe in die versieringsmotiewe op die kroonlys **(Fig. 194)** toe te pas.

Die Kaapse meubelboukuns van die agtiende en negentiende eeu word dus deur stylvermenging en "verplaasliking" gekenmerk en is as sulks 'n esteties aanvaarbare produk waarin Westerse en Oosterse stylelemente besonder vaardig deur kunstige en bedrewe Oosterse meubelbouers vermeng is. Alhoewel soms vreemd vir die Europese stylpuris, was die Kaapse meubels eiesoortig en funksioneel en ongetwyfeld inheems.

Rolspelers in die totstandkoming van unieke kulturele gebruike binne die Kaapse Moslemgemeenskap

In wese is die Kaapse Moslemgemeenskap die produk van sosiale assimilasie en 'n plaaslike akkulturasieproses. Soos reeds vermeld, het hierdie Moslemgemeenskap sy oorsprong in die slawe en politieke bannelinge wat, van die sewentiende tot negentiende eeu, van ses hoofwêrelddele na die Kaap gebring is, te wete die Indonesiese Argipel, Bengale, die Suid-Indiese kusgebiede, Ceylon (Sri Lanka), Madagaskar en die Wes- en Ooskus van Afrika.[863] Om oorlewing en die behoefte aan beskerming en geborgenheid, het onderlinge uitruiling van bepaalde kulturele elemente tussen die onderskeie Oosterse en Afrikaslawegroepe plaasgevind, terwyl sekere elemente van die Westerse kultuur ook selektief oorgeneem is.[864] Hierdie elemente het veral in die kultureel-religieuse gebruike van die Kaapse Moslem neerslag gevind en aan dié gemeenskap 'n eiesoortige karakter verleen, wat dit van ander Moslemgemeenskappe wêreldwyd onderskei.[865]

Die Kaapse Moslemkultuur word veral deur elemente van Afrikaspiritualisme, Boeddha-Hindoeïsme en Indonesiese animisme gekenmerk wat sensitief met die Islamitiese mistiese vorm verweef is.[866] Die tipies Kaapse Moslemtradisies is voorts deur 'n sterk seremoniële inslag gekenmerk,[867] soos onder meer blyk uit *rampie-sny,* die doopseremonie en *doopmaal, kersopstiek, doekoem (dukun),* ook bekend as die "Maleiertoorkuns", sowel as *ratiep* of *khalifa.*[868]

Rampie-sny of die "Fees van die Lemoenblare", [869] wat tydens die Profeet Muhammed se verjaarsdag *(Maulūd-an-nabī)* plaasvind, is van Boeddhisties-Hindoeïstiese oorsprong.[870] Die gebruik behels basies die opsny en meng van lemoenblare met welriekende olies waarna dit in kleurvolle papiersakkies, wat as *rampies* bekend is, geplaas word. Die *rampies* word deur Moslemvroue in die moskee gemaak en later aan die mans wat na die moskee gaan, oorhandig. Die woord *rampie* is waarskynlik afgelei van *Rampa,* wat in die Hindoemitologie die naam van

---

863 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 34.

864 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

865 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 95.

866 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

867 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal for Linguistics* 8(1), 1990, p. 7.

868 *Loc. cit.*; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, pp. 2 - 3.

869 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 8.

870 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie helde, veral Ramachadra, is,[871] terwyl die Maleise woord *rampai* "mengsel" beteken.[872] Dié gebruik is deur die slawe van Ceylon na die Kaap oorgedra. As 'n Hindoegebruik is die blare van die rampaiboom in Ceylon op dieselfde wyse as die Kaapse *rampies* voorberei. 'n Tradisioneel Hindoegebruik van Ceylon het aan die Kaap 'n Islamitiese dimensie verkry met die unisone praatsang van die *djiekers* (lofgedigte aan die Profeet) en indiwiduele voorlesings van die *Ruwayats* (epiese gedig wat die heroïese dade van die Profeet besing).[873] As sodanig het *rampie-sny* 'n unieke en integrale deel van die verjaarsdagvieringe van die Profeet binne die Kaapstadse Moslemgemeenskap geword.[874]

Die doopseremonie en *doopmaal/doopmal* van die Kaapse Moslems is ook eie aan die Kaap. Behalwe vir die gebruiklike oproep tot gebed in die pasgeborene se oor en die uitspreek van sy naam, bestaan daar geen kenmerkende doopseremonie in Islam nie. Aan die Kaap het egter 'n eiesoortige doopseremonie ontwikkel. Die baba word in 'n wit *medoura* of serp wat met gouddraad geborduur is, toegedraai en op 'n skinkbord wat met blomruikertjies versier is, rondgedra. Op sy voorkoppie word 'n swart tekentjie in die vorm van 'n kraaipoot of swastika aangebring.[875] Hierdie gebruik is 'n oorblyfsel van Balinese Hindoeïsme met sy wortels in die Hindoegebruik om bruide te offer. Die ongelukkige bruid, wat ook in wit geklee was en 'n swastika-teken op die voorkop gehad het, is op 'n blomversierde draagbaar rondgedra. Aan die Kaap is die versierings en gebruike rondom 'n Hindoesterfseremonie dus in simbole van lewe omskep.[876] Die Europese gebruik van 'n geboorte-onthaal of doopfees, waartydens vrolik geëet en gedrink is,[877] het heelwaarskynlik weens kontak van die slawe met hulle Nederlandse meesters, ook 'n rol in die vestiging van die uitgebreide *doopmaal* van die Kaapse Moslems gespeel. Van die heerlike gebak, soos melktert, wat tydens die Kaapse Moslem-*doopmaal/doopmal* voorgesit word, is oorwegend van Nederlandse oorsprong.[878] Die tradisionele doopseremonie en *doopmaal/doopmal* van die Kaapse Moslems is dus 'n sprekende voorbeeld van horisontale sowel as vertikale akkulturasie, wat 'n eiesoortige nuwe kulturele gebruik binne 'n bepaalde gemeenskap tot gevolg gehad het.

Die *kersopstiek*-seremonie, waartydens kerse op die 27ste nag van die Islamitiese maand Ramadan in die huise opgesteek word,[879] sowel as die plaas van kerse in begraafplase is afkomstig van die Indonesiese animisme.[880] Terwyl brandende kerse in Indonesië deur animiste

---

871 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

872 H. Gerber, *Traditional cookery of the Cape Malays. Food customs and 200 old recipes,* p. 18; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 14.

873 A. Davids, Word the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal for Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

874 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 34 en 95; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 50.

875 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays*, p. 27.

876 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3; B.H.M. Vlekke, *Nusantara. A history of the East Indian Archipelago*, p. 10.

877 R. Coetzee, *Spys en drank*, p. 88.

878 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 28.

879 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 9.

880 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 7; A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die ryslande geplaas is om die goeie geeste aan te trek, simboliseer *kersopstiek* aan die Kaap die lig van die Koran,[881] en verkry as sulks 'n religieuse Islamitiese dimensie.

Ratiep of *khalifa,* die spirituele swaardspel wat gekenmerk word deur die slaan van die liggaam met skerp swaarde en deurboring van die vlees met skerp else – sonder dat bloed vloei – op die maat van Arabiese spirituele voordragte, is 'n sintese tussen Islamitiese spirituele resitasie en animistiese rituele gebruike met wortels in Mongools-Indië.[882] Die gebruik het aan die Kaap inslag gevind omdat dit, ten spyte van hulle fisiese en psigologiese gebondenheid, aan die Moslemslawe 'n gevoel van beheer en mag oor hulle eie liggame gegee het.[883] *Ratiep* of *khalifa* was veral 'n gewilde gebruik in negentiende-eeuse Kaapstad[884] en word vandag steeds in beperkte mate in die Kaapse Moslemgemeenskap beoefen.[885]

Die invloed van Afrikaspiritualisme op die Kaapse Moslemgemeenskap is duidelik sigbaar in die pseudo-Islamitiese gebruik van Maleiertoorkuns ("Malay Magic").[886] Die Maleise *doekoem* of *dukun* bevat nie net elemente van die mistieke gebruike van 'n Oosterse verlede nie, maar berus ook in 'n groot mate op 'n deeglike kennis van plaaslike kruie en die helende eienskappe daarvan. Daarbenewens het ook die Afrikaslawe 'n belangrike invloed op Kaaps-Maleise toordery en spirituele heling uitgeoefen.[887] Dit was veral gedurende die negentiende eeu 'n belangrike element in die sosio-kulturele lewe van die Kaapse Moslems.[888] Tuan Schaapie en Abdul Malik van Batavia het in dié tyd 'n belangrike plek as heelmeesters in die Moslemgemeenskap ingeneem.[889] Volgens Hudson was Tuan Schaapie vir die Kaapse Moslems "[t]heir Priest their Doctor their Necromancer in short was considered their Oracle upon all occasions". [890] In *Gleanings of Africa* het 'n anonieme Engelse offisier in 1806 die unieke wyse waarop Tuan Schaapie 'n siek jong vrou genees het, as volg beskryf:

> With the greatest composure he took a small box from his sack, and striking into its contents a few sparks from the steel, it immediately caught fire, and emitted a somewhat fragrant vapour, with which he bedewed the forehead and temples of the fair supplicant. It had an instantaneous effect, for she took her leave with a look of gratitude and apparent relief from her pain.[891]

---

881 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 2.

882 *Loc. Cit.;* A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

883 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 33.

884 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4; I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, pp. 23 - 26.

885 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3.

886 *Loc. cit.*; F. Th Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, pp. 161 - 162.

887 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malay/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3.

888 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, p. 4.

889 I.D. du Plessis, *The Cape Malays*, p. 22; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 57.

890 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 57.

891 *Gleanings in Africa,* p. 247.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1861 het lady Duff-Gordon melding gemaak van die Kapenaars se onkunde van en agterdog jeens die Maleiers se kruiegeneesmiddels. Toe sy 'n pakkie kruietee of "bosjes tee" as geneesmiddel vir 'n slegte hoes van haar ou Maleiervriend, Abdul Jamaalee, ontvang het, is sy deur die Kapenaars gewaarsku dat dit haar sou vergiftig, "as it is part of their religion, you know, to murder Christians". [892] Die indruk het by sommige Kapenaars bestaan dat die Maleiers 'n persoon se gesondheid kon vernietig deur hom oor 'n tydperk te vergiftig, terwyl daar vas geglo is dat Maleiertoordokters potensiële slagoffers met behulp van naels en hare sowel as dieremis kon toor om verliefdheid, siekte of dood tot gevolg te hê.[893] So was Samuel Hudson vas oortuig dat "Malays ... can administer poison in such a way as to destroy the health, without occasioning death for many months",[894] terwyl ene kolonel Blake in 1837, tydens die dinee van 'n admiraal, verskeie verhale van onverklaarbare sterftes vertel het wat die gevolg was van "Malay poisoning pins, hair, nail pairings vomited in a ball".[895] 'n Rede vir die bygelowige vrees wat besoekers en koloniste vir die Maleiers gehad het, is moontlik te verklaar aan die feit dat hulle oor 'n buitengewoon wraaksugtige aard beskik het en hulle gewelddadige drifte en voornemens goed kon wegsteek. Daarbenewens het die Maleiers oor 'n buitengewone kennis van die natuurlike eienskappe van plante beskik, wat 'n groter vertroue en respek vir hulle genesingsvermoëns as vir dié van die Europese dokters, ingeboesem het.

Die Indonesiese animistiese ete *slamatan* het ook aan die Kaap neerslag gevind in die uitgebreide etes wat tydens sekere religieuse gebruike, soos met die spirituele voordragte tydens 'n *Thikr* of Islamitiese spirituele program, bedien word.[896]

Die tipiese Kaapse Moslemgebruike, soos *rampie-sny,* die *doopseremonie, kersopstiek, ratiep* of *khalifa, doekoem* of "Maleiertoorkuns" en die uitgebreide etes tydens sekere religieuse fees- en herdenkingsdae, is 'n aanduiding van die belangrike rol wat sinkretiese mistisisme in die akkulturasieproses binne die Kaapse Moslemgemeenskap gespeel het.[897] Deur die akkommodasie van dié mistieke gebruike in die Kaapse Moslemkultuur, is slawe van nie-Moslemkulture van Indonesië, Indië en Afrika na die Islam aangetrek, aangesien hulle met die bekende mistieke element van hulle vaderland kon identifiseer.[898] Alhoewel aanvanklik vreemd vir Islam, het dié gebruike beslis 'n rol in die vestiging en verspreiding van dié geloof aan die Kaap gespeel.[899]

Die religieuse seremonie *merang*, wat deur 'n feesmaal opgevolg word, is 'n tipiese Bo-Kaapse gebruik en is deels 'n produk van die slawemilieu. Dit word op die sewende, veertigste en honderdste dag na 'n sterfgeval gehou. Die religieuse aspek stem ooreen met die Moslemgebruike rondom *Gadat* wat onder meer voorlesings uit die Koran, voordragte tot lof

---

892 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 43 en 51.

893 J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town,* p. 37; F. Th. Schonken, *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, pp. 161 - 163; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 127 - 128.

894 K. McKenzie, *The making of an English slaveowner: Samuel Eusebius Hudson at the Cape of Good Hope, 1796 - 1807,* pp. 98 -99.

895 D.S. Evans (red.), *Herchel at the Cape,* p. 303.

896 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 3.

897 A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 4 en 7.

898 *Ibid.*, p. 4; A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 95.

899 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* p. 95.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Profeet, smeekbede en gebede behels.[900] Die fees met sy *barakat* is van suiwer slawe-oorsprong. 'n *Barakat* of voedselgeskenk is na die slawe geneem wat nie die fees kon bywoon nie. *Merang* is gewoonlik met disse van tipiese slawekos of afval, soos skaap- of beespote, pens, skaapkop en tongetjies, gevier. Tot vandag is die tradisionele *barakat* 'n integrale deel van die Kaapse Moslemkultuur en word die pakkies voedsel of koek wat aan gaste gegee word om huis toe te neem, as 'n seëning beskou.[901]

Die Kaapse Moslemhuwelik is 'n interessante vermenging van uiteenlopende kultuur-elemente. Die afwesigheid van die bruid by die huwelikseremonie stem ooreen met Indonesiese Islamitiese gebruike, terwyl die gebruik van die bruid om onder 'n spieël te sit wat haar maagdelike reinheid simboliseer, van die Franse Hugenote afkomstig is. Die hooftooisel of *madoura* [902] van die bruid is weer van Arabiese herkoms, terwyl die plasing en vasspeld daarvan ooreenstem met dié hooftooisels van die *bedaya ketawang*-dansers van Yogjakarta. Hierdie dans opsigself is 'n mitiese Hindoedans wat die huwelik van die Indonesiese heilige, Sultan Agung, met die mistieke seekoningin, Rati Kadul, herdenk. Die *troukoek* is 'n gebruik wat van die Britte oorgeneem is,[903] terwyl die uitgebreide huweliksonthaal met 'n wye verskeidenheid tradisioneel Kaapse geregte waarskynlik deur die omvangryke bruilofsmaal van die Kaapse koloniste beïnvloed is.[904] Die ryklik versierde *bruidskamer* is op sy beurt 'n mengsel van Oosterse en Westerse gebruike.[905]

Deur die aanpassing en selektiewe opname van bepaalde kulturele elemente van die ander groepe met wie hulle aan die Kaap in kontak gekom het, het die Kaapse Moslemgemeenskap dus 'n unieke karakter verkry wat veral in bepaalde gebruike, wat by geen ander Moslemgemeenskap wêreldwyd te bespeur is nie, manifesteer. Sonder om hulle geloof te verloën, het die Kaapse Moslems om oorlewing by die eise van bepaalde omstandighede aangepas, waardeur hulle onlosmaaklik deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap geword en as sodanig Europese, Oosterse en Afrikakultuurwortels met hulle mede Suid-Afrikaners deel. Hierdie gemeenskap is 'n sprekende voorbeeld dat die behoud van identiteit, nie noodwendig die slagoffer van akkulturasie hoef te wees nie. Afgesien van tipiese Kaapse Moslemgebruike, het die gemeenskap ook 'n belangrike rol in die behoud van bepaalde kultuurprodukte, wat hulle oorsprong in die Kaapse slawetyd gehad het, gespeel. Kaapse Moslemafrikaans, 'n tipies Kaaps-Maleise kooktradisie en die sekulêre musiek van die Kaapse Maleier verleen ongetwyfeld aan die Kaapse Moslemgemeenskap 'n bepaalde identiteit, terwyl dit as onlosmaaklike deel van die breër Kaapse kultuur bydra tot die kleurvolle en eiesoortige karakter daarvan. In dié opsig het die Kaapse Moslemkultuur meer elemente uit die Kaaps-Hollandse tydperk behou as wat met die Afrikanergemeenskap die geval is.

---

900 A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap,* pp. 33 en 95.

901 C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 53.

902 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 4; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* pp. 4 en 16; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* p. 69.

903 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, pp. 4 - 5.

904 R. Coetzee, *Spys en drank,* pp. 84 - 88.

905 A. Davids, *The distinctive culture of the Cape Malays/Muslims,* Ongepubliseerde lesing vir IDASA, Athlone, Maart 1997, p. 5; C. Abrahams, *The culture and cuisine of the Cape Malays,* pp. 65 - 66; I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bydrae van die Kaapse slawe tot aspekte van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur staan dus in noue verband tot die akkulturasieproses wat tussen kultureel, linguisties en etnies heterogene groepe binne dieselfde sosiale, werks- en geografiese milieu van die Kaapse samelewing van die sewentiende tot negentiende eeu voltrek is. Tydens die proses van kulturele fusie het die kultureel heterogene Kaapse slawebevolking 'n belangrike rol in die totstandkoming van 'n nuwe gemengde plaaslike kultuur, wat deur meer as een groep gedeel is, gespeel. Die nuwe inheemse kreoolse kultuur, wat deur Oosterse, Westerse en Afrika-elemente gekenmerk is, het veral in 'n nuwe taal (Afrikaans), musiek, kulinêre kultuur, boukuns en meubelbou vorm aangeneem. Daarbenewens is die kleurvolle Kaapse Moslemgemeenskap by uitstek die produk van akkulturasie wat, weens kulturele kontak en fusie, 'n sonderlinge en eiesoortige identiteit verkry het wat dit van ander Moslem-gemeenskappe wêreldwyd onderskei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK VII

NAWOORD: KAAPSE SLAWERNY, 'N BELANGRIKE HOOFSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTUURGESKIEDENIS

Alhoewel Kaapse slawerny wel sy letsels op bepaalde segmente van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelaat het, het daar nogtans wat kultuur betref, 'n feniks uit die as herrys om sy regmatige plek met waardigheid in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis in te neem. Met die koms en vestiging van slawe aan die Kaap is 'n belangrike hoofstuk in die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf. Hulle lewenswyse en -vorme, wat in bepaalde fisiese en geestelike behoeftes gemanifesteer het, hulle arbeid oor 'n breë spektrum en hulle teenwoordigheid as 'n integrale deel van 'n multi-kulturele Kaapse samelewing waarbinne kulturele dinamika noodwendig tot kulturele fusie en die ontstaan van nuwe kultuurvorme gelei het, verteenwoordig ongetwyfeld 'n belangrike aspek van die tipies sinkretiese Suid-Afrikaanse kultuur. Ten spyte van haglike omstandighede bly die mens in sy wese draer en skepper van kultuur. Die Kaapse slawetyd is 'n sprekende voorbeeld dat kultuur wel uit stryd gebore word, aangesien pyn en worsteling die menslike gees louter en slyp waaruit uiteindelik die edelste en blywendste vorme van kultuur voortvloei.

Die verloop van die geskiedenis het uiteenlopende volkere binne 'n relatiewe kort periode van 1652 tot 1838 aan die suidpunt van Afrika byeengebring. Die koms van die slawe het in noue verband tot die sewentiende-eeuse Nederlandse kolonisasie- en handelsgeskiedenis in die Ooste en die gevolglike stigting van 'n verversingspos in 1652 aan die Kaap gestaan. Die lot van talle Oosterse en Afrikaslawe is finaal verseël toe die besparingsbewuste Nederlandse kolonisasie-agent, die VOC, op slawe as die mees haalbare oplossing vir die Kaapse arbeidsprobleem besluit het. Met die destyds heersende siening dat slawerny as Bybels-gewettigde instelling 'n noodsaaklike en integrale deel van die mens se ekonomiese, sosiale en kulturele bestaan is, is slawe sonder ernstige gewetensbesware deur die Nederlanders ingevoer om deur hulle arbeid die lewensvatbaarheid en gevolglike voortbestaan van die arbeidsbehoeftige verversingspos en nedersetting aan die Kaap te waarborg. Die invoer van slawe sou nie net op arbeids- en ekonomiese gebied 'n deurslaggewende rol speel nie; dit sou ook 'n belangrike bewegingsmoment in die vorming van 'n nuwe inheemse kultuur wees wat uit sinkretiese elemente opgebou is. As verteenwoordigend van 'n verskeidenheid Oosterse en Afrikakulture het slawe die Kaap uit verskillende wêrelddele en op verskeie wyses bereik om uiteindelik die mees heterogene slawebevolking ter wêreld te vorm. Saam met hulle Europese meesters van onder meer Nederlandse, Duitse, Engelse, Franse en Skandinawiese herkoms, sou hulle deel vorm van 'n unieke kultuurmengelmoes waarbinne aanpassing by die nuwe geografiese, sosiale en kulturele milieu vir alle groepe, ter wille van oorlewing, 'n noodwendigheid was.

Vir die slawe in besonder het hulle aankoms en vestiging aan die Kaap sekere eise ten opsigte van sosiale en kulturele aanpassing gestel. Die eerste handjievol slawe wat hulle voor 1658 in diens van Kompanjiesamptenare bevind het, was weens hulle beperkte getalle en geografies heterogene herkoms nie in staat om 'n sterk gekonsolideerde slawegroep met 'n eie kultuur te vorm nie en was as sodanig aan die dominante kultuur van hulle Europese meesters

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blootgestel. Dit het tot vertikale akkulturasie gelei waardeur hulle, veral deur huwelike met Europeërmans, in die oorwegend Europese kultuur geassimileer is. Vanaf 1658 het slawegetalle met die amptelike invoer van slawe en weens die aantreklike en winsgewende Kaapse slawemark drasties begin toeneem. Hierdeur sou 'n groot getal slawe van diverse herkoms na ontberingsvolle seereise vanaf die Ooste en die Afrikakusgebiede, sonder keuse of regte, by die Kaap voet aan wal sit om spoedig na aankoms 'n naamsverandering te ondergaan en verkoop te word of in die Kompanjieslawelosie, maar veral ook in slawekwartiere van die Kaapstadse slawespekulante, opgeneem te word waar hulle fisies vir slaveveilings of vendusies in die handelsgeoriënteerde Kaapse gemeenskap voorberei is. Op die veilings sou hulle spoedig uitvind dat hulle as potensiële eiendom op dieselfde vlak as meubels en vee gereken is en dat prysdifferensiasie op die Kaapse slawemark oorwegend op die stereotipering ten opsigte van oorsprong en afkoms gebaseer was. Hiervolgens het Kaapsgeborenes die hoogste posisie en Malgassiese slawe die laagste posisie beklee. Hierdie stereotipering was die voorloper van rasgebaseerde differensiasie en latere diskriminasie. Die waarde en prys van 'n slaaf is voorts deur spesiale vaardighede, fisiese voorkoms en gesondheid, ouderdom en geslag bepaal. Behalwe sekere bevoorregte huisgebore slawe het die meeste Kompanjie- sowel as privaatslawe een of ander tyd, hetsy na aankoms of tydens reeds gevestigde verblyf, gedurende boedelveilings, bankrotveilings of algemene vrywillige vendusies 'n draai by die veilingstafel gemaak wat in die meeste gevalle groot ontwrigting en trauma vir die betrokke slawe veroorsaak het. As sodanig was veilings in skrille kontras met die besonder gesellige okkasies wat dit vir amptenare en burgers was.

Nadat hy op 'n veiling, vendusie of tydens 'n private transaksie aangekoop is, is die betrokke slaaf binne 'n bepaalde milieu gevestig wat die dekor sou vorm waarteen sy lotgevalle en lewensloop sou ontvou. As uitwendige kulturele determinante sou beide die fisies-geografiese sowel as die sosio-kulturele omgewing waarbinne die slawe hulle van die sewentiende tot negentiende eeu bevind het, 'n bepalende rol in die ontwikkeling van eiesoortige kultuurpatrone binne die drie identifiseerbare kultuurstreke, naamlik die stedelike, akkerbou- en binnelandse veeboerstreke speel. Die fusie van kulture binne die ekonomiese en sosiale strukture van elke streek het 'n bepaalde kulturele streekshomogeniteit in die hand gewerk wat die streke van mekaar onderskei het. Binne die stedelike geografiese milieu van Kaapstad was die slawe deel van die vermenging van oorwegend Europese en Oosterse kulture wat ook deur uiteenlopende groepe, soos Kompanjiesamptenare, slawebesittende en nie-slawebesittende burgers, Chinese handelaars en vryswartes, gedeel is. Daarbenewens was die Kaapstadse slaaf deel van 'n sosiaal-ekonomiese milieu wat sterk handelsgeoriënteerd was en waarbinne handewerk deur die meestersklas gestigmatiseer is. Dié handelsingesteldheid het die siening en benadering van die meesters ten opsigte van slawe beïnvloed. As eiendom, was die slaaf se nut op 'n ekonomiese waardebepaling gebaseer wat hom deel gemaak het van die voortdurende verhandeling van roerende en onroerende eiendom wat op die Kaapse mark aangebied is. Ten nouste betrokke by die handelsbelange van hulle meesters, is hulle in die proses self tot vernuftige handelaars geslyp waardeur hulle geld kon verdien om uiteindelik hulle vryheid te koop. In Kaapstad het die groter mate van sosiale vloeibaarheid, noue sosiale, fisiese en werkskontak tussen Europeërs en geskoolde Oosterse ambagslawe, huisslawe en vryslawe 'n rol in die oordrag van verskeie Indiese en Indonesiese kulture op die Europeërs in Kaapstad gespeel, terwyl die nouer kontak tussen die slawe onderling 'n eiesoortige slawekultuur, wat deur elemente van Islam gekenmerk is, tot gevolg gehad het. Noue kontak en sosiale vloeibaarheid het ook rassevermenging en kreolisering van slawe sowel as kultuur in die hand gewerk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die akkerboustreek was slawe van diverse afkoms, taal en kultuur eweredig onder die wyduiteenlopende sosiaal en geografies geïsoleerde boerderygemeenskap versprei, terwyl geen enkele homogene slawegroep binne 'n bepaalde geografiese gebied of plek gevestig was nie. Dit het die vorming van 'n gemeenskaplike slawekultuur, soos dit in die stedelike gebied herkenbaar was, teegewerk. Op die geïsoleerde akkerbouplaas, waar beide slaaf en meester meer op mekaar aangewese was, was veral die huisslawe van diverse herkoms op 'n daaglikse basis in noue kontak met en blootgestel aan die Europese lewenswyse en kultuur van hulle meesters en meesteresse wat tot gevolg gehad het dat die dominante kultuur in 'n groot mate deur die slawe oorgeneem is. Alhoewel rassevermenging wel voorgekom het, het die betreklike balans in die numeriese verhouding tussen geslagte van die blanke boerderygemeenskap en die gevolglike stabiele Europees-georiënteerde gesinstrukture rassevermenging beperk. Alhoewel die akkerbouslawe spoedig in die Europese kultuur geassimileer is, is hulle nie in die kerk en vryburgergemeenskap opgeneem nie.

Weens hulle beperkte getalle, die eise van die afgeleë binneland sowel as isolasie, sou slawe in dié streek op kulturele gebied eerder 'n deelnemende as bepalende rol in die oorwegend Europees-Khoikhoikultuur speel. In dié kultuur het die Khoikhoi-invloed die Oosterse slawekulture oorheers en het beide boere en slawe mettertyd bepaalde aspekte van die herders- en jagekonomie van die inheemse Khoikhoi aanvaar.

Aangesien die omstandighede aansienlik van streek tot streek verskil het en veral deur die mate van isolasie, klimaatsomstandighede, die aard, welvarenheid, nerings en gepaardgaande arbeidsbehoeftes van die eienaars binne 'n bepaalde geografiese gebied beïnvloed is, het 'n bepaalde lewenswyse en lewensvorme rondom die manifestering en hantering van en voorsiening in die fisiese en geestelike aspekte en behoeftes van die slaaf se lewe na sy vestiging binne die onderskeie streeksmilieus ontvou, wat 'n duidelike stempel op die hele Kaapse samelewing afgedruk het. Wat die fisiese aspekte betref, sou dit veral neerslag vind in die wyse waarop die slawe oor die algemeen behandel is, sowel as die wyse waarop hulle fisiese behoeftes ten opsigte van behuising, kleding, voeding en medies gemanifesteer en deur die eienaars hanteer is. Hieruit blyk dit duidelik dat die relatiewe goeie behandeling en fisiese versorging van slawe, wat deur 'n duidelike differensiasie ten opsigte van streek, eienaar, afkoms en herkoms van die onderskeie slawe gekenmerk is, deur die eiebelang en hebsug van 'n oorwegend gemaksugtige en handelsgeoriënteerde meestersklas, wat 'n slaaf op sy monitêre waarde beoordeel het, geïnspireer is. Aangesien menige slaaf 'n belangrike bron van rykdom deur òf sy persoonlike waarde òf deur sy arbeid was, was goeie behandeling en versorging meesal 'n voorsorgmaatreël en waarborg teen potensiële ekonomiese en finansiële verlies wat met die siekte en afsterf van 'n slaaf gepaard gegaan het.

Interessante tendense het ten opsigte van die fisiese behoeftes en versorging van slawe voorgedoen. Dit sluit onder meer die behuisingspatroon in waarvolgens Kaapsgebore en ander betroubare slavinne sowel as Kaapsgebore slawemans onder dieselfde dak as hulle meester gehuisves is, terwyl oorwegend ingevoerde en minder betroubare slawemans in slawekwartiere apart van die woonhuis verblyf gehad het. Akkerbouslawe is selfs in wooneenhede naby die stalle, vark-, duiwe- en pluimveehokke gehuisves om snags 'n ogie oor die vee te hou. Slawekleredrag het die status en welvaart van die meester en die bevoorregting van 'n slaaf of slavin weerspieël, terwyl dit in die geval van welgeklede slavinne 'n moontlike intieme verbintenis met 'n Europeërman verraai het. Ongeag die status en welvaart van die meester het 'n gebrek aan skoene slawestatus aangedui. Die vodde waarin die meerderheid Kompanjieslawe meesal geklee was, kan in 'n groot mate aan hulle ongewoonheid aan klere in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle vaderland, sowel as aan hulle voorkeur van drank bo klere toegeskryf word. Wat die voedsel van slawe betref, het goedkoop en vrylik beskikbare rys, vis en afval van vee die basiese en gemeenskaplike elemente in die onderskeie slawegroepe se dieët gevorm om uiteindelik 'n belangrike plek in die inheemse Kaapse kooktradisie in te neem. 'n Interessante tendens wat ten opsigte van die mediese behoeftes van slawe voorgedoen het, is die prominente rol van Islamitiese geneesmeesters en veral Javaanse slawe – danksy hulle holistiese benadering en grondige kruiekennis wat in die genesing van medeslawe en selfs die meesters aangewend is.

Die geestelike lewensvorme van die Kaapse slawe word duidelik weerspieël in die manifestasie en hantering van aspekte soos onderwys en opleiding, godsdiens, sosiale en kulturele lewensvorme, soos verhoudings en huwelike, die geboorte, doop en status van die slawekind, vryetydsbesteding, feesdae en gebruike, die dood en begrafnis, huishoudelike en amptelike dissipline sowel as indiwiduele vrystelling. Hieruit blyk dit dat beide die owerheid en privaat-eienaars dit moeilik gevind het om die slaaf as meer as 'n blote liggaam – 'n vorm van roerende eiendom met 'n prysetiket – te sien en die geestelike behoeftes van slawe te erken. Die onvry status van die slaaf en sy gevolglike gebrek aan burgerskap het basiese regte soos godsdiens, onderwys, 'n huwelik en die status en posisie van die slawekind weens die morele dilemmas wat dit geskep het, besonder gekompliseer en in netelige kwessies laat ontaard. Die algemeen menslike reg op vrye beweging, assosiasie en selfs vryetydsbesteding is negatief deur die gebrek aan vryheid en burgerlike status beïnvloed. Die geestelike behoeftes van slawe is wel – in soverre dit nie die eiendomsreg van die meesters aangetas of die sosiale, ekonomiese, kerklike en politieke orde versteur het nie – deur beide die Kompanjie en privaateienaars tot op 'n bepaalde punt aangespreek en geakkommodeer. Weens die onversoenbaarheid van slawerny met basiese menseregte is slawe tot 1823 die reg op 'n wettige huwelik en 'n basies stabiele en moreel gesonde gesinslewe, die beheer oor kinders en eiendom, die reg op 'n regsbindende testament, doop en 'n waardige begrafnis uit die Kaapse Kerk ontsê, terwyl hulle van deelname aan die Christelike feesdae en gebruike uitgesluit is. Alle fasette van hulle lewe was gereglementeer. Selfs hulle doen en late in hulle vrye tyd is gereguleer en beperk. Vasgevang binne die stelsel van "geïnstitusionaliseerde barbarisme" van die Kaapse slaweregime, was hulle blootgestel aan 'n onmenswaardige strafstelsel waar erkennings "uitgemartel" en beide oortredings en strawwe deur brutaliteit gekenmerk is. Vryheid was geen reg nie, maar wel 'n voorreg wat in die hande van die eienaar was en volgens sy goeddunke die slaaf te beurt kon val. Weens die bindende bepalings in die vrykoopaktes en die diskriminasie teen vryslawe op sosiale en ekonomiese gebied, wat met die onderskeid tussen vrygebore en vrygestelde burgers verband gehou het, was vryheid in 'n groot mate 'n relatiewe begrip. Die leemte wat ten opsigte van die geestelike behoeftes van slawe ontstaan het, sou deur Islam gevul word wat weens sy "klasloosheid" aan die sosiaal- en godsdiensverstoke slaaf 'n sosio-religieuse heenkome gebied het waarbinne hy gelykwaardig met ander – sonder enige diskriminasie – aktief met 'n groep kon identifiseer en binne 'n geordende gemeenskap met 'n erkende geloof, wat meer toeganklik en eenvoudiger leerstellings gehad het, kon funksioneer. Binne dié sosio-religieuse opset was die wettiging van troubeloftes moontlik, kon die slawebaba sonder voorbehoude sy naam ontvang, was onderwys deur die *madaris* of Islamitiese godsdiensskole moontlik en het 'n raamwerk bestaan waarbinne Moslemslawe en Moslemeienaars in harmonie met mekaar kon leef. Daarbenewens was daar 'n beter kans op vryheid, kon slawe aktief deelneem aan godsdienstige feesdae en 'n integrale deel vorm van eiesoortige sosiale tradisies en gebruike, soos *rampie-sny, merang, khalifa*, ensovoorts, terwyl die laaste rituele by die dood en begrafnis met gepaste waardigheid en respek bedien is en hulle laaste rusplek goed versorg was. In die voorsiening in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geestelike behoeftes van die slawe het die Islam daarin geslaag om – veral in die stedelike gebied – 'n bepaalde sosio-kulturele milieu te skep waarbinne sekere kulturele aspekte van die slawe se lewe kon manifesteer en waardeur 'n bepaalde "slawekultuur", wat sterk deur elemente van Islam gekenmerk is, aan die Kaap beslag gekry het.

Behalwe vir 'n bepaalde lewenswyse wat rondom die fisiese en geestelike behoeftes van slawe vorm aangeneem het, was hulle arbeid nog 'n legkaartstuk in die Kaapse kultuurgeskiedenis. In wese kan kultuur as die omvorming en onderwerping van die natuur, danksy die arbeid van die mens gedefinieer word. Alle sinvolle arbeid is dus kultuur, terwyl kultuurskepping arbeid en inspanning deur 'n enkeling of groep enkelinge veronderstel waarvan die resultaat deur die gemeenskap aanvaar en gekonsumeer word. In dié opsig het die Kaapse slawe wel deur 'n kombinasie van talent en gedwonge fisiese arbeid 'n kulturele bydrae gelewer. Sekere slaweberoepe en -nerings sowel as die geestelike en stoflike kultuurprodukte wat daaruit voortgevloei het, het 'n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword. Sedert die vestiging van die nedersetting was slawearbeid 'n onvermydelike noodsaaklikheid. Binne die onderskeie streke het die nering van die eienaar en die gepaardgaande arbeidsbehoeftes sowel as die herkoms en rasseafkoms van slawe 'n bepalende rol in die klassifikasie en toekenning van slawearbeid gespeel. In die stedelike gebied het beide die regerings- en privaatslawe 'n belangrike rol in die effektiewe funksionering van Kaapstad as administratiewe setel en handelsentrum van die Kaapkolonie gespeel. In dié streek het hulle arbeid oorwegend die lewering van dienste in die algemene huishouding en handelsektor sowel as die vervaardiging en produksie van middele en produkte behels. In die akkerboustreek is slawearbeid primêr in alle prosesse van die graan-, wingerd- en wynproduksie aangewend. As steunpilare in die ontwikkeling van die landelike produksiesektore het hulle 'n deurslaggewende rol in die ekonomie van dié streek met sy intensiewe arbeidsbehoeftes gespeel wat ook op kulturele gebied neerslag gevind het. Deur bekwame slawehande en -sweet is talle pragtige akkerbouplase met indrukwekkende Kaaps-Hollandse wonings aangelê, het wyne soos dié van Constantia die glase van nasionale en internasionale hoëlui, soos Napoleon en die Pruisiese keiser bereik en kon die Tygerbergstreek sy naam as "koringskuur van die Kolonie" gestand doen. Op die afgeleë binnelandse plase het die slawe saam met die Khoikhoi 'n bydrae tot die veeboerdery en die produksie van groot hoevelhede plaasprodukte vir die Kaapse mark, soos botter, droëvrugte, leer, seep, kerse en gedroogde aalwyn, gelewer.

Die etnies heterogene slawebevolking het 'n breë spektrum van talent en aanleg verteenwoordig wat tot gevolg gehad het dat slawe binne die drie onderskeie streke in byna elke denkbare arbeidsektor van die handelsgeoriënteerde en merkantilistiese Kaapse gemeenskap, met sy gemaksugtige en handwerksku meestersklas, aangewend is. As onmisbare, veelsydige en besonder knap werkslui het die slawe 'n onmiskenbare stempel op die Kaapse samelewing en kultuur afgedruk wat onder meer blyk uit die kunswerke van kunstenaars soos lady Anne Barnard (1750 - 1825), Charles Bell (1813 - 1882), Henry Clifford de Meillon (? - 1859), Charles D'Oyly (1781 - 1845), J.C. Poortermans (1786 - 1870), J. Rach (1720 - 1783) en Christopher Webb Smith (1793 - 1871) wat in dié tyd deur die teenwoordigheid en arbeidsaktiwiteite van die slawe in die Kaapse samelewing geïnspireer is. Bepaalde nerings, soos dié van vissers, kokke, soogvroue en kinderoppassers, musici en ambagslui, het bepaald 'n invloed op die ontwikkeling van bepaalde aspekte van die Kaapse kultuur, soos die taal, kookkuns, volksmusiek, argitektuur en meubelbou, uitgeoefen wat slawearbeid ongetwyfeld 'n bousteen in die Kaapse kultuur gemaak het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Behalwe dat die slawe deur 'n bepaalde lewenswyse en hulle arbeid 'n rol in die Kaapse kultuurgeskiedenis gespeel het, het hulle as integrale deel van die multi-kulturele vroeë Kaapse samelewing 'n groot impak op die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur uitgeoefen. Intieme, noue en volgehoue kontak van onder meer kultureel, linguisties en etnies heterogene slawegroepe en Europese meesters van diverse herkoms binne dieselfde geografiese en sosiale milieu, wat veral deur interafhanklikheid om oorlewing in die vestigings- en aanpassingsproses in die hand gewerk is, het tot 'n besonder dinamiese akkulturasieproses aanleiding gegee. Tydens dié proses is kulturele elemente onderling tussen die uiteenlopende groepe uitgeruil en het dié kulturele fusie tot veranderinge en vervorming van die oorspronklike kultuurpatrone van die onderskeie groepe gelei en nuwe kulturele gemeenskaplikhede wat deur die groepe gedeel is, tot gevolg gehad. Hierdie nuwe sinkretiese kreoolse kultuur wat aan die Kaap ontstaan het, is uit elemente van die Oosterse, Afrika en Europese kulture van beide slawe en meesters saamgestel. In dié opsig sou veral die Oosterse slawe aktiewe en dinamiese akteurs in die akkulturasieproses wees waardeur 'n nuwe inheemse kultuur met 'n eiesoortige taal, volksmusiek, koskultuur, boukuns, meubelbou sowel as 'n unieke en kleurvolle Kaapse Moslemgemeenskap aan die suidpunt van Afrika tot stand gekom het. Wat die taal betref, het daar weens taalkontak en die behoefte aan 'n gemeenskaplike kommunikasie-medium tussen meester en slaaf taalversteuring, pidginisering en kreolisering van die Nederlandse taal plaasgevind wat tot Kaaps-Hollands en die uiteindelike ontstaan van Afrikaans en die dialek Kaapse Moslemafrikaans gelei het. Die teenwoordigheid van musikale Maleierslawe in die Kaapse huishoudings het 'n belangrike rol in die ontstaan van die Kaaps-Maleise volksmusiek gespeel. Die sekulêre musiek van die Kaapse Maleiers wat uit *minnatliedere* (minneliedere), ou Nederlandse volksliedere, humoristiese Afrikaanse *moppies* en die *ghommaliedere* met hulle eenvoudige melodieë en soms onsamehangende lirieke bestaan, het sy oorsprong – wat die lirieke betref – in Nederland, terwyl die sangtegniek met sy allerlei ritmiese verskuiwings en vokale krinkeltjies, versierings of "karienkels" van Oosterse invloed getuig. Daarbenewens het *boeremusiek*, 'n belangrike deel van die Afrikaner se kultuurerfenis, sy ontstaan in die "krontjong" van Java, wat 'n vermenging is van die populêre Portugese musiek en die Javaanse klassieke musiek tydens die Portugese kolonisasie van Indonesië in die vyftiende eeu. Knap Oosterse slawekokke – veral Maleiers – in die Kaapse kombuis het deur vermenging, vervorming en aanpassing van Oosterse en Westerse kookkunselemente by plaaslike smake, behoeftes en beskikbare voedselbestanddele, 'n belangrike rol in die vestiging van 'n tipiese Kaapse kookkunstradisie gespeel. Dit is deur 'n sterk sinkretisme gekenmerk, terwyl 'n eiesoortige Kaaps-Maleise kookkuns, wat op sy eie bene staan, ook beslag gekry het. Wat die boukuns betref, het die teenwoordigheid van slawe en die aard van slawerny onder invloed van die klimaat en die beskikbaarheid van grondstowwe 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n inheemse kreoolse Kaapse stedelike en plattelandse boukuns gespeel. Hulle bydrae word veral weerspieël in die tegniek en motiewe van die dekoratiewe pleisterwerk op die Kaaps-Hollandse gewels. Die Kaapse meubelboukuns van die agtiende en negentiende eeu word deur stylvermenging gekenmerk waarin Westerse en Oosterse stylelemente besonder vaardig deur kunstige en bedrewe Indiese en Indonesiese meubelbouers vermeng is. Oosterse invloed blyk onder meer uit die behendige gebruik van rottang en bamboes, die bal-en-klou pote, wat die simbool is van 'n draakpoot wat 'n pêrel vasklou, die boog- of kabrioolpote en die inleg- en lakwerk in sommige Kaapse meubelstukke. Alhoewel soms vreemd vir die Europese stylpuris, was die Kaapse meubels eiesoortig, funksioneel en ongetwyfeld inheems.

Wat die unieke Kaapse Maleiergemeenskap betref, het dié Moslemgemeenskap deur die akkommodasie van sekere vreemde mistieke elemente van die Afrikaspiritualisme, Boeddha-Hindoeïsme en Indonesiese animisme en die selektiewe opname van bepaalde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

elemente van die Westerse kultuur, slawe van nie-Moslemkulture na die Islam aangetrek. Die produkte van die akkulturasieproses en sosiale assimilasie het in tipiese Kaapse Moslemtradisies, soos *merang,* die *barakat, rampie-sny,* die *doopseremonie* en *-maal, kersopstiek, ratiep* of *khalifa, doekoem* en die uitgebreide tradisionele etes tydens sekere religieuse feeste, herdenkings en gebruike en die tipiese Kaapse Moslemhuwelik, neerslag gevind, wat aan dié gemeenskap 'n eiesoortige karakter verleen en dit van ander Moslemgemeenskappe wêreldwyd onderskei.

As ontmensdes en miskendes sou die Kaapse slawe 'n wesenlike bydrae tot die vorming van 'n nuwe sinkretiese kultuur lewer wat uiteindelik deur eenheid in verskeidenheid gekenmerk sou word. Hulle plek in die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis is kwalik te misken; bepaalde wortels van die Suid-Afrikaanse sowel as die Afrikanerkultuur *per se* is, danksy akkulturasie, net so stewig in die Ooste en Afrika as in Europa veranker. Deur 'n objektiewe kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe word 'n oorwegend Eurosentriese benadering ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kultuur hersien, terwyl die bydrae van die slawe tot dié kultuur en gevolglike kulturele verbondenheid as 'n onmiskenbare realiteit erken word. Uit die pynlike en onmenslike stelsel van slawerny het wel iets goeds vir die Suid-Afrikaanse nasie voortgekom; het 'n feniks inderdaad triomfantlik uit die as herrys om die simbool te word van die mens as kultuurdraer en -skepper te midde van onderdrukking en stryd in 'n onbekende selfs onvriendelike multi-kulturele sosiale milieu en om as bewys te dien dat die dinamika van kultuur as menslike attribuut onstuitbaar en onvernietigbaar is.

"Kennis van die verlede is onontbeerlik vir hulle
wat daarna streef om 'n beter wêreld te skep"
– Ludwig von Mises

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BRONNE

I. ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEER

Aktekantoor (Registrateur van Aktes), Kaapstad

Transporten en Scheepenkennis XV, 1686 - 1687.
Transporten en Scheepenkennis XVI, 1688 - 1690.
Transporten en Scheepenkennis XVII, 1691 - 1692.
Transporten en Scheepenkennis XIX, 1695 - 1696.

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (K.A.B.)

Accessions (A)
A. 457 Cloete family papers, 1685 - 1893.
A. 1790 Letters of James Williams, 1796 - 1798.

Archief van Raad van Politie (C)
C. 6 Resolutiën, 1670/06/14 - 1670/12/17.
C. 19 Resolutiën, 1687/03/06 - 1688/04/22.
C. 56 Resolutiën, 1721/04/20 - 1721/08/30.
C. 76 Resolutiën, 1727/01/26 - 1727/04/01.
C. 83 Resolutiën, 1729/05/03 - 1729/09/08.
C. 88 Resolutiën, 1731/05/17 - 1732/01/22.
C. 122 Resolutiën, 1744/01/07 - 1744/12/08.
C. 129 Resolutiën, 1751/01/12 - 1751/12/30.
C. 138 Resolutiën, 1760/01/08 - 1760/12/23.
C. 142 Resolutiën, 1764/01/06 - 1764/12/29.
C. 172 Resolutiën, 1786/06/14 - 1786/09/29.
C. 180 Resolutiën, 1788/09/16 - 1788/12/30.
C. 183 Resolutiën, 1789/07/07 - 1789/10/27.
C. 184 Resolutiën, 1789/11/13 - 1789/12/18.
C. 279 Inkomende Brieven, 1658/10/10 - 1659/12/27.
C. 914 Bijlagen by Inkomende Brieven, 1772/01/07 - 1772/03/31.
C. 1006 Bijlagen by Inkomende Brieven, 1792/09/01 - 1779/09/18.
C. 1007 Bijlagen by Inkomende Brieven, 1792/09/18 - 1792/09/28.
C. 1027 Bijlagen by Inkomende Brieven, 1793/06/05 - 1793/06/11.
C. 1286 Requesten, 1721/07/15 - 1722/01/06.
C. 1381 Uitgaande Brieven, 1688/01/27 - 1688/04/26.
C. 1871 Origineel Dagregister, 1655/12/12 - 1657/12/31.
C. 1872 Origineel Dagregister, 1658/01/01 - 1658/12/31.
C. 1879 Origineel Dagregister, 1673/01/01 - 1673/12/31.
C. 1881 Origineel Dagregister, 1677/12/01 - 1678/12/31.
C. 1883 Origineel Dagregister, 1679/05/28 - 1679/12/14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C. 1888 Origineel Dagregister, 1685/01/01 - 1685/07/11.
C. 1893 Origineel Dagregister, 1686/11/05 - 1686/12/31.
C. 1909 Origineel Dagregister, 1697/01/01 - 1697/05/12.
C. 2273 Origineel Placcaatboek, 1696/02/23 - 1702/10/27.
C. 2284 Origineel Placcaatboek, 1760/08/07 - 1765/12/10.
C. 2355 Instructiën: H.A. van Reede aan Simon van der Stel, 1686-07-16.
C. 2322 Statuten van India, S - T, 1770.
C. 2331 - C. 2332: Statuten van India: Antonio van Diemen, 1642-07-01.
C. 2391 Attestatiën, 1652/09/04 - 1660/02/16.
C. 2392 Attestatiën, 1660/03/22 - 1662/07/24.
C. 2419 Attestatiën, 1710/01/25 - 1710/09/30.
C. 2421 Attestatiën, 1711/02/17 - 1711/08/17.
C. 2431 Attestatiën, 1719/07/04 - 1719/11/30.
C. 2433 Attestatiën, 1720/04/26 - 1721/01/16.
C. 2451 Attestatiën, 1727/08/05 - 1727/10/18.

Archief van Raad van Justitie (CJ)
CJ. 2 Oorspronklike Regsrolle en Notule (crimineel en civiel), 1674 -1688.
CJ. 310 Crimineele Processtukken, 1706.
CJ. 329 Crimineele Processtukken, 1725
CJ. 333 Crimineele Processtukken, 1729.
CJ. 373 Crimineele Processtukken, 1760.
CJ. 780 Crimineele Sententien, 1717 - 1725.
CJ. 2537 Requesten, 1792.
CJ. 2870 Contracten tuschen vrijburgers en derzelver knechts, Oktober 1692 - Maart 1694.
CJ. 2871 Contracten, Maart 1694 - Junie 1694.
CJ. 2896 Contracten, 1759 - 1760.
CJ. 2905 Contracten, 1772.
CJ. 2914 Vendurollen, 1688 - 1795.
CJ. 2915 Vendurollen, 1697 - 1720.
CJ. 3025 Transportenboek, 1710.
CJ. 3037 Gemengde Notariële Stukke, 1752 - 1756.
CJ. 3074 Gemengde Notariële Stukke (slawe-oordragte), 1715 - 1719.
CJ. 3081 Gemengde Notariële Stukke (slawe-oordragte), 1731.
CJ. 3113 Gemengde Notariële Stukke (slawe-oordragte), 1778.
CJ. 3175 Dokumente rakende verongeluktes en selfmoorde, 1765 - 1792.

Archives of the First British Occupation (BO)
BO. 90 Documents referring to the importation of slaves, December 1796 - January 1801.

Archives of the Public Record Office, London/ Colonial Office: Cape of Good Hope (CO)
CO. 1 Letters received from Slave Lodge, 1806.
CO. 45 Letters received from Orphan Chamber, 1813.

Archives of the Slave Office (SO)
SO. 6/8 - SO. 6/11 Register of Slaves: Cape Town and district, 1816 - 1838.
SO. 6/12 - SO. 6/35 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town, 1816 - 1838.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SO. 6/12 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town A, 1816 - 1835.
SO. 6/13 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town B, 1816 - 1834.
SO. 6/15 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town C, 1816 - 1836.
SO. 6/18 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town E, 1816 - 1835.
SO. 6/21 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town H, 1818 - 1838.
SO. 6/30 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town S, I, 1816 - 1833.
SO. 6/31 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town S, II, 1817 - 1835.
SO. 6/33 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town V, 1816 - 1837.
SO. 6/35 Register of Slaves: Cape Town and district, and residency of Simons Town Y - Z, 1816 - 1836.
SO. 6/84 Register of Slaves: Stellenbosch C, 1816 - 1834.
SO. 6/94 Register of Slaves: Stellenbosch M, 1816 - 1835.
SO. 6/95 Register of Slaves: Stellenbosch M, 1817 - 1835.
SO. 6/113 Register of Slaves: Swellendam D - F, 1816 - 1834.
SO. 6/115 Register of Slaves: Swellendam J - K, 1816 - 1835.
SO. 6/129 Register of Slaves: Tulbagh (later Worcester) L, 1816 - 1835.
SO. 6/132 Register of Slaves: Tulbagh (later Worcester) M, 1816 - 1836.
SO. 6/145 Register of Slaves: Uitenhage D - G, 1816 - 1837.
SO. 7/1 - SO. 7/38 Slave Returns, 1762 - 1838.
SO. 7/34 Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.
SO. 17/1 Notes collected from the colonial placcaats, etc. since 1652 upon the subject of slavery and Indian statues, 1652 - 1818.

Archives of Verbatim Copies (VC)
VC. 5 Day Book, 1667 - 1670.
VC. 7 Day Book, 1674 - 1676.
VC. 9 Day Book, 1680 - 1683.
VC. 18 Day Book, 1707 - 1708.
VC. 20 Day Book, 1711 - 1714.
VC. 27 Day Book, 1751 - 1755.
VC. 37 Reports of Commissioners, 1657 - 1764.
VC. 58 Documents relating to the Cape, copied by G.M. Theal in the British Museum and the Public Record Office, London, nr. 10: Description of the Cape by Lieut.-Col. Wilson.

Argief van die Bataafse Republiek (BR)
BR. 12 Copij Resolutiën, 1805.
BR. 33 Bijlagen tot de Resolutiën, 1803.

Argief van die Weeskamer (MOOC)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MOOC. 7/1/1 - MOOC. 7/1/45 Testamenten, algemene series, 1689 - 1800.
MOOC. 8/1 - MOOC. 8/22 Inventarissen, 1685 - 1800.
MOOC. 10/1 - MOOC. 10/18 Vendurollen, 1691 - 1800.

Stellenbosch-argief (1/STB)
1/STB 1/1 - 1/STB 1/23 Notule van Landdros en Heemrade, 1691 - 1800.
1/STB 3/8 - 1/STB 3/15 Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804.
1/STB 10/1 - 1/STB 10/8 Inkomende briewe van Goewerneur en Politieke Raad, 1686 - 1795.
1/STB 22/151 Register van slawe per openbare veiling in die Stellenbosch-distrik verkoop, 1820 - 1822.

Worcester-argief (1/WOC)
1/WOC 19/26 Slawesake voor spesiale Magistraat, Worcester, Januarie 1835 - Junie 1836.

Morrison-fotoversameling (M)
M. 436 Brandweermasjien, 1737.
M. 166 Gezicht van het Stadhuÿs aan de Cabo de Goede Hoop naar het leven geteeckend door Johannes Rach a. 1764.

Kaartversameling
M 3/18 Plan en Caart van het Vlek an Cabo de Goede Hoop, 1767.

Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad (N.L.S.A.)

Fotoversameling
GNG 4995 Old slave church, Paarl. B. du Toit.
INIL 11810 Katie Jacobs and two of her great grandchildren.

Nederduitse Gereformeerde Kerk Argiefbewaarplek, Kaapstad (N.G.K.A.)

G. 1 1/1 Kerkenboek voor de Caap de Goede Hoop, 1665 - 1700.

Parlementsbiblioteek, Kaapstad

Mendelssohn-versameling
No. 15702 Depositor's Book of Francina (a slave).
No. 39859 Scrapbook of early Cape items collected by A. Gordon-Brown.

2. GEPUBLISEER

BÖESEKEN, A.J. (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II.* Pretoria, 1973.
BÖESEKEN, A.J. (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I.* Kaapstad, 1966.
BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke.* Kaapstad, 1957.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1959.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1961.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1962.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Uit die Raad van Justisie, 1652 - 1672. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente III*. Kaapstad, 1986.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655*. Kaapstad, 1952.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658*. Kaapstad, 1955.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662*. Kaapstad, 1957.

COOLHAAS, W. Ph.(red.), Generale missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie I, 1610 - 1638. *Rijks Geschiedkundige Publicatiën: Grote serie 104*. 's-Gravenhage, 1960.

COOLHAAS, W. Ph.(red.), Generale missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie III, 1655 - 1674. *Rijks Geschiedkundige Publicatiën: Grote serie 125*. 's-Gravenhage, 1968.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1964.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Johannesburg,1968.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Pretoria, 1971.

EYBERS, G.W. (ed.), *Select constitutional documents illustrating South African history, 1795 - 1910*. London, 1918.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1779*. Kaapstad, 1927.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1782, II*. Kaapstad, 1935.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1783*. Pretoria, 1938.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek I, 1652 - 1707. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1944.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek II, 1707 - 1753. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1948.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek III, 1754 - 1786. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1949.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1662 - 1670. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1901.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1671 - 1674 and 1676. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1902.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1699 - 1732. Cape Town, 1896. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MOOC. 7/1/1 - MOOC. 7/1/45 Testamenten, algemene series, 1689 - 1800.
MOOC. 8/1 - MOOC. 8/22 Inventarissen, 1685 - 1800.
MOOC. 10/1 - MOOC. 10/18 Vendurollen, 1691 - 1800.

Stellenbosch-argief (1/STB)
1/STB 1/1 - 1/STB 1/23 Notule van Landdros en Heemrade, 1691 - 1800.
1/STB 3/8 - 1/STB 3/15 Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804.
1/STB 10/1 - 1/STB 10/8 Inkomende briewe van Goewerneur en Politieke Raad, 1686 - 1795.
1/STB 22/151 Register van slawe per openbare veiling in die Stellenbosch-distrik verkoop, 1820 - 1822.

Worcester-argief (1/WOC)
1/WOC 19/26 Slawesake voor spesiale Magistraat, Worcester, Januarie 1835 - Junie 1836.

Morrison-fotoversameling (M)
M. 436 Brandweermasjien, 1737.
M. 166 Gezicht van het Stadhuÿs aan de Cabo de Goede Hoop naar het leven geteeckend door Johannes Rach a. 1764.

Kaartversameling
M 3/18 Plan en Caart van het Vlek an Cabo de Goede Hoop, 1767.

Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad (N.L.S.A.)

Fotoversameling
GNG 4995 Old slave church, Paarl. B. du Toit.
INIL 11810 Katie Jacobs and two of her great grandchildren.

Nederduitse Gereformeerde Kerk Argiefbewaarplek, Kaapstad (N.G.K.A.)

G. 1 1/1 Kerkenboek voor de Caap de Goede Hoop, 1665 - 1700.

Parlementsbiblioteek, Kaapstad

Mendelssohn-versameling
No. 15702 Depositor's Book of Francina (a slave).
No. 39859 Scrapbook of early Cape items collected by A. Gordon-Brown.

2. GEPUBLISEER

BÖESEKEN, A.J. (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II.* Pretoria, 1973.
BÖESEKEN, A.J. (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I.* Kaapstad, 1966.
BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke.* Kaapstad, 1957.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1959.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1961.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1962.

BÖESEKEN, A.J. (red.), Uit die Raad van Justisie, 1652 - 1672. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*: *Belangrike Kaapse Dokumente III*. Kaapstad, 1986.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655*. Kaapstad, 1952.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658*. Kaapstad, 1955.

BOSMAN, D.B. en H.B. THOM (reds.), *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662*. Kaapstad, 1957.

COOLHAAS, W. Ph.(red.), Generale missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie I, 1610 - 1638. *Rijks Geschiedkundige Publicatiën: Grote serie 104*. 's-Gravenhage, 1960.

COOLHAAS, W. Ph.(red.), Generale missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heeren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie III, 1655 - 1674. *Rijks Geschiedkundige Publicatiën: Grote serie 125*. 's-Gravenhage, 1968.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Kaapstad, 1964.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Johannesburg,1968.

DE WET, G.C. (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Pretoria, 1971.

EYBERS, G.W. (ed.), *Select constitutional documents illustrating South African history, 1795 - 1910*. London, 1918.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1779*. Kaapstad, 1927.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1782, II*. Kaapstad, 1935.

JEFFREYS, K.M. (red.), *Kaapsche archiefstukken lopende over het jaar 1783*. Pretoria, 1938.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek I, 1652 - 1707. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1944.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek II, 1707 - 1753. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1948.

JEFFREYS, K.M. (red.), Kaapse Plakkaatboek III, 1754 - 1786. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1949.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1662 - 1670. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1901.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1671 - 1674 and 1676. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1902.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Journal, 1699 - 1732. Cape Town, 1896. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*.

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters and documents received, 1649 - 1662, I. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1898.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters and documents received, 1649 - 1662, II. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1899.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters and documents received, 1695 - 1708, I. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1896.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1900.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, II. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1900.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1900.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1896.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, I. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1905.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, II. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1906.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, III. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1988.
LEIBBRANDT, H.C.V. (ed.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, IV. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1989.
MOODIE, D. (ed.), *The record: or a series of official papers relative to the condition and treatment of the native tribes of South Africa*. Amsterdam, 1960.
NAUDÉ, S.D. (red.), Kaapse Plakkaatboek III, 1754 - 1786. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1949.
NAUDÉ, S.D. (red.), Kaapse Plakkaatboek IV, 1754 - 1786. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1949.
NAUDÉ, S.D. (red.), Kaapse Plakkaatboek V, 1754 - 1786. *Kaapse Argiefstukke*. Kaapstad, 1950.
SPOELSTRA, C. (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I.* Amsterdam, 1906.
SPOELSTRA, C. (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II.* Amsterdam, 1907.
THEAL, G.M. (ed.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687.* Cape Town, 1881.
THEAL, G.M. (ed.), *Belangrijke historische documenten verzameld in de Kaap Kolonie en elders I en II.* Kaapstad, 1896.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony I.* London, 1897.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony II.* London, 1898.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony IV.* London, 1899.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony VIII.* London, 1901.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony IX.* London, 1901.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XIV.* London, 1902.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XV.* London, 1903.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XIX.* London, 1904.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXVI.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXVII.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXVIII.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXIX.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXX.* London, 1905.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXXII.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXXIII.* London, 1905.
THEAL, G.M. (ed.), *Records of the Cape Colony XXXV.* London, 1905.
VAN DER CHIJS, J.A. (ed.), *Nederlansch - Indisch Plakkaatboek 1602 - 1811, I, 1602 - 1642*. Batavia, 1885.
VAN DER CHIJS, J.A. (ed.), *Nederlansch - Indisch Plakkaatboek 1602 - 1811, II, 1642 - 1677*. Batavia, 1886.
VAN DER CHIJS, J.A. (ed.), *Nederlansch - Indisch Plakkaatboek 1602 - 1811, III, 1678 - 1709*. Batavia, 1886.

II. REGERINGSPUBLIKASIES

GOVERNMENT PUBLICATION, Colebrooke and Bigge Commission Report, 18th March, 1835: Papers relative to the condition and treatment of the native inhabitants of Southern Africa, within the Colony of the Cape of Good Hope or beyond the frontier of that Colony I. *Imperial Blue Book.* London, 1835.

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

African Peoples Organization Newsletter, Christmas number, 1910.
Africana Notes and News 4 (2), March 1947; 9, December 1951; 20(4), December 1972.
Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum 3 (1), September 1990.
Annale van die Universiteit van Stellenbosch 15, Junie 1937.
Bantu Studies 8, 1934.
Bulletin of the School of Oriental Studies 7 (1), 1933.
Bulletin van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum 8, 1988.
Die Burger, 1998-09-25.
Cape Argus, 1997-09-24.
The Cape Naturalist 1 (3), 1936.
Cape Times, 1952-02-01.
Comparative Studies in Societies and History 9, 1966 - 1967.
Familia XVI (4), 1979.
Historia 38 (2), November 1933.
Historical Reflections 6, 1979.
Die Huisgenoot 14 (425), 1930-05-23; 14 (429), 1930-06-20; 14 (430), 1930-06-27; 14 (432),1930-07-18; 15 (449), 1930-11-07.
Journal of Imperial and Commonwealth History IX, 1980.
Kaapsche Almanak en Naamboek, 1834.
Kaapsche Almanak en Naamboek voor het jaar 1835, 1835.
De Kern 35 (12), December 1965.
Kronos 1, 1979; 4, 1981; 5, 1982; 6, 1983; 7, 1983; 9, 1984;10, 1985; 12, 1987; 15, 1989; 17, 1990; 19, 1992; 25, 1998/99.
Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek 16 (3), Maart 1962.
The Muslim World 15 (4), 1925.
Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-museum 1 (4), 1987.
Neerlands Volksleven 11 (3), Herfst 1961; 13 (1), Winter 1962 - 1963.
Newsletter Boorhaanol Recreational Movement 23 (4), 1989; 32 (1), 1997.
Omaly Sy Anio 17 - 20, 1983/84.
Oost en West 56 (3), November 1962.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Perspectives in Education 10 (2 b), 1989.
Quarterly Bulletin of the South African Library 1 (2), December 1946; 21 (2), December 1966; 34 (2), December 1979; 39 (4), June 1985.
Restorica 10, December 1981.
Rooi Rose 52 (10), 18 Mei 1994; 58 (21), 14 Oktober 1998.
South African Commercial Advertiser, 1836-02-27.
Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal 2, November 1970.
The South African Directory and Almanac for 1834, 1834.
South African Journal of Linguistics 8 (1), 1990.
South African Journal of Science 33, March 1937.
Suid-Afrika 12 (6), Februarie 1953.
Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser 90, 1976.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 4 (4), 1990.
Sunday Chronicle, 1964-12-20.
Tydskrif vir Geesteswetenskappe 9 (1), 1969.
Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde 28/4 (16), Oktober 1972.

IV. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ARENDS, N., Ou Hoërhof feestelik hernoem. *Die Burger,* 1998-09-25.
ARMSTRONG, J.C., Madagascar and the slave trade in the seventeenth century. *Omaly Sy Anio* 17-20, 1983/84.
BARIC, A., Letter of Abdol Baric. *South African Commercial Advertiser,* 1936-02-27.
BÖESEKEN, A.J., Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970.
BOOYENS, B., Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas. *Tydsksrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4 (16), Oktober 1972.
BOSHOFF, A., Slawe-orkeste en musiekinstrumente aan die Kaap. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* 8, 1988.
BOUWS, J., Die musiekbeoefening aan die Kaap in die Hollandse Kompanjiestyd. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 16 (3), 1962.
BOUWS, J., Slawemusiek in vergange se dae. *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976.
BROWN, D., Speaking in tongues: apartheid and language in South Africa. *Perspectives in Education* 10 (2b), 1989.
CAIRNS, M., Armosyn of the Cape and her family, 1661 - 1783. *Familia* XVI (4), 1979.
CAIRNS, M., Freeblack landowners in the southern suburbs of the Cape Peninsula during the eighteenth century. *Kronos* 10, 1985.
COOK, M.A., Some notes on the origins and dating of the Cape gables. *Africana Notes and News* 4 (2), March 1947.
DAVIDS, A., Music and Islam: an ethnomusicological view, *Newsletter Boorhaanol Islam Recreational Movement* 32 (1), 1997.
DAVIDS, A., The 'coloured' image of Afrikaans in nineteenth century Cape Town. *Kronos* 17, 1990.
DAVIDS, A., The history of the Karamats. *Newsletter Boorhaanol Recreational Movement* 23 (4), 1989.
DAVIDS, A., Muslim-Christian relations in nineteenth century Cape Town (1825 - 1925). *Kronos* 19, 1992.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DAVIDS, A., "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope. *Kronos* 12, 1987.

DAVIDS, A., We 're all part of SA's cultural cauldron. *Cape Argus,* 1997-09-24.

DAVIDS, A., Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study. *South African Journal of Linguistics* 8 (1), 1990.

FERREIRA, O.J.O., Ignácio Ferreira (1695 - 1772), Portugese stamvader van 'n Afrikanerfamilie. *Historia* 38 (2), November 1993.

FERREIRA, O.J.O., Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4 (4),1990.

FRANKEN, J.L.M., Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag. *Die Huisgenoot* 15 (449), 1930-11-07.

FRANKEN, J.L.M., Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees. *Die Huisgenoot* 14 (425), 1930-05-23.

FRANKEN, J.L.M., Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees. *Die Huisgenoot* 14 (429), 1930-06-20.

FRANKEN, J.L.M., Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees. *Die Huisgenoot* 14 (430), 1930-06-27.

FRANKEN, J.L.M., Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees. *Die Huisgenoot* 14 (432), 1930-07-18.

GROBBELAAR, E., Some household possessions of J.N. von Dessin, c. 1761. *Bulletin of the South African Cultural History Museum* 8, 1988.

HATTINGH, J.L., A.J. Böeseken se addendum van Kaapse slaweverkooptransaksies: foute en regstellings. *Kronos* 9, 1984.

HATTINGH, J.L., Beleid en praktyk: die doop van slawekinders en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap voor 1720. *Kronos* 5, 1982.

HATTINGH, J.L., Grondbesit in die Tafelvallei. Deel I: Die eksperiment: vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710. *Kronos* 10, 1985.

HATTINGH, J.L., Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word, 1658 - 1670. *Kronos* 15, 1989.

HATTINGH, J.L., Die klagte oor goewerneur W.A. van der Stel se slawebesit - 'n beoordeling met behulp van kwantitatiewe data. *Kronos* 7, 1983.

HATTINGH, J.L., Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes. *Kronos* 6, 1983.

HATTINGH, J.L., 'n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu. *Kronos* 1, 1979.

HATTINGH, J.L., Slawevrystellings aan die Kaap, 1700 - 1720. *Kronos* 4, 1981.

HEESE, H.F., Slawegesinne in die Wes-Kaap, 1665 - 1795. *Kronos* 4, 1981.

HOGE, J., The family of the Rajah of Tambora at the Cape. *Africana Notes and News* 9, December 1951.

HOGE, J., Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu. *Annale van die Universiteit van Stellenbosch* 15, Junie 1937.

JACOBS, K., The life of Katie Jacobs, an ex-slave. *African Peoples Organization Newsletter.* December 1910.

JEFFREYS, K.M., The Malay tombs of the Holy Circle 3. The tombs of Constantia. *The Cape Naturalist* 1 (3), 1936.

KENNEDY, R.F., Poortermans - more litographs. *Africana Notes and News* 20 (4), December 1972.

KRAUSS, F., A description of Cape Town and its way of life, 1838 - 1840. *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21 (2), December 1966.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MILONE, P.D., Indische culture and its relationship to urban life. *Comparative Studies in Societies and History* 9, 1966 - 1967.

MÜLLER, A.L., The impact of slavery on the economic development of South Africa. *Kronos* 5, 1982.

PEDRO, K.J., Die doopbediening aan slawe en vryswartes in die Kaapse Kerk, 1802 - 1812. *Kronos* 9, 1984.

PLUMMER, S., A foot-soldier at the Cape 1801. *Quarterly Bulletin of the South African Library* 1 (2), December 1946.

PRETORIUS, J.C., Inwinning van inligting: primêre geskrewe en pikturale bronne vir die kultuurhistorikus. *Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-museum* (Nasko) 1 (4), 1987.

RABIE, J., There is no South African culture yet. *Sunday Chronicle,* 1964-12-20.

RAIDT, E.H., Die gebruik van *vir* in objekskonstruksies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 9 (1), 1969.

ROBERTSON, H.M., The aloe boers of the Gouritz River district. *Quarterly Bulletin of the South African Library* 34 (2), December 1979.

ROCHLIN, S.A., Early Arabic printing at the Cape of Good Hope. *Bulletin of the School of Oriental Studies* 7 (1), 1933.

ROCHLIN, S.A., The first mosque at the Cape. *South African Journal of Science* 33, March 1937.

ROCHLIN, S.A., A forgotten name for the Cape Malays. *Bantu Studies* 8, 1934.

ROSS, R., Opression, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope. *Historical Reflections/Reflections Historiques* 6, 1989.

ROSS, R., The rule of law at the Cape of Good Hope in the eighteenth century. *Journal of Imperial and Commonwealth History* 9, 1980.

SAUNDERS, C., Between slavery and freedom. *Kronos* 9, 1984.

SCHUTTE, G.J., Tussen Amsterdam en Batavia; de Kaapse samenleving en de Calvinistische kerk onder de Compagnie, *Kronos* 25, 1998/99.

SHELL, R.C.-H., Introduction to S.E. Hudson's "Slaves". *Kronos* 9, 1984.

SHELL, R.C.-H., S.E. Hudson's Auctions - their good and evil tendency I. *Quarterly Bulletin of the South African Library* 39 (4), June 1985.

SHELL, R.C.-H., S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape. *Kronos* 15, 1989.

VAN DER MERWE, T., Hendrik Cloete en die argitektuur van Groot Constantia. *Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* 3 (1), September 1990.

VAN SELMS, A., Die Afrikaanse literatuur van die Slamaiers. *Suid-Afrika* 12 (6), Februarie 1953.

VAN WARMELO, W., Erfenis uit de Hollandse tijd .... : Het gezang der Kaapse Maleiers. *De Kern* 35 (12), December 1965.

VAN WARMELO, W., De Kaapse Maleiers en het Nederlandse lied. *Oost en West* 3 (56), November 1962.

VAN WARMELO, W., Nederlandse liederen bij de Kaapse Maleiers. *Neerlands Volksleven* 11 (3), Herfst 1961.

VAN WARMELO, W., Over een onaanzienlijk boekje en De Twee Koningskinderen. *Neerlands Volksleven* 13 (1), Winter 1962 - 1963.

VELDSMAN, P., Kos van Goeie Hoop. *Rooi Rose* 52 (10), 18 Mei 1994.

VELDSMAN, P., Smaragprag. *Rooi Rose* 58 (21), 14 Oktober 1998.

WALTON, J., The South African "kapstijlhuis" and some European counterparts. *Restorica* 10, December 1981.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WORDEN, N., Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century. *Kronos* 5, 1982.
ZWEMER, S.M., Islam at the Cape. *The Muslim World* 15 (4), 1925.

V. LITERATUUR

ABDULLAH KADI ABDUS SALAAM, *M'arifatul Islámi wal Imái*. Handgeskrewe manuskrip, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika. Kaapstad, 1781.
ABRAHAMS, C., *The culture and cuisine of the Cape Malays.* Welgemoed, 1995.
ANGUS, G.F., *The kafirs illustrated in a series of drawings taken among the Amazulu, Amaponda, and Amakosa tribes; also, portraits of the Hottentot, Malay, Fingo, and other races inhabiting Southern Africa.* London, 1849.
ARMSTRONG, J.C., *Malagasy slave names in the seventeenth century.* Paper delivered at the University of Madagascar. Mahajanga, 1981.
ASPELING, E.G., *The Cape Malays. An essay. By a Cape colonist.* Cape Town, 1883.
BANK, A., *The decline of urban slavery at the Cape, 1806 - 1834.* Cape Town, 1991.
BARAITSER, M. and A. OBHOLZER, *Town furniture of the Cape.* Cape Town, 1987.
BARNARD, C.J., Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13 (1), Kaapstad 1950.
BEYERS, C., *Die Kaapse Patriotte, 1779 - 1791.* Kaapstad, 1967.
BEYERS, C.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV.* Pretoria, 1981.
BEYERS, C.J. en D.W. KRÜGER (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III.* Kaapstad, 1977.
BEYERS, C.J. en J.L. BASSON (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V.* Pretoria, 1987.
BIERMAN, B.E., *Boukuns in Suid-Afrika.* Kaapstad, 1955.
BIEWENGA, A.W., *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse vestigingskolonie, 1680 - 1730.* D.Phil.-proefskrif, Vrije Universiteit Amsterdam, 1999.
BIRD, I., *The golden cheronese and the way thither.* London, 1883.
BLOM, E. (ed.), *Grove's dictionary of music and musicians VII.* London, 1954.
BLOMMAERT, W., Het invoeren van de slavernij aan de Kaap. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1 (1). Kaapstad. 1938.
BÖESEKEN, A.J., *Avontuur in die vreemde. Die verhaal van Jan van Riebeeck.* Kaapstad, 1971.
BÖESEKEN, A.J., Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Kaapstad, 1944.
BÖESEKEN, A.J., *Simon van der Stel en sy kinders.* Kaapstad, 1964.
BÖESEKEN, A.J., *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700.* Cape Town, 1977.
BOSHOFF, S.P.E., *Etimologiese woordeboek van Afrikaans.* Kaapstad, 1936.
BOSHOFF, S.P.E., *Volk en taal van Suid-Afrika.* Kaapstad, 1921.
BOSMAN, D.B., *Oor die ontstaan van Afrikaans.* Amsterdam, 1923.
BOTHA, C.G., *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century.* Cape Town, 1973.
BOTHA, C.G., *Collectanea I.* Cape Town, 1924.
BOTHA, C.G., *The collected works of C. Graham Botha II: history of law, medicine and place names in the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1962.
BOTHA, C.G., *The public archives of South Africa, 1652 - 1910.* New York, 1969.
BOTHA, T.J.R., J.G.H. COMBRINK en F.F. ODENDAL (reds.), *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde.* Pretoria, 1984.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BOUMAN, P.J., *Cultuurgeschiedenis van de twintigste eeuw.* Utrecht, 1964.
BOUWS, J., *Solank daar musiek is ... Musiek en musiekmakers in Suid-Afrika (1652 - 1982).* Kaapstad, 1982.
BOXER, C.R., *Salvador de Sá and the struggle for Brazil and Angola, 1602 - 1686.* London, 1952.
BOXER, C.R., *The Dutch in Brazil, 1624 - 1654.* Oxford, 1957.
BOXER, C.R., *The Dutch Seaborne Empire, 1600 - 1800.* New York, 1970.
BOZARTH, D.C., *Burgher boer and bondsman: a survey of slavery at the Cape of Good Hope under the Dutch East India Company 1652 - 1795.* D.Phil. thesis, University of Maryland, 1987.
BRADLOW, F. and M. CAIRNS, *The early Cape Muslims. A study of their mosques, genealogy and origins.* Cape Town, 1978.
BRIGGS, M.S., *Concise encyclopedia of architecture.* London, 1959.
BRINK, Y., *Places of discourse and dialogue; a study in the material culture of the Cape during the rule of the Dutch East India Company, 1652 - 1795.* D.Phil. thesis, University of Cape Town, 1992.
BRITISH ASSOCIATION RECEPTION COMMITTEE, *Handbook of Cape Town and suburbs.* Cape Town, 1905.
BRIGGS, M.S., *Concise encyclopaedia of architecture.* London, 1959.
BROOKE SIMONS, P., *Cape Dutch houses.* Cape Town, 1987.
BROOKE SIMONS, P., *Cape Dutch houses and other old favourites.* Vlaeberg, 2000.
BROOKE SIMONS, P., *Groote Schuur. Great granary to stately home.* Vlaeberg, 1996.
BROUGHTON, S., M. ELLINGHAM, D. MUDDYMAN and R. TRILLO (eds), *World Music. The rough guide.* London, 1994.
BROWN, P., *Indian Architecture (Buddhist and Hindu periods).* Bombay, 1956.
BROWN, P., *Indian Architecture (The Islamic Period).* Bombay, 1942.
BRUIJN, J.R., F.S. GAASTRA and I. SCHöFFER, *Dutch-Asiatic shipping in the 17th and 18th centuries.* The Hague, 1987.
BUYS, E., *Nieuw en volkomen woordenboek van konsten en weetenschappen X.* Amsterdam, 1778.
CLAASSEN, G., *Historiese blik op die Lae Lande.* Kaapstad, 1981.
COETZEE, R., *Spys en drank. Die ontstaan van die Afrikaanse eetkultuur gedurende die 17de en 18de eeu, met 167 outentieke reseppe.* Kaapstad, 1977.
COLEBROOKE, T.E., *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke with life of the author 1818 - 1823, I.* London, 1873.
COLQUHOUN, J.C., *An history of magic, witchcraft and animal magnetism I.* London, 1851.
COOMARASWAMY, A.K., *History of Indian and Indonesian art.* New York, 1965.
CRAWFURD, J., *History of the Indian Archipelago.* Edinburgh, 1820.
CRONE, G.C.E., *Onze schepen in de Gouden Eeuw.* Amsterdam, 1939.
CRUSE, H.P., *Die opheffing van die Kleurlingbevolking.* Stellenbosch, 1947.
CULLINAN, P., *Robert Jacob Gordon, 1743 - 1795. The man and his travels at the Cape.* Cape Town, 1992.
DAVIDS, A., *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915.* M.A. dissertation, University of Natal, Durban, 1991.
DAVIDS, A., *The distinctive culture of the Cape Malays.* Unpublished lecture paper for IDASA, Athlone, March 1997.
DAVIDS, A., *The early Muslims at the Cape 1652 - 1800.* Unpublished paper for the Iqrah Committee, South African Muslim Students Association, Natal, November, 1977.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DAVIDS, A., *The mosques of the Bo-Kaap.* Athlone, 1980.
DAVIDS, A., *Traditional Cape Muslim foods. Pre-1950 recipes.* Unpublished paper for Voice of the Cape Radio. Cape Town, 1997.
DAVIDS, A., *300 Years – the Cape Muslims and Cape architecture.* Unpublished paper, Cape Town, 1997.
DE BOSDARI, C., *Cape Dutch houses and farms.* Cape Town, 1971.
DE BRUYNE, E., *Wat is cultuur?* Utrecht, 1937.
DE KOCK, V., *Those in bondage. An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company.* London, 1950.
DE KOCK, W.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I.* Kaapstad, 1968.
DE LIMA, J.S., *Kaapsche almanak en naamboek, 1834.* Kaapstad, 1834.
DE LIMA, J.S, *Kaapsche almanak en naamboek voor het jaar 1835.* Kaapstad, 1835.
DE MEILLON, H.C., *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (compiler A.H. Smith). Johannesburg, 1978.
DE VILLIERS, M., J. SMUTS, L.C. EKSTEEN en R.H. GOUWS (reds.), *Nasionale woordeboek.* Kaapstad, 1988.
DE WET, G. C., *Die Vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707.* Kaapstad, 1981.
DOMINICUS, H.C., *Het huiselik en maatschappelik leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeuw.* 's-Gravenhage, 1919.
D'OYLY, C., *The Cape sketchbooks of Sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (compiler A. Gordon-Brown). Cape Town,1968.
DUCKITT, H.J., *Hilda's "Where is it?" of recipes.* London, 1891.
DU PLESSIS, H. en T. DU PLESSIS (reds.), *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle.* Pretoria, 1987.
DU PLESSIS, I.D., *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied.* Kaapstad, 1935.
DU PLESSIS, I.D., *The Cape Malays. History, religion, traditions, folk tales, the Malay Quarter.* Cape Town, 1972.
DU PLESSIS, I.D., *Maleise liedereskat. 'n Sangbundel vir die Kaapse kore.* S.l., 1939.
DU PLESSIS, I.D. and C.A. LÜCKHOFF, *The Malay Quarter and its people.* Cape Town, 1953.
DU TOIT, P.S., *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795: 'n kultuurhistoriese studie.* Kaapstad, 1937.
EDWARDS, I.E., *Towards emancipation: a study in South African slavery.* Cardiff, 1942.
ELDREDGE, E.A. and F. MORTON, *Slavery in South Africa.* Pietermaritzburg, 1994.
EVANS, D.S. (ed.), *Herschel at the Cape.* Cape Town, 1969.
EVERS, S. and M. SPINDLER (eds), *Cultures of Madagascar: ebb and flow of influences.* Leiden, 1995.
FAIRBRIDGE, D., *Historic farms of South Africa.* London, 1931.
FAIRBRIDGE, D., *Historic houses of South Africa.* London, 1922.
FAIRBRIDGE, D., *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797 - 1802.* Oxford, 1924.
FERREIRA, J.T., *Ferreira - Lys no. V.* Pretoria, 1966.
FERREIRA, J.T., *Ferreira - Lys no. VI.* Pretoria, 1966.
FLEMING, J., H. HONOUR and N. PEVSNER, *The Penguin dictionary of architecture.* Harmondsworth, 1984.
FORBES, V.S., *Pioneer travellers in South Africa.* Cape Town, 1965.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FRANKEN, J.L.M., 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal. Kaapstad, 1940. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 3 (1), 1940.

FRANKEN, J.L.M., *Taalhistoriese bydraes.* Amsterdam, 1953.

FRANSEN, H., *A Cape camera. The architectural beauty of the old Cape.* Johannesburg, 1993.

FRANSEN, H. and M.A. COOK, *The old buildings of the Cape.* Cape Town, 1980.

FRANSEN, H. and M.A. COOK, *The old houses of the Cape.* Cape Town, 1965.

FREUND, W., *Society and government in Dutch South Africa: the Cape and the Batavians, 1803 - 1806.* D.Phil. thesis, Yale University, New Haven, 1971.

GAASTRA, F.S., *De geschiedenis van de VOC.* Zutphen, 1991.

GERBER, H., *Traditional cookery of the Cape Malays. Food customs and 200 old Cape recipes.* Cape Town, 1957.

GERSTNER, J.N., *The thousand generation covenant; Dutch Reformed covenant theology and group identity in colonial South Africa, 1652 - 1814.* Leiden, 1991.

GEYSER, O., *Die ou Hooggeregshofgebou.* Kaapstad, 1958.

GIBSON, A.G.S., *Sketches of church work and life in the diocese of Cape Town.* Cape Town, 1900.

GILIOMEE, H. en R. ELPHICK (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 -1820.* Kaapstad, 1986.

GLAMANN, K., *Dutch-Asiatic trade, 1620 - 1740.* The Hague, 1958.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C., Hottentotten, slaven en blanken in Compagniestijd in Zuid-Afrika. *Handelingen en medelingen van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden.* Leiden, 1912 - 13.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C., *Jan van Riebeeck en zijn tijd.* Amsterdam, 1943.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C., *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II: Tochten naar het Noorden, 1686 - 1806.* 's-Gravenhage, 1916.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C., *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd IV*: Tochten in het Kafferland, 1776 - 1805. 's-Gravenhage, 1932.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C., *De stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck 1618 - 1677.* Amsterdam, 1912.

GODÉE MOLSBERGEN, E.C. and J. VISSCHER (compilers), *South African history told in pictures. Pictorial atlas.* Amsterdam, 1913.

GORDON-BROWN, A., *Christopher Webb Smith. An artist at the Cape of Good Hope, 1837 - 1839.* Cape Town, 1965.

GORDON-BROWN, A., *Pictorial Africana.* Cape Town, 1975.

GREIG, G., *The South African directory and almanac for 1834.* Cape Town, 1834.

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI.* Kaapstad, 1977.

HARTEVELD, P. (ed.), *Lexikos 2.* Stellenbosch, 1992.

HATTERSLEY, A.F., *An illustrated social history of South Africa.* Cape Town, 1969.

HATTINGH, J.L., *Die eerste vryswartes van Stellenbosch, 1679 - 1720.* Bellville, 1981.

HEESE, H.F., *Groep sonder grense. Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap.* Bellville, 1984.

HEESE, H.F., *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu.* Bellville, 1994.

HEESE, J.A., *Die herkoms van die Afrikaner, 1657 - 1867.* Kaapstad, 1971.

HEESE, J.A., *Suid-Afrikaanse genealogieë II* (red. R.T.J. Lombard). Pretoria, 1989.

HEESE, J.A., *Suid-Afrikaanse genealogieë III* (red. R.T.J. Lombard). Pretoria, 1992.

HEYDT, J.W., *Scenes of the Cape of Good Hope in 1741 as drawn by Johann Wolffgang Heydt* (ed. R. Raven-Hart). Cape Town, 1967.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HEIBERG, L.P., *Afrikaanse visserstaal.* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1957.
HELLER, D., *Further researches in Cape silver.* Cape Town, 1953.
HELLMANN, E. and L. ABRAHAMS (eds), *Handbook on race relations in South Africa.* New York, 1975.
HESSELING, D.C., *Het Afrikaans, bijdrage tot de geschiedenis der Nederlandsche taal.* Leiden, 1899.
HEWITT, A.G., *Cape cookery: simple yet distinctive.* Cape Town, 1973.
HINDNESS, B. and P.Q. HIRST, *Pre-capitalist modes of production.* London, 1975.
HOLM, J., *Pidgins and creoles.* Cambridge, 1988 - 89.
HONOUR, H. and J. FLEMING, *A world history of art.* London, 1995.
HORREL, M., *The education of the coloured community in South Africa, 1652 - 1970.* Johannesburg, 1970.
HUGO, A.M., *The Cape vernacular.* Inaugural lecture, University of Cape Town, 11th May 1970.
HYMA, A., *A history of the Dutch in the Far East.* Michigan, 1953.
IDENBERG, P.J., *The Cape of Good Hope at the turn of the eighteenth century.* Leiden, 1963.
JAMES, W.J. and M. SIMONS (eds), *The angry devide. Social and economic history of the Western Cape.* Cape Town, 1989.
JANSE VAN RENSBURG, A., *Die toestand van die slawe aan die Kaap.* M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1935.
JANSEN, C. and S. SIMSON, *50 Cape Dutch houses.* Cape Town, 1981.
JAPHA, D. and V. JAPHA (eds), *The proceeding of the National Urban Conservation Symposium.* Cape Town, 1991.
KEILER, A.R. (ed.), *A reader in historical and comparative linguistics.* New York, 1972.
KENNEDY, R.F. (compiler), *Catalogue of pictures in the Africana Museum I.* Johannesburg, 1966.
KENNEDY, R.F. (compiler), *Catalogue of prints in the Africana Museum and in books in the Strange collection of Africana in the Johannesburg Public Library up to 1870, I.* Johannesburg, 1975.
KENNEDY, R.F. (compiler), *Catalogue of prints in the Africana Museum and in books in the Strange collection of Africana in the Johannesburg Public Library up to 1870, II.* Johannesburg, 1976.
KRÜGER, D.W. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II.* Kaapstad, 1972.
LA BREE, J., *De rechterlijke organisatie en rechtsbedeling in Batavia in de XVIIe eeuw.* Rotterdam, 1951.
LAIDLER, P.W. and M. GELFAND, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898: a medical and social study.* Cape Town, 1971.
LANHAM, W.L. and K.P. PRINSLOO (eds), *Language and communication studies in South Africa.* Cape Town, 1978.
LEIPOLDT, C.L., *Kos vir die kenner.* Kaapstad, 1978.
LEIPOLDT, C.L., *Leipoldt's Cape cookery.* Cape Town, 1976.
LEIPOLDT, C.L., *Polfyntjies vir die proe.* Kaapstad, 1963.
LE ROUX, M., *Die Kaapse kopersmid.* Stellenbosch, 1982.
LE ROUX, S.W., *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950.* Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LONG, U. (ed.), *Index to authors of unofficial, privately-owned manuscripts relating to the history of South Africa, 1812 - 1920.* London, 1947.

LOUW, S.A., *Dialekvermenging en taalontwikkeling: proewe van Afrikaanse taalgeografie.* Amsterdam, 1948.

MACRONE, I.D., *Race attitudes in South Africa: historical, experimental and psychological studies.* Johannesburg, 1937.

MAHIDA, E.M., *History of Muslims in South Africa.* Durban, 1993.

MALAN, A., *Chattels or colonists ? "Freeblack" woman and their households.* Konsepartikel, 1998.

MALAN, J.P. (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie III.* Kaapstad, 1984.

MANSVELT, N., *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon.* Kaapstad, 1884.

MARAIS, J.I., *Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika.* Stellenbosch, 1918.

MARAIS, J.S., *The Cape Coloured people 1652 - 1937.* Johannesburg, 1968.

MARAIS, M.M., Armesorg aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 6. Kaapstad, 1943.

MAYSON, J.S., *The Malays of Cape Town.* Manchester, 1861.

McKENZIE, K., *The making of an English slaveowner: Samuel Eusebius Hudson at the Cape of Good Hope, 1796 - 1807.* Cape Town, 1993.

MICHELL, G. (ed.), *Architecture of the Islamic world. Its history and social meaning.* London, 1995.

MOOREES, A., *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652 - 1873.* Kaapstad, 1937.

MULLER, C.F.J., Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* I. Kaapstad, 1942.

MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria, 1980.

NAUDÉ, A., *Cape album.* Cape Town, 1979.

NEL, P.G., *Kultuurfilosofie, kultuurbeskouings en kultuurgeskiedenis.* Ongepubliseerde lesings, Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis. Universiteit van Pretoria, 1981.

NIEMEIJER, H.E., *Calvinisme en koloniale stadscultuur; Batavia, 1619 - 1725.* D.Phil.-proefskrif, Vereenigd Universiteit, Amsterdam, 1996.

OBERHOLSTER, J.J., *The historical monuments of South Africa.* Cape Town, 1972.

ODENDAL, F.F., P.C. SCHOONEES, C.J. SWANEPOEL, S.J. DU TOIT en C.M. BOOYSEN (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Midrand, 1994.

OLIVIER, G. en A. COETZEE (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan E.H. Raidt.* Halfweghuis, 1994.

PAMA, C., *Regency Cape Town.* Cape Town, 1975.

PAMA, C. en C.C. DE VILLIERS, *Geslagregisters van die ou Kaapse families I.* Kaapstad, 1981.

PEARSE, G.E., *The Cape of Good Hope 1652 - 1833. An account of its buildings and the life of its people.* Pretoria, 1956.

PEARSE, G.E., *Eighteenth century architecture in South Africa.* London, 1957.

PICKERING, D., *Brewer's twentieth-century music.* London, 1994.

PIENAAR, K., *Suid Afrikaanse "Watter blom is dit ?"* Kaapstad, 1984.

PIENAAR, P. DE V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.* Kaapstad, 1968.

PLOEGER, J. en A.H. SMITH, *Plate-atlas van die geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika.* Pretoria, 1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

POORTERMANS, J.C., *A series of lithographic drawings, containing views, characters, plants, etc., of the Cape of Good Hope.* Cape Town, 1835.
RAFFLES, T.S., *The history of Java I,* London, 1817.
RAIDT, E.H., *Afrikaans en sy Europese verlede. Van Tacitus tot Van Wyk Louw.* Elsiesrivier, 1976.
RANDEL, D.M. (ed.), *The new Harvard dictionary of music.* Cambridge, Massachusetts, 1986.
RAVEN-HART, R. (ed.), *Cape of Good Hope, 1652 - 1702. The first fifty years of Dutch colonization as seen by callers I and II.* Cape Town, 1971.
ROOD, B., *Maleierkookkuns.* Kaapstad, 1977.
ROSENTHAL, E., *Heinrich Egersdörfer. 'n Outydse sketsboek.* Kaapstad, 1960.
ROSS, R., *Cape of Torments. Slavery and resistance in South Africa.* London, 1983.
ROSS, R., The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town. *Studies in the History of Cape Town* 2. Cape Town, 1980.
ROSS, S., *Fish cook-book of South Africa.* Claremont, 1978.
SCHAPERA, I. and B. FARRINGTON, *The early Cape Hottentots: described in the writings of Olfert Dapper (1668); Willem Ten Rhyne (1686), and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695).* Westport, Connecticut, 1933.
SCHOEMAN, K., *Armosyn van die Kaap; voorspel tot vestiging, 1415 - 1651.* Kaapstad, 1997.
SCHOEMAN, K., *Dogter van Sion; Machtelt Smit en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap, 1749 - 1799.* Kaapstad, 1997.
SCHOLTZ, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I.* Johannesburg, 1967.
SCHOLTZ, J. DU P., *Afrikaans-Hollands in die 18de eeu.* Kaapstad, 1972.
SCHOLTZ, J. DU P., *Taalhistoriese opstelle.* Pretoria, 1963.
SCHONKEN, F. Th., *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen.* Amsterdam, 1914.
SCHUMACHER, J., *The Cape in 1776 - 1777. Aquarelles by Johannes Schumacher from the Swellengrebel-collection at Breda* (compiler A. Hallema). The Hague, 1951.
SHELL, R.C.-H., *Children of bondage.* Johannesburg, 1994.
SHELL, R.C.-H., *De Meillon's people of colour.* Johannesburg, 1978.
SHELL, R.C.-H., *The establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of Company rule to 1838.* Minithesis, University of Cape Town, 1975.
SHELL, R.C.-H., Rites and rebellion. Islamic conversion at the Cape, 1808 to 1915. *Studies in the History of Cape Town* 5. Cape Town, 1984.
SMITH, A.H. (ed.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg.* Johannesburg, 1978.
SMITH, J.J., *Theories about the origins of Afrikaans.* Johannesburg, 1952.
STRANGMAN, E.E., *Early French callers at the Cape.* Cape Town, 1936.
STRUTT, D., *Fashion in South Africa 1652 - 1900.* Cape Town, 1975.
SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK (samesteller), *'n Suid-Afrikaanse bibliografie tot die jaar 1925 IV; 'n hersiening van en byvoegsel tot Sidney Mendelssohn se "South African Bibliography" (1910).* London, 1979.
TEENSTRA, A. (red.), *Nederlandsche volkskunst.* Amsterdam, 1941.
THEAL, G.M., *History and etnography of South Africa south of the Zambezi from the settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the conquest of the Cape Colony by the British in September 1795, II.* London, 1909.
THEAL, G.M., *History of South Africa III.* Cape Town, 1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

THEAL, G.M., *History of South Africa IV.* Cape Town, 1964.
THEAL, G.M., *History of South Africa V.* Cape Town, 1964.
THEAL, G.M., *History of South Africa since 1795, I.* London, 1906.
TOWNSEND, L. and S. TOWNSEND, *Bokaap faces and facades.* Cape Town, 1977.
TRACEY, A. (ed.), *Papers presented at the 5th symposium on ethnomusicology.* Grahamstown, 1985.
TURNER, M., *Shipwrecks and salvage in South Africa, 1505 to the present.* Cape Town, 1988.
VALKHOFF, M.F., *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese".* Louvain, 1972.
VALKHOFF, M.F., *Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa.* Johannesburg, 1966.
VAN DER MEER, T., *Sodoms zaad in Nederland; het ontstaan van homoseksualiteit in de vroegmoderne tijd.* Nijmegen, 1995.
VAN DER MERWE, C.P. en C.F. ALBERTYN (reds.), *Die Vrou II.* Kaapstad, 1970.
VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.), *Studierigtings in die taalkunde.* Pretoria, 1964.
VAN DER MERWE, M.P.S., *Die alledaagse lewe op Groot Constantia tussen die jare 1685 - 1885.* M.Litt et Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1987.
VAN DER POST, L., *First catch your eland - a taste of Africa.* London, 1977.
VAN GOOR, J., *De Nederlandse koloniën; geschiedenis van de Nederlandse expansie, 1600 - 1975.* Den Haag, 1994.
VAN JAARSVELD, F.A., *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648 - 1961.* Kaapstad, 1971.
VAN LEEUWEN, S., *Het Rooms-Hollands-Regt.* Den Haag, 1732.
VAN ONSELEN, L.E., *Cape antique furniture.* Cape Town, 1959.
VAN PEURSEN, C.A., *Cultuur in stroomversnelling, strategie van de cultuur.* Amsterdam, 1975.
VAN WYK, M., *Kook Suid-Afrikaans.* Kaapstad, 1994.
VAN ZYL, D., *Boerekos. Tradisionele Suid-Afrikaanse resepte.* Kaapstad, 1985.
VERDUYN DEN BOER, J.H., *Schetsen uit het Kaapse leven van de 18e en 19e eeuw I.* Kaapstad, 1929.
VLEKKE, B.H.M., *Nusantara. A history of the East Indian Archipelago.* Cambridge, Massachusetts, 1944.
VOS, H.N., *An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch, 1680 - 1860.* M.A. dissertation, University of Stellenbosch, 1993.
WALKER, E.A., *History of South Africa.* London, 1928.
WALTON, J., *Homesteads and villages of South Africa.* Pretoria, 1952.
WALTON, J., *Old Cape farmsteads.* Cape Town, 1989.
WANNENBURG, A., *Forgotten frontiersmen.* Cape Town, 1976.
WHISSON, M., *The fairest Cape, an account of the Coloured people of Simonstown.* Johannesburg, 1972.
WILKINSON, R.J., *A Malay-English dictionary I and II.* London, 1959.
WILLIAMS, F., *Kaapse Maleier-kookkuns.* Kaapstad, 1988.
WOODWORD, C.S., *The interior of the Cape house, 1670 - 1714.* M.A. dissertation, University of Pretoria, 1982.
WORDEN, N., *Slavery in Dutch South Africa.* London, 1985.
WORDEN, N., E. VAN HEYNINGEN and V. BICKFORD-SMITH, *Cape Town. The making of a city.* Claremont, 1998.
WRIGHT, H.M., *The burden of the present: liberal-radical controversy over South African history.* Cape Town, 1977.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WRIGHT, W., *Slavery at the Cape of Good Hope.* New York, 1969.

VI. LETTERKUNDIGE BRONNE

ANONYM, *Gleanings in Africa.* London, 1805.
BACKHOUSE, J., *A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa.* London, 1844.
BARNARD, A., *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (eds A.M.L. Robinson, D. Driver and M. Lenta). Cape Town, 1994.
BARNARD, A., *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803 together with her journal of a tour into the interior and certain other letters* (ed. A.M.L. Robinson). Cape Town, 1973.
BARNARD, A., *South Africa a century ago (1797 - 1801) I: Letters written from the Cape. II: Extracts from a journal* (ed. H.J. Anderson). Cape Town, 1924.
BARROW, J., *An account of travels into the interior of Southern Africa, in the years 1797 and 1798, I.* London, 1801.
BARROW, J., *An account of travels into the interior of Southern Africa II.* London, 1804.
BEECKMAN, D., *A voyage to Borneo in 1714.* Cape Town, 1924.
BIRD, W.W., *State of the Cape of Good Hope in 1822.* London, 1823. Facsimile reprint by C. Struik, Cape Town, 1966.
BLOUNT, E., *Notes on the Cape of Good Hope made during an excursion in that colony in the year 1820.* London, 1821.
BOGAERT, A., *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I, II en III.* Amsterdam, 1711.
BORCHERDS, P.B., *An auto-biographical memoir.* Cape Town, 1861.
BURCHELL, W.J., *Travels in the interior of Southern Africa I and II.* London, 1822.
BUTTNER, J.D., *Johan Daniel Buttner's description of Natal, journal extracts on the East Indies* (eds G.S. Nienaber and R. Raven-Hart). Cape Town, 1970.
CAMPBELL, J., *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society.* London, 1816.
DAMPIER, W., *A new voyage round the world.* London, 1927.
DE GRAAFF, N., *Reisen van Nicolaus de Graaff gedaan naar alle gewesten des werelds, beginnende 1639 tot 1687 incluis* (red. J.C.M. Warnsinck). 's-Gravenhage, 1930.
DE JONG, C., *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen, in de jaren 1791 tot 1797, I en II.* Haarlem, 1802.
DE LA CAILLE, N.L., *Travels at the Cape 1751 - 53* (ed. R. Raven-Hart). Cape Town, 1976.
DE MIST, A.U., *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803.* Cape Town, 1954.
DE MIST, J.A., *Memorandum containing recommendations for the form and administration of government at the Cape of Good Hope, 1802.* Cape Town, 1920.
DUMINY, J.M., *Duminy-dagboeke* (red. J.L.M. Franken). Kaapstad, 1938.
FORSTER, G., *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop, Resolution, commanded by Capt. James Cook, during the years 1772, 3, 4 and 5, I.* London, 1777.
GOLOVNIN, V.M., *Detained in Simon's Bay: the story of the detention of the Imperial Russian Sloop Diana from April 1808 to May 1809* (ed. O.H. Spohr). Cape Town, 1964.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

GORDON, R.J., *Robert Jacob Gordon: Cape travels, 1777 to 1786, I* (eds P.E. Raper and M. Boucher). Houghton, 1988.

HAAFNER, J., *Lotgevallen en vroegere zeereisen.* Amsterdam, 1820.

KINDERSLEY, MRS., *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies.* London, 1777.

KOLBE, P., *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop behelzende een zeer omstandig verhaal van den tegenwoordigen toestant van dat vermaarde gewest I en II.* Amsterdam, 1727.

LAMMENS en SWELLENGREBEL, *Op reis met de VOC: de openhartige dagboeken van de zusters Lammens en Swellengrebel* (red. M. Barend-van-Haeften). Zutphen, 1996.

LEGUAT, F., *A new voyage to the East Indies.* London, 1708.

LEGUAT, F., *The voyage of Francois Leguat of Bresse to Rodrigues, Mauritius, Java and the Cape of Good Hope II.* New York, 1971.

LE VAILLANT, F., *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I.* London, 1790.

LICHTENSTEIN, H., *Travels in Southern Africa, in the years 1803, 1804, 1805, and 1806, I.* London, 1812.

LICHTENSTEIN, H., *Travels in Southern Africa, in the years 1803, 1804, 1805, and 1806, II.* London, 1815.

MENTZEL, O.F., *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I.* Cape Town, 1921.

MENTZEL, O.F., *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II.* Cape Town, 1925.

MENTZEL, O.F., *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III.* Cape Town, 1944.

MENTZEL, O.F., *Life at the Cape in mid-eighteenth century. Being the biography of Rudolf Siegfried Alleman, captain of the military forces and commander of the Castle in the service of the Dutch East India Company at the Cape of Good Hope.* Cape Town, 1920.

NIEUHOF, J., *Joan Nieuhof's zee en lant-reize, door verscheide gewesten van Oostindien.* Amsterdam, 1682.

OVINGTON, J., *Ovington's description of the Cape.* Cape Town, 1924.

PERCIVAL, R., *An account of the Cape of Good Hope.* New York, 1969.

RENSHAW, R., *Voyage to the Cape of Good Hope, Indian Ocean, and up the Red Sea with travels into Egypt through the desert, &c. in the course of last war.* Manchester, 1813.

ROSE, V.C., *Four years in Southern Africa.* London, 1820.

RUMPHIUS, G.E., *The Ambonese curiosity cabinet* (ed. E.M. Beekman). New Haven, 1999.

SEMPLE, R., *Robert Semple's walks and sketches at the Cape of Good Hope.* London, 1803. Facsimile reprint by A.A. Balkema, Cape Town, 1968.

SIMONS, J., *Instructien gedateerd 19 April 1708 door Commissaris Cornelis Joan Simons.* Kaapstad, 1924.

SPARRMAN, A., *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic polar circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772 - 1776, I and II* (ed. V.S. Forbes). Cape Town, 1977.

STAVORINUS, J.S., *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia, Samarang, Macassar, Amboina, Suratte enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I en II.* Leiden, 1798.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

STAVORINUS, J.S., *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I en II.* Leiden, 1793.

SWAVING, J.G., *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotswisselingen na zijne vlugt uit Delft.* Dordrecht, 1830.

SWELLENGREBEL, H., *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 - 1792* (red. G.J. Schutte). Kaapstad, 1982.

TAS, A., *Dagboek van Adam Tas 1705 - 1706* (red. L. Fouche). Kaapstad, 1970.

TEENSTRA, M.D., *Die vruchten mijner werkzaamheden, gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena naar de Nederlanden.* Groningen, 1830.

THOMPSON, G., *Travels and adventures in Southern Africa I* (ed. V.S. Forbes). Cape Town, 1967.

THOMPSON, G., *Travels and adventures in Southern Africa II* (ed. V.S. Forbes). Cape Town, 1968.

THOMPSON, G., *Travels and adventures in Southern Africa IIII* (ed. V.S. Forbes). Cape Town, 1968.

THUNBERG, C.P., *Travels at the Cape of Good Hope 1772 - 1775* (ed. V.S. Forbes). Cape Town, 1986.

VALENTYN, F., *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I.* Kaapstad, 1971.

VALENTYN, F., *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende II.* Kaapstad, 1973.

VAN DAM, P., *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie* (red. F.W. Stapel e.a.). 's-Gravenhage, 1927 - 54.

VAN REEDE, H.A., H.A. van Reede tot Drakenstein: journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685 (red. A. Hulshof). Utrecht, 1941. *Bijdragen en Mededeelingen van Het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941.

VAN RIEBEECK, J.A., *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom). Kaapstad, 1952.

VAN RIEBEECK, J.A., *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom). Kaapstad, 1955.

VAN RIEBEECK, J.A., *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III, 1659 - 1662* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom). Kaapstad, 1957.

VAN RIEBEECK, J.M., *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman). Amsterdam, 1952.

VON BAUCHENROEDER, B.F., *Beknopt berigt nopens de volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop.* Amsterdam, 1806.

VII. ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

1. RADIO

Abrahams, C., Onderhoud op Punt Geselsradio, 1999-10-16.

VIII. PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1. MONDELING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DAVIDS, mnr. A., Kenner van die Kaapse Moslemkultuur, Langmarkstraat 203, Bo-Kaap, Kaapstad, deurlopend Maart 1995 tot September 1998.

IX. DIVERSE

DE NIEUWE PLANTATIE-ARGITEKSPLANNE goedgunstelik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel, Junie 1997.
FOTO'S VAN BIEN DONNE-PLAASHUIS geneem deur E.M. Bauermeester, 2001-08-02.
RUWAYATS-VERTALING deur Achmat Davids beskikbaar gestel, April 1997.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPSOMMING

DIE KAAPSE SLAWE IN KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF 1652 - 1838
deur
Eunice Marietha Bauermeester
Studieleier: Prof O.J.O. Ferreira
Departement: Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria
Graad: MA (Kultuurgeskiedenis)

Die Kaapse slawetyd is 'n belangrike hoofstuk in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis aangesien die wortels van bepalde fasette van die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur stewig in dié tyd veranker is. In wese was dit die bakermat van 'n nuwe inheemse gemeenskaplike kultuur. Behalwe vir die slawe se invloed op ekonomiese en sosiaal-maatskaplike gebied sou hulle as draers en skeppers van kultuur, ten spyte van onderdrukking, 'n wesenlike impak op die Kaapse kultuur hê. Dit sou veral manifesteer deur 'n bepaalde lewenswyse wat rondom bepaalde fisiese en geestelike behoeftes van die slawe in die onderskeie kultuurstreke ontvou het, deur hulle arbeid oor 'n breë spektrum waardeur hulle hulleself as besonder knap ambagslui en vakmanne, vissers, landbouers en tuiniers, kleinhandelaars (straatverkopers) en huishoudelike bediendes en -werkers (lyfknegte, kamerbediendes, hoofbediendes, kokke, soogvrouens en musikante) onderskei het sowel as deur hulle integrale betrokkenheid en teenwoordigheid in die multi-kulturele Kaapse samelewing van die sewentiende tot negentiende eeu. Persone van uiteenlopende kulture is binne 'n relatiewe kort periode aan die suidpunt van Afrika byeengebring. Tydens die vestigings- en aanpassingsproses was beide slawe en koloniste vir oorlewing op mekaaar aangewese. Noue en volgehoue kontak op veral huishoudelike en arbeidsgebied binne dieselfde geografiese en sosiale milieu tussen persone van die kultureel, etnies en linguisties mees heterogene aangetekende slawebevolking ter wêreld wat onder meer van die Afrika-kusgebiede en Madagaskar, Bengale, die kusgebiede van die Indiese subkontinent en Ceylon (Sri Lanka) afkomstig was en 'n Europese meesters- en werkersklas wat oorwegend uit Nederlanders, Duitsers, Franse, Engelse en Skandinawiërs saamgestel was, het tot 'n besonder dinamiese akkulturasieproses aanleiding gegee. As aktiewe rolspelers in dié proses, waartydens die onderlinge uitruiling van kulturele elemente of kultuurbestuiwing verandering en vervorming van die oorspronklike kultuurpatrone van die onderskeie groepe tot gevolg gehad het, het die slawe 'n belangrike bydrae gelewer tot die vorming van 'n nuwe gemeenskaplike inheemse sinkretiese kreoolse kultuur, wat deur elemente van die Oosterse, Afrika- en Europese kulture gekenmerk is. Dié nuwe kultuur, wat onder meer in fasette, soos die taal, volksmusiek, kulinêre kultuur, boukuns, meubelbou en 'n kleurvolle Kaapse Moslemgemeenskap met eiesoortige kulturele gebruike, neerslag gevind het, bevestig die onderlinge kulturele verbondenheid van kultureel en etniese uiteenlopende groepe binne die Suid-Afrikaanse sameleweing. Hierdie gemeenskaplike kulturele erfenis, wat deur al die groepe gedeel is, was die gevolg van 'n vrugbare akkulturasieproses waaraan die Kaapse slawe 'n onmiskenbare en belangrike aandeel gehad het.

VRYETAAL SLEUTELTERME

Afrikaans

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

akkulturasie

boukuns

heterogene slawebevolking

Kaapse Moslemgemeenskap

Kaapse slawe

kreolisering

kulinêre kultuur

kultuurgeskiedenis

kultuurstreke

lewenswyse

Maleier

meubelbou

multi-kulturele gemeenskap

slawearbeid

volksmusiek

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SUMMARY

THE CAPE SLAVES FROM A CULTURAL HISTORICAL PERSPECTIVE 1652 – 1838
by
Eunice Marietha Bauermeester
Tutor: Prof. O.J.O. Ferreira
Department: Historical and Heritage Studies
Pretoria University
Degree: MA (Cultural History)

The slavery period in the Cape is an important chapter in the South African cultural history since the roots of certain facets of the Cape and the broader South African culture are firmly established in this period. In essence, it was the cradle of a new indigenous shared culture. Apart from their influence in the economic and social welfare field, they were also going to have a substantial impact on the Cape culture as the bearers and creators of culture, in spite of their suppression. This would particularly manifest itself in a special way of life that was unfolding around certain physical and spiritual needs of the slaves in the different cultural regions, through their labour over a very broad spectrum where they distinguished themselves as extremely capable craftsmen and skilled tradesmen, fishermen, farmers and gardeners, retailers (street vendors) and domestic servants and workers (body-servants, chambermaids and valets, head waiters, cooks, wet-nurses and musicians) and also through their integral involvement and presence in the multi-cultural Cape society from the seventeenth to the nineteenth century. People from diverse cultures were brought together at the southern tip of Africa in a relatively short period. During the settlement and adaptation process, both slaves and colonists had to depend on each other for survival. Close and continuous contact, particularly in the domestic and labour field within the same geographical and social environment between people from the most heterogeneously recorded slave population in the world in so far as culture, ethnicity and linguistics are concerned and which, among others, originated from the coastal areas in Africa and Madagascar, Bengal, the coastal areas of the Indian subcontinent and Ceylon (Sri Lanka), thereby constituting a European masters' and workers' class that consisted mostly of Dutch, German, French, English and Scandinavians, has given rise to a particularly dynamic acculturation process. As active role players in this process, during which the mutual exchange of cultural elements or cultural pollination resulted in change and transformation of the original cultural patterns of the respective groups, the slaves made an important contribution to the establishment of a new, shared, indigenous, syncretical Creole culture, characterised by elements from the Eastern, African and European cultures. This new culture evidenced itself, among others, in facets such as the language, folk-music, culinary culture, architecture, cabinet-making and a colourful Cape Moslem community with distinctive cultural customs, thereby confirming the mutual cultural bond between the culturally and ethnically diverse groups within South African society. This mutual cultural heritage shared by al these groups, was the result of a fruitful acculturation process in which the Cape slaves played an undeniable and important role.

KEY TERMS IN LAY PERSON'S LANGUAGE

acculturation

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaans

architecture

cabinetmaking

Cape Moslem community

Cape slaves

creolization

culinary culture

cultural history

cultural regions

folk-music

heterogeneous slave population

Malay

multi-cultural society

slave labour

way of life